

Ellen G. White Estate

# DIE KONING VAN DIE EEUE

ELLEN G. WHITE

# DIE KONING VAN DIE EEUE

Ellen G. White

1940

Copyright © 2013
Ellen G. White Estate, Inc.

# Information about this Book

## Overview

This eBook is provided by the Ellen G. White Estate. It is included in the larger free Online Books collection on the Ellen G. White Estate Web site.

## About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

## Further Links

A Brief Biography of Ellen G. White
About the Ellen G. White Estate

## End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby.

## Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

## Uitgewers Voorwoord

IN die menslike hart, van watter ras en stand in die lewe ook al, is daar ’n onuitspreeklike verlange na iets wat hy nie nou het nie. Hierdie verlange is in sy wese geplant deur ’n genadige God, sodat hy nie tevrede sal wees met sy huidige toestand en prestasies nie, of hulle nou goed of minder goed is. God verwag dat die mens na die beste moet soek tot die ewige heil van sy siel.

Die Satan het, deur sy listigheid, hierdie verlange van die menslike hart verdraai. Hy wil die mens wysmaak dat die verlange bevredig kan word deur plesier, rykdom, gemak, beroemdheid, of mag; maar diegene wat so verlei is deur hom (en daar is ’n ontelbare menigte) word gou sat van hierdie dinge, en dit laat hulle siele net so dor en onversadig as tevore.

Dit is Gods begeerte dat hierdie verlange in die hart van die mens hom sal lei na die Een wat dit wel kan bevredig. Daardie verlange kom van Hom, sodat dit kan lei tot Hom wat die volheid en einddoel is daarvan. Daardie volheid sal gevind word in Jesus Christus, die Seun van die Ewige God. “Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon.” “Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik.” Ons het die “volheid in Hom.” Haggai noem Hom “die skatte van al die nasies,” en ons kan Hom met alle reg “die Begeerte van alle nasies” noem, net soos Hy ook “die Koning van die eeue” is.

Die doel van hierdie boek is om Jesus Christus voor te stel as die Een in wie elke verlange bevredig sal word. Daar is baie boeke oor die lewe van Christus, goeie boeke, vol besonderhede oor die chronologie en geskiedenis en gewoontes en gebeurtenisse van Sy tyd, en wat baie lig werp op die veelsydige lewe van Jesus van Nasaret; maar ons kan in alle waarheid sê, “Die helfte is nog nooit vertel nie.”

Dit is nie die doel van hierdie boek om die ooreenstemming van die Evangelies voor te stel, of om selfs die belangrike gebeurtenisse, en die wonderlike lesse van die lewe van Christus in chronologiese

volgorde op te stel nie; maar die doel is om die liefde van God, soos geopenbaar in Sy Seun, en die heerlike lewe van Christus, waarvan ons almal deelgenote mag word, voor te hou. Net soos Jesus deur die aantrekkingskrag van Sy eie goedheid Sy dissipels tot Hom getrek het, en deur Sy persooniike teenwoordigheid en Sy
[6] medelyde met hulle swakhede en behoeftes, hulle karakters verander het van die aardse na die hemelse, van selfsugtot selfopoffering, van bekrompenheid tot grootmoedigheid en liefde vir die siele van alle nasies en volke, net so ook is dit die doel van hierdie boek om die salige Verlosser so voor te stel dat dit die leser sal help om Hom van aangesig tot aangesig te ken, en om in Hom, net soos die dissipels vanouds, die Een te vind wat magtig is en volkome kan red almal wat deur Hom tot God kom. En tog, hoe onmoontlik is dit om Sy lewe te openbaar! Dit is net so moeilik as om die lewende kleure van die reënboog op die doek weer te gee.

In hierdie boek het die skryfster, 'n vrou met 'n rype ervaring in die dinge van God, nuwe heerlikhede uit die lewe van Jesus probeer voorstel. Sy het baie nuwe edelgesteentes te voorskyn gebring. Aan die leser stel sy skatte voor uit hierdie ewige skatkamer, waarvan die leser nooit gedroom het nie. Sy laat heerlike nuwe lig skyn uit baie van die welbekende skrifgedeeltes, waarvan die diepte nog nooit voorheen gepeil is nie. Om kort te gaan: Jesus word geopenbaar as die volheid van die Godheid, die barmhartige Verlosser van sondaars, die Son van Geregtigheid, die genadige Hoëpriester, die Geneser van alle menslike kwale, die ontfermende Vriend, die Vors van die Huis van Dawid, die Skild van Sy volk, die Vredevors, die Komende Koning, die Ewige Vader, die middelpunt en die verwesenliking van die begeertes en die hoop van alle eeue.

Met die seën van God word hierdie boek aan die wereld gegee met die bede dat die Heilige Gees die woorde daarvan die woorde van die lewe sal maak vir baie siele wie se begeertes en verlangens nog nie bevredig is nie; dat hulle "Hom kan ken en die krag van Sy opstanding en die gemeenskap aan Sy lyde," en dat hulle eindelik in die ewigheid, aan Sy regterhand, daardie "volheid van vreugde" in Hom sal smaak, die Een wat "uitnemender as tienduisend," en die
[7] "lieflikheid seit" is.

# Inhoudsopgawe


Information about this Book . . . i
Uitgewers Voorwoord . . . iii
"God Met Ons" . . . 8
Die Uitverkore Volk . . . 16
"Die Volheid van die Tyd" . . . 20
Vir Julie 'n Verlosser . . . 26
Die Wyding . . . 31
Ons het Sy Ster Gesien . . . 38
As 'n Kind . . . 46
Die Paasfees-Besoek . . . 53
Dae van Stryd . . . 61
Die Stem in die Woestyn . . . 69
Die Doop . . . 81
Die Versoeking . . . 86
Die Oorwinning . . . 97
Ons het die Messias Gevind . . . 103
Op die Bruilofsfees . . . 115
ln Sy Tempel . . . 125
Nikodemus . . . 136
"Hy Moet Meer Word" . . . 146
By die Fontein van Jakob . . . 151
"As Julle nie Tekens en Wonders Sien nie" . . . 163
Betesda en die Sanhedrin . . . 167
Die Gevangeskap en Dood van Johannes . . . 181
"Die Koninkryk van God het Naby Gekom" . . . 194
"Is Hy nie die Seun van die Timmerman nie?" . . . 199
Die Roeping by die See . . . 207
By Kapernaum . . . 213
"U Kan My Reinig" . . . 223
Levi-Mattheus . . . 234
Die Sabbat . . . 244
"Hy het Twaalf Aan gestel" . . . 253
Die Bergpredikasie . . . 261
Die Kaptein . . . 278

Wie is My Broers? . . . . . 284
Die Uitnodiging . . . . . 292
"Swyg, Wees Stil" . . . . . 297
Die Aanraking van Geloof . . . . . 306
Die Eerste Evangeliste . . . . . 311
Kom Rus 'n Bietjie . . . . . 322
"Gee Julle vir Hulle Iets om t e Eet" . . . . . 328
'n Nag op die Meer . . . . . 336
Die Krisis in Galilea . . . . . 343
Tradisie . . . . . 356
Skeidsmure Afgebreek . . . . . 361
Die Ware Teken . . . . . 367
Die Skaduwee van die Kruis . . . . . 374
Die Verheerliking . . . . . 383
Diens . . . . . 388
Wie is die Grootste? . . . . . 393
By die Huttefees . . . . . 404
Tussen Strikke . . . . . 412
"Die Lig van die Lewe" . . . . . 421
"Die Goddelike Herder"; . . . . . 435
"Die Lauste Reis uit Galilea"; . . . . . 442
Die Barmhartige Samaritaan . . . . . 453
Nie Met Sigbare Tekens nie . . . . . 460
Jesus Seën die Kinders . . . . . 465
"Een Ding Kom Jy Kort" . . . . . 470
"Lasarus, Kom Uit" . . . . . 475
"Die Priesters Hou Saam Raad" . . . . . 488
Die Wet van die Nuwe Koninkryk . . . . . 494
Saggeus . . . . . 499
Die Maaltyd in Simon se Huis . . . . . 504
"Jou Koning Kom" . . . . . 516
'n Gedoemde Volk . . . . . 526
Tweede Reiniging van die Tempel . . . . . 533
Stryd . . . . . 546
Wee die Fariseërs . . . . . 555
In die Buitenste Voorhof . . . . . 567
Op die O ly *f* berg . . . . . 574
"Die Geringstes van Hierdie Broeders van My" . . . . . 585

’n Kneg van Knegte . . . . 591
“Tot My Gedagtenis” . . . . 600
“Laat Julle Hart nie Ontsteld Word nie” . . . . 609
Getsemane . . . . 628
Voor Annas en die Hof van Kajafas . . . . 639
Judas . . . . 655
In Pilatus se Geregsaal . . . . 663
Golgota . . . . 682
“Dit is Volbring” . . . . 698
ln Josef se Graf . . . . 706
Die Here het Opgestaan . . . . 717
“Waarom Ween Jy?” . . . . 724
Die Emmausgangers . . . . 730
“Vrede vir Julle” . . . . 735
W eer Eens by die Meer . . . . 742
“Gaan Leer Alle Nasies” . . . . 750
“Na My V ader en Julle V ader” . . . . 762

## “God Met Ons”

“HULLE sal Hom Emmanuel noem, . . . God met ons.” “Die ver- ligting . . . van die kennis van die heerlikheid van God,” word gesien “in die aangesig van Jesus Christus”. Die Here Jesus was een met die Vader van die voortyd af; Hy was “in die beeld van God,” die beeld van Sy grootheid en majesteit, “die afskynsel van Sy heerlikheid.” Dit was om hierdie heerlikheid te openbaar dat Hy na ons wêreld gekom het. Na hierdie aarde, deur die sonde verduister, het Hy gekom om die lig van Gods liefde te openbaar —- om “God met ons” te wees. Daarom is daar van Hom geprofeteer, “Hulle sal Hom Emmanuel noem.”

Deur Sy koms om by ons te kom woon, sou Jesus God openbaar aan beide mense en engele. Hy was die Woord van God — Gods gedagtes hoorbaar uitgedruk. In Sy gebed vir Sy dissipels het Hy gesê, “Ek het U Naam geopenbaar aan die mense,” “’n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou,” “sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.” Maar hierdie openbaring is nie gegee alleen vir Sy aardse kinders nie. Ons ou wêreldjie is die lesboek vir die heelal. Gods wonderplan van genade, die verborgenheid van verlossende liefde, is die tema “waar die engele begerig is om in te sien,” en
[14] deur die ewigheid heen sal hulle ’n studie daarvan maak. Beide die verlostes en die wesens wat nie in die sonde geval het nie sal in die kruis van Christus hulle wetenskap en hulle lied vind. Daar sal gesien word dat die heerlikheid wat skyn in die aangesig van Jesus die heerlikheid van selfopofferende liefde is. In die lig van Golgota sal daar gesien word dat die wet van selfopofferende liefde die wet van die lewe is op aarde en in die hemel; dat die liefde wat “nie sy eie belang soek nie” sy bron het in die hart van God; en dat die karakter van Hom wat in die ontoeganklike lig woon, geopenbaar is in die sagmoedige en nederige Een.

In die begin het God Homself geopenbaar in die ganse skepping. Dit was Christus wat die hemelgewelf gespan het en wat die grond-

veste van die aarde gelê het. Dit was Sy hand wat die wêrelde in die lugruim gehang het, en wat die blomrne van die veld geformeer het. Dis Hy wat die berge grondves deur Sy krag. Aan Hom behoort die see wat Hyself gemaak het. (Ps. 65: 7; 95: 5.) Dit is Hy wat die aarde met skoonheid vervul het, en die lug met sang. Op alles op die aarde en in die lug het Hy die boodskap van die Vader se liefde geskryf.

Nou het die sonde Gods volmaakte werk bederf, dog die handskrif blystaan. Selfs vandag verkondig alle geskape dinge die heerlikheid van Sy voortreflikheid. Daar is niks, behalwe die self- sugtige hart van die mens, wat vir homself lewe nie. Geen voël wat in die [15]
lug vlieg, geen dier wat op die aarde beweeg, of almal dien 'n ander lewe. Geen blad van die woud, geen grashalmpie nie, of hulle het hulle diens. Van elke boom en struik en blaar vloei daar- die lewenselement waarsonder mens en dier nie sou kon bestaan nie; en mens en dier op hulle beurt bearbei weer boom en struik en blad. Die blomme versprei 'n soete geur en sprei hulle skoonheid tentoon in seën vir die wêreld. Die son gee sy lig om 'n duisend wêrelde te verbly. Die oseaan, self die bron van al ons fonteine, ontvang strome uit elke land, maar hy neem om te gee. Die mis wat van hom opstyg, val weer as reent om die aarde te benat sodat dit wasdom kan gee.

Die engele van heerlikheid vind hulle vreugde daarin om te gee — hulle gee liefde, en hulle waak oor die siele van die gevallenes en onheiliges. Hemelse wesens trek die harte van mense; hulle bring na hierdie donker wêreld lig van die hemelse howe; deur sagmoedige en geduldige diens beweeg hulle die menslike gees om die verlorenes weer in 'n gemeenskap te bring met Christus, wat nouer is as wat hulle self ken.

Maar benewens al hierdie mindere voorstellings, sien ons God in Christus. Waar ons Jesus aanskou, sien ons dat dit die heerlikheid van onse God is om te gee. "Uit Myself doen Ek niks nie," het Jesus gesê; die lewende Vader het My gestuur, en Ek lewe deur die Vader. "Ek soek nie My eer nie," maar die eer van Hom wat My gestuur het. (Joh. 8: 28; 6: 57; 8: 50; 7: 18.) In hierdie woorde word die groot beginsel verkondig wat die wet van lewe vir die heelal is. Christus het alle dinge van God ontvang, maar Hy het geneem om te gee. En dus, in die hemelse howe, in Sy diens vir alle geskape wesens, vloei die Vader se liefde deur die geliefde Seun tot almal; deur die Seun

keer dit terug in lof en blymoedige diens, in ’n vloedgolf van liefde, na die Hoofbron van alles. Die kringloop van seën is dus volkome deur Christus wat die karakter van die groot Gewer voorstel, die wet van liefde.

In die hemel self is hierdie wet verbreek. Die sonde het sy ontstaan in selfsug gehad. Lucifer, die gerub wat beskut, het begeer om eerste te wees in die hemel. Hy het getrag om kontrole te verkry oor die hemelse wesens, om hulle af te trek van hulle Skepper, en hulle hulde vir homself te win. Daarom het hy God vals voorgestel
[16] en Hom beskuldig van self-verheffing. Hy het sy eie bose karaktertrekke aan die liefdevolle Skepper toegedig. So het hy die engele bedrieg, en so ook die mense. Hy het hulle beweeg om te twyfel aan die Woord van God, en om Sy goedheid te wantrou. Omdat God ’n God is van geregtigheid en verskriklike majesteit, het die Satan hulle oor- gehaal om Hom te beskou as hard en onvergewensgesind. So het hy die mense beweeg om saam met hom teen God te rebelleer, en toe het die donker nag van eilende op die aarde toegesak.

Die aarde was donker deur die wanbegrip van God. Sodat die donker skaduwees verlig, en dat die wêreld teruggebring kon word, moes die krag van die Satan se bedrog gebreek word. Dit kon nie deur geweld geskied nie. Die gebruik van geweld is teenstrydig met die beginsels van Gods regering; Hy verlang alleen die diens van liefde, en liefde kan nie afgedwing word nie; dit kan nie deur gebiedende gesag gewin word nie. Alleen liefde kan liefde verwek. Om God te ken is om Hom lief te hê; Sy karakter moet geopenbaar word in teenstelling met die van die Satan. In die ganse heelal was daar net een Wese wat hierdie werk kon doen. Alleen Hy wat die hoogte en die diepte van die liefde van God geken het, kon dit bekend maak. Oor hierdie wêreld se donker nag moes die Son van Geregtigheid opgaan met “genesing onder Sy vleuels.” Mal. 4: 2.

Die plan vir ons verlossing was nie ’n nagedagte nie—‘n plan wat ná die val van Adam geformuleer is nie. Dit was die openbaring van “die verborgenheid wat eeuelank verswyg is.” Rom. 16: 25. Dit was die ontplooiing van die beginsels wat deur die eeue heen die fondament van Gods troon was. Van die begin af het God en Christus geweet van die afvalligheid van die Satan, en van die val van die mens deur die krag van bedrog van die afvallige. God het dit nie beskik dat daar sonde sou wees nie, maar Hy het die ontstaan daar-

van vooruitgesien, en Hy het voorsiening gemaak vir die vreeslike gebeurtenis. So groot was Sy liefde vir die wêreld, dat Hy Homself verbind het om Sy eniggebore Seun te gee, "sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 16.

Lucifer het gesê: "Ek wil . . . my troon verhef bo die sterre van God. . . . Ek wil . . . my gelykstel met die Allerhoogste!" Jes. 14: 13, 14. Maar Christus, "wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur. die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en in die gelykenis [17]
van mense te kom." Filip. 2:6, 7.

Dit was 'n vrywillige opoffering. Jesus kon aan Sy Vader se sy gebly het; Hy kon Sy hemelse heerlikheid en die hulde van die engele behou, maar Hy het verkies om die septer aan die Vader terug te gee, af te stap van die troon van die heelal, sodat Hy lig mag bring aan diegene wat in duisternis is, en lewe aan die sterwendes.

Byna tweeduisend jaar gelede is 'n stem wat verborgenheid gespreek het van die troon van God in die hemel gehoor, "Kyk, Ek kom." "Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n lig- gaam berei. . . . Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe- om U wil, o God, te doen." Heb. 10: 5-7. In hierdie woorde is die

vervulling aangekondig van die raadsbesluit wat deur die eeue verborge was. Christus het klaar gestaan om ons aarde te besoek, en om die menslike vlees aan te neem. Hy sê, "U het vir My 'n liggaam berei." As Hy sou gekom het in. die heerlikheid wat syne saam met die Vader s'n was vóór die skepping van hierdie wêreld, sou ons nie die lig van Sy aanskyn kon verduur het nie. Sodat ons dit kon sien sonder om te vergaan, is die openbaring van Sy heerlikheid bedek. Sy godheid is met menslike vlees bedek — die onsigbare heerlikheid in sigbare menslike vorm.

Die groot plan is voorafgeskadu in tipes en simbole. Die brandende doringbos waarin Christus aan Moses verskyn het, het God geopenbaar. Die simbool wat gekies is om die Godheid voor te stel, was 'n eenvoudige doringbos wat skynbaar onaantreklik was. Daarin het die Ewige God geskuil. Die barmhartige God het Sy heerlikheid bedek in 'n baie eenvoudige tipe, sodat Moses Hom kon aanskou en lewe. So ook in die wolkkolom by dag en die vuurkolom by

nag, het God met Israel gemeenskap gehou, Sy wil aan die mense geopenbaar, en Sy genade aan hulle geskenk. Gods heerlikheid was bedek, en ook Sy majesteit, sodat die swak menslike oë dit kon sien. Daarom het Christus gekom in "ons vernederde liggaam" (Filip. 3: 21), "in die gelykenis van mense." In die oë van die wêreld het Hy "geen voor- komste gehad dat ons Hom sou begeer nie;" en tog was Hy God in menslike vlees, die lig van hemel en aarde. Sy heerlikheid was bedek, Sy grootheid en majesteit verstoke, dat Hy
[18] baie naby die ellendige en versoekte mens kon kom. God het deur Moses aan Israel bevel gegee, "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek onder hulle kan woon" (Exod. 25: 8), en Hy het in die heiligdom gewoon onder Sy volk. In hulle lang omwandeling in die woestyn, was die simbool van Sy teenwoordigheid by hulle. So ook het Christus Sy tentwoning opgeslaan in die menslike kamp. Hy het Sy tent opgeslaan langs die tente van die mense, sodat Hy onder ons kon woon en Sy goddelike karakter en lewe aan ons kon openbaar. "Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van God die Vader kom — vol van genade en waarheid." Joh. 1: 14.

Aangesien Jesus by ons kom woon het, weet ons dat die Vader bekend is met ons beproewings, en medelyde het met ons droefhede. Elke seun en dogter van Adam mag verstaan dat ons Skepper die Vriend van sondaars is, want in elke leerstelling van genade, in elke belofte van vreugde, in elke daad van liefde, in elke. goddelike aanloklikheid voorgestel in die Verlosser se lewe op aarde, sien ons "God met ons."

Die Satan stel Gods wet van liefde voor as 'n wet van selfsug. Hy verklaar dat dit onmoontlik vir ons is om die voorskrifte daarvan te gehoorsaam. Die val van ons eerste voorouers, met al die eilende wat dit meegebring het, dig hy aan die Skepper toe, en hy lei die mense om God te beskou as die bewerker van die sonde en lyding en die dood. Jesus sou hierdie bedrog aan die kaak stel. Soos een van ons sou Hy die voorbeeld van gehoorsaamheid stel. Om dit te kan doen, het Hy ons natuur aangeneem, en ons ondervindings deurgemaak. "Daarom moes Hy in alle opsigte aan Sy broeders gelyk word." Heb. 2: 17. As ons iets sou moes dra wat Jesus nie verduur het nie, dan sou die Satan dit voorgestel het asof Gods krag vir ons nie voldoende

is nie. Daarom is Jesus in alle opsigte versoek net soos ons. (Heb. 4: 15.) Hy het elke beproewing deurgemaak waaraan ons onder- worpe is. En Hy het ten behoewe van Homself geen krag aangewend wat nie ook vryelik vir ons daar is nie. As mens het Hy versoekings weerstaan en oorwin in die krag wat God aan Hom gegee het. Hy het getuig, "Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen, en U wet is binne-in my ingewande." Ps. 40: 9. Waar Hy die land deurge- gaan en goed gedoen het, die siekes genees het en almal wat deur die Satan geteister is, het Hy duidelik aan die mense die karakter van. [19]

Gods wet verklaar en die aard van Sy bediening. Deur Sy lewe het Hy bewys dat dit vir ons moontlik is om ook Gods wet te ge- hoorsaam.

Deur Sy mensheid het Christus die mensheid aangeraak; deur Sy godheid was Hy verbind met die troon van God. As die Seun van die mens het Hy ons die voorbeeld van gehoorsaamheid gestel; as die Seun van God skenk Hy ons krag om te gehoorsaam. Dit was Christus wat uit die brandende bos by Horeb met Moses gepraat engesê het, "EK IS WAT EK IS. . . . So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur." Exod. 3: 14. Dit was die waarborg van Israel se verlossing. Toe Hy dan in die gelykenis van menslike vlees gekom het, het Hy gesê dat Hy die EK IS, is. Die kind van Betlehem, die sagmoedige en nederige Heiland, is God geopenbaar in die vlees. (1 Tim. 3: 16.) Aan ons sê Hy: "EK IS die goeie Herder." "EK IS die lewende Brood." "EK IS die Weg en die Waarheid en die Lewe." "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." Joh. 10: 11; 6: 51; 14: 6; Matt. 28: 18. EK IS die waarborg van elke belofte. EK IS, moenie vrees nie. "God met ons" is die waarborg van ons verlossing van die sonde, die versekering van ons krag om die wet van die hemel te gehoorsaam.

Deur neer te buig om die menslike vlees aan te neem, het Christus 'n karakter geopenbaar wat die teenoorgestelde van die karakter van die Satan is. Maar Hy het nog laer neergebuig op die pad van vernedering. "En in die gestalte gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis." Filip. 2: 8. Net soos die hoëpriester sy pragtige kleed uitgetrek, en die wit linnekleed van 'n gewone priester aange- trek het, so het Christus ook die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en geoffer, Hy self die priester, en Hy self die slagoffer. "Hy is ter- wille

van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom." Jes. 53: 5.

Christus is behandel soos ons verdien het, sodat ons kan behandel word soos Hy verdien het. Hy is veroordeel vir ons sondes waaraan Hy geen deel gehad het nie, sodat ons geregverdig kan word deur Sy geregtigheid waarin ons geen deel gehad het nie. Hy het ons dood gesterf, sodat ons Sy lewe kan ontvang. "Deur Sy wonde het daar
[20] vir ons genesing gekom."

Deur Sy lewe en Sy dood, het Christus meer verkry as slegs verlossing uit die ellende van die sonde. Dit was die Satan se doel om ewige verwydering te bring tussen God en die mens; maar in Christus is ons nouer verbind met God as wat ons sou gewees het as ons nooit in die sonde geval het nie. Deur ons natuur aan te neem, het die Heiland Hom met die mensheid verbind met 'n band wat nooit verbreek kan word nie. Deur die eeue van die ewigheid is Hy aan ons verbind. "So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het." Joh. 3: 16. Hy het Hom gegee, nie alleen om ons sondes te dra en as ons soenoffer te sterf nie, maar Hy het Hom aan die gevalle mensdom gegee. Om ons te verseker van Sy onveranderlike vredesverbond het God Sy eniggebore Seun gegee om een te word met die menslike geslag, en om vir altyd die menslike natuur te behou. Dit is die waarborg dat God Sy woord sal vervul. "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer." In die persoon van Sy Seun het God die menslike natuur aangeneem, en Hy het dit tot in die hoogste hemele geneem. Dit is die "Seun van die mens wat saam met die Vader op die troon van die heelal sit". Dit is die "Seun van die mens" wat genoem word, "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." Jes. 9: 5. Die EK IS, is die Skeidsregter tussen God en mens, want Hy gryp albei aan. Hy wat "heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is," skaam Hom nie om ons broers te noem nie. (Heb. 7: 26; 2: 11.) In Christus is die gesin van die aarde en die gesin van die hemel verbind. Die verheerlikte Christus is ons broer. Die Hemel woon in die mensheid, en die mensheid is opgeneem in die boesem van Ewige Liefde.

Van Sy volk het God gesê: "Hulle is kroongesteentes wat hulle skitterend verhef oor Sy land. Want hoe groot is hulle voortreflikheid,

en hoe groot is hulle skoonheid." Sag. 9: 16, 17. Die verhoging van die verlostes sal 'n ewige getuienis wees van Gods genade. "In die eeue wat kom," sal Hy "die uitnemende rykdom van Sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus betoon", "sodat nou . . . bekend kan gemaak word aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here." Efe. 2:7; 3: 10, 11.

Deur die verlossingswerk van Christus staan die regering van God geregverdig. Die Almagtige Een word geopenbaar as die God [21] van liefde. Die aantygings van die Satan is geloënstraf, en sy karakter is aan die kaak gestel. Daar kan nooit weer opstand wees nie. Die sonde sal nooit weer die heelal binnedring nie. Deur die ewigheid sal almal gevrywaar wees teen afvalligheid. Deur die opoffering wat deur die liefde gemaak is, word die bewoners van die aarde en die hemel aan hulle Skepper verbind met bande wat onverbreekbaar is.

Die verlossingswerk sal volkome afgedaan wees. In die plek waar die sonde geheers het, sal Gods genade oorvloediger wees. Die aarde self die plek wat die Satan opeis as syne, sal nie alleen verlos word nie, maar ook verhoog. Ons ou wêreldjie, wat onder die vloek van die sonde die een klad in die skepping van God is, sal vereer word bo al die ander wêrelde in die heelal van God. Hier, waar die Seun van God in menslike vlees gewoon het; hier waar die Koning van heerlikheid gely en gesterf het, sal, wanneer Hy alle dinge nuut sal maak, God by die mense woon, "en Hy sal by hulle woon, en hul e sal Sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God." En deur die ewigheid heen sal die verlostes, waar hulle in die lig van die Here wandel, Hom loof vir Sy onuitspreeklike gawe —

***Emmanuel, "God met ons"***. [22]

## Die Uitverkore Volk

VIR meer as ´n duisend jaar het die Joodse volk gewag op die koms van die Verlosser. Al hulle hoop was op daardie gebeurtenis gevestig. In sang en profesie, in rites en gebede, het hulle Sy Naam geheilig. En tog, toe Hy gekom het, het hulle Hom nie geken nie. Die Geliefde van die hemel was vir hulle soos ’n “wortel uit die droë grond;” Hy het “geen gestalte of heerlikheid” gehad dat hulle Hom sou begeer nie. “Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.” Jes. 53: 2; Joh. 1:11.

Nogtans het God Israel uitgekies. Hy het hulle geroep sodat hulle onder die mense die kennis van Sy wet, en die simbole en pro- fesieë wat op die Verlosser gewys het, kon bewaar. Sy begeerte was dat hulle heilfonteine sou wees in die wêreld. Wat Abraham was in die land van sy vreemdelingskap, wat Josef was in Egipte, en Daniël aan die Babiloniese hof, dit moes die Hebreeuse volk wees onder die nasies. Hulle moes God aan die mense openbaar.

Toe Hy Abraham geroep het, het die Here gesê, “Ek sal . . . jou seën . . . dat jy n seën sal wees. ... In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.” Gen. 12: 2, 3. Hierdie leer is ook deur die profete herhaal. Selfs ná Israel deur oorlog en ballingskap verwoes is, het die belofte vir hulle blystaan: “Dan sal die oorblyfsel van Jakob onder baie volke wees soos dou van die Here, soos reënbuie op die plante, wat op geen mens wag nie en terwille van geen mensekind vertoef nie.” Miga 5: 6. Aangaande die tempel te Jerusalem het die
[23] Here deur Jesaja gesê, “My huis sal ’n huis van gebed genoem word vir al die volke.” Jes. 56: 7.

Maar Israel het hulle hoop gevestig op wêreldse grootheid. Van die tyd af dat hulle die land Kanaan binnegegaan het, het hulle afge- wyk van die gebooie van God en in die weë van die heidene gewandel. Tevergeefs het God hulle deur die profete gewaarsku. Tevergeefs het Hy hulle gekasty deur heidense verdrukking. Elke hervorming is gevolg deur ’n nog groter afval.

As Israel getrou gebly het aan God, sou Hy Sy doel met hulle kon bereik het deur hulle te eer en te verhef. As hulle die pad van gehoor- saamheid bewandel het, sou Hy hulle “die hoogste” gestel het “bo al die nasies wat Hy gemaak het, tot ’n lof en n roem en n sieraad”. “die volke van die aarde,” het Moses gesê, “sal sien dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal jou vrees.” “Die volke wat al hierdie insettinge sal hoor,” sal sê, “Waarlik, hierdie groot nasie is n wyse en verstandige volk.” Deut. 26: 19; 28: 10; 4: 6. Maar omdat hulle ontrou was, kon God Sy doel bereik alleen deur gedurige beproewing en vernedering.

Hulle is deur Babilon onderwerp en oor die heidense lande versprei. In hulle beproewing het baie weer hulle getrouheid aan Gods verbond hernieu. Terwyl hulle hulle harpe aan die wilgers gehang en getreur het oor die tempel wat verwoes is, het die lig van die waarheid deur hulle geskyn, en ’n kennis van God is onder die volke versprei. Die heidense stelsel van offerandes was ’n verdraaiing van die stelsel van God, en baie wat in opregtheid die heidense rites gevolg het, het van die Hebreërs die betekenis geleer van die goddelike instellings, en in geloof het hulle die belofte van ’n Verlosser aangeneem.

Baie van die bannelinge moes vervolging verduur. Vele het met hulle lewe geboet omdat hulle die Sabbat nie wou veronagsaam en die heidense feeste hou nie. Toe afgodedienaars opgestaan het om die waarheid uit te delg, het die Here Sy diensknegte voor konings en regeerders laat verskyn sodat hulle en hulle volk die lig mag ontvang. Keer op keer is die grootste konings gedwing om te getuig van die opperheerskappy van die God wat die Hebreeuse bannelinge gedien het.

Deur die Babiloniese ballingskap is die Israeliete heeltemal genees van die aanbidding van beeide. Gedurende die daaropvolgende eeue is hulle verdruk deur heidense vyande, totdat hulle eindelik oortuig was dat voorspoed afhanklik was van gehoorsaamheid aan [24]
die wet van God. Maar in die geval van te veel van die mense het daardie gehoor-saamheid nie uit liefde gespruit nie. Die motief was selfsug. Hulle het God uiterlik gedien as middel tot nasionale grootheid. Hulle het nie die lig van die wêreld geword nie, maar hulleself afgesonder van die wêreld teneinde versoeking tot afgodery te ontvlug. In die onder- rig deur Moses, het God hulle omgang met die

afgodedienaars beperk; maar hierdie leer is verkeerd verstaan.Die doel daarvan was om hulle te belet om mee te doen aan die heidense gebruike, maar hulle het daarvan ’n skeidsmuur gemaak tussen Israel en alle ander nasies. Die Jode het Jerusalem beskou as hulle hemel, en hulle was inderwaarheid jaloers dat God miskien ook genade sou betoon aan die heidene.

Ná die terugkeer uit Babilon is daar baie aandag bestee aan godsdiensonderrig. Deur die hele land is daar sinagoges opgerig waar die wet deur priesters en skrifgeleerdes verklaar is. Daar is skole gestig wat saam met die kunste en wetenskappe ook voorgegee het om die beginsels van geregtigheid te leer. Maar hierdie middels het ontaard. Gedurende die ballingskap het baie van die mense besoedel geraak met heidense idees en gebruike, en dit het hulle by hulle godsdiens ingelyf. In baie dinge het hulle die gebruike van die afgodedienaars gevolg.

Namate hulle van God afgewyk het, het die Jode in ’n groot mate die leer van die rituaal uit die oog verloor. Daardie diens is deur Christus self ingestel. Elke deel daarvan het Hom gesimboliseer, en dit was vol krag en geestelike skoonheid. Maar die Jode het die geestelike lewe uit hulle seremonies verloor, en vasgekleef aan die dooie vorms. Hulle het op die offerandes en insettinge as sulks vertrou, pleks van op Hom na wie daardie dinge verwys het. Om die piek in te neem van die dinge wat hulle verloor het, het die priesters en rabbi’s allerhande reëls van hulle eie ingestel, en hoe strenger hulle geword het, hoe minder van die liefde van God het hulle geopenbaar. Hulle het hulle heiligheid gemeet volgens hulle talryke seremonies, met hulle harte vol hoogmoed en skynheiligheid.

Met al hulle onbenullige en lastige voorskrifte, het dit onmoontlik geword om die wet te hou. Diegene wat begerig was om God te dien en wat probeer het om die rabbynse voorskrifte te hou, het onder ’n swaar las gebuk gegaan. Hulle kon geen gemoedsrus vind nie. So het die Satan gewerk om die mense te ontmoedig, om hulle
[25] begrip van die karakter van God te verduister, en om Israel veragtelik te maak. Hy het gehoop om sy aantyging te bewys wat hy gemaak het toe hy in die hemel gerebelleer het, naamlik dat die vereistes van God onregverdig is en nie nagekom kan word nie. Selfs Israel, het hy aangevoer, hou nie die wet nie.

Hoewel die Jode verlang het na die koms van die Messias, het hulle geen ware begrip van Sy sending gehad nie. Hulle het nie verlossing van die sonde gesoek nie, maar verlossing van die Romeine. Hulle het verwag dat die Messias sou kom as veroweraar, om die mag van die verdrukker te breek, en Israel te verhef tot opperheerskappy. So is die weg berei om die Verlosser te verwerp.

In die tyd toe Christus gebore is, het die volk gely onder die juk van vreemde meesters, en hulle is geteister deur inwendige stryd. Die Jode is toegelaat om 'n soort van eie regering te hê, maar niks kon die feit verbloem dat hulle onder die Romeinse juk was, of hulle versoen met die beperking van hulle mag nie. Die Romeine het die reg voorbehou om die hoëpriester aan te stel of te ontslaan, en dikwels is daardie pos verkry deur bedrog, omkopery, en selfs moord. So het die priesterskap al meer en meer verdorwe geword. Maar die priesters het nogtans groot mag gehad, en hulle het dit gebruik vir selfsugtige doeleindes. Die volk het gely onder hulle genadelose eise, en hulle is ook swaar belas deur die Romeine. Hierdie toestand van sake het algemene ontevredenheid geskep, en herhaaldelik was daar opstande. Hebsug en geweld, wantroue en geestelike lusteloosheid het die hart van die volk verteer.

Haat vir die Romeine, en nasionale en geestelike hoogmoed, het die Jode genoop om hulle vorms van godsdiens nog strenger vas te hou. Die priesters het probeer om 'n reputasie van heiligheid te handhaaf deur baie noulettend te wees op die godsdienstige seremonies. Die volk, in hulle duisternis en verdrukking, en die owerstes wat mag begeer het, het verlang na die koms van die Een wat hulle vyande sou verslaan en die koninkryk aan Israel sou herstel. Hulle het die profesieë ondersoek, maar sonder geestelike insig. Daarom het hulle daardie skrifture wat verwys na die lyde van Christus by Sy eerste koms oor die hoof gesien, en die wat na Sy heerlike tweede koms verwys het, het hulle verkeerd toegepas. Hoogmoed het hulle visie benewel. Hulle het die profesieë vertolk volgens hulle eie selfsugtige idees [26]

## “Die Volheid van die Tyd”

“TOE die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun uitgestuur, . . . om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.” Gal. 4: 4, 5.

Die Verlosser se koms is in Eden voorspel. Toe Adam en Eva die belofte die eerste maal gehoor het, het hulle uitgesien na ’n spoedige vervulling. Hulle het hulle eersgebore seun met blydskap verwelkom, hopende dat hy die Verlosser sou wees. Maar die vervulling van die belofte het uitgebly. Diegene aan wie dit in die begin gegee is, het gesterf sonder om die vervulling te sien. Van die tyd van Henog af is die belofte herhaal deur die patriarge en profete wat die hoop op Sy koms aan die lewe gehou het, en nog het Hy nie gekom nie. Die profesie van Daniël het die tyd van Sy koms voorspel, maar nie almal het die boodskap reg vertolk nie. Eeu na eeu het verloop; die stem van die profete het verstil. Die hand van die verdrukker was swaar op Israel, en baie was klaar om uit te roep, “Die dae
[27] gaan voort, en van al die gesigte kom niks nie.” Eseg. 12: 22. Maar soos die sterre in hulle groot vasgestelde bane, ken Gods planne geen haas en geen vertraging nie. Deur die simbole van die groot duisternis en die rokende oond, het God aan Abraham die slawerny van Israel in Egipte geopenbaar, en het Hy gesê dat hulle daar sou bly vir vierhonderd jaar. “Daarna,” het Hy gesê, “sal hulle uittrek met baie goed.” Gen. 15: 14. Teen daardie woord het die hele mag van Farao se trotse leër tevergeefs geveg. Op “daardie selfde dag,” soos in die goddelike belofte bepaal, “het al die leërskare van die Here uit Egipteland uitgetrek.” Exod. 12:41. Net so ook in die raadsbesluite van die hemel was die uur vir die koms van Christus bepaal. Toe die groot uurwerk van die eeue die tyd aangewys het, is Jesus in Betlehem gebore.

“Toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun uitgestuur.” Die Voorsienigheid het die bewegings van die nasies gereël, en ook die menslike drifte en invloede, totdat die wêreld ryp was vir die koms van die Verlosser. Die volkere was verenig onder een

regering. Een taal is byna algemeen gepraat en is orals erken as die taal van die letterkunde. Uit alle lande het die Jode van die verstrooiing te Jerusalem vergader vir die jaarlikse feeste. Wanneer hulle weer na hulle woonplekke teruggegaan het, kon hulle oor die wêreld die boodskap versprei van die Messias se koms.

In daardie tyd ook het die heidense stelsels hulle houvas op die volk begin verloor. Die mense was sat van die optogte en fabels. Hulle het verlang na 'n godsdiens wat die hart kon bevredig. Hoewel dit geskyn het of die lig van die waarheid gewyk het van die mense, was daar siele wat gesoek het na lig en wat in verbystering en droefheid verkeer het. Hulle het gedors na 'n kennis van die lewende God, en na sekerheid van 'n lewe anderkant die graf.

Namate die Jode van God afgedwaal het, het hulle geloof verflou, en hulle het byna geen hoop meer gehad vir die toekoms nie. Die woorde van die profete het hulle nie verstaan nie. Vir die massas van die volk was die dood 'n gevreesde misterie; oorkant die graf was onsekerheid en duisternis. Dit was nie alleen die geween van die moeders van Betlehem wat na die profeet gekom het op die wieke van die eeue nie, maar die angskreet van die mensheid — die stem wat uit Rama gehoor is, "rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar [28]
nie meer is nie." Matt.- 2: 18. "In die land van die skaduwee van die dood," het die mense troosteloos gesit. Met verlangende oë het hulle uitgesien na die koms-van die Verlosser, wanneer die duisternis verdryf en die verborgenheid van die toekoms verklaar sou word.

Buite die Joodse nasie was daar manne wat die koms van 'n goddelike leraar voorspel het. Hierdie mense het gesoek na die waarheid, en aan hulle is die Gees van Inspirasie gegee. Die een na die ander, soos sterre aan 'n donker hemeltrans, het sulke leraars verrys. Hulle profetiese woord het hoop laat ontvlam in die harte van duisende in die heidenwêreld.

Vir honderde jare reeds was die Skrifte vertaal in Grieks wat toe algemeen oor die Romeinse Ryk gepraat is. Die Jode is orals verstrooi, en hulle verwagting van die Messias se koms was in 'n mate ook die verwagting van die heidene. Onder diegene wat deur die Jode as heidene beskou is, was daar manne wat 'n beter begrip gehad het van die Skrifte aangaande die Messias as die leraars van Israel. Daar was sommige wat gehoop het op Sy koms as 'n

Verlosser van die sonde. Filosowe het die misterie van die Hebreeuse ekonomie probeer peil, maar die bekrompenheid van die Jode het [29] die verspreiding van die lig belet. Vasbeslote om die skeiding tussen hulle en die nasies te handhaaf, was hulle onwillig om die kennis mee te deel wat hulle nog gehad het aangaande die simboliese diens. Die ware Leraar moes kom; die Een wat die teenbeeid was van al die tipes, moes hulle kom verklaar.

Deur die natuur, deur tipes en simbole, deur patriarge en profete, het God tot die wêreld gespreek. Die lesse aan die mensdom moes gegee word in die taal van die mens. Die Boodskapper van die Verbond moes praat. Sy stem moes gehoor word in Sy eie tempel. Christus moes kom en woorde spreek wat duidelik en reg verstaan kon word. Hy, die bron van die waarheid, moes die waarheid skei van die menslike kaf wat dit kragteloos gemaak het. Die beginsels van Gods regering en verlossingsplan moes duidelik gestel word. Die lesse van die Ou Testament moes duidelik aan die mense gestel word.

Onder die Jode was daar nog opregte siele, nasate van daardie heilige geslag deur wie die kennis van God bewaar gebly het. Hulle het nog uitgesien na die vervulling van die belofte aan die vaders gegee. Hulle het hulle geloof versterk deur die versekering van Moses: "Die Here julle God sal vir julle 'n profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek." Hand. 3: 22. Verder het hulle gelees hoe God iemand sou salf om "'n blye boodskap te bring aan die sagmoediges," "om te verbind die gebrokene van hart, om vir die gevangene 'n vrylating uit te roep . . . om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here." Jes. 61:1, 2. Hulle het gelees hoe Hy "die reg op aarde" sal grond, hoe "die eilande wag op Sy leer" en hoe die nasies sal kom na Sy lig en konings na Sy glans. (Jes. 42: 4; 60: 3.)

Die sterwenswoorde van Jakob het hulle nog met hoop vervul: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom." Gen. 49: 10. Die tanende mag van Israel het getuig dat die koms van die Messias naby was. Die profesie van Daniël het die glorie geskilder van Sy regering oor 'n ryk wat die aardse koninkryke sou opvolg, en die profeet het gesê dat dit "in ewigheid nie vernietig sal word nie." Dan. 2:44. Hoewel maar 'n paar die aard van Christus se sending verstaan het, was daar 'n

algemene verwagting van 'n magtige vors wat sy koninkryk oor Israel sou oprig, en wat as verlosser van die volke sou kom. [30]

Die volheid van die tyd het gekom, die mensdom, wat steeds laer gesink het deur die eeue van oortreding, het gesmag na die koms van die Verlosser. Die Satan het hom daarop toegelê om die kloof tussen die aarde en die hemel onoorbrugbaar te maak. Deur sy bedrog het hy die mense vermetel gemaak om te sondig. Dit was sy doel om die lankmoedigheid van God uit te put, en om Sy liefde vir die mens uit te blus, sodat Hy die wêreld sou oorgee aan die regering van die Satan.

Die Satan was daarop uit om die kennis van God van die mense weg te hou, om hulle aandag af te wend van die tempel, en om sy eie koninkryk te bevestig. Sy strewe na opperheerskappy was skynbaar heeltemal suksesvol. Dit is waar dat God in elke geslag Sy werk- tuie gehad het. Selfs onder die heidene was daar manne deur wie Christus gewerk het om die mense te verhef uit hulle sonde en verlaging. Maar hierdie manne is verag en gehaat. Baie van hulle het 'n gewelddood gesterf. Die donker skaduwee wat die Satan oor die wêreld laat neersak het, het steeds donkerder geword. [31]

Deur die heidendom het die Satan vir eeue die mens van God j weggehou; maar sy grootste oorwinning was die verdraaiing van die godsdiens van Israel. Deur hulle eie opvattings te bepeins en te aanbid, het die heidene die kennis van God verloor, en hulle het steeds meer verdorwe geword. So was dit met Israel ook. Die beginsel I dat die mens homself deur sy eie werke kon red, lê ten grondslag van alle heidense godsdienste; en nou het dit ook die beginsel van die Joodse godsdiens geword. Die Satan het hierdie beginsel geplant. Waar dit heers, is daar geen muur teen die sonde nie.

Die boodskap van verlossing word aan die mense verkondig deur menslike werktuie. Maar die Jode het probeer om die alleenhouers I te wees van die waarheid wat die ewige lewe is. Hulle het die lewende manna opgegaar en dit het bederf. Die godsdiens wat hulle uitsluitlik vir hulleself wou bewaar, het 'n aanstoot geword. Hulle het God beroof van Sy heerlikheid, en die wêreld bedrieg met 'n ver- I valsing van die evangelie. Hulle het geweier om hulleself aan God oor te gee vir die redding van die wêreld, en hulle het die werktuie I van die Satan geword vir die ondergang daarvan.

Die volk wat God geroep het om die pilaar en grondslag van die waarheid te wees, het die verteenwoordigers van die Satan geword. Hulle het die werk gedoen wat hy graag wou hê dat hulle moet doen, naamlik om Gods karakter verkeerd voor te stel sodat die wêreld Hom sou beskou as 'n tiran. Selfs die priesters wat in die tempel gedien het, het nie die betekenis verstaan van die werk wat hulle gedoen het nie. Hulle kon nie verby die simbool sien op wat I gesimboliseer is nie. Waar hulle die verskillende offers geoffer het was hulle soos akteurs op die verhoog. Die insettinge van God het die middels geword wat die verstand benewel en die hart verhard het. God kon niks meer vir die mens deur hierdie kanale doen nie. Die hele stelsel moes weggeveeg word.

Die bedrog van die sonde het sy hoogtepunt bereik. Al die middels vir die verlaging van die siel van die mens is in werking gestel. Waar die Seun van God die wêreld aanskou het, het Hy die lyding en eilende gesien. Met ontferming het Hy gesien hoedat die mense die slagoffers geword het van sataniese wreedheid. Hy het in barmhartigheid gesien op diegene wat besoedel, vermoor, en verloe was. Hulle het 'n leier gekies wat hulle aan sy wa vasgebind het as sy gevangenes. Verbysterd en bedroë het hulle voortbeweeg tot
[32] ewige ondergang — na die dood waar daar geen hoop is nie, na die nag waar daar geen daeraad is nie. Sataniese werktuie het deur die mense gewerk. Die liggame van menslike wesens, geskape as woonplek van God, het die woonplek van demone geword. Die sinne, die senuwees die drifte, en die organe van die mens was onder beheer van bonatuur- like werktuie om hulle oor te gee aan die vuilste dinge. Selfs in die gelaat van die mense kon die afdruk van die demone gesien word. Mense se gesigte het die uitdrukking van die legioene van boosheid waarvan hulle besete was, geweerkaats. Dit was die toneel waarop die Verlosser van die wêreld gekyk het. Wat 'n toneel vir die Ewige Reinheid om te aanskou!

Die sonde het 'n wetenskap geword, en ontug is geheilig as deel van die godsdiens. Die gees van rebellie het diep wortelgeskiet in die hart, en die vyandskap van mense was geweldig teen die hemel. Voor die heelal is dit gedemonstreer dat die mensdom, sonder God, nooit opgehef kon word nie. Daar moes 'n nuwe element van lewe en krag ingeplant word deur Hom, die Skepper van die wêreld.

Met die grootste belangstelling het die ongevalle wêrelde gekyk om te sien hoedat Jehova opstaan om die bewoners van die aarde weg te veeg. En as God dit sou gedoen het, sou die Satan klaar gewees het om sy plan uit te voer om die trou van die hemelse wesens te win. Hy het verklaar dat die beginsels van Gods regering vergifnis on- moontlik gemaak het. As God die wêreld sou verdelg het, sou hy aangevoer het dat sy aantygings waar was. Hy was gereed om al die blaam op God te werp, en om sy rebellie te voer na die wêrelde daarbo. Maar pleks van hierdie wêreld te verdelg, het God Sy Seun gestuur om dit te red. Alhoewel korrupsie en opstand gesien kan word in alle dele van hierdie opstandige provinsie, is daar ’n weg tot herstel voor- sien. By elke krisis wanneer dit geskyn het dat die Satan sou triomfeer, het die Seun van God gekom as gesant van goddelike genade. In elke eeu, in elke uur, het die liefde van God uitgevloei na ’n gevalle mensdom. Ondanks die koppigheid van mense is die tekens van genade maar altyd vertoon. En toe die volheid van die tyd gekom het, is die Godheid verheerlik deur die uitgieting op hierdie wêreld van ’n vloedgolf van genesende genade wat nooit versper of afgesluit sou word totdat die verlossingsplan volvoer is nie.

Die Satan het hom daarin verheug dat hy die beeid van God in die mense geskend het. Toe het Jesus gekom om weer in die mens
die beeid van sy Maker te herstel. Niemand dan Christus alleen kan [33]
die karakter opnuut vorm wat deur die sonde geruïneer is nie. Hy het gekom om die demone uit te werp wat die wil beheers het. Hy het gekom om ons op te hef uit die stof, om die geskonde karakter te hervorm volgens die patroon van Sy goddelike karakter, en om
dit te verheerlik deur Sy eie heerlikheid. [34]

[35]

## Vir Julie 'n Verlosser

DIE Koning van heerlikheid het baie laag gebuk om mens te word. Sy aardse omgewing was onaangenaam en afstootlik. Sy heerlikheid was bedek sodat die majesteit van Sy uiterlike voorkomste nie die aantrekkingskrag sou word nie. Hy het alle uiterlike vertoon verwerp. Rykdom, wêreldse eer, en menslike grootheid kan nooit n siel van die dood red nie. Jesus het besluit dat geen aardse aantrekkingskrag die mense sou beweeg om na Hom toe te kom nie. Alleen die sieraad van hemelse waarheid moes diegene trek wat Hom wou volg. Die karakter van die Messias was lank reeds voorspel in die profesieë, en Hy het verlang dat die mense Hom moes aanneem op die getuienis van die Woord van God.

Die engele het verbaas gestaan oor die heerlike verlossingsplan. Hulle het gekyk hoe die volk van God Sy Seun sou ontvang, gekleed in die kleed van menslike vlees. Engele het gekom na die land van die uitverkore volk. Ander volke het hulle besig gehou met fabels, en het valse gode aanbid. Na die land waar die heerlikheid van God geopenbaar is, en waar die lig van die profesie geskyn het, het die
[36] engele gekom. Ongesien het hulle na Jerusalem gekom, na die aangestelde verklaarders van die Heilige Orakels, en die dienaars van Gods huis. Alreeds aan Sagaria, die priester, waar hy by die altaar gedien het, is die nabyheid van die koms van Christus bekendgemaak. Die voorloper was reeds gebore, en sy sending is bevestig deur wonderwerk en profesie. Die nuus van sy geboorte en die wonderbare betekenis van sy sending is wyd en syd verkondig. En nogtans het Jerusalem nie klaargemaak om sy Verlosser te verwelkom nie.

Verstom het die hemelse boodskappers die onverskilligheid van die mense aanskou wat God geroep het om aan die wêreld die lig van die heilige waarheid mee te deel. Die Joodse volk is bewaar as 'n getuie dat Christus sou gebore word uit Abraham se saad en uit die geslag van Dawid, en tog het hulle nie geweet dat Sy koms nou op hande was nie. In die tempel het die more- en die aandoffer daeliks gewys op die Lam van God, maar daar was geen voorbereiding om

Hom te ontvang nie. Die priesters en die leraars van die volk het nie geweet dat die grootste gebeurtenis van die eeue op die voor- aand van vervulling was nie. Hulle het hulle betekenlose gebede opgesê, en die rituaal van hulle godsdiens afgehandel om van die mense gesien te word, maar in hulle sug na rykdom en wêreldse eer was hulle nie gereed vir die openbaring van die Messias nie. Die- selfde onverskilligheid het oor die hele land van Israel geheers. Harte vol selfsug en vol van wêreldse dinge het onaangeroerd gebly deur die vreugde wat die hemel vervul het. Daar was slegs 'n paar wat verlang het om die Onsienlike te sien. Aan hulle is die afgesante van die hemel gestuur.

Engele het Josef en Maria vergesel op hulle reis van hulle woning in Nasaret na die stad van Dawid. Die dekreet van keiserlike Rome vir die inskrywing van al die mense van sy uitgestrekte ryk het ook die bewoners van die berge van Galilea geraak. Net soos in die ou tyd toe Kores na die troon geroep is van 'n wêreldryk sodat hy die ge- vangenes van die Here kon vrylaat, so is Keiser Augustus die werktuig gemaak vir die vervulling van Gods doel deur die moeder van Jesus na Betlehem te bring. Sy was uit die geslag van Dawid, en die Seun van Dawid moes in die stad van Dawid gebore word. Uit Betlehem, het die profeet gesê, "sal daar vir My uitgaan een wat 'n heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid." Miga 5: 1. Maar in die stad van hulle koninklike linie word Josef en Maria nie herken of geëer nie. Moeg [37] en sonder herberg het hulle van die poort van die stad tot by sy oos- telike einde die hele lang, nou straat betree om tevergeefs na 'n rusplek vir die nag te soek. In die oorvol herberg was daar vir hulle geen plek nie. In die plekke waar die diere geslaap het, het hulle eindelik 'n toevlugsoord gevind, en daar is die Verlosser van die wêreld gebore.

Die mense het dit nie geweet nie, maar die tyding het die hemel met blydskap vervul. Met 'n dieper en nog groter belangstelling het die heilige wesens van die oord van lig na die aarde gekom. Die hele wêreld is verlig deur Sy teenwoordigheid. Bokant die berge van Betlehem het daar 'n ontelbare skare van engele saamgetrek. Hulle wag op die teken om die blye boodskap aan die wêreld te verkondig. As die leiers van Israel getrou gewees het aan hulle pand, kon hulle

ook 'n aandeel gehad het om die geboorte van Jesus te verkondig. Maar nou word hulle verbygegaan.

God verklaar, "Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond." "Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis." Jes. 44: 3; Ps. 112: 4. Vir diegene wat na die lig soek en wat dit met blydskap aanneem, sal die helder strale van die troon van God skyn.

In die velde waar die seun Dawid sy kudde gelei het, het skaapwagters nog in die nag waggehou. Deur die stil ure het hulle gepraat van die beloofde Heiland, en gebid vir die koms van die Koning na die troon van Dawid. "En meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn en groot vrees het hulle oorweldig. En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Verlosser wat Christus, die Here is."

By hierdie woorde het 'n visie van heerlikheid die harte van die skaapwagters vervul. Die Verlosser het na Israel gekom! Krag, verheffing, en oorwinning gaan gepaard met Sy koms. Maar die engel moet hulle voorberei om die Heiland te herken in Sy armoede en vernedering. "Dit is vir julle die teken:" het hy gesê, "Julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat lê in die krip."

Die hemelse boodskapper het hulle vrees verban. Hy het hulle gesê hoe om Jesus te vind. Met inagneming van hulle menslike
[38] swakheid het hy hulle tyd gegee om gewoond te word aan die
[39] goddelike glans. Maar toe kon die vreugde en heerlikheid nie langer beteuel word nie. Die aarde was stil, en die hemel het sy oor geneig om na die lied te luister —

"Eer aan God in die hoogste hemele
en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae".

Ag dat die mensdom vandag maar daardie lied kon hoor! Die verklaring toe gedoen, die lied wat toe aangehef is, sal weergalm tot die einde van tyd, en tot die eindes van die aarde. Wanneer die Son van Geregtigheid sal opgaan met genesing onder Sy vleuels, sal daardie lied weer aangehef word deur 'n groot skare, soos die stem van baie waters, wat sê: "Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar." Openb. 19: 6.

Toe die engele vertrek het, het die lig verdof en het die duisternis van die nag weer oor die berge van Betlehem toegesak. Maar in die geheues van die skaapwagters het die herinnering van die heerlikste prentjie wat menslike oë nog ooit gesien het, gebly. "En toe die engele van hulle weggegaan het na die hemel, sê die skaapwagters vir mekaar: Laat ons dan na Betlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekendgemaak het. En hulle het met haas gegaan en Maria en Josef gevind en die kindjie wat in die krip lê."

Hulle het met groot blydskap weggegaan en die dinge bekendgemaak wat hulle gesien en gehoor het. "En almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat deur die skaapwagters aan hulle vertel is; maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink. En die skaapwagters het teruggegaan en God verheerlik en geprys".

Die hemel en die aarde is niks verder van mekaar vandag verwyderd as toe die skaapwagters na die engele se lied geluister het nie. Die mensdom is vandag nog net soseer die voorwerp van die hemel se liefde as toe gewone mense wat 'n gewone beroep gevolg het, die engele in die middag ontmoet, en met die hemelse boodskappers gepraat het in die wingerde en die lande. Vir ons in die gewone beroepe van die lewe, mag die hemel baie naby wees. Engele uit die howe daarbo sal die voetstappe bewaar van diegene wat kom en gaan op Gods bevel. [40]

Die storie van Betlehem is 'n onuitputlike tema. Daarin is opgesluit die "diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God!" Rom. 11: 33. Ons staan verbaas oor die Heiland se opoffering toe Hy die troon van die hemel verruil het vir die krip, en die geselskap van aanbiddende engele vir die diere van die stal. Menslike hoogmoed en selfvoldaanheid staan bestraf in Sy teenwoordigheid. En dit was maar die begin van Sy wonderbare toegeeflikheid. Dit sou 'n byna grenslose vernedering vir die Seun van God gewees het om die menslike natuur aan te neem, selfs as Adam nog in sy onskuld in Eden gestaan het. Maar Jesus het die menslike vlees aangeneem toe die menslike geslag deur vierduisend jaar van sonde verswak is. Net soos enige ander kind van Adam het Hy die uitwerking van die groot Wet van oorerflikheid aanvaar. Wat hierdie resultate was, word aangetoon in die geskiedenis van Sy aardse voorouers. Met so 'n

erfenis het Hy gekom om te deel in ons ellendes en versoekings, en om ons die voorbeeld te stel van 'n sondelose lewe.

Die Satan in die hemel het Christus gehaat vir Sy posisie in die howe van God. En toe hy onttroon is, het hy Hom nog meer gehaat. Hy het Hom gehaat wat Hom verbind het om 'n geslag van sondaars te red. En nogtans, na hierdie wêreld waar die Satan aanspraak gemaak het op opperheerskappy, het God Sy Seun toegelaat om te kom, 'n hulpelose baba, onderworpe aan al die swakhede van die mensheid. Hy het Hom toegelaat om die gevaar van die lewe te aanvaar net soos enige ander menslike siel, en om die stryd te stry net soos elke mensekind dit moet stry, met die risiko van neerlaag
[41] en ewige verlies.

Die hart van 'n aardse vader gaan in liefde uit tot sy seun. Hy kyk in die aangesig van sy kind, en dan sidder hy as hy dink aan die gevare van die lewe. Hy wil graag sy geliefde beskerm teen die mag van die Satan, en hom terughou van versoeking en stryd. Om 'n baie groter stryd te stry, en baie groter gevaar te loop, het God Sy eniggebore Seun gegee, sodat die weg van die lewe verseker kon word vir ons kinders. "Hier is liefde." Wees verwonderd daaroor, o
[42] hemele! staan verbaas daaroor, o aarde!

[43]

## Die Wyding

SOWAT veertig dae ná die geboorte van Christus, het Josef en Maria Hom na Jerusalem geneem, om Hom aan die Here te wy, en om te offer. Dit het geskied volgens die Joodse wet, en as die plaasvervanger van die mens moes Christus voldoen aan die wet in alle opsigte. Hy het alreeds die rite van die besnydenis ondergaan as pand van Sy gehoorsaamheid aan die wet.

As offerande vir die moeder het die wet ’n jaaroud lam vereis as brandoffer, en ´n jong duif of tortelduif as sondoffer. Maar die wet het gelui dat waar die ouers te arm was om ’n lam te bring, ’n paar tortelduiwe, of ’n paar duiwe — een as brandoffer en een as sondoffer — aanneemlik sou wees.

Die offers aan die Here moes sonder gebrek wees. Hierdie offers het Christus voorgestel, en hieruit kan ons aflei dat Jesus self sonder enige liggaamlike gebrek was. Hy was die “Lam sonder gebrek en vlekkeloos.” 1 Pet. 1: 19. Liggaamlik was Hy deur geen gebrek misvorm nie; Sy liggaam was sterk en gesond. Deur Sy hele lewe het Hy streng ooreenkomstig die wette van die natuur gelewe. Liggaamlik sowel as geestelik was Hy ’n voorbeeld van wat God bedoel het vir die hele mensdom deur gehoorsaamheid aan Sy wette. [44]

Die wyding van die eersgeborene het sy ontstaan in die vroegste tye gehad. God het belowe om die Eersgeborene van die hemel te gee om sondaars te verlos Hierdie gawe moes erken word in elke huisgesin deur die wyding van die eersgebore seun. Hy moes vir die priesterskap opgelei word, as verteenwoordiger van Christus onder die mense.

In die verlossing van Israel uit Egipteland, is die wyding van die eersgeborene weer beveel. Terwyl die kinders van Israel in slawerny verkeer het onder die Egiptenaars, het die Here Moses beveel om na Farao, die koning van Egipte, te gaan en te sê: “So spreek die Here: My eersgebore seun is Israel. Daarom beveel Ek jou: Laat My seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy weier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun doodmaak.” Exod. 4: 22, 23.

Moses het hierdie boodskap afgelewer, maar die trotse koning het geantwoord, "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie." Exod. 5: 2. Die Here het vir Sy volk deur wonders en tekens gewerk, en het vreeslike oordele op Farao laat kom. Eindelik het die engel van die verderf opdrag gekry om die eersgebore van mens en dier onder die Egiptenaars dood te maak. Sodat die Israeliete gespaar mag bly, is hulle beveel om die bloed van 'n geslagte lam aan hulle deurposte te sprinkel. Elke huis moes so gemerk word, sodat die engel in sy werk van die dood, die huise van die Israeliete mag oorslaan.

Ná Sy oordeel oor Egipte, het die Here aan Moses gesê, "Heilig vir My al die eersgeborenes . . . van mense en van diere, dit is myne:" "Want . . . op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het, het Ek al die eersgeborenes in Israel vir My geheilig, mense sowel as diere; hulle moet myne wees. Ek is die Here." Exod. 13: 2; Num. 3: 13. Ná die instelling van die tabernakeldiens, het die Here die stam van Levi gekies in die piek van die eersgeborenes van die hele Israel om in die heiligdom te dien. Maar die eersgeborenes moes nog beskou word as die Here s'n, en hulle moes deur 'n losprys gelos word.

Op hierdie wyse is die wet van die wyding van die eersgeborenes veral belangrik gemaak. Hoewel dit 'n gedenkteken was van die wonderbaarlike verlossing van Israel deur die Here, was dit 'n beeid
[45] van 'n nog groter verlossing, wat bewerkstellig sou word deur die enig- gebore Seun van God. Soos die bloed aan die deurposte die eersgeborenes van Israel gered het, so het die bloed van Christus krag om die wêreld te red.

Watter groot betekenis het die wyding van Christus dus nie gehad nie! Maar die priester het nie deur die voorhangsel gesien nie; hy kon nie die verborgenheid daar anderkant lees nie. Die wyding van babas was 'n gewone toneel. Dag na dag het die priester die losgeld ontvang waar kindertjies aan die Here gewy is. Dag na dag het hy die roetine van sy werk gevolg, en het maar min aandag aan die ouers en die kinders geskenk, tensy in die gevalle waar hy rykdom en stand by die ouers bespeur het. Josef en Maria was arm; en toe hulle met hulle kind gekom het, het die priesters slegs 'n man en 'n vrou gesien, gekleed soos Galileërs, in die eenvoudigste drag. Daar

was niks in hulle voorkomste om die aandag te trek nie, en hulle het die offer van die arm klasse gebring.

Die priester het die seremonie van sy offisiële werk afgehandel. Hy het die kind in sy arms geneem, en hom voor die altaar gehou. Nadat hy hom aan sy ouers teruggegee het, het hy die naam "Jesus" in die register van die eersgeborenes geskryf. Min het hy gedink, toe die baba in sy arms gelê het, dat hy die Majesteit van die hemel was, die Koning van heerlikheid. Die priester was onbewus daarvan dat hierdie baba die een was van wie Moses geskryf het, "Die Here julle God sal vir julle 'n profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle spreek." Hand. 3: 22. Hy het nie gedink dat hierdie baba die Een was wie se heerlikheid Moses gevra het om te sien nie. Maar iemand baie groter as Moses het in sy arms gelê; en toe hy die kind se naam opgeskryf het, het hy die naam opgeskryf van die Een wat die fondament van die Joodse ekonomie was. Daardie naam sou die doodsbrief van daardie ekonomie wees, want die stelsel van brand- en spysoffers het verouder, die beeld het byna die teenbeeld ontmoet, die skaduwee die voorwerp.

Die heerlikheid het gewyk uit die heiligdom, maar in die Kindjie van Betlehem het die heerlikheid geskuil waarvoor die engele neerbuig. Die stomme Kindjie was die beloofde saad waarna die eerste altaar by die poorte van Eden verwys het. Dit was Silo, die Vredevors. Dit was Hy wat Homself aan Moses voorgestel het as [46]
die EK IS. Dit was Hy wat Israel gelei het in die wolkkolom en in die vuurkolom. Dit was Hy wie se koms die sieners so lank voorspel het. Hy was die begeerte van alle nasies, die Spruit uit die stam van Dawid, die Skit- terende Morester. Die naam van daardie hulpelose baba, geskryf in die register van Israel, wat Hom daardeur ons broeder gemaak het, was die hoop van die gevalle mensdom. Die kindjie vir wie die losgeld betaal is, was die Een wat die losprys vir die sondes van die hele wêreld sou betaal. Hy was die ware "priester oor die huis van God," die hoof van "'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie," die Voorspraak "aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte." (Heb. 10: 21; 7: 24; 1: 3.)

Geestelike dinge word geestelik beoordeel. In die tempel is die Seun van God gewy aan die werk wat Hy gekom het om te doen. Die priester het Hom gesien soos enige ander kind, maar alhoewel hy

niks ongewoons gevoel of gesien het nie, is Gods daad deur Sy Seun aan die wêreld te gee, erken. Hierdie voorval het nie verbygegaan sonder dat iemand Christus herken het nie. “En daar was ’n man in Jerusalem met die naam van Simeon; en hierdie man was regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag, en die Heilige Gees was op hom. En aan hom was dit deur die Heilige Gees geopenbaar dat hy die dood nie sou sien voordat hy die Christus van die Here gesien het nie.”

Toe Simeon die tempel binnekom, het hy ’n familie gesien wat hulle eersgebore seun aan die priester gebring het. Hulle voorkomste verraai armoede, maar Simeon het die waarskuwings van die Gees verstaan en hy het diep onder die indruk gekom dat die Kindjie wat op daardie oomblik aan die Here gewy word, die Vertroosting van Israel was, die Een wat hy so verlang het om te sien. Vir die verbaasde priester was Simeon soos iemand in verrukking. Nadat die Kindjie aan Maria teruggegee is, het hy Hom in sy arms geneem en aan God gewy terwyl sy siel met ’n vreugde vervul is wat hy nog nooit tevore geken het nie. Toe hy die Kindjie voor die hemel ophef, het hy gesê: “Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens U woord, omdat my oë U verlossing gesien het wat U berei het voor die oë van al die volke —’n lig tot verligting van die nasies en tot
[47] heerlikheid van U volk Israel.”

Die gees van profesie was oor hierdie man van God vaardig, en onderwyl Josef en Maria daar staan, verwonderd oor Sy woorde, het hy hulle geseën en aan Maria gesê: “Kyk, hierdie kind is bestemd vir ’n val en opstanding van baie in Israel en vir ’n teken wat weerspreek sal word — ja, ’n swaard sal deur jou eie siel gaan, sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.”

Ook Anna, ’n profetes, het binnegekom en Simeon se getuienis aangaande Christus bevestig. Terwyl Simeon gepraat het, is haar aangesig verlig met die heerlikheid van God, en sy het haar hartlike dank betuig dat sy toegelaat is om Christus die Here te sien.

Hierdie nederige aanbidders het nie die profesieë tevergeefs ondersoek nie. Maar diegene wat owerstes en priesters in Israel was, alhoewel hulle ook die kosbare profesieë gehad het, het nie in die weg van die Here gewandel nie, en hulle is dus nie toegelaat om die Lig van die lewe te aanskou nie.

So is dit vandag nog. Die dinge waarop die hele aandag van die hemel toegespits is, word nie gesien nie; die gebeurtenisse gaan verby sonder dat die geestelike leiers en die aanbidders in Gods huis hulle merk. Die mense erken die geskiedkundige Christus, terwyl hulle hulle rug keer op die lewende Christus. Christus wat ons roep in Sy Woord tot selfopoffering vir die armes en ellendiges wat pleit om verligting, en vir die regverdige saak wat armoede en werk en smaad meebring, word vandag net so min ontvang as wat Hy negentienhonderd jaar gelede was.

Maria het die ingrypende en verreikende profesie van Simeon oor- peins. Toe sy na die kindjie in haar arms kyk, en haar die woorde herinner wat gespreek is deur die skaapwagters van Betlehem, was sy vervul met dankbare blydskap en heerlike hoop. Simeon se woorde het die profetiese voorspellings van Jesaja in haar gedagte gebring: "Daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here. ... En geregtigheid sal die gordel van Sy lende en trou die gordel van Sy heupe wees." "Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. . . . Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, [48]
Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Vredevors." Jes. 11: 1-5; 9: 1-5.

En tog het Maria nie die sending van Christus begryp nie. Simeon het van Hom geprofeteer as 'n lig wat die nasies sou verlig, en dat Hy die heerlikheid van Israel sou wees. So ook het die engele die geboorte van die Heiland aangekondig as 'n goeie tyding van groot blyd- skap vir alle volke. God wou die enge Joodse begrip aangaande die werk van die Messias wegruim. Hy wou hê dat die mense Hom moes sien, nie slegs as die Verlosser van Israel nie, maar as die Verlosser van die wêreld. Maar baie jare sou verbygaan voor selfs die moeder van Jesus Sy sending sou begryp.

Maria het uitgesien na die Messias se regering op die troon van Dawid, maar die doop van die lyding waardeur dit gewin sou word, het sy nie gesien nie. Deur Simeon is dit geopenbaar dat die Messias nie onbestrede deur die wêreld sou gaan nie. In sy woorde aan Maria,

"'n swaard sal deur jou eie siel gaan," het God in Sy tere ontferming aan die moeder van Jesus die angs bekendgemaak wat sy reeds begin ondervind het.

"Kyk," het Simeon gesê, "hierdie Kind is bestemd vir 'n val en opstanding van baie in Israel en vir 'n teken wat weerspreek sal word." Diegene moet val wat weer wil opstaan. Ons moet op die Rots val en gebreek word voordat Christus ons kan ophef. Die eie-ek moet onttroon word, en hoogmoed moet verneder word as ons die heer-likheid van die geestelike koninkryk wil smaak. Die Jode wou nie die eer aanneem wat deur vernedering kom nie. Daarom wou hulle nie hulle Verlosser aanneem nie. Hy was 'n teken wat hulle weerspreek het.

"Sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word." In die lig van die Heiland se lewe word die gedagtes van alle harte, van die Skepper tot die vors van duisternis geopenbaar. Die Satan het God voorgestel as selfsugtig en 'n verdrukker, iemand wat alles neem en niks gee nie, wat die diens van Sy skepsels verg vir Sy eie heerlikheid, en wat nooit iets opoffer vir hulle voordeel nie. Maar in die gawe van Christus is die Vader se hart geopenbaar. Dit getuig dat die gedagtes wat God teenoor ons koester "gedagtes van vrede en nie van onheil" is nie. Jer. 29: 11. Dit verklaar dat alhoewel Gods haat vir die sonde so sterk as die dood is, Sy liefde vir die sondaar
[49] sterker; as die dood is. Hy het ons verlossing onderneem, en Hy sal niks terughou, al is dit ook hoe dierbaar vir Hom, wat nodig mag wees vir die volvoering van Sy verlossingswerk nie. Geen waarheid wat nodig is vir ons redding, word teruggehou nie, geen wonderwerk van genade word versuim, en geen goddelike middel word ongebruik gelaat nie. Guns op guns, en gawe op gawe word vir ons opgehoop. Die hele skatkamer van die hemel is oop vir diegene wat Hy soek om te red. Hy het die rykdom van die heelal versamel, en die bronne van Sy oneindige krag oopgestel, en alles in die hande van Christus gestel en aan Hom gesê, "Dit is alles vir die mens. Bestee hierdie gawes om hom te oortuig dat daar geen groter liefde op die aarde of in die hemel is as Myne nie. Hy sal sy hoogste geluk vind deur My lief te hê."

By die kruis van Golgota het liefde en selfsug lynreg teenoor mekaar gestaan. Hier sien ons die kroonstuk van die bewys. Christus het gelewe alleen om te vertroos en te seën, en deur Hom om die lewe

te bring, het die Satan die venyn van sy haat teen God geopenbaar. Hy het bewys dat die ware doel van sy rebellie was om God te onttroon, en Hom te vernietig deur wie God Sy liefde geopenbaar het.

Deur die lewe en dood van Christus, is die gedagtes van mense blootgestel. Van die krip tot die kruis, was die lewe van Jesus 'n oproep tot selfopoffering en gemeenskap met lyde. Dit het die doelwitte van die mense ontsluier. Jesus het gekom met die waarheid van die hemel, en almal wat geluister het na die stem van die Heilige Gees is tot Hom getrek. Diegene wat die eie-ek aanbid het, het behoort aan die koninkryk van die Satan. In hulle houding teenoor Christus sal almal wys aan wie se kant hulle staan. Op hierdie wyse spreek elkeen die oordeel oor homself uit.

In die dag van die eindoordeel, sal elke verlore siel die aard van sy eie verwerping van die waarheid verstaan. Die kruis sal voorgestel en die ware houding daarteenoor sal gesien word in elke hart wat deur die sonde verblind is. Voor die gesig van Golgota met sy misterieuse Slagoffer, sal sondaars veroordeel staan. Elke leuenagtige ekskuus sal weggeveeg word. Die afvalligheid van die mens sal gesien word in sy ware sondige karakter. Die mense sal sien wat hulle keuse was. Elke vraag oor waarheid en dwaalleer in die lankuitgerekte stryd sal verduidelik word. In die oordeel van die heelal sal God staan,vry
gespreek van alle blaam vir die ontstaan en voortduring van die sonde [50]
Daar sal gedemonstreer word dat die goddelike dekrete nie die sonde in die hand gewerk het nie. Daar was geen fout in Gods regering geen rede vir ontevredenheid nie. Wanneer die gedagtes van alle harte geopenbaar sal wees, sal getroues sowel as die opstandelinge verklaar: "Regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik
nie? . . . omdat U regverdige dade openbaar geword het." Openb. [51]

## Ons het Sy Ster Gesien

"EN toe Jesus op Betlehem in Judea gebore is, in die dae van koning Herodes, het daar wyse manne uit die Ooste in Jerusalem aan- gekom en gesê: Waar is die Koning van die Jode wat gebore is? Want ons het Sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys."

Die wyse manne uit die Ooste was filosowe. Hulle het behoort aan 'n groot en invloedryke klas wat manne van die adel ingesluit het en wat die grootste gedeelte van die rykdom en geleerdheid van hulle volk besit het. Onder hulle was daar baie wat die liggelowigheid van die volk uitgebuit het. Sommige was opreg wat die openbarings van die Voorsienigheid in die natuur bestudeer het, en wat geëer was vir hulle opregtheid en wysheid. Die wyse manne wat Jesus kom soek het, was van hierdie klas.

Die lig van God skyn maar altyd in die duisternis van die heidendom. Waar hierdie magiërs die sterrehemel bestudeer en gesoek het om die verborgenheid van hulle verligte bane te peil, het hulle die heerlikheid van die Skepper aanskou. Soekende na meer kennis, het hulle hulle gewend tot die Hebreeuse Skrifte. In hulle eie land is daar profetiese geskrifte gehuldig wat die koms van die goddelike leraar voorspel het. Bileam was 'n magiër, alhoewel hy eentyd 'n
[52] profeet van God was; deur die Heilige Gees het hy die voorspoed van Israel en die koms van die Messias voorspel; en sy profesieë is deur die tradisie van eeu tot eeu oorgedra. Maar in die Ou Testament is die koms van die Heiland duideliker voorspel. Die magiërs het met blydskap verneem dat Sy koms naby was, en dat die hele wêreld vervul sou word met 'n kennis van die heerlikheid van God.

Die wyse manne het 'n misterieuse lig aan die hemeltrans gesien daardie nag toe die heerlikheid van God die berge van Betlehem verlig het. Toe die lig verdof het, het daar 'n blink ster verskyn en in die lug gebly. Dit was nie 'n gevestigde ster of 'n planeet nie, en die verskynsel het groot belangstelling opgewek. Daardie ster was 'n aantal blink engele, maar die wyse manne het dit nie geweet

nie. Hulle was nogtans onder die indruk dat die ster van spesiale betekenis vir hulle was. Hulle het priesters en filosowe geraadpleeg, en die boek- rolle van die ou oorkondes deursoek. Die profesie van Bileam het gelui: "'n Ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op." Num. 24: 17. Sou hierdie vreemde ster die voorloper kan wees van die Beloofde Een? Die magiërs het die lig van die hemelse waarheid verwelkom; nou het dit op hulle met helder strale geskyn. In drome is hulle beveel om die nuwe Prins wat gebore is, te gaan opsoek.

Net soos Abraham deur die geloof uitgegaan het op die roepstem van God "sonder om te weet waar hy sal kom" (Heb. 11:8); net soos Israel die wolkkolom gevolg het na die beloofde land, so het hierdie manne uitgegaan om die beloofde Verlosser te gaan soek. Daardie land van die Ooste was ryk aan kostelikhede, en die magiërs het nie met leë hande gegaan nie. Dit was die gebruik om presente te gee aan prinse en persone van hoë rang as 'n huldeblyk, en van die rykste gifte in die land het hulle saamgeneem as offergawe aan Hom in wie al die geslagte van die aarde geseën sou word. Dit was nodig vir hulle om in die nag te reis sodat hulle die ster kon sien; hulle het die tyd verdryf deur vir mekaar die oorlewerings en profetiese gesegdes te herhaal aangaande die Een na wie hulle gaan soek het. Waar hulle stilgehou het om te rus, het hulle die profesieë nagegaan, en die oortuiging het by hulle al sterker geword dat hulle op goddelike wyse gelei word. Terwyl hulle die ster voor hulle gehad het as 'n uiterlike teken, het hulle ook die innerlike getuienis van die Heilige Gees gehad, wat 'n indruk op hulle harte gemaak en hulle met hoop [53]
besiel het. Die reis, hoewel lank, was 'n genot vir hulle.

Hulle het die land van Israel bereik, en toe hulle die Olyfberg afgaan, met Jerusalem daar voor hulle, het die ster wat hulle op die hele pad gelei het, bokant die tempel stilgestaan, en na 'n tydjie het hulle dit nie meer gesien nie. Met gretige voetstappe is hulle voorwaarts, verwagtende dat almal met blydskap sou praat van die Messias se geboorte. Maar hulle doen tevergeefs navraag. In die heilige stad gekom, is hulle na die tempel. Tot hulle verbasing ontdek hulle dat niemand enige kennis dra van die pasgebore Koning nie. Hulle vrae ontlok geen uitings van blydskap nie, maar eerder verbasing en vrees, gepaard met veragting.

Die priesters was besig met die herhaling van die tradisies. Hulle het hulle eie godsdiens en vroomheid aangeprys, terwyl hulle die Grieke en Romeine uitgeskel het as heidene, en sondaars bo alle ander. Die wyse manne was nie afgodedienaars nie, en in die oë van God staan hulle ver bokant hierdie manne wat voorgee om Sy dienaars te wees; maar die Jode beskou hulle as heidene. Selfs onder die aangestelde bewaarders van die Heilige Godsprake vind hulle navrae geen aanklank nie.

Die gerugte van die aankoms van die magiërs het gou deur Jerusalem versprei. Hulle vreemde sending het opgewondenheid
[54] onder die volk verwek, en het ook die paleis van Koning Herodes bereik. Hierdie sluwe Edomiet het dadelik geskrik by die gedagte aan 'n moontlike mededinger. Talryke moorde het sy pad na die troon bevlek. Omdat hy van vreemde bloed was, is hy gehaat deur die volk oor wie hy geregeer het. Sy enigste veiligheid was geleë in die guns van Rome. Maar hierdie nuwe Vors het 'n hoër aanspraak gehad. Hy is erfgenaam van die koninkryk gebore.

Herodes het die priesters verdink dat hulle saam met die vreemde besoekers 'n opstand gesmee het om hom te onttroon. Hy het sy agterdog verberg, maar was vasbeslote om hulle planne in die war te stuur deur sy sluheid. Hy het die owerpriesters en skrifgeleerdes ontbied en hulle ondervra aangaande die leer van hulle heilige boeke met betrekking tot die plek van die Messias se geboorte.

Hierdie navraag van die indringer, en gedoen op versoek van die vreemde besoekers, het die hoogmoed van die Joodse leraars gekwes. Die onverskilligheid waarmee hulle die profetiese rolle nageslaan het, het die jaloerse tiran gebelg. Hy het gedink dat hulle probeer het om hulle kennis van die saak te verberg. Met gesag wat hulle nie durf veronagsaam nie, het hy hulle beveel om deeglike ondersoek in te stel na die geboorteplek van hulle verwagte Koning. "En hulle het vir hom gesê: Op Betlehem in Judea, want so is daar deur die profeet geskrywe:

En jy, Betlehem, land van Judea,
Is volstrek nie die geringste onder die vorste van Judea nie,
Want uit jou sal 'n Leidsman voortkom
Wat vir my volk Israel 'n herder sal wees."

Herodes het toe die magiërs uitgenooi tot ’n private onderhoud. Daar het n storm van woede en vrees gewoed in sy hart, maar hy het n kalm uiterlike bewaar, en die vreemdelinge hoflik ontvang. Hy het by hulle verneem watter tyd die ster verskyn het, en gemaak of hy met blydskap die nuus ontvang het van die geboorte van Christus. Hy het aan sy besoekers opdrag gegee: “Gaan doen noukeurige ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook kan gaan en Hom hulde bewys.” So gesê, het hy hulle laat gaan op weg na Betlehem. [55]

Die priesters en ouderlinge van Jerusalem was nie so onkundig omtrent die geboorte van Christus as wat hulle voorgegee het nie. Die rapport van die engele se besoek aan die skaapwagters is na Jerusalem gebring, maar die rabbi’s het dit met veragting bejeën. Hulle self kon Jesus gevind het, en hulle mag gereed gewees het om die magiërs na Sy geboorteplek te lei; maar pleks daarvan het die wyse manne gekom en hulle aandag gevestig op die geboorte van die Messias. “Waar is die Koning van die Jode wat gebore is?” het hulle gevra; “want ons het Sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.”

Nou het hoogmoed en jaloesie die deur gesluit vir die lig. As daar enige waarheid was in die rapporte van die skaapwagters en die wyse manne, sou dit die priesters en rabbi’s in ’n baie ongemaklike posisie plaas, want dit sou hulle aanspraak loënstraf dat hulle die verklaarders van Gods waarheid was. Hierdie geleerde leraars sou hulle nie laat leer deur diegene wat hulle as heidene beskou het nie. Dit kan nie wees, het hulle gesê, dat God hulle sou verbygaan en mededelings sou maak aan ongeleerde skaapwagters en onbesnede heidene nie. Hulle het toe besluit om die rapporte wat Koning Herodes en die hele Jerusalem ontstel het, met veragting te bejeën. Hulle wou nie eens na Betlehem gaan om te sien of hierdie dinge so was nie. Hulle het die volk beïnvloed om die belangstelling in Jesus as fanatieke opwinding te beskou. Hier het die verwerping van Christus deur die priesters en rabbi’s begin. Van hierdie punt af het hulle hoogmoed en halsstarrigheid aangegroei tot besliste haat vir die Heiland. Terwyl God besig was om die deur vir die heidene te open, was die Joodse leiers besig om die deur teen hulleself te sluit.

Die wyse manne is alleen van Jerusalem weg. Die skaduwees van die nag het toegesak toe hulle die poorte verlaat het, maar tot

hulle groot blydskap het hulle weer die ster gesien, en hulle is na Betlehem gelei. Daar is aan hulle niks meegedeel aangaande die nederige geboorte van Jesus soos aan die skaapwagters nie. Na hulle vermoeiende reis was hulle teleurgestel deur die onverskilligheid van die Joodse leiers, en hulle het Jerusalem verlaat met minder vertraue as wat hulle die stad binnegegaan het. By Betlehem het hulle geen koninklike wag gevind om die pasgebore Koning te beskerm nie. Geeneen van die wêreld se geëerde manne het hulle opwagting daar
[56] gemaak nie. Jesus het in die krip gelê. Sy ouers, ongeleerde armes, was Sy enigste be- skermers. Kon dit Hy' wees van wie daar geskryf is dat Hy "die stamme van Jakob sou oprig", en die "gespaardes in Israel" sou terug- bring; dat Hy 'n lig vir die nasies sou wees om die saligheid te bring "tot aan die einde van die aarde"? (Jes. 49: 6.)

"Hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gekry en neergeval en Hom hulde bewys." In die nederige voorkomste van Jesus het hulle die teenwoordigheid van die Godheid erken. Hulle het hulle harte aan Hom oorgegee as hulle Verlosser, en toe het hulle hulle gifte gegee— "goud en wierook en mirre." Watter sterk geloof was hulle s n! Dit kan van die wyse manne uit die Ooste gesê word soos later van die Romeinse kaptein gesê is, "Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie." Matt. 8: 10.

Die wyse manne het nie deur Herodes se plan met Jesus gesien nie. Toe hulle die doel van hulle reis bereik het, het hulle aanstaltes gemaak om na Jerusalem terug te keer, met die voorneme om hom te verwittig van hulle sukses. Maar in 'n droom het hulle 'n godde- like boodskap ontvang om nie verder met hom in verbinding te tree nie. Hulle het Jerusalem vermy en na hulle eie land vertrek met 'n ander pad.

Net so ook is Josef gewaarsku om na Egipteland te vlug met Maria en die kindjie. Die engele het aan Josef gesê, "Bly daar totdat ek jou sal sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak." Josef het sonder versuim gehoorsaam, en het in die nag vertrek vir groter veiligheid.

Deur die wyse manne het God die aandag van die Joodse volk gevestig op die geboorte van Sy Seun. Hulle navraag in Jerusalem, die algemene belangstelling wat daar opgewek is, en selfs die jaloesie van Herodes wat die aandag van die priesters en rabbi's

afgedwing het, het mense die profesieë aangaande die Messias laat ondersoek en die aandag toegespits op die groot gebeurtenis wat juis toe plaasgevind het.

Die Satan was daarop uit om die goddelike lig van die wêreld weg te hou, en hy het die grootste lis aan die dag gelê om die Heiland dood te maak. Maar Hy wat nooit slaap of sluimer nie, het géwaak oor Sy geliefde Seun. Hy wat die manna uit die hemel aan Israel gegee het, en Elia gevoed het in die tyd van hongersnood, het in 'n [57]
heidense land 'n toevlugsoord berei vir Maria en die Kind Jesus. Deur die gifte van die magiërs uit 'n heidense land het die Here die middele voorsien vir die reis na Egipte en die verblyf in die land van vreemdelinge.

Die magiërs was onder die eerstes om die Verlosser te verwelkom. Hulle gifte was die eerste wat aan Sy voete gelê is. En watter voorreg van diens het hulle geniet deur daardie gifte! God vereer graag die offer van die hart wat liefhet, en dit word gebruik vir die beste diens vir Hom. As ons ons harte aan Jesus gegee het, sal ons ook ons gifte bring. Ons goud en silwer, ons kosbaarste aardse besittings, of beste verstandelike en geestelike vermoëns sal vryelik gegee word aan Hom wat ons liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het.

Ongeduldig het Herodes in Jerusalem gewag op die terugkoms van die wyse manne. Met verloop van tyd toe hulle nie verskyn het nie, is sy agterdog opgewek. Die onwilligheid van die rabbi's om die geboorteplek van die Messias aan te wys, het skynbaar aangedui dat hulle deur sy planne gesien het en dat die magiërs hom opsetlik [58]
vermy het. Die gedagte het hom waansinnig gemaak. Lis het misluk, maar hy kon nog sy toevlug neem tot geweld. Hy sou 'n voorbeeld maak van hierdie Kind-Koning. Hy sou daardie hoogmoedige Jode laat sien wat hulle kan verwag as hulle sou probeer om 'n koning op die troon te plaas.

Soldate is onmiddellik na Betlehem gestuur met opdrag om alle kinders van twee jaar en daaronder dood te maak. Die stil wonings van die stad van Dawid het daardie skriktonele gesien wat seshonderd jaar tevore deur die profeet beskryf is: "'n Stem is in Rama gehoor: rouklag en geween en groot gekerm; Ragel beween haar kinders en wil nie vertroos word nie, omdat hulle daar nie meer is nie."

Die Jode was self verantwoordelik vir hierdie ramp. As hulle getrou en nederig voor God gewandel het, sou Hy die woede van die koning van hulle afgewend het. Maar deur hulle sondes het hulle hulleself afgeskei van God, en hulle het Sy Heilige Gees verwerp wat hulle enigste skild was. Hulle het die Skrifte nie ondersoek met 'n begeerte om die wil van God te doen nie. Hulle het die profesieë uitgesoek wat hulle, volgens hulle eie uitleg, as volk verhef het om te wys hoedat God alle ander volke verag het. Hulle het daarmee gespog dat die Messias sou kom as koning, Sy vyande sou oorwin, en die heidene in Sy woede sou vertree. Op hierdie wyse het hulle die mis- noeë van hulle regeerders verwek. Deur hulle verkeerde
[59] vertolking. van Christus se sending het die Satan probeer om die Heiland om die lewe te bring; maar alles het op hulle eie hoof neergekom.

Hierdie wrede daad van Herodes was een van die laaste wat sy skrikbewind beklad het. Kort ná die slagting van die kindertjies, is hy self opgeëis deur daardie onverbiddelike vyand wat niemand kan afslaan nie — hy het 'n vreeslike dood gesterf.

Josef, wat nog in Egipteland was, is deur die engel van God beveel om terug te keer na die land van Israel. Omdat Josef Jesus beskou het as die troonopvolger van Dawid, was hy van plan om in Betlehem te gaan woon, maar toe hy hoor dat Archelaus in Judea in sy vader se plek geregeer het, was hy bevrees dat hy sy vader se planne teen Christus mag uitvoer. Van al Herodes se seuns was Archelaus die meeste soos sy vader. Sedert sy bestyging van die troon was daar alreeds 'n opstand in Jerusalem, en duisende Jode is deur die Romeinse soldate gedood.

Weer is Josef na 'n plek van veiligheid gelei. Hy het na Nasaret teruggekeer, sy vorige woonplek, en daar het hy vir byna dertig jaar gewoon "sodat vervul sou word wat gespreek is deur die profete dat Hy Nasarener sal genoem word." Galilea het onder een van die seuns van Herodes gestaan, maar dit het meer uitlandse bewoners gehad as Judea. Om hierdie rede was daar nie so 'n groot belangstelling in Joodse sake nie, en die aansprake van Jesus sou daar nie so maklik die jaloesie van die gesagvoerders opwek nie.

Dit was die ontvangs wat die Verlosser gekry het toe Hy na die aarde gekom het. Skynbaar was daar geen veiligheidsoord of rusplek vir die Kind-Verlosser nie. God kon die mense nie met Sy Seun

vertrou selfs toe Hy besig was met die werk van hulle verlossing nie. Hy het aan engele opdrag gee om Jesus te bewaak totdat Sy aardse sending afgehandel sou wees en Hy gedood sou word deur diegene vir wie se redding Hy gekom het.countpara-partofprevious [60]

# As 'n Kind

Die kinder- en jongelingsjare van Jesus is deurgebring in 'n klein dorpie in die berge. Daar was geen plek op aarde wat nie geëerd sou gewees het deur Sy teenwoordigheid nie. Dit sou 'n voorreg gewees het vir koningspaleise om Hom as gas te hê. Maar Hy het die huise van die rykes verbygegaan, die howe van koninklikes, die sentra van geleerdheid, om Sy tuiste te maak in die onbekende en veragte Nasaret.

Wonderbaar treffend is die kort beskrywing van Sy jeug: "Die Kindjie het gegroei en sterk geword in die gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom." In die sonlig van Sy Vader se aanskyn het Jesus "toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense." Lukas 2: 40, 52. Verstandelik was Hy baie skerpsinnig, met 'n bedagsaamheid en wysheid ver bokant Sy ouderdom, dog Sy karakter was edel en eweredig. Verstandelik en liggaamlik het Hy geleidelik ontwikkel, ooreenkomstig die wette van die jeug.

As kind het Jesus 'n baie lieflike geaardheid geopenbaar. Sy gewillige hande was altyd klaar om ander te dien. Hy het 'n geduldig
[61] heid geopenbaar wat niks kon verstoor nie, en 'n onwrikbare waarheidliewendheid. Hy was, wat beginsel betref, rotsvas, en Sy lewe was gekenmerk deur onselfsugtige hoflikheid.

Met groot belangstelling het die moeder van Jesus Sy ontwikkeling gadegeslaan, en die stempel van volmaaktheid in Sy karakter gesien. Met genoeë het sy getrag om daardie ontvanklike hart aan te moedig. Deur die Heilige Gees het sy wysheid ontvang om saam te werk met hemelse werktuie vir die opwassing van hierdie kind wat God alleen as Vader gehad het.

Van die vroegste tye af het die getroues in Israel baie sorg bestee aan die opvoeding van die jeug. Die Here het beveel dat die kinders van hulle vroegste jeug af geleer moes word van Sy goedheid en grootheid, veral soos geopenbaar in Sy wet, en getoon in die geskiedenis van Israel. Sang, en gebede, en lesse uit die Skrifte moes

aan- gepas word by die ontwikkelende verstand. Vaders en moeders moes hulle kinders leer dat die wet van God 'n openbaring van Sy karakter is, en dat namate hulle die beginsels van die wet in hulle harte ontvang, die beeid van God op hart en siel afgedruk sou word. Baie van die onderrig was mondelings, maar die jeug het ook geleer om die Hebreeuse geskrifte te lees; hulle het toegang gehad tot die perkamentrolle van die Ou Testament.

In die tyd van Christus is die dorp of stad wat nie voorsiening gemaak het vir die godsdiensonderrig van die jeug nie, beskou as onder die vloek van God. Maar die onderrig het in blote vorm ontaard. Oor- lewerings het in 'n groot mate die Skrifte vervang. Ware opvoeding sou die jeug lei "sodat hulle die Here mag soek, of hulle Hom miskien kan aanraak en vind." Hand. 17: 27. Maar die Joodse leiers het hulle aandag bestee aan die seremonies. Die verstand is oorlaai met materiaal wat waardeloos vir die student was, en wat nie erken sou word in die hoër skool van die hemelse howe nie. Die ondervinding wat kom ten gevolge van 'n persoonlike aanname van Gods Woord het geen piek gehad in hulle opvoedingstelsel nie. In beslag geneem deur die roetine van uiterlikhede, was daar geen stille uur vir gemeenskap met God nie. Hulle het nie Sy Woord hoor spreek tot die hart nie. In hulle soektog na kennis het hulle afgedwaal van die Bron van kennis. Die nodige dinge in die diens van God is verwaarloos. Die beginsels van die wet is verduister. Wat hulle beskou het as goeie opvoeding was 'n struikelblok in die weg van [62]
ware ontwikkeling. Onder die leiding van die rabbi's is die kragte van die jeug onderdruk. Hulle verstand het eng en bekrompe geword.

Die kind Jesus het nie onderrig ontvang in die skool van die sinagoge nie. Sy moeder was Sy eerste onderwyser. Sy het Hom die hemelse dinge uit die geskrifte van die profete geleer. Die juiste woorde wat Hy seif aan Moses gegee het vir Israel, is Hy nou aan moedersknie geleer. Toe Hy Sy jongelingsjare bereik het, het Hy nie na die rabbynse skole gegaan nie. Hy het nie die onderrig uit daardie bronne nodig gehad nie, want God was Sy leermeester.

Die vraag gedurende die Heiland se bediening, "Hoe kom Hy aan die geleerdheid terwyl Hy geen onderwys ontvang het nie?" (Joh. 7: 15) wil nie sê dat Hy nie kon lees nie, maar net dat Hy geen rabbynse onderrig ontvang het nie. Aangesien Hy kennis opgedoen het net soos ons dit kan doen, toon Sy grondige kennis van die Skrifte hoe

ywerig Sy jongelingsjare bestee is aan die studie van Gods Woord. En voor Hom was die groot biblioteek van Gods skepping. Hy wat alle dinge geskape het, het die lesse studeer wat Sy eie hand geskryf het in die aarde, die see, en die lug. Afgesonder van die onheilige weë van die wêreld het Hy groot wetenskaplike kennis geput uit die natuur. Hy het die lewe van plante en diere bestudeer, en ook die menselewe. Van Sy vroegste jeug af was Hy met een doel besiel — Hy het gelewe om ander te seën. Vir hierdie doel het Hy geput uit die natuurbronne; nuwe idees het Hom te binne geskiet waar Hy die lewe van plante en diere ondersoek het. Gedurig het Hy die lewende woord van God toegelig met illustrasies van dinge wat Hy gesien het. Die gelykenisse wat Hy gedurende Sy bediening gebruik het in Sy lesse van die waarheid, wys hoe ontvanklik Sy gees was vir die invloede van die natuur, en hoe Hy geestelike lesse gekry het van die dinge waarvan Hy elke dag omring was.

So was die betekenis van die woord en werke van God verduidelik namate Hy getrag het om die redes vir dinge te verstaan. Hemelse wesens het Hom bygestaan en Hy kon heilige gedagtes koester en heilige gemeenskap hê. Vandat Sy intelligensie die eerste maal ontwaak het, het Hy gedurig toegeneem in genade en die kennis van die waarheid.

Elke kind kan kennis verkry soos Jesus. Waar ons trag om ons
[63] hemelse Vader te leer ken deur Sy Woord, sal engele naby kom, ons. verstand sal versterk, en ons karakters sal verhef en verfyn word. Ons sal meer soos ons Heiland word. En waar ons die mooi en skoon dinge in die natuur aanskou, sal ons liefde uitgaan tot God. Terwyl die gees met ontsag vervul is, sal die siel verkwik word deur sy aanraking met die Almagtige deur Sy werke. Gemeenskap met God deur gebed ontwikkel die verstandelike en sedelike vermoëns, en waar ons oor geestelike dinge dink, sal ons geestelike kragte versterk word.

Die lewe van Jesus was ’n lewe in harmonie met God. Terwyl Hy ’n kind was, het Hy gedink en gepraat soos ’n kind; maar geen spore van die sonde het die beeid van God in Hom geskend nie. Hy was nogtans nie vry van versoeking nie. Die bewoners van Nasaret was bekend vir hulle goddeloosheid. Wat van hulle gedink is, kom uit in Natanael se vraag, “Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?” Joh. 1: 47. Jesus is geplaas waar Sy karakter getoets kon word. Dit

was nodig vir Hom om gedurig te waak om Sy reinheid te bewaar. Hy moes die- selfde stryd stry wat ons moet stry, sodat Hy vir ons as kind, jongeling, en man 'n voorbeeld kon wees. [64]

Die Satan was onvermoeid in sy pogings om die Kind van Nasaret te oorwin. Van Sy vroegste jare af is Jesus deur engele beskerm, maar Sy lewe was een lang stryd teen die magte van die duisternis. Dat daar op die aarde een lewe sou wees wat nie deur die sonde besoedel was nie, was 'n aanstoot vir die vors van die duisternis. Hy het alles probeer om Jesus in 'n strik te lei. Geen mensekind sal ooit geroep word om 'n heilige lewe te lei te midde van so 'n feile stryd met die versoeking soos ons Heiland nie.

Die ouers van Jesus was arm en afhanklik van hulle daelikse werk. Hy het armoede, selfverloëning, en ontbering geken. Hierdie ondervinding was 'n beskerming vir Hom. Omdat Hy moes werk, was daar geen ledigheid om versoeking uit te lok nie. Geen ledige ure het die weg geopen vir verderflike invloede nie. Sover moontlik het Hy die deur gesluit vir die versoeker. Nóg voordeel nóg plesier, en geen applous of bestraffing kon Hom beweeg tot een verkeerde daad nie. Hy was wys om die sonde raak te sien, en sterk om dit te weerstaan.

Christus was die enigste sondelose persoon wat ooit hierdie aarde betree het, ten spyte van die feit dat Hy vir byna dertig jaar tussen die bose bewoners van Nasaret gewoon het. Hierdie feit is 'n bestraffing vir diegene wat dink dat hulle 'n sekere woonplek, geld, of voorspoed moet hê om 'n onberispelike lewe te lei. Versoeking, armoede en beproewing is juis die dissipline wat nodig is om reinheid en standvastigheid te ontwikkel.

Jesus het in die huis van 'n arm man gewoon, en Hy het opgeruimd en getrou Sy deel bygedra om die laste van die gesin te dra. Hy was die gesagvoerder in die hemel, en engele het graag Sy bevele uitgevoer; nou was Hy 'n dienswillige dienskneg, 'n liefdevolle, gehoorsame seun. Hy het 'n ambag geleer, en met Sy eie hande het Hy in die timmermanswinkel van Josef gewerk. In die eenvoudige drag van 'n gewone dagloner het Hy die strate van die klein dorpie bewandel na Sy nederige werk, en terug. Hy het nie Sy goddelike krag gebruik om Sy laste en Sy werk te verlig nie.

Waar Jesus in Sy kinder- en jongelingsjare gewerk het, het Sy liggaam en verstand ontwikkel. Hy het nie Sy liggaamskragte on-

verskillig gebruik nie, maar op so 'n manier om gesondheid te bevorder, sodat Hy op elke gebied die beste werk kon lewer. Hy
[65] was nie. gewillig om onhandig te wees, selfs in die hantering van Sy gereedskap nie. As werksman was Hy volmaak, en in karakter was Hy volmaak. Deur Sy eie voorbeeld het Hy geleer dat dit ons plig is om werk- saam te wees, dat ons werk reg en deeglik gedoen moet word, en dat dit 'n eer is om te werk. Die oefeninge wat die hande leer om bruikbaar te wees, en wat jongmense leer om hulle deel van die lewenslaste te dra, gee fisiese krag en ontwikkel al ons vermoëns. Almal behoort iets te vind om te doen wat hulle tot voordeel sal strek en ander sal help. God het werk beskik as 'n seën, en alleen die ywerige werker sal die wäre heerlikheid en vreugde van die lewe vind. Kinders en jongmense wat blymoedig hulle deel van die huiswerk doen, en vader en moeder help, dra Gods goedkeuring weg. Sulke kinders sal later die ouerhuis verlaat as bruikbare lede van die samelewing.

Deur Sy hele aardse lewe was Jesus 'n ernstige en getroue werker. Hy het veel verwag daarom het Hy veel gewaag. Ná Hy Sy bediening begin het, het Hy gesê, "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie." Joh. 9: 4. Jesus het nie probeer om verantwoordelikheid te vermy soos baie van Sy sogenaamde volgelinge vandag doen nie. Dit is omdat hulle hierdie dissipline wil ontduik dat so baie swak en onbekwaam is. Hulle mag baie goeie eienskappe hê, maar hulle het geen ruggraat nie en is omtrent hopeloos wanneer daar moeilikhede en struikelblokke is om te oorwin. Daardie beslistheid en energie, daardie vastheid van karakter, wat ons in Christus sien, moet ook in ons ontwikkel word deur dieselfde dissipline wat Hy verduur het. En die genade wat Hy ontvang het, is ook vir ons.

Solank as Hy onder die mense gelewe het, het ons Heiland in die lot van die armes gedeel. Hy het uit ondervinding die sorge en ontberings geken, en Hy kon alle nederige werkers vertroos en be-moedig. Diegene wat 'n ware begrip het van die leer van Sy lewe, sal nooit voel dat daar 'n onderskeid tussen die klasse moet wees, en dat die rykes bokant die waardige armes vereer moet word nie.

Jesus het gewerk met opgeruimdheid en takt. Dit vereis baie geduld en geestelikheid om Bybelse godsdiens in te bring in die huis en in die werkspiek, sodat ons die druk van wêreldse besigheid

kan verduur en nog enkel vir die heerlikheid van God kan lewe. Dit is waar Christus 'n helper is. Hy was nooit so in beslag geneem deur. die sorge van die lewe dat daar geen tyd vir hemelse dinge [66] was nie. Dikwels het Hy uiting gegee aan Sy vreugde deur psalms en hemelse liedere te sing. Baiemaal het die bewoners van Nasaret Sy stem gehoor in lof en danksegging aan God. Hy het in sang gemeenskap met die hemel gehad, en waar Sy metgeselle gekla het dat hulle moeg was van die werk, is hulle opgebeur deur Sy sang. Wanneer Hy God geloof het, het dit die bose engele verjaag, en, soos wierook die plek met 'n soete geur vervul. Dit het die gedagtes van diegene wat Hom gehoor het, weggeneem van hulle aardse ballingskap en gevestig op die hemelse wonings.

Jesus was die fontein van genesende genade vir die wêreld, en deur al die jare van afsondering in Nasaret, het Sy lewe uitgevloei in strome van teerheid en medelyde. Die oues van dae, die treurendes, die wat met sonde belas was, die kinders waar hulle onskuldig gespeel het, die klein diertjies van die bosse, en die geduldige lasdiere — almal was gelukkiger ten gevolge van Sy teenwoordigheid. Hy wie se magwoord die wêrelde in stand hou, sou neerbuk om 'n beseerde voëltjie te help. Daar was niks te gering vir Hom om op te merk nie, niks wat Hy benede Hom geag het nie.

Waar Hy so opgewas het in wysheid en in grootte, het Jesus toe- geneem in guns by God en die mense. Hy het die medelyde van alle harte getrek omdat Hy medelyde met almal gehad het. Die atmosfeer van hoop en moed wat Hom omring het, het Hom 'n seën in elke huis gemaak. Dikwels op die Sabbat is Hy gevra om in die sinagoge die les uit die profete te lees, en die harte van die hoorders is getref waar daar nuwe lig gestraal het uit die bekende woorde van die Heilige Skrif.

Maar Jesus het altyd vertoon vermy. Gedurende al die jare van Sy verblyf in Nasaret, het Hy geen vertoon gemaak van Sy wonderwerkende krag nie. Hy het geen hoë posisie gesoek of hoë titels aanvaar nie. Sy stil en eenvoudige lewe, en selfs die stilswye van die Skrifte oor Sy vroeë jare, leer 'n belangrike les. Hoe stiller en eenvoudiger die lewe van die kind — hoe vryer dit is van kunsmatige opwinding en hoe meer dit in harmonie is met die natuur — des te voordeliger sal dit wees vir sy fisiese, verstandelike, en geestelike krag.

Jesus is ons voorbeeld. Daar is vele wat groot belang stel in die tydperk van Sy openbare bediening, terwyl hulle geen ag slaan op
[67] die. lesse van Sy jeug nie. Maar dit is in Sy huislike lewe dat Hy die voorbeeld vir alle kinders en jongmense is. Die Heiland het armoede aangeneem, sodat Hy kon leer hoe naby ons in ons nederige lot by God kan wandel. Hy het gelewe om Sy Vader in die gewone dinge van die lewe te behaag, te eer, en te verheerlik. Sy werk het begin in die heiliging van die nederige werk van die ambagsmanne wat swoeg vir hulle daelikse brood. Toe Hy by die skaafbank gewerk het, was Hy net soseer in die diens van God as toe Hy wonderwerke vir die skares verrig het. En elke jongmens wat die voorbeeld van getrouheid en gehoorsaamheid volg wat Christus in Sy eenvoudige ouerhuis gestel het, mag die woorde op homself toepas wat die Vader van Hom gesê het deur die Heilige Gees: “Daar is My kneg wat Ek ondersteun, My Uitverkorene in wie My siel ’n welbehae het.” Jes.
[68] 42: 1.

## Die Paasfees-Besoek

ONDER die Jode is die twaalfde jaar beskou as die skeidingsjaar tussen die kinder- en jongelingsjare. As hy twaalf jaar oud is, is die Joodse seun genoem ’n seun van die wet, en ook ’n seun van God. Dan is aan hom spesiale geleentheid gegee vir godsdiens-onderrig, en daar is verwag dat hy moet deelneem aan die heilige feeste en gebruike. Dit was ooreenkomstig hierdie gebruik dat Jesus as jongeling die paasfees-besoek na Jerusalem afgelê het. Soos alle vrome Israeliete sou doen, het Josef en Maria elke jaar na Jerusalem gegaan vir die Paasfees; toe Jesus dus die ouderdom bereik het, het hulle Hom saamgeneem.

Daar was drie jaarlikse feeste, naamlik die Paasfees, Pinksterfees, en die Huttefees, wat al die mans, op bevel van die Here, te Jerusalem moes bywoon. Van al hierdie feeste was die Paasfees die beste by-gewoon. Baie het gekom uit alle lande waar die Jode verstrooi was, en uit alle dele van Palestina het die aanbidders in groot getalle op- gekom. Die reis van Galilea het etlike dae in beslag geneem, en die reisigers het in groepe gegaan vir geselskap en beskerming. [69]
Die vroue en bejaarde manne het op osse of esels gery oor die steil en klipperige paaie. Die sterker mans en die jongmense het te voet geloop. Die Paasfees het aan die einde van Maart of begin van April geval, wanneer die veld vol blomme was en gejuig het van die sang van voëls. Orals langs die pad was daar plekke van geskied- kundige belang vir Israel, en die vaders en moeders het aan die kinders vertel van die wonders wat God gedoen het vir Sy volk in die verlede. Hulle het die reis ligter gemaak met sang en musiek, en dan, wanneer die torings van Jerusalem eindelik in sig gekom het, het almal die lied aangehef:

“Ons voete staan
    In jou poorte, o Jerusalem! . . .
Mag daar vrede wees in jou skanse,
    Rus in jou paleise!”

[70]

Die viering van die Paasfees het ontstaan by die geboorte van die Hebreeuse nasie. Op die laaste nag van hulle slawerny in Egipte, toe daar nog geen teken van hulle verlossing was nie, het God hulle beveel om klaar te maak vir onmiddellike verlossing. Hy het Farao gewaar- sku aangaande die laaste plaag oor Egipteland, en Hy het die Hebreërs beveel om met hulle kinders in hulle eie huise te bly. Nadat hulle die bloed van die geslagte lam aan die deurposte gestryk het, moes hulle daardie lam, oor die vuur gebraai, eet, saam met die ongesuurde brood en die bitter sous. "En so moet julle dit eet:" het Hy gesê, "Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pasga van die Here is dit". Exod. 12: 11. Te middernag is al die eersgeborenes van die Egiptenaars om die lewe gebring. Toe het die koning 'n boodskap aan Israel gestuur, "Maak julle klaar, trek weg onder my volk uit, . . . en gaan dien die Here soos julle gespreek het." Exod. 12: 31. Die Hebreërs het Egipteland verlaat, 'n onafhanklike volk. Die Here het beveel dat hulle die Paasfees elke jaar moes hou. "En as julle kinders julle vra," het Hy gesê, "wat beteken die diens daar?"

"dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het toe Hy die Egiptenaars getref het maar ons huise gered het." So moes die verhaal van die wonderbare verlossing van geslag tot geslag vertel word.

Die Paasfees is gevolg deur 'n sewedaagse fees van ongesuurde brood. Op die tweede dag van die fees is die eerstelinggerf van die jaar se oes —'n gerf gars — voor die Here opgehef. Al die seremonies van die fees was tipies van die werk van Christus. Die verlossing van Israel uit Egipte was 'n aanskoulike les van die verlossing deur Christus, en die Paasfees moes altyd daaraan herinner. Die geslagte lam, die ongesuurde brood, en die eerstelinggerf het die Verlosser voorgestel.

Vir die meeste mense in die tyd van Christus het die viering van hierdie fees ontaard in blote formalisme. Maar dit het betekenis gehad vir die Seun van God!

Vir die eerste maal het die kind Jesus die tempel gesien. Hy het die priesters in wit gekleed gesien, besig met hulle plegtige werk. Hy het die bebloede slagoffer op die brandofferaltaar gesien. Saam

met die ander aanbidders het Hy neergebuig terwyl die wolk van wie rook voor God opgestyg het. Hy het die indrukwekkende rituaal [71]
in verband met die pasga gevolg. Dag na dag het Hy die betekenis al duideliker gesien. Elke toneel daar, het Hy gevoel, het in noue verband gestaan met Sy eie lewe. Nuwe drange het in Hom wakker geword. Stil en belangstellend, was Hy besig met die ontrafeling van 'n groot probleem. Die Heiland het stadigaan bewus geword van die misterie van Sy sending.

Verdiep in die oorpeinsing van hierdie tonele, het Hy nie aan die sy van Sy ouers gebly nie; Hy het eensaamheid gesoek. Na afloop van die Paasfeesdienste, het Hy nog in die tempelhowe vertoef, en toe die feesgangers uit Jerusalem vertrek het, is Hy agtergelaat.

Met hierdie besoek aan Jerusalem was dit die begeerte van Sy ouers om Hom in aanraking te bring met die leraars in Israel. Hoewel Hy in alle opsigte gehoorsaam was aan die Woord van God, het Hy nie meegedoen aan die rabbynse rites en gebruike nie. Josef en Maria het gehoop dat Hy daartoe gebring sou word om die geleerde rabbi's te eerbiedig, en om ag te slaan op wat hulle vereis het. Maar Jesus is in die tempel deur God geleer. Wat Hy daar ontvang het, het Hy dadelik begin meedeel.

In daardie dae is 'n sekere vertrek van die tempel gebruik as heilige skool, min of meer soos die skool van die profete. Daar het vooraanstaande rabbi's met hulle leerlinge vergader, en daarheen ook het Jesus gegaan. Hy het aan die voete van hierdie ernstige, geleerde manne gaan sit en geluister na hulle onderrig. Soos een wat na kennis soek, het Hy hierdie leraars begin ondervra omtrent die profesieë, en die gebeurtenisse wat in daardie tyd gewys het op die koms van die Messias.

Jesus het daar gesit soos een wat gedors het na 'n kennis van God. Sy vrae het baie diep waarhede aangeraak wat lank verduister maar tog so absoluut nodig was vir die redding van siele. Terwyl dit bewys het hoe eng en oppervlakkig die wysheid van die wyses was, het elke vraag hulle voor 'n goddelike les gebring en die waarheid in n nuwe lig geplaas. Die rabbi's het gepraat van die wonderbare opheffing wat die koms van die Messias aan die Joodse nasie sou bring, maar Jesus het verwys na die profesie van Jesaja, en hulle die betekenis gevra van daardie skrifture wat gewys het op die lyde en dood van die Lam van God. [72]

Die doktore het Hom begin ondervra, en hulle was verbaas oor Sy antwoorde. Met die nederigheid van 'n kind het Hy die woorde van die Skrif aangehaal, en n diepte van betekenis daaraan gegee waarvan [73] die wyse manne nooit gedroom het nie. As hulle dit sou gevolg het, sou die waarhede waarop Hy hulle gewys het, 'n godsdienstige reformasie bewerkstellig het. Daar sou 'n diepgaande belangstelling in geestelike dinge opgewek gewees het, en baie sou bereid gewees het om Jesus aan te neem by die aanvang van Sy openbare bediening.

Die rabbi's het geweet dat Jesus nie in hulle skole onderrig is nie; en nogtans het Sy kennis van die profesieë hulle s'n ver oortref. Hierdie skrander Galilese seun het vir hulle veelbelowend gelyk. Hulle wou Hom graag inskryf as student, sodat Hy 'n leraar in Israel kon word. Hulle wou graag Sy opvoeding onderneem, want hulle het gevoel dat 'n verstand wat so oorspronklik was, deur hulle gevorm moes word.

Die woorde van Jesus het hulle harte aangeroer soos geen menslike woorde nog ooit gedoen het nie. God het gesoek om lig aan daardie leiers in Israel te gee, en Hy het die enigste middel gebruik waardeur dit gedoen kon word. In hulle hoogmoed sou hulle geaarsel het om te erken dat iemand anders hulle kon leer. As hulle gedink het dat Jesus hulle wou leer, sou hulle nie na Hom geluister het nie. Maar hulle het hulleself gevlei dat hulle Hom geleer het, of ten minste dat hulle Sy kennis van die Skrifte getoets het. Die kinderlike ingetoën- heid en minsaamheid van Jesus het hulle ontwapen van hulle vooroordeel. Onbewus is hulle verstand geopen vir die Woord van God, en die Heilige Gees het tot hulle harte gespreek.

Hulle kon nie help om te sien dat hulle verwagtings in verband met die Messias nie deur die profesieë gestaaf is nie, maar hulle wou nie die teorieë prysgee wat hulle eiewaan so gevlei het nie. Hulle wou nie toegee dat hulle die Skrifte wat hulle kastig geleer het, verkeerd verstaan het nie. Vraend het die een die ander aangekyk, en gesê: Waar kom hierdie jongeling ian die kennis, aangesien Hy nooit geleer het nie? Die lig het in die duisternis geskyn, en "die duisternis het dit nie oorweldig nie." Joh. 1: 5.

In die tussentyd het Josef en Maria in die grootste nood verkeer. By hulle vertrek uit Jerusalem het hulle Jesus uit die oog verloor, en hulle het nie geweet dat Hy agtergebly het nie. Die land was destyds dig bewoon, en die karavane van Galilea was baie groot.

Daar was groot verwarring toe hulle die stad verlaat het. Op weg terug het die genot om saam met vriende en bekendes te reis hulle so in beslag- geneem dat hulle nie vóór dit begin donker word, opgemerk het dat Jesus nie daar was nie. Toe hulle klaargemaak het [74] om vir die nag te rus, het hulle die helpende hand van hulle kind gemis. Omdat hulle gemeen het dat Hy by hulle reisgeselskap was, het hulle hulle nie bekommer nie. Jonk soos Hy was, het hulle Hom volkome vertrou, verwagtende dat Hy, wanneer dit nodig was, daar sou wees om hulle te help soos Hy altyd gedoen het. Maar nou het hulle onrustig geword. Hulle het die hele reisgeselskap deurgesoek, maar tevergeefs. Hulle het gesidder toe hulle gedink het aan die pogings van Herodes om Hom as suigeling dood te maak. Duistere voorgevoelens het hulle harte vervul. Hulle het hulleself bitterlik verwyt.

Teruggekom in Jerusalem, het hulle hulle soektog voortgesit. Die volgende dag, waar hulle onder die aanbidders in die tempel beweeg het, het 'n bekende stem hulle aandag getrek. Dit was onmiskenbaar; geen ander stem was soos Syne nie, so ernstig en tog so melodieus.

In die skool van die rabbi's het hulle Jesus gevind. Bly soos hulle was, kon hulle nie hulle angs en droefheid vergeet nie. Toe Hy weer by hulle was, het Sy moeder berispend gesê, "Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het jou met angs gesoek."

"Waarom het u My gesoek?" het Jesus geantwoord. "Het u nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Toe dit lyk of hulle Sy woorde nie verstaan het nie, het Hy na bo gewys. Op Sy gesig was 'n glans waaroor hulle verwonder was. Sy godheid het deur Sy mensheid geflits. Toe hulle Hom in die tempel gevind het, het hulle geluister na wat tussen Hom en die rabbi's aangegaan het, en hulle was verbaas oor Sy vrae en antwoorde. Sy woorde het 'n gedagtegang laat ontstaan wat hulle nooit sou vergeet nie.

En Sy vraag aan hulle het 'n les bevat. "Het u nie geweet," het Hy gevra, "dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Jesus was besig met die werk waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het, maar Josef en Maria het hulle s'n verwaarloos. God het groot eer aan hulle bewys deur Sy Seun aan hulle toe te vertrou. Heilige engele het die voetstappe van Josef gerig om die lewe van Jesus te bewaar, maar vir 'n hele dag het hulle Hom, wie hulle nie vir een oomblik moes vergeet nie, uit die oog verloor. En toe hulle kwelling op 'n

end was, het hulle hulleself nie bestraf nie, maar die skuld op Jesus
[75] gewerp.

Dit was natuurlik vir die ouers van Jesus om Hom te beskou as hulle eie kind. Hy was daeliks by hulle, in menige opsig was Sy lewe net soos die van ander kinders, en dit was moeilik vir hulle om te besef dat Hy die Seun van God was. Hulle het gevaar geloop om die seën van die teenwoordigheid van die Verlosser van die wêreld nie te waardeer nie. Die droefheid wat Sy afwesigheid veroorsaak het, en die sagte bestraffing wat Sy woorde ingehou het, was bedoel om hulle onder die indruk te bring van die heiligheid van die pand wat aan hulle toe- vertrou was.

In Sy antwoord aan Sy moeder het Jesus vir die eerste maal getoon dat Hy Sy verhouding tot God verstaan het. Vóór Sy geboorte het die engel aan Maria gesê, "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid." Lukas 1: 32, 33. Maria het hierdie woorde in haar hart oorpeins; maar hoewel sy geglo het dat haar kind die Messias van Israel sou wees, het sy nie Sy sending verstaan nie. Nou het sy nie Sy woorde verstaan nie, maar sy het geweet dat Hy Sy verwantskap aan Josef verwerp en Sy seunskap van God betuig het.

Jesus het nie Sy verwantskap aan Sy aardse ouers veronagsaam nie. Van Jerusalem is Hy saam met hulle huis toe, en het hulle gehelp met hulle swaar werk. Die verborgenheid van Sy sending het Hy in Sy eie hart bewaar, geduldig wagtende op die bepaalde tyd wanneer Hy Sy werk sou aanvaar. Vir agtien jaar nadat Hy besef het dat Hy die Seun van God was, het Hy die band erken wat Hom gebind het aan Sy ouerhuis in Nasaret, en Hy het Sy pligte as seun, broer, vriend, en burger nagekom.

Toe Jesus 'n besef gekry het van Sy sending daar in die tempel, het Hy kontak met die menigtes vermy. Sy begeerte was om stil uit Jerusalem te vertrek, in geselskap van diegene wat die geheim van Sy lewe geken het. Deur die dienste van die Paasfees wou God Sy volk aftrek van hulle aardse sorge, en hulle herinner aan hulle wonderbare verlossing uit Egipte. In hierdie werk wou Hy hulle die belofte van verlossing van die sonde laat sien. Net soos die bloed van die geslagte lam die huise van Israel bewaar het, so sou die bloed van Christus hulle siele red; maar hulle kon deur Christus gered word

alleen namate hulle Sy lewe hulle eie maak. Die simboliese diens het waarde gehad alleen in die mate dat dit die oë van die aanbidders [76] gevestig het op Christus as hulle persoonlike Saligmaker. God het bedoel dat hulle biddend die sending van Christus sou ondersoek en oorpeins. Maar wanneer die skares Jerusalem weer verlaat het, was hulle so volkome in beslag geneem deur die reis en sosiale omgang met hulle reisgenote, dat die diens wat hulle so pas by gewoon het heeltemal vergeet is. Die Heiland het Hom nie aangetrokke gevoel tot hulle reisgeselskap nie.

Waar Jesus alleen uit Jerusalem sou terugkeer met Josef en Maria, het Hy gehoop om hulle aandag te vestig op die profesieë met betrekking tot die lyde van die Verlosser. By Golgota het Hy getrag om Sy moeder se droefheid te versag. Hy het nou aan haar gedink. Maria sou Sy laaste foltering sien, en Jesus wou hê dat sy Sy sending moes verstaan sodat sy krag sou hê om uit te hou wanneer die swaard haar siel deurboor. Net soos Jesus van haar geskei was en sy Hom drie dae lank in droefheid gesoek het, so sou Hy weer, wanneer Hy vir die sondes van die wêreld geoffer word, drie dae vir haar verlore wees. En wanneer Hy uit die graf sou voortkom, sou haar droefheid weer in vreugde verander. Maar hoeveel beter sou sy die angs van Sy dood kon verduur het as sy maar die Skrifte verstaan het waarop Hy nou haar aandag wou vestig!

As Josef en Maria hulle vertroue op God sou gestel het deur gebed en oorpeinsing, sou hulle die heiligheid besef het van die pand wat aan hulle toevertrou was, en hulle sou Jesus nie uit die oog verloor het nie. Deur een dag se agtelosigheid het hulle die Heiland uit die oog verloor, en dit het hulle 'n soektog van drie dae gekos om Hom weer te vind. So ook met ons; deur ydele geklets, kwaadsprekery, of die ver- waarlosing van gebed, mag ons in een dag die teenwoordigheid van die Heiland verbeur, en dit mag 'n gesoek van baie dae in droefheid kos om Hom weer te vind, en die vrede wat ons verloor het.

In ons omgang met mekaar, moet ons daarteen waak dat ons Jesus nie vergeet, en voortgaan, nie wetende dat Hy nie by ons is nie. Wanneer ons soveel aandag skenk aan wêreldse dinge dat ons geen tyd het om te dink aan Hom op wie ons hoop vir die ewige lewe is nie, dan skei ons onsself af van Jesus en van die hemelse engele. Hierdie heilige wesens kan nie bly waar die Heiland se teenwoordigheid nie

begeer word en waar Sy afwesigheid nie opgemerk word nie. Dit is juis om hierdie rede dat daar so dikwels moedeloosheid heers onder
[77] die belydende navolgers van Christus.

Baie woon godsdiensoefeninge by, en hulle word verkwik en vertroos deur die Woord van God; maar deur nie te peins, te waak, en te bid nie, mis hulle die seën, en vind hulle dat hulle armer is as voor hulle dit ontvang het. Dikwels voel hulle dat God hulle hard behandel het. Hulle sien nie dat dit hulle eie skuld is nie. Deur hulleself af te skei van Jesus, het hulle die lig van Sy teenwoordigheid uitgesluit.

Dit sou baie goed wees vir ons om vir 'n uur elke dag te peins oor die lewe van Christus. Ons moet dit punt vir punt neem sodat ons verbeelding elke toneel kan inneem, veral die slottonele. Waar ons so peins oor Sy soendood vir ons, sal ons vertroue op Hom standvastiger, ons lewe verkwik, en ons meer deur Sy Gees vervul word. As ons eindelik gered wil wees, moet ons die les van boetvaardigheid en ootmoed aan die voet van die kruis leer.

Waar ons met mekaar omgaan, kan die een vir die ander 'n seën wees. As ons aan Christus behoort, sal ons soetste herinneringe van Hom wees. Ons sou graag van Hom praat, en waar ons met mekaar van Sy liefde praat, sal ons harte weekgemaak word deur goddelike invloede. Deur die sieraad van Sy karakter te aanskou, sal ons "van gedaante verander na dieselfde beeid, van heerlikheid tot
[78] heerlikheid." 2 Kor. 3: 18.

# Dae van Stryd

VAN sy prille jeug af was die Joodse kind omring van die voorskrifte van die rabbi's. Vir elke handeling is onbuigbare reëls voorgeskryf, selfs in die geringste besonderhede van die lewe. Deur die onderwysers van die sinagoge is die jeug onderrig in die menigvuldige regulasies wat hulle as ortodokse Israeliete moes onderhou. Maar Jesus het nie belanggestel in hierdie sake nie. Van kindsbeen af het Hy onafhanklik gehandel van die rabbynse wette. Hy het gedurig die geskrifte van die Ou Testament gestudeer; en die woorde, "So spreek die Here" was altyd op Sy lippe.

Namate die toestand van die volk voor Hom geopen is, het Hy ge-sien dat die voorskrifte van die samelewing en die voorskrifte van God gedurig gebots het. Mense het die Woord van God versaak en hulle eie teorieë verhef. Hulle het tradisionele rites nageleef wat geen waarde gehad het nie. Hulle diens het uit blote seremonies bestaan; die heilige waarhede wat daardeur geleer moes word, was vir die aanbidders bedek. Hy het gesien dat hulle in hulle diens sonder geloof, geen vrede gevind het nie. Hulle het nie daardie vryheid van gees geken wat sou kom deur God in waarheid te dien nie. Jesus het gekom om hulle die betekenis van die godsdiens te leer, en Hy kon die vermenging van menslike voorskrifte met die goddelike gebooie nie goedkeur nie. Hy het nie die voorskrifte en gebruike van die [79]
leraars aangeval nie, maar toe Hy bestraf is vir Sy eie eenvoudige gewoontes, het Hy die Woord van God aangehaal om Sy handelwyse te regverdig.

Sagmoedig en onderdanig het Jesus probeer om diegene te behaag met wie Hy in aanraking gekom het. Omdat Hy so sagmoedig en beskeie was, het die skrifgeleerdes en ouderlinge gemeen dat Hy baie maklik beïnvloed sou word deur hulle leer. Hulle het by Hom aan- gedring om die voorskrifte en tradisies wat deur oorlewering van die outydse rabbi's gekom het, aan te neem, maar Hy het aangedring op die gesag van die Heilige Skrifte daarvoor. Hy sou luister na elke woord wat uit die mond van God uitgaan, maar Hy sou nie

die ver- digsels van mense gehoorsaam nie. Dit het geskyn of Jesus die Skrifte van begin tot einde geken het, en Hy het hulle in hulle ware betekenis voorgestel. Die rabbi's het hulle geskaam om deur 'n kind geleer te word. Hulle het gesê dat dit hulle werk was om die Skrifte te ver- duidelik, en dat dit Sy plig was om hulle vertolking daarvan aan te neem. Hulle was verontwaardig dat Hy hulle woord
[80] sou bestry.

Hulle het geweet dat daar geen gesag was in die Skrifte vir hulle tradisies nie. Hulle het besef dat Jesus, wat geestelike insig betref, hulle ver voor was; maar hulle was nogtans kwaad omdat Hy nie hulle bevele gehoorsaam het nie. Omdat hulle Hom nie kon oortuig nie, het hulle Josef en Maria opgesoek, en hulle vertel van Sy weiering om te gehoorsaam. Hy is bestraf en berispe.

Op vroeë leeftyd reeds het Jesus self begin handel in die vorming van Sy karakter, en selfs nie Sy eerbied en liefde vir Sy ouers kon Hom laat afwyk van Sy gehoorsaamheid aan Gods Woord nie. "Daar is geskrywe" was Sy rede vir elke afwyking van die familiegewoontes. Maar die invloed van die rabbi's het Sy lewe bitter gemaak. Selfs in Sy jeug moes Hy die swaar les van stilswye en geduldige verdraag- saamheid leer.

Sy broers, soos die seuns van Josef genoem is, het kant gekies vir die rabbi's. Hulle het daarop aangedring dat die tradisies gehoorsaam moes word asof hulle vereistes van God was. Hulle het selfs die gebooie van mense hoër geag as die Woord van God, en hulle het hulle baie vererg oor die helder insig van Jesus waar Hy onderskeid gemaak het tussen die valse en die ware. Hulle het Sy nougesette gehoorsaamheid aan die wet van God veroordeel as koppigheid. Hulle was verbaas oor die wysheid en kennis wat Hy geopenbaar het in Sy antwoorde aan die rabbi's. Hulle het geweet dat Hy nie deur die wyse manne onderrig is nie, maar hulle kon nie help om te sien dat Hy hulle geleer het nie. Hulle het besef dat Sy opvoeding van 'n hoër tipe was as hulle eie, maar hulle het nie gesien dat Hy toegang gehad het tot die boom van die lewe nie, 'n bron van kennis waarvan hulle nie geweet het nie.

Christus was nie eksklusief nie, en juis daardeur het Hy die Fariseërs spesiaal aanstoot gegee deur in hierdie opsig af te wyk van hulle strenge reëls. Hy het gevind dat die godsdiens afgekamp was met hoë skeidsmure, as iets wat te heilig was vir die alledaagse lewe.

Hierdie skeidsmure het Hy afgebreek. In Sy kontak met mense het Hy nie ge- vra, watter belydenis hulle toegedaan is, of aan watter kerk hulle behoort nie Hy het hulp verleen aan almal wat hulp nodig gehad het. Pleks van Homself op te sluit in 'n kluisenaarskerker as bewys van Sy hemelse karakter, het Hy met erns gewerk vir die mensdom. Hy het die beginsel geleer dat die godsdiens van die Bybel nie bestaan uit die marteling van die liggaam nie. Hy het [81] geleer dat reine godsdiens nie bedoel was vir net bepaalde tye en spesiale geleenthede nie. Te alle tye en op alle plekke het Hy 'n liefdevolle belangstelling getoon in mense, en rondom Hom was die lig van 'n opgeruimde vroomheid. Dit alles was 'n bestraffing vir die Fariseërs. Dit het gewys dat godsdiens nie in selfsug bestaan het nie, en dat hulle sieklike ywer vir eiebelang glad nie ware godsaligheid was nie. Dit het hulle vyandig gemaak teenoor Jesus, en daarom wou hulle Hom dwing om te voldoen aan hulle insettinge.

Jesus het gewerk om verligting te gee in elke geval van lyding wat Hy teëgekom het. Hy het min geld gehad om te gee, maar Hy het dikwels self honger gely om ander te help wat behoeftiger was as Hy. Sy broers het gevoel dat Sy invloed hulle eie kragteloos gemaak het. Hy het takt geopenbaar wat nie een van hulle gehad het, of begeer het nie. Wanneer hulle arme, verlaagde mense hard aangespreek het, het Jesus daardie mense opgesoek en hulle bemoedig. Aan die be- hoeftiges het Hy 'n beker koue water gegee, en sonder om iets te sê Sy eie voedsel aan hulle gegee. Waar Hy hulle ellende versag het, het Hy die waarhede wat Hy geleer het, prakties toegepas, en so [82] is hulle in die geheue bevestig.

Hierdie handelwyse het Sy broers mishaag. Omdat hulle ouer as Jesus was, het hulle gevoel dat hulle Hom kon hiet en gebied. Hulle het Hom beskuldig dat Hy gedink het dat Hy hoër as hulle was, en hulle het Hom bestraf omdat Hy Homself bokant hulle leraars en die priesters en die owerstes van die volk gestel het. Dikwels het hulle Hom gedreig en probeer bangmaak; maar Hy het voortgegaan en die Skrifte as Sy gids geneem.

Jesus het Sy broers liefgehad en altyd vriendelik behandel; maar hulle was jaloers op Hom; hulle het Hom verag en glad nie in Hom geglo nie. Hulle kon nie Sy gedrag begryp nie. In Jesus is daar groot teenstrydighede geopenbaar. Hy was die Seun van God, en nogtans 'n hulpelose kind. As Skepper van die wêrelde was die aarde Sy eien-

dom, en tog het armoede Hom op elke stap van Sy lewe agtervolg. Hy het 'n waardigheid en persoonlikheid gehad waar hoogmoed en verwaandheid heeltemal uitgesluit was; Hy het nie gestrewe na wêreldse grootheid nie, en selfs in die nederigste posisie was Hy tevrede. Dit het Sy broers kwaadgemaak. Hulle kon Sy kalmte in beproewing en ontbering nie verklaar nie. Hulle het nie geweet dat Hy om ons ontwil arm geword het, sodat ons "deur Sy armoede ryk kan word" nie. 2 Kor. 8: 9. Hulle kon die verborgenheid van Sy sending net so min verstaan as die vriende van Job sy vernedering en ellende kon verstaan.

Jesus se broers het Hom nie verstaan nie omdat Hy anders as hulle was. Sy maatstaf was nie hulle maatstaf nie. Deur op mense te sien, het hulle afgewyk van God en hulle het nie Sy krag in hulle lewens gehad nie. Die godsdienstige vorms waaraan hulle voldoen het, kon hulle karakter nie verander nie. Hulle het tiendes gegee van "kruisement en anys en koljander," maar die "swaarste van die wet" nagelaat, naamlik "die reg en die barmhartigheid en die trou." (Matt. 23. 23.) Die voorbeeld van Jesus het hulle gedurig aanstoot gegee. Daar is net een ding in die wêreld wat Hy gehaat het, en dit was die sonde. Hy kon nie 'n verkeerde daad sien sonder pyn wat Hy nie kon verberg nie. Tussen die formaliste wie se skynheiligheid hulle lief de vir die sonde bedek het, en 'n karakter waarin die ywer vir God altyd die botoon gevier het, was die teenstelling onmiskenbaar. Omdat die lewe van Jesus die sonde veroordeel het, moes Hy teenstand verduur
[83] beide tuis en daar buite. Van Sy onselfsugtigheid en opregtheid is daar met veragting gepraat. Sy verdraagsaamheid en vriendelikheid is lafhartigheid genoem.

Van die bitterheid wat die mens moes verduur, was daar niks wat Christus nie self ook gesmaak het nie. Daar was sommige wat getrag het om Hom te smaad oor die omstandighede van Sy geboorte, en selfs in Sy kinderjare moes Hy hulle veragting sien en hulle gefluister hoor. As Hy daarop sou gereageer het deur 'n ongeduldige woord of uitdrukking, as Hy aan Sy broers sou toegegee het deur slegs een verkeerde daad, sou Hy nie daarin geslaag het om ons volmaakte voorbeeld te wees nie. F.n Hy sou nie geslaag het met die uitvoering van die plan vir ons verlossing nie. As Hy maar selfs sou toegegee het dat daar 'n verskoning vir die sonde is, sou die Satan getriomfeer, en die wêreld verlore gegaan het. Dit is om hierdie rede

dat die versoeker Sy lewe so swaar gemaak het, sodat hy Hom tot die sonde kon verlei.

Maar vir elke versoeking het Hy een antwoord gehad, “Daar is geskrywe.” Selde het Hy Sy broers bestraf, of Hy het ’n woord van God daarvoor gehad. Dikwels het hulle Hom van lafhartigheid be- skuldig omdat Hy nie wou. meedoen aan ’n verkeerde daad nie; maar Sy antwoord was altyd, Daar is geskrywe, “Die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand”. Job 28: 28.

Daar was sommige wat Sy geselskap opgesoek het en wat in Sy teenwoordigheid vrede in hulle gemoed gevoel het; maar baie het Hom vermy omdat Sy vlekkelose lewe hulle bestraf het. Sy jong maats het by Hom aangedring om te maak soos hulle. Hy was opgeruimd; hulle het van Sy teenwoordigheid gehou en Sy voorstelle aangeneem; maar Sy gewetensbesware kon hulle nie duld nie, en hulle het gemeen dat Hy eng en bekrompe was. Jesus het geantwoord, Daar staan geskrywe, “Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na U woord.” “Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie” Ps. 119: 9, 11.

Dikwels is aan Hom gevra, Waarom is jou gedrag so Sonderling, so anders as ons s’n? Daar staan geskrywe, het Hy gesê, “Wel- geluk- salig is die opregtes van weg wat in die wet van die Here wandel. Welgeluksalig is die wat Sy getuienisse bewaar, Hom van ganser harte soek; ook geen ongeregtigheid doen nie, maar in Sy weë wandel”. Ps. 119: 1-3. [84]

Toe aan Hom gevra is waarom Hy nie aan die pret van die jongmense van Nasaret meedoen nie, het Hy geantwoord, Daar staan geskrywe, “Ek is vrolik in die weg van U getuienisse soos oor allerhande rykdom. Ek wil U bevele oordink en op U paaie let. Ek sal my verlustig in U insettinge, U woord sal ek nie vergeet nie.” Ps. 119: 14-16.

Jesus het nie gestry vir Sy regte nie. Dikwels moes Hy baie swaar werk omdat Hy gewillig was en nooit gekla het nie. Maar nogtans het Hy nie gefaal of moedeloos geword nie. Hy het bokant die moeilikhede gelewe, soos in die lig van Gods aanskyn. Hy het nie weerwraak geneem wanneer Hy sleg behandel is nie, maar Hy het alle beledigings geduldig verdra.

Herhaaldelik is aan Hom gevra, Waarom gedoog jy sulke behandeling, selfs van jou broers? Daar staan geskrywe, het Hy gesê, "My seun, vergeet My onderwysing nie, en laat jou hart My gebooie bewaar; want dit sal lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder. Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart, dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense." Spr. 3: 1-4.

Van die tyd af dat Sy ouers Jesus in die tempel gevind het, was Sy handelwyse 'n misterie vir hulle. Hy het nooit gestry nie, maar nogtans was Sy voorbeeld 'n gedurige les. Hy was soos een wat afgesonder is. Sy gelukkigste ure was wanneer Hy alleen met die natuur en met God was. Wanneer Hy die kans gehad het, het Hy Sy werkspiek verlaat en die veld ingegaan om in die groen klowe te peins, om met God gemeenskap te hou op die berg, of onder die bome van die bos. In die vroeë more is Hy dikwels gevind in die een of ander afgesonderde plek waar Hy gepeins, die Skrifte ondersoek, of gebid het. Van hierdie stil tye het Hy teruggekeer na Sy huis om weer Sy werk te hervat en die voorbeeld van geduldige arbeid te stel.

Die lewe van Christus was gekenmerk deur respek en liefde vir Sy moeder. Maria het in haar hart geglo dat die heilige kind wat uit haar gebore is, die langverwagte Messias was, maar sy het nie gewaag om te getuig van haar geloof nie. Deur Sy hele lewe op aarde het sy gedeel in Sy lyde. Met droefheid was sy getuie van die beproewings van Sy kinder- en jongelingsjare. Deur Sy kant te kies vir die dinge wat reg was in Sy gedrag, het sy haarseif moeilikhede
[85] op die hals gehaal. Sy het die huislike lewe en haar moedersorg vir die kinders as 'n belangrike deel van karaktervorming beskou. Die seuns en dogters van Josef het dit geweet, en deur hulle te beroep op die angs van haar moederhart, het hulle probeer om die gedrag van Jesus te reël volgens hulle standaard.

Maria het Jesus dikwels berispe en Hom vermaan om te handel volgens die gebruike van die rabbi s. Maar sy kon Hom nie beweeg om Sy gewoontes te verander ten opsigte van die oorpeinsing van die werke van God, en die leniging van die nood van mense en selfs van stomme diere nie. Waanneer die priesters en leraars Maria se hulp ingeroep het om Jesus te bedwing, het sy in groot moeilikheid verkeer: maar daar het vrede in haar hart gekom wanneer Hy skrifgedeeltes aangehaal het om Sy gebruike te staaf.

Dikwels was sy wankelend tussen Jesus en Sy broers wat nie geglo het dat Hy van God gestuur is nie; maar die bewyse was oorvloedig dat Hy van 'n goddelike karakter was. Sy het gesien hoedat [86] Hy Hom- self opgeoffer het vir die voordeel van ander. Sy teenwoordigheid het 'n reiner atmosfeer in die huis gebring, en Sy lewe was soos suurdeeg wat in die elemente van die samelewing gewerk het. Onskuldig en onbesoedel het Hy gewandel onder die onbedagsames, die onbeskofdes, die onhoflikes; en onder die onregverdige tollenaars, die roekelose afgedwaaldes, die ongeregtige Samaritane, die heidense soldate, die eenvoudige werksmense, en die gemengde skare. Hier en daar het Hy woorde van medelyde gespreek waar Hy mense gesien het, afgemat en swaar belas. Hy het hulle laste help dra, en aan hulle die lesse meegedeel wat Hy uit die natuur geleer het van die liefde, die vrien- delikheid, en die goedheid van God.

Hy het almal geleer om hulleself te beskou as bedeel met ryke talente, wat, as hulle dit reg bestee, vir hulle ewige rykdom sou besorg. Alle ydelheid het Hy uit die lewe uitgeroei, en deur Sy eie voorbeeld het Hy geleer dat elke oomblik van tyd ewige resultate kan hê, dat dit as 'n skat moet vertroetel word en gebruik moes word vir heilige doeleindes. Hy het geen mens as waardeloos beskou nie, maar het getrag om die redmiddel op elke siel toe te pas. In watter geselskap Hy ook al was, het Hy lesse gegee wat gepas het by die tyd en die omstandighede. Selfs diegene wat hopeloos gelyk het, het Hy met hoop besiel, en hulle voor die moontlikheid gestel om onberispelik te word met 'n karakter wat van hulle die kinders van God sou maak. Dikwels het Hy in aanraking gekom met diegene wat onder die beheer van die Satan was, en wat geen mag gehad het om uit sy strikke los te kom nie. Vir so iemand, moedeloos, siek, in die sonde geval, het Jesus woorde van die teerste ontferming gehad—woorde op die regte tyd en wat verstaan kon word. Ander het Hy ontmoet wat handgemeen met die sielevyand geraak het. Hulle het Hy aangemoedig om te volhard, en Hy het hulle verseker dat hulle sou win; want engele van God was aan hulle kant en sou hulle die oorwinning gee. Diegene wat Hy so gehelp het, was oortuig dat Hy iemand was in wie hulle die volste vertroue kon stel. Hy sou nooit die geheime verklap wat hulle aan Hom vertrouelik vertel het nie.

Jesus het die liggaam sowel as die siel genees. Hy het belang gestel in elke fase van lyding wat onder Sy aandag gekom het, eh aan

elke lyer het Hy verligting gebring, want Sy vriendelike woorde was
[87] soos balsem. Niemand kon sê dat Hy 'n wonderwerk verrig het nie, maar krag, die genesende krag van liefde, het van Hom uitgegaan tot die siekes en ellendiges. So het Hy, sonder opdringerigheid, gewerk vir die mense van Sy kinderjare af. Dit was om hierdie rede dat so vele, ná Hy Sy openbare bediening begin, na Hom geluister het.

En nogtans het Jesus, as kind, jongeling, en man, alleen gewandel. In Sy reinheid en getrouheid, het Hy die parskuip alleen getrap, en van die volk was daar niemand om Hom te help nie. Hy het die groot verantwoordelikheid van die verlossing van mense gedra. Hy het geweet dat tensy daar 'n bepaalde verandering kom in die beginsels en doelwitte van die menslike geslag, almal verlore sou gaan. Dit was die las van Sy siel, en niemand het die gewig besef wat op Hom gedruk het nie. Vasberade en doelbewus het Hy die patroon van Sy
[88] lewe gevolg dat Hy die lig van die mense sou wees.

[89]

## Die Stem in die Woestyn

ONDER die getroues in Israel wat so lank gewag het op die koms van die Messias, het die voorloper van Christus verskyn. Die bejaarde priester, Sagaria, en sy vrou, Elisabet, was "altwee regverdig voor God;" en in hulle stil en heilige lewens het die lig van die geloof geskyn soos 'n ster in die duisternis van daardie bose dae. Aan hierdie godsalige egpaar is die belofte gegee van 'n seun wat "voor die aangesig van die Here sou uitgaan wat die pad sal regmaak."

Sagaria het in die berge van Judea gewoon, maar hy het na Jerusalem gegaan om vir een week in die tempel te dien —'n diens wat tweemaal per jaar verwag is van die priesters van elke afdeling. "En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling, het die lot volgens priesterlike gewoonte op hom geval om in te gaan in die tempel van die Here om reukwerk te brand."

Terwyl hy by die goue altaar besig was om reukwerk te brand, het die rookwolk met die gebede van Israel voor God opgegaan. Skielik was hy bewus van 'n goddelike teenwoordigheid. Daar was n engel van die Here "wat staan aan die regterkant van die reukoffer altaar. [90]
Die posisie van die engel daar was 'n teken van goedgunstigheid, maar Sagaria het nie daaraan gedink nie. Vir jare reeds het hy gebid vir die koms van die Verlosser, en nou het die hemel sy boodskapper gestuur om aan te kondig dat sy gebede verhoor is; maar dit het vir hom ongelooflik geklink. Hy was met vrees en selfver- oordeling vervul".

Die engel het hom met blymoedige versekering gegroet: "Moenie vrees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou n seun baar, en jy moet hom Johannes noem. En hy sal blydskap en verheuging vir jou wees, en baie sal oor sy geboorte bly wees; want hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterke drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees.

En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot hulle God. En hy sal voor Hom uitgaan in die gees en krag van Elia, om die harte

van die vaders terug te bring na die kinders en die ongehoorsames na die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei. Toe sê Sagaria vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? want ek is 'n ou man, en my vrou is op vergevorderde leeftyd."

Sagaria het goed geweet hoe 'n seun aan Abraham gegee is in sy ouderdom omdat hy geglo het dat die Een wat die belofte gegee het, dit kon vervul. Maar vir n oomblik het die bejaarde priester aan die swakheid van die menslike vlees gedink. Hy het vergeet dat God kan doen wat Hy belowe. Wat 'n teenstelling is hierdie geloof met die kinderlike geloof van Maria, die maagd van Nasaret, wat die engel as volg geantwoord het: "Hier is die diensmaag van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Lukas 1: 38.

Die geboorte van 'n seun aan Sagaria, net soos die van Abraham en die van Maria, moes 'n groot geestelike waarheid leer —'n waarheid wat ons maar stadig leer en baie gou vergeet. Van onsself is ons onbekwaam tot enigiets goeds, maar wat ons nie kan doen nie, sal gedoen word deur die krag van God in elke siel wat glo en homself oorgee. Dit was deur die geloof dat die kind van belofte gegee is. Dit is deur die geloof dat die wedergeboorte kom en ons in staat gestel word om die werke van geregtigheid te doen.

In antwoord op Sagaria se versoek, het die engel gesê: "Ek is Gabriel wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring." Vyfhonderd jaar tevore het
[91] Gabriel aan Daniël die profetiese tydperk bekendgemaak wat sou J strek tot die koms van Christus. Die wete dat die einde van hierdie tydperk naby was, het Sagaria beweeg om te bid vir die koms van die Messias. Nou het daardie einste boodskapper deur wie die profesie gegee is, gekom om die vervulling daarvan aan te kondig.

Die woorde van die engel, "Ek is Gabriël wat voor God staan, is bewys dat hy 'n hoë ereplek in die hemel beklee." Toe hy die boodskap aan Daniël gebring het, het hy gesê, "Daar is nie een wat hom saam met my dapper gedra teen hulle nie, behalwe julle vors Migael [Christus]." Dan. 10: 21. Van Gabriël het die Heiland in Openbaring gesê, "wat Hy deur die sending van Sy engel aan Sy dienskneg Johannes te kenne gegee het." Openb. 1:1. En aan Johannes het die engel gesê: "Ek is 'n medediensknieg van jou en van jou broeders, die profete." Openb. 22: 9. Dis 'n wonderlike gedagte — die engel wat die tweede ereplek langs die Seun van God

beklee, is die een wat gekies is om die raadsbesluite van God aan sondige mense bekend te maak.

Sagaria het die engel se woorde betwyfel. Hy sou nie weer praat voordat daardie woorde vervul is nie. Die engel het aan hom gesê: "Kyk, jy sal swyg en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie." In hierdie diens was dit die werk v' an die priester om te bid vir die vergifnis van die openbare en nasionale sondes van die volk en ook vir die koms van die Messias; maar toe Sagaria dit wou doen, kon hy nie een woord uitkry nie.

Toe hy uitkom om die volk te seën "het hy aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly." Hulle het reeds lank gewag en het begin vrees dat die oordeel van God hom miskien getref het. Maar toe hy uit die heilige plek uitkom, het sy gesig geblink van die heerlikheid van God; "daarop bemerk hulle dat hy 'n gesig in die tempel gesien het." Sagaria het aan hulle beduie wat hy gesien en gehoor het; en "toe die dae van sy diens vervul was, het hy huis toe gegaan."

Kort ná die geboorte van die beloofde kind is die vader se tong weer losgemaak "en hy het gepraat en God geloof. En daar het vrees gekom oor almal wat rondom hulle woon, en daar is baie gepraat oor al hierdie dinge in die hele bergstreek van Judea. En almal wat dit gehoor het, het dit ter harte geneem en gesê: Wat sal tog van hierdie kindjie word?" Die uitwerking van dit alles het ten gevolge [92]
gehad dat die aandag op die koms van die Messias gevestig is vir wie Johannes die weg moes berei.

Die Heilige Gees het oor Sagaria gekom, en in hierdie pragtige woorde het hy die werk van sy seun beskryf:

"En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word,
Want jy sal voor die aangesig van die Here gaan om Sy weë reg te maak;
Om kennis van verlossing aan sy volk te gee
In die vergifnis van hulle sondes,
Deur die innige barmhartigheid van onse God
Waarmee die opgaande Lig uit die hoogte ons besoek het,
Om te skyn oor die wat in duisternis en skaduwee van die dood sit,
Om ons voete na die pad van vrede te rig."

“En die kindjie het gegroei en sterk geword in die gees; en hy was in die woestyne tot op die dag van sy vertoning aan Israel.” Vóór die geboorte van Johannes het die engel gesê, “Hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterke drank sal hy nooit drink nie, en hy sal vervul word met die Heilige Gees.” God het die seun van Sagaria geroep tot n groot werk — die grootste werk wat ooit aan ’n mens opgedra is. Om hierdie werk te kan doen, moet hy die Here hê om saam met hom te werk. En die Gees van die Here sou met hom wees as hy die opdrag van die engel sou gehoorsaam.

Johannes sou uitgaan as die boodskapper van Jehova om die mense tot die lig van God te bring. Hy moes hulle gedagtes in ’n nuwe rigting stuur. Hy moes hulle onder ’n indruk bring van die heiligheid van Gods gebooie, en van hulle behoefte aan Sy volmaakte geregtig- heid. So ’n boodskapper moet heilig wees. Hy moet ’n tempel wees vir die inwoning van die Gees van God. Om sy werk te kan doen, moet hy ’n gesonde gestel hê, en ook gesonde verstandelike en geestelike krag. Dit was dus nodig vir hom om sy aptyt en drifte in bedwang te hou. Hy moes in Staat wees om al sy kragte onder beheer te bring sodat hy onder die mense kon staan, onwrikbaar soos die rotse en berge van die woestyn.

In die tyd van Johannes die Doper was die gejaag na rykdom en die liefde vir weelde en vertoon algemeen. Singenot, etery en dri’nkerv, het siekte en ontaarding veroorsaak wat die geestelike
[93] sin verdof en die besef van die sonde verminder het. Johannes sou optree as hervormer. Deur sy matige lewe en eenvoudige kleding moes hy die oordadigheid van sy tyd bestraf. Dit is om hierdie rede dat die opdrag gegee is aan Johannes se ouers, naamlik die les van matigheid deur n engel van die troon van die hemel.

In die kinder- en jongelingsjare is die karakter die vatbaarste; dit is «dan wanneer selfbeheersing geleer moet word. Langs die haard en by die familietafel gaan daar invloede uit wat tot in ewigheid gevoel sal word. Meer as enige ander natuurlike gawe is dit die gewoontes wat in daardie vroeë jare geleer word, wat beslis of die man oorwinnaar sal wees of die neerlaag sal ly in die stryd van die lewe. In die jeug is dit die saaityd. Dit is dan wanneer beslis word watter soort oes daar sal wees vir hierdie lewe en die lewe hiernamaals.

As profeet sou Johannes "die harte van die vaders terugbring na die kinders en die ongehoorsames na die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei." In die bereiding van die weg vir Christus se eerste koms was hy n verteenwoordiger van diegene wat 'n volk sou voorberei vir die Here se tweede koms. Die wêreld is oorgegee aan selfbevrediging. Dwaalleer en fabels is algemeen. Die Satan se strikke om siele te vang, is menigvuldig. Almal wat die heiligmaking in die vrees van die Here wil volbring, moet die lesse van matigheid en selfbeheersing leer. Die aptyt en passies moet ondergeskik gemaak word aan die hoër kragte van die verstand. Hierdie selfdissipline is nodig vir daardie verstandelike krag en geestelike insig wat ons in staat sal stel om die heilige waarhede van Gods Woord te verstaan en uit te lewe. Om hierdie rede moet matigheid sy rol speel in die werk van voorbereiding vir Christus se wederkoms.

In die natuurlike beloop van sake sou die seun van Sagaria opgelei word vir die priestersamp; maar die opleiding wat hy in die rabbynse skole kon kry, sou hom nie toegerus het vir sy werk nie. God het hom nie na die teologiese leraars gestuur om te leer hoe om die Skrifte te verklaar nie. Hy het hom na die woestyn geroep sodat hy kon leer van die natuur en van die God van die natuur.

Dit was 'n eensa'me plek waar hy gewoon het, tussen dorre berge, diep klowe, en spelonke, maar hy het verkies om die genot van 'n weelderige lewe prys te gee vir die harde dissipline van die woestyn. Daar het sy omgewing gepas by sy eenvoudige lewe van selfverloëning. Ongestoor deur die rumoer van die wêreld, kon hy [94]
daar die lesse van die natuur, die openbaring, en die Voorsienigheid leer. Die woorde van die engel aan Sagaria is dikwels aan Johannes herhaal deur sy godvresende ouers. Van kindsbeen af is sy roeping hom voorgehou, en hy het die heilige pand aanvaar. Vir hom was die eensaamheid van die woestyn 'n welkome ontkoming aan die gemeenskap waar agterdog, ongeloof, en onreinheid byna algemeen was. Hy het sy eie kragte gewantrou om die versoeking te weerstaan, en hy het teruggedeins vir die aanraking met die sonde sodat hy nie miskien die vreeslike sondig- heid van die sonde uit die oog verloor nie.

Aan God gewy as 'n nasireër van kindsbeen af, het hy self die wyding bevestig deur 'n heilige lewe. Sy kleed was soos die van

die outydse profete, gemaak van kameelhaar, met 'n leergord om sy heupe. Sy voedsel was "sprinkane en wilde heuning" wat hy daar in die woestyn gekry het, en hy het die rein water van die berge gedrink.

Maar Johannes het nie sy lewe in ledigheid deurgebring, of as 'n kluisenaar, of in selfsugtige afsondering nie. Van tyd tot tyd het hy uitgegaan en onder die mense beweeg, en hy was altyd 'n belangstellende toeskouer van wat in die wêreld aangegaan het. Vanuit sy stille woonplek het hy die ontwikkeling van sake dopgehou. Met visie verlig deur die goddelike Gees, het hy die karakters van mense bestudeer sodat hy kon weet hoe om hulle harte te bereik met die boodskap van die hemel. Die las van sy roeping het op hom gedruk. Deur afsondering, oorpeinsing en gebed, het hy gesoek om sy siel te versterk vir sy lewenstaak.

Al het hy in die woestyn gewoon, was hy nie vry van versoeking nie. Sover as wat hy kon, het hy al die kanale toegemaak waardeur die Satan hom kon bereik, maar nogtans is hy deur die versoeker aangeval. Maar sy geestelike begrippe was helder; hy het 'n sterk karakter ontwikkel, en met die hulp van die Heilige Gees was hy in Staat om Satan se strikke te sien en sy krag te weerstaan.

In die woestyn het Johannes sy skool en heiligdom gevind. Net soos Moses in die berge van Midian, was hy deur Gods teenwoordigheid ingesluit en omring deur die tekens van Sy almag. Dit was nie sy voorreg soos die van Israel se groot leier om te woon in die majes- tueuse eensaamheid van die hoë berge nie; maar voor hom was die hoogtes van Moab, anderkant die Jordaan, wat getuig het
[95] van Hom wat die berge gegrondves en hulle met krag omgord het. Die neer- slagtige aspek van die natuur in sy woestyntuiste was 'n treffende beeid van die toestand van Israel. Die vrugbare wingerd van die Here het 'n verlate plek geword. Maar bo-oor die woestyn was die hemelgewelf, skitterend en pragtig. Die wolke wat saamgepak het, donker en dreigend, daarin het die reënboog geskyn. So ook het daar bokant Israel se verlaging geskyn die beloofde heerlikheid van die Messias-regering. Oor die wolke van wraak het gestrek die reënboog van Gods genadeverbond.

Alleen in die stilte van die nag het hy Gods belofte aan Abraham gelees van 'n nakroos ontelbaar soos die sterre. Die lig van die moreglans wat die berge van Moab met goud geverf het, het gespreek

van Hom wat sou wees soos "die more-lig by sonsopgang, 'n more sonder wolke." 2 Sam. 23: 4. In die helderheid van die middag het hy die heerlikheid van Sy openbaring gesien wanneer "die heerlikheid van die Here sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien." Jes. 40: 5.

Met 'n eerbiedige dog blymoedige gees het hy in die profetiese rolle die openbarings aangaande die Messias se koms ondersoek — die beloofde Saad wat die kop van die slang sou vermorsel; Silo, "die bringer van vrede," wat sou kom voordat 'n koning sou ophou om te regeer op die troon van Dawid. Nou het die tyd gekom. 'n Romeinse heerser het gesit in die paleis op Sion. In vervulling van die vaste Woord van God, was die Christus alreeds gebore.

Dag en nag het hy Jesaja se treffende beskrywings van die heerlikheid van die Messias studeer — die Spruit uit die stomp van Isai; 'n Koning wat in geregtigheid sou regeer, en wat "die sagmoediges van die land met billikheid" sal oordeel; "'n toevlug teen die wind, . . . die skaduwee van 'n swaar rots in 'n land wat versmag;" Israel sal nie meer 'n "Verlatene" wees nie en sal nie meer 'n "Wildernis" genoem word nie, maar sal deur die Here genoem word, "My welbehae, en jou land: Die getroude." (Sien Jes. 40: 5; 11: 4; 32: 2; 62: 4.) Die hart van die eensame banneling was vervul met die heerlike visie.

Hy het die koning in Sy heerlikheid aanskou, en hy het homself vergeet. Hy het die majesteit van heiligheid gesien en gevoel dat hy self onbekwaam en onwaardig is. Hy was gereed om uit te gaan as die boodskapper van die Hemel, onbevrees vir die mens, omdat hy op God vertrou het. Hy kon fier en onbevrees staan voor aardse [96]
konings, omdat hy laag neergebuig het voor die Koning van die konings.

Johannes het nie volkome die aard van die Messias se koninkryk verstaan nie. Hy het verwag dat Israel van sy nasionale vyande sou verlos word; maar die koms van 'n Koning in geregtigheid, en die bevestiging van Israel as 'n heilige volk, dit was die dinge waarop hy gehoop het. Hy het verwag dat die volgende profesie vervul sou word by sy geboorte:

"Om . . . aan Sy heilige verbond te dink, . . .
Dat ons, verlos uit die hand van ons vyande,

Hom sonder vrees kan dien,
In heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe."

Hy het sy volk gesien, bedrieg, selfvoldaan, en aan die slaap in hulle sondes. Hy het verlang om hulle wakker te skud tot n heiliger lewe. Die boodskap wat God aan hom gegee het om te verkondig, was bedoel om hulle wakker te maak uit hulle slaap, en hulle te laat sidder van weë hulle boosheid. Voordat die saad van die evangelie gesaai kon word, moes die akker van die hart omgeploeg word. Voordat hulle genesing by Jesus sou soek, moes hulle wakker gemaak word om die gevaar van die wonde van die sonde te besef.

God stuur nie Sy boodskappers om sondaars te vlei nie. Hy bring geen boodskap van vrede om die mense aan die slaap te sus in 'n valse veiligheid nie. Hy spreek die gewete van die kwaaddoener sterk aan, en deurboor die hart met pyle van oortuiging. Die dienende engele hou die vreeslike oordele van God aan hom voor om hom sy behoefte te laat besef en hom te dryf om uit te roep, "Wat moet ek doen om gered te word?" Dan sal die hand wat hom tot in die stof verneder het, die boetvaardige ophef. Die stem wat die sonde bestraf en die hovaardige tot skande gebring het, sal dan met die grootste ontferming vra, "Wat wil u hê dat Ek vir u sal doen?"

Toe Johannes sy bediening begin het, was die volk in 'n Staat van opgewondenheid en ontevredenheid wat gegrens het aan 'n opstand. By die verwydering van Archelaus, het Judea regstreeks onder die kon- trole van Rome gekom. Die dwingelandy en afpersing van die Romeinse goewerneurs, en hulle vasberade pogings om heidense
[97] bole en gebruike in te voer, het opstand aangevuur wat die bloed van duisende van Israel se helde gekos het. Dit alles het die haat teen Rome aangeblaas en die verlange na verlossing van die Romeinse mag versterk.

Te midde van die stryd en tweedrag is daar 'n stem in die woestyn gehoor—'n stem ontstellend en gebiedend, dog vol hoop: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom." Met 'n nuwe, vreemde krag het dit die volk beweeg. Die profete het die koms van Christus voorspel as iets wat nog ver in die toekoms was; maar hier was 'n aankondiging dat dit op hande was. Johannes se snaakse voorkomste het sy hoorders laat terugdink aan die sieners

van die ou tyd. In sy maniere en kleding was hy soos die profeet Elia. In die gees en krag van Elia hit hy die nasionale verdorwenheid en die heersende sondes bestraf. Sy woorde was duidelik, kragtig, en oor- tuigend. Vele het geglo dat hy een van die profete was wat uit die dode opgestaan het. Die hele volk was in beroering. Skares [98]
het na die woestyn gestroom.

Johannes het die koms .van die Messias aangekondig, en het die volk tot bekering geroep. As simbool van reiniging van die sonde, het hy hulle in die waters van die Jordaanrivier gedoop. So het hy deur middel van 'n treffende, aanskouelike les verklaar dat diegene wat voorgegee het om Gods uitverkore volk te wees, deur die sonde be- soedel was en dat hulle sonder die reiniging van die hart geen deel kon hê in die Messias se koninkryk nie.

Prinse, rabbi s, soldate, tollenaars, en die boerebevolking het gekom om die profeet te hoor. Vir 'n tyd het die plegtige waarsku- wing van God hulle ontstel. Vele het tot bekering gekom en is gedoop. Mense van alle range het hulle onderwerp aan die profeet se vereistes sodat hulle deelgenote kon word van die koninkryk wat hy aangekondig het.

Baie van die skrifgeleerdes en Fariseërs het hulle sondes kom bely en gevra om gedoop te word. Hulle het hulleself verhef as beter as ander mense, en hulle het die volk gelei tot 'n hoë dunk van hulle vroomheid; nou is die sondige geheime van hulle lewens geopenbaar. Maar die Heilige Gees het aan Johannes getoon dat vele van hierdie mense nie 'n ware oortuiging van die sonde gehad het nie. Hulle was opportuniste. As vriende van die profeet het hulle gehoop om in die guns te kom van die komende vors. Hulle het gedink dat as hulle deur hom gedoop is hulle groter invloed by die volk sou hê.

Johannes het hulle begroet met die snydende vraag: "Adderge- slag, wie het julle aangewys om weg te vlug van die toorn wat aan kom is? Dra dan vrugte wat by die bekering pas; en moenie dink om by julleself te sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek."

Die Jode het God se belofte van ewige begunstiging van Israel verkeerd vertolk: "So sê die Here wat die son gee tot 'n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, Here van die

leërskare is Sy Naam: As hierdie verordeninge voor My aangesig sal wyk, spreek die Here, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om
[99] 'n volk te wees voor My aangesig vir altyd. So sê die Here: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die Here." Jer. 31: 35-37. Die Jode het hulle natuurlike verwantskap aan Abraham beskou as iets wat hulle reg gegee het om aanspraak te maak op hierdie belofte. Maar hulle het die voorwaardes wat God gestel het, oor die hoof gesien. Voordat Hy die belofte aan hulle gegee het, het Hy gesê, "Ek gee My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. . . . Want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie". Jer. 31: 33, 34.

Aan die volk in wie se hart Gods wet geskryf is, is die guns van God verseker. Hulle is een met Hom. Maar die Jode het hulleself afgeskei van God. Ten gevolge van hulle sondes het hulle gely onder Sy oordele. Dit was ook die rede waarom hulle aan 'n heidense volk onderworpe was. Hulle verstand is verduister deur oortreding, en omdat die Here hulle in die verlede begunstig het, het hulle nie hulle sondes ernstig opgeneem nie. Hulle het hulleself wysgemaak dat hulle beter as ander mense is en dus geregtig op Gods seëninge was.

Hierdie dinge "is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." 1 Kor. 10: 11. Hoe dikwels vertolk ons Gods seëninge verkeerd, en vlei ons onsself dat ons begunstig word weens ons eie goedheid! God kan nie vir ons doen wat Hy verlang om te doen nie. Ons gebruik Sy gawes om ons nog meer selfvoldaan te laat voel en om ons harte te verhard in ongeloof en sonde.

Johannes het aan die leraars van Israel gesê dat hulle hoogmoed, selfsug, en wreedheid bewys gelewer het dat hulle n addergeslag, n dodelike vloek vir die mense was, en nie die kinders van regverdige en gehoorsame Abraham nie. Ondanks die lig wat hulle van God ontvang het, was hulle selfs slegter as die heidene en nie beter as hulle soos hulle gemeen het nie. Hulle het die steengroef vergeet waaruit bulle gekap is, en die gat waaruit hulle gegrawe is. God was me van hulle afhanklik vir die volvoering van Sy raadsbesluite nie. Net soos Hy Abraham uit 'n heidense volk geroep het, kan Hy

ook ander roep tot Sy diens. Dit mag nou skyn of hulle harte net so lewenloos is soos die klippe van die woestyn, maar Sy Gees kan hulle lewendig maak om Sy wil te doen en die vervulling van Sy beloftes te verkry. [100]

"Maar die byl lê ook al," het die profeet gesê, "teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uit- gekap en in die vuur gegooi." Die waarde van 'n boom word geskat, nie volgens sy naam nie, maar volgens die vrugte wat hy dra. As die vrugte waardeloos is, kan die naam van die boom hom nie red van vernietiging nie. Johannes het aan die Jode gesê dat hulle waarde voor God beslis sou word deur hulle karakter en lewe. 'n Blote bely- denis was waardeloos. As hulle lewe en karakter nie in ooreenstem- ming met Gods wet was nie, dan was hulle nie Gods volk nie.

Onder sy hartdeursoekende woorde is sy hoorders tot oortuiging gebring. Hulle het na hom gekom met die vraag: "Wat moet ons dan doen?" Hy het geantwoord, "Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen." Hy het die tollenaars teen onwettigheid gewaarsku en die soldate teen geweld.

Almal wat onderdane van Christus se koninkryk word, het hy gesê, sou bewys lewer van geloof en bekering. Goedhartigheid, vriendelik- heid, en getrouheid sou in hulle lewens gesien word. Hulle sou uitdeel aan die behoeftiges, en hulle sou hulle offergawes aan God bring. Hulle sou die weerloses beskerm, en voorbeelde wees van goedheid en ontferming. Dit is die bewys wat die navolgers van Christus sou gee van die wederbarende krag van die Heilige Gees. In hulle daelikse lewe sal geregtigheid, genade, en die liefde van God gesien word. So nie, sou hulle wees soos die kaf wat verbrand sal word.

"Ek doop julle wel met water tot bekering," het Johannes gesê, "maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie bekwaam is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur." Matt. 3: 11.

Die profeet Jesaja het voorspel dat die Here Sy volk sou reinig van hulle ongeregtighede "deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging." Die woord van die Here aan Israel was, "Ek sal My hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al

jou tin wegneem." Jes. 4:4; 1:25. Vir die sonde, waar dit ook gevind word, is God "'n verterende vuur." Heb. 12: 29. In almal wat hulleself aan Sy krag oorgee, sal die Gees van God die sonde verteer. Maar as mense vasklem aan die sonde, vereenselwig hulle hulle daarmee, en
[101] die heerlikheid van God wat die sonde verdelg, sal hulle ook verdelg. Nadat Jakob met die engel geworstel het, het hy uitgeroep, "Ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered." Gen. 32: 30. Jakob was skuldig aan 'n groot sonde teen Esau, maar hy het tot bekering gekom. Sy oortreding was vergewe en sy sonde gereinig; daarom kon hy die openbaring van Gods teenwoordigheid verduur. Maar wanneer mense voor God gekom het terwyl hulle moedswillig sonde in hulle harte gekoester het, is hulle vernietig. By die tweede koms van Christus sal die goddelose "met die asem van Sy mond" verdelg en "deur die verskyning van Sy weder- koms tot niet" gemaak word. 2 Thes. 2: 8. Die lig van die heerlikheid van God wat lewe aan die regverdiges skenk, sal die goddelose verdelg.

In die tyd van Johannes die Doper het Christus op die punt gestaan om te verskyn as die openbaarder van die karakter van God. Sy teenwoordigheid sou aan die mense hulle sondes openbaar. Alleen namate hulle gewillig sou wees om van hulle sondes gereinig te word, kon hulle in gemeenskap met Hom kom. Alleen die reine van hart sou Sy teenwoordigheid kon verduur.

So het die Doper dan die boodskap van God aan Israel verkondig. Vele het gehoor gegee aan sy prediking. Baie het alles opgeoffer om te kan gehoorsaam. Groot skares het hierdie nuwe leraar van plek tot plek gevolg, en baie het gehoop dat hy die Messias sou wees. Maar toe Johannes sien hoedat die mense hom volg, het hy gebruik
[102] gemaak van elke geleentheid om hulle te wys op Hom wat sou kom.

# Die Doop

DIE gerugte oor die profeet in die woestyn, en sy wonderbare boodskap, het deur die hele Galilea versprei. Die boodskap het die armes in die mees afgeleë dorpies in die berge, en die vissers by die see bereik, en by hierdie eenvoudige, dog ernstige mense het dit opregte weerklank gevind. In Nasaret, in die timmermanswinkel wat aan Josef behoort het, is daarvan gepraat, en Een het die roepstem herken. Sy uur het gekom. Hy het Sy werk gestaak, Sy moeder gegroet, en Sy landgenote gevolg wat na die Jordaan gestroom het.

Jesus en Johannes die Doper was neefs; daar was 'n groot ooreenkoms in die omstandighede van hulle geboorte, maar hulle het nog nie regstreeks met mekaar kennis gemaak nie. Jesus het Sy dae te Nasaret in Galilea deurgebring, en Johannes syne in die woestyn van Judea. In omgewings wat heeltemal verskillend was, het hulle in afsondering gelewe en geen aanraking met mekaar gehad nie. Die Voorsienigheid het dit so beskik, sodat dit nie kon gesê word dat hulle saamgespan het om mekaar te ondersteun in die aansprake wat hulle gemaak het nie.

Johannes was bekend met die omstandighede van die geboorte van Jesus. Hy het gehoor van Jesus se besoek aan Jerusalem in Sy kinder- jare, en wat gebeur het in die skool van die rabbi's. Hy het geweet van Sy sondelose lewe en het geglo dat Hy die Messias was, maar daar was by hom nie absolute sekerheid nie. Die feit dat [103]
Jesus so lank onbekend gebly het, en geen besondere bewys van Sy sending gegee het nie, was genoeg rede om te twyfel of Hy wel die beloofde Messias kon wees. Johannes die Doper het egter in geloof gewag en geglo dat alles op Gods eie tyd opgeklaar sou word. Dit was aan Johannes geopenbaar dat die Messias hom sou vra om Hom te doop en dat die teken van Sy goddelike karakter dan gegee sou word. Dit sou hom in staat stel om Jesus aan die volk voor te stel.

Toe Jesus gekom het om gedoop te word, het Johannes in Hom n reinheid van karakter bespeur soos hy nog nooit tevore in enige mens gesien het nie. Selfs die atmosfeer wat Hom omring het, was

heilig en het ontsag ingeboesem. Onder die menigtes wat na hom gekom het by die Jordaan, het Johannes duistere stories gehoor van misdaad, en hy het siele ontmoet wat swaar gebuk gegaan het onder ’n groot sondelas, maar nog nooit het hy ’n mens ontmoet van wie daar so ’n goddelike invloed uitgegaan het nie. Dit was alles in ooreenstemming met wat aan Johannes omtrent die Messias geopenbaar is. Tog het hy baie geaarsel om aan Jesus se versoek om gedoop te word te voldoen. Hoe kon hy, ’n sondige mens, die sondelose Een doop? En waarom sou Hy wat.geen bekering nodig gehad het nie, Homself onderwerp aan ’n rite wat ’n belydenis was van die afwassing van skuld?

Toe Jesus gevra het om gedoop te word, het Johannes teruggedeins en uitgeroep: “Ek het nodig om deur U gedoop te word, en kom U na my toe?” Beslis en met gesag het Jesus geantwoord: “Laat dit nou toe, want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.” Johannes het gehoorsaam en die Verlosser in die Jordaan ingelei en Hom onder die water begrawe. “En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos ’n duif neerdaal en op Hom kom.” Jesus het nie die doop ondergaan as ’n belydenis van skuld op Sy eie rekening nie. Hy het Homself vereenselwig met sondaars en die stappe en die werk gedoen wat ons moet doen. Sy lewe van lyding en geduldige volharding ná Sy doop behoort ook vir ons n voorbeeld te wees.

Toe Jesus uit die water gekom het, het Hy op die rivierwal neergekniel om te bid. Hy sou ’n nuwe en belangrike tydperk ingaan.
[104] Nou sou Hy in alle erns die stryd van Sy lewe begin. Hoewel Hy die Vredevors was, sou Sy koms die ontbloting van die swaard wees. Die koninkryk wat Hy sou oprig, was die teenoorgestelde van wat die Jode begeer het. Hulle sou Hom wat die fondament van die rituaal en ekonomie van Israel was, as die vyand en verwoester daarvan beskou. Hy wat die wet op Sinai afgekondig het, sou as ’n oortreder veroordeel word. Hy wat gekom het om die mag van die Satan te verbreek, sou uitgeskel word as Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Geen sterweling op aarde het Hom verstaan nie, en gedurende Sy bediening sou Hy alleen staan. Sy hele lewe lank het Sy moeder en Sy broers Sy sending nie verstaan nie. Selfs Sy dissipels het Hom nie begryp nie. Hy het die ewige lig bewoon,

as een met God, maar Sy lewe op aarde sou Hy in eensaamheid deurbring.

Vereenselwig met ons, moes Hy die las van ons skuld en ons eilendes dra. Die sondelose Een moes die skande van die sonde ondervind. Die liefhebber van die vrede moes te midde van verdeeldheid woon; die waarheid en valsheid, en reinheid en afskuwelikheid moes saam woon. Elke sonde, elke wanklank, elke verlagende wellus [105]
— die gevolge van oortreding — was 'n marteling vir Sy gees.

Hy moes die weg alleen bewandel; alleen moes Hy die las dra. Op Hom wat Sy heerlikheid afgelê het en die swakheid van die menslike natuur aangeneem het, sou die verlossing van die wêreld rus. Hy het alles gesien en gevoel, maar Hy het onwrikbaar vas gestaan. Die verlossing van die gevalle mensdom het van Hom afgehang, en Hy het Sy hand uitgestrek om die hand van die ewige Liefde beet te neem.

Toe Hy gebid het, het dit gelyk asof Sy blik tot die hemel deurdring. Goed het Hy geweet hoedat die sonde die harte van die mense verhard het, en hoe moeilik dit vir hulle sou wees om Sy sending te verstaan en die verlossing aan te neem. Hy het by die Vader gepleit vir krag om hulle ongeloof te oorwin, om die bande te verbreek waarmee die Satan hulle gebind het, en om die verwoester vir hulle ontwil te oorwin. Hy het om 'n teken gevra dat God die mensheid aanneem in die persoon van Sy Seun.

Nog nooit tevore het die engele na so 'n gebed geluister nie. Baie graag wou hulle aan hulle geliefde Aanvoerder 'n boodskap van ver- sekering en vertroosting bring. Maar nee, die Vader self sou die gebed van Sy Seun beantwoord. Strale van Sy heerlikheid het reg- streeks van Sy troon geskyn. Die hemel is geopen, en op die hoof van die Heiland het die reinste lig in die vorm van 'n duif neergedaal

die sinnebeeld van Hom, die sagmoedige en die nederige.

Van die groot menigte by die Jordaan het min mense behalwe Johannes die hemelse gesig gesien. Tog het die mense wat daar byeen was, onder die indruk gekom van die goddelike teenwoordigheid. Die mense het stil gestaan met hulle oë op Christus gevestig. Sy gestalte was omhul met die lig wat altyd rondom die troon van God skyn. Terwyl Sy gesig na omhoog gekeer was, het dit gestraal van n heerlikheid soos nog nooit in die gesig van 'n mens gesien is nie. En

vanuit die geopende hemele het hulle 'n stem gehoor wat sê: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

Hierdie woorde van bevestiging is gespreek om die wat die toneel aanskou het, met geloof te besiel, en om die Heiland in Sy sending te versterk. Nieteenstaande die feit dat die sonde van 'n doemwaardige wêreld op Christus gelê is, en ondanks die vernedering wat Hy
[106] ondergaan het om die gevalle menslike natuur aan te neem, het

die stem uit die hemel verklaar dat Hy die Seun van die Ewige God is.Johannes was diep ontroer toe Hy Jesus daar neergekniel sien, smekende met trane om die goedkeuring van die Vader. Toe die heerlikheid van God Hom omstraal het, en die stem uit die hemel gehoor is, het Johannes die teken herken wat God beloof het om hom te gee. Hy het geweet dat dit die Verlosser van die wêreld was wat hy gedoop het. Die Heilige Gees het oor hom gekom, en met uitge- strekte arm het hy na Jesus gewys en uitgeroep: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"

Niemand onder die skare, selfs nie Johannes nie, het die betekenis van hierdie woorde, "Die Lam van God," verstaan nie. Op die berg Moria het Abraham sy seun hoor vra, "My vader . . . waar is die lam vir 'n brandoffer?" Die vader het geantwoord: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." Gen. 22: 7, 8. In die ram wat op bonatuurlike wyse voorsien is in die plek van Isak, het Abraham 'n sinnebeeld gesien van Hom wat sou sterf vir die sondes van die mensdom. Die Heilige Gees het deur die profeet Jesaja die sinnebeeld as volg verder verduidelik: "Soos 'n lam wat na die slagplek gelei word," het die Here "die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Jes. 53: 7, 6. Maar die volk van Israel het die les nie verstaan nie. Baie van hulle het die soenoffers beskou soos die heidene hulle offerandes beskou het — as gifte waarmee hulle self die Godheid kon bevredig. Die Here wou hulle leer dat die gawe wat hulle met Hom sou versoen, uit Sy eie liefde sou kom.

En die woorde wat tot Jesus by die Jordaan gespreek is, "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het," sluit die ganse mensdom in. Die Vader het tot die Seun as ons verteenwoordiger gespreek. Met al ons sondes en swakhede word ons nie as waardeloos weggewerp nie. Hy het ons begenadig in die Geliefde. (Efe. 1: 6.) Die heerlikheid wat op Christus gekom het, is 'n pand van die liefde

van God vir ons. Dit openbaar aan ons die krag van gebed — hoe die mens- like stem die oor van God kan bereik en ons gebede in die hemelse howe verhoor word. Deur die sonde is die aarde van die hemel afge- sny en is ons vervreem van daardie gemeenskap, maar Jesus het die aarde weer met die sfeer van heerlikheid verbind. Sy liefde omring die mens en reik tot die hoogste hemele. Die lig wat van die geopende hemel op die hoof van die Heiland geskyn het, sal ook op ons skyn [107]

as ons bid om hulp om versoeking te weerstaan. Die stem wat met Jesus gespreek het, sê ook aan elke gelowige siel: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.""Geliefdes, nou is ons kinders van God en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is." 1 Joh. 3: 2. Ons Verlosser het die weg geopen, sodat die grootste sondaars, diegene wat die grootste behoefte het, die ellendiges, toegang tot die Vader mag hê. Daar is vir almal 'n tuiste in die wonings wat Jesus gaan berei het. "Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie. . . . Kyk, ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie." Openb. 3:7, 8. [108]

## Die Versoeking

"EN Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei." Die woorde van Markus is nog meer betekenisvol. Hy sê: "En dadelik het die Gees Hom uitgedryf in die woestyn. En Hy was daar in die woestyn veertig dae lank toe Hy deur die Satan versoek is; en Hy was saam met die wilde diere." "En Hy het niks geëet in die dae nie."

Toe Jesus in die woestyn gelei is om van die duiwel versoek te word, is Hy deur die Gees van God gelei. Hy het nie die versoeking uitgelok nie. Hy het na die woestyn gegaan om alleen te wees, om oor Sy sending en Sy werk te peins. Deur vas en gebed moes Hy Hom versterk vir die bloedbevlekte pad wat Hy moes bewandel. Die Satan het geweet dat die Heiland na die woestyn gegaan het, en hy het gemeen dat dit die beste tyd sou wees om Hom te nader.

Groot gevolge vir die wêreld was op die spel in die stryd tussen die Vors van die Lig en die vors van die koninkryk van duisternis. Nadat die Satan die mens verlei het om te sondig, het hy aanspraak op die aarde gemaak en homself die owerste van hierdie wêreld
[109] genoem. Ná hy die eerste mensepaar aan sy eie natuur gelykvormig gemaak het, was dit sy plan om sy ryk op die aarde te bevestig. Hy het verklaar dat die mense hom as hulle koning gekies het. Deur sy beheer oor die mense het hy heerskappy oor die wêreld gevoer. Christus het gekom om die aanspraak van die Satan te loënstraf. As Seun van die mens sou Christus getrou bly aan God. Sodoende sou Hy bewys lewer dat die Satan nie volkome beheer oor die mensdom het nie, en dat sy aanspraak op die wêreld vals was. Almal wat verlossing van die mag van die Satan begeer, sou vrygemaak word. Die heerskappy wat Adam deur die sonde verloor het, sou herstel word.

Sedert die aankondiging aan die slang in Eden, "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad" (Gen. 3- 15), het die Satan geweet dat hy nie absolute heerskappy oor die wêreld het nie. Daar is in die mens die werking van n krag gesien

wat sy heerskappy weerstaan het. Met groot belangstelling het die Satan die offers wat Adam en sy seuns geoffer het, gadegeslaan. In daardie sere- monies het hy 'n simbool gesien van die gemeenskap tussen die aarde en die hemel. Hy het homself toe ten doel gestel om hierdie gemeenskap te verbreek. Hy het 'n verkeerde voorstelling van God gegee en van die f rites wat op die Verlosser gewys het. Die mense is daartoe gebring om God te vrees as iemand wat behae het in hulle vernietiging. Die offers wat Sy liefde moes openbaar, is gebring om Sy toorn af te weer. Die Satan het die sondige hartstogte van die mense opgewek ten einde hulle nog meer onder sy mag te bring. Toe Gods geskrewe Woord gegee is, het die Satan die profesieë oor die koms van die Verlosser ondersoek. Van geslag tot geslag het hy gewerk om die mense te verblind met betrekking tot hierdie profesieë, sodat hulle Christus tydens Sy koms sou verwerp.

By die geboorte van Jesus het die Satan geweet dat daar Een gekom het met 'n goddelike opdrag om sy heerskappy te bestry. Hy het gesidder toe die engel die gesag van die pasgebore Koning aangekondig het. Die Satan was goed bekend met die posisie wat Christus in die hemel as die Geliefde van die Vader beklee het. Die feit dat die Seun van God as mens na hierdie aarde sou kom, het hom met verbasing en vrees vervul. Hy kon nie die verborgenheid van hierdie groot opoffering peil nie. Sy selfsugtige siel kon nie so n groot liefde vir die verleide mensegeslag begryp nie. Die mens het maar n flou begnp gehad van die heerlikheid en vrede van die [110]
hemel, en die vreugde van gemeenskap met God; maar Lucifer, die gerub wat beskut, was goed daarmee bekend. Sedert hy uit die hemel gewerp is, was dit sy vaste voorneme om wraak te neem deur ook ander in sy vál te laat deel. Hy sou dit doen deur hulle te beweeg om hemelse dinge te onderskat en na aardse dinge te hunker.

Die Vors van die hemel sou nie sonder teenstand siele vir Sy koninkryk win nie. Vandat Hy in Betlehem as kindjie gebore is, is Hy voortdurend deur die Bose aangeval. Die beeid van God is in Christus geopenbaar, en in die beraadslagings van die Satan is daar besluit dat Christus oorwin moes word. Geen mensekind in die wêreld gebore, kon ooit die mag van die Verleier ontwyk nie. Die magte van die Bose-bondgenootskap is aangesê om oorlog te maak teen Hom en Hom indien moontlik te oorwin.

Toe die Heiland gedoop is, was die Satan ook onder die toe- skouers. Hy het gesien hoedat die heerlikheid van die Vader die Seun bestraal het. Hy het die stem van Jehova hoor getuig van die godheid van Jesus. Sedert Adam se val is die mense van regstreekse gemeenskap met God afgesny; die gemeenskap tussen hemel en aarde het deur Christus geskied, maar nou dat Jesus “in die gelykheid van die sondige vlees” (Rom. 8: 3), gekom het, het die Vader persoonlik gespreek. Voorheen het Hy tot die mensdom gespreek deur Christus; nou het Hy in Christus gespreek. Die Satan het gehoop dat die afsku van God aan die sonde n ewige skeiding tussen hemel en aarde sou maak; maar nou was dit duidelik dat die verbinding tussen God en die mens weer herstel is.

Die Satan het besef dat hy óf moes oorwin óf oorwin sou word. In die stryd was daar te veel op die spei om dit aan sy engele oor te laat. Hy sou persoonlik die stryd voer. Al die afvallige magte het saamgespan teen die Seun van God. Christus was die mikpunt van elke helse wapen.

Baie mense beskou hierdie stryd tussen Christus en die Satan asof dit geen besondere betrekking op hulle eie lewe het en dus van geen belang vir hulle is nie; maar die stryd word in elke hart weer herhaal. Nooit verlaat iemand die geledere van die Bose vir die diens van God nie, of hy moet die aanvalle van die Satan verduur. Die versoekings wat Christus weerstaan het, is juis die wat ons so
[111] moeilik kan weerstaan. In die mate wat Sy karakter hoër is as ons s n, moes Hy n heftiger stryd verduur. Met die verskriklike las van die sonde van die wêreld op Hom, het Christus die toets op die gebied van die aptyt, liefde tot die wêreld, en daardie liefde vir vertoon wat lei tot aanmatiging, verduur. Dit was voor hierdie versoeking wat Adam en Eva beswyk het en waardeur ons ook so maklik oorwin word.

Die Satan het verwys na Adam se sonde as bewys dat Gods wet onregverdig is en nie gehoorsaam kan word nie. In ons menslike vlees moes Christus oorwin waar Adam die nederlaag gely het; maar toe Adam deur die versoeker aangeval is, was hy nog nie verswak deur die uitwerking van die sonde nie. Hy het in sy volle manlike krag gestaan, in die volle krag van verstand en liggaam. Die heerlikhede van Eden het hom omring, en hy was in daelikse gemeenskap met hemelse wesens. Dit was nie so met Jesus toe Hy

die woestyn ingegaan het om met die Satan die stryd te voer nie. Vir vierduisend jaar reeds het die menslike geslag in liggaamlike krag, verstandelike vermoëns, en in sedelike waarde afgeneem; en Christus het die swak- hede van die ontaarde mensheid aangeneem. Alleen op hierdie manier kon Hy die mens uit die dieptes van sy val red.

Baie beweer dat Christus onmoontlik deur versoeking oorwin kon word. As dit so is, kon Hy nie Adam se plek ingeneem het en sou Hy nie die oorwinning kon behaal het waar Adam die neerlaag gely het nie. As ons op enige wyse ’n groter stryd moet voer as wat Christus gestry het, dan sou Hy nie in staat wees om ons te bewaar nie. Maar ons Heiland het die menslike vlees met al die swakhede daarvan aangeneem. Hy het die menslike natuur deelagtig geword met die moont- likheid om in die versoeking te beswyk. Ons het niks om te verduur wat Hy nie moes deurmaak nie.

Christus is, net soos die eerste mensepaar in Eden, versoek in verband met die aptyt. Juis waar die sondeval begin het, moes die verlossingswerk ook begin. Net soos Adam deur die toegewing aan sy aptyt geval het, moes Christus, deur Sy aptyt te verloën, oorwin. “En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger gekry. En die versoeker het na Hom gekom en gesê. As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.” [112]

Van Adam af tot by Christus het selfbevrediging die mag van die aptyt en van die hartstogte laat toeneem totdat hulle byna onbeperkte heerskappy verkry het. Op hierdie wyse is die mense verlaag, en het hulle allerhande siektes opgedoen en was dit vir hulle onmoontlik om te oorwin. Christus het ten behoewe van die mens oorwin deur die heftigste toets deur te maak. Om ons ontwil het Hv ’n selfbeheersing beoefen sterker as die honger of die dood. En van hierdie eerste oor- winning het daar ander dinge afgehang wat altyd op die spel is in ons stryd met die magte van die duisternis.

Toe Jesus die woestyn ingegaan het, was Hy omring van die heerlikheid van die Vader. Ten volle in beslag geneem deur gemeenskap met God, is Hy verhef bokant alle menslike swakhede. Maar daardie heerlikheid het gewyk, en Hy is alleen gelaat om teen die

versoeking te stry. Vir geen oomblik was Hy daarvan vry nie. Sy menslike natuur het teruggedeins vir die stryd wat Hom gewag het. Vir veertig dae lank het Hy gevas en gebid. Swak en uitgeteer van die honger, uitgeput en vervalle deur die sielstryd "was Sy voorkomste [so misvormd], geen mens meer nie, en Sy gestalte was nie soos die van n mensekind nie." Jes. 52: 14. Nou was dit die Satan se kans. Nou het hy gemeen dat hy Christus sou oorwin.

Asof in antwoord op Sy gebede, het daar tot die Heiland iemand in die gedaante van n engel uit die hemel gekom. Hy het voorgegee dat God hom gestuur het om aan te kondig dat Christus se vas op 'n end was. Net soos God 'n engel gestuur het om die hand van Abraham te weerhou om nie vir Isak te ofïer nie, so het die Vader nou, tevrede met Christus se gewilligheid om die bloedige weg te bewandel, 'n engel gestuur om Hom te verlos — dit was die boodskap wat aan Jesus gebring is. Die Verlosser was flou van die honger en het na voedsel gesmag toe die Satan Hom skielik genader het. Wysende na die klippe wat orals in die woestyn rondgelê het en wat op brode gelyk het, het hy gesê: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word."

Alhoewel hy verskyn het as 'n engel van die lig, het hierdie eerste woorde sy ware karakter verraai, "As U die Seun van God is." Hier sien ons 'n poging om wantroue te verwek. As Jesus sou doen wat die Satan daar voorstel, sou dit 'n teken van twyfelmoedigheid wees.
[113] Die versoeker se plan was om Christus te verslaan met dieselfde dels waarmee hy in die begin die mens so suksesvol aangeval het. Hoe listig het die Satan vir Eva in Eden genader! "Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?" Gen. 3: 1. Sover het die versoeker se woorde die waarheid bevat; maar in die manier waarop hy dit gesê het, het daar n bedekte veragting van die woorde van God geskuil. Daar was 'n bedekte weerspreking—'n betwyfeling van die goddelike waaragtigheid. Die Satan wou die gedagte by Eva skep dat God nie sou doen wat Hy gese het nie; dat die weerhouding van sulke heerlike vrugte n verloëmng was van Sy liefde en barmhartigheid teenoor die mens. En nou ook het die versoeker getrag om sy eie gevoelens in die hart van Christus te verwek. "As U die Seun van God is." Hierdie woorde het met bitterheid geknaag in sy eie hart. Hy het die woorde geuiter met n stembuiging wat die sterkste twyfel verraai het. Sou God Sy Seun

so behandel? Sou Hy Hom in die woestyn alleen laat by die wilde diere, sonder kos, sonder geselskap, sonder enige geriewe? Hy gee voor dat dit nooit die bedoeling van God was dat Sy Seun in so n toestand sou verkeer nie. “As U die Seun van God is,” toon dan U mag deur Uself te verlos van hierdie knaende honger. Beveel hierdie klip om brood te word!

Die woorde uit die hemel: “Dit is My geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het” (Matt. 3: 17), het nog in die ore van die Satan weerklink, maar hy was vasbeslote om Christus hierdie getuienis nie te laat glo nie. Die woord van God was Christus se versekering van Sy goddelike sending. Hy het gekom om as mens onder die mense te lewe, en dit was die woord wat Sy verbinding met die hemel verklaar het. Dit was die Satan se doel om Hom aan daardie woord te laat twyfel. As hy Christus se vertroue in God kon laat wankel, het hy geweet dat hy die hele stryd sou win. Hy het gemeen dat hy Jesus kon oorwin. Hy het gehoop dat Christus weens neerslagtigheid, en gedrewe deur Sy groot honger Sy geloof in Sy Vader sou versaak en dan vir Homself ’n wonderwerk sou verrig om Sy honger te stil. As Hy dit gedoen het, sou die verlossingsplan misluk het.

Toe die Satan en die Seun van God vir die eerste keer in botsing gekom het, was Christus die aanvoerder van die hemelse leërskare, en die Satan, die leier van die opstand in die hemel, is uitgewerp. Nou was die posisie oënskynlik net andersom, en die Satan probeer nou om sy skynbare voordeel tot die uiterste toe uit te buit. Een van [114]
die magtigste engele, sê hy, is uit die hemel gewerp. Die voor- koms van Jesus dui aan dat Hy seif daardie gevalle engel is, deur God en mens verlate, ’n Goddelike wese sou mos sy aanspraak kan staaf deur ’n wonderwerk te verrig: “As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brood word.” So ’n skeppingsdaad, het die versoeker aangevoer, sou afdoende bewys van Sy godheid wees. Dit sou die stryd beëindig.

Dit het groot inspanning gekos vir Jesus om stilswygend na die aartsbedrieër te luister. Maar die Seun van God het nie onder verpligting gestaan om die Satan te oortuig van Sy godheid of om aan hom die rede vir Sy vernedering te verklaar nie. As Christus aan die voor- stelle van die rebel sou toegegee het, sou dit nie gestrek het tot voordeel van die mens of die heerlikheid van God nie; as Hy gehande! het na die vyand se wens, sou die Satan nog gesê het: “Gee

my 'n teken dat ek kan glo dat jy die Seun van God is." Bewyse sou waardeloos gewees het om die krag van die opstand in sy hart te verbreek; en Christus sou nie Sy goddelike mag vir Sy eie voordeel gebruik nie. Hy het gekom om beproewing te verduur soos ons en om ons 'n voorbeeld van geloof en van onderwerping te gee. Nie by hierdie of enige later geleentheid in Sy aardse lewe het Jesus ooit 'n wonderwerk vir eie voordeel verrig nie. Al Sy wonderwerke het Hy ten behoewe van ander verrig. Hoewel Jesus die Satan uit die staanspoor herken het, het dit Hom nie tot die stryd uitgelok nie. Versterk deur die herinnering aan die stem uit die hemel het Hy op die liefde van Sy Vader vertrou. Hy sou nie met die versoeking speel nie.

Jesus het die Satan bestry met die Skrifwoord, "Daar is geskrywe." Elke versoeking het Hy afgeweer met die wapen van Gods Woord. Die Satan het Christus om n wonderwerk gevra as teken van Sy godheid, maar Hy het geantwoord met die teken wat nie betwis kon word nie --- die teken groter as al die wonderwerke, naamlik, 'n vaste vertroue op die Woord van God. Solank Christus daaraan vashou, sou die versoeker geen oorwinning behaal nie.

Dit was op die oomblik toe Christus die swakste was, dat Hy met die heftigste versoekings aangeval is. Op daardie manier het die Satan gemeen om die oorwinning te behaal. Dit is op hierdie wyse dat die Satan die oorwinning oor die mens behaal het. Toe
[115] hulle kragte ingee, hulle wilskrag verswak, en hulle geloof nie langer op God gevestig was nie, is diegene wat lank en moedig vir die reg gestry het, oorwin. Moses was uitgeput deur die veertigjarige omwandeling van Israel in die woestyn toe sy geloof vir 'n oomblik van die Almagtige afgetrek is; feitelik op die grens van die beloofde land het hy die neerlaag gely. Net so was dit ook met Elia, wat onver- skrokke voor Koning Agab gestaan het, en die hele volk van Israel, met die vierhonderd-en-vyftig Baälsprofete en al getrotseer het. Maar na daardie vreeslike dag op die berg Karmel toe hy die valse profete laat doodmaak en die volk daarna hulle getrouheid aan God betuig het, het Elia vir sy lewe gevlug voor die dreigemente van die afgodiese Isébel. So weet die Satan om die swakheid van die menslike natuur uit te buit. En nog werk hy op dieselfde manier. Waar iemand omring is deur donker wolke, te kampe het met moeilike omstandighede, of in armoede of ellende verkeer, daar staan die

Satan klaar om hom te versoek en lastig te val. Hy val ons aan op ons swak punte. Hy probeer om ons vertraue op God, wat hierdie dinge toelaat, te laat wankel. Ons kom in die versoeking om God te wantrou en Sy liefde te betwyfel. Dikwels kom die versoeker tot ons soos hy tot Christus gekom het en hou hy ons swakhede en gebreke aan ons voor. Hy hoop om ons daardeur te ontmoedig en ons houvas op God te verbreek. As hy dit kan regkry, is hy seker van sy slagoffer. As ons hom maar sou teenstaan soos Jesus dit gedoen het, sou ons baie neerlae kon verhoed. Deur met die vyand te onderhandel, gee ons hom die voorsprong.

Toe Christus aan die versoeker gesê het: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan," het Hy die woorde herhaal wat Hy self meer as veertien eeue gelede tot Israel gespreek het: "Die Here jou God [het] jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei . . . en Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan." Deut. 8:2, 3. In die woestyn, toe alle lewensmiddels op 'n end was, het God aan Sy volk manna uit die hemel gegee, aanhoudend en voldoende. Hierdie voorsienmg is gemaak om hulle te leer dat solank hulle op God vertrou en in Sy [116]
weë wandel, Hy hulle nooit sou verlaat nie. Die Heiland het nou self die les wat Hy vir Israel geleer het, toegepas. Deur die Woord van God is die leër van Israel bewaar, en deur daardie selfde Woord sou Jesus ook bewaar word. Hy het op God gewag om Hom op Sy eie tyd te verlos. Hy was in die woestyn in gehoorsaamheid aan God, en Hy sou nie voedsel verkry deur gehoor te gee aan die voorstel van die Satan nie. Voor die ganse heelal het Hy getuig dat dit beter was om te ly wat kom, as om enigsins af te wyk van die wil van God.

"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Dikwels kom die navolger van Christus in omstandighede waar hy God nie kan dien en terselfder- tyd sy wêreldse ondernemings voortsit nie. Dit mag lyk of gehoorsaamheid aan die een of ander duidelike bevel van God alle lewens- middele sal afsny. Die Satan wil hom graag wysmaak dat hy sy heilige oortuigings maar moet laat vaar. Maar die enigste ding in die wêreld waarop ons kan staatmaak, is die Woord van God.

"Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word." Matt. 6: 33. Selfs in hierdie lewe is dit nie goed vir ons om af te wyk van die wil van ons hemelse Vader nie As ons die krag van Sy Woord ken, sal ons nie gehoor gee aan die influisterings van die Satan om voedsel te verkry of ons lewe te red nie. Die hoofsaak by ons sal wees: Wat beveel die Here? en wat belowe Hy? As ons op hierdie vrae sekerheid het, sal ons die een gehoorsaam en op die ander vertrou.

In die laaste groot botsing in die stryd teen die Satan, sal diegene wat aan God getrou is, sien hoedat alle aardse stutte wegval. Omdat hulle weier om Sy wet te oortree in gehoorsaamheid aan aardse magte, sal hulle verbied word om te koop of te verkoop. Uiteindelik sal daar beveel word dat hulle doodgemaak moet word. (Sien Openb. 13: 11-17.) Maar aan die gehoorsames is die belofte gegee: "Hy wat in geregtigheid wandel . . . die sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis." Jes. 33: 15, 16. Deur hierdie belofte sal die kinders van God lewe. Wanneer die aarde geteister word deur hongersnood, sal hulle gevoed word. "Die oog van die Here is op die wat Hom vrees ... om hulle siel te red van die dood en hulle in die lewe te hou in hongersnood." Ps. 33: 18, 19. Die profeet Habakuk het na hierdie tyd van ellende verwys, en
[117] sy woorde is 'n uitdrukking van die geloof van die kerk: "Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie — nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil." Hab. 3: 17, 18.

Van al die lesse wat ons in die eerste groot versoeking van die Here kan leer, is nie een so belangrik as die met betrekking tot die beheersing van die hartstogte nie. Versoekings wat die fisiese natuur streel, was nog altyd die doeltreffendste om die mens te besoedel en te verlaag. Deur onmatigheid veroorsaak die Satan die verwoesting van die verstandelike en sedelike vermoëns wat God aan die mens gegee het as \'n onskatbare besitting. Daardeur word dit vir die mens onmoontlik om die dinge wat ewige waarde het, te waardeer. Deur die botviering van die welluste trag die Satan om alle tekens van die beeid van God uit die siel uit te wis.

Die onmatigheid en die gevolglike siekte en ontaarding wat geheers het tydens Christus se eerste koms, sal vóór Sy wederkoms in n baie erger mate gesien word. Christus het verklaar dat toestande in die wêreld gelyk sal wees aan die wat geheers het vóór die sondvloed, en soos die in die dae van Sodom en Gomorra. Al die versinsels van die menslike hart sal altyddeur net sieg wees. Ons het byna daardie vreeslike tyd bereik, en die les van die Heiland se vas behoort ons ter harte te neem. Alleen wanneer ons dink aan die verskriklike sielsangs wat Christus deurgemaak het, kan ons die euwels van onmatigheid reg verstaan. Sy voorbeeld leer ons dat ons enigste hoop op die ewige lewe geleë is in die onderwerping van aptyt en welluste aan die wil van God.

In ons eie krag is dit onmoontlik om die drifte van ons gevalle natuur te onderdruk. Dit is deur hierdie drifte dat die Satan ons sal versoek. Christus het geweet dat die vyand tot elke mensekind sal kom om aangebore swakhede uit te buit, en almal wat nie op God vertrou nie, deur sy valse influisterings tot ’n val te bring. En deur die pad te bewandel wat die mens moet betree, het die Here die weg tot oorwinning berei. Dit is nie Sy wil dat ons in ’n swak posisie moet staan in ons stryd teen die Satan nie. Hy wil nie hê dat ons bang gemaak en ontmoedig sal word deur die slang nie. “Hou goeie moed, het Hy gesê”, “Ek het die wêreld oorwin.” Joh. 16: 33.

Laat diegene wat moet stry teen die mag van die aptyt, hulle oë [118]
vestig op Jesus in die woestyn van versoeking. Aanskou Hom in Sy foltering aan die kruis waar Hy uitroep: “Ek het dors!” Hy het alles verduur wat ons moontlik sal moet verduur. Sy oorwinning is ons s’n.

Jesus het vertrou op die wysheid en die krag van Sy hemelse Vader. Hy het verklaar: “Maar die Here Here help My; daarom kom Ek nie in die skande nie, . . . en Ek weet dat Ek nie beskaamd sal staan nie. . . . Kyk, die Here Here help My.” Wysende op Sy eie voorbeeld, sê Hy aan ons, “Wie is daar onder julle wat die Here vrees, ... wat in duisternisse wandel en geen ligstraal sien nie?—laat hy vertrou op die Naam van die Here en steun op sy God!” Jes. 50: 7-10.

“Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie,” het Jesus gesê. (Joh. 14: 30.) Die drogredes van die Satan het geen uitwerking op Hom gehad nie. Hy het nie tot die sonde ingestem nie.

Nie eens deur n enkele gedagte het Hy aan die versoeking toegegee nie. So kan dit ook met ons wees. Die mensheid van Christus was met Sy godheid verenig; deur die inwoning van die Heilige Gees is Hy vir die stryd toegerus. Hy het gekom sodat ons die goddelike natuur deelagtig kan word. Solank ons met Hom deur die geloof verenig is, sal die sonde geen mag oor ons hê nie. God wil die hand van geloof vat wat ons uitsteek, sodat Hy ons kan help om die godheid van Christus beet te neem dat ons karakters volmaak kan word.

Christus het ons gewys hoe dit gedoen word. Deur watter middels het Hy die Satan oorwin? Deur die Woord van God. Deur die Woord alleen kon Hy die versoeking weerstaan. "Daar is ge-skrywe, het Hy gesê. Aan ons het Hy die grootste en dierbare beloftes geskenk, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle ontvlug het die verdorwenheid wat deur die begeerlikheid in die wêreld is." (2 Pet. 1:4.) Elke belofte in die Woord van God is vir ons. Ons moet lewe van "alles wat uit die mond van die Here uitgaan." Wanneer ons deur versoeking aangeval word, laat ons dan nie op die omstandighede of op ons eie swakheid sien nie, maar op die krag van die Woord. Al die krag van die Woord is vir ons. Die Psalmis het gesê, "Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie." "Ek het deur die woord van U lippe vermy die
[119] paaie van die geweldenaar." Ps. 119: 11; 17:

## Die Oorwinning

TOE neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe,

> "Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U,
> En hulle sal U op die hande dra,
> sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie."

Nou het die Satan gemeen dat hy Jesus op Sy eie grond ontmoet. Die listige vyand kom nou met woorde wat uit die mond van God uitgegaan het. Nog doen hy homself voor as 'n engel van die lig; hy toon dat hy bekend is met die Skrifte en die inhoud verstaan van wat daar geskryf is. Soos Jesus tevore die Woord gebruik het om sy geloof te handhaaf, so gebruik die versoeker nou die Woord om sy bedrog te steun. Hy beweer dat hy slegs die getrouheid van Jesus wou beproef, en hy het Hom nou aangeprys vir Sy standvastigheid. Namate die Heiland Sy vertroue in God geopenbaar het, het die Satan by Hom aangedring om verdere bewys te lewer van Sy geloof.

Ook hierdie versoeking is voorafgegaan deur die influistering van wantroue: "As U die Seun van God is." Christus het in die
versoeking gekom om te antwoord op daardie "As," maar Hy het [120]
Hom bedwing om nie toe te gee aan die geringste mate van twyfel [121]
nie. "Hy sou nie Sy lewe in gevaar bring om die bewys aan die Satan te gee nie."

Die versoeker se plan was om die mensheid van Christus te vlei en Hom tot vermetelheid te beweeg; maar hoewel die Satan n persoon kan versoek, kan hy hom nie dwing om te sondig nie. Hy het aan Jesus gesê: "Werp Uself af," want hy het goed geweet dat as hy probeer om Hom af te gooi, God tussenbei sou kom om Hom te red. Ook kon die Satan Jesus nie dwing om Homself af te gooi nie. Tensy Christus toegee aan die versoeking, sou Hy nie oorwin kon word nie. "Al die magte van die aarde of van die hel kon Hom nie

dwing om selfs in die geringste mate af te wyk van die wil van Sy Vader nie."

Die versoeker kan ons nooit dwing om sonde te doen nie. Hy kan die hart nie beheers tensy dit aan Hom oorgegee is nie. Die wil moet toestem, die geloof moet sy houvas op Christus los voordat die Satan sy mag oor ons kan uitoefen. Maar elke sondige begeerte wat ons koester, gee hom 'n kans. Elke punt waarop ons nie die goddelike standaard bereik nie is 'n oop deur waardeur hy binnekom om ons te versoek en te verslaan. Elke mislukking of nederlaag van ons gee hom 'n kans om Christus te verwyt.

Toe die Satan die belofte aangehaal het, "Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U," het hy die woorde weggelaat, "om jou te bewaar op al jou weë;" dit wil sê op al die weë wat God verkies. Jesus het geweier om af te wyk van die pad van gehoorsaamheid. Hoewel Hy volkome vertroue in Sy Vader gehad het, wou Hy Homself nie onnodig in omstandighede begewe waar die Vader genoodsaak sou wees om in te tree om Hom van die dood te red nie. Hy sou nie die Voorsienig- heid dwing om Hom te hulp te kom, en dus nalaat om aan die mens 'n voorbeeld van vertraue en onderworpenheid te gee nie.

Jesus het aan die Satan gesê: "Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie." Hierdie woorde is deur Moses gespreek tot die kinders van Israel toe hulle in die woestyn dors gehad het en Moses versoek het om hulle water te gee met die woorde, "Is die Here onder ons?" Exod. 17: 7. God het wonders vir hulle gedoen, maar toe hulle in die moeilikheid was, het hulle aan Hom getwyfel en bewys gevra dat Hy met hulle was. In hulle ongeloof het hulle probeer om God op die proef te stel. Die Satan
[122] het by Christus aangedring om dieselfde te doen. God het alreeds getuig dat Jesus Sy Seun was, en om nou bewys te vra dat Hy dit wel is, sou beteken het dat Hy Gods Woord op die proef stel — dat Hy God versoek. Om God te vra om iets te doen wat Hy nie belowe het nie, sou op dieselfde neerkom; dit sou wantroue verraai — in werklikheid sou Hy God versoek. Ons moet nooit tot God bid om Hom te beproef of Hy wel Sy Woord sal vervul nie, maar omdat ons weet dat Hy dit sal vervul; nie om te sien of Hy ons wel liefhet nie, maar omdat Hy ons liefhet. "En sonder geloof is dit onmoontlik om

God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek." Heb. 11:6.

Maar geloof is glad nie aanmatiging nie. Alleen die persoon wat waarlik glo, is gevrywaar teen aanmatiging, want aanmatiging is die Satan se namaaksel van geloof. Die geloof maak staat op Gods beloftes, en bring die vrugte van gehoorsaamheid voort. Aanmatiging maak ook aanspraak op Gods beloftes, maar gebruik hulle soos die Satan, as ekskuus vir oortreding. Geloof sou ons eerste voorouers gelei het om te vertrou op die liefde van God, en om Sy bevele te gehoorsaam. Aanmatiging het hulle gelei om Sy wet te oortree, gelowende dat Sy groot liefde hulle sou red van die gevolge van die sonde. Deur die guns van die hemel te soek sonder om te voldoen aan die voorwaardes waarop genade toegestaan word—dit is nie geloof nie. Opregte geloof het sy wortel in die beloftes van die Skrifte.

Dikwels wanneer die Satan nie daarin slaag om ons wantrouig te maak nie, slaag hy daarin om ons tot vermetelheid te lei. As hy ons kan beweeg om onsself onnodig in die weg van versoeking te plaas, weet hy dat hy die oorwinning sal behaal. God sal almal bewaar wat die pad van gehoorsaamheid bewandel, maar as ons dit verlaat, begeef ons onsself op die Satan se grond. Daar sal ons sekerlik in die sonde val. Die Heiland het ons vermaan om te "waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie." (Markus 14: 38.) Oorpeinsing en gebed sal verhoed dat ons ons onnodig in die gevaar sal begeef, en so sal ons van menige nederlaag bewaar word.

Ons moet egter nie moedeloos word wanneer ons deur versoeking aangeval word nie. Dikwels wanneer ons in moeilike omstandighede beland, twyfel ons of die Gees van God ons wel gelei het. Maar dit is deur die Gees dat Jesus in die woestyn gelei is om deur die [123]
Satan versoek te word. Wanneer God ons beproef, is dit vir ons eie beswil. Jesus het geen misbruik van Gods beloftes gemaak deur Homself onnodig in die versoeking te begeef nie, en ook het Hy me moedeloos geword toe die versoeking gekom het nie. Ook ons moet nie moed opgee nie, want "God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." 1 Kor. 10: 13. Hy sê: "Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan

die Allerhoogste; en roep My aan in die dag van benoudheid; Ek sal jou uithelp,en jy moet My eer." Ps. 50: 14, 15.

Jesus was oorwinnaar in die tweede versoeking, en nou openbaar die Satan homself in sy ware karakter. Maar hy verskyn nie in die gedaante van 'n vreeslike monster met gesplete kloue en vlermuisvlerke nie. Alhoewel hy gevalle is, is hy nogtans 'n magtige engel. Hy bevestig dat hy die leier van die opstand, en die god van hierdie wêreld is.

Die Satan het Jesus op 'n hoë berg geneem en die komnkryke van die wêreld in al hulle heerlikheid voor Hom laat verbygaan. In die volle sonlig het Hy groot tempelstede, marmerpaleise, vrugbare lande en wingerde gesien. Die gevolge van die sonde was bedek. Die oe van Jesus wat so pas ellende en verlatenheid aanskou het, het hierdie toneel van weergalose skoonheid en voorspoed met welgevalle aanskou. Toe is die stem van die versoeker gehoor: "Ek sal U al hierdie mag gee en hulle heerlikheid, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil. As u my dan aanbid, sal alles aan u behoort."

Die sending van Christus kon alleen deur lyding volbring word. Voor Hom was daar 'n lewe van droefheid, lyding, stryd, en n skand- dood. Die sonde van die hele wêreld moes Hy dra. Hy moes voel wat dit is om geskei te wees van die liefde van Sy Vader. Nou het die versoeker aangebied om aan Hom al die mag oor te gee wat hy weder- regtelik verkry het. Christus kon Homself red van die vreeslike toe- koms deur die opperheerskappy van die Satan te erken. Maar dit sou beteken dat Hy die groot stryd gewonne gee. Dit was deur sy poging om homself bokant die Seun van God te verhef dat die Satan in die hemel gesondig het. As die Satan nou die oorwinning kon behaal, sou dit die oorwinning van die opstand beteken.

Toe die Satan aan Christus gesê het, Die komnkryke van die wereld en al hulle heerlikheid en mag is aan my oorgegee, en ek gee
[124] dit aan wie ek wil, het hy slegs 'n deeltjie van die waarheid vertel, en dit om sy eie bedrog te bevorder. Die Satan het die heerskappy aan Adam ontneem, maar Adam was onderkoning vir die Skepper. Hy was nie n onafhanklike heerser nie. Die aarde behoort aan God, en Hy het alle dinge aan Sy Seun oorgegee. Adam sou onder Christus regeer. Toe Adam sy komngskap aan die Satan verbeur het, het Christus nog die regmatige Koning gebly. Die Here het aan Koning

Nebukadnesar gesê “dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens, en dit gee aan wie Hy wil.” Dan. 4: 17. Die Satan kan die gesag wat hy wederregtelik verkry het, uitoefen alleen in die mate wat God hom toelaat om dit te doen.

Toe die versoeker aan Christus die koningskap en die heerlikheid van die wêreld aangebied het, het hy inderwaarheid voorgestel dat Christus Sy regmatige koningskap oor die wêreld moes opgee en onder hom heerskappy moes voer. Op hierdie heerskappy het die Jode ge- hoop. Hulle het na die koninkryk van hierdie wêreld verlang. As Christus toegestem het om hulle so ’n koninkryk te gee, sou hulle Hom met blydskap aangeneem het. Maar die vloek van die sonde met al sy ellende het daarop gerus. Christus het aan die versoeker gesê: “Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

Die komnkryke van hierdie wêreld is vir Christus aangebied deur die een wat in die hemel. gerebelleer het, as koopprys vir Sy aanbidding van die beginsels van boosheid; maar Hy kon nie gekoop word nie. Hy het gekom om die koninkryk van geregtigheid op te rig, en Hy sou nie Sy plan opgee nie. Die Satan kom met hierdie selfde versoeking tot die mens, en daar- het hy groter sukses as met Christus. Aan die mense bied hy die koninkryke van hierdie wêreld op voorwaarde dat hulle sy opperheerskappy erken. Hy verg dat hulle eerlikheid moet opoffer, die gewete moet veronagsaam, en hulleself moet oorgee aan selfsug. Christus vra hulle om eerste die koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek; maar die Satan loop langs hulle en sê. “Wat ook al waar mag wees betreffende die ewige lewe, moet julle my dien om suksesvol te wees in hierdie wêreld. Ek beskik oor julle welvaart. Ek kan julle rykdom, plesier, eer en geluk gee. Luister na my raad. Moenie julle laat wegvoer deur vrome begrippe van eerlikheid en selfopoffering nie. Ek sal die weg voor julle berei,” Hierdeur word groot menigtes bedrieg. Hulle [125]
stem in om net vir hulleself te lewe, en die Satan is tevrede. Terwyl hy hulle aanlok met die hoop tot wêreldse heerskappy, verkry hy heerskappy oor hulle siele. Maar hy bied hulle dinge aan wat nie syne is om te gee nie, en wat eerlank van hom weggeneem sal word. In werklikheid word hulle beroof van die reg op hulle erfenis as die seuns van God.

Die Satan het die feit betwyfel of Jesus die Seun van God was. Die wyse waarop hy weggejaag is, was afdoende bewys vir hom. Jesus se Godheid het geflits deur Sy lydende mensheid. Die Satan het geen mag gehad om die bevel te veronagsaam nie. Woedend oor die vernedering, moes hy wyk van die teenwoordigheid van die Verlosser van die wêreld. Christus se oorwinning was net so volkome as die nederlaag van Adam.

So kan ons ook die versoeking weerstaan en die Satan dwing om van ons weg te gaan. Jesus het deur die geloof en Sy onderworpenheid aan God die oorwinning behaal; by monde van die apostel sê Hy aan ons: "Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy I sal van julle af wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader." Jak. 4:7, 8. Ons kan onsself nie red van die mag van die versoeker nie; hy het die mensdom oorwin, en as ons probeer om in ons eie krag te staan, sal ons die slagoffers word van sy liste; maar "die Naam van die Here is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut." Spreuke 18: 10. Die Satan sidder en vlug vir die swakste siel wat sy toevlug neem tot daardie magtige Naam.

Na die vyand weg was, het Jesus uitgeput op die grond neergeval, en Sy gesig was doodsbleek. Die engele van die hemel het die stryd gadegeslaan, en gesien hoe hulle geliefde Aanvoerder onuitspreeklike lyding moes verduur om n uitweg vir ons te maak. Hy het die toets deurstaan, groter as wat ons ooit sal moet verduur. Die engele het nou die Seun van God bedien waar Hy daar soos 'n sterwende gelê het. Hy is versterk met voedsel, vertroos met 'n boodskap van die Vader se liefde, en verseker dat die hele hemel hulle verbly in Sy oorwinning. Hy het weer Sy kragte herwin, en met Sy hart vol medelyde vir die mens, het Hy voortgegaan om die werk te voltooi wat Hy begin het, om nie te rus totdat die vyand verslaan, en die
[126] gevalle mensdom verlos is nie. Wanneer die verlostes saam met hulle Verlosser voor die troon van God staan, dan eers sal ons besef watter verskriklike losprys vir ons betaal is. Wanneer ons in verrukking ons ewige tuiste sien, sal ons besef dat Jesus dit alles verlaat het vir ons, dat Hy nie alleen 'n banneling geword het uit die hemelse howe nie, maar vir ons die gevaar geloop het om die ewige nederlaag te ly. Dan sal ons ons krone voor Sy voete neerwerp en die lied aanhef: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en
[127] wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." Openb. 5:12.

## Ons het die Messias Gevind

JOHANNES die Doper was nou besig om te preek en te doop by Betabara, oorkant die Jordaan. Dit was nie ver van hierdie plek waar God die waters van die rivier afgekeer het vir die deur- tog van Israel nie. Nie ver daarvandaan nie het die leërs van die hemel die sterk vesting van Jerigo omvergewerp. Die herinnering aan hierdie gebeurtenisse het destyds weer herlewe en groot belangstelling in die Doper se boodskap opgewek. Sou Hy wat in die verlede op sulke wonderbare wyse gewerk het, nie miskien weer Sy krag openbaar vir die verlossing van Israel nie? Dit was die gedagtes wat in die harte van die mense omgegaan het wat daeliks aan die oewers van die Jordaan saamgekom het.

Die prediking van Johannes het so 'n diep indruk op die volk gemaak, dat dit die aandag van die godsdienstige leiers getrek het. Weens die gevaar van opstand as gevolg van sulke populêre volks- ver- gaderings, het die Romeine sulke byeenkomste met agterdog bejeën, en alles wat 'n opstand onder die volk kon verwek, het by die Joodse. owerheid besorgdheid gebaar. Johannes het nie die gesag [128] van die Sanhedrin erken deur hulle toestemming vir sy werk te vra nie, en daarby het hy owerstes sowel as die volk, Fariseërs en Sadduseërs eweseer bestraf. Tog het die volk hom gretig gevolg. Dit het gelyk of die belangstelling in sy werk voortdurend toeneem. Hoewel Johannes hulle nie eerbiedig het nie, het die Sanhedrin gemeen dat hy, as openbare leraar, onder hulle jurisdiksie gestaan het.

Hierdie liggaam het bestaan uit lede wat uit die priesters en uit die owerstes en leraars van die volk gekies is. Die hoëpriester was gewoonlik die voorsitter. Al die lede moes manne van gevorderde leeftyd wees, hoewel nie juis bejaardes nie; hulle moes geleerde manne wees, nie alleen goed bekend met die Joodse godsdiens en geskiedenis nie, maar ook ontwikkeld wat algemene kennis betref. Hulle moes sonder liggaamsgebrek, en getroude manne en vaders wees wat dus meer mensliewend en verdraagsaam sou wees. Hulle vergaderplek was 'n vertrek verbonde aan die tempel te Jerusalem.

In die dae toe die Jode nog onafhanklik was, was die Sanhedrin die hoogste geregshof van die volk, met burgerlike sowel as kerklike gesag. Hoewel hulle nou aan die Romeinse goewerneurs ondergeskik was, het hulle nog groot invloed gehad sowel in burgerlike as in godsdienstige sake.

Die Sanhedrin kon nie eintlik uitstel om die werk van Johannes die Doper te ondersoek nie. Daar was sommige wat hulle die openbaring aan Sagaria in die tempel herinner het, en die vader se voorspelling dat dié kind die voorloper van die Messias sou wees. In die beroering en veranderings van die afgelope dertig jaar het hulle hierdie dinge grotendeels vergeet. Maar die opgewondenheid oor die prediking van Johannes die Doper het hierdie dinge weer in herinnering gebring.

Dit was lank gelede dat Israel laas 'n profeet gehad het; lank dat hulle laas so 'n hervorming gesien het as die wat nou aan die gang was. Die oproep tot belydenis van sonde was nuut en verrassend. Baie van die leiers wou nie gaan luister na die oproepe en bestraffings van Johannes nie, uit vrees dat hulle ook miskien daartoe sou kom om die geheime van hulle eie lewens te openbaar. Tog was sy prediking 'n regstreekse aankondiging van die Messias. Dit was welbekend dat die sewentig weke van die profesie van Daniël, wat die koms van die Messias bepaal het, byna vervul was. Almal wou graag deel hê in daardie tydperk van nasionale heerlikheid wat toe verwag is. Die
[129] entoesiasme was so groot onder die volk dat die Sanhedrin eerlank genoodsaak sou wees om die werk van Johannes of goed te keur of heeltemal af te keur. Hulle mag oor die volk het alreeds begin afneem, en dit het n ernstige vraag geword hoe om hulle posisie te handhaaf. In die hoop om tot die een of ander besluit te kom, het hulle 'n deputasie van priesters en Leviete na die Jordaan gestuur vir 'n onderhoud met die nuwe

Toe die afgevaardigdes daar aankom, het 'n skare mense na sy woorde gesit en luister. Met 'n vertoning van gesag wat bedoel was om 'n indruk op die volk te maak, en die eerbied van die profeet af te dwing, het die trotse rabbi's nadergekom. Met groot eerbied - byna vrees — het die menigte opsy gestaan om hulle te laat verbykom. Die groot manne in hulle kosbare klere, en met die trots van hulle rang en gesag, het voor die woestynprofeet gaan staan.

"Wie is u?" wou hulle weet.

Wetende wat in hulle gedagtes was, het Johannes geantwoord ,
“Ek is nie die Christus nie.”
“Wat dan? Is u Elia?”
“Ek is nie.”
“Is u die profeet?”
“Nee.”
“Wie is u? dat ons antwoord kan gee aan die wat ons gestuur het. Wat sê u van uself?”
“Ek is die stem van een wat roep in die woestyn: Maak die pad van die Here reguit!” soos Jesaja, die profeet, gesê het.

Die skriftuur waarna Johannes hulle verwys het, was daardie heer- like profesie van Jesaja: “Troos, troos My volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is. . . . ’n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die Here; maak gelyk in die wildernis n grootpad vir onse God! Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word; en die bult moet ’n gelykte en die rotsagtige plekke n laagte word. En die heerlikheid van die Here sal geopenbaar wor,

en alle vlees tesame sal dit sien.” Jes. 40: 1-5.

In die ou dae wanneer ’n koning deur die minderbesogte streke van sv gebied sou reis, is ’n aantal manne voor die koninklike ry- tuig uitgestuur om die steil plekke gelyk te maak en die holtes op te vul, sodat die koning veilig en sonder hindernis kon reis. Die [130] profeet het na hierdie gewoonte verwys om die werk van die evan- gelie te illustreer. “Elke dal moet opgevul en elke berg en heuwel klein gemaak word.” Wanneer die Gees van God met Sy wonderbare opwekkende krag die siel aanraak, bring dit die menslike hoogmoed in die stof. Wêreldse plesier en posisie en mag word dan gesien as waardeloos. “Terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opge- werp word teen die kennis van God en elke gedagte gevangeneem tot die gehoorsaamheid van Christus.” 2 Kor. 10: 5. Nederigheid en selfopofïerende liefde wat so min gewaardeer word onder mense, word dan verhef as die dinge wat werklik waarde het. Dit is die werk van die evangelie waarvan die boodskap van Johannes ’n deel was.

Die rabbi’s het hulle ondervraging voortgesit: “Waarom doop u dan as u nie die Christus of Elia of die profeet is nie?” Die woorde. “die profeet” het betrekking gehad op Moses. Daar was ’n geloof

onder die Jode dat Moses uit die dode opgewek en na die hemel geneem sou word. Hulle het nie geweet dat dit reeds gebeur het
[131] nie. Toe die Doper sy bediening begin het, het vele gedink dat hy miskien Moses kon wees wat uit die dode opgewek is, want hy het klaarblyklik 'n deeglike kennis van die profesieë en van die geskiedeniss van Israe gehad.

Daar was ook 'n geloof dat Elia persoonlik sou verskyn vóór die koms van die Messias. Johannes het dit ontken, maar sy woorde het 'n dieper betekenis gehad. Sprekende van Johannes, het Jesus later gesê, "As julle gewillig is om dit aan te neem: hy is Elia wat sou kom." Matt. 11: 14. Johannes het gekom in die gees en krag van Elia, om net so 'n werk te doen as wat Elia gedoen het. As die Jode hom aangeneem het, sou dit vir hulle dieselfde gedoen het, maar hulle het nie sy boodskap aangeneem nie. Vir hulle was hy nie Elia nie. Hy kon vir hulle nie die sending vervul waarvoor hy gekom het me.

Baie van die wat daar by die Jordaan vergader was, was teenwoordig toe Jesus gedoop is; maar die teken wat toe gegee is, is gesien deur net 'n paar van hulle. Gedurende die voorafgaande maande van die Doper se bediening het vele die oproep tot bekering verwerp. So het hulle hulle harte verhard en hulle verstand verduister. Toe die Hemel van Jesus getuig het by Sy doop, het hulle dit nie gewaar nie. En die wat Hom, die onsigbare, nie in geloof aanskou het me, het me die openbaring van die heerlikheid van God gesien nie; ore wat nooit na Sy stem geluister het nie, het daardie getuienis nie gehoor nie. So is dit ook nou. Dikwels word die teenwoordigheid van Christus en van dienende engele geopenbaar in die vergaderings van mense, en tog is daar baie wat dit nie weet nie. Hulle merk niks buitengewoons nie. Maar vir ander word die Heiland se teenwoordigheid geopenbaar. Hulle harte word vervul met vrede en vreugde. Hulle word vertroos,bemoedig, en geseën.

Die afgevaardigdes van Jerusalem het aan Johannes gevra: "Waarom doop u dan?" en hulle het op sy antwoord gewag. Skielik, terwyl sy blik op die menigte gerig was, het sy oë gefonkel, sy gelaat verhelder, en was hy baie aangedaan. Met uitgestrekte hande het y uitgeroep: "Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie —dit is Hy wat na my kom, wat my vóór is, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie."

Die boodskap om na die Sanhedrin te neem was duidelik en onom-wonde. Die woorde van Johannes kon op niemand anders van toe- passing wees as op die langverwagte Een nie. Die Messias was [132] onder hulle! Verbaas het die priesters en owerstes rondgekyk in die hoop om Hom te sien van wie Johannes gepraat het, maar Hy kon onder die skare nie onderskei word nie.

Toe Johannes òp Jesus by Sy doop gewys het as die Lam van God, is daar 'n nuwe lig gewerp op die Messias se werk. In die profeet se gedagte was die woorde van Jesaja, "soos 'n lam wat na die slagplek gelei word." Jes. 53:7. Gedurende die daaropvolgende weke het Johannes met nuwe belangstelling die profesieë en die leer aangaande die verskillende offers ondersoek. Hy kon nie duidelik die verskil sien tussen die twee fases van Christus se werk nie — as 'n soenoffer en as 'n oorwinnende koning nie —maar hy het besef dat Sy koms 'n dieper betekenis gehad het as wat die priesters en die volk besef het. Toe hy Jesus onder die skare sien, nadat Hy van die woestyn teruggekom het, het hy stellig verwag dat Jesus die volk 'n teken sou gee van Sy ware karakter. Byna ongeduldig het hy gewag vir die Heiland om Sy sending aan te kondig; maar daar is geen woord gespreek en geen teken gegee nie. Jesus het nie gereageer op Johannes se aankondiging aangaande Hom nie, maar het onder Johannes se dissipels beweeg sonder enige uiterlike teken van Sy spesiale werk, en sonder enige poging om die aandag op Hom te vestig.

Die volgende dag het Johannes Hom sien aankom. Met die heerlikheid van God rüstende op hom, het die profeet met uitgestrekte hande gewys en gesê. "Daar is die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem! Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man wat my voor is, . . . En ek het Hom nie geken nie, maar dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop.

. . . Ek het die Gees sien neerdaal soos 'n duif uit die hemel, en Hy het op Hom gebly. En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het, om met water te doop, Hy het vir my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat doop met die Heilige Gees. En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is." Joh. 1: 29-34.

Was dit die Christus? Met ontsag en verwondering het die volk die Een aanskou wat so pas aangewys is as die Seun van God. Die woorde van Johannes het 'n diep indruk op hulle gemaak. Hy het
[133] tot hulle gespreek in die Naam van God. Hulle het dag na dag na Hom geluister terwyl hy hulle sondes bestraf het, en daeliks het die oortuiging sterker geword dat Hy van die Hemel gestuur is. Maar wie was hierdie Een dan wat meerder was as Johannes die Doper? In Sy kleding en houding was daar niks wat n hoë stand aangetoon het nie. Op die oog was Hy 'n eenvoudige persoonlikheid, soos hulle gekleed, in die eenvoudige kleredrag van die armes.

Onder die menigte was daar sommige wat by die doop van Christus die goddelike heerlikheid gesien, en die stem van God gehoor het. Maar sedert daardie tyd het die Heiland baie verander. By Sy doop het hulle gesien hoe Sy gelaat verander is soos die glans van die hemelse lig; maar nou, bleek, uitgeput en vervalle, is Hy alleen deur die profeet Johannes herken.

Waar die mense Hom aanskou het, het hulle in Sy gelaat goddelike ontferming, gepaard met 'n bewustheid van krag, gesien. Elke aanblik, elke gelaatstrek, was gekenmerk deur ootmoed en die uitdrukking van onuitspreeklike liefde. Dit het geskyn of Hy omring was van 'n atmosfeer van geestelike invloed. Terwyl Sy houding sagmoedig en beskeie was, het Hy tog die indruk gegee dat verborge krag in Hom geskuil het wat nie heeltemal bedek kon bly nie. Was Hy miskien die Een op wie Israel so lank gewag het?

Jesus het in armoede en nederigheid gekom sodat Hy ons voorbeeld sowel as ons Verlosser kon wees. As Hy gekom het in koninklike prag en praal, hoe sou Hy dan nederigheid kon leer? Hoe sou Hy sulke snydende waarhede kon verkondig het soos in die Bergpredikasie? Waar sou dan die hoop gewees het van die nederiges van hart as Jesus soos 'n koning onder die mense kom woon het?

Vir die skare, egter, het dit onmoontlik geskyn dat die Een deur Johannes aangewys, voldoen het aan die maatstaf van hulle hoë ver- wagtings. So is vele dan teleurgestel en verbyster.

Die woorde wat die priesters en rabbi's so graag wou hoor, naamlik dat Jesus nou die koninkryk van Israel sou herstel, is nie gespreek nie. Hulle het op so 'n koning gewag; so 'n koning sou hulle aanneem. Maar Een wat in hulle die koninkryk van geregtigheid kon oprig, Hom wou hulle nie aanneem nie.

Die volgende dag, terwyl twee van sy dissipels naby hom staan, het Johannes Jesus weer onder die mense gesien. Weer is die aangesig van die profeet verlig met die glans van die Onsienlike, en het hy [134] uitgeroep: "Daar is die Lam van God!" Hierdie woorde het 'n rilling van vreugde deur die harte van die dissipels laat gaan. Hulle het dit nie heeltemal verstaan nie. Wat beteken die Naam wat Johannes aan Hom gee, "Die Lam van God"? Johannes het dit nie verduidelik nie.

Hulle het Johannes verlaat om Jesus te gaan opsoek. Een van die twee was Andreas, die broer van Simon; die ander een was Johannes, die latere evangelis. Hulle was die eerste dissipels van Christus. Deur n onweerstaanbare drang beweeg, het hulle Jesus gevolg — begerig om met Hom te praat, en tog eerbiedig en stil, besig met die groot vraag, "Is dit die Messias?"

Jesus het geweet dat die dissipels Hom gevolg het. Hulle was die eerstelinge van Sy bediening, en daar was blydskap in die hart van die goddelike Leraar toe hierdie siele gereageer het op Sy genade. Maar Hy het Hom omgedraai en slegs gevra: "Wat soek julle?" Hy sou hulle vry laat om om te draai, of om hulle begeerte uit te spreek.

Hulle was bewus van slegs een doel; hulle het net aan een persoon gedink. Hulle het uitgeroep: "Rabbi, waar is u tuis?" In die kort onderhoud langs die pad, kon hulle nie kry wat hulle so sterk na verlang het nie. Hulle wou graag alleen wees met Jesus; hulle wou graag aan Sy voete sit en Sy woorde hoor.

"Hy sê vir hulle: Kom kyk. Hulle het gekom en gesien waar Hy tuis was en die dag by Hom gebly."

As Johannes en Andreas die ongelowige gees van die priesters en owerstes gehad het, sou hulle nie as leerlinge aan die voete van Jesus gesit het nie. Hulle sou tot Hom gekom het as kritici om Sy woorde te oordeel. Op hierdie manier sluit baie mense die deur vir die kos- baarste geleenthede. Maar so het hierdie eerste dissipels nie gehandel nie. Hulle het gehoor gegee aan die roepstem van die Heilige Gees deur die prediking van Johannes die Doper. Nou het hulle die stem van die hemelse Leraar herken. Vir hulle was die woorde van die Here Jesus vol krag en waarheid en skoonheid. Daar is goddelike lig gewerp op die leer van die Ou Testament. Die veelsydige temas van die waarheid is in 'n nuwe lig gesien.

Dit is berou en geloof en liefde wat die siel in staat stel om wysheid van die hemel te ontvang. Geloof wat deur die liefde werk, is die

[135] sleutel tot die kennis, en hy wat liefhet, "ken God." (1 Joh. 4:7.) Die dissipel Johannes was 'n ernstige, lieftallige, vurige, en nadinkende man. Hy het die heerlikheid van Christus begin onderskei — nie die wêreldse prag en praal waarop hy geleer is om te hoop nie maar "'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom - vol van genade en waarheid." (Joh. 1: 14.) Hy was verdiep in die oorpeinsing van die wonderbare tema.

Andreas het getrag om die blydskap wat sy hart vervul het, aan ander mee te deel. Hy het sy broer Simon gaan opsoek en uitgeroep: "Ons het die Messias gevind." Simon het nie op 'n tweede uitnodiging gewag nie. Ook hy het die prediking van Johannes die Doper gehoor, en hy het hom gehaas na die Heiland toe. Christus het hom betrag en sy karakter en lewensgeskiedenis gelees. Sy haastige geaardheid, sy lieftallige, medelydende hart, sy eersugtigheid en selfvertroue, en die geskiedenis van sy val, sy berou, sy arbeid en sy marteldood dit alles het die Heiland gesien, en toe gesê: "Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Sefas, wat vertaal word Petrus.

Die volgende dag wou Jesus na Galilea vertrek; en Hy et Filippus gekry en vir hom gesê: Volg My." Fil.ppus het die bevel gehoorsaam en onmiddellik het hy 'n werker vir Christus geword.

Filippus het Natanael geroep. Laasgenoemde was onder die skare die dag toe die Doper op Jesus gewys het as die Lam van God. Toe Natanael Jesus sien, was hy teleurgestel. Kon hierdie man wat die tekens van harde werk en armoede getoon het, die Messias wees?Tog kon Natanael nie besluit om Jesus te verwerp nie, want die boodskap van Johannes het hom in sy hart oortuig.

Toe Filippus hom kom roep het, het Natanael na n stil boor gegaan om te peins oor Johannes se aankondiging en die profesieë aangaande die Messias. Hy het gebid dat as die Een deur Johannes aan- gewys inderwaarheid die Verlosser is, dit aan hom bekendgemaak moes word. Die Heilige Gees het op hom gekom met die versekermg dat God Sy volk besoek het en 'n horing van saligheid vir hulle verwek het Filippus het geweet dat sy vriend besig was om die profesiee te ondersoek, en terwyl Natanael onder die vyeboom gebid het, het Filippus sy skuilplek ontdek. Hulle het dikwels op hierdie stil plek,saam gebid, bedek deur die lower.

Dit het vir Natanael gelyk of die boodskap: “Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het, n reg streekse antwoord op sy gebed was. Maar Filippus se geloof was [136]
nog baie swak.” Twyfelende het hy daarby gevoeg, “Jesus, die Seun van Josef van Nasaret.” Weer het die vooroordeel in Natanael se hart opgewel, en hy het uitgeroep: “Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?”

Filippus het nie met hom gestry nie. Hy het net gesê, “Kom kyk. Daarop sien Jesus Natanael na Hom toe kom en sê van hom: Hier is waarlik n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.” Verwonderd het Natanael uitgeroep: “Waarvandaan ken U my? Jesus antwoord en se vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.”

Dit was genoeg. Die goddelike Gees wat aan Natanael getuienis gegee het toe hy alleen daar onder die vyeboom gebid het, het nou weer in die woorde van Jesus tot hom gespreek. Hoewel hy getwyfel. en in ’n seker mate bevooroordeeld was, het Natanael tot Christus gekom met ’n opregte begeerte vir die waarheid, en nou is aan daardie begeerte voldoen. Sy geloof het verder gegaan as die van die een wat hom na Jesus gebring het. Hy het geantwoord en gesê: “Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!”

As Natanael op die rabbi’s vir leiding sou vertrou het, sou hy Jesus nooit gevind het nie. Dit was deur vir homself te sien en te oordeel dat hy ’n dissipel geword het. Vandag gaan dit net so met baie wat hulle deur vooroordeel laat weghou van die goeie. Hoe anders sou die resultate wees as hulle maar sou “kom kyk.”

Solank mense op die leiding van menslike gesag vertrou, sal niemand tot ’n reddende kennis van die waarheid kom nie. Soos Natanael, behoort ons die Woord van God vir onsself te ondersoek, en te bid om die verligting van die Heilige Gees. Hy wat Natanael’ onder die vyeboom gesien het, sal ons ook sien in die verborge plek van gebed. Engele van die lig is naby diegene wat in nederigheid om goddelike leiding soek.

Met die roeping van Johannes en Andreas en Simon, en van Filippus en Natanael is die fondament van die Christelike kerk gelê. Johannes het twee van sy dissipels na Christus gestuur. Toe het een van hulle, Andreas, sy broer gevind en hom tot die Heiland gebring. Daarna is Filippus geroep, en hy het Natanael gaan opsoek.

Hierdie voorbeelde behoort ons die belangrikheid van persoonlike werk te leer, om n regstreekse beroep te doen op ons bloedverwante, [137] vriende en bure. Daar is diegene wat hulle hele lewe lank bely dat hulle Christus ken, en tog het hulle nog nooit 'n persoonlike poging aangewend om selfs een siel tot die Heiland te bring nie. Hulle laat al die werk aan die predikant oor. Hy mag baie geskik wees vir sy roeping, maar hy kan nie die werk doen wat God aan die lede van die kerk oorgelaat het om te doen nie.

Daar is baie wat behoefte het aan die diens van liefdevolle Christenharte. Vele wat ten gronde gegaan het, kon gered gewees het as hulle bure, gewone manne en vroue, maar n persoonlike poging ge maak het om hulle te red. Baie wag om persoonlik genader te word. In ons eie huise, in ons buurt, in die dorp waar ons woon, is daar werk vir ons as sendelinge. As ons Christene is, sal hierdie werk vir ons aangenaam wees. Sodra iemand tot bekering gekom het, ontwaak daar in hom 'n begeerte om aan ander te vertel wat 'n dierbare Vriend hy in Jesus gevind het. Die reddende en heiligmakende waarheid kan nie in sy hart opgesluit word nie.

Almal wat aan God toegewy is, sal kanale van lig wees. God gebruik hulle as Sy werktuie om aan ander die rykdom van Sy genade te verkondig. Sy belofte is: "Ek sal hulle en die plekke rondom My heuwel 'n seën maak en die stortreën laat val op sy tyd; stortreëns van seën sal dit wees." Eseg. 34: 26.

Filippus het aan Natanael gesê, "Kom kyk." Hy het hom me gevra om iemand anders se getuienis aan te neem nie, maar om Christus self te sien. Noudat Jesus na die hemel opgevaar het, is Sy dissipels Sy verteenwoordigers onder die mense, en een van die doeltreffendste maniere om siele vir Hom te win, is deur Sy karakter in ons daelikse lewe uit te lewe. Ons invloed op ander is nie soseer afhanklik van wat ons sê nie, maar van wat ons is. Mense mag ons logika beveg of minag, en hulle mag doof wees vir ons oproepe, maar n lewe van onbaatsugtige liefde is iets wat hulle nie kan wegredeneer nie. n Konsekwente lewe, gekenmerk deur die nederigheid van Christus, is 'n krag in die wêreld.

Die leer van Christus het gevloei uit 'n innerlike oortuiging en ondervinding, en diegene wat van Hom leer, word leraars na die goddelike voorbeeld. Die Woord van God, gespreek deur iemand wat self daardeur geheilig is, het 'n lcwegewende krag wat dit aantreklik

maak vir die hoorders en hulle oortuig dat dit n lewende werklikheid is. As iemand die waarheid uit liefde aangeneem het, sal hy dit [138] openbaar deur sy erns en deur sy stembuiging. Hy verkondig wat hy self gehoor, gesien, en getas het, aangaande die Woord van die lewe, sodat ander saam met hom gemeenskap kan hê deur die kennis van Christus. Sy getuienis, uit lippe aangeraak met 'n gloeiende kool van die altaar, is waarheid vir die ontvanklike hart, en het 'n heiligmakende invloed op die karakter.

En die persoon wat soek om die lig aan ander mee te deel, sal self geseën word. "Stortreëns van seën sal daar wees." "Hy wat verkwik, word self ook gelaaf." Spreuke 11: 25. God kon Sy doel bereik het met die redding van sondaars sonder ons hulp, maar sodat ons karakters kan ontwikkel soos die van Christus, moet ons 'n deel hê in Sy werk. Om in Sy vreugde te deel — die vreugde om siele te sien wat deur Sy soendood verlos is — moet ons ook deel hê aan Sy werk vir hulle verlossing.

Natanael se eerste geloofsbelydenis, so volledig en vurig en opreg, was soos musiek in die ore van Jesus. En "Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy, omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit." Die Heiland het met vreugde uitgesien na Sy werk om die blye boodskap te verkondig aan die sagmoediges, om die gebrokenes van hart weer op te rig en vryheid te verkondig aan die gevangenes van die Satan. Gedagtig aan die heer- like seëninge wat Hy aan die mense sou bring, het Jesus verder gesê: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele opklim en neerdaal op die Seun van die mens."

Christus sê hier feitelik: Op die walle van die Jordaan is die hemel geopen en die Gees het in die gedaante van 'n duif op My neergedaal. Daardie toneel was maar die teken dat Ek die Seun van God is. As julle in My as sodanig glo, sal julle geloof versterk word. Julle sal sien dat die hemel geopen is om nimmermeer gesluit te word nie. Ek het die hemel vir julle oopgemaak. Die engele van God klim op en dra die gebede van die behoeftiges en ellendiges na die Vader daarbo, en hulle daal neer om seën en hoop en moed en hulp en lewe te bring aan die mensekinders.

Die engele van God gaan voortdurend van die aarde na die hémel, en van die hemel na die aarde. Die wonderwerke van Christus vir

[139] die noodlydendes en siekes is in die krag van God deur middel van die bediening van die engele verrig. En dit is deur Christus, deur die diens van Sy hemelse boodskappers, dat elke seën van God tot ons kom. Deur die menslike vlees aan te neem, het ons Heiland Hom vereen- selwig met die belange van die gevalle seuns en dogters van Adam, terwyl Hy deur Sy godheid die troon van God aangryp. Op hierdie manier is Christus die medium deur wie die mens met God,
[140] en God met die mens, gemeenskap het.

## Op die Bruilofsfees

DIE Here Jesus het Sy bediening nie begin met die een of ander groot werk voor die Sanhedrin te Jerusalem nie. Op ’n byeen- koms van familielede en vriende in ’n Galilese dorpie het Hy Sy krag geopenbaar om die vreugde op ’n bruilof te verhoog. Op hierdie manier het Hy Sy medelyde met mense betoon en Sy begeerte geopenbaar om hulle gelukkig te maak. In die woestyn van versoeking het Hy self die beker van ellende gedrink. Daarvandaan het Hy voort- gekom om die beker van geluk aan die mensdom te gee in die seën waarmee Hy die huwelik geheilig het.

Van die Jordaan het Jesus na Galilea teruggegaan. Daar sou ’n huwelik te Kana plaasvind, ’n dorpie nie ver van Nasaret nie. Die egpaar was familie van Josef en Maria; en Jesus wetende van hierdie familiebyeenkoms, het na Kana gegaan, en Hy en Sy dissipels is na die bruilof genooi.

Daar het Hy toe weer Sy moeder ontmoet van wie Hy vir ’n tyd geskei was. Maria het gehoor van die openbaring by die Jordaan
tydens Sy doop. Die nuus het ook Nasaret bereik en haar opnuut [141]
herinner aan die dinge wat sy vir soveel jare in haar hart bewaar het. Saam met haar volksgenote was Maria ook diep ontroer deur die prediking van Johannes die Doper. Goed het sy die profesie onthou wat by sy geboorte gegee is. Sy verwantskap met Jesus het haar hoop opnuut laat ontvlam. Maar sy het ook gehoor van Jesus se geheimsinnige vertrek na die woestyn, en sy was beswaar met onrustige voorgevoelens.

Van die dag af toe sy die engel se aankondiging in die woning van Nasaret gehoor het, het Maria elke bewys dat Jesus die Messias was, in haar hart bewaar. Sy minsame, onselfsugtige lewe het haar oortuig dat Hy niemand anders as die Seun van God kon wees me, maar sy was nie vry van twyfel en teleurstellings nie, en sy het verlang na die dag wanneer Hy Sy heerlikheid sou openbaar. Josef, wat die geheim van Sy geboorte met haar gedeel het, het haar deur die dood ontval en nou was daar niemand met wie sy oor haar verwagtings

en vrees on praat nie. Die afgelope twee maande was tye van groot droefheid. Jesus deur wie se medelyde sy vertroos is, was ook weg, en sy het gepeins oor die woorde van Simeon: “Ja, ’n swaard sal deur jou eie siel gaan.” Lukas 2:35. Sy het haar die drie dae van anges herinner toe sy gedink het dat hulle Jesus vir altyd verloor het, en met n angsvolle hart het sy Sy terugkoms afgewag.

Toe sy Hom by die bruilof weer ontmoet, was Hy nog dieselt de liefdevolle, gehoorsame seun. En tog was Hy nie dieselfde nie. Sy gelaat het verander; dit het die tekens van Sy stryd in die woestyn gedra, en daar was ’n nuwe uitdrukking van waardigheid en krag wat bewys gegee het van Sy hemelse sending. By Hom was n groep jong- manne wat Hom met eerbied gadeslaan, en hulle noem Hom Meester. Hierdie metgeselle het aan Maria vertel wat hulle by Sy doop en elders gesien en gehoor het, en hulle het verklaar: “Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het.” Joh. 1:46.

Onderwyl die gaste vergader het, het daar ’n onderdrukte op-gewondenheid geheers, want dit het geskyn asof hulle iets verwag het. Hier en daar het klompies gestaan en praat, en bewonderende oë is in die rigting van die Seun van Maria gedraai. Terwyl Maria na die getuienis van die dissipels aangaande Jesus geluister het, is sy blyge- maak deur die wete dat haar lankgekoesterde hoop nie
[142] tevergeefs was nie, maar sy sou meer as menslik gewees het as daar nie ook ’n bietjie moederstrots saam met die heilige vreugde in haar hart opgewel het nie. Toe sy sien hoe die oë op Jesus gerig is, het sy verlang dat Hy voor die geselskap bewys moes gee dat Hy werklik die Geseënde van God was. Sy het gehoop dat daar geleentheid vir Hom sou wees om in hulle teenwoordigheid ’n wonderwerk te verrig.

Dit was die gewoonte in die dae om tydens ’n huwelik ’n hele paar dae fees te vier. In hierdie geval is daar net vóór die einde van die fees ontdek dat die wyn op was. Hierdie ontdekking het groot verleentheid en teleurstelling veroorsaak. Dit was iets ongewoonds om by die feestelikhede geen wyn te hê nie, en die gebrek daaraan sou n teken van ongasvryheid gewees het. As familie van die egpaar het Maria gehelp met die voorbereidsels vir die fees, en sy het Jesus nou aangespreek en gesê: “Hulle het geen wyn nie. Hiermee wou sy Hom laat verstaan dat Hy miskien kon help. Maar Jesus het

geantwoord: Vrou, wat het Ek met u te doen? My uur het nog nie gekom nie.” [143]

Hierdie antwoord, kortaf soos dit vir ons lyk, was nie onverskillig of onhoflik nie. Die Heiland het Sy moeder volgens Oosterse gewoonte aangespreek. Dit was gebruiklik teenoor mense vir wie jy agting wou betoon. Elke handelwyse van Christus se aardse lewe was in ooreenstemming met die voorskrif wat Hy self gegee het: “Eer jou vader en jou moeder.” Exod. 20: 12. Aan die kruis, in Sy laaste daad van liefde teenoor Sy moeder, het Jesus haar op dieselfde manier aangespreek toe Hy haar aan die sorg van Sy meesbeminde dissipel toevertrou het. By die bruilofsfees sowel as aan die kruis het die liefde wat in Sy stem, aanblik, en maniere uitgedruk is, Sy woorde verstaanbaar gemaak.

Tydens Sy besoek aan die tempel in Sy jongelingsjare, toe die misterie vap Sy lewenstaak vir Hom duidelik geword het, het Christus aan Maria gesê: “Het u nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?” Lukas 2: 49. In hierdie antwoord het ons die grondtoon van Sy hele lewe en bediening. Alles was ondergeskik aan Sy werk — die groot verlossingswerk waarvoor Hy in die wêreld gekom het. Nou het Hy die les weer herhaal. Daar was gevaar dat Maria haar verhouding tot Jesus sou beskou asof dit haar n besondere aanspraak op Hom gegee het, en in ’n mate ook die reg om Hom in Sy sending te lei. Dertig jaar lank was Hy vir haar ’n liefhebbende en onderdanige seun gewees, en Sy liefde het onveranderd gebly; maar nou moes Hy Hom aan die werk van Sy Vader wy. As die Seun van die Allerhoogste, en Verlosser van die wêreld, moes geen aardse bande Hom in Sy sending bind of Sy gedrag beïnvloed nie. Hy moes vry wees om die wil van God te doen. Hierdie les geld ook vir ons. Die aansprake van God moet voorrang geniet bo alle menslike bande en verwantskappe. Geen aardse verlokkings behoort ons te beweeg om die pad te verlaat wat Hy ons beveel het om te bewandel nie.

Vir die gevalle mensdom is die enigste hoop op verlossing in Christus. Maria kon salig word alleen deur die bloed van die Lam van God. Self het sy geen verdienste gehad nie. Haar verwantskap aan Jesus het haar geestelike verhouding tot Hom nie anders gemaak as die van enige ander mens nie. Dit het duidelik uitgekom in die Heiland se woorde. Hy het die onderskeid tussen Sy houding tot haar as die Seun van die mens en die Seun van God verduidelik. Die

bande van bloedverwantskap tussen hulle het haar glad nie met Hom
[144] gelykgestel nie.

Die woorde, “My uur het nog nie gekom nie,” wys op die feit dat elke handeling van Christus op aarde n vervulling was van die plan wat van die voortyd af bestaan het. Vóór Hy na die aarde gekom het, was Hy met die plan in alle besonderhede bekend. Maar toe Hy onder mense gewandel het, is Hy stap vir stap deur die wil van die Vader gelei. Hy het nie geaarsel om op die gesette tyd op te tree nie. Met dieselfde onderworpenheid het Hy gewag totdat die tyd gekom het.

Toe Hy aan Maria gesê het dat Sy tyd nog nie gekom het nie, het Jesus haar onuitgesproke gedagte beantwoord — die verwagting wat sy so lank saam met haar volk gekoester het. Sy het gehoop dat Hy Hom sou openbaar as die Messias, en die troon van Israel sou bestyg. Maar die tyd het nog nie gekom nie. Nie as Koning nie, maar soos ’n “man van smarte en bekend met krankheid” het Jesus die lot van die mensheid aanvaar.

Maar hoewel Maria nie die regte begrip van Christus se sending gehad het nie, het sy Hom volkome vertrou. Op so ’n geloof het Jesus gereageer. Dit was om Maria se vertroue te eer, en die geloof van Sy dissipels te versterk, dat die eerste wonderwerk gedoen is. Die dissipels sou baie versoekings tot ongeloof moet verduur. Die profesieë het hulle bo alle twyfel oortuig dat Jesus die Messias was. Hulle het na die geestelike leiers gekyk om Hom met ’n vertraue aan te neem selfs sterker as hulle eie. Hulle het onder die mense die wonderwerke van Christus, en hulle vertroue in Sy sending verkondig, maar hulle was verbaas en bitter teleurgestel oor die ongeloof, die diepgesetelde vooroordeel, en die vyandigheid teenoor Jesus wat deur die priesters en rabbi s aan die dag gelê is. Die Heiland se eerste wonderwerke het die dissipels versterk in hulle stryd teen hierdie teenstand.

Geensins van stryk gebring deur die woorde van Jesus nie, het Maria aan die tafelbediendes gesê, “Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen. So het sy alles gedoen wat sy kon om die weg vir die werk van Christus te berei.”

Naby die deur het ses groot klipwaterkanne gestaan, en Jesus het hulle beveel om hulle vol water te maak. Dit is gedoen. En, omdat die wyn dadelik nodig was, het Hy gesê, “Skep nou uit en bring dit

vir die hoofdienaar.” Pleks van die water waarmee die kanne gevul is. het daar nou wyn uitgekom. Die hoofdienaar en die gaste was nie eintlik bewus daarvan dat die wyn gedaan was nie. Toe hulle nou die wyn proe wat die bediendes gebring het, het die hoofdienaar [145] bevind dat dit beter was as enige wyn wat Hy ooit gedrink het, en baie anders was as die wat in die begin bedien is. Hy het hom tot die bruidegom gewend en gesê: “Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar jy het die goeie wyn tot nou toe bewaar.”.. . ,

Soos die mense eerste die beste wyn voorsit, en daarna die minderwaardige, so maak die wéreld ook met sy gifte. Wat die wéreld gee, mag die oog bevredig en die sinne bekoor, maar dit sal nooit bevredig nie. Die wyn word bitter en die vreugde verander in droefheid. Wat met vrolike gesing begin is, eindig in moegheid en verfoeiing. Maar die gawes van Jesus is altyd vars en nuut. Die feesmaal wat Hy vir die siel berei, bring altyd tevredenheid en vreugde. Elke nuwe gawe stel die ontvanger in staat om die seëninge van die Here beter te waardeer. Hy gee genade vir genade. Die voorraad sal nooit gedaan raak me. As u in Hom bly dan sal die feit dat u vandag ’n ryke seen ontvang het die waarborg van ’n ryker seën more wees. Die woorde van Jesus aan Natanael stel die wet van Gods handelwyse met die kinders van die geloof Saam met elke nuwe openbaring van Sy liefde, se Hy aan die ontvanklike hart, “Glo jy . . . ? Jy sal groter dinge sien as dit.”

ˆDie gawe van Christus by die bruilofsfees was ’n simbool. Die water was ’n voorstelling van die doop in Sy dood; die wyn, die storting van Sy bloed vir die sondes van die wereld. Die water waarmee die kanne gevul is, is deur mensehande gebring, maar alleen die woord van Christus kon die lewegewende krag bring. So was dit met die rites wat vooruitgewys het op die Verlosser se dood Dit is alleen deur die krag van Christus, werkende deur die geloof, dat hulle die siel kan voed.

Die woord van Christus het volkome voorsien in die behoeftes van die fees. Net so oorvloedig is Sy genade om die sondes van die mens uit te delg, en die siel te verkwik en te bewaar.

By die eerste fees wat Jesus met Sy dissipels bygewoon het, het Hy hulle die beker gegee wat Sy werk vir hulle verlossing gesimbohseer het. By die laaste Avondmaal het Hy dit weer gegee toe Hy

daardie heilige rite ingestel het wat Sy dood sou verkondig "totdat Hy kom." 1 Kor. 11: 26. In die droefheid van die dissipels, toe hulle
[146] van hulle Here moes afskeid neem, is hulle vertroos met die belofte van hereniging, toe Hy gesê het, "Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op -daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader." Matt. 26: 29.

Die wyn wat Christus by die fees voorsien het, en die wat Hy aan Sy dissipels gegee het as die simbool van Sy eie bloed, was die suiwer sap van die druif. Die profeet Jesaja verwys hierna waar hy spreek van die nuwe wyn "soos wanneer iemand mos kry in 'n tros druiwe," en sê: "Verniel dit nie, want daar is 'n seën in." Jes. 65: 8.

Dit was Christus wat in die Ou Testament aan Israel die waarskuwing gegee het, "Die wyn is 'n spotter, en sterke drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie.." Spreuke 20: 1. Hy self het nie bedwelmende wyn voorgesit nie. Die Satan versoek mense om hulleself oor te gee aan dinge wat nulle verstand en hulle geestelike sin sal benewel en verstomp, maar Christus leer ons om ons laer natuur aan die hoëre te onderwerp. Sy hele lewe was 'n voorbeeld van selfverloëning. Om die mag van die aptyt te breek, het Hy ten behoewe van ons die kwaaiste toets ondergaan. Dit was Christus wat beveel het dat Johannes die Doper nie wyn of sterk drank moes drink nie. Dit was ook Hy wat dieselfde opdrag gegee het aan die vrou van Manoag. En Hy het 'n vloek uitgespreek oor die man wat sterke drank aan sy broeder gee. Christus het nie Sy eie leer weerspreek nie. Die ongegiste wyn wat Hy vir die bruilofsgaste voorsien het, was 'n voedsame en verkwikkende drank. Die uitwerking daarvan was om die smaak in harmonie met 'n gesonde aptyt te bring.

Toe die gaste by die fees opmerkings gemaak het oor die kwaliteit van die wyn, is daar navraag gedoen, en die tafelbediendes het toe vertel van die wenderwerk. Die geselskap was vir 'n tyd te verbaas om te dink aan Hom—die een wat die wonder gedoen het. Toe hulle eindelik na Hom soek, het hulle ontdek dat Hy so stil vertrek het dat selfs Sy dissipels dit nie gemerk het nie.

Die groep mense het nou hulle aandag aan die dissipels geskenk. Vir die eerste keer het hulle geleentheid gekry om hulle geloof in Jesus te bely. Hulle het vertel wat hulle by die Jordaan gesien

en gehoor het, en in baie harte het die hoop ontvlam dat God ’n Verlosser vir Sy volk opgewek het. Die nuus aangaande die wonder het deur daardie hele streek versprei, en is ook na Jerusalem geneem. [147] e nuwe belangstelling het die priesters en oudstes die profesieë ondersoek wat verwys het na Christus se koms. Daar was n begeerte om e weet wat die sending van hierdie nuwe leraar was wat so beskeie onder die mense verskyn het.

Die werk van Christus het skerp afgesteek by die van die Joodse ouderlinge. Hulle agting vir tradisie en formalisme het alle ware vryheid van gedagte en optrede aan bande gele. Hulle het in gedurige vrees vir besoedeling gelewe. Om nie in aanraking te kom met iets wat “onrein” is nie, het hulle hulleself afgesonder, nie alleen van die heidene nie, maar ook van die meerderheid van hulle eie mense; hulle het dus niks vir die voordeel van die mense gedoen, en ook niks om hulle vriendskap te win nie. Deur gedurig oor hierdie sake te dink het hulle eng in hulle gedagtes en lewens geword. Hulle voorbeeld het egoïsme en onverdraagsaamheid by alle klasse van mense laat ontstaan.

Jesus het die werk van hervorming begin deur in noue aanraking met die mense te kom. Terwyl Hy die grootste eerbied getoon het vir die wet van God, het Hy die skynvroomheid van die Fariseërs bestraf, en probeer om die mense te bevry van die onsinnige reëls wat hulle gebind het. Hy het getrag om die mure af te breek wat skeiding remaak het tussen die verskillende klasse van die samelewing, sodat Hy die mense kon saambring as kinders van een gesin. Sy teenwoordigheid op die bruilof smaal was ’n stap in daardie rigting.

God het Johannes die Doper beveel om in die woestyn te woon, sodat hy kon beskerm word teen die invloed van die priesters en rabbi’s, met die oog op sy spesiale sending. Maar sy eenvoudige lewe en afgesonderdheid was nie ’n voorbeeld vir die volk nie. Johannes self het nie sy toehoorders beveel om hulie werk op te gee nie. Hy het hulle beveel om bewys te lewer van hulle bekering, deur getrou te wees aan God in die werk waarin hulle was.

Jesus het selfbevrediging in alle vorms bestraf, maar nogtans was Hy gesellig van geaardheid. Hy het die gasvryheid van alle klasse aangeneem, die huise besoek van rykes en armes en van ge- leerdes en ongeletterdes, om hulle gedagtes te verhef bokant die ale- daagse dinge van die lewe, en hulle aandag te vestig op die geestelike en

[148] ewige dinge. Hy het losbandigheid afgekeur, en daar was geen teken van ligsinnigheid in Sy gedrag nie; maar nogtans het Hy plesier gevind in tonele van onskuldige geluk, en deur Sy teenwoordigheid het Hy sosiale byeenkomste goedgekeur. 'n Joodse huweliksfees was 'n indrukwekkende iets, en die vreugde wat daar geheers het, was nie onaangenaam vir die Seun van die mens nie. Deur die fees by te woon, het Jesus die huwelik as 'n goddelike instelling geëer.

In beide die Ou en die Nuwe Testament word die huweliksverhouding gebruik as simbool van die tere en heilige gemeenskap tussen Christus en die gelowiges. In die hart van Jesus het die blydskap van die huweliksfees vooruitgewys op die blydskap van daardie dag wanneer Hy Sy bruid sal huis toe neem na Sy Vader se huis, en wanneer Verlosser en verlostes saam sal aansit by die bruilof smaal van die Lam. Hy sê: "Soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees." "Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie . . . maar jy sal genoem word: My welbehae . . . want die Here het 'n behae in jou." "Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in Sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel." Jes. 62: 5, 4; Sef. 3: 17. Toe Johannes, die apostel, 'n gesig van hemelse dinge gesien het, het hy geskrywe: "Ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte, en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haar gereed gemaak. . . . Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam." Openb. 19:6, 7, 9.

In elke siel het Jesus iemand gesien aan wie die uitnodiging tot Sy koninkryk gegee moes word. Hy het tot die hart van die mense gespreek deur onder hulle te beweeg as iemand wat hulle geluk begeer. Hy het hulle opgesoek op die strate, in privaat huise, op bootjies, in dis sinagoge, aan die oewers van die meer, en by die bruilofsfees. Hy het hulle in hulle daelikse werk ontmoet, en het belanggestel in hulle sake. Hy het hulle in hulle huise geleer, en die gesin onder die invloed van Sy goddelike teenwoordigheid gebring. Sy innige persoonlike medelyde het gehelp om hulle harte te win. Dikwels het Hy na die berge gegaan om alleen te gaan bid, maar dit was slegs om Hom voor te berei vir Sy werk onder mense in hulle aktiewe lewe. Daarvandaan het Hy teruggekom om die siekes

te genees, die onkundiges te leer, en die kettings van die gevangenes van die Satan te verbreek. [149]

Dit was deur persoonlike aanraking en omgang dat Jesus Sy dissipels geleer het. Soms het Hy hulle geleer deur saam met hulle op die berg te sit, soms langs die see, of Hy het saam met hulle gestap en die verborgenhede van die koninkryk van God aan hulle geopenbaar. Hy het nie vir hulle gepreek soos mense vandag doen nie. Waar daar oop harte was om die goddelike boodskap te ontvang, het Hy die waarhede van die verlossingsplan verkondig. Hy het nie Sy 1 dissipels beveel om dit of dat te doen nie, maar Hy het gese, “Volg My.” Op Sy reise deur die land, en in die dorpe, het Hy hulle saam met Hom geneem, sodat hulle kon sien hoe Hy die mense geleer het. Hulle het hulle belange met Syne verbind, en hulle was saam met Hom in die werk.

Die voorbeeld van Christus om Homself te verbind met die belange van die mensdom moet nagevolg word deur almal wat Sy Woord verkondig, en deur almal wat die evangelie van Sy genade aangeneem het Ons moet nie sosiale omgang versaak nie. Ons moet ons nie afsonder van ander nie. Ten einde alle klasse te bereik, moet ons hulle ontmoet waar hulle is. Dit is maar selde dat hulle ons uit eie beweging sal opsoek. Die harte van die mense moet nie net uit die kansel aangeraak word met die goddelike waarheid nie. Daar is ’n ander arbeidsveld, eenvoudiger miskien, maar net so belowend. Dit word gevind in die huise van die armes, die wonings van die grotes, aan die tafe van die gasvryes, en by die byeenkomste vir onskuldige plesier.

Net soos die dissipels van Christus, moet ons nie met die wêreld omgang maak uit ’n blote liefde vir plesier nie, en om aan die dwaasheid daarvan mee te doen nie. Sulke omgang kan alleen skadelik vir ons wees. Ons moet nooit deur ons woorde of dade, of deur ons teenwoordigheid of stilswye, sonde goedkeur nie. Waar ons ook al gaan moet ons Jesus met ons saamneem, en ons moet ons dierbare Heiland aan ander openbaar. Diegene wat probeer om hulle godsdiens veilig te bewaar deur dit toe te bou met ’n klipmuur, verbeur die heerhke geleenthede om goed te doen. Deur sosiale omgang kom die Christelike godsdiens in aanraking met die wêreld. Elkeen wat die goddelike verligting ontvang het, moet die pad verlig van diegene wat nie die Lig van die lewe ken nie.

Ons behoort almal getuies van Jesus te word. Sosiale krag, goedgekeur deur die genade van Christus, moet gebruik word om siele
[150] vir die Heiland te win. Laat die wêreld sien dat ons nie uit selfsug in beslag geneem is deur ons eie belange nie, maar dat ons graag wil hê dat ander ook moet deel in ons seëninge en voorregte. Laat hulle sien dat ons godsdiens ons nie onsimpatiek en hardvogtig maak nie. Laat almal wat bely dat hulle Christus gevind het, dien soos Hy gedien het vir die voordeel van mense.

Ons moet nooit by die wêreld die valse indruk skep dat Christene swaarmoedige en ongelukkige mense is nie. As ons oë op Jesus gevestig is, sal ons 'n ontfermende Verlosser sien, en ons sal verlig word deur Sy aanskyn. Waar Sy Gees heers, daar heers vrede. Daar ook sal vreugde wees, want daar is 'n kalme, heilige vertroue op God.

Christus is tevrede met Sy navolgers wanneer hulle toon dat hulle, alhoewel menslik, deelgenote is van die goddelike natuur. Hulle is nie standbeeide nie, maar lewende manne en vroue. Hulle harte, verkwik deur die dou van goddelike genade, gaan oop en word verruim vir die Son van Geregtigheid. Die lig wat op hulle skyn, weerkaats hulle op ander in werke wat straal van die liefde van
[151] Christus.

## In Sy Tempel

"DAARNA het Hy na Kapernaum afgegaan, Hy en Sy moeder en Sy broers en Sy dissipels, en hulle het daar nie baie dae gebly nie. En die pasga van die Jode was naby, en Jesus het opgegaan na Jerusalem."

Op hierdie reis het Jesus aangesluit by een van die groot reis-gesel- skappe wat op weg was na die hoofstad. Hy het nog nie Sy sending in die openbaar aangekondig nie, en Hy het ongemerk onder die skare beweeg. Met sulke geleenthede is die koms van die Messias wat so beklemtoon is deur Johannes in sy bediening, dikwels bespreek. Die hoop op nasionale grootheid het in baie harte opgevlam Jesus het geweet dat hulle teleurgestel sou wees, want hulle hoop het berus op 'n verkeerde vertolking van die Skrifte. Met groot erns het Hy die profesieë verduidelik, en getrag om die mense op te wek tot 'n grondiger studie van Gods Woord.

Die Joodse leiers het die volk geleer dat hulle te Jerusalem onderrig sou word hoe om God te aanbid. Gedurende die paasweek het groot skares byeengekom, uit alle dele van Palestina, en selfs ook uit afge- leë lande. Die tempelhowe het gewemel van 'n gemengde skare. Baie van die mense kon nie die nodige slagoffers saambring [152]
wat as tipes moes dien van die een groot Slagoffer nie. Om hulle te help, is diere gekoop en verkoop in die voorhof van die tempel. Hier het alle klasse van mense saamgedrom om hulle slagoffers te koop. Hier ook is die vreemde geld uitgewissel vir die munt van die tempel.

Elke Jood moes jaarliks 'n half-sikkel betaal as "losgeld vir sy lewe en die geld wat so ingevorder is, is gebruik vir die onderhoud van die tempel." (Exod. 30: 12-16.) Daarbenewens is groot somme geld gegee as vrywillige offergawes, en in die skatkis van die tempel gestort. Buitelandse geld moes eers uitgewissel word vir munt genoem die tempel-sikkel, wat gebruik is vir die diens van die heiligdom. Hierdie besigheid het geleentheid gebied vir bedrog

en afpersing wat op skandalige wyse ontwikkel het en ’n bron van inkomste vir die priesters geword het.

Die handelaars het ongehoorde pryse gevra vir hulle diere, en hulle het die winste gedeel met die priesters en owerstes wat hulleself

bevooroordeel het ten koste van die volk. Die aanbidders is geleer om te glo dat as hulle nie offer nie, die seën van God nie sou rus op hulle

kinders of hulle saailande nie. Gevolglik kon daar ’n hoë prys vir die offerdiere verkry word, want nadat hulle so ver gekom het, sou die mense nie huis toe gaan sonder om die offer te gee waarvoor hulle gekom het nie.

Gedurende die tyd van die Pasga is daar baie diere geoffer, en dus was die getal wat-verkoop is, groot. Omdat daar sulke verwarring geheers het, het dit soos ’n lawaaierige veemark gelyk eerder as die heilige tempel van God. Onder die gestry oor pryse, die gebulk van beeste, die geblêr van skape, en die gekoer van duiwe, is ook die geluid van klinkende munt gehoor. So groot was die rumoer dat dit die aanbidders gesteur het, en die woorde wat hulle tot die Allerhoogste gerig het, is verdring deur die geraas wat die tempel binne- gedring het. Die Jode was baie trots op hulle vroomheid. Hulle het hulle verbly in die tempel, en ’n woord daarteen gespreek, is beskou as godslastering; baie nougeset het hulle die seremonies gevolg in verband daarmee, maar die liefde vir geld het al hulle gewetensbe- sware gedemp. Hulle het skaars besef hoe ver hulle afgedwaal het van die oorspronklike doel van die dienste wat deur
[153] God self ingestel is.

Toe die Here op die berg Sinai neergedaal het, is die plek geheilig deur Sy teenwoordigheid. Moses is beveel om die berg af te kamp, en dit te heilig, en die woord van God is gehoor in die waarskuwing: “Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, moet sekerlik doodgemaak word. Geen hand mag dit aanraak nie; maar hy moet sekerlik gestenig of sekerlik met ’n pyl geskiet word; of dit ’n dier of ’n mens is — hy mag nie lewe
[154] nie.” Exod. 19: 12, 13. So is die les geleer dat die plek heilig is waar
[155] God Sy teenwoordigheid openbaar. Die terrein rondom Gods tempel moes as heilig beskou gewees het, maar in hulle gejaag na geld is dit alles uit die oog verloor.

Die priesters en owerstes is geroep om verteenwoordigers van God te wees vir die volk; dit was hulle plig om die misbruik van die tempelhowe te belet. Hulle moes 'n voorbeeld van opregtheid en barmhartigheid aan die volk gestel het. Pleks van hulle eie belange te bevorder, moes hulle gedink het aan die behoeftes van die aanbidders, en hulle moes bereid gewees het om diegene te help wat nie in Staat was om die nodige slagoffers te koop nie. Maar dit het hulle nie gedoen nie. Hebsug het hulle harte verhard.

Na die fees het lydendes gekom, mense wat behoeftig en ellendig was. Die blindes, die lammes, die dowes, was daar. Sommige is op beddens daarheen gebring. Baie het gekom, te arm vir selfs die nederigste offergawe aan die Here, of om voedsel te koop om hulle honger te stil. Hierdie mense was baie teleurgestel oor die ver- klarings van die priesters. Die priesters het gespog met hulle vroomheid; hulle het voorgegee om die beskermers van die volk te wees, maar hulle was sonder medelyde of ontferming. Tevergeefs het die armes, die siekes, en die sterwendes hulle op hulle hulp beroep. Hulle lyding het geen jammerte in die harte van die priesters gewek nie.

Toe Jesus die tempel binnekom, het Hy die hele toneel gesien. Hy het die onregverdige transaksies gesien. Hy het die eilende van die armes gesien, wat gedink het dat daar sonder bloedvergieting geen vergifnis van hulle sondes sou wees nie. Hy het gesien hoedat die buitenste voorhof van die tempel in n onheilige handelsplek verander is. Die heilige vertrek het een groot geldmark geword.

Christus het gevoel dat iets gedoen moes word. Die volk moes deelneem aan talryke seremonies sonder die nodige onderrig aangaande die betekenis. Die aanbidders het hulle slagoffers geoffer sonder om te verstaan dat hulle tipes was van die enigste volmaakte Slagoffer. Onder die mense, dog nie herken of geëer nie, het die Een gestaan wat die teenbeeid van hulle hele diens was. Hy het die voorskrifte gegee vir die offers. Hy het hulle simboliese betekenis verstaan, maar nou het Hy gesien hoedat alles verdraai en verkeerd verstaan is. Ware geestelike aanbidding was vinnig aan die verdwyn. Geen skakel het die priesters en owerstes met God verbind nie. Dit was die werk van Christus om 'n heeltemal nuwe godsdiens in te stel. Met een oogopslag het Christus, waar Hy daar op die trappe [156]
van die tempelvoorhof gestaan het, die hele toneel opgeneem. Met

pro- fetiese oog het Hy in die toekoms gekyk, en nie net jare nie, maar eeue vooruitgesien. Hy het gesien hoedat priesters en owerstes die behoeftiges van hulle regte sou hou en belet dat die evangelie aan die armes verkondig word. Hy het gesien hoedat die liefde van God verberg sou word vir sondaars, en hoe mense sou handel dryf met Sy genade. Waar Hy die toneel aanskou het, is daar verontwaardiging, gesag, en krag in Sy gelaat gesien. Die aandag van die mense is op Hom gevestig. Die oë van diegene wat besig was met hulle onheilige handel, is stip op Hom gevestig. Hulle kan nie hulle oë afwend nie. Hulle voel dat hierdie man hulle gedagtes lees, en hulle bedekte motiewe sien. Sommige van hulle probeer om hulle gesigte te bedek asof hulle sondige dade op hulle gelaat geskryf staan om deur daardie deurdringende oë gelees te word.

Daar het stilte gekom. Die gepraat en gestry het opgehou. Die stilte was ondraaglik. Heilige vrees het oor die mense gekom. Dit was asof hulle voor die regbank van God staan om rekenskap te gee van hulle dade. Waar hulle op Christus kyk, het hulle gesien hoedat die godheid deur Sy mensheid straal. Die Majesteit van die hemel het gestaan soos die Regter op die laaste dag sal staan — nie nou omring van die heerlikheid wat Hy dan sal hê nie, maar met dieselfdc mag om die siel te lees. Sy oog gaan oor die skare, en Hy neem elke indiwidu op. Dit skyn asof Sy gedaante bokant almal uitstaan met ge- saghebbende waardigheid, en 'n goddelike glans is op Sy gelaat. Hy praat, en Sy helder stem — dieselfde wat op Sinai die wet afgekondig het wat die priesters nou oortree het — word weergalmend gehoor deur die gange van die tempel: "Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van My Vader 'n handelshuis maak nie."

Langsaam is Hy met die trappe af, en met die sweep van toutjies wat Hy opgetel het toe Hy die voorhof binnegekom het, omhoog in Sy hand, het Hy die wisselaars gebied om die heilige grond van die tempel te verlaat. Met n ywer en vasberadenheid wat Hy nog nooit tevore geopenbaar het nie, het Hy die tafels van die wisselaars om- gekeer. Die geld het klinkend geval op die marmer plaveisel. Niemand het dit gewaag om Hom te vra op wie se gesag Hy handel nie. Nie een van hulle het vertoef om sy geld op te tel nie. Jesus
[157] het hulle nie gestriem met die sweep van toutjies nie, maar in Sy hand het die eenvoudige sweep gelyk soos 'n vlammende swaard.

Beamptes van die tempel, priester-spekulante, geldwisselaars en beeshandelaars, met hulle skape en beeste, het van die plek gevlug, met net die een doel, naamlik om te ontkom aan Sy veroordelende teenwoordigheid.

Daar was paniek onder die skare wat die mag van Sy godheid gevoel het. Noodkrete is gehoor van honderde wat hulle bleek geskrik het. Selfs die dissipels het gebewe. Hulle was vreesbevange ten gevolge van die woorde en optrede van Jesus, so anders as gewoonlik. Hulle het onthou dat daar van Hom geskryf is, "Die ywer vir U huis het My verteer." Ps. 69: 10. Binne 'n kort tydjie was die rumoerige skare met hulle handelsware ver verwyder van die tempel van die Here. Die tempelhowe is gereinig van hulle onheilige handel, en 'n groot stilte het neergesak op die toneel van verwarring. Die teenwoordigheid van die Here wat in die verlede die berg geheilig het, het nou die tempel wat ter ere van Hom gebou is, geheilig.

In die reiniging van die tempel het Jesus Sy sending aangekondig as die Messias, en Sy werk aanvaar. Die tempel, opgerig vir die goddelike teenwoordigheid, was bedoel as aanskouelike les vir Israel en vir die wereld. Van die voortyd af was dit Gods doel dat elke geskape wese, van die heilige serafs tot die mens, n tempel moet wees vir die inwoning van die Skepper. Ten gevolge van die sonde het die mens opgehou om Gods tempel te wees. Verduister en besoedel deu: die sonde, het die hart van die mens nie langer die heerlikheid van God geopenbaar nie. Maar deur die vleeswording van die Seun van God, is die doel van die Hemel verwesenlik. God woon in die mensheid, en deur Sy reddende genade word die hart van die mens weer Sy tempel. Dit was Gods doel dat die tempel te Jerusalem n gedurige getuie sou wees van die hoë roeping wat daar vir elke siel moontlik is. Maar die Jode het nie die betekenis verstaan van die gebou wat hulle met soveel trots betrag het nie. Hulle het hulle nie oorgegee as heilige tempels van die goddelike Gees nie. Die voorhowe van die tempel te Jerusalem, gevul met die rumoer van onheilige handel, was 'n ware voorstelling van die menslike hart, besoedel met die teenwoordigheid van vleeslikheid en onreine gedagtes. In die reiniging van die tempel van die wereldse kopers en verkopers, het Jesus Sy werk aangekondig van die reiniging van die hart van die [158]
besoedeling van die sonde — van die aardse begeertes, die vleeslike welluste, en die sondige gewoontes wat die siel besmet. "Dan sal

skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare. Maar wie kan die dag van Sy koms verdra?

En wie sal standhou as Hy verskyn ? Want Hy sal wees soos die vuur j van die smelter en soos die seep van die wassers. En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en silwer." Mal. 3: 1-3.

"Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig en dit is julle." 1 Kor. 3: 16, 17. Geen mens kan uit eie krag die bose bende uitwerp wat besit van sy hart geneem het nie. Christus alleen kan die sielstempel reinig. Maar Hy sal nie met geweld binnekom nie. Hy kom nie na die hart soos na die tempel van ouds nie; maar Hy sê, "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oop- maak, sal Ek ingaan na hom toe." Openb. 3: 20. Hy sal kom, nie net vir een dag nie, want Hy sê, "Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, . . . en hulle sal vir My 'n volk wees." "U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp." 2 Kor. 6: 16; Miga 7: 19. Sy teenwoordigheid sal die siel reinig en heilig, sodat dit 'n heilige tempel vir die Here sal wees, "tot 'n woning van God in die Gees." Efe. 2:21, 22.

Oorweldig van vrees het die priesters en owerstes gevlug van die voorhof van die tempel, en van die deurdringende oë wat hulle harte gelees het. Toe hulle van die tempel af weggevlug het, het hulle ander ontmoet wat op weg was na die tempel, en het hulle gewaarsku om nie te gaan nie, en hulle vertel wat hulle gesien en gehoor het. Christus het na die vlugtendes gekyk met 'n diepgaande jammerte vir hulle vrees, en hulle onkunde van wat ware aanbidding was. In hierdie toneel het Hy 'n simbool gesien van die verstrooiing van die hele Joodse volk oor hulle sondes en onboetvaardigheid.

En waarom het die priesters gevlug van die tempel af? Hoekom het hulle nie hulle man gestaan nie? Die Een wat hulle beveel het om te gaan, was 'n timmerman se seun, 'n arme Galileër, sonder enige aardse rang of mag. Waarom het hulle Hom nie weerstaan nie?
[159] Waarom het hulle hulle winste laat lê wat hulle deur bedrog verkry het, en gevlug op bevel van iemand wat uiterlik so gering was?

Christus het gespreek met die gesag van 'n koning, en in Sy voorkomste en stembuiging was daar iets wat hulle geen mag gehad het om te weerstaan nie. Op daardie bevelwoord het hulle hulle ware posisie as huigelaars en rowers besef. Toe die godheid deur die mensheid geflits het, het hulle nie alleen verontwaardiging op Christus se gelaat gesien nie; hulle het die betekenis van Sy woorde begryp. Dit het gevoel asof hulle voor die troon van die ewige Regter staan en die vonnis vir tyd en die ewigheid aangehoor het. Vir 'n tyd was hulle oortuig dat Christus 'n profeet was, en vele het in Hom geglo as die Messias. .Die Heilige Gees het in hulle harte die woorde van die profete aangaande Christus geflits. Sou hulle handel op daardie oortuiging?

Hulle wou hulle nie bekeer nie. Hulle het geweet dat Christus se medelyde vir die armes opgewek was. Hulle het geweet dat hulle skuldig was aan afpersing in hulle transaksies met die volk. Omdat Christus hulle gedagtes gelees het, het hulle Hom gehaat. Hulle hoogmoed is gekwes toe Hy hulle in die openbaar bestraf het, en hulle was afgunstig op Sy toenemende invloed onder die mense. Hulle het besluit om Hom te ondervra aangaande die mag waardeur Hy hulle uitgedryf het, en wie Hom daardie mag gegee het.

Langsaam en bedagsaam, maar met haat in hulle harte, het hulle na die tempel teruggekeer. Maar wat 'n verandering het daar in hulle afwesigheid plaasgevind! Toe hulle gevlug het, het die armes agtergebly; hulle het nou na Jesus gekyk op wie se gelaat hulle Sy liefde en medelyde gesien het. Met trane in Sy oë het Hy aan die bewendes rondom Hom gesê: Moenie vrees nie; Ek sal julle verlos, en julle sal My verheerlik. Hiervoor het Ek in die wêreld gekom.

Die mense het na Hom toe gekom met dringende, hartroerende ver- soeke: Meester, seën my. Sy oor het elke versoek gehoor. Met ontferming groter as die van 'n tere moeder, het Hy neergebuig oor die lydendes. Almal het Sy aandag geniet. Elkeen is genees van die siekte waaraan hy gely het. Die stommes het Hom geloof; die blindes het die aangesig van hulle Heelmeester gesien. Die harte van die lyers is blygemaak.

Wat 'n openbaring was die geluide wat hulle gehoor het, vir die priesters en tempeldienaars wat hierdie groot werk gesien het! Die [160]
mense het vertel van die pyn wat hulle gely het, van hulle teleurgestelde hoop, van dae van pyn en slapelose nagte. Toe dit geskyn

het dat die laaste vonkie van hoop uitgeblus was, het Christus hulle genees. Die las was so swaar, het een gesê, maar ek het ’n Helper gevind. Hy is die Christus van God, en ek sal my hele lewe wy aan Sy diens. Ouers het aan hulle kinders gesê: Hy het jou lewe gered, verhef jou stem en loof Hom. Die stemme van kinders en jongmense, vaders en moeders, vriende en toeskouers, het saamgesmelt in danksegging aan God. Hulle harte is vervul met hoop en blydskap. Vrede het in hulle gemoed gekom. Hulle is genees in liggaam en siel; hulle is huis toe, en het orals vertel van die grenslose liefde van Jesus.

Tydens die kruisiging van Jesus, het diegene wat genees is, nie saam met die gepeupel geskreeu nie. Hulle het medelyde met Jesus gehad; want hulle was die ontvangers van Sy groot medelyde en het Sy wonderbare krag gevoel. Hulle het Hom geken as hulle Verlosser, want Hy het aan hulle genesing van liggaam en siel gebring. Hulle het geluister na die prediking van die apostels, en die ingang van Gods Woord in hulle harte het hulle wysheid gegee. Hulle het werktuie van Gods genade geword en van Sy verlossing.

Die skare wat van die tempel gevlug het, het ook na ’n tydjie begin terugkom. Hulle het gedeeltelik herstel van die paniek wat hulle beetgepak het, maar op hulle gesigte was daar ’n uitdrukking van besluiteloosheid en vrees. Hulle het met verbasing die werk van Jesus aanskou, en was oortuig dat die voorspellings aangaande die Messias in Hom vervul is. Die sonde van tempelontheiliging het grotendeels op die priesters gerus. Dit was ten gevolge van hulle reëling dat die voorhof van die tempel in ’n markplaas verander is. Die mense self was in ’n groot mate onskuldig. Die goddelike gesag van Jesus het ’n indruk op hulle gemaak, maar by hulle het die invloed van die priesters en owerstes nog die botoon gevier. Hulle het Christus se werk beskou as ’n nuwigheid, en het Sy reg om in te meng met wat die tempeloutoriteite toegelaat het, in twyfel getrek. Hulle was gebelg omdat die handel daar versteur is, en hulle het die oor- tuigings van die Heilige Gees geblus.

Van alle ander moes die priesters en owerstes in Jesus die gesalfde van die Here gesien het; want die heilige rolle wat Sy sending beskryf het, was in hulle besit, en hulle het geweet dat die reiniging van die tempel ’n openbaring van meer as menslike krag was. Hoe
[161] hulle Jesus ook gehaat het, kon hulle nie die gedagte van hulle afskud me dat Hy moontlik ’n profeet is, deur God gestuur, om die

heiligheid van die tempel te herstel. Met 'n eerbied gebore uit vrees, het hulle na Hom gegaan met die vraag, "Watter teken wys U vir ons, dat U hierdie dinge doen?"

Jesus het hulle 'n teken gewys. Deur lig in hulle harte te laat skyn, en deur voor hulle die werke te doen wat die Messias sou doen, het Hy afdoende bewys gegee van Sy karakter. Toe hulle nou om n teken vra, het Hy hulle deur middel van 'n gelykenis geantwoord, wat aangetoon het dat Hy bewus was van hulle kwaadwilligheid, en die dade waartoe dit hulle nog sou lei. "Breek hierdie tempel af, het Hy gesê," "en in drie dae sal Ek dit oprig."

Hierdie woorde van Hom het 'n tweevoudige betekenis gehad. Hy het gesinspeel, nie alleen op die verwoesting van die Joodse tempel en godsdiens nie, maar ook op Sy eie dood — die afbreking van die tempel van Sy liggaam. Die Jode was alreeds besig met sulke planne. Toe die priesters en owerstes na die tempel teruggegaan het, het hulle 'n plan gehad om Hom dood te maak, om so ontslae te raak van die beroerder. En tog, toe Hy hulle plan aan hulle openbaar, het hulle Hom nie verstaan nie. Hulle het Sy woorde opgeneem as verwysende na die tempel te Jerusalem, en met verontwaardiging het hulle uitgeroep, "Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou, en U, sal U dit in drie dae oprig?" Hulle het nou gevoel dat Jesus hulle ongeloof geregverdig het, en hulle verwerping van Hom was 'n uit- gemaakte saak.

Dit was nie Christus se plan dat die ongelowige Jode Sy woorde moes verstaan nie, en ook nie Sy dissipels in daardie tyd nie. Hy het geweet dat Sy vyande dit verkeerd sou opneem en dit teen Hom sou gebruik. By Sy verhoor sou dit as beskuldiging teen Hom ingebring word, en op Golgota sou hulle Hom daarmee smaad. As Hy Sy woorde nou aan Sy dissipels verduidelik het, sou dit hulle kennis gegee het van Sy lyde en droefheid wat hulle nie sou kon dra nie. En dan nog, 'n verduideliking sou vóór die tyd aan die Jode die gevolge van hulle vooroordeel en ongeloof geopenbaar het. Alreeds het hulle die weg ingeslaan wat hulle vasberade sou volg totdat Hy soos 'n lam ter slagting gelei word.

Dit was vir diegene wat in Hom sou glo, dat Christus hierdie woorde gespreek het. Hy het geweet dat hulle oorvertel sou word. Daar hulle by die Paasfees geuiter is, sou duisende hulle te hore [162]
kom, en hulle sou na alle dele van die wêreld gedra word. Ná Sy

opstanding uit die dood sou hulle betekenis duidelik word. Vir vele sou hulle afdoende bewys wees van Sy godheid.

Om rede hulle geestelike duisternis het selfs Sy dissipels dikwels nie Sy lesse verstaan nie. Maar latere gebeurtenisse het die betekenis van baie van hierdie lesse vir hulle verstaanbaar gemaak. Toe Hy nie meer met hulle gewandel het nie, het Sy woorde hulle harte versterk.

In hulle betrekking op die tempel van Jerusalem het die Heiland se woorde, "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal ek dit oprig," 'n dieper betekenis gehad as wat die hoorders besef het. Christus was die fondament en lewe van die tempel. Die dienste daarin was tipes van die soendood van die Seun van God. Die priesterdom is in die lewe geroep om die middelaarswerk van Christus voor te stel. Die hele offerstelsel was n skaduwee van die Heiland se dood om die wêreld te red. Hierdie offers sou geen waarde meer hê wanneer die groot gebeurtenis waarna hulle vooruitgewys, plaasgevind het nie.

Aangesien die hele rituaal simbolies was van Christus, het dit geen waarde sonder Hom gehad nie. Toe die Jode hulle verwerping van Christus verseël het deur Hom in die dood oor te lewer, het hulle alles verwerp wat betekenis gegee het aan die tempel en sy dienste. Die heiligheid daarvan het gewyk. Dit was tot verwoesting gedoem. Van daardie dag af was die slagoffers en die dienste in verband daarmee, betekenloos. Soos die offer van Kain, het hulle nie geloof in die Verlosser geopenbaar nie. Deur Christus om die lewe te bring, het die Jode feitelik hulle tempel vernietig. Toe Christus gekruisig is, is die binneste voorhangsel van die tempel van bo na onder geskeur as teken dat die groot Soenoffer geslag is, en dat die offerstelsel vir altyd ten einde geloop het.

"In drie dae sal Ek dit oprig." Met die dood van die Verlosser het dit geskyn of die magte van die duisternis die oorwinning behaal het, en hulle het hulle verbly in hulle oorwinning. Maar uit die geopende graf van Josef het Jesus voortgekom as oorwinnaar, "Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar ten toon gestel en daardeur oor hulle getriomfeer het." Kol. 2: 15. Op grond van Sy dood en opstanding het Hy 'n bedienaar geword van "die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie." Heb. 8: 2.
[163] Mense het die Joodse tabernakel opgerig, en mense het die Joodse tempel gebou, maar die heiligdom daarbo, waarvan die aardse n tipe

was, is nie deur 'n menslike argitek gebou nie. "Kyk, daar kom ´n man wie se Naam is Spruit, . . . en Hy sal die tempel van die Here bou en Hy sal majesteit verkry en sit om te heers op Sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon." Sag. 6: 12, 13.

Die offerstelsel wat gewys het op Christus het ten einde geloop, maar die oë van die mense is gevestig op die ware Soenoffer vir die sondes van die wêreld. Die aardse priesterskap het verval, maar ons sien op Jesus, die middelaar van die nuwe verbond, en op "die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel." "Die weg na die heiligdom [was] nog nie geopen . . . solank die eerste tabernakel nog standhou nie. . . . Maar Christus wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie . . . deur Sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en n ewige versoening teweeg gebring." Heb. 12: 24; 9: 8-12.

"Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." Heb. 7:25. Hoewel die bediening van die aardse na die hemelse tempel verskuif sou word, en alhoewel die heiligdom van ons grote Hoëpriester nie sigbaar vir ons oë sou wees nie, sou die dissipels nogtans geen verlies daardeur ly nie. Hulle sou geen onderbreking in hulle gemeenskap en geen vermindering van hulle krag ondervind ten gevolge van die Heiland se afwesigheid nie. Terwyl Jesus dien in die hemelse heiligdom, is Hy deur Sy Gees nog die bedienaar van die kerk op aarde. Hy is nie meer sigbaar vir die vleeslike oog nie, maar Sy afskeids- belofte is vervul, "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 28: 20. Hoewel Hy Sy krag meedeel aan bedienaars, is Sy besielende teenwoordigheid nog in Sy kerk.

"Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het, . . . naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie n Hoëpriester wat nie met ons swakhede kan medelyde hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Heb.4: 14-16. [164]

[165]

## Nikodemus

NIKODEMUS het ’n hoë en verantwoordelike pos beklee onder die Joodse volk. Hy was goed geleerd, was buitengewoon I talentvol en hy was ’n geëerde lid van die nasionale raad. Soos by ander het die leer van Jesus ’n diep indruk op hom gemaak. Hoewel hy ryk en geleerd en geëerd was, het hy hom tog aangetrokke gevoel tot die nederige Nasarener. Die lesse wat hy van die Heiland se lippe gehoor het, het hom diep getref, en hy wou graag meer van daardie wonderbaarlike waarhede hoor.

Die gesag wat Christus gebruik het by die reiniging van die tempel, het die haat verwek van die priesters en owerstes. Hulle het die mag van hierdie vreemdeling gevrees. Sulke vrypostigheid van n onbekende Galileër sou hulle nie gedoog nie. Hulle het hulle beywer om Sy werk tot ’n end te bring. Maar nie almal was dit hieroor eens nie. Daar was sommige wat bang was om die Een te weerstaan wat so klaar- blyklik deur die Gees van God gelei is. Hulle het onthou hoedat profete gedood is omdat hulle die sondes van die leiers van Israel bestraf het. Hulle het geweet dat hulle onderwerping aan ’n heidense volk die gevolg was van hulle hardnekkige verwerping van
[166] die tereg- wysings van God. Hulle het gevrees dat die priesters en owerstes in hulle bose planne teen Jesus besig was om te volg in die voetstappe van hulle vaders, en dat dit nuwe rampe op die volk sou bring. Nikodemus was een van die wat so gevoel het. Op ’n vergadering van die Sanhedrin, waar die stappe wat hulle teen Jesus sou doen, bespreek is, het Nikodemus hulle gemaan tot versigtigheid en moderasie.

Hy het aangevoer dat as Jesus regtig gehandel het op gesag van God, dit baie gevaarlik sou wees om Sy waarskuwings te verwerp. Die priesters kon dit nie waag om hierdie raad te veronagsaam nie, en vir ’n tyd het hulle nie opgetree teen die Heiland nie.

Vandat hy Jesus gehoor het, het Nikodemus ernstig die profesiee aangaande die Messias ondersoek; en hoe meer hy ondersoek het, hoe sterker was sy oortuiging dat dit die Een was wat sou kom.

Saam met baie ander in Israel was hy gegrief oor die ontheiliging van die tempel. Hy het gesien hoe Jesus die kopers en verkopers uitgedryf het, hy het die wonderbaarlike openbaring van goddelike krag gesien; hy het gesien hoedat die Heiland die armes ontvang, en die siekes genees het, hy het hulle blydskap gesien en hulle woorde van lof gehoor: en hy kon nie twyfel dat Jesus van Nasaret die Een was wat deur God gestuur is nie.

Hy wou baie graag ’n onderhoud met Jesus hê, maar het nie die moed gehad om Hom openlik te gaan spreek nie. Dit sou te vernederend vir ’n owerste van die Jode gewees het om te erken dat hy saam gevoel het met so n onbekende leraar. En as die Sanhedrin sou hoor van sy besoek, sou hulle hom verag en bestraf het. Hy het toe besluit om n geheime onderhoud te hê, met die verskoning dat as hy openlik sou gaan, ander sy voorbeeld sou volg. Nadat hy deur navraag verneem het van die Heiland se woonplek op die Olyfberg, het hy gewag totdat die stad geslaap het, en Hom toe gaan opsoek.

In die teenwoordigheid van Christus, het Nikodemus ’n vreemde senuweeagtigheid gevoel wat hy wou verberg onder sy waardigheid. “Rabbi,” het hy gesê, “ons weet dat U ’n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie.” Deur te praat van Christus se begaafdheid as leraar, en ook van Sy wonderbare krag om wonderwerke te doen, het hy gehoop om die weg te berei vir sy onderhoud. Sy woorde was bedoel om vertroue uit te lok; maar inderwaarheid het hulle ongeloof geopen baar. Hy het Jesus nie erken as die Messias nie, maar slegs [167]
as ’n leraar wat van God gekom het.

Pleks van hierdie begroeting te beantwoord, het Jesus stip na die spreker gekyk asof Hy sy siel gelees het. In Sy groot wysheid het Hy voor Hom ’n soeker na die waarheid gesien. Hy het die doel van die besoek geken, en met ’n begeerte om die oortuiging te verdiep wat alreeds in die besoeker se hart was, het Hy sommer reg op die man af gekom deur ernstig, dog vriendelik te sê, “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Joh. 3: 3.

Nikodemus het na die Here gekom, hopende om ’n gesprek met Hom aan te knoop, maar Jesus het aan hom die grondbeginsels van die waarheid geopenbaar. Hy het aan Nikodemus gesê dat dit nie soseer teoretiese kennis was waaraan hy behoefte gehad het nie,

maar liewer ’n geestelike wedergeboorte. Wat jy nodig het, is nie om jou nuuskierigheid te bevredig nie, maar ’n nuwe hart. Jy moet ’n nuwe lewe van omhoog ontvang voordat jy hemelse dinge sal waardeer. Aleer hierdie verandering plaasvind waarin alle dinge nuutgemaak word, sal dit tog nie vir jou redding bring om met My te praat oor die gesag van My sending nie.

Nikodemus het die prediking van Johannes die Doper gehoor aangaande bekering en die doop, asook wat hy gesê het oor die Een wat met die Heilige Gees sou doop. Hy self het gevoel dat daar ’n gebrek aan geestelikheid onder die Jode was, en dat hulle, in ’n groot mate, dweepsugtig en vol wêreldse eersugtigheid was. Hy het gehoop dat daar ’n beter toestand van sake sou kom met die koms van die Messias. Maar die hartdeursoekende boodskap van die Doper het hom nie tot oortuiging van sonde gebring nie. Hy was n nougesette Fariseër, en het homself beroem op sy goeie werke. Hy het hoog aangeskryf gestaan weens sy welwillendheid, en sy vrygewigheid teenoor die onderhouding van die tempeldienste; hy was seker dat hy in die guns van God was. Hy was verbaas om te hoor van ’n koninkryk wat te rein was vir hom om te sien in sy huidige toestand.

Die beeld van die wedergeboorte, wat Jesus gebruik het, was nie heeltemal onbekend vir Nikodemus nie. Bekeerlinge uit die heidendom tot die geloof van Israel is dikwels vergelyk met pasgebore kin- dertjies. Hy moes dus geweet het dat die woorde van Christus
[168] nie in ’n letterlike sin opgeneem moes word nie. Maar kragtens sy geboorte as n Israeliet het hy homself beskou as iemand wat seker kon wees van n plek in Gods koninkryk. Hy het nie gevoel dat hy ’n verandering nodig gehad het nie. Dit verklaar sy verbasing oor die Heiland se woorde. Hy het hom vererg omdat hulle regstreeks op hom toe- gepas is. Die hoogmoed van die Fariseër het in botsing gekom met die opregte begeerte van die soeker na waarheid. Hy was verbaas dat Christus so tot hom kon spreek, sonder om sy posisie as owerste in Israel in aanmerking te neem.

Hy was so verbaas dat hy nie langer op sy hoede was nie, en het Christus ironies geantwoord, “Hoe kan ’n mens as hy oud is, gebore word?” Net soos baie ander wanneer hulle getref word deur snydende waarheid, het hy die feit geopenbaar dat die vleeslike mens nie die dinge van die Gees van God kan verstaan nie. Daar was in

hom niks wat kon reageer op geestelike dinge nie, want geestelike dinge word geestelik beoordeel.

Maar die Heiland het nie argument met argument beantwoord nie. Plegtig en met groot waardigheid het Hy Sy hand opgehef en die waarheid met groter sekerheid herhaal, "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie." Nikodemus het geweet dat Christus hier bedoel het die waterdoop en die vernuwing van die hart deur die Gees van God. Hy was nou oortuig dat hy in die teenwoordigheid was van die Een wie se koms Johannes voorspel het.

Jesus het voortgegaan: "Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees." Van nature is die hart boos; "kon maar 'n reine voortkom uit 'n onreine? Nie een nie." Job 14: 4. Geen menslike vernuf kan 'n raat voortbring vir die sondige hart nie. "Omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." "Want uit die hart kom daar siegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, die- wery, valse getuienis, lastertaal." Matt. 15: 19. Die fontein van die hart moet gereinig word voordat die strome daaruit rein kan wees. Die een wat probeer om die hemel binne te gaan deur sy eie pogings om die wet te hou, probeer die onmoontlike. Daar is geen veiligheid vir die persoon wat slegs 'n wettiese godsdiens en 'n vorm van god- saligheid het nie. Die Christen se lewe is nie 'n wysiging of ver betering van die ou lewe nie, maar 'n verandering [169]
van sy natuur. Daar is 'n afsterwe van die eie-ek en die sonde, en n heeltemal nuwe lewe. Hierdie verandering kan alleen kom deur die werking van die Heilige Gees.

Nog steeds was Nikodemus verbyster, en Jesus het toe die wind as simbool gebruik om toe te lig wat Hy bedoel het: "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarnatoe hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.

Die wind word gehoor in die takke van die bome, tussen die blare en die blomme, maar hy is onsigbaar, en niemand weet waarvandaan hy kom of waarheen hy gaan nie. So is dit ook met die werk van die Heilige Gees in die hart; dit kan net so min verklaar word as die bewegings van die wind: 'n Persoon mag miskien nie in staat

wees om die juiste tyd en plek aan te wys, of al die omstandighede te noem wat tot sy bekering gelei het nie, maar dit bewys nie dat hy nie tot bekering gekom het nie. Deur 'n werktuig net so onsigbaar as die wind werk Christus gedurig in die hart. Geleidelik, miskien sonder dat die ontvanger daarvan weet, word daar indrukke gelaat wat die siel tot Christus trek. Hulle mag kom deur oor Hom te dink, deur die lees van die Skrifte, of deur die woord van n prediker. Skielik,wanneer die Gees 'n regstreekse beroep doen, gee die siel homself blymoedig oor aan Jesus. Sommige noem dit 'n skielike bekering,maar dit is die gevolg van 'n langdurige werking van die Gees van God—'n geduldige, uitgerekte proses.

Hoewel die wind self onsigbaar is, kan die uitwerking gesien en gevoel word. So sal ook die werk van die Gees in die siel sigbaar word in elke daad van die persoon wat sy reddende krag voel. Wanneer die Gees van God besit neem van die hart, verander dit die lewe. Sondige gedagtes word verban, en bose dade versaak; liefde, nederigheid, en vrede neem die plek in van woede, afguns, en strydlustigheid. Vreugde vervang droefheid, en die gelaat straal van die lig van die hemel. Niemand sien die hand wat die las wegneem, of die lig wat neerdaal van die hemelse howe daarbo nie. Die seën kom wanneer die siel homself in geloof aan God oorgee. Dan skep daardie krag wat geen menslike oog kan sien nie, 'n nuwe wese in die beeid van God.

Dit is onmoontlik vir die beperkte menslike verstand om die
[170] ver-lossingswerk te verstaan. Dit is 'n verborgenheid wat bokant die menslike verstand is, en nogtans ondervind die een wat uit die dood tot die lewe oorgaan 'n goddelike werklikheid. Die begin van die verlossing kan ons alreeds hier persoonlik ondervind. Die gevolge daarvan strek deur die ewigheid.

Terwyl Jesus besig was om te praat, het strale van die waarheid deurgedring tot die verstand van die owerste. Die versagtende, vreedsame invloed van die Heilige Gees het 'n indruk op sy hart gemaak. Maar hy het nog nie ten volle die Heiland se woorde verstaan nie. Hy het nie soseer onder die indruk van die noodsaaklikheid van die wedergeboorte gekom as die wyse waarop dit bewerk word nie. Verbaas het hy gesê, "Hoe kan hierdie dinge gebeur?"

"Jy is 'n leraar van Israel en weet jy hierdie dinge nie?" het Jesus gevra. Iemand aan wie die godsdiens-onderrig van die volk

toevertrou is, behoort seker tog nie onkundig te wees aangaande sulke belangrike waarhede nie. Met hierdie woorde wou Jesus dit aan die verstand van Nikodemus bring dat hy, pleks van gesteurd te voel oor die dui- delike waarheid, baie ootmoedig behoort te wees oor sy geestelike onkunde. Christus het egter met so ’n plegtige waardigheid gespreek, en Sy uitdrukking en stem het sulke op regte liefde geopenbaar, dat Nikodemus glad nie geafïronteer gevoel het toe hy besef dat hy verneder was nie.

Maar toe Jesus verduidelik het dat Sy koms na die aarde die stigting van ’n geestelike, pleks van ’n stoflike, koninkryk ten doel gehad het, was Sy hoorder ontstel. Toe Jesus dit merk, het Hy gesê, “As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?” As Nikodemus Jesus se leer aangaande die werk van genade in die hart nie kon aanneem nie, hoe sou hy die aard van die heerlike hemelse koninkryk kon begryp? As hy nie die aard van Christus se werk op aarde kon sien nie, sou hy nie Sy werk in die hemel verstaan nie.

Die Jode wat deur Christus uit die tempel verdryf is, het daarop aanspraak gemaak dat hulle die kinders van Abraham was, maar hulle het van die Heiland se teenwoordigheid weggevlug omdat hulle nie die heerlikheid van God kon verduur wat in Hom geopenbaar was nie. Daardeur het hulle bewys dat hulle nie deur die genade van God geskik was om deel te neem aan die heilige dienste van die- tempel nie. Hulle was baie ywerig om die skyn van heiligheid te bewaar, [171]
maar die heiligheid van hulle hart het hulle verwaarloos. Terwyl hulle baie gesteld was op die letter van die wet, het hulle gedurig die gees daarvan oortree. Hulle groot behoefte was juis aan daardie verandering wat Jesus aan Nikodemus verduidelik het, naamlik n nuwe sedelike geboorte, reiniging van die sonde, ’n vernuwing in kennis en heiligheid.

Daar was geen ekskuus vir Israel oor hulle onkunde aangaande die wedergeboorte nie. Onder ingewing van die Heilige Gees, het Jesaja geskryf, “Ons het almal geword soos ’n onreine, en al ons geregtig- hede soos ’n besoedelde kleed.” Dawid het gebid, “Skep vir my n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my n vaste gees.”

En deur Esegiël is die belofte gegee, “Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sál die hart van klip

uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee. En Ek sal My Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in My insettinge wandel en My verordeninge onderhou en doen.” Jes 64: 6; Ps. 51: 12, Eseg. 36: 26, 27.

Nikodemus het hierdie skrifte met ’n beneweide verstand gelees, maar nou het hy hulle betekenis begin verstaan. Hy het gesien dat die mees nougesette gehoorsaamheid aan die letter van die wet, toegepas op die uiterlike lewe, ’n mens nie die reg gee om die koninkryk van die hemel binne te gaan nie. Volgens die maatstaf van mense was sy lewe regverdig en eerlik, maar in die teenwoordigheid van Christus het hy gevoel dat sy hart onrein was, en sy lewe onheilig.

Nikodemus het aangetrokke gevoel tot Christus. Toe die Heiland aan hom die wedergeboorte verduidelik het, het hy verlang na daardie verandering. Hoe sou dit bewerkstellig kon word? Jesus het sy on- uitgesproke vraag beantwoord: “Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

Nou was Nikodemus op grond wat hy geken het. Die simbool van die verhoogde slang het die sending van die Heiland aan hom verstaanbaar gemaak. Toe die volk gesterf het ten gevolge van die byt van die slange, het God Moses beveel om ’n koperslang te maak en dit onder die volk te verhoog. En toe het die woord uitgegaan tot die hele vergadering dat almal wat na daardie slang kyk, SOU lewe.
[172] Die volk het goed geweet dat daardie slang op sigself geen krag gehad het om hulle te genees nie. Dit was ’n simbool van Christus. Net soos die beeid van die slang verhoog is vir hulle genesing, so sou Een, gemaak “in die gelykheid van die sondige vlees” “hulle Verlosser wees.” Rom. 8:3. Baie van die Israeliete het die offerstelsel beskou as iets wat op sigself krag gehad het om hulle van die sonde te verlos. God wou hulle leer dat dit net so min waarde gehad het as die koperslang. Dit moes hulle aandag vestig op die Verlosser. Of dit vir die genesing van hulle wonde òf die vergifnis van hulle sondes was, kon hulle uit hulleself niks doen behalwe hulle geloof te toon in die Gawe van God nie. Hulle moes kyk en lewe.

Diegene wat deur die slange gebyt is, kon uitgestel het om te kyk. Hulle mag dit betwyfel het hoe daar enige geneeskrag in daardie koper simbool kon wees. Hulle mag aangedring het op ’n weten-

skaplike verklaring. Maar geen verklaring is gegee nie. Van hulle was verwag om die woord van God deur Moses aan te neem. Om te weier om te kyk, het die dood beteken.

Die siel word nie verlig deur besprekings en stryery nie. Ons moet kyk en lewe. Nikodemus het die les aangeneem en dit in sy hart gedra. Hy het die Skrifte op 'n nuwe manier ondersoek, nie om teorieë te bespreek nie, maar om lewe vir sy siel te vind. Namate hy hom oorgegee het aan die leiding van die Heilige Gees, het hy die koninkryk van die hemele begin sien.

Daar is duisende vandag wat dieselfde waarheid moet leer wat Nikodemus geleer het deur die verhoogde slang. Hulle maak staat op hulle gehoorsaamheid aan Gods wet om hulle in Sy guns te bring. Wanneer hulle gevra word om op Jesus te sien en te glo dat Hy hulle red alleenlik deur Sy genade, dan vra hulle, "Hoe kan hierdie dinge gebeur?"

Net soos Nikodemus moet ons gewillig wees om die lewe in te gaan op dieselfde wyse as die grootste sondaar. "Want daar is ook geen ander Naam" as die van Christus, "onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." Hand. 4: 12. Deur die geloof ontvang ons die genade van God; maar die geloof is nie ons verlosser nie. Dit verdien niks nie. Dit is die hand waarmee ons Christus beetneem, en Sy Verdienstes wat die raat teen die sonde is, aanneem. En ons kan ons nie bekeer sonder die hulp van die Gees van God nie. Die Skrifte sê van Christus, "Hom het [173]
God as 'n Leidsman en Verlosser deur Sy regterhand verhoog om aan Israel bekenne en vergifnis van sondes te skenk." Hand. 5: 31. Bekering kom van Christus net so gewis as vergifnis.

Hoe, dan, word ons gered? "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het," so moet die Seun van die mens verhoog word, en elkeen wat deur die slang verlei en gebyt is, mag kyk en lewe. "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Joh. 1: 29 Die lig wat skyn van die kruis openbaar die liefde van God. Sy liefde trek ons tot Hom. As ons nie die aantrekkingskrag weerstaan nie, sal ons na die voet van die kruis gebring word in berou oor ons sondes wat die Heiland gekruisig het. Dan sal die Gees van God deur die geloof 'n nuwe lewe in die siel verwek. Die gedagtes en begeertes word gehoorsaam gemaak aan die wil van Christus. Die hart en die verstand word opnuut geskape in die beeid van Hom wat

in ons werk om alle dinge aan Hom te onderwerp. Dan word die wet van God in ons hart en verstand geskryf, en kan ons saam met Christus sê, "Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen." Ps. 40: 9.

In die gesprek met Nikodemus het Jesus die verlossingsplan en Sy sending in die wêreld verduidelik. In geeneen van Sy latere gesprekke het Hy so volledig, stap vir stap, die werk verduidelik wat in die hart gedoen moet word van almal wat die koninkryk van die hemele wil beërf nie. Reg aan die begin van Sy bediening het Hy die waarheid aan 'n lid van die Sanhedrin verklaar, aan 'n verstand wat baie ontvanklik was en aan 'n aangestelde leraar van die volk. Maar die leiers van Israel het nie die lig verwelkom nie. Nikodemus het die waarheid in sy hart gebêre, en vir drie jaar was daar maar nun merkbare vrugte.

Maar Jesus was bekend met die aarde waarin Hy die saad gesaai het. Die woorde wat in die nag aan een luisteraar gespreek is daar op die heilige berg, het nie verlore gegaan nie. Vir 'n tyd het Nikodemus Christus nie openlik bely nie, maar hy het Sy lewe dopgehou en gepeins oor Sy leer. In die vergaderings van die Sanhedrin het hy herhaaldelik die planne van die priesters om Hom dood te maak, gedwarsboom. Toe Jesus eindelik aan die kruis genael is, het Nikodemus onthou wat aan hom geleer is op die Olyfberg: "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van
[174] die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Die lig van daardie geheime onderhoud het die kruis op Golgota verlig, en Nikodemus het in Jesus die Verlosser van die wêreld gesien.

Ná die Here se hemelvaart, toe die dissipels verstrooi is deur die vervolging, het Nikodemus onverskrokke na vore gekom. Hy het sy middele bestee aan die onderhoud van die pasgebore kerk wat volgens die verwagting van die Jode tot niet sou gaan by die dood van Christus. In die tyd van gevaar het hy wat eers so versigtig was, so vas as 'n rots gestaan, die dissipels aangemoedig, en geld gegee om die verkondiging van die evangelie te bevorder. Hy is verag en vervolg deur diegene wat hom eers geëer het. Wat wêreldse goed betref, het hy arm geword, maar hy het nie gewankel in die geloof wat begin het tydens daardie nagtelike onderhoud met Jesus nie.

Nikodemus het aan Johannes vertel van daardie onderhoud, en deur sy pen is dit te boek gestel vir die onderrig van miljoene. Die waarhede wat daar geleer is, is vandag nog net so belangrik as hulle was daardie aand op die berg toe die Joodse owerste die weg van die lewe kom leer het van die nederige Leraar van Galilea. [175]

## "Hy Moet Meer Word"

VIR 'n tyd was die invloed van die Doper oor die volk groter as die van hulle owerstes, priesters, of vorste. As hy homself sou aangekondig het as die Messias, en 'n opstand teen Rome gelei het, sou die priesters en die volk hulle om hom geskaar het. Alles wat die eersug van wêreldse veroweraars kon streel, was die Satan gereed om aan Johannes die Doper te gee. Maar ten spyte van die bewyse van sy mag, het hy vasberade die omkoopprys van die hand gewys. Die aandag wat op hom gevestig is, het hy op Iemand anders laat val.

Nou het hy gesien hoedat die gety van populariteit van homself af na die Verlosser vloei. Dag na dag het die skare wat hom eers gevolg het, verminder. Toe Jesus van Jerusalem na die Jordaanstreek gekom het, het die mense toegestroom om Hom te hoor. Die getal van Sy dissipels het elke dag vermeerder. Baie het gekom om gedoop te word, en alhoewel Christus self nie gedoop het nie, het Hy Sy dissipels toegelaat om dit te doen. Sodoende het Hy die seël geplaas op die werk van Sy voorloper. Maar Johannes se dissipels het met afguns die toenemende populariteit van Jesus gadegeslaan. Hulle was klaar om Sy werk te kritiseer, en dit was ook nie lank voordat hulle geleentheid gekry het nie. Daar het 'n vraag ontstaan tussen hulle en die Jode of die doop die siel van die sonde reinig; hulle het aangevoer dat die doop van Jesus wesenlik verskil het van die
[176] van Johannes. Dit was ook nie lank nie, of hulle was in 'n stryery gewikkel met die dissipels van Jesus aangaande die regte formulier by die doop, en selfs ook of hulle reg het om die doop te bedien.

Die dissipels van Johannes het na hom gekom met hulle klagtes en gesê: "Rabbi, Hy wat saam met u oorkant die Jordaan was, van wie u getuig het, kyk, Hy doop, en almal gaan na Hom toe." Deur hierdie woorde het die Satan Johannes in versoeking gebring. Alhoewel Johannes se sending skynbaar byna klaar was, was dit nog vir hom moontlik om die werk van Christus te belemmer. As hy met homself sou gesimpatiseer, en droefheid en teleurstelling geopenbaar het

omdat hy vervang is, sou hy die saad van tweedrag gesaai het; dit sou afguns en jaloesie veroorsaak, en dit sou die vooruitgang van die evangelie ernstig gestrem het.

Van nature was Johannes onderhewig aan die foute en swakhede wat alle mense maar het, maar die aanraking van goddelike liefde het hom verander. Hy het beweeg in 'n atmosfeer wat nie besoedel was deur selfsug en eersug nie, en hy het gelewe bokant die walm van jaloesie. Hy het geen simpatie betoon met die ontevredenheid van sy dissipels nie, maar duidelik laat blyk dat hy sy verhouding tot die Messias verstaan het, en ook hoe graag hy die Een verwelkom vir wie hy die weg berei het.

Hy het gesê, "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. Julie is self my getuie dat ek gesê het: Ek is nie die Christus nie; maar dat ek voor Hom uit gestuur is. Die een wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom." Johannes het homself voorgestel as die vriend wat as boodskapper optree tussen die verloofde paar, en wat die weg vir die huwelik berei. Wanneer die bruidegom sy bruid ontvang het, is die werk van die vriend klaar. Hy het hom verheug in die blydskap van diegene wie se egverbintenis hy bevorder het. So is Johannes dan geroep om die aandag van die mense op Jesus te vestig, en dit het hom verbly om die sukses van die Heiland se werk te sien. Hy het gesê: "So is dan hierdie blydskap van my volkome. Hy moet meer word, maar ek minder."

Siende in geloof op die Verlosser, het Johannes die hoogtepunt in selfverloëning bereik. Hy het nie gestreef om mense tot homself [177] te trek nie, maar om hulle gedagtes hoër en hoër op te hef totdat hulle eindelik sou rus op die Lam van God. Hy self was maar net n stem, 'n stem roepende in die woestyn. Nou het hy met blydskap swygsaam- heid en afgesonderdheid aanvaar, sodat die oë van almal die Lig van die lewe mag aanskou.

Diegene wat getrou is aan hulle roeping as boodskappers van God, sal nie vir hulleself eer soek nie. Liefde vir die eie-ek sal verswelg word deur liefde vir Christus. Geen wedywering sal die heerlike saak van die evangelie bederf nie. Hulle sal besef dat dit hulle werk is om aan te kondig, soos Johannes die Doper, "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Joh. 1: 29.

Hulle sal Jesus verhoog, en saam met Hom sal die mensdom verhoog word. “Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is Sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbry- selde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nede- riges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes.” Jes. 57: 15.

Die siel van die profeet, ontledig van die eie-ek, was vervul met goddelike lig. Waar hy getuig het van die Verlosser se heerlikheid, was sy woorde byna net soos die wat Christus self gespreek het in Sy onderhoud met Nikodemus. Johannes het gesê, “Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal. . . . Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie.” Christus sê, “Ek [soek] nie My eie wil nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.” Joh. 5: 30. Aan Hom is gesê: “U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, U God U gesalf met vreugde-olie bo U metgeselle.” Heb. 1: 9. Die Vader “gee Hom die Gees nie met mate nie.”

So ook met die navolgers van Christus. Ons kan die lig van die hemel ontvang alleen namate ons gewillig is om van die eie-ek ontledig te word. Ons kan nie die karakter van God sien, of Christus deur die geloof aanneem, tensy ons gewillig is om elke gedagte gevange te gee in gehoorsaamheid aan Christus nie. Aan almal wat dit doen, word die Heilige Gees sonder maat gegee. In Christus “woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom.” Kol. 2:9, 10.

Die dissipels van Johannes het verklaar dat al die mense na Christus toe kom; maar met ’n meer helder insig het Johannes gesê,
[178] “Niemand neem Sy getuienis aan nie;” want so min was gereed om Hom aan te neem as die Verlosser van die sonde. Maar “wie Sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waar is.” Joh. 3: 33. “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe.” Dit was onnodig om te stry oor wie se doop, òf die van Christus òf die van Johannes van die sonde gereinig het. Dit is die genade van Christus wat lewe aan die siel gee. Sonder Christus is die doop, soos enige ander diens, ’n waardelose vorm. “Hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.” Die sukses van Christus se werk wat

Johannes met soveel vreugde aangeneem het, is ook gerapporteer aan die owerhede te Jerusalem. Die priesters en rabbi's was jaloers op die invloed van Johannes toe hulle sien dat die mense die sinagoges verlaat en na die woestyn stroom, maar hier was nou Iemand wat nog groter krag gehad het om die skares te trek. Daardie leiers in Israel was nie gewillig om saam met Johannes te sê nie, "Hy moet meer word, maar ek minder." Hulle het nou met nog groter vasberadenheid besluit om 'n end te maak aan die werk wat die mense van hulle af weggelok het. [179]

Jesus het geweet dat hulle alle pogings sou aanwend om onenigheid te saai tussen Sy dissipels en die van Johannes. Hy het geweet dat die storm gebroei het wat een van die grootste profete wat die wêreld nog ooit gesien het, sou wegveeg. Omdat Hy geen geleentheid vir misverstand of onenigheid wou gee nie, het Hy stil Sy werk gestaak en na Galilea vertrek. Ook ons, terwyl ons getrou aan die waarheid bly, moet alles vermy wat onenigheid of misverstand kan veroorsaak, want waar sulke dinge ontstaan, is die gevolg verlies aan siele. As daar omstandighede ontstaan wat dreig om 'n skeuring te veroorsaak; moet ons die voorbeeld van Jesus en Johannes die Doper volg.

Johannes is geroep om leiding te gee as hervormer. Ten gevolge hiervan was die gevaar daar dat sy dissipels hulle aandag op hom sou vestig en voel dat die sukses van die werk van sy arbeid af- hanklik was, en dat hulle sou vergeet dat Hy slegs 'n werktuig was deur wie God gewerk het. Maar die werk van Johannes was nie genoeg om die fondament van die Christelike kerk te le nie. Ná sy sending vervul was, moes daar 'n ander werk gedoen word wat sy prediking nie sou kon teweegbring nie. Sy dissipels het dit nie verstaan nie. Toe hulle sien dat Christus inkom om daardie werk te doen, het hulle jaloers en ontevrede geword.

Dieselfde gevare bestaan vandag nog. God roep 'n man om n sekere werk te doen, en wanneer hy dit so ver gedryf het as waartoe hy bekwaam is, dan bring die Here ander om dit nog verder voort te sit. Maar, net soos die dissipels van Johannes, is daar baie wat voel dat die sukses van die werk afhanklik is van die eerste werker. Die aandag word gevestig op die menslike liewer as op die goddelike, daar ontstaan jaloesie, en die werk van God ly skade. Die persoon wat dus te veel vereer word, begin op homself te vertrou; hy besef

nie sy, afhanklikheid van God nie. Die mense word geleer om op ’n mens te vertrou vir leiding, en so dwaal hulle af, weg van God af.

Die werk van God moet nie die beeld en opskrif van ’n mens dra nie. Van tyd tot tyd sal die Here verskillende werktuie gebruik waardeur Sy raadsbesluite uitgevoer sal word. Gelukkig is diegene wat gewillig is om die eie-ek op die agtergrond te stel en saam met
[180] Johannes die Doper sê, “Hy moet meer word, maar ek minder.”

## By die Fontein van Jakob

Op weg na Galilea het Jesus deur Samaria gereis. Dit was middag toe Hy die pragtige dal van Sigem bereik het. By die opening van hierdie dal was die fontein van Jakob. Moeg van Sy reis het Hy daar gaan sit om te rus terwyl Sy dissipels gaan voedsel koop het.

Die Jode en die Samaritane was bitter vyande, en sover moontlik het hulle alle omgang met mekaar vermy. Om noodgedwonge met hulle handel te dryf het die rabbi's toegelaat as wettig, maar sosiale omgang met hulle is veroordeel, n Jood sou nooit iets van 'n Samaritaan leen, of 'n vriendskap aanneem—selfs nie 'n stukkie brood of 'n beker water nie. Waar die dissipels gaan voedsel koop het, het hulle gehandel oor- eenkomstig die gebruike van hulle volk. Verder as dit sou hulle nie gaan nie. Om 'n guns van die Samaritane te vra, of om hulle op enige wyse te bevoordeel — dit het nooit by die dissipels opgekom nie.

Toe Jesus daar by die fontein sit, was Hy baie moeg en honger en dors. Van die more af het hulle 'n lang ent gestap, en nou het die middagson Hom gebak. Sy dors het nog erger geword toe Hy dink aan die heerlike koel, verkwikkende water wat so naby was; maar Hy kon dit nie bykom nie, want Hy het nie 'n tou of kan gehad nie, en die put was diep. Soos enige ander mens was Hy afhanklik van iemand wat kom water put het. [181]

Daar het 'n Samaritaanse vrou gekom, en skaars bewus van Sy teenwoordigheid, het sy haar kan volgemaak. Toe sy wegdraai om te loop, het Jesus haar om 'n bietjie water gevra. So 'n guns sou geen Oosterling weier nie. In die Ooste is water genoem "die gawe van God." Om water te gee aan 'n dorstige reisiger was 'n plig wat die Arabiere as so heilig beskou het dat hulle in die woestyn uit hulle pa sou gaan om dit na te kom. Die haat wat daar tussen Jode en Samaritane was, het die vrou belet om hierdie vriendelikheid aan Jesus te betoon; maar Jesus het gesoek na 'n sleutel om hierdie hart oop te sluit, en met takt, gebore uit goddelike liefde, het Hy n guns gevra, nie een aangebied nie. Die aanbod van 'n guns kon miskien

van die hand gewys word, maar vertroue wek vertroue. Die Koning van die hemel het na hierdie verworpe siel gekom en 'n guns van haar gevra. Hy wat die oseaan gemaak het, wat die waters van die groot iepte beheers, wat die fonteine en waterkanale van die aarde geopen het, het gerus by die fontein van Jakob, en was afhanklik van die vriende- likheid van 'n vreemdeling vir 'n bietjie water.

Die vrou het gesien dat Jesus 'n Jood was. In haar verbasing het sy vergeet om aan Sy versoek te voldoen, maar wou weet waarom Hy van haar die guns gevra het. "Hoe is dit," het sy gevra, "dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?"

Jesus het geantwoord, "As jy die gawe van God geken het en wis wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het." Jy is verbaas dat Ek van jou selfs so 'n klein gunsie soos 'n bietjie water vra van die fontein hier by ons voete. As jy My gevra het, sou Ek jou die water van die ewige lewe gegee het om te drink.

Die vrou het nie die woorde van Christus begryp nie, maar sy het die gewigtige betekenis daarvan gevoel. Haar ligsinmgheid het begin verander. Menende dat Jesus van die fontein daar by hulle gepraat het, het sy gesê, "Here, U het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U dan die lewende water? U is tog nie groter as ons vader Jakob nie wat vir ons die put gegee het en self daaruit gedrink het?" Sy het voor haar slegs 'n dorstige reisiger gesien, moeg en vol stof. In haar hart het sy Hom vergelyk met die geeerde patriarg Jakob. Sy het die gevoel gekoester, en heeltemal natuurlik ook, dat geen ander fontein so goed was as die wat deur die
[182] aarts vaders gegee is nie. Sy het teruggekyk op die vaders, vooruit
[183] na die koms van die Messias, terwyl die Hoop van die vaders, die Messias self, langs haar was, en sy het Hom nie geken nie. Hoeveel dorstige siele is daar vandag wat naby die lewende fontein is, maar wat in die verte kyk na die fonteine van die lewe! "Moenie in jou hart sê nie. Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of. Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? . . . Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. . . . As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word." Rom. 10: 6-9.

Jesus het nie dadelik die vraag oor Homself beantwoord nie, maar met groot erns het Hy gesê, "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

Hy wat trag om sy dors te les by die fonteine van hierdie wêreld sal drink om net weer dors te kry. Orals is die mense onbevredig. Hulle verlang na iets wat sal voorsien in die behoeftes van die siel. Daar is net Een wat kan voorsien in daardie behoefte. Die behoefte van die wêreld, die Koning van die eeue, is Christus. Die goddelike genade wat Hy alleen kan meedeel, is soos lewende water wat die siel reinig, verkwik en versterk.

Jesus het nie die idee gegee dat net eenmaal se drink van die water van die lewe genoeg sal wees vir die ontvanger nie. Hy wat die liefde van Christus gesmaak het, sal gedurig verlang na nog meer en meer, en hy sal na niks anders soek nie. Die rykdom, eer, en plesier van die wêreld sal hom nie aantrek nie. Die gedurige verlange van sy hart sal wees, Nog meer van U. En Hy wat aan die siel sy behoefte openbaar, is gereed om die honger en dors daarvan te les. Elke menslike bron sal faal. Die damme sal leeg word, en watergate opdroog; maar ons Verlosser is 'n onuitputlike Bron. Ons mag drink, en weer drink, en altyd 'n nuwe voorraad kry. Die een in wie Christus woon, het binne-in hom die bron van seën — "'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." Uit daardie bron kan hy krag en genade put genoeg vir al sy behoeftes. [184]

Toe Jesus gepraat het van die lewende water, het die vrou met die grootste belangstelling na Hom gekyk. Hy het haar belangstelling opgewek en 'n begeerte vir die gawe waarvan Hy gespreek het. Sy het besef dat dit nie die water was van Jakob se fontein waarvan Hy gepraat het nie, want daarvan het sy gedurig gedrink om maar net weer dors te word. "Here," het sy gesê, "gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie."

Jesus het nou skiehk die gesprek verander. Voordat hierdie siel die gawe kon ontvang wat Hy wou gee, moes sy haar sonde besef en haar Verlosser sien. Hy het toe aan haar gesê: "Gaan roep jou man en kom hier." Sy antwoord, "Ek het nie 'n man nie." Sy het gehoop om op hierdie manier alle vrae in daardie rigting te verhoed. Maar

die Heiland het voortgegaan, “Jy het reg gesê: Ek het nie ’n man nie; want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê.”

Die vrou het gesidder. ’n Misterieuse hand was besig om die blaaie van haar lewensgeskiedenis om te blaai, en dinge te openbaar wat sy gehoop het om vir ewig bedek te hou. Wie was hierdie man wat die geheim van haar lewe kon lees? Sy het aan die ewigheid begin dink, aan die toekomstige oordeel wanneer alles wat nou bedek is, openbaar gemaak sal word. In die lig van daardie dinge is die gewete wakker gemaak.

Sy kon niks ontken nie; maar sy het probeer om alles in verband met hierdie onwelkome onderwerp te ontduik. Met groot eerbied het sy gesê, “Here, ek sien dat U ’n profeet is.” En toe, hopende om die oortuiging wat in haar posgevat het, te smoor, het sy die gesprek verander en oor die godsdienstwis gepraat. As dit ’n profeet hierdie was, sou Hy haar seker kon inlig oor sake waaroor daar so lank reeds getwis word.

Geduldig het Jesus haar toegelaat om die gesprek te stuur in die rigting wat sy verkies het. In die tussentyd het Hy op ’n kans gewag om die waarheid nogeens aan haar hart te bring. “Ons vaders het op hierdie berg aanbid,” het sy gesê, “en julle sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is.” Net voor hulle was die berg Gerisim; die tempel daar het in puin gelê, en net die altaar alleen het gestaan. Hierdie plek van aanbidding was die onderwerp van ’n stryd tussen die Jode en die Samaritane. Sommige van die voorvaders van
[185] laas- genoemdes het eentyd aan Israel behoort; maar weens hulle sondes, het die Here toegelaat dat ’n afgodiese nasie hulle verower. Vir baie geslagte reeds is hulle vermeng met afgodedienaars wie se godsdiens geleidelik hulle s’n besoedel het. Dit is waar dat hulle aangevoer het dat hulle beeld maar net gebruik is om hulle aan die lewende God te herinner, die Regeerder van die heelal; maar nogtans het dit ten gevolge gehad dat die mense hulle beelde aanbid het.

Toe die tempel te Jerusalem herbou is in die dae van Esra, wou die Samaritane baie graag die Jode help met die bouwerk. Hierdie voorreg is aan hulle geweier, en daar het ’n kwaai vyandskap ontstaan tussen die twee volke. Die Samaritane het hulle eie tempel gebou op die berg Gerisim. Daar het hulle aanbid volgens die rituaal van Moses, alhoewel hulle nie heeltemal die afgodediens opgegee het

nie. Maar rampe het hulle getref; hulle tempel is deur hulle vyande ver- woes, en dit het geskyn of 'n vloek op hulle gerus het; hulle het egter nog vasgeklem aan hulle tradisies en vorm van godsdiens. Hulle wou nie die tempel van Jerusalem erken as die huis van God nie, en ook nie dat die godsdiens van die Jode beter was as hulle eie nie.

In antwoord het Jesus aan die vrou gesê: "Glo My daar kom n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode." Jesus het getoon dat Hy vry was van die Joodse vooroordeel teenoor die Samaritane. Nou het Hy probeer om die Samaritaanse vooroordeel teenoor die Jode af te breek. Hoewel Hy verwys het na die feit dat die Samaritaanse godsdiens besoedel was met afgodery, het Hy verklaar dat die groot waarhede van die verlossing aan die Jode toevertrou was, en dat die Messias uit hulle sou kom. In die Heilige Skrifte het hulle 'n duide- like voorstelling van die karakter van God, en die beginsels van Sy regering. Jesus het Homself saam met die Jode geklassifiseer as die mense aan wie God 'n kennis van Homself geopenbaar het.

Hy het probeer om die gedagtes van die vrou te verhef bokant vorms en seremonies, en geskilpunte. "Daar kom 'n uur," het Hy gesê, "en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en in waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook sulke mense wat Hom aanbid. God is Gees; en diegene wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid." [186]

Hier het ons dieselfde waarheid wat Jesus aan Nikodemus geopenbaar het toe Hy gesê het, "As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie." Joh. 3: 3. Mense word nie in gemeenskap met God gebring deur te soek na 'n heilige berg of n heilige tempel nie. Godsdiens is nie beperk tot uiterlike vorms en seremonies nie. Die godsdiens wat van God kom, is die enigste godsdiens wat tot God sal lei. Om God op die regte manier te dien, moet ons gebore word uit die goddelike Gees. Dit sal die hart reinig en die verstand vernieu en 'n nuwe vermoë skenk om God te ken en lief te hê. Dit sal ons gewillig maak om al Sy vereistes te gehoorsaam. Dit is ware aanbidding. Dit is die vrug van die werking van die Heilige Gees. Elke opregte gebed is ingegee deur die Gees, en sulke gebede is aanneemlik vir God. Waar 'n siel ook al soek na

God, daar sien ons die werking van die Gees, en God sal Hom aan daardie siel openbaar. God soek na sulke aanbidders. Hy wag om hulle te ontvang en hulle Sy seuns en dogters te maak.

Terwyl die vrou met Jesus gepraat het, het sy onder die indruk gekom van Sy woorde. Nog nooit het sy sulke gedagtes gehoor van die priesters van haar eie volk of van die Jode nie. Waar haar verlede so aan haar geopenbaar is, het sy tot 'n besef gekom van haar groot behoefte. Sy het haar sielsdors besef wat die waters van die put van Sigar nooit kon bevredig nie. Niks wat sy tevore in aanraking mee gekom het, het haar haar hoër behoeftes so laat besef nie. Jesus het haar oortuig dat Hy die geheime van haar lewe kon lees, en nogtans het sy gevoel dat Hy haar vriend was wat vir haar jammer is en haar liefhet. Hoewel die reinheid van Sy teenwoordigheid haar sonde veroordeel het, het Hy geen woord van veroordeling gespreek nie, maar haar vertel van Sy genade wat haar siel kon vernieu. Sy het Sy karakter begin verstaan, en die vraag het by haar opgekom: Is dit nie miskien die langverwagte Messias nie? Sy het aan Hom gesê: "Ek weet dat die Messias kom—Hy wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig." Jesus het geantwoord, "Dit is Ek wat met jou spreek."

Toe die vrou hierdie woorde hoor, het geloof in haar hart ontstaan. Sy het die wonderbare verklaring van die lippe van die goddelike
[187] Leraar aangeneem.

Hierdie vrou was in 'n waarderende gemoedstemming. Sy was gereed om die heerlike openbaring aan te neem, want sy het belang gestel in die Skrifte, en die Heilige Gees het haar hart berei om meer lig te ontvang. Sy was bekend met die Ou Testamentiese belofte, "n Profeet onder jou uit, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister." Deut. 18: 15. Sy het verlang om hierdie profesie te verstaan. Daar het reeds lig in haar hart geflits. Die water van die lewe, die geestelike lewe wat Christus gee aan elke dorstige siel, het in haar hart begin opspring. Die Gees van die Here het in haar gewerk.

Die duidelike verklaring wat Christus aan hierdie vrou gemaak het, kon nie aan die eiegeregtige Jode gemaak word nie. Christus was baie meer teruggetrokke wanneer hy met hulle gepraat het. Die dinge wat van die Jode teruggehou is, en wat die dissipels later beveel is om geheim te hou, is aan haar geopenbaar. Jesus het gesien dat sy

haar kennis sou gebruik om ander te bring om ook in Sy genade te deel.

Toe die dissipels teruggekom het, was hulle verbaas om te sien dat hulle Meester besig was om met die vrou te praat. Hy het nie die water gedrink wat Hy gevra het, of van die voedsel geëet wat Sy dissipels gebring het nie. Toe die vrou weg was, het Sy dissipels Hom gevra om te eet. Hulle het gemerk dat Hy stil was, asof Hy verdiep was in Sy gedagtes. Sy gesig het gestraal, en hulle wou nie Sy gemeenskap met die hemel verbreek nie. Maar hulle het geweet dat Hy afgemat was, en gemeen dat dit hulle plig was om Hom te herinner aan Sy liggaamlike behoeftes. Jesus het hulle vriendelike belangstelling opgemerk, en Hy het gesê, "Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie."

Die dissipels het gewonder wie vir Hom kos kon gebring het, maar Hy het verduidelik, "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en Sy werk te volbring." Joh. 4: 34. Namate Sy woorde die gewete van die vrou wakker gemaak het, het Jesus Hom verheug. Hy het gesien hoedat sy drink van die water van die lewe, en Sy honger en dors is bevredig. Die doen van die werk waarvoor Hy van die hemel gekom het, het die Heiland versterk vir Sy taak, en Hom verhef bokant die menslike behoeftes. Om 'n siel te bedien wat hongerig en dorstig is vir die waarheid, het Hom meer behaag as eet en drink. Dit was 'n vertroosting, 'n verkwikking vir Hom. Om te seën was die lewe van Sy siel. [188]

Ons Verlosser dors na erkenning. Hy smag na die medelyde en liefde van diegene wat Hy met Sy eie bloed gekoop het. Hy verlang met 'n onuitspreeklike verlange dat hulle na Hom toe moet kom en die lewe moet aanneem. Net soos 'n moeder uitsien na die erkentlike glimlag van haar kindjie, wat ook die teken is van die begin van intelligensie, so wag Christus op die openbaring van waarderende liefde wat toon dat geestelike lewe in die siel begin het.

Waar sy na Christus se woorde geluister het, is die vrou met vreugde vervul. Die wonderbare openbaring het haar byna oorweldig Sy het haar waterkan daar gelaat en na die dorp teruggekeer om die boodskap aan ander te bring. Jesus het geweet waarom sy daar weg is. Die feit dat sy haar waterkan laat staan het, was bewys van die indruk wat Sy woorde gemaak het. Dit was die begeerte van haar siel om die lewende water te verkry; sy het vergeet waarvoor sy na

die fontein gekom het, en sy het die Heiland se dors vergeet wat sy graag wou les. Met 'n hart wat oorloop van blydskap is sy haastig daar weg om die heerlike lig wat Sy ontvang het aan ander mee te deel.

"Kom kyk, 'n man wat my vertel het alles wat ek gedoen het," het sy gesê aan die mense van die dorpie. "Is Hy nie miskien die Christus nie?" Haar woorde het hulle harte aangeraak. Daar was 'n nuwe uitdrukking op haar gelaat, en haar hele voorkomste het verander. Hulle wou ook vir Jesus sien. "Hulle het toe uit die stad gegaan en na Hom gekom."

Terwyl Jesus nog daar by die fontein gesit het, het Hy oor die graanlande gekyk wat daar voor Hom uitgestrek het, die groen, verlig deur die goue sonstrale. Hy het Sy dissipels se aandag daarop gevestig en dit as simbool gebruik: "Sê julle nie: Dit is nog vier maande, dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes." En terwyl hy gepraat het, het Hy gekyk na die groepe wat na die fontein toe aangekom het. Dit was vier maande voordat die graan geoes kon word, maar hier was 'n oes wat heeltemal gereed was vir die snyers.

"Hy wat maai," het Hy gesê, "ontvang loon en vergader vrug vir die ewige lewe, sodat die saaier en die maaier saam bly kan wees. Want hierin is die woord waar: Dit is een wat saai, en 'n ander een wat maai." Hier het Christus gewys op die heilige plig wat diegene wat die evangelie ontvang, aan God verskuldig is. Hulle moet Sy
[189] lewende werktuie wees. Hy verlang hulle persoonlike diens. En of ons saai of maai, ons werk vir God. Die een saai die saad; 'n ander oes dit in, en beide die saaier cn die maaier ontvang loon. Hulle verbly hulle

'saam in die loon op hulle werk.

Jesus het aan Sy dissipels gesê, "Ek het julle gestuur om te maai waaraan julle nie gewerk het nie. Ander het gewerk, en julle het in hulle arbeid ingegaan." Die Heiland het hier vooruit gesien op die groot insameling op Pinksterdag. Die dissipels moes dit nie beskou as die gevolge van hulle eie pogings nie. Hulle was besig om die vrugte te pluk van ander se arbeid. Van die sondeval van Adam af het Christus die saad van Sy woord aan Sy uitverkore diensknegte toevertrou om te saai in menslike harte. En 'n onsigbare werktuig,

een wat almagtig is, het stil maar doelmatig gewerk oen die oes te produseer.

Die dou en reent en sonskyn van Gods genade is gegee om die saad van die waarheid te voed en te verkwik. Christus sou eerlank die saad met Sy eie bloed benat. Dit was ’n voorreg vir Sy dissipels om saam met God te werk. Hulle was medewerkers van Christus en met die heilige manne van ouds. Deur die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, het duisende in een dag tot bekering gekom. Dit was die gevolg van die saad wat Christus gesaai het, die oes op Sy werk. In die woorde wat tot die vrou gespreek is by die fontein, is daar goeie saad gesaai, en hoe gou was daar ’n oes. Die Samaritane het gekom en Jesus gehoor, en in Hom geglo. Hulle het hulle om Hom geskaar by die fontein en Hom bestook met vrae; hulle het gretig Sy verduidelikings aangeneem van baie dinge wat hulle eers nie verstaan het nie. Namate hulle geluister het, het hulle moeilikhede verdwyn. Hulle was soos mense in groot duisternis wat n ligstraal opgevolg het totdat hulle in die daglig gekom het. Maar hulle was nie tevrede met hierdie kort samespreking nie. Hulle wou baie graag meer weet, en ook dat hulle vriende hierdie wonderbare Leraar moes hoor. Hulle het Hom uitgenooi na hulle stad, en Hom gesoebat om by hulle te bly. Vir twee dae het Hy in Samaria vertoef, en baie meer het in Hom geglo.

Die Fariseërs het die eenvoud van Jesus verag. Hulle het Sy wonderwerke geïgnoreer, en om ’n teken gevra dat Hy die Seun van God was. Maar die Samaritane het geen teken gevra nie, en Jesus het geen wonderwerke onder hulle gedoen nie, behalwe om aan die vrou
die geheime van haar lewe te openbaar daar by die fontein. Nogtans [190]
het vele Hom aangeneem. In hulle nuwe vreugde het hulle aan die vrou gesê, “Ons glo nie meer op grond van wat jy gesê het nie, want ons het self gehoor en ons weet dat Hy waarlik die Christus, die Verlosser van die wêreld is.”

Die Samaritane het geglo dat die Messias sou kom as die verlosser, nie van die Jode alleen nie, maar van die wêreld. Die Heilige Gees het deur Moses Sy koms voorspel, as ’n profeet van God gestuur. Deur Jakob is verklaar dat die volk tot Hom vergader sou word, en deur Abraham dat al die nasies van die aarde in Hom geseën sou wees. Op hierdie skrifgedeeltes het die Samaritane hulle geloof in die Messias gebaseer. Die feit dat die Jode die later profete verkeerd

vertolk het en die heerlikheid van die tweede koms toegepas het op die eerste, het die Samaritane daartoe gedryf om al die geskrifte te verwerp behalwe die wat deur Moses gegee is. Maar waar die Heiland hierdie verkeerde verklarings weggeveeg het, het vele die latere profesieë aangeneem, en ook die woorde van Christus self aangaande die koninkryk van God.

Jesus het begin om die skeidsmuur af te breek tussen Jood en heiden, en om verlossing aan die wêreld te verkondig. Alhoewel Hy n Jood was, het Hy vryelik omgegaan met die Samaritane, en die Farisese gebruike van Sy volk ter syde gestel. Ten spyte van hulle vooroordeel het Hy die gasvryheid van hierdie veragte volk aangeneem. Hy het in hulle huise geslaap, aan hulle tafels geëet—voedsel wat deur hulle hande berei is; Hy het in hulle strate geleer en hulle met die grootste vriendelikheid en hoflikheid bejeën.

By die tempel van Jerusalem het 'n laer muur die voorhof van al die ander dele van die heilige gebou geskei. Op hierdie muur is daar opskrifte aangebring in verskillende tale, wat gelui het dat alleen Jode oor daardie grens kon gaan. As 'n heiden hom sou aan- gematig het om na die binneste dele te gaan, sou hy die tempel veront- heilig en dit sou sy lewe gekos het. Maar Jesus, in wie die tempel en sy dienste sy oorsprong gehad het, het die heidene tot Hom getrek met bande van menslike medelyde, terwyl Sy goddelike genade aan hulle die saligheid gebring wat die Jode verwerp het.

Die verblyf van Jesus in Samaria was bedoel om 'n seën té wees
[191] vir Sy dissipels wat nog onder die invloed van Joodse bekrompenheid verkeer het. Hulle het gevoel dat trou aan hulle eie volk dit geverg het dat hulle vyandig moet wees teenoor die Samaritane. Hulle was verbaas oor die gedrag van Jesus. Hulle kon nie weier om Sy voorbeeld te volg nie, en gedurende die twee dae in Samaria, het getrou- heid aan Hom hulle vooroordeel onder beheer gehou, maar in hulle harte was hulle onversoenlik. Hulle was stadig om te leer dat hulle veragting en haat plek moes maak vir ontferming en medelyde. Maar ná die Here se hemelvaart, het Sy lesse tot hulle teruggekom met nuwe betekenis. Ná die uitstorting van die Heilige Gees het hulle terugge- dink aan die uitdrukking op die Heiland se gelaat, Sy woorde, die respek en sagmoedigheid wat Hy getoon het teenoor daardie veragte vreemdelinge. Toe Petrus in Samaria gaan preek het, het hy dieselfde gees getoon in sy werk. Toe Johannes geroep

is na Efese en Smirna, het hy onthou wat by Sigem gebeur het, en hy was vervul met dankbaarheid aan die goddelike Leraar, wat die moeilikhede waarvoor hulle te staan sou kom, voorsien het, en hulle die hulp van Sy eie voorbeeld gegee het.

Die Heiland doen vandag nog dieselfde werk as toe Hy die water van die lewe aangebied het aan die vrou van Samaria. Diegene wat hulleself Sy navolgers noem, mag die uitvaagsels verag en vermy; maar geen omstandigheid van geboorte of ras, geen lewenstoestand, kan Sy liefde afwend van die mensekinders nie. Aan elke siel, hoe sondig ook, sê Jesus, As julle dit van My vra, sal Ek julle die water van die lewe gee.

Die evangelie-uitnodiging moet nie beperk word tot, en gegee word aan 'n paar uitverkorenes, wat soos ons meen, ons sal vereer as hulle dit aanneem nie. Die boodskap moet aan almal verkondig word. Waar daar oop harte is wat die waarheid sal aanneem, is Christus gereed om hulle te leer. Hy openbaar die Vader aan hulle, en die soort godsdiens wat aanneemlik is vir Hom wat die hart lees. Vir sulkes gebruik Hy geen gelykenisse nie. Aan hulle, net soos aan die vrou by die fontein, sê hy, "Dit is Ek wat met jou spreek."

Toe Jesus gaan sit en rus het by die fontein van Jakob, het Hy van Judea gekom, waar Sy bediening min vrugte afgewerp het. Hy is deur die priesters en rabbi's verwerp, en selfs diegene wat bely het om Sy dissipels te wees, het nie Sy goddelike karakter bespeur nie. Hy was moeg en afgemat, maar Hy het nie die kans laat verbygaan nie om met een vrou te praat, alhoewel sy 'n vreemdeling was, [192]
vervreemd van Israel, en lewende in die sonde.

Die Heiland het nie gewag op 'n gehoor nie. Dikwels het Hy begin leer met net 'n paar mense rondom Hom, maar een vir een het die verbygangers gaan staan en luister totdat 'n skare, verwonderd en met ontsag, die woorde van God gehoor het deur die Leraar uit die hemel. Die werker vir Christus moenie voel dat hy nie met dieselfde erns kan spreek tot 'n paar hoorders as tot 'n groot gehoor nie. Daar mag net een wees om die boodskap te hoor, maar wie kan sê hoe verreikend die invloed sal wees? Selfs vir die dissipels van Christus het dit onbelangrik gelyk dat die Heiland Sy tyd sou bestee aan 'n vrou van Samaria. Maar Hy het met meer erns en welsprekendheid tot haar gespreek as tot konings, raadslede, of hoëpriesters. Die lesse wat Hy.aan daardie vrou gegee het, is oor die hele aarde verkondig.

Sodra sy die Heiland gevind het, het die Samaritaanse vrou ander tot Hom gebring. Sy het bewys dat sy ’n baie beter sendeling was as Sy eie dissipels. Die dissipels het niks in Samaria gesien wat dit kon aandui as ’n bemoedigende sendingveld nie. Hulle het gedink aan ’n groot werk wat in die toekoms gedoen moet word. Hulle het nie gesien dat daar rondom hulle ’n oes was om in te samel nie. Maar deur die vrou wat hulle verag het, is ’n hele stadsbevolking gebring om die Heiland te hoor. Sy het dadelik die lig na haar volksgenote geneem.

In hierdie vrou het ons ’n voorstelling van die werking van ’n praktiese geloof in Christus. Elke ware dissipel is in die koninkryk van God gebore as ’n sendeling. Die een wat van die lewende water drink, word ’n fontein van die lewe. Die ontvanger word ’n gewer. Die genade van Christus in die siel is soos ’n fontein in die woestyn, wat opspring om almal te verkwik, en wat diegene wat op die punt staan om te versmag gretig maak om van die water van die lewe te
[193] drink.

# “As Julle nie Tekens en Wonders Sien nie”

DIE Galileërs wat teruggekeer het van die Paasfees, het vertel van die wonderwerke van Jesus. Die veroordeling van Sy dade deur die waardigheidsbekleërs te Jerusalem, het die weg vir Hom oopgemaak in Galilea. Baie van die mense het die misbruik van die tempel en die inhaligheid en vermetelheid van die priesters gelaak. Hulle het gehoop dat hierdie man, wat die owerstes op die vlug gejaag het, die langverwagte Verlosser sou wees. Nou het hulle gerugte gehoor wat oënskynlik hulle stoutste verwagtings bevestig het. Daar is berig dat die profeet self gesê het dat Hy die Messias was.

Maar die mense van Nasaret het nie in Hom geglo nie. Om hierdie rede het Jesus, op weg na Kana, nie by Nasaret aangegaan nie. Die Heiland het aan Sy dissipels gesê dat n profeet nie in sy eie land eer sou ontvang nie. Mense beoordeel karakter volgens dinge wat hulleself kan waardeer. Die bekrompenes en wêreldgesindes het Christus beoordeel volgens Sy nederige geboorte, Sy eenvoudige klere, en Sy daelikse werk. Hulle kon nie die reinheid waardeer van hierdie gees wat deur geen enkele sonde besmet was nie. [194]

Die gerug dat Christus weer in Kana was, het deur die hele Galilea versprei, en hoop gebring aan die lydendes en ellendiges. In Kapernaum het die nuus die aandag getrek van ’n Joodse koninklike beampte wat ’n offisier in die koning se diens was. ’n Seuntjie van die offisier het aan ’n skynbaar ongeneeslike siekte gely. Die dokters het geen hoop vir hom gehad nie, maar toe die Vader hoor van Jesus, het hy besluit om Sy hulp te gaan inroep. Die kind was baie swak, en daar is gevrees dat hy nie sou leef tot hy terugkom nie; maar die offisier het gevoel dat hy Jesus persoonlik moes nader. Hy het gehoop dat die smeekbede van ’n vader die simpatie sou opwek van die Groot Geneesheer. [195]

By Kana gekom, het hy ’n groot skare om Jesus gevind. Met ´n angstige hart het hy deurgedring tot in die Heiland se teenwoordigheid. Sy geloof het gewankel toe hy ’n man sien baie eenvoudig gekleed, met stof bedek van Sy reis. Hy het getwyfel of hierdie

persoon sou kon doen wat hy kom vra het; maar nogtans het hy ’n onderhoud met Jesus gehad, Hom vertel waarom hy gekom het, en die Heiland gevra om met hom saam te gaan na sy huis. Jesus het reeds van sy droefheid geweet. Nog voordat die offisier van sy huis af weg is, het die Here sy verknorsing gesien.

Maar Jesus het ook geweet dat die vader in sy eie hart voorwaardes gestel het aangaande sy geloof in Hom. As daar nie voldoen word aan sy smeekbede nie, sou hy Hom nie aanneem as die Messias nie. Terwyl die offisier in angs en spanning gewag het, het Jesus gesê, “As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie.”

Nieteenstaande al die bewyse dat Jesus die Christus was, het die beampte besluit om die voldoening aan sy versoek as voorwaarde te stel van geloof in Hom. Die Heiland het hierdie voorwaardelike geloof vergelyk met die eenvoudige geloof van die Samaritane wat geen wonderwerk of teken gevra het nie. Sy woord, die altyd teenwoordige bewys van Sy Godheid, het ’n oortuigende krag gehad wat hulle harte aangeraak het. Dit het Christus gegrief dat Sy eie mense, aan wie die heilige godsprake toevertrou was, nie die stem van God verneem het wat deur Sy Seun tot hulle gespreek het nie.

Maar die koninklike beampte het darem ’n mate van geloof gehad, want hy het gekom om te vra wat vir hom seker een van die grootste seëninge sou wees. Jesus het ’n groter gawe gehad om te gee. Nie alleen wou Hy die kind gesondmaak nie, maar Hy wou die offisier en sy huisgesin deelgenote maak van die verlossing, en ’n lig in Kaper- naum aansteek wat eerlank sy arbeidsveld sou word. Maar die beampte sal eers sy behoefte moet besef voordat hy die genade van Christus sal begeer. Hierdie man was verteenwoordigend van baie onder sy volksgenote. Hulle het om selfsugtige redes belanggestel in Jesus. Hulle het gehoop dat hulle die een of ander spesiale voordeel sou trek uit Sy mag, en hulle geloof was gebaseer op die ontvangs van hierdie stoflike guns; hulle was onbewus van hulle geestelike krankheid, en het nie hulle behoefte aan goddelike genade besef nie.

Soos ’n flits het die Heiland se woorde die koninklike beampte
[196] se hart ontbloot. Hy het gesien dat hy Jesus met ’n selfsugtige motief kom opsoek het. Hy het sy weifelende geloof in sy ware kleur gesien. In die grootste droefheid het hy besef dat sy twyfelmoedigheid die

lewe van sy seun mag kos. Hy het geweet dat hy in die teenwoordigheid was van een wat sy gedagtes kon lees en vir wie alle dinge moont- hk was. In angs het hy gesmeek: "Here, kom af voordat my kind sterwe." Sy geloof het Jesus beetgeneem net soos Jakob gedoen het toe hy in sy worstelstryd met die Engel uitgeroep het, "Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën." Gen. 32: 26.

Net soos Jakob, het hy oorwin. Die Heiland kan nie weggaan van die siel wat aan Hom vasklem en sy groot behoefte pleit nie. "Gaan, het Hy gesê," "jou kind lewe!" Die koninklike beampte is van die Heiland af weg met 'n vrede en vreugde wat hy nooit voorheen geken het nie. Nie alleen het hy geglo dat sy seun gesond sou word nie, maar hy het met 'n sterk vertroue in Christus geglo as die Verlosser.

Terselfdertyd het diegene wat by die kind gewaak het in die huis te Kapernaum 'n skielike en misterieuse verandering gemerk. Die doodskaduwee op die lydende se gesig het verdwyn. Die koorsige gloed is vervang deur die sagte gloed van gesondheid. Die dowwe oë het weer gefonkel van intelligensie, en krag het teruggekeer tot die swak en uitgeteerde liggaampie. Daar is geen tekens meer van die siekte by die kind gesien nie. Die droë, koorsige vel het sag en klam geword, en die kind het stil aan die slaap geraak. Die koors het hom verlaat op die warmste van die dag. Die huismense was verbaas, en daar was groot vreugde.

Kana was nie so ver van Kapernaum af dat die beampte nie sy huis kon bereik die aand ná sy onderhoud met Jesus nie; maar hy het hom nie gehaas huis toe nie. Hy het die volgende more eers in Kapernaum aangekom. Wat 'n blye tuiskoms was dit nie! Toe hy na Jesus gaan soek het, was sy hart vol droefheid. Die sonskyn het vir hom wreed voorgekom, en die sang van die voëltjies was 'n klug. Hoe anders het hy nou gevoel! Die hele natuur het anders gelyk. Hy sien met nuwe oë. Terwyl hy so in die vroeë more gereis het, het dit geskyn of die ganse natuur God saam met hom geprys het. Terwyl hy nog 'n hele ent van sy huis af was, het bodes hom tegemoet gekom, om die spanning wat hy moes gevoel het, te breek. Hy was glad nie verbaas oor die nuus wat hulle gebring het nie, maar met 'n groot [197]
belangstelling wat hulle nie kon verstaan nie, het hy gevra wanneer die kind beterskap begin toon het. Hulle het geantwoord: "Gister om eenuur het die koors hom verlaat." Dit was op dieselfde uur toe die

vader se geloof die versekering aangeneem het, "U kind lewe," dat goddelike liefde die sterwende kind aan- geraak het.

Die vader het huis toe gehaas om sy kind te groet. Hy het hom omhels soos een wat uit die dode opgewek is, en hy het God oor en oor gedank vir hierdie wonderbare genesing.

Daardie koninklike beampte het verlang om Christus beter te leer ken. Later, toe hy Christus se leer gehoor het, het hy en sy hele gesin dissipels geword. Die siekte in daardie huis is geheilig tot die bekering van die hele gesin. Gerugte van die wonderwerk het versprei; en in Kapernaum, waar so baie van Sy magtige werke gedoen is, is die weg geopen vir die persoonlike bediening van Christus.

Hy wat die koninklike beampte te Kapernaum geseën het, is net so begerig om ons te seën. Maar, net soos daardie bedroefde vader, word ons ook dikwels beweeg om tot Jesus te kom omdat ons aardse voordeel soek, en ons vertrou Sy liefde alleen wanneer ons kry wat ons gesoek het. Die Heiland verlang om ons 'n groter seën te gee as wat ons soek, en Hy gee ons nie dadelik wat ons vra nie, sodat Hy die sonde in ons hart kan openbaar en ons groot behoefte aan Sy genade. Hy wil hê dat ons die selfsug moet versaak wat ons beweeg om Hom te soek. Met 'n belydenis van ons hulpeloosheid en groot behoefte, moet ons ons heeltemal oorgee aan Sy liefde.

Die koninklike beampte wou eers die antwoord op sy gebed sien voordat hy sou glo, maar hy moes die woord van Jesus eers aanneem dat sy versoek toegestaan en die seën gegee is. Daardie les sal ons ook moet leer. Ons moet glo, nie omdat ons sien of voel dat God ons verhoor het nie. Ons moet vertrou op Sy beloftes. Wanneer ons Hom nader in geloof, verhoor God elke gebed. Wanneer ons God om Sy seën gevra het, moet ons glo dat ons dit sal kry, en ons moet Hom dank dat ons dit gekry het. Dan moet ons aangaan met ons werk, in die versekering dat die seën daar sal wees wanneer ons dit die meeste nodig het. Wanneer ons geleer het om dit te doen, sal ons weet dat ons gebede verhoor is. God sal vir ons doen "ver bo alles wat ons kan vra" "na die rykdom van Sy heerlikheid" volgens die
[198] "werking van die krag van Sy sterkte." Efe. 3: 20, 16; 1: 19.

## Betesda en die Sanhedrin

"EN daar is in Jerusalem by die Skaappoort 'n bad met vyf pilaar- gange wat in Hebreeus Betesda genoem word. Daarin het 'n groot menigte van siekes gelê: blindes en kreupeles en lammes wat vir die roering van die water gewag het."

Met sekere tye was daar n roering in die water van hierdie bad, en daar is algemeen geglo dat dit op bonatuurlike wyse geskied het, en dat die een wat eerste in die water gegaan het ná die roering, genees sou word van sy kwaal. Honderde lydendes het die plek besoek. Wanneer die roering in die water bespeur is, was die skare so groot wat vorentoe beweeg het dat hulle die mans, vrouens, en kinders wat swakker was, feitelik vertrap het. Baie kon nie eens naby die bad kom nie. Baie wat wel daarin geslaag het om die bad te bereik, het op die randjie van die water gesterf. Rondom die bad is skerms opgerig om die siekes te beskut teen die hitte bedags en die koue snags. Sommige het die nag in die gange deurgebring, en dag na dag het hulle na die randjie van die water gekruip, hopende op genesing.

Jesus was weer in Jerusalem. Terwyl Hy alleen gestap het, peinsende en biddende, het Hy by die bad gekom. Hy het gesien hoedat die arme siekes waggehou het vir wat hulle gemeen het hulle enigste kans op genesing was. Hy het verlang om Sy krag van genesing te gebruik en elke sieke gesond te maak. Maar dit was die Sabbatdag. [199]
Skares het na die tempel gegaan om te aanbid, en Hy het geweet dat as Hy hulle sou genees, dit die vooroordeel van die Jode sou opwek en Sy werk sou beëindig.

Maar die Here het daar een baie treurige geval gesien. Dit was 'n man wat vir agt-en-dertig jaar reeds hulpeloos verlam was. Sy siekte was in 'n groot mate die gevolg van sy eie sonde, en dit was beskou as 'n straf van God. Alleen en sonder vriende, voelende dat hy uitgesluit was van Gods genade, het die lyer lange jare in eilende deur- gebring. Met tye wanneer daar verwag is dat die roering in die water sou kom, het ontfermende vriende hom in een van die poorte gedra, maar op die regte oomblik het hy niemand gehad om hom

in die water te plaas nie. Hy het al met vorige kere die roering van die water gesien, maar hy kon nooit verder kom as die kant van die water nie. Ander wat sterker was as hy, het voor hom ingespring. Hy kon nie met sukses meeding met die selfsugtige, aanstormende menigte nie. Sy pogings, en sy angs en teleurstelling, het sy laaste bietjie kraggies uitgeput.

"Die siek man het op sy mat gelê en so nou en dan na die water gekyk, toe 'n tere, ontfermende gesig oor hom buig met die woorde,Wil jy gesond word?" Daar het weer hoop in sy hart gekom. Hy het gevoel dat hy, hoe ook al, gaan hulp kry. Maar hy het gou weer moedeloos gevoel. Hy het onthou hoe dikwels hy al probeer het om die water te bereik, en nou het hy maar min hoop gehad om te lewe totdat die water weer geroer word. Moeg het hy geantwoord, "Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie; en onderwyl ek kom, gaan 'n ander een voor my in."

Jesus het nie hierdie lyer gevra om geloof in Hom te hê nie. Hy het eenvoudig gesê, "Staan op, neem jou bed op en loop." Maar die man se geloof het op daardie bevel gereageer. Elke senuwee en spier het getril met nuwe lewe, en krag het gekom in sy verlamde bene. Sonder om teë te praat, het hy sy wil in werking gebring om die bevel van Christus te gehoorsaam, en al sy spiere het sy wil gehoorsaam. Hy het opgespring en gevind dat hy n gesonde man was.

Jesus het hom geen versekering van goddelike hulp gegee nie. Daardie man kon bly lê en twyfel, en sy enigste kans om gesond te word, verbeur. Maar hy het Christus se woord geglo, en deur daarop
[200] te handel, het hy krag ontvang.

Deur dieselfde geloof kan ons geestelike genesing verkry. Deur die sonde is ons afgesny van die lewe van God. Ons siele is verlam. Van onsself is ons net so magteloos om 'n heilige lewe te lei as daardie lam man was om te loop. Daar is vele wat hulle hulpeloosheid besef, en wat verlang na daardie geestelike lewe wat hulle in ooreenstemming met God sal bring; hulle probeer tevergeefs om dit te verkry. In wanhoop roep hulle uit, "Ek, ellendige mens! wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" Rom. 7:24. Laat daardie moedelose, worstelende mense na omhoog kyk. Die Verlosser buig neer oor die eiendom wat Hy met Sy bloed gekoop het, en Hy sê met die grootste ontferming, "Wil jy gesond word?" Hy beveel jou om op te staan in gesondheid en vrede. Moenie wag om te voel dat

jy gesond is nie. Glo Sy woord en dit sal vervul word. Plaas u wil aan die kant van Christus. Besluit om Hom te dien, en waar u op Sy woord handel, sal u krag ontvang. Wat ook al die sonde is, sal die bande wat so lank jou siel en liggaam gebind het, deur Christus verbreek word om jou te verlos. Hy sal lewe gee aan die siel wat "dood was deur die misdade." Efe. 2:1. Hy sal die gevangene vrylaat wat in swakheid deur die bande van die sonde gebind is.

Die gekeesde lamme het gebuk om sy bed op te tel, wat bestaan het uit n matjie en kombers, en toe hy weer orent kom met 'n gevoel van vreugde, het hy omgekyk na sy Verlosser, maar Jesus het onder die skare verdwyn. Die man het gevrees dat hy Hom nie weer sou herken as hy Hom sien nie. Toe hy daar wegstap met ferme tred, lowende God in sy nuwe krag, het hy n hele paar van die Fariseërs teëgekom, en hulle dadelik vertel van sy genesing. Hy was verbaas oor die kilheid waarmee hulle na sy storie geluister het.

Met fronsende winkbroue het hulle hom in die rede geval en gevra waarom hy sy bed op die Sabbat dra. Streng het hulle hom daaraan herinner dat dit nie wettig was om laste te dra op die dag van die Here nie. In sy blydskap het die man vergeet dat dit die Sabbat was, maar nogtans het hy nie veroordeel gevoel omdat hy die bevel gehoorsaam het van die Een wat sulke krag van God geopenbaar het nie. Onbe- vrees het hy geantwoord, "Hy wat my gesondgemaak het, Hy het vir my gesê. Neem jou bed op en loop." Hulle het toe gevra wie dit was wat dit gedoen het, maar hy kon nie se nie. Hierdie owerstes het geweet dat daar net Een was wat hierdie wonderwerk kon gedoen het, maar hulle wou regstreekse bewys hê dat dit Jesus [201]
was, sodat hulle Hom kon veroordeel as 'n Sabbatskender. Volgens hulle mening het Hy nie alleen die wet oortree deur op die Sabbat 'n man te genees nie, maar Hy het Homself ook skuldig gemaak aan heiligskennis deur hom te beveel om sy bed te dra.

Die Jode het die wet so verdraai dat dit 'n swaar juk geword het. Hulle onsinnige bepalings was iets waarmee ander volke die spot ge- dryf het. Veral was die Sabbat omhein met allerhande lastige bepalings. Vir hulle was die heilige dag van die Here nie 'n verlustiging nie. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het die viering van die Sabbat 'n ondraaglike las gemaak. Vir 'n Jood was dit nie geoorloof om 'n vuur of 'n kers aan te steek op die Sabbat nie, en gevolglik was die mense afhanklik van die heidene vir baie werkies wat hulle

eie reëls hulle nie toegelaat het om vir hulleself te doen nie. Hulle het nie daaraan gedink dat as hierdie dade sondig was, diegene wat ander gekry het om dit te doen, net so skuldig was asof hulle die werk self gedoen het nie. Hulle het gedink dat die saligheid net vir die Jode was, en dat die posisie van alle ander mense, omdat hulle alreeds hopeloos was, nie erger kon word nie. Maar God het geen gebooie gegee wat nie deur almal gehoorsaam kan word nie. Sy wette gee geen toestemming tot onredelike of selfsugtige bepalings nie.

In die tempel het Jesus die man ontmoet wat Hy genees het. Hy het gekom om 'n sondoffer te bring, en ook 'n dankoffer vir die groot genade wat aan hom betoon is. Toe Hy hom daar onder die aanbidders sien, het Jesus Homself bekendgestel met die waarskuwing, "Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." Die geneesde man was oorstelp van vreugde toe hy sy Verlosser sien. Onwetend van hulle vyandigheid teenoor Jesus, het hy aan die Fariseërs gesê wat hom ondervra het, dat dit hierdie man is wat hom gesond gemaak het. "Hieroor het die Jode Jesus vervolg en probeer om Hom dood te maak, omdat Hy dit op die Sabbat gedoen het."

Jesus is voor die Sanhedrin gebring op aanklag dat Hy die Sabbat geskend het. As die Jode op hierdie tyd 'n onafhanklike volk was, sou hulle Hom op hierdie aanklag tot die dood kon veroordeel het. Maar omdat hulle aan die Romeine onderworpe was, kon hulle dit nie doen nie. Die Jode het geen mag gehad om die doodvonnis uit
[202] te voer nie, en die beskuldigings wat hulle teen Jesus ingebring het, sou geen krag gehad het in 'n Romeinse hof nie. Maar hulle het gestrewe na 'n ander doelwit. Ondanks hulle pogings om Hom teen te werk, het Christus selfs in Jerusalem groter invloed onder die volk begin kry as hulle. Menigtes wat geen belang gestel het in die stryery van die rabbi's nie, het aangetrokke gevoel tot Jesus deur Sy leer. Hulle kon Sy woorde verstaan, en hulle harte is verkwik en vertroos. Hy het God voorgestel, nie as 'n wraaksugtige regter nie, maar as 'n barmhartige Vader, en Hy self het die beeld van God weerkaats. Sy woorde was soos balsem vir hulle verwonde gees. Beide deur Sy woorde en Sy werke van genade het Hy die verdrukkende mag van die ou tradisies en menslike gebooie verbreek, en die grenslose liefde van God in sy volheid voorgestel.

In een van die vroegste profesieë oor Christus is daar geskryf: "Die septer sal van Juda nie wyk nie, nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en Hom sal die volke gehoorsaam wees." Gen. 49: 10. Die mense het hulle om Christus geskaar. Die simpatieke harte van die skare het die lesse van liefde en welwillendheid aangeneem in stede van die onbuigbare seremonies deur die priesters vereis. As die priesters en rabbi's hulle nie met die saak bemoei het nie, sou Sy leer so 'n grondige reformasie teweeggebring het soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Maar om hulle eie gesag te handhaaf, het hierdie leiers besluit om die invloed van Jesus te verbreek. Sy daging voor die Sanhedrin, en 'n openbare veroordeling van Sy leer, sou hulle help om hulle doel te bereik, want die volk het nog groot eerbied gehad vir hulle godsdienstige leiers. Wie ook al gewaag het om die rabbynse vereistes te minag, of om die laste te versag wat hulle die volk opgelê het, is beskou as skuldig, nie alleen aan godslastering nie, maar ook aan verraad. Op hierdie grond het die rabbi's gehoop om agter- dog teen Jesus te verwek. Hulle het Hom voorgestel as iemand wat besig was om die gevestigde gebruike te vernietig, wat die volk verdeel het en die weg geopen het vir hulle onderwerping deur die Romeine.

Maar die planne wat hierdie rabbi's so ywerig besig was om te vervul, het ontstaan in 'n gans ander raad as die van die Sanhedrin. Nadat dit die Satan misluk het om Christus te oorwin in die woestyn, het hy sy magte saamgetrek om Hom te beveg in Sy bediening, en indien moontlik, om Sy werk te dwarsboom. Wat hy nie kon regkry deur regstreekse persoonlike aanvalle nie, het hy probeer doen deur [203]
ander metodes. Onmiddellik nadat hy hom onttrek het aan die stryd in die woestyn, het hy in oorleg met sy engele planne gemaak om die verstand van die Joodse volk nog verder te benewel om nie hulle Verlosser te herken nie. Hy sou deur sy menslike werktuie optree in die godsdienstige wêreld deur hulle te besiel met sy eie vyandigheid teen die kampvegter vir die waarheid. Hy sou hulle beweeg om Christus te verwerp en om Sy lewe so bitter moontlik te maak, hopende om Hom in Sy werk te ontmoedig. En die leiers van Israel het werktuie geword van die Satan deur teen hulle Verlosser te veg.

Jesus het gekom om "die onderwysing groot en heerlik te maak." Hy sou nie die waardigheid daarvan verminder nie, maar dit eerder

verhoog. Die Skrif sê, “Hy sal nie dof brand of geknak word totdat Hy die reg op die aarde gegrond het nie.” Jes. 42: 21, 4. Hy het gekom om die Sabbat te bevry van daardie lastige bepalings wat dit ’n vloek pleks van ’n seën gemaak het.

Dit was om hierdie rede dat Hy die Sabbat gekies het om die man by Betesda gesond te maak. Hy kon daardie siek man net so goed op enige ander dag van die week genees het, of Hy kon hom maar net genees het sonder om hom te beveel om sy bed met hom saam te dra. Maar dit sou Hom nie die kans gegee het waarna Hy gesoek het nie. Daar was ’n wyse doel in elke daad van Christus se lewe op aarde. Alles wat Hy gedoen het, was op sigself belangrik, en ook die les wat dit geleer het. Onder die siekes by die bad het Hy die ergste geval uitgesoek om Sy krag van gesondmaking te beoefen, en Hy het die man beveel om sy bed deur die stad te dra om die groot wonder wat vir hom gedoen is, rugbaar te maak. Dit sou die vraag laat ontstaan van presies wat op die Sabbat geoorloof was, en dit sou die weg open vir Hom om die beperkings van die Jode op die dag van die Here te veroordeel, en hulle tradisies nietig te verklaar.

Jesus het aan hulle gesê dat die werk om die lyding van siekes te verlig heeltemal in ooreenstemming is met die wet van die Sabbat. Dit was in ooreenstemming met die werk van Gods engele wat gedurig opgaan en neerdaal tussen die hemel en die aarde as dienaars van die lydende mensdom. Jesus het gesê, “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.” Alle dae behoort aan God om Sy planne uit
[204] te werk vir die mens. As die Joodse verklaring van die wet reg was, dan sou God verkeerd wees, want Hy het alles in stand gehou van die skepping af; Hy wat gesê het dat alles wat Hy gemaak het goed was, en die Sabbat ingestel het om die voltooiing van die skepping te herdenk, sal Sy werk moet staak en die nimmereindigende roetine van die heelal moet stopsit.

Moet God die son belet om op die Sabbat te skyn, of sy strale afsny om nie die aarde te verwarm en die plantegroei te verkwik nie? Moet die hele stelsel van wêrelde stilstaan op daardie heilige dag? Moet Hy die strome belet om die velde en woude te besproei, en moet Hy die bare van die see gebied om stil te wees? Moet die koring en mielies ophou om te groei, en moet die vrugte nie ryp word nie? Moet die bome en die blomme nie bloei op die Sabbat nie?

As dit die geval sou wees, sou die mense die vrugte van die aarde mis, asook die seëninge wat die lewe aangenaam maak. Die natuur moet met sy werking voortgaan. God kan nie vir een oomblik Sy hand terughou nie, of die mens sou beswyk en sterf. En die mens het n werk om te doen op hierdie dag. Hy moet omsien na die benodighede van die lewe, die siekes moet versorg word, en daar moet voorsien word in die behoeftes van diegene wat behoeftig is. Diegene wat nalaat om lyding op die Sabbat te verlig, sal nie onskuldig wees nie, Gods heilige rusdag is vir die mens gemaak, en dade van genade is heeltemal in ooreenstemming met die doel daarvan. God wil nie hê dat Sy skepsels selfs vir een uur moet ly as die lyding op die Sabbatdag of enige ander dag verlig kan word nie.

Die beroepe op God is op die Sabbatdag groter as op ander dae. Sy kinders staak hulle gewone werk, en bestee die tyd aan oorpeinsing en aanbidding. Hulle vra Hom meer gunste op die Sabbat as op ander dae. Hulle vra om Sy spesiale aandag. Hulle verlang na Sy beste seëninge. God wag nie vir die Sabbat om verby te gaan voordat Hy hierdie versoeke toestaan nie. Die werk van die Hemel hou nooit op nie, en die mens moet nooit rus van sy goeie werke nie. Die Sabbat was nie bedoel as 'n tyd vir ledigheid nie. Die wet verbied sekulêre werk op die rusdag van die Here; die werk om 'n bestaan moet ophou; geen werk vir wêreldse plesier of vir profyt is geoorloof op daardie dag nie; maar net soos God Sy skeppingswerk gestaak het en op die Sabbat gerus en dit geseën het, so moet die mens ook sy daelikse werk staak en die heilige ure bestee aan gesonde rus, aanbidding, en heilige dade. Die werk [205]
van Christus, toe Hy die sieke gesond gemaak het, was in volkome ooreenstemming met die wet. Dit het die Sabbat geëer.

Jesus het aanspraak gemaak op gelyke regte met God in die werk van gelyke aard en van dieselfde karakter as die wat die Vader in die hemel doen. Maar dit het die Fariseërs nog meer gebelg. Nie alleen het Hy die wet gebreek soos hulle gemeen het nie, maar deur God "Sy eie Vader" te noem, het Hy gesê dat Hy "gelyk aan God was." Joh. 5: 18.

Die Joodsc volk het God hulle Vader genoem, en hulle sou nie so kwaad geword het as Christus net aanspraak op daardie verhouding gemaak het nie. Maar hulle het Hom van godslastering beskuldig

en daardeur bewys dat hulle besef het dat Hy die aanspraak in die hoogste sin gemaak het.

Hierdie teenstanders van Christus het geen argumente gehad teen die waarhede wat Hy hulle aan die verstand gebring het nie. Hulle kon net hulle gebruike en tradisies aanhaal wat swak en flou was ver- geleke met die wat Jesus uit die Woord aangevoer het, en uit die einde- lose werking van die natuur. As die rabbi's enige begeerte gehad het om lig te ontvang, sou hulle oortuig gewees het dat Jesus die waarheid gepraat het. Maar hulle het Sy punte oor die Sabbat laat links lê, en getrag om woede teen Hom op te wek omdat Hy aanspraak gemaak het op gelykheid aan God. Die woede van die owerstes het geen perke geken nie. As hulle nie bang was vir die mense nie, sou die priesters en rabbi's Jesus sommer daar en dan doodgemaak het. Maar die openbare gevoel ten gunste van Hom was sterk. Vele het in Jesus die vriend gesien wat hulle kwale genees en hulle vertroos het, en hulle het Sy genesing van die sieke te Betesda geregverdig. So moes die leiers vir 'n tyd hulle haat bedwing.

Jesus het die beskuldiging van godslastering verwerp. My gesag, het Hy gesê, vir die werk waarvoor julle My beskuldig het, is dat Ek die Seun van God is, een met Hom in natuur, in wil, en in doel. In al Sy werke van die skepping en die voorsienigheid, werk Ek saam met God. "Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie." Die priesters en rabbi's het die Seun van God tot verantwoording geroep omdat Hy die werk gedoen het waarvoor Hy opsetlik na die wêreld gestuur is. Deur hulle sondes het hulle hulleself afgeskei van God, en in hulle hoogmoed het hulle onafhanklik van Hom gehandel. Hulle het selfvoldaan gevoel oor
[206] alle dinge, en hulle het geen behoefte gevoel aan 'n hoër wysheid om hulle te lei nie. Maar die Seun van God het Homself oorgegee aan Sy Vader se wil en Hy was afhanklik van Sy krag. So volkome was Christus ontledig van die eie-ek dat Hy geen planne gemaak het vir homself nie. Hy het Gods planne vir Hom aangeneem, en dag na dag het die Vader Sy planne geopenbaar. So moet ons ook op God vertrou, sodat ons lewens die eenvoudige uitwerking van Sy wil sal wees.

Voordat Moses die heiligdom gebou het as woonplek van God, is hy beveel om alles te maak volgens die patroon wat aan hom op die berg getoon is. Moses was vol ywer vir Gods werk; die talentvol-

ste en mees bedrewe manne was beskikbaar om sy aanwysings uit te voer. Nogtans moes hy nie 'n klok, granaat, klossie, fraaiing, of gordyn, of enige ander voorwerp in die tabernakel maak dan alleen volgens die patroon wat aan hom getoon is nie. God het Moses na Hom toe op die berg geroep, en daar aan hom die hemelse dinge geopenbaar. Die Here het hom met sy eie heerlikheid bedek, sodat hy die patroon kon sien, en daarvolgens is alles gemaak. En so ook aan Israel in wie God graag wou woon, het Hy die heerlike karakter-ideaal geopenbaar. Die patroon is aan hulle getoon op die berg toe die wet op Sinai gegee is, en toe die Here voor Moses verbygegaan en uitgeroep het, "Here, Here, 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid hou vir dui- sende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vetgewe." Exod. 34: 6, 7.

Israel het hulle eie weë gekies. Hulle het nie gebou volgens die patroon nie; maar Christus, die ware tempel vir Gods inwoning, het elke besonderheid van Sy aardse lewe gereël in ooreenstemming met Gods ideaal. Hy het gesê: "Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen, en U wet is binne-in My ingewande." Ps. 40: 9. So moet ons karakters ook gebou word "tot 'n woning van God in die Gees." Efe. 2: 22. So moet ons alles maak "volgens die voorbeeld," ja van Hom wat vir ons gely het "en 'n voorbeeld vir julle nagelaat het, sodat julle Sy voetstappe kan navolg." Heb. 8: 5; 1 Pet. 2: 21.

Die woorde van Christus leer ons dat ons ons moet beskou as onafskeidelik verbind met ons Vader in die hemel. Wat ons posisie ook al is, ons is afhanklik van God in wie se hande ons lotsbestemming is. Hy het ons werk aan ons gegee, en ons met die vermoëns en mid dels toegerus vir daardie werk. Solank as ons ons oorgee aan [207] die wil van God, en op Hom vertrou vir krag en wysheid, sal ons gelei word in veilige paaie om ons aangewese deel te doen in Sy groot plan. Maar die een wat op sy eie wysheid en krag vertrou, is besig om homself af te skei van God. Pleks van saam met Christus te werk, werk hy saam met die vyand van God en mens.

Die Heiland het voortgegaan, "Want alles wat Hy [die Vader] doen, dit doen die Seun ook net so. . . . Want soos die Vader die dode opwek en lewendig maak, so maak ook die Seun lewendig wie Hy wil." Die Sadduseërs het geleer dat daar geen opstanding van die liggaam sou wees nie; maar Jesus het aan hulle gesê dat een van

die grootste werke van Sy Vader die opwekking van die dode is, en dat Hy self ook mag het om daardie werk te doen. "Daar kom n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het sal lewe. Die Fariseërs het geglo in die opstanding van die dode." Christus het verklaar dat die mag wat lewe aan die dode gee, toe reeds in hulle midde was, en hulle sou die openbaring daarvan sien. Dit is hierdie selfde opwekkingskrag wat lewe aan die siel gee wat "dood was deur die misdade en die sondes." Efe. 2:1. Daardie gees van die lewe in Christus Jesus, "die krag van Sy opstanding," maak mense vry "van die wet van die sonde en die dood." Filip. 3: 10; Rom. 8: 2. Die heerskappy van die sonde word verbreek, en deur die geloof word die siel bewaar van die sonde. Die een wat sy hart oopstel vir die Gees van Christus word n deelgenoot van daardie krag wat sy liggaam sal voortbring uit die graf.

Die nederige Nasarener het Sy ware edelmoedigheid getoon. Hy verhef Hom bokant die mensdom, Hy gooi die mantel van die sonde en skande af, en staan geopenbaar, die mees geëerde onder die engele, die Seun van God, een met die Skepper van die heelal. Sy toehoorders was betower. Geen mens het nog ooit woorde soos syne gespreek, of hom met sulke koninklike majesteit gedra nie. Sy woorde was duidelik en verstaanbaar, en het Sy sending en die plig van die wêreld duidelik verklaar. "Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun mag eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie. . . . Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in
[208] Homself te hê. En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is."

Die priesters en owerstes het hulleself gestel as regters om Christus se werk te veroordeel, maar Hy het gesê dat Hy hulle regter is, en die regter van die hele aarde. Die wêreld is aan Christus oorgegee, en deur Hom het die seëninge van God na die gevalle mensdom gevloei. Hy was hulle Verlosser net sowel vóór as ná Sy vleeswording. Sodra die sonde ontstaan het, was daar ook 'n Verlosser. Hy het die lig en die lewe aan almal gegee, en volgens die mate van lig wat gegee is, so sal elkeen geoordeel word. En Hy wat die lig gegee het, Hy wat die siel agtervolg het met genade, soekende om hom te win van sonde tot heiligheid, is terselfdertyd voorspraak en regter van die

siel. Vanaf die begin van die groot stryd in die hemel, het die Satan voortgegaan met bedrog, en Christus het gewerk om sy planne aan die kaak te stel en sy mag te breek. Dit is Hy wat die bedrieër beveg het, en wat deur die eeue die gevangenes uit sy mag bevry het, en wat elke siel sal oordeel.

En God het aan Hom "mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. Omdat Hy in die diepste ellende en ver- soeking van die mens gedeel het, en die swakhede en sondes van mense verstaan; omdat Hy ten behoewe van die mens die versoekings van die Satan oorwin het; en omdat Hy met ontferming sal handel met die siele vir wie Hy Sy bloed gestort het, daarom is die Seun van die mens aangestel om te oordeel."

Maar Christus se sending was nie om te oordeel nie, maar om te red. "God het Sy Seun in die wereld gestuur nie om die wêreld te oordeel nie, maar dat die wereld deur Hom gered kan word." Joh. 3: 17. En voor die Sanhedrin het Jesus gesê, "Wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe." Joh. 5: 24.

Christus het aan Sy toehoorders gesê om hulle nie te verwonder nie, en toe het Hy die gordyn van die toekoms nog 'n bietjie verder wegge- trek. "Daar kom 'n uur," het Hy gesê, "wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan—die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." Joh. 5: 28, 29. [209]

Hierdie versekering aangaande die toekomstige lewe — dit was waarop Israel so lank gewag het, en wat hulle verwag het om te verkry by die koms van die Messias. Die enigste lig wat die duisternis van die graf kan verlig, het op hulle geskyn. Maar eiesinnigheid is blind. Jesus het die tradisies van die rabbi's oortree en hulle gesag veronag- saam, en hulle wou nie glo nie.

Die tyd, die plek, die okkasie, die erns van die vergadering — alles het bygedra om die woorde van Jesus voor die Sanhedrin nog meer indrukwekkend te maak. Die hoogste godsdienstige gesag van die volk het die lewe gesien van Hom wat gesê het dat Hy die redder van Israel was. Die Here van die Sabbat het aangekla gestaan voor 'n aardse hof dat Hy die Sabbatswet oortree het. Toe Hy so onverskrokke Sy sending verduidelik het, het Sy regters Hom met verbasing en woede bejeën; maar hulle kon Hom nie antwoord nie.

Hulle kon Hom nie veroordeel nie. Hy het die reg van die priesters en rabbi's betwyfel om Hom tot verantwoording te roep, en hulle met Sy werk in te meng. Hulle het geen gesag gehad om dit te doen nie. Hulle aansprake het berus op hulle eie hoogmoed en verwaandheid. Hy het geweier om skuldig te pleit op hulle aanklagte, of om deur hulle berispe te word.

Pleks van verskoning te vra vir die daad waaroor hulle gekla het, of om te verduidelik waarom Hy dit gedoen het, het Jesus die owerstes beskuldig, en die aangeklaagde het nou die klaer geword. Hy het hulle bestraf oor die hardheid van hulle harte, en hulle onkunde aangaande die Skrifte. Hy het verklaar dat hulle die Woord van God verwerp het omdat hulle Hom wat deur God gestuur is, verwerp het. "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is die wat van My getuig." Joh. 5: 39.

Elke bladsy van die Ou Testament, of dit geskiedenis, poësie, voor- skrif, of profesie was, het gestraal van die heerlikheid van die Seun van God. Die hele Joodse stelsel, sover as dit 'n instelling van God was, was 'n bondige profesie van die evangelie. Aangaande Christus het "al die profete" "getuig" (Hand. 10:43). Van die belofte wat aan Adam gegee is, deur die patriargale linie en in die regspraak, het die heerlike lig van die hemel die spore van die Verlosser aangewys. Sieners het die Ster van Betlehem gesien, die Silo wat sou kom, namate die toekomstige dinge aan hulle geopenbaar is. Elke offerande het gewys op die dood van Christus. In elke wolk van wie-
[210] rook het Sy geregtigheid opgestyg. Elke keer as op die ramshoring geblaas is, is Sy Naam gehoor. In die ontsaginboesemende misterie van die allerheiligste plek het Sy heerlikheid gewoon.

Die Jode het die Skrifte in hulle besit gehad, en hulle het gedink dat hulle in 'n bloot uiterlike kennis van die Woord die ewige lewe gehad het. Maar Jesus het gesê, "Julle het nie Sy woord as iets blywends in julle nie." Daar hulle Christus in Sy Woord verwerp het, het hulle Hom ook as persoon verwerp. "Julie wil nie na My kom om die lewe te hê nie," het Hy gesê.

Die Joodse leiers het die geskrifte van die profete aangaande die koninkryk van die Messias ondersoek, maar hulle het dit gedoen nie met 'n opregte begeerte om die waarheid te ken nie, maar met die doel om bewyse te vind vir hulle trotse hoop. Toe Christus gekom het op 'n manier anders as wat hulle gemeen het, wou hulle Hom

nie aanneem nie; om hulleself te regverdig, het hulle probeer bewys dat Hy 'n bedrieër was. Nadat hulle eers hierdie weg ingeslaan het, was dit baie maklik vir die Satan om hulle teenstand teen Christus te versterk. Die woorde wat hulle moes aangeneem het as bewys van Sy Godheid, het hulle teen Hom gebruik. Op hierdie wyse het hulle die waarheid van God in 'n leuen verander, en hoe duideliker die Heiland tot hulle gespreek het deur Sy werke van genade, hoe meer het hulle volhard in hulle weerstand teen die lig.

Jesus het gesê, "Eer neem Ek van die mense nie aan nie." Dit was nie die invloed van die Sanhedrin, of die goedkeuring daarvan, wat Hy begeer het nie. Hulle goedkeuring sou vir Hom geen eer gewees het nie. Hy was beklee met die eer en gesag van die Hemel. As Hy dit begeer het, sou engele uit die hemel gekom het om Hom hulde te betoon; die Vader sou weer getuig het van Sy Godheid. Maar vir hulle eie ontwil, vir die ontwil van die volk onder wie hulle as leiers gedien het, wou Hy hê dat die Joodse leiers Sy karakter moes sien, en die seëninge moes ontvang wat Hy aan hulle gebring het.

"Ek het gekom in die Naam van My Vader, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hom sal julle aanneem." Jesus het op gesag van God gekom; Hy het Sy beeid gedra, Sy Woord vervul, en Sy eer gesoek; maar nogtans is Hy nie deur die leiers van Israel aangeneem nie; maar as ander sou kom en hulle as Christus voordoen, uit hulle eie wil, en soekende hulle eie eer, sou hulle aange neem word. En hoekom? Omdat hy wat [211]
sy eie heerlikheid soek aanklank vind in die harte van diegene wat selfverheffing begeer. Na sulke mense sou die Jode luister. Hulle sou die valse leraar aanneem omdat hy hulle hoogmoed sou streel deur hulle geliefkoosde opinies en tradisies te beaam. Maar die leer van Christus het nie ooreengestem met hulle idees nie. Dit was geestelik, en het die opoffering van die eie-ek geverg; daarom wou hulle dit nie aanneem nie. Hulle het God nie geken nie, en vir hulle was Sy stem deur Christus soos die stem van 'n vreemde.

Word dieselfde soort ding nie in ons tyd herhaal nie? Is daar nie vele nie, veral godsdienstige leiers, wat hulle harte teen die Heilige Gees verhard sodat dit vir hulle onmoontlik is om die stem van God te herken? Verwerp hulle nie die Woord van God, sodat hulle hulle eie tradisies kan bewaar nie?

"As julle Moses geglo het," het Jesus gesê, "sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle My woorde glo?" Dit was Christus wat tot Israel gespreek het deur Moses. As hulle na die goddelike stem sou geluister het wat deur hulle groot leier gespreek het, sou hulle daarin die leer van Christus herken het. As hulle Moses geglo het, sou hulle Hom geglo het van wie Moses geskryf het.

Jesus het geweet dat die priesters en rabbi's vasbeslote was om Hom om die lewe te bring; maar nogtans het Hy duidelik Sy eenheid met die Vader verklaar, en Sy verhouding tot die wêreld. Hulle het gesien dat hulle geen verskoning gehad het vir hulle teenstand teen Hom nie, maar nogtans kon die vlam van hulle haat nie geblus word nie. Hulle was vreesbevange waar hulle die oortuigende krag gesien het wat Sy bediening gekenmerk het; maar hulle het Sy oproepe weerstaan en hulleself met die duisternis omsluit.

Dit het hulle nie geluk om die gesag van Jesus te ondermyn, of om die respek en aandag van die volk van Hom af te wend nie — baie van hulle was oortuig deur Sy woorde. Die owerstes self het veroordeel gevoel waar Hy hulle tot 'n skuldbesef gebring het, maar dit het hulle nog meer verbitterd teen Hom gemaak. Hulle was gedetermineerd om Hom dood te maak. Hulle het boodskappers deur die hele land gestuur om die mense te waarsku dat Jesus 'n bedrieër is. Spioene is aangesê om Hom dop te hou en Sy doen en late te rapporteer. Die dierbare Heiland het nou gewis in die skaduwee van
[212] die kruis gestaan.

## Die Gevangeskap en Dood van Johannes

JOHANNES die Doper was die eerste wat die koninkryk van Christus aangekondig het, en hy was die eerste wat daarvoor geiy het. Waar hy eers in die vrye lug van die woestyn beweeg het, en waar hy groot skares geboei het, het hy nou tussen die vier mure van n sel opgesluit gesit. Hy was ’n gevangene in die fort van Herodes, die viervors. In die landstreek oos van die Jordaan, wat onder Herodes was, het Johannes die meeste van sy werk gedoen. Herodes self het na die prediking van die Doper geluister. Die losbandige koning het gesidder onder die oproep tot bekering. “Herodes was bang vir Johannes, omdat hy wis dat hy ’n reg- verdige en heilige man was, . . . en nadat hy hom gehoor het, het hy baie dinge gedoen en graag na hom geluister.” Johannes het eerlik met hom gehandel, en hom bestraf vir sy verbintenis met Herodias, sy broer se vrou. Vir ’n tyd het Herodes probeer om die ketting van wellus te verbreek wat hom gebind het; maar Herodias het hom nog vaster gebind in haar strikke, en sy het haarseif op Johannes gewreek deur Herodes te beweeg om hom in die gevangenis te werp. [213]

Johannes was ’n baie ywerige werker, en die feit dat hy nou in die gevangenis moes stil sit, het swaar op hom gedruk. Namate die weke verbygegaan het sonder om ’n verandering te bring, het hy baie neer- slagtig en twyfelmoedig geword. Sy dissipels het hom nie verlaat nie. Hulle is toegelaat om hom in die gevangenis te besoek, en hulle het hom vertel van die werk van Jesus, en hoe die mense na Hom toe gestroom het. Maar hulle kon nie verstaan waarom hierdie nuwe leraar, as Hy die Messias was, niks gedoen het om Johannes te verlos nie. Hoe kon Hy toelaat dat Sy getroue voorloper van sy vryheid, en moontlik ook van sy lewe, beroof word?

Hierdie vrae was nie sonder uitwerking nie. Twyfel wat andersins miskien nooit sou ontstaan het nie, het nou by Johannes opgekom. Die Satan was bly toe hy die woorde van hierdie dissipels hoor, en sien hoe hulle die siel van die Here se boodskapper verwond het. Hoe dikwels het dit al gebeur dat diegene wat dink dat hulle die

vriende van ’n goeie mens is, en graag hulle getrouheid aan hom wil betoon, inderwaarheid sy gevaarlikste vyande is! Hoe dikwels ontmoedig hulle woorde hom pleks van sy geloof te versterk!

Net soos die dissipels van die Heiland, het ook Johannes nie die aard van Christus se koninkryk verstaan nie. Hy het verwag dat Jesus die troon van Dawid sou bestyg, en namate die tyd verbygegaan en die Heiland geen aanspraak op die koningskap gemaak het nie, het dit Johannes baie verbyster en ontstel. Hy het aan die mense verkondig dat die profesie van Jesaja vervul moes word ten einde die weg van die Here te berei; die berge en heuweis moet klein gemaak word; die bulte moet ’n gelykte en die rotsagtige plekke ’n laagte word. Hy het gemeen dat die hoogtes van menslike hoogmoed gelyk gemaak moet word. Hy het na die Messias verwys as die Een met die wan in die hand wat Sy dorsvloer sal reinig, die koring in Sy skuur sal bring, en die kaf met onuitbluslike vuur sal verbrand. Net soos die profeet Elia, in wie se gees en krag hy gekom het, het hy verwag dat die Here Homself sou openbaar as die God wat met vuur antwoord.

In sy werk het die Doper die sonde op onverskrokke wyse veroordeel sowel in hoë as in lae kringe. Hy het selfs Koning Herodes openlik bestraf oor sy sonde. Hy het nie sy lewe dierbaar geag sodat hy sy sending kon volbring nie. En nou het hy daar in die gevangenis
[214] gewag vir die Leeu uit die stam van Juda om die hoogmoed van die verdrukker te verneder, en om die armes, en die wat in nood roep, te verlos. Maar dit het gelyk asof Jesus heeltemal tevrede was om maar dissipels te maak, en die mense te genees en te leer. Hy het geëet aan die tafels van tollenaars, terwyl die Romeinse juk elke dag nog swaarder gedruk het op Israel, terwyl Koning Herodes en sy minnares gemaak het wat hulle wou, en terwyl die armes en ellendiges maar steeds tot die hemel geroep het.

Vir die woestynprofeet was dit alles dinge wat hy nie kon verstaan nie. Daar was tye wanneer die gefluister van demone sy gees geteister, en die skaduwee van ’n verskriklike vrees hom beklem het. Kon dit wees dat die langverwagte Verlosser nog nie verskyn het nie? Maar wat sou dan die boodskap beteken het wat hy self verkondig het? Johannes was bitter teleurgestel in die uitslag van sy sending. Hy het verwag dat die boodskap van God dieselfde uitwerking sou hê as toe die wet voorgelees is in die dae van Josia en Esra (2 Kronieke 34, Nehemia 8, 9); dat daar n opregte bekering tot God

sou plaas- vind. Hy het sy hele lewe opgeoffer vir die sukses van hierdie sending. Was dit alles tevergeefs?

Dit het Johannes ontstel om te sien dat sy dissipels, uit liefde vir hom, ongeloof gekoester het teenoor Jesus. Sou sy werk vir hulle vrugteloos gewees het? Was hy self ontrou gewees in sy sending dat hy nou nie meer mag werk nie? As die beloofde Verlosser wel verskyn het en Johannes getrou was aan sy roeping, sou Jesus dan nie nou die mag van die verdrukker verbreek en sy voorloper vrystel nie?

Maar die Doper het nie sy geloof in Christus opgegee nie. Die herinnering aan die stem uit die hemel en die neerdaling van die duif, die vlekkelose reinheid van Jesus, die krag van die Heilige Gees op Johannes toe hy in die Heiland se teenwoordigheid gekom het, en die getuienis van die profetiese geskrifte — dit alles het getuig dat Jesus van Nasaret die Beloofde Een was.

Johannes wou nie sy angs en twyfel met sy dissipels bespreek nie. Hy het besluit om boodskappers na Jesus te stuur en navraag te doen. Hy het twee van sy dissipels gestuur, hopende dat hulle onderhoud met Jesus hulle geloof sou versterk, en versekering aan hulle broeders sou gee. Ook het hy verlang na 'n woord van Christus persoonlik aan hom. Die dissipels het na Jesus gegaan met die vraag: [215]
"Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"

'n Kort rukkie tevore nog het Johannes na Jesus gewys en gese, "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." "Dit is Hy wat ná my kom, wat my vóór is." Joh. 1: 29, 27. En nou kom die vraag, "Is U die Een wat sou kom?" Dit was n bitter teleurstelling: As Johannes, die getroue voorloper, Christus se sending nie verstaan het nie, wat kon dan verwag word van die soekende menigte?

Die Heiland het nie sommer dadelik die dissipels se vraag beantwoord nie. Terwyl hulle verwonderd gestaan het oor Sy stilswye, het die siekes na Hom toe gekom vir genesing. Blindes het voel-voel hulle weg deur die skare gevind; siekes van alle klasse—sommige het self aangesukkel en sommige is deur hulle vriende gedra het probeer om in die teenwoordigheid van Jesus te kom. Die stem van die magtige Geneesheer het die dowe ore deurdring. 'n Woord, 'n aanraking met die hand, het blinde oë geopen om die daglig te sien, die natuurtonele, die gesigte van vriende, en die aangesig van die

Verlosser. Jesus het siektes bestraf en koors verban. Sy stem het die ore van sterwendes bereik en hulle het opgestaan in gesondheid en lewenskrag. Verlamde duiwelbesetenes het Sy woord gehoorsaam, hulle is van hulle kranksinnigheid genees en het Jesus aanbid. Terwyl Hy hulle genees het, het Jesus die mense geleer. Die arme arbeiders en dagloners wat deur die rabbi’s vermy is as onrein, het hulle om Hom geskaar en Hy het tot hulle die woorde van die ewige lewe gespreek.

So het die dag verbygegaan, en die dissipels van Johannes het alles gesien en gehoor. Eindelik het Jesus hulle laat roep en aan hulle gesê om aan Johannes te gaan vertel wat hulle gesien het, sluitende met die volgende woorde: “Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.” Lukas 7: 23. Die bewyse van Sy godheid is gesien in Sy werk vir die lydende mensdom. Sy heerlikheid is geopenbaar in Sy neerbuigende liefde deur ons plek in te neem.

Die dissipels het die boodskap geneem, en dit was genoeg. Johannes het hom die profesie aangaande die Messias herinner, “Die Gees van die Here Here is op My, omdat die Here My gesalf het om ’n blye boodskap te bring aan die sagmoediges; Hy het My gestuur
[216] om te” “verbind die gebrokene van hart, om vir die gevangene ’n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep n jaar van die welbehae van die Here.” Jes. 61: 1, 2. Nie alleen het die werke van Christus Hom aangekondig as die Messias nie, maar dit het getoon op watter wyse Sy koninkryk opgerig sou word. Aan Johannes is dieselfde waarheid geopenbaar as aan Elia in die woestyn, toe ’n “groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die Here uit; in die wind was die Here nie. En na die wind ’n aardbewing; in die aardbewing was die Here nie. En na die aardbewing ’n vuur; in die vuur was die Here nie. En na die vuur het God met die profeet gespreek deur die gesuis van ’n sagte stilte.” 1 Kon. 19: 11, 12. So sou Jesus ook Sy werk doen, nie met wapengekletter en die omverwerping van trone en koninkryke nie, maar deur tot die harte van die mense te spreek deur ’n lewe van ontferming en opoffering.

Die beginsel van die Doper se eie lewe van selfverloëning was die beginsel van die Messias se koninkryk. Johannes het goed geweet hoe dit alles ingedruis het teen die beginsels en hoop van die leiers van Israel. Wat vir hom oortuigende bewys was van Christus se

Godheid, sou vir hulle geen getuienis wees nie. Hulle het gewag op 'n Messias wat nooit belowe is nie. Johannes het gesien dat die Heiland se werk niks anders as hulle haat en veroordeling sou uitlok nie. Hy, die voorloper, het slegs gedrink uit die beker wat Christus tot die droesem toe sou moes drink.

Die Heiland se woorde, "Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie," was bedoel as sagte bestraffing vir Johannes. En hy het dit aangeneem. Omdat hy nou die aard van Christus se sending beter verstaan het, het hy homself aan God oorgegee vir lewe of dood, wat beste die belange sou bevorder van die saak wat hy liefgehad het.

Ná die boodskappers vertrek het, het Jesus tot die volk aangaande Johannes gespreek. Die Heiland se hart het uitgegaan tot die getroue getuie wat nou in Herodes se gevangenis opgesluit gesit het. Hy sou die mense nie laat dink dat God Johannes verlaat het, of dat sy geloof gefaal het in die uur van beproewing nie. "Wat het julle uitgegaan in die woestyn om te aanskou?" het Hy gevra. "'n Riet wat deur die wind beweeg word?" [217]

Die lang riete wat langs die Jordaan gegroei het en wat deur elke windjie beweeg is, was 'n gepaste voorstelling van die rabbi's wat as kritici opgetree het van die Doper se werk. Hulle is heen en weer beweeg deur die winde van die openbare mening. Hulle wou hulle- self nie verneder om die hartdeurdringende boodskap van die Doper aan te neem nie, en tog was hulle bang vir die mense om sy werk openlik te weerstaan. Maar Gods boodskapper het nie so 'n gedweë gees gehad nie. Die skare rondom Christus was getuie van die werk van Johannes. Hulle het gehoor hoe onverskrokke hy die sonde bestraf het. Tot die eiegeregtige Fariseërs, die priesterlike Sadduseërs, Koning Herodes en sy hof, vorste en soldate, tollenaars en dagloners, het Johannes ewe duidelik gespreek. Hy was nie 'n swaaiende riet wat heen en weer beweeg is deur die winde van menslike lof of vooroordeel nie. In die gevangenis was hy net so getrou aan God en net so ywerig vir die geregtigheid as toe hy Gods boodskap in die woestyn verkondig het. Wat beginsels betref, was hy rotsvas.

Jesus het voortgegaan, "Maar wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Man met sagte klere aan? Kyk, die wat pragtige klere dra en in weelde lewe, is in die paleise." Johannes is geroep om die sondes en buitensporigheid van sy tyd te bestraf, en sy eenvoudige klere en

selfopofferende lewe was in ooreenstemming met sy sending. Mooi klere en die weelde van die lewe is nie die deel van Gods diensknegte nie, maar van diegene wat in paleise woon, die regeerders van hierdie wêreld aan wie die mag en die rykdom behoort. Jesus het hulle aandag gevestig op die kontras tussen die kleding van Johannes en die wat gedra is deur die priesters en die owerstes. Hierdie amptenare het pragtige klere en versiersels gedra. Hulle was lief vir vertoon, waarmee hulle die mense wou verblind om dus groter respek af te dwing. Hulle was meer daarop gesteld om die bewondering van mense te verkry as daardie reinheid van hart wat die goedkeuring van God sou weg- dra. Op hierdie wyse het hulle geopenbaar dat hulle hulle trou nie aan God gegee het nie, maar aan die koninkryk van hierdie wêreld.

"Maar wat het julle uitgegaan om te sien?" het Jesus weer gevra. "'n Profeet? Ja, Ek sê vir julle, nog baie meer as 'n profeet! Dit is hy van wie daar geskrywe is —

> "Kyk, Ek stuur My boodskapper voor U aangesig,
> Wat U weg voor U sal regmaak."

[218]

"Want Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Johannes die Doper nie." In die aankondiging aan Sagaria voor die geboorte van Johannes, het die engel gesê: "Hy sal groot wees voor die Here." Lukas 1:15. Wat is grootheid volgens die skatting van die Hemel? Nie wat die wêreld as grootheid reken nie; nie rykdom, of rang, of edele afkoms, of verstandelike begaafdheid nie. As verstandelike begaafdheid, sonder enige hoëre aansien, eer verdien, dan is ons eer verskuldig aan die Satan wie se verstandelike bekwaamheid deur geen mens geëwenaar is nie. Maar as sulke bekwaamheid vir selfsugtige doeleindes aangewend word, dan kan mens sê: Hoe groter die gawe, hoe groter die vloek. Dit is sedelike waardes wat God hoog waardeer. Liefde en reinheid is die eienskappe wat Hy die hoogste waardeer. Johannes was groot in die oë van God toe hy voor die boodskappers van die Sanhedrin, voor die volk, en voor sy eie dissipels, geweier het om eer vir homself te soek, maar almal op Jesus gewys het as die Beloofde Een. Sy onself- sugtige vreugde in die diens van Christus is die edelste soort eienskap nog ooit in die mens geopenbaar.

Diegene wat gehoor het wat Johnnnes van Jesus gesê het, en wat na sy dood van hom getuig het, het gesê: "Johannes het wel geen teken gedoen nie, maar alles wat Johannes van Hom gesê het, was waar." Joh. 10: 41. Johannes het nie vuur uit die hemel laat neerdaal, of die dode opgewek soos Elia nie; en nog minder het hy Moses se staf van krag gebruik in die Naam van God. Hy is gestuur om die koms van die Heiland aan te kondig, en om die volk te waarsku om hulle voor te berei vir Sy koms. So getrou het hy sy sending vervul dat die mense, toe hulle in herinnering geroep het wat hy van Jesus gesê het, kon getuig: "Alles wat Johannes van Hom gesê het, was waar." Elke dissipel van die Meester is geroep om so vir Christus te getuig.

As die boodskapper van die Messias was Johannes "baie meer as 'n profeet." Want terwyl die profete die koms van Christus van ver af gesien het, is dit aan Johannes gegee om Hom te sien, om die getuienis van die hemel aangaande Sy Messiaskap te hoor, en Hom aan Israel voor te stel as die Een van God gestuur. Maar nogtans het Jesus van hom gesê: "Maar die kleinste in die koninkryk van God is groter as hy." [219]

Die profeet Johannes was die skakel tussen die twee bedelings. As Gods verteenwoordiger het hy opgetree om die verhouding te toon van die wet en die profete tot die Christelike bedeling. Hy was die mindere lig wat gevolg sou word deur die groter een. Die verstand van Johannes was verlig met die Heilige Gees sodat hy sy lig kon laat skyn op die volk; maar geen ander lig het ooit en sal ooit helderder skyn op die gevalle mens as die wat geskyn het uit die leer en voorbeeld van Jesus nie. Christus en Sy sending is maar baie dof weerkaats deur die offerstelsel. Selfs Johannes het nie die toekomstige ewige lewe verstaan wat sou kom deur die Verlosser nie.

Afgesien van die vreugde wat Johannes gevind het in sy sending, was sy lewe een van verdriet. Sy stem is maar selde gehoor behalwe in die woestyn. Hy het 'n eensame lewe gelei. Hy sou nie die resultate van sy werk sien nie. Hy sou nie die voorreg hê om by Christus te wees en om die goddelike krag van die groter lig te sien nie. Hy sou nie sien hoedat die blindes weer sien, die siekes genees, en die dode opgewek word nie. Hy het nie die lig gesien wat uit elke woord van Christus geskyn en die beloftes van die profesieë met

heer- likheid bestraal het nie. Die geringste dissipel wat Christus se mag- tige werke gesien en Sy woorde gehoor het, was in hierdie opsig meer bevoorreg as Johannes die Doper, en dus ook groter as hy.

Deur die groot skares wat na Johannes se prediking geluister het, het sy roem deur die land versprei. Daar is baie belanggestel in wat die uitwerking van sy gevangeskap sou wees. Maar sy onbesproke lewe, en die sterk openbare gevoel in sy guns, het die mening laat ontstaan dat daar geen geweld teenoor hom sou gepleeg word nie.

Herodes het geglo dat Johannes 'n profeet van God was, en dit was sy plan om hom weer vry te stel. Maar hy het dit uitgestel uit vrees vir Herodias.

Herodias het geweet dat sy nooit deur regstreekse metodes Herodes sou kon oorhaal om Johannes te laat dood maak nie, en sy het besluit om haar plan uit te voer met lis. Op die koning se verjaarsdag is daar 'n onthaal gereël vir die staatsamptenare en howelinge. Daar sou 'n feesmaal en dronkenskap wees. Herodes sou met die oog op hierdie feestelikhede nie so waaksaam wees nie, en sou moontlik deur haar beïnvloed kon word volgens haar wil.

Toe die groot dag aanbreek, en die koning en sy here besig was
[220] om te eet en drink, het Herodias haar dogter in die banketsaal gestuur om te dans vir die vermaak van die gaste. Salome was in die fleur van haar vrouelike skoonheid wat die edelliede heeltemal betower het. Dit was nie die gebruik vir die dames van die hof om by sulke feestelik- hede te verskyn nie, en Herodes is baie lof toegeswaai toe hierdie dogter van Israel se priesters en vorste gedans het vir die vermaak van die gaste.

Die koning was half dronk van die wyn. Die sinne het die oorhand gekry en die rede is onttroon. Hy het slegs die saal van plesier gesien met die vrolike gaste, die bankettafel, die fonkelende wyn, die skitterende ligte, en die dansende meisie voor hom. In die onbedagsaamheid van die oomblik wou hy graag iets doen wat hom sou verhef voor die groot manne van sy ryk. Met 'n eed het hy belowe om aan die dogter van Herodias enigiets te gee wat sy mag vra, selfs tot die helfte van sy koninkryk.

Salome is haastig na haar moeder om te verneem wat sy moes vra. Die antwoord was gereed — die hoof van Johannes die Doper. Salome het nie geweet van die dors na wraak in haar moeder se

hart nie, en sy het geaarsel om die versoek voor te lê, maar die vasberaden- heid van Herodias het gewin. Die meisie is terug met die vreeslike versoek, "Ek wil hê dat u my op die daad die hoof van Johannes die Doper op 'n skottel gee." Markus 6: 25.

Herodes was verbaas en verbyster. Die joligheid het opgehou, en 'n onheilspellende stilte het neergesak op die toneel van plesier. Die gedagte om Johannes om die lewe te bring, het die koning met afsku vervul. Maar hy het sy woord gegee en hy wou dit nie laat blyk dat hy sommer die belofte in ligsinnigheid gegee het nie. Hy het die eed geneem ter ere van die gaste, en as een van hulle maar 'n woordjie wou spreek teen die vervulling van die belofte, sou hy met die grootste bereidwilligheid die lewe van die profeet gespaar het. Hy het hulle geleentheid gegee om te praat in die guns van die gevangene. Hulle het groot afstande gereis om die prediking van Johannes te hoor, en hulle het geweet dat hy 'n dienskneg van God was, en aan geen misdaad skuldig was nie. Maar alhoewel hulle geskok was oor die meisie se versoek, was hulle te besope om te protesteer. Geen stem is verhef om die lewe van die boodskapper van die Hemel te spaar nie. Hierdie manne het hoë posisies beklee onder die Volk, en op hulle het groot verantwoordelikhede gerus, maar hulle het [221]

hulleself so oorgegee aan swelgery en dronkenskap dat hulle verstand benewel was. Die musiek en die gedans het hulle in so 'n mate aangetas dat hulle gewete aan die slaap was. Deur hulle stilswye het hulle die doodvonnis uitgespreek oor die profeet van God om die wraaksug van 'n losbandige vrou te bevredig.

Herodes het tevergeefs gewag om van sy eed onthef te word, en toe het hy onwillig die onthoofding van die profeet gelas. Baie gou is die hoof van Johannes ingebring voor die koning en sy gaste. Daardie lippe wat Herodes so getrou gewaarsku het, om hom te bekeer van sy sondige lewe, is vir ewig die swye opgelê. Nooit weer sou daardie stem wat mense tot bekering geroep het, gehoor word nie. Die dronkenskap van daardie een aand het die lewe gekos van een van die grootste profete.

O hoe dikwels is die lewens van onskuldiges opgeoffer aan die onmatigheid van diegene wat die reg moes bewaar het! Die persoon wat bedwelmende drank drink, word verantwoordelik gehou vir al die onreg wat hy mag pleeg onder die invloed van drank. Deur sy

sinne te benewel, maak hy dit vir hom onmoontlik om 'n kalme oordeel te vel, of om 'n duidelike besef te hê van goed en kwaad. Hy open die weg vir die Satan om deur hom te werk om die onskuldiges te verdruk en te vernietig. "Die wyn is 'n spotter, en sterke drank 'n lawaaimaker; en elkeen wat daardeur bedwelmd raak, is nie wys nie." Spr. 20: 1. So gebeur dit ook dat "die reg teruggedring [word] . . . ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder." Jes. 59: 14, 15. Diegene wat seggenskap het oor die lewens van hulle medemens, moet strafbaar wees as hulle hulle oorgee aan dronkenskap. Almal wat die wet van die land administreer, behoort self die wet te hou. Hulle moet manne van selfbeheersing wees. Hulle moet volle beheer hê oor hulle liggaamlike, verstandelike, en sedelike kragte, sodat hulle 'n gesonde verstand en 'n hoë gevoel van reg kan hê.

Die hoof van Johannes die doper is na Herodias geneem wat dit met duiwelse tevredenheid aangeneem het. Sy het gejuig in haar wraak en haarseif gevlei met die gedagte dat Herodes se gewete hom nie langer sou pla nie. Maar sy het geen geluk gevind in haar sonde nie. Haar naam is gevrees, terwyl Herodes heftiger gewetenswroegings moes verduur as toe die profeet hom gewaarsku het. Die
[222] invloed van Johannes se prediking is nie vernietig nie; dit sou in elke geslag gevoel word tot die einde van tyd.

Herodes se sonde was gedurig voor hom. Onafgebroke het hy gesoek om die aanklaende stem van sy skuldige gewete te stil. Sy geloof in Johannes was onwrikbaar. Waar hy gedink het aan Johannes se lewe van selfverloëning, aan sy ernstige oproepe, sy ge- sonde oordeel en raad, en waar hy onthou het hoe hy aan sy dood gekom het, kon Herodes geen rus vind nie. Waar hy besig was met staatsake, en eer van mense ontvang het, het hy geglimlag en 'n waardige houding aangeneem, terwyl hy binne-in hom 'n angstige hart omgedra het, gedurig gekwel deur die vrees dat 'n vloek op hom gerus het.

Die woorde van Johannes dat mens niks vir God kan verberg nie, het 'n baie diep indruk gemaak op Herodes. Hy was daarvan oor- tuig dat God alomteenwoordig was; dat Hy die brassery in die banket- saal gesien het; dat Hy die bevel om Johannes te onthoof, gehoor het; en dat Hy die tevredenheid van Herodias gesien, en haar belediging van die hoof van die een wat haar bestraf het. En nog baie ander dinge wat Herodes van die lippe van die profeet gehoor

het, het nou tot sy gewete gespreek, duideliker as die prediking in die woestyn.

Toe Herodes hoor van die werke van Christus, was hy baie verontrus. Hy het gedink dat God Johannes uit die dode opgewek, en hom nou uitgestuur het met nog groter krag om die sonde te bestraf. Hy het in gedurige vrees verkeer dat Johannes sy dood sou wreek deur hom en sy huis te vervloek. Herodes het die gevolge van sy sonde geoes soos God gesê het: "Die Here sal jou daar 'n bewende hart gee en smagtende oë en 'n kwynende siel. En jou lewe sal voor jou aan 'n draad hang, en jy sal nag en dag skrik en van jou lewe nie seker wees nie. In die more sal jy sê: Ag, was dit maar aand! En in die aand sal jy sê: Ag, was dit maar more! van- weë die skrik van jou hart wat jou sal aangryp en van weë die gesig van jou oë wat jy sal sien." Deut. 28:65-67. Die sondaar se eie gedagtes is sy aanklaer, en daar is geen marteling wreder as die angel van 'n skuldige gewete wat hom dag en nag geen rus gee nie.

Vir vele is die lot van Johannes 'n groot verborgenheid. Hulle wil weet waarom hy alleen gelaat is om daar in die gevangenis aan sy einde te kom. Die donker misterie van hierdie daad van God kan nie [223] deur die menslike oog deurdring word nie; maar dit kan nooit ons vertroue in God skok as ons daaraan dink dat Johannes slegs gedeel het in die lyde van Christus nie. Almal wat Christus navolg, sal die kroon van opoffering moet dra. Hulle sal sekerlik misverstaan word deur selfsugtige mense, en hulle sal die mikpunt word van wrede aanvalle van die Satan. Dit is hierdie beginsel van self opoffering wat sy koninkryk wil vernietig, en hy sal daarteen veg waar dit ookal geopenbaar word.

Die kinder-, jongelings-, en manlike jare van Johannes was gekenmerk deur vasberadenheid en sedelike krag. Toe ,hy in die woestyn gepreek het, "Berei die weg van die Here, maak Sy paaie reguit!" (Matt. 3:3) het die Satan gevrees vir die veiligheid van sy koninkryk. Die sondigheid van die sonde is op so 'n wyse geopenbaar dat mense gesidder het. Die Satan se mag oor vele wat onder sy beheer was, is gebreek. Hy het onvermoeide pogings aangewend om die Doper af te wen van 'n lewe van volkome oorgawe aan God, maar dit het hom nie geluk nie. En ook het hy nie daarin geslaag om Jesus te oorwin nie. In die versoeking in die woestyn is die Satan verslaan, en groot was sy woede. Nou was hy vasberade om

droefheid in Christus se hart te bring deur Johannes te tref. Die Een wat hy nie tot die sonde kon verlei nie, sou hy nou laat ly.

Jesus het nie tussenbei gekom om Sy dienskneg te verlos nie. Hy het geweet dat, Johannes die toets sou deurmaak. Blymoedig sou die, Here na Johannes gekom het om sy donker sel te verlig met Sy teen- woordigheid. Maar Hy kon Homself nie in die hande van Sy vyande gaan stel en Sy werk in gevaar bring nie. Met die grootste bereidwilligheid sou Hy Sy getroue dienskneg verlos het, maar vir die ontwil van duisende wat in later jare in die gevangenis gewerp en gedood sou word, moes Johannes die martelaarsbeker ledig. Waar die navolgers van Jesus in eensame kerkers moes kwyn, of deur die swaard, of pynbank, of brandstapel moes omkom, oënskynlik deur God verlate, sou dit n baie groot bemoediging vir hulle wees om te weet dat Johannes die Doper van wie se getrouheid Christus self getuig het, ook so gely het!

Die Satan is toegelaat om die aardse lewe van Gods boodskapper
[224] vroeg te beëindig, maar die lewe wat saam met Christus verborge is in God, kan die verwoester nie raak nie. (Kol. 3: 3.) Hy het homself daarin verheug dat hy Christus in droefheid gedompel het, maar hy het nie daarin geslaag om Johannes te oorwin nie. Die dood het Johannes vir altyd buite die bereik van die krag van versoeking geplaas. In hierdie stryd het die Satan sy eie karakter geopenbaar. Voor die ganse heelal as getuie het hy sy vyandigheid teen God en mens gewys.

Hoewel Johannes nie op wonderbaarlike wyse verlos is nie, is hy nie verlaat nie. Daar was altyd hemelse engele by hom teenwoordig wat die profesieë aangaande Christus vir hom geopen het, asook die kosbare beloftes van die Skrifte. Dit het hom ondersteun, net soos dit ook die steun sou wees van Gods volk deur die eeue. Aan Johannes die Doper, net soos aan die wat ná hom gekom het, is die versekering gegee, “Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” Matt. 28: 20.

God lei Sy kinders nooit langs ’n ander weg as die wat hulle self sou kies as hulle maar die einde van die begin af kon sien, en die heerlike doel waaraan hulle beantwoord as medewerkers van Hom nie. Henog wat na die hemel is sonder om te sterf, en Elia wat in ’n wa van vuur oopgeneem is, was nie groter of meer geëerd as Johannes die Doper wat alleen daar in sy sel omgekom het nie.

"Omdat dit aan julle terwille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly." Filip. 1: 29. Van al die gawes wat die hemel kan gee, is 'n deel in die lyde van Christus die grootste pand en die hoogste eer. [225]

# “Die Koninkryk van God het Naby Gekom”

JESUS het in “Galilea gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.” Markus 1: 14, 15.

Die koms van die Messias is die eerste verkondig in Judea. Die geboorte van die boodskapper is aan Sagaria voorspel terwyl hy voor die altaar gedien het in die tempel te Jerusalem. Op die berge van Betlehem het die engele die geboorte van Jesus aangekondig. Die wyse manne het na Jerusalem gekom soekende na Hom. In die tempel het Simeon en Anna getuig van Sy godheid. “Jerusalem en die hele Judea” het die prediking van Johannes die Doper gehoor; en die alvaardiging van die Sanhedrin, sowel as die skare, het sy getuienis aangaande Jesus gehoor. Christus het Sy eerste dissipels in Judea geroep, en daar ook het Sy vroeë bediening geskied. Die deurflitsing van Sy godheid by die reiniging van die tempel, Sy wonderwerke van genesing, die lesse van goddelike waarheid wat Hy geleer het — dit alles het getuig wat Hy ook ná die genesing
[226] by Betesda self voor die  Sanhedrin getuig het, naamlik dat Hy die
Seun van die ewige God was.”

[227] As die leiers van Israel Christus aangeneem het, sou Hy hulle vereer het om Sy boodskappers te wees om die evangelie na die hele wêreld te neem. Aan hulle is die eerste kans gegee om boodskappers van die koninkryk en genade van God te word. Maar Israel het nie die tyd van sy besoeking geken nie. Die jaloesie en wantroue van die Joodse leiers het oorgegaan tot openlike haat, en die harte van die mense is afgekeer van Jesus.

Die Sanhedrin het Christus se boodskap verwerp en hulle was vasberade om Hom dood te maak; daarom het Jesus uit Jerusalem vertrek, weg van die priesters, die tempel, die geestelike leiers, en die mense wat uit die wet onderrig is, en Hy het Hom gewend tot n ander klas om Sy boodskap te verkondig en diegene uit te kies wat die evangelie na alle nasies sou neem.

Net soos die lig en die lewe van die mense deur die geestelike leiers verwerp is in die dae van Christus, so is dit ook deur elke geslag daarna verwerp. Keer op keer is die geskiedenis van Christus se onttrekking uit Judea herhaal. Toe die Hervormers die Woord van God verkondig het, het hulle nie daaraan gedink om hulleself van die gevestigde kerk af te skei nie; maar die geestelike leiers het nie die lig verdra nie, en diegene wat dit gedra het, moes hulle na n ander klas wend wat verlang het na die waarheid. In ons tyd, waarin die belydende navolgers van die Hervormers lewe, is daar min wat met hulle gees besiel is. Daar is min wat luister om Gods stem te verneem en wat gewillig is om die waarheid aan te neem, in watter vorm dit ook mag kom. Dikwels word diegene wat in die voetstappe van die Hervormers volg, verplig om die kerke wat hulle liefhet, te verlaat ten einde die duidelike leer van die Woord van God te verkondig. En dikwels ook word diegene wat soek na lig, deur dieselfde lering verplig om die kerk van hulle vaders te verlaat sodat hulle God kan gehoorsaam.

Die mense van Galilea is deur die rabbi s van Jerusalem verag as grof en ongeleerd, maar hulle was 'n gunstiger arbeidsveld vir die Heiland se werk. By hulle was daar groter opregtheid en erns; hulle was minder dweepsiek; en hulle was vatbaar vir die waarheid. Deur na Galilea te gaan, het Jesus nie isolasie en afsondering gesoek nie. Die provinsie was in daardie tyd baie dig bewoon en met n groter volksverskeidenheid as die van Judea. [228]

Terwyl Jesus deur Galilea gereis en geleer en genees het, het skares na Hom gestroom uit die stede en dorpies. Selfs uit Judea en aan- grensende provinsies het baie mense gekom. Dikwels was Hy verplig om te gaan wegkruip vir die mense. Die geesdrif van die mense was so groot dat daar versigtig gehandel moes word om nie die vrees van die Romeinse owerheid vir 'n opstand op te wek nie. Nog nooit was daar vir die wêreld 'n periode soos hierdie nie. Die Hemel het na die mense toe afgekom. Hongerige en dorstige siele wat lank op die verlossing van Israel gewag het, het nou die genade van 'n barmhartige Heiland ingedrink.

Die hooftema van Christus se prediking was, "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." So was die evangelieboodskap dan, soos deur die Heiland self verkondig, op die profesieë gebaseer. Die "tyd" wat vervul is,

was die tyd wat deur die engel Gabriel aan Daniel bekendgemaak is. “Sewentig weke,” het die engel gesê, “is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseel en om ’n hoogheilige voorwerp te salf.” Dan. 9: 24. ’n Dag in die profesie staan vir ’n jaar. (Sien Num. 14: 34; Eseg. 4: 6.) Die sewentig weke, of vierhonderd-en-negentig dae, stel voor vierhonderd- en-negentig jaar. Die aanvangspunt van hierdie tydperk is gegee: “Nou moet jy weet en verstaan; van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op n gesalfde, ’n vors, is sewe weke, en twee-en-sestig weke”—’n periode van nege-en-sestig weke, of vierhonderd drie-en-tagtig jaar. (Dan. 9: 25.) Die bevel om Jerusalem te herbou, soos voltooi deur Artasasta Longimanus (sien Esra 6: 14; 7: 1, 9), het in werking getree in die herfs van die jaar 457 v.C. Vanaf daardie tyd bereken, sal vierhonderd drie-en-tagtig jaar strek tot die herfs van die jaar 27 n.C. Volgens die profesie sou hierdie tydperk strek tot by die Messias, die Gesalfde. In die jaar 27 n.C., het Jesus by Sy doop die salwing van die Heilige Gees ontvang, en kort daarna het Hy Sy openbare sending begin. Toe is die boodskap verkondig, “Die tyd is vervul.”

Dan sou Hy, het die engel gesê, “een week lank [sewe jaar] met baie ’n sterk verbond sluit.” Vir sewe jaar nadat die Heiland Sy bediening begin het, is die evangelie spesiaal aan die Jode verkondig;
[229] vir drie en ’n half jaar deur Christus self, en daarna deur die apostels. “Gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en spysoffer laat ophou.” Dan. 9: 27. In die lente van die jaar 31 n.C., is Christus, die ware slagoffer, op Golgota geoffer. Toe is die voorhangsel van die tempel in twee geskeur as bewys dat die heiligheid en betekenis van die offerstelsel geëindig het. Die tyd het gekom vir die aardse slag- offcrs en spysoffers om ten einde te loop.

Daardie een week, of sewe jaar, het in die jaar 34 n.C., geëindig. Toe het die Jode, deur die steniging van Stefanus hulle verwerping van die evangelie finaal beseël. Die dissipels wat deur die vervolging verstrooi is, “het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig” (Hand. 8:4); en kort daarna het Saulus, die vervolger, tot bekering gekom, en het hy Paulus, die apostel tot die heidene geword.

Die tyd van Christus se koms, Sy salwing met die Heilige Gees, Sy dood, en die verkondiging van die evangelie aan die heidene — daarop is bepaald gewys. Dit was die voorreg van die Joodse volk om hierdie profesieë te verstaan en hulle vervulling te sien in die sending van Christus. Christus het die belangrikheid van die studie van die profesieë by Sy dissipels beklemtoon. Verwysende na 'n profesie van Daniël, wat betrekking gehad het op hulle tyd, het Hy gesê, "Laat hy wat lees, oplet." Matt. 24: 15. Ná Sy opstanding het Hy "en al die profete" die dinge aan Sy dissipels verduidelik "wat op Hom betrekking het." Lukas 24: 27. Die Heiland het deur al die profete gespreek. "Die Gees van Christus wat in hulle was" het getuig "van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna." 1 Pet. 1: 11.

Dit was Gabriel, die engel wat die rang net onder Christus beklee, wat met die goddelike boodskap na Daniël gekom het. Dit was Gabriël, "Sy engel," wat Christus gestuur het om die toekoms aan Johannes te openbaar, en daar word 'n seën uitgespreek op diegene wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is. (Openb. 1: 3.)

"Die Here Here doen niks tensy dat Hy eers Sy geheimenis aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie." Terwyl die "verborge dinge" vir die Here onse God is, is die "geopenbaarde dinge ... vir ons en ons kinders tot in ewigheid." Amos 3: 7; Deut. 29: 29. God het hierdie dinge aan ons gegee, en Hy sal Sy seën gee by 'n eerbiedige en biddende studie van die profetiese geskrifte.. [230]

Net soos die boodskap van Christus se eerste koms die koninkryk van Sy genade aangekondig het, so kondig die boodskap van Sy tweede koms die koninkryk van Sy heerlikheid aan. En die tweede boodskap, net soos die eerste, is gebaseer op die profesieë. Die woorde van die engel aan Daniël met betrekking tot die laaste dae, sou verstaan word in die tyd van die einde. In daardie tyd sal baie "dit deursoek, en die kennis sal vermeerder." "Die goddelose sal goddeloos handel; en geeneen van die goddelose sal verstaan nie, maar die verstandige sal verstaan." Dan. 12: 4, 10. Die Heiland self het die tekens van Sy koms gegee, en Hy het gesê, "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van

die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie." "Waak dan en bid altyd- deur, sodat julle waardig mag geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en te staan voor die Seun van die mens." Lukas 21: 31, 34, 36.

Ons het die tyd bereik wat in hierdie skrifte voorspel is. Die tyd van die einde het gekom, die gesigte van die profete word geopenbaar, en hulle ernstige waarskuwings wys daarop dat die koms van die Here in heerlikheid naby is.

Die Jode het die Woord van God verkeerd vertolk en verkeerd toegepas, en hulle het nie die tyd van hulle besoeking geken nie. Die jare van die bediening van Christus en Sy apostels — die kosbare laaste jare van genade aan die uitverkore volk — het hulle bestee aan planne om die Here se boodskappers dood te maak. Aardse ambisies het hulle in beslag geneem, en die geestelike is hulle tevergeefs aangebied. So ook vandag word die mense se harte in beslag geneem deur die koninkryk van hierdie wêreld, en hulle slaan nie ag op die vinnig- vervullende profesieë en die tekens van die spoedige koms van die koninkryk van God nie.

"Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julie is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie." Hoewel ons nie die uur van die Here se koms sal weet nie, kan ons weet wanneer dit naby is. "Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons
[231] waak en nugter wees." 1 Thess. 5:4-6.

## "Is Hy nie die Seun van die Timmerman nie?"

OM die heerlike dae van Christus se bediening in Galilea te bederf, was daar een skaduwee. Die mense van Nasaret het Hom verwerp. "Is Hy nie die timmerman se seun nie?" het hulle gevra.

In Sy kinder- en jongelingsjare het Jesus saam met Sy broers in die sinagoge van Nasaret aanbid; maar vandat Hy Sy openbare bediening begin het, was Hy van hulle afwesig, hoewel hulle nie onkundig was betreffende Sy wedervarings nie. Toe Hy nou weer onder hulle verskyn, was hulle belangstelling en verwagtings baie groot. Hier was die figure en gesigte wat Hy van kindsbeen af geken het. Hier was Sy moeder, Sy broers en susters, en almal se oë was op Hom gevestig toe Hy die sinagoge op die Sabbat binnegegaan en Sy plek ingeneem het saam met die ander aanbidders.

In die gewone diens vir die dag het die ouderling uit die profete gelees en daarna die mense aangemoedig om nog te hoop op die Een wat sou kom om 'n heerlike koninkryk op te rig en alle verdrukking te verban. Hy het getrag om Sy hoorders te bemoedig deur die bewyse op te noem dat die koms van die Messias naby was. Hy het die heerlikheid van Sy koms beskryf, en die gedagte beklemtoon dat Hy sou kom aan die hoof van leërmagte om Israel te bevry.

Ingeval daar 'n rabbi in die sinagoge teenwoordig was, is daar verwag dat hy 'n preek sou lewer, en enigeen van die Israeliete kon die voorlesing uit die profete waarneem. Op hierdie Sabbat is Jesus gevra om deel te neem aan die diens. Hy het opgestaan "om [232]
te lees. En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig." Lukas 4: 16, 17. Die skrifgedeelte wat Hy gelees het, was algemeen aangeneem as verwysende na die Messias:

Die Gees van die Here is op My.
Omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring.
Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees;
Om aan die gevangene vrylating te verkondig

En aan blindes die herstel van gesig;
Om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur;
Om die aangename jaar van die Here aan te ko'ndig."

"En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy, sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig. ... En almal het vir Hom getuienis gegee en was verwonderd oor die aangename woorde wat uit Sy mond kom." Lukas 4: 20-22.

Jesus het voor die mense gestaan as 'n lewende verklaarder van die profesieë wat op Hom betrekking gehad het. Toe Hy die woorde verduidelik het wat Hy gelees het, het Hy gespreek van die Messias as die verlosser van die verdruktes, 'n vrylater van die gevangenes, 'n geneser van die siekes, wat gesig aan die blindes gee, en die lig van die waarheid aan die wêreld openbaar. Sy indrukwekkende manier en die betekenis van Sy woorde het Sy hoorders getref met 'n krag wat hulle nog nooit voorheen gevoel het nie. Die gety van goddelike invloed het alle versperrings uit die weg geneem; net soos Moses, het hulle die Onsigbare gesien. Namate die Heilige Gees in hulle harte gewerk het, het hulle geantwoord met vurige amens en lof aan God.

Maar toe Jesus aankondig, "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul", het hulle skielik aan hulleself gedink en oor die aan- sprake van Hom wat hulle toegespreek het. Hulle, Israeliete, die kinders van Abraham, is voorgestel as in slawerny. Hulle is aange- spreek as gevangenes wat uit die mag van boosheid verlos moes word; soos diegene in duisternis wat die lig van die waarheid nodig gehad het. Hulle hoogmoed is gekrenk, en hulle vrees is opgewek. Die woorde van Jesus het aangetoon dat Sy werk vir hulle heeltemal anders sou wees as wat hulle verlang het. Hulle dade kon dalk te
[233] deeglik dersoek word. Nieteenstaande hulle nougesette nakoming van uiterlike seremonies, het hulle teruggedeins voor die blik van daardie deurdrin- gende oë.

Wie is hierdie Jesus? het hulle gevra. Hy wat vir Homself aanspraak maak op die heerlikheid van die Messias, is die seun van 'n timmerman, en Hy het daardie ambag beoefen saam met Sy vader Josef. Hulle het gesien hoedat Hy die berge uitgeklim het; hulle het Sy broers en susters geken, en hulle het Sy lewe en Sy werk geken. Hulle het gesien hoedat Hy van kind tot jongeling, en van jongeling

tot jongman ontwikkel het. Alhoewel Sy lewe vlekkeloos was, wou hulle nie glo dat Hy die Beloofde Een was nie.

Hoe groot was die teenstelling tussen Sy leer van die nuwe konink- ryk, en die wat hulle van hulle ouderling gehoor het! Jesus het niks gesê van hulle verlossing van die Romeine nie. Hulle het van Sy wonderwerke gehoor, en hulle het gehoop dat Sy krag gebruik sou word tot hulle voordeel, maar hulle het geen openbaring in daardie rigting gesien nie.

Namate hulle die deur vir twyfel oopgestel het, is hulle harte al hoe meer verhard juis omdat hulle vir 'n oomblik versag was. Die Satan het alles gedoen om te belet dat blinde oë daardie dag geopen, en siele uit die bande van slawerny verlos word. Hy het al Sy kragte gebruik om hulle in hulle ongeloof te bevestig. Hulle het nie ag geslaan op die teken aan hulle gegee, naamlik die oortuiging dat dit hulle Verlosser was wat hulle toegespreek het nie.

Maar Jesus het nou aan hulle bewys van Sy godheid gegee deur die gedagtes van hulle harte te openbaar. "En Hy antwoord hulle: Julle sal My ongetwyfeld hierdie spreekwoord toevoeg: Geneesheer, genees uself! Alles wat ons hoor wat in Kapernaum gebeur het, doen dit hier in u vaderstad ook. En Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, geen profeet is aangenaam in Sy eie vaderland nie. Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elia toe die hemel toegesluit was vir drie jaar en ses maande, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele land; en na nie een van hulle is Elia gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee. En daar was baie melaatse in Israel in die tyd van Elisa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig behalwe Naäman, die Siriër nie." Lukas 4: 23-27 [234]

Deur hierdie verhaal van gebeurtenisse uit die lewe van die profete, het Jesus die vrae van Sy toehoorders beantwoord. Die diensknegte wat God uitgekies het vir 'n spesiale werk, is nie toegelaat om te arbei vir 'n verharde en ongelowige volk nie. Maar diegene wat gevoelige harte en geloof gehad het, is bevoorreg om bewyse te sien van Sy krag deur die profete. In die dae van Elia het Israel afgedwaal van God. Hulle wou hulle sondes nie versaak nie, en hulle het die waarskuwings van die Gees deur die Here se boodskappers verwerp. So het hulle hulleself afgesny van die kanaal waarlangs Gods seën tot hulle kon kom. Die Here het die wonings van Israel verbygegaan,

en het skui- ling vir Sy dienskneg gevind in 'n heidense land, by 'n vrou wat nie aan die uitverkore volk behoort het nie. Maar hierdie vrou is begunstig omdat sy in die lig gewandel het wat sy ontvang het, en haar hart was oop vir die groter lig wat God aan haar deur Sy profeet gestuur het.

Dit was om dieselfde rede dat die melaatses van Israel in die tyd van Elisa nie genees is nie. Maar Naäman, 'n heidense edelman, was getrou aan sy oortuigings van reg, en hy het sy groot behoefte aan hulp besef. Hy was in 'n toestand om die gawes van Gods genade te ontvang. Nie alleen is hy genees van sy melaatsheid nie, maar hy is geseën met 'n kennis van die ware God.

Ons stand voor God hang af, nie van die hoeveelheid lig wat ons ontvang het nie, maar van die gebruik wat ons maak van die wat ons wel het. Daarom is selfs die heidene wat die reg kies soos hulle dit verstaan, in 'n gunstiger posisie as diegene aan wie baie lig gegee is en wat voorgee dat hulle God dien, maar wat die lig veronagsaam, en hulle belydenis deur hulle daelikse wandel verloën.

Die woorde van Jesus aan Sy hoorders in die sinagoge het die wortel geraak van hulle eiegeregtigheid, en het die bitter waarheid aan hulle verstand gebring dat hulle afgedwaal het van God en hulle reg om Sy volk te wees, verbeur het. Elke woord het soos 'n vlym deur- gedring namate hulle ware toestand aan hulle geopenbaar is. Hulle het nou die geloof verag waarmee Jesus hulle in die eerste instansie besiel het. Hulle wou nie erken nie dat Hy wat so nederig en arm was, verskil het van 'n gewone mens.

Hulle ongeloof het kwaadwilligheid ten gevolg gehad. Hulle was onder die beheer van die Satan, en hulle woede is teen die Heiland
[235] opgewek. Hulle het hulle rug gekeer op Hom wie se sending dit was om te genees en te herstel; en nou het hulle die eienskappe van die verwoester geopenbaar.

Toe Jesus verwys het na die seëninge aan die heidene gegee, het Hy die kwaai nasionale trots van Sy hoorders opgewek, en Sy woorde is verdring deur 'n gebabbel van stemme. Die mense het daarmee gespog dat hulle die wet gehou het, maar nou was hulle nasionale trots gekwes,en hulle was gereed om moord te pleeg. Die vergadering is in wanorde uiteen, en die mense het Jesus met geweld uit die sinagoge verwyder en uit die stad. Dit het geskyn of almal gretig was dat Hymoes sterf. Hulle het Hom tot op die rand van die

berg gebring om Hom van die krans af te gooi. Hulle het geskreeu en gedreig. Sommige het met klippe na Hom gegooi, en toe het Hy skielik onder hulle uit verdwyn. Die hemelse boodskappers wat by Hom was in die sinagoge, was met Hom daar tussen die verwoede skare. Hulle het Hom beskut teen Sy vyande, en Hom gelei na 'n plek van veiligheid.

So ook het die engele Lot beskerm en hom veilig uit Sodom uit-gelei. So het hulle Elisa beskerm in daardie klein bergdorpie. Toe die berge in die omtrek -gewemel het van die waens en perde [236]
van die koning van Sirië en sy groot leër van gewapende manne, het Elisa gesien dat die berghellings bedek was met die leërs van God — perde en waens van vuur was rondom die dienskneg van God.

So was daar, in alle eeue, engele by die getroue navolgers van Christus. Die bose magte is saamgetrek teen almal wat oorwinnaars wil wees; maar Christus wil hê dat ons ons oë moet vestig op die onsienlike dinge, op die leërs van die hemel rondom almal wat God liefhet, om hulle te verlos. Ons sal nooit weet van watter gevare, sigbaar en onsigbaar, ons deur die tussenkoms van engele verlos is nie, totdat ons eendag in die lig van die ewigheid die voorsienigheid van God sien. Dan eers sal ons sien dat die hele gesin van die hemel belangstel in die gesin hier op aarde, en dat boodskappers van die troon van God ons van dag tot dag bewaar.

Toe Jesus in die sinagoge uit die profesie gelees het, het Hy opge- hou voordat Hy by die laaste beskrywing van die werk van die Messias gekom het. Nadat Hy die woorde gelees het, "om die aangename jaar van die Here aan te kondig," het Hy die sin weggelaat, "en 'n dag van die wraak van onse God." Jes. 61: 2. Dit was net so waar as die eerste gedeelte van die profesie, en deur Sy stilswye het Jesus nie die waarheid verloën nie. Maar dit was hierdie laaste gedeelte wat Sy hoorders graag beklemtoon het, en wat hulle baie graag vervul wou sien. Hulle het die oordeel teen die heidene voorspel, en nie besef dat hulle eie skuld nog groter as die van ander was nie. Hulle self het net so veel behoefte gehad aan die genade wat hulle nie aan die heidene wou gun nie. Daardie dag in die sinagoge, toe Jesus onder hulle gestaan het, was dit hulle kans om gehoor te gee aan die roepstem van die Hemel. Hy wat 'n "welbehae in goedertierenheid" het (Miga 7: 18), wou hulle graag red van die ondergang wat hulle sondes oor hulle sou bring.

Maar Hy sou hulle nog een uitnodiging gee om hulle te bekeer voordat Hy hulle opgee. Aan die einde van Sy werk in Galilea, het Hy nogeens die tuiste van Sy kinderjare besoek. Vandat hulle Hom daar verwerp het, het die roem van Sy prediking en Sy wonderwerke die hele land vervul. Niemand sou seker nou nog wou ontken dat Hy meer as menslike mag besit het nie. Die mense van Nasaret het geweet dat Hy die land deurgegaan en goed gedoen het aan almal
[237] wat onder die mag van die duiwel was. Rondom hulle was hele dorpies waar daar in geen huis die gesug van siekes meer gehoor is nie; want Hy het daardeur gegaan en al die siekes genees. Die genade wat geopenbaar is in elke daad van Sy lewe, het getuig van Sy goddelike salwing.

Toe hulle weer na Sy woorde geluister het, is die Nasareners beweeg deur die goddelike Gees. Maar selfs toe nog wou hulle nie erken dat hierdie Man, wat onder hulle groot geword het, anders of groter was as hulleself nie. Nog steeds het die bittere herinnering gebly dat Hy, hoewel Hy daarop aanspraak gemaak het dat Hy die Beloofde Een was, hulle geen plek toegeken het saam met Israel nie, want Hy het aangetoon dat hulle Gods guns minder waardig was as ’n heidense man of vrou. Hoewel hulle dus gevra het, “Waar kry Hy hierdie wysheid en kragte vandaan?” wou hulle Hom nie aanneem as die Christus van God nie. Weens hulle ongeloof kon die Heiland nie baie wonderwerke onder hulle doen nie. Net n paar harte was oop vir Sy seën, en teësinnig het Hy weggegaan om nooit weer terug te kom nie.

Ongeloof, nadat hulle dit eers begin koester het, het die mense van Nasaret beheers. So het dit ook die Sanhedrin en die volk beheers. Met die priesters, net soos met die volk, was die eerste verwerping van die demonstrasie van die krag van die Heilige Gees die begin van die einde. Om te bewys dat hulle eerste teenstand reg was, het hulle altyd daarna aangehou met haarklowery oor die woorde van Christus. Hulle verwerping van die Gees het sy klimaks bereik in die kruis van Golgota, in die verwoesting van hulle stad, en in die verstrooiing-van die volk na die vier windstreke.

O, hoe het Christus verlang om die kosbare skatte van die waarheid aan Israel te openbaar! Maar hulle geestelike blindheid was so groot dat dit onmoontlik was om die waarhede aangaande Sy koninkryk aan hulle te openbaar. Hulle het vasgeklem aan hulle leer

en hulle nuttelose seremonies terwyl die waarheid van die Hemel daar was vir hulle om aan te neem. Hulle het hulle geld uitgegee vir kaf en doppe terwyl die brood van die lewe binne hulle bereik was. Waarom het hulle nie na die Woord van God gegaan en ywerig gesoek om vas te stel of hulle nie miskien dwaalleer gevolg het nie? Die Ou Testament het baie duidelik elke besonderheid van Christus se bediening beskryf. en Hy het keer op keer uit die profete aangehaal en gesê, "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul." As [238]
hulle die Skrifte eerlik sou ondersoek het, en hulle teorieë getoets het aan Gods Woord, sou Jesus nie nodig gehad het om te ween oor hulle onboetvaardigheid nie. Hy sou nie nodig gehad het om te verklaar, "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat" nie. Lukas 13: 35. Hulle kon op hoogte gewees het van die getuienis van Sy Messiasskap, en die ramp wat hulle trotse stad in puin gelê het, kon vermy gewees het. Maar die harte van die Jode het bekrompe geword ten gevolge van hulle onredelike dweepsug- tigheid. Die lesse van Christus het die tekortkomings van hulle karakters geopenbaar, en hulle tot bekering geroep. As hulle maar Sy leer aangeneem het, sou hulle lewens verander het, en hulle sou die hoop wat hulle gekoester het, moes opgee. Om deur die hemel geëer te word, sou hulle die eer van mense moes verbeur. As hulle die woorde van die nuwe Rabbi gehoorsaam het, sou hulle teen die opinies van die groot denkers van die tyd moes gaan.

Waarheid was ongewild in die tyd van Christus. Dit is in ons tyd ook ongewild. Dit was ongewild van die dag af dat die Satan die mens daarteen beïnvloed het deur aan hom fabels te vertel wat tot selfverheffing gelei het. Kom ons nie ook vandag teorieë en leerstellings teë wat geen grond in die Woord van God het nie? Die mense klem net so taai daaraan vas as die Jode aan hulle tradisies.

Die Joodse leiers was vervul met geestelike hoogmoed. Hulle begeerte vir selfverheerliking is geopenbaar in die diens van die heiligdom. Hulle het die beste sitplekke in die sinagoge liefgehad. Hulle wou graag gegroet wees op die mark, en hulle titels het vir hulle soet geklink op die lippe van die mense. Namate ware vroomheid afge- neem het, het hulle steeds meer en meer ywerig geword vir hulle tradisies en seremonies.

Omdat hulle verstand benewel is deur vooroordeel, kon hulle nie die krag van Christus se oortuigende woorde in ooreenstem-

ming bring met Sy nederige lewe nie. Hulle het nie besef dat ware grootheid sonder uiterlike vertoon kon klaarkom nie. Hierdie man se armoede kon nie gerym word met Sy aanspraak dat Hy die Messias was nie. As Hy is wat Hy sê dat Hy is, het hulle gesê, waarom is Hy so beskeie ? As Hy tevrede was om sonder wapengeweld op te tree, wat sou dan van die volk word ? Hoe kon die krag en heerlikheid wat so lank verwag is, die volke as onderdane na die stad van die Jode
[239] bring? Het die priesters dan nie geleer dat Israel oor die hele aarde sou regeer nie, en kan dit moontlik wees dat die groot geestelike leiers verkeerd is?

Maar dit was nie net die gebrek aan uiterlike heerlikheid in Sy lewe wat die Jode beweeg het om Jesus te verwerp nie. Hy was die verpersoonliking van reinheid, en hulle was onrein. Hy het onder die mense gewoon as 'n voorbeeld van absolute opregtheid. Sy onberispe- like lewe het lig laat flits in hulle harte. Sy opregtheid het hulle onopregtheid geopenbaar. Dit het die holheid van hulle geveinsde vroomheid, en die afskuwelike karakter van die sonde geopenbaar Sulke lig was vir hulle onwelkom.

As Christus die aandag op die Fariseërs sou gevestig het en hulle geleerdheid en hulle vroomheid geprys het, sou hulle Hom met blyd- skap aangeneem het. Maar toe Hy van die koninkryk van die hemel gespreek het as 'n bedeling van genade aan die hele mensdom, het Hy 'n fase van die godsdiens voorgestel wat hulle nie kon gedoog nie. Hulle eie voorbeeld en leer was nooit van so 'n aard dat dit die diens van God aanneemlik voorgestel het nie. Toe hulle sien dat Jesus Sy aandag skenk aan diegene wat hulle gehaat en verfoei het, het dit die kwaaiste drifte van hulle hoogmoedige harte opgewek. Nieteenstaande die feit dat hulle gespog het dat die "Leeu uit die stam van Juda" (Openb. 5:5), Israel sou verhef bokant al die nasies, sou hulle die verydeling van daardie hoop beter kon verdra as Christus se bestraffing van hulle sondes, en die veroordeling wat
[240] hulle gevoel het in die teenwoordigheid van Sy reinheid.

## Die Roeping by die See

DIE dag het gebreek oor die see van Galilea. Die dissipels, moeg van ’n nag se vrugtelose arbeid; was nog in hulle visserskuitjies op die meer. Jesus het gekom om ’n stille uurtjie deur te bring aan die kant van die water. Hy het gehoop om in die vroeë oggend ’n bietjie rus te kry van die skare wat Hom dag na dag gevolg het. Maar die mense het hulle al gou weer om Hom geskaar. Hulle getal het vinnig aangegroei, sodat hulle aan alle kante teen Hom gedruk het. In die tussentyd het die dissipels aan wal gekom. Om weg te kom van die druk van die skare, het Jesus in Petrus se skuit geklim en hom gevra om ’n bietjie van die kant weg te stoot. Van daar af kon hulle Jesus beter sien en hoor, en vanuit die skuitjie het Hy die skare aan die wal begin leer.

Wat ’n toneel vir die engele om te aanskou; hulle heerlike Aanvoerder, sittende in ’n visserskuit, heen-en-weer gewieg deur die rus- telose branders, was besig om die evangelie te verkondig aan die skare wat tot aan die kant van die water gedruk het! Hy wat die geëerde van die hemel was, was besig om die groot dinge van Sy koninkryk, in die opelug aan die gewone mense te verkondig. En tog [241]
kon Hy geen beter toneel gehad het vir Sy werk nie. Die meer, die berge, die uitgestrekte lande, die helder sonskyn, al hierdie dinge het Hy as beeide gebruik om Sy lesse te illustreer en op die hart van die mense te druk. En geen les van Christus was vrugteloos nie. Elke boodskap van Sy lippe het die een of ander siel getref as die woord van die ewige lewe.

Die skare aan die oewer het elke oomblik aangegroei. Ou manne leunende op hulle kieries, geharde boere uit die berge, vissers van hulle werk op die meer, koopliede en rabbi’s, ryk en geleerd, oud en jonk, het hulle siekes en lydendes gebring, en nader gekom om die woorde van die goddelike Leraar te hoor. Dit was sulke tonele waarna die profete uitgesien het, en waaroor hulle geskryf het:

Die land Sebulon en die land Naftali,

> Na die see toe, oorkant die Jordaan,
> Galilea van die heidene,
> Die volk wat in duisternis sit,
> Het ’n groot lig gesien,
> En die wat sit in die land en skaduwee van die dood,
> Vir hulle het ’n lig opgegaan.”

Behalwe die skare daar aan die strand van Genesaret, het Jesus in Sy preek by die see ook aan ander gehore gedink. Hy het eeue in die toekoms Sy getroues gesien in die gevangenis en die geregshof, in versoeking en eensaamheid en eilende. Elke toneel van vreugde en stryd en verbystering het Hy voor Hom gesien. In die woorde aan diegene daar rondom Hom het Hy ook gespreek tot daardie ander siele, woorde wat hulle sou opbeur in verdrukking, vertroos in droefheid, en wat ’n hemelse lig vir hulle in duisternis sou wees. Deur die Heilige Gees het daardie stem wat uit die visserskuit gespreek het op die meer van Galilea, woorde van vrede gespreek aan menslike harte tot die einde van tyd.

En toe Hy ophou met spreek, het Jesus Petrus beveel om na die diep water te vaar en sy net te laat sak vir ’n vangs. Maar Petrus was moedeloos. Die hele vorige nag het hy niks gevang nie. In die eensame ure het hy gedink aan die lot van Johannes die Doper, wat
[242] alleen in die gevangenis moes sit en kwyn. Hy het gedink aan die
[243] vooruitsigte van Jesus en Sy volgelinge, aan die min sukses van die sending in Judea, en aan die kwaadwilligheid van die priesters en rabbi’s. Selfs sy eie nering het hom in die steek gelaat, en waar hy so na die leë nette gekyk het, het die toekoms vir hom donker en ontmoedigend gelyk. “Meester,” het hy gesê, “ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie; maar op U woord sal ek die net laat sak.”

Mens kon alleen in die nag met nette visvang in die helder water van die meer. Nadat hulle die hele nag sonder sukses probeer het, het dit hopeloos gelyk om die net in die dag in te gooi; maar Jesus het die bevel gegee, en liefde vir hulle Meester het die dissipels beweeg om te gehoorsaam. Simon en sy broer het die net laat sak. Toe hulle probeer het om dit in te trek, was dit so vol vis dat dit begin breek het. Hulle was verplig om Jakobus en Johannes te roep om te kom

help. Toe die vangs in was, was albei die skuitjies so swaar gelaai dat hulle gevaar geloop het om te sink.

Maar Petrus het nou nie aan die skuitjies of hulle vrag gedink nie. Hierdie wonderwerk, meer as enige ander wat hy gesien het, was vir hom die openbaring van goddelike krag. In Jesus het hy iemand gesien wat beheer gehad het oor die hele natuur. Die goddelike teenwoordigheid het aan hom sy eie onheiligheid geopenbaar. Liefde vir sy Meester, skaamte oor sy eie ongeloof, blydskap oor die toegeneëntheid van Christus, maar bo alles, die besef van sy eie onreinheid in die teenwoordigheid van ewige reinheid, het hom oorweldig. Terwyl sy metgeselle besig was om die inhoud van die net uit te haal, het Petrus aan die Heiland se voete neergeval en uitgeroep, "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!"

Dit was dieselfde teenwoordigheid van goddelike heiligheid wat die profeet Daniël op die grond laat neerval het soos 'n dooie voor die engel van God. Hy het gesê: "Geen krag het in my oorgebly nie, en my gesonde kleur het aan my verander en verdwyn." Toe Jesaja die heerlikheid van die Here aanskou het, het hy uitgeroep, "Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien." Dan. 10: 8; Jes. 6: 5. Die mensheid, met sy swakheid en sonde, is in teenstelling gebring met die volmaaktheid van die Godheid, en hy het heeltemal gebrekkig en onheilig gevoel. So was dit met almal wat 'n blik gekry het op Gods grootheid en majesteit. [244]

Petrus het uitgeroep, "Gaan weg van my . . . want ek is 'n sondige man;" maar hy het vasgeklem aan Jesus se voete, omdat hy gevoel het dat hy nie van Hom geskei wou wees nie. Die Heiland het geantwoord, "Moenie vrees nie; van nou af sal jy mense vang." Dit was nadat Jesaja die heiligheid van God en sy eie onwaardigheid gesien het dat die goddelike boodskap aan hom toevertrou is. Dit was ná Petrus tot selfverfoeiing en vertroue op die goddelike krag gebring is, dat hy die beroep gekry het om vir Christus te werk.

Voor hierdie tyd het nie een van die dissipels ten volle aangesluit as medewerkers van Christus nie. Hulle het baie van Sy wonderwerke gesien en na Sy prediking geluister; maar hulle het nie volkome hulle werk opgegee nie. Die gevangeskap van Johannes was vir hulle almal 'n bitter teleurstelling. As dit die uitslag van Johannes

se sending was, kon hulle maar min hoop vir hulle Meester hê met al die geestelike leiers verenig teen Hom. Onder die omstandighede was dit vir hulle ’n verligting om vir ’n kort tydjie terug te gaan na hulle visvang. Maar nou het Jesus hulle geroep om die ou lewe op te gee en by Hom aan te sluit. Petrus het die beroep aangeneem. Toe hy aan wal kom, het Jesus aan die drie ander dissipels gesê, “Kom hier agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak.” Hulle het dadelik alles laat staan en Hom gevolg.

Voordat Hy hulle gevra het om hulle nette en visserskuite te laat staan, het Jesus hulle die versekering gegee dat God in al hulle behoeftes sou voorsien. Die gebruik van Petrus se skuit vir die werk van die evangelie is ryklik beloon. Hy wat ryk is “oor almal wat Hom aanroep,” het gesê, “Gee, en vir julle sal gegee word. ’n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is.” Rom. 10: 12; Lukas 6: 38.In hierdie maat het Hy die dissipels se diens beloon. En elke opoffering wat gemaak is in Sy diens, sal beloon word volgens die “uitnemende rykdom van Sy genade.” Efe. 3: 20; 2: 7.

In daardie bange nag op die meer, toe hulle geskei was van Christus, was die dissipels swaar gedruk deur ongeloof, en hulle was moeg van vrugtelose werk. Maar Sy teenwoordigheid het hulle geloof laat her-leef, en het blydskap en sukses gebring. So is dit met ons; geskei van Christus is ons werk vrugteloos, en is dit baie
[245] maklik om te kla en wantrouig te wees. Maar wanneer Hy naby is en ons onder Sy leiding werk, verbly ons ons in die bewyse van Sy krag. Dit is die werk van die Satan om die siel te ontmoedig; dit is Christus se werk om ons met geloof en hoop te besiel.

Die dieper les wat die wonderwerk vir die dissipels ingehou het, is vir ons ook ’n les - naamlik dat Hy, wie se woord die visse uit die see kon bymekaarmaak, ook menslike harte kan beïnvloed en hulle deur die bande van Sy liefde trek, sodat Sy diensknegte die “vissers van mense” kan word.

Hulle was nederige en ongeleerde manne, daardie vissers van Galilea;maar Christus, die lig van die wêreld, was volkome in staat om hulle te bekwaam vir die posisie waarvoor Hy hulle gekies het. Die Heiland het nie geleerdheid verag nie, want intellektuele kuituur, wanneer dit beheers word deur die liefde van God, en aan Sy diens toegewy is, is ’n seën. Maar Hy het die wyse manne van Sy tyd verbygegaan omdat hulle so selfvoldaan was dat hulle nie met die

lydende mensdom kon simpatiseer en medewerkers van die Man van Nasaret kon wees nie. In hulle dweepsug het hulle dit verag om deur Christus geleer te word. Die Here Jesus soek die samewerking van diegene wat hulleself as oop kanale sal gee vir die mededeling van Sy genade. Die eerste ding wat geleer moet word deur almal wat medewerkers van God wil word, is om die eie-ek te wantrou; dan sal hulle bereid wees om die mededeling van die karakter van Christus te ontvang. Dit is nie iets wat geleer kan word in selfs die mees wetenskaplike skole nie. Dit is die vrug van wysheid wat alleen van die goddelike Leraar verkry kan word.

Jesus het ongeleerde vissers gekies omdat hulle nie geskool was in die tradisies en verkeerde gebruike van hulle tyd nie. Hulle het die bekwaamheid van hulle stand gehad, en hulle was nederig en geseghk manne wat Hy kon oplei vir Sy werk. In die gewone beroepe vau die lewe is daar baie wat geduldig met die geswoeg van elke dag se werk voortgaan, onbewus daarvan dat hulle kragte besit, wat, as dit in aksie gebring word, hulle sal ophef tot gelykheid met die wêreld se mees geëerdes. Die aanraking van 'n bedrewe hand is nodig om daardie sluimerende vermoëns wakker te maak. Dit was sulke manne wat Jesus geroep het om Sy medewerkers te wees; en Hy het hulle die voorreg van Sy geselskap gegee. Die groot manne van die wêreld het nooit so n leermeester gehad nie. Toe die dissipels [246]
voortgekom het uit Sy skool, was hulle nie meer onkundig en sonder kultuur nie. Hulle het soos Hy geword in hart en karakter, en die mense het daarop gelet dat hulle by Jesus was.

Die grootste werk van opvoeding is nie om net kennis mee te deel nie, maar om daardie lewenskrag te gee wat ontvang word deur kontak van verstand met verstand, en van siel met siel. Dit is alleen lewe wat lewe kan voortbring. Watter groot voorreg het hulle dus gehad om vir drie jaar lank daeliks in kontak te wees met daardie goddelike lewe, die bron waaruit elke lewegewende krag gevloei het wat die wêreld geseën het! Meer as al sy metgeselle het Johannes, die geliefde dissipel, hom oorgegee aan die krag van daardie wonderbare lewe. Hy sê: "Die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is." "En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja genade op genade." 1 Joh. 1: 2; Joh. 1: 16.

In die apostels van die Here was daar niks om eer aan hulleself te bring nie. Dit was duidelik dat die sukses van hulle werk heeltemal van God gekom het. Die lewens van hierdie manne die karakters wat hulle gevorm het, en die magtige werk wat God deur hulle gedoen het, is ’n getuienis van wat Hy sal doen vir almal wat geseglik en gehoorsaam is.

Die een wat Christus die meeste liefhet, sal die meeste goed doen. Die bruikbaarheid van die persoon wat die eie-ek op die agtergrond skuif en plek maak vir die werking van die Heilige Gees in sy hart, en ’n lewe lei volkome toegewy aan God, is onbeperk. As mense maar die nodige tug wil ondergaan sonder om te kla of langs die weg uit te sak, sal God hulle uur na uur en dag na dag leer. Hy wil graag Sy genade openbaar. As Sy mense die struikelblokke sou wegneem, sal Hy die waters van die saligheid in sterk strome laat vloei deur menslike kanale. As mense in die nederige posisies van die lewe aangemoedig sou word om al die goed te doen wat hulle kan, as hande nie op hulle gelê word om hulle ywer terug te hou nie, sou daar ’n honderd werkers vir Christus wees waar daar nou een is.

God neem mense soos hulle is, en Hy leer hulle vir Sy diens as hulle hulle maar aan Hom wil oorgee. Die Gees van God, ontvang in die siel, sal alle vermoëns verkwik. Onder die leiding van die
[247] Heilige Gees sal die hart wat volkome aan God oorgegee is, eweredig ontwikkel en dit sal versterk word om al Gods vereistes te verstaan en te vervul Die swak, weifelende karakter word verander in een van sterkte en standvastigheid. Gedurige toewyding verwek so ’n noue gemeenskap tussen Jesus en Sy dissipel, dat die Christen soos Hy word in hart en karakter. Deur verbinding met Christus sal hy n helder en wyer uitsig hê. Hy sal beter kan oordeel en sy oordeel sal meer gebalanseerd wees. Die een wat verlang om vir Christus te werk, sal so verkwik word deur die lewegewende krag van die Son van Gereg- tigheid dat hy baie vrugte sal dra tot heerlikheid van God.

Mense wat die hoogste prestasies behaal het in die kunste en die wetenskap, het kosbare lesse geleer van Christene in die nederige be- roepe van die lewe—hulle wat deur die wêreld as ongeleerd bestempel word. Maar daardie onbekende dissipels het ’n opvoeding gekry in die grootste van alle skole. Hulle het aan die voete gesit
[248] van Hom wat gespreek het soos geen mens ooit gespreek het me.

## By Kapernaum

IN die tye tussen Sy reise heen-en-weer het Jesus in Kapernaum gewoon, en die plek het bekend geword as "Sy eie stad." Dit was geleë aan die kus van die See van Galilea, op, of baie naby die mooi vlakte van Genesaret.

Omdat die meer so laag geleë was, het die vlakte wat dit omring het, die heerlike klimaat van die suide gehad. In die tyd van Christus het palm- en olyfbome daar weelderig gegroei; daar was boorde, wingerde, groen landerye, en blomme van alle kleure — alles besproei deur die lewende strome uit die klowe. Orals langs die strand van die meer, en teen die berghellings rondom, was daar dorpies. Op die meer was baie visserskuite. Alles was bedrywig met aktiewe lewe.

Kapernaum self was gunstig geleë as sentrum van die Verlosser se werk. Dit was langs die hoofweg van Damaskus na Jerusalem en Egipte, en na die Middellandse See. Mense uit baie lande het deur die stad gereis, of het daar gerus op hulle reise heen-en-weer. Hier kon Jesus alle soorte mense van alle nasies en Stande ontmoet; rykes sowel as armes en nederiges, en hulle sou Sy lesse neem na ander lande en na baie wonings. Op hierdie wyse sou belangstelling in die profesieë opgewek word; die aandag sou gevestig word op [249]
die Verlosser, en Sy sending sou onder die aandag van die wêreld gebring word.

Nieteenstaande die optrede van die Sanhedrin teen Jesus, het die mense gretig gewag op die ontwikkeling van Sy sending. Die hele hemel het met belangstelling gewag. Engele het die weg berei vir Sy werk deur in die mense se harte te werk en hulle tot die Heiland te trek.

In Kapernaum het die seun van die edelman, wat deur Jesus genees is, getuig van Sy krag. En die hofdienaar en sy gesin het met blydskap getuig van hulle geloof. Toe dit bekend geword het dat die Meester self in hulle midde was, is die belangstelling van die hele stad opgewek. Skares het na Hom toe gekom. Op die Sabbat het

die mense na die sinagoge gestroom sodat groot getalle weggestuur moes word omdat daar nie vir hulle plek was nie.

Almal wat die Heiland gehoor het, “was verslae oor Sy leer, want Sy woord was met gesag.” “Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie.” Lukas 4: 32; Matt. 7: 29. Die leer van die skrifgeleerdes en ouderlinge was kil en vormlik, soos ’n les wat uit die hoof geleer is. Vir hulle het die Woord van God geen lewenskrag gehad nie. Hulle het die leer daarvan deur hulle eie idees en tradisies vervang. In hulle gewone diensroetine het hulle voorgegee om die wet te verduidelik, maar geen inspirasie van God het hulle eie harte of die harte van hulle hoorders aangeroer nie.

Jesus het Hom nie bemoei met die verskeie geskilpunte waaroor die Jode gestry het nie. Dit was Sy werk om die waarheid voor te stel. Sy woorde het ’n vloed van lig gewerp op die leer van die patriarge en profete, en die Skrifte het tot die mense gekom as n nuwe openbaring. Nog nooit tevore het Sy hoorders so ’n diep betekenis in die Woord van God gesien nie.

Jesus het die volk op hulle eie grond ontmoet soos iemand wat bekend was met hulle moeilikhede. Hy het die waarheid aanneemlik gemaak deur dit reguit en eenvoudig voor te stel. Sy taal was rein, verfynd, en helder soos ’n stroompie. Sy stem was musiek vir diegene wat gewoond was aan die eentonige stem van die rabbi’s. Maar alhoewel Sy leer eenvoudig was, het Hy gepraat soos iemand met gesag. Hierdie eienskap van Sy leer het die kontras duidelik uitgebring. Die rabbi’s het aarselend en met twyfel gepraat, asof
[250] die Skrifte dan een ding en dan weer iets ande r s beteken het.Die hoorders het by die dag in groter onsekerheid verkeer. Jesus het die Skrifte geleer as van absolute gesag. Wat die onderwerp ook was, het Hy dit met krag voorgestel asof Sy woorde nie weerspreek kon word nie.

Hy was ernstig maar nie driftig nie. Hy het gespreek soos iemand wat ’n bepaalde doel nagestreef het. Hy het die werklikheid van die ewige wêreld voorgestel. In al Sy temas is God geopenbaar. Jesus wou die mense bevry van daardie towerkrag wat hulle aan aardse dinge verbind het. Hy het die dinge van hierdie lewe in hulle ware verhouding gestel, as ondergeskik aan die dinge van ewige belang; maar Hy het nie hulle belangrikheid geïgnoreer nie. Hy het geleer dat die hemel en die aarde met mekaar verbind is, en dat ’n kennis van

goddelike waarheid mense berei om die pligte van die alledaagse lewe beter te vervul. Hy het gepraat soos iemand wat die hemel geken het, bewus van Sy verwantskap aan God, en tog het Hy Sy eenheid met elke lid van die menslike gesag erken.

Sy boodskappe van genade het afgewissel volgens Sy gehoor. Hy het geweet om "die vermoeide te verkwik met woorde" (Jes. 50: 4); want Sy lippe is met genade gesalf sodat Hy die skatte van die waarheid op die aanloklikste manier aan die mense kon voorstel. Hy het die bevooroordeeldes met takt behandel, en Hy het hulle verras met illustrasies wat hulle aandag geboei het. Hy het die hart deur die verbeelding bereik. Sy illustrasies was deur middel van dinge van die alledaagse lewe, en alhoewel hulle eenvoudig was, het hulle 'n diep betekenis gehad. Die voëls van die hemel, die blomme van die veld, die saad, die herder en sy skape — met hierdie dinge het Christus die ewige waarheid verduidelik; en altyd daarna, wanneer Sy hoorders hierdie dinge van die natuur gesien het, is hulle herinner aan Sy woorde. Christus se illustrasies het gedurig Sy lesse herhaal.

Christus het nooit mense gevlei nie. Hy het nooit dinge gespreek wat hulle eie-dunk en verbeelding vertroetel het, en nooit het Hy hulle slim streke geprys nie; maar diep, onbevooroordeelde denkers het Sy leer aangeneem en gevind dat dit hulle wysheid op die proef gestel het. Hulle was verwonder oor die geestelike waarheid in sulke eenvoudige taal uitgedruk. Selfs die geleerdstes is bekoor deur Sy woorde, en die ongeleerdes het altyd daarby baat gevind. Hy het 'n boodskap vir die ongeletterdes gehad; en Hy het self die heidene laat verstaan dat Hy 'n boodskap vir hulle gehad het. [251]

Sy tere ontferming het moeë en verontruste harte soos balsem verkwik. Selfs in die rumoer van verwoede vyande was Hy omring van 'n atmosfeer van vrede. Die aantreklikheid van Sy gelaat en van Sy karakter, en bo alles, die liefde in Sy blik en stem, het almal na Hom toe getrek wat nie deur ongeloof verhard was nie. As dit nie was vir die vriendelike, simpatieke gees wat uit elke blik en woord gestraal het nie, sou Hy nie die groot skares kon trek wat Hy wel getrek het nie. Die geteisterdes wat na Hom toe gekom het, het gevoel dat Sy belange met hulle s'n verbind was soos die van 'n tere vriend, en hulle wou graag meer van die waarhede weet wat Hy geleer het. Die Hemel is naby hulle gebring. Hulle wou graag in

Sy teenwoordigheid bly, sodat hulle gedurig die vertroosting van Sy liefde kon hê.

Jesus het met groot erns die gelaatsverandering van Sy hoorders dopgehou. Die gesigte wat belangstelling en blydskap getoon het, het Hom groot tevredenheid gegee. Namate die pyle van waarheid die siel deurboor, deur die versperrings van selfsug gedring, en berou en eindelik dankbaarheid gebring het, is die Heiland blygemaak. Waar Hy Sy oog so gegooi het oor die skare van toehoorders en Hy gesigte herken wat Hy voorheen gesien het, het Sy aangesig gestraal van vreugde. In hulle het Hy hoopvolle onderdane van Sy koninkryk gesien. Wanneer waarheid, ondubbelsinnig gespreek, 'n gekoesterde afgod getref het, het Hy die gelaatsuitdrukking gemerk, en die frons, wat 'n teken was dat die lig onwelkom was. Wanneer Hy gesien het dat mense die boodskap van vrede verwerp, het dit Sy hart diep seergemaak.

In die sinagoge het Jesus gepraat van die koninkryk wat Hy kom oprig het, en van Sy sending om die gevangenes van die Satan vry te laat. Hy is in die rede geval deur 'n kreet van vrees, 'n Duiwel-besetene het uit die gehoor vorentoe gestorm en uitgeroep, "Hou op! Wat het ons met U te doen, Jesus Nasarener? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U wie U is: die Heilige van God!"

Daar het verwarring ontstaan. Die aandag van die mense is van Christus afgetrek, en hulle het nie geluister na Sy woorde nie. Dit was juis met hierdie doel dat die Satan sy slagoffer na die sinagoge gelei het. Maar Jesus het die duiwel bestraf deur te sê, "Bly stil, en gaan uit hom uit! En die duiwel het hom tussen hulle neergegooi en
[252] uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak."

Die verstand van hierdie arme lyer is deur die Satan verduister, maar in die Heiland se teenwoordigheid het 'n ligstraal die duisternis deurdring. By hom is 'n verlange gewek om bevry te word van die mag van die Satan; maar die duiwel het die mag van Christus weerstaan. Toe die man 'n beroep wou doen op Jesus om hulp, het die bose gees woorde in sy mond gelê, en hy het in vrees en angs uitgeroep. Die duiwelbesetene het gedeeltelik besef dat hy in die teenwoordigheid was van iemand wat hom kon vrylaat; maar toe hy probeer het om binne bereik te kom van die magtige hand, het 'n ander se wil hom teruggehou en 'n ander het deur hom gespreek.

Die stryd tussen die mag van die Satan en sy eie begeerte vir vryheid was verskriklik.

Hy wat die Satan in die woestyn van versoeking oorwin het, het weer Sy vyand van aangesig tot aangesig ontmoet. Die duiwel het al sy kragte gebruik om sy beheer oor sy slagoffer te behou. Om hier kop te gee, sou 'n oorwinning vir Jesus beteken. Dit het geskyn of die gemartelde man sy lewe sou verloor in sy worsteling met die vyand wat sy manlikheid verwoes het. Maar die Heiland het met gesag gepraat en die gevangene vrygelaat. Die man wat eers 'n be- setene was, het nou voor die verbaasde skare gestaan, bly dat hy verlos, en weer by sy volle verstand was. Selfs die duiwel het getuig van die goddelike krag van die Heiland.

Die man het God geloof vir sy verlossing. Die oë wat so kort gelede nog verwilderd gestaar het, het nou met intelligensie gefonkel, en daarin het trane van dankbaarheid opgewel. Die mense was verslae van verbasing. Sodra hulle weer herstel het, het hulle vir mekaar gesê: "Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?" Markus 1: 27.

Die verborge oorsaak van die beproewing wat hierdie man 'n vreeslike skouspel gemaak het vir Sy vriende, en 'n las vir homself, was in sy eie lewe. Hy is deur die plesier van die sonde aangetrek, en hy het gemeen om die lewe een groot feesviering te maak. Hy het nooit gedroom dat hy 'n vrees vir die wêreld en 'n skande vir sy familie sou word nie. Hy het gedink dat hy maar sy tyd kon deurbring in onskuldige dwaasheid. Maar toe hy eenmaal op die afdraand was, het hy vinnig laer gesink. Onmatigheid en ligsinnigheid het die edele dinge van sy natuur laat ontaard, en die Satan het volkome beheer oor hom gekry. [253]

Berou het te laat gekom. Toe hy sy rykdom en plesier wou opoffer om weer sy verlore manlikheid terug te kry, was hy reeds hopeloos in die greep van die Bose. Hy het homself op die vyand se terrein geplaas, en die Satan het besit geneem van sy verstandelike vermoëns. Die versoeker het hom bekoor met baie heerlike voorstellings, maar toe die ongelukkige man eers eenmaal in sy mag was, was die demoon meedoënloos in sy wreedheid, en vreeslik in sy besoekings. So sal dit ook gaan met almal wat toegee aan die

boosheid; die aanloklike plesier van hulle vroeë lewe eindig in die duisternis van wanhoop of in krank- sinnigheid.

Dieselfde bose gees wat Christus in die woestyn versoek het, en wat in die duiwelbesetene van Kapernaum was, het die ongelowige Jode beheers. Maar in hulle geval het hy die rol van vroomheid aangeneem en hulle bedrieg ten opsigte van hulle motiewe in die verwerping van die Heiland. Hulle toestand was nog hopeloser as die van die duiwelbesetene, want hulle het geen behoefte gevoel aan Christus nie, en was dus vas in die mag van die Satan.

Die periode van Christus se persoonlike bediening onder die mense, was die tyd van die grootste bedrywigheid vir die magte van die koninkryk van duisternis. Vir eeue het die Satan en sy bose engele getrag om die siel en liggaam van die mense te kontroleer om hulle in die sonde en ellende te dompel; en hy het altyd gesê dat God vir die lyding verantwoordelik is. Jesus het aan die mens die karakter van God geopenbaar. Hy was besig om die Satan se mag te breek en die gevangenes vry te laat. Nuwe lewe van liefde en krag het gewerk in die harte van die mense, en die vors van boosheid het geveg om die heerskappy van sy koninkryk te handhaaf. Die Satan het al sy magte opgeroep, en hy het die werk van Christus stap vir stap beveg.

So sal dit ook gaan in die groot en laaste stryd tussen geregtigheid en sonde. Terwyl nuwe lewe en lig en krag uit die hemel neergedaal het op die dissipels van Christus, het daar ook nuwe lewe van benede ontstaan wat al die werktuie van die Satan besiel het. Intensiteit het besit geneem van elke aardse element. Met ’n listigheid wat hy deur die stryd van die eeue geleer het, doen die vors van boosheid hom nie in sy ware kleure voor nie. Hy kom in die gedaante van ’n engel van die lig, en menigtes luister na “verleidende geeste en leringe van duiwels.” 1 Tim. 4: 1.

In die tyd van Christus was die leiers en leraars van Israel magteloos om die werke van die Satan te weerstaan. Hulle het die enigste
[254] middele verwerp waardeur hulle die bose geeste kon weerstaan. Dit was deur die Woord van God dat Christus die bose oorwin het. Die leiers van Israel het voorgegee om verklaarders van die Woord van God te wees, maar hulle het dit ondersoek alleen om hulle eie tradisies te staaf, en hulle menslike gebruike te handhaaf. Deur hulle vertolking het hulle dit dinge laat leer wat God nooit beveel het

nie. Deur hulle mistiese vertolking het hulle dinge benewel wat Hy baie duidelik gemaak het. Hulle het gestry oor onbenullige tegniese puntjies, en het die belangrikste waarhede in die praktiese lewe verloën. So is ongeloof gesaai. Gods Woord is beroof van sy krag, en bose geeste het na hartelus gewerk.

Die geskiedenis is besig om homself te herhaal. Met die ope Bybel voor hulle, en ’n belydenis dat hulle die leer daarvan eerbiedig, is daar baie geestelike leiers van ons tyd wat geloof daarin as die Woord van God, vernietig. Hulle hou hulleself besig met die ontleding van die Woord en hulle stel hulle eie opinies bokant die duidelikste ver- klarings daarvan. In hulle hande verloor Gods Woord sy wederbarende krag. Dit is daarom dat ongeloof so welig tier, en die sonde so toeneem.

Wanneer die Satan die mens se geloof in die Bybel ondermyn het, lei hy hom na ander bronne vir lig en krag. So kry hy toegang tot hulle harte. Diegene wat die duidelike leer van die Skrifte, en die oortuigende krag van Gods Heilige Gees verwerp, stel hulleself bloot aan die beheer van duiwels. Kritiek van, en spekulasie aangaande die Skrifte, het die weg geopen vir spiritisme en teosofie — hierdie moderne vorme van die outydse heidense geloof — om selfs die belydende kerke van onse Here Jesus Christus binne te dring.

Terwyl die evangelie verkondig word, is daar ook werktuie besig wat dien as die medium van leuenagtige geeste. Menige persoon het hom al met hierdie dinge bloot uit nuuskierigheid bemoei, maar wanneer hy bewyse sien van die werking van bonatuurlike magte, word hy aangelok totdat hy deur ’n wil beheers word sterker as sy eie. Hy kan hom nie ontworstel aan daardie geheimsinnige mag nie.

Die skanse van die siel is afgebreek. Hy het geen versperring teen die sonde nie. Wanneer die weerhoudende krag van Gods Woord en Sy Gees eenmaal verwerp is, kan geen mens sê tot watter dieptes van vernedering hy mag sak nie. Boesemsonde of ontug mag hom net so hopeloos gevange hou soos die duiwelbesetene van Kapernaum. Maar nogtans is sy posisie nie hopeloos nie. [255]

Die middel waarmee ons die Bose kan oorwin, is dieselfde as die waarmee Christus oorwin het — naamlik die krag van die Woord. God beheers nie ons verstand sonder ons toestemming nie; maar as ons begeer om Sy wil te ken en te doen, dan kan ons aanspraak maak op Sy beloftes: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle

vrymaak." "As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet." Joh. 8: 32; 7: 17. Deur geloof in hierdie beloftes kan enige mens verlos word van die strikke van dwaalleer en die mag van die sonde.

Dit staan elke mens vry om die mag te kies wat hy wil hê om oor hom te regeer. Niemand het so laag gesak, of is so sondig, dat hy nie deur Christus verlos kan word nie. Die duiwelbesetene kon, pleks van 'n bede, alleen die woorde van die Satan uiter, maar nogtans is die onuitgesproke smeekbede van sy hart verhoor. Geen roepstem van 'n siel in nood, al kan hy dit nie in woorde uitdruk, sal onverhoor bly nie. Diegene wat gewillig is om 'n verbond met die God van die hemel te maak, word nie aan die mag van die Satan oorgelaat, of aan die swakheid van hulle eie natuur nie. Die Heiland nooi hulle uit, "Hulle moet My beskutting aangryp, vrede met My maak." Jes. 27: 5. Die geeste van die duisternis sal veg vir die siel wat eenmaal in hulle mag is, maar die engele van God sal vir daardie siel stry met oorwin- nende krag. Die Here vra, "Sal van 'n held die buit afgeneem word? Of sal die gevangene van 'n regverdige ontvlug? . . . So sê die Here: Ja, die gevangene van die held sal afgeneem word, en die buit van die tiran sal ontvlug; en jou bestryder sal Ek bestry en jou kinders sal Ek verlos." Jes. 49: 24, 25.

Terwyl die gemeente in die sinagoge nog stom van verbasing was, het Jesus vertrek na die huis van Petrus om 'n bietjie te rus. Maar ook op daardie huis het 'n skaduwee gerus. Petrus se skoonmoeder was siek aan 'n "hewige koors." Jesus het die siekte bestraf, en die sieke het opgestaan en die Meester en Sy dissipels bedien.

Die gerugte oor die wonderwerke van Christus het vinnig deur die hele Kapernaum versprei. Uit vrees vir die rabbi's kon die mense dit nie waag om vir genesing op die Sabbat te kom nie; maar die son was nog skaars onder of daar was groot bedrywigheid. Van die
[256] huise, die winkels, die mark, het die inwoners van die stad gestroom na die eenvoudige huis waar Jesus was. Die siekes is op draagbare gebring; sommige het gekom leunende op kieries; of ondersteun deur vriende, het hulle aangesukkel om in die teenwoordigheid van die Heiland te kom.

Uur na uur het hulle gekom en gegaan, want hulle het nie geweet of die Geneesheer more nog by hulle sou wees nie. Nog nooit tevore het Kapernaum so iets beleef nie. Die lug het weergalm soos die

verlostes hulle stemme in dankbaarheid verhef het. Die Heiland het Hom verbly in die vreugde wat Hy gebring het. Waar Hy die lyding gesien het van diegene wat na Hom toe gekom het, is Sy hart deur medelyde ontroer, en Hy het Hom verbly in Sy krag om hulle in gesondheid en geluk te herstel.

Eers toe die laaste lydende gehelp is, het Jesus Sy werk gestaak. Dit was al diep in die nag toe die skare uiteen is, en stilte het neergesak op die huis van Simon. Die lang dag van opwinding was verby, en Jesus het rus gesoek. Maar terwyl die stad nog geslaap het, het die Heiland "opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."

So het Jesus die dae van Sy aardse lewe deurgebring. Hy het dikwels Sy dissipels verlof gegee om hulle huise te besoek en te rus; maar Hy het hulle pogings om Hom af te trek van Sy werk, weerstaan. Bedags het Hy die hele dag gewerk deur die onkundiges te leer, die siekes gesond te maak, die gesig van die blindes te herstel, en die skare te voed; en saans, of vroeg in die more, het Hy gegaan na 'n heiligdom in die berge vir gemeenskap met Sy Vader. Dikwels het Hy die hele nag in gebed en oorpeinsing deurgebring, en met dagbreek na Sy werk onder die mense teruggekom.

Vroeg in die more het Petrus en van sy maats na Jesus gekom en gesê dat die mense van Kapernaum alreeds na Hom soek. Die dissipels was bitter teleurgesteld oor die manier wat Jesus voorheen ontvang is. Die owerhede te Jerusalem het gesoek om Hom te dood; selfs die mense van Sy eie dorp het probeer om Sy lewe te neem; maar in Kapernaum is Hy met groot geesdrif ontvang, en daar het weer nuwe hoop in die harte van die dissipels ontvlam. Dit kon wees dat die ondersteuners van die nuwe koninkryk gevind sou word onder die vryheidliewende Galileërs. Dit was met verbasing dat hulle Christus hoor sê het, "Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur." [257]

In die opwinding wat daar geheers het in Kapernaum was daar gevaar dat die doel van Sy sending uit die oog verloor sou word. Jesus was nie tevrede om die aandag van die mense op Hom te vestig slegs as 'n wonderwerker en iemand wat siektes genees het nie. Hy wou die mense trek om Hom as Verlosser aan te neem. Hoewel die mense gretig was om te glo dat Hy gekom het as koning om n aardse

koninkryk op te rig, wou Hy hulle gedagtes aftrek van die aardse en vestig op die geestelike. Bloot wereldlike sukses sou Sy werk strem.

En die verbasing van die onverskillige menigte het op Sy senuwees gewerk. In Sy lewe was daar geen plek vir die verheffing van die eie-ek nie. Die hulde wat die wêreld bring aan posisie, of rykdom, of talent, was iets waarmee die Seun van die mens Hom nie opgehou het nie. Jesus het nie een van die middels gebruik waarmee mense gewoonlik trou en hulde verkry het nie. Eeue voor Sy geboorte is daar van Hom geprofeteer, "Hy sal nie skreeu of uitroep of Sy stem op die straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring. Hy sal nie dof brand of geknak word totdat Hy die reg op die aarde gegrond het nie." Jes. 42: 2-4.

Die Fariseërs het eer gesoek deur hulle gehegtheid aan seremomes, hulle vertoon met die godsdiens, en hulle aalmoes. Hulle wou hulle ywer vir die godsdiens bewys deur gedurig besprekings daaroor te voer. Die gestry onder die verskillende sektes was lank uitgerek en luidrugtig, en dit was nie 'n ongewone ding om die geleerde doktore van die wet op die strate te hoor stry nie.

In skerp teenstelling was die lewe van Christus. In Sy lewe was daar geen harde disputasies, geen vertoon by die aanbidding, en geen daad om applous uit te lok nie. Christus was in God verborge, en God is geopenbaar in die karakter van Sy Seun. Jesus wou die aandag en hulde vari die mense op daardie openbaring toespits.

Die Son van Geregtigheid het nie skielik oor die wêreld opgegaan om die sinne te verblind met Sy heerlikheid nie. Aangaande Christus staan daar geskryf, "Sy opgang is so seker as die dagbreek." Hosea 6:3. Die dag breek stil en saggies oor die aarde, verban die skaduwees van die nag en wek die wereld tot lewe. So ook het die Son van
[258] Geregtigheid opgegaan met "genesing onder Sy vleuels." Mal. 4:2.

## "U Kan My Reinig"

VAN al die siektes in die Ooste is melaatsheid die meeste gevrees. Die ongeneeslike en aansteeklike aard daarvan, en die verskrik- like uitwerking op die slagoffers, het selfs die dapperste mens laat bewe. Die Jode het dit beskou as 'n oordeel op die sonde, en daarom is dit genoem "die plaag," "die vinger van God." Diepgewortel, on- geneeslik, dodelik, is dit beskou as 'n simbool van die sonde. Deur die seremoniële wet is die melaatse as onrein verklaar. Soos iemand wat alreeds dood is, is hy verban uit die samelewing. Wat hy ook aangeraak het, was onrein. Die lug is besoedel deur sy asem. As iemand verdink is dat hy die siekte het, moes hy hom aan die priesters gaan toon wat hom ondersoek en uitspraak gegee het. As bevind is dat hy melaats is, is hy van sy gesin geskei, afgesny van die vergadering van Israel, gedoem tot die geselskap van ander wat dieselfde siekte het. Daar kon nie van die vereistes van die wet afgewyk word nie; selfs konings en regeerders is nie vrygestel nie. 'n Koning wat hierdie vreeslike siekte gekry het, moes afstand doen van sy troon en vlug uit die samelewing.

Weg van sy familie en vriende, moes die melaatse die vloek van sy siekte alleen dra. Hy was verplig om sy onreinheid uit te roep. sy klere te skeur, en alarm te maak, om sodoende almal te waarsku om te vlug van sy besoedelende teenwoordigheid. Die geroep,"On rein! onrein!" wat soos 'n klaaglied gekom het van die eensame [259]
banneling, was 'n teken wat met vrees en afsku gehoor is.

In die landstreek waar Christus gewerk het, was daar baie van hierdie lydendes, en die gerugte van Sy werk het ook hulle bereik, en n straaltjie van hoop in hulle laat ontvlam. Maar sedert die dae van Elisa, die profeet, is daar nooit weer gehoor van die genesing van iemand wat die vreeslike siekte gehad het nie. Hulle kon dit nie waag om van Jesus te verwag om vir hulle te doen wat Hy nog nooit vir iemand anders gedoen het nie. Daar was egter een in wie se hart geloof begin ontstaan het. Maar hierdie man het nie geweet hoe om by Jesus te kom nie. Afgeskei soos hy was van aanraking met sy

medemens, hoe kon hy homself aan die Heelmeester voorstel? En dan nog was dit ’n vraag of Christus hom sou genees. Sou Hy Hom neerbuig tot iemand op wie die oordeel van God geval het? Sou Hy nie ook, soos die Fariseërs, en selfs die geneeshere, ’n vloek oor hom uitspreek en hom waarsku om pad te gee van die plek waar ander mense was nie? Hy het gedink aan alles wat hom van Jesus vertel is. Nie een wat Sy hulp gesoek het, is weggestuur nie. Hierdie ellendige mens het besluit om die Heiland te soek. Alhoewel hy nie die stede kon binnegaan nie, was dit tog moontlik dat hy Hom op n plek daar in die bergpaaie sou teëkom, of Hom miskien kon nader waar Hy buite- kant die dorpe geleer het. Die moeilikhede was groot, maar dit was sy enigste hoop.

Die melaatse is na die Heiland gelei. Jesus was besig om langs die meer te leer, en die mense het om Hom vergader. Die melaatse wat ’n hele ent daarvandaan gestaan het, het n paar van die Heiland se woorde gehoor. Hy sien hoedat Hy Sy hande op die siekes lê. Hy sien hoedat die kreupeles, blindes, verlamdes, en diegene wat aan verskillende soorte kwale ly, in gesondheid opstaan en God loof vir hulle verlossing. Geloof het sy hart versterk. Hy het nader en al nader gekom. Die beperking waaraan hy onderhewig was, die veiligheid van die mense, die vrees waarmee almal hom bejeën het, is vergeet. Hy dink alleen aan die salige hoop op genesing.

Hy is ’n afskuwelike skouspel. Die siekte het hom vreeslik vermink, en sy verrotte liggaam is aaklig om te aanskou. Toe die mense hom sien, het hulle in vrees teruggeval. Hulle vertrap byna mekaar in hulle gretigheid om van hom af weg te kom. Sommige het probeer
[260] om hom te belet om Jesus te nader, maar tevergeefs. Hy sien of hoor hulle nie. Hy is doof vir hulle uitroepe van afsku. Hy sien alleen die Seun van God. Hy hoor alleen die stem wat die lewe spreek tot die sterwendes. Hy het na Jesus geloop, hom aan Sy voete neergewerp en uitgeroep, “Here, as U wil, kan U my reinig.” Jesus het geantwoord, “Ek wil; word gereinig!” en Hy het Sy hand op hom gelê.” (Matt. 8:3.)

Dadelik het daar ’n verandering in die toestand van die melaatse gekom. Sy vlees het gesond geword, sy senuwees weer gevoelig, en sy spiere ferm. Die growwe, skilferagtige oppervlakte wat kenmerkend van melaatsheid is, het verdwyn, en ’n sagte gloed soos die

wat mens op die vel van 'n gesonde kind sien, het die plek daarvan geneem.

Jesus het die man beveel om nie rugbaar te maak wat vir hom gedoen is nie, maar dat hy dadelik sy opwagting by die tempel moes gaan maak met 'n offergawe. So 'n offergawe sou nie aangeneem kon word nie voordat die priesters hom ondersoek en verklaar het dat hy heeltemal vry was van die siekte. Hoe onwillig hulle ook was cm hierdie diens te doen, kon hulle die ondersoek en die uitspraak nie ontduik nie.

Die Skrifwoord, soos dit opgeteken staan, toon aan hoe dringend Christus die man beveel het om stil te bly, en dadelik te handel. En nadat Hy hom ernstig aangespreek het, stuur Hy hom dadelik weg en sê vir hom: "Pas op dat jy vir niemand iets vertel nie, maar gaan vertoon jou aan die priester en offer vir jou reiniging wat Moses voorgeskrywe het, tot 'n getuienis vir hulle." As die priesters die feite geweet het aangaande die genesing van hierdie melaatse, kon hulle haat vir Christus hulle beweeg het om 'n valse uitspraak te gee. Jesus wou hê dat die man sy opwagting by die tempel moes gaan maak voordat die priesters die gerugte van die wonderwerk te hore kon kom. Op hierdie manier alleen sou daar 'n onpartydige uitspraak verkry kon word en sou die melaatse toegelaat word om hom weer by sy familie en vriende te voeg.

Maar daar was ook ander redes waarom Christus die man die swye opgelê het. Die Heiland het geweet dat Sy vyande gedurig pogings aangewend het om Sy werk te beperk, en die mense van Hom af te trek. Hy het geweet dat as ander lyers aan die vreeslike siekte sou hoor van die genesing van hierdie melaatse, hulle ook sou
toestroom na Hom toe, en die mense sou bang geword het dat hulle [261]
sou aansteek. Baie van die melaatses, as hulle sou genees word, sou hulle gesondheid nie tot seën van hulleself en ander gebruik nie. Deur die melaatses na Hom toe te trek, sou Hy die mense kans gee om Hom te beskuldig dat Hy die beperkings wat die rituaal voorskryf, afgebreek het. Op hierdie wyse sou die verkondiging van die evangelie verhinder word.

Christus se vrees was geregverdig, want 'n aantal van die mense het die genesing van die melaatse gesien, en hulle was gretig om te hoor watter uitspraak die priesters sou gee. Toe die man hom weer by sy vriende gevoeg het, was daar groot opgewondenheid.

Nieteen- staande die waarskuwing van Jesus het die man nie probeer om sy genesing stil te hou nie. Dit sou ook feitelik onmoontlik gewees het om dit dig te hou, en die melaatse het die saak rugbaar gemaak. Menende dat dit maar deur beskeidenheid was dat Jesus hom die swye opgelê het, het hy rondgegaan en die krag van die Groot Heelmeester verkondig. Hy het nie verstaan dat elke openbaring van sulke krag die priesters en ouderlinge net meer vasberade gemaak het om Jesus te vernietig nie. Die herstelde man het gevoel dat die seën van gesondheid baie kosbaar was. Hy het hom verbly in sy mannekrag, en die feit dat hy weer in sy gesin en die samelewing herstel is; hy kon homself nie bedwing om heerlikheid te gee aan die Geneesheer wat hom gesondgemaak het nie. Maar die feit dat hy alles uitbasuin het, het ten gevolge gehad dat die Heiland se werk verhinder is. Dit het die mense in sulke groot getalle na Hom laat stroom dat Hy vir ’n tyd verplig was om Sy werk te staak.

Elke daad in Christus se bediening was verreikend in sy doel. Dit het meer ingesluit as wat in die daad self uitgekom het. So was dit ook in die geval van hierdie melaatse. Terwyl Jesus almal gehelp het wat na Hom toe gekom het, wou Hy baie graag ook diegene seën wat nie gekom het nie. Terwyl Hy die tollenaars, die heidene, en die Samaritane getrek het, het Hy ook verlang om die priesters en leraars te bereik wat gebind was deur die bande van vooroordeel en tradisie. Hy het alle middels probeer waardeur hulle bereik mag word. Deur die geneesde melaatse na die priesters te stuur, het Hy
[262] aan hulle bewys gegee, bedoel om hulle vooroordeel weg te neem.

Die Fariseërs het beweer dat Christus se leer gekant was teen die wet wat God deur Moses gegee het; maar Sy opdrag aan die gereinigde melaatse om ’n offer te bring yolgens die wet, het hierdie beskuldiging geloënstraf. Dit was genoeg bewys vir almal wat gewillig was om oortuig te word.

Die leiers te Jerusalem het spioene uitgestuur om die een of ander beskuldiging te vind, om Jesus dood te maak. Daarop het Hy geantwoord deur aan hulle bewyse te gee van Sy liefde vir die mensdom, Sy respek vir die wet, en van Sy krag om van die sonde en die dood te verlos. So het Hy van hulle getuig: “En hulle het My kwaad vir goed opgelê en haat vir My liefde.” Ps. 109: 5. Hy wat op die berg die gebod gegee het, “Julle moet jul vyande liefhê,” het self die beginsel toegepas deur nie kwaad met kwaad te vergeld, “of

uitskel met uitskel" nie, "maar seën inteendeel." Matt. 5:44; 1 Pet. 3: 9.

Dieselfde priesters wat die melaatse tot verbanning veroordeel het, het hom as rein gesertifiseer. Die uitspraak, in die openbaar gedoen en geregistreer, was 'n onomstootlike getuienis vir Christus. En waar die gereinigde man herstel is in die vergadering van Israel op grond van die priesters se eie versekering dat daar geen tekens meer van die siekte in hom was nie, was hy self 'n lewende getuie vir sy Weldoener. In vreugde het hy sy offer gebring en die Naam van Jesus groot gemaak. Die priesters was oortuig van die goddelike krag van die Heiland. Dit was 'n geleentheid vir hulle om die waarheid te ken en die lig aan te neem. As hulle dit verwerp, sou dit van hulle wyk om nooit weer terug te kom nie. Die lig is deur vele verwerp, maar nogtans is dit nie tevergeefs gegee nie. Daar is baie harte aangeraak wat vir 'n tyd geen blyk daarvan gegee het nie. Gedurende die Heiland se leeftyd het dit geskyn of Sy sending geen weerklank gevind het in die harte van die priesters en die leraars nie; maar ná Sy hemelvaart het 'n groot menigte van priesters gehoorsaam geword aan die geloof. (Hand. 6: 7.)

Die werk van Christus in die reiniging van die melaatse van sy vreeslike siekte, is 'n illustrasie van Sy werk om die siel te reinig van die sonde. Die man wat na Jesus gekom het, was "vol van melaatsheid." Die siekte was deur sy hele liggaam. Die dissipels het hulle Meester probeer belet om hom aan te raak, want iemand wat 'n melaatse aangeraak het, het self onrein geword. Maar deur Sy hand [263]
op die melaatse te lê, is Jesus nie besoedel nie. Sy aanraking het lewe- gewende krag gegee. Die melaatsheid is gereinig. So is dit ook met die melaatsheid van die sonde; dit is diepgewortel, dodelik, en kan nie deur menslike krag gereinig word nie. "Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe. Jes. 1: 5, 6. Maar Jesus, alhoewel Hy in menslike vlees gewoon het, is nie besoedel nie. Sy teenwoordigheid het helende krag vir die sondaar. Wie gewillig is om aan Sy voete te val en in geloof te se, "Here as U wil, kan U my reinig," sal die antwoord ontvang, "Ek wil;word gereinig!" Matt. 8: 2, 3.

In sommige gevalle van genesing het Jesus nie sommer dadelik die versoek toegestaan nie. Maar in die geval van die melaatsheid is

die smeekbede verhoor sodra dit geuiter is. Wanneer ons om aardse seëninge bid, mag die antwoord op ons gebed vertraag word, of God mag ons iets anders gee as waarvoor ons gevra het, maar dit is me die geval wanneer ons bid om verlossing van die sonde nie. Dit is Sy wil om ons van die sonde te reinig, om ons Sy kinders te maak, en ons in staat te stel om 'n heilige lewe te lei. Christus "wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wereld, volgens die wil van onse God en Vader." Gal. 1:4. En "dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom vra." 1 Joh. 5: 14, 15. "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Joh. 1:9.

In die genesing van die lam man te Kapernaum, het Christus weer dieselfde waarheid geleer. Die wonderwerk is verrig om Sy vermoë om sonde te vergewe, te openbaar. En die genesing van die lamme illustreer ook ander kosbare waarhede. Dit is vol hoop en bemoediging, en betrag in verband met die haarklowery van die Fariseërs,bevat dit ook 'n waarskuwing.

Net soos die melaatse het die lam man ook alle hoop op herste verloor. Sy siekte was die gevolg van 'n lewe van sonde, en sy lyding [264] is verbitter deur selfverwyt. Lank tevore het hy hom reeds gewend tot die Fariseërs en doktore, hopende om van hulle verligting te kry van sy sielswroeging en liggaamlike pyn. Maar op kille wyse het hulle gesê dat hy ongeneeslik is, en hulle het hom oorgelaat aan die wraak van God. Die Fariseërs het sulke teistering beskou as bewys van goddelike misnoeë, en hulle het weggebly van die siekes en behoef tiges. Maar baiemaal was juis hierdie mense wat hulleself verhef het as heilig, meer skuldig as die lyers wat hulle veroordeel het.

Die lam man was heeltemal hulpeloos, en omdat hy nêrens uitkoms gesien het nie, het hy wanhopig geword. Toe het hy gehoor van die wonderwerke van Jesus. Daar is aan hom vertel dat ander net so sondig en hulpeloos soos hy, genees is; dat selfs melaatses gereinig is. En die vriende wat hierdie dinge aan hom vertel het, het hom aangemoedig om te glo dat ook hy genees kon word as hy na Jesus gebring word. Maar sy hoop het hom begewe toe hy gedink

het aan hoe die siekte op hom gebring is. Hy het gevrees dat die reine Heelmeester hom nie in Sy teenwoordigheid sou gedoog nie.

Dit was nie soseer liggaamlike genesing wat hy begeer het as verlossing van die las van die sonde nie. As hy Jesus maar kon sien, en verseker kon word van die vergifnis en vrede van die Hemel, sou hy tevrede wees om te lewe of te sterf volgens Gods wil. Die smeekbede van die sterwende man was, O dat ek in Sy teenwoordigheid mag kom! Daar moes nie versuim word nie, want sy vervalle vlees het reeds tekens van verrotting getoon. Hy het sy vriende gevra om hom met sy bed te dra na Jesus, en dit het hulle vriendelik onderneem om te doen. Maar daar was so ’n menigte in en om die huis waar die Heiland was, dat dit onmoontlik vir die siek man en sy vriende was om Hom te bereik, of selfs so naby te kom dat hulle Sy stem kon hoor.

Jesus het geleer in die huis van Petrus. Volgens gewoonte het Sy dissipels dig om Hom gesit, en ook “Fariseërs en wetgeleerdes wat gekom het uit elke dorp van Galilea en Judea en uit Jerusalem, het daar gesit.” Hulle het gekom as spioene om iets te kry waarvan hulle Jesus kon beskuldig. En dan was daar nog die bonte mengelmoes waaronder eerlikes, eerbiediges, nuuskieriges, en ongelowiges was. Verskillende nasionaliteite, en alle Stande uit die samelewing, was daar verteenwoordig. “En daar was krag van die Here om hulle gesond te maak.” Die Gees van die lewe het gesweef oor die vergadering, maar die Fariseërs en doktore het dit nie gemerk nie. Hulle het geen behoefte gevoel, en die genesing was nie vir hulle nie. [265]
“Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur.” Lukas 1:53.

Herhaaldelik het die draers van die verlamde man probeer om hulle weg deur die skare te baan, maar tevergeefs. Die siek man het in die grootste angs rondgekyk. Hoe kon hy nou hoop opgee wanneer die hulp waarna hy so verlang het, so naby was? Op sy voorstel het sy vriende hom na die dak van die huis geneem waar hulle ’n gat gemaak, en hom laat afsak het aan die voete van Jesus. Die preek is onderbreek. Die Heiland het die treurige gelaat aanskou; Hy het die smekende oë op Hom gevestig gesien. Hy het die geval verstaan; Hy het daardie verbysterde en twyfelmoedige gees na Hom toe getrek. Terwyl die verlamde nog by sy huis was, het die Heiland hom tot oortuiging gebring. Toe hy berou oor sy sonde gehad het,

en in die krag van Jesus geglo het om gesond te maak, toe al het die lewe- gewende genade van die Heiland sy verlangende hart geseën. Jesus het gesien hoedat die eerste vlammetjie van geloof gegroei het tot ’n geloof dat Hy die sondaar se enigste Helper was; Hy het gesien hoedat daardie geloof sterker word met elke poging om in Sy teenwoordigheid te kom.

‚Nou, in woorde wat soos musiek in die lyer se ore geklink het, het die Heiland gesê, “Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe.”

Die wanhoop het uit die siek man se siel gewyk; die vrede van vergifnis het sy gees gekalmeer, en gestraal op sy gelaat. Sy liggaamlike pyn was weg, en sy hele wese is verander. Die hulpelose verlamde is genees! die skuldige sondaar is vergewe!

In kinderlike geloof het hy die woorde van Jesus aangeneem as die seën van ’n nuwe lewe. Hy het niks verder gevra nie, maar salig doodstil gelê, te gelukkig vir woorde. Sy gesig het gestraal met ’n hemelse lig, en die mense het die toneel eerbiedig aanskou.

Die rabbi’s het gespanne gewag om te sien wat Christus met die geval sou doen. Hulle het hulle herinner hoe die man hulle gesmeek het om hulp, en dat hulle hom geen hoop gegee, of simpatie betoon het nie. En nie tevrede daarmee nie, het hulle verklaar dat hy deur die vloek van God getref is weens sy sondes. Oor al hierdie dinge het hulle gedink toe hulle die siek man voor hulle gesien het. Hulle het die belangstelling gemerk waarmee almal die toneel gadegeslaan het, en hulle was doodbang dat hulle hulle invloed oor die mense
[266] sou verloor.

Hierdie waardigheidsbekleërs het geen woorde met mekaar gewissel nie, maar hulle het dieselfde gedagtes in mekaar se aangesigte gelees, naamlik dat iets gedoen moes word om die vloedgolf van gevoelens te keer. Jesus het verklaar dat die sondes van die verlamde vergewe is. Die Fariseërs het toegeslaan op hierdie woorde as godslastering, en het die gedagte gekry dat hulle dit kon voorstel as n sonde wat die doodstraf verdien. Hulle het in hulle harte gesê, “Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?” Markus 2:7.

Terwyl Hy Sy oë op hulle gevestig het —hulle het teruggedeins onder Sy aanblik — het Jesus gesê, “Waarom bedink julle siegte dinge in julle harte? Want wat is makliker, om te sê: Die sondes is

jou vergewe! of om te sê: Staan op en loop? Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe — sê Hy vir die verlamde man: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe."

Toe het hy wat op 'n draagbaar na Jesus gedra is, op sy voete gestaan met die veerkragtigheid van die jeug. Die lewensbloed het gebruis deur sy are. Elke orgaan in sy liggaam was skielik aktief. Die doodskleur is vervang met 'n lewensgloed. "En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: So iets het ons nog nooit gesien nie."

O die wonderbare liefde van Jesus wat neerbuig om die skuldiges en siekes te genees! Die Godheid bedroef oor die eilende en lyding van die mensheid! O die wonderbare krag wat geopenbaar is vir die mensekinders! Wie kan nog twyfel aan die boodskap van verlossing? Wie kan nog die genade van n barmhartige Verlosser versmaai?

Dit het niks minder as skeppingskrag gekos om daardie verrottende liggaam in gesondheid te herstel nie. Dieselfde stem wat die lewe gespreek het toe die mens gemaak is uit die stof van die aarde, het die woorde van die lewe gespreek tot die sterwende verlamde. En dieselfde krag wat lewe aan die liggaam gegee het, het ook die hart vernuwe. Hy wat by die skepping gespreek het "en dit was, en gebied het," "en dit staan" (Ps. 33: 9), het lewe tot die siel gespreek wat dood was in oortreding en sonde. Die genesing van die liggaam [267]
was die bewys van die krag wat die hart vernuwe het. Christus het die verlamde gebied om op te staan en te loop sodat julle kan weet, het Hy gesê, "dat die Seun van die mens mag het om op die aarde sondes te vergewe."

Die verlamde het in Christus genesing vir beide siel en liggaam gevind. Die geestelike genesing is gevolg deur die liggaamlike gesondmaking. Ons moenie hierdie les oor die hoof sien nie. Daar is vandag duisende wat aan liggaamlike ongesteldheid ly, en wat, soos die verlamde, verlang na die boodskap, "Jou sondes is vergewe. Die las van die sonde met sy onrus en onversadigde verlangens, is die fondament van baie siektes. Hulle kan geen verligting kry totdat hulle na die Heelmeester van die siel gekom het nie. Die vrede wat Hy alleen kan gee, sal lewenskrag in die siel en gesondheid tot liggaam bring."

Jesus het gekom om “die werke van die duiwel te verbreek.’ “In Hom was lewe,” en Hy het gesê, “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.” Hy is “’n lewendmakende Gees.” 1 Joh. 3: 8; Joh. 1:4; 10: 10; 1 Kor. 15: 45. Hy is vandag nog dieselfde lewe- gewende mag as toe Hy op aarde die siekes gesondgemaak en son- daars vergewe het. Dit is Hy wat “al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees.” Ps. 103: 3.

Die uitwerking op die mense tydens die genesing van die verlamde was asof die hemel oopgegaan en die heerlikhede van n beter wêreld geopenbaar is. Toe die man wat genees is, al lowende deur die skare gegaan het met sy las so lig asof dit ’n veer was, het die mense teruggestaan om vir hom pad te maak, verskrik het hulle hom aan- gestaar en onder mekaar gefluister, “So iets het ons nog nooit gesien nie!”

Die Fariseërs was stom van verbasing en verslae deur die nederlaag. Hulle het besef dat dit hier geen geleentheid was vir jaloesie om die skare kwaad te maak nie. Die wonder wat geskied het in die man wat hulle oorgegee het aan die wraak van God, het so n indruk op die mense gemaak dat hulle vir n tyd die rabbi s heeltemal vergeet het. Hulle het gesien dat Christus krag het wat hulle uitsluitlik aan God toegeken het; en nogtans het Sy beskeie waardigheid so afgesteek by
[268] hulle eie trotse houding. Hulle was ontsteld en skaam, en he besef, hoewel hulle dit nie erken het nie, dat hulle in die teenwoordigheid was van ’n hoër wese. Hoe sterker die getuienis was dat Jesus mag gehad het om sondes te vergewe, hoe meer het hulle hulle verhard in ongeloof. Van die huis van Petrus, waar die verlamde deur Sy woord herstel is, het hulle weggegaan om nuwe planne uit te dink om die Seun van God stil te maak.

Fisiese siekte, hoe kwaadaardig en diepgewortel dit ook mag wees, is genees deur die krag van Christus; maar die siekte van die siel het sy greep nog vaster geslaan op diegene wat hulle oë gesluit het vir die lig. Melaatsheid en verlamming was nie so vreeslik as bekrompenheid en ongeloof nie.

In die huis van die geneesde verlamde was daar groot blydskap toe hy na sy gesin teruggekom het, en self die bed dra waarop hy met moeite gedra is so ’n kort rukkie tevore. Hulle het om hom gestaan met trane van vreugde, en kon skaars hulle eie oë glo. Hy het voor hulle gestaan in sy volle mannekrag. Die arms wat eers so lewenloos

was, kon hy nou maklik gebruik. Sy verrimpelde vel wat so bleek was, was nou helder en rooi. Hy het met ferme tred gestap. Vreugde en hoop het uit sy hele gelaat gestraal; en 'n uitdrukking van reinheid en vrede het die merktekens van sonde en lyding uitgewis. Daar is danksegging gehoor in daardie huis, en God is verheerlik deur Sy Seun, wat hoop aan die hopelose, en krag aan die sieke gegee het. Hierdie man en sy gesin was gereed om hulle lewe te gee vir Jesus. Geen twyfel het hulle geloof verdof nie, en geen ongeloof het hulle getrouheid aan Hom verswak wat weer lig in hulle verdonkerde huis gebring het nie. [269]

# Levi-Mattheus

VAN al die Romeinse beamptes in Palestina was niemand meer gehaat as die tollenaars nie. Die feit dat die belastings deur 'n vreemde mag gehef is, was 'n gedurige ergernis vir die Jode, want dit het hulle altyd daaraan herinner dat hulle nie meer onafhanklik was nie. Die tollenaars was nie alleen die werktuie van die Romeinse verdrukkers nie; hulle was afpersers vir hulle eie voordeel, en het hulleself verryk ten koste van die volk. 'n Jood wat hom hierdie werk laat welgeval het, is as verraaier van die eer van sy volk beskou. Hy is verag as 'n afvallige, en is gereken onder die skuim van die samelewing.

Levi-Mattheus het aan hierdie klas behoort, en ná die vier dissipels wat by Genesaret geroep is, was hy die volgende een wat Christus tot Sy diens geroep het. Die Fariseërs het Mattheus geoordeel volgens sy werk, maar Jesus het in hierdie man iemand gesien met 'n hart oop vir die ontvangs van die waarheid. Mattheus het die Heiland se leer gehoor. Namate die Gees van God sy sondigheid geopenbaar het, wou hy graag hulp gaan soek by Christus, maar hy
[270] het geweet hoe ongenaakbaar die rabbi's was, en hy het nooit gedink dat hierdie Groot Leraar hom sou opmerk nie.

Terwyl hy eendag by sy tafel gesit het, het die tollenaar Jesus sien aankom. Groot was sy verbasing toe hy aangespreek is met die woorde, "Volg My."

Mattheus "het alles verlaat en opgestaan en Hom gevolg." Hy het nie geaarsel of vrae gestel of gedink aan sy winsgewende werk wat hy nou sou verruil vir armoede en swaarkry nie. Dit was genoeg vir hom dat hy by Jesus sou wees om Sy woorde te hoor en saam met Hom te werk.

So was dit ook met die dissipels wat voorheen geroep is. Toe Jesus Petrus en sy metgeselle gevra het om Hom te volg, het hulle dadelik hulle bote en nette verlaat. Sommige van hierdie manne het vriende gehad wat van hulle afhanklik was vir onderhoud; maar toe hulle die Here se uitnodiging ontvang het, het hulle nie geweifel en

gevra, Hoe sal ek 'n bestaan maak en my gesin onderhou nie? Hulle was die roeping gehoorsaam; en toe Jesus hulle later gevra het, "Toe Ek julle uitgestuur het sonder beurs en knapsak en skoene, het julle iets kort gekom?" was hulle antwoord, "Niks nie." Lukas 22: 35.

Tot Mattheus in sy rykdom, en tot Andreas en Petrus in hulle armoede, het dieselfde toets gekom; almal het dieselfde toewyding gemaak. Op die oomblik van sukses, toe die nette vol vis en die drifte van die ou lewe die sterkste was, het Jesus die dissipels by die see gevra om alles te laat staan vir die werk van die evangelie. So word elke siel getoets om te sien of sy begeerte vir stoflike voordeel of vir gemeenskap met Christus die sterkste is.

Beginsel is altyd veeleisend. Geen mens kan slaag in die werk van God tensy sy hele hart in die werk is en hy alle dinge skade ag vir die uitnemendheid van die kennis van Christus nie. Geen mens wat iets terughou, kan 'n dissipel van Christus wees nie, en nog minder kan hy Sy medewerker wees. Wanneer mense die groot verlossing waardeer, sal die selfopoffering wat in Christus se lewe gesien is ook in hulle lewe gesien word. Waar Hy ook al lei, sal hulle volg.

Die roeping van Mattheus as een van Christus se dissipels het groot verontwaardiging veroorsaak. Vir 'n geestelike leraar om n tollenaar te roep as een van sy helpers was 'n misdaad teen die godsdienstige, maatskaplike, en nasionale gebruike. Deur die vooroordeel van die mense uit te buit, het die Fariseërs gehoop om die openbare [271]
mening teen Jesus op te wek.

Daar is groot belangstelling onder die tollenaars opgewek. Hulle harte is getrek tot die goddelike Leraar. In die vreugde van sy nuwe dissipelskap het Mattheus verlang om sy vorige ampsgenote tot Jesus te bring. Om daardie rede het hy 'n groot fees by sy eie huis gereël waarheen hy sy bloedverwante en vriende uitgenooi het. Nie alleen was daar tollenaars nie, maar ook baie ander van twyfelagtige reputasie-mense wat nie gereken is deur hulle preutse bure nie.

Die onthaal is gegee ter ere van Jesus, en Hy het nie geaarsel om die vriendskap aan te neem nie. Hy het goed geweet dat dit aanstoot sou gee aan die party van die Fariseërs, en dat dit Hom sou kom- promiteer in die oë van die volk. Maar Hy het nie toegelaat dat kwessies van beleid Sy handelwyse beïnvloed nie. By Hom het

uiterlike verskille geen gewig gehad nie. Wat by Hom die swaarste geweeg het, was 'n siel wat gedors het na die water van die lewe.

Jesus was 'n geëerde gas aan die tafels van die tollenaars; deur Sy simpatie en sosiale goedgesindheid het Hy getoon dat Hy die
[272] waardig- heid van die mens erken het; en mense het verlang om Sy vertroue werd te wees. Vir hulle dorstige harte het Sy woorde lewegewende krag gehad. Nuwe drange is wakkergemaak, en daar was die moont- likheid van 'n nuwe lewe vir hierdie uitwerpsels van die samelewing.

By sulke byeenkomste was daar baie wat onder die indruk gekom het van die Heiland se woorde, maar wat Hom eers ná Sy hemelvaart erken het. Toe die Heilige Gees uitgestort is, en drieduisend in een dag tot bekering gekom het, was daar baie onder hulle wat die waarheid aan die tafel van die tollenaars die eerste maal gehoor het, en sommige van hierdie mense het evangeliedienaars geword. Vir Mattheus self was die voorbeeld van Jesus by daardie feesmaal 'n gedurige les. Die veragte tollenaar het een van die mees toegewyde evangeliste geword wat in sy eie prediking nougeset in sy Meester se voetstappe gevolg het.

Toe die rabbi's hoor van Jesus se teenwoordigheid by Mattheus se feesmaal, het hulle gebruik gemaak van die geleentheid om Hom te beskuldig. Maar hulle het verkies om deur Sy dissipels te werk. Deur hulle vooroordeel op te wek het hulle gehoop om hulle van hulle Meester te vervreem. Dit was hulle beleid om Jesus by die dissipels aan te kla, en die dissipels by Christus, en hulle het hulle pyle gemik waar hulle die seerste sou maak. Dit is die manier waarop die Satan gewerk het sedert die tyd van sy ontevredenheid in die hemel, en almal wat op hierdie wyse onmin en vervreemding wil veroorsaak, is besiel met sy gees.

"Waarom eet julle Meester saam met tollenaars en sondaars?" het die afgunstige rabbi's gevra.

Jesus het nie op Sy dissipels gewag om die beskuldiging te be- antwoord nie, maar self het Hy geantwoord: "Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering." Die Fariseërs het daarop aanspraak gemaak dat hulle geestelik gesond was en dus die geneesheer nie nodig het nie, terwyl

hulle die tollenaars en heidene beskou het as sterwende aan die siektes van die siel. Was dit dan nie Sy werk, as ’n geneesheer, om juis na daardie klas te gaan wat Sy hulp nodig gehad het nie? [273]

Maar alhoewel die Fariseërs so ’n hoë dunk van hulleself gehad het, was hulle in werklikheid in ’n hagliker toestand as diegene wat hulle verag het. Die tollenaars was minder bekrompe en eiegeregtig, en daarom was hulle meer vatbaar vir die waarheid. Jesus het aan die rabbi’s gesê, “Gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie.” Hy het dus getoon dat terwyl hulle gesê het dat hulle die Woord van God geleer het, was hulle heeltemal onkundig aangaande die gees daarvan.

Die Fariseërs is vir die tyd stilgemaak, maar dit het hulle net meer vasberade gemaak in hulle vyandskap. Vervolgens het hulle die dissipels van Johannes die Doper opgesoek en probeer om hulle teen die Heiland op te maak. Hierdie Fariseërs het nie die sending van die Doper aangeneem me. Hulle het met veragting gewys op sy lewe van onthouding, sy eenvoudige lewensgewoontes, sy growwe klere, en hulle het hom voorgestel as fanatiek. Omdat hy hulle huigelary veroordeel het, het hulle sy woorde weerstaan en probeer om die mense op te wek teen hom. Die Gees van God het gewerk in die harte van hierdie spotters en hulle oortuig van sonde; maar hulle het die raad van God verwerp en verklaar dat Johannes ’n duiwel gehad het.

Waar Jesus nou met die mense omgegaan het, etende en drinkende aan hulle tafels, het hulle Hom beskuldig dat Hy ’n vraat en wyn- suiper is. Die mense wat hierdie beskuldigings ingebring het, was juis die skuldiges. Net soos God verkeerd voorgestel, en deur die Satan met sy eie karaktertrekke beklee word, so word die boodskappers van die Here ook vals voorgestel deur bose mense.

Die Fariseërs wou nie in aanmerking neem dat Jesus saam met sondaars en tollenaars geëet het sodat Hy die lig van die hemel kon bring aan diegene wat in die duisternis gesit het nie. Hulle wou nie insien dat elke woord van die goddelike Leraar n lewende saadjie was wat sou ontkiem om vrugte voort te bring tot eer van God nie. Hulle het besluit om nie die lig aan te neem nie; en alhoewel hulle die sending van die Doper verwerp het, het hulle nou vriende gemaak met sy dissipels, hopende om hulle samewerking teen Jesus te verkry. Hulle het aangevoer dat Jesus die tradisies van die ou tyd

tot niet gemaak het; en hulle het die Doper se lewe van onthouding en vroomheid vergelyk met die van Jesus wat volgens hulle feesgevier
[274] het met tollenaars en sondaars.

Die dissipels van Johannes het destyds in groot droefheid verkeer. Dit was vóór hulle besoek aan Jesus met die boodskap van Johannes. Hulle geliefde leraar was in die tronk, en hulle het hulle dae treurende deurgebring. En Jesus het geen pogings aangewend om die vrylating van Johannes te verkry nie— dit het selfs gelyk of Hy afbreek gedoen het aan sy leer. As Johannes deur God gestuur was, waarom dan het Jesus en Sy dissipels 'n weg ingeslaan wat so heeltemal anders was?

Die dissipels van Johannes het nie 'n duidelike begrip gehad van Christus se werk nie; hulle het gedink dat die Fariseërs miskien grond gehad het vir hulle beskuldigings. Hulle het baie van die voorskrifte van die rabbi's nagekom, en het gehoop dat hulle geregverdig sou word deur die werke van die wet. Die Jode het vas beskou as 'n verdienstelike daad, en die nougesettes onder hulle het tweemaal per week gevas. Die Fariseërs en die dissipels van Johannes was besig om te vas toe laasgenoemdes na Jesus gekom het met die vraag, "Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar U dissipels vas nie?"

Baie sagmoedig het Jesus hulle geantwoord. Hy het nie probeer om hulle verkeerde opvatting van vas reg te help nie, maar Hy het hulle reg gehelp in verband met Sy eie sending. En Hy het dit gedoen deur dieselfde beeid as Johannes te gebruik toe hy van Jesus getuig het. Johannes het gesê, "Die een wat die bruid het, is die bruidegom; maar die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome." Joh. 3: 29. Die dissipels van Johannes kon nie help om te dink aan hierdie woorde van hulle leraar nie, daar Jesus die beeld verder gebruik het deur te sê, "Kan die bruilofsgaste dan treur solank as die bruidegom by hulle is?"

Die Vors van die hemel was by Sy volk. Die grootste gawe van God was aan die wêreld gegee. Daar was vreugde vir die armes; want Christus het gekom om hulle erfgename van Sy koninkryk te maak. Daar was vreugde vir die rykes; want Hy sou hulle leer hoe om die ewige rykdom te verkry. Daar was vreugde vir die onkundiges, want Hy sou hulle wys maak tot die saligheid. Daar was vreugde vir die geleerdes, want Hy sou groot verborgenhede aan hulle openbaar

— waarhede wat bedek was van die grondlegging van die wêreld af, sou aan mense geopenbaar word deur die Heiland se sending. [275]

Johannes die Doper het hom verbly in die aanskouing van die Heiland. Watter groot geleentheid vir blydskap het die dissipels gehad wat bevoorreg was om te wandel en te praat met die Majesteit van die hemel! Dit was nie nou n tyd vir hulle om te treur en te vas nie. Hulle moes hulle harte oopmaak om die lig van heerlikheid te ontvang, sodat hulle diegene kon verlig wat gesit het in die dal van die skaduwee van die dood.

Dit was 'n heerlike toneel wat Christus voor die gees geroep het, maar daaroor het 'n swart skaduwee geval wat Sy oog alleen gesien het. "Maar daar sal dae kom," het Hy gesê, "wanneer die bruidegom van hulle weggeneem word, en dan sal hulle vas." Waanneer hulle sien dat hulle Here verraai en gekruisig word, dan sal die dissipels treur en vas. In Sy laaste woorde aan hulle in die bo-vertrek, het Hy gesê, "'n Klein tydjie, en julle sal My nie sien nie; en weer 'n klein tydjie, en julle sal My sien. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle sal ween en rou bedryf, maar die wêreld sal bly wees. En julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydskap verander." Joh. 16: 19, 20.

Wanneer Hy uit die graf voortkom, sou hulle droefheid in vreugde verander word. Na Sy hemelvaart sou Hy persoonlik afwesig wees, maar deur die Trooster sou Hy nog by hulle wees, en hulle moes dan nie hulle tyd in droefheid deurbring nie. Maar die Satan wou hê dat hulle moes treur; hy wou hê dat hulle aan die wêreld die indruk moes gee dat hulle bedrieg ep teleurgestel is; maar in die geloof moes hulle na die heiligdom daarbo kyk waar Jesus vir hulle dien. Hulle moes hulle harte oopstel vir die Heilige Gees, Sy verteenwoordiger, en hulle verbly in die lig van Sy teenwoordigheid. Maar daar sou dae van versoeking en beproewing kom wanneer hulle in botsing sou kom met die owerhede van hierdie wêreld, en die leiers van die koninkryk van duisternis; wanneer Christus nie persoonlik by hulle kan wees, en hulle nie die Trooster kan sien nie, dan sou dit meer gepas vir hulle wees om te vas.

Die Fariseërs het gestreef om hulleself te verhef deur die stipte nakoming van vorms, terwyl hulle harte vervul was met twis en afguns. "Kyk," sê die Skrif, "om te twis en te kyf vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die

hoogte te laat hoor nie. Is dit die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie, en sak
[276] en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die Here welgevallig is?" Jes. 58: 4, 5.

Die ware vas is nie 'n blote vorm nie. Die Skrif beskryf die vas wat God verkies - "dat julle losmaak die goddelose bande, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek;" "en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig." Jes. 58: 6, 10. Hier het ons die voorstelling van die gees en karakter van die werk van Christus. Sy hele lewe was 'n lewe van opoffering van Homself vir die redding van die wêreld. Of Hy in die woestyn van versoeking gevas, of saam met tollenaars aangesit het aan Mattheus se tafel, Hy was altyd besig om Sy lewe te gee vir die redding van verlorenes. Die ware gees van toewyding word nie geopenbaar in nuttelose vas, die vernedering van die liggaam, en baie offers nie, maar dit word getoon in oorgawe aan gewillige diens vir God en mens.

Voortgaande met Sy antwoord aan die dissipels van Johannes, het Jesus 'n gelykenis gegee, en gesê: "Niemand sit 'n lap van 'n nuwe kleed op 'n ou kleed nie; anders skeur dit die nuwe ook, en die lap wat van die nuwe af kom, pas nie by die oue nie." Die boodskap van Johannes die Doper moes nie saam ingevleg word met tradisie en bygeloof nie. 'n Poging om die skynheiligheid van die Fariseërs saam te smelt met die toewyding van Johannes, sou die kloof tussen hulle net groter maak.

Die beginsels van Christus se leer kon ook nie verenig word met die Farisese vorms nie. Christus was nie daar om die bres toe te muur wat deur die leer van Johannes gemaak is nie. Hy sou die verskil tussen die oue en die nuwe nog duideliker laat uitstaan. Jesus het hierdie feit verder geïllustreer deur te sê, "Niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur, en dit sal uitloop, en die sakke sal vergaan." Die leerbottels wat gebruik is om die nuwe wyn te hou, het na 'n tyd droog en bros en waardeloos geword vir die doel. Met hierdie welbekende illustrasie het Jesus die toestand van die Joodse leiers voorgestel. Priesters en skrifgeleerdes en owerstes was in die groef van seremonies en tradisies. Hulle harte het vereng soos die uitgedroogde leer wynbottels waarmee Hy hulle vergelyk het. Solank hulle tevrede was met 'n wettiese godsdiens

was dit onmoontlik vir hulle om die bewaarders te wees van die lewende waarheid van die hemel. Hulle het gemeen dat hulle eiege- [277] regtigheid voldoende was, en hulle het nie 'n nuwe element in hulle godsdiens verlang nie. Die welbehae van God en mens het hulle nie aangeneem as iets buite hulleself nie. Hulle het dit verbind met hulle eie Verdienstes ten gevolge van hulle goeie werke. Die geloof wat deur liefde werk en die siel reinig, kon geen aanknopingspunt vind met die godsdiens van die Fariseërs wat bestaan het uit seremonies en gebooie van mense nie. 'n Poging om die leer van Jesus te verenig met die gevestigde godsdiens sou tevergeefs gewees het. Die lewende waarheid van God, soos die gistende wyn, sou die ou verrotte bottels van Farisese tradisie laat bars.

Die Fariseërs het gemeen dat hulle te volleerd was om behoefte te hê aan onderrig, te regverdig vir behoefte aan die saligheid, en te geëerd vir behoefte aan die eer wat van Christus kom. Die Heiland het Hom van hulle afgewend om ander te vind wat die boodskap van die hemel sou aanneem. In die ongeleerde vissers, die tollenaar op die mark, in die vrou van Samaria, die gewone mense wat graag na Hom geluister het, het Hy die nuwe bottels vir die nuwe wyn gevind. Die werktuie wat gebruik sal word in die evangeliewerk is die siele wat met blydskap die lig aanneem wat God aan hulle gee. Hulle is die werktuie wat 'n kennis van die waarheid aan die wêreld sal gee. As Sy volk deur die genade van Christus gewillig is om die nuwe bottels te wees, sal Hy hulle met nuwe wyn vul.

Alhoewel die leer van Christus as nuwe wyn voorgestel is, was dit nie 'n nuwe leer nie, maar 'n openbaring van wat van die begin af geleer is. Maar vir die Fariseërs het die waarheid van God sy oor- spronklike betekenis en skoonheid verloor. Vir hulle was die leer van Christus nuut in byna alle opsigte, en dit is nie herken en erken nie.

Jesus het gewys op die krag van valse leer om die begeerte vir die waarheid weg te neem. "Niemand wat ou wyn gedrink het," het Hy gesê, "wil dadelik nuwe hê nie; want hy sê: Die oue is beter." Al die waarheid wat aan die wêreld gegee is deur die patriarge en profete het met 'n nuwe heerlikheid geskyn in die mond van Christus. Maar die skrifgeleerdes en Fariseërs het geen begeerte gehad vir die heerlike nuwe wyn nie. Aleer hulle die ou tradisies, gewoontes en gebruike opgee, sou daar geen plek in hulle verstand of hart wees

[278] vir die leer van Christus nie. Hulle het vasgeklem aan dorre vorms, en hulle afgekeer van die lewende waarheid en die krag van God.

Dit was juis hierdie ding wat die ondergang van die Jode bewerk het, en dit sal ook die ondergang van baie siele in ons tyd bewerkstellig. Duisende begaan dieselfde fout as die Fariseërs wat Christus by Mattheus se feesmaal bestraf het. Liewer as om hulle eie idees op te gee of om 'n geliefkoosde opinie te versaak, is daar vele wat die waarheid verwerp wat kom van die Vader van die lig. Hulle vertrou op hulleself, steun op hulle eie wysheid, en besef nie hulle geestelike bankrotskap nie. Hulle wil op die een of ander manier gered word waar hulle self iets belangriks doen. Wanneer hulle sien dat daar geen manier is om die eie-ek ook in die werk in te vleg nie, verwerp hulle die saligheid wat voorsien is.

'n Wettiese godsdiens kan nooit siele tot Christus lei nie, want dit is 'n liefdelose godsdiens, sonder Christus. Vas en gebed wat vloei uit 'n eiegeregtige gees is afskuwelik in die oë van God. Die byeenkoms vir aanbidding, die reeks godsdienstige seremonies, die uiterlike vernedering, die groot offer wat gebring word — alles verkondig dat die dader van hierdie dinge homself beskou as regverdig en geregtig op die hemel; maar dit is alles bedrog. Ons kan nooit die saligheid met ons eie werke verdien nie.

Soos dit in die dae van Christus was, so is dit ook vandag; die Fariseërs ken nie hulle geestelike bankrotskap nie. Tot hulle kom die boodskap, "Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en nakend is nie. Ek raai jou om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie." Openb. 3: 17, 18. Geloof en liefde is die goud deur vuur gelouter. Maar in die geval van vele het die goud verdof, en die ryke skat het verlore gegaan. Die geregtigheid van Christus is 'n kleed wat hulle nie dra nie, 'n fontein waaruit hulle nie drink nie. Aan hulle word gesê, "Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie." Openb. 2:4, 5.

"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae
[279] hart sal U, o God, nie verag nie!" Ps. 51: 19. Die mens moet van die

eie-ek ontledig word voordat hy, in die volste sin, n gelowige in Jesus kan wees. Wanneer die eie-ek gekruisig is, dan kan die Here van hom 'n nuwe skepsel maak. Nuwe bottels kan die nuwe wyn hou. Die liefde van Christus sal die gelowige met 'n nuwe lewe besiel. In die een wat op die Leidsman en Voleinder van ons geloof sien, sal die karakter van Christus geopenbaar word. [280]

## Die Sabbat

DIE Sabbat is by die skepping geheilig. Dit is vir die mens verordineer "toe die moresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het." Job 38: 7. Vrede het oor die wêreld geheers, want die aarde was in harmonie met die hemel. "Toe sien God al wat Hy gemaak het en — dit was baie goed;" en Hy het gerus in die vreugde van Sy voltooide werk. Gen. 1: 31.

God het, omdat Hy op die Sabbat gerus het, "die sewende dag geseën en dit geheilig"— dit wil sê: Hy het dit afgesonder vir 'n heilige doel. Hy het dit aan Adam gegee as 'n rusdag. Dit was 'n gedenkteken van die skeppingswerk, en dus 'n teken van Gods krag en van Sy liefde. Die Skrif sê, "Hy het vir Sy wonders 'n gedagtenis gestig." "Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in Sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid." Gen. 2:3; Ps. 111: 4; Rom. 1: 20.

Alle dinge is deur die Seun van God geskape. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God. . . . Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." Joh. 1: 1-3. En aangesien die Sabbat 'n gedenkteken is van die
[281] skeppingswerk, is dit 'n teken van die liefde en krag van Christus.

Die Sabbat vestig ons gedagtes op die natuur, en bring ons in ge- meenskap met die Skepper. In die sang van die voëltjies, die gesug van die wind in die bome, en in die musiek van die see kan ons nog die stem hoor van Hom wat met Adam en Eva in Eden gepraat het "terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie." En waar ons Sy krag in die natuur sien, word ons vertroos, want die woord wat alle dinge geskape het, is ook die wat lewe tot die siel spreek. "Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus." Kor. 4: 6.

Dit was hierdie gedagte wat die lied geïnspireer het:

"Want U het my bly gemaak, Here, deur U dade;
Ek jubel oor die werke van U hande.
Hoe groot is U werke, o Here;
Baie diep is U gedagtes."

En die Heilige Gees sê deur die profeet Jesaja: "By wie wil julle dan God vergelyk? Of watter gelykenis naas Hom stel? . . . Weet julle nie? Hoor julle nie? Is dit julle nie van die begin af bekend gemaak nie? Het julle op die fondamente van die aarde nie gelet nie? Hy sit bo die kring van die aarde, en die bewoners daarvan is soos sprinkane; Hy span die hemele uit soos 'n dun doek en sprei dit uit soos 'n tent om in te woon. . . . By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uit- trek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is: daar word nie een gemis nie. Waarom sê jy dan, o Jakob, en spreek jy, o Israel: My weg is vir die Here verborge, en my reg gaan by my God verby? Weet jy dit nie? Of het jy dit nie gehoor nie? 'n Ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde; Hy word nie moeg of mat nie. ... Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen krag het nie." "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regterhand." "Wend julle tot My en laat julle red, [282]
alle eindes van die aarde! want Ek is God, en daar is geen ander nie." Dit is die boodskap wat in die natuur geskryf is, en wat die Sabbat in gedagtenis moet bring. Toe die Here Israel beveel om Sy Sabbatte te heilig, het Hy gesê: "Hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is." Jes. 40:18-29; 41:10; 45:22; Eseg. 20:20.

Die Sabbat is opgeneem in die wet wat op Sinai gegee is, maar dis nie toe vir die eerste maal bekendgemaak as 'n rusdag nie. Die volk van Israel was daarmee bekend vóór hulle by Sinai gekom het. Op weg daarheen is die Sabbat gevier. Toe sommige dit ontheilig het, het die Here hulle bestraf deur te sê, "Hoelank weier julle om My gebooie en My wette te onderhou?" Exod. 16: 28.

Die Sabbat is nie slegs aan Israel gegee nie, maar aan die hele wêreld. Dit is aan die mens in Eden bekendgemaak, en, soos die ander gebooie van die Dekaloog, is die verpligting daarvan ewigdurend. Van die wet waarvan die vierde gebod deel uitmaak, het Christus gesê, "Totdat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan" nie. Solank as die hemele en die aarde voortbestaan, sal die Sabbat blystaan as n teken van die Skepper se krag. Wanneer Eden weer op die aarde sal wees, sal Gods heilige rusdag deur almal onder die son geëerbiedig word. "Elke week op die Sabbat" sal die bewoners van die verheerlikte nuwe aarde "kom om te aanbid voor My aangesig, sê die Here." Matt. 5: 18; Jes 66: 23.

Geen ander instelling aan die Jode gegee, het hulle so volkome onderskei van die nasies rondom hulle soos die Sabbat nie. Dit was
[283] Gods doel dat die viering van die Sabbat hulle sou aanwys as diegene wat Hom aanbid het. Dit sou die teken wees van hulle verwydering van afgodediens, en van hulle verbintenis met die ware God. Maar om die Sabbat te kan heilig moet die mense self heilig wees. Deur die geloof moet hulle die geregtigheid van Christus deelagtig word. Toe die gebod aan Israel gegee is, "Dink aan die Sabbatdag, dat jy dit heilig," het die Here ook aan hulle gesê, "Julie moet vir My heilige mense wees." Exod. 20: 8; 22: 31. Alleen op hierdie wyse sou die Sabbat Israel onderskei as die aanbidders van God.

Namate die Jode van God afgedwaal en in gebreke gebly het om die geregtigheid van Christus deur die geloof aan te neem, het die Sabbat sy betekenis vir hulle verloor. Die Satan het gestreef om homself te verhef en die mense weg te trek van Christus, en hy het hom beywer om die Sabbat te verdraai omdat dit die teken is van die krag van Christus. Die Joodse leiers het die wil van die Satan gedoen deur Gods rusdag met moeilike vereistes te belemmer. In die dae van Christus was die Sabbat so verdraai dat die viering daarvan die karakter van selfsugtige, eiesinnige mense geopenbaar het liewer as die karakter van 'n liefdevolle hemelse Vader. Die rabbi's het God werklik voorgestel as iemand wat wette gegee het wat die mense onmoontlik kon gehoorsaam. Hulle het die mense gelei om God te beskou as n tiran, en om te dink dat die viering van die Sabbat soos Hy dit voorgeskryf het, mense hard en wreed gemaak het. Dit was die werk van Christus om hierdie verkeerde begrippe uit die weg

te ruim. Alhoewel die rabbi's Hom met ongenadige vyandigheid agtervolg het, het Hy nooit die skyn gegee dat Hy aan hulle vereistes voldoen het nie, maar Hy het voortgegaan om die Sabbat te hou volgens die wet van God.

Op die Sabbatdag, toe die Heiland en Sy dissipels van die plek van aanbidding gekom het, moes hulle deur 'n koringland gaan. Jesus het tot laat gewerk, en terwyl hulle deur die koringlande geloop het, het die dissipels van die are gepluk en in hulle hande uitgevryf sodat hulle die korrels kon eet. Op enige ander dag sou hierdie daad geen kommentaar uitgelok het nie, want iemand wat deur n graanland, tuin, of wingerd geloop het, was geregtig om te pluk wat hy wou eet. (Sien Deut. 23: 24, 25.) Maar om dit op die Sabbat te doen, is beskou as 'n daad van ontheiliging. Nie alleen was die pluk van die graan as 'n soort van oes beskou nie, maar om dit met die hande uit te vryf, is as dors beskou. Daar was dus, in die oordeel van die [284]
rabbi's, 'n dubbele oortreding gepleeg.

Dadelik het die spioene by Jesus gekla, "Kyk, U dissipels doen wat nie geoorloof is om op die Sabbat te doen nie."

Toe Hy te Betesda van Sabbatskending beskuldig is, het Jesus Homself verdedig deur te beklemtoon dat Hy die Seun van God is en dat Hy saam met Sy Vader gewerk het. Maar nou dat Sy dissipels beskuldig is, het Hy voorbeelde uit die Ou Testament aangehaal van dade wat op die Sabbat gedoen is deur diegene wat in die diens van God was.

Die Joodse leiers het gespog met hulle kennis van die Skrifte, en die antwoord wat die Heiland hulle gegee het, was 'n bestraffing van hulle onkunde aangaande die Heilige Skrif. "Het julle dan nie dit gelees," het Hy gevra, "wat Dawid gedoen het nie — toe hy honger gehad het, hy en die wat by hom was—hoe hy in die huis van God gegaan en die toonbrode geneem en geëet het, . . . wat hulle nie geoorloof was om te eet nie, maar net die priesters alleen?" "En Hy sê vir hulle: Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie." "Of het julle nie in die wet gelees dat die priesters op die Sabbat in die tempel die Sabbat ontheilig en onskuldig is nie? En Ek sê vir julle: Een wat groter is as die tempel, is hier. . . . Die Seun van die mens is Here ook van die Sabbat." Lukas 6: 3, 4; Markus 2: 27, 28; Matt. 12: 5, 6, 8.

As dit reg was vir Dawid om sy honger te stil deur die heilige toonbrode te eet, dan was dit ook reg vir die dissipels om van die are te pluk en te eet op die heilige ure van die Sabbat. En dan weer het die priester harder gewerk op die Sabbatdag as op enige ander dag. As dit gewone sekulêre werk was, sou sulke werk sonde gewees het; maar die priesters het die werk verrig in die diens van God. Hulle was besig met die rituaal wat gewys het op die verlossende krag van Christus, en hulle werk het nie die Sabbat geskend nie. Maar nou het Christus self gekom. Die dissipels, deur die werk van Christus te doen, was met Gods werk besig, en wat nodig was om daardie werk te doen, kon ook op die Sabbat gedoen word.

Christus wou Sy dissipels en Sy vyande leer dat die diens van God eerste kom. Die doel van Gods werk op die aarde is die verlos-
[285] sing van die mens; enigiets wat dus op die Sabbat gedoen moet word in verband met daardie werk, kan nie die wet van die Sabbat skend nie. Jesus het toe Sy argument beklink deur te verklaar dat Hy "Here ook van die Sabbat" is — Iemand wat heeltemal bokant die wet gestaan het. Hierdie ewige Regter het die dissipels vryge- spreek van blaam deur Hom te beroep op die wette wat hulle dan sou oortree het.

Jesus het nie die saak laat verbygaan sonder 'n bestraffing van Sy vyande nie. Hy het gesê dat hulle in hulle blindheid 'n verkeerde begrip van die doel van die Sabbat gehad het. Hy het gesê: "Maar as julle geweet het wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie, sou julle die onskuldiges nie veroordeel het nie." Matt. 12: 7. Hulle baie meedoënlose rites kon nie die gebrek aan opregtheid en tere liefde toesmeer wat altyd die opregte aanbidder van God sal kenmerk nie.

Weer het Christus die waarheid beklemtoon dat offerandes op sig- self geen waarde het nie. Hulle is die middel, maar nie die doel nie. Hulle doel is om die aandag van die mense op die Heiland te vestig en hulle aldus in ooreenstemming met God te bring. Dit is liefdesdiens wat God waardeer. As dit ontbreek, dan is 'n gewone reeks seremonies net 'n aanstoot vir Hom. So is dit ook met die Sabbat. Die doel daarvan is om die mens in gemeenskap met God te bring; maar wanneer die hart in beslag geneem is deur vermoeiende rites, word die doel van die Sabbat verydel. Die blote uiterlike viering daarvan is waardeloos.

Op ’n ander Sabbat, toe Jesus die sinagoge binnegaan, het Hy daar ’n man gesien met ’n verdorde hand. Die Fariseërs het Hom dop- gehou, gretig om te sien wat Hy sou doen. Die Heiland het goed geweet dat as Hy op die Sabbat sou genees, hulle Hom as ’n oortreder sou beskou, maar Hy het nie geaarsel om die muur van tradisionele bepalings wat die Sabbat belemmer het, af te breek nie. Jesus het die siek man beveel om op te staan, en toe het Hy gevra: “Is dit geoorloof om op die Sabbat goed of kwaad te doen, ’n siel te red of dood te maak?” Dit was ’n reël van die Jode dat dit sonde was om nie goed te doen as mens die geleentheid daartoe het nie; om na te laat om ’n lewe te red, was om ’n siel dood te maak. So het Jesus die rabbi’s met hulle eie wet getroef. “Maar hulle het stilgebly. En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het, en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle harte, sê Hy vir die man: [286] Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een.” Markus 3:4, 5.

Toe aan Hom gevra is: “Is dit geoorloof om op die Sabbat gesond te maak?” het Jesus geantwoord, “Watter mens van julle sal daar wees wat een skaap het, en as dit op die Sabbat in ’n sloot val, dit nie sal gryp en uithaal nie? Hoeveel meer is n mens dan nie werd as n skaap nie! So is dit dan geoorloof om op die Sabbat goed te doen.” Matt. 12: 10-12.

Die spioene het dit nie gewaag om Christus in die teenwoordigheid van die skare te antwoord nie, want hulle het gevrees dat hulle miskien in die moeilikheid kon kom. Hulle het geweet dat Hy die waarheid gepraat het. Liewer as om hulle tradisies te oortree, sou hulle n man laat ly terwyl hulle ’n dier sou red omdat dit ’n verlies vir die eienaar sou wees om hom te laat dood gaan. So was hulle dan meer besorg oor ’n stomme dier as oor ’n mens wat in die beeid van God geskape is. Hier het ons ’n illustrasie van hoe alle valse godsdienste werk. Hulle het hulle ontstaan in die mens se begeerte om homself te verhef bokant God, maar hulle uitwerking is om die mens te verlaag tot minder as ’n stomme dier. Elke godsdiens wat in stryd is met die soewereiniteit van God, beroof die mens van die heerlikheid wat syne was by die skepping, en wat weer herstel sal word in Christus. Elke valse godsdiens leer sy volgelinge om nalatig te wees wat betref menslike behoeftes, lyding, en regte. Die evangelie skat die mens baie hoog, gekoop deur die bloed van

Christus, en dit leer dat ons moet sorg vir die mens in sy behoeftes en eilende. Die Here sê, “Ek sal sterwelinge skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir.” Jes. 13: 12.

Toe Jesus die vraag aan die Fariseërs gestel het of dit geoorloof is om goed of kwaad te doen op die Sabbat, om ’n siel te red of dood te maak, het Hy hulle te staan gebring voor hulle eie bose be- doelings. Hulle was besig om op Hom jag te maak met ’n bittere haat, terwyl Hy besig was om die lewens van ander te red en blydskap te bring aan die skare. Was dit beter om dood te maak op die Sabbat, soos hulle wou doen, as om die sieke te genees soos Hy nou gedoen het? Was dit meer regverdig om moord in hulle hart te bedink op Gods heilige dag as om alle mense lief te hê, soos bewys word deur dade
[287] van barmhartigheid?

In die genesing van die verdorde hand, het Jesus die gebruik van die Jode veroordeel, en Hy het die vierde gebod laat staan soos God dit gegee het. “So is dit dan op die Sabbat geoorloof om goed te doen,” het Hy gesê. Deur die onsinnige bepalings van die Jode weg te veeg, het Christus die Sabbat vereer, terwyl diegene wat Hom beskuldig het, in werklikheid Gods heilige dag onteer het.

Diegene wat beweer dat Christus die wet afgeskaf het, leer dat Christus die Sabbat verontheilig en Sy dissipels geregverdig het waar hulle dit ook gedoen het. Hulle neem dus feitelik dieselfde standpunt in as die vitterige Jode. Daardeur weerspreek hulle die getuienis van Christus self, toe Hy gesê het dat Hy die gebooie van Sy “Vader bewaar en in Sy liefde bly.” Joh. 15: 10. Nòg die Heiland nòg Sy navolgers het die wet van die Sabbat oortree. Christus was ’n lewende verteenwoordiger van die wet. Nooit eenmaal het Hy die heilige voorskrifte daarvan in Sy lewe oortree nie. Die volk wat gedurig gesoek het na iets waarvoor hulle Hom kon veroordeel, het Hy uit- gedaag met die woorde, “Wie van julle oortuig My van sonde?” Joh. 8: 46.

Die Heiland het nie gekom om tot niet te maak wat die patriarge en profete gespreek het nie; want dit was Hy self wat deur hierdie manne gespreek het. Al die waarhede van Gods Woord het van Hom gekom. Maar hierdie kostelike kleinode is vals voorgestel. Hulle kosbare lig is gebruik om dwaalleer te bevorder. God wou hê dat hulle uit daardie valse rame geneem, en in die raam van die waarheid geplaas moes word. Hierdie werk kon alleen deur ’n goddelike hand

gedoen word. Deur sy verbintenis met dwaalleer het die waarheid die saak van die vyand van God en mens gedien. Christus het gekom om dit te stel waar dit God sou verheerlik en die verlossing van die mens sou bewerkstellig.

"Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie," het Jesus gesê. Die instellings van God is vir die voordeel van die mensheid. "Dit is alles om julle ontwil." "Of dit Paulus is, of Apollos of Sefas of die wêreld of lewe of dood of teenwoordige of toekomstige dinge — alles behoort aan julle; maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God." 2 Kor. 4: 15; 1 Kor. 3: 22, 23. Die wet van Tien Gebooie, waarvan die Sabbat 'n deel uitmaak, het God aan Sy volk gegee om 'n seën te wees. "Die Here het ons beveel," het Moses gesê, "om al hierdie insettinge te volbring om die Here onse [288] God te vrees, dat dit met ons altyd goed gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is." Deut. 6: 24. En deur die psalmis is die volgende boodskap aan Israel gegee: "Dien die Here met blydskap; kom voor Sy aangesig met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne, Sy volk en die skape van Sy weiding. Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang." Ps. 100: 2-4. En van almal "wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie," sê die Here, "Hulle sal Ek bring na My heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in My huis van gebed." Jes.56: 6, 7.

"Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat." Hierdie woorde is leersaam en vol vertroosting. Omdat die Sabbat vir die mens gemaak is, is dit die dag van die Here. Dit behoort aan Christus. Want "alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." Joh. 1:3. As Hy alle dinge gemaak het, het Hy ook die Sabbat gemaak. Deur Hom is dit geheilig as gedenkteken van die Skepping. Dit verwys na Hom as beide Skepper en Heiligmaker. Dit verklaar dat Hy wat alle dinge gemaak het in die hemel en op die aarde, en wat alle dinge in stand hou, die hoof van die kerk is, en dat ons deur Sy krag met God versoen is. Want, van Israel sprekende, het Hy gesê, "Daarby het Ek ook My Sabbatte aan hulle gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig,"—hulle heilig maak. Eseg. 20: 12. Die Sabbat is die teken van Christus se krag om ons heilig te maak. En dit is gegee aan almal wat Christus heilig maak. As teken van Sy heiligmakende krag is die

Sabbat gegee aan almal wat deur Christus deel word van die Israel van God.

En die Here sê, “As jy jou voet terughou van die Sabbat — om nie jou besigheid op My heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat ’n verlustiging noem en die heilige dag van die Here eerwaardig, ... dan sal jy jou verlustig in die Here.” Jes. 58: 13, 14. Vir almal wat die Sabbat aanneem as ’n teken van Christus se skeppingskrag en Sy verlossing, sal dit ’n verlustiging wees. Deur Christus daarin te sien, sal hulle hulleself in Hom verlustig. Die Sabbat verwys na Sy skeppingswerk as bewys van Sy groot verlossingskrag. Terwyl dit herinner aan die verlore vrede van Eden, spreek dit van herstelde vrede in Christus. En elke voorwerp in die natuur herhaal Sy uitnodiging, “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal
[289] julle rus gee.” Matt. 11: 28.

# “Hy het Twaalf Aan gestel”

EN Hy het op die berg geklim en na Hom geroep die wat Hy wou hê, en hulle het na Hom gekom. En Hy het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon uitstuur om te preek.”

Dit was onder die skaduryke bome teen die berghelling, n endjie van die See van Galilea af, dat die twaalf geroep is tot die apostelskap, en daar is die Bergpredikasie gelewer. Die veld en die berge was geliefkoosde plekke waarheen Jesus gegaan het, en n groot deel van Sy prediking het in die opelug geskied liewer as in die tempel en die sinagoges. Geen sinagoge sou groot genoeg gewees het om die skares op te neem wat Hom gevolg het nie; maar dit was nie om hierdie rede alleen dat Hy graag in die veld en onder die bome geleer het nie. Jesus was lief vir natuurtonele. Vir Hom was elke stil plekkie n heilige tempel.

Dit was onder die bome van Eden waar die eerste aardbewoners hulle eerste heiligdom gehad het. Daar het Christus gemeenskap gehou met die vader van die menslike geslag. Toe hulle uit die Paradys verban is, het ons eerste ouers nog in die veld, en onder die [290]
bome aanbid, en daar het Christus hulle ontmoet met die evangelie van Sy genade.

Dit was Christus wat met Abraham gepraat het onder die eike van Mamre; met Isak toe hy in die aand gaan bid het in die veld; met Jakob by Betel; met Moses in die berge van Midian; en met die jong seun Dawid agter sy skape. Dit was onder die leiding van Christus, vyftien eeue later, dat die Hebreeuse volk eenmaal per jaar hulle wonings verlaat het en in hutte van groen takke gewoon het, “van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers.” Lev. 23: 40.

In die opleiding van Sy dissipels, het Jesus verkies om Hom te onttrek uit die rumoer van die stede, en te gaan na die vreedsame velde en berge — plekke wat sou pas by die lesse van selfverloëning wat Hy hulle graag wou leer. En gedurende Sy bediening het Hy

graag die mense rondom Hom laat vergader onder die bloue hemel, teen die een of ander groen berghelling, of op die strand langs die meer. Daar, omring van Sy eie skeppingswerke, kon Hy die gedagtes van Sy hoorders aftrek van die kunsmatige en vestig op die natuurlike. In die groei en ontwikkeling van die natuur is die beginsels van Sy koninkryk geopenbaar. Waar mense hulle oë ophef na die berge van God en die wonderwerke van Sy hande sien, leer hulle kosbare lesse van goddelike waarheid. Christus se leer sou vir hulle herhaal word in die dinge van die natuur. So sal dit wees met almal wat na die velde gaan met Christus in hulle hart. Hulle sal voel dat hulle omring is van 'n heilige invloed. Die dinge van die natuur neem die gelyke- nisse van die Here op en herhaal Sy raadgewings. Deur gemeenskap met God in die natuur, word die gemoed verhef en vind die hart rus.

Die eerste stap sou nou gedoen word in die organisering van die kerk wat ná Christus se hemelvaart sy verteenwoordiger op die aarde sou wees. Halle het geen duur tempel gehad nie, maar die Heiland het Sy dissipels gelei na die plekkie wat Hy liefgehad het, en die heilige ondervinding van daardie dag sou vir altyd verbonde bly aan die skoonheid van berg, vlakte, en see.

Jesus het Sy dissipels geroep sodat Hy hulle kon uitstuur as Sy getuies, om aan die wêreld te verkondig wat hulle van Hom gesien en gehoor het. Hulle is tot die belangrikste werk geroep waartoe mens ooit geroep kan word — alleen die werk van Christus self was van groter belang. Hulle moes medewerkers van God word
[291] vir die redding van die wêreld. Soos die twaalf patriarge in die Ou Testament staan as die verteenwoordigers van Israel, so sou die twaalf apostels staan as verteenwoordigers van die evangeliekerk.

Die Heiland het die karakter geken van die manne wat Hy gekies het; al hulle swakhede en foute was oop voor Hom; Hy het die gevare geken wat hulle sou moes trotseer, die verantwoordelikheid wat op hulle sou rus; en Sy hart het uitgegaan tot hierdie gekosenes. Alleen op 'n berg naby die see het Hy die hele nag vir hulle gebid terwyl hulle aan die voet van die berg geslaap het. Toe dit begin lig word, het Hy hulle na Hom toe geroep, want Hy het iets baie belangriks gehad om aan hulle mee te deel.

Vir 'n tyd reeds het hierdie dissipels aktief saam met Jesus gewerk. Johannes, Jakobus, Andreas en Petrus, met Filippus, Natanael,

en Mattheus was meer intiem met Hom verbind as die ander, en hulle het meer van Sy wonderwerke gesien. Petrus, Jakobus, en Johannes het nog nader aan Hom gestaan. Hulle was feitelik gedurig by Hom, en het Sy wonderwerke gesien en Sy woorde gehoor. Maar Johannes was nog nader aan Jesus as al die ander, sodat hy bekend was as die dissipel wat Jesus liefgehad het. Die Heiland het hulle almal liefgehad, maar Johannes het die mees ontvanklike gees gehad. Hy was jonger as die ander, en met die vertroue van 'n kind het hy sy hart aan Jesus geopen. Hy het dus meer simpatie met Christus gehad, en deur hom is die Heiland se diepste geestelike leer aan Sy volk meegedeel.

Aan die hoof van een van die groepe waarin die dissipels verdeel word, staan die naam van Filippus. Hy was die eerste dissipel aan wie Jesus regstreeks die bevel gegee het, "Volg My. Filippus was van Betsaida, die stad van Andreas en Petrus. Hy het die prediking van Johannes die Doper gehoor, en gehoor toe hy Christus as die Lam van God aangekondig het. Filippus was 'n opregte soeker na waarheid, maar hy was stadig om te glo. Alhoewel hy by Christus aan- gesluit het, blyk uit wat hy aan Natanael gesê het dat hy nie ten volle oortuig was van die godheid van Jesus nie. Hoewel Christus as die Seun van God deur die stem uit die hemel aangekondig is, was Hy vir Filippus "Jesus, die seun van Josef van Nasaret." Joh. 1:46. En weer, toe die vyfduisend gevoed is, is Filippus se ongeloof getoon. Dit was om hom te toets dat Jesus gevra het, "Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?" Filippus se antwoord het [292]
ongeloof getoon: "Brood vir tweehonderd pennings sal nie genoeg wees vir hulle, sodat elkeen van hulle 'n stukkie kan kry nie." Joh. 6: 5, 7. Jesus was teleurgestel. Alhoewel Filippus Sy werke gesien en Sy krag gevoel het, het hy nogtans nie geloof gehad nie. Toe die Grieke kom navraag doen het aangaande Jesus, het hy nie van die geleentheid gebruik gemaak om hulle aan die Heiland voor te stel nie, maar hy het met Andreas gaan praat. En weer, in die laaste ure voor die kruisiging, was die woorde van Filippus van 'n aard om geloof te ontmoedig. Toe Thomas aan Jesus gesê het, "Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?" het die Heiland geantwoord, "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. ... As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het." Van Filippus het die woorde van ongeloof gekom: "Here, toon ons

die Vader, en dit is vir ons genoeg." Joh. 14: 5-8. So stadig om te verstaan, so swak in die geloof, was daardie dissipel wat vir drie jaar by Jesus was.

In teenstelling met Filippus se ongeloof was die kinderlike vertroue van Natanael. Van nature was hy 'n baie ernstige man, iemand wie se geloof die onsigbare werklikhede aangeneem het. Nogtans was Filippus 'n leerling in die skool van Christus, en die goddelike Leraar was geduldig met sy ongeloof en stompheid. Toe die Heilige Gees op die dissipels uitgestort is, het Filippus 'n leraar na die goddelike patroon geword. Hy het geweet waarvan hy gepraat het, en hy het met 'n vertroue geleer wat sy hoorders oortuig het.

Terwyl Jesus die dissipels voorberei het vir hulle ordening, het iemand wat Hy nie geroep het nie, hom by hulle kom indring. Dit was Judas Iskariot, 'n man wat voorgegee het dat hy 'n navolger van Christus was. Hy het nou na vore gekom en 'n plek gesoek in die binneste kring van die dissipels. Met die grootste erns en skynbare opregtheid het hy gesê, "Meester, ek sal U volg waar U ook mag gaan." Jesus het hom nie geweier nie, maar ook nie verwelkom nie, maar het daardie treurige woorde geuiter: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie." Matt. 8: 19, 20. Judas het geglo dat Jesus die Messias was, en deur by die apostels aan te sluit, het hy gehoop om 'n hoë posisie in die nuwe koninkryk te kry. Jesus
[293] wou hom ontnugter deur hierdie verklaring van Sy armoede.

Die dissipels wou graag hê dat Judas een van hulle moes word. Hy het 'n goeie voorkoms gehad, 'n man van insig en bekwaamheid, en hulle het hom by Jesus aanbeveel as iemand wat van groot hulp vir Hom sal wees in Sy werk. Hulle was verbaas dat Jesus hom so koel ontvang het.

Die dissipels was teleurgestel dat Jesus nie probeer het om die medewerking van die leiers van Israel te verkry nie. Hulle het gevoel dat dit 'n fout was dat Hy nie Sy saak versterk het deur die steun van daardie invloedryke manne te verkry nie. As Hy Judas botweg sou geweier het, sou hulle in hulle harte getwyfel het aan die wysheid van hulle Meester. Die latere geskiedenis van Judas sou aan hulle die gevaar openbaar om toe te laat dat wêreldse beweegredes hulle beïnvloed in die keuse van geskikte manne vir die werk van God. Die

medewerking van die soort manne wat die dissipels graag wou hê, sou die werk verraai in die hande van die gedugste vyande daarvan.

Toe Judas by die dissipels aangesluit het, was hy nie blind vir die mooi karakter van Christus nie. Hy het die invloed gevoel van die goddelike krag wat siele na die Heiland getrek het. Hy wat nie gekom het om die geknakte riet te verbreek, of die dowwe lamppit uit te blus nie, sou nie hierdie siel weier terwyl daar nog begeerte is vir die lig nie. Die Heiland het die hart van Judas gelees; Hy het geweet tot watter dieptes van sonde Judas sou daal as die genade van God hom nie verlos nie. Deur hierdie man by Hom te laat aansluit, het Hy hom geplaas waar hy dag na dag in aanraking sou kom met die uitvloeiing van Sy eie onselfsugtige liefde. As hy sy hart aan Christus sou open, sou goddelike genade die duiwel van selfsug verjaag het, en selfs Judas mag dan 'n onderdaan van die koninkryk van God word.

God neem mense soos hulle is, met die menslike elemente van hulle karakter, en Hy lei hulle op vir Sy diens as hulle hulleself sal onderwerp aan tug, en van Hom sal leer. Hulle word nie verkies omdat hulle volmaak is nie, maar ten spyte van hulle onvolmaakthede, sodat hulle deur die kennis en uitlewing van die waarheid deur die genade van Christus herskep kan word in Sy beeld.

Judas het dieselfde geleenthede gehad as die ander dissipels. Hy het na dieselfde kosbare lesse geluister. Maar die uitlewing van die waarheid wat Christus vereis het, was teenstrydig met die doel en begeertes van Judas, en hy wou nie sy eie idees prysgee ten einde [294]
wysheid van die hemel te ontvang nie.

Hoe sagmoedig' het die Heiland gehandel teenoor hom wat Sy verraaier sou word! In Sy leer het Jesus die beginsels van weldadigheid beklemtoon wat juis die wortel van hebsug geraak het. Hy het Judas die afgryslike karakter van hebsug voorgehou, en meer as eenmaal het daardie dissipel besef dat sy eie karakter beskryf, en sy eie sonde geopenbaar word; maar hy wou nie sy ongeregtigheid bely en versaak nie. Hy was selfvoldaan, en pleks dat hy versoeking weerstaan het, het hy aangehou met sy bedrog. Christus was vir hom die lewende voorbeeld van wat hy sou word as hy gebaat het by die goddelike middelaarskap en bediening; maar les na les het op die dowe ore van Judas geval.

Jesus het hom nooit hard bestraf vir sy hebsug nie, maar met goddelike lydsaamheid het Hy hierdie sondige man verdra, selfs toe Hy hom laat verstaan het dat Hy sy hart gelees het soos ’n ope boek. Hy het aan hom die hoogste dryfvere voorgehou om reg te doen, en deur sy verwerping van die lig van die Hemel sou Judas sonder ver- skoning wees.

Pleks van in die lig te wandel, het Judas verkies om sy foute te behou. Sondige begeertes, wraaksugtige drifte, duistere en kwaadaardige gedagtes is gekoester totdat die Satan volle beheer oor die man gehad het. Judas het ’n verteenwoordiger van die vyand van Christus geword.

Toe hy in aanraking met Jesus gekom het, het hy sommige goeie karaktereienskappe gehad wat ’n seën vir die kerk kon geword het. As hy gewillig sou gewees het om die juk van Christus op te neem, kon hy een van die vernaamste apostels geword het; maar hy het sy hart verhard toe hy op sy tekortkomings gewys is, en in hoogmoed en rebellie het hy sy eie selfsugtige ambisie gekies en homself dus onge- skik gemaak vir die werk wat God aan hom sou gegee het.

Al die dissipels het ernstige tekortkomings gehad toe Jesus hulle tot Sy diens geroep het. Selfs Johannes, wat die naaste gekom het aan. die nederige en sagmoedige Een, was self nie van nature sagmoedig en toegeeflik nie. Hy en sy broer is genoem “seuns van die donder.” Terwyl hulle by Jesus was, het elke belediging van Hom
[295] hulle verontwaardiging en veglustigheid uitgelok. Boosaardigheid, wraak, die gees van kritiek — dit alles was in die hart van die geliefde dissipel. Hy was trots en eersugtig om die eerste plek in die koninkryk van God in te neem. Maar dag na dag, in teenstelling met sy eie opvlieënde gees, het hy die sagmoedigheid en verdraagsaamheid van Jesus gesien, en Sy lesse van nederigheid en lydsaamheid gehoor. Hy het sy hart oopgemaak vir die goddelike invloed, en het dus nie slegs ’n hoorder nie, maar ’n dader van die Heiland se woorde geword. Hy het nou in Christus gelewe. Hy het geleer om die juk van Christus op te neem en Sy las te dra.

Jesus het Sy dissipels bestraf, gewaarsku en vermaan; maar Johannes en Sy broeders het Hom nie verlaat nie; hulle het by Jesus gebly ten spyte van die bestraffings. Die Heiland het Hom nie aan hulle onttrek om rede hulle swakhede en foute nie. Hulle het tot die

einde in Sy beproewings gedeel, en die lesse van Sy lewe geleer. Deur Christus te aanskou, is hulle karakters verander.

Die apostels het baie verskil in gewoontes en geaardheid. Daar was die tollenaar Levi-Mattheus; die vurige Simon, onverbeterlike hater van die Romeinse gesag; die groothartige, voortvarende Petrus; die gemene judas; Thomas, opreg, maar bedees en vreesagtig; Filippus, stadig om te glo en geneig tot twyfel; en die eersugtige, reguit seuns van Sebedeus, met hulle broeders. Hulle is saamgebring met hulle verskillende foute, almal met aangebore en aangeleerde neigings tot die kwaad; maar in en deur Christus sou hulle almal huisgenote word van die gesin van God, lerende om een te word in die geloof, die leer, en die gees. Hulle sou hulle beproewings, griewe, en verskille van opinie hê; maar solank Christus in hulle harte woon, kon daar geen tweedrag wees nie. Sy liefde sou hulle lei om mekaar lief te hê; die lesse van die Meester sou hulle in harmonie bring met mekaar, tot eensgesindheid, sodat hulle eindelik van een hart en een oordeel sou wees. Christus is die groot middelpunt, en namate hulle nader aan die middelpunt kom, sou hulle ook nader aan mekaar kom.

Toe Jesus Sy onderrig van die dissipels beëindig het, het Hy die klompie om Hom vergader, en toe in hulle midde neergekniel, Sy hande op hulle hoofde geplaas, en 'n gebed gedoen waarin Hy hulle gewy het tot Sy heilige werk. So is die Here se dissipels georden tot die evangeliebediening. [296]

As Sy verteenwoordigers onder die mense, kies Christus nie die engele wat nooit gesondig het nie, maar mense -— mense met dieselfde swakhede as diegene wat hulle wil red. Christus het die menslike vlees aangeneem sodat Hy die mensdom kon bereik. Die Godheid moes die menslike vlees aanneem, want beide die goddelike en die menslike was nodig om verlossing aan die wêreld te bring. Die Godheid het die mensheid nodig gehad sodat die mensheid die kanaal kon word vir gemeenskap tussen God en mens. So ook met die werktuie en boodskappers van Christus. Die mens het behoefte aan 'n krag buite en benewens homself om hom te herstel in die ewebeeld van God, en hom in staat te stel om die werk van God te doen; maar dit maak nie die menslike werktuig onnodig nie. Die mensheid neem die goddelike krag beet, Christus woon in die hart

deur geloof, en deur medewerking met die goddelike ontvang die mens krag om goed te doen.

Hy wat die vissers van Galilea geroep het, roep vandag nog mense tot Sy diens. En Hy is net so gewillig om Sy krag deur ons te openbaar as deur die eerste dissipels. Hoe onvolmaak en sondig ons ook is, bied die Here ons 'n vennootskap met Homself aan, om leerlinge van Christus te word. Hy nooi ons uit tot goddelike onderrig, dat ons, verenig met Christus, die werke van God mag doen.

"Ons het hierdie skat in erde kruike, sodat die voortreflikheid van die krag mag wees van God en nie uit ons nie." 2 Kor. 4: 7. Dit is om hierdie rede dat die verkondiging van die evangelie toevertrou is aan swakke mense liewer as aan die engele. Dit is duidelik dat die krag wat deur die swakheid van mense werk, die krag van God is; en so word ons bemoedig om te glo dat die krag wat ander kan help wat net so swak as ons is, ook ons kan help. En diegene wat "self ook met swakheid bevange is," behoort saam te voel met die onwetendes en dwalendes. (Heb. 5: 2.) Omdat hulle self in die gevaar was, is hulle bekend met die gevare en moeilikhede van die weg, en om hierdie rede word hulle geroep om ander te red wat in dieselfde gevaar verkeer. Hulle is siele verbyster deur twyfel, belas met swakhede, swak in die geloof, nie in Staat om die Onsienlike te begryp nie; maar 'n vriend wat hulle kan sien, wat na hulle kom namens Christus, kan 'n skakel wees wat hulle swak geloof kan
[297] vaskoppel aan Christus. Ons is werkers saam met die hemelse engele om Jesus te verkondig aan die wêreld. Byna ongeduldig wag die engele op ons samewerking; want die mens is die kanaal om in aanraking te kom met mense. En wanneer ons ons aan Christus oorgee in volkome toewyding, is die engele bly dat hulle met ons
[298] stemme kan praat om Gods liefde te openbaar.

## Die Bergpredikasie

DIT was maar selde dat Christus Sy dissipels alleen laat vergader het om Sy woorde te hoor. Hy het vir Sy gehoor nie net diegene gekies wat die weg van die lewe geken het nie. Dit was Sy werk om die menigtes te bereik wat onkundig was en dwaalleer gevolg het. Hy het Sy lesse van waarheid gegee waar dit die verduisterde verstand kon bereik. Hy self was die Waarheid, met heupe omgord. en hande uitgestrek om te seën; met woorde van waarskuwing, smeking, en bemoediging was Hy soekende om almal op te hef wat na Hom toe wou kom.

Die Bergpredikasie, alhoewel dit spesiaal vir die dissipels was, is gelewer ten aanhore van die skare. Na die ordening van die apostels, is Jesus met hulle na die strand. Daar, in die vroeë more, het die mense begin vergader. Behalwe die gewone skare van die Gahlese dorpies, was daar mense van Judea, en selfs van Jerusalem; ook uit Perea, Dekapolis, en Idumea ten suide van Judea; en van Tirus en Sidon aan die kus van die Middellandse See. "Toe hulle hoor wat Hy alles doen," het hulle gekom "om Hom te hoor en van hulle kwale genees te word; . . . omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak." Markus 3: 8; Lukas 6: 17-19.

Die smal strook strand het nie eens genoeg staanplek gehád sodat almal Hom kon hoor wat dit graag wou doen nie, en Jesus het weer teruggegaan na die berghelling. Op 'n gelykte wat 'n goeie vergader- [299]
plek was vir die groot skare, het Hy op die gras gaan sit, en die dissipels en die skare het Sy voorbeeld gevolg.

Die dissipels het altyd langs Jesus gesit. Die mense het dig om hulle saamgedring, maar die dissipels het verstaan dat hulle self nie verdring moes word van Sy teenwoordigheid nie. Hulle het teen aan Hom gesit sodat hulle al Sy woorde van onderrig kon hoor. Hulle was aan- dagtige luisteraars, gretig om die waarhede te verstaan wat hulle bekend moes maak aan alle lande en vir alle geslagte.

Met 'n gevoel dat iets buitengewoons sou gebeur, het hulle dig saamgedring om hulle Meester. Hulle het geglo dat die koninkryk

eerlank opgerig sou word, en te oordeel na die gebeurtenisse van die oggend het hulle verwag dat ’n aankondiging daaromtrent nou sou gemaak word. Die skare was ook verwagtend, en ernstige gesigte was bewys van groot belangstelling. Toe die mense daar teen die groen berghelling gesit en wag het op die woorde van die goddelike Leraar, het hulle gedagtes gedink aan toekomstige heerlikheid. Daar was skrifgeleerdes en Fariseërs wat uitgesien het na die dag wanneer hulle gesag sou voer oor die gehate Romeine, en besitters sou wees van die rykdom en glorie van die wêreld se groot ryk. Die arme arbeiders en vissers het gehoop om die versekering te hoor dat hulle armoedige krotte, die onvoldoende voedsel, die lewe van geswoeg, en die vrees vir gebrek, vervang sou word deur wonings met oorvloed, en dae van gemak. In die plek van die een growwe kleed wat hulle bedags bedek en snags as kombers gedien het, het hulle gehoop dat Christus hulle die duur gewaad van hulle veroweraars sou gee. Alle harte het gebons met die trotse hoop dat Israel spoedig geëer sou word voor die nasies as die uitverkorenes van die Here, en dat Jerusalem verhef sou word as die hoofstad van ’n universele koninkryk.

Christus het die hoop van wêreldse grootheid verydel. In die Bergpredikasie het Hy probeer om die idees te vernietig wat deur ’n valse opvoeding geskep is, en om aan Sy hoorders ’n regte begrip te gee van Sy koninkryk en Sy eie karakter. Maar Hy het nie ’n regstreekse aanval op die dwalings van die volk gemaak nie. Hy het die eilende van die wêreld gesien ten gevolge van die sonde, maar Hy het nie reguit hulle haglike toestand aan hulle voorgestel nie. Hy het
[300] ’n lewe aan hulle voorgehou, oneindig veel beter as wat hulle ooit geken het. Sonder om hulle idees aangaande die koninkryk van God te beveg, het Hy hulle vertel van die voorwaardes om die koninkryk binne te gaan, en hulle gelaat om hulle eie gevolgtrekkings te maak aangaande die aard daarvan. Die waarhede wat Hy geleer het, is vir ons nie minder belangrik as vir die skare wat Hom gevolg het nie. Net soos hulle, moet ons ook leer wat die grondbeginsels van die koninkryk van God is.

Christus se eerste woorde aan die mense op die berg, was woorde van seën. Salig is hulle, het Hy gesê, wat hulle geestelike armoede besef en hulle behoefte aan verlossing voel. Die evangelie moet aan die armes verkondig word. Nie aan diegene wat geestelik trots is,

diegene wat ryk is en sê dat hulle aan niks behoefte het, word dit geopenbaar nie, maar aan diegene wat nederig en boetvaardig is. Daar is slegs een fontein vir die sonde geopen, 'n fontein vir die armes van gees.

Die trotse hart streef om die saligheid te verdien; maar beide ons reg op die hemel en ons geskiktheid daarvoor word gevind in die geregtigheid van Christus. Die Here kan niks doen vir die herstel van die mens nie totdat hy, oortuig van sy eie swakheid, kaalgestroop is van alle selfvoldaanheid, en homself oorgee aan die beheer van God. Dan eers kan hy die gawe ontvang wat God wag om aan hom te gee. Vir die siel wat sy behoefte besef, word niks teruggehou nie. So 'n siel het onbelemmerde toegang tot Hom in wie al die volheid woon. "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is Sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes." Jes. 57: 15.

"Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Deur hierdie woorde leer Christus nie dat om te treur op sigself die krag het om die skuld van die sonde weg te neem nie. Hy gee nie hier toestemming tot geveinsdheid of vrywillige verootmoediging nie. Die soort treur wat Hy bedoel het, bestaan nie in 'n swaarmoedige geweeklaag nie. Terwyl ons mag treur oor die sonde, moet ons ons verbly in die salige voorreg dat ons Gods kinders is.

Ons treur dikwels omdat ons sondige dade onaangename gevolge vir ons het; maar dit is nie berou nie. Ware berou oor die sonde kom ten gevolge van die werking van die Heilige Gees. Die Gees openbaar die ondankbaarheid van die hart wat die Heiland seergemaak en gegrief het, en dit bring ons in boetvaardigheid na die [301]
voet van die kruis. Elke sonde verwond Jesus opnuut; en waar ons Hom aanskou wat ons deurboor het, het ons berou oor die sondes wat Hom seerge- maak het. Sulke berou sal lei tot die versaking van die sonde.

Die wêreldling mag hierdie berou bestempel as swakheid, maar dit is die krag wat die boetvaardige verbind met die Ewige met skakels wat nie kan verbreek word nie. Dit wys dat die engele van God na die siel terugbring die deugde wat verloregegaan het deur die hardheid van die hart en die oortreding. Die trane van die boetvaar-

dige is maar net die trane wat die sonskyn van heiligheid voorafgaan. Die berou is 'n voorloper van 'n vreugde wat 'n lewende fontein in die siel sal wees. "Alleenlik, ken jou ongeregtigheid dat jy teen die Here jou God oortree het;" "want Ek is goedertieren, spreek die Here, Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie." Jer. 3: 13, 12. "Om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees." Jes. 61: 3.

Ook vir diegene wat treur in beproewing en verdriet is daar troos. Die bitterheid van droefheid en vernedering is beter as die genietinge van die sonde. Deur beproewing openbaar God aan ons die ver- dorwenheid van ons karakter, sodat ons deur Sy genade ons foute kan oorwin. Hoofstukke aangaande onsself, wat ons nie ken nie, word aan ons geopenbaar, en ons kom voor die toets te staan of ons die bestraffing en raad van God sal aanneem. As ons beproef word, moet ons nie murmureer en kla nie. Ons moet nie opstandig word, of ons van Christus af weg kwel nie. Ons moet ons siel verootmoedig voor God. Die weë van die Here is duister vir diegene wat graag sake wil sien in 'n lig wat hulleself behaag. Dit skyn donker en sonder vreugde vir ons menslike natuur. Maar Gods weë is weë van genade en die uiteinde is die saligheid. Elia het nie geweet wat hy gedoen het toe hy in die woestyn gesê het dat hy genoeg aan die lewe gehad en gebid het dat hy mag sterf nie. In Sy genade het die Here hom nie op sy woord geneem nie. Daar was nog werk vir Elia om te doen, en toe sy werk klaar was, sou die Here nie toelaat dat hy moedeloos en een- saam in die woestyn sterf nie. Hy sou nie in die stof van die dood neerdaal nie, maar in heerlikheid
[302] opvaar, begelei deur hemelse waens, na die troon omhoog.

Gods woord vir droefheid is, "Ek het hulle weë gesien, en Ek sal hulle genees; en Ek sal hulle lei en aan hulle weer vertroosting skenk, naamlik aan hulle treuriges." "Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydskap bring uit hulle kommer." Jes. 57: 18; Jer. 31: 13.

"Salig is die sagmoediges." Die moeilikhede waarmee ons te kampe het, kan baie verminder word deur die sagmoedige wat hom in Christus verskuil. As ons die sagmoedigheid van ons Meester het, sal ons die beledigings en die aanstote en die ergernisse waaraan ons daeliks blootgestel is, te bowe kom, en hulle sal ons nie meer

droefgeestig maak nie. Die grootste bewys van edelmoedigheid by 'n Christen is selfbeheersing. Die persoon wat onder beledigings en wreedheid nie 'n kalme vertrouende gees bewaar nie, beroof God van Sy reg om in hom die volmaaktheid van Sy eie karakter te openbaar. Nederigheid van hart is die krag wat die oorwinning gee aan die navolgers van Christus; dit is die bewys van hulle verbintenis met die howe daarbo.

"Want die Here is verhewe; nogtans sien Hy die nederige aan." Ps. 138: 6. Diegene wat die sagmoedige en nederige gees van Christus openbaar, word met tederheid bejeën deur God. Die wêreld mag hulle met veragting beskou, maar hulle is van groot waarde in Sy oë. Nie alleen die wyse, die grotes, die weldadiges, en nie net die besige werker wat vol ywer en rustelose aktiwiteit is, sal 'n paspoort na die hemel verkry nie. Nee; die armes van gees wat verlang na die teenwoordigheid van Christus, die nederiges van hart wie se hoogste strewe die doen van Gods wil is — aan hulle sal ryklik verleen word die ingang tot die koninkryk. Hulle sal onder diegene wees wat hulle klere wit gewas het in die bloed van die Lam. "Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in Sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal Sy tent oor hulle oopspan." Openb. 7: 15.

"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid." Die gevoel van'onwaardigheid sal die hart lei om te honger en dors na die geregtigheid, en daardie begeerte sal vervul word. Diegene wat in hulle hart plek maak vir Jesus, sal Sy liefde ondervind. Almal wat verlang om die karakter van God te hê, sal bevredig word. Die Heilige Gees laat nooit die siel sonder hulp wat op Jesus sien nie. Hy neem van die dinge van Christus en wys dit aan hom. As die oë op Christus [303]

gevestig is, sal die werk van die Gees nie ophou totdat daardie siel in Sy beeld verander is nie. Die reine element van liefde sal die siel verruim, en daaraan die vermoë gee tot groter prestasies, meer kennis van hemelse dinge, sodat dit nie tevrede sal wees met minder as die volheid nie. "Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word."

Aan die barmhartiges sal barmhartigheid bewys word, en die wat rein is van hart, sal God sien. Elke onreine gedagte besoedel die siel, verswak die sedelike sin, en het 'n neiging om die indrukke van die Heilige Gees te vernietig. Dit verdof die geestelike visie, sodat

mense God nie kan sien nie. Die Here vergewe die boetvaardige sondaar; maar alhoewel hy vergewe is, is die siel geskend. Alle onreine praat- jies of gedagtes moet vermy word deur diegene wat geestelike waarheid onbelemmerd wil sien.

Maar die woorde van Christus het nie betrekking op sinlike onreinheid alleen nie, en dit sluit meer in as bewaring van die seremoniële onreinheid waarvoor die Jode so bang was. Selfsug sal belet dat ons God sien. Die selfsugtige gees meen dat God 'n persoon is soos hy. Voordat ons dit eers versaak het, sal ons Hom, wat die liefde is, nie verstaan nie. Alleen die onselfsugtige hart, die nederige, vertrouende

gees sal God sien as "'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trau." Exod. 34: 6.

"Salig is die vredemakers." Die vrede van Christus word gebore uit die waarheid. Dit beteken harmonie met God. Die wêreld staan vyandig teenoor die wet van God; sondaars staan vyandig teenoor hulle Maker; en ten gevolge daarvan staan hulle vyandig teenoor mekaar. Maar die psalmis verklaar, "Die wat U wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie." Ps. 119: 165. Mens kan nie vrede fabriseer nie. Menslike planne vir die reiniging en opheffing van indiwidue of van die samelewing sal nie vrede bring nie, omdat hulle nie die hart kan bereik nie. Die enigste mag wat blywende en ware vrede kan skep, is die genade van Christus. As dit in die hart geplant is, sal dit alle bose drifte wat stryd en tweedrag veroorsaak, uitwerp. "Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan;" en die woestyn van die lewe "sal bly wees . . . en bloei soos 'n herfslelie." Jes. 55: 13; 35: 1.

Die skare was verbaas oor hierdie leer wat so verskil het van die
[304] voorskrifte en voorbeeld van die Fariseërs. Die volk het tot die plek
[305] gekom waar hulle gedink het dat geluk gevind kan word in aardse besittings, en dat die roem en eer van mense begeer moes word. Dit het die oor gestreel om "Rabbi" genoem te word, om geprys te word as wys en godsdienstig, en jou deugde in die openbaar te hoor roem. Dit is beskou as die kroon van geluk. Maar in die teenwoordigheid van daardie groot skare het Jesus verklaar dat aardse gewin en eer die enigste loon sal wees wat sulke mense ooit sal ontvang. Hy het met oortuiging gepraat, en Sy woorde het oortuigende krag gehad. Die mense is die swye opgelê, en hulle is oorval deur 'n gevoel van

vrees. Hulle het mekaar vraend aangekyk. Wie van hulle kon gered word as hierdie Man se leer reg was? Vele het tot die oortuiging gekom dat hierdie opspraakwekkende Leraar deur die Gees van God besiel is, en dat wat Hy gespreek het, goddelik was.

Ná Hy verduidelik het waaruit ware geluk bestaan en hoe dit verkry kan word, het Jesus meer bepaald gewys op die plig van Sy dissipels as leraars deur God verkies om ander in die pad van geregtigheid en die ewige lewe te lei. Hy het geweet dat hulle dikwels teleurgestel en ontmoedig sou wees, dat hulle heftige teenstand sou ondervind, dat hulle beledig, en hulle getuienis verwerp sou word. Goed het Hy geweet dat daardie nederige manne wat so aandagtig na Sy woorde geluister het, in die vervulling van hulle sending uitgeskel, gemartel, in die gevangenis gewerp, en gedood sou word; en Hy het voortgegaan: "Salig is die wat vervolg word terwille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat vóór julle gewees het."

Die wêreld het die sonde lief en haat die geregtigheid, en hier het ons die rede vir sy vyandigheid teenoor Jesus. Almal wat Sy ewige liefde weier, sal die Christelike geloof lastig vind. Die lig van Christus verdryf die duisternis wat hulle sondes bedek, en die behoefte aan hervorming word duidelik. Terwyl diegene wat hulle oorgee aan die invloed van die Heilige Gees die oorlog teen hulleself aanknoop, sal diegene wat aan die sonde vasklem oorlog maak teen die waarheid en sy verteenwoordigers. [306]

So ontstaan die stryd, en dan word Christus se navolgers beskuldig dat hulle die beroerders van die volk is. Dit is gemeenskap met God wat hulle die vyandskap van die wêreld berokken. Hulle dra die smaad van Christus. Hulle bewandel die pad wat vóór hulle bewandel is deur die edelstes van die aarde. Nie in droefheid nie, maar in vreugde moet hulle vervolging tegemoetgaan. Elke vurige beproewing is 'n werktuig van God vir hulle loutering. Dit maak hulle bekwaam vir hulle werk as medewerkers van Hom. Elke stryd het sy piek in die groot stryd van geregtigheid, en elkeen sal bykomstige vreugde bring in hulle uiteindelike oorwinning. Met die oog daarop, sal die beproewing van hulle geloof en lydsaamheid blymoe-

dig gedra word liewer as om gevrees en vermy te word. Gretig om hulle plig aan die wêreld te vervul, en strewende na die goedkeuring van God, sal Sy diensknegte elke plig vervul ongeag die vrees of die guns van mense.

"Julie is die sout van die aarde," het Jesus gesê. Moet julleself nie aan die wêreld onttrek ten einde vervolging te ontduik nie. Julle moet onder die mense bly, sodat die geur van goddelike liefde soos die sout kan wees om die wêreld te bewaar teen bederf.

Harte wat reageer op die invloed van die Heilige Gees is die kanale waarlangs Gods seëninge vloei. As diegene wat God dien, van die aarde weggeneem sou word, en Sy Gees aan die mense onttrek word, sal hierdie wêreld oorgegee word aan verwoesting en vernietiging - die vrugte van die Satan se heerskappy. Hoewel die goddelose dit nie weet nie, is hulle selfs die seëninge van hierdie lewe verskuldig aan die teenwoordigheid in die wêreld van Gods kinders wat hulle verag en verdruk. Maar diegene wat Christene net in naam is, is soos sout wat laf geword het. Hulle het geen invloed ten goede in die wêreld nie. Deur hulle verkeerde voorstelling van God, is hulle erger as ongelowiges.

"Julle is die lig van die wêreld." Die Jode het gemeen om die voordele van die saligheid te beperk slegs tot hulle eie volksgenote, maar Christus het hulle gewys dat die saligheid soos die sonskyn is. Dit behoort aan die hele wêreld. Die godsdiens van die Bybel moet nie net binne die omslag van die boek gehou word nie, of binne die mure van 'n kerk nie. Dit moet nie net by tye uitgebring word vir ons eie voordeel, en dan weer sorgvuldig weggebêre word nie. Dit moet die daelikse lewe heilig, en geopenbaar word in al ons
[307] besig- heidstransaksies en in al ons sosiale omgang.

'n Opregte karakter word nie van buite af gevorm nie; dit werk van binne. As ons ander in die weg van geregtigheid wil lei, moet die beginsels van geregtigheid in ons eie harte gekoester word. Ons belydenis van geloof mag die teorie van die godsdiens verkondig, maar dit is ons daadwerklike vroomheid wat die woorde van die waarheid verkondig. Die konsekwente lewe, die heilige wandel, die onwrikbare opregtheid, die welwillende gees, en die goddelike voorbeeld —- dit is die kanale waardeur lig aan die wêreld gebring word.

Jesus het Hom nie bepaal by die voorskrifte van die wet nie, maar Hy het nie Sy hoorders tot die gevolgtrekking laat kom dat Hy die vereistes van die wet ter syde gestel het nie. Hy het geweet dat spioene gereed gestaan het om elke woord van Hom te gryp en uit die verband te ruk vir hulle eie doeleindes. Hy het geweet van die vooroordeel wat daar in die harte was van baie van Sy hoorders, en Hy het niks gesê om hulle geloof te skok in die godsdiens en instellings wat aan hulle deur Moses gegee is nie. Christus self het sowel die seremoniële as die sedewet gegee. Hy het nie gekom om vertroue te vernietig in Sy eie onderrig nie. Dit was om rede Sy groot eerbied vir die wet en die profete dat Hy getrag het om deur die muur te breek van die tradisies wat die Jode omsluit het. Terwyl Hy hulle valse vertolkings van die wet ter syde gestel het, het Hy Sy dissipels bewaar om nie die belangrike waarhede te versaak wat aan die Hebreërs gegee was nie.

Die Fariseërs het gespog met hulle gehoorsaamheid aan die wet, maar nogtans het hulle so min geweet van die praktiese uitlewing daarvan in die alledaagse lewe, dat die woorde van die Heiland vir hulle soos kettery geklink het. Namate Hy die rommel verwyder het waaronder die waarheid bedolwe was, het hulle gedog dat Hy die waarheid self weggeveeg het. Hulle het mekaar toegefluister dat Hy die wet lig opneem. Hy het hulle gedagtes gelees en hulle geantwoord: "Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet en die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul." Hier het Jesus die beskuldiging van die Fariseërs weerspreek. Sy sending in die wêreld was om die heilige voorskrifte te handhaaf van die wet wat Hy volgens hulle sou oortree het. As die wet van God verander of afgeskaf kon word, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om die straf te ondergaan vir ons oortreding daarvan nie.Hy het gekom om die verhouding van die wet tot die mens teve klaar, en [308]
om die voorskrifte daarvan in Sy eie lewe van gehoorsaamheid uit te beeid.

God het ons Sy heilige voorskrifte gegee omdat Hy die mensdom liefhet. Om ons te beskerm teen die gevolge van oortreding, het Hy die beginsels van geregtigheid geopenbaar. Die wet is 'n uitdrukking van die gedagte van God; wanneer ons dit in Christus aanneem, word dit ons gedagte. Dit verhef ons bokant die mag van ons natuurlike neigings en begeertes, bokant die versoekings wat tot die sonde lei.

God wil hè dat ons gelukkig moet wees, en Hy het ons die voorskrifte van die wet gegee sodat ons deur hulle te gehoorsaam, vreugde kan hê. Toe die engele by die geboorte van Jesus gesing het:

"Eer aan God in die hoogste hemele
en vrede op aarde,In die mense 'n welbehae" (Lukas 2: 14),

het hulle die beginsels van die wet verkondig wat Hy gekom het om te eer en groot te maak.

Toe die wet op Sinai afgekondig is, het God aan die mense die heiligheid van Sy karakter verklaar, sodat hulle in vergelyking die son- digheid van hulle eie kon sien. Die wet is gegee om hulle van die sonde te oortuig en hulle behoefte aan 'n Verlosser te openbaar. Die wet sou dit doen namate die beginsels daarvan in die hart opgeneem word deur die werking van die Heilige Gees. Dit moet vandag nog daardie werk doen. Die beginsels van die wet is geopenbaar in die lewe van Christus, en waar die Heilige Gees die hart aanraak en die lig van Christus aan die mense hulle behoefte aan Sy reinigende bloed en Sy regverdigmakende geregtigheid openbaar, is die wet nog die werktuig wat ons na Christus bring, sodat ons deur die geloof gereg- verdig kan word. "Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel." Ps. 19: 8.

"Totdat die hemel en die aarde verbygaan," het Jesus gesê, "sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie." Die son wat aan die hemeltrans skyn, die soliede aarde waarop julle woon, is Gods getuies dat Sy wet onveranderlik en ewig is. Al sou hierdie dinge vergaan, die goddelike voorskrifte sal bly voortbestaan. "Dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val." Lukas 16: 17. Die
[309] stelsel van tipes wat vooruit gewys het op Jesus as die Lam van God, sou verdwyn by Sy dood, maar die voorskrifte van die Dekaloog is net so onver- anderlik as die troon van God.

Aangesien die "wet van die Here" volmaak is, moet elke afwyking daarvan sondig wees. Diegene wat die gebooie van God ongehoorsaam is en ander leer om dit ook te doen, word deur Christus veroordeel. In Sy lewe van gehoorsaamheid het die Heiland voldoen aan die vereistes van die wet. Dit het bewys dat die wet in die menslike vlees gehou kan word, en dit het die uitnemende

karakter getoon wat deur sulke gehoorsaamheid sou ontwikkel word. Almal wat gehoorsaam soos Hy gehoorsaam het, verklaar net soos Hy dat die wet "heilig en reg- verdig en goed" is. Rom. 7: 12. Aan die anderkant, almal wat Gods gebooie breek, bevestig die bewering van die Satan dat die wet onreg- verdig is en nie gehoorsaam kan word nie. Hulle steun dus die bedrog van die groot teenstander en hulle onteer God. Hulle is die kinders van die Bose, wat die eerste rebel teen Gods wet was. Om hulle in die hemel toe te laat, sou net weer die elemente van tweedrag en rebellie daar inbring, en die geluk van die heelal in gevaar stel. Geen mens wat moedswillig een beginsel van die wet veronagsaam, sal die konink- ryk van die hemele binnegaan nie.

Die rabbi's het op hulle geregtigheid gesteun as 'n paspoort na die hemel; maar Jesus het gesê dat dit onvoldoende en waardeloos was. Uiterlike seremonies en 'n teoretiese kennis van die waarheid het die geregtigheid van die Fariseërs uitgemaak. Die rabbi's het aanspraak gemaak op heiligheid op grond van hulle eie pogings om die wet te hou, maar hulle werke het geregtigheid van hulle godsdiens geskei. Terwyl hulle die rituaal nougeset nagekom het, was hulle lewens onsedelik en verlaag. Hulle sogenaamde geregtigheid kon nooit die koninkryk van die hemel binnegaan nie.

Die grootste bedrog in die menslike hart in die tyd van Christus was dat 'n bloot verstandelike aanname van die waarheid die persoon regverdig maak. In die hele ervaring van die lewe is daar bewys dat 'n teoretiese kennis van die waarheid nie genoeg is om die siel te red nie. Dit werp nie die vrugte van geregtigheid af nie. Om vreeslik gesteld te wees op wat genoem word teologiese waarheid gaan dikwels gepaard met haat vir die egte waarheid waar dit in die lewe geopenbaar word. Die swartste hoofstukke in die geskiedenis is die wat beklad is met die dade van godsdiensyweraars. Die Fariseërs [310]
het daarop aanspraak gemaak dat hulle kinders van Abraham is, en hulle het gespog dat hulle die orakels van God het; en tog het hierdie voordele hulle nie bewaar van selfsug, kwaadwilligheid, hebsug, en lae huigelary nie. Hulle het gemeen dat hulle die godsdienstigste mense in die wêreld was, maar hulle ortodoksie het hulle nie belet om die Here van heerlikheid te kruisig nie.

Dieselfde gevaar bestaan vandag nog. Vele beskou dit sommer as vanselfsprekend dat hulle Christene is, eenvoudig omdat hulle

’n sekere teologiese belydenis toegedaan is. Maar hulle leef nie die waarheid in die praktiese lewe uit nie. Hulle glo dit nie en het dit nie lief nie, en daarom het hulle nie die krag en genade ontvang wat deur die heiligmaking van die waarheid kom nie. Mense mag geloof in die waarheid bely, maar as dit hulle nie opreg, vriendelik, geduldig, ver draagsaam, en hemelsgesind maak nie, dan is dit ’n vloek vir die besit- ters, en deur hulle invloed word dit ’n vloek vir die wêreld.

Die geregtigheid wat Christus geleer het, is ooreenstemming van die hart en die lewe met die geopenbaarde wil van God. Sondige mense kan regverdig word alleen deur geloof in God en deur lewende gemeenskap met Hom. Dan sal die ware godsaligheid die gedagtes verhef en die lewe veredel. Dan sal die uiterlike vorms van die godsdiens in ooreenstemming wees met die Christen se innerlike reinheid. Dan sal die seremonies wat nodig is in die diens van God nie blote rites sonder betekenis wees soos die van die skynheilige Fariseërs nie.

Jesus het die gebooie een vir een geneem en die diepte en breedte van elkeen verduidelik. Pleks van een jota van hulle krag ter syde te stel, het Hy gewys hoe verreikend hulle beginsels is, en Hy het die dodelike dwaling van die Jode in die uiterlike gehoorsaamheid aan die kaak gestel. Hy het gesê dat mens deur ’n sondige gedagte en wellustige blik die wet van God kan oortree. Iemand wat homself skuldig maak aan die geringste onregverdigheid, oortree die wet en verlaag sy eie sedelike natuur. Moord ontstaan eers in die hart. Diegene wat haatdraend is, begin die pad van die moordenaar te betree,en sy offers is afskuwelik vir God.

Die Jode het die gees van wraaksug gekoester. In hulle haat vir die Romeine het hulle baie harde dinge gesê, en hulle het die
[311] Satan behaag deur sy eienskappe te openbaar. Hulle het hulleself dus voorberei om daardie vreeslike dade te doen waartoe hy hulle later beweeg het. In die godsdienstige lewe van die Fariseërs was daar niks om ’n begeerte tot vroomheid by die heidene op te wek nie. Jesus het aan hulle gesê om hulleself nie te bedrieg dat hulle in hulle hart in opstand kan kom teen hulle verdrukkers en ’n wraaksugtige gees kan koester nie. Dit is waar dat daar miskien aanduidings is dat so iets geregverdig mag wees, selfs in die navolgers van Christus. Wanneer hulle sien dat God onteer is en Sy diens belaster word; wanneer hulle sien dat onskuldiges verdruk word, ontstaan daar ver-

ontwaardiging wat geregverdig is. As sulke gebelgdheid veroorsaak is deur n fyngevoelige sedelike sin, is dit nie sonde nie. Maar diegene wat meen dat hulle maar kan kwaad word as daar slegs die geringste aanleiding is, maak hulle hart oop vir die Satan. Verbittering en vyandig- heid moet uit die hart verban word as ons in harmonie met die hemel wil wees.

Die Heiland het nog verder as dit gegaan. Hy het gesê, "As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan ver- soen jou eers met jou broer, en kom dan en bring jou gawe." Daar is vele wat ywerig is in die godsdiens terwyl daar onenigheid is tussen hulle en hulle broeders. God verwag dat hulle alles in hulle vermoë sal doen om die harmonie te herstel. Aleer hulle dit doen, kan Hy nie hulle diens aanneem nie. Die Christen se plig in hierdie saak is duidelik aangewys.

God stort Sy seëninge op almal uit. "Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges." "Hy self is goedertieren oor die ondankbares en slegtes." Lukas 6: 35. Hy beveel ons om soos Hy self te wees. "Seën die wat vir julle vervloek," het Jesus gesê; "doen goed aan die wat vir julle haat, . . . sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is. Dit is die beginsels van die wet, en hulle is die fonteine van die lewe.

Gods ideaal vir Sy kinders is hoër as die hoogste menslike ideaal. "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." Hierdie bevel is 'n belofte. Die verlossingsplan beoog ons volkome verlossing uit die mag van die Satan. Christus verlos altyd die boet- vaardige siel van die sonde. Hy het gekom om die werke van die Satan te vernietig, en Hy het voorsiening gemaak sodat die Heilige [312]
Gees gegee kan word aan elke boetvaardige siel om hom van die sonde te bewaar.

Die bedrywigheid van die versoeker moet nie aangevoer word as 'n verskoning vir selfs een verkeerde daad nie. Die Satan is baie bly wanneer hy hoor dat belydende navolgers van Christus verskonings maak vir hulle karaktergebreke. Dit is sulke ekskuse wat tot die sonde lei. Daar is geen verskoning vir die sonde nie. 'n Heilige temperament, 'n Christelike lewe, is moontlik vir elke boetvaardige, gelowige kind van God.

Die ideaal waarna Christene moet streef, is om soos Christus te wees. Net soos die Seun van die mens volmaak was in Sy lewe, so moet Sy navolgers ook volmaak wees in hulle lewe. Jesus het in alle opsigte aan Sy broeders gelyk geword. Hy het vlees geword net soos ons vlees is. Hy het honger en dors en moeg geword. Hy is deur voedsel versterk en deur slaap verkwik. Hy het die lot van mense aangeneem, en nogtans was Hy die onberispelike Seun van God. Hy was God in die vlees. Sy karakter moet ons s'n wees. Die Here sê van diegene wat in Hom glo, "Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."Kor. 6: 16.

Christus is die leer wat Jakob gesien het, met die voetstuk rustende op die aarde en met die boonste ent reikende tot by die poort van die hemel — tot by die drumpel van die heerlikheid. As daar by daardie leer net een sport ontbreek het sodat dit nie tot by die aarde gereik het nie, sou ons verlore gegaan het. Maar Christus bereik ons waar ons is. Hy het ons natuur aangeneem en oorwin, sodat ons, deur Sy natuur aan te neem ook mag oorwin. Hy het in "die gelykheid van die sondige vlees" gekom (Rom. 8: 3), en 'n sondelose lewe gelei. Deur Sy godheid neem Hy nou die troon van die hemel beet, en deur Sy mensheid neem Hy ons hand. Hy beveel ons om deur geloof in Hom die heerlikheid van die karakter van God te bereik. Daarom moet ons volmaak wees soos ons "Vader in die hemele volmaak is."

Jesus het gewys waaruit geregtigheid bestaan, en Hy het na God gewys as die bron daarvan. Nou het Hy Hom gewend tot die praktiese pligte. As daar aalmoes gedoen, gebid, of gevas word, het Hy gesê,
[313] moet dit nie gedoen word om die aandag te trek of om lof te verdien nie. Gee in opregtheid vir die voordeel van die lydende armes. In die gebed moet die siel met God gemeenskap hou. As daar gevas word, moet ons nie loop met 'n droewige gelaat, en 'n hart vol van gedagtes van selfbejammering nie. Die hart van die Fariseër is dorre, waardelose aarde waarin geen saad van goddelike lewe kan groei nie. Dit is die een wat homself volkome aan God oorgee wat die aanneem- likste diens sal lewer. Dit is deur gemeenskap met God dat mense medewerkers van Hom word om Sy karakter aan die mensheid voor te stel.

Die diens wat met 'n opregte hart gedoen word, het groot loon. "Jou Vader wat in die verborge sien, Hy sal jou in die openbaar ver-

gelde." Ons karakter word gevorm deur die lewe wat ons deur die genade van Christus lewe. Dit is dan wanneer die oorspronklike lieflikheid in die siel begin herstel word. Die eienskappe van die karakter van Christus word meegedeel, en die beeid van die Goddelike begin te skyn. Die gelaat van manne en vroue wat met God wandel en werk, weerkaats die vrede van die hemel. Hulle is omring van die atmosfeer van die hemel. Vir sulke siele het die koninkryk van God reeds begin. Hulle het Christus se vreugde — die vreugde om 'n seën te wees vir die mensheid. Hulle het die eer om aangeneem te wees vir die Meester se gebruik; hulle word vertrou om Sy werk in Sy Naam te doen.

"Niemand kan twee here dien nie." Ons kan God nie met 'n verdeelde hart dien nie. Die Bybelse godsdiens is nie een invloed onder 'n klomp ander nie; sy invloed moet bokant alle ander wees en moet hulle oorheers. Dit is nie soos die aanbring van kleure hier en daar op die doek nie, maar dit moet deur die hele lewe werk asof die doek heeltemal in die verf gedoop is, sodat die hele weefsel, elke draad, die kleur onuitwisbaar aanneem.

"As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd is, sal jou hele liggaam donker wees." Reinheid en doelbewustheid is die voorwaardes vir die ontvangs van lig van God. Hy wat graag die waarheid wil weet, moet gewillig wees om alles aan te neem wat geopenbaar word. Hy kan geen kompromis aangaan met dwaalleer nie. Om te weifel en halfhartig te wees met betrekking tot die aanname van waarheid, is om die duisternis van dwaalleer en sataniese bedrog te kies. [314]

'n Wêreldse beleid en die reguit beginsels van geregtigheid, sal nooit met mekaar saamsmelt soos die kleure van die reënboog nie. Tussen die twee word 'n duidelike en helder lyn getrek deur die ewige God. Gelykheid aan Christus verskil so radikaal van gelykheid aan die Satan as die middag van die middernag. Alleen diegene wat die lewe van Christus lewe, is Sy medewerkers. As een sonde in die lewe gekoester word, as een verkeerde ding in die lewe behou word, is die hele lewe besoedel. Die man word 'n werktuig van die ongeregtigheid.

Almal wat die diens van God gekies het, moet rus in Sy bewaring. Christus het na die voëls van die hemel gewys, en na die lelies van die veld, en Sy hoorders gevra om te let op die voorwerpe van Gods

skepping. “Is julle nie baie meer werd as hulle nie?” het Hy gevra. Matt. 6: 26. Die mate van goddelike sorg wat aan n ding bestee word, geskied in verhouding tot die rang wat daardie ding inneem onder die dinge wat in aansyn geroep is. ’n Mossie word deur die Voorsienigheid beskerm. Die blomme van die veld, die gras wat ’n tapyt werp op die aarde — alles word gesien en versorg deur ons hemelse Vader. Die groot Meesterkunstenaar het aandag bestee aan die lelies, sodat hulle heerlikheid die van Salomo oortref. Hoeveel meer sorg Hy nie vir die mens wat in die beeid en heerlikheid van God geskape is nie! Hy sien graag dat Sy kinders ’n karakter soos Syne openbaar. Net soos die sonstrale aan die blomme hulle pragtige kleure gee, so wil God aan die siel die heerlikheid van Sy eie karakter meedeel.

Almal wat Christus se koninkryk van liefde en geregtigheid en vrede kies, en die belange daarvan bo alle ander belange stel, is verbind met die wêreld daarbo, en elke seën wat nodig is vir hierdie lewe sal aan hulle gegee word. In die boek van Gods voorsienigheid, die boek van die lewe, kry elkeen van ons ’n bladsy. Daardie bladsy bevat elke besonderheid van ons geskiedenis; selfs die hare van ons hoof is getel. Gods kinders is nooit uit Sy gedagte uit nie.

Kwel julle dus nie oor more nie.” Matt. 6: 34. Ons moet Christus dag na dag volg. God gee nie hulp vir more nie. Hy gee nie aan Sy kinders al die opdragte vir hulle lewe meteens nie, sodat hulle nie miskien verward raak nie. Hy vertel hulle net soveel as wat hulle kan onthou en doen. Die krag en wysheid wat Hy gee, is vir die hede.
[315] “As iemand van julle wysheid kortkom,” vir vandag, “laat hom dit van God bid, wat vir almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word.” Jakobus 1: 5.

“Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel mag word nie.” Moenie dink dat julle beter as ander mense is nie, en moet julieseif nie aanstel as regters oor hulle nie. Omdat ons nie die motiewe van ander kan vasstel nie, kan ons mekaar ook nie oordeel nie. Waar ons ’n ander oordeel, spreek ons vonnis uit oor onsself, want ons bewys daar- deur dat ons saam met die Satan aanklaers van ons broeder is. Die Here sê, “Ondersoek julieseif of julle in die geloof is; stel julleself op die proef.” Dit is ons werk. “Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.” 2 Kor. 13: 5; 1 Kor. 11: 31.

Die goeie boom sal goeie vrugte voortbring. As die vrugte sieg is en nie geëet kan word nie, is die boom sleg. So ook sal die vrugte wat 'n mens se lewe afwerp, getuig van die toneel van jou hart en die uitnemendheid van die karakter. Die saligheid kan nooit met goeie werke gekoop word nie, maar dit is die bewys van die geloof wat deur die liefde werk en die siel reinig. Hoewel ons ewige loon nie bereken word volgens ons verdienste nie, sal dit geskied volgens die werk wat ons gedoen het deur die genade van Christus.

So het Christus die beginsels van Sy koninkryk verduidelik as die groot maatstaf van die lewe. Om die les te beklink, het Hy dit met n illustrasie toegelig. Dit is nie genoeg vir julle om My woorde te hoor nie. Deur gehoorsaamheid moet julle dit die grondslag van julle karakter maak. Ons eie krag is soos die dryfsand. As julle op menslike teorieë en planne bou, sal julle huis val. Dit sal weggevoer word deur die winde van versoeking en die storms van beproewing. Maar die beginsels wat Ek aan julle verkondig het, sal bly. Neem My aan; bou op My woorde.

"Elkeen wat dan na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots." Matt. 7: 24, 25. [316]

## Die Kaptein

AAN die koninklike beampte wie se seun Hy genees het, het Christus gesê, “As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie.” Joh. 4: 48. Dit het Hom gegrief dat Sy eie volk uiterlike tekens wou sien as bewys van Sy Messiasskap. Keer op keer was Hy verbaas oor hulle ongeloof. Maar Hy was verbaas oor die geloof van die kaptein wat na Hom gekom het. Die kaptein het nie die Heiland se krag betwyfel nie. Hy het Hom nie eens gevra om persoonlik te kom om die wonderwerk te verrig nie. “Spreek net n woord,” het hy gesê, “en my kneg sal gesond word.”

Die kaptein se kneg het aan verlamming gely en het op sterwe gelê. Onder die Romeine was knegte slawe, gekoop of verkoop op die ope mark, en hulle is wreed mishandel; maar die kaptein het sy kneg liefgehad, en wou hom baie graag gesond sien. Hy het geglo dat Jesus hom kon genees. Hy het die Heiland nog nooit gesien nie, maar die gerugte wat hy van Hom gehoor het, het hom met geloof besiel. Nieteenstaande die formalisme van die Jode, het hierdie Romein geglo dat hulle godsdiens beter as syne was. en haat gebreek, wat die veroweraars van die ver- owerdes geskei het. Hy het respek getoon vir die diens van God, en het vriendelikheid betoon aan die Jode as Sy aanbidders. In die leer van Christus, soos dit aan hom vertel is, het hy iets gevind wat sy siel bevredig het. Alles wat geestelik in hom
[317] was, het gereageer op die Heiland se woorde, maar hy het onwaardig gevoel om in die teenwoor- digheid van Christus te kom, en hy het die Joodse ouderlinge gevra om die versoek vir die genesing van sy kneg oor te bring. Hulle het die groot Leraar geken en sou, het hy gedink, weet hoe om Hom te nader om Sy guns te win.

Toe Jesus Kapernaum binnegaan, is Hy ontmoet deur ’n afvaardiging van die ouderlinge, wat Hom vertel het van die kaptein se begeerte. Hulle het gesê, “Hy is dit werd dat U dit vir hom doen; want hy het ons volk lief en het self die sinagoge vir ons gebou.”

Jesus het dadelik vertrek na die offisier se huis; maar, omdat die skare Sy weg versper het, het Hy maar stadig gevorder. Die nuus van

Sy koms het Hom vooruitgeloop, en die kaptein, in sy wantroue van homself, het aan Hom n boodskap gestuur. “Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.” Maar die Heiland het aangekom, en die kaptein, toe hy dit eindelik waag om Hom te nader, het gesê, “Daarom het ek my ook nie waardig geag om na U te gaan nie; sê dit maar met ’n woord, en my kneg sal gesond word. Want ek is ook ’n man wat aan gesag onderworpe is, en ek het soldate onder my en vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir ’n ander een: Kom! en hy kom; en vir my slaaf: Doen dit! en hy doen dit. Net soos ek die mag van Rome verteenwoordig, en my soldate my gesag erken as die hoogste, so is U die verteenwoordiger van die mag van die ewige God, en alle geskape dinge gehoorsaam U woord. U kan die siekte gebied om te wyk, en dit sal U gehoorsaam. U kan U hemelse boodskappers ontbied en hulle sal genesende krag bring. Sê net die woord, en my kneg sal gesond word.”

“Toe Jesus dit hoor, was Hy oor hom verwonderd, en Hy draai Hom om en sê vir die skare wat Hom volg: Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so n groot geloof nie gevind nie.” En aan die kaptein het Hy gesê, “Laat dit vir jou wees soos jy geglo het. En sy kneg het gesond geword in daardie uur.”

Die Joodse ouderlinge wat die kaptein by Jesus aanbeveel het, het getoon hoe min hulle die gees van die evangelie gehad het. Hulle het nie besef dat ons groot behoefte ons enigste aanspraak op Gods genade is nie. In hulle eiegeregtigheid het hulle die kaptein aanbeveel op grond van die guns wat hy aan “ons volk” betoon het. Maar van homself het die kaptein gesê, “Ek is dit nie werd nie.” Sy hart is aangeraak deur die genade van Christus. Hy het sy eie [318]
onwaardigheid besef, dog het hy nie geaarsel om om hulp te vra nie. Hy het nie op sy goedheid staatgemaak nie; sy sterkste aanspraak was sy groot behoefte. Sy geloof het Christus aangeneem in Sy ware karakter. Hy het nie in Hom geglo as slegs ’n wonderwerker me, maar as die Vríend en Verlosser van die mensdom.

Dit is op hierdie wyse dat elke sondaar tot Christus moet kom. Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na Sy barmhartigheid het Hy ons gered.” Titus 3: 5. Wanneer die Satan aan u sê dat u ’n sondaar is en nie mag hoop op die seën van God nie, sê dan aan hom dat Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. Ons het niks om ons by God aan te bevee nie;

maar die pleidooi wat ons nou en altyd kan lewer, is ons heeltemal hopelose toestand wat Sy verlossingskrag 'n noodsaaklikheid maak Alle selfvertroue versakende, mag ons na die kruis van Golgota kyk en sê:

"Voor U moet ek skuldig staan,
Om gena my oog opslaan."

Van kindsbeen af is die Jode geleer aangaande die werk van die Messias Die geïnspireerde woorde van patriarge en profete, en die simboliese leer van die offerstelsel het hulle geken. Maar hulle het die lig veronagsaam, en nou het hulle in Jesus niks gesien om te begeer nie. Maar die kaptein, as heiden gebore, opgevoed in die afgodediens van Rome, opgelei as soldaat, en oënskynlik afgesny van alle geestehke lewe deur sy opvoeding en omgewing, en nog verder uitgesluit deur die bekrompenheid van die Jode, en die veragting van sy eie vo s genote vir die mense van Israel — hierdie man het die waarheid gesien waarvoor die kinders van Abraham blind was. Hy het me gewag om te sien of die Jode self die Een sou aanneem wat sê dat Hy die Messias is nie. Namate die "lig wat elke mens verlig" wat in die wereld gebore word (Joh. 1: 9) op hom geskyn het, het hy, alhoewel hy ver weg was, die heerlikheid van die Seun van God gesien."

Vir Jesus was dit 'n waarborg van die werk wat die evangelie sou uitrie onder die heidene. Met blydskap het Hy uitgesien na die versameling van siele uit alle nasies vir Sy koninkryk. Met droefheid het Hy aan die Jode die gevolge geskilder van hulle verwerping
[319] van Sy genade: "Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. Maar die kinders van die koninkryk sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal geween wees en gekners van tande." Helaas, hoeveel is daar nie vandag wat dieselfde teleurstelling sal ondervind nie! Terwyl siele in heidense duisternis Sy genade aanneem, hoeveel is daar nie in Christenlande op wie die lig skyn net om ver- onagsaam te word nie!

Sowat twintig myl van Kapernaum af, op 'n plato, met die wye, pragtige vlakte van Esdraelon daar benede, was die dorpie Nain geleë, en daarheen het Jesus Sy voetstappe gewend. Baie van Sy

dissipels, en ander, was by Hom, en langs die hele pad het mense gekom, verlangende na Sy woorde van liefde en ontferming; hulle het hulle siekes na Hom gebring vir genesing, en maar altyd gehoop dat Hy wat hierdie wonderbare krag geopenbaar het, Homself as Koning van Israel sou uitroep. 'n Skare het Hom gevolg, en dit was 'n blymoedige, verwagtende geselskap wat Hom gevolg het met die rotspaadjie na die poort van daardie bergdorpie.

Toe hulle naby kom, sien halle 'n begrafnisstoet aankom van die poort van die dorp af. Langsaam het hulle voortbeweeg na die begraaf- plaas. Aan die voorpunt was die draers, met die lyk op 'n draagbaar, en rondom was die roudraers met hulle geween. Dit het gelyk of al die mense van die dorpie daar was om hulle laaste eer aan die dode, en hulle medelyde met die naasbestaandes te betoon.

Dit was 'n treurige skouspel. Die oorledene was die enigste seun van sy weduwee-moeder. Die eensame moeder het die enigste een wat vir haar hier op aarde gesorg het, na die graf gevolg. "En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel." Sy het al wenende voortbeweeg, blind van die trane, sodat sy Hom nie gesien het nie. Hy het na haar toe aangekom en saggies gesê, "Moenie ween nie!" Jesus sou haar droefheid in vreugde verander, maar nogtans kon Hy nie help om uiting te gee aan Sy tere meegevoel nie.

"Hy het nadergegaan en die baar aangeraak; selfs die aanraking met die dode kon Hom nie besoedel nie. Die draers het stilgestaan, en die geween van die roudraers het opgehou. Die twee klompe mense het om die baar gestaan, hopende teen hoop. Iemand was teenwoordig wat siekte verban en duiwels oorwin het; sou die dood ook swig vir Sy mag?" [320]

Met 'n helder, gebiedende stem is die woorde gespreek, "Jongeling, Ek sê jou, staan op!" Daardie stem het die ore van die dode deurboor. Die jongeling het sy oë oopgemaak. Jesus het hom by die hand geneem en hom opgerig. Toe val Sy blik op die wenende moeder langs Hom, en sien Hy hoe die moeder haar seun lank en met blydskap omhels. Betower het die skare alles in stilte aanskou. "Vrees het almal aangegryp." Eerbiedig het hulle so vir 'n rukkie gestaan asof hulle in die teenwoordigheid van God was. Toe het hulle God verheerlik en gesê: "'n Groot profeet het onder ons opgestaan; en; God het Sy volk besoek." Die begrafnisstoet is na Nain terug,

nou 'n triomfantlike optog. "En hierdie woord aangaande Hom het uit- gegaan in die hele Judea en in die hele omtrek."

Hy wat by die treurende moeder gestaan het by die poort van
[321] Nain, sien elke treurende langs die baar. Hy het medelyde met ons

droefheid. Sy hart van liefde en ontferming, is 'n hart van onveranderlike tederheid. Sy woord, wat die dode in die lewe teruggeroep het, is vandag net so magtig as toe dit gespreek is tot die jongeling van Nain. Hy sê, "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." Matt. 28: 18. Die verloop van die jare het nie daardie krag laat verminder nie, en nog minder is dit uitgeput deur die onafgebroke werking van Sy oorvloedige genade. Vir almal wat in Hom glo, is Hy nog die lewende Verlosser. Jesus het daardie moeder se verdriet in vreugde verander toe Hy haar seun aan haar teruggegee het; maar die jongeling is teruggeroep in hierdie aardse lewe om die verdriet, geswoeg, en gevare te trotseer, en om weer onder die mag van die dood te kom. Maar Jesus vertroos ons verdriet oor die dode met 'n bood- skap van ewige hoop: "Ek is . . . die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. . . . En ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." "Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was." Openb. 1: 17, 18; Heb. 2: 14, 15.

Die Satan kan nie die dode in sy mag vashou wanneer die Seun van God hulle gebied om te lewe nie. Ook kan hy nie een siel in die geestelike dood vashou wat Christus se magwoord in geloof aanneem nie. God sê aan almal wat dood is in die sonde, "Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode." Efe. 5: 14. Daardie woord is die ewige lewe. Net soos die woord van God wat die eerste mens gebied het om te lewe, nog aan ons die lewe gee; net soos Christus se woord, "Jongeling, Ek sê jou, staan op!" die lewe geskenk het aan die jongeling van Nain, so is hierdie woord, "Staan op uit die dode," lewe vir die siel wat dit aanneem. God het ons verlos "uit die mag van die duisternis, en oorgebring ... in die koninkryk van die Seun van Sy liefde." Kol. 1: 13. Dit word alles vir ons aangebied in Sy Woord. As ons die Woord aanneem, dan het ons die verlossing.

"En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggaam lewendig maak deur Sy Gees wat in julle woon." "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van [322]
God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." Rom. 8: 11; 1 Thess. 4: 16, 17. Dit is die woord van vertroosting waarmee die Here ons gebied om mekaar te vertroos. [323]

# Wie is My Broers?

DIE seuns van Josef het glad nie saam met Jesus gevoel in Sy werk nie. Die berigte wat hulle bereik het aangaande Sy lewe en werk het hulle met verbasing en ontsteltenis vervul. Hulle het gehoor dat Hy hele nagte in gebed deurgebring het, en dat Hy bedags deur groot skares omring was en dat Hy Hom nie die tyd gegun het om te eet nie. Sy vriende het gevoel dat Hy Homself gedaan gemaak het deur Sy aanhoudende werk. Hulle kon nie Sy houding teenoor die Fariseërs verklaar nie, en daar was sommige wat gevrees het dat Hy verstandelik ongebalanseerd geraak het.

Sy broers het daarvan gehoor, en ook van die beskuldiging van die Fariseërs dat Hy duiwels uitgewerp het deur die mag van die Satan. Hulle het die smaad baie gevoel wat op hulle gekom het deur hulle verwantskap aan Jesus. Hulle het geweet watter opskudding Sy woorde en werke veroorsaak het, en nie alleen was hulle ontsteld oor Sy vry- postige uitlatings nie, maar hulle was gebelgd oor Sy bestraffing van die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hulle het besluit dat Hy oorgehaal of gedwing moes word om hierdie wyse van optrede te staak, en hulle het Maria gevra om saam met hulle te staan, menende dat hulle, deur Sy liefde vir haar, Hom mag oorreed om meer verstandig te wees.

Dit was net 'n rukkie tevore dat Jesus vir die tweede maal die wonderwerk verrig het om 'n man te genees wat blind, en stom, en
[324] deur 'n duiwel besete was; en die Fariseërs het die beskuldiging herhaal: "Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit." Matt. 9: 34.

Christus het reguit aan hulle gesê dat, omdat hulle die werk van die Heilige Gees aan die Satan toegeskryf het, hulle hulleself afgesny het van die Bron van seëninge. Diegene wat teen Jesus self gespreek het, en nie Sy goddelike karakter besef het nie, mag nog vergifnis ontvang; want deur die Heilige Gees kon hulle miskien daartoe gebring word om hulle dwaling te sien en hulle te bekeer. Wat die sonde ook is, as die siel glo en tot bekering kom, sal die

skuld uitgedelg word deur die bloed van Christus; maar die een wat die werk van die Heilige Gees verwerp, plaas homself in ’n posisie waar bekering en geloof onmoontlik is. Dit is deur die Gees dat God in die hart werk. Wanneer mense moedswillig die Gees verwerp, en sê dat dit van die Satan is, sny hulle hulleself af van die kanaal waardeur God met die mens in verbinding kan tree. Wanneer die Gees finaal verwerp is, is daar niks meer wat God vir die siel kan doen nie.

Die Fariseërs aan wie Christus hierdie waarskuwing gegee het, het self nie die beskuldiging geglo wat hulle teen Hom ingeonng het nie. Daar was nie een van daardie waardigheidsbekleërs wat nie tot die Heiland aangetrokke gevoel het nie. Hulle het die stem van die Gees in hulle eie harte gehoor wat gesê het dat Hy die Gesalfde van Israel is, en wat by hulle aangedring het om Sy dissipels te word. In die lig van Sy teenwoordigheid het hulle hulle eie onheiligheid besef, en hulle het verlang na ’n geregtigheid wat hulle self nie kon skep nie. Maar ná hulle verwerping van Hom, sou dit vir hulle te vernederend wees om Hom aan te neem as die Messias. Nadat hulle hulle voete in die weg van ongeloof geplaas het, was hulle te trots om hulle dwaling te bely. En deur te weier om die waarheid te erken, het hulle met geweld probeer om die Heiland se leer te bestry. Die bewyse van Sy krag en genade het hulle net meer kwaad gemaak. Hulle kon die Heiland nie belet om Sy wonderwerke te doen nie; hulle kon Sy leer nie stilmaak nie; maar hulle het alles in hulle mag gedoen om Hom vals voor te stel en Sy woorde te vervals. Maar nog het die oortuigende Gees van God hulle agtervolg, en hulle moes baie ver- sperrings oprig om Sy krag te weerstaan. Die magtigste werktuig wat in die menslike hart kan werk, was besig om met hulle te werk, maar hulle wou nie toegee nie. [325]

Dit is nie God wat mense se oë verblind en hulle hart verhard nie. Hy stuur die lig om hulle uit hulle dwaling te help en hulle op veilige paaie te lei; dit is wanneer hulle die lig verwerp dat hulle oë verblind en hulle hart verhard word. Dikwvels geskied die proses geleidelik en byna ongemerk. Lig kom tot die siel deur Gods Woord, deur Sy diensknegte, of deur die regstreekse werking van Sy Gees; maar wanneer een ligstraal veronagsaam word, geskied daar ’n gedeeltelike verduistering van die geestesvermoëns, en die tweede ligstraal word dan nie so maklik gesien nie. So neem die

duisternis toe totdat dit nag is in die siel. So het dit gegaan met daardie Joodse leiers. Hulle was oortuig dat daar ’n goddelike krag in Christus was, maar om die waarheid te weerstaan, het hulle die werk van die Heilige Gees aan die Satan toegeskryf. Deur dit te doen, het hulle moedswillig die bedrog gekies; hulle het hulleself aan die Satan oorgegee, en daarna is hulle deur sy mag beheers.

In noue verband met Christus se waarskuwing aangaande die sonde teen die Heilige Gees, staan ook die waarskuwing teen ydele en sondige woorde. Die woorde is ’n aanwysing van wat in die hart is. “Uit die oorvloed van die hart praat die mond.” Maar die woorde is meer as ’n aanduiding van die karakter; hulle het ook krag om in te werk op die karakter. Mense word beïnvloed deur hulle eie woorde. Dikwels, in n driftige oomblik, en besiel deur die Satan, gee hulle uiting aan jaloesie of bose bedenkinge, en sê hulle dinge wat hulle nie werklik glo nie, maar die woorde werk in op hulle gedagtes. Hulle word bedrieg deur hulle eie woorde, en hulle glo dit op ingewing van die Satan. As hulle eenmaal die opinie of gevolgtrekking uitgespreek het, is hulle dikwels te trots om hulle woorde terug te trek, en hulle probeer om te bewys dat hulle reg is totdat hulle dit self glo. Dit is gevaarlik om woorde van twyfel uit te spreek, en gevaarlik om die goddelike lig in twyfel te trek of te kritiseer. Die gewoonte om on- verskillige en oneerbiedige kritiek uit te spreek, werk in op die karakter deur die persoon oneerbiedig en ongelowig te maak. Menige persoon wat hierdie weg ingeslaan het, het daarop voortgegaan onbewus van die gevaar totdat hy sover gegaan het dat hy die plek bereik waar hy die werk van die Heilige Gees gekritiseer en selfs verwerp het. Jesus het gesê, “Elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en
[326] uit jou woorde sal jy veroordeel word.”

Toe het Hy ’n waarskuwing gegee aan diegene wat onder die indruk van Sy woorde gekom het, wat Hom met blydskap gehoor, maar hulleself nie oorgegee het vir die inwoning vare die Heilige Gees nie. Dit is nie net deur weerstand wat ´n siel kan verlore gaan nie, maar ook deur nalatigheid. “Wanneer ’n onreine gees uit die mens uitgegaan het,” het Jesus gesê, “gaan hy deur waterlose plekke en soek rus en kry dit nie. Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en kry dit leeg, uitgeveeg en

versier. Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar."

Daar was vele in die tyd van Christus, en vandag nog, by wie die beheer van die Satan skynbaar vir 'n tyd verbreek is; deur die genade van God is hulle bevry van die bose geeste wat oor hulle siel heer- skappy gevoer het. Hulle het hulle verbly in die liefde van God; maar soos by diegene by wie die saad op rotsagtige grond geval het, het hulle nie in Sy liefde gebly nie. Hulle het hulle nie daeliks aan God oorgegee sodat Christus in hulle hart kon woon nie; en toe die bose gees terugkom met "sewe ander geeste slegter as hy self, is hulle heeltemal beheers deur die mag van die Bose."

Wanneer die siel hom aan Christus oorgee, neem 'n nuwe mag besit van die nuwe hart. Daar word 'n verandering bewerk wat die persoon nie self kon bewerk nie. Dit is 'n bonatuurlike werk wat n bonatuurlike element in die menslike natuur bring. Die siel wat aan Christus oorgegee is, word 'n fort van Hom, wat Hy beset in n opstandige wêreld, en dis Sy plan dat geen gesag daarin sal erken word behalwe Sy eie nie. 'n Siel wat so in besit van hemelse kragte is, sal bestand wees teen al die aanvalle van die Satan. Maar tensy ons ons oorgee aan die beheer van Christus, sal ons beheers word deur die Bose. Ons sal onvermydelik onder die beheer wees van die een of die ander van die twee groot magte wat stry om opperheerskappy in hierdie wêreld. Dit is nie nodig om regstreeks die koninkryk van die duisternis te kies om onder sy dominasie te kom nie. 'n Persoon hoef maar net na te laat om homself te verbind met die koninkryk van die lig. As ons nie saamwerk met die hemelse werktuie nie, sal die Satan besit- neem van die hart en dit sy woonplek maak. Die enigste verdediging teen boosheid is die inwoning van Christus in die hart deur geloof in Sy geregtigheid. Tensy daar 'n lewende verbintenis met God is, sal ons nooit die onheilige uitwerking van eie-liefde, [327]
selfbevrediging, en die versoeking tot die sonde kan weerstaan nie. Ons mag baie siegte gewoontes laat staan, en vir 'n tyd mag ons gemeenskap verbreek met die Satan, maar sonder 'n lewende verbintenis met God deur oorgawe aan Hom van oomblik tot oomblik, sal ons oorwin word. Sonder 'n persoonlike kennis van Christus en gedurige gemeenskap met Hom, sal ons aan die genade van die vyand oorgelaat word, en ons sal sy bevele uitvoer tot die einde toe.

“Die laaste van daardie mens word erger as die eerste. So sal dit ook wees,” het Jesus gesê, “met hierdie bose geslag.” Daar is niemand wat so verhard is as diegene wat die uitnodiging van genade en die Gees van genade versmaai het nie. Die algemeenste sonde teen die Heilige Gees is die gedurige verwerping van die Hemel se uitnodiging tot bekering. Elke stap in die verwerping van Christus is ’n stap in die verwerping van die saligheid, en dit lei tot die sonde teen die Heilige Gees.

Deur Christus te verwerp het die Joodse volk die onvergeeflike sonde gepleeg; en deur die uitnodiging tot genade te versmaai, mag ons dieselfde sonde pleeg. Ons beledig die Vors van die lewe, en steek Hom in die skande voor die sinagoge van die Satan en voor die heelal wanneer ons weier om te luister na Sy boodskappers, en wel luister na afgesante van die Satan wat ons van Christus wil skei. So- lank as ’n persoon dit doen, het hy geen hoop op vergifnis nie en sal hy eindelik geen begeerte meer hê om met God versoen te raak nie.

Terwyl Jesus nog besig was om die mense te leer, het Sy dissipels Hom verwittig dat Sy moeder en broers buite gewag het om met Hom te praat. Hy het geweet wat in hulle harte omgaan en Hy het geantwoord: “Wie is My moeder? en wie is My broers? En Hy steek Sy hand uit oor Sy dissipels en sê: Daar is My moeder en My broers. Want elkeen wat die wil doen van My Vader wat in die hemele is, die is My broer en suster en moeder.”

Almal wat Christus aanneem deur die geloof, word met Hom verbind deur bande sterker as die van menslike verwantskap. Hulle sal een met Hom word, net soos Hy een met die Vader is. As ’n gelowige en dader van Sy woord was Sy moeder, wat die verlossing betref, nouer met Hom verbind as deur haar natuurlike verwantskap. Sy broers sou geen baat vind deur hulle verwantskap met Hom tensy hulle Hom ook in geloof aanneem as hulle persoonlike Verlosser
[328] nie.

Watter steun sou Christus nie gevind het in Sy aardse familie- betrekkings as hulle in Hom sou geglo het as die Een van die hemel gestuur, en as hulle saam met Hom sou gewerk het om Gods wil te doen nie! Hulle ongeloof het ’n skaduwee gewerp oor die aardse lewe van Christus. Dit was deel van daardie bitter beker van droefheid wat Hy vir ons moes drink.

Die vyandskap wat teen die evangelie opgewek is, is diep gevoel deur die Seun van God, en dit was vir Hom die pynlikste in Sy eie huis, want Sy eie hart was vol vriendelikheid en liefde en Hy het liefde verwag van Sy huisgenote. Sy broers wou hê dat Hy moes swig vir hulle idees wanneer so 'n handelwyse heeltemal in botsing sou kom met Sy goddelike sending. Hulle het gemeen dat Hy hulle raad nodig gehad het. Hulle het Hom uit 'n menslike oogpunt geoordeel, en hulle het gedink dat as Hy net die dinge sou spreek wat aanneemlik was vir die skrifgeleerdes en Fariseërs, Hy daardie onaangename stryd sou vermy wat deur Sy woorde opgewek is. Hulle het gemeen dat Hy 'n bietjie ongebalanseerd was omrede Sy aanspraak op goddelike gesag, en deur Homself bokant die rabbi's te stel in die bestraffing van hulle sondes. Hulle het geweet dat die Fariseërs geleentheid gesoek het om Hom te beskuldig, en hulle het gevoel dat Hy hulle genoeg rede daartoe gegee het.

Met hulle kort meetsnoer kon hulle nie die sending verstaan wat Hy kom vervul het nie, en om daardie rede kon hulle nie met Hom simpatiseer in Sy beproewings nie. Hulle harde, onvriendelike woorde het getoon dat hulle 'n verkeerde begrip van Sy karakter gehad het, en nie besef het dat daar 'n vereniging van die goddelike met die menslike was nie. Hulle het Hom dikwels in groot droefheid gesien, maar pleks van Hom te troos, het hulle gees en hulle woorde net Sy hart verwond. Sy gevoelige natuur is gemartel, Sy motiewe is nie verstaan, en Sy werk nie begryp nie.

Sy broers het dikwels die filosofie van die Fariseërs aangevoer, stokoud en verslete, en hulle het gemeen dat hulle Hom kon leer — Hy wat al die waarheid verstaan en al die verborgenhede geweet het. Wat hulle nie kon verstaan nie, het hulle sommer alles veroordeel. Hulle verwyte het Hom diep seergemaak en Sy siel was moeg en ongelukkig. Hulle het geloof in God betuig en het gedink dat hulle God geregverdig het, maar God was al die tyd by hulle in die vlees en hulle het Hom nie geken nie. [329]

Hierdie dinge het Sy pad met dorings besaai. Die misverstand in Sy eie huis het Christus so gegrief dat dit vir Hom 'n verligting was om nie daar te wees nie. Daar was een huis wat Hy baie graag besoek het — die huis van Lasarus, Maria en Martha; want in die atmosfeer van liefde het Hy rus vir Sy gees gevind. Maar daar was nogtans niemand op aarde wat Sy goddelike sending kon verstaan,

of geweet het van die las wat Hy ten behoewe van die mensdom gedra het nie. Dikwels kon Hy net in eensaamheid verligting kry, en in gemeenskap met Sy Vader.

Diegene wat geroep is om vir die ontwil van Christus te ly, wat misverstaan en gewantrou word selfs in hulle eie huis, kan vertroosting vind in die gedagte dat Jesus net so moes ly. Hy is met ontferming bewoë oor hulle. Hy gebied hulle om gemeenskap met Hom te soek, en verligting te vind waar Hy dit gevind het, naamlik in gemeenskap met die Vader.

Diegene wat Christus aanneem as hulle persoonlike Saligmaker, word nie as wese gelaat om die beproewings van die lewe alleen te dra nie. Hy neem hulle aan as lede van die hemelse gesin; Hy laat hulle Sy Vader, hulle Vader noem. Hulle is Sy "kleintjies," dierbaar vir die hart van God, en met Hom verbind met die teerste en blywendste bande. Net soveel hoër as wat die goddelike as die menslike is, is Sy gevoel teenoor ons ook baie sterker as die van ons vader of moeder in ons hulpeloosheid.

In die wette soos aan Israel gegee, het ons 'n pragtige illustrasie van Christus se verhouding teenoor Sy volk. As 'n Hebreër deur armoede genoodsaak was om afstand te doen van sy erfdeel, en homself moes verkoop, dan het die plig om hom en sy erfdeel weer los te koop, geval op sy naaste bloedverwant. (Sien. Lev. 25: 25, 47-49; Rut 2: 20.) So ook het die werk om ons en ons erfdeel weer los te koop, wat ons deur die sonde verbeur het, geval op Hom wat ons "naas- bestaande" is. Dit was om ons los te koop dat Hy ons naasbestaande geword het. Baie nader aan ons as vader, moeder, broer, vriend, of beminde, is die Here ons Verlosser. "Wees nie bevrees nie," sê Hy, "want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!" "Omdat jy kostelik is in My oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou
[330] lewe." Jes. 43:1-4

Christus het die hemelse wesens lief rondom Sy troon; maar hoe sal ons die groot liefde verklaar waarmee Hy ons liefgehad het? Ons kan dit nie verstaan nie, maar in ons eie lewe kan ons ondervind dat dit waar is. En as ons Sy naasbestaandes is, met watter liefde behoort ons diegene te bejeën wat broeders en susters van ons Heiland is! Behoort ons nie die eerste te wees cm die aansprake van goddelike

bloedverwantskap te erken nie? Aangeneem in die gesin van God, behoort ons nie ons Vader en ons naasbestaandes te eer nie? [331]

# Die Uitnodiging

KOM na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."

Hierdie woorde van vertroosting is gespreek tot die skare wat Jesus gevolg het. Die Heiland het geleer dat mense alleen deur Hom tot 'n kennis van God kon geraak. Hy het van Sy dissipels gepraat as diegene aan wie die dinge van die hemel gegee is. Maar Hy het niemand laat voel dat hulle uitgesluit was van Sy sorg en liefde nie. Almal wat vermoeid en swaar belas is, mag na Hom toe kom.

Die skrifgeleerdes en rabbi's, met hulle nougesette nakoming van godsdienstige vorms, het 'n behoefte gevoel wat rites van boetvaardigheid nie kon bevredig nie. Tollenaars en sondaars mag die skyn gee dat hulle tevrede is met die sinlike en die aardse, maar diep in hulle harte is daar wantroue en vrees. Jesus het die ellendiges en vermoeides van hart gesien, diegene wie se hoop verydel was, en wat deur singenot gesoek het om die verlangens van die siel te stil, en Hy het hulle almal uitgenooi om rus in Hom te vind.

Met ontferming het Hy aan diegene wat geswoeg het, gesê, "Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele."

Met hierdie woorde spreek Christus tot elke mens. Of hulle dit
[332] weet of nie, is almal vermoeid en swaar belas. Almal gaan gebuk. onder laste wat Christus alleen kan wegneem. Die swaarste las wat ons dra, is die las van die sonde. As ons alleen gelaat moes gewees het om hierdie las te dra, sou ons daaronder beswyk. Maar die sondelose Een het ons plek geneem. "Die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Jes. 53: 6. Hy het die las van ons skuld gedra. Hy sal die drag van ons matte skouers afneem. Hy sal ons rus gee. Die las van sorge en verdriet sal Hy ook dra. Hy nooi ons om al ons sorge op Hom te werp, want Hy sal dit dra.

Die oudste broer van ons geslag is op die ewige troon. Hy sien elke siel aan wat na Hom toe kom as die Verlosser. Uit ondervinding ken Hy die swakhede van die mensdom; Hy ken ons behoeftes en

Hy weet waar ons die maklikste sal versoek word, want Hy is in alle opsigte versoek net soos ons, maar sonder sonde. Hy waak oor jou, sidderende kind van God. Is u versoek? Hy sal u verlos. Is u swak? Hy sal krag gee. Is u onkundig? Hy sal u verlig. Is u verwond? Hy sal genees. Die Here "bepaal die getal van die sterre;" maar nogtans "genees Hy die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde." Ps. 147: 4, 3. "Kom na My toe" is Sy uitnodiging. Wat ook u angste en beproewings mag wees, stel jou saak voor die Here. Hy sal u gees versterk. Die weg sal vir u oopgaan sodat u u kan loswikkel uit die moeilikheid. Hoe meer u u hulpeloosheid voel, hoe sterker sal u word in Sy krag. Hoe swaarder u laste, hoe saliger sal die rus wees as u dit op die Lasdraer werp. Die rus wat Christus aanbied, is voor- waardelik, en die voorwaardes word duidelik gestel. Hulle is so dat almal aan hulle kan voldoen. Hy vertel ons presies hoe ons Sy rus kan vind.

"Neem My juk op julle," sê Jesus. Die juk is 'n werktuig vir diens. Osse word ingespan vir diens, en die juk is nodig sodat hulle doeltreffend kan werk. Deur hierdie illustrasie leer Christus ons dat ons tot diens geroep is solank as wat ons lewe. Ons moet Sy juk opneem, sodat ons medewerkers saam met Hom kan wees.

Die juk wat ons tot diens bind, is die wet van God. Die groot wet van liefde geopenbaar in Eden, afgekondig op Sinai, en in die nuwe verbond in die hart geskryf, is die wet wat die menslike werker bind tot die wil van God. As ons alleen gelaat sou word om ons eie neigings te volg, om te gaan waar ons eie wil ons sou lei, sou ons in die geledere van die Satan beland en sy eienskappe aanneem. Daarom beperk God ons tot Sy wil wat hoog, en edel, en verheffend [333] is. Hy wil hê dat ons geduldig en verstandig die pligte van diens moet opneem. In Sy mensheid het Christus self hierdie juk van diens gedra. Hy het gesê: "Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen, en U wet is binne-in My ingewande." Ps. 40: 9. "Ek het uit die hemel neerge- daal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." Joh. 6: 38. Liefde vir God, ywer vir Sy heerlikheid, liefde vir sondige mense, het Jesus na die aarde gebring om te ly en te sterf. Dit was die beheersende krag van Sy lewe. Hy gebied ons om ook hierdie beginsel te aanvaar.

Daar is vele wat gebuk gaan onder 'n las van sorge omdat hulle aan die maatstaf van die wêreld wil voldoen. Hulle het die diens

van die wêreld gekies, die probleme daarvan aangeneem, asook die gewoontes. So is hulle karakter bederf en hulle lewe is ’n las. In hulle strewe en wêreldse begeertes kwes hulle die gewete en bring hulle op hulleself die bykomende las van selfverwyt. Die gedurige kwelling put hulle lewenskragte uit. Die Here wil hê dat hulle hierdie juk van slawerny moet afgooi; Hy sê, “My juk is sag en My las is lig.” Hy sê hulle moet eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid soek, en Hy belowe dat alles wat hulle in hierdie lewe nodig het, vir hulle bygevoeg sal word. Kwelling is blind en kan nie in die toekoms sien nie; maar Jesus sien die einde van die begin af. In elke moeilikheid sal Hy die uitweg aanwys. Ons hemelse Vader het ’n duisend maniere waarvan ons niks weet nie om in ons behoeftes te voorsien. Diegene wat daardie een beginsel aanneem om die diens en eer van God eerste te stel, sal vind dat hulle moeilikhede verdwyn en dat daar ’n effe pad voor hulle voete is.

“Leer van My,” sê Jesus, “want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele.” Ons moet in die skool van Christus gaan om van Hom sagmoedigheid en nederigheid te leer. Die verlossing is die proses waardeur die siel opgelei word vir die hemel. Hierdie opleiding beteken ’n kennis van Christus. Dit beteken bevryding van idees, gewoontes, en gebruike wat geleer is in die skool van die vors van die duisternis. Die siel moet verlos word van alles wat in stryd is met lojaliteit aan God.

In die hart van Christus waar daar volkome harmonie met God
[334] heers, is daar ook volkome vrede. Hy was nooit baie bly oor applous, of baie neerslagtig oor bestraffing of teleurstelling nie. In die grootste teenstand en in die wreedste mishandeling was Hy nog moedig. Maar vele wat bely dat hulle Sy navolgers is, is gekwel en onrustig omdat hulle bang is om hulleself aan God toe te vertrou. Hulle gee hulleself nie volkome aan Hom oor nie; hulle deins terug vir die gevolge wat sulke oorgawe mag meebring. Tensy hulle hulle oorgee, sal hulle nie vrede hê nie.

Dit is eie-liefde wat onrus veroorsaak. Wanneer ons van omhoog gebore is, sal dieselfde gesindheid in ons wees as in Jesus — die ge- sindheid wat Hom beweeg het om Homself te verneder sodat ons gered kan word. Dan sal ons nie die hoogste plek soek nie. Ons sal graag aan die voete van Jesus wil sit om van Hom te leer. Ons sal verstaan dat die waarde van ons werk nie geleë is in ’n vertoon

en geraas in die wêreld, of in groot bedrywigheid in ons eie krag nie. Die waarde van ons werk sal wees in verhouding tot die mate waarmee ons met die Heilige Gees vervul is. Vertroue in God bring heilige eienskappe in die gemoed, sodat ons in lydsaamheid ons siele sal bewaar.

Die osse word in die juk gespan om hulle te help om die vrag te trek — om die las te verlig. So is dit ook met die juk van Christus. Wanneer ons wil opgeneem is in die wil van God, en ons Sy gawes gebruik om ander te seën, sal ons die las van die lewe lig vind. Die persoon wat wandel in die weg van Gods gebooie, wandel met Christus, en in Sy liefde vind die hart rus. Toe Moses gebid het, "Maak my dan tog U weë bekend, dat ek U kan ken," het die Here hom geantwoord, "Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?" En deur die profete is die boodskap gegee, "So spreek die Here: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel." Exod. 33: 13, 14; Jer. 6: 16. Verder sê die Here, "Ag, as jy maar na My gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see." Jes. 48: 18.

Diegene wat Christus op Sy woord neem en hulle siele in Sy be-waring oorgee, en hulle lewens om deur Hom gereël te word, sal vrede en stilte vind. Niks van die wêreld kan hulle droefgeestig maak wanneer Jesus hulle met Sy teenwoordigheid blymaak nie. In volkome oorgawe is daar volkome rus. Die Here sê, "U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want dit vertrou op [335]
U." Jes. 26: 3. Ons lewe mag deurmekaar lyk, maar waar ons onsself oorgee aan die alwyse Meesterwerker, sal Hy die patroon van lewe en karakter uit- werk wat tot Sy eie heerlikheid sal strek. En die karakter wat 'n uitdrukking is van die heerlikheid — die karakter van Christus — sal in die Paradys van God toegelaat word. 'n Herskape geslag sal met Hom in wit klere wandel, want hülle is waardig.

Namate ons deur Jesus die rus ingaan, sal die hemel vir ons hier begin. Ons gee gehoor aan Sy uitnodiging: Kom en leer van My, en deur te kom, begin ons die ewige lewe. Die hemel is 'n onophoude-like nadering tot God deur Christus. Hoe langer ons in die hemel van heerlikheid is, hoe meer en meer van die heerlikheid sal ons sien; en hoe meer ons van God ken, hoe groter sal ons geluk wees. Waar ons met Jesus wandel in hierdie lewe, mag ons met Sy liefde vervul

en met Sy teenwoordigheid versadig word. Alles wat die menslike natuur kan neem, mag ons reeds in hierdie lewe hê. Maar wat is dit tog ver- geleke met die hiernamaals? Daar is hulle "voor die troon van God en dien Hom dag en nag in Sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal Sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle lei na lewende waterfonteine, en God sal alle trane
[336] van hulle oë afvee." Openb. 7:15-17.

# “Swyg, Wees Stil”

DITwas ’n baie besige dag in die lewe van Jesus. Langs die See van Galilea het Hy Sy eerste gelykenisse geleer, en deur bekende illustrasies het Hy weer aan die mense die aard van Sy koninkryk ver- duidelik, en die manier waarop dit opgerig sal word. Hy het Sy eie werk vergelyk met die van ’n saaier; die ontwikkeling van Sy koninkryk met die groei van ’n mosterdsaad, en die uitwerking van suurdeeg in meel. Die groot skeiding van regverdiges en onregverdiges aan die einde het Hy toegelig in die gelykenisse van die koring en die onkruid, en die visnet. Die kosbaarheid van die waarhede wat Hy geleer het, het Hy vergelyk met die verborge skat, en die baie kosbare pêrel; en in die gelykenis van die huisheer het Hy Sy dissipels geleer hoe hulle moes werk as Sy verteenwoordigers.

Die hele dag het Hy geleer en siekes gesondgemaak, en toe dit aand word, het die mense om Hom saamgedring. Dag na dag het Hy vir hulle gewerk, en het skaars tyd geneem om te eet en te rus. Die kwaadwillige kritiek en wanvoorstellings waarmee die Fariseërs Hom gedurig agtervolg het, het Sy werk meer moeilik en afmattend gemaak; en nou, aan die einde van die dag was Hy so uitgeput dat Hy besluit het om Hom te onttrek na ’n eensame plek oorkant die meer.

Die oostelike kus van Genesaret was nie onbewoon nie, want hier. en daar was daar dorpies; maar dit was nogtans ’n dorre streek [337]
ver- geleke met die westekant. Die bevolking was meer heidens as Joods, en daar was min verbinding met Galilea. Dit het aan Jesus die afsondering gegee wat Hy gesoek het, en Hy het Sy dissipels gevra om Hom daarheen te vergesel.

Nadat Hy die skare huis toe gestuur het, het hulle Hom in die skuit geneem “net soos Hy was” om na die anderkant oor te vaar. Maar hulle sou nie alleen vertrek nie. Daar was ander skuitjies naby die kant, en hulle was gou vol mense wat Jesus gevolg het, nog gretig om Hom te sien en te hoor.

Eindelik was die Heiland verlos van die gedrang van die skare, en, doodmoeg en honger, het Hy in die agterstewe van die skuit gaan lê; Hy was gou aan die slaap. Die aand was vreedsaam en aangenaam, en die meer was stil; maar skielik het die lug verdonker en 'n geweldige windstorm het oor die meer begin woed.

Die son was onder en die duisternis het op die onstuimige see neer- gesak. Die woeste bare, deur die storm aangedryf, het kwaai oor die dissipels se skuit gebreek en gedreig om dit te verswelg. Daardie geharde vissers het hulle hele lewe op die meer deurgebring, en het hulle skuitj ie al deur baie storms gestuur, maar nou was hulle krag en behendigheid tevergeefs. Hulle was hulpeloos in die greep van die storm, en hulle het begin moed verloor toe hulle sien dat hulle skuit vinnig vol water word.

Hard besig met pogings om hulleself te red, het hulle vergeet dat Jesus aan boord was. Toe hulle nou sien dat hulle pogings tevergeefs was en die dood hulle in die aangesig staar, het hulle skielik onthou op wie se bevel hulle begin oorvaar het. In Jesus was hulle enigste hoop. In hulle hulpeloosheid en wanhoop het hulle uitgeroep, "Meester, Meester!" maar in die duisternis kon hulle Hom nie sien nie. Hulle stemme is onhoorbaar gemaak deur die gedreun van die storm, en daar het geen antwoord gekom nie. Twyfel en vrees het hulle nou oorval. Het Jesus hulle verlaat? Was Hy wat die oorwinning behaal het oor siekte, duiwels, en selfs die dood, magteloos om hulle nou te help? Het Hy hulle in hulle gevaar vergeet?

Weer roep hulle, maar al antwoord was die geloei van die vreeslike wind. Hulle skuit het reeds begin sink. Nog net een oomblik en
[338] hulle sou wegsink in die bruisende waters.

Skielik het 'n blits die duisternis deurboor, en sien hulle Jesus aan die slaap, nie versteur deur die storm nie. Verbaas en wanhopig het hulle uitgeroep, "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Hoe kon Hy so rustig slaap terwyl hulle vir hulle lewe worstel met die dood ?

Hulle geroep het Jesus wakkergemaak. In die lig van die weerligstrale sien hulle die vrede van die hemel op Sy gelaat; in Sy blik lees hulle onselfsugtige, tere liefde, en hulle harte roep tot Horn, "Here, red ons, ons vergaan!"

Nog nooit het 'n siel tevergeefs geroep nie. Toe die dissipels hulle roeispane gryp om 'n laaste poging aan te wend, het Jesus

opgestaan. Terwyl die storm nog woed, staan Hy daar tussen Sy dissipels, die branders breek oor hulle en die weerlig verlig Sy aangesig. Hy hef Sy hand op — iets wat Hy dikwels gedoen het in Sy dade van barmhartigheid, en sê aan die onstuimige see, "Swyg, wees stil!"

Die storm bedaar. Die bare kom tot rus. Die wolke breek en die sterre begin te skitter. Die skuit rus op 'n stille see. Toe wend Jesus Hom tot Sy dissipels en vra droewig, "Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?" Markus 4: 40.

'n Stilte het onder die dissipels geheers. Selfs Petrus het nie probeer om uiting te gee aan die heilige vrees wat sy hart vervul het nie. Die ander skuitjies wat agter Jesus aangevaar het, was in dieselfde gevaar as die waarin die dissipels verkeer het. Vrees en wanhoop het die opvarendes oorval, maar die bevel van Jesus het stilte gebring. Die vreeslike storm het die skuitjies dig bymekaar gebring, en almal aan boord het die wonderwerk gesien. In die stilte wat gevolg het, het hulle hulle vrees vergeet. Die mense het onder mekaar gefluister, "Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die winde en die meer Hom gehoor- saam is?"

Toe Jesus wakkergemaak is in die storm, was daar volkome vrede in Sy hart. In Sy blik of woorde was daar geen sweem van vrees nie, want daar was geen vrees in Sy hart nie. Maar dit was nie omdat Hy almagtig was nie. Dit was nie as die "Meester van die aarde en die see en die lug" dat Hy so kalm was nie. Daardie mag het Hy afgelê, en gesê, "Ek kan uit Myself niks doen nie." Joh. 5: 30. Hy het vertrou op die mag van Sy Vader. Dit was in geloof — geloof in Gods liefde en beskerming — waarin Jesus gerus het, en die mag van die woorde wat die storm gestil het, was die mag van God. [339]

Net soos Jesus deur die geloof vertrou het op die Vader se beskerming, moet ons ook vertrou op die beskerming van ons Verlosser. As die dissipels op Hom sou vertrou het, sou hulle in vrede bewaar gewees het. Hulle vrees in die oomblik van gevaar het hulle ongeloof geopenbaar. In hulle pogings om hulleself te red, het hulle Jesus vergeet; en dit was alleen toe hulle hulle wanhopig tot Hom gewend het dat Hy hulle kon help.

Hoe dikwels begaan ons dieselfde fout as die dissipels! Wanneer die storms van versoeking saampak en dit blits en die branders oor ons breek, worstel ons alleen met die storm, en vergeet ons dat daar

Iemand is wat ons kan verlos. Ons vertrou op ons eie krag tot ons nie meer hoop het nie en ons op die punt staan om te vergaan. Dan onthou ons Jesus, en as ons Hom aanroep om ons te red, sal ons nie tevergeefs roep nie. Alhoewel Hy met droefheid ons ongeloof en selfvertroue mag bestraf, versuim Hy nooit om ons die hulp te gee wat ons nodig het nie. Of ons op land of op die see is, as ons die Heiland in ons hart het, hoef ons nie te vrees nie. 'n Lewende geloof in die Verlosser sal die lewensee kalm maak, en Hy sal ons beskerm op die pad wat Hy die beste vir ons ag.

Daar is nog 'n ander geestelike les in hierdie wonderwerk toe die storm stilgemaak is. Elke mens se ervaring getuig van die waarheid van die Skrifwoord, "Die goddelose mense is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie. . . . Geen vrede, sê my God, vir die goddelose nie!" Jes. 57: 20, 21. Die sonde het ons vrede vernietig. Terwyl die eie-ek nie onder beheer is nie, kan ons geen rus vind nie. Geen mens kan die drifte van die hart in toom hou nie. In hierdie opsig is ons net so hulpeloos soos die dissipels was om die storm stil te maak. Maar Hy wat die bare op die meer van Galilea tot be- daring gebring het, spreek die woord van vrede vir elke siel. Hoe kwaai die storm ook is, sal diegene wat hulle tot Jesus wend met die geroep, "Here, red ons!" redding vind. Sy genade, wat die siel met God versoen, bring die menslike drifte tot bedaring, en in Sy liefde vind die hart rus. "Hy het die storm 'n gesuis gemaak, en hulle golwe het stil geword. Toe was hulle bly, omdat dit rustig geword het, en Hy het hulle gelei na die hawe van hulle begeerte." Ps. 107: 29, 30. "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede
[340] by God deur onse Here Jesus Christus." "En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid." Rom. 5:1; Jes. 32: 17.

In die vroeë more het die Heiland en Sy metgeselle by die kus gekom, en die eerste sonstrale het see en land gekus soos met 'n seën van vrede. Maar nog skaars was hulle aan wal of hulle het 'n gesig gesien nog vreesliker as die storm. Uit 'n skuilplek tussen die grafte het twee besetenes op hulle afgestorm asof hulle hulle wou verskeur. Hangende aan hierdie manne was nog stukke kettings wat hulle ge- breek het toe hulle uit die gevangenis ontsnap het. Hulle vlees was geskeur en bloeiende waar hulle hulleself met skerp klippe gesny het. Hulle oë het wreed gestaar deur hulle gekoekte hare, en

dit het gelyk of alle menslikheid uitgewis is deur die duiwels wat in hulle was; hulle het meer soos wilde diere gelyk as mense.

Die dissipels en die ander het in vrees gevlug; maar toe hr-t hulle gemerk dat Jesus nie by hulle was nie, en hulle het omgedraai om te kyk waar Hy was; Hy het nog gestaan net waar hulle Hom gelaat het. Hy wat die storm gestil, en wat al tevore die Satan ontmoet en hom oorwin het, het nie vir hierdie duiwels gevlug nie. Toe die manne, met knersende tande en skuim aan die mond Hom nader, het Jesus die hand opgehef waarmee Hy die storm gestil het, en die manne kon nie verder kom nie. Hulle het rasend maar hulpeloos voor Hom gestaan.

Met gesag het Hy die onreine geeste gebied om uit hulle uit te gaan. Sy woorde het tot die verduisterde verstand van die ongelukkige manne deurgedring. Vaag het hulle besef dat daar Iemand naby hulle was wat hulle kon verlos van die kwellende duiwels. Hulle het aan die Heiland se voete geval om Hom te aanbid; maar toe hulle hulle lippe oopmaak om Hom om genade te smeek, het die duiwels deur hulle gepraat en heftig geskreeu, "Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie."

Jesus het gevra, "Wat is jou naam?" en die antwoord was, "Legio is my naam, want ons is baie." Hulle het die geteisterde manne gebruik as mediums en Jesus gesmeek om hulle nie die land uit te stuur nie. Teen die berghelling, nie ver daarvandaan nie, het daar 'n trop varke gewei. Die duiwels het Jesus gevra om hulle toe te laat om in die varke te vaar, en Hy het dit gedoen. Dadelik het die varke [341]
op loop gesit. Hulle het van die krans af gestorm in die meer en het verdrink.

In die tussentyd het daar 'n wonderbaarlike verandering gekom oor die besetenes. Lig het in hulle verstand geskyn. Hulle oë het gefonkel van intelligensie. Hulle gelaat, so lank misvorm deur die beeld van die Satan, het skielik versag; hulle bebloede hande was stil, en met blye stemme het die manne God geloof vir hulle verlossing.

Van die krans af het die oppassers van die varke alles gesien wat gebeur het, en hulle is daar weg om dit bekend te maak aan hulle werk- gewers en aan al die mense. In vrees en verwondering het al die mense gekom om Jesus te ontmoet. Die twee besetenes was die skrik van die hele land. Niemand was veilig wat by die plek

verbygegaan het waar hulle geskuil het nie; want hulle het op elke reisiger met die woede van duiwels afgestorm. Nou was hierdie manne gekleed en by hulle regte verstand; hulle het aan Sy voete gesit, na Sy woorde geluister, en die Naam van Hom geloof wat hulle verlos het. Maar die mense wat hierdie wonderbare toneel aanskou het, was nie bly nie. Hulle het meer gedink aan die verlies van die varke as aan die verlossing van hierdie twee gevangenis van die Satan.

Dit was 'n seën vir die eienaars van die varke dat hierdie verlies hulle getref het. Hulle was in beslag geneem deur aardse dinge, en het nie omgegee vir die groot belange van die geestelike lewe nie. Jesus wou die begogeling van selfsugtige onverskilligheid verbreek, sodat hulle Sy genade kon aanneem. Maar spyt en verontwaardiging oor hulle stoflike verlies het hulle oë verblind vir die Heiland se genade.

Die openbaring van bonatuurlike krag het die bygeloof van die mense opgewek asook hulle vrees. Die teenwoordigheid van hierdie Vreemdeling onder hulle mag verdere rampe bring. Hulle het gevrees vir finansiële ondergang, en hulle was vasbeslote dat hulle Hom nie daar wou hê nie. Diegene wat die meer saam met Jesus oorgesteek het, het vertel van alles wat die vorige nag gebeur het, van hulle gevaar in die storm en hoe die wind en die see stilgemaak is. Maar hulle woorde het geen uitwerking gehad nie. In vrees het die mense hulle om Jesus geskaar en Hom gesmeek om weg te gaan van hulle af, en Hy het dit gedoen deur dadelik weer oor te vaar na die anderkant toe.

Die mense van Gergesa het voor hulle die lewende bewys gehad van Christus se krag en genade. Hulle het die manne gesien wat
[342] ver- standelik genees is, maar hulle was so bang dat hulle hulle stoflike belange in gevaar sou stel dat hulle Hom wat die vors van die duisternis voor hulle oë verslaan het, beskou het as 'n indringer, en hulle het die Gawe van die hemel laat omdraai voor hulle deure. Ons het nie die geleentheid om ons af te wend van die persoon van Christus soos daardie Gergeseners nie; maar tog is daar vele wat weier om Sy Woord te gehoorsaam omdat gehoorsaamheid die opoffering van aardse belange mag meebring. Omdat hulle bang is dat Sy teenwoordigheid geldelike verlies vir hulle mag beteken, verwerp baie Sy genade en verdryf hulle Sy Gees van hulle.

Maar daardie verloste besetenes het heeltemal anders gevoel. Hulle wou in die teenwoordigheid van hulle Verlosser wees. In Sy teenwoordigheid het hulle veilig gevoel teen die duiwels wat hulle lewe gekwel en hulle manlikheid verwoes het. Toe Jesus in die skuit wou klim, het hulle dig aan Sy sy gebly, aan Sy voete gekniel en Hom gesoebat om hulle naby Hom te hou waar hulle na Sy woorde kon luister. Maar Jesus het hulle beveel om huis toe te gaan en die groot dinge te vertel wat die Here vir hulle gedoen het.

Hier was n werk vir hulle om te doen — hulle moes na 'n heidense huis gaan en vertel van die seën wat hulle van Jesus ontvang het. Dit was swaar vir hulle om geskei te wees van die Verlosser. Hulle sou gewis met groot moeilikhede te kampe hê onder hulle heidense landgenote. En hulle lang verwydering van die samelewing het hulle skynbaar onbekwaam gemaak vir die werk wat Hy aangedui het. Maar sodra Jesus hulle gewys het op hulle plig, was hulle gereed om te gehoorsaam. Nie alleen het hulle hulle eie huisgenote en bure vertel van Jesus nie, maar hulle het die hele Dekapolis deurgegaan en orals Sy reddende krag verkondig, en vertel hoe Hy hulle bevry het van die duiwels. Deur hierdie werk te doen, kon hulle 'n groter seën ontvang as wat hulle sou gekry het as hulle slegs om hulleself te bevoordeel by Jesus gebly het. Dit is deur die goeie tyding van die verlossing te versprei dat ons naby die Heiland gebring word.

Die twee verloste besetenes was die eerste sendelinge wat Christus gestuur het om die evangelie te verkondig in die streek van Dekapolis. Hierdie manne was maar vir 'n paar oomblikke bevoorreg om die leer van Christus te hoor. Hulle het nie eens een preek van Sy lippe gehoor nie. Hulle kon die mense nie onderrig soos die dissipels wat daeliks met Jesus gewandel het nie. Maar hulle het [343]
persoonlik die ge- tuienis gedra dat Jesus die Messias was. Hulle kon vertel wat hulle weet, wat hulle self gesien, gehoor, en gevoel het van die krag van Christus. Dit is wat elkeen kan doen wie se hart aangeraak is deur die genade van God. Johannes, die geliefde dissipel, het geskryf: "Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe . . . wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle." 1 Joh. 1: 1-3. As getuies vir Christus moet ons vertel wat ons weet, en wat ons self gesien en gehoor en gevoel het. As ons Jesus stap vir stap volg, sal ons iets

baie bepaalds hê om te sê aangaande die weg waarin Hy ons gelei het. Ons kan vertel hoe ons Sy beloftes op die proef gestel en dit waar bevind het. Ons kan getuig van wat ons ondervind het van die genade van Christus. Dit is vir hierdie getuienis waarvoor die Here ons roep, en waaraan die wêreld so 'n groot behoefte het.

Hoewel die mense van Gergesa Jesus nie ontvang het nie, het Hy hulle nie gelaat in die duisternis wat hulle gekies het nie. Toe hulle Hom gevra het om weg te gaan, het hulle nog nie Sy woorde gehoor nie. Hulle het nie geweet wat hulle geweier het nie. Daarom het Hy weer die lig aan hulle gestuur, en deur manne na wie hulle sou luister.

Deur die vernietiging van die varke was dit die doel van die Satan om die mense teen die Heiland te beïnvloed, en om die verkondiging van die evangelie in daardie deel te belet. Maar juis hierdie voorval het die hele landstreek wakkergemaak soos niks anders dit sou kon gedoen het nie, en hulle aandag op Christus gevestig. Hoewel die Heiland self weggegaan het, het die manne wat Hy genees het, agtergebly om te getuig van Sy krag. Hulle wat eers mediums was van die vors van die duisternis, het kanale vir die lig geword, boodskappers van die Seun van God. Die mense het met verbasing geluister na die wonder- baarlike nuus. In daardie hele streek het daar 'n deur vir die evangelie oopgegaan. Toe Jesus later teruggegaan het na Dekapolis, het die mense na Hom toe gestroom, en vir drie dae het nie alleen die inwoners van een dorp nie, maar duisende van die omliggende streke die bood- skap van verlossing gehoor. Selfs die mag van duiwels is
[344] onder beheer van die Heiland, uit die kwaad is die goed gebore.

Die ontmoeting met die besetenes van Gergesa het 'n les ingehou vir die dissipels. Dit het aangetoon tot watter dieptes van verlaging die Satan die hele mensdom wil bring, en dat Christus gekom het om hulle uit sy mag te verlos. Daardie arme wesens daar tussen die grafte, deur duiwels besete en gebonde deur onbeheersde drifte, is 'n voorstelling van wat van die mensdom sou word as hulle oorgegee is aan die mag van die Satan. Die Satan se invloed word gedurig uitgeoefen op mense om hulle verstand te beheers ten kwade en hulle aan te vuur tot misdaad en geweld. Hy verswak die liggaam, verduister die verstand, en verlaag die siel. Wanneer mense die Heiland se uitnodiging verwerp, gee hulle hulle aan die Satan oor. Talle en talle in huise, in besigheid, en selfs in die kerk, doen dit

vandag. Dit is om hierdie rede dat geweld en misdaad so oor die aarde toegeneem het, en sedelike duisternis, soos 'n doodskleed oor die wonings van mense hang Deur sy listige versoekings lei die Satan tot erger en nog erger sondes, totdat daar uiteindelik absolute verdorwenheid en ondergang is. Die enigste beskerming teen sy mag is die teenwoordigheid van Jesus. Die Satan staan voor mense en engele geopenbaar as die mens se vyand en verwoester; Christus as die mens se vriend en verlosser. Sy Gees sal in die mens alles bewerk wat sy karakter en natuur sal veredel. Dit sal die mens laat ontwikkel in liggaam, siel, en gees tot heerlikheid van God. "Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing." 2 Tim. 1:7. Hy het ons geroep "om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry," naamlik die karakter van Jesus, en om "gelykvormig te wees aan die beeid van Sy Seun." 2 Thess. 2: 14; Rom. 8: 29.

En siele wat verlaag is tot werktuie van die Satan, word nog verander, deur die krag van Christus, tot bodes van geregtigheid, en gestuur deur die Seun van God om te vertel "watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was." [345]

## Die Aanraking van Geloof

TERUGGEKOM van Gergesa, aan die westelike kus, het Jesus 'n skare gevind wat vir Hom gewag het, en hulle het Hom met blydskap gegroet. Hy het vir 'n tyd aan die kus gebly en geleer en genees, en toe is Hy na die woning van Levi-Mattheus om die tollenaars by die feesmaal te ontmoet. Dit is daar waar Jaïrus, die owerste van die sinagoge, Hom gekry het.

Hierdie ouderling van die Jode het na Jesus gekom in groot droefheid, hom aan Sy voete neergewerp en uitgeroep, "My dogtertjie is op haar uiterste; kom lê die hande op haar, sodat sy gered kan word, en sy sal lewe."

Jesus is dadelik saam met die owerste na sy huis. Hoewel die dissipels so baie van Sy dade van barmhartigheid gesien het, was hulle nogtans verbaas dat Hy gehoor gegee het aan die versoek van hierdie hoogmoedige rabbi; maar hulle het hulle Meester vergesel, en die mense het gevolg, gretig en verwagtend.

Die owerste se huis was nie ver nie, maar Jesus en Sy metgeselle het stadig voortbeweeg, want die skare het aan alle kante saamgedring. Die besorgde vader was ongeduldig oor die vertraging; maar Jesus, uit jammerte vir die mense, het nou en dan stilgestaan om 'n
[346] lyer te help, of om 'n ongelukkige te vertroos.

Terwyl hulle nog op pad was, het 'n boodskapper hom deur die skare gedring met die berig aan Jaïrus dat sy dogtertjie reeds dood was en dat dit nutteloos sou wees om die Meester verder lastig te val. Jesus het dit gehoor. "Moenie vrees nie," het Hy gesê, "glo net, en sy sal gered word."

Jaïrus het nader aan die Heiland gekom, en saam is hulle na die owerste se huis. Die gehuurde roudraers en die fluitspelers was reeds daar met hulle geraas en geween. Die skare daar, en die lawaai, het Jesus nie aangestaan nie. Hy het probeer om hulle stil te maak deur te sê, "Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap." Hulle was verontwaardig oor die woorde van hierdie Vreemdeling. Hulle het die kind sien sterf, en hulle het Hom uitgelag. Hy het almal versoek

om die huis te verlaat, en net die vader en die moeder van die kind, en die drie dissipels, Petrus, Jakobus, en Johannes, met Hom geneem na die kamer.

Jesus het die bed genader en Hy het die kind se hand gevat, en saggies in haar huistaal gesê, "Dogtertjie, staan op!"

Dadelik het daar 'n siddering deur die bewustelose vorm gegaan. Die hart het weer begin klop. Die lippe het oopgegaan in 'n glimlag. Die oë het wyd oopgegaan soos iemand wat uit die slaap wakkerskrik, en die dogtertjie het verbaas die groep by haar aangéstaar. Sy het opgestaan, en haar ouers het haar omhels en geween van vreugde.

Onderweg na die owerste se huis, het Jesus onder die skare 'n arme vrou ontmoet wat vir twaalf jaar lank gely het aan 'n kwaal wat haar lewe 'n las gemaak het. Sy het reeds al haar geld spandeer aan dokters en medisyne, om eindelik te hoor dat sy ongeneeslik was. Maar haar hoop het weer herlewe toe sy van die genesings van Christus gehoor het. Sy was seker dat as sy maar net naby Hom kon kom Hy haar sou genees. In haar swakheid en lyde het sy na die see gekom waar Hy geleer het; sy het probeer om deur die skare te dring, maar tevergeefs. Sy het Hom gevolg van die huis van Levi-Mattheus, maar kon nog nie by Hom kom nie. Sy het begin wanhopig word toe Hy, waar Hy deur die skare gevleg het, naby die plek kom waar sy staan.

Haar gulde geleentheid het gekom. Sy was in die teenwoordigheid van die Groot Geneesheer! Maar in die verwarring kon sy nie met Hom praat nie; sy het net vir 'n oomblik Sy gestalte gesien. Bang dat sy haar enigste kans op genesing sou laat verbygaan, het sy vorentoe gedruk en vir haarseif gesê, "As ek maar net Sy kleed [347]
kan aanraak, sal ek gered word." Toe Hy verbygaan, het sy haar hand uitgesteek en daarin geslaag om aan die soom van Sy kleed te raak. Op daardie oomblik het sy geweet dat sy genees is. In daardie een aanraking was die geloof van haar hele lewe gekonsentreer, en dadelik het die pyn en die swakheid plek gemaak vir lewenskrag en volkome ge- sondheid.

Met 'n dankbare hart het sy toe probeer om weg te kom van die skare af; maar skielik het Jesus stilgestaan, en die mense het saam met Hom stilgestaan. Hy het Hom omgedraai, rondgekyk, en toe gevra in 'n stem wat duidelik gehoor kon word bokant die geraas van

die skare, “Wie het My aangeraak?” Die openbaring van verbasing deur die skare het hierdie vraag beantwoord, Met mense wat aan alle
[348] kante teen Hom stamp, en die gedrang van die skare, was dit ’n baie Sonderlinge vraag vir hulle.

Petrus wat maar altyd klaar was om te praat, het gesê, “Meester, die skare druk en verdring U, en U sê: Wie is dit wat My aangeraak het.” Jesus antwoord: “Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het.” Die Heiland kon die aanraking van geloof onderskei teenoor die toevallige aanraking met die onverskillige skare. Sulke vertroue kon Hy nie laat verbygaan sonder kom- mentaar nie. Hy sou woorde van troos tot hierdie nederige vrou spreek wat vir haar ’n lewende bron van vreugde sou wees — woorde wat ’n seën sou wees vir Sy navolgers tot die einde van tyd.

Jesus het die vrou aangekyk en Hy wou weet wie Hom aangeraak het. Toe sy sien dat bedekking hopeloos was, het sy bewende na vore gekom en haarseif aan Sy voete neergewerp. Met trane van dankbaarheid het sy die verhaal van haar siekte vertel, en hoe sy nou verlossing gevind het. Met tederheid het Jesus aan haar gesê: “Hou goeie moed dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.” Hy het geen geleentheid gegee vir bygeloof om te sê dat daar geneeskrag in ’n blote aanraking van Sy kleed was nie. Die genesing het geskied, nie deur uiterlike aanraking met Hom nie, maar deur die geloof wat Sy goddelike krag aangeneem het.

Die verbaasde skare wat so dig om Christus saamgedring het, het niks van die lewegewende krag gevoel nie. Maar toe die lydende vrou haar hand uitgesteek het om Hom aan te raak, gelowende dat sy sou gesond word, het sy die geneeskrag gevoel. So is dit ook met geestelike dinge. Om sommer maar net oor die godsdiens te praat, en om te bid sonder ’n sielshonger en lewende geloof, sal niks help nie. Om maar net te sê dat ons in Christus glo as die Verlosser van die wêreld, kan nooit genesing tot die siel bring nie. ’n Saligmakende geloof is nie slegs ’n blote intellektuele toestemming tot die waarheid nie. Die persoon wat wag op volkome kennis voordat hy glo, sal nie die seën van God ontvang nie. Dit is nie genoeg om net omtrent Christus te glo nie; ons moet in Hom glo. Die enigste soort geloof wat van waarde is, is die wat Hom aanneem as ’n persoonlike Verlosser; wat Sy Verdienstes aanneem as ons eie Verdienstes. Vir vele is geloof

slegs ’n opinie, ’n Saligmakende geloof is ’n transaksie waarin diegene wat Christus aanneem, hulle in Gods verbond laat opneem. Ware geloof is lewe, n Lewende geloof beteken ’n vermeerdering [349] van lewenskrag, n vaste vertroue, waardeur die siel ’n oorwinnende krag word.

Na die genesing van die vrou wou Jesus hê dat sy die seën moes erken wat sy ontvang het. Die gawes van die evangelie moet nie stilletjies ontvang word of in die geheim geniet word nie. So ook verwag die Here dat ons Sy goedheid sal bely. “Julie is My getuie, spreek die Here, en ek is God.” Jes. 43: 12.

Die hemel se gekose metode om Christus aan die wêreld te openbaar, is ons belydenis van Sy getrouheid. Ons moet Sy genade erken soos verkondig deur Gods heilige manne vanouds; maar wat nog van groter krag sal wees, is ons getuienis aangaande ons eie ervaring. Waar ons in onsself die werking van die goddelike krag openbaar, is ons Gods getuies. Elke indiwidu het ’n lewe wat verskil van alle ander, en dus ook is hulle lewenservaring heeltemal verskillend. God wil hê dat ons lof tot Hom gekenmerk sal word deur ons indiwidualiteit. Hierdie kosbare getuienis tot lof en eer van Sy genade, as dit gesteun word deur ’n Christelike lewe, het ’n onweerstaanbare krag wat werk tot redding van siele.

Toe die tien melaatses tot Jesus gekom het om genesing, het Hy hulle beveel om hulleself aan die priester te gaan toon. Op weg is hulle gereinig, maar net een het teruggekom om Hom die heerlikheid te gee. Die ander het weggegaan, en Hom vergeet wat hulle genees het. Hoeveel is daar nie vandag wat nog dieselfde doen nie! Die Here werk gedurig om die mensdom te seën. Hy gee maar steeds Sy gawes aan hulle. Hy rig siekes weer op uit hulle beddens, Hy verlos mense uit gevare waarvan hulle onbewus is, Hy beveel hemelse engele om hulle te bewaar van rampe, om hulle te beskerm teen “die pes wat in die donker wandel,” en “vir die siekte wat op die middag verwoes” (Ps. 91: 6); maar dit maak geen indruk op hulle nie. Hy het die grootste skat van die hemel gegee om hulle te verlos, maar hulle dink nie aan Sy groot liefde nie. Deur hulle ondankbaarheid sluit hulle hulle harte teen die genade van God. Soos ’n kaal bos in die wildernis sien hulle nie as die goeie kom nie, maar hulle bewoon die dor en brakkerige plekke. (Jer. 17: 6.)

Dit sal tot ons eie voordeel dien as ons elke gawe van God sal ont- hou, want so sal ons geloof versterk word om meer te vra en meer en meer te ontvang. Ons sal baie meer bemoedig word deur
[350] die geringste seën wat ons self van God ontvang, as deur al die
[351] berigte oor die geloof en ondervindings van ander. Die siel wat reageer op die genade van God, sal wees soos 'n besproeide tuin. Sy genesing sal skielik uitspruit, sy lig sal deurbreek soos die daeraad, en die heerlikheid van die Here sal sy agterhoede wees. (Jes. 58: 8.) Laat ons dan die goedertierenheid van die Here en Sy oorvloedige seëninge onthou. Laat ons, soos die volk van Israel, gedenkklippe oprig en die verhaal op hulle skryf van wat God vir ons gedoen het. En wanneer ons dink aan die weë waarin Hy ons gelei het in ons pelgrimstog, laat ons uit harte, versag deur dankbaarheid, uitroep: "Wat sal ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my? Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van die Here aanroep. My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van
[352] Sy ganse volk." Ps. 116: 12

## Die Eerste Evangeliste

DIE apostels was lede van die gesin van Jesus, en hulle het Hom vergesel waar Hy te voet gereis het deur Galilea. Hulle het saam met Hom die swaar verduur wat hulle te beurt geval het. Hulle het sy toesprake gehoor, hulle het met die Seun van God gewandel en gepraat, en uit Sy daelikse onderrig het hulle geleer hoe om vir die opheffing van die mensdom te werk. Waar Jesus die groot skares bedien wat om Hom vergader het, was Sy dissipels ook teenwoordig, gretig om Sy bevele uit te voer en Sy werk te verlig. Hulle het die orde onder die mense gehandhaaf, die siekes na die Heiland gebring, en die gerief van almal bevorder. Hulle was op die uitkyk vir belangstellende hoorders, het die Skrifte aan hulle verduidelik, en op verskillende maniere gewerk vir hulle geestelike welsyn. Hulle het geleer wat hulle van Jesus gehoor het, en elke dag is hulle geestelike lewe verdiep. Maar hulle moes ook ondervinding opdoen om alleen te werk. Hulle het behoefte gehad aan nog baie onderrig, baie geduld en tederheid. Terwyl Hy nou nog by hulle was om hulle op foute te wys, en om hulle reg te help en van raad te bedien, het die Heiland hulle uitgestuur as Sy verteenwoordigers.

Terwyl hulle by Hom was, was die dissipels dikwels uit die veld geslaan deur die leer van die priesters en Fariseërs, maar hulle het altyd hulle probleme na Jesus gebring. Hy het die waarhede van die [353]
Skrifte aan hulle verduidelik in teenstelling met die oorlewerings. Op hierdie wyse het Hy hulle vertroue in Gods Woord versterk, en het Hy hulle in 'n groot mate bevry van hulle vrees vir die rabbi's en hulle verslaafdheid aan die oorlewering. In die opleiding van die dissipels was die voorbeeld van Christus se lewe baie doelmatiger as blote onderrig van leerstellings. Toe hulle van Hom geskei is, het elke uitdrukking, stembuiging, en woord van Hom weer helder voor die gees gekom. Dikwels, wanneer hulle in botsing gekom het met vyande van die evangelie, het hulle Sy woorde herhaal, en waar hulle die uitwerking daarvan op die mense gesien het, het dit hulle baie blygemaak.

Jesus het die twaalf tot Hom geroep en hulle twee-twee uitgestuur in die stede en dorpe. Nie een is alleen uitgestuur nie, maar broeder het saam met broeder, en vriend saam met vriend gewerk. Op hierdie wyse kon hulle mekaar bemoedig, hulle kon saam beraadslaag en bid, en die een se krag het die ander se swakheid aangevul. Op dieselfde manier het Hy ook later die sewentig uitgestuur. Dit was die Heiland se doel dat die verkondigers van die evangelie op hierdie wyse sou saamwerk. In ons tyd sal die werk van die evangelie baie meer sukses hê as ons ons meer stip by hierdie metode sou bepaal.

Die dissipels se boodskap was dieselfde as die van Johannes die Doper, en Christus self: "Die koninkryk van die hemele het naby gekom." Hulle moes in geen stryery met die mense gewikkel raak of Jesus van Nasaret die Messias was, of nie; maar in Sy Naam moes hulle dieselfde werke van barmhartigheid doen as Hy. Hy het hulle beveel, "Maak siekes gesond, reinig melaatse, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet gekry, gee dit verniet."

In Sy bediening het Jesus meer tyd bestee aan die genesing van siekes as aan prediking. Sy wonderwerke het getuig van die waarheid van Sy woorde dat Hy gekom het, nie om mense se siele te verderf nie, maar te red. Die geregtigheid van die Here het voor Hom uitgegaan, en die heerlikheid van die Here was Sy agterhoede. Waar Hy ook gegaan het, was die berigte van Sy barmhartigheid Hom vooruit. Waar Hy gereis het, het die voorwerpe van Sy ontferming hulle verbly in gesondheid, en hulle nuwe kragte op die proef gestel. Skares het om hulle saamgedrom om van hulle eie lippe te hoor van die wonderwerke van die Here. Sy stem was die eerste geluid
[354] wat baie ooit gehoor het; Sy Naam was die eerste woord wat hulle ooit geuiter het; Sy gesig was die eerste wat hulle ooit aanskou het. Waarom sou hulle Jesus dan nie liefhê en Sy lof verkondig nie? Waar Hy deur die stede en dorpe gegaan het, was Hy soos 'n lewegewende stroom wat lewe en vreugde versprei net waar Hy gegaan het.

Die navolgers van Christus moet werk soos Hy gewerk het. Ons moet die hongeriges voed, die naaktes klee, en die siekes vertroos. Ons moet diegene wat moedeloos is, help, en diegene wat nie meer hoop het nie, met hoop besiel. Ook in ons geval sal die belofte vervul word, "Jou geregtigheid sal voor jou uitgaan, die heerlikheid van die Here jou agterhoede wees." Jes. 58: 8. Die liefde van Christus, geopenbaar in onselfsugtige liefde, sal meer uitrig om die boosdoener te

hervorm as die swaard of die geregshof. Daardie dinge is nodig om wetsoortreders die skrik op die lyf te jaag, maar die liefhebbende sen- deling kan baie meer uitrig. Dikwels verhard 'n persoon sy hart as hy bestraf word, maar onder die liefde van Christus sal dit versmelt. Nie alleen kan die sendeling liggaamlike siektes genees nie, maar hy kan die sondaar lei tot die Groot Geneesheer wat die siel kan reinig van die melaatsheid van die sonde. Deur Sy diensknegte wil God hê dat die siekes, die ongelukkiges, die duiwelbesetenes, Sy stem sal hoor. Deur Sy menslike werktuie wil Hy vir hulle 'n Trooster wees soos wat hierdie wêreld nie ken nie.

Op hulle eerste sendingtoer moes die dissipels gaan na die "verlore skape van die huis van Israel." As hulle die evangelie toe sou verkondig het aan die heidene of Samaritane, sou hulle hulle invloed by die Jode verloor het. Deur die vooroordeel van die Fariseërs op te wek, sou hulle in 'n stryd gewikkel raak wat hulle reeds aan die begin van hulle werk sou ontmoedig het. Selfs die apostels was traag om te glo dat die evangelie aan alle volke verkondig moes word. Aleer hulle self hierdie waarheid kon begryp, sou hulle nie gereed gewees het om vir die heidene te arbei nie. As die Jode die evangelie sou aanneem, was dit Gods plan om hulle as Sy boodskappers na die heidene te stuur. Daarom moes hulle eerste die evangelie hoor.

Dwarsdeur Christus se hele arbeidsveld was daar siele wat hulle behoefte besef het, en wat gehonger en gedors het na die waarheid. Die tyd het gekom cm die boodskap van Sy liefde aan hierdie smagtende harte te verkondig. Na al hierdie mense moes die dissipels gaan as Sy verteenwoordigers. Die gelowiges sou hulle dus aanneem [355]
as leraars deur God aangestel, en wanneer die Heiland van hulle weg- geneem sou word, sou hulle nie sonder leraars wees nie.

Op hierdie eerste toer van die dissipels moes hulle alleen na die plekke gaan waar Jesus voorheen was, en waar Hy vriende gemaak het. Hulle voorbereiding vir die reis moes baie eenvoudig wees. Niks moes toegelaat word om hulle aandag van hulle groot werk af te trek, of om enigsins teenstand uit te lok om so die deur vir verdere werk te sluit nie. Hulle moes. nie die kleredrag van die geestelike leraars aanneem nie, of op 'n wyse aantrek wat hulle sou onderskei van die nederige boerestand nie. Hulle moes nie in die sinagoges gaan en die mense byeenroep vir openbare dienste nie; hulle moes van huis tot huis werk. Hulle moes nie tyd verkwis met onnodige groetery,

of van huis tot huis gaan om onthaal te word nie; maar op elke plek moes hulle die gasvryheid aanneem van diegene wat waardig was — diegene wat hulle net so hartlik sou verwelkom asof dit Christus self was. Hulle moes die woning binnegaan met die mooi begroeting, “Vrede vir hierdie huis!” Lukas 10: 5. Daardie huis sou geseën word deur hulle gebede, hulle lofliedere, en die studie van die Skrifte met die huis-genote.

Hierdie dissipels moes die heroute van die waarheid wees om die weg te berei vir die koms van hulle Meester. Hulle boodskap was die woord van die ewige lewe, en die lot van die mense sou bepaal word deur hulle aanname of verwerping daarvan. Om die mense onder die indruk te bring van die erns van die boodskap, het Jesus aan Sy dissipels gesê, “En almal wat julle nie ontvang of na julle luister nie, gaan daarvandaan weg en skud die stof onder julle voete af tot ’n getuienis teen hulle. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.”

Nou het die Heiland se oog die toekoms deurboor; Hy sien die groter arbeidsvelde waar Sy dissipels, ná Sy dood, vir Hom sou getuig. Sy profetiese blik sien die ervarings van Sy diensknegte deur die eeue totdat Hy die tweede maal sou kom. Hy toon aan Sy navolgers die stryd wat hulle sou voer; Hy openbaar die karakter en die plan van die stryd. Hy wys hulle op die gevare waarin hulle sou kom, en die selfverloëning wat nodig sal wees. Hy wil hê dat hulle die koste moet bereken, sodat hulle nie onverwags deur die vyand
[356] oorval word nie. Hulle stryd sal nie wees tefn vlees en bloed nie, maar teen “die ower- hede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.” Efe. 6: 12. Hulle sou stry teen bonatuurlike magte, maar aan hulle is die belofte van bona- tuurlike hulp gegee. Al die wesens van die hemel is in hierdie leer. En meer as engele is in die geledere. Die Heilige Gees, die verteen- woordiger van die Here se Leërowerste, kom persoonlik af om in die stryd te help. Ons swakhede mag baie wees, en ons sondes en foute groot, maar die genade van God is daar vir almal wat dit boetvaardig soek. Die krag van die Almagtige is beskikbaar ten behoewe van diegene wat op God vertrou.

“Kyk,” het Jesus gesê, “Ek stuur julle soos skape onder wolwe; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.” Christus

self het nie een woord van waarheid agter gehou nie, maar Hy het dit altyd in liefde gespreek. Hy het die grootste takt aan die dag gelê, en in Sy omgang met die mense was Hy altyd vriendelik en bedagsaam. Hy was nooit onbeskof, nooit het Hy onnodig harde woorde gesê, en nooit het Hy 'n gevoelige siel onnodig seergemaak nie. Hy het nie die menslike swakhede bestraf nie. Huigelary, ongeloof, en sonde het Hy sonder vrees veroordeel, maar Hy het Sy meedoënlose bestraffings in trane gegee. Hy het geween oor Jerusalem, die stad wat Hy liefgehad het, en wat geweier het om Hom, die Weg en die Waarheid en die Lewe, aan te neem. Hulle het Hom verwerp, die Verlosser, maar Hy het hulle met tere ontferming bejeën, en 'n droefheid so groot dat dit Sy hart gebreck het. Elke siel was kosbaar in Sy oë. Terwyl Hy Homself altyd met goddelike waardigheid gedra het, het Hy die grootste barmhartigheid betoon aan elke lid van die gesin van God. In alle mense het Hy gevalle siele gesien wat Hy gekom het om te red.

Die diensknegte van Christus moet nie handel volgens die insprake van hulle natuurlike hart nie. Hulle het behoefte aan noue gemeen- skap met God om te verhoed dat die eie-ek, by aanleiding weer die oorhand kry en 'n stortvloed van woorde uiter wat onbetaamlik is, en wat nie soos dou en sagte reënbuie verwelkte plante sal verkwik nie. Dit is wat die Satan wil hê dat hulle moet doen; want dit is sy metodes. Dit is die draak wat toornig is; dit is die gees van die Satan wat geopenbaar word in woede en beskuldigings. Godsdiens knegte moet Hom reg verteenwoordig. Hy wil hê dat hulle moet [357]
handel alleen met die munt van die hemel, naamlik die waarheid wat Sy eie beeid en opskrif dra. Die krag waardeur hulle die bose moet oorwin, is die krag van Christus. Die heerlikheid van Christus is hulle krag. Hulle moet hulle oë vestig op Sy lieflikheid. Dan sal hulle die evangelie kan verkondig met goddelike takt en sagmoedigheid. En die gees wat sagmoedig bly by aanleiding sal met meer krag ten gunste van die waarheid kan getuig as enige argument, al is dit ook hoe sterk.

Diegene wat in stryd kom met die vyande van die waarheid, kom te staan, nie net teen mense nie, maar teen die Satan en sy werktuie. Hulle moet die Heiland se woorde onthou, "Ek stuur julle soos skape onder wolwe." Lukas 10: 3. Laat hulle rus in die liefde van God, en die gees sal kalm bly selfs onder persoonlike beledigings. Die

Here sal hulle versterk met ’n goddelike krag. Sy Heilige Gees sal hulle verstand en hart beïnvloed sodat hulle stemme nie ook deur die getjank van die wolwe sal beïnvloed word nie.

Voortgaande met Sy onderrig van die dissipels het Jesus gesê, “Pas op vir die mense.” Hulle moes nie absolute vertroue stel in diegene wat God nie ken, en hulle planne nie aan hulle bekendmaak nie; dit sou die werktuie van die Satan ’n voorsprong gee. Die mens se planne ry dikwels Gods planne in die wiele. Diegene wat die tempel van die Here bou, moet bou volgens die plan wat op die berg gegee is — volgens die goddelike patroon. God word onteer, en die evangelie word verraai wanneer Sy diensknegte afhanklik is van die raad van mense wat nie onder die leiding van die Heilige Gees staan nie. Die wysheid van die wêreld is dwaasheid by God. Diegene wat daarin vertrou, sal sekerlik dwaal.

“Hulle sal julle oorlewer aan regbanke, . . . en ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word om My ontwil tot ’n getuienis vir hulle en die heidene.” Matt. 10: 17, 18. Vervolging sal die lig versprei. Die diensknegte van Christus sal gebring word voor die groot manne van die wêreld, wat andersins die evangelie miskien nooit sal hoor nie. Die waarheid is in ’n verkeerde lig aan hierdie manne voorgestel. Hulle het geluister na valse voorstellings van die geloof van Christus se dissipels. Baiemaal is die enigste manier waarop hulle die ware aard van die geloof kan leer, die getuienis
[358] van diegene wat verhoor word vir hulle geloof. Tydens die verhoor word die beskul- digdes ondervra, en moet die regters luister na hulle getuienis. In tye van nood sal God Sy genade skenk aan Sy diensknegte. “Dit sal julle,” het Jesus gesê, “in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.” Namate die Gees van God die verstand van Sy diensknegte verlig, sal die waarheid in sy goddelike krag en heerlikheid voorgestel word. Diegene wat die waarheid verwerp, sal die dissipels beskuldig en verdruk. Maar onder lyding, selfs tot die dood, moet die kinders van die Here die sagmoedigheid van hulle goddelike Voorbeeld openbaar. So sal die kontras uitstaan tussen die werktuie van die Satan en die verteenwoordigers van Christus. Die Verlosser sal verhoog word voor die regeerders en die mense.

Die dissipels word nie vervul met die moed en volharding van die martelaars voordat sulke genade nodig is nie. Dan eers sal die Heiland se belofte vervul word. Toe Petrus en Johannes getuig het voor die Sanhedrin, is “hulle as metgeselle van Jesus herken.” Hand. 4: 13. Van Stefanus staan daar geskryf, “Terwyl almal wat in die Raad sit, hulle oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig was soos die gesig van ’n engel.” Maar “hulle kon die wysheid en die gees waarmee hy gespreek het, nie weerstaan nie.” Hand. 6:15, 10. En waar Paulus van sy verhoor skryf in die keiser- like hof, sê hy: “In my eerste verdediging het niemand my bygestaan nie, maar almal het my verlaat. . . . Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking heeltemal volbring kan word en al die heidene dit kan hoor; en ek is uit die bek van die leeu verlos.” 2 Tim. 4: 16, 17.

Die dienaars van Christus moes nie ’n toespraak vooraf berei om te lewer by hulle verhoor nie. Daardie voorbereiding moes hulle elke dag maak deur die kosbare waarhede van Gods Woord in hulle harte te bêre, en hulle geloof deur gebed te versterk. Wanneer hulle verhoor word, sal die Heilige Gees die waarhede wat nodig is in herinnering bring.

Daelikse ernstige strewe om God te ken, en Jesus Christus wat Hy gestuur het, sal krag en doeltreffendheid aan die siel gee. Die kennis wat verkry word deur ’n ywerige ondersoek van die Skrifte sou in die geheue geflits word op die regte tyd. Maar as iemand versuim het om bekend te raak met die woorde van Christus, en nie [359] ’n proefondervindelike kennis van Sy genade het nie, kan hy nie ver- wag dat die Heilige Gees Sy woorde in herinnering sal bring nie. Hulle moet God elke dag dien met ’n onverdeelde liefde, en dan verder op Hom vertrou.

So verbitterd sou die vyandskap teen die evangelie wees dat dit alle aardse bande sou veronagsaam. Die dissipels van Christus sou in die dood verraai word deur hulle eie huisgenote. “Julle sal deur almal gehaat word terwille van My Naam,” het Hy gesê, “maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.” Markus 13: 13. Maar Hy het hulle vermaan om nie onnodig vervolging uit te lok nie. Hy self het dikwels van een arbeidsveld na die ander gegaan om weg te kom van diegene wat gesoek het om Hom te dood. Toe Hy in Nasaret verwerp is en Sy eie dorpsgenote Hom wou doodmaak, het

Hy na Kapernaum gegaan, en daar was die mense verwonderd oor Sy leer, "want Sy woord was met gesag." Lukas 4: 32. Sy dienaars moet dus nie ontmoedig word deur vervolging nie, maar hulle moet 'n plek soek waar hulle nog kan werk vir die redding van siele.

Die dienskneg is nie bo sy meester nie. Die Vors van die hemel word genoem Beëlsebul, en Sy dissipels sou op dieselfde manier vals voorgestel word. Maar wat ook al die gevaar, Christus se navolgers moet getuig vir hulle beginsels. Hulle moet niks bedek nie. Hulle kan nie stilbly totdat dit eers veilig is vir hulle om die waarheid te verkondig nie. Hulle is aangestel as die wagters om mense te waar- sku van hulle gevaar. Die waarheid van Christus geleer, moet aan almal meegedeel word, vry en openlik. Jesus het gesê, "Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke."

Jesus self het nooit die vrede verseker deur 'n kompromis nie. Sy hart het oorgeloop van liefde vir die hele mensdom, maar Hy het nooit hulle sondes deur die vingers gesien nie. Hy was 'n te opregte vriend om stil te bly terwyl hulle voortgaan op 'n weg wat die ondergang van hulle siele sou beteken — siele wat Hy deur Sy eie bloed losgekoop het. Hy het gewerk sodat die mens getrou kon wees aan homself, getrou aan sy hoër en ewige belange. Die dienaars van Christus is geroep om dieselfde werk te doen, en hulle moet oppas dat hulle nie die waarheid prysgee waar hulle strewe om die
[360] vrede te bewaar nie. Hulle moet die dinge najaag "wat tot vrede en onderlinge stigting dien." (Rom. 14: 19.) Maar ware vrede kan nooit verkry word deur beginsels te kompromitteer nie. En geen mens kan getrou wees aan beginsel sonder om teenstand uit te lok nie.

Diegene wat opregte Christene wil wees, sal beveg word deur die kinders van ongehoorsaamheid. Maar Jesus het aan Sy dissipels gesê, "Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie." Diegene wat getrou is aan God hoef nie te vrees vir die krag van mense of die vyandskap van die Satan nie. In Christus is die ewige lewe vir hulle verseker. Al wat hulle hoef te vrees, is dat hulle miskien die waarheid sal opgee en dus die vertroue sal verraai wat God in hulle gestel het.

Dit is die werk van die Satan om mense se harte te vervul met twyfel. Hy lei hulle om God te beskou as 'n meedoënlose regter. Hy versoek hulle tot die sonde en maak hulle dan wys dat hulle te

afskuwe- lik is om hulle hemelse Vader te nader, en dat hulle Sy ontferming verbeur het. Die Here verstaan dit alles. Jesus het Sy dissipels verseker van Gods medelyde met hulle in hulle behoeftes en swakhede. Elke versugting en pyn en droefheid word gevoel in die Vader se hart.

Die Bybel toon ons ’n God wat woon in die hoë en heilige plek, nie ledig en stil en alleen nie, maar omring van tienduisendmaal tienduisend en duisende en duisende heilige wesens, almal gretig om Sy wil te doen. Deur kanale wat ons nie kan sien nie is Hy in daadwerklike verbinding met elke deel van Sy groot heelal. Maar dit is in hierdie nietige ou wêreldjie, in die siele waarvoor Sy eniggebore Seun gesterf het, waar Sy belangstelling en die belangstelling van die ganse hemel gekonsentreer is. God buig neer op Sy troon om die geroep te hoor van die ellendiges. Op elke opregte gebed antwoord Hy, “Hier is Ek.” Hy hef die lydendes en ellendiges op. In al ons benoudhede is Hy benoud. In elke versoeking en beproewing is die engel van Sy aangesig naby om ons uit te red.

Selfs nie ’n mossie val op die grond sonder dat die Vader dit weet nie. Die Satan se haat van God beweeg hom om elke voorwerp van die Heiland se sorg te haat. Hy strewe om die handewerk van God te skend, en hy skep behae daarin om selfs stomme diere te vernietig. Dit is deur Gods beskermende genade dat die voëltjies bewaar word om ons bly te maak met hulle sang. Maar Hy vergeet [361]
selfs nie die mossies nie. “Moet dan nie bang wees nie: julle is meer werd as baie mossies.”

Jesus het voortgegaan: Soos julle My bely voor die mense, so sal Ek julle bely voor God en die heilige engele. Julle is My getuies op die aarde, kanale waarlangs My genade kan vloei vir die genesing van die wêreld. So sal Ek julle verteenwoordiger in die hemel wees. Die Vader sien nie julle karakter vol gebreke nie, maar Hy sien julle, beklee met My volmaaktheid. Ek is die kanaal waardeur die seëninge van die Hemel tot julle sal kom. En elkeen wat My bely deur deel te hê aan My opoffering vir die wat verlore is, sal Ek bely om te deel in die heerlikheid en vreugde van die verlostes.

Diegene wat Christus bely, moet Christus wonende in hulle hê. Niemand kan meedeel wat hy nie ontvang het nie. Die dissipels mag baie welsprekend wees oor die leerstellings, en hulle mag die woorde van Christus kan herhaal; maar as hulle nie Christelike

sagmoedigheid en liefde het nie, dan bely hulle Hom nie. n Gees wat teenstrydig is met die gees van Christus sal Hom verloën, wat die belydenis ook mag wees. Mense kan Christus verloën deur kwaadpratery, ydelheid, en woorde wat onwaar en onvriendelik is. Hulle mag Hom verloën deur die laste van die lewe te vermy en deur sondige plesier na te jaag. Hulle mag Hom verloën deur gelykvormig te word aan die wêreld, deur onhoflikheid, deur liefde vir hulle eie opinies, deur eiegeregtigheid, deur twyfel, deur moeilikheid te soek, en deur in die duisternis te woon. Op al hierdie maniere kan hulle verklaar dat Christus nie in hulle woon nie. En "elkeen wat My verloën voor die mense," sê Hy, "hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is"

Die Heiland het aan Sy dissipels gesê om nie te hoop dat die wêreld se vyandskap teen die evangelie oorwin sou word en dat alle teenstand na n tyd sou ophou nie. Hy het gesê, "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard." Hierdie skepping van onenigheid is nie die uitwerking van die evangelie nie, maar die gevolg van teenstand daarteen. Van alle vervolging is onenigheid tuis die swaarste om te verduur, die vervreemding van die dierbaarste aardse vriende. Maar Jesus verklaar, "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie werd nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie werd nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is
[362] My nie werd nie."

Die werk van Christus se dienaars is 'n hoë eer en 'n heilige pand. ,.Wie julle ontvang," het Hy gesê, "ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het." Geen betoning van vriendelikheid teenoor hulle in Sy Naam sal onbeloon bly nie. Selfs die swakste en geringste van die gesin van God sal dieselfde erkenning kry. "Elkeen wat een van hierdie kleintjies"— diegene wat nog kinders in hulle geloof en kennis van Christus is —"net 'n beker koue water laat drink in die naam van 'n dissipel, voorwaar Ek sê vir julle, hy sal sy loon sekerlik nie verloor nie."

So het die Heiland Sy onderrig afgesluit. In die Naam van Christus het die gekose twaalf uitgegaan, soos Hy gegaan het, "om die evangelie aan die armes te bring ... om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangene vrylating te verkondig en aan blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur;

om die aangename jaar van die Here aan te kondig.” Lukas 4: 18, 19. [363]

## Kom Rus ’n Bietjie

TERUG van hulle sendingtoer, het die apostels “vergader by Jesus en Hom alles vertel wat hulle gedoen sowel as wat hulle geleer het. En Hy sê vir hulle: Kom julle self apart na ’n verlate plek en rus ’n bietjie. Want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd gehad om te eet nie.”

Die dissipels het na Jesus gekom en Hom alles vertel. Hulle noue omgang met Hom het hulle aangemoedig om al hulle ervarings aan Hom te vertel, of dit gunstig of ongunstig was; hulle het vertel van hulle vreugde toe hulle die resultate van hulle werk sien, en van hulle droefheid oor hulle mislukkings, hulle foute, en hulle swakhede. Hulle het foute begaan in hulle eerste poging as evangeliste, en waar hulle Christus openlik vertel het van hulle ondervindings, het Hy gesien dat hulle baie onderrig nodig gehad het. Ook het Hy gesien dat hulle baie afgemat was deur hulle werk en dat hulle rus nodig gehad het.

Maar waar hulle toe was, kon hulle nie privaat wees nie, “want daar was baie wat kom en gaan, en hulle het selfs geen geskikte tyd om te eet nie. Die mense het om Christus saamgedrom, gretig om genees te word en Sy woorde te hoor. Vele het hulle aangetrokke tot Hom gevoel; want vir hulle was Hy die bron van alle seëninge.”
[364] Baie van diegene wat destyds rondom Christus vergader het om die kosbare seën van genesing te verkry, het Hom aangeneem as hulle Verlosser. Nog baie ander wat toe uit vrees vir die Fariseërs bang was om Hom te bely, het tot bekering gekom tydens die uitstorting van die Heilige Gees, en hulle het voor die verwoede priesters en owerstes Hom aangeneem as die Seun van God.

Christus het nou na ’n eensame plekkie verlang, sodat Hy by Sy dissipels kon wees, want Hy het veel gehad om aan hulle te sê. In hulle werk het hulle die toets van die stryd deurgemaak en hulle het teenstand gekry in verskillende vorms. Tot daardie tyd het hulle Christus in alles geraadpleeg, en toe vir ’n rukkie was hulle alleen, en daar was tye dat hulle nie geweet het hoe om te handel nie. Hulle

het baie aanmoediging gekry in hulle werk, want Christus het hulle nie uitgestuur sonder Sy Gees nie; deur geloof in Hom het hulle baie wonderwerke verrig, maar nou het hulle weer behoefte gehad aan die Brood van die Lewe. Hulle het behoefte gehad aan afsondering waar hulle gemeenskap met Jesus kon hê, en waar hulle onderrig kon ontvang vir hulle toekomstige werk.

“En Hy sê vir hulle: Kom julle self apart na ’n verlate plek en rus ’n bietjie.” Christus is vol tederheid en ontferming vir almal in Sy diens. Hy wou aan Sy dissipels toon dat God barmhartigheid wil hê en nie offerandes nie. Hulle hele siel was in die werk vir die mense, en dit het hulle liggaamlike en verstandelike kragte uitgeput. Dit was hulle plig om te rus.

Waar die dissipels die sukses van hulle werk gesien het, was daar gevaar dat hulle self alle krediet daarvoor sou neem, geestelik trots sou voel, en so die prooi van die Satan se versoekings sou word. Daar was ’n groot werk voor hulle, en eerste van alles moes hulle leer dat hulle sterkte nie in hulleself is nie, maar in God. Soos Moses in die woestyn van Sinai, soos Dawid in die berge van Judea, of soos Elia by die spruit Krit, het die dissipels behoefte gehad aan afsondering van die tonele van hulle besige lewe, om met Christus te gesels en gemeenskap te hê met die natuur en met hulle eie harte.

Terwyl die dissipels weg was op hulle sendingtoer, het Jesus ander dorpe en stede besoek en die evangelie van die koninkryk verkondig. Dit was in hierdie tyd dat Hy berig ontvang het van die Doper se dood. Hierdie gebeurtenis het Hom baie duidelik laat besef tot watter smartvolle einde Sy voetstappe Hom sou lei. Donker skaduwees het swart op Sy pad begin val. Priesters en rabbi’s het [365]
hulle kans afgewag om Hom te dood, spioene het Hom gedurig agtervolg, en aan alle kante is daar planne gesmee om Sy ondergang te bewerk. Berigte van die prediking van die apostels in Galilea het Herodes bereik, en dit het sy aandag gevestig op Jesus en Sy werk. Hy het gesê, “Johannes wat ek onthoof het, dit is hy; hy het uit die dode opgestaan,” en hy het die begeerte uitgespreek om Jesus te sien. Herodes het gedurig gevrees dat daar ’n geheime opstand sou plaasvind om hom te onttroon en die Romeinse juk van die Joodse volk af te werp. Onder die volk het daar ’n sterk gees van ontevredenheid en opstand geheers. Dit was duidelik dat Christus se openbare werk in Galilea nie lank meer kon aanhou nie. Die tonele

van Sy lyde was nie meer ver nie, en Hy het verlang om vir 'n tydjie afgesonder te wees van die gedrang van die skare.

Met droewige harte het die dissipels van Johannes sy verminkte lig- gaam weggeneem om te begrawe. Toe het hulle "gegaan en dit aan Jesus vertel." Hierdie dissipels was eers jaloers op Christus toe dit geskyn het dat Hy die mense van Johannes afgetrek het. Hulle het gemene saak gemaak met die Fariseërs toe hulle Hom beskuldig het dat Hy met die tollenaars saam geëet het by Mattheus se feesmaal. Hulle het Sy goddelike sending betwyfel omdat Hy nie die Doper uit die gevangenis verlos het nie. Maar nou dat hulle leraar dood was, en hulle na vertroosting verlang het in hulle groot droefheid, en om leiding in hulle toekomstige werk, het hulle na Jesus gekom en by Hom aangesluit. Ook hulle het behoefte gehad aan 'n stil tydjie vir gemeen- skap met die Heiland.

Naby Betsaida, aan die noordelike end van die meer, was daar 'n verlate plek, mooi groen omdat dit lente was, wat 'n welkome rus- plek sou wees vir Jesus en Sy dissipels. Hulle het na daardie plek vertrek, en het die meer oorgesteek in 'n skuit. Hier sou hulle weg wees van die hoofweë van die verkeer en die rumoer van die stede. Die natuurtonele was op sigself 'n bron van rus, strelend vir die gemoed. Hier sou hulle na die woorde van Christus luister, sonder die steuring van twis, en die tussenwerpsels en beskuldigings van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Hier kon hulle 'n kort tydjie onderlinge gemeenskap geniet in die geselskap van hulle Here.Die rus wat Christus en Sy dissipels geneem het, was nie sommer 'n luilekker rus nie. Die tyd wat hulle daar in afsondering deurgebring
[366] het, is nie aan plesier bestee nie. Hulle het gesels oor die werk van God, en die moontlikheid om dit op doeltreffender wyse te doen. Die dissipels het saam met Christus gewerk, en hulle kon Hom verstaan; dit was nie nodig om tot hulle in gelykenisse te spreek nie. Hy het hulle op hulle foute gewys, en die regte manier om mense te nader aan hulle verduidelik. Hy het in groter besonderhede die kosbare skatte van die goddelike waarheid geopenbaar. Hulle is versterk deur goddelike krag, en besiel met hoop en moed.

Hoewel Jesus wonderwerke kon doen en ook aan Sy dissipels krag gegee het om wonders te verrig, het Hy Sy afgematte dienaars beveel om na 'n stil plekkie te gaan om te rus. Toe Hy gesê het dat die oes groot is, en die arbeiders min, het Hy nie die dissipels beveel

om onafgebroke te werk nie, maar Hy het gesê, "Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur." Matt. 9: 38 God het aan elke mens sy werk gegee, volgens sy bekwaamheid (Efe. 4: 11- 13), en Hy sou nie toelaat dat sommige swaar laste dra terwyl ander niks doen en geen verantwoordelikhede het nie.

Christus se woorde van ontferming is gegee ook vir Sy werkers vandag, net so gewis as aan Sy dissipels vanouds. "Kom julle self apart . . . en rus 'n bietjie," sê Hy aan almal wat moeg en afgemat is. Dit is nie verstandig om altyd te swoeg en in spanning te verkeer nie, en dit geld ook vir diegene wat geestelike werk doen; want sonder rus word die persoonlike geestelike lewe verwaarloos en die kragte van liggaam, verstand, en gees word ooreis. Selfverloëning word vereis in die dissipels van Christus, en hulle moet gewillig wees om opoffe- rings te maak, maar hulle moet hulleself nie ooreis sodat die Satan miskien voordeel kan trek uit hulle swakheid, en die werk van God belemmer word nie.

Volgens die mening van die rabbi's het die som van die godsdiens in groot doenigheid en bedrywigheid bestaan. Om hulle groot vroomheid te toon, moes daar die een of ander uiterlike werk wees. So het hulle hulle siele van God afgeskei, en het hulle in selfvoldaanheid berus. Dieselfde gevare bestaan vandag nog. Namate bedrywigheid toeneem en mense sukses behaal in die een of ander werk vir God, loop hulle gevaar om te vertrou op menslike planne en metodes. Daar is 'n neiging om minder te bid en minder geloof te hê. Soos die dissipels loop ons gevaar om ons afhanklikheid van God uit die oog te verloor. en ons bedrywigheid ons verlosser te maak. Ons oë [367]
moet gedurig op Jesus wees met die besef dat dit Sy krag is wat die werk doen. Hoewel ons baie ernstig moet werk vir die redding van sondaars, moet ons ook tyd neem vir oorpeinsing, gebed, en die studie van Gods Woord. Alleen die werk wat verrig is met veel gebed en geheilig is deur die Verdienstes van Christus, sal op die ou end die beste resultate lewer.

Geen ander lewe was so vol werk en verantwoordelikheid as die van Jesus nie; en tog, hoe dikwels het Hy gebid! Hoe onafgebroke was Sy gemeenskap met God! Keer op keer in die geskiedenis van Sy aardse lewe vind ons aantekeninge soos hierdie: "En vroeg in die more, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid." "En groot menigtes het byme-

kaar gekom om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word. Maar Hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid." "En Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en het die nag in die gebed tot God deurgebring." Markus 1: 35; Lukas 5: 15, 16; 6: 12.

In 'n lewe heeltemal gewy aan die welsyn van ander, het die Heiland dit nodig gevind om Hom te onttrek aan die gedrang van die hoofverkeersweë, en aan die skare wat Hom dag na dag gevolg het. Hy het nodig gehad om Hom te onttrek aan 'n lewe van onafgebroke aktiwiteit en kontak met menslike behoeftes, sodat Hy afgesonderd kon wees, en onverstoorde gemeenskap met Sy Vader kon hê. As iemand wat een met ons was, wat gedeel het in ons behoeftes en swakhede, was Hy heeltemal afhanklik van God, en in die binnekamer van gebed het Hy goddelike krag gesoek sodat Hy kon uitgaan, versterk vir werk en beproewings. In 'n wêreld van sonde moes Jesus 'n groot sielstryd voer. In gemeenskap met God kon Hy die laste wat Hom so swaar gedruk het voor Hom lê. Daar sou Hy vertroosting en vreugde vind.

In Christus het die roepstem van die mensheid die Vader van oneindige ontferming bereik. As mens het Hy tot die troon van God gebid totdat Sy mensheid gelaai was met 'n hemelse stroom wat die mensheid met die godheid sou verbind. Deur gedurige gemeenskap het Hy lewe van God ontvang, sodat Hy lewe aan die wêreld kon
[368] meedeel. Sy ondervinding moet ook ons s'n wees.

"Kom julle self apart;" sê Hy aan ons. As ons Sy woord maar wou gehoorsaam, sou ons baie sterker en meei bruikbaar wees. Die dissipels het na Jesus gekom en Hom alle dinge vertel, en Hy het hulle bemoedig en onderrig. As ons vandag tyd sou neem om na Jesus te gaan en Hom van al ons behoeftes te vertel, sou ons nie teleur- gestel wees nie; Hy sal aan ons regterhand wees om ons te help. Ons het meer eenvoud nodig, en ons moet groter vertroue in ons Heiland hê. Hy wat genoem word "Sterke God, Ewige Vader, Vredevors; Hy van wie daar geskryf is, "Die heerskappy is op Sy skouer;" Hy is die wonderbare Raadsman. Ons word genooi om van Hom wysheid te vra. Hy sal "vir almal eenvoudig gee sonder om te verwyt." Jes. 9: 5; Jak. 1: 5.

In almal wat onder leiding van God staan, sal 'n lewe geopenbaar word wat nie in harmonie met die wêreld en sy gewoontes en

gebruike is nie; en elkeen moet 'n daadwerklike kennis hê van die wil van God. Elkeen van ons moet Hom persoonlik tot ons hart hoor spreek. Wanneer elke ander stem stil is, en ons in stilte voor Hom wag, sal die stilte van die siel die stem van God meer hoorbaar maak. Hy beveel ons, "Laat staan en weet dat Ek God is." Ps. 46: 11. Daar alleen sal ware rus gevind word. En dit is die nodige voorbereiding vir almal wat vir God werk. Te midde van die gejaag en die spanning van die lewe sal die siel wat so verkwik is, omring wees van 'n atmosfeer van lig en vrede. Die lewe sal 'n soete geur versprei, en 'n goddelike krag openbaar wat mense se harte sal aanraak. [369]

## “Gee Julle vir Hulle Iets om t e Eet”

C HRISTUS en Sy dissipels het hulle na ’n verlate plek teruggetrek,maar hierdie aangename tydjie van stilte en vrede is gou verbreek.Die dissipels het gemeen dat hulle na ’n plek gegaan het waar hulle nie verstoor sou word nie; maar sodra die skare gemerk het dat die goddelike Leraar nie daar was nie, het hulle begin vra: “Waar is Hy?” Sommige van hulle het gesien in watter rigting Christus en Sy dissipels gegaan het. Vele het oor land gegaan om weer by hulle te kom, terwyl ander met hulle skuite agterna is oor die water. Die Paasfees was naby, en van heinde en ver het groepe pelgrims wat op weg was na Jerusalem, saamgedrom om Jesus te sien. Hulle getal het aangegroei totdat daar sowat vyfduisend mans was, behalwe vroue en kinders.Voordat Christus die strand bereik het, het daar reeds ’n skare vir Hom gewag. Maar Hy het aan wal gestap sonder dat hulle Hom gesien het, en het ’n rukkie saam met Sy dissipels deurgebring.

Van die berghelling af het Hy die malende skare gesien, en daar het groot medelyde met hulle in Sy hart ontstaan. Verstoor soos Hy was, en beroof van Sy rus, was Hy nogtans nie ongeduldig nie. Toe
[370] Hy die mense so gadeslaan wat nog steeds aangekom het, het Hy gesien dat daar ’n groot behoefte was waarin Hy sou moes voorsien. “Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape was sonder wagter.” Hy het Sy skuilplek verlaat en ’n geskikte plek gesoek waar Hy hulle kon bedien. Hulle het geen hulp gekry van die priesters en owerstes nie; maar die genesende stroom het van Christus gevloei waar Hy die skare die weg van die saligheid geleer het.

Die mense het geluister na die woorde van genade wat so vry gevloei het van die lippe van die Seun van God. Hulle het die woorde van barmhartigheid gehoor, so eenvoudig en so duidelik dat dit soos die balsem van Gilead was vir hulle siele. Die genesing van Sy god- delike hand het blydskap en lewe gebring tot die sterwendes, en ge- sondheid en gemak tot diegene wat aan kwale gely het. Die

dag was vir hulle soos hemel op aarde, en hulle het nooit daaraan geaink hoe lank dit was dat hulle laas geëet het nie.

Eindelik het dit begin laat word. Die son het begin sak in die weste, maar nog het die mense vertoef. Jesus het die hele dag gewerk sonder kos of rus. Hy was bleek van afgematheid en honger, en die dissipels het Hom gesmeek om Sy werk te staak. Maar Hy kon Hom nie onttrek aan die skare wat om Hom saamgedring het nie.

Eindelik het die dissipels na Hom gekom en by Hom aangedring dat Hy die mense vir hulle eie ontwil moes wegstuur. Baie van hulle het ver gekom, en sedert die oggend niks geëet nie. In die omliggende dorpies mag dit hulle geluk om voedsel te koop. Maar Jesus het gesê, "Gee julle vir hulle iets om te eet," en toe het Hy Hom na Filippus gewend en gevra, "Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?" Hy het dit gesê om die geloof van hierdie dissipel te toets. Filippus het oor die see van mense voor hom gekyk en gedink hoe onmoontlik dit sal wees om genoeg voedsel te voorsien om so 'n groot skare te voed. Hy het geantwoord dat tweehonderd pennings se brood nie genoeg sou wees om onder hulle uit te deel sodat elkeen 'n stukkie kry nie. Jesus het toe gevra hoeveel voedsel daar onder die mense self was. Andreas het geantwoord: "Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense?" Jesus het gevra dat dit na Hom toe gebring moes word. Toe het Hy die dissipels beveel om die mense op die gras te laat sit in groepe van vyftig of 'n honderd, om alles ordelik te laat toegaan en sodat alma l kon sien wat Hy sou doen. Toe alles gereed was, het [371]
Jesus die voedsel geneem, en "nadat Hy opgekyk het na die hemel, seën Hy dit en breek dit en gee dit aan die dissipels om dit aan die skare voor te sit." "En hulle het geëet en is almal versadig, en van wat vir hulle van die stukke oorgebly het, is daar twaalf mandjies vol opgetel." [372]

Hy wat die mense die weg geleer het hoe om vrede en geluk te verkry, was net so begaan oor hulle tydelike benodighede as hulle geestelike behoeftes. Die rnense was moeg en swak. Daar was moeders met babas, en klein kindertjies wat aan hulle rokke vasgehou het. Baie van hulle het vir ure gestaan. Hulle was so belangstellend in Christus se woorde dat hulle nooit eenmaal daaraan gedink het om 'n bietjie te sit nie, en die gedrang van die skare was so groot dat daar gevaar was om mekaar te vertrap. Jesus sou hulle

’n kans gee om te rus, en Hy het hulle beveel om te sit. Daar was baie gras op die plek, en almal kon op hulle gemak rus.

Christus het nooit ’n wonderwerk gedoen tensy dit was om in ’n ware behoefte te voorsien nie, en elke wonderwerk was van so ’n aard dat dit die mense na die Boom van die lewe gelei het, die blare waarvan vir die genesing van die volke was. Die eenvoudige voedsel, rondge- gee deur die hande van die dissipels, het ’n hele skat van lesse bevat. Dit was eenvoudige voedsel wat voorsien is; die vis en die garsbrode was die daelikse voedsel van die visserbevolking in die omtrek van die Meer van Galilea. Christus kon voor die mense ’n ryk ete gesit het, maar voedsel wat berei is om slegs die aptyt te bevredig, sou geen les ten gcede vir hulle bevat het nie. In hierdie les het Christus hulie geleer dat die natuurlike voorsiening van God vir die mens verdraai is. Nog nooit het mense ’n heerliker fees wat vir die bevrediging van ’n verdorwe aptyt berei is, meer geniet as wat hierdie mense die rus, en die eenvoudige voedsel geniet het wat Christus vir hulle berei het ver weg van hulle wonings nie.

As mense vandag eenvoudig sou wees in hulle gewoontes, en in harmonie sou lewe met die natuurwette soos Adam en Eva in die begin, sou daar oorvloed wees vir al die behoeftes van die mens- like geslag. Daar sou minder vermeende behoeftes wees, en meer geleentheid om in Gods weë te werk. Maar selfsug en die botviering van ’n onnatuur- like aptyt het sonde en eilende in die wêreld ge- bring, aan die een- kant weens oorvloed, en aan die anderkant weens gebrek.

Jesus was nie daarop uit om die mense tot Hom te trek deur hulle singenot te bevredig nie. Vir daardie groot skare, moeg en honger ná ’n lang dag van opwinding, was die eenvoudige voedsel ’n ver- sekering nie alleen van Sy mag nie, maar ook van Sy sorg vir hulle in die gewone dinge van die lewe. Die Heiland het nie aan Sy
[373] navolgers die weelde van hierdie wêreld belowe nie; hulle voedsel mag eenvoudig wees, en min; hulle mag in armoede verkeer; maar Sy Woord is gegee dat in hulle behoeftes voorsien moet word, en Hy het ook iets belowe baie beter as aardse goed, naamlik die blywende vertroosting van Sy eie teenwoordigheid.

Toe Hy die vyfduisend gevoed het, het Jesus die sluier gelig van die wêreld van die natuur, en die krag geopenbaar wat gedurig in werking is vir ons voordeel. In die oeste van die wêreld doen God

elke dag wonderwerke. Deur natuurlike werkinge word dieselfde daad verrig as by die voeding van die skare. Mense berei die land en saai die saad, maar dit is die lewe van God wat die saad laat ontkiem en opkom. Dit is Gods reent en lug en sonskyn wat dit laat groei "eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar." Markus 4: 28. Dit is God wat elke dag miljoene voed uit die oesvelde van die wêreld. Mense word geroep om met God saam te werk in die kweking van die graan en die bak van die brood, en om rede hiervan verloor hulle die goddelike werktuig uit die oog. Hulle gee nie aan God die heerlikheid wat Sy heilige Naam toekom nie. Die werking van Sy krag word aan natuurlike oorsake of aan menslike tussenkoms toegeskryf. Die mens word verheerlik in die plek van God, en Sy genadegawes word misbruik vir selfsugtige doeleindes, en dit word n vloek in stede van 'n seën. God wil dit graag alles verander. Hy wil hê dat ons stomp sinne verkwik moet word om Sy goedertierenheid te besef en Hom te verheerlik vir die werking van Sy krag. Hy wil hê dat ons Hom moet erken in Sy gawes, dat hulle, soos Hy bedoel het, ons tot seën kan wees. Dit was om hierdie doel te verwesenlik dat Christus Sy wonderwerke verrig het.

Nadat die skare gevoed was, was daar 'n oorvloed van voedsel oor. Maar Hy wat al die bronne van ewige krag tot Sy beskikking gehad het, het beveel, "Maak die stukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie." Hierdie woorde het meer beteken as om net die stukke brood in die mandjies te gooi. Daar was 'n tweevoudige les. Niks moet gemors word nie. Ons moet geen tydelike voordeel verlore laat gaan nie. Ons moet niks verwaarloos wat 'n mens kan bevoordeel nie. Laat alles versamel word wat die aarde se hongeriges kan voed. En daar moet ook dieselfde sorgsaamheid wees in verband met geestelike dinge Toe die mandjiesvol brokkies versamel is, het die mense aan hulle vriende tuis gedink. Hulle moes [374]
ook eet van die brood wat Christus geseën het. Die inhoud van die mandjies is verdeel onder die skare, en hulle het dit in alle rigtings daar in die omtrek geneem. Diegene wat dus by die fees was, sou aan ander van die brood gee wat van die hemel gekom het om hulle sielshonger te stil. Hulle moes vertel wat hulle geleer het van die wonderbare dinge van God. Niks moes verlore gaan nie. Nie een woord wat te doen het met hulle ewige saligheid moes nutteloos op die grond val nie.

Die wonderwerk met die brode leer ’n les van afhanklikheid van God. Toe Christus die vyfduisend gevoed het, was die voedsel nie ter hand nie. Oënskynlik het Hy geen middels tot Sy beskikking gehad nie. Daar was Hy, met vyfduisend mans, behalwe nog die vroue en die kinders, in die verlate plek. Hy het nie die groot skare gevra om Hom te volg nie; hulle het gekom sonder uitnodiging of bevel; maar Hy het geweet dat nadat hulle so lank na Sy leer geluister het, hulle honger en swak sou wees; want net soos hulle het Hy ook honger geword. Hulle was ver van hulle huise af, en die nag was aan kom. Baie van hulle het geen geld gehad om voedsel te koop nie. Hy wat vir hulle ontwil veertig dae in die woestyn gevas het, sou hulle nie toelaat om honger huis toe te gaan nie. Dit is die voorsienigheid van God wat Jesus geplaas het waar Hy was; en Hy het op Sy hemelse Vader vertrou vir die middels om in hulle behoefte te voorsien.

Wanneer ons in die noute is, moet ons op God vertrou. Ons moet wysheid en oordeel gebruik in al die handelinge van die lewe, sodat ons nie, deur roekelose bewegings, onsself in beproewing bring nie. Ons moet nie in moeilikhede beland deur die middels wat God voorsien, te verwaarloos, en die vermoëns wat Hy ons gegee het, te misbruik nie. Christus se werkers moet Sy bevele stip gehoorsaam. Dit is Gods werk, en as ons ander tot seën wil wees, moet Sy planne gevolg word. Die eie-ek moet nie die middelpunt wees nie; die eie-ek kan geen eer ontvang nie. As ons planne maak volgens ons eie idees, sal die Here ons aan ons foute oorlaat. Maar as ons in die noute kom nadat ons Sy aanwysings gevolg het, sal Hy ons verlos. Ons moet nie in moedeloosheid opgee nie, maar in elke nood moet ons hulp soek by Hom wat ewige krag tot Sy beskikking het. Dikwels sal ons in moeilike omstandighede kom, en dan moet ons, in die volste vertroue, op God reken. Hy sal elke siel bewaar wat in die verknorsing kom omdat hy probeer om in die weg van die Here te
[375] bly.

Deur die profeet het Christus ons beveel, “dat jy jou brood breek vir hom wat honger het,” en die “neergeboë siel versadig”; “as jy een nakend sien, dat jy hom aantrek,” en “ellendiges, swerwelinge in die huis inbring.” Jes. 58: 7-10. Hy het ons opdrag gegee, “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.” Markus 16: 15. Maar hoe dikwels word ons moedeloos en verswak ons geloof wanneer ons sien hoe groot die behoefte is en hoe min

middele ons het. Net soos Andreas, toe hy gekyk het na die vyf gars- brode en twee klein vissies, roep ons uit, "Maar wat is dit vir so baie mense?" Dikwels aarsel ons, onwillig om alles te gee wat ons het, en bang om geld uit te gee vir ander, en om self opgebruik te word vir hulle. Maar Jesus het ons beveel, "Gee julle vir hulle iets om te eet." Sy bevel is 'n belofte; en daaragter is dieselfde krag wat die skare by die meer gevoed het.

In die daad van Christus om in die tydelike behoeftes te voorsien van 'n hongerige skare, skuil daar 'n diep geestelike les vir al Sy werkers. Christus het van die Vader ontvang; Hy het aan die dissipels meegedeel; hulle weer het aan die skare uitgedeel; en die mense onder mekaar. So sal almal wat met Christus verbind is van Hom die brood van die lewe ontvang, die hemelse voedsel, en dit aan ander uitdeel.

In volle vertroue op God het Jesus die paar brode geneem; en alhoewel daar maar 'n klein porsie vir Sy kring van dissipels was, het Hy hulle nie genooi om te eet nie, maar Hy het aan hulle begin gee en hulle beveel om die mense te bedien. Die voedsel het in Sy hande vermenigvuldig; en die hande van die dissipels wat hulle uitgesteek het na Christus wat self die Brood van die Lewe is, was nooit leeg nie. Die klein bietjie proviand was voldoende vir almal. Nadat in die behoeftes van die mense voorsien is, is die brokkies versamel, en Christus en Sy dissipels het saamgeëet van die heerlike voedsel wat die Hemel voorsien het.

Die dissipels was die verbindingskanaal tussen Christus en die mense. Dit behoort tot groot bemoediging te strek vir Sy hedendaagse dissipels. Christus is die middelpunt, die bron van alle krag. Sy dissipels moet hulle voorrade van Hom kry. Die mees intelligente en mees geestelikgesindes kan gee alleen in die mate wat hulle ontvang het. Uit hulleself kan hulle niks voorsien van die behoeftes van [376]
die siel nie. Ons kan alleen gee wat ons van Christus ontvang het; en ons kan ontvang alleen namate ons aan ander uitdeel. Waar ons aanhou uitdeel, sal ons aanhou ontvang; hoe meer ons uitdeel, hoe meer sal ons ontvang. So kan ons dus gedurig glo, gedurig vertrou, gedurig ontvang, en gedurig uitdeel.

Die werk om die koninkryk van Christus uit te brei, sal voortgaan, alhoewel dit skynbaar stadig gaan, en oënskynlik met onoorkomelike moeilikhede te kampe het. Dit is Gods werk, en Hy sal die middele

gee en helpers stuur, opregte, ernstige dissipels wie se hande met voedsel gevul sal word vir die hongerige menigte. God vergeet nie diegene wat in liefde werk om die woord van die lewe aan versmagtende siele te gee nie, wat weer op hulle beurt die hande uitsteek vir voedsel vir ander hongerige siele.

In ons werk vir God is daar gevaar van te veel vertroue op wat die mens met sy talente en bekwaamheid kan doen. So verloor ons die Meesterwerker uit die oog. Te dikwels besef die werker vir Christus nie sy persoonlike verantwoordelikheid nie. Daar is gevaar dat hy sy las sal werp op organisasies, pleks van te vertrau op Hom wat die Bron van alle krag is. Dit is 'n groot fout om op menslike wysheid of op getalle te vertrou in Gods w'erk. Suksesvolle werk vir Christus is nie soseer afhanklik van getalle of talente as op 'n reine doel en 'n eenvoudige, ernstige, vertrouende geloof nie. Persoonlike verantwoordelikheid moet gedra word, persoonlike pligte moet opgeneem word, en persoonlike pogings moet aangewend word vir diegene wat Christus nie ken nie. Pleks van u verantwoordelikheid af te skuif op mense wat volgens u mening meer bekwaam is as u, moet u werk volgens u eie bekwaamheid.

As die vraag tot u kom, "Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?" moet u antwoord nie ongeloof inhou nie. Toe die dissipels Christus se bevel gehoor het, "Gee julle vir hulle iets om te eet," het daar allerhande moeilikhede voor hulle opgedoem. Hulle het gevra, Sal ons in die dorpies voedsel gaan koop? So gaan dit vandag ook: wanneer die mense behoefte het aan die brood van die lewe, vra die kinders van die Here, Sal ons iemand van ver stuur om hulle te kom voed? Maar wat het Christus gesê? "Laat die mense
[377] gaan sit," en Hy het hulle daar gevoed. Wanneer u dus omring is van behoeftige siele, moet u weet dat Christus daar is. Tree in verbinding met Hom. Bring u garsbrode na Christus.

Die middele wat ons het, mag nie voldoende lyk vir die werk nie; maar as ons in geloof sou voortgaan, gelowende in die allesvermagtende krag van God, sal daar oorvloedige voorrade vir ons wees. As dit Gods werk is, sal Hy self die middele gee om dit te doen. Hy sal eenvoudige, opregte vertroue op Hom beloon. Die bietjie wat verstandig en spaarsaam gebruik word in die diens van die Here van die hemel sal vermeerder soos dit uitgedeel word. In die hand van Christus het die klein voorraad voedsel nie opgeraak totdat die

hongerige skare bevredig was nie. As ons sou gaan na die Bron van alle krag, met ons hande van geloof uitgesteek om te ontvang, sal ons versterk word in ons werk selfs onder die onmoontlikste omstandighede, en ons sal in staat wees om aan ander die brood van die lewe te gee.

Die Here sê, "Gee, en vir julle sal gegee word." "Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. ... En God het mag om alle genade oor julle oorvloedig te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk. Soos geskrywe is:

> "Hy het uittestrooi, Hy het aan die armes gegee,Sy geregtigheid bly tot in ewigheid."
>
> "En mag Hy wat saad aan die saaier verskaf, ook brood verskaf om te eet, en julle saad vermeerder en die vrug van julle geregtigheid laat toeneem, sodat julle in alles ryk kan word tot alle milddadigheid, wat deur ons danksegging aan God laat toebring." Lukas 6: 38; 2 Kor.9: 6-11

[378]

[379]

## ’n Nag op die Meer

SITTENDE daar op die gelyke graspiek, in die skemering van die lente-aand, het die mense die voedsel geëet wat Christus voorsien het. Die woorde wat hulle daardie dag gehoor het, het tot hulle gekom soos die stem van God. Die werke van genesing wat hulle gesien het, was van so ’n aard dat niks anders as goddelike krag dit kon gedoen het nie. Maar die wonderwerk van die vermeerdering van die brode het ’n indruk gemaak op elkeen onder die skare. Almal het daarby gebaat. In die dae van Moses het God Israel met manna in die woestyn gevoed; en wie was hierdie man wat hulle daardie dag gevoed het anders as die Een wat Moses voorspel het? Geen menslike krag kon vyf garsbrode en twee klein vissies vermeerder sodat dit genoeg was om duisende hongerige mense te voed nie. En hulle het vir mekaar gesê, “Hy is waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom.”

Die hele dag al is hulle al meer en meer oortuig. Daardie daad wat die kroon op alles gesit het, is die versekering dat die lang- verwagte Verlosser in hulle midde is. Die hoop van die mense het hoër en hoër
[380] gestyg. Dit is Hy wat Judea sal omskep in ’n aardse paradys, ’n land vloeiende van melk en heuning. Hy kan in elke behoefte voorsien. Hy kan die mag van die gehate Romeine verbreek. Hy kan Judea en Jerusalem verlos. Hy kan die soldate wat in die geveg gewond raak, genees. Hy kan die leërs van voedsel voorsien. Hy kan die heidene oorwin en aan Israel die heerskappy gee wat hulle so lank verlang het.

In hulle geesdrif was die mense gereed om Hom sommer dadelik as koning uit te roep. Hulle sien dat Hy geen pogings aanwend om die aandag op Hom te vestig of om eer vir Homself te soek nie. In hierdie opsig verskil Hy wesenlik van die priesters en owerstes, en hulle vrees dat Hy nooit sal aanspraak maak op Sy reg tot die troon van Dawid nie. Na beraadslaging het hulle besluit om Hom met geweld te neem en Hom uit te roep as koning van Israel. Die dissipels staan saam met die skare in die verklaring dat die troon van Dawid

die regmatige erfdeel is van hulle Meester. Dit is die beskeidenheid van Christus, sê hulle, wat Hom beweeg om so 'n eer te weier. Laat die mense hulle Verlosser verhoog. Laat die hovaardige priesters en owerstes gedwing word om Hom te eer wat beklee is met die gesag van God.

Gretig besluit hulle cm hulle plan uit te voer, maar Jesus merk wat aan die gang is, en Hy verstaan soos hulle nie kan besef nie wat die gevolge van so 'n daad sou wees. Op daardie oomblik het die priesters en owerstes gesoek om Hom te dood. Hulle beskuldig Hom dat Hy die mense van hulle aftrek agter Hom aan. Opstand en geweld sou die gevolg wees as daar 'n poging is om Hom op die troon te plaas, en die werk van die geestelike koninkryk sou verhinder word. Sonder versuim moes hierdie beweging stopgesit word. Jesus het Sy dissipels geroep en hulle beveel om die skuit te neem en dadelik na Kapernaum terug te keer, en Hom daar agter te laat om die skare uiteen te laat gaan.

Nog nooit het 'n bevel van Christus so onmoontlik gelyk nie. Die dissipels het lank reeds gehoop op 'n volksbeweging om Jesus op die troon te plaas; hulle kon nie daaraan dink dat al hierdie entoesiasme op niks sou uitloop nie. Die skare wat daar begin vergader het vir die Paasfees wou baie graag die nuwe profeet sien. Vir Sy navolgers was dit bepaald die gulde geleentheid om hulle geliefde Meester op die troon van Israel te bevestig. In die gloed van hierdie nuwe plan was dit swaar vir hulle om alleen weg te gaan en Jesus daar op die [381]
verlate strand agter te laat. Hulle het beswaar gemaak teen hierdie reëling; maar Jesus het nou met 'n gesag gepraat soos Hy nog nooit teenoor hulle gebruik het nie. Hulle het geweet dat verdere opposisie van hulle kant nutteloos sou wees, en in stilte is hulle weg na die meer.

Jesus het nou die skare gelas om uiteen te gaan; en Sy optrede was so beslis dat hulle nie gedurf het om ongehoorsaam te wees nie. Die woorde van lof en verheffing sterf op hulle lippe. Juis toe hulle vorentoe tree om Hom te gryp, is hulle tot stilstand gebring, en die uitdrukking van vreugde sterf weg op hulle gelaat. Onder daardie skare is daar vasberade manne met 'n onverskrokke gees; maar die koninklike gedrag van Jesus, en Sy paar gebiedende woorde, maak die lawaai stil, en verydel hulle planne. Hulle erken in Hom 'n krag bo alle aardse gesag, en sonder meer gee hulle in.

Toe Hy alleen was, het Jesus “na die berg gegaan om te bid.” Vir ure het Hy met God gepleit. Nie vir Homself nie, maar vir die mense het Hy gebid. Hy het gebid om krag om aan die mense die goddelike karakter van Sy sending te openbaar, sodat die Satan hulle sinne nie mag verblind en hulle oordeel verdraai nie. Die Heiland het geweet dat Sy dae van persoonlike bediening op aarde byna op ’n end was, en dat min Hom sou aanneem as hulle verlosser. In groot sielsangs het Hy vir Sy dissipels gebid. Hulle sou swaar beproef word. Hulle lankgekoesterde hoop, wat berus het op ’n populêre wanbegrip, sou op n baie pynlike en vernederende wyse teleurgestel word. Pleks dat Hy op die troon van Dawid verhoog sou word, sou hulle Sy kruisiging sien. Dit sou inderwaarheid Sy ware kroning wees. Maar hulle het dit nie besef nie, en gevolglik sou hulle in heftige versoekings kom wat hulle kwalik as versoekings sou herken. Sonder die Heilige Gees om hulle verstand te verlig en hulle te help om te begryp, sou die geloof van die dissipels faal. Dit was pynlik vir Jesus dat hulle begrip van Sy koninkryk in ’n groot mate beperk was tot wêreldse voordeel en eer. Die las vir hulle het baie swaar op Sy hart gedruk, en Hy het in bittere angs en trane vir hulle gebid.

Die dissipels het nie dadelik van die land vertrek soos Jesus hulle beveel het nie. Hulle het vir ’n tyd gewag, hopende dat Hy na hulle sou kom. Maar toe hulle sien dat dit vinnig donker word, “het hulle in die skuit geklim,” en “oor die meer gevaar na Kapernaum.” Hulle het Jesus verlaat met ontevrede harte, meer ongeduldig met Hom as
[382] nog ooit tevore sedert hulle Hom aangeneem het as hulle Here. Hulle het gemurmureer omdat hulle nie toegelaat is om Hom as koning uit te roep nie. Hulle het hulleself blameer omdat hulle Sy bevel so geredelik gehoorsaam het. Hulle het gemeen dat as hulle nie so maklik ingegee het nie, hulle hulle doel moontlik sou bereik het.

Ongeloof was besig om van hulle verstand en harte besit te neem. Liefde vir eer het hulle verblind. Hulle het geweet dat die Fariseërs Jesus gehaat het, en hulle wou Hom graag verhef sien soos hulle gemeen het dat Hy behoort te wees. Om verbind te wees met ’n leraar wat magtige wonderwerke kon verrig, en tog uitgeskel te word as bedrieërs, was ’n beproewing wat hulle nie langer kon verduur nie. Moes hulle maar altyd beskou word as volgelinge van ’n valse profeet? Sou Christus dan nooit Sy gesag as koning handhaaf nie?

Waarom het Hy wat soveel mag het, Homself dan nie geopenbaar in Sy ware karakter en hulle lot draagliker gemaak nie? Waarom het Hy Johannes die Doper nie verlos van ’n gewelddadige dood nie? So het die dissipels geredeneer totdat hulle groot geestelike duisternis op hulleself gebring het. Hulle het gevra: Kan Jesus ’n bedrieër wees soos die Fariseërs beweer?

Die dissipels was daardie dag getuie van die wonderwerke van Christus. Dit het geskyn asof die hemel na die aarde gekom het. Die herinnering aan daardie heerlike dag moes hulle met geloof en hoop vervul het. As hulle uit dankbare harte oor daardie dinge gesels het, sou hulle nie in die versoeking gekom het nie. Maar hulle het net gedurig aan hulle teleurstelling gedink. Die woorde van Christus, “Maak die stukke bymekaar . . . sodat niks verlore gaan nie,” daaraan het hulle nie gedink nie. Dit was ure van groot seën vir die dissipels daardie, maar nou het hulle alles vergeet. Hulle was op stormagtige waters. Hulle gedagtes was. stormagtig en onredelik, en die Here het hulle toe iets anders gegee om hulle siele in beproewing te bring en hulle gedagtes besig te hou. God doen dit dikwels wan-neer mense laste en moeilikhede vir hulleself maak. Die dissipels het geen rede gehad om moeilikheid te maak nie, want die gevaar het reeds vinnig genader.

’n Vreeslike storm het hulle stilletjies genader, en hulle was onvoorberei daarvoor. Dit was ’n skielike kontras, want die dag was volmaak; en toe die storm hulle tref, was hulle bang. Hulle het hulle liefdeloosheid vergeet, hulle ongeloof en hulle ongeduld. Almal het [383]
gewerk om te belet dat die skuit sink. Dit was maar ’n kort endjie oor die meer van Betsaida af na die punt waar hulle verwag het om Jesus te ontmoet, en in mooiweer sou die reis maar ’n paar uur geneem het; maar hulle het verder en verder gedryf van die punt waarheen hulle gemik het. Tot die vierde nagwaak het hulle geroei, en toe het die flou manne die saak gewonne gegee. In die storm en duisternis het die see hulle hulle eie hulpeloosheid geleer, en hulle het gesmag na die teenwoordigheid van hulle Meester.

Jesus het hulle nie vergeet nie. Die Wagter op die kus het gesien hoe die vreesbevange manne met die storm worstel. Nie vir een oomblik het Hy Sy dissipels uit die oog verloor nie. Met die grootste besorgdheid het Sy oë die dobberende skuitjie met sy kosbare bemanning dopgehou; want daardie manne sou die lig van die wêreld

word. Soos ’n moeder in tere liefde waghou oor haar kind, so het die barmhartige Meester waggehou oor Sy dissipels. Toe hulle harte en hulle onheilige ambisie tot bedaring gekom en hulle boetvaardig gebid het om hulp, toe is dit gegee.

Op die oomblik toe hulle gemeen het dat dit klaarpraat met hulle was, het ’n ligstraal ’n geheimsinnige gedaante getoon wat op die water na hulle toe aangekom het. Maar hulle het nie geweet dat dit Jesus was nie. Die Een wat gekom het om hulle te help, het hulle beskou as ’n vyand. Hulle is deur vrees oorweldig. Die hande wat die roeispane vasgehou het met spiere van yster het nou laat los. Die skuitjie word heen-en-weer geslinger deur die branders; alle oë is nou gevestig op die gedaante van ’n man, lopende op die skuimende waters.

Hulle het gedink dat dit ’n voorbode was van hulle einde, en hulle het geskreeu van vrees. Jesus het aangekom asof Hy hulle wou verbygaan; maar hulle het Hom herken, en om Sy hulp geroep. Hulle geliefde Meester draai om; Sy stem verban hulle vrees, “Dis Ek! Moenie skrik nie.”

Toe hulle tot besinning kom en sien dat dit waarlik Hy is, was Petrus byna onkeerbaar van blydskap. Hy kon nog skaars glo, en hy het uitgeroep, “Here, as dit U is, gebied my om op die water na U te kom. En Hy sê: Kom!”

Siende op Jesus, het Petrus veilig op die water geloop; maar toe hy in selftevredenheid omkyk na sy maats in die skuit, het hy sy oë
[384] afge wend van die Heiland. - Die wind woed kwaai. Die branders styg hoog en kom tussen hom en die Meester, en hy word bang. Vir ’n oomblik kan hy Christus nie sien nie, en sy geloof begeef hom. Hy begin te sink. Maar in die kake van die dood het Petrus sy oë van die onstuimige waters afgeneem, sy blik op Jesus gevestig, en geskreeu, “Here, red my!” Dadelik het Jesus sy uitgestrekte hand gegryp en gesê, “Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?”

Saam het hulle gestap, Petrus se hand in die van sy Meester, en saam in die skuit geklim. Maar Petrus was nou gedwee en stil. Hy het niks gehad waaroor hy voor sy maats kon spog nie, want deur ongeloof en selfverhefung het hy byna sy lewe verloor. Toe hy sy oë van Jesus afgeneem het, het sy voete gewankel en hy het begin sink.

Hoe dikwels is ons soos Petrus wanneer ons in die moeilikheid kom! Ons kyk op die branders pleks van ons oë op die Heiland

gevestig te hou. Ons voete begin gly, en die water begin oor ons siele gaan. Jesus het Petrus nie beveel om na Hom te kom sodat hy kon vergaan nie; Hy roep ons nie om Hom te volg en verlaat ons dan nie. “Moenie vrees nie,” sê Hy; “Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere — hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur die water gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. Want Ek is die Here, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland.” Jes. 43: 1-3.

Jesus het die karakter van Sy dissipels gelees. Hy het geweet hoe kwaai hulle geloof beproef sou word. In hierdie voorval op die water wou Hy aan Petrus sy eie swakheid openbaar — aan hom wys dat sy enigste veiligheid gedurige vertroue op goddelike krag was. Te midde van die storms van versoeking sou hy alleen veilig wees as hy homself heeltemal wantrou en die Heiland alleen vertrau. Petrus was swak op die punt waar hy gedink het dat hy sterk was; en nie alvorens hy sy swakheid besef het, sou hy sy behoefte besef om op Christus te vertrou nie. As hy die les sou geleer het wat Jesus hom in die ondervinding daar op die water wou leer, sou hy nie beswyk het toe hy die groot toets moes deurmaak nie.

Dag na dag leer God Sy kinders. Deur die omstandighede van die daelikse lewe berei Hy hulle voor om hulle rol te speel in die groter toneel waartoe Sy voorsienigheid hulle roep. Dit is die uitslag van die daelikse toets wat hulle oorwinning of neerlaag bepaal in [385]
die groot krisis van die lewe.

Diegene wat hulle gedurige afhanklikheid van God nie besef nie, sal oorwin word deur versoeking. Ons mag nou dink dat ons voete vasstaan en dat ons onwankelbaar is. Ons mag met vertroue sê, Ek weet op wie ek vertrou het; niks sal my geloof in God en Sy Woord laat wankel nie. Maar die Satan lê op die loer om gebruik te maak van ons aangebore en aangeleerde karakterneigings, en ons oë te verblind vir ons eie behoeftes en gebreke. Alleen deur ’n besef van ons eie swakheid, en deur ons oë op Jesus gevestig te hou, kan ons veilig wandel.

Jesus het nog skaars Sy plek ingeneem op die skuit of die wind het gaan lê, “en dadelik het die skuit by die land aangekom waar hulle na toe gaan.” Die nag van angs is vervang deur die lig van die dageraad. Die dissipels en die ander wat aan boord was, het

neergebuig aan die voete van Jesus en met dankbare harte gesê,
[386] “Waarlik, U is die Seun van God!”

# Die Krisis in Galilea

TOE Christus die mense belet het om Hom koning te maak, het Hy geweet dat die keerpunt in Sy geskiedenis gekom het. Skares wat Hom vandag wou koning maak, sou more hulle rug op Hom keer. Die teleurstelling van hulle selfsugtige strewe sou hulle liefde in haat laat verander, en hulle lofbetuigings in vervloeking. En nogtans, alhoewel Hy dit geweet het, het Hy geen stappe gedoen om die krisis te ver- my nie. Reeds van die begin af het Hy aan Sy navolgers geen hoop op aardse voordeel voorgehou nie. Aan een wat aansoek gedoen het om 'n dissipel te word, het Hy gesê: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie." Matt. 8: 20. As mense die wêreld saam met Christus kon behou, sou groot getalle getrouheid aan Hom betuig het; maar sulke diens sou Hy nie aanneem nie. Van diegene wat Hom destyds gevolg het, was daar baie wat dit gedoen het met die hoop op 'n wêreldse koninkryk. Hulle moes tot ontnugtering gebring word. Die diep geestelike les van die vermenigvuldiging van die brode is nie begryp nie. Dit moes verduidelik word. En hierdie nuwe openbaring sou 'n nog swaarder toets meebring.

Die wonderwerk in verband met die brode het wyd en syd rugbaar geword, en baie vroeg die volgende more het die mense gestroom na Betsaida om Jesus te sien. Hulle het in groot getalle oor [387]
land en oor die meer gekom. Diegene wat Hom die vorige aand verlaat het, het weer teruggekom, verwagtende om Hom nog daar te vind, want daar was geen skuit waarmee Hy oor die meer kon gaan nie. Maar hulle het tevergeefs gesoek, en vele is na Kapernaum om Hom te soek.

In die tussentyd het Hy in Genesaret aangekom, na n afwesigheid van slegs een dag. Sodra dit bekend geword het dat Hy daar aangeland het, het die mense "in daardie hele omtrek rondgeloop en begin om die wat ongesteld was, op bedde rond te dra na die plek waar hulle hoor dat Hy was." Markus 6: 55.

Na ’n tyd is Hy na die sinagoge, en daar het diegene wat van Betsaida gekom het, Hom gevind. Hulle het van Sy dissipels gehoor hoe Hy oor die meer gekom het. Die kwaai storm, die baie ure van gesukkel teen die wind, die verskyning van Christus lopende op die water, hulle vrees, Sy gerusstellende woorde, die poging van Petrus om op die water te loop en die gevolge, die skielike stilte wat daar gekom het — alles is haarfyn aan die verbaasde skare vertel. Maar nie tevrede daarmee nie, het baie Jesus gevra, “Rabbi, wanneer het U hier gekom?” Hulle het gehoop om van Sy lippe verdere besonder- hede van die wonderwerk te hoor.

Jesus het nie hulle nuuskierigheid bevredig nie. Met droefheid het Hy gesê, “Julie soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.” Hulle het Hom nie uit ’n waardige motief gesoek nie, maar daar hulle met die brode gevoed is, het hulle gehoop om nog verdere voordeel te trek deur hulle by Hom te voeg. Die Heiland het aan hulle gesê, “Moenie werk vir die spyse wat vergaan nie, maar vir die spyse wat bly tot in die ewige lewe.” Moenie net stoflike voordeel soek nie. Die vernaamste poging moenie wees om voorsiening te maak vir hierdie lewe nie, maar soek geestelike voedsel, ja, daardie wysheid wat sal duur tot in die ewige lewe. Dit kan alleen die Seun van God gee; “want Hom het God, die Vader, verseël:”

Vir die oomblik is die belangstelling van die hoorders opgewek. Hulle het uitgeroep, “Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?” Hulle het baie en swaar werke verrig om hulleself in die guns van God te bring; en hulle was gereed om aandag te skenk aan enige nuwe ding om te onderhou, waardeur hulle groter verdienste
[388] sou verkry. Hulle vraag het bedoel: Wat moet ons doen om die hemel te verdien? Wat is die prys wat ons moet betaal om die ewige lewe te verkry?

“Jesus antwoord en sê vir hulle: Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.” Die prys van die hemel is Jesus. Die weg tot die hemel is deur geloof in “die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” Joh. 1: 29.

Maar die mense wou nie hierdie goddelike waarheid aanneem nie. Jesus het juis daardie werk gedoen wat die profesieë voorspel het dat die Messias sou doen; maar hulle het nie die werk gesien wat hulle selfsugtige hoop geskilder het as Sy werk nie. Christus

het wel eenmaal die skare met garsbrode gevoed, maar in die tyd van Moses is Israel vir veertig jaar met manna gevoed, en ver groter seëninge word verwag van die Messias. Hulle ontevrede harte het gevra waarom Jesus, aangesien Hy soveel wonderwerke kon doen soos die wat hulle gesien het, nie ook gesondheid, krag, en rykdom aan al Sy volk kon gee, hulle kon bevry van hulle verdrukkers, en hulle tot mag en eer verhef nie? Die feit dat Hy daarop aanspraak maak dat Hy deur God gestuur is, en nogtans geweier het om Israel [389] se koning te wees, was 'n verborgenheid wat hulle nie kon verstaan nie. Sy weiering is verkeerd vertolk. Baie het tot die gevolgtrekking gekom dat Hy dit nie wou waag om Sy aansprake te handhaaf nie omdat Hy self getwyfel het aan die goddelike aard van Sy sending. So het hulle hulle harte oopge- maak vir ongeloof, en die saad wat die Satan gesaai het, het die vrugte gedra van misverstand en afvalligheid.

Nou het 'n rabbi, half spottend gevra, "Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U? Ons vaders het manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet."

Die Jode het Moses geëer as die gewer van die manna, hulle het die werktuig geloof en Hom uit die oog verloor deur wie die werk gedoen is. Hulle vaders het gemurmureer teen Moses, getwyfel, en sy goddelike sending geloën. Nou, in hierdie selfde gees, het die kinders die Een verwerp wat die boodskap van God aan hulle gebring het. "En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie." Die Gewer van die manna was op daardie oomblik onder hulle. Dit was Christus self wat die Hebreërs deur die woestyn gelei en hulle daeliks gevoed het met die brood van die hemel. Daardie voedsel was 'n sinnebeeld van die ware brood uit die hemel. Die lewegewende Gees, vloeiende van die onmeetbare volheid van God, is die ware manna. Jesus het toe gesê, "Die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee." Joh. 6: 33.

Nog menende dat dit tydelike voedsel was wat Jesus bedoel het, het sommige van Sy toehoorders uitgeroep, "Here, gee ons altyd hierdie brood." Toe het Jesus reguit aan hulle gesê, "Ek is die brood van die lewe."

Die beeid wat Christus gebruik het, was 'n bekende een vir die Jode. Moses, onder ingewing van die Heilige Gees, het gesê dat "die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan."' En die profeet Jeremia het geskryf, "Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart." Deut. 8: 3; Jer. 15: 16. Die rabbi's het self 'n gesegde gehad, naamlik dat die eet van brood, in 'n geestelike sin, die studie van die wet en doen van goeie
[390] werke was; en daar is dikwels gesê dat die hele Israel gevoed sou word by die Messias se koms. Die leer van die profete het die diep geestelike les van die vermenigvuldiging van die brode verduidelik. Dit was hierdie les wat Christus aan Sy toehoorders in die sinagoge wou ver-duidelik. As hulle die Skrifte verstaan het, sou hulle Sy woorde verstaan het toe Hy gesê het, "Ek is die brood van die lewe." Net die vorige dag is die groot skare, flou en moeg, gevoed deur brood wat Hy voorsien het. Net soos hulle van daardie brood fisiese krag en verkwikking ontvang het, sou hulle van Christus geestelike krag tot die ewige lewe ontvang. "Wie na My toe kom," het Hy gesê, "sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie; maar, het Hy daaraan toegevoeg, julle het My gesien" "en tog glo julle nie."

Hulle het Christus gesien deur die getuienis van die Heilige Gees, en deur die openbaring van God aan hulle siele. Die lewende bewyse van Sy krag was dag na dag voor hulle, en tog vra hulle om nog 'n teken. Al sou hierdie teken gegee gewees het, sou hulle net so onge- lowig bly as voorheen. As hulle nie oortuig is deur wat hulle gesien en gehoor het nie, sou dit nutteloos wees om hulle nog meer wonder- werke te toon. Ongeloof sal altyd rede vind om te twyfel, en sal die mees positiewe bewyse weg redeneer.

Weer het Christus 'n beroep gedoen op hulle trae harte, "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." Almal wat Hom in geloof aanneem, het Hy gesê, sou die ewige lewe hê. Nie een kon verlore gaan nie. Daar was geen rede vir Fariseërs en Sadduseërs om te stry oor die toekomstige lewe nie. Mense hoef nie langer te treur in hopelose droefheid oor hulle dode nie. "Dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

Maar die leiers van die volk het hulle vererg, “en hulle het gesê; Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal.” Hulle het probeer om vooroordeel op te wek deur smalend te verwys na die nederige geboorte van Jesus. Hulle het met veragting gepraat van Sy lewe as ’n Galilese arbeider, en van Sy familie as arm en eenvoudig. Die aansprake van hierdie ongeleerde timmerman, het hulle gesê, is nie hulle aandag werd nie. En omdat Hy op so ’n geheimsinnige ’wyse gebore is, het hulle geïnsinueer dat Hy oneg was, en het die menslike omstandighede van Sy geboorte as ’n klad [391]
op Sy geskiedenis beskou.

Jesus het nie probeer om die geheim van Sy geboorte te verklaar nie. Hy het nie gereageer op die twyfel dat Hy uit die hemel neergedaal het, net soos Hy ook geen antwoord gegee het op die vrae hoe Hy oor die meer gekom het nie. Hy het nie gewys op die wonderwerke wat Sy lewe gekenmerk het nie. Uit eie vrye wil het Hy Hom ontledig en die gestalte van ’n dienskneg aangeneem. Maar Sy woorde en werke het Sy karakter geopenbaar. Almal wie se harte oop was vir die goddelike lig, sou Hom herken as die “Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid.” Joh. 1: 14.

Die vooroordeel van die Fariseërs het dieper gewortel as wat hulle vrae aangedui het; dit het geskuil in die verdraaidheid van hulle harte. Elke woord en daad van Jesus het teenstand in hulle harte verwek, want die gees wat hulle gekoester het, het geen weerklank in Hom gevind nie.

“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Dit is geskrywe in die Profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe.” Niemand sal ooit na Christus toe kom nie behalwe diegene wat gehoor gee aan die aantrekkingskrag van die Vader se liefde. Maar God trek alle harte tot Hom, en alleen diegene wat Sy aantrekking weerstaan, sal weier om na Christus te kom.

Met die woorde, “Hulle sal almal deur God geleer wees,” het Jesus gesinspeel op die profesie van Jesaja, wat lui: “En al jou kinders sal deur die Here geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.” Jes. 54: 13. Hierdie skriftuur het die Jode op hulleself toe- gepas. Hulle het daarin geroem dat God hulle leraar is. Maar

Jesus het bewys hoe hol daardie aanspraak was, want Hy het gesê, "Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe." Alleen deur Christus kon hulle die Vader leer ken. Die mensheid kan nie Sy heerlikheid verdra nie. Diegene wat van God geleer het, het geluister na die stem van Sy Seun, en in Jesus van Nasaret sou hulle Hom herken wat deur die natuur en die openbaring die Vader geopenbaar het.

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo het die ewige
[392] lewe." Deur die geliefde Johannes, wat hierdie woorde gehoor het, verklaar die Heilige Gees aan die kerke, "En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en die lewe is in Sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe." 1 Joh. 5: 11, 12. En Jesus het gesê, "Ek sal hom opwek in die laaste dag." Christus het een vlees met ons geword, sodat ons een gees met Hom kan word. Dit is kragtens hierdie verbintenis dat ons uit die graf sal voortkom, nie alleen as 'n openbaring van die krag van Christus nie, maar omdat Sy lewe, deur die geloof, ons s'n geword het. Diegene wat Christus in Sy ware karakter sien en Hom in hulle hart aanneem, het die ewige lewe. Dit is deur die Gees dat Christus in ons woon; en die Gees van God, ontvang in die hart deur geloof, is die begin van die ewige lewe.

Die mense het Christus herinner aan die manna wat hulle vaders in die woestyn geëet het, asof die voorsiening van daardie voedsel 'n groter wonderwerk was as die wat Jesus verrig het; maar Hy wys nou hoe onvoldoende daardie gawe was, vergeleke met die seëninge wat Hy gekom het om te gee. Die manna kon maar net die aardse lewe voed; dit kon nie die dood verhinder of die onsterflikheid gee nie; maar die brood van die hemel sou die siel voed tot die ewige lewe. Die Heiland het gesê, "Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid." By hierdie beeld het Christus nou 'n ander gevoeg. Alleen deur te sterf, kon Hy die lewe aan die mens gee, en in die woorde wat volg, wys Hy op Sy dood as die middel tot saligheid. Hy sê, "En die brood wat Ek sal gee, is My vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."

Die Jode sou binnekort die Paasfees te Jerusalem vier om die nag van Israel se verlossing uit Egipte te herdenk, toe die doodsengel die eersgeborenes van Egipte getref het. Dit was Gods doel dat hulle in die paaslam die Lam van God sou sien, en deur daardie simbool sou hulle Hom aanneem wat Homself gegee het vir die lewe van die wêreld. Maar die Jode het die simbool verhef as die allerbelangrikste, terwyl hulle die betekenis daarvan oor die hoof gesien het. Hulle het nie die liggaam van die Here gesien nie. Christus het dieselfde waarheid geleer as wat gesimboliseer is deur die Paasfees, maar nog het die mense dit nie ingesien nie. [393]

Die rabbi's het nou gebelgd uitgeroep, "Hoe kan Hy vir ons Sy vlees gee om te eet?" Hulle het kastig Sy woorde in dieselfde letterlike sin opgeneem as Nikodemus toe hy gevra het, "Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word?" Joh. 3: 4. Hulle het die bedoeling van Jesus in 'n sekere mate begryp, maar hulle wou dit nie erken nie. Deur Sy woorde verkeerd te vertolk, het hulle gehoop om die mense teen Hom te beïnvloed.

Christus het nie Sy simboliese voorstelling nader omskryf nie, maar Hy het die waarheid nog sterker beklemtoon: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julieseif nie. Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank. Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My, en Ek in hom."

Om die vlees te eet en die bloed van Christus te drink, beteken om Hom aan te neem as 'n persoonlike Saligmaker, gelowende dat Hy ons sondes vergewe en dat ons volmaak in Hom is. Dit is deur Sy liefde te sien, daaroor te peins, dit in te drink, dat ons Sy natuur deelagtig word. Wat voedsel vir die liggaam is, moet Christus vir die siel wees. Voedsel sal ons niks baat as ons dit nie eet en dit deur ons liggaam opgeneem word nie. So sal Christus ook niks baat as ons Hom nie as persoonlike Saligmaker ken nie. 'n Teoretiese kennis alleen help niks nie. Ons moet op Hom teer, Hom in ons hart ontvang, sodat Sy lewe ons lewe word. Sy liefde, Sy genade moet geassimileer word.

Maar selfs hierdie beeide kan nie die voorreg van die gelowige se verhouding tot Christus volkome voorstel nie. Jesus het gesê,

"Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe." Soos die Seun van God deur geloof in die Vader geleef het, so moet ons lewe deur geloof in Christus. Jesus het Homself so volkome oorgegee aan die wil van God dat die Vader alleen in Sy lewe geopenbaar is. Alhoewel Hy net soos ons in alle opsigte versoek is, het Hy voor die wêreld gestaan onbesmet deur die sonde wat Hom omring het. Ons moet oorwin net soos Christus oorwin het.

Is u 'n navolger van Christus? Dan is alles wat geskryf is aan-
[394] gaande die geestelike lewe vir u geskryf, en u kan alles verkry deur

uself met Jesus te verbind.- Het u ywer verswak? Het u liefde afge- koel? Neem dan weer die aangebode liefde van Christus aan. Eet van Sy vlees en drink van Sy bloed, en u sal een word met die Vader en met die Seun.

Die ongelowige Jode wou niks anders as net die letterlike betekenis van Jesus se woorde sien nie. Deur die seremoniële wet is hulle belet om bloed te eet, en hulle het nou Christus se woorde veroordeel as heiligskennis, en onder mekaar daaroor begin redekawel. Ook baie van die dissipels het gesê, "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?"

Die Heiland het hulle geantwoord: "Is dit julle tot 'n aanstoot? Hoe dan as julle die Seun van die mens sien opvaar waar Hy tevore was? Dit is die Gees wat lewendig maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek vir julle sê, is gees en is lewe."

Die lewe van Christus wat lewe aan die wêreld gee, is in Sy Woord. Dit was deur Sy woord dat Jesus siekte genees, en duiwels uitgewerp het; deur Sy woord het Hy die see stilgemaak, en die dode opgewek; en die mense het getuig dat Sy woord met gesag was. Hy het die woord van God gespreek, net soos Hy ook deur al die profete en leraars van die Ou Testament gespreek het. Die hele Bybel is 'n openbaring van Christus, en dit was die strewe van die Heiland om die geloof van Sy navolgers op Sy Woord te vestig. Wanneer Hy nie meer sigbaar by hulle sou wees nie, moes die Woord hulle bron van krag wees. Soos hulle Meester moes hulle lewe "van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Matt. 4: 4.

Net soos ons fisies deur voedsel aan die lewe gehou word, so word ons geestelik deur die Woord van God aan die lewe gehou. En elke siel moet vir homself lewe uit Gods Woord ontvang. Soos ons

self moet eet om voeding te verkry, so moet ons ook die Woord vir onsself ontvang. Ons moet dit nie verkry alleen deur die medium van iemand anders se verstand nie. Ons moet die Bybel grondig ondersoek, en God vra om die hulp van die Heilige Gees dat ons Sy Woord mag verstaan. Ons moet een vers neem en onsself dan daarop toelê om die gedagte te kry wat God vir ons daarin geplaas het. Ons moet die gedagte oorpeins totdat dit ons eie geword het en ons weet "wat die Here sê." [395]

Sy beloftes en waarskuwings het Jesus ook vir my bedoel. So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat ek deur geloof in Hom, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Die ervarings wat in Gods Woord beskryf word, moet ook my ervarings wees. Gebed, belofte, voorbeeld, en waar- skuwing is vir my. "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat Ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het." Gal. 2: 20. Waar geloof die beginsels van waarheid so aanneem en assimileer, word hulle deel van die wese en beweegkrag van die lewe. Die Woord van God, in die siel ontvang, vorm die gedagtes, en ontwikkel die karakter.

Deur gedurig op Jesus te sien met die geloofsoog, sal ons versterk word. God sal die heerlikste openbarings gee aan Sy hongerige, dorstige volk. Hulle sal vind dat Christus 'n persoonlike Verlosser is. Namate hulle op Sy Woord teer, sal hulle vind dat dit gees en lewe is. Die Woord vernietig die vleeslike natuur, en deel 'n nuwe lewe mee in Christus Jesus. Die Heilige Gees kom tot die siel as 'n Trooster. Deur Sy wederbarende genade word die beeld van God weer gevorm in die dissipel, en hy word 'n nuwe skepsel. Haat word vervang deur liefde, en die hart word gelykvormig aan die goddelike voorbeeld. Dit is wat dit beteken om te lewe "van elke woord wat deur die mond van God uitgaan." So word die Brood geëet wat uit die hemel neerdaal.

Christus het 'n heilige, ewige waarheid gespreek aangaande die verhouding tussen Hom en Sy navolgers. Hy het die karakter geken van diegene wat bely het dat hulle Sy dissipels is, en Sy woorde het hulle geloof getoets. Hy het gesê dat hulle Sy leer moes glo en daar- volgens moes handel. Almal wat Hom aanneem, sal Sy natuur deelagtig, en aan Sy karakter gelykvormig word. Dit sal beteken dat

hulle hulle gekoesterde ambisies sal moet prysgee. Dit verg volkome oorgawe aan Jesus. Hulle is geroep om selfopofferend, en nederig van hart te word. Hulle moet die smal pad betree wat deur die Man van Golgota bewandel is as hulle wil deel in die gawe van die lewe en die heerlikheid van die hemel.

Die toets was te swaar. Die geesdrif van diegene wat Hom met geweld wou neem en koning maak, het afgekoel. Daardie toespraak
[396] in die sinagoge, het hulle gesê, het hulle oë oopgemaak. Nou was hulle ontgogel. Vir hulle was Sy woorde 'n regstreekse belydenis dat Hy nie die Messias was nie, en dat daar geen aardse voordeel verwag kon word deur Hom te volg nie. Hulle het Sy wonderwerkende mag verwelkom; hulle wou graag verlos wees van siekte en lyding; maar hulle het nie simpatiek gestaan teenoor Sy selfopofferende lewe nie. Hulle het niks omgegee vir daardie geheimsinnige geestelike koninkryk waarvan Hy gepraat het nie. Die onopregtes, die selfsugtiges, wat Hom gesoek het, het Hom nie langer begeer nie. As Hy nie Sy krag en invloed wou gebruik om hulle te verlos van die Romeine nie, dan wou hulle niks meer met Hom te doen hê nie.

Jesus het aan hulle reguit gesê, "Daar is sommige van julle wat nie glo nie" . . . . Om hierdie rede het Ek vir julle gesê, dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur My Vader gegee is nie. Hy wou hulle laat verstaan dat as hulle nie tot Hom aangetrokke gevoel het nie dan was dit omdat hulle harte nie oop was vir die Heilige Gees nie. "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie. Want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." 1 Kor. 2: 14. Dit is deur die geloof dat die siel die heerlikheid van Jesus kan sien. Hierdie heerlikheid is bedek totdat geloof aangesteek is in die siel deur die Heilige Gees.

Deur die openbare bestraffing van hulle ongeloof is hierdie dissipels nog verder vervreem van Jesus. Hulle was baie ontevrede, en omdat hulle die Heiland wou seermaak om die kwaadwilligheid van die Fariseërs te bevredig, het hulle hulle rug op Hom gekeer en Hom met veragting verlaat. Hulle het hulle keuse gedoen — hulle het die leë vorm geneem sonder die gees, die dop sonder die koring. Hulle het nooit later van hulle besluit verander nie, want hulle het nie langer met Jesus gewandel nie.

"Sy gaffel is in Sy hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur-en-deur skoonmaak en Sy koring saambring in die skuur." Matt. 3: 12. Dit was een van die tye van loutering. Deur die woorde van waarheid was Hy besig om die kaf te verwyder van die koring. Omdat hulle te trots en eiegeregtig was om die bestraffing aan te neem, te lief vir die wêreld om 'n lewe van nederigheid aan te neem, het vele Jesus verlaat. Baie doen vandag nog dieselfde. Siele word vandag getoets net soos daardie dissipels in die sinagoge van Kapernaum. [397]
Wanneer die hart oortuig word deur die waarheid, sien hulle dat hulle lewe nie in harmonie is met die wil van God nie. Hulle sien die nodigheid van 'n volkome verandering, maar hulle is nie gewillig om die selfopof- ferende taak te aanvaar nie. Daarom is hulle kwaad wanneer hulle sondes geopenbaar word. Hulle gaan gekrenk weg, net soos die dissipels van Jesus, en hulle murmureer en sê, "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?"

Lof en vleitaal sou hulle ore streel, maar die waarheid is onwelkom; hulle wil dit nie hoor nie. Wanneer die skare volg, die menigtes gevoed, en die oorwinningskreet gehoor word, kan hulle loftui- tings ook gehoor word; maar wanneer die deurdringende Gees hulle sondes openbaar en hulle versoek om dit te versaak, keer hulle hulle rug op die waarheid en wandel hulle nie meer met Jesus nie.

Toe daardie ontevrede dissipels van Christus weggegaan het, het 'n ander gees van hulle besitgeneem. Hulle kon niks aantrekliks in Hom sien wat hulle eers so interessant gevind het nie. Hulle het Sy vyande opgesoek, want hulle was nou in ooreenstemming met hulle gees en werk. Hulle het Sy woorde verdraai, Sy verklarings vervals, en Sy motiewe betwyfel. Hulle het op daardie weg voortgewandel deur alles te verklik wat teen Hom gebruik kon word; en daar is sulke verontwaardiging veroorsaak deur hierdie valse berigte dat Sy lewe in gevaar was.

Die nuus het vinnig versprei dat Jesus van Nasaret, volgens Sy eie belydenis, nie die Messias is nie. En so is die openbare gevoelens in Galilea teen Hom beïnvloed, net soos dit die vorige jaar in Judea gebeur het. Wee vir Israel! Hulle het hulle Verlosser verwerp omdat hulle 'n veroweraar begeer het wat hulle tydelike mag sou gee. Hulle wou die voedsel hê wat vergaan en nie die wat die ewige lewe kan gee nie.

Met ’n verlangende hart het Jesus gesien hoedat hulle wat eers Sy dissipels was, Hom, die Lewe en die Lig van die mense, verlaat. Die besef dat Sy barmhartigheid ongewaardeer, Sy liefde onbeantwoord, Sy genade versmaai, en Sy verlossing verwerp is, het Hom met ’n on- beskryflike droefheid vervul. Dit was sulke gebeurtenisse soos hierdie wat Hom die man van smarte, bekend met krankheid, gemaak het.

Sonder ’n poging om diegene wat Hom verlaat het te verhinder,
[398] het Jesus Hom na die twaalf gewend en gevra, “Wil julle nie ook weggaan nie?”

Petrus het geantwoord deur te vra, “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons glo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.”

“Na wie toe sal ons gaan?” Die leraars van Israel was slawe van formalisme. Die Fariseërs en Sadduseërs het gedurig getwis. Om Jesus te verlaat, sou beteken om te verval onder die dwepers vir rites en seremonies, en manne wat hulle eie eer wou bevorder. Die dissipels het meer vrede en vreugde gevind as ooit voorheen vandat hulle Christus aangeneem het. Hoe kon hulle teruggaan na diegene wat die Vriend van sondaars gesmaad en vervolg het? Hulle het lank reeds gewag vir die Messias; nou het Hy gekom, en hulle kon nie Sy teen- woordigheid verlaat en gaan na diegene wat Sy dood gesoek, en hulle vervolg het omdat hulle Sy dissipels geword het nie.

“Na wie toe sal ons gaan?” Nie van die leer van Christus, van Sy lesse van liefde en genade, na die duisternis van ongeloof, en die boosheid van die wêreld nie. Terwyl die Heiland verlaat is deur vele wat Sy wonderwerke gesien het, het Petrus die geloof van die dissipels betuig met die woorde: “U is die Christus. Net die gedagte daaraan dat hulle hierdie anker van hulle siel sou verloor, het hulle met vrees en pyn vervul. Om sonder ’n Verlosser te wees, is soos ’n drenkeling op die donker, stormagtige see.”

Baie van die woorde en handelinge van Jesus lyk soos verborgenhede vir die beperkte menslike verstand, maar elke woord en daad het ’n bepaalde doel in ons verlossing; elkeen is bestem om bepaalde resultate te hê. As ons in staat sou wees om al Sy raads- besluite te verstaan, sou alles belangrik, volkome, en in harmonie met Sy sending blyk.

Hoewel ons nie nou die werke en weë van God kan verstaan nie, kan ons Sy groot liefde sien wat al Sy handelinge met mense ten grondslag lê. Die persoon wat naby Jesus bly, sal baie verstaan van die verborgenheid van die godsaligheid. Hy sal die genade begryp wat vermaan, die karakter beproef, en die bedoelings van die hart openbaar.

Toe Jesus die toetswaarheid gegee het wat oorsaak was dat so baie van Sy dissipels Hom verlaat het, het Hy geweet wat die uitwerking van Sy woorde sou wees; maar Hy het 'n doel van genade [399]
gehad om te vervul. Hy het voorsien dat elkeen van Sy dissipels baie swaar sou beproef word in die uur van versoeking. Sy angs in Getsemane, Sy verraad en kruisiging, sou vir hulle 'n verskriklike toets wees. As hulle geen vorige toets gehad het nie, sou vele wat Hom slegs uit selfsugtige motiewe gevolg het, nog by hulle gewees het. Toe hulle Here in die geregsaal veroordeel is; toe die skare wat Hom as hulle koning gegroet, Hom gesmaad en uitgeskel het; toe die smalende menigte uitgeroep het, "Laat Hom gekruisig word!"—toe hulle wêreldse ambisies teleur- gestel is, sou daardie selfsugtige mense, deur hulle trou aan Jesus op te sê, die dissipels, met al hulle hartseer oor die verydeling van hulle gekoesterde hoop, in hartverskeurende droefheid gedompel het. In daardie donker uur, sou die voorbeeld van diegene wat van Hom weggegaan, miskien ander met hulle meegevoer het. Maar Jesus het hierdie krisis laat ontstaan terwyl Hy deur Sy persoonlike teenwoordigheid die geloof van Sy ware volgelinge nog kon versterk.

Ontfermende Verlosser, wat in die volle kennis van die vreeslike lot wat Hom gewag het, die pad vir Sy dissipels gelykgemaak het, hulle voorberei het vir hulle uiterste beproewings, en hulle versterk het vir die finale toets! [400]

## Tradisie

DIE skrifgeleerdes en Fariseërs, in die verwagting dat hulle Jesus by die Paasfees sou sien, het 'n strik vir Hom gestel. Maar Jesus, bewus van hulle plan, het weggebly. "Toe kom daar skrifgeleerdes en Fariseërs van Jerusalem na Jesus." Omdat Hy nie na hulle gegaan het nie, het hulle na Hom toe gekom. Vir 'n tyd het dit gelyk of die mense van Galilea Jesus sou aanneem as die Messias, en dat die mag van die priesterheerskappy in daardie streek gebreek sou word. Die sending van die twaalf, wat bewys was van die uitbreiding van Christus se werk, en wat die dissipels ook regstreeks in botsing gebring het met die rabbi's, het opnuut die jaloesie van die leiers in Jerusalem opgewek. Die spioene wat hulle na Kapernaum gestuur het tydens die aanvang van Sy bediening, en wat probeer het om die aanklag van Sabbatont- heiliging teen Hom te bewys, het niks uitgerig nie, maar die rabbi's was vasbeslote om hulle doel te volvoer. Nou het hulle 'n ander afvaardiging gestuur om Sy bewegings dop te hou, en om die een of ander beskuldiging teen Hom in te bring.

Soos voorheen, was die vernaamste klag dat Hy die tradisionele voorskrifte wat die wet van God belemmer, veronagsaam het. Daardie voorskrifte is gegee om die nakoming van die wet te verseker, maar hulle is beskou as heiliger as die wet self. Wanneer hulle in botsing gekom het met die gebooie by Sinai gegee, is die voorkeur
[401] gegee aan die rabbynse voorskrifte.

Onder die voorskrifte wat baie stip nagekom is, was dié in verband met seremoniële reiniging. Om nie alles te doen wat voorgeskryf was voor ete nie, is beskou as 'n vreeslike sonde wat gestraf sou word beide in hierdie wêreld en in die hiernamaals; en om die oortreder te dood, is as 'n deug beskou.

Daar was ontelbare reëls in verband met reiniging. Mens sou hulle skaars in 'n hele leeftyd almal kon leer. Die lewe van diegene wat probeer het om die rabbynse vereistes na te kom, was een lang stryd teen seremoniële onreinheid, en daar was 'n eindelose reeks wassinge en reinigings. Terwyl die mense hulle besig gehou het met

nietige onderskeidings en dinge wat God nie beveel het nie, is hulle aandag afgewend van die groot beginsels van Sy wet.

Christus en Sy dissipels het nie hierdie seremoniële wassinge nagekom nie, en die spioene het die versuim aangegryp as grond vir hulle beskuldigings. Hulle het egter nie 'n regstreekse aanval op Christus gedoen nie, maar het Sy dissipels gekritiseer. In die teenwoordigheid van die skare het hulle gevra, "Waarom oortree U dissipels die oor- lewering van die ou mense? Want hulle was nie hulle hande as hulle brood eet nie."

Wanneer die boodskap van waarheid siele oortuig met spesiale krag, wek die Satan sy agente op om 'n argument aan die gang te sit oor die een of ander nietige vraag. So trag hy om die aandag af te trek van die hoofsaak. Wanneer daar 'n goeie werk begin word, is daar altyd vitterige mense wat oor vorms en tegniese puntjies stry en dus die aandag aftrek van die punte wat van werklike belang is. Wanneer dit duidelik is dat God in 'n spesiale sin wil werk vir Sy kinders, moet hulle nie toelaat dat hulle in 'n stryery gewikkel raak wat net die ondergang van hulle siele sal bewerk nie. Die vrae waarmee ons ons moet besig hou, is: Glo ek met 'n reddende geloof in die Seun van God? Is my lewe in harmonie met die goddelike wet? "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie." "En hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar." Joh. 3: 36; 1 Joh. 2: 3.

Jesus het geen poging aangewend om Homself of Sy dissipels te verdedig nie. Hy het nie verwys na die beskuldiging teen Hom nie, maar het begin wys op die gees wat hierdie voorvegters van menslike rites besiel het. Hy het hulle 'n voorbeeld gegee van wat hulle herhaaldelik doen, en gedoen het net vóór hulle Hom kom [402]
opsoek het. "Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit," het Hy gesê, "en so julle oorlewering te onderhou. Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder, en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. Maar julle sê: As 'n mens vir vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is, 'n offergawe — dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of moeder te doen nie." Hulle het die vyfde gebod ter syde gestel as van geen betekenis nie, maar hulle het die tradisies van die ou mense baie stip nageleef. Hulle het die mense geleer dat die

besteding van hulle goed aan die tempel 'n heiliger plig was as die onderhouding van hulle ouers; en dat dit, hoe groot die behoefte ook al, heiligskennis sou wees om aan vader of moeder enige deel van die goed te bestee wat so aan die tempel gewy is. 'n Onverskillige kind het maar net nodig gehad om die woord "Korban" uit te roep oor sy eiendom, wat dit dan aan God sou wy, en dan kon hy dit maar hou vir sy eie gebruik gedurende sy leef tyd; na sy dood sou dit gebruik word vir die tempel. So het dit hom dus vry gestaan om, in lewe of dood, sy ouers te onteer en te beroof onder die dekmantel van geveinsde toewyding aan God.

Nóg deur woord en nóg deur daad het Jesus die mens se verantwoordelikheid verminder om offergawes aan God te gee. Dit was Christus wat al die voorskrifte van die wet gegee het in verband met tiendes en offergawes. Toe Hy op aarde was, het Hy die arme weduwee geprys wat al haar geld in die skatkis van die tempel gegooi het. Maar die skynbare ywer vir God van die kant van die priesters en rabbi's was slegs 'n dekmantel om hulle hebsug te bedek. Die mense is deur hulle om die bos gelei. Hulle moes swaar laste dra wat God nie opgelê het nie. Selfs die dissipels van Christus was nie heeltemal vry van die juk wat op hulle gelê is deur oorgeërfde vooroordeel en rab- bynse gesag nie. Nou, deur die ware gees van die rabbi's aan die kaak te stel, wou Jesus almal wat regtig begeer het om God te dien, vrymaak van die slawerny van tradisie.

"Geveinsdes," het hy aan daardie listige spioene gesê, "tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk kom na My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is." Die woorde van Christus was 'n aanklag
[403] teen die ganse Farisese stelsel. Hy het verklaar dat die rabbi's deur hulle voorskrifte te verhef bokant die goddelike gebooie, hulleself bo God verhef het.

Die afgevaardigdes van Jerusalem was woedend. Hulle kon Christus nie beskuldig as 'n oortreder van die wet by Sinai gegee nie, want Hy het dit verdedig teen hulle tradisies. Die groot gebooie van die wet, wat Hy voorgestel het, het in duidelike kontras uitgestaan teen die nietige reëls van mense.

Aan die skare, en later meer volledig aan Sy dissipels, het Jesus verduidelik dat onreinheid nie van buite nie, maar van binne kom.

Reinheid en onreinheid het te doen met die siel. Dit is die sondige daad, die sondige woord, die sondige gedagte, die oortreding van die wet van God, en nie die versuim om uiterlike, menslike seremonies na te kom nie, wat die mens besoedel.

Die dissipels het die woede van die spioene gesien toe hulle valse leer aan die kaak gestel is. Hulle het die kwaai blik gesien en die gemompel van ontevredenheid en wraak gehoor. Hulle het vergeet hoe dikwels Christus al bewys gelewer het dat Hy die menslike hart kon lees soos 'n ope boek, en het Hom vertel van die uitwerking van Sy woorde. Hopende dat Hy Hom met die verontwaardigde beamptes sou versoen, het hulle aan Jesus gevra, "Weet U dat die Fariseërs, toe hulle die woord hoor, aanstoot geneem het?"

Hy het geantwoord, "Elke plant wat My hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word." Die gebruike en tradisies wat so hoog gewaardeer is deur die rabbi's, was van hierdie wêreld en nie van die hemel nie. Hoe groot hulle gesag onder die volk ook mag wees, sou hulle nie die toets van God kon deurstaan nie. Elke menslike uitvindsel wat gestel is in die plek van die gebooie van God, sal nutteloos wees in daardie dag wanneer God elke werk sal bring "in die oordeel wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg." Pred. 12: 14.

Die vervanging van die gebooie van God deur die gebooie van mense het nog nie opgehou nie. Selfs onder Christene vind ons instellings en gebruike wat geen beter fondament het nie as die tradies van die vaders. Sulke instellings, rustende op bloot menslike gesag, het goddelike gebooie vervang. Mense klem vas aan hulle tradisies en aanbid hulle gebruike, en hulle haat diegene wat hulle op hulle dwa- lings wys. In ons tyd, wanneer ons die aandag van mense moet vestig op die gebooie van God en die geloof in Jesus, [404]
sien ons dieselfde vyandigheid as wat geopenbaar is in die tyd van Christus. Van die oorblyfsel van God staan daar geskryf, "En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te maak met haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou." Openb. 12: 17.

"Elke plant wat My hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word." God beveel ons om in die plek van die gesag van die sogenaamde vaders van die kerk, die Woord van die ewige Vader, die Here van hemel en aarde, aan te neem. Daar alleen sal ons die

onvervalsde waarheid vind. Dawid het gesê, "Ek is verstandiger as al my leermeesters, want U getuienisse is my bepeinsing. Ek het meer verstand as die ou mense, want ek bewaar U bevele." Ps. 119: 99, 100. Laat almal wat menslike gesag aanneem, die gebruike van die kerk, of die tradisies van die vaders, ag slaan op die waarskuwing van Christus, "Tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat
[405] gebooie van mense is."

# Skeidsmure Afgebreek

NA hierdie botsing met die Fariseërs, het Jesus Kapernaum verlaat en na die bergstreek gegaan op die grens van Fenicië. Na die weste kon Hy op die vlakte daar onder die ou stede van Tirus en Sidon sien, met hulle heidense tempels, hulle pragtige paleise en handelsentrums, en die hawens vol skeepvaart. Daar anderkant was die blou Middellandse See wat die draers van die evangelie sou oor- vaar om die blye tyding te bring aan die vernaamste stede van die wêreld se groot ryk. Maar daardie tyd het nog nie aangebreek nie. Die werk wat Hy nou moes doen, was om Sy dissipels voor te berei vir hulle sending. Hy het na hierdie streek gekom, hopende om daardie afsondering te vind wat Hy nie by Betsaida kon kry nie. Maar dit was nie die enigste doel van Sy reis nie.

"En 'n Kananese vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete." Matt. 15: 22. Die mense van daardie distrik w'as afstammelinge van die ou Kanaäniete. Hulle was afgodedienaars, verag en gehaat deur die Jode. Die vrou wat nou na Jesus gekom het, was van hierdie mense. Sy was 'n heidin en dus uitgesluit van die voordele wat die Jode elke dag geniet het. [406]
Daar het baie Jode onder die Feniciërs gewoon, en die nuus van Christus se werk het ook daardie streek binnegedring. Sommige van die mense het Sy woorde gehoor en Sy wonderwerke gesien. Hierdie vrou het gehoor van die profeet, wat, soos berig is, alle soorte siektes kon genees. Toe sy van Sy mag gehoor het, het hoop in haar hart ontvlam. Gedring deur moederliefde, het sy besluit om die geval van haar dogter aan Hom voor te lê. Sy was vasbeslote om haar moeilikheid na Jesus te bring. Hy moet haar kind gesondmaak. Sy het hulp ge- soek by die heidense gode, maar daar het geen beterskap gekom nie. Soms het sy gedink, Wat kan hierdie Joodse leraar vir my doen? Maar sy het gehoor dat Hy alle soorte siektes genees, of die mense wat na Hom toe kom nou ryk is al dan nie. Sy het besluit om nie haar laaste hoop op te gee nie.

Christus het hierdie vrou se verknorsing geken. Hy het geweet dat sy Hom graag wou sien, en Hy het Homself in haar weg gestel. Deur haar te help in haar droefheid, kon Hy 'n lewende voorstelling gee van die les wat Hy van plan was om te leer. Dit was met hierdie doel dat Hy Sy dissipels in daardie streek gebring het. Hy wou hê dat hulle die onkunde moes sien wat geheers het in stede en dorpe op die grense van die land van Israel. Die mense wat geleentheid gekry het om die waarheid te verstaan, het geen kennis gedra van die behoeftes rondom hulle nie. Geen poging is aangewend om die siele in duisternis te help nie. Die skeidsmuur wat Joodse hoogmoed op- gerig het, het selfs die dissipels belet om simpatie te betoon met die heidense wêreld. Maar hierdie skeidsmure sou afgebreek word.

Christus het nie dadelik geantwoord op die vrou se versoek nie. Hy het hierdie verteenwoordiger van die veragte volk ontvang soos die Jode dit sou gedoen het. In Sy eerste ontvangs van die vrou wou Hy Sy dissipels onder die indruk bring van die kille en gevoellose manier waarop die Jode so 'n geval sou behandel, en dan moes hulle die barmhartigheid sien waarmee Hy wou hê dat hulle in sulke gevalle van ellende moes handel, soos Hy ook eindelik gedoen het toe Hy haar versoek toegestaan het.

Maar alhoewel Jesus geen antwoord gegee het nie, het die vrou nie haar geloof opgegee nie. Toe Hy maar aanloop asof Hy haar
[407] glad nie gehoor het nie, het sy Hom gevolg en Hom maar steeds
gesmeek. Vererg oor haar opdringerigheid, het die dis- sipels Jesus gevra om haar weg te stuur. Hulle het gesien dat hulle Meester haar met onverskilligheid behandel het, en hulle het gemeen dat die vooroordeel van die Jode teen die Kanaäniete Hom welgevallig was. Maar dit was 'n ontfermende Heiland tot wie die vrou haar versoek gerig het, en in antwoord op die voorstel van die dissipels het Jesus gesê, "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel." Alhoewel hierdie antwoord skynbaar gestrook het met die vooroordeel van die Jode, is dit ook bedoel as bestraffing van die dissipels, en hulle het dit ook later verstaan as 'n herinnering van wat Hy hulle so dikwels vertel het, naamlik dat Hy na die wêreld gekom het om almal te red wat Hom sou aanneem.

Die vrou het haar versoek nog meer dringend herhaal; sy het neer- gekniel aan Jesus se voete en uitgeroep, "Here, help my!" Jesus, wat skynbaar nog steeds geweier het met die ongevoelige

vooroordeel van die Jode, het geantwoord, “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.” Dit was feitelik ’n bewering dat dit nie regverdig was om die seëninge gebring aan die begunstigde volk van God op vreemdelinge en uitlanders buitekant Israel te verkwis nie. Hierdie antwoord sou ’n minder ernstige soeker heeltemal ontmoedig het. Maar die vrou het gesien dat haar kans gekom het. Agter die weiering van Jesus, het sy ’n ontferming gewaar wat Hy nie kon verberg nie. “Ja, Here,” het sy gesê, “maar die hondjies eet darem van die krummeis wat van die tafel van hulle base val.” Terwyl die kinders van die huisgesin aan die vader se tafel eet, word die honde nie sonder kos gelaat nie. Hulle het reg op die krummeis wat van die oorvloedige tafel val. Dus, hoewel daar baie seëninge aan Israel gegee word, was daar dan nie ook ’n seën vir haar nie? Sy is beskou as ’n hond, het sy dan nie ’n hond se reg op ’n krummeltjie uit Sy volheid nie?

Jesus het Sy vorige arbeidsveld verlaat omdat die skrifgeleerdes en Fariseërs Hom wou doodmaak. Hulle het gemurmureer en gekla. Hulle het ongeloof en bitterheid geopenbaar en die saligheid wat so vry aangebied is, geweier. Hier ontmoet Christus nou ’n ongelukkige vrou van ’n veragte ras — iemand wat nie begunstig is met Gods Woord nie; maar sy reageer dadelik op die goddelike invloed van Christus, en sy het absolute geloof in Sy mag om die guns te gee wat sy vra. Sy soebat om die krummeis wat van die Meester se tafel [408]
val. As sy die voorreg van ’n hond mag hê, is sy gewillig om as ’n hond beskou te word. Sy het geen nasionale of godsdienstige trots of vooroordeel om haar handelwyse te beïnvloed nie, en sy erken Jesus dadelik as die Verlosser, en as iemand wat kan doen wat sy Hom vra.

Die Heiland is tevrede. Hy het haar geloof in Hom getoets. In Sy handelinge met haar het Hy getoon dat sy wat beskou was as ’n verworpeling wat Israel betref, nie meer ’n vreemdeling was nie, maar ’n kind van Gods huisgesin. As kind is dit haar voorreg om te deel in die Vader se gawes. Christus het nou haar versoek toegestaan en die les vir die dissipels beklink. Hy het Hom tot haar gewend met ’n blik van ontferming en liefde en gesê, “o Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê.” Van daardie uur af het haar dogter gesond geword. Die duiwel het haar nie meer gepla nie

Die vrou is daar weg, baie gelukkig dat haar versoek toegestaan is, en sy het haar Heiland bely.

Dit was die enigste wonderwerk wat Jesus op hierdie reis gedoen het. Dit was om hierdie wonderwerk te doen dat Hy na die grense van Tirus en Sidon gegaan het. Hy wou daardie vrou uit haar moeilikheid help en terselfdertyd 'n voorbeeld stel in Sy werk van genade teenoor iemand van 'n veragte ras, as les vir Sy dissipels wanneer Hy nie langer by hulle sal wees nie. Hy wou hulle afwen van hulle Joodse afsonderlikheid, sodat hulle vir ander sal werk behalwe hulle eie mense.

Jesus wou baie graag die diep verborgenhede van die waarheid leer wat vir eeue bedek was, naamlik dat die heidene mede-erfgename saam met die Jode sal wees, en "mededeelgenote aan Sy belofte in Christus deur die evangelie." Efe. 3: 6. Die dissipels was traag om hierdie waarheid te leer, en die goddelike Leraar het hulle les op les gegee. Deur die geloof te beloon van die kaptein te Kapernaum, en deur die verkondiging van die evangelie aan die bewoners van Sigar, het Hy reeds bewys gegee dat Hy nie ook die onverdraagsaamheid van die Jode toegedaan was nie. Maar die Samaritane het darem 'n kennis van God gehad; en die kaptein was vriendelik teenoor Israel. Nou het Jesus die dissipels in aanraking gebring met 'n heidense vrou, wat hulle beskou het as iemand wat geen rede gehad het bo enige van haar rasgenote om 'n guns van Hom te verwag nie. Hy sou hulle 'n voorbeeld gee hoe om so 'n persoon te behandel.
[409] Die dissipels het gemeen dat Hy Sy genade te vryelik uitgedeel het. Hy het getoon dat Sy liefde nie beperk is tot 'n ras of 'n nasie nie.

Toe Hy gesê het, "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel," het Hy die waarheid gepraat, en in Sy werk vir die Kanaänitiese vrou was Hy besig om Sy sending te vervul. Hierdie vrou was een van die verlore skape wat Israel moes teruggebring het. Dit was hulle aangewese werk, die werk wat hulle versuim het om te doen, wat Christus nou gedoen het.

Hierdie daad het die dissipels beter laat besef watter werk daar vir hulle was onder die heidene. Hulle het 'n groot arbeidsveld buite die grense van Judea gesien. Hulle het siele gesien wat droefheid moes verduur ongeken deur diegene wat meer bevoorreg was. Onder diegene wat hulle geleer is om te verag, was siele wat verlang het na

die hulp van die magtige Heelmeester, wat hongerig was vir die lig van die waarheid wat so oorvloedig aan die Jode gegee is.

Later, toe die Jode hulle met nog groter volharding afgewend het van die dissipels omdat hulle gesê het dat Jesus die Verlosser van die wêreld is, en toe die skeidsmuur tussen Jood en heiden afgebreek is deur die dood van Christus, het hierdie les, en ander wat gewys het dat die evangeliewerk nie deur gebruike of nasionaliteit beperk word nie, 'n magtige invloed gehad op die verteenwoordigers van Christus in verband met die rigting van hulle werk.

Die Heiland se besoek aan Fenicië en die wonderwerk wat Hy daar gedoen het, het 'n nog wyer doel gehad. Nie alleen vir daardie vrou, of vir Sy dissipels en diegene wat Sy werk aangeneem het, is die wonderwerk verrig nie, maar ook "dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in Sy Naam." Joh. 20: 31. Dieselfde kragte wat mense agtien eeue gelede weggehou het van Christus, is vandag aan die werk. Die gees wat die skeidsmuur tussen Jood en heiden opgerig het, werk vandag nog. Hoogmoed en vooroordeel het sterk skeidsmure gebring tussen die verskillende klasse van mense. Christus en Sy werk is verkeerd voorgestel, en menigtes voel dat hulle uitgesluit is van die werk van die evangelie. Maar moenie hulle laat voel dat hulle uit-gesluit is van Christus nie. Daar is geen skeidsmure wat mense of die Satan kan oprig wat nie deur die geloof deurdring kan word nie.

In die geloof het die vrou van Fenicië haarself gewerp teen die. skeidsmure wat opgebou is tussen Jood en heiden. Teen alle [410] ontmoediging in, en ongeag die dinge wat haar kon laat twyfel, het sy vertrou op die Heiland se liefde. So wil Christus hê dat ons Hom ook moet vertrou. Die seëninge van die verlossing is vir elke siel. Niks behalwe sy eie keuse kan 'n man belet om 'n deelgenoot te word van die belofte in Christus deur die evangelie nie.

Die kastestelsel is haatlik vir God. Hy ignoreer alles van daardie aard. In Sy oë is die siele van alle mense van gelyke waarde. "Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, sodat hulle die Here mag soek, of hulle Hom miskien kan aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie." Sonder om onderskeid te maak wat ouderdom of rang of nasionaliteit of godsdienstige voorregte betref, word almal uitgenooi

om na Hom toe te kom en te lewe. “Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid” nie. “Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie.” “Rykes en armes ontmoet mekaar, die Here het hulle almal gemaak.” “Dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered
[411] word.” Hand. 17: 26, 27; Gal. 3: 28; Spreuke 22: 2; Rom. 10: 11-13.

# Die Ware Teken

EN Hy het weer vertrek uit die gebied van Tirus en Sidon en na die meer van Galilea gegaan, deur die gebied van Dekapolis." Markus 7:31.

Dit was in die gebied van Dekapolis waar die duiwelbesetenes van Gergesa genees is. Hier het die mense, verontrus oor die vernietiging van die varke, Jesus versoek om hulle gebied te verlaat. Maar hulle het geluister na die boodskappers wat Hy agtergelaat het, en daar het by hulle 'n begeerte ontstaan om Hom te sien. Toe Hy weer in daardie gebied kom, het 'n groot skare rondom Hom vergader, en 'n dowe man wat swaar gepraat het, is na Hom toe gebring. Jesus het in hierdie geval, nie soos Sy gewoonte was, die man met net 'n woord genees nie. Hy het hom weg van die skare geneem, Sy vingers in sy ore gesteek en sy tong aangeraak; toe het Hy opgekyk na die hemel en gesug toe Hy gedink het aan die ore wat nie vir die waarheid wou oop- gaan nie en die tonge wat geweier het om Hom as Verlosser te bely. Op die woord, "Gaan oop!" is die man se spraak herstel, en ten spyte van die bevel om dit aan niemand te vertel nie, het hy die verhaal van sy genesing orals vertel.

Daarvandaan het Jesus op die berg geklim, en die skare het na Hom toe'gestroom en hulle siekes en kreupeles gebring en hulle aan Sy voete neergelê. Hy het hulle almal genees; en die mense, heidene soos hulle was, het die God van Israel verheerlik. Vir drie dae het die [412]
mense om die Heiland vergader; hulle het buite geslaap, en bedags het hulle om Hom geskaar om Sy woorde te hoor en Sy werke te sien. Aan die einde van die drie dae was hulle kos gedaan. Jesus wou hulle nie honger huis toe stuur nie, en Hy het Sy dissipels beveel om hulle te voed. Weer het die dissipels hulle ongeloof geopenbaar. By Betsaida het hulle gesien hoe die bietjie kos wat hulle gehad het, met Christus se seën genoeg was om die hele skare te voed; en nogtans het hulle nie nou alles wat hulle gehad het, te voorskyn gebring en op Hom vertrou om dit te vermenigvuldig vir die hongerige skare nie. En wat meer is, diegene wat Hy te Betsaida gevoed het,

was Jode; hierdie mense was heidene. Daar was nog sterk Joodse vooroordeel in die harte van die dissipels, en hulle het aan Jesus gevra, “Waar sal ons in die woestyn soveel brood vandaan kry om so ’n groot skare te versa- dig?” Maar gehoorsaam aan Sy woord het hulle gebring wat hulle gehad het—sewe brode en twee visse. Die skare is gevoed, en daar het sewe mandjies vol brokkies oorgebly. Vierduisend mans, behalwe vrouens en kinders, is verkwik, en Jesus het hulle weggestuur met blye en dankbare harte.

Hy en Sy dissipels het toe in ’n skuit oorgevaar na Magdala aan die suidpunt van die vlakte van Genesaret. By die grens van Tirus en Sidon is Sy gees verkwik deur die vertrouende geloof van die Siro- Feniciese vrou. Die heidense bewoners van Dekapolis het Hom met blydskap ontvang. En nou, toe Hy weer eens in Galilea kom waar Sy krag die meeste geopenbaar is, waar meeste van Sy wonderwerke gedoen is, en waar Hy die meeste geleer het, is Hy met veragtende ongeloof ontvang.

Daar was ’n afvaardiging van Fariseërs, bygestaan deur verteenwoordigers van die ryk en trotse Sadduseërs, die priesterlike party, die skeptikusse en aristokrate van die volk. Hierdie twee sektes het in bittere vyandskap verkeer. Die Sadduseërs het die guns gesoek van die regerende mag ten einde hulle eie posisie en gesag te handhaaf. Die Fariseërs aan die anderkant, het haat teen die Romeine opgewek en verlang na die tyd wanneer hulle die juk van die veroweraar sou kon afwerp. Maar Fariseër en Sadduseër het nou saamgespan teen Christus. Soort soek soort; en boosheid, waar dit ook al bestaan,
[413] span altyd saam met boosheid om die goeie te vernietig.

Die Fariseërs en Sadduseërs het nou na Christus gekom en om ’n teken uit die hemel gevra. Toe Israel in die tyd van Josua die stryd gevoer het met die Kanaäniete by Bet-Horon, het die son stilgestaan op bevel van die aanvoerder totdat die oorwinning behaal is; en ver- skeie dergelike wonders is geopenbaar gedurende hulle geskiedenis. Min of meer so ’n teken is nou van Jesus gevra. Maar dis nie sulke tekens wat die Jode nodig gehad het nie. Geen bloot uiterlike getuienis sou hulle help nie. Hulle grootste behoefte was nie intellektuele verligting nie, maar geestelike hernuwing.

“Geveinsdes,” het Jesus gesê, “julle weet wel om die voorkomste van die lug te onderskei”— deur na die lug te kyk, kon hulle die weer voorspel —“en kan julle nie die tekens van die tye onderskei

nie?" Christus se eie woorde, gespreek in die krag van die Heilige Gees wat hulle van die sonde oortuig het, was die teken wat God gegee het vir hulle verlossing. En tekens regstreeks uit die hemel is gegee om die sending van Christus te bevestig. Die lied van die engele vir die skaapwagters, die ster wat die wyse manne gelei het, die duif en die stem uit die hemel by Sy doop, het getuig van Hom.

"Toe sug Hy swaar in Sy gees en sê: Waarom begeer hierdie geslag 'n teken?" "Geen teken sal aan hom gegee word nie behalwe die teken van Jona, die profeet." Soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die vis was, sou Christus 'n dergelike tydperk in die hart van die aarde wees. En soos die prediking van Jona 'n teken vir die Nineviete was, so sou die prediking van Christus 'n teken vir Sy geslag wees. Maar hoe groot is die kontras tussen daardie mense en hierdie! Die mense van daardie groot heidense stad het gesidder toe hulle die waarskuwing van God gehoor het. Konings en edelliede het hulleself verootmoedig voor God; beide die hooggeplaastes en die nederiges het tot die God van die hemel geroep en Hy was hulle genadig. "Die manne van Nineve sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel," het Christus gesê, "want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en — meer as Jona is hier." Matt. 12: 41.

Elke wonderwerk wat Christus gedoen het, was 'n teken van Sy godheid. Hy het juis daardie werke gedoen wat voorspel is dat die Messias sou doen; maar vir die Fariseërs was hierdie werke van genade 'n aanstoot. Die Joodse leiers het menslike lyding met gevoellose onverskilligheid aanskou. In baie gevalle was die lyding [414]
wat Christus verlig het, te wyte aan hulle selfsug en verdrukking. Sy wonderwerke was dus vir hulle 'n verwyt.

Die dinge wat die Jode beweeg het om die Heiland se werk te verwerp, was die sterkste bewys van Sy goddelike karakter. Die grootste betekenis van Sy wonderwerke word gesien in die feit dat hulle gedoen is vir die seën van die mensdom. Die sterkste bewys dat Hy van God gekom het, is dat Sy lewe die karakter van God geopenbaar het. Hy het die werke van God gedoen en die woorde van God gespreek. So 'n lewe is die grootste van alle wonderwerke.

In ons tyd, wanneer die waarheid verkondig word, is daar baie wat soos die Jode sê: Gee ons 'n teken. Doen 'n wonderwerk. Christus het geen wonderwerk gedoen op versoek van die Fariseërs nie.

Hy het geen wonderwerk in die woestyn gedoen in antwoord op die Satan se insinuasies nie. Hy gee nie aan ons krag om onsself te regverdig, of om ons ongeloof en hoogmoed te bevredig nie. Maar die evangelie is nie sonder 'n teken van sy goddelike oorsprong nie. Is dit nie 'n wonderwerk dat ons kan losbreek uit die slawerny van die Satan nie? Vyandigheid teen die Satan is nie 'n natuurlike ding in die menslike hart nie; dit word daarin verwek deur die genade van God. Wanneer iemand wat beheers was deur 'n koppige, sondige wil, bevry word, en hy homself volkome oorgee aan die werking van Gods hemelse kragte, dan geskied daar 'n wonderwerk; en dieselfde geld wanneer 'n persoon wat eers dwaalleer aangehang het sedelike waarheid aanneem. Elke keer wanneer daar 'n siel tot bekering kom en leer om God lief te hê en Sy gebooie te onderhou, is dit 'n vervulling van die belofte van God, "Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee." Eseg. 36: 26. Die verandering van menslike harte en van menslike karakters, is 'n wonderwerk wat 'n altydlewende Verlosser openbaar wat werk om siele te red. 'n Konsekwente lewe in Christus is 'n groot wonderwerk. By die verkondiging van die evangelie is die teken wat nou en altyd geopenbaar moet word, die teenwoordigheid van die Heilige Gees om die woord 'n wederbarende krag te maak vir diegene wat dit hoor. Dit is Gods getuienis aan die wêreld van die goddelike sending van Sy Seun.

Diegene wat 'n teken van Jesus begeer het, het hulle harte deur ongeloof so verhard dat hulle nie in Sy karakter die ewebeeld van
[415] die goddelike gesien het nie. Hulle wou nie insien dat Sy sending 'n vervulling van die Skrifte was nie. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus, het Jesus aan die Fariseërs gesê, "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand ook uit die dode opstaan." Lukas 16: 31. Geen teken wat in die hemel of op die aarde gegee kon word, sou vir hulle iets beteken nie.

Toe sug Jesus "swaar in Sy gees," en Hy het hulle verlaat en weer in die skuit geklim saam met Sy dissipels. In droefheid en stilte het hulle oor die meer gevaar. Hulle is egter nie terug na die plek wat hulle verlaat het nie, maar het gevaar in die rigting van Betsaida, naby die plek waar die vyfduisend gevoed is. Toe hulle aan die anderkant kom, het Jesus gesê, "Pas op en wees op julle hoede vir

die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.” Dit was die gebruik van die Jode, sedert die tyd van Moses, om tydens die Paasfees alle suurdeeg uit hulle huise te verwyder; hulle is op daardie wyse geleer om dit te beskou as ’n tipe van die sonde. Maar die dissipels het Jesus nie verstaan nie. In hulle skielike vertrek van Magdala het hulle vergeet om brood saam te neem, en hulle het net een brood by hulle gehad. Hulle het gemeen dat Christus op hierdie omstandigheid gesinspeel het, en dat dit ’n waarskuwing vir hulle was om nie die brood van ’n Fariseër of Sadduseër te koop nie. Hulle gebrek aan geloof en geestelike insig het hulle dikwels Christus se woorde laat misverstaan. Jesus het hulle nou bestraf omdat hulle gedink het dat Hy wat duisende gevoed het met ’n paar vissies en garsbrode, met daardie waarskuwing slegs gewone brood bedoel het. Daar was gevaar dat die listige redenasies van die Fariseërs en Sadduseërs ongeloof onder die dissipels kon verwek, sodat hulle die werke van Christus te lig sal opneem.

Die dissipels was geneig om te dink dat hulle Meester aan die eis om ’n teken uit die hemel moes toegegee het. Hulle het geglo dat Hy dit wel kon doen, en dat so ’n teken Sy vyande die swye sou oplê. Wat hulle nie gesien het nie, was die huigelary van daardie vitters.

Maande daarna, “toe duisende van die skare ondertussen saamkom, sodat hulle mekaar vertrap het,” het Jesus dieselfde waarskuwing gegee. Hy het aan Sy dissipels gesê, “Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is geveinsdheid.” Lukas 12: 1.

Die suurdeeg wat in meel geplaas word, werk onsigbaar en dit verander die hele massa. So werk huigelary ook in die hart, dit deurtrek die hele karakter en lewe. Die afkeur van hulle gebruik van [416]
die “Korban” was ’n uitstaande voorbeeld van die huigelary van die Fariseërs, wat Christus veroordeel het, want daardeur het hulle hulle plig as kinders teenoor ouers ontduik onder die voorwendsel dat dit vrygewigheid aan die tempel was. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het bedrieglike beginsels voorgestaan. Hulle het die ware aard van hulle leer bedek, en van elke geleentheid gebruik gemaak om dit met lis in die verstand en hart van die hoorders te bring. Hierdie valse beginsels, wanneer hulle eenmaal aangeneem is, het soos suurdeeg in meel gewerk, want dit het die hele karakter deurtrek en dit verander. Dit was hierdie verleidelike leer wat dit so swaar gemaak het vir die mense om die woorde van Christus aan te neem.

Dieselfde invloede werk vandag deur diegene wat probeer om die wet van God op so ’n manier te verduidelik dat dit aangepas kan word by hulle gebruike. Hierdie klas val nie die wet openlik aan nie, maar hulle verkondig teorieë wat die beginsels daarvan ondermyn. Hulle verklaar dit sodat die krag daarvan vernietig word.

Die huigelary van die Fariseërs was die produk van selfsug. Die hoofdoel van hulle lewe was om hulleself te verheerlik. Dit was dit wat hulle beweeg het om die Skrifte te verdraai en verkeerd toe te pas, en dit het hulle verblind vir die doel van Christus se sending. Selfs die dissipels van Christus het gevaar geloop om hierdie sonde te koester. Diegene wat gestaan het met die navolgers van Jesus, maar wat nie alles verlaat het om Sy dissipels te word nie, was in ’n groot mate beïnvloed deur die redenasie van die Fariseërs. Hulle was dikwels heen en weer geslinger tussen geloof en ongeloof, en hulle het nie die skatte van wysheid gesien wat in Christus geskuil het nie. Selfs die dissipels, alhoewel hulle uiterlik alles vir Christus versaak het, het nie in hulle harte opgehou om voordeel vir hulleself te soek nie. Dit was juis hierdie gees wat hulle laat stry het oor wie die grootste onder hulle sou wees. Dit is dit wat tussen hulle en Christus ingekom het, en hulle so uit voeling gehou het met Sy sending en opoffering, en hulle so traag gemaak het om die verborgenheid van die verlossing te begryp. Soos suurdeeg, as dit alleen gelaat word om voort te werk, verderf veroorsaak, so sal ’n selfsugtige gees, as dit in die hart gekoester word, die besoedeling
[417] en ondergang van die siel bewerk. Onder die navolgers van die Here vandag, net soos in die ou tyd, is hierdie listige, bedrieglike sonde net so algemeen! Hoe dikwels word ons diens vir Christus, en ons omgang met mekaar, bederf deur die geheime begeerte vir selfverheffing! Hoe word daarna gesmag om gelukgewens te word en menslike goedkeuring te verkry! Dit is eie- liefde, die verlange na ’n makliker weg as wat God aanwys wat mense daartoe bring om menslike teorieë en gebooie te stel in die plek van die goddelike voorskrifte. Aan Sy eie dissipels het Christus die waar- skuwing gegee, “Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs.”

Die godsdiens van Christus is die verpersoonliking van opregtheid. Ywer vir die heerlikheid van God is die dryfkrag wat deur die Heilige Gees gegee word; alleen die werking van die Heilige Gees kan daardie motief in die siel plant. Alleen die krag van God

kan selfsug en huigelary verban. Hierdie verandering is die teken van Sy werking. Wanneer die geloof wat ons aanneem, selfsug en geveinsdheid vernietig, wanneer dit ons lei om God te verheerlik en nie onsself nie, dan kan ons weet dat dit die regte is. Die grondtoon van Christus se lewe was, "Vader, verheerlik U Naam" (Joh. 12: 28), en as ons Hom volg, sal dit ook die grondtoon van ons lewe wees. Hy gebied ons om "self ook so te wandel soos Hy gewandel het;" en "hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy gebooie bewaar." 1 Joh. 2:6, 3. [418]

## Die Skaduwee van die Kruis

DIE werk van Christus op aarde het ten einde gespoed. Voor Hom, helder omlyn, was die tonele waarheen Sy weg gelei het. Nog voordat Hy die menslike natuur aangeneem het, het Hy die hele pad gesien wat Hy sou moes bewandel om te red wat verlore was. Elke steek wat Sy hart gepynig het, elke belediging, elke ontbering wat Hy moes verduur, het Hy gesien toe Hy Sy kroon en koninklike kleed afgelê en van die troon afgestap het om mens te word. Die pad van die krip na Golgota was duidelik voor Hom. Hy het geweet van die angs wat Hy sou moes verduur. Hy het alles geweet, maar nogtans het Hy gesê, "Kyk, Ek kom; in die boekrol is dit My voorgeskrywe. Ek het lus, o My God, om U welbehae te doen, en U wet is binne-in My ingewande."

Hy het die uitwerking van Sy sending gedurig voor Hom gesien. Sy aardse lewe, so vol werk en opoffering, is veraangenaam deur die vooruitsig dat Hy die bittere lyding nie verniet sou verduur nie. Deur Sy lewe vir die lewe van die mens te gee, sou Hy die wêreld terugwin tot getrouheid aan God. Alhoewel Hy die bloeddoop eers sou moes ondergaan; alhoewel Sy onskuldige siel die sondelas van die hele wêreld sou moes dra; alhoewel die skaduwee van naamlose lyde op Hom geval het, het Hy tog, vir die vreugde wat aan Hom
[419] voorgehou is, die kruis verdra en die skande verag.

Vir diegene wat saam met Hom gewerk het, was die tonele wat voor Hom gelê het, nog verberg, maar die tyd was nie meer ver wanneer hulle Sy lyde sou sien nie. Hulle sou sien hoedat Hy — die Een wat hulle liefhet en vertrou — oorgelewer word in die hande van Sy vyande, en gekruisig word op Golgota. Eerlank sou Hy hulle verlaat om die wêreld alleen te trotseer sonder Sy vertroosting en sigbare teen- woordigheid. Hy het geweet hoe bittere haat en ongeloof hulle sou vervolg, en Hy wou hulle graag voorberei vir daardie beproewings.

Jesus en Sy dissipels het by een van die dorpies gekom van Cesarea-Filippi. Hulle was buite die grense van Galilea, in 'n streek

waar afgodediens geheers het. Hier was die dissipels weg van die oor- heersende invloed van Judaïsme, en is hulle in nouer aanraking gebring met die heidense godsdiens. Rondom hulle het hulle vorms van byge- loof gesien wat in alle dele van die wêreld bestaan het. Jesus wou hê dat die aanskouing van daardie dinge hulle hulle verantwoordelikheid teenoor die heidene sou laat besef. Gedurende Sy verblyf in daardie streek, het Hy getrag om Hom aan die mense te onttrek, en meer tyd aan Sy dissipels te bestee.

Hy wou hulle vertel van die lyde wat Hom gewag het, maar Hy het Hom eers afgesonder en gebid dat hulle harte berei mag word om Sy woorde aan te neem. Toe Hy weer by hulle aangesluit het, het Hy nie dadelik aan hulle vertel wat Hy hulle wou meedeel nie. Voordat Hy dit doen, sou hulle eers geleentheid kry om hulle geloof in Hom te bely om dus versterk te word vir die komende beproewing. Hy het gevra, "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?"

Met droefheid moes die dissipels erken dat Israel hulle Messias nie herken het nie. Sommige het wel, toe hulle Sy wonderwerke sien, verklaar dat Hy die Seun van Dawid was. Die skare wat Hy by Betsaida gevoed het, wou Hom graag tot koning van Israel uitroep. Vele was gereed om Hom aan te neem as 'n profeet, maar hulle het nie geglo dat Hy die Messias was nie.

Jesus het nou 'n tweede vraag gestel wat die dissipels persoonlik geraak het: "Maar julle, wie sê julle, is Ek?" Petrus het geantwoord, "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

Van die begin af het Petrus geglo dat Jesus die Messias was. Baie ander wat tot oortuiging gebring is deur die prediking van Johannes die Doper, en wat Christus aangeneem het, het begin twyfel aan [420]

Petrus het uiting gegee aan die geloof van die twaalf, maar die dissipels het nog glad nie die sending van Christus verstaan nie. Die teenstand en wanvoorstellings van die priesters en owerstes, hoewel dit hulle nie kon beweeg om Christus te verlaat nie, het hulle baie verbyster. Hulle het nie hulle pad duidelik gesien nie. Die invloed van hulle vroeë opvoeding, die leer van die rabbi's, die mag van tra- disie, het nog hulle idee van die waarheid beïnvloed. Van tyd tot tyd het die kosbare strale van die lig van Jesus op hulle geskyn, maar dikwels was hulle soos manne wat in die duister rondgetas het. Maar op hierdie dag, voordat hulle die groot toets van hulle geloof sou verduur, het die Heilige Gees met krag op hulle gekom. Vir 'n tydjie

is hulle oë afgewend van die "sigbare dinge," om die "onsigbare dinge" te sien. 2 Kor. 4: 18. Onder die mantel van die menslike vlees het hulle die heerlikheid van die Seun van God gesien.

Jesus het aan Petrus gesê, "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit aan jou nie geopenbaar nie, maar My Vader wat in die hemele is."

Die waarheid wat Petrus bely het, is die grondslag van die gelowige se geloof. Dit is, soos Christus self gesê het, die ewige lewe. Maar daardie kennis moes nie die rede vir selfverheerliking wees nie. Dit is aan Petrus geopenbaar nie op grond van enige wysheid of goedheid van sy eie nie. Nooit kan die mens alleen tot die kennis van die goddelike kom nie. "Hoogtes van die hemel is dit—wat kan jy doen? Dieper as die doderyk—wat kan jy weet?" Job 11:8. Alleen die gees van aanneming kan aan ons die diep dinge van God openbaar, wat "die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die
[421] hart van 'n mens nie opgekom het nie. . . . Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God." 1 Kor. 2: 9, 10. "Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees;" en die feit dat Petrus die heerlikheid van Christus gesien het, is bewys dat hy deur "God geleer" is. Ps. 25: 14; Joh. 6: 45. Ja, gewis, "Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit aan jou nie geopenbaar nie."

Jesus het voortgegaan: "Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie." Die woord Petrus beteken 'n klip —'n los klip. Petrus was nie die rots waarop die kerk gebou is nie. Die poort van die doderyk het hom oorweldig toe hy sy Here verloën het met vloeke. Die kerk is gebou op íemand wat nie deur die poorte van die doderyk oorweldig kon word nie.

Eeue voor die koms van die Heiland het Moses gewys op die Rots van Israel se saligheid. Die psalmis het gesê, "Hy is my rots en my heil." Jesaja het geskryf, "So sê die Here Here: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is." Deut. 32: 4; Ps. 62: 7; Jes. 28: 16. Petrus self het hierdie profesie, onder inspirasie, op Jesus toegepas. Hy het gesê, "Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, soos 'n geestelike huis." 1 Pet. 2:4, 5.

"Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie; dit is Jesus Christus." 1 Kor. 3:11. "Op hierdie rots," het Jesus gesê, "sal Ek My gemeente bou." In die teenwoordigheid van God en al die hemelse wesens, in die teenwoordigheid van die onsigbare leërskare van die hel, het Christus Sy kerk gegrondves op die lewende Rots. Die Rots is Christus self — Sy eie liggaam wat vir ons verbreek is. Die kerk wat op hierdie fondament gebou is, sal nie deur die poorte van die doderyk oorweldig word nie.

Hoe swak het die kerk nie gelyk toe Christus hierdie woorde gespreek het nie! Daar was slegs 'n handjievol gelowiges teen wie al die magte van duiwels en bose mense gerig was, maar die navolgers van Christus moes nie vrees nie. Gebou op die Rots van hulle sterkte kon hulle nie omver gewerp word nie.

Vir sesduisend jaar reeds bou die geloof voort op Christus. Vir sesduisend jaar het die storms en vloedgolwe van sataniese wraak [422] geklots teen die Rots van ons saligheid, maar dit het onbeweeglik bly staan.

Petrus het die waarheid uitgedruk wat die fondament van die kerk se geloof is, en Jesus het hom nou vereer as die verteenwoordiger van al die gelowiges. Hy het gesê, "Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees."

"Die sleutels van die koninkryk van die hemele" is die woorde van Christus. Al die woorde van die Heilige Skrif is Syne, en dit is hier ingesluit. Die woorde het mag om die hemel oop te sluit of toe te sluit. Hulle stel die voorwaardes waarop mense aangeneem of verwerp word. Die werk van diegene wat Gods Woord verkondig, is dus 'n reuk van die lewe tot die lewe of van die dood tot die dood. Hulle sending het ewige gevolge.

Die Heiland het nie die werk van die evangelie aan Petrus as indiwidu gegee nie. By 'n latere geleentheid, toe Hy die woorde tot Petrus gespreek, herhaal het, het Hy hulle regstreeks op die kerk toe- gepas. Dieselfde woorde is feitelik ook gespreek tot die twaalf as verteenwoordigers van alle gelowiges. As Jesus spesiale gesag gegee het aan een van die dissipels, bokant al die ander, dan sou ons hulle nie later sien stry het oor wie die grootste sou wees nie. Hulle

sou hulle onderwerp het aan die wens van hulle Meester en die een eer wat Hy gekies het.

Pleks van een aan te stel as hulle hoof, het Christus aan Sy dissipels gesê, "Laat julle nie rabbi noem nie;" "julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester, Christus." Matt. 23: 8, 10.

"Julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man." God, wat alle dinge onder die voete van Christus gestel het, het "Hom as 'n Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee wat Sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul." 1 Kor. 11:3; Efe. 1: 22, 23. Die kerk is op Christus as fondament gebou; hy moet Christus gehoorsaam as sy hoof. Hy moet nie op mense vertrou of deur mense beheers word nie. Daar is vele wat meen dat 'n verantwoordelike posisie in die kerk hulle die mag gee om voor te skryf wat ander
[423] mense moet glo en wat hulle moet doen. God steun nie hierdie aanspraak nie. Die Heiland sê, "Julie is almal broers." Almal is blootgestel aan ver- soeking en almal kan foute begaan. Ons kan nie op feilbare mense steun vir leiding nie. Die Rots van geloof is die lewende teenwoordig- heid van Christus in die kerk. Daarop kan die swakste vertrou, en diegene wat meen dat hulle die sterkste is, sal die swakste wees tensy hulle volkome op Christus steun. "Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak." "Hy is die steenrots wie se werk volkome is." "Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil." Jer. 17: 5; Deut. 32: 4; Ps. 2: 12.

Ná Petrus se belydenis het Jesus die dissipels opdrag gegee om aan geen mens te vertel dat Hy die Christus is nie. Hierdie opdrag is gegee ten gevolge van die vasberade opposisie van die skrifgeleerdes en Fariseërs. En wat meer is, die mense, en selfs die dissipels, het so 'n verkeerde begrip gehad van die Messias, dat 'n openbare aankondiging van Hom hulle geen ware begrip sou gegee het van Sy karakter en werk nie. Maar dag na dag het Hy Homself aan hulle geopenbaar as die Verlosser, en so het Hy probeer om hulle 'n ware besef te gee van Hom as die Messias.

Die dissipels het nog verwag dat Christus sou regeer as 'n tydelike vors. Alhoewel Hy Sy plan so lank bedek gehou het, het hulle geglo dat Hy nie altyd in armoede en onbekendheid sou bly nie; die tyd was naby wanneer Hy Sy koninkryk sou stig. Dat die haat van die priesters en rabbi's onoorkomelik was; dat Christus deur Sy eie

volk verwerp, as bedrieër veroordeel, en gekruisig sou word as 'n misdadiger — sulke gedagtes het nooit by die dissipels opgekom nie. Maar die uur van die vors van die duisternis het genader, en Jesus moes die dissipels bekendstel met die stryd voor hulle. Die gedagte aan Sy verhoor het Hom met droefheid vervul.

Tot op daardie oomblik het Hy nog niks aan hulle bekendgemaak in verband met Sy lyde en dood nie. In Sy gesprek met Nikodemus het Hy gesê, "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 14, 15. Maar die dissipels het dit nie gehoor nie, en al het hulle dit gehoor, sou hulle dit nie verstaan het nie. Maar nou het hulle met Jesus gewandel, na Sy woorde geluister en Sy werke gesien, totdat hulle, nieteenstaande Sy nederige omstandighede en die opposisie [424] van die volk, saam met Petrus kon getuig, "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Nou het die tyd gekom om die sluier van die toekoms weg te trek. "Van toe af het Jesus begin om Sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moet gaan en baie van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moet ly en doodgemaak en op die derde dag opgewek word."

Spraakloos van droefheid en verbasing, het die dissipels geluister. Christus het Petrus se belydenis aangeneem dat Hy die Seun van God is; en nou was Sy woorde wat verwys het na Sy ly de en dood, onverstaanbaar. Petrus kon nie stilbly nie. Hy het sy Meester beetgepak as- of hy Hom wou wegtrek van die dreigende onheil, en uitgeroep, "Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie!"

Petrus het sy Here liefgehad; maar Jesus het hom nie geprys nie omdat hy sy begeerte uitgespreek het om Hom te beskerm van die lyding. Petrus se woorde was nie 'n troos vir Jesus in die groot be- proewing voor Hom nie. Hulle was nie ooreenkomstig Gods genadeplan vir die verlore wêreld nie, en ook nie met die les van selfopoffe- ring wat Jesus deur Sy eie voorbeeld kom leer het nie. Petrus wou nie graag die kruis sien in die werk van Christus nie. Die indruk wat sy woorde sou maak, was lynreg teen die indruk wat Christus wou skep by Sy navolgers, en die Heiland was verplig om een van die kwaaiste bestraffings te gee wat ooit van Sy lippe gekom het: "Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie oor die dinge van God dink nie, maar oor die van die mense."

Die Satan het geprobeer om Jesus te ontmoedig en Hom te laat terugdeins vir Sy sending; en Petrus, in sy blinde liefde, het die versoeking in woorde uitgedruk. Die vors van die duisternis was die ingewer van daardie gedagte. Hy het gesit agter daardie dringende versoek. In die woestyn het die Satan die heerskappy van hierdie wêreld vir Christus aangebied op voorwaarde dat Hy die pad van vernedering en opoffering verlaat. Nou het hy dieselfde versoeking gebring aan die dissipel van Christus. Hy het Petrus beïnvloed om sy oë op aardse heerlikheid te vestig, sodat hy nie die kruis kon sien waarop Jesus sy aandag wou vestig nie. En deur Petrus het die Satan Jesus weer versoek. Maar die Heiland het nie daarna geluister nie; Hy het net aan Sy dissipel gedink. Die Satan het tussen Petrus en sy
[425] Meester gekom, sodat die hart van die dissipel nie aangeraak kon word by die aanskouing van Christus se vernedering vir hom nie. Die woorde van Christus is gespreek, nie tot Petrus nie, maar tot die een wat probeer het om hom van sy Meester te skei. "Gaan weg agter My, Satan! Moenie langer tussen My en my swak dienskneg indring nie. Laat My van aangesig tot aangesig met Petrus praat, sodat Ek aan hom die verborgenheid van My liefde kan openbaar.

Dit was n bittere les vir Petrus, en een wat hy maar baie stadig geleer het, naamlik, dat die pad van Christus op aarde deur lyding en vernedering sou gaan. Die dissipel het teruggedeins vir gemeenskap met sy Here in Sy lyde. Maar in die hitte van die smeltkroes sou hy die seën daarvan leer. Lank daarna, toe arbeid en ouderdom hulle spore diep op hom gelaat het, het hy geskryf: "Geliefdes, verbaas julle nie oor die vuurgloed van vervolging onder julle wat tot julle beproewing dien, asof iets vreemds oor julle kom nie; maar namate julle gemeenskap het aan die lyde van Christus, moet julle bly wees, sodat julle ook in die openbaring van Sy heerlikheid met blydskap kan jubel." 1 Pet. 4: 12, 13.

Jesus het nou aan Sy dissipels verduidelik dat Sy eie lewe van selfverloëning n voorbeeld is van wat hulle s'n behoort te wees. Hy het die mense wat daar rond was, na Hom en die dissipels geroep, en gesê, "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." Die kruis het in verband gestaan met die mag van Rome. Dit was die instrument vir die wreedste en mees vernederende vorm van teregstelling en die dood. Die laagste misdadigers moes hulle kruis dra na die plek van teregstelling;

dikwels wanneer dit op hulle skouers geplaas is, het hulle hulleself heftig teë- gesit, totdat hulle later oorweldig en die kruis op hulle rug vasgemaak is. Maar Jesus het aan Sy navolgers gesê om hulle kruis op te neem en dit agter Hom aan te dra. Vir die dissipels, alhoewel hulle Sy woorde nie heeltemal verstaan het nie, het dit oorgawe aan die bitterste vernedering beteken — ja, onderwerping aan die dood om Christus ontwil. Die Heiland kon die volkome selfoorgawe nie duideliker gestel het nie. En dit alles het Hy vir hulle ontwil aangeneem. Jesus het die hemel nie as 'n begeerlike plek gereken terwyl ons nog verlore was nie. Hy het die hemel verlaat vir 'n lewe van smaad, belediging, en om die skanddood te sterf. Hy wat ryk was aan die skatte van die hemel, het arm geword, sodat ons deur Sy armoede [426]
ryk kon word. Ons moet in die pad wandel wat Hy bewandel het.

Liefde vir siele vir wie Christus gesterf het, beteken die kruisiging van die eie-ek. Die persoon wat 'n kind van God is, sal homself voort- aan beskou as 'n skakel in die ketting wat neergelaat is om die wêreld te red, een met Christus in Sy genadeplan, en saam met Hom werkende om die verlorenes op te soek en te red. Die Christen moet altyd onthou dat hy homself aan God toegewy het, en dat hy in sy karakter Christus aan die wêreld moet openbaar. Die selfopoffering, die medelyde, die liefde, wat geopenbaar is in die lewe van Christus, moet gesien word in die offervaardigheid van die werker van God.

"Want elkeen wat sy siel wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy siel om My ontwil en om die evangelie ontwil, verloor, hy sal dit red." Selfsug is die dood. Geen orgaan van die liggaam kan lewe as hy sy diens net vir homself doen nie. As die hart nie sy lewensbloed na die hand en die hoof stuur nie, sal hy gou sy krag verloor. Net soos ons lewensbloed, vloei die liefde van Christus na elke deel van Sy mistiese liggaam. Ons is ledemate van mekaar, en die siel wat weier om te gee, sal sterf. "Wat sal dit 'n mens baat," het Jesus gevra, "as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"

Anderkant die armoede en vernedering van die hede, het Hy Sy dissipels gewys op Sy aanstaande koms in heerlikheid, nie die heerlikheid van 'n aardse troon nie, maar die heerlikheid van God en die hemelse leërskare. Dan, het Hy gesê, "sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade." En toe het Hy vir hulle bemoediging die belofte gegee, "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier

staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in Sy koninkryk sien kom het nie.” Maar die dissipels het nie Sy woorde verstaan nie. Die heerlikheid het vir hulle baie ver weg gelyk. Hulle het hulle oë gevestig op die dinge hier naby, naamlik Sy aardse lewe van armoede, vernedering, en lyding. Moet hulle hulle heerlike verwagtings van die Messias se koninkryk opgee? Sou hulle hulle Here nie verhoog sien op die troon van Dawid nie? Kon dit miskien wees dat Christus sou lewe as ’n nederige, daklose swerweling, om verag, verwerp, en eindelik gedood te word ? Hulle harte was bedruk deur droefheid, want hulle het hulle Meester
[427] liefgehad. Daar was ook twyfel in hulle harte, want dit was vir hulle onbegryplik dat die Seun van God aan sulke wrede vernedering kon onderwerp word. Hulle wou weet waarom Hy vrywillig na Jerusalem moet gaan en die behandeling tegemoetgaan wat Hy hulle vertel het wat Hom daar wag. Hoe kon Hy Homself oorgee aan so ’n lot, en hulle in groter duisternis laat as die waarin hulle rondgetas het voordat Hy Hom aan hulle geopenbaar het?

In die gebied van Cesarea-Filippi was Christus buite die bereik van Herodes en Kajafas; so het die dissipels geredeneer. Hy het niks te vrees gehad van die haat van die Jode of van die mag van die Romeine nie. Waarom dan nie daar werk nie, weg van die Fariseërs af? Waarom moet Hy Homself in die dood gaan opgee? As Hy dan moes sterf, hoe kon Hy sê dat Sy koninkryk so heg gegrondves sou word dat die poorte van die doderyk dit nie sal kan oorweldig nie? Vir die dissipels was dit werklik onverklaarbaar.

Hulle was juis op daardie oomblik besig om te reis langs die kus van die Meer van Galilea na die stad waar al hulle hoop geblus sou word. Hulle het dit nie gewaag om met Christus te redeneer nie, maar onder mekaar het hulle mompelend in droefheid gepraat oor wat die toekoms mag inhou. Selfs te midde van al hulle twyfel het hulle vas- geklem aan die hoop dat die een of ander omstandigheid die onheil sou belet wat hulle Here gewag het. So het hulle getreur
[428] en getwyfel, gehoop en gevrees vir ses lang, donker dae.

## Die Verheerliking

DITT het begin aand word toe Jesus drie van Sy dissipels na Hom toe geroep het, naamlik Petrus, Jakobus, en Johannes, en hulle deur die lande heen met ’n klipperige pad na ’n eensame berg gelei het. Die Heiland en Sy dissipels het die dag deurgebring deur te reis en te leer, en om die berg uit te klim, het hulle baie moeg gemaak. Christus het die laste van hart en liggaam van baie lyers verlig; Hy het die lewe laat bons deur hulle verswakte liggame; maar Hy self het in die menslike vlees gewoon, en net soos Sy dissipels het Hy moeg ge- word van die klim.

Die laaste strale van die son het nog op die berg geskyn, en die paadjie waarmee hulle geklim het, met goud getint. Maar baie gou sterf die lig weg van die berg en sak die son agter die westelike horison, en die reisigers word toegevou in die duisternis van die nag. Die duisternis van hulle omgewing pas by die droefheid in hulle harte waarin die wolke dig begin saampak het.

Die dissipels het nie die moed om Christus te vra waarheen Hy gaan en waarom nie. Hy het dikwels al hele nagte in gebed op die berge deurgebring. Hy deur wie se hande berg en dal gemaak is, voel tuis in die natuur, en geniet die stilte. Die dissipels volg waar Christus lei, maar hulle wonder darem waarom hulle Meester hulle met daardie steil paadjie die berg op lei wanneer hulle reeds so moeg is, en Hy self ook behoefte het aan rus. Eindelik sê Christus dat hulle [429] ver genoeg geklim het. Nadat Hy so ’n endjie opsy gegaan het, het die Man van Smarte met sterk geroep en geween begin bid. Hy bid om krag om ten behoewe van die mensheid te kan staan. Self moes Hy ’n beter houvas kry op die Almagtige, want alleen dan sou Hy die toekoms kon trotseer. En Hy bid vurig vir Sy dissipels, dat hulle geloof in die uur van die mag van die duisternis nie mag faal nie. Sy geboë vorm is nat van die dou, maar Hy kom dit nie agter nie. Die donker skaduwees van die nag is dig om Hom maar Hy slaan nie ag daarop nie. So gaan die ure langsaam verby. Eers het die dissipels saam met Hom gebid in opregte toe- wyding, maar ná ’n tyd was

hulle so moeg dat hulle, ten spyte van alle inspanning om belang te stel, aan die slaap geraak het. Jesus het hulle vertel van Sy lyde; Hy het hulle met Hom meegeneem om saam met Hom te bid; op daardie oomblik was Hy besig om vir hulle te bid. Hy het die neerslagtigheid van Sy dissipels gesien, en Hy het verlang om hulle droefheid te verlig met die versekering dat hulle geloof nie tevergeefs was nie. Selfs van die twaalf kon nie almal die openbaring ontvang wat Hy graag wou gee nie. Alleen die drie wat Sy angs in Getsemane sou sien, het Hy gekies om saam met Hom op die berg te gaan. Waarvoor Hy nou gebid het, was dat daar 'n openbaring aan hulle gegee moes word van die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het vóór die grondlegging van hierdie wêreld; dat Sy koninkryk aan menslike oë getoon moes word, en dat Sy dissipels versterk moes word om dit te kan sien. Hy smeek dat hulle 'n openbaring van Sy godheid moet kry wat hulle sou vertroos in die uur van Sy grootste lyde, en hulle die versekering sal gee dat Hy waarlik die Seun van God is, en dat Sy skanddood deel is van die verlossingsplan.

Sy gebed is verhoor. Terwyl Hy nederig neerkniel, op die klipperige grond, is die hemele skielik geopen, die goue poorte van die godstad is wyd oop, en 'n heilige lig skyn op die berg en verlig die Heiland se gestalte. Sy godheid van binne het deur Sy mensheid geflits en die heerlikheid ontmoet wat van bo af gekom het. Christus het van die grond af opgestaan en in goddelike majesteit gestaan. Die sielelyding was weg. Sy gelaat was "blink soos die son, en Sy klere . . . wit soos die lig."

Toe die dissipels wakkerskrik, sien hulle 'n gloed van heerlikheid wat die hele berg verlig. In vrees en verbasing aanskou hulle die
[430] blinkende gestalte van hulle Meester. Toe hulle oë gewoond raak aan die wonderbare lig, sien hulle dat Jesus nie alleen is nie. Langs Hom is twee hemelse wesens wat druk besig is om met Hom te praat. Die een is Moses wat op Sinai met God gespreek het; die andereen is Elia wat nie die dood gesmaak het nie —'n onderskeiding wat slegs een van die seuns van Adam met hom gedeel het.

Op die Berg Pisga, vyftien eeue tevore, het Moses gestaan en kyk na die Beloofde Land. Maar ten gevolge van sy sonde by Meriba, was dit hom nie vergun om daardie land binne te gaan nie. Hy sou nie die vreugde smaak om die leërskare van Israel in die erfdeel van hulle vaders in te lei nie. Sy smeekbede, "Laat my tog oortrek

en 'die goeie land sien wat oorkant die Jordaan lê, daardie goeie bergland en die Libanon" (Deut. 3: 25), is geweier. Die hoop wat vir veertig jaar die duisternis van die woestynomswerwing verlig het, moes ge- weier word. 'n Graf in die woestyn—dit was die einddoel van daardie jare van sorge en geswoeg. Maar Hy "wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink" (Efe. 3: 20), het in 'n [431] mate die gebed van Sy kneg verhoor. Moses moes die dood smaak, maar hy sou nie in sy graf bly nie. Christus self het hom in die lewe teruggeroep. Satan, die versoeker, het aanspraak gemaak op die liggaam van Moses weens sy sonde, maar Christus, die Verlosser, het hom uit die graf opgewek. (Judas 9.)

Op die berg van verheerliking was Moses die getuie van Christus se oorwinning oor die sonde en die dood. Hy stel diegene voor wat uit hulle grafte tevoorskyn sal kom by die opstanding van die regverdiges. Elia, wat na die hemel geneem is sonder om die dood te smaak, het diegene verteenwoordig wat op die aarde sal lewe tydens Christus se tweede koms, en wat verander sal word "in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin;" wanneer "hierdie sterflike . . . met onsterflikheid beklee word," en "hierdie verganklike ... met onverganklikheid beklee word." 1 Kor. 15: 51-53. Jesus was geklee in die lig van die hemel, soos Hy sal wees wanneer Hy "vir die tweede maal sonder sonde ver- skyn . . . tot saligheid." Want Hy sal kom "in die heerlikheid van Sy Vader met die heilige engele." Heb. 9: 28; Markus 8: 38. Die Heiland se belofte aan die dissipels is nou vervul. Op die berg is die toekomstige koninkryk van heerlikheid in miniatuur voorgestel -— Christus, die Koning, Moses as verteenwoordiger van die opgewekte heiliges, en Elia verteenwoordigende diegene wat verander sal word.

Die dissipels verstaan nog nie die toneel nie, maar hulle verbly hulle daarin dat die geduldige Leraar, die sagmoedige en nederige Een, wat heen en weer gewandel het as 'n hulpelose vreemdeling, nou vereer word deur die bevoorregtes van die hemel. Hulle glo dat Elia gekom het om die Messias se regering aan te kondig, en dat die koninkryk van Christus nou op die aarde opgerig sal word. Die gedagte aan hulle vrees en teleurstelling sou hulle vir ewig verban. Hier, waar die heerlikheid van God geopenbaar is, sou hulle graag wou bly. Petrus roep uit, "Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons dan drie hutte maak: vir U een en vir Moses een en vir Elia een." Die

dissipels is oortuig dat Moses en Elia gestuur is om hulle Meester te beskerm, en om Sy gesag te bevestig as koning.

Maar vóór die kroon moet die kruis kom. Nie die oprigting van n koninkryk nie, maar die dood te Jerusalem — dit is die onderwerp van hulle gesprek met Jesus. Onder die las van die swakheid van die
[432] mensdom, en die droefheid en die sonde, het Jesus alleen gewandel
[433] onder die mense. Namate die duisternis van die aanstaande lyde Hom beklem het, was Hy in eensaamheid van die gees in 'n wêreld wat Hom nie geken het nie. Selfs Sy geliefde dissipels, verdiep in hulle twyfel- moedigheid, droefheid, en eersugtige hoop, het nie die verborgenheid van Sy sending verstaan nie. Hy het gewoon in die liefde en gemeenskap van die hemel, maar in die wêreld wat Hy gemaak het, was Hy in eensaamheid. Nou het die hemel sy boodskappers na Jesus gestuur; nie engele nie, maar mense wat lyding en verdriet geken het, en wat met die Heiland kon simpatiseer in die beproewing van Sy aardse lewe. Moses en Elia was medewerkers van Christus. Hulle het gedeel in Sy verlange vir die redding van die mens. Moses het gepleit vir Israel: "Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit U boek wat U geskryf het." Exod. 32: 32. Elia het geweet wat eensaamheid beteken, want gedurende die drie en 'n half jaar hongersnood moes hy die haat en die eilende van die volk verduur. Alleen het hy gestaan op Karmel. Alleen het hy in wanhoop in die woestyn gevlug. Hierdie manne, gekies bo al die engele rondom die troon, het gekom om met Jesus te spreek oor Sy lyde, en om Hom te vertroos met die versekering van die medelyde van die hemel. Die hoop van die wêreld, die saligheid van elke mensekind, dit was die dinge waaroor die onderhoud gegaan het.

Omdat hulle deur die slaap oorval is, het die dissipels min gehoor van wat daar omgegaan het tussen Christus en die hemelse boodskappers. Omdat hulle nagelaat het om te waak en te bid, het hulle nie ontvang wat God hulle graag wou gee nie — naamlik 'n kennis van die lyde van Christus en die heerlikheid daarna. Hulle het die seën gemis wat hulle s'n kon gewees het as hulle in Sy seff opoffering gedeel het. Traag van hart om te glo, was hierdie dissipels, en min het hulle verstaan met watter skat die hemel hulle wou verryk.

Maar nogtans het hulle baie lig ontvang. Hulle is verseker dat die hemel bewus was van die sonde van die Joodse volk in hulle verwerping van Christus. Hulle het 'n dieper insig gekry in die werk van die Verlosser. Hulle het met hulle oë gesien en met hulle ore gehoor, dinge wat bokant die verstand van mense was. Hulle was "aanskouers van Sy majesteit" (2 Pet. 1: 16), en hulle het besef dat Jesus inder- waarheid die Messias is van wie die patriarge en profete getuig het, en dat Hy so erken is deur die hemelse heelal. [434]

Terwyl hulle nog gekyk het na die toneel op die berg, "oordek 'n helder-ligte wolk hulle meteens, en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" Toe hulle die wolk van heerlikheid sien, heerliker as die wat voor die stamme van Israel in die woestyn getrek het, en toe hulle die stem van God hoor spreek in vreeslike majesteit wat die berg laat beef het, het die dissipels op die aarde neergeval. Hulle het plat bly lê, met hulle gesigte bedek, totdat Jesus gekom en hulle aangeraak en hulle vrees verban het met Sy welbekende stem, "Staan op en moenie bang wees nie." Toe hulle eindelik opkyk, het hulle gesien dat die hemelse heerlikheid weg was, en dat Moses en Elia verdwyn het. Hulle was op die berg, alleen met Jesus. [435]

# Diens

HULLE het die hele nag op die berg deurgebring, en toe die son opkom, het Jesus en Sy dissipels na die vlakte afgedaal. Besig met hulle eie gedagtes, was die dissipels bang en stil. Selfs Petrus het geen woord te sê gehad nie. Baie graag sou hulle in daardie heilige plek gebly het wat verlig was met die lig van die hemel, en waar die Seun van God Sy heerlikheid geopenbaar het; maar daar was werk om te doen vir die mense wat reeds orals rond gesoek het na Jesus.

By die voet van die berg het 'n groot skare vergader, daarheen gelei deur die dissipels wat agtergebly het—hulle het geweet waarheen Jesus gegaan het. Toe die Heiland naby hulle kom, het Hy Sy drie metgeselle opdrag gegee om niks te sê van wat hulle gesien het nie, en gesê, "Julle moet vir niemand iets van die gesig sê voordat die Seun van die mens uit die dode opgestaan het nie" Die openbaring wat aan die dissipels gegee is, moes hulle in hulle eie harte oorpeins, maar dit moes nie rugbaar gemaak word nie. Om dit aan die skare te vertel sou bespotting uitgelok het of ydele nuuskierigheid. En selfs die nege ander apostels sou die verskyning nie verstaan voordat Christus uit die dode opgestaan het nie. Hoe traag selfs die drie begunstigde dissipels was, word gesien in die feit dat
[436] hulle, ondanks alles wat Christus gesê het wat Hy moes deurmaak, nog onder mekaar bespreek het wat opstanding uit die dood tog kon beteken. Hulle het egter geen verduideliking van Jesus gevra nie. Sy woorde oor die toekoms het hulle met droefheid vervul; hulle het geen verdere openbaring gevra oor dinge wat hulle gehoop het wat nooit sou plaasvind nie.

Toe die mense op die vlakte Jesus sien, het hulle Hom tegemoetgegaan, en Hom eerbiedig en blymoedig gegroet. Maar Hy het gou gemerk dat hulle in groot moeilikheid verkeer het. Die dissipels het ontsteld gelyk. Daar het iets gebeur wat hulle groot teleurstelling en vernedering veroorsaak het,

Onderwyl hulle aan die voet van die berg gewag het, het 'n vader sy maansieke seun na hulle gebring vir die uitwerping van die

duiwel wat hom gekwel het. Mag oor onreine geeste, om hulle uit te werp, is aan die dissipels gegee toe Jesus die twaalf uitgestuur het om in Galilea te preek. Toe hulle in groot geloof uitgegaan het, het die bose geeste hulle woord gehoorsaam. In hierdie geval het hulle die kwellende gees in die Naam van Christus beveel om uit te gaan uit sy slagoffer, maar die duiwel het hulle bespot met 'n nog groter openbaring van sy krag. Die dissipels, wat nie hulle onmag kon verklaar nie, het gevoel dat hulle oneer gebring het op hulleself en hulle Meester. En onder die skare was skrifgeleerdes wat hulle kans waargeneem het om hulle te verneder. Hulle het hulle om die dissipels geskaar en hulle bestook met vrae, met die doel om te bewys dat hulle en hulle Meester be- drieërs was. Hier, het die rabbi's triomfantlik gesê, is 'n bose gees wat nòg die dissipels nòg Christus kan gebied. Die skare was geneig om kant te kies vir die skrifgeleerdes, en 'n gevoel van veragting het onder hulle geheers.

Maar skielik het hulle hulle beskuldiging gestaak, want Jesus en die drie dissipels het aangekom; die mense het van gevoelens verander en hulle tegemoetgegaan. Die nag van gemeenskap met die hemelse heerlikheid het sy merk op Jesus en Sy metgeselle gemaak. Hulle gesigte het geblink met 'n lig wat eerbied ingeboesem het by die aanskouers. Die skrifgeleerdes het vreesbevange teruggedeins onderwyl die mense Jesus verwelkom het.

Asof Hy alles gesien het wat daar plaasgevind het, het die Heiland in die strydperk verskyn; Hy het Sy oë op die skrifgeleerdes gevestig en gevra, "Waarom redetwis julle met hulle?" [437]

Maar die stemme wat eers so vermetel en uitdagend was, was nou stil. Daar het stilte oor die hele skare gekom. Toe het die bedroefde vader sy weg deur die skare gebaan, en vallende op sy knieë voor Jesus, het hy Hom vertel van sy moeilikheid en teleurstelling.

"Meester," het hy gesê, "ek het my seun wat 'n stomme gees het, na U gebring; en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom . . . en ek het vir U dissipels gesê om hom uit te dryf, en hulle kon nie."

Jesus het rondgekyk op die eerbiedige skare, op die vitterige skrif- geleerdes, en die verbysterde dissipels. Hy het die ongeloof in elke hart gelees; en in droefheid het Hy uitgeroep, "o Ongelowige geslag, hoelank sal Ek by julle wees, hoelank sal Ek julle verdra? Toe het Hy aan die vader gesê, Bring hom na My toe."

Die seun is gebring, en toe die Heiland se oë op hom val, het die bose gees hom op die grond neergegooi in stuiptrekkings. Daar het hy gelê en vreeslik geskreeu met skuim om sy mond.

Weereens het die Vors van die lewe en die vors van die duisternis teenoor mekaar in die stryd gestaan -— Christus in vervulling van Sy sending om "aan gevangene vrylating te verkondig . . . om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur" (Lukas 4: 19), die Satan soekende om sy slagoffer in sy mag vas te hou. Engele van lig, en leërskare van bose engele het onsigbaar naby gekom om die stryd te aanskou. Vir 'n oomblik het Jesus die bose gees toegelaat om sy mag te toon, sodat die toeskouers die verlossing kon verstaan wat sou plaasvind.

Die skare het met gespanne aandag gestaan en kyk, en die vader in angs van hoop en vrees. Jesus het gevra, "Hoelank is dit al dat dit hom oorgekom het?" Die vader het die verhaal vertel van die lange jare van lyding, en toe, asof hy dit nie langer kon uithou nie, het hy uitgeroep, "As U iets kan doen, help en ontferm U oor ons." "As U iets kan doen!"—selfs nou nog het die vader getwyfel aan die mag van Christus.

Jesus antwoord, "As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." Daar is geen tekort aan krag by Jesus nie; die genesing van die seun hang af van die vader se geloof. Die vader het, toe hy sy eie swakheid besef, in trane uitgebars, en homself op Christus se genade beroep en gesê, "Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" Jesus het Hom tot die lydende gewend en gesê, "Jou stomme en dowe gees,
[438] Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie." Daar was 'n kreet en 'n heftige worsteling. Toe die duiwel uitkom, het dit geskyn of hy die lewe uit sy slagoffer wou skeur. Toe het die seun stil gelê, skynbaar leweloos. Die skare het gefluister, "Hy is dood." Maar Jesus het hom aan die hand geneem, hom opgerig, en aan sy vader gegee, heeltemal gesond in verstand en liggaam. Vader en seun het die Naam van hulle Verlosser geloof. Die skare "was verslae oor die majesteit van God," terwyl die skrifgeleerdes, verslaan en bek-af, weggesluip het.

"As U iets kan doen, help ons en ontferm U oor ons." Hoe baie met sonde belaste siele het al daardie gebed gebid. En aan almal, sê die ontfermende Heiland, "As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." Dit is geloof wat ons met die hemel verbind

en krag bring sodat ons kan staan teen die magte van die duisternis. In Christus is voorsiening gemaak vir die onderdrukking van elke sondige neiging, en om elke versoeking te weerstaan, hoe sterk dit ook al mag wees. Maar vele voel dat hulle nie geloof het nie, en daarom kom hulle nie na Christus toe nie. Laat hierdie siele in hulle hulpelose onwaardigheid hulle op die genade van hulle ontfermende Heiland werp. Moenie na uself kyk nie, maar na Christus. Hy wat die siekes genees, en duiwels uitgewerp het toe Hy onder die mense gewandel het, is vandag nog dieselfde magtige Verlosser. Die geloof kom deur die Woord van God. Neem Sy belofte aan, “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.” Joh. 6: 37. Werp uself aan Sy voete neer met die smeekbede, “Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp.” U kan nooit vergaan as u dit doen nie —- nee, nooit nie.

In daardie kort tydjie het die begunstigde dissipels die uiterstes van heerlikheid en van vernedering gesien. Hulle het die mens gesien soos verander in die beeld van God, en soos verlaag tot die beeid van die Satan. Van die berg waar Hy in gesprek was met die hemelse bood- skappers, en aangekondig is as die Seun van God deur die stem uit die heerlikheid, het hulle Jesus gesien afdaal om die mees weersin- wekkende skouspel te sien, die maansieke seun, met verwronge gesig, knersende tande, en in stuiptrekkings waaruit geen menslike mag hom kon verlos nie. En hierdie magtige Verlosser, wat slegs ’n paar uur tevore voor Sy verbaasde dissipels verheerlik is, buig nou neer om die slagoffer van die Satan op te rig van die grond waar hy gelê het, gesond in verstand en liggaam, om hom aan sy vader en sy huis terug te gee. [439]

Dit was ’n aanskoulike les van die verlossing — die goddelike Een wat gekom het van die Vader se heerlikheid, neerbuigende om die verlorene te red. Dit was ook ’n voorstelling van die sending van die dissipels. Nie net daar op die top van die berg, in tye van geestelike verligting, moet die diensknegte van Christus dien nie. [440]
Daar is werk vir hulle om te doen ook onder in die vlaktes. Siele wat in die mag van die Satan is, wag op die woord van geloof en gebed om hulle vry te maak.

Die nege dissipels het nog steeds gepeins oor die bittere feit van hulle onmag; en toe hulle weereens by Jesus alleen was, het hulle Hom gevra: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?” Jesus het hulle geantwoord, “Deur julle ongeloof; want voorwaar Ek sê vir julle,

as julle geloof het soos ’n mosterdsaad, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie. Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.” Hulle ongeloof wat hulle weggehou het van daardie dieper gemeenskap met Christus, en die onverskillig- heid waarmee hulle die heilige werk opgeneem het wat aan hulle gegee is — dit was die oorsaak van hulle onmag in die stryd met die magte van die duisternis.

Die woorde van Christus wat verwys het na Sy dood, het droef- heid en twyfel veroorsaak. En die keuse van die drie dissipels om saam met Jesus op die berg te gaan, het jaloesie onder die nege laat ontstaan. Pleks van hulle geloof te versterk deur vas en gebed en bepeinsing van die woorde van Christus, het hulle gedink aan hulle teleurstelling en hulle persoonlike griewe. In daardie toestand van duisternis het hulle die stryd met die Satan aangeknoop.

Om die oorwinning te behaal in so ’n stryd sal hulle in ’n ander gees te werk moet gaan. Hulle geloof moet versterk word deur vurige gebed en vas en verootmoediging. Hulle moet ontledig wees van selfsug, en vervul wees met die Gees en krag van God. Ernstige volharding in geloof en smeking tot God — geloof wat volkome vertrou op God, en ’n algehele toewyding aan Sy werk — dit alleen sal die hulp van die Heilige Gees aan mense bring in hulle stryd teen ower- hede en magte en werkers van die duisternis van hierdie eeu, en teen bose magte in die lug.

“As julle geloof het soos ’n mosterdsaad,” het Jesus gesê, “sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan.” Hoewel die mosterdsaad so klein is, het dit nogtans daardie misterieuse groeikrag wat dit laat ontwikkel tot ’n groot boom. Wanneer die mosterdsaad in die grond kom, maak die kiem
[441] gebruik van al die elemente wat God daargestel het vir sy voeding, en dit groei vinnig. As lí geloof soos ’n mosterdsaad het, sal u Gods Woord aanneem en gebruik maak van al die hulpmiddels wat Hy voorsien het. So sal u geloof sterk word en aan u die hulp van die mag van die hemel bring. Die struikelblokke wat die Satan in u weg lê, al lyk hulle ook so onoorkomelik soos die ewige berge, sal
[442] verdwyn voor sulke geloof. “Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”

# Wie is die Grootste?

TERUG in Kapernaum, het Jesus nie na die welbekende plekke gegaan waar Hy die mense geleer het nie, maar met Sy dissipels het Hy die huis opgesoek wat Sy tydelike tuiste sou wees. Vir die orige tyd van Sy verblyf in Galilea was dit Sy doel om die dissipels te onderrig liewer as om vir die skares te werk.

Op die reis deur Galilea het Christus weer geprobeer om die harte van die dissipels voor te berei vir wat Hy moes deurmaak. Hy het hulle meegedeel dat Hy na Jerusalem sou gaan, dat Hy daar gedood sou word, en weer sou opstaan. Maar Hy het die verdere vreemde mededeling gedoen dat Hy verraai sou word in die hande van Sy vyande. Selfs nou nog het die dissipels nie Sy woorde verstaan nie. Alhoewel die skaduwee van 'n groot droefheid op hulle geval het, was daar 'n gees van wedywering in hulle harte. Hulle het onder mekaar getwis oor wie die grootste sou wees in die koninkryk. Hulle het gemeen om hierdie stryd vir Jesus te verberg, en hulle het nie, soos gewoonlik, dig aan Sy sy gekom nie, maar 'n hele ent agter Hom geslenter, sodat Hy voor was toe hulle Kapernaum binnegaan. Jesus het hulle gedagtes gelees, en Hy het verlang om hulle raad te gee, en te onderrig. Maar Hy het gewag vir 'n stille uur wanneer hulle harte oop sou wees om Sy woorde te ontvang. [443]

Kort ná hulle die dorp binnegegaan het, het die insamelaar van die tempelbelasting na Petrus gekom met die vraag, "Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?" Dit was nie 'n regerings-belasting nie, maar 'n godsdienstige heffing wat jaarliks geskied het en wat elke Jood moes betaal vir die onderhoud van die tempel. Weiering om die belasting te betaal, is beskou as ontrouheid aan die tempel —'n baie groot sonde in die oë van die rabbi's. Die Heiland se houding teenoor die rabbynse wette, en Sy onomwonde bestraffing van die wat tradisie verdedig het, het hulle die kans gegee vir die beskuldiging dat Hy die tempeldiens wou omvergooi. Nou het Sy vyande gemeen dat hulle 'n geleentheid het om Hom in onguns

te bring. In die insamelaar van die belasting het hulle 'n gewillige helper gevind.

In die vraag van die insamelaar het Petrus gemeen dat daar geskimp is op Christus se trou aan die tempel. Ywerig om sy Meester se eer te verdedig, het hy dadelik geantwoord, sonder om Hom te raadpleeg, dat Jesus die belasting sou betaal.

Maar Petrus het slegs gedeeltelik die doel van die vraer begryp. Daar was sommige klasse wat vrystelling geniet het wat belasting-betaling betref. In die tyd van Moses, toe die Leviete afgesonder is vir diens in die heiligdom, het hulle nie 'n erfdeel ontvang saam met die ander nie. Die Here het gesê, "Daarom het Levi geen deel of erfenis saam met sy broers nie; die Here is sy erfdeel." Deut. 10: 9. In die tyd van Christus is die priesters en Leviete nog beskou as mense wie se diens spesiaal aan die tempel gewy is, en van hulle is die jaarlikse belasting vir die onderhoud daarvan nie ingevorder nie. Ook profete het vrystelling van hierdie belasting geniet. Deur die belasting van Jesus te verg, het die rabbi's Sy aanspraak as profeet of leraar ontken, en Hom behandel as 'n gewone persoon. As Hy sou weier om die belasting te betaal, sou hulle aangevoer het dat dit ontrou aan die tempel was; terwyl, aan die anderkant, sou die betaling daarvan beskou word as regverdiging van hulle verwerping van Hom as profeet.

Net 'n rukkie tevore het Petrus Jesus erken as die Seun van God; maar nou het hy die geleentheid laat verbygaan om die karakter van sy Meester te bevestig. Deur sy antwoord aan die insamelaar, naamlik dat Jesus die belasting sou betaal, het hy feitelik die valse
[444] opvatting bevestig wat deur die priesters en owerstes verkondig is.

Toe Petrus die huis binnekom, het die Heiland niks gesê van wat gebeur het nie, maar gevra, "Wat dink jy, Simon? Van wie neem die konings van die aarde tol of belasting — van hulle seuns, of van vreemdelinge?" Petrus antwoord Hom, "Van die vreemdelinge." En toe sê Jesus, "Dan is die seuns vry." Terwyl die volk van 'n land belas word vir die onderhoud van hulle koning, word die koning se eie kinders vrygestel. So is daar van Israel, wat bely het om Gods volk te wees, verwag om Sy diens te onderhou; maar Jesus, die Seun van God, het nie onder verpligting gestaan om die belasting te betaal nie. As die priesters en Leviete vrystelling geniet het omrede hulle

diens in die tempel, hoeveel te meer Hy vir wie die tempel Sy Vader se huis was.

As Jesus die belasting sonder protes betaal het, sou Hy feitelik die bewering bevestig, en dus Sy godheid verloën het. Maar alhoewel Hy dit goedgedink het om die belasting te betaal, het Hy die grond verwerp waarop die eis gemaak is. In die voorsiening van die belastinggeld het Hy bewys gegee van Sy goddelike karakter. Dit is duidelik gestel dat Hy een met God is, en daarom nie belasbaar as ’n gewone onderdaan van die koninkryk nie.

“Gaan na die meer toe,” het Hy Petrus beveel, “gooi ’n hoek uit en neem die eerste vis wat opkom; en as jy sy bek oopmaak, sal jy ’n stater kry; neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

Alhoewel Hy Sy godheid in menslike vlees geklee het, het hierdie wonderwerk Sy heerlikheid geopenbaar. Dit was duidelik dat dit Hy was wat deur Dawid gesê het, “Die wilde diere van die bos is myne, die vee op duisend berge. Ek ken al die voëls van die berge, en die diere van die veld is by My. As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.” Ps. 50: 10-12.

Terwyl Jesus duidelik laat verstaan het dat Hy onder geen verpligting was om die belasting te betaal nie, het Hy nie met die Jode ’n stryd aangeknoop oor die saak nie, want hulle sou in elk geval Sy woorde verdraai en dit teen Hom gebruik het. Om nie aanstoot te gee deur nie belasting te betaal nie, het Hy gedoen wat Hy nie verplig was om te doen nie. Hierdie les sou van groot waarde wees vir Sy dissipels. Groot veranderings sou binnekort plaasvind wat hulle verhouding tot die tempeldiens sou raak, en Christus het hulle geleer om hulleself nie onnodig in stryd te bring met die gevestigde gods diens nie. Sover moontlik moes hulle geen aanleiding gee vir ’n [445]
verkeerde voorstelling van hulle geloof nie. Hoewel Christene geen beginsel van waarheid moet opoffer nie, moet hulle indien moontlik, altyd stryery vermy.

Toe Christus en Sy dissipels alleen in die huis was, en onderwyl Petrus na die meer is, het Jesus die ander tot Hom geroep en gevra, “Wat het julle op die pad met mekaar geredeneer?” Die teenwoordigheid van Jesus, en Sy vraag, het die saak in ’n heeltemal ander lig gestel as waarin hulle dit gesien het toe hulle op pad gestry het. Skaamte en selfveroordeling het hulle laat stilbly. Jesus het hulle

vertel dat Hy sou sterf vir hulle ontwil, en hulle selfsugtige strewe was pynlik in vergelyking met Sy onselfsugtige liefde.

Toe Jesus hulle vertel het dat Hy doodgemaak sou word, en die derde dag weer sou opstaan, wou Hy hulle tot ’n bespreking uitlok in verband met die groot beproewing van hulle geloof. As hulle gereed was om te ontvang wat Hy graag aan hulle wou meedeel, dan sou hulle baie bittere angs en wanhoop bespaar gewees het. Sy woorde sou vir hulle ’n troos gewees het in die uur van verlies en teleurstelling. Maar ondanks die feit dat Hy so reguit gepraat het oor wat Hom gewag het, het Sy mededeling dat Hy eerlank na Jerusalem moet gaan, weer die hoop in hulle laat ontbrand dat Hy op die punt gestaan het om die koninkryk op te rig. Dit het hulle beweeg om te redeneer oor wie die hoogste poste sou beklee. Toe Petrus van die see af terug was, het die dissipels hom vertel van die Heiland se vraag, en eindelik het een dit gewaag om aan Jesus te vra, “Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele?”

Die Heiland het Sy dissipels rondom Hom vergader en aan hulle gesê, “As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.” Hierdie woorde is met ’n krag en erns gespreek wat die dissipels glad nie begryp het nie. Wat Christus gesien het, kon hulle nie sien nie. Hulle het nie die aard van Christus se koninkryk verstaan nie, en dit was hierdie onkunde wat die stryd onder hulle laat ontstaan het. Maar die ware oorsaak het nog dieper geskuil. Deur die aard van Sy koninkryk te verduidelik, kon Christus miskien die twis vir ’n tyd gestil het, maar dan sou Hy nie die grondoorsaak geopenbaar het nie. Selfs nadat hulle die volledigste kennis
[446] gehad het, sou enige bespreking van voorrang die moeilikheid

Terwyl Lucifer hom graag met God wou gelykstel, het Christus, die Verhoogde Een, “Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en in die gelykenis van mense te kom; en in gedaante gevind as ’n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja die dood van die kruis.” Filip. 2: 7, 8. Nou was die kruis net voor Hom; en Sy eie dissipels was só vol selfsug — die grondbeginsel van die koninkryk van die Satan — dat hulle nie met hulle Here kon meevoel, of Hom verstaan waar Hy gepraat het van Sy vernedering vir hulle nie.

Tederlik, maar met groot erns, het Jesus geprobeer om die euwel uit te roei. Hy het gewys op die beginsel wat die botoon voer in

die koninkryk van die hemel, en waarin ware grootheid bestaan volgens die maatstaf van die howe daarbo. Diegene wat besiel is met hoogmoed en selfverheffing dink net aan hulleself en die loon wat hulle sal ontvang, liewer as aan hoe hulle die gawes aan God kan terüggee wat hulle ontvang het. Daar sal vir hulle geen plek in die koninkryk van die hemel wees nie, want hulle staan in die geledere [447] van die Satan.

Nederigheid kom voor verering. Om 'n hoë plek voor mense te vul, soek die Hemel die werker wat, soos Johannes die Doper, 'n nederige plek voor God inneem. Die dissipel wat die kinderlikste is, is die beste werker vir God. Die hemelse wesens kan saamwerk met die een wat soek, nie om homself te verhef nie, maar om siele te red. Die een wat sy behoefte aan goddelike hulp die diepste voel, sal daarom smeek; en die Heilige Gees sal aan hom 'n blik op Jesus gee wat sy siel sal versterk en verhef. Van gemeenskap met Christus sal hy uitgaan om te werk vir diegene wat vergaan in hulle sondes. Hy is gesalf vir sy werk, en hy sal slaag waar baie ander wat geleerd en intellektueel is, sal faal.

Maar wanneer mense hulleself verhef en voel dat hulle absoluut nodig is vir die sukses van Gods groot plan, sal die Here hulle op- sy skuif. Dit is duidelik dat die Here nie van hulle afhanklik is nie. Die werk staan nie stil omdat hulle daarvan verwyder is nie, maar dit gaan voort met groter krag.

Dit was nie genoeg vir die dissipels van Jesus om op hoogte te wees met die aard van Sy koninkryk nie; wat hulle nodig gehad het, was 'n verandering van hart wat hulle in ooreenstemming sou bring met die beginsels daarvan. Jesus het 'n klein kindjie na Hom toe geroep en hom daar onder hulle geplaas; toe het Hy tederlik Sy arms om die kindjie geslaan en gesê, "As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie." Die eenvoudigheid, die onbaatsugtigheid, en die ver- trouende liefde van 'n kind — dit is die eienskappe wat die hemel waardeer. Dit is die eienskappe van ware grootheid.

Weer het Jesus aan die dissipels verduidelik dat die kenmerke van Sy koninkryk nie aardse eer en vertoon was nie. Aan die voete van Jesus word al daardie dinge vergeet. Die rykes en die armes, die geleerdes en onkundiges, kom daar saam sonder om te dink aan rang

en stand. Almal ontmoet as siele wat deur bloed gekoop is, en almal is afhanklik van die Een wat hulle vir God vrygekoop het.

'n Opregte, boetvaardige siel, is kosbaar in die oë van God. Hy plaas Sy seël op mense, nie volgens hulle rang of rykdom of intel- lek- tuele grootheid nie, maar volgens hulle eenheid met Christus. [448] Die Here van heerlikheid is tevrede met diegene wat sagmoedig en nederig van hart is. "Ook het U my die skild van U uitredding gegee," het Dawid gesê, "en U neerbuigende goedheid het my groot gemaak." Ps. 18: 36.

"Elkeen wat een van sulke kindertjies ontvang in My Naam," het Jesus gesê, "ontvang My. En elkeen wat My ontvang, ontvang nie My nie, maar Hom wat My gestuur het." "So sê die Here: Die hemel is My troon en die aarde die voetbank van My voete. . . . Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord." Jes. 66: 1, 2.

Die Heiland se woorde het by die dissipels 'n gevoel van self-verfoeiing laat ontstaan. In Sy woorde het Jesus nie spesiaal op enig-een van hulle gewys nie, maar Johannes wou weet of sy handelwyse in een sekere geval reg was. In die gees van 'n kind het hy die saak voor Jesus gelê, en gesê: "Meester, ons het iemand gesien wat in U Naam duiwels uitdryf en wat ons nie volg nie; en ons het hom belet, omdat hy ons nie volg nie."

Jakobus en Johannes het gemeen dat hulle deur hierdie man teë te gaan die eer van hulle Meester beskerm het; nou het hulle begin sien dat hulle hulle eie eer wou beskerm. Hulle het hulle fout inge-sien, en die bestraffing van Jesus aangeneem, "Moet hom nie belet nie, want daar is niemand wat 'n krag in My Naam sal doen en gou van My sal kan kwaadpraat nie." Niemand wat homself enigsins vriendelik teenoor Jesus betoon, moet belet word nie. Daar was baie wat diep getref is deur die karakter en die werk van Christus, en wie se harte in die geloof vir Hom oopgegaan het; en die dissipels wat nie hulle motiewe kon lees nie, moes versigtig wees om nie sulke siele te ontmoedig nie. Wanneer Jesus nie langer meer persoonlik by hulle sou wees nie, en die werk in hulle hande gelaat is, moes hulle nie toegee aan 'n enge,eksklusiewe gees nie, maar hulle moes dieselfde verreikende simpatie betoon wat hulle by hulle Meester gesien het.

As iemand nie in alles handel volgens ons eie persoonlike idees en opinies nie, sal dit ons nie regverdig om hom te belet om vir God te werk nie. Christus is die groot Leermeester; ons moet nie oordeel of beveel nie, maar in nederigheid moet elkeen aan die voete van Jesus sit, en van Hom leer. Elke siel wat God gewillig maak, is 'n kanaal deur wie Christus Sy vergewende liefde sal openbaar. Hoe versigtig moet ons wees dat ons nie een van Gods ligdraers [449] ontmoedig nie en so die ligstrale wegkeer wat Hy op die wêreld wil laat skyn!

Onvriendclikheid of kilheid deur 'n dissipel teenoor iemand wat Christus na Hom toe wil trek—'n daad soos dié waar Johannes iemand verbied het om wonders te doen in die Naam van Jesus — mag ten gevolg hê dat daardie persoon se voete in die pad van die vyand gerig word, en dus veroorsaak dat 'n siel verlore gaan. Liewer as om dit te doen, het Jesus gesê, is dit "vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see." Verder het Hy gesê: "As jou hand jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur. . . . En as jou voet jou laat struikel, kap dit af. Dit is beter vir jou om kreupel die lewe in te gaan, as om twee voete te hê en in die hel gewerp te word." Markus 9: 43-45.

Hoekom het die Here hierdie sterk taal gebruik? Omdat die Seun van die mens gekom het "om te soek en te red wat verlore was." Sal Sy dissipels dan minder besorgdheid vir die siele van hulle medemense openbaar as die Majesteit van die hemel getoon het? Elke siel het 'n onberekenbare prys gekos, en hoe vreeslik is die sonde om één siel van Christus te laat wegdraai sodat die Heiland se liefde en vernedering en lyde vir hom tevergeefs was!

"Wee die wêreld weens die struikelblokke. Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom." Matt. 18: 7. Die wêreld, ge- inspireer deur die Satan, sal sekerlik die navolgers van Christus be- kamp, en trag om hulle geloof te vernietig; maar wee hom wat Christus se Naam bely en tog daardie werk doen. Ons Here word gesmaad deur diegene wat voorgee dat hulle Hom dien, maar wat Sy karakter verkeerd voorstel sodat menigtes bedrieg en op valse weë gelei word.

Enige gewoonte, of gebruik wat tot sonde sal lei en Christus oneer sal aandoen, moet versaak word al kos dit ook wat. Enigiets wat God oneer aandoen, kan nooit goed wees vir die siel nie. Die seën van die hemel kan nie rus op die persoon wat die ewige beginsels van reg oortree nie. Net een sonde in die hart gekoester, is genoeg om die karakter te verlaag en ander te mislei. As die voet of die hand afgekap, of 'n oog uitgepluk moet word om die liggaam van die
[450] dood te red, hoe absoluut noodsaaklik is dit dan nie om die sonde te versaak wat die siel kan dood nie!

In die rituele dienste is elke offerande gesout. Dit, soos die reukoffer, het getuig dat alleen die geregtigheid van Christus die offerande aanneemlik vir God kon maak. Verwysende na hierdie gebruik, het Jesus gesê, "Elke offerande sal met sout gesout word." "Julle moet sout in julle hê en met mekaar vrede hou." Almal wat hulleself as 'n "lewendige, heilige en aan God welgevallige offer" (Rom. 12: 1) wil stel, moet die reddende sout ontvang, die geregtigheid van ons Heiland. Dan word hulle "die sout van die aarde," wat bose mense in toom hou, net soos sout bederf voorkom. (Matt. 5: 13.) Maar as die sout smaakloos geword het, as daar slegs 'n skyn-godsaligheid is, sonder die liefde van Christus, is daar geen krag ten goede nie. Die lewe sal dan geen reddende invloed in die wêreld hê nie. Julie energie en bruikbaarheid om My koninkryk op te bou, sê Jesus, is afhanklik van die ontvangs van My Gees. Julle moet deelgenote van My genade wees as julle 'n reuk van die lewe tot die lewe wil wees. Dan sal daar geen wedywering, geen selfsug, en geen begeerte vir die hoogste plek wees nie. Julie sal daardie liefde hê wat nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.

Laat die boetvaardige sondaar sy oë vestig op "die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem" (Joh. 1: 29), en deur aan- skouing sal hy verander word. Sy vrees sal in vreugde verander, en sy twyfel in hoop. Daar sal dankbaarheid wees. Die hart van klip is verbreek, 'n Vloedgolf van liefde oorstroom die siel. Christus is in hom 'n fontein van lewende water wat uitvloei tot die ewige lewe. Wanneer ons Jesus, die Man van Smarte en bekend met droefheid, sien werk om die wat verlore is, te red, terwyl Hy verag, gesmaad, en van stad tot stad gedryf word totdat Sy werk klaar is; wanneer ons Hom sien in Getsemane, swetende groot druppels bloed, en in angs ster- wende aan die kruis — wanneer ons dit sien, sal die eie-ek nie

langer smag na die eerste plek nie. Siende op Jesus, sal ons skaam wees oor ons koudheid, ons. lusteloosheid, en ons selfsug. Ons sal gewillig wees om enigiets of niks te wees nie, sodat ons hartediens vir die Meester kan doen. Ons sal die kruis van Jesus met blydskap dra, en ons sal beproewing, smaad, of vervolging verduur vir Sy ontwil. [451]

"En op ons wat sterk is, rus die verpligting om die swakhede te dra van die wat nie sterk is nie, en nie onsself te behaag nie." Rom. 15:1. Geen siel wat in Christus glo, al is sy geloof swak, en wankel sy voetstappe soos die van 'n kindjie, moet gering geskat word nie. Deur alles wat ons die voorsprong gee oor ander, of dit opvoeding, verfyndheid, edelheid van karakter, Christelike onderrig, of geestelike ervaring is, word ons skuldenaars gemaak van diegene wat minder bevoorreg is; en, sover dit in ons mag is, moet ons hulle dien. As ons sterk is, moet ons die hande sterk van die swakkes. Engele van heerlikheid, wat altyd die aangesig van die Vader aanskou in die hemel, skep behae in diens vir Sy kleintjies. Swak siele wat miskien baie siegte karaktertrekke het, is hulle spesiale verantwoordelikheid. Die engele is altyd teenwoordig, wanneer hulle die meeste nodig is, by diegene wat die swaarste stryd teen die eie-ek moet voer, en wie se omstandighede baie ontmoedigend is. In hierdie diens moet die ware navolgers van Christus saamwerk.

As een van hierdie kleintjies oorweldig sou word, en u sou verontreg, dan is dit u werk om hom te herstel. Moenie vir hom wag om die eerste poging tot versoening te maak nie. "Wat dink julle?" het Jesus gevra, "As iemand honderd skape het en een van hulle verdwaal, sal hy nie die nege-en-negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie? En as hy hom kry, voorwaar Ek sê vir julle dat hy blyer is oor hom as oor die negen-en-negentig wat nie verdwaal het nie. So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemel is, dat een van hierdie kleintjies verlore gaan nie."

Met 'n gesindheid van sagmoedigheid, "terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie" (Gal. 6: 1), moet jy gaan na die een wat gesondig het en "bestraf hom tussen jou en hom alleen." Moet hom nie openlik in die skande steek deur sy foute voor ander openbaar te maak nie, en moet ook nie Christus onteer deur die sonde of fout openbaar te maak van iemand wat Sy Naam dra nie. Dikwels moet ons reguit praat met die een wat verkeerd handel; hy

moet beweeg word om sy fout te sien, sodat hy kan verbeter. Maar ons moet nie oordeel en veroordeel nie. Moenie probeer om uself te regverdig nie. Laat al jou pogings wees om hom reg te help. In die behandeling van die wonde van die siel moet daar baie saggies gewerk word. Alleen die liefde wat vloei van die Lydende Een van
[452] Golgota, sal hier help. Met ontfermende tederheid, moet broeder met broeder praat, wetende dat as u slaag u "n siel uit die dood sal red en 'n menigte van sondes sal bedek." Jakobus 5: 20.

Maar selfs hierdie pogings mag vrugteloos wees. In so 'n geval het Jesus gesê, "Neem nog een of twee met jou saam." Dit kan wees dat hulle gesamentlike invloed die deurslag sal gee. Omdat hulle nie in die saak betrokke is nie, is die moontlikheid groter dat hulle on- partydig sal optree, en hierdie feit sal hulle woorde groter gewig gee by die een wat verkeerd handel.

As hy ook nie na hulle wil luister nie, dan eers, moet die saak voor die hele gemeente gebring word. Laat die lede van die kerk as verteenwoordigers van Christus in liefde saam bid dat die oortreder herstel mag word. Die Heilige Gees sal deur Sy diensknegte spreek, en met die afgedwaalde pleit om hom tot God te bekeer. Die apostel Paulus het onder ingewing gesê, "Ons tree dan op as gesante . . . asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus ontwil: Laat julle met God versoen." 2 Kor. 5:20. Die een wat die gesamentlike poging van die gemeente verwerp, verbreek die bande wat hom met Christus verbind, en so sny hy homself af van kerklike gemeenskap. "Laat hom vir jou wees," het Jesus gesê, "soos die heiden en die tollenaar." Maar hy moet nie beskou word as iemand wat afgesny is van die genade van God nie. Hy moet nie verag of verwaarloos word deur sy vorige broeders nie, maar hy moet met tederheid en ontferming behandel word as een van die verdwaalde skape waarna Christus soek om in Sy kraal terug te bring.

Christus se leer in verband met die behandeling van diegene wat oortree, stem ooreen met die voorskrifte van Moses aan Israel: "Jy mag jou broer in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berisp, sodat jy om sy ontwil geen sonde op jou laai nie." Lev. 19: 17. Dit beteken dat as iemand die plig versuim wat Christus opgelê het, hy 'n deelgenoot word in die sonde, want sondes wat ons kon belet, maak ons net so skuldig asof ons self die daad gedoen het.

Maar ons moet die verkeerde daad onder die oë van die oortreder self bring. Ons moet dit nie onder mekaar bespreek of kritiseer nie; en selfs nadat dit voor die gemeente gebring is, staan dit ons nie vry om dit aan ander te gaan vertel nie. 'n Kennis van die foute van Christene sal net 'n struikelblok wees vir die ongelowige wêreld; en deur gedurig van daardie dinge te praat, sal ons onsself skade [453] aandoen, want dit is deur aanskouing dat ons verander word. Terwyl ons trag om 'n broeder sy foute te laat insien, sal die Gees van Christus ons lei om hom sover moontlik te beskerm teen kritiek van selfs sy broeders, en hoeveel te meer nie teen die veroordeling van 'n ongelowige wêreld nie. Ons self is vol foute, en het Christus se ontferming en vergifnis nodig; en soos ons wil hê dat Hy met ons moet handel, so beveel Hy ons om mekaar te behandel.

"Alles wat julle bind op die aarde, sal gebonde wees in die hemel; en alles wat julle ontbind op die aarde, sal ontbonde wees in die hemel." Julie moet optree as gesante van die hemel, en die gevolge van julle werk is vir die ewigheid.

Maar hierdie groot verantwoordelikheid moet ons nie alleen dra nie. Waar Sy Woord met 'n opregte hart gehoorsaam word, daar woon Christus. Nie alleen is Hy teenwoordig in die byeenkomste van die kerk nie, maar waar Sy dissipels ook in Sy Naam vergader, hoe klein hulle getal ook mag wees, daar sal Hy ook wees. En Hy sê, "As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, sal dit hulle te beurt val van My Vader wat in die hemele is."

Jesus sê, "My Vader wat in die hemele is," om Sy dissipels daaraan te herinner dat Hy, terwyl Hy deur Sy mensheid met hulle verbind is, 'n deelgenoot is in hulle beproewings, en medelyde met hulle het in hulle lyding, ook deur Sy godheid verbind is met die troon van die Almagtige. Wonderbare versekering! Die hemelse wesens staan saam met mense in hulle medelyde en arbeid vir dié wat verlore is. En al die mag van die hemel werk saam met menslike pogings om siele tot Christus te trek. [454]

## By die Huttefees

VAN die Jode is verwag dat hulle driemaal per jaar in Jerusalem moes vergader vir godsdienstige doeleindes. Vanuit die wolk- kolom het Israel se onsigbare Leier voorskrifte gegee in verband met hierdie byeenkomste. Gedurende die ballingskap van die Jode, kon hulle hierdie feeste nie hou nie, maar toe die mense weer in hulle eie land terug was, het hulle begin om die gedenkfeeste te vier. Dit was Gods doel dat hierdie jaarfeeste Hom in die gedagtes van die mense moes hou. Maar met 'n paar uitsonderings, het die priesters en die volksleiers die doel daarvan heeltemal uit die oog verloor. Hy wat hierdie nasionale byeenkomste verorden en hulle betekenis verstaan het, het die verdraaiing gesien.

Die Huttefees was die slotfees van die jaar. Dit was Gods doel dat die volk dan sou dink aan Sy goedheid en genade. Die hele land was onder Sy sorg, en het Sy seën ontvang. Dag en nag het Hy Sy wakende oog oor hulle gehou. Die sonskyn en die reën het die aarde sy vrugte laat voortbring. In die valleie en op die vlaktes van Palestina was die oes ingesamel. Die olywe is gepluk, en die uitgeperste olie was in flesse. Die palmbome het hulle vrugte
[455] gelewer. Die pers-rooi druiwetrosse was reeds deur die parskuipe.

Die fees het vir sewe dae aangehou, en vir die viering daarvan het die inwoners van Palestina, saam met vele uit ander lande, hulle wonings verlaat en na Jerusalem gegaan. Van heinde en ver het die mense gekom, met die simbool van vreugde in hulle hande. Oud en jonk, ryk en arm, elkeen het die een of ander gawe gebring as dankoffer aan Hom wat die jaar gekroon het met Sy goedheid, en Sy voetspore laat drup van vettigheid. Alles wat die oog kon streel en hulle blydskap kon uitdruk, is gebring uit die bosse; en die stad het gelyk soos 'n pragtige woud.

Hierdie fees was nie alleen die oes-dankfees nie, maar ook die gedenkfees van Gods beskermende hand oor Israel in die woestyn. Ter herdenking aan hulle tentlewe, het die Israeliete in tente of hutte van groen takke gewoon. Hulle is in die strate opgerig, in die tem-

pelhowe, of op die dakke van huise. Die berge en valleie rondom Jerusalem was bedek met hierdie wonings van takke, en hulle het gewemel van die mense.

Met gewyde liedere en danksegging het die mense hierdie fees gevier. Net ’n kort rukkie vóór daardie fees begin het, het die Versoendag gekom, wanneer die volk, ná die belydenis van hulle sondes, in vrede met die Hemel verklaar is. So is die weg gebaan vir die vreugde van die fees. “Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid” (Ps. 106: 1) —dit het weer- galm bokant al die ander musiek uit, onder hosannas en samesang. Die tempel was die sentrum van hierdie volksvreugde. Daar kon die prag van die seremoniële offerandes gesien word. Opgestel aan beide kante van die marmertrappe van die gewyde gebou, het die Levitiese koor die sang gelei. Die skare aanbidders, met hulle palm- en mirtetakke, het saamgesing — veral die refrein; en dan het stemme in die verte meegedoen totdat die omliggende berge weergalm het van die lofliedere.

Snags is die tempel helder verlig met lampe. Die musiek, die geswaai van die palmtakke, die blye hosannas, die groot skare mense wat bestraal is met lig van die hanglampe, die rye priesters, die grootse seremonies, alles tesaam het ’n baie indrukwekkende toneel geskep. Maar die indrukwekkendste seremonie van die fees, en een wat groot blydskap uitgelok het, was die herdenking van hulle verblyf in die woestyn. By die eerste daglumier het die priesters [456]
lank geblaas op silwertrompette, en dan het ander trompette wat antwoord, en vreugdekrete uit die hutte, weergalm oor berg en dal, en so is die feesdag verwelkom. Daarna het die priester ’n kan vol water gemaak uit Kedron; hy het dit omhoog gehou, en onderwyl die trompette geblaas het, het hy dit die breë trappe van die tempel, op maat van die musiek, uitgedra terwyl hy gesingpraat het, “Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem.” Ps. 122: 2.

Hy het die kan water gedra na die altaar wat in ’n sentrale plek gestaan het in die hof van die priesters. Daar was twee silwerkomme, met ’n priester by elkeen. In een is ’n kan water gegooi, en in die ander ’n kan wyn; die inhoud van albei het dan met ’n pyp gevloei terug na die Kedron, en so na die Dooie See. Hierdie seremonie met die gewy- de water was ’n voorstelling van die fontein wat op bevel [457]
van God uit die rots gevloei het om die dors van die kinders van

Israel te les. Dan het die lied weergalm, "Die Here Here is my krag en my psalm. . . . Julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil." Jes. 12: 2, 3.

Toe die seuns van Josef begin klaarmaak het om na die Huttefees te gaan, het hulle gemerk dat Christus geen aanstaltes gemaak het om ook te gaan nie. Hulle het Hom bekommerd dopgehou. Sedert die genesing by Betesda het Hy geeneen van die nasionale byeenkomste byge- woon nie. Om onnodige stryd met die leiers te Jerusalem te vermy, het Hy Sy werk tot Galilea beperk. Sy skynbare verwaarlosing van die groot godsdienstige byeenkomste, en die vyandigheid teenoor Hom van die kant van die priesters en rabbi's, was iets wat diegene rondom Hom nie kon begryp nie — selfs Sy eie dissipels en Sy huisgenote kon dit nie verstaan nie. In Sy leer het Hy klem gelê op gehoorsaamheid aan die wet van God, en tog het dit geskyn asof Hy onverskillig gestaan het teenoor die goddelik-verordineerde dienste. Sy omgang met tollenaars en sondaars, Sy veronagsaming van die rabbynse instellings, en die vryheid waarmee Hy die tradisionele voorskrifte aangaande die Sabbat ter syde gestel het — dit alles het die skyn gegee dat Hy vyandig was teenoor die geestelike owerhede, en dit het baie vrae laat ontstaan. Sy broers het gedink dat Hy verkeerd gehandel het om vyande te maak van die grotes en geleerdes van die volk. Hulle het gevoel dat daardie manne reg moet wees, en dat Jesus verkeerd was deur vyandig te staan teenoor hulle. Maar hulle het Sy onberispelike lewe gesien, en alhoewel hulle hulleself nie beskou het as Sy dissipels nie, het Sy werke tog 'n diep indruk op hulle gemaak. Sy populariteit in Galilea het hulle trots laat voel; nogtans het hulle gehoop dat Hy bewys sou gee van Sy mag wat die Fariseërs sou oortuig dat Hy werklik is wat Hy gesê het. Sê nou hy is werklik die Messias, die Vors van Israel! Hierdie gedagte het hulle met trotse tevredenheid gekoester.

So besorgd was hulle hieroor dat hulle by Christus aangedring het om na Jerusalem te gaan. Hulle het gesê: "Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat U dissipels ook U werke kan sien wat U doen. Want niemand doen iets in die geheim, en soek tegelykertyd om in iedereen se mond te wees nie. As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld." Hierdie "as" was bewys van twyfel en ongeloof.
[458] Hulle het aan Hom lafhartigheid en swakheid toegedig. As Hy weet dat Hy die Messias is, waarom dan hierdie terughoudendheid en

gebrek aan optrede? As Hy regtig sulke mag het, waarom gaan Hy dan nie sonder vrees na Jerusalem en handhaaf Sy aansprake nie? Waarom doen Hy nie in Jerusalem die wonderwerke wat Hy volgens berigte in Galilea gedoen het nie? Moenie hier in die afgeleë provinsies skuil, het hulle gesê, en net jou magtige werke doen vir ongeleerde boere en vissers nie. Gaan toon Uself in die hoofstad, win die ondersteuning van die priesters en owerstes, en verenig die volk deur die stigting van die nuwe koninkryk.

Hierdie broers van Jesus het uit 'n selfsugtige motief geredeneer, iets wat so dikwels aangetref word in die hart van diegene wat graag vernaam wil wees. Hierdie gees is die gees wat in die wêreld heers. Hulle was kwaad omdat Jesus, pleks van na 'n aardse troon te streef, verklaar het dat Hy die brood van die lewe is. Hulle was diep teleurgestel toe so baie van Sy dissipels Hom verlaat het. Hulle self het van Hom weggegaan om die kruis te vermy wat erkenning van Sy werke geopenbaar het, naamlik dat Hy die Een is wat van God gestuur is.

"Toe sê Jesus vir hulle: My tyd is nog nie daar nie. Maar julle tyd is altyd daar. Die wêreld kan julle nie haat nie; maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is. Gaan julle op na hierdie fees. Ek gaan nog nie op na hierdie fees nie, omdat My tyd nog nie daar is nie. En toe Hy dit vir hulle gesê het, het Hy in Galilea gebly." Sy broers het Hom op 'n gebiedende toon aangespreek en die weg voorgeskryf wat Hy moes bewandel. Hy het hulle bestraffing teruggeslinger, en het hulle nie onder Sy selfopofferende dissipels geklassifiseer nie, maar by die wêreld. "Die wêreld kan julle nie haat nie," het Hy gesê, "maar My haat hy, omdat Ek van hom getuig dat sy werke boos is." Die wêreld haat nie diegene wat van dieselfde gees is as hy nie, maar het hulle lief soos sy eie.

Die wêreld was vir Christus nie 'n plek van gemak en selfverheer- liking nie. Hy het nie op 'n kans gesit en wag om die mag en heerlikheid daarvan te gryp nie. Dit het nie so 'n prys aan Hom voor- gehou nie. Dit was die plek waarheen Sy Vader Hom gestuur het. Hy is gegee as die lewe van die wêreld, om die groot verlossing te bewerkstellig. Hy was besig om Sy werk te doen vir die gevalle geslag, maar Hy moes nie vermetel wees,Homself in gevaar begoef [459]
en die krisis verhaas nie. Elke gebeurtenis in Sy werk het sy aangewese uur gehad. Hy moes geduldig wag. Hy het geweet dat Hy die haat van die wêreld sou moes verduur; Hy het geweet dat Sy werk

tot die dood sou lei; maar om Homself vóór die tyd in gevaar te stel was nie die wil van Sy Vader nie.

Van Jerusalem af het die gerugte van Christus se wonderwerke versprei tot alle plekke waar daar Jode was; en al was Hy vir baie maande reeds afwesig van die feeste, het die belangstelling in Hom nie afgeneem nie. Uit alle dele van die wêeld het baie opgekom vir die Huttefees in die hoop dat hulle Hom sou sien. Aan die begin van die fees is daar baie verneem na Hom. Die Fariseërs en owerstes het gekyk wanneer Hy dan kom, hopende dat hulle kans sou kry om Hom te veroordeel. Besorgd het hulle gevra, "Waar is Hy;" maar niemand het geweet nie. Hy was gedurig in hulle gedagtes. Uit vrees vir die priesters en owerstes het niemand dit gewaag om Hom te erken as die Messias nie, maar orals is Hy in die stilte ernstig
[460] bespreek. Vele het Hom verdedig as iemand wat van God gestuur is, terwyl ander Hom veroordeel het as 'n bedrieër van die volk.

In die tussentyd het Jesus stil in Jerusalem aangekom. Hy het met 'n pad gekom wat nie veel gebruik is nie om die reisigers te vermy wat uit alle oorde op weg was na die stad. As Hy by enige van die karavane sou aansluit wat na die fees gegaan het, sou die openbare aandag op Hom gevestig gewees het by Sy aankoms in die stad, en 'n volksdemonstrasie ten gunste van Hom sou die owerheid teen Hom laat optree het. Dit was om dit te vermy dat Hy verkies het om alleen te reis.

In die middel van die fees, toe die opgewondenheid oor Hom die hoogtepunt bereik het, het Hy die voorhof van die tempel binnegestap in die teenwoordigheid van die skare. Omdat Hy afwesig was van die fees, is daar gesê dat Hy dit nie kon waag om Homself in die mag van die priesters en owerstes te stel nie. Almal was verbaas toe hulle Hom sien. Almal het geswyg, en hulle was verbaas oor die waardigheid en moedigheid van Sy gedrag te midde van magtige vyande wat Sy dood verlang het.

Waar Hy daar gestaan het, met die oë van die hele skare op Hom gevestig, het Jesus hulle toegespreek soos geen mens nog ooit gedoen het nie. Sy woorde het 'n kennis getoon van die wette en instellings van Israel, van die offerstelsel, en die leer van die profete, wat die van die priesters en rabbi's ver oortref het. Hy het deur die ver- sperrings van formalisme en tradisie gebreek. Die tonele van die toekomstige lewe het Hy voor Hom gesien. Soos iemand wat

die Onsienlike sien, het Hy van die aardse en hemelse, en van die mens- like en goddelike met bepaalde gesag gepraat. Sy woorde was baie duidelik en oortuigend; en weer, soos by Kapernaum, was die mense verslae oor Sy leer, "want Sy woord was met gesag." Lukas 4: 32. Hy het verskillende beelde gebruik en die mense gewaarsku teen die ramp wat sou volg indien hulle die ander sou volg wat die seëninge verwerp wat Hy gebring het. Hy het hulle alle moontlike bewys ge- gee dat Hy van God gekom het, en Hy het alle pogings aangewend om hulle tot bekering te bring. Hy sou nie verwerp en vermoor word deur Sy eie volk as Hy hulle kon red van die skuld van so 'n daad nie.

Almal was verbaas oor Sy kennis van die wet en die profesieë, en hulle het onder mekaar gevra, "Hoe kom Hy aan die geleerdheid terwyl Hy geen onderwys ontvang het nie?" Niemand is as bevoeg [461] beskou om 'n geestelike leraar te wees tensy hy in die rabbynse skole gestudeer het nie, en beide Jesus en Johannes die Doper is as ongeleerd beskou omdat hulle nie daardie onderrig ontvang het nie. Diegene wat hulle gehoor het, was verbaas oor hulle kennis van die Skrifte, aan- gesien hulle "geen onderwys" ontvang het nie. Dis waar: van mense is hulle nie geleer nie, maar die God van die hemel was hulle Leraar, en van Hom het hulle die hoogste wysheid ontvang.

Terwyl Jesus daar in die voorhof van die tempel gespreek het, het Hy die mense geboei. En juis daardie manne wat die heftigste teen Hom gekant was, het gevoel dat hulle magteloos was om Hom kwaad aan te doen. Vir 'n tyd is alle ander belange vergeet.

Dag na dag het Hy die mense geleer tot op die laaste, "die groot dag van die fees." Op die more van daardie dag was die mense moeg en afgemat van die lang feestelikhede. Skielik het Jesus Sy stem verhef sodat Hy dwarsdeur die tempelhowe gehoor kon word:

"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê, strome van lewende water sal uit sy binneste vloei." Die toestand van die volk het hierdie oproep baie kragtig gemaak. Hulle was betrokke in onafgebroke feestelikhede, hulle oë was verblind deur die lig en kleure, en in hulle ore het die musiek weerklink; maar in al hierdie feestelikhede was daar niks wat in hulle geestelike behoeftes voorsien het nie, niks om die dors van die siel te les vir die dinge wat nie vergaan nie. Jesus het hulle

uitgenooi om te kom drink van die fontein van die lewe, van daardie water wat in hulle 'n fontein sou word wat opwel tot die ewige lewe.

Die priester het daardie more deur die seremonie die slaan van die rots in die woestyn herdenk. Daardie rots was 'n simbool van Hom wat deur Sy dood lewende strome van saligheid sou laat vloei na almal wat dors het. Christus se woorde was die water van die lewe. Daar in die teenwoordigheid van die vergaderde skare het hy Homself gestel om geslaan te word, sodat die water van die lewe kan vloei na die wêreld. Deur Christus te slaan, het die Satan gemeen om die Vors van die lewe te vernietig; maar uit die geslaande rots het daar lewende water gevloei. Toe Jesus so met die mense gepraat het, het daar 'n vreemde eerbied in hulle harte gekom, en baie was gereed om te sê, soos die Samaritaanse vrou, "Here, gee my daardie
[462] water, sodat ek nie dors kry . . . nie." Joh. 4: 15.

Jesus het die behoeftes van die siel geken. Prag, rykdom, en eer kan die hart nie bevredig nie. "As iemand dors het, laat hom na My toe kom." Die rykes, die armes, die aansienlikes, die eenvoudiges, almal is ewe welkom. Hy belowe om die belaste hart te verlig, om die treurendes te troos, en om hoop aan die neerslagtiges te gee. Baie van die wat Jesus gehoor het, het getreur oor beskaamde hoop, baie het 'n grief in die hart gekoester, en vele het gesoek om hulle rustelose verlangens te versadig met die dinge van die wêreld en die lof van mense; maar wanneer hulle dit alles verkry het, het hulle gevind dat hulle by "gebarste reënbakke" gekom het en nie hulle dors kon les nie. Daar, op die blye toneel, het hulle gestaan, ontevrede en droefgeestig. Daardie skielike geroep, "As iemand dors het," het hulle gewek uit hulle droefgeestige mymering, en die verdere woorde wat hulle gehoor het, het hulle harte met nuwe hoop vervul. Die Heilige Gees het die simbool voor hulle gestel totdat daarin die aanbod gesien is van die kosbare gawe van verlossing.

Die roepstem van Christus gaan nog steeds uit tot die dorstige siel, en dit tref ons met nog groter krag as dié wat dit gehoor het in die tempel op daardie laaste dag van die fees. Die fontein is oop vir almal. Diegene wat afgemat en uitgeput is, kry 'n aanbod van die verkwikkende water van die ewige lewe. Jesus roep vandag nog, "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!" "Laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet." "Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal

in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ’n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.” Openb. 22: 17; Joh. 4: 14. [463]

## Tussen Strikke

AL die tyd wat Jesus in Jerusalem by die fees was, is Hy deur spioene agtervolg. Dag na dag is nuwe planne gemaak om Hom die swye op te lê. Die priesters en owerstes was op die loer om Hom in 'n strik te lei. Hulle het planne gemaak om Hom deur geweld stil te maak. Maar dit was nie al nie. Hulle wou hierdie Galilese Rabbi voor die mense verneder.

Op Sy eerste dag van die fees het die owerstes na Hom toe gekom en gevra op wie se gesag Hy geleer het. Hulle wou die aandag van Hom aftrek, en dit vestig op die vraag van Sy reg om te leer, en sodoende ook op hulle eie belangrikheid en gesag. "My leer is nie Myne nie," het Jesus gesê, "maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek." Joh. 7: 16, 17. Jesus het hierdie vitters geantwoord, nie deur hulle besware te beantwoord nie, maar deur waarhede aan te raak wat lewensbelangrik is vir die saligheid van die siel. Die besef en waardering van waarheid, het Hy gesê, hang nie soseer van die verstand af as van die hart nie. Waarheid moet in die siel ontvang word; dit maak aanspraak op die hulde van die wil. As die waarheid deur die rede alleen getoets kon word, sou hoogmoed geen struikelblok in die weg van die aanname daarvan wees nie. Maar dit word aangeneem deur die werk van genade in
[464] die hart; en die aanname daarvan hang af van die versaking van elke sonde wat deur die Gees van God geopenbaar word. Die mens se geleent- hede om 'n kennis van die waarheid te verkry, hoe groot hulle ook al mag wees, sal hom niks baat tensy sy hart oop is om die waarheid te ontvang, en daar 'n doelbewuste versaking is van elke gewoonte en praktyk wat indruis teen die beginsels daarvan. Aan diegene wat hulle so oorgee aan God, en wat 'n opregte begeerte het om Sy wil te ken en te doen, word die waarheid geopenbaar as die krag van God tot hulle saligheid. Hulle sal in staat wees om te onderskei tussen dié wat vir God spreek en dié wat net uit hulleself spreek. Die Fariseërs het nie hulle wil aan die kant van Gods wil

gestel nie. Hulle het nie gesoek om die waarheid te ken nie, maar na ’n verskoning om dit te vermy; Christus het daarop gewys dat dit die rede was waarom hulle nie Sy leer verstaan het nie.

Nou het Hy ’n toets gegee waardeur die ware leraar onderskei kon word van die bedrieër: “Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van Hom wat Hom gestuur het, Hy is waar- agtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie.” Joh. 7: 18. Die een wat sy eie eer soek, spreek net uit homself. Die gees van self- verheerliking verraai sy bron. Maar Christus het die eer van God gesoek. Hy het die woorde van God gespreek. Dit was die bewys van Sy gesag as leraar van die waarheid.

Jesus het aan die rabbi’s bewys gegee van Sy godheid deur te toon dat Hy hulle harte kon lees. Sedert daardie genesing by Betesda was hulle besig met planne vir Sy dood. So het hulle self die wet oortree wat hulle kastig verdedig het. “Het Moses nie vir julle die wet gegee nie?” het Hy gevra, “en niemand van julle hou die wet nie. Waarom wil julle My doodmaak?”

Soos ’n flits het hierdie woorde aan die rabbi’s die put van verwoesting geopenbaar waarin hulle op die punt gestaan het om in te val. Vir ’n oomblik was hulle vreesbevange. Hulle het besef dat hulle in stryd was met die Almagtige. Maar hulle wou nie gewaarsku wees nie. Ten einde hulle invloed by die volk te handhaaf, moes hulle hulle moorddadige planne bedek. Hulle het die vraag van Jesus ontduik en uitgeroep, “U is van die duiwel besete; wie wil U doodmaak?” Hulle het geïnsinueer dat die wonderwerke van Jesus deur ’n bose gees ingegee is. [465]

Christus het Hom nie aan hierdie insinuasie gesteur nie. Hy het aangetoon dat Sy werk van genesing by Betesda nie ’n oortreding van die Sabbatsgebod was nie, en dat dit volgens hulle eie uitleg van die wet, geoorloof was. Hy het gesê: “Daarom het Moses julle die be- snydenis gegee . . . en op die Sabbat besny julle ’n mens.” Volgens daardie wet moes elke manlike kind op die agtste dag besny word. As daardie dag op ’n Sabbat geval het, is die besnydenis tog gedoen. Hoeveel te meer is dit nie in harmonie met die gees van die wet, het Jesus gevra, om ’n “mens op die Sabbat heeltemal gesond” te maak nie? En Hy het hulle gewaarsku, “Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel ’n regverdige oordeel.”

Die owerstes is die swye opgelê; en baie van die mense het uitgeroep, "Is dit nie Hy wat hulle soek om dood te maak nie? En kyk, Hy spreek openlik en hulle sê vir Hom niks nie! Sou die owerstes dan waarlik weet dat Hy werklik die Christus is?"

Baie van Christus se toehoorders wat in Jerusalem gewoon het, en wat geweet het van die planne van die owerstes teen Hom, het hulle deur 'n onweerstaanbare krag tot Hom aangetrokke gevoel. Die oor- tuiging het steeds sterker by hulle geword dat Hy die Seun van God was. Maar die Satan was klaar om twyfel aan te blaas; en die weg daarvoor is geopen deur hulle eie verkeerde idees aangaande die Messias en Sy koms. Daar is algemeen geglo dat Christus in Betlehem sou gebore word, maar dat Hy na 'n tyd sou verdwyn, en daarna weer sou kom, en niemand sou weet waarvandaan nie. Daar was baie wat geglo het dat die Messias geen natuurlike verwantskap met die mens sou hê nie. En omdat Jesus van Nasaret nie voldoen het aan die algemene opvatting van die heerlikheid van die Messias nie, het vele hulle laat verlei deur die gedagte, "Hierdie man — ons weet waarvandaan Hy is. Maar die Christus, wanneer Hy kom, weet niemand waar Hy vandaan is nie."

Terwyl hulle so gewankel het tussen twyfel en geloof, het Jesus, wat hulle gedagtes gelees het, gesê: "Julie ken My en julle weet ook waar Ek vandaan is; tog het Ek nie uit Myself gekom nie; maar Hy wat My gestuur het, is waaragtig, vir wie julle nie ken nie." Hulle het aanspraak daarop gemaak dat hulle geweet het vanwaar Christus sou kom, maar hulle het glad nie geweet nie. As hulle ooreenkomstig die wil van God geleef het, sou hulle Sy Seun geken het toe Hy aan
[466] hulle geopenbaar is.

Sy toehoorders kon nie anders as om Sy woorde te verstaan nie. Dit was 'n herhaling van wat Hy maande gelede voor die Sanhedrin gesê het, toe Hy verklaar het dat Hy die Seun van God is. Soos die owerstes toe geprobeer het om Sy lewe te neem, so het hulle nou ook probeer om die hande aan Hom te slaan, maar hulle is deur 'n onsigbare mag belet, wat hulle woede aan perke gestel en aan hulle gesê het: Tot sover sal julle gaan, maar nie verder nie.

Onder die mense was daar baie wat in Hom geglo het, en hulle het gevra: "Wanneer die Christus kom, sal Hy meer tekens doen as wat hierdie man gedoen het?" Die leiers van die Fariseërs wat met besorgdheid die beloop van sake gadegeslaan het, het die uitdrukking

van medelyde onder die skare gesien. Hulle is inderhaas weg na die owerpriesters om planne te maak vir Sy gevangeneming. Hulle het egter besluit om Hom te neem wanneer Hy alleen is, want hulle kon dit nie waag om Hom in die teenwoordigheid van die mense te arresteer nie. Weer het Jesus geopenbaar dat Hy hulle planne geken het. "Nog 'n klein tydjie is Ek by julle," het Hy gesê, "en Ek gaan na Hom wat My gestuur het. Julle sal My soek en nie kry nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie." Eerlank sou Hy 'n skuilplek vind waar hulle hoon en haat Hom nie sal kan raak nie. Hy sou na Sy Vader opvaar, waar Hy weer die Geliefde van die engele sal wees; en daarheen sou Sy moordenaars nooit kan gaan nie.

Smalend het die rabbi's gevra, "Waar wil Hy heengaan, dat ons Hom nie sal kry nie? Hy wil tog nie na die verstrooides onder die Grieke gaan en die Grieke leer nie?" Min het daardie vitters gedroom dat hulle in hulle spottery juis die sending van Christus geskilder het! Die hele dag lank het Hy Sy hande uitgestrek na 'n ongehoorsame, teësprekende volk; maar Hy sou gevind word deur diegene wat Hom nie gesoek het nie; en Hy sou verskyn aan die wat nie na Hom gevra het nie. (Rom. 10: 20, 21.)

Baie wat oortuig was dat Jesus die Seun van God was, is verlei deur die valse redenasies van die priesters en rabbi's. Hierdie leraars het met krag die profesieë aangaande die Messias beklemtoon dat Hy "sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem," en dat Hy "sal heers van see tot see en van die Rivier tot by die eindes van die aarde." Jes. 24: 23; Ps. 72: 8. Toe het hulle smadelike vergelykings gemaak tussen die heerlikheid daar beskryf en die nederige voorkoms van Jesus. Hulle het die woorde van die profesieë verdraai om [467] hulle dwaalleer te steun. As die mense in opregtheid die Skrifte vir hulleself ondersoek het, sou hulle nie mislei gewees het nie. Die een-en-sestigste hoofstuk van Jesaja getuig dat Christus juis die werk sou doen wat Hy wel gedoen het. Die drie-en-vyftigste hoofstuk beskryf Sy verwerping en lyde in hierdie wêreld, en hoofstuk nege-en-vyftig beskryf die karakter van die priesters en rabbi's.

God dwing mense nie om hulle ongeloof te versaak nie. Voor hulle is lig en duisternis, waarheid en dwaalleer; dit is vir hulle om te kies watter hulle wil aanneem. Die menslike verstand is geseën met die vermoë om te onderskei tussen goed en kwaad. God wil hê dat die mens volgens die gewig van die getuienis moet besluit, en nie

volgens gevoelens nie; hy moet skriftuur sorgvuldig met skriftuur vergelyk. As die Jode maar hulle vooroordeel wou prysgee en die geskrewe profesieë wou vergelyk met die feite wat Jesus se lewe gekenmerk het, sou hulle gesien het hoe die profesieë ooreenstem met die lewe en werk van die nederige Galileër.

Baie word vandag bedrieg net soos die Jode. Geestelike leiers lees die Bybel in die lig van hulle eie verstand en tradisies; en die mense ondersoek nie die Skrifte vir hulleself nie, en hulle oordeel nie self wat waarheid is nie, maar hulle laat hulle oordeel en hulle siele aan hulle leiers oor. Die leer en verkondiging van Sy Woord is een van die middels wat God daargestel het vir die verspreiding van lig; maar elke man se leer moet aan die Skrifte getoets word. Wie ook al die Bybel biddend studeer en graag die waarheid wil weet om dit te gehoorsaam, sal goddelike lig ontvang. Hy sal die Skrifte verstaan. "As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet of dit uit God is." Joh. 7: 17.

Op die laaste dag van die fees het die dienaars wat deur die priesters gestuur is om Jesus te arresteer, sonder Hom teruggekom. Die Fariseërs het woedend gevra: "Waarom het julle Hom nie gebring nie?" Met 'n ernstige gelaat het hulle geantwoord, "Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie man nie."

Hard soos hulle harte was, is hulle getref deur Sy woorde. Terwyl Hy in die voorhof van die tempel gespreek het, het hulle naby gestaan om moontlik iets te hoor wat hulle teen Hom kon gebruik. Maar onderwyl hulle geluister het, het hulle die doel waarvoor hulle
[468] gestuur was, skoon vergeet. Hulle het betowerd gestaan. Christus het Hom- self aan hulle siele geopenbaar. Hulle het gesien wat die priesters en owerstes nie wou sien nie, naamlik die mensheid, bestraal deur die heerlikheid van die godheid. Hulle het teruggekom, so onder die invloed van daardie gedagte, so onder die indruk van Sy woorde, dat hulle op die vraag: Waarom het julle Hom nie gebring nie? geantwoord het: Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie Man nie.

Die priesters en owerstes, toe hulle die eerste maal in die teenwoor- digheid van Christus gekom het, het dieselfde oortuiging gevoel. Hulle harte is diep getref, en die gedagte het ook by hulle opgekom, "Nooit het 'n mens gespreek soos hierdie Man nie." Maar hulle het hierdie oortuiging van die Heilige Gees gesmoor. Nou,

woedend dat ook die geregsdienaars beïnvloed is deur die gehate Galileër, het hulle uitgeroep: "Julle is tog nie ook mislei nie? Het iemand uit die owerstes in Hom geglo, of uit die Fariseërs ? Maar hierdie skare wat die wet nie ken nie, is vervloek!"

Diegene aan wie die waarheid verkondig word, vra selde, "Is dit waar?" maar eerder, "Deur wie word dit voorgestaan?" Menigtes skat dit volgens die getalle wat dit aanneem; en die vraag word nog gestel: "Het enige van die geleerde mense of geestelike leiers dit aangeneem?" Die mense is vandag nog net so min goedgesind teenoor ware godsaligheid as hulle was in die tyd van Christus. Hulle soek nog net so druk na aardsgewin, en verwaarloos die ewige rykdom; en dit is nie 'n argument teen die waarheid dat groot getalle nie gereed is om dit aan te neem nie, of dat dit nie deur die wêreld se grotes, of selfs die geestelike leiers aangeneem word nie.

Weer het die priesters en owerstes planne gemaak om Jesus te arresteer. Daar is aangevoer dat as Hy langer op vrye voet gelaat word, Hy die mense sal weglok van die gevestigde leiers; die enigste veilige weg sou wees om Hom dadelik stil te maak. Toe die bespreking op sy hoogste was, het hulle 'n skielike terugslag gekry. Nikodemus het gevra: "Oordeel ons wet die mens sonder om Hom eers te hoor en te weet wat hy doen?" Daar het stilte geheers in die vergadering. Die woorde van Nikodemus het hulle gewete begin kwel. Hulle kon 'n man nie sonder verhoor veroordeel nie. Maar dit was nie om hierdie rede alleen dat die trotse owerstes stilgebly en die een aangestaar wat dit gewaag het om vir die handhawing van die wet te spreek nie. Hulle was verontwaardig en verontrus dat [469]
iemand van hulle eie kring so onder die indruk van die karakter van Jesus gekom het as om Hom te verdedig. Nadat hulle tot verhaal gekom het, het hulle Nikodemus snydend aangespreek, "Jy is tog nie ook uit Galilea nie? Ondersoek en sien dat daar geen profeet uit Galilea opgestaan het nie."

Hierdie protes het tog die optrede van die raad uitgestel. Die owerstes kon nie met hulle plan voortgaan en Jesus veroordeel sonder 'n verhoor nie. Vir 'n tyd verslaan, het elkeen "huis toe gegaan. Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan."

Weg van die verwarring en opwinding in die stad, en van die gretige skare, en die verraderlike rabbi's, het Jesus Hom begeef na die stilte van die olyfboorde waar Hy alleen met God kon wees.

Maar in die vroeë more is Hy terug na die tempel, en toe die mense om Hom vergader het, het Hy gaan sit en hulle geleer.

Hy is gou versteur, 'n Groep Fariseërs en skrifgeleerdes het Hom genader met 'n vreesbevange vrou wat hulle saamgesleep het; hardvogtig het hulle haar beskuldig van die oortreding van die sewende gebod. Nadat hulle haar in die teenwoordigheid van Jesus gestoot het, het hulle aan Hom gesê, met 'n huigelagtige vertoon van respek, "Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?"

In hulle geveinsde eerbied het daar 'n listige plan geskuil om Sy ondergang te bewerkstellig. Hulle het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om Sy veroordeling te verkry, en gemeen dat watter uitspraak Hy ook gee, hulle dit sou gebruik as beskuldiging teen Hom. As Hy die vrou sou vryspreek, sou hulle Hom beskuldig dat Hy die wet van Moses verag; as Hy sê dat sy moet sterf, sou hulle Hom by die Romeine gaan verkla dat Hy vir Homself gesag toeëien wat aan hulle behoort.

Jesus het die toneel vir 'n oomblik aanskou — die bewende slagoffer in haar skande, die harde waardigheidsbekleërs, sonder enige menslike ontferming. Sy gees van absolute reinheid het teruggedeins vir die skouspel. Goed het Hy geweet waarom hierdie geval na Hom toe gebring is. Hy het die hart gelees en die karakter en lewensgeskiedenis van elkeen daar in Sy teenwoordigheid geken. Hierdie
[470] sogenaamde yweraars vir die geregtigheid het self hierdie slagoffer. tot die sonde verlei, sodat hulle 'n strik vir Jesus kon stel. Hy het geen teken gegee dat Hy hulle vraag gehoor het nie, maar neergebuk en met Sy oë op die grond gerig, het Hy in die stof begin skryf.

Ongeduldig oor Sy versuim en skynbare onverskilligheid, het die beskuldigers nadergekom en die saak onder Sy aandag gedwing. Maar toe hulle afkyk na die plaveisel aan Sy voete, het die uitdrukking op hulle gelaat verander. Daar, geskryf voor hulle, was die skuldige geheime van hulle eie lewens. Die toeskouers het die skielike gelaats- verandering gesien, en vorentoe gebeur om te sien wat dit was wat hulle met sulke ontsteltenis en skaamte betrag het.

Met al hulle kastige eerbied vir die wet, het hierdie rabbi s, in die beskuldiging wat hulle teen die vrou ingebring het, die voorskrifte van die wet veronagsaam. Dit was die man se plig om teen haar op te tree, en die skuldige persone moes saam gestraf word. Die

handelwyse van die aanklaers was heeltemal ongeoorloof. Jesus het hulle egter op hulle eie grond ontmoet. Die wet het bepaal dat in die uitvoering van die straf deur steniging, moes die getuie in die saak die eerste klip gooi. Toe het Jesus orent gekom, Sy oë op die huigelaars gevestig, en gesê: "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi." En toe het Hy weer neergebuk en op die grond geskryf.

Hy het nie die wet deur Moses gegee ter syde gestel, of inbreuk gemaak op die gesag van Rome nie. Die aanklaers is verslaan. Nou het hulle, met die kleed van geveinsde heiligheid van hulle afgeskeur, skuldig en veroordeel gestaan in die teenwoordigheid van Volstrekte Reinheid. Hulle het gesidder by die gedagte dat die bedekte sondes van hulle lewe voor die skare geopenbaar sou word; en een vir een, met hangende hoof, het hulle weggesluip, en die slagoffer by die ontfermende Heiland agtergelaat.

Jesus het opgestaan, die vrou aangekyk, en gevra, "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie."

Die vrou het voor Jesus gestaan, bewende van vrees. Sy woorde, "Laat die een van julle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar gooi," het op haar ore geval soos die doodvonnis. Sy wou dit nie waag om haar hoof op te lig en die Heiland in die gesig te kyk nie, maar stil het sy gewag op die vonnis. Met verbasing het sy gesien hoedat haar aanklaers sprakeloos en verward wegsluip; toe het sy [471] daardie woorde van hoop gehoor, "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." Haar hart is versmelt, en sy het haarself aan Jesus se voete neergevly, geween van dankbaarheid, en met bitter trane haar sondes bely.

Dit was vir haar die begin van 'n nuwe lewe, 'n lewe van reinheid en vrede, gewy aan die diens van God. By die opheffing van hierdie gevalle siel, het Jesus 'n groter wonderwerk verrig as om die vreeslikste liggaamlike siekte te genees; Hy het 'n geestelike siekte genees wat die ewige dood ten gevolge sou gehad het. Hierdie boetvaardige vrou het een van Sy getrouste volgelinge geword. In selfopofferende liefde en toewyding het sy Sy vergewende genade beloon.

In die vergifnis van die sonde van hierdie vrou, en die aanmoediging om 'n beter lewe te lei, sien ons die karakter van Jesus skyn met die skoonheid van volmaakte geregtigheid. Hoewel Hy nie die sonde deur die vingers sien nie, of die skuldgevoel wil verminder nie, wil Hy graag red en nie veroordeel nie. Vir hierdie sondige vrou het die wêreld niks anders as veragting gehad nie, maar Jesus spreek tot haar woorde van vertroosting en hoop. Die Sondelose Een ontferm Hom oor die swakheid van die sondaar, en reik die helpende hand tot haar. Terwyl die skynheilige Fariseërs haar veroordeel het, het Jesus aan haar gesê, "Gaan heen en sondig nie meer nie."

Hulle is nie volgelinge van Christus wat hulle oë afwend en wegdraai van die sondaars en hulle alleen laat om op hulle verderflike weg voort te gaan nie. Diegene wat op die voorpunt staan om ander te beskuldig en hulleself beywer om hulle te laat boet, is dikwels in hulle eie lewens baie skuldiger. Mense haat die sondaar terwyl hulle die sonde liefhet. Christus haat die sonde, maar het die sondaar lief. Dit sal ook die gees wees van almal wat navolgers van Hom is. Christelike liefde is traag om te veroordeel, gou om berou te sien, gereed om te vergewe, om te bemoedig, om die afgedwaalde in die
[472] pad van heiligheid te bring en sy voete daarop te hou.

## “Die Lig van die Lewe”

EN Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.”

Toe Hy hierdie woorde gespreek het, was Jesus in die hof van die tempel wat spesiaal in verband gestaan het met die Huttefees. In die senter van die hof was daar twee lang pale waarop groot lampe was. Na die aandoffer is al die lampe opgesteek en het hulle lig oor Jerusalem geskyn. Hierdie seremonie was ter gedagtenis aan die vuurkolom wat Israel in die woestyn gelei het, en dit is ook beskou as simbool wat gewys het op die komende Messias. Saans as die lampe aangesteek is, was die hof ’n toneel van groot vreugde. Grysaards, die priesters van die tempel, en die owerstes van die volk het deelgeneem aan fees- danse begelei deur musiek en die sang van die Leviete.

In die verligting van Jerusalem het die mense uiting gegee aan hulle hoop op die koms .van die Messias om Israel met Sy lig te bestraal. Maar vir Jesus het die toneel ’n groter betekenis gehad. Soos die helderskynende lampe van die tempel alles rondom hulle verlig het, so sal Christus, die Bron van geestelike lig, die donker wêreld verlig. Maar die simbool was onvolmaak. Die groot lig wat Sy eie hand aan die hemeltrans gestel het, was ’n meer waaragtige voorstelling van die heerlikheid van Sy sending. [473]

Dit was more; die son het net agter die Olyfberg opgekom, en sy strale het met verblindende lig op die marmerpaleise geval, en die goud van die tempelmure verlig, toe Jesus daarop gewys en gesê het, “Ek is die lig van die wêreld.”

Deur iemand wat hierdie woorde gehoor het, is hulle lank daarna weergegee in daardie verhewe skriftuur, “In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.” “Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld.” Joh. 1:4, 5, 9. En lank ná Jesus na die hemel opgevaar het, het ook Petrus onder ingewing

van die goddelike Gees, na die simbool verwys wat Christus gebruik het: "En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die morester opgaan in julle harte." .2 Pet 1: 19.

In die openbaring van God aan Sy kinders, was lig altyd die simbool van Sy teenwoordigheid. Met die skeppingswoord in die begin, het lig geskyn uit die duisternis. Daar was lig in die wolkkolom bedags en in die vuurkolom snags, wat die leërskare van Israel gelei het. Lig in verskriklike heerlikheid het geskyn rondom die Here op die berg Sinai. Lig het geskyn op die versoendeksel in die tabernakel. Lig het die tempel van Salomo vervul by die wyding daarvan. Lig het geskyn op die berge van Betlehem toe die engele die boodskap van verlossing aan die wakende skaapwagters gebring het.

God is lig; en in die woorde, "Ek is die lig van die wêreld," het Christus Sy eenheid met God verklaar, en Sy verhouding tot die hele menslike geslag. Dit was Hy wat in die begin gesê het dat daar "uit duisternis lig moet skyn" (2 Kor. 4:6.) Hy is die lig van die son, maan, en sterre. Hy is die geestelike lig wat in simbool, tipe, en profesie op Israel geskyn het. Maar die lig is nie aan die Joodse nasie alleen gegee nie. Soos die sonstrale tot in die verste uithoeke van die aarde skyn, so bestraal die lig van die Son van Geregtigheid elke siel.

"Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld." Die wêreld het sy groot leraars gehad, manne van reuse-intellek en wonderbaarlike navorsing, manne wie se woorde die wêreld laat dink het en wat nuwe sfere van kennis geopenbaar het; en hierdie manne is geëer as leiers en weldoeners van hulle volk. Maar daar is Iemand wat hoër as hulle staan. "Almal wat Hom aangeneem
[474] het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word." "Niemand het ooit God gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, Dié het Hom verklaar." Joh. 1: 12, 18. Ons kan die linie van die wêreld se groot leraars terugspoor sover as wat menslike oorkondes gaan, maar die Lig was vóór hulle. Soos die maan en sterre van ons sonnestelsel skyn met geweerkaatste lig van die son, net so, sover hulle leer reg is, weerkaats die groot denkers van die wêreld die strale van die Son van Geregtigheid. Elke kosbare gedagte, elke flits van die verstand, kom van die Lig van die wêreld. In hierdie tyd hoor ons baie van "hoër onderwys." Die ware "hoër

onderwys" word gegee deur Hom "in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is." "In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense." Kol. 2: 3; Joh. 1: 4. "Wie My volg," het Jesus gesê, "sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê."

In die woorde, "Ek is die lig van die wêreld," het Jesus Homself as die Messias verklaar. Die oue Simeon het in die tempel, waar Christus nou geleer het, van Hom gespreek as "'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van U volk Israel." (Lukas 2: 32.) Met hierdie woorde het hy op Hom 'n profesie toegepas waarmee die hele Israel bekend was. Deur die profeet Jesaja het die Heilige Gees verklaar: "Dit is te gering dat U My kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak 'n lig van die nasies om My heil te wees tot aan die einde van die aarde." Jes. 49: 6. Hierdie profesie is algemeen toegepas op die Messias, en toe Jesus gesê het, "Ek is die lig van die wêreld," kon die mense dit nie anders neem as dat Hy aanspraak gemaak het dat Hy die Beloofde Een is nie.

Vir die Fariseërs en owerstes was hierdie aanspraak hooghartige vermetelheid. Dat 'n mens soos hulle hom so kon aanmatig, was iets wat hulle nie kon gedoog nie. Hulle het Sy woorde skynbaar veron- agsaam, en gevra, "Wie is U dan?" Hulle wou Hom dwing om reguit te sê dat Hy die Christus is. Sy voorkoms en werk het so verskil van wat die volk verwag het, dat hulle gemeen het dat 'n regstreekse verklaring deur Homself dat Hy die Messias is, die volk sou beweeg het om Hom te verwerp as 'n bedrieër.

Maar op hulle vraag, "Wie is U dan?" het Jesus geantwoord, "Juis dit wat Ek vir julle sê." Joh. 8: 25. Wat in Sy woorde geopenbaar is, is ook in Sy karakter geopenbaar. Hy was die verpersoonliking [475]
van die waarhede wat Hy geleer het. "Uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat My Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is." Hy het nie geprobeer om Sy aanspraak op die Messiasskap te bewys nie, maar het Sy eenheid met God aangetoon. As hulle harte oop was vir Gods liefde, sou hulle Jesus ontvang het.

Onder Sy toehoorders is baie tot Hom getrek in die geloof, en aan hulle het Hy gesê, "As julle in My woord bly, is julle waarlik

My dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.”

Hierdie woorde het die Fariseërs aanstoot gegee. Hulle het die nasie se lang onderwerping onder ’n vreemde juk veronagsaam en woedend uitgeroep: “Ons is uit die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie; hoe sê U dan: Julle sal vry word?” Jesus het hierdie mense betrag — die slawe van haat, en wat gedurig net aan wraak gedink het — en droefgeestig gesê, “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, ’n slaaf is van die sonde.” Hulle was in die ergste soort slawerny — regeer deur die gees van boosheid.

Elke siel wat weier om homself aan God oor te gee, is onder die beheer van ’n ander mag. Hy behoort nie aan homself nie. Hy mag van vryheid praat, maar hy is in die ergste slawerny. Hy word nie ’toegelaat om die heerlikheid van die waarheid te sien nie, want sy verstand is onder die beheer van die Satan. Hoewel hy homself mag vlei dat hy sy eie oordeel volg, gehoorsaam hy in werklikheid die wil van die vors van die duisternis. Christus het gekom om die bande van die sonde te verbreek en die siel vry te maak. “As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.” “Die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus,” maak ons vry “van die wet van die sonde en die dood.” Joh. 8: 36; Rom. 8: 2.

In die aanname van die verlossing is daar geen dwang nie. Geen uiterlike krag word aangewend nie. Onder die invloed van die Gees van God is die mens vry om te kies wie hy wil dien. In die verandering wat daar plaasvind wanneer die siel homself aan Christus oor- gee, is daar vryheid in die hoogste sin. Die uitwerping van die
[476] sonde is ’n daad van die siel self. Dit is waar, ons het geen krag om onsself te bevry van die Satan se mag nie; maar wanneer ons begeer om van die sonde bevry te word, en ons in ons groot nood smeek om krag bui- tekant onsself, word die kragte van die siel versterk met die goddelike krag van die Heilige Gees, en gehoorsaam hulle ons wil in die vervulling van die wil van God.

Die enigste voorwaarde waarop vryheid vir die mens moontlik is, is om een met Christus te word. “Die waarheid sal julle vrymaak;” en Christus is die waarheid. Die sonde behaal die oorwinning alleen deur die verstand te verswak en die vryheid van die siel te vernietig. Onderwerping aan God beteken ons herstel —herstel tot die ware

heer- likheid en waardigheid van die mens. Die goddelike wet waartoe ons in onderwerping gebring word, is die "wet van vryheid." (Jakobus 2: 12.)

Die Fariseërs het verklaar dat hulle kinders van Abraham is. Jesus het hulle daarop gewys dat hulle hierdie aanspraak kon handhaaf alleen deur die werke van Abraham te doen. Die ware kinders van Abraham sal lewe soos hy geleef het, 'n lewe van gehoorsaamheid aan God. Hulle sou nie probeer om Iemand dood te maak wat die waarheid spreek wat deur God aan Hom gegee is nie. Deur planne teen die lewe van Christus te smee, was die rabbi's nie besig om die werke van Abraham te doen nie. Om 'n gewone afstammeling van Abraham na die vlees te wees, het geen waarde nie. Sonder geestelike verwantskap aan hom, wat geopenbaar sal word deur dieselfde gees te hê as hy en dieselfde werke te doen, is hulle geen kinders van hom nie.

Hierdie beginsel geld eweseer vir 'n vraag wat die Christenwêreld al lank besig gehou het, naamlik die vraag van apostoliese opvolging. Afstamming van Abraham is bewys, nie deur naam of stamboom nie, maar deur gelykheid aan karakter. So berus die apostoliese opvolging nie op die oordrag van geestelike gesag nie, maar op geestelike verwantskap. 'n Lewe besiel deur die gees van die apostels, die geloof en verkondiging van die waarheid wat hulle geleer het, dit is die ware bewys van apostoliese opvolging. Dit is wat mense die opvolgers maak van die eerste verkondigers van die evangelie.

Jesus het ontken dat die Jode kinders van Abraham is. Hy het gesê, "Julle doen die werke van jul vader." Smalend het hulle geantwoord, "Ons is nie uit ontug gebore nie; ons het een Vader, naamlik [477]
God." Hierdie woorde, skimpende op die omstandighede van Sy geboorte, was bedoel as dolksteek vir Christus in die teenwoordigheid van diegene wat in Hom begin glo het. Jesus het nie gereageer op daardie gemene insinuasie nie, maar het gesê, "As God julle vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom."

Hulle werke het getuig van hulle verwantskap met een wat 'n leue- naar en moordenaar is. "Julle het die duiwel as vader," het Jesus gesê, "en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie.

. . . Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie." Joh. 8: 44, 45.

Die feit dat Jesus die waarheid gespreek het met sulke besliste sekerheid was die rede waarom die Joodse leiers Hom nie aangeneem het nie. Dit was die waarheid wat hierdie eiegeregtige manne aanstoot gegee het. Die waarheid het die dwaalleer aan die kaak gestel; dit het hulle leer en gebruike veroordeel, en dit was dus onwelkom. Hulle sou liewer hulle oë vir die waarheid sluit as om hulleself te verneder om te erken dat hulle verkeerd was. Hulle het nie die waarheid liefgehad nie. Hulle het dit nie begeer nie, al was dit die waarheid.

"Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, glo julle My nie." Dag vir dag, vir drie jaar lank, het Christus se vyande Hom agtervolg en gesoek na 'n klad op Sy karakter. Die Satan en al sy bose leërskare het geprobeer om Hom te oorwin; maar hulle kon niks in Hom vind om die oorhand oor Hom te kry nie. Selfs die duiwels moes teen wil en dank erken, "U is die Heilige van God." Markus 1: 24. Jesus het die wet uitgeleef voor die hemelse toeskouers, voor al die wêrelde wat nie in die sonde geval het nie, en voor sondige mense. Voor engele, mense, en duiwels, het Hy, sonder teenspraak, woorde gespreek wat op die lippe van enige ander persoon godslastering sou gewees het: Ek doen altyd "wat Hom welgevallig is."

Die feit dat die Jode Christus nie wou aanneem alhoewel hulle geen sonde teen Hom kon inbring nie, was bewys dat hulle self geen verbinding met God gehad het nie. Hulle het nie Sy stem herken in die boodskap van Sy Seun nie. Hulle het gedink dat hulle die vonnis oor Christus uitgespreek het, maar deur Hom te verwerp, het hulle
[478] hulleself gevonnis. "Die wat uit God is," het Hy gesê, "luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie."

Hierdie les geld vir alle tye. Menige man wat homself begeef tot haarklowery, wat kritiseer, en na iets soek in Gods Woord om oor te stry, dink dat hy daardeur toon dat hy 'n onafhanklike denker en verstandelik baie wakker is. Hy stel homself aan as regter oor die Bybel wanneer hy inderwaarheid homself veroordeel. Hy openbaar daardeur dat hy nie in Staat is om die waarhede van die hemel wat ewige dinge insluit, te waardeer nie. Voor die groot berg van Gods

geregtigheid, het sy gees geen eerbied nie. Hy hou homself besig met soek na stokkies en strooitjies, en daardeur verraai hy sy bekrompe aardse natuur —'n hart wat vinnig besig is om voeling met God te verloor. Hy wie se hart deur die goddelike hand aangeraak is, sal soek na die dinge wat sy kennis van God sal vermeerder, en wat sy karakter sal verfyn en verhef. Soos 'n blom hom na die son draai sodat die strale daarvan sy pragtige kleure kan uitbring, so sal die siel hom tot die Son van Geregtigheid keer dat die lig van die hemel sy karakter kan verfraai met die deugde van die karakter van Christus.

Jesus het voortgegaan en die teenstelling skerp laat uitkom tussen die posisie van die Jode en dié van Abraham: "Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy My dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly."

Abraham het sterk begeer om die beloofde Verlosser te sien. Hy het vurig gebid dat hy, vóór hy sterwe, die Messias mag sien. En hy het Christus gesien. Bonatuurlike lig is aan hom gegee, en hy het Christus se goddelike karakter erken. Hy het Sy dag gesien en was bly. Hy het 'n gesig gesien van die goddelike slagoffer. Daarvan het hy 'n illustrasie gehad in sy eie lewe. Die bevel het tot hom gekom, "Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet . . . en offer hom daar as brandoffer." Gen. 22: 2. Op die altaar het hy die seun van belofte gelê, die seun in wie al sy hoop was. En toe, terwyl hy by die altaar gewag het, met mes opgehef om God te gehoorsaam, het hy 'n stem uit die hemel hoor sê, "Moenie jou hand na die seun uitsteek nie en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie." Gen. 22: 12. Hierdie vreeslike toets is aan Abraham gestel sodat hy die dag van Christus kon sien en Gods groot liefde vir die wêreld kon verstaan —'n liefde so groot dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het om die skanddood te [479]
sterf om sondaars te red.

Abraham het van God die grootste les geleer wat nog ooit aan 'n sterweling gegee is. Sy bede dat hy Christus mag sien vóór sy sterfdag is beantwoord. Hy het Christus gesien; hy het alles gesien wat 'n sterweling se oë kon sien en nog kan leef. Deur 'n volkome oor- gawe kon hy die gesig wat hy van Christus gesien het, verstaan. Aan hom is getoon dat God deur Sy eniggebore Seun te gee om sondaars van die ewige dood te red, 'n baie groter offer gegee het as wat 'n mens ooit kon gee.

Abraham se ondervinding beantwoord die vraag: “Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met eenjaar-oud kalwers? Sal die Here ’n welbehae hê in duisende van ramme en tienduisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel?” Miga 6: 6, 7. In die woorde van Abraham, “God sal vir Homself die lam vir ’n brandoffer voor- sien, my seun” (Gen. 22: 8), en in Gods voorsiening van ’n brandoffer in die plek van Isak, is daar verklaar dat geen mens versoening vir homself kan doen nie. Die heidense stelsel van offerandes was heeltemal onaanneemlik vir God. Geen vader moes sy seun of sy dogter as sondoffer gee nie. Alleen die Seun van God kan die skuld van die wêreld betaal.

Deur sy eie lyde is Abraham in staat gestel om die Heiland se sending van opoffering te sien. Maar Israel sou nie iets verstaan wat onwelkom vir hulle trotse harte was nie. Christus se woorde aangaande Abraham het vir Sy toehoorders geen diepe betekenis gehad nie. Daarin het die Fariseërs net ’n ander geleentheid gesien vir haar- klowery. Smalend het hulle geantwoord, asof om te bewys dat Jesus gek was, “U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien?”

Met groot waardigheid het Jesus geantwoord, “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK.”

Daar het stilte in die vergadering gekom. Die Naam van God, vir Moses genoem om die idee van ewigdurende teenwoordigheid voor te stel, is deur hierdie Galilese Rabbi toegeëien as Sy eie. Hy het Homself verklaar as die selfbestaande Een, Hy wat aan Israel belowe is, Wie se “uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die
[480] ewigheid.” Miga 5: 1.

Weer het die priesters en rabbi’s teen Jesus uitgeroep dat Hy God laster. Sy vorige aanspraak dat Hy gelyk aan God is, het hulle so woedend gemaak dat hulle Hom wou doodmaak, en n paar maande later het hulle gesê, “Dit is nie oor ’n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat ’n mens is, Uself God maak.” Joh. 10: 33. Omdat Hy die Seun van God was, en ook gesê het dat Hy dit is, was hulle vasbeslote om Hom dood te maak. Nou het baie van die mense hulleself aan die kant van die priesters en rabbi s ge- skaar, en klippe opgeneem om Hom te stenig. “Maar

Jesus het stilletjies uit die tempel gegaan terwyl Hy tussen hulle deurloop; en so het Hy vertrek."

Lig het geskyn in die duisternis, "en die duisternis het dit nie oorweldig nie." Joh. 1: 5.

"En toe Hy verbygaan, sien Hy 'n man wat blind was van sy geboorte af. En Sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werk van God moet in hom openbaar word. ... En toe Hy dit gesê het, spuug Hy op die grond en maak klei van die spuug en smeer die klei aan die oë van die blinde man en sê vir hom: Gaan was jou in die bad van Siloam, wat vertaal word: Uitgestuur. En hy het gegaan en hom gewas; en toe hy kom, sien hy."

Daar is oor die algemeen deur die Jode geglo dat sonde in hierdie lewe gestraf word. Elke siekte is beskou as die straf vir die een of ander sonde, òf deur die lyer self gepleeg òf deur sy ouers. Dit is waar dat alle lyding die gevolg is van die oortreding van Gods wet, maar daardie waarheid het verdraaid geraak. Die Satan, die bewerker van alle sonde en al die gevolge daarvan, het die mense daartoe gebring om siekte en die dood te beskou as dinge wat van God kom, as arbitrêre straf op die sonde. Daarom is iemand wat die slagoffer van die een of ander ernstige siekte geword het, beskou as 'n groot sondaar.

So is die weg gebaan vir die Jode om Christus te verwerp. Hy wat al "ons krankhede op Hom geneem het, en ons smarte" is deur die Jode beskou as iemand wat "deur God geslaan en verdruk was" (Jes. 53: 4), en hulle het hulle aangesigte vir Hom verberg.

God het 'n les gegee wat bedoel was om dit te verhoed. Die geskiedenis van Job het getoon dat lyding van die Satan kom, en dat [481]
God ingryp as 'n betoning van Sy genade. Maar Israel het nie die les verstaan nie. Dieselfde dwaling waarvoor God Job se vriende bestraf het, is herhaal deur die Jode in hulle verwerping van Christus.

Christus se dissipels het ook net soos die Jode geglo ten opsigte van sonde en lyding. Terwyl Jesus hulle uit hulle dwaling gehelp het, het Hy nie die oorsaak van daardie man se sonde geopenbaar nie, maar het hulle vertel wat die gevolg sou wees, naamlik dat die werke van God daardeur geopenbaar sou word. "Solank as Ek in die wêreld is," het Hy gesê," "is Ek die lig van die wêreld." En toe, nadat Hy

die oë van die blinde man gesalf het, het Hy hom gestuur om in die bad van Siloam te gaan was, en die man het siende geword. So het Jesus die vraag van die dissipels op ’n praktiese wyse beantwoord, soos Hy gewoonlik nuuskierige vrae beantwoord het. Dit was nie die roeping van die dissipels om vas te stel wie gesondig en wie nie gesondig het nie, maar om die krag en genade van God te verstaan in die herstel van die gesig aan die blindes. Dit was duidelik dat daar geen genees- krag in die klei was nie, en nog minder in die poel water waarin die blinde hom moes gaan was; maar die geneeskrag was in Christus.

Die Fariseërs kon nie anders as om verbaas te wees oor die genesing nie. Maar nogtans was hulle meer as ooit vervul met haat, want die wonder het op die Sabbat geskied.

Die bure van die jongman, en diegene wat hom geken het toe hy nog blind was, het gevra, “Is hy nie die een wat sit en bedel het nie?” Hulle het hom met twyfel betrag, want toe sy oë geopen is, het dit sy gelaat verander en laat straal, en hy het soos ’n ander mens gelyk. So is die vraag oor en weer bespreek. Sommige het gesê, “Dit is hy;” en ander weer, “Hy lyk na hom.” Maar die een wat die groot seën ontvang het, het alle twyfel uit die weg geruim deur te sê, “Dit is ek.” Hy het hulle toe vertel van Jesus, en hoe hy genees is, en hulle het gevra, “Waar is Hy? Hy antwoord: Ek weet nie.”

Toe het hulle hom voor die raad van die Fariseërs gebring. Weer is aan die man gevra hoe hy siende geword het. “Hy antwoord hulle: Hy het klei op my oë gesit, en ek het my gewas en ek kon sien. En sommige van die Fariseërs sê: Hierdie man kom nie van God nie, omdat Hy die Sabbat nie hou nie.” Die Fariseërs het gehoop om te bewys dat Jesus ’n sondaar was, en dus nie die Messias nie.
[482] Hulle het nie geweet dat dit Hy is wat die Sabbat gemaak het, die verplig- ting daarvan geken het, en wat die blinde man genees het nie. Hulle was vreeslik ywerig vir die onderhouding van die Sabbat, maar op daardie juiste dag was hulle besig met planne om moord te pleeg. Maar vele is diep ontroer toe hulle van die wonderwerk hoor, en hulle was oortuig dat Hy wat die oë van die blinde man geopen het, meer as ’n gewone man was. In antwoord op die beskuldiging dat Jesus n sondaar was omdat Hy nie die Sabbatdag gehou het nie, het hulle gevra, “Hoe kan ’n sondige mens sulke tekens doen?”

Weer het die rabbi's die blinde man aangespreek, "Jy, wat sê jy van Hom, omdat Hy jou oë geopen het? En hy antwoord: Hy is n profeet." Die Fariseërs het toe beweer dat hy nie blind gebore was en sy gesig teruggekry het nie. Hulle het sy ouers laat roep, en hulle gevra, "Is dit julle seun van wie julle sê dat hy blind gebore is?"

Daar het die man self gestaan en gesê dat hy blind was, en dat sy gesig nou herstel is, maar die Fariseërs sou liewer die getuienis van hulle eie sintuie verloën as om te erken dat hulle verkeerd was. So magtig is vooroordeel, en so verdraaid farisese geregtigheid.

Vir die Fariseërs was daar nog een hoop oor, en dit was om die man se ouers bang te maak. Met skynbare opregtheid het hulle nou gevra, "Hoe sien hy dan nou?" Die ouers wou hulleself nie kompromitteer nie, want daar is gesê, dat almal wat Jesus as die Christus erken "uit die sinagoge sou geban word;" dit wil sê dat hulle vir dertig dae toegang tot die sinagoge sou belet word. Gedurende daardie tydperk was dit hulle nie geoorloof om 'n kind te laat besny of die dode te beween nie. So 'n ban is as 'n vreeslike straf beskou, en as dit die oortreder nie boetvaardig gemaak het nie, is n baie swaarder vonnis opgelê. Die groot wonder wat vir hulle seun verrig is, het die ouers oortuig, maar tog het hulle geantwoord, "Ons weet dat dit ons seun is en dat hy blind gebore is; maar hoe hy nou sien, weet ons nie; of wie sy oë geopen het, weet ons nie. Hy is self oud genoeg, vra hom; hy sal vir homself praat." So het hulle al die verantwoor- delikheid van hulleself op hulle seun afgeskuif; want hulle kon dit nie waag om Christus te bely nie.

Die dilemma waarin die Fariseërs hulle bevind het, hulle ondervraery en vooroordeel, hulle ongeloof van die feite van die saak, het die oë van die skare, veral van die gewone mense, begin oopmaak. Jesus het dikwels Sy wonderwerke buite op straat gedoen, en Sy [483]
werk was altyd van 'n aard wat lyding versag het. Die vraag in die harte van vele was: "Sou God sulke magtige werke deur 'n bedrieër doen soos die Fariseërs Jesus voorgestel het?" Die stryd aan albei kante het begin ernstig word.

Die Fariseërs het begin sien dat hulle die werke deur Jesus gedoen, geadverteer het. Hulle kon die wonderwerk nie wegredeneer nie. Die blinde man was vervul met blydskap en dankbaarheid; hy het die pragtige dinge van die natuur gesien, en was oorweldig deur die skoonheid van die aarde en die lug. Hy het graag van sy ervaring

vertel; maar weer het hulle geprobeer om hom stil te maak, en gesê, "Gee aan God die eer — ons weet dat hierdie man 'n sondaar is." Dit is: Moenie weer sê dat hierdie man jou gesig herstel het nie; dit is God wat dit gedoen het.

Die blinde man het geantwoord, "Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien."

Toe het hulle hom weer begin vra, "Wat het Hy vir jou gedoen? Hoe het Hy jou oë geopen?" Met die baie vraery het hulle geprobeer om hom verward te maak, sodat hy moet dink dat hy hom dinge verbeel het. Die Satan en sy bose engele was aan die kant van die Fariseërs, en hulle het hulle kragte listig saamgespan met die menslike redenasies ten einde die invloed van Christus teen te werk. Hulle het die oor- tuigings laat verflou wat in vele se harte was. Maar daar was ook engele van God om die man te versterk wie se oë geopen is.

Die Fariseërs het nie besef dat hulle met ander moes rekening hou behalwe daardie ongeletterde man wat blind gebore was nie; hulle het die Een nie geken met wie hulle werklik in stryd verkeer het nie. Goddelike lig het geskyn in die hoekies van die blinde man se siel. Waar hierdie huigelaars geprobeer het om hom ongelowig te maak, het God hom gehelp om deur raak antwoorde te toon dat hy hom nie in 'n strik sou laat lei nie. Hy het geantwoord: "Ek het dit al vir julle gesê, en julle het nie geluister nie. Waarom wil julle dit weer hoor? Julie wil tog nie ook Sy dissipels word nie? Hulle skel hom toe uit en sê: Jy is 'n dissipel van daardie man, maar ons is dissipels van Moses. Ons weet dat God met Moses gespreek het;
[484] maar wat Hom betref, ons weet nie waar Hy vandaan is nie."

Die Here Jesus het geweet watter vuurproef hierdie man moes deurmaak, en Hy het hom genade gegee om te antwoord, sodat hy n getuie vir Christus geword het. Hy het die Fariseërs geantwoord met woorde wat hulle goed bestraf het. Hulle het hulleself uitgegee as verklaarders van die Skrifte, as die geestelike leiers van die volk; en hier was nou Iemand wat wonderwerke gedoen het, en volgens hulle eie belydenis het hulle nie die bron van Sy krag geken nie en ook niks omtrent Sy karakter en aansprake nie. Hier is nou "iets wonderliks," het die man gesê, "dat julle nie weet waar Hy vandaan is nie, en Hy het my oë geopen! En ons weet dat God sondaars nie verhoor nie; maar as iemand godvresend is en Sy wil doen, dié

verhoor Hy. Van ouds af is dit nie gehoor dat iemand die oë van 'n blindgebore mens geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kan doen nie."

Die man het sy ondervraers op hulle eie grond ontmoet. Sy logika was onomstootlik. Die Fariseërs was verbaas, en hulle het stilgebly — uit die veld geslaan deur sy raak woorde. Vir 'n paar oomblikke was daar stilte. Toe het die verontwaardigde priesters en rabbi's elkeen sy kleed om hom gevou asof hulle besoedeling gevrees het; hulle het die stof van hulle voete afgeskud, en op die man begin skel: "Jy is heeltemal in sondes gebore en leer jy ons? En hulle het hom uitgeban."

Jesus het gehoor wat hulle gedoen het; en toe Hy die man kort daarna ontmoet, het Hy aan hom gevra, "Glo jy in die Seun van God?"

Vir die eerste maal het die blinde man die aangesig van sy Verlosser aanskou. Voor die raad het hy sy verontruste ouers gesien; hy het die fronsende gesigte van die rabbi's gesien, maar nou het sy oë die lieflike, vreedsame aangesig van Jesus aanskou. Alreeds het hy tot groot gevaar vir homself, Hom erken as iemand wat goddelike krag besit; maar nou is daar 'n hoër openbaring aan hom gegee.

Op die Heiland se vraag, "Glo jy in die Seun van God?" het die blinde man geantwoord deur te vra, "Wie is Hy, Here, dat Ek in Hom kan glo?" Jesus het hom geantwoord, "Jy het Hom gesien; en Hy wat met jou spreek, dit is Hy." Die man het homself aan die voete van die Heiland gewerp in aanbidding. Nie alleen was sy natuurlike gesig herstel nie, maar sy geestelike oë is ook geopen. Christus is aan sy siel geopenbaar en hy het Hom aangeneem as die Een van God gestuur. [485]

'n Groep Fariseërs het daar naby vergader, en die aanskouing van hulle het Jesus weer die kontras laat sien wat altyd geskep word deur die uitwerking van Sy woorde en werke. Hy het gesê, "Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word." Christus het gekom om die blinde oë te open, om lig te gee aan diegene wat in die duisternis sit. Hy het gesê dat Hy die lig van die wêreld is; en die wonderwerk wat Hy so pas gedoen het, was bewys van Sy sending. Die mense wat die Heiland gesien het tydens Sy eerste koms, was bevoorreg met 'n voller openbaring van die goddelike teenwoordigheid as wat

die wêreld ooit voorheen gehad het. Die kennis van God is meer volledig geopenbaar. Maar juis deur hierdie openbaring is daar 'n oordeel oor die mense gebring. Hulle karakters is getoets; hulle lot beslis.

Die openbaring van goddelike krag wat beide die natuurlike en geestelike oë van die blinde man geopen het, het die Fariseërs in nog groter duisternis gelaat. Sommige van die toehoorders wat gevoel het dat Christus se woorde op hulle van toepassing was, het gevra, "Is ons dan ook blind?" Daarop het Jesus geantwoord, "As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie." As God dit onmoontlik vir julle gemaak het om die lig te sien, sou julle geen skuld gehad het nie. Maar nou sê julle, "Ons sien!" Julle glo dat julle kan sien, maar julle verwerp die middel waardeur julle siende kan word. Tot almal wat hulle behoefte besef het, het Christus met oneindige hulp gekom; maar die Fariseërs het geen behoefte gevoel nie; hulle het geweier om tot Christus te kom, en hulle het dus blind gebly —'n blindheid waarvoor hulle self verantwoordelik was. Jesus het aan hulle gesê,
[486] "Daarom bly julle sonde."

# "Die Goddelike Herder";

EK is die goeie Herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape." "Ek is die goeie Herder en Ek ken My eie en word deur My eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê My lewe af vir die skape."

Weer het Jesus die pad tot die harte van Sy toehoorders gevind deur middel van 'n illustrasie waarmee hulle bekend was. Hy het die werking van die Gees vergelyk met koel, verkwikkende water. Hy het Hom voorgestel as die lig, die bron van lewe en vreugde vir die natuur en die mens. En nou weer, onder die beeld van die herder, het Hy Sy verhouding voorgestel tot diegene wat in Hom glo. Daar was niks waarmee Sy toehoorders beter bekend was as hierdie een nie, en Christus se woorde het dit vir altyd met Homself verbind. Nooit het die dissipels die herders met hulle skape gesien nie of die Heiland se les het in herinnering gekom. In elke getroue herder sou hulle Christus sien. Hulle sou hulleself in elke hulpelose afhanklike trop skape sien.

Die profeet Jesaja het hierdie beeld gebruik in sy beskrywing van die sending van die Messias, "o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie [487]
boodskap, hef jou stem op en met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê vir die stede van Juda: Hier is julle God. ... Hy sal Sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm bymekaarmaak en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei." Jes. 40: 9-11. Dawid het gesing, "Die Here is my Herder, niks sal my ontbreek nie." Ps. 23: 1. En die Heilige Gees het deur Esegiël verklaar: "Ek sal een herder oor hulle verwek, en hy sal hulle oppas." "Die wat verlore is, sal Ek soek en wat weggedryf is, sal Ek terugbring en wat gebroke is, sal Ek verbind en die siekes sal Ek versterk." "Ek sal 'n verbond van vrede met hulle maak." "En hulle sal nie meer 'n prooi vir die nasies wees nie; . . . maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle skrikmaak." Eseg. 34: 23, 16, 25, 28.

Christus het hierdie profesieë op Homself toegepas, en Hy het die kontras getoon tussen Sy karakter en die van die leiers van Israel. Die Fariseërs het so pas iemand uit die kudde verdryf omdat hy dit gewaag het om te getuig van die krag van Christus. Hulle het ’n siel verdryf wat die ware Herder besig was om na Hom toe te trek. Daardeur het hulle getoon dat hulle onkundig was aangaande die werk aan hulle toevertrou, en die pand onwaardig was as herders van die kudde. Jesus het nou die kontras aangetoon tussen hulle en die Goeie Herder, en Hy het na Homself verwys as die ware hoeder van die Here se kudde. Maar vóór Hy dit gedoen het, het Hy eers van Homself onder ’n ander beeld gespreek.

Hy het gesê, “Wie nie deur die deur ingaan in die skaapstal nie, maar van ’n ander kant af inklim, hy is ’n dief en ’n moordenaar. Maar hy wat deur die deur ingaan, is ’n herder van die skape.” Die Fariseërs het nie besef dat hierdie woorde teen hulle gespreek is nie. Toe hulle in hulle harte geredeneer het oor die bedoeling daarvan, het Jesus duidelik aan hulle gesê, “Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind. Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat julle lewe en oorvloed kan hê.”

Christus is die deur tot die kraal van God. Deur hierdie deur het al Sy kinders, van die vroegste af, ingegaan. In Jesus, soos getoon in die tipes, voorafgeskadu in die simbole, aangewys in die openbarings van die profete, voorgestel in die lesse gegee aan Sy dissipels, en
[488] in die wonderwerke vir die mensekinders, het hulle “die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem” (Joh. 1: 29), gesien; en deur Hom word hulle in die kudde van Sy genade gebring. Daar het vele gekom wat ander voorwerpe voorgehou het vir die wêreld om in te glo; stelsels en seremonies is ontwerp waardeur die mense gehoop het om geregverdig te word, en vrede by God te kry, en so ingang tot Sy kudde te vind. Maar die enigste deur is Christus, en almal wat iets anders gestel het in die plek van Christus, almal wat geprobeer het om tot die kudde in te gaan langs enige ander weg, hulle was diewe en moordenaars.

Die Fariseërs het nie deur die deur ingegaan nie. Hulle het op ’n ander manier ingeklim, maar nie deur Christus nie, en hulle het nie die werk van ’n ware herder gedoen nie. Die priesters en owerstes, die skrifgeleerdes en Fariseërs, het die lewende weivelde verwoes,

en die bronne van die water van die lewe besoedel. Die ingegewe Woord gee 'n getroue beskrywing van daardie valse herders: "Julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gebroke is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie; . . . maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid." Eseg. 34: 4.

In alle eeue het filosowe en leraars aan die wêreld teorieë voorgehou om die Verlangens van die siel te bevredig. Elke heidense volk het sy groot leraars en godsdienstige stelsels gehad wat 'n verlossing anders as die in Christus voorgehou het, wat die oë van die mense afgewend het van die Vader se aangesig, en hulle harte vervul het met vrees vir Hom wat hulle maar altyd geseën het. Die neiging van hulle werk is om God te beroof van Sy eiendom kragtens die skepping en die verlossing. En hierdie valse leraars beroof ook die mense. Mil- joene mense is gebind deur valse godsdienste; hulle verkeer in slaafse vrees en koppige onverskilligheid; hulle werk soos esels, sonder hoop op vreugde of vooruitsigte in hierdie lewe, en in 'n verlammende vrees vir die hiernamaals. Dit is alleen die evangelie van die genade van God wat die siel kan verhef. Die bepeinsing van die liefde van God geopenbaar in Sy Seun, sal die hart en die kragte van die siel opwek soos niks anders kan nie. Christus het gekom om die beeid van God in die mens te herskep; en wie ookal mense afkeer van Christus af, keer hulle weg van die bron van ware ontwikkelingskrag; hy beroof hulle van die hoop en doel en heerlikheid [489]
van die lewe. Hy is 'n dief en 'n moordenaar.

"Hy wat deur die deur ingaan, is die herder van die skape." Christus is beide die deur en die herder. Hy gaan deur Homself in. Dit is deur Sy eie offergawe dat Hy die herder van die skape geword het. "Vir Hom maak die deurwagter oop, en die skape luister na Sy stem; en Hy roep Sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit. En wanneer Hy Sy eie skape uitgebring het, loop Hy voor hulle uit; en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken."

Van alle diere is skape die domste en die hulpeloosste, en in die Ooste moet die wagter gedurig wakkerloop en sy oë oophou. In die ou tyd, en vandag nog, is daar nie veel veiligheid buite die stadsmure nie. Daar was rowers van die swerwende stamme, daar was die wilde diere uit hulle skuilplekke wat die kuddes voorgelê het om hulle te verwoes. Die wagter het gewaak oor sy skape, wetende

dat hy sy eie lewe vir hulle moes veil hê. Jakob, wat Laban se skape opgepas het in die velde van Haran, sprekende van sy onvermoeide waaksaam- heid, het gesê, "Ek was 'n man wat bedags deur die hitte verteer is, en snags deur die koue, en my slaap het gevlug van my oë." Gen. 31: 40. Dit was terwyl hy sy vader se vee opgepas het dat Dawid alleen 'n beer en 'n leeu doodgemaak en 'n lam uit hulle kloue gered het.

Waar die herder sy skape lei oor die berge, deur bosse en klowe en in stille weivelde by die rivier; waar hy op die berge waghou deur die eensame nag, en hulle beskerm teen rowers, en die siekes en swakkes versorg, word sy lewe een met hulle s'n. Hy word aan hulle verbind met sterk en tere bande. Hoe groot sy trop ook mag wees, die herder ken elke skaap. Elkeen het sy naam, en hy antwoord op daardie naam as die herder roep.

Soos 'n aardse herder sy skape ken, so ken die goddelike Herder Sy kudde wat oor die wêreld versprei is. "Julie is My skape, die skape wat Ek oppas; julle is mense. Ek is julle God, spreek die Here HERE." Jesus sê, "Ek het jou by jou naam geroep; jy is Myne." "Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer." Eseg. 34: 31; Jes. 43: 1; 49: 16.

Jesus ken ons as indiwidue, en Hy het medelyde met ons swakhede. Hy ken ons almal op ons naam. Hy ken die huis waarin ons,woon, en weet wie almal daar woon. As dit nodig is, sal Hy
[490] Sy diensknegte na 'n sekere huis in 'n sekere straat in 'n sekere stad stuur om daar een van Sy skape te vind.

Jesus ken elke siel so goed asof hy die enigste persoon is vir wie die Heiland gesterf het. Hy het medelyde met die droefheid van elke mens. Hy hoor elke roepstem om hulp. Hy het gekom om alle mense tot Hom te trek. Hy beveel hulle, "Volg My," en Sy Gees werk in hulle harte om hulle tot Hom te trek. Baie wil nie tot Hom getrek wees nie. Jesus weet wie hulle is. Hy weet wie blymoedig gehoor sal gee aan Sy roepstem, en gereed is om onder Sy herderlike sorg te kom. Hy sê, "My skape luister na My stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My." Hy sorg vir elkeen asof daar nie nog 'n ander een op die hele aarde is nie.

"Hy roep Sy eie skape op hulle naam en lei hulle uit . . . en die skape volg Hom, omdat hulle Sy stem ken." Die skaapwagter van die Ooste loop nie agter sy skape nie. Hy gebruik nie geweld en maak

hulle nie bang nie; maar hy loop voor hulle en roep hulle. Hulle ken sy stem en luister na Hom. So maak die hemelse Herder ook met Sy skape. Die Skrif sê, "U het U volk soos skape gelei deur die hand van Moses en Aäron." Deur die profeet het Jesus verklaar, "Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid." Hy dwing niemand om Hom te volg nie. "Met koorde van liefde," sê Hy, "het Ek hulle getrek." Ps. 77: 21; Jer. 31: 3; Hosea 11:4.

Dit is nie vrees vir straf, of hoop op die ewige loon wat Christus se dissipels beweeg om Hom te volg nie. Hulle sien die Heiland se grenslose liefde geopenbaar in Sy aardse lewe, van die krip van Betle- hem tot by die kruis van Golgota, en dit is die aanskouing van Hom wat die siel trek, dit versag en in onderwerping bring. Die liefde word wakker in die hart van die aanskouers. Hulle hoor Sy stem, en hulle volg Hom.

Soos die skaapwagter voor sy skape loop, om self eers die gevare op die weg te trotseer, so maak Jesus ook met Sy kinders. "Wanneer Hy Sy eie skape uitbring, loop Hy voor hulle uit." Die pad na die hemel is geheilig deur die Heiland se voetstappe. Die pad mag steil I en ru wees, maar Jesus het dit self bewandel; Sy voete het die wrede dorings platgetrap om die pad vir ons makliker te maak. Elke las wat ons geroep word om te dra, het Hy self reeds gedra. [491]

Alhoewel Hy nou na die teenwoordigheid van God opgevaar het, [492] en sit op die troon van die heelal, is Jesus nie minder ontfermend nie. Vandag nog voel dieselfde tere, medelydende hart saam met ons in al die droefheid van die mensdom. Vandag nog steek Hy Sy deurboorde hand uit om Sy kinders wat nog op hierdie aarde is, oorvloedig te seën. ",En hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal I hulle uit My hand ruk nie." Die siel wat hom aan Christus gegee I het, is in Sy oë kosbaarder as die hele wêreld. Om net een te red I in Sy koninkryk sou die Heiland die lyding van Golgota deurgemaak I het. Hy sal 'n siel vir wie Hy gesterf het, nooit opgee nie. Tensy Sy navolgers self besluit om Hom te verlaat, sal Hy hulle nooit los nie.

In al ons beproewings het ons 'n onfeilbare Helper. Hy laat ons I nie alleen om teen die versoeking te stry, teen die boosheid te veg, om I eindelik tog te beswyk onder die las van droefheid nie. Alhoewel ons I Hom nie nou met ons oë kan sien nie, kan die oor

van die geloof I Hom nogtans hoor sê, Moenie vrees nie; Ek is met jou. “Ek was I dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid.” Openb. 1: 18. Ek het julle smart gedra, julle stryd gestry, en julle versoekings getrotseer. Ek weet van julle trane; Ek het ook geween. Die smart wat so groot I is dat dit nie aan mense vertel kan word nie, daarvan weet Ek. Moenie dink dat julle alleen en verlate is nie. Al wek julle pyn geen medelyde in enige hart op aarde nie, sien op My en leef. “Berge mag wyk en heuweis wankel, maar My goedertierenheid sal van jou nie wyk en My vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer.” Jes. 54: 10.

Al het ’n herder sy skape ook hoe lief, het hy sy seuns en dogters liewer. Nie alken is Jesus ons Herder nie, maar Hy is ook ons “ewige Vader.” En Hy sê, “Ek ken My eie en word deur My eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader.” Joh. 10: 14, 15. Wat ’n heerlike verklaring is dit! Die eniggebore Seun van God, Hy wat in die boesem van die Vader is, en van wie God verklaar het dat Hy Sy “metgesel is” (Sag. 13: 7), sê dat die verhouding tussen Hom en die ewige God geneem kan word as ’n voorstelling van die gemeenskap tussen Christus en Sy kinders op aarde!

Omdat ons die gawe van die Vader is, die loon op Sy werk, het Jesus ons lief. Hy het ons lief soos Sy kinders. Geagte leser, Hy het jou lief. Die Hemel self kan u niks groter en niks beter gee nie.
[493] Vertrou dus op Hom.

Jesus het gedink aan al die siele op die hele aarde wat verlei word deur valse herders. Diegene wat Hy graag wou versamel as die skape van Sy kudde is verstrooi on-der die wolwe; Hy het gesê, “Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My stem luister, en dit sal wees een kudde, een Herder.” Joh. 10: 16.

“Daarom het My Vader My lief, omdat Ek My lewe aflê om dit weer te neem.” Dit wil sê: My Vader het julle so lief dat Hy My selfs meer liefhet omdat Ek My lewe gee om julle te verlos. Deur julle plaasvervanger en borg te word, deur My lewe af te lê, en deur julle skuld en julle sondes op My te neem, het Ek baie dierbaar vir My Vader geword.

Ek lê My lewe af “om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit af uit Myself. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem.” Terwyl Jesus as mens

sterflik was, was Hy as God die bron van lewe vir die wêreld. Hy kon die dood bestry en geweier het om onder die mag daarvan te kom; maar Hy het Sy lewe vrywillig afgelê, sodat Hy die lewe en die onsterflikheid aan die lig kon bring. Hy het die sondes van die wêreld gedra, die straf ondergaan, en Sy lewe as slagoffer gegee, sodat die mens nie die ewige dood hoef te sterf nie. Hy het "ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte. . . . Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Jes.
53:4-6. [494]

## “Die Lauste Reis uit Galilea”;

N AMATE Sy bediening ten einde geloop het, het daar ’n verandering in Christus se manier van werk gekom. Voorheen het Hy opwinding en publisiteit vermy. Hy het die huldebetoning van die mense geweier, en wanneer die entoesiasme van die mense oor Hom buite beheer wou raak, het Hy dadelik na ’n ander plek vertrek. Herhaaldelik het Hy beveel dat niemand dit moes rugbaar maak dat Hy die Christus is nie.

Tydens die Huttefees het Hy skielik, en in die geheim, na Jerusalem gegaan. Toe Sy broers by Hom aangedring het om Homself in die openbaar voor te stel as die Messias, was Sy antwoord, “My tyd is nog nie daar nie.” Joh. 7: 6. Hy het ongemerk na Jerusalem gereis en die stad onaangemeld binnegegaan, sonder die huldebetoning van die skare.Maar Sy laaste reis was anders. Hy het Jerusalem vir ’n tyd verlaat weens die kwaadwilligheid van die priesters en die rabbi’s. Maar Hy

was nou voornemens om terug te gaan, in die openbaar en met ’n omweg, en met ’n aankondiging van Sy koms soos nog nooit tevore gedoen is nie. Hy was op weg na die groot offertoneel, en daarop moes die aandag van die mense gevestig word.

“Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die
[495] Seun van die mens verhoog word.” Joh. 3: 14. Soos die oe van die hele Israel gevestig is op die verhoogde slang, die simbool vir hulle genesing, so moet alle oë gevestig word op Christus, die offer wat verlossing aan die hele wêreld bring.

Dit was ’n valse begrip van die Messias se werk, en ’n gebrek aan geloof in die goddelike karakter van Jesus, wat Sy broers genoop het om by Hom aan te dring om Homself in die openbaar aan die mense voor te stel op die Huttefees. En nou weer, met ’n dergelike gees, wou die dissipels Hom belet om hierdie reis na Jerusalem te onderneem. Hulle het gedink aan Sy woorde oor wat met Hom daar sou gebeur; hulle het geweet van die verskriklike vyandigheid van

die geestelike leiers, en hulle sou graag hulle Meester wou belet om daarheen te gaan.

Vir die hart van Christus was dit bitter om teen die vrees en teleurstelling en ongeloof van Sy dissipels op Sy weg voort te gaan. Dit was swaar om hulle te lei na die angs en wanhoop wat hulle in Jerusalem gewag het. En die Satan was daar om die Seun van die mens tot 'n val te bring met sy versoekings. Waarom sou Hy dan nou na Jerusalem gaan, na 'n gewisse dood? Orals rondom Hom was daar siele wat gesmag het na die brood van die lewe. Aan alle kante was daar lydendes wat gewag het op Sy woord van genesing. Die werk van die evangelie van Sy genade het nou maar net begin. En Hy was nou in Sy volle mannekrag. Waarom nie na die groot sending- velde van die wêreld gaan met Sy boodskap van genade, en Sy helende krag nie? Waarom geniet Hy nie die vreugde om lig en blydskap te bring aan die miljoene wat in duisternis verkeer nie? Waarom sou Hy die insameling van die oes oorlaat aan Sy dissipels wat so swak is in die geloof, so stomp van verstand, en so traag om te handel? Waarom sou Hy nou die dood tegemoetgaan, en die werk in sy beginstadium laat? Hierdie vyand wat voor Christus in die woestyn gestaan het, het Hom nou aangeval met die kwaaiste en listigste versoekings. As Jesus vir een oomblik sou toegee, as Hy in een enkele besonderheid van Sy gekose weg sou afgesien het om Homself te red, sou die Satan die oorwinning behaal en alles verlore gewees het.

Maar Jesus het "Sy gesig gerig om na Jerusalem te reis." Die een wet van Sy lewe was om Sy Vader se wil te doen. Tydens Sy besoek aan die tempel in Sy kinderjare, het Hy aan Maria gesê, "Het U nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" Lukas [496]
2: 49. In Kana, toe Maria wou hê dat Hy 'n wonder moes doen, was Sy antwoord, "My uur het nog nie gekom nie." Joh. 2: 4. Met dieselfde woorde het Hy ook Sy broers geantwoord toe hulle by hom aan- gedring het om na die fees te gaan. Maar in Gods groot plan was die uur bepaal wanneer Hy Homself sou offer vir die sondes van die mense, en daardie uur sou spoedig slaan. Hy sou nie wankel nie; Sy voete het in die pad gestaan na Jerusalem waar Sy vyande so lank planne ge- smee het om Sy lewe te neem; nou sou Hy dit gaan aflê. Hy het Sy gesig gerig om te gaan na vervolging, verloëning, verwerping, veroordeling, en die dood.

Hy het “boodskappers voor Hom uitgestuur; en hulle het vertrek en in ’n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak.” Maar die mense wou Hom nie ontvang nie, want Hy was op weg na Jerusalem. Hulle het gemeen dat Christus die Jode bo hulle verkies, wat hulle met groot bitterheid gehaat het. As Hy gekom het om die tempel en godsdiens op die berg Gerisim te herstel, sou hulle Hom met oop arms ontvang het; maar Hy was op weg na Jerusalem, en daarom sou hulle Hom geen gasvryheid betoon nie. Min het hulle besef dat hulle hulle deure gesluit het teen die beste gawe van die hemel. Jesus het mense uitgenooi om Hom aan te neem; Hy het gunste van hulle gevra sodat Hy naby hulle kon kom om die rykste seëninge aan hulle te gee. Vir elke guns aan Hom bewys, het Hy ’n kosbare seën gegee. Maar die Samaritane het alles gemis ten gevolge van hulle vooroordeel en bekrompenheid.

Jakobus en Johannes, Christus se boodskappers, het hulle baie ver- erg oor die belediging van hulle Here. Hulle was verontwaardig oor die onbeskoftheid van die Samaritane teenoor Hom wat hulle vereer het met Sy teenwoordigheid. ’n Rukkie tevore was hulle by Hom op die berg van verheerliking; hulle het gesien hoe God Hom verheerlik het, en hoe Hy geëer is deur Moses en Elia. Hulle het gemeen dat hierdie belediging deur die Samaritane nie verbygegaan behoort te word sonder straf nie.

By Christus gekom, het hulle Hom vertel wat die mense gesê het, en Hom meegedeel dat hulle Hom herberg selfs vir n nag geweier het. Hulle het gedink dat ’n groot onreg Hom aangedaan is, en toe hulle die berg Karmel in die verte sien waar Elia die valse profete gedood het, het hulle gevra, “Wil U hê ons moet sê dat vuur van die
[497] hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het?” Hulle was verbaas toe hulle sien dat hulle voorstel Jesus pyn aandoen, en nog meer verbaas oor Sy bestraffing, “Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; want die Seun van die mens het nie gekom om mense se siele te verderf nie, maar te red.” En hulle het na ’n ander dorp vertrek.

Dit was geen deel van Christus se sending om mense te dwing om Hom aan te neem nie. Dit is die Satan, en mense besiel met sy gees, wat die gewete wil dwing. Onder die dekmantel van ywer vir die geregtigheid, bring mense wat saamwerk met bose engele groot lyding op hulle medemens met die doel om hulle te bekeer tot hulle

idees van die godsdiens; maar Christus betoon gedurig genade en trag steeds om mense te win deur die openbaring van Sy liefde. Hy kan geen mededinger in die siel toelaat nie, en ook nie gedeeltelike diens aanneem nie; Hy verlang alleen vrywillige diens, die vry- willige oorgawe van die hart onder die aantrekkingskrag van liefde. Daar kan geen sterker bewys wees dat ons die gees van die Satan het as die begeerte om diegene leed aan te doen, of te vernietig, wat nie ons werk waardeer of volgens ons idees handel nie.

Elke mens is in liggaam, siel, en gees, die eiendom van God. Christus het gesterf om almal te verlos. Niks is so afskuwelik vir God as wanneer mense deur godsdienstige dweepsug, lyding bring op diegene wat losgekoop is deur die Heiland se bloed nie.

“En Hy het opgestaan en vandaar deur die oorkant van die Jordaan na die gebied van Judea gegaan; en weer het ’n skare by Hom vergader; en soos Hy gewoond was, het Hy hulle weer geleer.” Markus 10: 1.

’n Taamlike gedeelte van die laaste paar maande van Christus se bediening het in Perea geskied —’n provinsie “oorkant die Jordaan” van Judea af. Daar het ’n skare Hom gevolg, net soos in Sy eerste bediening in Galilea, en Hy het baie van Sy onderrig herhaal.

Soos Hy die twaalf uitgestuur het, het Hy nou “weer sewentig ander aangestel, en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke stad en plek waar Hy sou kom.” Lukas 10: 1. Hierdie dissipels was vir ’n tyd reeds by Hom en het opleiding geniet vir hulle werk. Toe die twaalf alleen uitgestuur is op hulle eerste sending, het ander dissipels Jesus vergesel op Sy reis deur Galilea. So het hulle geleentheid gehad. vir noue omgang met Hom, en vir regstreekse, [498]
persoonlike onderrig. Nou moes hierdie groter getal ook uitgaan op ’n eie sending.

Die opdrag aan die sewentig het ooreengestem met die wat aan die twaalf gegee is; maar die bevel aan die twaalf om nie na ’n dorp van die heidene of die Samaritane te gaan nie, is nie aan die sewentig gegee nie. Alhoewel Christus so pas afgestoot is deur die Samaritane, was Sy liefde vir hulle onverander. Toe die sewentig in Sy Naam uitgegaan het, het hulle heel eerste die stede van Samaria besoek.

Die Heiland se eie besoek aan Samaria, en later die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, en die verhaal van die dankbare

melaatse, ’n Samaritaan en die enigste een onder die tien wat genees is wat Christus kom bedank het — dit alles het groot betekenis gehad vir die dissipels. Die les het hulle diep getref. In Sy opdrag aan hulle, net vóór Sy hemelvaart, het Jesus Samaria genoem, saam met Jerusalem en Judea, as die plekke waar hulle die evangelie die eerste moes verkondig. Die onderrig wat Hy hulle gegee het, het hulle toegerus vir die vervulling van die opdrag. Toe hulle in hulle Meester se Naam na Samaria gegaan het, het hulle gevind dat die mense gewillig was om hulle te ontvang. Die Samaritane het gehoor van Christus se woorde van lof, en van Sy werke van genade vir mense van hulle eie volk. Hulle het gesien dat Hy, ondanks hulle onbeskoftheid teenoor Hom, slegs gedagtes van liefde teenoor hulle gekoester het, en dit het hulle harte gewin. Na Sy hemelvaart het hulle die Heiland se bood- skappers verwelkom, en die dissipels het ’n ryke oes ingesamel onder diegene wat voorheen hulle bitterste vyande was. “Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie; met getrouheid sal Hy die reg uitbring.” “En op Sy Naam sal die heidene hoop.” Jes. 42: 3; Matt. 12: 21.

Toe Jesus die sewentig uitgestuur het, het Hy hulle beveel, net soos die twaalf, om hulle nie op mense af te dwing nie as dit blyk dat hulle onwelkom is. “In watter stad julle ook al mag ingaan, en hulle julle nie ontvang nie,” het Jesus gesê, “gaan uit op die strate en sê: Selfs die stof wat uit julle stad aan ons kleef, vee ons vir julle af; maar tog moet julle dit weet dat die koninkryk van God naby julle gekom het.” Hulle moes dit nie doen omdat hulle die houding van die mense gelaak het, of cmdat hulle waardigheid gekwes is nie, maar om te wys hoe ernstig ’n saak dit is om die Here se boodskap
[499] of Sy boodskappers te weier. Om die Here se dienaars te verwerp, is om Christus self te verwerp.

“Ek sê vir julle,” het Jesus gesê, “vir Sodom sal dit verdraagliker wees in die dag as vir daardie stad.” Toe het Hy teruggedink aan die Galilese stede waar so veel van Sy werk gedoen is. Met droefheid het Hy gesê: “Wee jou, Gorasin, wee jou, Betsaida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel verdraagliker wees as vir julle. En jy, Kapernaum, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word.”

Aan daardie besige stede aan die oewers van die meer van Galilea is die hemel se rykste seëninge vryelik aangebied. Dag na dag het die Vors van die lewe daar in en uit gegaan onder die mense. Die heerlikheid van God, wat profete en konings verlang het om te sien, het geskyn op die skares wat die Heiland gevolg het. Maar hulle het die hemelse Gawe van die hand gewys.

Met groot vertoon van wysheid het die rabbi's die mense gewaarsku om die nuwe leer van die nuwe Leraar nie aan te neem nie, want Sy leer en praktyk was nie ooreenkomstig die leer van die vaders nie. Die mense het geglo wat die priesters en Fariseërs geleer het pleks van te soek om die Woord van God vir hulleself te verstaan. Hulle het die priesters en owerstes geëer pleks van God, en hulle het die waarheid verwerp om hulle eie tradisies te behou. Op baie is daar 'n indruk gemaak en hulle is byna oortuig; maar hulle het nie op hulle oortuigings gehandel nie, en hulle het nie die kant van Christus gekies nie. Die Satan het met sy versoekings gekom totdat die lig soos duisternis gelyk het. En so het vele die waarheid verwerp wat hulle siele kon gered het.

Die waaragtige Getuie sê, "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop." Openb. 3: 20. Elke waarskuwing, bestraffing, en smeking in die Woord van God, of deur middel van Sy boodskappers, is 'n geklop aan die deur van die hart. Dit is die stem van Jesus wat vra om toegang. Elke keer as die geklop nie beantwoord word nie, word die begeerte om die deur oop te maak, swakker. As ons die indrukke wat die Heilige Gees vandag maak, veronagsaam, sal hulle more nie meer so sterk wees nie. Die hart is nie meer so vatbaar nie; dit word minder bewus van die kortstondigheid van die lewe, en van die ewigheid daarna. Ons veroordeling in die gereg geskied nie soseer [500] omdat ons dwaalleer aangeneem het nie, maar omdat ons nie gebruik gemaak het van die hemelse geleenthede om die waarheid te leer nie.

Soos die apostels het die sewentig ook bonatuurlike krag ontvang om die seël op hulle werk te druk. Toe hulle taak gedaan was, het hulle met blydskap teruggekom en gesê, "Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in U Naam." Jesus het geantwoord, "Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."

Die tonele van die verlede en die toekoms het in Jesus se gedagte gekom. Hy het Lucifer gesien soos hy die eerste maal uit die hemel

neergewerp is. Hy het vooruitgesien na die tonele van Sy eie lyde, wanneer die karakter van die bedrieër voor al die wêrelde ontsluier sal word. Hy het die uitroep gehoor, “Dit is volbring” (Joh. 19: 30), wat ’n aankondiging was dat die verlossing van die verlore mensdom verseker is, en dat die hemel vir ewig gevrywaar is teen die beskuldigings, die bedrog, en die valshede deur die Satan ingegee.

Anderkant die kruis van Golgota, met sy foltering, en skande, het Jesus daardie dag gesien wanneer die vors van die bose magte in die lug, vernietig sal word op die aarde wat hy so lank geskend het deur sy opstand. Jesus het die werk van boosheid vir ewig beëindig gesien, en ook die vrede van God wat hemel en aarde sal vervul.

Voortaan moes die navolgers van Christus aan die Satan dink as n verslane vyand. Aan die kruis sou Jesus die oorwinning vir hulle behaal; daardie oorwinning moet hulle aanneem as hulle eie oorwinning. “Kyk,” het Hy gesê, “Ek gee aan julle mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; niks sal julle ooit skade doen nie.”

Die almag van die Heilige Gees is die beskutting van elke boetvaardige siel. Christus sal nie een wat in boetvaardigheid en geloof aanspraak maak op Sy beskerming, onder die mag van die vyand laat kom nie. Die Heiland staan aan die sy van Sy versoekte en beproefde kinders. By Hom kan daar nie soiets as mislukking, verlies, onmoontlikheid, of neerlaag wees nie; ons kan alles doen deur Hom wat ons krag gee. Wanneer versoekings en beproewings kom, moet u nie wag om al die moeilikhede uit die weg te ruim nie, maar sien op
[501] Jesus, u helper.

Daar is Christene wat heeltemal te veel dink en praat oor die mag van die Satan. Hulle dink oor hulle teenstander, hulle bid oor hom, hulle praat van hom, en hy word al groter en groter in hulle verbeelding. Dit is waar, die Satan is ’n magtige wese; maar, dank die Here, ons het ’n almagtige Verlosser wat die duiwel uit die hemel uit- gewerp het. Die Satan is bly wanneer ons sy mag vergroot. Waarom praat ons nie liewer van Jesus, en vergroot ons nie Sy mag en Sy liefde nie?

Die reënboog van belofte rondom die troon daarbo is ’n ewige getuienis dat God die wêreld so liefhet, “dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Joh. 3: 16. Dit getuig vir die heelal dat

God nooit Sy kinders sal verlaat in hulle stryd teen sonde nie. Dit is aan ons die versekering van krag en beskerming solank as die troon self standhou.

Jesus het laat volg: "Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is." Moet julle nie verbly oor die besit van mag nie, sodat julle nie miskien julle afhanklikheid van God uit die oog verloor nie. Pas op dat selfvoldaanheid nie insluip en julle in julle eie krag werk, liewer as in die krag en gees van julle Meester nie. In enige mate van sukses in die werk is die eie-ek maar altyd gereed om aanspraak te maak op al die eer. Die eie-ek word gevlei en verhef, en ander word nie onder die indruk gebring dat God alles in alles is nie. Die apostel Paulus het gesê: "As ek swak is, dan is ek sterk."

Kor. 12: 10. Wanneer ons besef hoe swak ons is, sal ons leer om te vertrou op 'n mag buitekant ons. Niks kan 'n mens se hart so vasgryp as die besef van ons verantwoordelikheid aan God nie. Niks beïnvloed ons doen en late so sterk as die besef van die vergewende liefde van Christus nie. Ons moet in aanraking met God kom, dan sal ons met Sy Heilige Gees vervul word, wat ons sal help om in aanraking met ons medemens te kom. Verbly julle dat julle deur Christus met God verbind is, en lede van die hemelse gesin is. Terwyl u van die eie-ek weg kyk na omhoog, sal u gedurig die swakheid van die mensheid besef. Hoe minder u op uself vertrou, hoe vollediger sal u begrip word van die uitnemendheid van u Verlosser. Hoe nouer u u verbind met die bron van lig en krag, hoe meer lig sal daar op u val en hoe groter sal u krag wees om vir God te werk. Verbly uself [502]
daarin dat u een is met God, en een met Christus en die hele hemelse gesin.

Terwyl die sewentig geluister het na die woorde van Christus, het die Heilige Gees hulle onder die indruk gebring van lewende werk- likhede, en die waarheid is geskryf op die tafels van die siel. Alhoewel hulle van 'n skare omring was, was dit of hulle saam met God ingesluit was.

Wetende dat hulle onder die inspirasie van die uur was, het "Jesus Hom in die gees verheug en gesê: Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader,

want so was dit U welbehae. Alles is aan My oorgegee deur My Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar."

Die geëerde manne van die wêreld, die sogenaamde grotes en wyscs, met hulle geroemde kennis, kon nie die karakter van Christus verstaan nie. Hulle het Hom na die uiterlike geoordeel, en volgens die vernedering wat Hy moes verduur as mens. Maar aan vissers en tollenaars is dit gegee om die Onsienlike te sien. Selfs die dissipels het nie alles verstaan wat Jesus aan hulle geopenbaar het nie; maar van tyd tot tyd, namate hulle hulleself oorgegee het aan die werking van die Heilige Gees, is hulle verstand verlig. Hulle het besef dat die almagtige God, in die menslike vlees, in hulle midde was. Jesus het Hom verheug dat alhoewel die wyse en verstandiges nie hierdie kennis gehad het nie, dit tog aan hierdie nederige manne geopenbaar is. Dikwels wanneer Hy die Ou Testamentiese Skrifte verklaar en hulle toepassing op Hom en Sy verlossingswerk aangetoon het, het Sy Gees hulle aangewakker en hulle tot 'n hemelse atmosfeer verhef. Van die geestelike waarhede waarvan die profete gespreek het, het hulle 'n beter begrip gehad as die oorspronklike skrywers self. Voort- aan sou hulle die Ou-Testamentiese Skrifte lees, nie as die leerstellings van skrifgeleerdes en Fariseërs nie, nie as die gesegdes van wyse manne lank reeds dood nie, maar as 'n nuwe openbaring van God. Hulle het Hom gesien "wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle
[503] ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." Joh. 14: 1

[504] Die enigste manier waarop ons 'n beter begrip van die waarheid kan kry, is deur die hart teer en stil te hou deur die werking van die Gees van Christus. Die siel moet gereinig word van ydelheid en hoogmoed; alles moet uitgewerp word wat dit in beslag gehad het, en Christus moet daar op die troon geplaas word. Die menslike wetenskap is te beperk om die verlossing te verstaan. Die verlossingsplan is so allesomvattend dat die filosofie dit nie kan begryp nie. Dit sal altyd 'n misterie bly wat die grootste verstand nie kan peil nie. Die wetenskap van die verlossing kan nie verklaar word nie; maar dit kan ondervind word. Alleen die persoon wat sy eie sondigheid besef, kan die onskatbare waarde van die Verlosser sien.

Baie leersaam was die lesse wat Christus geleer het waar Hy lang- saam Sy weg van Galilea na Jerusalem gebaan het. Gretig het die mense na Sy woorde geluister. In Perea, net soos in Galilea, was die mense minder onder die invloed van Joodse bekrompenheid as in Judea, en Sy leer het weerklank gevind in hulle harte.

Gedurende hierdie laaste maande van Sy bediening, het Christus baie van Sy gelykenisse geleer. Die priesters en rabbi’s het Hom met toenemende bitterheid agtervolg, en Hy het Sy waarskuwings aan hulle in simboliese taal geuiter. Hulle kon nie Sy bedoeling misverstaan nie, maar in Sy woorde kon hulle niks vind om ’n aanklag op te grond nie. In die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar, het die bede van selfvoldaanheid, “O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie,” skerp afgesteek by die boetvaardige se gebed, “O God, wees my, sondaar, genadig!” Lukas 18: 11, 13. So het Christus die skyn- heiligheid van die Jode bestraf. En met die beeide van die ver-droogde vyeboom, en die groot maaltyd, het Hy die ondergang voorspel van die onboetvaardige volk. Diegene wat die uitnodiging tot die evangeliefees veronagsaam het, het die waarskuwing gehoor: “Want Ek sê vir julle dat nie een van daardie manne wat genooi is, My maaltyd sal smaak nie.” Lukas 14: 24.

Baie leersaam was die onderrig wat aan die dissipels gegee is. Die gelykenis van die onregverdige regter, en van die onbeskaamde vriend wat te middernag brood kom leen het, het nuwe krag aan Sy woorde gegee, “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.” Lukas 11:9. Dikwels is hulle wankelende geloof versterk deur die herinnering aan die woorde van Christus, “Sal God dan .nie reg doen aan Sy uitverko- [505]
renes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen.” Lukas 18:7, 8.

Die mooi gelykenis van die afgedwaalde skaap het Christus herhaal. En Hy het die les nog verder toegelig met die gelykenis van die verlore penning, en die verlore seun. Die dissipels kon nie toe die volle krag van hierdie lesse verstaan nie, maar ná die uitstorting van die Heilige Gees, toe hulle die insameling van die heidene en die woede van die Jode gesien het, het hulle die gelykenis van die verlore seun, en die woorde van Christus, beter verstaan toe Hy gesê het, “Ons moet tog vrolik en bly wees;” “want hierdie seun van my was

dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind." Lukas 15: 32, 24. En waar hulle uitgegaan het in die Naam van hulle Meester, en smaad, armoede, en vervolging getrotseer het, het hulle hulle harte dikwels versterk deur die herhaling van Sy trooswoorde op Sy laaste reis, "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee. Verkoop julle besittings en gee aalmoes; maak vir julle beurse wat nie oud word nie, 'n skat in die hemel wat onuitputlik is, waar geen dief bykom of mot verteer nie. Want waar julle skat is, daar sal
[506] julle hart ook wees." Lukas 12: 32-34

# Die Barmhartige Samaritaan

IN die verhaal van die barmhartige Samaritaan het Christus ’n illus- trasie van ware godsdiens gegee. Hy het aangetoon dat dit nie uit stelsels, leer, of rites bestaan nie, maar in die doen van liefdesdade, die betoning van liefde aan ander, en in ware goedheid.

Terwyl Christus die mense geleer het, “het ’n sekere wetgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?” Met die grootste belangstelling het die groot skare gewag op die antwoord. Die priesters en rabbi’s het gehoop om Christus in ’n strik te lei deur die wetgeleerde hierdie vraag te laat stel. Maar die Heiland het hom nie in ’n stryd laat wikkel nie. Hy het die vraer self sy vraag laat beantwoord, deur te vra: “Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?” Die Jode het volgehou met hulle beskuldiging dat Jesus die wet, op Sinai gegee, lig opgeneem het; maar Hy het die vraag van die saligheid verbind met die onderhouding van Gods gebooie.

Die wetgeleerde het geantwoord, “Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.” Daarop het Jesus gesê, “Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe.” [507]

Die wetgeleerde Die wetgeleerde was nie tevrede met die posisie en werke van die Fariseërs nie. Hy het die Skrifte ondersoek met ’n begeerte om te weet wat alles werklik beteken het. Die saak was vir hom van lewens- belang, en hy het in alle opregtheid gevra, “Wat moet ek doen?” In sy antwoord oor die vereistes van die wet, het hy al die gebooie oor die seremonies en die rituaal laat links lê. Hy het nie waarde daaraan geheg nie, maar hy het die twee groot grondbeginsels genoem waaraan die hele wet en die profete hang. Hierdie antwoord, wat Christus geprys het, het Hom die voorsprong op die rabbi’s gegee. Hulle kon Hom nie veroordeel omdat Hy die antwoord goedgekeur het wat deur ’n wetgeleerde gegee is nie.

“Doen dit, en jy sal lewe,” het Jesus gesê. Hy het die wet voorge- stel as ’n goddelike geheel, en in hierdie les het Hy aangetoon dat dit

nie moontlik is om een gebod te hou en die ander te oortree nie, want dieselfde beginsel geld vir almal. Die mens se ewige lot sal beslis word deur sy gehoorsaamheid aan die hele wet. Volkome liefde vir God, en onpartydige liefde vir die mens, is die twee beginsels wat uitgeleef moet word.

Die wetgeleerde het ontdek dat hy 'n oortreder van die wet was. Hy het tot oortuiging gekom onder Christus se deurdringende woorde. Die geregtigheid van die wet wat hy voorgegee het om te verstaan, het hy nie uitgeleef nie. Hy het nie liefde betoon aan sy medemens nie. Daar was bekering nodig; maar pleks van homself te bekeer, het hy geprobeer om homself te regverdig. Liewer as om die waarheid te erken, het hy geprobeer om te wys hoe moeilik dit is om die gebod te onderhou. So het hy gehoop om oortuiging te ontduik en homself te regverdig voor die mense. Die Heiland se woorde het aangetoon dat sy vraag onnodig was aangesien hy in Staat was om dit self te beantwoord. Maar hy het weer 'n ander vraag gestel, en gevra, "Wie is my naaste?"

Onder die Jode het hierdie vrae eindelose stryery uitgelok. Wat die heidene en die Samaritane betref het, was daar by hulle geen vraag nie; hulle was vreemdelinge en vyande. Maar sou hulle onderskeid maak tussen die mense van hulle eie volk, en tussen die verskillende klasse van die samelewing? Wie moes die priester, die rabbi, en die ouderling beskou as hulle naaste? Hulle het hulle lewens bestee aan 'n reeks seremonies om hulleself rein te maak.
[508] Kontak met 'n onge- leerde en onverskillige skare, het hulle gedink, sou hulle besoedel en baie werk kos om weer rein te word. Moes hulle die "onreines" beskou as hulle naaste?

Weer het Jesus geweier om in 'n stryery gewikkel te raak. Hy het nie die bekrompenheid veroordeel van diegene wat op die loer was om Hom te veroordeel nie, maar deur 'n eenvoudige verhaal het Hy voor Sy toehoorders 'n prentjie opgehang van hemelse liefde wat alle harte aangeraak het, en wat die wetgeleerde die waarheid laat bely het.

Die manier om duisternis te verdryf, is deur die lig te bring. Die beste manier om dwaalleer te bestry, is deur die waarheid voor te stel. Dit is die openbaring van Gods liefde wat die verdorwenheid en sonde aantoon van die hart wat net vir homself lewe.

“’n Sekere man,” het Jesus gesê, “het afgegaan van Jerusalem na Jerigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom halfdood lê. En toevallig het ’n priester met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy ander- kant verby. En net so ook het ’n Leviet by die plek gekom, en hom gesien en anderkant verbygegaan.” Lukas 10: 30-32. Dit was nie ’n denkbeeldige toneel nie, maar ’n werklike gebeurtenis wat bekend was net soos dit voorgestel is. Die priester en die Leviet wat anderkant verbygegaan het, was albei onder die gehoor, en het geluister na Christus se woorde.

Op reis van Jerusalem na Jerigo moes reisigers deur ’n deel van die woestyn van Judea gaan. Die pad het in ’n woeste, rotsagtige kloof afgegaan, waarin rowers skuilgehou het; en dikwels is daar geweld gepleeg. Dit was daar waar die man aangeval, en beroof en verwond en halfdood agtergelaat is. Terwyl hy daar gelê het, het daar ’n priester verbygekom, maar hy het net in die verbygaan na die man gekyk. Toe het daar ’n Leviet gekom; nuuskierig om te weet wat gaande was, het hy gaan staan en het na die verwonde man gekyk. Hy was oortuig van wat hy behoort te doen, maar dit was vir hom nie ’n aangename plig nie. Hy het gewens dat hy liewer nie met daardie pad gekom het en dus nie die verwonde man gesien het nie. Hy het toe besluit dat dit ’n saak was wat hom nie aangaan nie.

Albei hierdie manne was in die heilige bediening, en hulle het voorgegee dat hulle die Skrifte kon verklaar. Hulle was uit ’n klas wat spesiaal gekies is om God onder die mense te verteenwoordig. [509] Hulle moes saamgevoel het “met die onwetendes en dwalendes” (Heb. 5:2), sodat ander Gods groot liefde vir die mensdom kon verstaan. Die werk wat hulle geroep was om te doen, was dieselfde wat Jesus beskryf het as Sy eie toe Hy gesê het, “Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangene vrylating te verkondig en aan blindes die herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur.” Lukas 4: 18, 19.

Die engele van die hemel sien die droefheid van Gods kinders op die aarde, en hulle is bereid om saam te werk met mense om verdrukking en lyding te versag. In Sy voorsienigheid het God die priester en die Leviet met daardie pad laat loop waar die verwonde

gelê het, sodat hulle sy behoefte aan genade en hulp kon besef. Die hele hemel het gewag om te sien of hierdie manne met ontferming bewoë sou word oor menslike lyding. Die Heiland was die Een wat die Hebreërs onderrig het in die woestyn; uit die wolk- en die vuurkolom het Hy hulle ’n les geleer wat baie verskil het van die wat die mense nou van hulle priesters en leraars ontvang het. Die genadige voorskrifte van die wet het selfs ook die diere ingesluit wat nie kan praat en vertel van hulle ontberings en lyding nie. Deur Moses is die volgende voorskrifte aan die kinders van Israel gegee: “As jy jou vyand se bees of esel teëkom wat ronddwaal, moet jy dit sekerlik vir hom terugbring. As jy jou vyand se esel onder sy pak sien lê, dan moet jy dit nie onverskillig aan hom oorlaat nie: jy moet dit sekerlik saam met hom losmaak.” Exod. 23: 4, 5. Maar in die man wat deur die rowers verwond is, het Jesus die saak van ’n broeder in lyding voorgestel. Hoeveel te meer behoort ons harte in ontferming tot hom uit te gaan as tot ’n stomme lasdier! Deur Moses is die boodskap aan hulle gegee dat die Here hulle God, “die grote, magtige en gedugte God,” reg verskaf “aan die wees en die weduwee” en die vreemdeling liefhet. Daarom het Hy beveel, “moet julle die vreemdeling liefhê.” “Jy moet hom liefhê soos jouself.” Deut. 10: 17-19; Lev. 19: 34.

Job het gesê, “Die vreemdeling het nie buitekant vernag nie; my deur het ek oopgemaak na die pad toe.” En toe die twee engele in die vorm van twee manne na Sodom gekom het, het Lot homself
[510] na die aarde neergebuig en gesê, “Ag, menere, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor.” Job 31: 32; Gen. 19: 2. Die priester en Leviet was bekend met al hierdie lesse, maar hulle het dit nie in die praktyk gebring nie. Opgelei in die skool van nasionale bekrompenheid, het hulle selfsugtig, eng, en eksklusief geword. Toe hulle die verwonde man gesien het, kon hulle nie vasstel of hy aan hulle volk behoort het nie. Hulle het gedink dat hy moontlik ’n Samaritaan kon wees, en hulle het verbygegaan.

In hulle handelwyse, soos Christus beskryf het, het die wetgeleerde niks gesien wat teenstrydig was met wat hy geleer was oor die vereistes van die wet nie. Maar nou word die toneel verder beskryf:

’n Sekere Samaritaan wat op reis was, het gekom tot die plek waar die verwonde man gelê het; hy het hom gesien en hom oor die man ontferm. Hy het nie gevra of die vreemdeling ’n Jood of heiden

was nie. As dit ’n Jood was, het die Samaritaan goed geweet dat, as die skoen aan die ander voet was, die man in sy gesig sou gespuug en hom veragtend sou verbygegaan het. Maar hy het nie ondersoek inge- stel nie. Hy het nie aan sy eie gevaar gedink waaraan hy in daardie plek blootgestel was nie. Dit was genoeg vir hom dat daar voor hom n mens was wat in nood en lyding verkeer het. Hy het sy eie kleed uitgetrek om die man te bedek. Die olie en wyn wat hy vir sy eie reis gehad het, het hy gebruik om die man se wonde mee te verbind. Hy het hom op sy esel gehelp en hy is stadig met hom voort, sodat die vreemdeling nie rondgeskud word en dus verdere pyn moes verduur nie. Hy het hom na die herberg gebring, en hom daardie nag versorg en by hom gewaak. Die volgende more was die siek man beter, en die Samaritaan is voort op sy reis. Voordat hy egter vertrek het, het hy die man aan die sorg van die herbergier toevertrou, die verblyfkoste betaal, en nog ’n verdere som aan hom gegee om aan die siek man te bestee; en as daar nog meer onkoste was, het hy aan die herbergier gesê, “Sal ek jou betaal as ek terugkom.”

Aan die slot van die verhaal het Jesus Sy oë op die wetgeleerde gevestig met ’n blik wat skynbaar sy siel gelees het, en gesê, “Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het?” Lukas 10: 36.

Selfs nou nog wou die wetgeleerde nie die naam Samaritaan op sy lippe neem nie, en hy het geantwoord, “Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het.” Toe het Jesus gesê, “Gaan en doen jy net so.” [511]

So is dan die vraag: Wie is my naaste? vir altyd beantwoord, [512]
Christus het aangetoon dat ons naaste nie net persone is wat aan dieselfde kerk behoort as ons nie. Hulle is nie beperk tot ras of kleur of klas nie. Ons naaste is enige persoon wat ons hulp nodig het. Ons naaste is elke siel wat verwond is deur die vyand. Ons naaste is elke mens wat die eiendom van God is.

In die verhaal van die barmhartige Samaritaan, het Jesus ons ´n beeld van Homself en Sy werk gegee. Die mens is bedrieg, verwond, beroof en geruïneer deur die Satan, en aan sy lot oorgelaat; maar die Heiland het Hom ontferm oor ons ellende. Hy het Sy heerlike woning verlaat en tot ons hulp gekom. Hy het ons sterwende gevind, en Hy het ons saak opgeneem. Hy het ons wonde verbind. Hy het ons bedek met Sy kleed van geregtigheid. Hy het vir ons ’n toevlugsoord geword, en volkome voorsiening gemaak vir ons onderhoud. Hy het

Sy lewe gegee om ons te verlos. Wysende na Sy eie voorbeeld, sê Hy aan Sy navolgers, “Dit gebied Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê.” “Soos Ek julle lief gehad het, moet julle ook mekaar liefhê.”Joh. 15: 17; 13: 34.

Die wetgeleerde se vraag aan Jesus was, “Wat moet ek doen?” En Jesus, wat liefde tot God en naasteliefde erken as die samevatting

van geregtigheid, het gesê, “Doen dit, en jy sal lewe.” Die Samaritaan het gehandel uit ’n vriendelike en liefdevolle hart, en daarin het hy homself bewys as ’n onderhouer van die wet. Christus het die wetge-

leerde beveel, “Gaan en doen jy net so.” God verwag van Sy kinders om nie net te sê nie, maar ook om te doen. “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.” 1 Joh. 2: 6.

Die les is vandag nog net so nodig in die wêreld as toe Christus dit I gegee het. Selfsug en kille vormdiens het die vlam van die liefde bykans uitgeblus, en die deugde verdring wat die karakter ’n soete I geur sou gemaak het. Baie wat Sy Naam bely, het die feit uit die oog verloor dat Christene Christus moet verteenwoordig. Tensy daar daadwerklike selfopoffering vir ander is in die gesin, in die buurt, in die gemeente, of waar ons ook al is, is ons nie Christene nie, al bely ons ook wat.

Christus het Sy belange met die van die mensdom verbind, en Hy vra ons om onsself met Hom te vereenselwig in die redding van
[513] die mensdom. “Julie het dit verniet gekry,” het Hy gesê, “gee dit verniet.” Matt. 10: 8. Die sonde is die grootste van alle euwels, en ons moet ons oor die sondaar ontferm en hom help. Daar is baie wat sondig en hulle baie skaam daaroor. Hulle verlang na woorde van bemoediging. Hulle dink oor hulle foute en dit maak hulle byna wanhopig. Ons moet hierdie siele help. As ons Christene is, sal ons nie aan die anderkant verbygaan en onsself sover as ons maar kan van hierdie mense verwyder wat juis ons hulp so nodig het nie. Wanneer ons mense in eilende sien, of dit deur siekte of sonde veroorsaak is, moet ons nooit sê, Dit gaan my nie aan nie.

“As ’n mens ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reg help met die gees van sagmoedig- heid.” Gal. 6:1. Die vyand moet teruggedruk word deur geloof en gebed. Spreek woorde van geloof en aanmoediging wat

soos genesende balsem sal wees vir die verwonde. Vele, vele het moed opgegee in die groot stryd van die lewe, wanneer een woordjie van aanmoediging hulle krag sou gegee het om te oorwin. Ons moet nooit 'n lydende siel verbygaan sonder om hom aan te moedig met die troos waarmee God ons vertroos nie.

Dit alles is slegs 'n vervulling van die beginsel van die wet — die beginsel wat toegelig is deur die verhaal van die barmhartige Samaritaan, en geopenbaar in die lewe van Jesus. Sy karakter openbaar die ware betekenis van die wet, en toon aan wat bedoel word met naaste- liefde. En wanneer die kinders van God barmhartigheid, vriendelik- heid, en liefde openbaar teenoor alle mense, dan getuig hulle vir die aard van die verordeninge van die hemel. Hulle bevestig die feit dat "die wet van die Here volmaak [is]: dit verkwik die siel." Ps.

19: 8. En wie nalaat om hierdie liefde te betoon, breek die wet wat hy voorgee om te eerbiedig. Want die gees wat ons openbaar teenoor ons broeders, verkondig wat ons gees teenoor God is. Liefde tot God in ons harte is die enigste bron van liefde vir ons naaste. "As iemand sê: Ek het God lief — en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?" "As ons mekaar liefhet, dan bly God in i ons en het Sy liefde in ons volmaak geword." 1 Joh. 4: 20, 12. [514]

# Nie Met Sigbare Tekens nie

SOMMIGE van die Fariseërs het na Jesus gekom en gevra “wanneer die koninkryk van God sal kom.” Meer as drie jaar het verloop sedert Johannes die Doper soos met basuingeskal die boodskap deur die hele land laat weerklink het, “Die koninkryk van die hemele het naby gekom.” Matt. 3:2. En die Fariseërs het destyds nog geen teken van die oprigting van die koninkryk gesien nie. Baie van diegene wat die boodskap van Johannes verwerp en Jesus op elke stap weerstaan het, het geskimp dat Sy sending ’n mislukking was.

Jesus het geantwoord, “Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.” Die koninkryk van God begin in die hart. Moenie hier of daar kyk vir die openbaring van aardse mag om die koninkryk in te lei nie.

“Daar sal dae kom,” het Hy aan Sy dissipels gesê, “wanneer julle sal begeer om een van die dae van die Seun van die mens te sien, en julle sal dit nie sien nie. Omdat dit nie met aardse vertoon gepaard gaan nie, loop julle gevaar om nie die heerlikheid van My sending te sien nie. Julle besef nie watter groot voorreg julle nou het om Hom, alhoewel Hy in menslike vlees skuil, onder julle te hê wie die lewe en lig van die mense is nie. Die dae sal kom wanneer julle met verlange sal terugkyk op die geleenthede wat julle nou het om te
[515] wandel en gemeenskap te hê met die Seun van God.

Omrede hulle selfsug en aardsgesindheid, het selfs die dissipels van Jesus nie die geestelike heerlikheid begryp wat Hy graag aan hulle wou openbaar nie. Dit was eers ná die hemelvaart van Christus, en die uitstorting van die Heilige Gees op die gelowiges, dat die dissipels ten volle die Heiland se karakter en sending verstaan het. Nadat hulle met die Heilige Gees gedoop is, het hulle begin besef dat hulle werklik in die teenwoordigheid van die Here van die heerlikheid was. Waar hulle herinner is aan die gesegdes van Christus, is hulle verstand geopen om die profesieë te verstaan, en ook die wonderwerke wat Hy gedoen het. Die wonders van Sy lewe

het in herinnering gekom, en hulle was soos mense wat uit 'n droom wakkergeskrik het. Hulle het besef dat "die Woord vlees geword en onder ons gewoon [het] — en ons het Sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Enigge- borene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." Joh. 1: 14. Christus het inderwaarheid van God gekom na 'n sondige wêreld en om die gevalle seuns en dogters van Adam te red. Nou dat die dissipels dit besef het, het hulle hulleself van baie minder belang geag. Hulle het nooit moeg geword om van Sy woorde en werke te praat nie. Sy lesse, wat hulle eers so vaag begryp het, het nou tot hulle met nuwe helderheid gekom. Die Skrifte was vir hulle soos 'n nuwe boek.

Namate die dissipels die profesieë wat van Christus getuig, onder-soek het, is hulle in gemeenskap gebring met die Godheid, en hulle het van Hom geleer wat na die hemel opgevaar het om die werk te volbring wat Hy op die aarde begin het. Hulle het die feit besef dat daar in Hom kennis geskuil het wat geen mens, sonder goddelike hulp, kon verstaan nie. Hulle het die hulp nodig gehad van Hom wat deur konings en profete en regverdige mense voorspel is. Met verbasing het hulle die beskrywing van Sy karakter en werk gelees en herlees. Hoe vaag was hulle begrip van die profetiese skrifgedeeltes! Hoe stadig was hulle om die groot waarhede te verstaan wat getuig het van Christus! Waar hulle Hom aanskou het in Sy vernedering toe Hy as mens onder die mense gewandel het, het hulle nie die misterie van Sy menswording en die dubbele karakter van Sy natuur begryp nie. Hulle oë is gehou sodat hulle nie die godheid in die mensheid ten volle herken het nie. Maar nadat hulle deur die Heilige Gees verlig is, hoe het hulle nie verlang om Hom weer te sien en hulle aan Sy voete neer te werp nie! Hoe het hulle begeer om na Hom te gaan [516]
om die Skrifte te verduidelik wat hulle nie kon verstaan nie! Hoe aandagtig sou hulle nie na Sy woorde luister nie! Wat het Christus bedoel toe Hy gesê het, "Nog baie dinge het Ek om vir julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie"? Joh. 16: 12. Hoe graag wou hulle nou alles weet! Hulle was baie spyt dat hulle geloof so swak was, dat hulle idees so verkeerd was, en dat hulle nie daarin geslaag het om die werklikheid te begryp nie.

God het 'n heraut gestuur om die koms van Christus te verkondig, en die aandag van die Joodse volk en die wêreld te vestig op Sy sending, sodat die mense gereed kon wees om Hom te ontvang.

Die Wondermens wat Johannes aangekondig het, was reeds in hulle midde vir meer as dertig jaar, en hulle het Hom nie werklik geken as die Een van God gestuur nie. Die dissipels het hulleself verwyt omdat hulle toegelaat het dat die heersende ongeloof hulle opinies beïnvloed en hulle verstand benewel. Die Lig van hierdie donker wêreld het in die duisternis geskyn, en hulle het nie verstaan waarvandaan die strale gekom het nie. Hulle het hulleself afgevra waarom hulle 'n weg ingeslaan het wat dit nodig gemaak het vir Christus om hulle te bestraf. Hulle het dikwels Sy gesprekke herhaal, en gevra: Waarom het ons toegelaat dat aardse beweegredes en die teenstand van die priesters en rabbi's ons verstand benewel sodat ons nie kon besef dat Iemand groter as Moses in ons midde was, en dat Een wyser as Salomo ons geleer het nie? Hoe traag was ons ore! Hoe swak ons verstand!

Thomas wou nie glo alvorens hy sy vinger in die wonde kon steek wat deur die Romeinse soldate gemaak is nie. Petrus het Hom verloën in Sy vernedering en verwerping. Hierdie pynlike herinneringe het helder in hulle geheue gekom. Hulle het met Hom gewandel, maar hulle het Hom nie geken of gewaardeer nie. Maar hoe het hierdie dinge nie nou hulle harte ontroer namate hulle hulle ongeloof besef het nie!

Toe die priesters en owerstes begin saamspan het teen hulle, en hulle voor die raad gebring en in die gevangenis gewerp is, het die navolgers van Christus hulle verbly "dat hulle waardig geag was'om vir Sy Naam oneer te ly." Hand. 5:41. Hulle was bly om voor mense en engele te getuig dat hulle die heerlikheid van Christus gesien het, en verkies het om Hom te volg al moes hulle ook alle ander dinge
[517] skade ly.

Dit is vandag net so waar as in apostoliese dae dat die mens, sonder die verligting van die Heilige Gees, nie die heerlikheid van Christus kan sien nie. Die waarheid en die werk van God word nie waardeer deur 'n wêreldgesinde Christendom nie. Die navolgers van die Meester word nie gevind op die maklike pad of in die weë van aardse eer en gelykvormigheid aan die wêreld nie. Ons sal hulle daar op die voorpunt kry in die weë van werk, vernedering, en smaad, vegtende teen "owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Efe. 6: 12. En vandag, net soos in die tyd van Christus, word hulle

verkeerd verstaan, en verdruk deur die priesters en Fariseërs van hulle tyd.

Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. Die evangelie van die genade, met sy gees van selfverloëning, kan nooit in harmonie met die gees van die wêreld wees nie. Die twee beginsels is in stryd met mekaar. "Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie. Want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." 1 Kor. 2: 14.

Maar in die godsdienstige wêreld is daar vandag groot getalle wat, soos hulle glo, werk vir die oprigting van die koninkryk van Christus as 'n aardse, stoflike regering. Hulle wil die Here die koning maak van die aardse koninkryke van hierdie wêreld; regeerder in sy howe en kampe, in sy wetgewende rade, en in sy paleise. Hulle verwag dat Hy sal regeer deur wette, uitgevoer deur menslike gesag. Aangesien Christus nie vandag persoonlik hier is nie, meen hulle om self in Sy plek te handel en om die wette van Sy koninkryk te handhaaf. Die oprigting van so 'n koninkryk is presies wat die Jode in die tyd van Christus begeer het. Hulle sou Jesus aangeneem het, as Hy gewillig was om 'n stoflike koninkryk op te rig, die wette wat hulle beskou het as die wette van God, toegepas, en as Hy hulle as Sy agente en die verklaarders van Sy wil aangestel het. Maar Hy het gesê, "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie." Joh. 18: 36. Hy wou nie hierdie aardse troon hê nie.

Die regering waaronder Jesus geleef het, was verrot en onderdrukkend; orals was daar skreiende onreg — afpersing, onverdraagsaamheid, en verskriklike wreedheid. En tog het die Heiland nie burgerlike hervormings gemaak nie. Hy het die nasionale onregte nie aangeval, of die nasionale vyande veroordeel nie. Hy het Hom [518]
nie bemoei met die gesag en administrasie van die owerheid nie. Hy wat ons voorbeeld was, het Hom nie met aardse regerings ingemeng nie, nie omdat Hy onverskillig gestaan het teenoor die menslike eilendes nie, maar omdat die oplossing nie gevind sou word in bloot menslike en uiterlike maatreëls nie. Om doelmatig te wees, moes die geneesmiddel die indiwidu bereik, en wedergeboorte in die hart bewerk.

Die koninkryk van Christus sal nie opgerig word deur uitsprake van howe, of rade of parlemente nie; ook nie deur die goedguns-

tigheid van die wêreld se grotes nie, maar deur die inplanting van Christus se natuur in die mens deur die werking van die Heilige Gees. "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is." Joh. 1: 12, 13.

Hier is die enigste krag wat kan werk vir die opheffing van die mensdom. En die menslike middel vir die volvoering van hierdie werk is die leer en die beoefening van die Woord van God.

Toe die apostel Paulus sy werk in Korinthe begin het, daardie dig- bewoonde, ryk, en bose stad, besoedel deur die veelvuldige euwels van die heidendom, het hy gesê, "Want ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie, behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." 1 Kor. 2:2. Toe hy later geskryf het aan sommige wat deur die vuilste sondes besoedel was, kon hy sê, "En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God." "Ek dank my God altyd oor julle vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is." 1 Kor. 6: 11; 1: 4.

Vandag, net soos in die tyd van Christus, is die werk van Gods koninkryk nie by diegene wat aandring op die erkenning en ondersteuning van aardse regeerders en menslike wette nie, maar by diegene wat daardie geestelike waarhede in Sy Naam aan die mense verkondig, wat daardie geestelike ervaring aan die hoorders sal gee wat Paulus gehad het: "Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my." Gal. 2: 20. Dan ook sal hulle werk soos Paulus gewerk het vir die seën van mense. Hy het gesê, "Ons tree dan op as gesante om Christus ontwil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus ontwil: Laat julle met God
[519] versoen." 2 Kor. 5: 20.

## Jesus Seën die Kinders

JESUS het altyd die kinders liefgehad. Hy het hulle kinderlike medelyde en hulle hartlike, ongeveinsde liefde aangeneem. Die dankbare lof van hulle reine lippe was soos musiek in Sy ore, en wanneer Hy terneergedruk was na aanraking met sluwe, skynheilige mense, het dit Sy gees verkwik. Waar die Heiland ook gegaan het, het Sy goedige gelaat, en Sy sagmoedige, vriendelike houding, die liefde en vertroue van die kinders gewin.

Onder die Jode was dit die gewoonte om kinders na die een of ander rabbi te bring om hulle te seën deur die oplegging van hande; maar die Heiland se dissipels het gemeen dat Sy werk te belangrik was om op hierdie wyse onderbreek te word. Toe die moeders na Hom toe gekom het met hulle kinders, het die dissipels hulle afkeurend aange- kyk. Hulle het gemeen dat die kinders te jonk was om te baat by ’n besoek aan Jesus, en dat hulle aanwesigheid Hom nie sou behaag nie. Maar dit was die dissipels wat Hom mishaag het. Die Heiland was bekend met die sorge en laste van die moeders wat graag hulle kinders wou opvoed volgens die Woord van God. Hy het hulle gebede verhoor. Dit was Hy self wat hulle tot Hom getrek het. [520]

Een moeder het haar huis met haar kind verlaat om na Jesus te gaan. Op weg het sy een van haar bure vertel waarheen sy gaan, en die buurvrou wou graag hê dat Jesus ook haar kinders moes seën. So het verskeie moeders saamgegaan en hulle kinders gebring. Sommige van die kinders was nie meer suigelinge nie, maar het reeds hulle jonge- lingsjare bereik. Toe die moeders die doel van hulle besoek verdui- delik het, het Jesus met medelyde na hulle geluister. Maar Hy het gewag om te sien hoe die dissipels hulle sou behandel. Toe Hy sien dat hulle die moeders wegstuur, dinkende dat hulle Hom daardeur ’n guns bewys, het Hy hulle gewys op hulle fout deur te sê, “Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.” Hy het die kindertjies in Sy arms geneem, Sy hande op hulle gelê, en hulle geseën.

Dit het die moeders getroos. Hulle is terug na hulle huise, gesterk en geseën deur die woorde van Christus. Hulle is bemoedig om hulle laste blymoedig te dra, en hoopvol te werk vir hulle kinders. Die moeders van vandag moet Sy woorde met dieselfde geloof aanneem. Christus is vandag nog net so gewis 'n persoonlike Saligmaker as wat Hy was toe Hy as mens onder die mense gewoon het. Hy is nog net so gewis die Helper van moeders as wat Hy was toe Hy die kindertjies in Judea in Sy arms opgeneem het. Die kinders van ons gesinne is net soseer deur Sy bloed gekoop as die kinders van lank gelede.

Jesus ken die sorge van elke moederhart. Hy wat self 'n moeder gehad het wat armoede en ontbering verduur het, het medelyde met elke moeder in haar werk. Hy wat die lang reis onderneem het om die kwelling te stil in die hart van 'n Kanaänitiese vrou, sal net soveel doen vir die moeders van vandag. Hy wat aan die wuduwee van Nain haar enigste seun uit die dode teruggegee het, en wat in Sy foltering aan die kruis aan Sy eie moeder gedink het, word vandag nog geraak deur 'n moeder se droefheid. In elke droefheid en in elke nood sal Hy vertroosting en hulp gee.

Laat moeders na Jesus kom met hulle moeilikhede. Hy sal hulle genoeg genade gee om hulle kinders te regeer. Die poorte is oop vir elke moeder wat haar laste aan die voete van die Heiland wil lê. Hy wat gesê het, "Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie," nooi vandag nog die moeders om die kleintjies
[521] te bring sodat Hy hulle kan seën. Selfs 'n baba in sy moeder se arms
[522] kan in die skaduwee van die Almagtige skuil deur die geloof van die biddende moeder. Johannes die Doper is met die Heilige Gees vervul by sy geboorte. As ons maar in gemeenskap met God wou lewe, mag ons ook verwag dat die goddelike Gees ons kindertjies sal vorm, selfs van hulle eerste oomblikke af.

In die kinders wat na Hom toe gebring is, het Jesus die manne en vroue gesien wat die erfgename van Sy genade, en die onderdane van Sy koninkryk sou. wees, en sommige waarvan martelare vir Sy ontwil sou word. Hy het geweet dat daardie kinders na Hom sou luister en Hom sou aanneem as hulle Verlosser meer geredelik as die volwassenes, baie waarvan eiewys en hard van hart was. In Sy leer het Hy afgedaal tot hulle peil. Hy, die majesteit van die hemel, het nie te veel van Homself gedink om hulle vrae te beantwoord

en Sy belangrike lesse te vereenvoudig om verstaanbaar te wees vir hulle kindergemoed nie. In hulle harte het Hy die saadjies van die waarheid geplant wat in later jare sou ontkiem en vrugte tot die ewige lewe sou voortbring.

Dit is nog waar dat kinders die vatbaarste is vir die leer van die evangelie; hulle hartjies is oop vir die goddelike invloede, en sterk om die lesse te onthou wat geleer is. Klein kindertjies kan Christene wees, met 'n ervaring volgens hulle jare. Hulle het behoefte aan onderrig in geestelike dinge, en ouers behoort hulle alle hulp te gee, sodat hulle karakters kan vorm volgens die karakter van Christus.

Vaders en moeders behoort hulle kinders te beskou as jonger lede van die Here se gesin, aan hulle toevertrou om opgelei te word vir die hemel. Die lesse wat ons self van Christus leer, behoort ons aan ons kinders te leer; namate die kinderverstand dit kan vat, moet die skoon- heid van die beginsels van die hemel aan hulle verduidelik word. Op hierdie manier word die Christelike huis n skool waar die ouers as onderwysers optree, terwyl Christus die opperste leraar is.

Waar ons vir die bekering van ons kinders werk, moet ons nie na die openbaring van emosie kyk as die vernaamste bewys van die oortuiging van sonde nie. Ook is dit nie nodig om presies die tyd te weet wanneer hulle tot bekering gekom het nie. Ons moet hulle leer om hulle sondes na Jesus te bring, Hom om vergifnis te vra, en te glo dat Hy hulle vergewe en hulle aanneem soos Hy die kinders aangeneem het toe Hy hier op aarde was. [523]

Waar 'n moeder haar kinders leer om haar te gehoorsaam omdat hulle haar liefhet, leer sy hulle die eerste lesse van die Christelike lewe. Die liefde van die moeder stel vir die kind die liefde van Christus voor, en die kleintjies wat hulle moeder vertrou en gehoorsaam, leer daardeur om die Heiland te vertrau en te gehoorsaam.

Jesus was 'n voorbeeld vir die kinders, en Hy was ook 'n voorbeeld vir vaders. Hy het gespreek soos iemand wat gesag het, en Sy woord was met krag; maar nogtans, in al Sy aanrakings met onbeskofte en gewelddadige manne het Hy nie een onvriendelike of onhoflike woord geuiter nie. Die genade van Christus in die hart sal 'n hemelse waardigheid en fatsoenlikheid gee. Dit sal alles wat hard is, versag, en alles wat onbeskof en onvriendelik is, onderdruk. Dit sal vaders en moeders beweeg om hulle kinders te behandel as intelligente wesens, net soos hulle self behandel wil wees.

Ouers, by die opleiding van u kinders moet u die lesse studeer wat God in die natuur gegee het. As u ’n roos of lelie of ander soort blom wil kweek, hoe sou u dit doen? Vra die tuinier wat hy doen om elke tak en blad so mooi te laat ontwikkel. Hy sal u vertel dat dit nie deur onverskillige aanraking of swaar werk plaasvind nie, want dit sou net die swak stingeltjies laat knak. Maar dit geskied deur klein, werkies, dikwels gedoen. Hy het die grond klam gemaak, die plantjies beskerm teen die sterk winde en teen die hitte van die skroeiende son, en God het hulle laat groei en die pragtige blomme voortgebring. Waar u met u kinders werk, moet u die metodes van die blommekweker volg. Deur sagte aanraking, deur liefdesdiens, moet u trag om hulle karakters te vorm volgens die patroon van die karakter van Christus.

Moedig liefde tot God en tot mekaar aan. Die rede waarom daar so baie hardvogtige mense in die wêreld is, is omdat ware liefde as swakheid beskou word en ontmoedig en onderdruk word. Die beter natuur van hierdie mense is in hulle kinderjare gesmoor; en tensy die lig van goddelike liefde hulle kille selfsug laat wegsmelt, sal hulle geluk vir ewig bederf wees. As ons wil hê dat ons kinders die sag- moedige gees van Jesus, en die medelyde wat die engele vir ons aan die dag lê, moet openbaar, moet ons grootmoedige en liefdevolle drifte by ons kinders aanmoedig.

Leer die kinders om Christus in die natuur te sien. Neem hulle
[524] uit na buite, na die tuin, onder die bome, en leer hulle om die openbaring van Sy liefde te sien in Sy skepping. Leer hulle dat Hy wat die wette gemaak het wat al die lewende dinge regeer, ook wette vir ons gemaak het, en dat daardie wette vir ons vreugde en geluk daargestel is. Moet hulle nie moegmaak met lang gebede en vervelende prekery nie, maar leer hulle gehoorsaamheid aan die wet van God deur die aanskouelike lesse van die natuur.

Namate u hulle vertroue in u win as navolgers van Christus, sal dit maklik wees om hulle die groot liefde te leer waarmee Hy ons liefgehad het. Waar u trag om die groot waarhede van die verlossing aan hulle te verduidelik, en die kinders te wys op Christus as hulle persoonlike Verlosser, sal engele aan u sy wees. Die Here sal aan vaders en moeders genade skenk om die belangstelling van die kindertjies op te wek in die pragtige verhaal van die Kindjie van Betlehem, wat die hoop van die wêreld is.

Toe Jesus die dissipels beveel het om nie die kinders te belet om na Hom toe te kom nie, het Hy tot Sy navolgers van alle eeue gespreek — tot die beamptes van die kerk, die predikante, die helpers, en alle Christene. Jesus trek die kinders, en Hy sê aan ons: Laat hulle kom; dit is asof Hy wil sê, Hulle sal kom as julle hulle nie verhinder nie.

Moenie u onchristelike karakter Jesus vals laat voorstel nie. Moenie die kleintjies van Hom af weghou deur u kilheid en hardvogtigheid nie. Moet hulle nooit rede gee om te glo dat die hemel nie vir hulle 'n heerlike plek sal wees-as u ook daar is nie. Moenie [525]
van die gods- diens praat as iets wat kinders nie kan verstaan nie, en moenie die indruk skep dat daar nie van hulle verwag word om Christus in hulle kinderjare aan te neem nie. Moet hulle nie onder die valse indruk bring dat die godsdiens van Christus 'n swartgallige godsdiens is, en dat hulle, as hulle na die Heiland kom, alles wat die lewe aangenaam maak, sal moet opgee nie.

Namate die Heilige Gees werk in die harte van die kinders, moet u saam met Hom werk. Leer hulle dat die Here hulle roep, en dat niks Hom groter vreugde sal gee as wanneer hulle hulleself aan Hom oor- gee in die frisheid van hulle jeug nie.

Die Heiland bejeën met die grootste tederheid die siele wat Hy met Sy eie bloed gekoop het. Sy liefde maak aanspraak op hulle. Hy aanskou hulle met die sterkste verlange. Sy hart gaan uit, nie net tot die kinders wat hulle goed gedra nie, maar ook tot die wat siegte karaktertrekke oorgeëerf het. Baie ouers verstaan nie hoe hulle self in 'n groot mate aanspreeklik is vir daardie karaktertrekke in hulle kinders nie. Hulle het nie die sagmoedigheid en wysheid om te werk met die stout kinders wat hulle karakters van hulle ouers geërf het nie. Maar Jesus bejeën hierdie kinders met medelyde. Hy weet waarom die kinders so is.

Die Christenwerker kan 'n werktuig van Christus wees om die kinders tot die Heiland te trek. Deur wysheid en takt kan hy hulle vertroue win; hy kan hulle met moed en hoop besiel, en deur die genade van Christus sal hy sien hoedat hulle van karakter verander, sodat daar van hulle gesê kan word, "Aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele." [526]

# "Een Ding Kom Jy Kort"

EN toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe ?

Die jongman wat hierdie vraag gestel het, was 'n owerste. Hy was ryk aan besittings, en het 'n verantwoordelike posisie beklee. Hy het die liefde van Christus gesien vir die kindertjies wat na Hom gebring is; hy het gesien hoe tederlik Hy hulle ontvang en in Sy arms opgeneem het, en daar het liefde in sy hart ontstaan vir die Heiland. Hy het 'n begeerte gevoel om een van Sy dissipels te word. Hy was so aangedaan, dat hy, toe Christus daar vertrek het, agter Hom aan gehardloop en aan Sy voete neergekniel het, en Hom met die grootste opregtheid en erns die vraag gestel het wat so belangrik vir sy siel, en vir die siel van elke mens is, naamlik, "Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

"Waarom noem jy My goed?" het Christus gevra, "Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God." Jesus wou hierdie owerste se opregtheid toets, en hom laat sê waarom hy Hom as goed beskou het. Sou hy besef het dat die Een wie hy aangespreek het die Seun \an God is? Wat was die ware gevoelens van sy hart?

Die owerste het 'n hoë dunk gehad van sy eie geregtigheid. Hy
[527] het nie regtig gemeen dat hy in enige opsig kortgeskiet het nie, maar hy was darem ook nie tevrede nie. Hy het gevoel dat daar iets was wat hy nie gehad het nie. Sou Jesus hom nie ook kon seën soos die kinder- tjies en sy sielshonger bevredig nie?

In antwoord op sy vraag het Jesus hom meegedeel dat gehoor- saam- heid aan die gebooie van God nodig is as hy die ewige lewe wil verkry; en Hy het verskeie van die gebooie aangehaal wat die mens wys op sy pligte teenoor sy naaste. Die owerste se antwoord was positief: "Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af. Wat kom ek nog kort?"

Christus het in die gesig van hierdie jongman gekyk asof Hy sy lewe gelees en sy karakter ondersoek het. Hy het hom liefgehad en

het verlang om hom daardie vrede en genade en vreugde te gee wat sy karakter sou verander. "Een ding kom jy kort," het Hy gesê, "gaan verkoop alles wat jy het en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, neem die kruis op en volg My."

Christus het aangetrokke gevoel tot hierdie jongman; Hy het ge- weet dat hy opreg was met sy bewering, "Al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af." Die Verlosser het verlang om hom tot daardie insig te bring wat hom in staat sou stel om die nodigheid in te sien van toewyding, en Christelike goedheid. Hy het verlang om 'n nederige en boetvaardige hart in hom te sien, bewus van die groot liefde wat God toekom, en wat sy onvolmaaktheid sal verberg in die volmaaktheid van Christus.

Jesus het in hierdie owerste juis die hulp gesien wat Hy nodig gehad het as die jongman 'n medewerker van Hom sou word in die verlossingswerk. As hy homself onder die leiding van Christus sou stel, sou hy 'n krag ten goede word. Hierdie owerste sou Christus baie goed kon verteenwoordig het, want hy het bevoegdhede gehad wat, as hy homself met die Heiland sou verbind, van hom 'n godde-like krag onder die mense sou gemaak het. Christus, wat sy karakter gesien het, het hom liefgekry. Daar het liefde vir Christus ontstaan in die owerste se hart; want liefde wek liefde. Jesus wou hom baie graag as medewerker hê. Hy wou hom graag maak soos Hy self was, 'n spieël wat die beeld van God sou weerkaats. Hy wou graag sy karakter ontwikkel en dit heilig vir die Meester se diens. As die owerste homself aan Christus sou oorgegee het, sou hy opgewas het in die atmosfeer van Sy teenwoordigheid. As hy maar hierdie keuse [528]
gedoen het, hoe anders sou sy toekoms nie gewees het nie!

"Een ding kom jy kort," het Jesus gesê. "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee dit vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My." Christus het die hart van die owerste gelees. Hy het net een ding kortgekom, maar dit was 'n lewensbelangrike beginsel. Hy het behoefte gehad aan die liefde van God in sy siel. Hierdie tekortkoming, as dit nie aangevul word nie, sou sy ondergang beteken; sy hele natuur sou verdorwe word. Deur die botviering daarvan sou selfsug toeneem. Dus, om die liefde van God te verkry, sou hy sy groot eieliefde moes opgee.

Christus het aan hierdie man 'n toets gestel. Hy het hom voor die keuse gestel tussen die hemelse skat en wêreldse grootheid.

Die hemelse skat sou vir hom verseker wees as Hy Christus sou volg. Maar hy sou sy selfsug moet versaak, en sy wil aan Christus moet oorgee. Die heiligheid van God is aangebied aan hierdie jong owerste. Hy het die kans gehad om ’n seun van God te word, en ’n mede-erfgenaam met Christus van die hemelse skat. Maar dan sou hy die kruis moes opneem en die Heiland moes volg op die pad van selfverloëning.

In werklikheid was Christus se woorde aan die owerste ’n uitnodiging, “Kies dan . . . vandag wie [jy] wil dien.” Josua 24: 15. Die keuse is aan hom oorgelaat. Jesus wou hom baie graag tot bekering bring. Hy het hom die verrotte plek in sy karakter gewys, en met die grootste belangstelling het hy gewag op die uitslag terwyl die jongman die vraag oorweeg het! As hy besluit om Christus te volg, sou hy Sy Woord moet gehoorsaam in alle dinge. Hy sou sy ambisieuse planne moes laat vaar. Met watter ernstige, angstige verlange, met watter sielshonger het die Heiland na die jongman gekyk, hopende dat hy sou gehoor gee aan die uitnodiging van die Gees van God!

Christus het die enigste terme voorgestel wat die owerste sou plaas waar Hy ’n volmaakte Christelike karakter kon vorm. Sy woorde was woorde van wysheid, alhoewel hulle hard en veeleisend geklink het. Om hulle aan te neem en te gehoorsaam, was die owerste se enigste hoop op die saligheid. Sy hoë posisie en sy rykdom het ’n listige invloed ten kwade op sy karakter gehad. As hy aan daardie dinge sou vasklem, sou daar geen plek in sy hart vir God wees nie. Om bietjie of veel terug te hou van God, was om daardie dinge te
[529] behou wat sy sedelike krag en bekwaamheid sou verminder; want as
[530] mens die dinge van hierdie wêreld liefhet, hoe onseker en onwaardig hulle ook mag wees, sal hulle die hele mens in beslag neem.

Die owerste was gou om te verstaan alles wat Christus se woorde van hom geverg het, en dit het hom hartseer gemaak. As hy maar die waarde van die aangebode gawe verstaan het, sou hy sonder aarseling een van Christus se volgelinge geword het. Hy was ’n lid van die geëerde raad van die Jode, en die Satan was besig om hom te vlei met die vooruitsigte van ’n heerlike toekoms. Hy wou die hemelse skat hê, maar hy wou ook die tydelike voordele geniet wat sy rykdom hom sou gee. Hy was jammer dat daar sulke voorwaardes was; hy het die ewige lewe begeer, maar hy was nie gewillig om die opoffering te maak nie. Die prys van die ewige lewe het vir hom

te hoog geskyn, en hy het bedroef weggegaan, "want hy het baie besittings gehad."

Hy het homself bedrieg deur te dink dat hy die wet van God gehou het. Hy het getoon dat rykdom sy afgod was. Hy kon nie die gebooie van God hou terwyl die wêreld die eerste plek in sy hart gehad het nie. Hy het die gawes van God liefgehad meer as die Gewer. Christus het die jongman gemeenskap met Homself aangebied. "Volg My," het Hy gesê. Maar die Heiland was nie van soveel waarde vir hom as sy eie naam onder die mense, of as sy besittings nie. Om sy aardse skatte op te gee wat hy kon sien, vir die hemelse skat wat nie gesien kan word nie, was 'n te groot risiko. Hy het die aanbod van die ewige lewe geweier, en het weggegaan, om vir altyd daarna die wêreld te dien. Duisende kom voor hierdie toets te staan, waar Christus opge- weeg word teen die wêreld, en vele kies die wêreld. Net soos die jong owerste gaan hulle van die Heiland weg en sê in hulle harte, Ek wil nie hierdie Man as leier hê nie.

Christus se handeling met die jongman word voorgestel as 'n aan- skouelike les. God het aan ons die maatstaf van gedrag gegee wat elkeen van Sy diensknegte moet navolg. Dit is gehoorsaamheid aan Sy wet; nie 'n bloot wettiese gehoorsaamheid nie, maar 'n gehoorsaamheid wat die lewe raak en uit die karakter blyk. God het Sy eie karak- terpeil gestel vir almal wat onderdane van Sy koninkryk wil word. Alleen diegene wat medewerkers van Christus wil word, alleen diegene wat wil sê, Here, alles wat ek het en is, gee ek aan U, sal erken word as seuns en dogters van God. Almal behoort te oorweeg wat dit beteken om die hemel te begeer, en dan weg te gaan [531]
omdat hulle nie die voorwaardes wil aanneem nie. Dink aan wat dit beteken om "Nee" te sê vir Christus. Die owerste het gesê, Nee, ek kan U nie alles gee nie. Sê ons dit ook? Die Heiland bied aan om ons te help met die werk wat God ons gegee het om te doen. Hy bied aan om die middele te gebruik wat God ons gegee het, om Sy werk voort te sit in die wêreld! Alleen op hierdie wyse kan Hy ons red.

Die besittings van die owerste is aan hom toevertrou sodat hy kon bewys of hy 'n getroue rentmeester is; hy moes die goed gebruik het tot seën van die behoeftiges. Dis ook met hierdie doel dat God vandag besittings en talente en kanse aan mense gee, sodat hulle Sy agente kan wees om die armes en ellendiges te help. Die persoon

wat die gawes wat hy ontvang het, bestee volgens Gods plan, is ’n medewerker van Christus. Hy win siele vir Christus, omdat hy Sy karakter openbaar.

Vir diegene wat soos die jong owerste verantwoordelike posisies beklee en baie besittings het, mag dit na ’n te groot opoffering lyk om alles op te gee om Christus te volg. Maar dit is die maatstaf vir almal wat Sy dissipels wil word. Niks behalwe gehoorsaamheid sal aangeneem word nie. Selfoorgawe is die kern van die leer van Christus. Dikwels word dit beveel in taal wat gebiedend lyk, want daar is geen ander manier om die mens te red nie as om hom te bevry van daardie dinge wat, as hy daaraan vasklem, sy sedelike ondergang sal bewerk.

Wanneer Christus se navolgers aan die Here Sy eiendom teruggee, vergader hulle vir hulleself skatte wat aan hulle teruggegee sal word die dag wanneer hulle die woorde hoor, “Mooi so, goeie en getroue slaaf, . . . Gaan in in die vreuge van jou heer.” “Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.” Matt. 25: 23; Heb. 12: 2. Die vreugde om siele gered te sien, vir ewig gered, dit sal die loon wees van almal wat volg in die voetstappe van
[532] Hom wat gesê het, “Volg My.”

# “Lasarus, Kom Uit”

ONDER die standvastigste volgelinge van Jesus was Lasarus van Betanië. Vandat hy Hom die eerste maal ontmoet het, was sy geloof in Christus sterk; sy liefde vir Hom was diepgaande, en die Heiland het hom ook baie liefgehad. Dit was vir Lasarus wat Christus Sy grootste wonderwerk verrig het. Die Heiland het almal geseën wat by Hom hulp kom soek het; Hy het die hele mensdom lief, maar Hy is aan sommige geheg deur spesiale herinneringe. Hy was met sterk bande van liefde verbind aan die gesin van Betanië, en vir een van hulle het Hy die grootste wonderwerk gedoen.

Jesus het dikwels gerus in die huis van Lasarus. Die Heiland het geen huis van Sy eie gehad nie; Hy was afhanklik van die gasvryheid van Sy vriende en dissipels, en dikwels, wanneer Hy moeg was en verlang het na die gemeenskap van medemense, het dit Hom behaag om te ontvlug na hierdie vreedsame gesin, weg van die agterdog en jaloesie van die kwaadwillige Fariseërs. Daar is Hy altyd hartlik verwelkom, en het Hy reine, heilige vriendskap ontvang. Daar kon Hy in eenvoud en alle vrymoedigheid praat, wetende dat Sy woorde begryp en gewaardeer sou word. [533]

Ons Heiland het ’n stille woning en belangstellende toehoorders gewaardeer. Hy het verlang na menslike tederheid, hoflikheid, en liefde. Diegene wat die hemelse onderrig aangeneem het wat Hy altyd gewillig was om te gee, is ryklik geseën. Waar die skare Christus gevolg het deur die oop velde, het Hy aan hulle die skoonheid van die natuurlike wêreld geopenbaar. Hy het getrag om die oë van hulle verstand te open, sodat hulle kon sien hoedat die hand van God die wêreld in stand hou. Om hulle te help om Gods goedheid en liefde te waardeer, het Hy die aandag van Sy toehoorders gevestig op die sagte dou, die sagte reënbuie, en die heerlike sonskyn wat val op beide goeie en siegte mense. Hy wou hê dat die mense ’n beter besef moes kry van die liefde wat God koester teenoor Sy skepsels. Maar die skare was traag om te verstaan, en in daardie huis in Betanië het Christus rus gevind van die vermoeienis van die openbare lewe.

Daar kon Hy aan 'n dankbare gehoor dinge uit die Boek van die Voorsienigheid openbaar. By daardie private onderhoude het Hy aan Sy toehoorders dinge ge-openbaar wat Hy nie geprobeer het om aan die gemengde skare te verduidelik nie. Daar was dit nie nodig om tot Sy vriende deur middel van gelykenisse te spreek nie.

Wanneer Christus Sy wonderbare lesse gegee het, het Maria aan Sy voete gesit, 'n eerbiedige en getroue toehoorder. By een geleentheid het Martha, belas met die sorge om die ete te berei, by Christus gekla en gesê, "Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê dan vir haar om my te help." Dit was tydens Christus se eerste besoek aan Betanië. Die Heiland en Sy dissipels het so pas die vermoeiende reis te voet afgelê vanaf Jerigo. Martha wou hulle graag iets voorsit, en in haar gretigheid het sy die hoflikheid vergeet wat haar Gas toegekom het. Jesus het haar sag en geduldig geantwoord, "Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie sal weggeneem word nie." Maria het in haar hart die kosbare woorde van die Heiland se lippe opgeneem, woorde wat vir haar dierbaarder was as die aarde se kosbaarste juwele.

Die "een ding" wat Martha nodig gehad het, was 'n stille, aanbiddende gees, 'n groter begeerte om die toekoms te ken, die ewige lewe, en die genade wat nodig is vir geestelike opwassing. Sy moes
[534] haarseif minder gekwel het oor verganklike dinge, en meer oor die ewige dinge. Jesus wil Sy kinders leer om gebruik te maak van elke geleentheid om daardie kennis te verkry wat hulle wys sal maak tot die saligheid. Die saak van Christus het versigtige, energieke werkers nodig. Daar is 'n groot arbeidsveld vir die Marthas met hulle ywer in godsdienstige werk. Maar dan moet hulle eers saam met Maria aan die voete van Jesus sit. Laat ywer, gewilligheid, en energie geheilig word deur die genade van Christus; dan sal die lewe 'n onoorwinlike krag ten goede wees.

Daar het droefheid gekom in daardie rustige huis waar Jesus gerus het. Lasarus het skielik siek geword, en sy susters het die Heiland laat roep, en die volgende boodskap aan Hom gestuur, "Here, hy vir wie U liefhet, is siek." Hulle het gesien dat dit 'n ernstige siekte was wat hulle broer gehad het, maar hulle het ook geweet dat Jesus bewys het dat Hy in staat is om alle siekte te genees. Hulle het geglo dat Hy medelyde met hulle sou hê in hulle ellende; daarom

het hulle Hom nie dadelik dringend versoek om te kom nie, maar slegs die vertrouelike boodskap gestuur, "Hy vir wie U liefhet, is siek. Hulle het gedog dat Hy dadelik sou reageer op hulle boodskap en na hulle sou kom so spoedig as wat Hy Betanië kon bereik.

In angs het hulle gewag op tyding van Jesus. Solank as wat daar nog lewe in hulle broer was, het hulle gebid en gewag vir Jesus. Maar die boodskapper het sonder Hom teruggekom. Hy het egter die volgende boodskap aan hulle gebring: "Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie," en hulle het bly hoop dat Lasarus nie sou sterf nie. In tederheid het hulle geprobeer om die byna bewustelose lyer met hoop en mocd te besiel. Toe Lasarus sterf, was hulle bitter teleurgestel, maar hulle het nogtans die versterkende genade van Christus gevoel, en dit het hulle weerhou om die Heiland dit nie te verwyt nie.

Toe die boodskap aan Christus gebring is, het die dissipels gemeen dat Hy dit baie koel ontvang het. Hy het nie daardie droefheid geopenbaar wat hulle verwag het nie. Hy het hulle aangespreek en gesê, "Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie, maar tot die heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word." Vir nog twee dae het Hy vertoef op die plek waar Hy was. Hierdie handelwyse was 'n raaisel vir die dissipels. Watter vertroosting sou Sy teenwoordigheid nie wees vir die geteisterde huisgesin nie, het hulle gedink! Sy groot liefde vir die gesin van Betanië was goed bekend aan Sy dissipels, en hulle was verwonder dat Hy nie [535]
gehandel het nie op die treurige boodskap, "Hy vir wie U liefhet, is siek."

Gedurende die twee dae het dit geskyn of Jesus die boodskap heeltemal vergeet het, want Hy het nooit van Lasarus gepraat nie. Die dissipels het begin dink aan Johannes die Doper, die voorloper van Jesus. Hulle het gewonder waarom Jesus, wat die mag het om won- derwerke te doen, toegelaat het dat Johannes in die gevangenis kwyn om eindelik 'n gewelddood te sterf. Aangesien Hy sulke groot mag het, waarom het Jesus nie Johannes se lewe gered nie? Hierdie vraag is dikwels deur die Fariseërs gevra, en hulle het dit aangevoer as onweerlegbare bewys teen Christus se aanspraak dat Hy die Seun van God is. Die Heiland het Sy dissipels gewaarsku van beproewings, Verliese, en vervolging. Sou Hy hulle ook verlaat in beproewing?

Sommige het getwyfel of hulle Sy sending reg verstaan het. Almal was diep ontstel.

Nadat Hy twee dae gewag het, het Jesus aan die dissipels gesê, “Laat ons weer na Judea gaan.” Toe het die vraag by die dissipels ontstaan, waarom, as Jesus na Judea wou gaan, het Hy dan twee dae gewag? Maar bekommernis oor Christus en oor hulleself het nou hulle gedagtes besig gehou. Hulle kon niks as gevaar sien op die weg wat Hy nou wou inslaan nie. “Rabbi,” het hulle gesê, “die Jode het onlangs geprobeer om U te stenig, en gaan U weer daarnatoe? Jesus antwoord: Is daar nie twaalf ure in die dag nie?” Ek is onder die leiding van My Vader; solank as Ek Sy wil doen, is My lewe veilig. My twaalf uur van daglig is nog nie verstreke nie. Ek het die laaste gedeelte van My dag begin, en solank as dit nog nie heeltemal verstreke is nie, is Ek veilig.

“As iemand in die dag wandel, stamp hy hom nie,” het Hy gesê, “omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.” Hy wat die wil van God doen, wat wandel in die pad wat God aangewys het, kan nie struikel en val nie. Die lig van Gods Gees gee hom ’n helder begrip van sy plig, en lei hom op die regte pad totdat sy werk klaar is. “Maar as iemand in die nag wandel, stamp hy hom, omdat die lig nie in hom is nie.” Hy wat die pad van sy eie keuse bewandel, waarop God hom nie geroep het nie, sal hom stamp. Vir hom word die dag in nag
[536] verander, en waar hy ook al is, is hy nie veilig nie.

“Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak.” “Lasarus, ons vriend, slaap.” Hoe aandoenlik is die woorde! Hoe vol medelyde! Deur te dink aan die gevaar waarin hulle Meester Hom sou begeef om na Jerusalem te gaan, het die dissipels byna die bedroefde gesin in Betanië vergeet. Maar Christus het nie. Die dissipels het gevoel dat hulle bestraf is. Hulle was teleurgestel dat Christus nie dadelik gegaan het toe Hy die boodskap ontvang het nie. Hulle het in die versoeking gekom om te dink dat Hy nie die liefde vir Lasarus en sy susters gehad het wat hulle gemeen het nie, of Hy sou sonder verwyl met die boodskapper saam teruggegaan het. Maar die woorde, “Lasarus, ons vriend, slaap,” het weer die regte gevoelens in hulle harte gebring. Hulle was nou oortuig dat Christus nie Sy lydende vriende vergeet het nie.

"Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek." Christus stel die dood as 'n slaap aan Sy gelowige kinders voor. Hulle lewe is met Christus verberg in God, en diegene wat sterf, sal in Hom slaap tot die laaste basuin sal weerklink.

"Toe sc Jesus vir hulle prontuit: Lasarus is dood. En Ek is bly om julle ontwil dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom toe gaan." Thomas kon niks anders as die dood vir sy Meester sien as hulle na Judea sou gaan nie; maar hy het sy gees versterk, en aan die ander dissipels gesê, "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe." Hy het geweet hoe die Jode Christus gehaat het. Dit was hulle doel om Hom dood te maak, maar hulle het nie daarin geslaag nie, omdat Sy tyd nog nie verstreke was nie. Solank daardie tyd geduur het, het hemelse engele Jesus beskerm; en selfs in die dele van Judea, waar die rabbi's besig was met planne hoe hulle Hom gevange kon neem en doodmaak, sou geen kwaad Hom tref nie.

Die dissipels was verbaas oor Christus se woorde toe Hy gesê het, "Lasarus is dood. En Ek is bly . . . dat Ek nie daar was nie." Het die Heiland dan met opset vermy om na die huis van Sy lydende vriende te gaan? Oënskynlik was Maria en Martha en die sterwende Lasarus alleen gelaat. Maar hulle was nie alleen nie. Christus het die hele toneel gesien, en ná die dood van Lasarus is die bedroefde susters versterk deur Sy genade. Jesus het die groot droefheid van [537]
hulle verskeurde harte gesien terwyl hulle broer met die magtige vyand, die dood, geworstel het. Hy het hulle angs gevoel toe Hy aan Sy dissipels gesê het, "Lasarus is dood." Maar Christus het nie alleen die geliefdes te Betanië gehad om aan te dink nie; Hy moes ook dink aan die opleiding van Sy dissipels. Hulle sou Sy verteenwoordigers in die wêreld word, sodat die seën van die Vader tot almal mag kom. Vir hulle ontwil het Hy toegelaat dat Lasarus sterf. As Hy hom van sy siekte gesond sou gemaak het, sou die wonderwerk wat van die sterkte van Sy god- delike karakter getuig, nooit geskied het nie.

As Christus in die siekekamer was, sou Lasarus nie gesterf het nie, want dan sou die Satan geen mag oor hom gehad het nie. Die dood sou nie sy pyl op Lasarus afgeskiet het in die teenwoordigheid van die Lewegewer nie. Om daardie rede het Christus weggebly.

Hy het die vyand toegelaat om sy mag te gebruik, sodat Hy hom kon terugdryf en verslaan. Hy het toegelaat dat Lasarus onder die heerskappy van die dood kom; en die bedroefde susters moes sien hoedat hulle broer in die graf gelê word. Christus het geweet dat dit n verskriklike toets vir hulle geloof sou wees as hulle die lyk van hulle broer moes aanskou. Maar Hy het ook geweet dat die gevolg van die vreeslike beproewing wat hulle sou deurmaak, hulle geloof met baie groter krag sou laat skyn. Al die droefheid wat hulle deurgemaak het, het Hy ook gevoel. Hy het hulle nie minder liefgehad omdat Hy nie dadelik gekom het nie, maar Hy het geweet dat daar vir hulle, vir Lasarus, vir Homself, en vir Sy dissipels 'n groot oorwinning sou behaal word.

"Om julle ontwil;" "met die doel dat julle mag glo." Vir almal wat ernstig soek na die leiding van God, is die oomblik wanneer alles die donkerste lyk die tyd wanneer goddelike hulp die naaste is. Hulle sal met dankbaarheid terugkyk op daardie donker pad wat hulle moes bewandel. "Die Here weet om die godsaliges te verlos uit versoeking."

Pet. 2:9. Uit elke versoeking en elke beproewing sal Hy hulle bring met 'n sterker geloof en 'n ryker ondervinding.

Deur nie dadelik na Lasarus te gaan nie, het Christus genade betoon aan diegene wat Hom nie aangeneem het nie. Hy het getalm om te kom sodat Hy, deur Lasarus op te wek uit die dode, aan Sy hardnekkige, ongelowige volk nog verdere bewys kon gee dat Hy inderwaar- heid "die opstanding en die lewe" is. Hy het nie maklik
[538] alle hoop vir Sy volk, die arme dwalende skape van die huis van Israel, opgegee nie. Hulle onboetvaardigheid het Sy hart gebreek. In Sy barmhartigheid het Hy besluit om hulle 'n verdere bewys te gee dat Hy die Hersteller is, die enigste Een wat die lewe en die onsterflikheid kan gee. Dit sou bewys wees wat die priesters nie sou kon misverstaan nie. Dit was die rede waarom Hy nie dadelik na Betanië gegaan het nie. Hierdie kroon van Sy wonderwerke, naamlik die opwekking van Lasarus, sou die seël van God plaas op Sy werk en Sy aanspraak op die godheid.

Op Sy reis na Betanië, het Jesus, soos Sy gewoonte was, die siekes en die behoeftiges gehelp. Toe Hy in die dorpie aankom, het Hy 'n boodskapper na die susters gestuur om hulle te verwittig van Sy koms. Christus het nie dadelik die huis binnegegaan nie, maar

het op 'n stil plekkie langs die pad gewag. Die groot vertoon wat die Jode gemaak het by die dood van vriende, of bloedverwante, het nie die stille gees van Christus aangestaan nie. Hy het die geweeklaag van die gehuurde roudraers gehoor, en Hy wou nie graag die susters in daardie verwarring ontmoet nie. Onder die vriende was daar bloedverwante van die gesin, sommige waarvan hoë en verantwoordelike betrekkings in Jerusalem beklee het. Onder hulle was van Christus se bitterste vyande. Christus was bewus van hulle planne, en daarom het Hy Homself nie sommer dadelik aangemeld nie.

Die boodskap is so stil aan Martha gebring dat die ander in die vertrek dit nie gehoor het nie. In haar droefheid het Maria dit nie gehoor nie. Martha het dadelik opgestaan en na haar Here gegaan; omdat sy gedink het dat Martha na Lasarus se graf gegaan het, het Maria in haar droefheid bly sit, maar nie gehuil nie.

Martha is vinnig na Jesus toe met gemengde gevoelens. In Sy gelaat het sy dieselfde tederheid en liefde gesien wat altyd daar was. Haar vertroue in Hom was ewe sterk, maar sy het aan haar geliefde broer gedink wat Jesus ook liefgehad het. Met opwellende droefheid in haar hart omdat Jesus nie eerder gekom het nie, maar nogtans met hoop dat Hy selfs nou nog iets sou doen om hulle te vertroos, het sy gesê, "Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterwe het nie." Oor en oor, te midde van die rumoer het die susters hierdie woorde herhaal.

Met menslike en goddelike ontferming het Jesus haar droewige
gelaat aanskou. Martha het geen begeerte gehad om te vertel wat [539]
gebeur het nie; alles het sy uitgedruk in haar patetiese woorde, "Here, [540]
as U hier gewees het, sou my broer nie gesterwe het nie." Maar terwyl
sy na daardie gelaat van liefde gekyk het, het sy bygevoeg, "Maar
selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God U sal gee."

Jesus het haar geloof aangemoedig deur te sê, "Jou broer sal opstaan." Sy antwoord was nie bedoel om hoop te gee dat daar 'n onmiddellike verandering sou plaasvind nie. Hy het Martha se gedagte gevoer verder as die onmiddellike opwekking van haar broer na die tyd van die opstanding van die regverdiges. Dit het Hy gedoen sodat sy in die opwekking van Lasarus 'n belofte kon sien van die opwekking van al die regverdige dode, en 'n versekering dat dit sou geskied deur die krag van die Verlosser.

Martha het geantwoord, “Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.”

Nog soekende om die regte rigting aan haar geloof te gee, het Jesus gesê, “Ek is die opstanding en die lewe.” In Christus is die oorspronklike, ongeleende, onverkryde lewe. “Hy wat die Seun het, het die lewe.” 1 Joh. 5: 12. Die godheid van Christus is die gelowige se versekering van die ewige lewe. “Wie in My glo,” het Jesus gesê, “sal lewe al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?” Christus het hier vooruitgekyk na die tyd van Sy wederkoms. Dan sal die regverdige dode in onverganklikheid opgewek word, en die lewende regverdiges sal na die hemel geneem word sonder om die dood te smaak. Die wonderwerk wat Christus op die punt gestaan het om te doen, naamlik die opwekking van Lasarus uit die dode, sou ’n voorstelling wees van die opstanding van al die regverdige dode. Deur Sy woorde en Sy werke het Hy getoon dat Hy self die bewerker van die opstanding is. Hy wat eerlank self aan die kruis sou sterf, het met die sleutels van die dood gestaan, oorwinnaar oor die graf, en Hy het Sy reg en Sy mag om die ewige lewe te gee, betuig.

Op Sy vraag, “Glo jy dit?” het Martha geantwoord, “Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.” Sy het nie die volle betekenis van die woorde wat Christus gespreek het, verstaan nie, maar sy het haar geloof in Sy godheid bely, asook haar vertroue dat Hy in staat is om alles te doen wat dit
[541] Hom mag behaag om te doen.

“En nadat sy dit gesê het, gaan sy en roep Maria, haar suster, stilletjies en sê: Die Meester is hier en Hy roep jou.” Sy het die boodskap so ongemerk moontlik gegee, want die priesters en owerstes was gereed om Jesus by die eerste geleentheid gevange te neem. Onder die geweeklaag van die roudraers is haar woorde nie gehoor nie.

Toe sy die boodskap kry, het Maria haastig opgestaan, en met ’n trek van verwagting die kamer verlaat. Menende dat sy na die graf gaan om te ween, het die roudraers haar gevolg. Toe sy by Jesus kom waar hy gewag het, het sy aan Sy voete neergekniel en met bewende lippe gesê, “Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterwe het nie.” Die geween van die roudraers het haar gehinder, want sy wou graag ’n paar oomblikke alleen wees met Jesus. Maar sy het

ge- weet van die haat en nyd wat sommige daar teen Jesus gekoester het, en sy het dus nie volle uiting gegee aan haar droefheid nie.

"Toe Jesus haar dan sien ween en die Jode wat saam met haar gekom het, het Hy geweldig bewoë geword in Sy gees en Hom ontstel." Hy het die gedagtes gelees van die wat daar vergader het. Hy het gesien dat die openbaring van droefheid in die geval van vele maar net skyn was. Hy het geweet dat sommige daar, wat nou skynheilige droefheid geopenbaar het, eerlank besig sou wees met planne vir die dood, nie net van die magtige Wonderwerker nie, maar ook van die een wat uit die dode opgewek sou word. Christus kon hulle skynheiligheid aan die kaak gestel het. Maar Hy het Sy regverdige toorn bedwing. Die woorde wat Hy in alle waarheid kon gesê het, het Hy nie gespreek nie terwille van die geliefde wat aan Sy voete in droefheid gekniel het, en wat waarlik in Hom geglo het.

"Waar het hulle hom neergelê?" het Hy gevra. "Hulle sê vir Hom: Here, kom kyk." Saam is hulle na die graf. Dit was 'n treurige toneel. Hulle was baie lief vir Lasarus, en sy susters het oor hom geween met gebroke harte, terwyl sy vriende saam met sy susters geween het. By die aanskouing van hierdie menslike droefheid, en die feit dat die bedroefde vriende oor die dode kon ween terwyl die Verlosser van die wêreld daar gestaan het, het Jesus ook geween. Alhoewel Hy die Seun van God was, het Hy die menslike natuur aangeneem, en menslike droefheid het Hom ook geaffekteer. Sy teer en jammer hart gaan altyd uit in medelyde waar daar droefheid is. Hy ween saam met diegene wat ween, en Hy verbly Hom saam met diegene wat bly is. [542]

Maar dit was nie slegs ten gevolge van Sy menslike meegevoel met Maria en Martha dat Jesus geween het nie. In Sy trane was daar 'n droefheid so ver bokant menslike droefheid as wat die hemel van die aarde is. Christus het nie geween vir Lasarus nie; want Hy het op die punt gestaan om hom uit die graf op te wek. Hy het geween omdat so baie wat nou getreur het oor Lasarus, eerlank planne sou maak om Hom, die opstanding en die lewe, dood te maak. Maar die ongelowige Jode was hoegenaamd nie in staat om Sy trane reg te begryp nie! Sommige wat niks meer kon sien as net die uiterlike omstandighede van die toneel as die rede waarom Hy geween het nie, het fluisterend gesê, "Kyk, hoe lief het Hy hom gehad!" Ander weer, wat die saad van ongeloof wou saai in die harte van die mense

daar teenwoordig, het spottend gevra, “Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie maak dat hierdie man ook nie gesterwe het nie?” As Christus die mag gehad het om Lasarus te red, waarom het Hy hom dan laat sterf ?

Met profetiese oog het Christus die vyandigheid gesien van die Fariseërs en die Sadduseërs. Hy het geweet dat hulle voornemens was om Hom dood te maak. Hy het geweet dat sommige van die wat oën- skynlik so simpatiek gelyk het, baie gou die deur van hoop en die poorte van die Godstad teen hulkseif sou sluit. In Sy vernedering en kruisiging sou daar ’n toneel afgespeel word wat die verwoesting van Jerusalem ten gevolge sou hê, en as dit gebeur sou niemand die dode beween nie. Die vergelding wat oor Jerusalem sou kom, is duidelik voor Hom geskilder. Hy het Jerusalem beleër gesien deur die Romeinse legioene. Hy het geweet dat baie wat nou oor Lasarus geween het, sou omkom in die beleg van die stad, en in hulle dood sou daar geen hoop wees nie.

Dit was nie alleen oor die toneel voor Hom dat Jesus geween het nie. Die gewig van die droefheid van die eeue was op Hom. Hy het die vreeslike gevolge gesien van die oortreding van Gods wet. Hy het gesien hoedat in die geskiedenis van die wêreld, van die dood van Abel af, die stryd tussen goed en kwaad onafgebroke gewoed het. In die jare van die toekoms het Hy die leed en droefheid en trane en dood gesien wat die lot van die mensdom sou wees. Sy hart is deurboor met die pyn van die mensekinders van alle eeue en alle lande. Die ellende van die sondige geslag het swaar op Sy siel
[543] gedruk; die fontein van Sy trane het oopgegaan waar Hy verlang het om hulle te verlos van al hulle eilende.

“En Jesus het weer in Homself geweldig bewoë geword en by die graf gekom.” Lasarus is gelê in ’n spelonk in die rotswand, en ’n groot klip is teen die ingang geplaas. “Neem die steen weg,” het Christus gelas. Menende dat Hy maar net die lyk wou sien, het Martha beswaar gemaak en gesê dat die liggaam al vier dae in die graf was en dat ontbinding al begin het. Hierdie verklaring, gemaak vóór die opwekking van Lasarus, het die vyande van Christus geen kans gegee om te sê dat daar bedrog gepleeg is nie. In die verlede het die Fariseërs valse gerugte versprei aangaande meeste van die wonderbaarlike openbarings van die krag van God. Toe Christus die dogtertjie van Jaïrus opgewek het, het Hy gesê, “Die kind is nie

dood nie, maar slaap." Markus 5: 39. Aangesien sy maar 'n kort rukkie siek was, en onmiddellik ná haar dood weer opgewek is, het die Fariseërs beweer dat die kind nooit dood was nie, en dat Christus self gesê het dat sy slaap. Hulle wou die skyn gee dat Christus nie siektes kon genees nie, en dat daar bedrog was in verband met Sy wonderwerke. Maar in hierdie geval kon niemand dit ontken dat Lasarus werklik dood was nie.

Wanneer die Here op die punt staan om 'n werk te doen, beweeg die Satan altyd iemand om beswaar te maak. "Neem die steen weg," het Christus gesê. Berei sover moontlik die weg vir My werk. Maar Martha se positiewe en eiesinnige natuur het op die voorgrond getree. Sy wou nie die reeds ontbindende liggaam laat blootstel nie. Die menslike hart is traag om Christus se woorde te verstaan, en Martha se geloof het nie die ware betekenis van Sy belofte begryp nie.

Christus het Martha bestraf, maar Hy het dit baie saggies gedoen. "Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?" Waarom sal jy dan twyfel aan My mag? Waarom redeneer jy teen My bevele. Jy het My Woord. As jy dit wil glo, sal jy die heerlikheid van God sien. Natuurlike omstandighede kan nie die werk belet van die Almagtige nie. Twyfel en ongeloof is nie nederigheid nie. Absolute geloof in Gods Woord is ware nederigheid, ware oorgawe.

"Neem die steen weg." Christus kon die steen beveel het om weg te rol, en dit sou Sy stem gehoorsaam het. Hy kon die engele wat daar naby was, beveel het om dit te doen. Op Sy bevel sou onsigbare [544]
hande die steen weggeneem het. Maar dit moes deur mensehande weggeneem word. So wou Christus toon dat die mensheid met die Godheid moet saamwerk. Dit was nie nodig om goddelike krag te gebruik as menslike krag dit kon doen nie. God wil nie die hulp van die mens ter syde stel nie. Hy versterk die mens, en werk saam met hom waar hy die kragte en vermoëns gebruik wat aan hom gegee is.

Die bevel is gehoorsaam. Die steen is weggerol. Alles word openlik en met voorbedagte rade gedoen. Almal het geleentheid om te sien dat geen bedrog gepleeg word nie. Daar lê die liggaam van Lasarus in die spelonk, koud en stil in die dood. Die geween van die roudraers word stil. Verbaas en verwagtend staan die groep daar by die graf, om te sien wat sou gebeur.

Kalm het Christus voor die graf gestaan. Daar was ’n heilige erns by almal te bespeur. Christus stap nader. Hy hef Sy oë op na die hemel en sê, “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het.” Net ’n rukkie te vore het Christus se vyande Hom betig van godslastering, en hulle het klippe opgetel om Hom te stenig omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God is. Hulle het gesê dat Hy wonderwerke doen deur die mag van die Satan. Maar hier roep Christus God aan as Sy Vader, en sê Hy met die volste vertroue dat Hy die Seun van God is.

In alles wat Hy gedoen het, het Christus saamgewerk met Sy Vader. Hy het dit altyd baie duidelik laat uitkom dat Hy nie onafhanklik opgetree het nie; dit was deur geloof en gebed dat Hy Sy wonderwerke gedoen het. Christus wou hê dat almal moes weet van Sy verhouding tot Sy Vader. “Vader,” het Hy gesê, “Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar terwille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.” Hier sou aan die dissipels en die mense die oortuigendste bewys gegee word van die verhouding tussen Christus en God. Aan hulle sou getoon word dat die aanspraak van Christus nie bedrog was nie.

“En nadat Hy dit gesê het, het Hy met ’n groot stem geroep: Lasarus, kom uit!” Sy stem, helder en deurdringend, het die oor van die dode laat hoor. Toe Hy praat, het die Godheid deur die mensheid geflits. In Sy gesig, wat verlig was deur die heerlikheid van God, het die mense die versekering van Sy mag gesien. Alle oë is op die ingang van die spelonk gerig. Elke oor is gespits om die dofste
[545] geluid te hoor. Met intense belangstelling en in die grootste spanning het almal gewag op die toets van Christus se Godheid, die bewys wat Sy aanspraak sou staaf dat Hy die Seun van God is, of wat vir altyd die hoop sou uitdoof.

Daar is beweging in die stille graf, en die een wat dood was, staan by die ingang van die graf. Sy bewegings is belemmer deur die graf- doeke waarmee hulle hom gebind het, en Christus sê aan die verbaasde toeskouers, “Maak hom los en laat hom gaan.” Weer word aan hulle getoon dat die menslike werktuig saam met God moet werk. Die mens moet vir die mens werk. Lasarus is vrygestel, en hy staan voor die groep, nie soos iemand wat deur siekte uitgeteer is, met swak, onvaste ledemate nie, maar soos ’n man in die bloei van sy lewe, in die volle krag van sy manlikheid. Sy oë skitter intelligent

en is vol liefde vir sy Verlosser. Hy het in aanbidding neergeval aan die voete van Jesus.

Die toeskouers was eers sprakeloos van verbasing. Toe het daar 'n onbeskryflike toneel van blydskap en danksegging gevolg. Die susters het hulle broer in die lewe terug ontvang as 'n gawe van God, en met trane van blydskap het hulle met gebroke stem hulle Heiland bedank. Maar terwyl broer, susters, en vriende hulle verbly het in die hereniging, het Jesus Hom aan die geselskap onttrek. Toe hulle weer soek na die Lewegewer, was Hy nêrens te vind nie. [546]

## "Die Priesters Hou Saam Raad"

BETANIË was so naby Jerusalem dat die nuus van die opwekking van Lasarus gou in die stad versprei is. Deur spioene wat die wonderwerk gesien het, is die Joodse owerstes spoedig op hoogte gebring van die feite. Dadelik is daar 'n vergadering van die Sanhedrin belê om te besluit wat gedoen moes word. Christus het nou ten volle Sy mag oor die dood en die graf geopenbaar. Daardie magtige wonderwerk was die kroonstuk van die bewyse wat God aan die mense gegee het dat Hy Sy Seun in die wêreld gestuur het vir hulle verlossing. Dit was 'n openbaring van goddelike krag, genoeg om enige persoon te oortuig wat by sy volle positiewe was en wie se gewete verlig was. Baie wat die opwekking van Lasarus gesien het, het gelowig geword in Jesus. Maar die haat van die priesters teen Hom het heftiger geword. Hulle het al die mindere bewyse van Sy godheid verwerp, en hierdie nuwe wonderwerk het hulle net woedender gemaak. Die dode is opgewek, helder oordag, en voor 'n skare van toeskouers. Daar kon nie gesê word dat die wonder deur 'n slenterslag geskied het nie. Juis om hierdie rede het die woede van die priesters groter geword, en hulle was meer vasberade as ooit
[547] om 'n einde te maak aan Christus se werk.

Die Sadduseërs, alhoewel hulle Christus nie goedgesind was nie, was nie met soveel kwaadwilligheid teen Hom besiel soos die Fariseërs nie. Hulle haat was nie so bitter nie. Maar nou was hulle heeltemal ontstel. Hulle het nie geglo in die opstanding van die dode nie. Hulle het die sogenaamde wetenskap aangehaal, en betoog dat dit 'n onmoontlikheid was om 'n dooie liggaam weer in die lewe terug te bring. Maar deur 'n paar woorde van Christus is hulle teorie omver- gewerp. Daar is bewys dat hulle onkundig was beide aangaande die Skrifte en die krag van God. Hulle het geen moontlikheid gesien om die indruk uit te wis wat deur die wonderwerk op die mense gemaak is nie. Hoe sou hulle die mense afvallig kon maak van die Een wat mag gehad het oor die graf om die dode daaruit te laat voortkom? Valse gerugte is in omloop gebring, maar

die wonderwerk kon nie weggeredeneer word nie, en hoe om die uitwerking daarvan te bestry, het hulle nie geweet nie. Tot dusver was die Sadduseërs nie ten gunste daarvan om Christus om die lewe te bring nie, maar ná die opwekking van Lasarus het hulle besluit dat hulle alleen deur Sy dood Sy onver- skrokke veroordelings sou kon beëindig.

Die Fariseërs het geglo in die opstanding, en hulle kon nie help om te sien dat hierdie wonderwerk die bewys is dat die Messias onder hulle was nie. Maar hulle het altyd Sy werk teengestaan. Hulle het Hom van die begin af gehaat omdat Hy hulle skynheiligheid aan die kaak gestel het. Hy het die mantel van die strenge seremonies waarmee hulle hulle onsedelikheid bedek het, afgeskeur. Die reine godsdiens wat Hy geleer het, het hulle geveinsde vroomheid veroordeel. Hulle het gedors na weerwraak op Hom oor Sy snydende bestraffings. Hulle het geprobeer om Hom uit te tart om iets te sê of te doen wat hulle grond sou gee om Hom te veroordeel. Verskeie maal het hulle probeer om Hom te stenig, maar Hy het Hom stil onttrek en hulle kon Hom nie vind nie.

Die wonderwerke wat Hy op die Sabbat gedoen het, was almal om verligting te bring aan siekes, maar die Fariseërs wou Hom op grond daarvan veroordeel as 'n Sabbatskender. Hulle het geprobeer om die Herodiane teen Hom op te wek. Hulle het Hom voorgestel as iemand wat 'n mededingende koninkryk wou stig, en hulle het planne bespreek hoe om Hom dood te maak. Om die Romeine teen Hom op te wek, het hulle Hom voorgestel as iemand wat hulle gesag wou ondermyn. Hulle het alles moontlik geprobeer om Hom te belet [548]
om die mense te beïnvloed. Maar tot dusver het al hulle pogings misluk. Die skares wat getuies was van Sy werk van genade, en Sy rein en heilige leer gehoor het, het geweet dat dit nie die dade en woorde was van 'n Sabbatontheiliger of godslasteraar nie. Selfs die dienaars wat deur die Fariseërs gestuur is, het so onder die invloed van Sy woorde gekom dat hulle Hom nie in hegtenis kon neem nie. Desperaat het die Jode eindelik 'n edik uitgevaardig dat enige persoon wat geloof in Jesus bely, uit die sinagoge geban moes word.

Waar die priesters, die owerstes, en die ouderlinge vergader het vir beraadslaging, was dit hulle bepaalde doel om die Een stil te maak wat sulke wonderwerke gedoen het dat al die mense verbaas was. Die Fariseërs en Sadduseërs was nog nooit so na aan eensge-

sindheid as nou nie. Verdeeld soos hulle voorheen was, was hulle nou eenstemmig in hulle teenstand teen Christus. By vorige raadsvergaderings kon Nikodemus en Josef dit verhoed dat Jesus veroordeel word, en dit was om hierdie rede dat hulle nou ontbied is. In die raad was daar ander in- vloedryke manne teenwoordig wat in Jesus geglo het, maar hulle invloed was magteloos teen die van die kwaadwillige Fariseërs.

Maar al die raadslede was dit nie eens nie. Die Sanhedrin was in daardie tyd nie 'n geregtelike liggaam nie. Dit het voortbestaan deur die guns van die Romeine. Sommige van die lede het getwyfel aan die raadsaamheid om Christus om die lewe te bring. Hulle het gevrees dat dit 'n opstand onder die volk sou verwek, wat as gevolg sou hê dat die Romeine die priesterdom nie verder sou begunstig nie, en die mag wat hulle nog gehad het, sou ontneem. Die Sadduseërs het Christus almal gehaat, maar hulle was geneig om versigtig te wees in wat hulle gedoen het, vresende dat die Romeine hulle sou onthef van hulle hoë posisie.

In hierdie raadsvergadering, saamgeroep met die doel om planne te maak vir die dood van Christus, was die Getuie teenwoordig wat lank tevore die trotse woorde van Nebukadnesar gehoor het, wat die afgo- diese feesmaal van Belsasar gesien het, en wat teenwoordig was toe Christus Homself as die Gesalfde verklaar het. Hierdie Getuie het nou ook die owerstes beïnvloed in die werk wat hulle gedoen het. Gebeurtenisse in die lewe van Christus het voor hulle opgedoem met 'n helderheid wat hulle ontstel het. Hulle het die
[549] toneel in die tempel onthou, toe Jesus as kind van twaalf jaar, voor die geleerde doktore van die wet gestaan, en vrae aan hulle gestel het wat hulle verbaas het. Die wonder wat Hy so pas gedoen het, het getuig dat Jesus niemand anders was as die Seun van God nie. Die Ou Testamentiese skrifgedeeltes aangaande Christus het in hulle ware betekenis deur hulle brein geflits. Verbyster en ontstel het die owerstes gevra, "Wat salons doen?" Daar was verdeeldheid in die raad. Onder die invloed van die Heilige Gees kon die priesters en die owerstes nie die oor- tuiging afskud nie dat hulle besig was om teen God te veg.

Toe die vergadering ten einde raad was, het Kajafas, die hoëpriester, opgestaan. Kajafas was 'n hoogmoedige en wrede man, heers- sugtig en onverdraagsaam. Onder sy familiebetrekkings was

Sadduseërs, trots, vermetel, roekeloos, eersugtig, en wreed, en hierdie karaktereienskappe het hulle bedek onder 'n mantel van geveinsde geregtigheid. Kajafas het die profesieë ondersoek, en alhoewel hy nie hulle betekenis verstaan het nie, het hy met die grootste gesag en seker- heid gesê: "Julle weet niks nie en dink nie daaraan dat dit voordelig is vir ons dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie." Selfs al was Jesus onskuldig, het die hoëpriester aangevoer, moes Hy uit die weg geruim word. Hy was lastig, het die mense agter Hom aan getrek, en die gesag van die owerstes verswak. Hy was maar een, en dit sou beter wees as Hy sterf liewer as dat die gesag van die owerstes ondermyn word. As die mense vertroue sou verloor in hulle owerstes, sou hulle nasionale krag vernietig word. Kajafas het aangevoer dat die navolgers van Jesus ná hierdie wonderwerk heel waar- skynlik in opstand sou kom. Dan sou die Romeine kom, het hy gesê, en ons tempel sluit, ons wette afskaf, en ons as volk vernietig. Wat is tog die lewe van hierdie Galileër vergeleke met die lewe van die volk? As Hy in die pad staan van Israel se welvaart, sou ons dan nie aan God 'n diens bewys as ons Hom uit die weg ruim nie? Dit sou voordeliger wees as een man sterf as dat die hele volk vernietig word.

Deur te sê dat een man vir die volk moes sterf, het Kajafas getoon dat hy 'n bietjie kennis van die profesieë gehad het, alhoewel dit maar baie beperk was. Maar Johannes, in sy beskrywing van hierdie toneel, het die profesie opgeneem en gewys op die dieper betekenis daarvan. Hy sê, "En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die kinders van God wat verstrooi was, tot 'n eenheid saam te voeg." Hoe het die trotse Kajifas blindelings die sending van die Heiland
erken! [550]

Op die lippe van Kajafas is hierdie kosbare waarheid in 'n leuen verander. Die beleid wat hy voorgestaan het, is ontleen aan 'n heidense beginsel. Onder die heidene het die floue besef dat iemand sou sterf vir die menslike geslag daartoe aanleiding gegee dat menslike slag- offers geoffer is. Wat Kajafas voorgestel het, was dat Jesus geoffer moes word om die skuldige nasie te red, nie van oortreding nie, maar in hulle oortreding, sodat hulle in die sonde mag voortlewe. En deur hierdie redenasie het hy gemeen om die besware te beantwoord van diegene wat die moed gehad het om te sê dat daar in Jesus nog niks gevind is wat die dood verdien het nie.

Op hierdie raadsvergadering het die vyande van Christus tot diepe oortuiging gekom. Die Heilige Gees het 'n indruk op hulle harte gemaak. Maar die Satan het gestry om die oorhand oor hulle te kry. Hy het die ontberings onder hulle aandag gebring wat Christus hulle laat ly het, en hoe min Hy hulle geregtigheid geëer het. Hy het 'n baie groter geregtigheid voorgehou vir diegene wat kinders van God wou wees. Hy het geen notisie geneem van hulle gebruike en seremonies nie, en Hy het sondaars aangeraai om reguit na God te gaan as 'n barmhartige Vader, en aan Hom hulle behoeftes bekend te maak. Dus, na hulle mening, het Hy die priesterdom oor die hoof gesien. Hy wou die teologie van die rabbynse skole nie aanneem nie. Hy het die wan- praktyke van die priesters geopenbaar, en hulle invloed onherstelbaar geskaad. Hy het die uitwerking van hulle stellings en tradisies ver- swak, en gesê dat hoewel hulle die seremonies streng toegepas het, hulle die wet van God kragteloos gemaak het. Aan al hierdie dinge het die Satan hulle nou herinner.

Die Satan het aan hulle gesê dat as hulle hulle gesag wil behou, sal hulle Jesus moet doodmaak. Hierdie raad het hulle gevolg. Die moontlikheid dat hulle die mag kon verloor wat hulle toe gehad het, was, het hulle gedink, genoegsame rede om tot 'n definitiewe besluit te kom. Met die uitsondering van 'n paar wat nie die moed gehad het om te praat nie, het die Sanhedrin die woorde van Kajafas aangeneem as die woorde van God. Daar het verligting in die raad gekom; die tweedrag het opgehou. Hulle het besluit om Christus om die lewe te bring by die eerste geleentheid. Deur die bewys van die Godheid van Jesus te verwerp, het hierdie priesters en owerstes hulleself omhul met 'n ondeurdringbare duisternis. Hulle het volkome onder die mag van die Satan gekom, sodat hy hulle vinnig in die afgrond van ewige
[551] onder- gang kon dompel. Hulle is in so 'n mate bedrieg dat hulle baie tevrede met hulleself was. Hulle het halleseif beskou as patriotte wat die heil van die volk gesoek het.

Die Sanhedrin het egter gevrees om onverstandige stappe teen Jesus te doen, want dit kon miskien die volk opsweep, en die geweld wat hulle teen Hom bedink het, mag op hulle eie hoof neerkom. Dit was om hierdie rede dat die raad getalm het om die vonnis uit te voer wat hulle gevel het. Die Heiland het geweet van die planne van die priesters. Hy het geweet dat hulle Hom baie graag uit die weg wou ruim, en dat hulle eerlank hulle planne sou uitvoer. Maar dit

was nie vir Hom om die krisis te verhaas nie, en Hy het Homself uit daardie gebied onttrek en Sy dissipels saam met Hom. So het Jesus weer deur Sy eie voorbeeld die leer nageleef wat Hy aan Sy dissipels gegee het, "Wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe." Matt. 10: 23. Daar was 'n groot gebied om in te werk vir die redding van siele; en tensy getrouheid aan Hom dit nodig gemaak het, moes die dienaars van die Here nie hulle lewe in gevaar stel nie.

Jesus het nou drie jaar van openbare diens aan die wêreld gegee. Sy voorbeeld van selfverloëning en onbaatsugtige weldadigheid het hulle altyd voor hulle gehad. Sy lewe van reinheid, van lyding en toe- wyding, was bekend aan almal. Maar hierdie kort tydperk van drie jaar was die langste wat die wêreld kon uithou in die teenwoordigheid van sy Verlosser.

Sy lewe hier op aarde was een van vervolging en belediging. Uit Betlehem verdryf deur 'n nydige koning, deur Sy eie mense verwerp in Nasaret, sonder oorsaak tot die dood veroordeel in Jerusalem, het Jesus, met Sy paar getroue volgelinge 'n tydelike toevlugsoord gevind in 'n vreemde dorp. Hy wat altyd die menslike ellende gevoel het, wat die siekes genees het, wat die gesig aan die blindes gegee het, die dowes laat hoor het, die stommes laat praat het, wat die hongeriges gevoed en die treurendes vertroos het, is verjaag onder die mense vir wie se redding Hy gekom het. Hy wat op die woeste bare gewandel en deur 'n woord hulle onstuimigheid gestil het, wat duiwels uit- gewerp het, terwyl hulle uitgaan, Hom erken het as die Seun van God, wat die slaap van die dode onderbreek het, wat duisende geboei het deur Sy woorde van wysheid, was nie in Staat om die harte te bereik van diegene wat verblind was deur vooroordeel en haat, en wat hard-nekkig die lig verwerp het nie. [552]

## Die Wet van die Nuwe Koninkryk

DIT het haas tyd geword vir die Paasfees, en weer was Jesus op weg na Jerusalem. In Sy hart het die vrede geheers van volkome eenstemmigheid met die Vader se wil, en verwagtend het Hy Sy voetstappe gewend na die offerplek. Maar in die gemoed van die dissipels was daar 'n gevoel van geheimsinnigheid, twyfel, en vrees. Die Heiland "het voor hulle uitgegaan, en hulle was verbaas; en terwyl hulle volg, het hulle gevrees."

Weer het Christus die twaalf na Hom toe geroep, en nog meer bepaald as voorheen gespreek oor Sy verraad en lyde. "Kyk," het Hy gesê, "ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete geskryf is, sal aan die Seun van die mens vervul word. Want Hy sal oorge- lewer word aan die heidene en bespot word en mishandel word, en op Hom sal gespuug word; en nadat hulle Hom gegésel het, sal hulle Hom doodmaak; en op die derde dag sal Hy opstaan. Maar hulle het niks hiervan begryp nie en hierdie woord was vir hulle bedek, en hulle het nie verstaan wat gesê is nie."

Het hulle dan nie net 'n rukkie tevore die boodskap verkondig
[553] nie, "Die koninkryk van die hemele het naby gekom"? Het Christus
[554] dan nie self gesê dat vele saam met Abraham, Isak, en Jakob in die koninkryk van God sal aansit nie? Het Hy nie die belofte gegee dat almal wat iets om Sy ontwil opgegee het 'n honderdvoud in hierdie lewe sou hê, en 'n aandeel in die koninkryk van God nie? En het Hy nie aan die twaalf die spesiale belofte gegee van posisies van groot eer in Sy koninkryk — naamlik dat hulle op twaalf trone sou sit en die twaalf stamme van Israel sou oordeel nie? En nou weer het Hy gesê dat alles wat die profete aangaande Hom geskryf het, vervul sou word. En het die profete nie geskryf van die heerlikheid van die Messiasryk nie? In die lig van hierdie gedagtes, was Sy woorde oor Sy verraad, vervolging en dood vir hulle vaag en newelagtig. Watter moeilikhede daar ook al mag wees, het hulle geglo dat Sy koninkryk eerlank opgerig sou word.

Johannes, die seun van Sebedeus, was een van die eerste twee dissipels wat Jesus gevolg het. Hy en sy broer Jakobus was in die eerste groep wat alles vir Sy diens verlaat het. Blymocdig het hulle huis en vriende verlaat sodat hulle by Hom kon wees. Hulle was by Hom in die private, huislike lewe, en in die openbare vergaderings. Hy het hulle vrees verban, hulle uit gevaar verlos, hulle nood gelenig, hulle vertroos in droefheid, en hulle met geduld en sagmoedigheid geleer totdat hulle gevoel het dat hulle harte met Syne verbind was, en in die ywer van hulle liefde wou hulle graag die naaste aan Hom wees in Sy koninkryk. By elke moontlike geleentheid, het Johannes sy plek ingeneem langs die Heiland, en Jakobus het ook verlang na die eer van noue omgang met Hom.

Hulle moeder was 'n volgeling van Christus, en sy het Hom vryelik bedien met haar besittings. Met 'n moeder se liefde en ambisie vir haar seuns, het sy vir hulle die hoogste posisies begeer in die nuwe konink- ryk. Sy het hulle aangemoedig om daarvoor te vra.

Die moeder en haar seuns het saam na Jesus gekom, en Hom gevra om die versoek toe te staan wat in hulle harte was.

"Wat wil julle hê, moet Ek vir julle doen?" het Hy gevra.

Die moeder het geantwoord: "Sê dat hierdie twee seuns van my in U koninkryk mag sit, een aan U regter- en een aan U linkerhand."

Jesus was lankmoedig teenoor hulle, en het hulle nie bestraf oor hulle selfsug deur eer te soek bo hulle broeders nie. Hy het hulle harte gelees, en geweet van hulle groot liefde vir Hom. Hulle liefde was nie bloot menslike liefde nie; alhoewel dit besoedel was deur die aardsgesindheid van die menslike kanaal, het dit gevloei uit die [555]
fontein van Sy eie verlossende liefde. Hy sou hulle nie bestraf nie, maar hulle liefde verdiep en reinig. Hy het gevra: "Kan julle die beker drink wat Ek aanstonds gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" Hulle het hulle die geheimsinnige woorde herinner wat verwys het na Sy verhoor en lyde, maar nogtans beslis geantwoord, "Ons kan." Hulle sou dit as die grootste eer beskou om hulle lojali- teit aan Hom te bewys deur te deel in alles wat oor hulle Here sou kom.

"Die beker wat Ek drink, sal julle drink, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word," het Hy gesê; voor Hom was die kruis pleks van 'n troon, met twee misdadigers as Sy met- geselle aan Sy regter- en aan Sy linkerhand. Johannes en Jakobus sou deel in

die lyding van hulle Meester; die een sou die eerste van die broeders wees wat deur die swaard sou omkom; die ander een sou die langste moet swoeg, en smaad en vervolging verdra.

"Maar om te sit aan My regter- en aan My linkerhand," het Hy voortgegaan, "is nie vir My om te gee nie, maar dit is vir hulle vir wie dit deur My Vader toeberei is." In die koninkryk van God word posisies nie verkry deur begunstiging nie. Dit word nie verdien nie en ook word dit nie op arbitrêre wyse gegee nie. Dit word bepaal deur karakter. Die kroon en die troon is die sinnebeelde van 'n toestand wat bereik is; hulle is die sinnebeelde van die oorwinning oor die eie-ek deur ons Here Jesus Christus.

Lank daarna, toe die dissipel in volkome ooreenstemming met Jesus gebring is deur gemeenskap aan Sy lyde, het die Here aan Johannes geopenbaar wat die voorwaarde is vir nabyheid aan Hom in Sy koninkryk. "Aan hom wat oorwin," het Christus gesê, "sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het." "Wie oorwin, Ek sal hom n pilaar in die tempel van My God maak, en hy sal daar nooit weer uit- gaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My God skrywe, . . . en My nuwe Naam." Openb. 3: 21, 12. So het Paulus geskrywe: "Want ek word alreeds as drankoffer uitgegiet en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my
[556] in die dag sal gee." 2 Tim. 4: 6-8.

Die een wat die naaste aan Christus sal staan, sal hy wees wat op die aarde die diepste gedrink het van Sy gees van selfopofferende liefde die liefde wat nie groot praat nie, wat nie opgeblase is nie ... wat nie eiebelang soek nie, wat nie verbitterd word nie, en wat geen kwaad toereken nie. (1 Kor. 13: 4, 5.) Dit is 'n lief de wat die dissipels beweeg, net soos dit onse Here beweeg het, om alles te gee, om te lewe en te werk en op te offer, selfs tot die dood toe, vir die redding van die mensdom. Hierdie gees het Paulus in sy lewe geopen- baar. Hy het gesê, "Vir my is die lewe Christus;" want sy lewe het Christus aan die mense geopenbaar; "en die sterwe wins"—wins vir Christus. Selfs die dood sou die krag van Sy genade openbaar en siele na Hom toe trek. "Dat Christus . . . groot gemaak

sal word in my liggaam," het hy gesê, "of dit deur die lewe of deur die dood is." Filip. l: 21, 20.

Toe die tien hoor van die versoek van Jakobus en Johannes, was hulle baie ontevrede. Die hoogste plek in die koninkryk was juis wat elkeen van hulle vir homself begeer het, en hulle was kwaad dat die twee dissipels 'n skynbare voorsprong oor hulle gekry het.

Dit het gelyk of die twis oor wie die grootste sou wees, hervat sou word; toe het Jesus hule geroep en aan die verontwaardigde dissipels gesê. "Julie weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie."

In die koninkryke van die wêreld het posisie selfverheerliking beteken. Die mense is veronderstel om te lewe vir die voordeel van die regerende klasse. Die leiers het invloed, rykdom en opvoeding as middels gebruik om beheer te kry oor die massas. Die hoër klasse moes dink, en geniet, en heers; die laer klasse moes gehoorsaam en dien. Die godsdiens, soos alle ander dinge, was 'n kwessie van gesag. Van die mense is verwag om te glo en te doen volgens die voorskrifte van hulle meerderes. Die reg van die mens as mens, om vir homself te dink en te handel, was nie erken nie.

Christus was besig om 'n koninkryk op te rig wat op ander beginsels berus het. Hy het mense geroep, nie om gesag te voer nie, maar om te dien; die sterkes moes die swakhede van die swakkes dra. Mag, posisie, talente, en opvoeding, het diegene wat dit gehad het onder groter verpligting gebring om hulle medemens te dien. Aan selfs die nederigste van Christus se dissipels word gesê, "Want [557]
dit is alles om julle ontwil." 2 Kor. 4: 15.

"Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy siel te gee as 'n losprys vir baie." Onder Sy dissipels was Christus in alle opsigte 'n versorger, 'n lasdraer. Uit Sy armoede was Hy mededeelsaam; Hy het homself verloën vir hulle ontwil; Hy het voor hulle uitgegaan om die pad maklik te maak, en eerlank sou Hy Sy werk op die aarde afsluit deur Sy lewe neer te lê. Die beginsel waarvolgens Christus gehandel het, moet ook die lede van die kerk, wat Sy liggaam is, besiel. Die hele grondslag van die verlossing is liefde. In die koninkryk van Christus is diegene die grootste wat die voorbeeld naleef wat Hy gegee het, en optree as herders van Sy kudde.

Die woorde van die apostel Paulus openbaar die waardigheid en eer van die Christelike lewe: "Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan hulle almal diensbaar gemaak." Ek soek nie my eie voordeel nie, "maar die van baie, sodat hulle gered kan word." 1 Kor. 9: 19; 10: 33.

In gewetesake moet die siel heeltemal vry wees. Die een moet nie oor die ander se verstand heers nie, vir 'n ander oordeel nie, of sy pligte vir hom voorskryf nie. God gee aan elke mens die vrye reg om te dink en te handel volgens sy oortuigings. "So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee." Die een persoon het nie die reg om sy eie indiwidualiteit deur 'n ander te laat opneem nie. In alle sake waar beginsel op die spel is, moet "elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees." Rom. 14: 12, 5.

In Christus se koninkryk is daar geen verdrukking, en geen dwang nie. Die engele van die hemel kom nie na die aarde toe om heerskappy te voer nie, of om hulde vir hulleself te soek nie, maar as boodskappers van genade, en om met mense saam te werk vir die opheffing van die mensdom.

Die beginsels, en selfs die bewoording van die Heiland se leer het in hulle goddelike skoonheid gebly in die geheue van die geliefde dis- sipel. Tot sy laaste dae was die kern van Johannes se getuienis aan die kerke, "Dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor
[558] het, dat ons mekaar moet liefhê." "Hieraan het ons die liefde geken, dat Hy Sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê." 1 Joh. 3: 11, 16.

Dit was die gees van die vroeë kerk. Ná die uitstorting van die Heilige Gees was die menigte wat gelowig geword het "een van hart en siel, en nie een het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie." "Want niemand onder hulle was behoeftig nie." "En met grote krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here
[559] Jesus, en grote genade was oor hulle almal." Hand. 4: 32, 34, 33.

## Saggeus

OP weg na Jerusalem het Jesus “in Jerigo gekom en daar deurgegaan.” ’n Paar myl van die Jordaan af, aan die westekant van die vallei wat hier op ’n vlakte uitgeloop het, het die stad gelê te midde van die welige tropiese plantegroei. Met sy palmbome en pragtige tuine, besproei deur lewende fonteine, het dit soos ’n smarag geglinster tussen die kalkklipberge en droë slote tussen Jerusalem en die stad van die vlakte.

Baie van die karavane op weg na die fees het deur Jerigo gereis. Hulle aankoms was altyd ’n tyd van feesviering, maar nou was daar iets anders waarin die mense belang gestel het. Dit was bekend dat die Galilese Rabbi wat ’n rukkie gelede vir Lasarus uit die dode opgewek het, ook onder die skare was; en alhoewel daar baie fluistergerugte was van die planne van die priesters, was die skare gretig om Hom hulde te betoon.

Jerigo was een van die stede wat in die ou dae afgesonder was vir die priesters, en in hierdie tyd was ’n groot aantal priesters daar woon- agtig. Maar die stad het ook ’n groot bevolking van ander mense gehad. Dit was ’n handelsentrum, en Romeinse beamptes en soldate, en vreemdelinge uit ander dele is daar aangetref; en die invordering van doeanegelde het dit ook die tuiste gemaak van baie tollenaars. [560]

“Saggeus, ’n hoof van die tollenaars,” was daar woonagtig; hy was ’n Jood, en gehaat deur sy landgenote. Sy rang en rykdom was die gevolg van ’n beroep wat hulle verafsku het, en soos hulle gemeen het, was dit net ’n ander naam vir onreg en afpersing. Maar hierdie ryk doeanebeampte was nie heeltemal die verharde man van die wêreld wat hy voorgekom het nie. Onder die oppervlakte van wêreldsgesind- heid en hoogmoed was daar ’n hart vatbaar vir goddelike invloede. Saggeus het van Jesus gehoor. Die gerugte van Hom wat so vriendelik en hoflik was teenoor die gehate klasse, het heinde en ver versprei. By hierdie hoof van die tollenaars het daar ’n begeerte ontstaan vir ’n beter lewe. Net ’n paar myl van

Jerigo af het Johannes die Doper by die Jordaan gepreek, en Saggeus het die oproep tot bekering gehoor. Die opdrag aan die tollenaars, "Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie" (Lukas 3: 13), alhoewel dit uiterlik veronag- saam is, het 'n indruk op hom gemaak. Hy het die Skrifte geken, en hy het tot die oortuiging gekom dat wat hy gedoen het, nie reg was nie. En nou, toe die woorde van die groot Leraar aan hom oorvertel is, het hy gevoel dat hy 'n sondaar was in die oë van God. Maar wat hy gehoor het van Jesus, het hoop in sy hart laat ontstaan. Bekering, hervorming van die lewe, was moontlik, selfs vir hom. Was een van die nuwe Leraar se betroubaarste dissipels nie 'n gewese tollenaar nie? Saggeus het dadelik begin handel volgens die oortuiging wat by hom posgevat het, en hy het diegene wat hy veronreg het, vergoed.

Hy het alreeds die ander weg ingeslaan toe die nuus deur Jerigo versprei dat Jesus die dorp binnegegaan het. Saggeus het besluit om Hom te sien. Hy het begin besef hoe bitter die vrugte van die sonde is, en hoe moeilik die pad is van die een wat probeer om die ou verkeerde weg te verlaat. Om verkeerd verstaan te wees, en om met agterdog en wantroue bejeën te word in sy pogings om verkeerde dinge reg te maak, dit was swaar vir hom om te dra. Die hoof van die tollenaars het verlang om die aangesig te sien van Hom wie se woorde hoop in sy hart gebring het.

Die strate was vol mense, en Saggeus, wat kort van gestalte was, kon niks oor die hoofde van die mense sien nie. Niemand wou vir hom uit die pad staan nie. Hy het dus 'n endjie voor die skare uit gehardloop tot waar die takke van 'n groot vyeboom oor die pad gehang het; die ryk tollenaar het opgeklim en op een van die takke
[561] gaan sit sodat hy die optog kon sien wanneer hulle onder deurloop. Die skare het nader gekom en onder begin verbygaan, en Saggeus het stip gekyk om die gestalte van die Een te sien wat hy so graag wou sien.

Bokant die gepraat van die priesters en rabbi's, en die welkomskrete van die menigte, het die onuitgesproke begeerte van die hooftollenaar tot die hart van Jesus gespreek. Skielik, net onder die vye- boom, het 'n groep tot stilstand gekom, die voor- en die agterhoede van die optog het ook gaan staan, en Iemand wie se blik
[562] skynbaar die hart kan lees, het opgekyk. Die man in die boom kon

skaars sy eie ore glo toe hy die woorde hoor, “Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.”

Die skare het vir hom pad gemaak, en Saggeus, soos iemand wat in ’n droom verkeer, het vooruit geloop na sy eie huis. Die rabbi’s het alles met misnoeë gadegeslaan, en ontevrede en minagtend het hulle gekla, “Hy het by ’n sondige man tuisgegaan.”

Saggeus was oorweldig, verbaas, en sprakeloos toe hy die liefde van Christus sien, so neerbuigend as om Hom tot hom te wend wat so on- waardig was. Nou het liefde en getrouheid aan sy nuwe Meester sy mond ontsluit. Hy sal in die openbaar belydenis doen en sy bekering toon.

In die teenwoordigheid van die skare het Saggeus “gestaan en vir die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbeld terug.gestaan en vir die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbeld terug.

“Toe sê Jesus vir hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom aangesien hierdie man ook ’n seun van Abraham is.”

Toe die ryk jong owerste van Jesus weggegaan het, was die dissipels verbaas oor hulle Meester se woorde, “Hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan!” Hulle het vir mekaar gesê: “Wie kan dan gered word?” Nou het hulle ’n demonstrasie gesien van die waarheid van Christus se woorde, “Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik.” Markus 10: 24, 26; Lukas 18: 27. Hulle het gesien hoedat, deur die genade van God, ’n ryk man in die koninkryk kan ingaan.

Voordat Saggeus die aangesig van Christus nog gesien het, het hy al met die werk begin wat bewys het dat hy waarlik berou gehad het. Voordat hy deur die mense beskuldig is, het hy sy sonde bely. Hy het gehandel op die oortuiging van die Heilige Gees, en het begin om die leer te gehoorsaam wat vir Israel van ouds geskryf is sowel as vir ons. Lank gelede het die Here beveel: “As jou broer by jou verarm en behoeftig word, dan moet jy hom ondersteun, as vreemdeling en by- woner, dat hy by jou kan lewe. Jy moenie rente of wins van hom neem nie, maar jy moet jou God vrees, dat jou broer by jou kan lewe. Jou geld mag jy hom nie op rente gee nie, en jou eetware mag jy nie op wins gee nie.” “Laat niemand dan sy naaste verdruk nie, en vrees

jy jou God." Lev. 25: 35-37, 17. Hierdie woorde het Christus self
[563] gespreek toe Hy in die wolkkolom was, en die eerste reaksie van Saggeus op die liefde van Christus was om hom te ontferm oor die armes en lydendes.

Onder die tollenaars was daar 'n verbond om mekaar te ondersteun in hulle afpersing en hulle verdrukking van die mense. Deur hulle afpersing het hulle slegs gedoen wat destyds al byna 'n algemene gebruik was. Selfs die priesters en rabbi's wat hulle verag het, was self skuldig aan die verryking van hulleself deur oneerlike gebruike onder die dekmantel van hulle heilige roeping. Maar sodra Saggeus hom onderwerp het aan die invloed van die Heilige Gees, het hy elke oneerlike gebruik versaak.

Geen bekering is opreg as dit nie ook hervorming bewerkstellig nie. Die geregtigheid van Christus is nie 'n mantel om sondes wat nie versaak is, te bedek nie; dit is 'n beginsel van die lewe wat die karakter verander en 'n mens se dade beheers. Heiligheid is heelhartigheid vir God; dit is die volkome oorgawe van die hart en lewe vir die inwoning van die beginsels van die hemel.

In sy besigheidslewe moet die Christen aan die wêreld toon hoe sy Here besigheid sou doen. In elke transaksie moet dit duidelik blyk dat God sy leraar is. "Heilig aan die Here," moet geskryf wees in hulle grootboeke, in hulle dokumente, op hulle kwitansies en op hulle bewyse. Diegene wat bely dat hulle navolgers van die Here is, en wat onregverdig handel, getuig vals teen die karakter van 'n heilige, regverdige, en genadige God. Elke bekeerde siel sal, soos Saggeus, getuig dat Christus in sy hart gekom het, deur die versaking van die onregverdige praktyke wat eers sy lewe gekenmerk het. Soos die hoof van die tollenaars, sal hy bewys lewer van sy opregtheid deur vergoeding te doen. Die Here sê, "Gee die goddelose die pand terug, vergoed hy wat geroof is, wandel hy in die insettinge van die lewe, sodat hy geen onreg doen nie — ... al sy sondes wat hy gedoen het, sal hom nie toegereken word nie; . . . hy sal sekerlik lewe." Eseg. 33: 15, 16.

As ons ander benadeel het deur onregverdige besigheidstransaksies, as ons oneerlik was in die handel, of enige persoon bedrieg het, al was dit ook binne die perke van die wet, behoort ons die verkeerde dinge te bely, en sover as ons dit nog kan doen, moet ons vergoeding doen. Dit sal niks minder as reg wees as ons nie net teruggee wat

ons geneem het nie, maar ook alle wins wat daar sou gewees het [564]
gedurende die tyd wat die goed in ons besit was.

Aan Saggeus het die Heiland gesê, "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom." Nie alleen is Saggeus self geseën nie, maar ook sy hele huis saam met hom. Christus het na sy huis gegaan om hom lesse van waarheid te gee en om sy huisgesin te onderrig in die dinge van die koninkryk. Hulle was uit die sinagoges geban deur die minagting van die rabbi's en die aanbidders; maar nou, die mees begunstigde gesin in die hele Jerigo, het hulle in hulle eie huis om die goddelike Leraar gesit en vir hulleself die woorde van die lewe gehoor.

Dit is wanneer Christus aangeneem word as persoonlike Verlosser dat die saligheid tot die siel kom. Saggeus het Jesus ontvang in sy huis, nie slegs as verbygaande gas nie, maar om in sy sieltempel te woon. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het hom veroordeel as sondaar; hulle het gekla omdat Christus in sy huis as gas gegaan het, maar die Here het hom erken as 'n kind van Abraham. Want "die
wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham." Gal. 3: 7. [565]

## Die Maaltyd in Simon se Huis

SIMON van Betanië is beskou as 'n dissipel van Jesus. Hy was een van die paar Fariseërs wat openlik by Christus se navolgers aangesluit het. Hy het Jesus erken as 'n leraar, en gehoop dat Hy die Messias mag wees, maar hy het Hom nie aangeneem as Verlosser nie. Sy karakter het nie verander nie, en ook nie sy beginsels nie.

Simon is genees van melaatsheid, en dit was die rede waarom hy hom tot Jesus aangetrokke gevoel het. Hy wou graag sy dankbaarheid toon, en tydens Christus se laaste besoek aan Betanië, het hy 'n maaltyd berei vir die Heiland en Sy dissipels. Die maaltyd het baie van die Jode daar byeengebring. Daar was in hierdie tyd groot opwinding in Jerusalem. Christus en Sy sending het nou meer aandag as tevore getrek. Diegene wat na die maaltyd gekom het, het Sy bewegings stip dopgehou, en sommige van hulle het dit met onvriendelike oë gedoen.

Die Heiland het in Betanië gekom ses dae vóór die Paasfees, en volgens gewoonte het Hy gaan rus by die huis van Lasarus. Die skare van reisigers wat daarlangs is op weg na die stad het die nuus versprei dat Hy op weg was na Jerusalem, en dat Hy vir die Sabbat sou oorbly in Betanië. Daar het groot geesdrif geheers onder die mense. Baie "het na Betanië gestroom, sommige uit medelyde met Jesus, en ander uit nuuskierigheid om die een te sien wat uit die dode
[566] opgewek is."

Baie het verwag om van Lasarus te hoor van wonderbaarlike tonele wat hy gesien het in sy dood. Hulle was verbaas dat hy hulle niks kon vertel nie. Hy het niks gehad om te vertel nie. Die Bybel sê, "Die dooies weet glad niks nie. . . . Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle ywer, het lankal verdwyn." Pred. 9:5, 6. Maar Lasarus het op wonderbaarlike wyse getuig van die werk van Christus. Hy is uit die dode opgewek vir daardie doel. Met sekerheid en krag het hy verklaar dat Jesus die Seun van God is.

Die berigte wat teruggeneem is na Jerusalem deur die besoekers by Betanië het die opwinding groter gemaak. Die mense was gretig

om Jesus te sien en te hoor. Die algemene vraag was of Lasarus Hom sou vergesel na Jerusalem, en of die Profeet tydens die Paasfees gekroon sou word as koning. Die priesters en die owerstes het gesien dat hulle gesag oor die volk nog steeds verminder het, en hulle woede teen Jesus het meer verbitterd geword. Hulle kon skaars wag vir die ge- leentheid om Hom vir ewig uit die weg te ruim. Met verloop van tyd het hulle begin vrees dat Hy miskien nie na Jerusalem sou kom nie. Hulle het onthou hoeveel maal Hy al hulle moordplanne verydel het, en hulle was bang dat Hy nou weer hulle planne teen Hom agter- gekom het, en sou wegbly. Hulle kon hulle angs skaars verberg, en hulle het onder mekaar gevra, "Wat dink julle, sal Hy nie na die fees kom nie?"

Die priesters en Fariseërs het 'n vergadering belê. Sedert die opwekking van Lasarus was die gevoel van die volk so sterk ten gunste van Christus dat dit 'n waagstuk sou gewees het om Hom in die openbaar gevange te neem. Daarom het die gesaghebbendes besluit om Hom heimelik te arresteer en die verhoor so stil moontlik te laat geskied. Hulle het gehoop dat die wispelturige openbare mening weer in hulle guns sou swaai sodra Sy veroordeling bekend word.

Dus het hulle besluit om Jesus te vernietig. Maar solank Lasarus nog lewe, het die priesters en rabbi's gevoel dat hulle posisie nie veilig was nie. Die opwekking van 'n man wat vier dae in die graf was, sou vroeër of later reaksie bring. Die volk sou hulle wreek op hulle leiers omdat hulle die lewe geneem het van die Een wat so 'n wonder kon doen. Die Sanhedrin het derhalwe besluit dat Lasarus ook moet sterf. Dit is die uiterstes waartoe jaloesie en vooroordeel hulle slawe lei. Die haatdraendheid en ongeloof van die Joodse leiers het toegeneem, sodat hulle selfs die lewe sou neem van die een wat [567]
deur Gods almag uit die graf verlos is.

Terwyl hulle besig was om hierdie planne te smee in Jerusalem, is Jesus en Sy vriende genooi na die maaltyd by Simon se huis. Aan tafel het die Heiland gesit met Simon wat Hy van melaatsheid genees het aan die een kant, en Lasarus wat Hy uit die dode opgewek het aan die ander kant. Martha het by die tafel bedien, maar Maria het met erns geluister na elke woord van die lippe van Jesus. Deur Sy genade het Jesus haar sondes vergewe; Hy het haar geliefde broer uit die dode opgewek, en Maria se hart was vervul met dankbaarheid. Sy

het Jesus hoor praat van Sy naderende dood, en uit haar diepe liefde en droefheid wou sy aan Hom eer bewys. Teen groot persoonlike opoffering het sy 'n albaste-fles "kosbare nardussalf" gekoop om Sy liggaam mee te salf. Maar nou het sy baie mense hoor sê dat Hy as koning gekroon sou word. Haar droefheid het in vreugde verander, en sy wou graag eerste wees om haar Here te vereer. Sy het die fles met salf gebreek en die inhoud daarvan op die hoof en voete van Jesus uitgegiet; en toe het sy, wenende, neergekniel en Sy voete met haar trane natgemaak en dit met haar lang, golwende hare afgedroog.

Sy het geprobeer om dit ongemerk te doen, en miskien sou sy dit reggekry het, maar die heerlike geur van die salf het die hele kamer vervul, en haar daad aan almal verraai. Judas het hierdie daad met misnoeë aanskou. Pleks van te wag en te hoor wat Christus daarvan sou sê, het hy begin kla teenoor diegene langs hom, en hy het Christus dit kwalik geneem omdat Hy sulke verkwisting toegelaat het. Op listige wyse het hy dinge gesê wat moontlik ontevredenheid kon ver- oorsaak.

Judas het die beurs gedra vir die dissipels, en van die bietjie geld het hy vir homself gesteel, sodat daar vir hulle baie min oor was. Hy was gretig om alles wat hy in die hande kon kry in die beurs te plaas. Daar is dikwels van die geld gebruik om die armes te help, en wanneer iets wat Judas as onnodig beskou het, gekoop is, het hy altyd gesê: Waarom hierdie verkwisting? Waarom is die waarde van die goed nie in die beurs gestort wat ek vir die armes dra nie? Hierdie daad van Maria het so afgesteek by sy selfsug dat hy in die skande gesteek is, en soos hy gewoond was, het hy 'n gegronde rede probeer gee vir sy beswaar teen haar gawe. Hy het hom tot die dis
[568] sipels gewend en gevra: "Waarom is hierdie salf nie verkoop vir driehonderd pennings en die geld vir die armes gegee nie? En dit het hy gesê, nie omdat hy oor die armes besorg was nie, maar omdat hy 'n dief was en die beurs gehad het en van die bydraes geneem het." Judas het geen gevoel vir die armes gehad nie. As Maria se salf verkoop sou gewees het en die geld in sy besit gekom het, sou die armes daar niks van gesien het nie.

Judas het 'n hoë dunk gehad van sy eie bekwaamheid om sake te bestuur. As finansier het hy gemeen dat hy uitgemunt het bokant sy mededissipels, en hy het hulle beweeg om ook so oor hom te dink. Hy het hulle vertroue gewin, en hy het groot invloed oor hulle gehad.

Sy geveinsde jammerhartigheid vir die armes het hulle bedrieg, en sy listige skimp het hulle beweeg om Maria se liefde met agterdog te bejeën. Rondom die tafel is daar gemompel, "Waarvoor is hierdie verkwisting? Want hierdie salf kon duur verkoop en die geld vir die rmes gegee gewees het."

Maria het hierdie woorde van kritiek gehoor. Sy het in haar binneste gebewe. Sy was bevrees dat haar suster haar sou bestraf vir haar spandabelheid. Ook die Meester mag dink dat sy spandabelrig is. Sonder verskoning of ekskuus wou sy wegsluip, toe sy die stem van haar Here hoor, "Laat haar staan, waarom maak julle vir haar dit moeilik?" Hy het gesien dat sy baie verleë en ongemaklik gevoel het. Hy het geweet dat sy deur hierdie daad getuig het van haar dankbaarheid vir die vergifnis van haar sondes, en Hy het haar gerus gestel. Sodat Sy stem gehoor kon word bokant die gemompelde kritiek, het Hy gesê, "Sy het n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie. Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al My liggaam vir die begrafnis gesalf."

Die welriekende gawe wat Maria gemeen het om uit te giet op die lewenlose liggaam van die Hpiland, het sy nou op Sy lewende liggaam uitgegiet. By die begrafnis sou die soete geur maar net die graf vervul het; maar nou het dit Sy hart blygemaak met die versekering van haar geloof en liefde. Josef van Arimathea en Nikodemus het nie hulle liefdegawe aan Jesus geoffer in Sy lewe nie. Met bittere trane het hulle hulle kosbare salf gebring vir Sy koue, lewenlose liggaam. Die vroue wat hulle speserye na die graf gebring het, het
dit tevergeefs gedoen, want Hy was nie meer in die graf nie. Maar [569]
Maria wat haar liefde aan die Heiland bewys het terwyl Hy dit kon [570]
sien, het Hom gesalf vir die begrafnis. Toe Hy in die duisternis van Sy groot beproewing ingaan, het Hy aan daardie daad gedink —'n pand van die liefde van die verlostes wat Syne vir altyd sal wees.

Daar is vele wat hulle kosbare gawes vir die dode bring. Waar hulle by die koue, stille liggaam staan, spreek hulle vryelik woorde van liefde. Tederheid, waardering, liefde — dit alles word uitgestort op een wat niks kan sien of hoor nie. As daardie woorde sou gespreek gewees het toe die vermoeide gees hulle so bitter nodig gehad het, toe die oor nog kon hoor en die hart nog kon voel, hoe kosbaar sou hulle soete geur dan gewees het!

Maria het self nie die volle betekenis van haar liefdedaad begryp nie. Sy sou haar beskuldigers nie kon geantwoord het nie. Sy sou nie kon verklaar waarom sy juis daardie geleentheid gebruik het vir die salwing van Jesus nie. Die Heilige Gees het haar gelei, en sy het Sy leiding gehoorsaam. Die ingewing buig hom nie neer om redes te gee nie. Dit is 'n onsigbare teenwoordigheid wat tot die verstand en die siel spreek en die hart beweeg tot dade. Hy is sy eie regverdiging.

Christus het die betekenis van Maria se daad verklaar, en deur dit te doen, het Hy haar meer gegee as wat Hy ontvang het. "Toe sy hierdie salf op My liggaam uitgegooi het," het Hy gesê, "het sy dit gedoen met die oog op My begrafnis." Net soos die albaste-fles gebreek is en die hele huis met die soet geur vervul het, so sou Christus sterf; Sy liggaam sou verbreek word; maar Hy sou uit die graf opstaan en die geur van Sy lewe sou die hele aarde vervul. Christus het ons liefgehad en Hom vir ons oorgegee "as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur." Efe. 5: 2.

"Voorwaar Ek sê vir julle," het Christus gesê, "orals waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar." Waar Hy in die toekoms gesien het, het die Heiland met sekerheid gepraat aangaande Sy evangelie. Dit sou verkondig word oor die hele wêreld. En so ver as die evangelie verbrei sou word, sou die lieflike geur van Maria se gawe afgegee, en harte geseën word deur haar ongekunstelde daad. Koninkryke sou verrys en ten gronde gaan; die name van konings en veroweraars sou vergeet word; maar die
[571] daad van hierdie vrou sou verewig word in die gewyde geskiedenis. Tot die einde van tyd sou die albaste-fles die storie vertel van die grenslose liefde van God vir 'n gevalle geslag.

Maria se daad sou baie skerp afsteek by die werk wat Judas op die punt gestaan het om te doen. Hoe hard kon Christus die een bestraf het wat die saad van kritiek en bose gedagtes geplant het in die harte van die dissipels! Met watter regverdigheid kon Hy die aanklaer aan- gekla het! Hy wat die motiewe van elke hart kan sien, en elke daad verstaan, kon daar by die fees die duister hoofstukke in die lewe van Judas geopenbaar het. Die huigelagtige voorwendsel waarmee die verraaier sy woorde wou stut, kon geopenbaar gewees het; want in stede van werklik met die armes te simpatiseer, het hy die geld gesteel wat vir die leniging van hulle lot bestem was.

Gevoelens van verontwaardiging kon teen hom aangeblaas gewees het oor sy verdrukking van die weduwee, die wees, en die dagloner. Maar as Christus Judas ontmasker het, sou dit aangevoer gewees het as die rede vir sy verraad. En al sou hy as dief beskuldig gewees het, sou Judas simpatiseerders gevind het, selfs onder die dissipels. Die Heiland het hom nie beskuldig nie, en so is daar nie aan hom 'n ekskuus gegee vir sy verraad nie.

Maar die deurdringende aanblik van Jesus het Judas oortuig dat die Heiland sy huigelary gesien, en sy gemene, veragtelike karakter gelees het. In die aanprysing van Maria se daad wat so hard veroordeel is, het Christus Judas bestraf. Vóór daardie tyd het die Heiland hom nooit regstreeks bestraf nie. Hierdie bestraffing het hom verbitterd in sy hart laat voel. Hy het besluit dat hy hom op Christus sou wreek. Van die avondmaal is hy reguit na die paleis van die hoë- priester, waar hy die raad in sitting gevind het, en hy het aangebied om Jesus in hulle hande te verraai.

Die priesters was baie bly. Hierdie leiers van Israel het die voorreg gehad om Christus aan te neem as hulle Verlosser, sonder geld en sonder prys. Maar hulle het die kosbare gawe geweier wat hulle aangebied is in die gees van die grootste liefde. Hulle het die verlossing geweier wat kosbaarder is as goud, en hulle het hulle Here gekoop vir dertig silwerstukke.

Judas het so toegegee aan hebsug dat dit alles wat goed was in sy karakter oorwin het. Hy het Christus nie die offergawe gegun wat aan [572]

Hom gebring is nie. Sy hart het gebrand van jaloesie dat die Heiland die ontvanger sou wees van 'n gawe geskik vir die konings van die aarde. Vir n bedrag, veel minder as die waarde van die fles nardus- salf, het hy sy Here verraai.

Die dissipels was nie soos Judas nie. Hulle het die Heiland liefgehad. Maar hulle het nie Sy verhewe karakter reg begryp nie. As hulle besef het wat Hy vir hulle gedoen het, sou hulle gevoel het dat niks wat aan Hom gegee word, verkwis is nie. Die wyse manne uit die Ooste, wat so min van Jesus geweet het, het 'n beter besef gehad van die eer wat Hom toegekom het. Hulle het kosbare gawes aan die Heiland gebring en Hom hulde betoon toe Hy nog 'n kindjie was daar in die krip.

Christus waardeer eerbewyse wat uit die hart kom. As iemand Hom 'n guns bewys het, het Hy met hemelse hoflikheid die gewer geseën. Die eenvoudigste blommetjie, gepluk deur kinderhandjies en Hom in liefde aangebied, het Hy nie geweier nie. Hy het die offer- gawes van die kinders aangeneem, die gewers geseën, en hulle name in die boek van die lewe geskryf. In die Skrifte is Maria se salwing van Jesus aangeteken sodat sy onderskei is van al die ander Marias. Dade van liefde en verering van Jesus is bewys van geloof in Hom as die Seun van God. Die Heilige Gees noem as bewys van 'n vrou se getrouheid aan Christus, die volgende: "As sy . . . die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp het en elke goeie werk na- gestreef het." 1 Tim. 5: 10.

Christus het Hom verheug in die ywerige strewe van Maria om die wil van haar Here te doen. Hy het die rykdom van die reine liefde aangeneem wat Sy dissipels nie verstaan het en nie wou verstaan nie. Die begeerte wat Maria gehad het om hierdie werk vir haar Here te doen, was van meer waarde vir Christus as al die kosbare salf in die hele wêreld, want dit het getuig van haar waardering van die Verlosser van die wêreld. Die liefde van Christus was die drang in haar. Die uitnemendheid van die karakter van Christus het haar siel vervul. Die salf was 'n simbool van die hart van die gewer. Dit was die uiterlike demonstrasie van 'n liefde gevoed deur hemelse strome totdat dit die walle oorstroom het.

Die werk van Maria was juis die les wat die dissipels nodig gehad het om aan hulle te toon dat die uitdrukking van hulle liefde
[573] vir Chris- stus vir Hom welbehaaglik sou gewees het. Hy was vir hulle alles, en hulle het nie besef dat hulle Hom eerlank nie meer by hulle sou hê nie, en dat hulle dan nie bewys sou kon gee van hulle dankbaarheid vir Sy groot liefde nie. Die eensaamheid van Christus, geskei van die hemelse howe, en lewende soos 'n mens, is nooit deur die dissipels behoorlik verstaan en gewaardeer nie. Hy was dikwels teleurgestel omdat Sy dissipels nie aan Hom gegee het wat Hy van hulle moes gekry het nie. Hy het geweet dat as hulle onder die invloed verkeer het van die hemelse engele wat Hom vergesel het, hulle ook geen offer as van te groot waarde sou geag het om uitdrukking te gee aan die geestelike liefde van hulle harte nie.

Hulle latere kennis het hulle 'n ware besef gegee van baie dinge wat hulle vir Jesus kon gedoen het as bewys van die liefde en waar-

dering van hulle harte terwyl hulle naby Hom was. Toe Jesus nie meer by hulle was nie, en hulle inderwaarheid gevoel het soos skape sonder 'n herder, het hulle begin sien hoe hulle dienste aan Hom kon bewys het wat Sy hart bly sou gemaak het. Hulle het Maria dit nou nie meer kwalik geneem nie, maar die blaam op hulleself geneem. O, as hulle maar net daardie woorde kon terugtrek, waar hulle die armes voorgestel het as meer waardig om die gawe te ontvang as Christus! Hulle het die bestraffing baie diep gevoel toe hulle die gebroke liggaam van hulle Here van die kruishout verwyder het.

Ons sien dieselfde leemte in ons wêreld vandag. Daar is maar min wat alles besef wat Christus vir hulle is. As hulle dit wel besef het, sou liefde soos die groot liefde van Maria weer gesien word, en die salwing sal meer vryelik geskied. Die gawe van die kosbare salf sou nie verkwisting genoem word nie. Niks sou te kosbaar geag word vir Christus nie, geen selfverloëning of opoffering sou as te swaar geag word vir Sy ontwil nie.

Die woorde wat met verontwaardiging gespreek is, "Waarvoor is hierdie verkwisting?" het helder voor Chriscus se gees die grootste opoffering gebring wat nog ooit gemaak is — die gawe van Homself as versoening vir 'n verlore wêreld. Die Here sou so goedgesind wees teenoor die mensekinders dat daar nooit gesê sal kan word dat Hy nog meer kon gedoen het nie. In die gawe van Jesus het God die hele hemel gegee. Uit 'n menslike oogpunt beskou, was so 'n gawe onverantwoordelike verkwisting. Vir die menseverstand is die hele verlossingsplan n verkwisting van genade en rykdom. Selfverloëning [574]
en heelhartige opoffering is altyd daar vir ons. Wel mag die leërskare van die hemel met verbasing die mensdom aanskou wat weier om verhef en verryk te word deur die grenslose liefde geopenbaar in Christus. Wel mag hulle uitroep, Waarvoor is hierdie verkwisting?

Maar die versoening vir 'n verlroe wêreld sou volledig, oorvloedig, en volkome wees. Die offer van Christus was so oorvloedig dat dit elke siel wat God geskape het, kon bereik. Dit was so onbeperk dat dit genoegsaam is vir almal wat die groot Gawe wil aanneem. Alle mense word nie gered nie; maar nogtans is die verlossingsplan nie 'n verkwisting omdat dit nie alles doen waarvoor dit so mildelik voorsie- ning maak nie. Daar sou genoeg en meer as genoeg wees.

Simon, die gasheer, was ook beïnvloed deur die kritiek van Judas op Maria se gawe, en hy was verbaas oor die gedrag van Jesus.

Sy I'arisese trots is gekwes. Hy het geweet dat baie van sy gaste Christus met agterdog en misnoeë bejeën het. Simon het in sy hart gesê, "Hy, as Hy n profeet was, sou geweet het wie en watter soort vrou dit is wat Hom aanraak; want sy is 'n sondares."

Deur Simon van sy melaatsheid te genees, het Christus hom gered van 'n lewende dood. Maar nou het Simon getwyfel of die Heiland regtig 'n profeet was. Omdat Christus toegelaat het dat hierdie vrou Hom aanraak; omdat Hy haar nie met verontwaardiging verag het as iemand wie se sondes te groot was om te vergewe nie; omdat Hy nie getoon het dat Hy geweet het dat sy 'n gevalle vrou was nie, was Simon geneig om te dink dat Hy nie n profeet was nie. Jesus weet niks van hierdie vrou wat so vrypostig is nie, het hy gedink, of Hy sou nie toelaat dat sy Hom aanraak nie.

Maar dit was Simon se onkunde van God en Christus wat hom laat dink het soos hy wel gedoen het. Hy het nie besef dat Gods Seun op Gods manier moes handel nie, naamlik met ontferming, tederheid, en genade. Simon se manier was om geen notisie van Maria se boetvaardige diens te neem nie. Dat sy Christus se voete gesoen en gesalf het, het sy harde hart ergerlik laat voel. Hy het gemeen dat as Christus n profeet was, sou hy sondaars herken en bestraf het.

Christus het as volg op hierdie onuitgesproke gedagte geantwoord: "Simon, Ek het iets om jou te sê. . . . 'n Sekere geldskieter het twee skuldenaars gehad; die een het vyfhonderd pennings ge-
[575] skuld en die ander een vyftig; en omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, het hy dit aan altwee geskenk. Sê nou, wie van hulle sal hom die meeste liefhê? En Simon antwoord en sê: Ek veronderstel die een aan wie Hy die meeste geskenk het. En Hy antwoord hom: Jy het reg geoordeel."

Soos Natan met Dawid gehandel het, het Christus hierdie harttreffer bedek onder die mantel van 'n gelykenis. Hy het die gasheer sy eie vonnis laat uitspreek. Dit was Simon self wat hierdie vrou, wat hy nou verag het, in die sonde gelei het. Hy het haar verskriklik veronreg. Simon en die vrou is voorgestel deur die skuldenaars. Dit was nie Jesus se doel om te leer dat die twee persone dankbaarheid in twee verskillende grade sou voel nie, want elkeen van hulle was dankbaarheid verskuldig wat hulle nooit kon terugbetaal nie. Maar Simon het gevoel dat hy regverdiger was as Maria, en Jesus wou

hom laat sien hoe groot sy skuld regtig was. Hy wou hom wys dat sy sonde groter was as hare, soveel groter as die vyfhonderd pennings meer was as die vyftig.

Simon het homself nou in ’n nuwe lig begin sien. Hy het gesien hoe Maria beskou is deur Iemand wat meer as ’n profeet was. Hy het gesien dat Christus met Sy deurdringende profetiese oog haar hart van liefde en toewyding gelees het. Hy het vreeslik skaam gevoel, en hy het besef dat hy in die teenwoordigheid was van Een hoër as hy.

“Ek het in jou huis gekom,” het Christus voortgegaan, “water het jy vir My voete nie gegee nie; maar sy,” wat jy verag, “het met haar trane My voete nat gemaak en met die hare van haar hoof afgedroog. ’n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het, vandat sy ingekom het, nie opgehou om My voete te soen nie.” Christus het die geleenthede opgenoem wat Simon gehad het om sy liefde vir sy Here te toon, en sy dankbaarheid vir wat vir hom gedoen is. Reguit, maar baie hoflik, het die Heiland Sy dissipels laat verstaan dat Sy hart gegrief voel wanneer Sy kinders nalaat om deur woorde en dade hulle dankbaarheid teenoor Hom te openbaar.

Die Deursoeker van harte het die motief agter Maria se daad gesien, en ook het Hy die gees gesien wat Simon besiel het. “Sien jy hierdie vrou,” het Hy gesê, sy is ’n sondares. “Haar sondes wat baie is, is vergewe, want sy het baie liefgehad; maar hy vir wie weinig ver- gewe is, het weinig lief.” [576]

Simon se kilheid en sy versuim teenoor die Heiland het getoon hoe min hy die genade waardeer het wat hy ontvang het. Hy het gemeen dat hy Jesus vereer het deur Hom na sy huis te nooi. Maar nou het hy homself gesien soos hy werklik was. Terwyl hy gedink het dat hy sy Gas opgesom het, het sy Gas hom opgesom. Hy het gesien hoe waaragtig Christus se beoordeling van hom was. Sy gods- diens was slegs die mantel van fariseïsme. Hy het die genade van Christus verag. Hy het Hom nie erken as die Verteenwoordiger van God nie. Terwyl Maria ’n begenadigde sondares was, was hy ’n onver- gewe sondaar. Die onbuigbare maatstaf van geregtigheid wat hy teen haar toegepas wou sien, het homself veroordeel.

Simon is getref deur die vriendelikheid van Jesus om hom nie openlik voor sy gaste te bestraf nie. Hy is nie behandel soos hy graag wou sien dat Maria behandel moes word nie. Hy het gesien dat Jesus

nie graag sy sondes voor ander wou openbaar nie, maar getrag het om deur ’n waaragtige voorstelling van die saak sy hart te oortuig en deur ontfermende vriendelikheid sy hart wou versag, ’n Harde bestraffing sou Simon verhard het om hom nie te bekeer nie, maar die lankmoedige vermaning het hom oortuig van sy fout. Hy het gesien hoe vreeslik baie hy sy Here verskuldig was. Sy hoogmoed is verneder, hy het tot inkeer gekom, en die trotse Fariseër het ’n nederige, selfopofferende dissipel geword.

Maria is beskou as ’n groot sondares, maar Christus het geweet wat- ter omstandighede daartoe gelei het. Hy kon elke vonkie van hoop uit haar siel geblus het, maar Hy het nie. Dit was Hy wat haar opge- hef het uit wanhoop en ondergang. Sewemaal het sy gehoor hoe Hy die duiwels bestraf wat haar hart en verstand beheers het. Sy het Sy harde geroep tot Sy Vader vir haar gehoor. Sy het geweet hoe afsku- welik die sonde is vir Sy onbevlekte reinheid, en in Sy krag het sy oorwin.

Toe haar saak uit ’n menslike oogpunt hopeloos geskyn het, het Christus Maria se goeie hoedanighede gesien. Hy het die beter nei- gings van haar karakter gesien. Die verlossingsplan gee aan die mense- kinders groot moontlikhede, en by Maria sou daardie moont- likhede werklikhede word. Deur Sy genade het sy ’n deelgenoot geword van die goddelike natuur. Die een wat gevalle was, en wie se hart die woonplek van duiwels was, is baie naby die Heiland gebring
[577] in ge meenskap en diens. Dit was Maria wat aan Sy voete gesit en van Hom geleer het. Dit was Maria wat op Sy hoof die kosbare salf uitge- giet en Sy voete met haar trane gewas het. Maria het by die kruis gestaan en Hom na die graf gevolg. Maria was die eerste by die graf ná Sy opstanding. Dit was Maria wat eerste ’n verrese Heiland verkondig het.

Jesus ken die omstandighede van elke siel. U mag sê, Ek is sondig, baie sondig. Dit mag wees; maar hoe sondiger u is, hoe meer het u Jesus nodig. Hy sal geen wenende, boetvaardige sondaar wegstuur nie. Hy openbaar nie aan enigeen van ons alles wat Hy omtrent ons openbaar kan maak nie, maar Hy vervul elke bange siel met hoop. Almal wat na Hom toe kom vir vergifnis en herstelling, sal Hy vryelik vergewe.

Christus mag die engele beveel om die beker van Sy wraak op die aarde uit te giet, en om diegene te vernietig wat vervul is met

haat teenoor God. Hy mag hierdie donker klad uitveeg uit Sy heelal. Maar Hy doen dit nie. Hy staan vandag by die wierook-altaar en stel aan God die gebede voor van diegene wat vra om Sy hulp.

Die siele wat hulle toevlug tot Hom neem, verhef Jesus bokant die beskuldigings en geklets van tonge. Geen mens of engel kan hierdie siele aankla nie. Christus verbind hulle met Hom deur Sy eie God-mens natuur. Hulle staan langs die groter Draer van die sonde, in die lig wat skyn van die troon van God. "Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God ? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." Rom. 8: 33, 34. [578]

# "Jou Koning Kom"

VERHEUG jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin." Sag. 9: 9.

Vyfhonderd jaar vóór die geboorte van Christus, het die profeet Sagaria die koms van die Koning van Israel so voorspel. Hierdie profesie sou nou vervul word. Hy wat so lank koninklike hulde geweier het, kom nou na Jerusalem as die beloofde erfgenaam van die troon van Dawid.

Dit was op die eerste dag van die week dat Christus op Sy segetog Jerusalem binnegery het. Skares wat saamgedrom het om Hom in Betanië te sien, het Hom nou vergesel, gretig om Sy ontvangs te sien. Baie mense was op weg na die stad vir die Paasfees, en hulle het ook by die skare aangesluit wat Jesus vergesel het. Dit het geskyn of die hele natuur gejuig het. Die bome het hulle groen drag aangehad, en hulle bloeisels het die lug met 'n soete geur belaai. Die volk was besiel met 'n nuwe lewe en vreugde. Die hoop op die nuwe
[579] koninkryk het weer herleef.

[580] Met die doel om na Jerusalem te ry, het Jesus twee van Sy dissipels gestuur om vir Hom 'n eselin en haar vul te bring. By Sy geboorte was die Heiland afhanklik van die gasvryheid van vreemdelinge. Die krip waarin Hy gelê het, was 'n geleende rusplek. En nou, alhoewel al die diere op 'n duisend berge Syne was, is Hy weer afhanklik van die vriendelikheid van 'n vreemdeling vir 'n dier waarop Hy Jerusalem as Koning kon binnery. Maar weer is Sy Godheid geopenbaar in selfs die uitvoerige bevele wat Hy aan Sy dissipels gegee het in verband met hierdie saak. Soos Hy voorspel het, is die pleidooi, "Die Here het hulle nodig," geredelik toegestaan. Jesus het die jong esel waarop niemand nog ooit gery het nie, gekies vir Sy doel. Vol blye entoesiasme het die dissipels hulle klere op die dier gelê en hulle Meester daarop laat sit. Voorheen het Jesus altyd te voet gereis, en die dissipels was eers verwonder dat Hy nou verkies

het om te ry. Maar die hoop het herlewe in hulle harte toe hulle daaraan gedink het dat Hy die hoofstad nou sou binnery, Homself Koning sou verklaar, en Sy koninklike gesag sou handhaaf. Op weg om die esel te haal het hulle hulle groot verwagtings aan die vriende van Jesus vertel; daar het wyd en syd opwinding geheers, en die verwagtings van die volk het ’n klimaks bereik.

Christus het Jerusalem binnegery volgens die Joodse koninklike gebruik. Soos die konings van Israel het hy op die esel gery, en in die profesieë is voorspel dat die Messias op hierdie wyse na Sy koninkryk sou kom. Nog skaars het Hy die esel bestyg toe ’n luide triomfkreet deur die lug weergalm het. Die skare het Hom gegroet as hulle Messias en hulle Koning. Jesus het nou die hulde aangeneem wat Hy nooit voorheen wou toelaat nie, en die dissipels het dit beskou as bewys dat hulle blye hoop nou verwesenlik sou word om Hom op die troon bevestig te sien. Die skare was oortuig dat die uur van hulle bevryding aangebreek het. In hulle verbeelding het hulle die Romeinse leërs uit Jerusalem verdryf gesien, en Israel weer eens as ’n onafhanklike volk. Almal was bly en opgewonde, en die mense het met mekaar gewedywer om Hom hulde te betoon. Daar kon geen skitterende vertoon wees nie, maar hulle het Hom die aanbidding gegee van hulle gelukkige harte. Hulle was nie in staat om kosbare geskenke aan Hom te gee nie, maar hulle het hulle bo-klere as tapyt op Sy pad gegooi, en ook olyf- en palmtakke daarop gestrooi. Hulle kon die intog nie met vaandels lei nie, maar hulle het palmtakke [581]
afgesny, die natuur se simbool van oorwinning, en daarmee gewaai terwyl hulle luide hosannas aangehef het.

Namate hulle voortbeweeg het, het die skare steeds groter geword omdat ander wat gehoor het van die koms van Jesus hulle in aller yl by die optog aangesluit het. Toeskouers onder die skare het gedurig gevra, Wie is dit hierdie? Wat beteken al hierdie lawaai. Hulle het almal van Jesus gehoor en het verwag om Hom na Jerusalem te sien gaan, maar hulle het geweet dat Hy voorheen alle pogings om Hom op die troon te plaas afgeraai het, en hulle was nou baie verbaas om te hoor dat dit Hy was. Hulle het gewonder wat hierdie verandering in Hom kon veroorsaak het aangesien Hy verklaar het dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie.

Hulle vrae word stilgemaak deur ’n triomfkreet. Dit word verskeie- maal herhaal deur die verwagtende skare; die mense daar ver

skreeu ook totdat die omliggende berge en klowe weergalm. Nou het daar menigtes van Jerusalem by die skare aangesluit. Van die menigtes wat gekom het vir die Paasfees het duisende uitgegaan om Jesus te verwelkom. Hulle begroet Hom met die geswaai van palmtakke, en gewyde gesange. Die priesters by die tempel blaas die trompette vir die aanddiens, maar daar is min wat gehoorgee, en ontsteld het die owerstes vir mekaar gesê, "Die hele wêreld gaan agter Hom aan."

Nog nooit tevore in Sy aardse lewe het Jesus so 'n demonstrasie toegelaat nie. Hy het duidelik die resultate voorsien. Dit sou Hom na die kruis bring. Maar dit was Sy doel om Homself so in die openbaar voor te stel as die Verlosser. Hy wou die aandag vestig op die offer wat die kroonstuk sou wees van Sy sending aan 'n verlore wêreld. Terwyl die mense in Jerusalem vergader het om die Paasfees te vier, het Hy, die ware Lam, deur 'n vrywillige daad Homself as soenoffer afgesonder. Dit sou nodig wees vir Sy kerk van alle tye om Sy dood vir die sondes van die wêreld die onderwerp van ernstige oorpeinsing en studie te maak. Elke feit in verband daarmee moet bevestig word bokant enige twyfel. Dit was dus nodig dat die oë van al die mense op Hom gevestig sou word; die gebeurtenisse wat Sy groot offer voorafgegaan het, moes van so 'n aard wees dat dit die aandag sou vestig op die offer self. Ná 'n demonstrasie soos Sy intog in Jerusalem, sou alle oë Sy vinnige vordering sien na die
[582] eindtoneel.

Die gebeurtenisse in verband met Sy intog sou deur almal bespreek word, en dit sou Jesus onder die aandag van almal bring. Na Sy kruisiging, sou vele terugdink aan die gebeurtenisse in verband met Sy verhoor en dood. Dit sou hulle beweeg om die profesieë te ondersoek, en dit sou hulle oortuig dat Jesus die Messias was, en in alle lande sou bekeerlinge tot die geloof vermenigvuldig word.

In hierdie een toneel van triomf in Sy aardse lewe, kon die Heiland verskyn het, begelei deur engele, en aangekondig deur die basuin van God; maar so 'n demonstrasie sou indruis teen die doel van Sy sending, en teen die wet wat Sy lewe beheers het. Hy het getrou gebly aan die nederige lot wat Hy aanvaar het. Die las van die mensdom sou Hy dra totdat Hy Sy lewe sou gee vir die lewe van die wêreld.

Hierdie dag, wat vir die dissipels gelyk het as die kroonstuk van hulle lewe, sou vir hulle maar 'n treurige dag gewees het as hulle kon geweet het dat hierdie toneel van blydskap slegs die voorspel was tot die lyde en dood van hulle Meester. Alhoewel Hy hulle herhaaldelik verwittig het van die gewisse opoffering van homself, het hulle tog, in die vreugde van die oomblik, Sy droewige woorde vergeet, en het hulle vooruitgesien na Sy heerlike regering op die troon van Dawid.

Die skare in die optog het steeds aangegroei, en met 'n paar uit- sonderings, het almal onder die inspirasie van die uur gekom, en hulle het hosanna geskreeu totdat dit van berg tot berg en kloof tot kloof weergalm het. Daar is onafgebroke geskreeu: "Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!"

Nog nooit tevore het die wêreld so 'n triomftog gesien nie. Dit was nie soos die van die aarde se beroemde oorwinnaars nie. Daar was nie 'n lang tou van vernederde gevangenes waarmee die konings ge- woonlik gespog het nie. Maar rondom die Heiland was die heerlike trofeë van Sy werk van liefde vir die sondige mensdom. Daar was die gevangenes wat Hy verlos het uit die Satan se mag, lowende God vir hulle verlossing. Die blindes wie se gesig Hy herstel het, was op die voorpunt. Die stommes wie se tonge Hy losgemaak het, het die luidste hosanna geskreeu. Die kreupeles wat Hy genees het, het ge- huppel van vreugde, en hulle was die ywerigste om palmtakke af te breek en te swaai voor hulle Heiland. Weduwees en wese het die Naam van Jesus geloof vir Sy werke van barmhartigheid aan hulle. Die melaatses wat Hy genees het, het [583]
hulle rein klere voor Hom ge- sprei, en Hom gegroet as die Koning van heerlikheid. Diegene wat deur Sy stem uit die dode geroep is, was onder daardie skare. Lasarus, wie se liggaam verderf in die graf gesien het, maar wat hom nou verbly het in die krag van sy manlikheid, het die esel gelei waarop die Heiland gery het.

Baie van die Fariseërs het die toneel aanskou, en, brandende van haat en nyd, het hulle probeer om die openbare gevoelens in 'n ander rigting te stuur. Met al hulle gesag het hulle geprobeer om die mense stil te maak; maar hulle beroepe en dreigemente het die entoesiasme net laat toeneem. Hulle het gevrees dat die skare, in die krag van hulle oormag, Jesus koning sou maak. In 'n laaste poging het hulle deur die skare gedring tot waar die Heiland was, en Hom in die volgende

bestraffende en dreigende woorde aangespreek: ”Meester, bestraf U dissipels.” Hulle het gesê dat sulke luidrugtige demonstrasies onwettig was en nie deur die owerheid sou toegelaat word nie. Maar die antwoord van Jesus het hulle die swye opgelê, “Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.” Daardie toneel van triomf is deur God so beskik. Dit was deur die profeet voorspel, en die mens was mag- teloos om Gods plan te verydel. As die mens in gebreke gebly het om Sy plan uit te voer, sou Hy aan die dooie klippe ’n stem gegee het, en hulle sou Sy Seun met lofbetuigings begroet het. Toe die Fariseërs wat die swye opgelê is, teruggeval het, het honderde stemme die woorde van die profeet Sagaria aangehef: “Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel, die vul van ’n eselin.”

Toe die optog bo-op die berg kom en wou afsak na die stad, het Jesus stilgehou, en die hele skare het tot stilstand gekom. Voor hulle het Jerusalem uitgestrek gelê in al sy heerlikheid, nou in die volle glans van die sakkende son. Die tempel het die aandag van almal getrek. Die pragtige gebou het uitgestaan bo alle ander geboue, as- of dit na die hemel gewys en die aandag van die mense gevestig het op die ware en lewende God. Lank reeks was die tempel die trots en heerlikheid van die Joodse volk. Die Romeine was ook trots op die heerlikheid daarvan, ’n Koning, deur die Romeine aangestel, het die
[584] Jode gehelp om dit te herbou en te versier, en die keiser van Rome

het dit verryk met sy gawes. Die krag, rykdom, en prag daarvan het dit een van die wonders van die wêreld gemaak.Terwyl die sakkende son die hemeltrans getint het, is ook die rein, wit marmermure van die tempel verlig met die heerlikheid van die son wat sy pilare, met goud bedek, laat glinster het. Van die top van die berg waar Jesus en Sy volgelinge gestaan het, het dit soos ’n massiewe gebou van sneeu gelyk, met goue torinkies. By die ingang van die tempel was ’n wingerdstok van goud en silwer, bedek met groen blare en groot trosse druiwe — die werk van be- drewe kunstenaars. Die beeld het Israel voorgestel as ’n vrugbare wynstok. Die goud en silwer en groen het seldsame smaak en groot kuns getoon; waar dit so grasieus teen die wit, glinsterende pilare opgeklim, en vasgerank het aan die goue versiersels, het die heerlikheid van die ondergaande

son daarop geskyn, en alles het ge- glinster met 'n heerlikheid van die hemel geleen.

Jesus het die toneel aanskou, en die groot skare het stil geword, betower deur die skielike aanskouing van die skoonheid. Alle oë word op die Heiland gevestig in die verwagting dat hulle in Sy gelaat ook die bewondering sou sien wat hulle gevoel het. Instede daarvan het hulle 'n wolk van droefheid gesien. Hulle is verwonderd en teleurgestel om trane in Sy oë te sien, terwyl Sy liggaam heen-en-weer swaai soos 'n boom in 'n sterk wind, en daar 'n jammer- klag oor Sy lippe kom asof uit die diepte van 'n gebroke hart. Wat 'n skouspel was dit vir engele! Hulle geliefde Aanvoerder in droefheid en trane! Wat 'n skouspel was dit vir die blymoedige skare wat Hom met triomfkrete en wuiwende palmtakke begelei na die heerlike stad waar hulle stellig gehoop het Hy sou regeer! Jesus het geween by die graf van Lasarus, maar dit was met goddelike droefheid in medelyde met menslike droefheid. Maar hierdie skielike droefheid was soos die geweeklaag in 'n groot triomfkoor. Te midde van 'n toneel van vreugde waarin almal Hom hulde gebring het, was Israel se Koning in trane; nie in stille trane van blydskap nie, maar trane en kreune van droefheid wat nie onderdruk kon word nie. Die skare het in 'n skielike somber stemming gekom. Daar was geen toejuigings meer nie. Baie het in medelyde geween met 'n droefheid wat hulle nie kon verstaan nie. [585]

Die trane van Jesus was nie oor die verwagting van Sy eie lyding nie. Net vóór Hom was Getsemane, waar Hy eerlank sou beklem word met die aakligheid van 'n groot duisternis. Die skaapspoort was ook in sig — die poort waardeur die offerdiere vir eeue uitgelei is. Hierdie poort sou binnekort vir Hom oopgaan, die groot Teenbeeid, na wie se opoffering vir die sondes van die wêreld al die offers voor-uitgewys het. Daar naby was Golgota, die plek van Sy aanstaande foltering. Maar dit was nie ten gevolge van hierdie gedagtes aan Sy wrede dood dat die Verlosser geween en in die angs van Sy gees gekreun het nie. Sy droefheid was nie selfsugtige droefheid nie. Die gedagte aan Sy eie foltering het nie daardie edel, selfopofferende siel banggemaak nie. Dit was die aanskouing van Jerusalem wat die hart van Jesus deurboor het — Jerusalem wat die Seun van God verwerp en Sy liefde versmaai het, wat nie oortuig wou word deur Sy magtige wonderwerke nie, en nou op die punt gestaan het om

Hom die lewe te ontneem. Hy het gesien wat haar skuld sou wees deur haar verwerping van haar Verlosser, en wat sy kon gewees het as sy Hom aangeneem het — Hy wat haar verwonding kon genees. Hy het gekom om haar te red; hoe kon Hy haar opgee?

Israel was die uitverkore volk; God het hulle tempel Sy woonplek gemaak; dit was "skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde." Ps. 48: 3. Die oorkondes van meer as 'n duisend jaar van Christus se beskerming en tere liefde, soos die liefde van n vader vir sy eie kind, was daar. In daardie tempel het die profete hulle plegtige vermanings gegee. Daar het hulle die reukwerk gebrand, vermeng met die gebede van die aanbidders, wat opgestyg het tot God. Daar het die bloed van die offerdiere gevloei, tipes van die bloed van Christus. Daar het Jehova Sy heerlikheid geopenbaar bokant die ver- soendeksel. Daar het die priesters vir eeue gedien in die prag van simbool en seremonie. Maar dit alles sou tot n end kom.

Jesus het sy hand opgehef — daardie hand wat so dikwels die siekes en lydendes geseën het — en Hy het dit geswaai in die rigting van die gedoemde stad en in gebroke woorde van droelheid uitgeroep. "As jy tog maar geweet het, ja ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien!" Daar het die Heiland opgehou, en Hy het nie gesê wat die toestand van Jerusalem kon gewees het as sy die hulp aangeneem het wat God haar graag wou gee nie — naamlik
[586] die gawe van Sy geliefde Seun. As Jerusalem geweet het wat dit haar voorreg was om te weet, en as sy die lig aangeneem het wat die hemel aan haar gestuur het, kon sy trots en voorspoedig gestaan het, die koningin van die koninkryke, vry in die krag van God. Daar sou geen gewapende soldate in sy poorte gestaan en geen Romeinse baniere op sy mure gewapper het nie. Die heerlike bestemming wat Jerusalem s'n kon gewees het as sy haar Verlosser aangeneem het, het voor die Seun van God opgekom. Hy het gesien dat sy deur Hom kon genees gewees het van haar vreeslike kwaal, bevry uit die slawerny, en bevestig as die magtige hoofstad van die wêreld. Van haar mure sou die vredesduif gevlieg het na alle volke. Sy sou die wêreld se kroon van heerlikheid gewees het.

Maar die heerlike prentjie van wat Jerusalem kon gewees het, verdof uit die Heiland se gesig. Hy besef wat sy nou is onder die Romeinse juk, onder die frons van God, gedoem tot die vergeldende oordeel. Toe neem Hy weer die trant op van Sy onderbroke jammer-

klag: "Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom, dat jou vyande n skans rondom jou sal opgooi en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."

Christus het gekom om Jerusalem saam met haar kinders te red; maar farisese hoogmoed, geveinsdheid, jaloesie, en kwaadwilligheid het Hom belet om Sy doel te bereik. Jesus het die verskriklike vergelding gesien wat die gedoemde stad sou tref. Hy het Jerusalem omsingel gesien deur leërs; Hy het die verhongering en dood van die inwoners gesien, hoedat moeders die dooie liggame van hulle eie kinders eet, en hoedat sowel ouers as kinders die laaste stukkie voedsel van mekaar af weggryp, die natuurlike liefde heeltemal vernietig deur die knaende honger. Hy het gesien hoedat die koppigheid van die Jode, soos geopenbaar in hulle verwerping van Sy heil, hulle ook sou lei om te weier om oor te gee aan die invallende leërs. Hy het Golgota gesien waar Hy gekruisig sou word, met kruise so dig op mekaar as bome in 'n woud. Hy het die ellendige inwoners gesien, in die foltering van die pynbank en die kruis; die pragtige paleise verwoes, die tempel in puin, en van die massiewe mure nie een klip op die ander wat oorbly nie, terwyl die stad omgeploeg word soos [587]
'n land. Geen wonder dat die Heiland geween het van droefheid by die aanskouing van so 'n toneel nie.

Jerusalem was die kind van Sy sorg, en soos n barmhartige vader sou ween oor 'n eiewys seun, het Jesus geween oor die geliefde stad. Hoe kan Ek jou opgee? Hoe kan Ek toesien dat jy verwoes word? Moet Ek jou laat begaan om die beker van jou ongeregtigheid vol te maak? Een siel is van so groot waarde dat hele wêrelde nietig is, vergeleke daarmee; maar hier sou 'n hele volk ten gronde gaan. Wanneer die vinnigsakkende son uit die lug verdwyn, sal Jerusalem se dag van genade ook gedaan wees. Terwyl die optog gewag het op die top van die Olyfberg, was dit nog nie te laat vir Jerusalem om berou te hê nie. Die engel van genade was toe reeds besig om sy vlerke op te vou en af te tree van die goue troon om plek te maak vir geregtigheid en die vinnignaderende vergelding. Maar Christus se groot hart van liefde het nog gepleit met Jerusalem wat Sy genade versmaai, Sy waarskuwings verag, en haar nou klaargemaak het om

haar hande met Sy bloed te bevlek. As Jerusalem maar tot inkeer wou kom, was dit nog nie te laat nie. Terwyl die laaste strale van die ondergaande son nog op die tempel en torings geval het, sou daar nie miskien 'n goeie engel wees om haar te lei na die Heiland se liefde en so haar ondergang te verhoed nie? Skone en onheilige stad, wat die profete gestenig, en die Seun van God verwerp het, en wat haarseif deur haar onboetvaardigheid in die boeie van slawerny slaan haar dag van genade was byna gedaan!

Maar nog eens spreek die Gees van God tot Jerusalem. Voordat die dag gedaan was, is daar weer vir Christus getuig. Daardie stem het opgegaan uit die profetiese verlede. As Jerusalem gehoor sou gee aan daardie roepstem, as sy die Heiland sou ontvang wat nou haar poorte binnegaan, kon sy nog gered word.

Berigte is in Jerusalem ontvang dat Jesus die stad nader met n groot skaar van mense. Maar daar is geen welkomsgroet vir die Seun van God nie. Toe die skare van die Olyfberg wou afdaal, het die owerstes hulle tegemoet gekom. Hulle verneem na die oorsaak van die gejuig. Op hulle vraag, "Wie is hierdie man?" het die dissipels, onder die gees van inspirasie, die vraag beantwoord. Met welspre-
[588] kendheid het hulle die profesiee aangaande Christus aangehaal:

Adam sal u sê, Dit is die saad van die vrou wat die kop van die slang sou verbrysel

Vra Abraham, en hy sal u sê, Dit is "Melgisedek, die Koning van Salem," die Vredevors. Gen. 14: 18.

Jakob sal u vertel, Hy is Silo uit die stam van Juda.

Jesaja sal u sê, "Immanuel," "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors." Jes. 7: 14; 9: 5.

Jeremia sal u sê, Die Spruit uit Dawid, "die Here ons geregtigheid." Jer. 23: 6

Daniël sal u vertel, Hy is die Messias.

Hosea sal u sê, Hy is "Here God van die leërskare, Here is sy gedenknaam." Hosea 12: 6

Johannes die Doper sal u sê, "Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Joh. 1: 29.

Die magtige Jehova het van sy troon verklaar, "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het." Matt. 3: 17

Ons, Sy dissipels, verklaar, Dit is Jesus, die Messias, die Vors van die lewe, die Verlosser van die wêreld.

En die vors van die magte van die duisternis het Hom herken en verklaar: "Ek ken U wie U is: die Heilige van God!" Markus 1: 24.

[589]

[590]

# ’n Gedoemde Volk

DIE triomfantlike intog van Christus in Jerusalem was maar ’n floue skaduwee van Sy koms op die wolke van die hemel met grote krag en heerlikheid, met gejuig van engele en heiliges. Dan sal die woorde van Christus aan priesters en Fariseërs vervul word: “Julie sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.” Matt. 23: 39. In ’n pro- fetiese gesig is aan Sagaria die dag van finale sege getoon; ook het hy die verdoemenis gesien van diegene wat Christus by Sy eerste koms nie wou aanneem nie: “Hulle sal opsien na My wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos ’n mens rouklaag oor ’n enigste seun en bitterlik oor hom ween soos ’n mens bitterlik ween oor ’n eersgebore kind.” Sagaria 12: 10. Hierdie toneel het Christus voor- sien toe Hy die stad gesien en daaroor geween het. In die verwoesting van Jerusalem het Hy die uiteindelike verwoesting gesien van daardie mense wat skuldig was aan die bloed van die Seun van God.

Die dissipels het die haat van die Jode teenoor Christus gesien, maar hulle het nog nie gesien waartoe dit sou lei nie. Hulle het nog nie die ware toestand van Israel besef, of die vergelding verstaan
[591] wat Jerusalem sou tref nie. Dit het Christus aan hulle geopenbaar deur ’n voortreflike, aanskouelike les.

Die laaste oproep aan Jerusalem was tevergeefs. Die priesters en die owerstes het gehoor hoedat die volk die profetiese stem van die verlede weer laat weerklink het, in antwoord op die vraag, “Wie is hierdie man?” Maar hulle het dit nie aangeneem as die stem van Inspirasie nie. Met woede en verbasing het hulle geprobeer om die mense stil te maak. Daar was Romeinse offisiere onder die skare, en by hulle het Sy vyande Jesus aangekla as die leier van ’n rebellie. Hulle het gesê dat Hy op die punt gestaan het om die tempel in te neem en as koning in Jerusalem te regeer.

Maar die kalm stem van Jesus het die skare vir ’n oomblik stilgemaak, toe Hy nog eens verklaar het dat Hy nie gekom het om

n aardse koninkryk op te rig nie; dat Hy eerlank na Sy Vader toe sou opvaar, en dat Sy aanklaers Hom nie weer sou sien totdat Hy in heerlikheid sou kom nie. Dan, te laat vir hulle redding, sal hulle Hom erken. Hierdie woorde het Jesus met droefheid en met groot krag gespreek. Die Romeinse offisiere is stilgemaak en tot bedaring gebring. Hulle harte, hoewel hulle nie die goddelike invloed geken het nie, is aangeraak soos nog nooit tevore nie. In die kalm, ernstige gelaat van Jesus het hulle liefde, goedheid, en waardigheid gesien. Hulle is aangeraak deur 'n medelye wat hulle nie kon verstaan nie. Pleks dat hulle Jesus gearresteer het, was hulle meer geneig om Hom hulde te betoon. Hulle het hulle tot die priesters en owerstes gewend en hulle daarvan beskuldig dat hulle die oproer veroorsaak het. Hierdie leiers, gebelg en verslaan, het hulle tot mense gewend met hulle klagtes, en hulle het heftig onder mekaar begin stry.

In die tussentyd het Jesus ongemerk die tempel binnegegaan. Daar was alles stil, want die toneel op die Olyfberg het die mense daarheen gelok. Vir 'n kort tydjie het Jesus in die tempel vertoef en dit met droefheid betrag. Toe het Hy en Sy dissipels na Betanië teruggekeer. Toe die mense Hom soek om Hom op die troon te plaas, kon hulle Hom nie vind nie.

Jesus het daardie hele nag in gebed deurgebring, en die oggend het Hy weer na die tempel teruggegaan. Op weg is hy by 'n vyeboord verby. Hy was honger. "Toe Hy op 'n afstand n vyeboom met blare sien, het Hy daarnatoe gegaan in die hoop om iets daaraan te kry; en toe Hy daarby.kom, kry Hy niks as blare nie, want dit was nie die [592]
tyd van vye nie."

Dit was nie die tyd vir ryp vye nie, behalwe in sekere dele; en op die hooglande rondom Jerusalem kon daar tereg gesê word, "Dit was nie die tyd van vye nie." Maar in die boord waar Jesus gekom het, het dit gelyk of een van die bome die ander voor was. Dit was alreeds bedek met blare. Dit is die aard van die vyeboom dat die vrug voor die blare verskyn. Hierdie boom wat reeds in volle bloei was, het die vermoede geskep dat daar ook ryp vrugte aan kon wees. Maar sy voorkoms was bedrieglik. Jesus het al die takke deursoek, maar Hy het "niks as blare" gekry nie. Daar was 'n massa van blare, en niks meer nie.

Christus het die boom as volg vervloek: "Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie!" Die volgende more, toe Jesus

en Sy dissipels weer op weg was na die stad, het die hangende takke en verlepte blare hulle aandag getrek. “Rabbi,” het Petrus gesê, “kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.”

Christus se vervloeking van die vyeboom het Sy dissipels verbaas. Dit was nie Sy manier van handel soos hulle Hom geken het nie. Dikwels het hulle Hom hoor sê dat Hy nie gekom het om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered sou word. Hulle het Sy woorde onthou: “Die Seun van die mens het nie
[593] gekom om die mense se siele te verderf nie, maar te red.” Lukas 9: 56. Hy het Sy wonderwerke gedoen om te herstel, maar nooit om te vernietig nie. Die dissipels het Hom geken alleen as die Hersteller en die Geneser. Hierdie daad het alleen gestaan. Wat sou dan die doel daarvan wees? het hulle gewonder.

God het ’n “welbehae in goedertierenheid.” “So waar as Ek leef! spreek die Here Here: Gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie.” Miga 7: 18; Eseg. 33: 11. Vir Hom is die werk van vernietiging en van veroordeling “vreemd.” (Jes. 28: 21.) Maar dit is in genade en liefde dat Hy die sluier van die toekoms wegtrek, en aan mense die gevolge van n loopbaan van sonde toon.

Die vervloeking van die vyeboom was n aanskouelike gelykenis. Daardie boom sonder vrugte, wat met sy bedrieglike blare in die aangesig van Christus gespog het, was ’n simbool van die Joodse volk. Die Heiland wou dit duidelik aan Sy dissipels stel wat die oorsaak van die gewisse verdoemenis van Israel was. Vir hierdie doel het hy sedelike eienskappe aan die boom toegeskryf, en dit gebruik om god- delike waarheid te leer. Die Jode het as ’n afsonderlike volk uitgestaan onder die ander nasies, en het getrouheid aan God bely. Hulle is spesiaal deur Hom begunstig, en bo alle ander volke het hulle aanspraak gemaak op geregtigheid. Maar hulle was verdorwe deur heb- sug en liefde vir die wêreld. Hulle het gespog met hulle kennis, maar was onkundig ten opsigte van die vereistes van God, en hulle was vol huigelary. Soos daardie vyeboom sonder vrugte het hulle hulle spoggerige takke in die lug gesteek, vol weelderige blare, en uiterlik baie mooi, maar hulle het “niks as blare” gedra nie. Die Joodse gods- diens, met sy pragtige tempel, sy heilige altare, sy priesters en indruk-wekkende seremonies, was inderdaad uiterlik mooi, maar nederigheid, liefde, en weldadigheid het ontbreek.

Al die bome in daardie vyeboord was sonder vrugte; maar die bladlose bome het nie verwagtings laat ontstaan nie, en dus ook geen teleurstelling nie. Hierdie bome het die heidene voorgestel. By hulle was daar net so ’n gemis aan godsaligheid as by die Jode; maar hulle het nie voorgegee dat hulle God gedien het nie. Hulle het nie gespog met goedheid nie. Hulle was blind vir die werke en weë van God. By hulle was dit nog nie tyd vir vye nie. Hulle het nog gewag op n dag wat lig en hoop aan hulle sou bring. Die Jode wat groter seëninge van God ontvang het, is verantwoordelik gehou vir hulle misbruik [594] van daardie gawes. Die voorregte waarmee hulle gespog het, het hulle skuld net groter gemaak.

Jesus het honger na die vyeboom gekom om voedsel te vind. So het Hy ook na Israel gekom, hongerig om by hulle die vrugte van geregtigheid te vind. Hy het Sy gawes mildelik aan hulle gegee, sodat hulle vrugte kon voortbring vir die seën van die wêreld. Elke kans en geleentheid is aan hulle gegee, en op Sy beurt het Hy van hulle medelyde en samewerking verwag in Sy werk van genade. Hy het verlang om die gees van selfopofïering en barmhartigheid te sien, ’n ywer tot God, en ’n sielsverlange na die redding van hulle medemens. As hulle die wet van God gehou het, sou hulle dieselfde onselfsugtige werke gedoen het wat Christus gedoen het. Maar liefde vir God en mens is verduister deur hoogmoed en selfvoldaanheid. Hulle het hulle eie ondergang bewerk deur te weier om vir ander te werk. Die skatte van waarheid wat God aan hulle toevertrou het, het hulle nie aan die wêreld gegee nie. In daardie boom sonder vrugte kon hulle hulle eie sonde en die straf daarop lees. Verdor onder die vloek van die Heiland, verskroei en verdor van die wortels af op, het die vyeboom getoon wat die Joodse volk sou word wanneer God Sy genade aan hulle onttrek. Deur te weier om hulle seëninge met ander te deel, sou hulle geen seën meer ontvang nie. “Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is.” Hosea 13: 9.

Die waarskuwing geld vir alle tye. Christus se vervloeking van die vyeboom wat deur Sy eie krag gemaak is, staan as waarskuwing vir alle kerke en vir alle Christene. Niemand kan die wet van God uitleef sonder om ander te dien nie. Maar daar is baie wat nie Christus se barmhartige en onselfsugtige lewe uitlewe nie. Sommige wat dink dat hulle uitmuntende Christene is, weet nie waaruit diens vir God bestaan nie. Hulle maak planne en lê hulle daarop toe om hulleself

te behaag. Hulle handel alleen om die eie-ek te dien. Die tyd het vir hulle waarde alleen wanneer hulle voordele vir hulleself kan insamel. In al hulle handelinge van die lewe is dit hulle hoofdoel. Hulle werk nie vir ander nie, maar vir hulleself. God het hulle ge- skape om te lewe in 'n wêreld waar onbaatsugtige diens gedoen moet word. Hy het vir hulle beoog dat hulle hulle medemens op alle ma- niere
[595] moet help. Maar die eie-ek het so groot geword dat hulle niks anders meer kan sien nie. - Hulle is nie meer in voeling met die mensdom nie. Diegene wat so vir hulleself lewe, is soos daardie vyeboom wat groot aanspraak gemaak het, maar geen vrugte gedra het nie. Hulle kom die vorm van die godsdiens na, maar is sonder bekering of geloof. Hulle gee voor om die wet van God te eerbiedig, maar hulle gehoorsaam dit nie. Hulle se, maar hulle doen nie. Die oordeel wat oor die vyeboom uitgespreek is, demonstreer hoe haatlik hulle geveinsdheid in Christus se oë is. Hy verklaar dat die volslae sondaar minder skuldig is as diegene wat bely dat hulle God dien en tog geen vrugte tot Sy heerlikheid voortbring nie.

Die gelykenis van die vyeboom, gespreek vóór Christus se besoek aan Jerusalem, staan in regstreekse verband met die les wat Hy geleer het in die vervloeking van die vrugtelose boom. Vir die vrugtelose boom van die gelykenis het die tuinier gepleit: Laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom ander jaar uitkap. Meer sorg sou bestee word aan die vrugtelose boom. Alles moontlik moes daarvoor gedoen word. Maar as dit dan nog geen vrugte dra nie, sou niks dit kon red van vernietiging nie. In die gelykenis word nie vertel wat die uitwerking van die tuinier se verdere sorg was nie. Dit het afgehang van die mense tot wie Christus se woorde gespreek is. Hulle is voorgestel deur die vrugtelose boom, en dit het by hulle berus om hulle eie lot te beslis. Elke seën wat die hemel kon gee, is aan hulle gegee, maar hulle het daardie seëninge nie tot voordeel gebruik nie. Deur Sy vervloeking van die byeboom het Christus die resultaat getoon. Hulle het hulle eie ondergang bewerk.

Vir meer as 'n duisend jaar het die Jode Gods genade misbruik en Sy oordele uitgelok. Hulle het Sy waarskuwings verwerp en Sy profete doodgemaak. Vir daardie sondes het die mense van Christus se tyd hulle ook verantwoordelik gemaak omdat hulle dieselfde weg ingeslaan het. Die skuld van daardie geslag was daarin geleë dat

hulle die seëninge en die waarskuwings wat hulle ontvang, verwerp het. Die kettings wat die volk vir eeue gesmee het, het die mense van Christus se tyd aan hulle eie hande geslaan.

In elke eeu word daar aan mense hulle tydperk van verligting en voorregte gegee, ’n proeftyd waarin hulle met God versoen kan raak. Maar daar kom ’n einde aan daardie tyd van genade. Genade mag vir jare aangebied en tog verwerp word; maar daar kom ’n tyd [596] wanneer genade vir die laaste maal pleit. Die hart word so verhard dat dit nie langer gehoorgee aan die Gees van God nie. Daarna pleit daardie soete en minsame stem nie langer meer met die sondaar nie, en die vermanings en waarskuwings hou op.

Daardie dag het vir Jerusalem aangebreek. Jesus het in droefheid geween oor die gedoemde stad, maar Hy kon haar nie red nie. Hy het alles gedoen wat Hy kon. Deur die waarskuwings van Gods Gees te verwerp, het Israel sy enigste redmiddel verwerp. Daar was geen ander mag waardeur hulle verlos kon word nie.

Die Joodse volk was ’n simbool van die mense van alle eeue wat die pleitstem van Ewige Liefde verag. Die trane van Christus, toe Hy oor Jerusalem geween het, was vir die sondes van alle eeue. In die oordele wat oor Israel uitgespreek is, mag ook diegene wat die waarskuwing van Gods Heilige Gees verwerp, hulle eie veroordeling lees.

In hierdie geslag is daar baie wat dieselfde grond betree as die on- gelowige Jode. Hulle het die openbarings van Gods krag gesien; die Heilige Gees het tot hulle harte gespreek; maar hulle volhard in hulle ongeloof en weerstand. God stuur aan hulle waarskuwings en bestraffings, maar hulle is onwillig om hulle foute te erken, en hulle verwerp Sy boodskap en Sy boodskapper. Die juiste middel wat Hy gebruik vir hulle bekering, word vir hulle ’n steen des aanstoots.

Afvallige Israel het die profete van God gehaat omdat hulle verborge sondes deur die profete geopenbaar is. Agab het Elia beskou as sy vyand omdat die profeet getrou was om die koning se geheime sondes te bestraf. So ook vandag het die dienaar van Christus, die bestraffer van die sonde, te kampe met veragting en beledigings. By- belse waarheid, die godsdiens van Christus, moet stry teen ’n sterk stroom van sedelike onreinheid. Vooroordeel is vandag selfs sterker in die harte van mense as in die tyd van Christus. Christus het nie die verwagtings van mense vervul nie; Sy lewe was ’n bestraffing

van hulle sondes, en hulle het Hom verwerp. En so ook vandag stem die waarheid van Gods Woord nie ooreen met die handelwyse van mense en hulle natuurlike neigings nie, en duisende verwerp die lig daarvan. Mense, aangepor deur die Satan, betwyfel Gods Woord en verkies hulle eie onafhanklike oordeel. Hulle verkies die duisternis liewer as die lig, maar hulle doen dit met lewensgevaar vir hulle
[597] eie siele. Diegene wat fout gesoek het met Christus se woorde, het steeds meer rede gesoek vir vitterigheid totdat hulle uiteindelik hulle rug gekeer het op die Waarheid en die Lewe. So gaan dit vandag ook. God is nie voornemens om elke beswaar uit die weg te ruim wat die vleeslike hart teen Sy waarheid mag inbring nie. Vir diegene wat die kosbare lig- strale weier wat die duisternis vir hulle sou verlig het, bly die verbor- genhede van Gods Woord vir altyd onopgelos. Die waarheid is vir hulle bedek. Hulle wandel soos blindes, onbewus van die ondergang wat hulle wag.

Vanaf die top van die Olyfberg het Christus die wêreld van alle eeue gesien; en Sy woorde is toepaslik op elke siel wat die pleitstem van goddelike genade veronagsaam. Veragter van Sy liefde, Hy spreek tot jou vandag. Dit is jy, "ja ook in hierdie dag van jou," wat die dinge moet weet wat tot jou vrede dien. Christus stort bitter träne oor jou

jy wat geen trane het om oor jouself te stort nie. Daardie dodelike hardheid van hart wat die ondergang van die Fariseërs was, is ook in jou. En elke bewys van Gods genade, elke straal van goddelike lig, is òf besig om jou hart te smelt en te versag, òf om dit in hopelose onboetvaardigheid te bevestig.

Christus het voorsien dat Jerusalem verhard en onboetvaardig sou bly; maar al die skuld, en al die gevolge van genade wat verwerp is, daarvoor was hy self verantwoordelik. So sal dit ook wees met elke siel wat dieselfde weg bewandel. Die Here het gesê: "Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is." "Hoor, aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na My woorde het hulle nie geluister nie, en My wet, die het hulle
[598] verwerp." Hosea 13: 9; Jer. 6: 19.

## Tweede Reiniging van die Tempel

AAN die begin van Sy bediening het Christus diegene uit die tempel verjaag wat dit verontheilig het deur hulle onheilige handel; en Sy strenge en goddelike houding het die sluwe handelaars die skrik op die lyf gejaag. Aan die einde van Sy bediening het Hy weer na die tempel gekom, en gevind dat hulle dit nog verontheilig het soos voorheen. Die toestand van sake was selfs erger as voorheen. Die buitenste voorhof van die tempel was soos 'n groot beeskraal. Die gebulk van die beeste en die geklink van munt was vermeng met die bitsige gestry van die verkopers, en daarby is die stemme gehoor van manne in die heilige bediening. Die waardigheidsbekleërs van die tempel was self besig met koop en verkoop en die uitwisseling van geld. So volkome was hulle beheers deur hebsug dat hulle in die oë van God niks beter was as diewe nie.

Die priesters en owerstes het maar min besef gehad van die heiligheid van die werk wat hulle moes doen. Tydens elke Paasfees en Huttefees, is daar duisende diere geslag, en hulle bloed is deur die priesters opgevang en op die altaar uitgegooi. Vir die Jode het die offer van bloed 'n doodgewone handeling geword, en hulle het [599]
die feit byna uit die oog verloor dat dit die sonde was wat al die vergieting van die bloed van diere nodig gemaak het. Hulle het nie besef dat dit 'n sinnebeeld van die bloed van Gods geliefde Seun was, wat gestort sou word vir die lewe van die wêreld, en dat die aandag van die mense, deur die offerandes, gevestig moes word op die gekruisigde Verlosser nie.

Jesus het die onskuldige slagoffers aanskou, en gesien hoe die Jode hierdie groot byeenkomste die tonele van bloedvergieting en wreedheid gemaak het. In die plek van ootmoedige berou oor die sonde, het hulle die offers van diere vermenigvuldig, asof God geëer kon word deur daardie gevoellose diens. Die priesters en owerstes het hulle harte verhard deur selfsug en gierigheid. Selfs daardie simbole wat gewys het op die Lam van God, het hulle die middels tot wins gemaak. So is die heiligheid van die offrstelsel in die oë van

die volk in ’n groot mate vernietig. Jesus was baie verontwaardig; Hy het geweet dat Sy bloed wat eerlank gestort sou word vir die sondes van die wêreld, net so min deur die priesters en ouderlinge gewaardeer sou word as die bloed van die diere wat hulle gedurig laat vloei het.

Christus het deur die profete teen hierdie praktyk gespreek. Samuel het gevra: “Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.” En Jesaja, waar hy met profetiese insig die afvalligheid van die Jode gesien het, het hy hulle toegespreek as die regeerders van Sodom en Gomorra: “Hoor die woord van die Here, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra! Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor My aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis

om My voorhowe te vertrap?” “Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor My oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, help die verdrukte reg, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.” 1 Sam.
[600] 15: 22; Jes. 1: 10-12, 16, 17.

Hy wat self hierdie profesieë ingegee het, het nou vir die laaste maal die waarskuwing herhaal. In vervulling van profesie het die mense Jesus as koning van Israel uitgeroep. Hy het hulle hulde aangeneem, en die koningskap aanvaar. In daardie hoedanigheid moes Hy nou optree. Hy het geweet dat Sy pogings om ’n verdorwe pries- terskap te hervorm, tevergeefs sou wees, maar Hy moes nietemin Sy werk doen; aan ’n ongelowige volk moes die bewys van Sy goddelike sending gegee word.

Weer het Jesus Sy deurdringende blik gewerp oor die verontheiligde voorhof van die tempel. Alle oë is op Hom gevestig. Priester en owerste, Fariseër en heiden, het met verbasing en vrees Hom aan- skou wat daar voor hulle gestaan het in die majesteit van die hemel se Koning. Godheid het deur die mensheid geflits, en Christus met ’n waardigheid en heerlikheid beklee wat Hy nooit voorheen
[601] geopenbaar het nie. Diegene wat naaste aan Hom gestaan het, het so

ver terug- gestaan as wat die skare toegelaat het. Met die uitsondering van n paar van Sy dissipels wat by-Hom was, het die Heiland alleen gestaan. Alles het stil geword. Die vreeslike stilte was byna ondraaglik. Christus het gespreek met 'n krag wat die mense geskud het soos n magtige stormwind: "Daar is geskrywe: My huis moet n huis van gebed genoem word." Maar julle het dit n rowerspelonk gemaak. Sy stem het soos 'n trompet weerklink deur die tempel. Die uitdrukking van misnoeë op Sy gelaat was soos 'n verterende vuur. Met gesag het Hy beveel, "Neem daardie dinge hier weg." Joh. 2: 16.

Drie jaar tevore het die owerstes van die tempel hulle geskaam vir hulle vlug voor die bevelwoord van Jesus. Sedert daardie tyd het hulle gewonder oor hulle vrees, en oor hulle gedweë gehoorsaamheid aan 'n enkele nederige Man. Hulle het gemeen dat dit onmoontlik was dat hulle weer so gebied kon word — iets wat glad nie met hulle waardigheid gestryk het nie. En nogtans was hulle nou nog meer vrees- bevange as voorheen, en baie haastiger om Sy bevel te gehoorsaam. Daar was niemand wat dit durf waag om Sy gesag in twyfel te trek nie. Priesters en handelaars het van Sy teenwoordigheid gevlug, en die vee voor hulle uit gejaag.

Op weg van die tempel het hulle n skare teëgekom wat hulle siekes gebring en gevra het waar hulle die Groot Geneesheer kon vind. Die berig van die vlugtendes het sommige van hierdie mense laat teruggaan. Hulle was bang om Iemand so magtig te ontmoet, Iemand wie se blik die priesters en owerstes van Sy teenwoordigheid laat wegvlug het. Maar 'n hele aantal het deur die haastige skare gedring, gretig om by Hom wat hulle enigste hoop was, te kom. Toe die skare van die tempel gevlug het, het baie agtergebly. Die pasaangekomendes het nou by hulle aangesluit. Weer is die tempelvoorhof gevul met siekes en sterwendes, en het Jesus hulle genees.

Na 'n tyd het die priesters en owerstes dit gewaag om na die tempel terug te keer. Nadat hulle paniek bedaar het, was hulle baie gretig om te weet wat Jesus se volgende stap sou wees. Hulle het verwag dat Hy die troon van Dawid sou bestyg. Toe hulle die tempel nader, het hulle die stemme van manne, vroue, en kinders gehoor wat God geloof het. Toe hulle ingaan, het hulle verbaas blystaan oor die wonderbare toneel voor hulle. Hulle het gesien dat siekes genees word, die blindes hulle gesig ontvang, die gehoor van dowes [602]

herstel word, en dat die kreupeles huppel van blydskap. Die kinders was vooraan onder die juigendes. Jesus het hulle siektes genees; Hy het hulle in Sy arms opgeneem, hulle kusse van dankbare liefde ontvang, en sommige van hulle het teen Sy boesem aan die slaap geraak onder- wyl Hy die mense geleer het. Met blye stemme het die kinders Hom geloof. Hulle het die hosannas van die vorige dag herhaal, en hulle het palmtakke triomfantlik voor die Heiland geswaai. Die tempel het weergalm van hulle uitroepe, "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" "Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oor- winnaar is Hy!" Ps. 118: 26; Sag. 9: 9. "Hosanna vir die Seun van Dawid!"

Die geluid van hierdie gelukkige stemme was 'n aanstoot vir die owerstes van die tempel. Hulle het toe begin om hierdie demonstrasies te belet. Hulle het aan die mense gesê dat die huis van God veront- heilig word deur die geloop van die kinders en hulle vreugdekrete. Toe hulle sien dat hulle woorde geen indruk op die mense maak nie, het hulle hulle tot Christus gewend en gesê: "Hoor U wat hulle daar sê? En Jesus antwoord hulle: Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van klein kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?" Die pro- fesie het voorspel dat Christus as koning uitgeroep sou word, en daardie woord moes vervul word. Die priesters en owerstes van Israel het geweier om Sy heerlikheid te verkondig, en God het die kindertjies beweeg om Sy getuies te wees. As die kinders stilgebly het, sou die tempelpilare die lof van die Heiland aangehef het.

Die Fariseërs was heeltemal verbyster en van stryk gebring. Iemand wat hulle nie kon bangmaak nie, was in bevel. Jesus het Sy plek inge- neem as beskermer van die tempel. Nog nooit tevore het Hy sulke koninklike gesag aangeneem nie. Nog nooit voorheen het Sy woorde en werke sulke groot krag gehad nie. Hy het wonderwerke in Jerusalem gedoen, maar nog nooit tevore op so 'n wyse en so ernstig en indrukwekkend nie. In die teenwoordigheid van die mense wat Sy wonderwerke gesien het, kon die priesters en owerstes dit nie waag om openlik vyandig teen Hom op te tree nie. Alhoewel hulle woedend was en in verwarring gebring is deur Sy antwoord,
[603] kon hulle niks verder daardie dag uitrig nie.

Die volgende oggend het die Sanhedrin weer beraadslaag hoe om teen Jesus op te tree. Drie jaar tevore het hulle Hom om 'n teken van

Sy Messiasskap gevra. Sedert daardie tyd het Hy magtige wonderwerke deur die land gedoen. Hy het die siekes genees, duisende mense op wonderbaarlike wyse gevoed, op die water geloop, en die see beveel om stil te wees. Herhaaldelik het Hy die harte van mense soos ’n ope boek gelees; Hy het duiwels uitgewerp, en die dode opgewek. Die owerstes het nou voor hulle die bewys van Sy Messiasskap gehad. Hulle het nou besluit om Hom om geen teken van Sy gesag te vra nie, maar om uit Hom die een of ander verklaring of erkenning te kry waardeur hulle Hom kon veroordeel.

Hulle het gegaan na die tempel waar Hy besig was om te leer, en Hom begin ondervra: “Vertel ons deur watter gesag U hierdie dinge doen, of wie is dit wat U hierdie gesag gegee het?” Hulle het verwag dat Hy sou sê dat Sy gesag van God was. Hulle was van plan om so ’n aanspraak te bestry. Maar Jesus het hulle geantwoord met ’n wedervraag oor ’n skynbaar ander onderwerp; as hulle Sy vraag sou antwoord, sou Hy hulle vraag beantwoord. “Die doop van Johannes,” het Hy gevra, “was dit uit die hemel of uit mense?”

Die priesters het nou besef dat hulle in ’n dilemma was waaruit geen slim redenasies hulle kon verlos nie. As hulle sou antwoord dat Johannes se doop uit die hemel was, sou hulle inkonsekwente handel- wyse aan die kaak gestel word, want Christus sou dan sê: Waarom het julle hom nie geglo nie? Johannes het van Christus getuig, “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.” Joh. 1: 29. As die priesters Johannes se getuienis geglo het, hoe kon hulle dan die Messiasskap van Christus loën? As hulle sou sê dat hulle geglo het dat Johannes se werk uit die mense was, sou hulle ’n storm van verontwaardiging op hulleself losgelaat het; want die mense het geglo dat hy ’n profeet was.

Met die grootste belangstelling het die mense die antwoord afgewag. Hulle het geweet dat die priesters voorgegee het om die werk van Johannes aan te neem, en hulle het verwag dat hulle ronduit sou erken dat hy van God gestuur was. Maar nadat hulle heimelik oor die saak gesels het, het die priesters besluit om hulle nie oor die saak uit te laat nie. Huigelagtig het hulle gesê dat hulle nie geweet het nie. “Dan sê Ek vir julle ook nie,” het Christus gesê, “deur watter
gesag Ek hierdie dinge doen nie.” [604]

Skrifgeleerdes, priesters, en owerstes is almal die swye opgelê. Verbyster en teleurgestel, het hulle hulle hoofde laat sak en dit nie

gewaag om verdere vrae aan Christus te stel nie. Deur hulle lafhartigheid en besluiteloosheid het hulle in 'n groot mate die agting van die volk verbeur, wat as toeskouers gestaan en kyk het, geamuseer om te sien hoe hierdie trotse, eiegeregtige manne verslaan is.

Al hierdie woorde en werke van Christus was belangrik, en hulle invloed sou steeds meer en meer gevoel word ná Sy kruisiging en hemelvaart. Baie van die wat met angs die resultaat afgewag het van die ondervraging van Jesus, het eindelik Sy dissipels geword, omdat hulle hulle vir die eerste keer op daardie gebeurtenisvolle dag tot Hom en Sy woorde aangetrokke gevoel het. Daardie toneel in die voorhof van die tempel sou nooit uit hulle geheues uitgewis word nie. Die teen- stelling tussen Jesus en die hoëpriester waar hulle daar saam woorde gewissel het, was opvallend. Die trotse hoogwaardigheidsbekleër van die tempel het 'n ryk, kostelike kleed aangehad. Op sy hoof was 'n glinsterende tiara. Sy houding was trots; sy hare en sy lang baard was al wit weens sy bejaardheid. Sy voorkomste het die agting van die toeskouers afgedwing. Voor hierdie hoë persoonlikheid het die Majesteit van die hemel gestaan, sonder versierings of vertoon. Sy kleed was bestof deur Sy reise; Sy gelaat was bleek, met 'n uitdrukking van geduldige droefheid; maar daarop het geskryf gestaan 'n waardigheid en goedheid wat vreemd afgesteek het by die trotse, selfvoldane, verontwaardigde houding van die hoëpriester. Baie van diegene wat getuie was van die woorde en werke van Jesus in die tempel, het Hom van daardie dag af in hulle harte gehuldig as 'n profeet van God. Maar namate die openbare gevoel in Sy guns begin loop het, het die haat van die priesters teenoor Jesus vermeerder. Die wysheid waarmee Hy ontkom het aan die strikke wat vir Hom gestel is, en wat ook bykomstige bewys was van Sy Godheid, was soos vet in die vuur van hulle woede.

In Sy stryd met die rabbi's was dit nie Christus se doel om Sy teenstanders te verneder nie. Hy was nooit bly as hulle in verleentheid was nie. Hy wou 'n belangrike les leer. Hy het die oorwinning oor Sy vyande behaal deur toe te laat dat hulle verstrik raak in die strikke wat hulle vir Hom gestel het. Die feit dat hulle onkunde bely het aangaande die aard van Johannes se doop, het Hom die
[605] geleentheid gegee om te spreek, en Hy het gebruik gemaak van die geleentheid deur hulle ware toestand aan hulle te openbaar, en om nog 'n waarskuwing te voeg by die baie wat Hy alreeds gegee het.

"Wat dink julle?" het Hy gevra: "'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd. En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy spyt gekry en gegaan. Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie. Wie van die twee het die wil van die vader gedoen?"

Hierdie plotselinge vraag het Sy toehoorders onverwags gevang. Hulle het stip geluister na die gelykenis, en dadelik geantwoord, "Die eerste." Jesus het toe Sy oë stip op hulle gevestig en ernstig gesê: "Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en hoere gaan julle voor in die koninkryk van God. Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie."

Die priesters en owerstes kon nie anders as om die regte antwoord te gee op Christus se vraag nie, en so het Hy hulle mening gekry in die guns van die eerste kind. Hierdie kind het die tollenaars voorgestel

hulle wat gehaat en verag was deur die Fariseërs. Die tollenaars was baie onsedelik. Hulle was inderwaarheid oortreders van Gods wet, en in hulle lewe was daar 'n absolute stryd teen Sy vereistes. Hulle was ondankbaar en onheilig; toe aan hulle gesê is om in Gods wingerd te gaan werk, het hulle veragtend geweier. Maar toe Johannes gekom en die bekering en die doop gepreek het, het die tollenaars sy boodskap aangeneem en is gedoop.

Die tweede kind het die leiers van die Joodse volk voorgestel. Sommige van die Fariseërs het hulle bekeer en is deur Johannes gedoop; maar die leiers wou nie aanneem dat hy van God gekom het nie. Sy waarskuwings en bestraffings het hulle nie tot hervorming beweeg nie. Hulle "het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie." Lukas 7: 30. Hulle het Sy boodskap met veragting bejeën. Soos daardie tweede kind wat gesê het, toe Hy geroep is, "Ja, heer," maar nie gegaan het nie, het die priesters en owerstes ook voorgegee dat hulle gehoorsaam, maar hulle was onge- hoorsaam. Hulle het groot aanspraak gemaak op vroomheid; hulle het gesê dat hulle Gods wet gehoorsaam het, [606]
maar dit was 'n valse gehoor- saamheid. Die tollenaars is deur die Fariseërs veroordeel en vervloek as ongelowiges; maar hulle het

deur hulle geloof en werke getoon dat hulle die koninkryk van die hemel binnegegaan het voor daardie eie- geregtige manne aan wie groot lig gegee is, maar wie se werke nie ooreengestem het met hulle belydenis van godsaligheid nie.

Die priesters en owerstes was nie gewillig om hierdie harde waar- hede aan te neem nie; hulle het stilgebly, hopende dat Jesus iets sou sê wat hulle teen Hom sou kon gebruik; maar hulle sou nog meer hoor.

"Luister na 'n ander gelykenis," het Christus gesê: "Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugte- tyd naderkom, stuur hy sy slawe na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy slawe geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander slawe gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ont- sien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers maak?"

Jesus het al die mense daar teenwoordig toegespreek; maar die priesters en owerstes het geantwoord: "Die siegte mense — hy sal hulle 'n siegte dood laat sterwe," het hulle gesê, "en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee." Die sprekers het eers nie die toepassing van die gelykenis verstaan nie, maar nou het hulle besef dat hulle hulle eie oordeel uitgespreek het. In die gelykenis het die huisheer God voorgestel, die wingerd die Joodse volk, en die heining was die goddelike wet wat hulle besker- ming was. Die toring was 'n simbool van die tempel. Die eienaar van die wingerd het alles gedoen wat nodig was vir die voorspoed daarvan. "Wat is daar meer te doen aan My wingerd," vra Hy, "wat Ek daar nie aan gedoen het nie?" Jes. 5:4. So word Gods onvermoeide sorg vir Israel voorgestel. Soos die landbouers aan die huisheer 'n deel van die vrugte van die wingerd moes teruggee, so
[607] moes Gods volk Hom vereer deur 'n lewe ooreenkomstig hulle hei-

lige voorregte. Maar soos die landbouers die slawe doodgemaak het wat die huisheer gestuur het vie die vrugte. So het Jode die profete doodgemaal wat God na hulle gestuur het om hulle tot bekering te roep. Die een na die ander boodskapper is doodgemaak. Tot dusver kon die toepassing van die gelykenis nie in twyfel getrek word nie, en die toepassing van die res was net so voor die hand liggend. In die geliefde seun wat die heer van die wingerd uiteindelik na die ongehoorsame landbouers gestuur het, en wat hulle gegryp en doodgemaak het, het die priesters en ower- stes 'n duidelike prent van Jesus en die lot wat Hom gewag het, gesien.Reeds was hulle besig met planne om Hom dood te maak wat die Vader na hulle gestuur het in 'n laaste poging. Die vergelding van die on- , dankbare landbouers was 'n voorstelling van die straf op diegene wat Christus om die lewe sou bring.

Die Heiland het hulle in jammerte betrag, en voortgegaan, “Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp ,-( het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is | wonderlik in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem word en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter , word; maar elkeen op wie hy val, die sal hy vermorsel.' Hierdie profesie het die Jode dikwels in die sinagoges gelees, en op die komende Messias toegepas. Christus was die hoeksteen van die j Joodse bedeling, en ook van die hele verlossingsplan. Dit was hierdie Hoeksteen wat die Joodse boumeesters, die priesters en owerstes van Israel, nou besig was om te verwerp. Die Heiland het hulle aandag gevestig op die profesieë wat hulle gevaar aan hulle sou toon.Deur elke middel in Sy mag het Hy geprobeer om aan hulle die daad te verduidelik wat hulle op die punt gestaan het om te doen.

En Sy woorde het ook 'n ander doel beoog. Met Sy vraag: “Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers maak?” het Christus bedoel dat die Fariseërs sou antwoord soos hulle wel gedoen het. Dit was Sy doel dat hulle hulleself moes veroordeel. Sy waarskuwings, wat hulle nie kon beweeg om hulle te bekeer nie, sou hulle lot beslis, en Hy wou hê dat hulle moes sien dat hulle hulle eie ondergang bewerk het. Hy wou hulle die regver- digheid van God laat sien in die onttrekking van hulle nasionale voor- regte, wat reeds begin het, en wat sou eindig, nie [608]

alleen in die verwoesting van hulle tempel en stad nie, maar in die verstrooiing van die volk.

Die hoorders het die waarskuwing verstaan. Maar nieteenstaande die vonnis wat hulle self uitgespreek het, was die priesters en owerstes gereed om die prentjie te voltooi deur te sê, "Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak." Hulle het probeer "om die hande aan Hom te slaan, maar hulle het die volk gevrees," want die openbare sentiment was ten gunste van Christus.

In Sy aanhaling van die profesie oor die verworpe hoeksteen, het Christus verwys na 'n werklike gebeurtenis in die geskiedenis van Israel. Dit het in verband gestaan met die bou van die eerste tempel. Terwyl dit van spesiale toepassing was tydens Christus se eerste koms, en tereg van toepassing was op die Jode, bevat dit ook 'n les vir ons. Toe die tempel van Salomo gebou is, is die groot klippe vir die mure en die fondament by die steengroewe reggekap, want by die werklike gebou moes daar geen gereedskap op hulle gebruik word nie; die werksmense moes hulle slegs op hulle regte plek inbou. Vir inbouing in die fondament is daar een baie groot klip met 'n spesiale fatsoen aangebring, maar die bouers kon geen plek daarvoor vind nie en hulle het dit verwerp. Dit was 'n ergernis vir hulle, want dit het daar on- gebruik in hulle pad gelê. Vir 'n lang tyd was dit die verworpe steen. Maar toe die bouers by die hoek kom, moes hulle gaan soek na 'n klip sterk genoeg en van die regte grootte en fatsoen om in daardie spesiale plek te pas en die groot gewig te dra wat daarop sou rus. As hulle die verkeerde keuse sou maak vir daardie belangrike plek, sou die veiligheid van die hele gebou in gevaar wees. Hulle moes 'n klip vind wat die uitwerking van die son en die ryp en die storms kon trotseer. Verskeie klippe is daar geplaas, maar onder die groot druk is hulle vergruis. Ander, weer, kon nie die skielike atmosferiese veranderings staan nie. Maar eindelik is die aandag gevestig op 'n klip wat so lank verworpe gelê het. Dit het daar in die wind en weer gelê en het nie die geringste barsie getoon nie. Die bouers het toe die klip ondersoek. Dit het al die toetse deurstaan behalwe een; as dit die toets van die groot drukking kon deurstaan, sou hulle dit neem as die hoeksteen. Die toets is uitgevoer. Die klip is aangeneem, na sy aangewese plek gebring, en dit het presies gepas. Aan die profeet Jesaja is dit geopenbaar dat
[609] hierdie klip 'n simbool van Christus was. Hy sê:

"Die Here van die leërskare — Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees! Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees; maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem. En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word." Toe het die profeet in 'n profetiese gesig die eerste koms gesien, en aan hom is getoon dat Christus die beproewings en toetse sou moes deurstaan, waarvan die behandeling van die eerste hoeksteen in die tempel van Salomo sim- bolies was. "Daarom so sê die Here Here: Kyk: Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrond- ves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie." Jes. 8: 13-15; 28: 16.

Met ewige wysheid het God die hoeksteen gekies en dit self gelê. Hy het gesê dat dit "vas gegrondves" is. Die hele wêreld kan sy laste en al sy droefheid daarop lê, en Hy sal dit alles dra. In die grootste veiligheid mag hulle daarop bou. Christus is 'n "beproefde steen." Diegene wat op Hom vertrou, sal Hy nooit teleurstel nie. Hy het al die toetse deurstaan. Hy het die druk van Adam se skuld gedra, en al die skuld van sy nageslag, en Hy het daaruit gekom meer as oorwinnaar oor al die bose magte. Hy het die laste wat op Hom gewerp is deur elke boetvaardige sondaar, gedra. In Christus het die skuldige hart verlossing gevind. Hy is 'n vaste hoeksteen. Almal wat op Hom vertrou, vind rus in volkome veiligheid.

In die profesie van Jesaja word Christus beide as 'n vaste hoeksteen en 'n rots om oor te struikel voorgestel. Die apostel Petrus wat onder ingewing van die Heilige Gees geskryf het, toon duidelik vir wie Christus 'n hoeksteen, en vir wie Hy 'n steen van aanstoot is:

"As julle tenminste gesmaak het dat die Here goedertieren is. Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, soos 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om gees- telike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en 'n rots van

[610] struikeling — vir die wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is.” 1 Pet. 2:3-8.

Vir diegene wat glo, is Christus ’n vaste fondament. Dit is hulle wat op die Rots val en verpletter word. Oorgawe aan, en geloof in Christus word hier voorgestel. Om op die Rots te val en verbreek te word, beteken dat ons al ons eiegeregtigheid moet opgee, en met die nederigheid van ’n kind na Christus moet gaan, boetvaardig oor ons sondes en gelowende in Sy vergewende liefde. En so is dit dan ook deur geloof en gehoorsaamheid dat ons op Christus bou as ons fondament.

Op hierdie lewende steen mag Jode sowel as heidene bou. Dit is die enigste fondament waarop ons in veiligheid kan bou. Dit is breed genoeg vir almal, en sterk genoeg om die gewig en laste van die hele wêreld te dra. En deur verbinding met Christus, die lewende steen, word almal wat op hierdie fondament bou, lewende stene. Baie mense word deur hulle eie pogings reggekap, geslyp, en verfraai; maar hulle kan nie “lewende stene” word nie omdat hulle nie met Christus verbind is nie. Sonder hierdie verbinding kan niemand gered word nie. Sonder die lewe van Christus in ons, sal ons nie die storms van versoeking kan weerstaan nie. Ons ewige veiligheid sal daarvan afhang of ons bou op die vaste fondament. Menigtes bou vandag op fondamente wat nie getoets is nie. Wanneer die reën val, die storms woed, en die vloedwaters kom, sal hulle huis instort omdat dit nie gebou is op die ewige Rots, die hoeksteen Christus Jesus nie.

“Vir die wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is,” is Christus ’n steen van aanstoot. Maar “die steen wat die bouers verwerp het, dit het ’n hoeksteen geword.” Soos die verworpe steen is Christus tydens Sy aardse sending gesmaad en verwerp. “Hy was verag en deur die mense verlaat, ’n man van smarte en bekend met krankheid. . . . Hy was verag en ons het Hom nie geag nie.” Jes. 53: 3. Maar die tyd was naby wanneer Hy verheerlik sou word. Deur Sy opstanding uit die dode, sou Hy met krag verklaar word as “die Seun van God.” Rom. 1: 4. By Sy tweede koms sal Hy geopenbaar word as die Here van hemel en aarde. Diegene wat nou op die punt gestaan het om Hom te kruisig, sal dan Sy grootheid erken. Voor die ganse heelal sal die verworpe
[611] Steen die Hoeksteen word.

"Maar elkeen op wie hy val, die sal hy vermorsel." Die mense wat Christus verwerp het, sou eerlank sien hoedat hulle stad en hulle nasie vernietig word. Hulle heerlikheid sou verbreek en verstrooi word soos stof voor die wind. En wat was dit wat die Jode vernietig het? Dit was die Rots wat, as hulle daarop gebou het, hulle veiligheid sou gewees het. Dit was die goedheid van God wat hulle verag het, die geregtigheid wat hulle versmaai het, en die genade wat hulle verwerp het. Die mense .het hulle teen God gestel, en alles wat tot hulle saligheid gedien het, is gebruik vir hulle vernietiging. Alles wat God tot hulle lewe beskik het, het hulle dood bewerkstellig. In die Jode se kruisiging van Christus was ook die verwoesting van Jerusalem in- gesluit. Die bloed wat op Golgota gestort is, was die gewig wat hulle onderdruk het tot hulle ondergang vir hierdie wêreld en vir die hiernamaals. So sal dit ook wees in die laaste groot dag wanneer die oordeel sal kom oor die verwerpers van Gods genade. Christus, hulle steen van aanstoot, sal dan vir hulle verskyn as 'n wraaknemende berg. Die lig van Sy heerlikheid wat vir die regverdiges die lewe is, sal vir die goddelose 'n verterende vuur wees. Die sondaar sal vernietig word oor die liefde wat hy verwerp, en die genade wat hy verag het.

Deur baie illustrasies en herhaalde waarskuwings het Jesus gewys wat die gevolge sal wees van die Jode se verwerping van die Seun van God. In hierdie woorde het Hy almal aangespreek in elke eeu, wat geweier het om Hom aan te neem as hulle Verlosser. Elke waarsku- wing is vir hulle. Die verontheiligde tempel, die ongehoorsame seun, die bedrieglike landbouers, die veragtende bouliede, het ook hulle teen- beeld in die ondervinding van elke sondaar. As hy hom nie bekeer nie, sal die verdoemenis wat voorspel is ook hom tref. [612]

## Stryd

DlE priesters en owerstes het in stilte geluister na Christus se be- straffings. Hulle kon nie Sy aanklagte weerspreek nie. Dit het hulle net meer vasberade gemaak om Hom te betrap, en met hierdie doel het hulle spioene na Hom toe gestuur "wat geveins het dat hulle regverdig was, sodat hulle Hom op 'n woord kon vang, om Hom oor te lewer aan die owerheid en aan die gesag van die goewerneur." Hulle het nie die ou Fariseërs gestuur wat Jesus dikwels ontmoet het nie, maar jongmanne wat baie ywerig was, en wat hulle gemeen het nie aan Christus bekend was nie. Hierdie manne was vergesel van sekere Herodiane wat moes luister na Christus se woorde, sodat hulle teen Hom kon getuig by Sy verhoor. Die Fariseërs en Herodiane was bittere vyande, maar nou het hulle saamgestaan in hulle vyandigheid teen Christus.

Dit was maar altyd 'n onaangename saak vir die Fariseërs dat hulle belastings moes betaal aan die Romeine. Hulle het aangevoer dat dit teen die wet van God was vir die Romeine om belastings te hef. Nou het hulle 'n kans gesien om 'n strik vir Jesus te stel. Die spioene het na Hom toe gekom, met geveinsde opregtheid, asof hulle
[613] graag wo weet wat hulle plig was, en- hulle het gesê: "Meester, ons weet dat U reguit praat en leer en die persoon nie aanneem nie, maar die weg van God in waarheid leer — is dit ons geoorloof om aan die keiser belasting te betaal, of nie?"

Die woorde, "Ons weet dat U reguit praat en leer," sou, as hulle opreg was, 'n wonderbaarlike erkenning gewees het. Maar hulle het hierdie woorde in geveinsdheid gesê; nogtans was hulle getuienis waar. Die Fariseërs het wel geweet dat Christus reg gepraat en geleer het, en deur hulle eie getuienis sou hulle geoordeel word.

Diegene wat die vraag aan Jesus gestel het, het gedink dat hulle hulle doel baie goed bedek het; maar Jesus het hulle harte gelees soos 'n ope boek, en Hy het hulle listigheid gesien. "Waarom versoek julle My?" het Hy gesê, en hulle daarmee 'n teken gegee waarvoor hulle nie gevra het nie, naamlik deur hulle te wys dat Hy hulle bedekte

doel geken het. Hulle was nog meer van stryk gebring toe Hy aan hulle sê, "Wys My 'n penning." Hulle het dit gedoen, en toe het Hy hulle gevra, "Wie se beeid en opskrif het dit? Hulle antwoord en sê: Die keiser syne." Wysende na die opskrif op die geldstuk, het Jesus gesê: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom."

Die spioene het verwag dat Jesus hulle vraag regstreeks sou beantwoord, op die een of ander wyse. As Hy sou sê, Dit is nie geoorloof om belasting aan die keiser te betaal nie, sou hulle Hom aan die Romeinse owerheid rapporteer, en hulle sou Hom in hegtenis neem op aanklag van aanhitsing tot opstand. Maar as Hy miskien sê dat dit geoorloof is om belasting te betaal, sou hulle Hom by die volk aankla dat Hy teen die wet van God is. Nou was hulle heeltemal verbyster en verslaan. Hulle planne is in die war gestuur. Die bondige wyse waarop hulle vraag beantwoord is, het hulle gelaat met niks meer om te sê nie.

Christus se antwoord was nie 'n ontduiking nie, maar 'n eerlike antwoord op die vraag. Terwyl Hy in Sy hand die Romeinse muntstuk gehou het waarop die naam en opskrif van die keiser was, het Hy verklaar dat aangesien hulle nou onder die beskerming van die Romeinst mag lewe, hulle aan daardie mag die ondersteuning moet gee wat hy verlang, solank dit nie in botsing kom met hulle hoër pligte nie. Maar terwyl hulle vreedsaam die wette van die land gehoorsaam, moes hulle ten alle tye hulle eerste trou aan God bewys. [614]

Die Heiland se woorde, "Betaal . . . aan God wat God toekom," was 'n harde bestraffing vir die konkelende Jode. As hulle getrou hulle verpligtings teenoor God nagekom het, sou hulle nie 'n gebroke volk onder 'n vreemde mag geword het nie. Geen Romeinse vlag sou oor Jerusalem gewapper het, geen Romeinse wag sou in sy poorte gestaan en geen Romeinse goewerneur sou binne sy mure regeer het nie. Die Joodse volk was nou besig om die straf te betaal vir sy afvalligheid van God.

Toe die Fariseërs Christus se antwoord hoor, "was hulle verwonderd en hulle het Hom verlaat en weggegaan." Hy het hulle huige- lary en valsheid bestraf, en daarby het Hy 'n groot beginsel neergelê, 'n beginsel wat die mens se pligte teenoor die burgerlike regering, en sy pligte teenoor God, duidelik bepaal. In die harte van baie was hierdie moeilike vraag nou opgelos. Van daardie tyd af

het hulle die regte beginsel gehandhaaf. En alhoewel baie ontevrede weggegaan het, het hulle gesien dat die beginsel ten grondslag van die saak duidelik gestel is, en hulle het hulle verwonder oor Christus se diepgaande insig.

Nog skaars was die Fariseërs stilgemaak, of die Sadduseërs het met hulle listige vrae gekom. Daar was 'n bittere stryd tussen hierdie twee partye. Die Fariseërs was onverbiddelike handhawers van tra- disie. Hulle het alle uiterlike seremonies stip nagekom, vreeslik ywerig met die wassinge, vastye, lang gebede, en die gee van aalmoese om gesien te word. Maar Christus het verklaar dat hulle die wet van God kragteloos gemaak het deur leringe te leer wat die gebooie van mense is. As 'n klas was hulle nougeset en geveins; maar daar was onder hulle mense wat opreg vroom was, en wat Christus se leer aangeneem en Sy dissipels geword het. Die Sadduseërs het die oorle weringe van die Fariseërs verwerp. Hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle die grootste gedeelte van die Skrifte aangeneem het as die maatstaf van hulle lewe; maar werklik was hulle skeptici en materialiste.

Die Sadduseërs het die bestaan van engele, die opstanding uit die dode, en die leer van 'n toekomstige lewe met sy loon en straf geloën. Op al hierdie punte het hulle van die Fariseërs verskil. Tussen die twee partye was die grootste geskilpunt die opstanding uit die dode. Die Fariseërs was volslae gelowiges in die opstanding, maar hulle idees oor die Staat van die mens in die hiernamaals was verward.
[615] Die dood was vir hulle 'n onverklaarbare misterie. Die feit dat hulle nie die argumente van die Sadduseërs kon weerlê nie, was oorsaak van gedurige wrywing. Die besprekings tussen die twee partye het gewoonlik uitgeloop op hewige twiste wat die kloof tussen hulle nog groter gemaak het.

Wat getalle betref, het die Sadduseërs nie soveel aanhangers gehad nie en hulle het ook nie so 'n sterk houvas op die gewone mense gehad nie; maar baie van hulle was skatryk, en hulle het die invloed gehad wat met rykdom gepaard gaan. Meeste van die priesters was onder hulle, en uit hulle is die hoëpriester gewoonlik gekies. Dit het egter geskied met die verstandhouding dat hulle nie hulle skeptiese idees op die voorgrond moes stel nie. Weens die getalsterkte en populariteit van die Fariseërs, was die Sadduseërs gedwonge om uiterlik, terwyl hulle die priestersamp beklee het,

eersgenoemdes se leer aan te neem; maar juis die feit dat hulle die priestersamp kon beklee, het invloed verleen aan hulle dwaalleer.

Die Sadduseërs het die leer van Jesus verwerp; Hy was besiel met ’n gees wat hulle nie wou erken soos dit deur Hom geopenbaar is nie; en Sy leer aangaande God en die lewe hiernamaals het hulle teorieë geloënstraf. Hulle het in God geglo as die enigste Wese wat bokant die mens gestaan het; maar hulle het aangevoer dat ’n bestierende voorsienigheid en ’n voorkennis van die toekoms sou belet dat die mens ’n vry sedelike wese kan wees, en sou hom verneder tot die posisie van ’n slaaf. Hulle het geglo dat God, na Hy die mens geskape bet, hom aan homself oorgelaat het, onafhanklik van ’n hoër invloed. Hulle het aangevoer dat die mens vry was om sy eie lewe, en beloop van sake in die wêreld te reël; dat sy lot in sy eie hande is. Hulle het ontken dat die Gees van God deur mense of natuurlike middels werk; maar daarby het hulle tog geglo dat die mens, deur die behoorlike gebruik van sy natuurlike kragte, verhef en verlig kon word, en dat sy lewe deur eenvoud en strenge reëls gereinig kan word.

Hulle idees van God het ook vorm gegee aan hulle eie karakters. Omdat Hy, soos hulle gemeen het, geen belang in die mens stel nie, het hulle ook min agting vir mekaar gehad; daar was feitlik geen band tussen hulle nie. Omdat hulle die invloed van die Heilige Gees op die mens se doen en late ontken het, het hulle Sy krag in hulle eie lewens gemis. Soos die res van die Jode was hulle baie trots op hulle geboortereg as kinders van Abraham, en op hulle noulettende nalewing van die wet; maar die ware gees van die wet, en die geloof [616]
en goedheid van Abraham — dit het hulle nie gehad nie. Hulle lewe was baie eng. Hulle het geglo dat dit moontlik was vir alle mense om die genot en seëninge van die lewe te hê, en die lyding en behoeftes van ander het hulle derhalwe koud gelaat. Hulle het net vir hulleself gelewe.

Deur Sy woorde en werke het Christus getuig van ’n goddelike krag wat bonatuurlike resultate lewer, van ’n lewe hiernamaals, van God as Vader van die mensekinders, en dat Hy hulle belange op Sy hart dra. In Sy goedheid en ontferming wat ’n bestraffing was van die selfsugtige afsydigheid van die Sadduseërs, het Hy getuig van die werking van ’n goddelike krag. Hy het geleer dat God, beide vir die tydelike en ewige goed van die mens, in sy hart werk deur

die Heilige Gees. Hy het gewys op die dwaling van vertroue op menslike krag vir daardie verandering van karakter wat alleen deur die Gees van God kan bewerk word.

Die Sadduseërs was daarop uit om hierdie leer te ondermyn. Deur twis te soek met Jesus, was hulle seker dat hulle Hom in onguns sou bring, al sou hulle dan nie Sy veroordeling kon verkry nie. Hulle het dus besluit om Hom te ondervra oor die opstanding. As Hy miskien met hulle sou saamstem, sou Hy die Fariseërs nog verder aanstoot gee. As Hy van hulle sou verskil, sou hulle Sy leer as be- laglik voorstel.

Die Sadduseërs het geargumenteer dat as die liggaam moet bestaan uit dieselfde materie in sy onsterflike vorm as in sy sterflike vorm, sal dit, wanneer dit uit die dode opgewek word, vlees en bloed moet hê en die lewe wat hier op die aarde onderbreek is, in die hiernamaals moet hervat. In daardie geval, het hulle aangevoer, sou die aardse verhouding ook hervat moet word; man en vrou sou herenig moet word; huwelikke sal voltrek moet word, en alles sal moet aangaan net soos vóór die dood, met die bestendiging van die swakhede en hartstogte van hierdie lewe.

In antwoord op hulle vrae het Jesus die sluier van die toekomstige lewe n bietjie gelig. "In die opstanding," het Hy gesê, "trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos die engele van God in die hemel. Hy het aangetoon dat die Sadduseërs verkeerd was in hulle geloof. Hulle grondstellings was verkeerd.
[617] "Julie dwaal," het Hy gesê, "omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie." Hy het hulle nie van huigelary beskuldig soos in die geval van die Fariseërs nie, maar van dwaling en ongeloof.

Die Sadduseërs het hulle daarop beroem dat hulle, van alle mense, die Skrifte die stipste nagevolg het. Maar Jesus het getoon dat hulle nie die ware betekenis daarvan verstaan het nie. Daardie kennis moet in die hart gebring word deur die verligting van die Heilige Gees. Hy het gesê dat hulle onkunde van die Skrifte en die krag van God, die oorsaak was van hulle geloofsverwarring, en beneweide verstand. Hulle het getrag om die verborgenhede van God binne die grense van hulle eie beperkte verstand te bring. Christus het 'n beroep op hulle gedoen om hulle harte oop te stel vir daardie heilige waarhede wat hulle verstand sou verruim en versterk. Duisende

word ongelowig omdat hulle beperkte verstand nie die verborgenhede van God kan verstaan nie. Hulle kan nie die wonderbaarlike openbaring van godde- like krag in Sy voorsienigheid verklaar nie, daarom verwerp hulle die bewyse van sulke krag, en skryf dit toe aan natuurlike werkinge wat hulle nog minder kan verstaan. Die enigste sleutel tot die verborgenhede rondom ons, is om in alles die teenwoordigheid en krag van God te erken. Die mense moet God aanneem as die Skepper van die heelal, die Een wat alles beveel en ten uitvoer bring. Hulle het behoefte aan 'n wyer begrip van Sy karakter, en die verborgenheid van Sy werkinge.

Christus het aan Sy toehoorders gesê dat as daar geen opstanding uit die dode was nie, sou die Skrifte wat hulle voorgegee het om te glo, vir hulle van geen waarde wees nie. Hy het gesê, "En wat die opstanding van die dode betref, het julle nie gelees die woord wat vir julle deur God gesê is nie: Ek is die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob ? God is nie n God van die dode nie, maar van die lewende." God beskou die dinge wat nie is nie asof hulle is. Hy sien die einde van die begin af, en Hy sien die resultate van Sy werk asof dit alreeds gedaan is. Die dierbare dode, van Adam af tot by die laaste heilige wat sterwe, sal die stem van die Seun van God hoor, en sal voortkom uit die graf tot die ewige lewe. God sal hulle God wees, en hulle sal Sy volk wees. Daar sal n noue en tere band wees tussen God en Sy opgewekte heiliges. Hierdie toestand sien Hy asof dit alreeds 'n bestaande werklikheid is. Vir Hom lewe die dode. [618]

Deur die woorde van Christus is die Sadduseërs die swye opgelê. Hulle kon Hom nie antwoord nie. Nie een woord is gesê waarvan hulle Hom kon beskuldig tot Sy veroordeling nie. Sy teenstanders het niks gewin behalwe die veragting van die volk nie.

Die Fariseërs, egter, het nog nie hoop opgegee dat hulle Hom iets sou laat sê wat hulle teen Hom kon gebruik nie. Hulle het 'n sekere bekwame skrifgeleerde oorgehaal om Jesus te vra watter van die tien voorskrifte van die wet die belangrikste is.

Die Fariseërs het die eerste vier gebooie verhef, wat wys op die mens se plig teenoor sy Skepper, en gesê dat hulle baie belangriker is as die orige ses wat die mens wys op sy pligte teenoor sy naaste. Ten gevolge daarvan het hulle ver kortgeskiet ten opsigte van prak- tiese godsaligheid. Jesus het die mense op hulle groot tekortkominge ge-

wys, en het die noodsaaklikheid van goeie werke geleer, en verklaar dat 'n mens 'n boom aan sy vrugte ken. Dit is om hierdie rede dat Hy beskuldig is dat Hy die laaste ses gebooie verhef het bokant die eerste vier.

Die wetgeleerde het Jesus genader met 'n direkte vraag: "Wat is die eerste gebod van almal?" Die antwoord van Christus was reguit en kragtig: "Die eerste van al die gebooie is: Hoor Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here. En: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod." Die tweede is soos die eerste, het Christus gesê, want dit vloei voort daaruit, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as die nie." "Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."

Die eerste vier van die Tien Gebooie is opgesom in die een groot gebod, "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart." Die laaste ses is saamgevat in die ander een, "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." Beide hierdie gebooie is 'n uitdrukking van die beginsel van liefde. Die eerste kan nie gehou word terwyl die tweede verbreek word nie, en nog minder kan die tweede gehou word terwyl die eerste verbreek word. Wanneer God Sy regte plek kry op die troon van die hart, sal ons naaste ook sy regte plek kry. Ons sal hom liefhê soos onsself. Alleen wanneer ons God liefhet bo alles, sal dit moontlik wees om ons naaste onpartydig lief te hè.

En aangesien al die gebooie saamgevat is in liefde tot God en liefde tot die mens, volg dit dat nie een gebod verbreek kan word
[619] sonder om hierdie beginsel te oortree nie. Christus het Sy toehoorders dus geleer dat die wet van God nie uit 'n aantal afsonderlike gebooie bestaan waarvan sommige baie belangrik is, en ander van minder belang is, en maar ongestraf oortree kan word nie. Die Here het die eerste vier en die laaste ses gebooie as 'n goddelike geheel voorgestel, en geleer dat liefde tot God betoon sal word deur gehoorsaamheid aan al Sy gebooie.

Die wetgeleerde wat Jesus ondervra het, het die wet baie goed geken, en hy was verbaas oor die antwoord. Hy het nie verwag dat Jesus so 'n diepgaande en deeglike kennis van die Skrifte sou hê nie. Hy het nou 'n beter begrip gekry van die beginsels ten grondslag van die goddelike gebooie. In die teenwoordigheid van

die vergaderde priesters en owerstes het hy eerlik erken dat Christus die regte vertolking van die wet gegee het, en hy het gesê:

“Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagofïers.”

Die wysheid van Christus se antwoord het die skrifgeleerde tot oortuiging gebring. Hy het geweet dat die Joodse godsdiens bestaan het uit uiterlike seremonies liewer as innerlike vroomheid. Hy het n taamlike besef gehad van die waardeloosheid van blote seremoniële offers, en die gelooflose vergieting van bloed vir die uitwissing van die sonde. Liefde en gehoorsaamheid aan God, en onselfsugtige agting vir die mens, het vir hom voorgekom as van meer waarde as al daardie seremonies. Die gereedheid van hierdie man om die korrektheid van Christus se antwoord te erken, en sy besliste getuienis voor die mense, het ’n gees geopenbaar, heeltemal anders as die van die priesters en owerstes. Jesus het baie jammer gevoel vir hierdie eerlike skrifgeleerde wat nie bang was om die oortuiging van sy hart uit te spreek voor die fronsende priesters en die dreigemente van die owerstes nie. “Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie.”

Die skrifgeleerde was naby die koninkryk van God omdat hy besef het dat dade van geregtigheid meer aanneemlik vir God is as brandoffers en slagofïers. Wat hy nodig gehad het, was om die goddelike karakter van Christus te erken, en om deur geloof in Hom krag te ontvang om die werke van geregtigheid te doen. Die [620]
rituaal was van geen waarde sonder verbintenis met Christus deur ’n lewende geloof nie. Selfs die sedewet sal sy doel nie bereik, tensy dit verstaan word in sy verhouding tot die Heiland nie. Christus het herhaaldelik getoon dat Sy Vader se gebooie baie meer was as bloot gesaghebbende bevele. In die wet is dieselfde beginsel vervat as wat geopenbaar word in die evangelie. Die wet wys die mens op sy plig, en wys sy skuld aan. Hy moet tot Christus kom om vergifnis en om krag om te doen wat die wet vereis.

Die Fariseërs het baie naby rondom Jesus gestaan toe Hy die vraag van die wetgeleerde geantwoord het. Nou het Hy omgedraai

en 'n vraag aan hulle gesteh "Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy?" Die doel van die vraag was om hulle geloof aangaande die Messias te toets — om te sien of hulle Hom bloot as mens beskou het, ot as die Seun van God. 'n Hele koor van stemme het tegelyk geantwoord, "Dawid syne." Dit was die titel wat die profesie aan die Messias gegee het. Toe Jesus Sy Godheid geopenbaar het deur Sy magtige wonderwerke; toe Hy die siekes genees en die dode opgewek het, het die mense onder mekaar gevra, "Is dit nie die Seun van Dawid nie?" Die Siro-Feniciese vrou, die blinde Bartimeus, en baie ander het tot Hom geroep om hulp: "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid!" Matt. 15:22. Onderwyl Hy Jerusalem binne- gery het, het die juigende skare Hom begroet, "Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Matt. 21:9. Klein kindertjies het daardie dag in die tempel Hom met dieselfde Naam begroet. Maar vele wat Jesus die Seun van Dawid genoem het, het nie Sy Godheid erken nie. Hulle het nie verstaan dat die Seun van Dawid ook die Seun van God was nie.

In antwoord op die verklaring dat Christus die Seun van Dawid was, het Jesus gesê, "Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die Gees die Gees van inspirasie deur God Here noem, toe Hy gesê het: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan My regterhand tot Ek U vyande gemaak het 'n voetbank van U voete? As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun ? En niemand kon Hom 'n woord antwoord nie; ook het geeneen van daardie dag af dit meer gewaag om Hom [621] vrae te stel nie."

## Wee die Fariseërs

DIT was die laaste dag dat Christus in die tempel geleer het. Die aandag van die groot skare wat in Jerusalem was, was op Hom toegespits; die mense het saamgedrom in die voorhowe van die tempel as toeskouers van die stryd wat aan die gang was, en hulle het gretig elke woordjie opgevang wat van Sy lippe gekom het. Nog nooit tevore is so ’n toneel aanskou nie. Daar het die jong Galileër gestaan, sonder enige aardse of koninklike ereteken. Om Hom was die priesters in hulle pragtige gewaad, owerstes in hulle uitrusting en eretekens wat hulle rang en posisie aangedui het, en die skrifgeleerdes met die rolle in hulle hande, wat hulle kort-kort nageslaan het. Jesus het kalm voor hulle gestaan, met die waardigheid van ’n koning. Soos iemand met gesag van die hemel beklee, het Hy Sy teenstanders onverskrokke aangekyk, wat Sy leer verwerp en verag het, en wat gedors het na Sy bloed. Hulle het Hom in groot getalle aangeval, maar hulle planne om Hom te verstrik en te veroordeel was tevergeefs. Hy het uitdaging na uitdaging aangeneem, en Hy het die reine, skynende waarheid voorgehou in teenstelling met die duisternis en dwaalleer van die priesters en Fariseërs. Hy het aan hierdie [622]
leiers hulle ware toestand geopenbaar, en die vergelding wat gewis sou volg as hulle sou volhard in hulle bose weë. Die waarskuwing is getrou gegee. Maar daar was nog ’n werk vir Christus om te doen. Daar was nog ’n doel wat moes bereik word.

Die belangstelling van die mense in Christus en Sy werk het steeds toegeneem. Sy leer het hulle bekoor, maar hulle was ook verwar. Hulle het die priesters en rabbi’s gerespekteer vir hulle geleerdheid en skynbare vroomheid. In godsdienssake het hulle nog altyd hulle gesag stip gehoorsaam, maar nou het hulle gesien dat hierdie manne geprobeer het om Jesus in onguns te bring, ’n leraar wie se opregtheid en kennis na elke aanval nog helderder geskyn het. Hulle het die kwaadwillige priesters en ouderlinge aanskou en in hulle gelaat verleentheid en verwarring gesien. Hulle was verwonderd dat die owerstes nie in Jesus wou glo nie, daar Sy leer so

duidelik en eenvoudig was. Self het hulle nie geweet watter weg om
[623] in te slaan nie. Bekommerd het hulle die bewegings gadegeslaan van diegene wie se raad hulle altyd gevolg het.Met die gelykenisse wat Christus gespreek het, was Sy tweeledige doel om die owerstes te waarsku en om diegene van die volk wat geseglik was, te leer. Maar dit was nou nodig om nog meer reguit te praat. Ten gevolge van hulle eerbied vir die tradisies, en hulle blinde geloof in die verdorwe priesterskap, was die mense verslaaf. Christus moes die kettings breek. Die karakter van die priesters, owerstes, en Fariseërs, moes nog duideliker aan die kaak gestel word.

"Die skrifgeleerdes en die Fariseërs," het Hy gesê, "sit op die stoel van Moses. Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar moenie volgens hulle werke doen nie, want hulle praat en doen nie." Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het aanspraak gemaak op goddelike gesag soos die wat Moses gehad het. Hulle het gemeen dat hulle sy plek ingeneem het as verklaarders van die wet en as regters van die volk. As sulks het hulle van die volk algehele eerbied en gehoorsaamheid geverg. Jesus het Sy toehoorders beveel om te doen wat die rabbi's ooreenkomstig die wet geleer het, maar om nie hulle voorbeeld te volg nie. Hulle het self nie gedoen wat hulle geleer het nie.

En hulle het baie dinge geleer wat in stryd was met die Skrifte. Jesus het gesê, "Hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit met hulle vinger nie verroer nie." Die Fariseërs het 'n menigte reëls voor- geskryf wat tradisie as grondslag gehad het, en wat die persoonlike vryheid onredelik aan bande gelê het. En hulle het sekere gedeeltes van die wet so vertolk, dat dit van die mense dinge geverg het wat hulle self in die geheim veronagsaam het, en waarvan hulle, wanneer hulle dit verkies het, vrystelling geëis het.

Om as baie vroom voor te kom, was die doel wat hulle altyd nage- streef het. In verband met Sy gebooie het God aan Moses gesê, "Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofs- band tussen jou oë wees." Deut. 6: 8. Hierdie woorde het 'n diep betekenis. Namate persone peins oor Gods Woord en dit doen, sal die hele mens veredel word. Deur regverdige en barmhartige hande- linge, sal die hande, soos 'n seël, die beginsels van Gods wet openbaar. Hulle sal rein bewaar word van omkoopgeld, en van

alles wat ver- derflik en bedrieglik is. Hulle sal aktief wees in werke van liefde en barmhartigheid. Die oë, gerig op die edele doelwit, sal [624] helder en waar- agtig wees. Die gelaatsuitdrukking en die sprekende oë sal getuig van die onbesproke karakter van die een wat Gods Woord vereer en liefhet. Maar die Jode, in die tyd van Christus, het al hierdie dinge nie raakgesien nie. Die gebod van Moses is vertolk om te leer dat die gebooie van die Skrifte op die liggaam van die persoon gedra moes word. Daarom is hulle op strokies perkament geskryf, en gedra op die voorhoof en om die pols waar hulle gesien kon word. Maar dit het nie die wet van God 'n groter plek in die verstand en hart gegee nie. Die perkamentstrokies is bloot as tekens gedra om aandag te trek. Die idee was dat dit aan die draers 'n skyn van vroomheid sou gee wat die respek van die mense sou afdwing. Jesus het hierdie geveinsdheid 'n slag toegedien:

"Hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hulle gedenkseëls breed en die some van hulle klere groot. En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges en die begroetinge op die marke en om deur die mense genoem te word: Rabbi, Rabbi! Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester, Christus, en julle is almal broers. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader — Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester, Christus." In sulke duidelike woorde het die Heiland die selfsugtige ambisie bestraf wat maar altyd gereik het na die plek van mag en 'n valse nederigheid geopenbaar het, terwyl die hart vol gierigheid en nyd was. Wanneer mense na 'n feesmaal uitgenooi word, is aan die gaste sitplekke aangewys volgens hulle rang, en diegene wat die ere- plekke gekry het, het spesiale aandag en gunste ontvang. Die Fariseërs was altyd daarop uit om hierdie eerbewyse te verkry. Hierdie gewoonte het Jesus bestraf.

Hy het ook die ydelheid bestraf verbonde aan die strewe om die titel rabbi, of meester. Sulke titels, het Hy gesê, kom mense nie toe nie, maar Christus alleen. Priesters, skrifgeleerdes, owerstes, verklaarders en administreerders van die wet, hulle is almal broers, kinders van een Vader. Jesus het dit by die mense beklemtoon dat hulle aan geen mens 'n eretitel moet gee as erkenning van sy gesag oor hulle gewete of geloof nie. [625]

As Christus vandag op die aarde sou wees, omring van diegene wat aangespreek word as “Eerwaarde,” of “Hoog-eerwaarde,” sou Hy nie miskien Sy bestraffing herhaal nie, “Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester, Christus”? Van God sê die Skrifte: “Sy Naam is heilig en vreeslik.” Ps. 111:9. Watter mens het reg op so ’n titel? Hoe min openbaar die mens die wysheid en geregtigheid wat dit omhels! Hoeveel van diegene wat hierdie titel aanneem, stel die Naam en karakter van God vals voor! Helaas, hoe dikwels is wêreldse eersugtigheid, despotisme, en die lie- derlikste sondes bedek onder die geborduurde kleed van ’n hoë en heilige amp! Die Heiland het voortgegaan:

“Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees. Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word.” Keer op keer het Christus geleer dat die maatstaf van ware grootheid sedelike waarde is. In die berekening van die hemel, bestaan grootheid van karakter in ’n lewe gewy aan die welsyn van ons medemens, en in werke van liefde en barmhartigheid. Christus, die Koning van heerlikheid, was dienaar van die gevalle mensheid.

“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes,” het Jesus gesê” “want julle sluit die koninkryk van die hemele toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie.” Deur hulle verdraaiing van die Skrifte, het die priesters en wetgeleerdes die verstand van diegene verblind wat anders ’n kennis van Christus se koninkryk sou verkry het, en daardie innerlike, goddelike lewe wat so nodig is vir ware heiligheid.

“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en dit terwyl julle vir die skyn lang gebede doen. Daarom sal julle ’n swaarder oordeel ontvang.” Die Fariseërs het groot invloed by die mense gehad, en dit het hulle vir hulle eie voordeel gebruik. Hulle het die vertroue van vrome weduwees gewin, en dit by hulle as ’n plig voorgestel om hulle eiendom te gee vir godsdienstige doeleindes. Nadat hulle die geld in besit gekry het, het hierdie slinkse konkelaars dit vir hulleself gebruik. Om hierdie oneerlikheid te bedek, het hulle lang gebede in die openbaar gebid, en die skyn van baie groot vroomheid verwek. Hierdie geveinsdheid sou hulle oordeel des te swaarder maak, het Christus gesê. Dieselfde bestraffing tref ook baie wat aanspraak maak op baie

groot vroomheid in ons dae. Hulle lewens is besoedel deur selfsug en gierigheid, maar dit alles bedek hulle met 'n oënskynlike heilige [626] kleed, en so bedrieg hulle die mense vir 'n tyd. Maar hulle kan God nie bedrieg nie. Hy lees elke versinsel van die hart, en Hy sal elke mens oordeel volgens sy dade.

Christus het hierdie wangebruike genadeloos veroordeel, maar Hy was versigtig om nie die mens se pligte te verminder nie. Hy het die selfsug veroordeel wat die gawes van weduwees afgepers en misbruik het. Maar terselfdertyd het Hy die weduwee geprys wat haar offer- gawe in die skatkis van God gestort het. Die mens se misbruik van die gawe sou nie Gods seën weghou van die gewer nie.

Jesus was in die hof waar die skatkiste gestaan het, en Hy het diegene betrag wat hulle gifte kom ingooi het. Baie van die rykes het groot somme gebring wat hulle met groot vertoon ingegooi het. Jesus het hulle met droefheid betrag, maar geen kommentaar gelewer oor hulle milddadige offergawes nie. Skielik het Sy gelaat gestraal, toe Hy 'n arm weduwee aarselend sien naderkom, asof sy bang was dat hulle haar sou opmerk. Terwyl die rykes en hoogmoediges verbygaan om hulle offergawes in te gooi, het sy teruggedeins asof sy dit nie kon waag om nader te kom nie. En tog wou sy ook graag iets doen, min soos dit was, vir die saak wat sy liefhet. Sy het na die geld in haar hand gekyk; dit was uiters min vergeleke met die van die ander rondom haar, maar dit was al wat sy gehad het. Sy het haar kans afgewag, vinnig haar twee geldstukkies ingegooi, en toe omgedraai en haastig weggestap. Toe sy dit doen, het sy die oog van Jesus gevang, wat haar stip aangekyk het.

Die Heiland het Sy dissipels na Hom toe geroep en hulle attent gemaak op die weduwee se armoede. Toe het sy die volgende woorde van aanprysing gehoor: "Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal wat in die skatkis gegooi het." Trane van blydskap het in haar oë opgewel toe sy voel dat haar daad opge- merk en verstaan is. Baie sou haar aangeraai het om haar geldjies te hou vir haar eie gebruik; as sy dit sou gee in die hande van die goedgevoede priesters, sou dit heeltemal verlore geraak het onder daardie baie kostelike gawes wat na die skatkis gebring is. Maar Jesus het haar motief verstaan. Sy het geglo dat die tempeldiens 'n instelling van God was, en sy wou baie graag haar deeltjie tot die onderhoud daarvan bydra. Sy het gedoen wat sy kon,

en haar daad sou vir altyd ’n monument tot haar nagedagtenis wees. [627] Haar hart was in haar gawe; die waarde is bereken, nie volgens die waarde van die geldstuk nie, maar volgens die liefde tot God en die belangstelling in Sy werk, wat die motief van die daad was.

Jesus het gesê die arm weduwee “het meer ingegooi as almal.” Die rykes het uit hulle oorvloed gegee, en baie van hulle net om deur die mense gesien en geëer te word. Hulle groot gawes het hulle van geen gerief of weelde beroof nie; dit was nie vir hulle ’n opoffering nie, en in waarde kon dit nie vergelyk word met die weduwee se geld- stukkie nie.

Dit is die motief agter ons dade wat die karakter daaraan gee, òf van onwaardigheid òf van sedelike waarde. Dit is nie die groot dinge wat elke oog sien en elke tong loof wat God noodwendig as kosbaar beskou nie. Die klein pliggies blymoedig gedoen, die klein gifte sonder vertoon gegee, en wat volgens die menslike beskouing waardeloos is, staan dikwels die hoogste in die oë van God. ’n Hart van geloof en liefde is vir God van meer waarde as die kosbaarste gawe. Die arm weduwee het alles wat sy gehad het om van te lewe, gegee. Sy het haarseif aan voedsel ontrief om daardie twee geldstukkies te gee vir die saak wat sy liefgehad het. En sy het dit in geloof gedoen, en geglo dat haar hemelse Vader haar nie sou verlaat in haar groot nood nie. Dit was hierdie onselfsugtige gees en kinderlike geloof wat die oorsaak was dat die Heiland haar geprys het.

Onder die armes is daar baie wat ook graag hulle dankbaarheid wil toon aan God vir Sy genade en waarheid. Hulle wil graag saam met hulle meer voorspoedige broeders ’n aandeel hê in die onderhouding van die diens van God. Hulle moenie geweier word nie. Laat hulle hulle geldstukkies in die bank van die hemel bêre. As hulle dit gee uit ’n hart vol van liefde vir God, sal daardie skynbare nietige gawes geheilig word, kosbare offergawes wat die goedkeuring en seën van God sal wegdra.

Toe Jesus van die weduwee gesê het, “Sy het alles wat sy gehad het,” ingegooi, was Sy woorde waar, nie alleen wat betref die motief nie, maar ook ten opsigte van die gevolge van haar gawe. Die twee geldstukkies, “dit is ’n oortjie,” het in Gods skatkis ’n som geld gebring baie groter in waarde as die bydraes van daardie ryk Jode. Die invloed van daardie klein gawe was soos ’n stroompie, klein waar dit begin, maar wat steeds breër en dieper word namate dit

deur die eeue gevloei het. Op ’n duisend maniere het dit bygedra tot die verligting van die lot van die armes, en tot die verbreiding van [628] die evangelie. Haar voorbeeld van selfopofïering het ingewerk op duisende harte in elke land en in elke eeu. Dit het ’n beroep gedoen op beide rykes en armes, en hulle offergawes het die waarde van haar gawe vergroot. God se seën op die oortjie van die weduwee het dit die bron van groot weldadigheid gemaak. So is dit ook met elke gawe en elke daad wat geskied uit ’n opregte begeerte om God te verheerlik. Dit word verbind met die planne van die Almagtige. En geen mens kan die resul-tate ten goede bereken nie.

Die Heiland het voortgegaan met Sy veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs: “Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, Hy is gebonde. Julle dwase en blindes, want wat is meer: die goud, of die tempel wat die goud heilig? En: Elkeen wat sweer by die altaar—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die gawe daar bo-op, hy is gebonde. Julle dwase en blindes, want wat is meer: die gawe, of die altaar wat die gawe heilig?” Die priesters het Gods vereistes vertolk volgens hulle vals en enge standaard. Hulle het fyn verskille gemaak betreffende die skuld van verskillende sondes, sommige is as lig beskou, en ander wat glad nie ernstig was nie, as onvergeeflik. Vir geld het hulle persone van hulle geloftes onthef. En vir groot somme geld het hulle soms ernstige misdade oor die hoof gesien. Maar terselfdertyd het hierdie selfde priesters en owerstes n harde oordeel uitgespreek oor onbenullige misdade.

“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en julle laat na die swaar- ste van die wet: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.” In hierdie woorde het Christus weer eens die misbruik van heilige verpligtings veroordeel. Hy het nie die verpligtings opgehef nie. Die stelsel van die heffing van tiendes is deur God ingestel, en dit is sedert die vroegste tye nagekom. Abraham, die vader van die gelowiges, het tiendes gegee van al sy besittings. Die Joodse regeerders het die verpligting om tiendes te gee, erken en dit was reg; maar hulle het die volk nie gelaat om hulle eie oortuigings aangaande hulle pligte uit te voer nie. Daar is arbitrêre reëls vir hulle opgestel

vir elke geval. Die reëls het naderhand so ingewikkeld geword dat
[629] dit onmoontlik was om hulle na te kom. Niemand het meer geweet in hoe verre hulle hulle ver- pligtings nagekom het nie. Soos God dit gegee het, was die stelsel regverdig en redelik; maar die priesters en rabbi's het dit 'n ondraag- like las gemaak.

Alles wat God beveel, is belangrik. Christus het die gee van tiendes as 'n plig beskou; maar Hy het daarop gewys dat die nakoming van hierdie plig geen ekskuus was om ander pligte te verwaarloos nie. Die Fariseërs was baie nougeset om tiendes te gee op tuingoed soos kruisement en anys en koljander; hierdie dinge het hulle min gekos en dit het die skyn gegee dat hulle baie nougeset en heilig was. Maar terselfdertyd het hulle onnodige reëls die mense verdruk, en agting vir die heilige instelling vernietig. Hulle het die mense se gedagtes besig gehou met nietige reëltjies, en hulle aandag afgetrek van die essensiële waarhede. Die swaarste dinge van die wet, soos reg en barmhartigheid en trou, is nagelaat. "Hierdie dinge," het Christus gesê, "behoort julle te doen sonder om die ander na te laat."

Nog ander wette is ook deur die rabbi's op dieselfde manier verdraai. In die bevele aan Moses gegee, was dit nie geoorloof om iets te eet wat onrein is nie. Die eet van varkvleis, en die vleis van sekere ander diere was belet, want dit sou die bloed onrein maak en die lewe verkort. Maar die Fariseërs het nie hierdie beperkings gelaat soos God hulle gegee het nie. Hulle het tot onnodige uiterstes gegaan. Onder ander moes die volk alle water deursuig vóór gebruik, sodat daar nie miskien selfs die kleinste insek agterbly wat as onrein geklassifiseer kan word nie. Waar Jesus hierdie nietige bepalings vergelyk het met die grootheid van hulle werklike sondes, het Hy aan die Fariseërs gesê, "Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!"

"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbeendere en allerhande onreinheid is." Soos die gewitte en uiterlik versierde graf die verrotte oorblyfsels binnekant bedek, so het die uiter- like heiligheid van die priesters en owerstes sondes bedek. Jesus het voortgegaan:

,.Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete, en versier die grafstene van die regverdiges; en julle sê: As ons in die dae van ons vaders gelewe het, sou

ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie. Julle gee dus teen julleself getuienis dat julle kinders is van die wat [630] die profete vermoor het.” Om hulle agting te toon vir die gestorwe profete, was die Jode baie ywerig om hulle grafte te versier; maar hulle het nie geluister na hulle leer, of aggeslaan op hulle bestraffings nie.

In die tyd van Christus is daar ’n bygelowige agting gekoester vir die rusplekke van die dode, en groot somme geld is bestee aan die versiering van hulle grafte. In die oë van God was dit afgodediens. In hulle oordrewe agting vir die dode, het die mense getoon dat hulle God nie bo alles liefgehad het nie, of hulle naaste soos hulleself nie. Ons sien dieselfde soort afgodery ook vandag. Baie is skuldig daaraan dat hulle die weduwees, wese, die siekes en armes verwaarloos, sodat hulle duur monumente kan oprig vir die dode. Tyd, geld, en arbeids- kragte word vryelik bestee vir hierdie doel, terwyl die pligte aan die lewendes — pligte wat Christus duidelik opgedra het — nie nagekom word nie.

Die Fariseërs het die grafte van die profete gebou, en dit versier, en vir mekaar gesê: As ons in die dae van ons vaders gelewe het, sou ons nie saam met hulle die bloed van Gods dienaars vergiet het nie. Maar terselfdertyd het hulle planne gesmee om die lewe van Sy Seun te neem. Dit behoort ’n les vir ons te wees. Dit behoort ons oë te open vir die mag van die Satan om die hart te bedrieg en af te wend van die lig van die waarheid. Baie volg in die voetstappe van die Fariseërs. Hulle vereer diegene wat vir hulle geloof gesterf het. Hulle is verwonderd oor die blindheid van die Jode in hulle verwerping van Christus. As ons in Sy dae gelewe het, sê hulle, sou ons Sy leer met blydskap aangeneem het; ons sou nooit deelgenote gewees het aan die skuld van diegene wat die Heiland verwerp het nie. Maar wanneer gehoorsaamheid aan God selfverloëning en vernedering verg, sal daardie selfde persone hulle oortuigings smoor en gehoorsaamheid weier. So openbaar hulle dieselfde gees as die van die Fariseërs wat deur Christus veroordeel is.

Min het die Jode besef watter vreeslike gevolge hulle verwerping van Christus sou hê. Van die tyd af dat die eerste onskuldige bloed vergiet is, toe die regverdige Abel neergevel is deur die hand van Kain, is dieselfde geskiedenis herhaal met toenemende skuldigheid. In elke eeu het profete hulle stem verhef teen die sondes van konings,

regeerders, en die volk, en het hulle die woorde gespreek wat God
[631] aan hulle gegee het, en in lewensgevaar Sy wil gehoorsaam. Van geslag tot geslag is die vreeslike straf opgegaar vir die verwerpers van lig en waarheid. Die vyande van Christus was nou besig om dit op hulle eie hoofde te bring. Die sondes van die priesters en owerstes was groter as die van die vorige geslag. Deur hulle verwerping van die Heiland, het hulle hulleself aanspreeklik gemaak vir die bloed van al die regverdiges wat om die lewe gebring is, van die tyd van Abel af tot by Christus. Hulle het op die punt gestaan om hulle beker van on- geregtigheid tot oorlopens toe te vul. Baie gou sou dit in vergelding op hulle eie hoofde uitgegiet word. Daarvan het Jesus hulle gewaarsku: “Sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Zagaria, die seun van Beregja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar. Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom.”

Die skrifgeleerdes en Fariseërs wat na Jesus geluister het, het geweet dat Sy woorde waar was. Hulle het geweet hoe die profeet Sagaria vermoor is. Terwyl die woorde van waarskuwing van God nog op sy lippe was, het ’n sataniese woede die afvallige koning vervul, en op sy bevel is die profeet gedood. Sy bloed het die stene van die voorhof van die tempel bevlek, en dit kon nie afgewas word nie; dit het daar gebly om te getuig teen afvallige Israel. Solank as die tempel sou staan, sou die vlekke van daardie regverdige bloed bly, roepende tot God om vergelding. Terwyl Jesus verwys het na hierdie vreeslike sondes, het daar ’n rilling van vrees deur die skare gegaan.

Vooruitsiende, het Jesus verklaar dat die onboetvaardigheid van die Jode, en hulle onverdraagsaamheid teenoor Gods dienaars, in die toe- koms net so sal wees as in die verlede:

“Daarom kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg.” Profete en wyse manne, vol geloof en van die Heilige Gees

Stefanus, Jakobus, en baie ander — sou veroordeel en gedood word. Met die hand opgehef na die hemel, en ’n goddelike lig rondom Sy gestalte, het Christus gespreek soos ’n regter van diegene

voor Hom. Sy stem, wat so dikwels gehoor is in sagmoedigheid en smeking, was nou hard in bestraffing en veroordeling. Die toehoorders het gebewe. Nooit sou die indruk van Sy woorde en Sy [632] gelaatsuitdrukking uitgewis kon word nie.

Christus se verontwaardiging was teen die huigelary, die growwe sondes, waardeur mense hulle eie siele vernietig, die mense bedrieg, en God onteer het. In die listige, bedrieglike redenasies van die priesters en owerstes het Hy die werking van sataniese magte gesien. Skerp en reguit was Sy veroordeling van sonde; maar Hy het geen woorde van weerwraak gespreek nie. In Hom was daar 'n heilige woede teen die vors van die duisternis; maar Hy het geen kwaadaardigheid geopenbaar nie. So sal ook die Christen wat in harmonie met God lewe, wat dieselfde eienskappe van liefde en genade het, 'n regverdige verontwaardiging teenoor die sonde voel; maar hy sal nie kwaad word en diegene uitskel wat hom uitskel nie. Selfs wanneer hy te staan kom teen diegene wat besiel is met duiwelse mag om valsheid te handhaaf, sal hy in Christus kalm bly en homself nie te buite gaan nie.

Daar was goddelike ontferming in die gelaat van die Seun van God, terwyl Hy 'n laaste blik op die tempel, en daarna op Sy toehoorders gewerp het. In 'n stem vol innige aandoening, en met bitter trane het Hy uitgeroep: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is — hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!" Dit is die afskeidsworsteling. In die weeklag van Christus is die hart van God uitgestort. Dit was die misterieuse vaarwel van die lankmoedige liefde van die Godheid.

Beide Fariseërs en Sadduseërs is stilgemaak. Jesus het Sy dissipels geroep, en het klaargemaak om die tempel te verlaat, nie as een wat verslaan en gedwing is om die teenwoordigheid van Sy teenstanders te verlaat nie, maar as iemand wie se werk gedaan is. Hy het terugge- trek as oorwinnaar in die stryd.

Die kostelike waarhede wat daardie gedenkwaardige dag van Christus se lippe geval het, is as 'n skat bewaar in baie harte. Vir hulle het nuwe gedagtes tot die lewe ontkiem, 'n nuwe strewe het ontwaak, en 'n nuwe geskiedenis begin. Na die kruisiging en opstanding van Christus, het hierdie persone na vore gekom, en het hulle goddelike

op- drag vervul met 'n wysheid en ywer ooreenkomstig die grootheid
[633] van

die werk. Hulle het 'n boodskap gedra wat ingang gevind het in die harte van mense, en hulle het die ou bygelowe verswak wat vir so lank die lewens van duisende vereng het. Voor hulle getuienis het menslike teorieë en redenasies soos nietige fabels geword. Magtig was die resultate wat gevloei het van die woorde van die Heiland aan daardie verbaasde, verskrikte skare in die tempel van Jerusalem.

Maar Israel, as 'n volk, het hom geskei van God. Die natuurlike takke van die olyfboom is afgebreek. Jesus het vir die laaste maal die binnekant van die tempel aanskou, en weemoedig gesê, "Kyk julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julie sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Tot op daardie tydstip het Hy die tempel die huis van Sy Vader genoem; maar nou, waar die Seun van God daardie gebou sou verlaat, sou Gods teenwoordigheid ook vir altyd onttrek word aan die tempel wat tot Sy eer gebou is. Van
[634] nou af sou die seremonies betekenloos, en die dienste 'n klug wees.

# In die Buitenste Voorhof

EN daar was sommige Grieke onder die wat opgekom het om op die fees te aanbid — hulle het na Filippus gegaan wat van Betsaida in Galilea was, en hom gevra en gesê: Meneer, ons wil Jesus graag sien. Filippus kom en sê dit vir Andreas en Andreas en Filippus vertel dit weer aan Jesus."

In hierdie tyd het dit gelyk of Christus se werk 'n volslae mislukking was. Hy was oorwinnaar in die stryd met die priesters en Fariseërs, maar dit was duidelik dat hulle Hom nooit sou aanneem as die Messias nie. Die laaste skeiding was daar. Vir Sy dissipels het die saak hopeloos gelyk. Maar Christus het die voleindiging van Sy werk genader. Die groot gebeurtenis wat nie alleen die Joodse volk aangegaan het nie, maar die hele wêreld, sou eerlank plaasvind. Toe Christus die gretige versoek, "Ons wil Jesus graag sien," hoor, het Hy daarin die geroep van 'n hongerige wêreld gehoor. Sy gelaat het gestraal, en Hy het gesê, "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word." In die versoek van die Grieke het Hy 'n pand gesien van die resultaat van Sy groot offerande. [635]

Hierdie manne het uit die Weste gekom om die Verlosser te soek i aan die einde van Sy lewe, net soos die wyse manne uit die Ooste gekom het aan die begin. T-en tyde van Christus se geboorte was die Joodse volk so in beslag geneem deur hulle eie groot planne dat hulle nie geweet het van Sy koms nie. Die magiërs uit 'n heidense land het na die krip gekom met hulle gifte om die Verlosser te aanbid. So het die Grieke, wat die nasies en stamme en volke van die wêreld verteenwoordig het, gekom om Jesus te sien. So sal die mense van alle lande en alle eeue getrek word deur die Heiland se kruis. So sal baie kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob aansit in die koninkryk van die hemele. Matt. 8: 11

Die Grieke het gehoor van Christus se triomfantlike intog in Jerusalem. Sommige het gemeen, en het ook gerugte versprei, dat Hy die priesters en owerstes uit die tempel gedryf het, en dat Hy die troon van Dawid sou bestyg om as koning van Israel te regeer.

Die Grieke wou baie graag die waarheid weet met betrekking tot Sy sending. “Ons wil Jesus graag sien,” het hulle gesê. Daar is voldoen aan hulle begeerte. Toe die versoek aan Jesus gebring is, was Hy in daardie deel van die tempel waar almal, behalwe Jode, uitgesluit was, maar Hy het na die Grieke in die buitenste voorhof gegaan, en Hy het ’n persoon- like onderhoud met hulle gehad.

Die uur van Christus se verheerliking het gekom. Hy het gestaan in die skaduwee van die kruis, en die navraag van die Grieke het aan Hom getoon dat die offer wat Hy op die punt gestaan het om te gee, baie seuns en dogters na God sou bring. Hy het geweet dat die Grieke Hom eerlank in ’n posisie sou sien wat hulle nie toe van gedroom het nie. Hulle sou Hom langs Barabbas, ’n rower en moordenaar, sien wat bo die Seun van God verkies sou word vir loslating. Hulle sou hoor hoe die mense, geïnspireer deur die priesters en owerstes, hulle keuse doen. En op die vraag: “Wat moet ek dan maak met Jesus wat genoem word Christus?” sou die antwoord kom, “Laat Hom gekruisig word!” Matt. 27: 22. Deur hierdie versoening vir die sondes van die mensheid te doen, het Christus geweet dat Sy koninkryk volmaak sou word en die hele wêreld sou beslaan. Hy sou werk as die Hersteller, en Sy Gees sou die oorwinning behaal. Vir ’n oomblik het Hy in die toekoms gekyk en gehoor hoe stemme in alle dele van die aarde verkondig, “Daar is die Lam van God wat die
[636] sonde van die wêreld wegneem.” Joh. 1: 29. In hierdie vreemdelinge het Hy die pand van ’n groot oes gesien, wanneer die skeidsmuur tussen Jood en heiden afgebreek sou wees, en alle nasies en stamme en volke die boodskap van verlossing sou hoor. Hierdie vooruitsig, die verwesenliking van Sy hoop, is uitgedruk in Sy woorde, “Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.” Maar die wyse waarop hierdie verheerliking sou geskied, was nooit uit Christus se gedagte nie. Die insameling van die heidene sou plaasvind na Sy aanstaande dood. Alleen deur Sy dood sou die wêreld gered kan word. Soos ’n koring- korrel moes die Seun van die mens in die grond gegooi word en sterf en onder die grond begrawe word; maar Hy sou weer lewe.

Christus het Sy toekoms geopenbaar en dit geïllustreer deur die dinge van die natuur, sodat Sy dissipels dit kon verstaan. Die ware resultaat van Sy sending sou bereik word ná Sy dood. “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val

en sterwe nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." Wanneer die graankorrel in die grond val en sterwe, groei dit uit en dra dit vrugte. So sou die dood van Christus vrugte vir die koninkryk van God dra. Net soos in die geval van die planteryk, sou daar lewe kom uit Sy dood.

Diegene wat die grond bewerk, sien gedurig hierdie illustrasie voor hulle. Jaar na jaar bewaar die mens sy voorraad graan deur oënskynlik die beste deel daarvan weg te gooi. Vir 'n tyd moet hy dit inploeg, onder die grond, om bewaar te word deur die Here. Daarna verskyn die halmpie, dan die aar, en later die korrels in die aar. Maar hierdie ontwikkeling kan nie plaasvind tensy die graan onder die grond begrawe, bedek en skynbaar verlore raak nie.

Die saad wat in die grond begrawe word, bring die vrugte voort, en op sy beurt word daardie saad weer geplant. So word die oes vermenigvuldig. So ook sal die dood van Christus aan die kruis van Golgota vrugte voortbring tot die ewige lewe. Die oorpeinsing van hierdie offer sal die heerlikheid wees van diegene wat, soos die vrugte daarvan, deur die ewigheid sal lewe.

Die graankorrel wat sy eie lewe bewaar, kan geen vrugte voortbring nie. Dit bly alleen. Christus kon, as Hy wou, Homself van die dood gered het. Maar as Hy dit gedoen het, sou Hy alleen gebly het; Hy sou geen seuns en dogters tot God kon bring nie. Alleen deur Sy [637]
lewe op te gee, sou Hy lewe aan die mensheid kon gee. Alleen deur in die grond te val en te sterf, sou Hy die saad kon word van daardie groot oes — daardie menigte uit alle nasies en stamme en tale en volke, verlos vir God.

Met hierdie waarheid verbind Christus die les van selfopoffering wat almal behoort te leer: "Wie sy lewe lief het, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe." Almal wat graag vrugte wil voortbring as werkers saam met Christus, moet eers in die grond val en sterf. Die lewe moet gewerp word in die ploegvoor van die wêreld se behoefte. Eieliefde en eiebelang moet sterf. En die wet van selfopoffering is die wet van selfbehoud. Die landbouer bewaar sy graan deur dit weg te gooi. So is dit ook met die menslike lewe. Om te gee is om te lewe. Die lewe wat behou sal word, is die lewe wat vryelik gegee word in die diens van God en mens. Diegene wat om Christus ontwil hulle lewe in hierdie wêreld opoffer, sal dit bewaar tot die ewige lewe.

Die lewe wat aan eiebelang bestee word, is soos die graan wat geëet word. Dit verdwyn, maar daar is geen vermeerdering nie. 'n Man mag alles wat hy kan vir homself insamel; hy mag lewe en dink en planne maak vir homself; maar sy lewe gaan verby, en hy het niks nie. Die wet van self-diens is die wet van selfvernietiging.

"As iemand My dien," het Jesus gesê, "laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal My dienaar ook wees; as iemand My dien, sal die Vader hom eer." Almal wat saam met Jesus die kruis van opoffering gedra het, sal saam met Hom wees in Sy heerlikheid. In Sy vernedering en lyde was dit die vreugde van Christus dat Sy dissipels met Hom sou verheerlik word. Hulle is die vrugte van Sy opoffering. Die uitwerking in hulle van Sy eie karakter en gees is Sy loon, en dit sal Sy vreugde wees deur die ewigheid heen. Hierdie vreugde ondervind hulle saam met Hom wanneer hulle die vrugte van hulle arbeid en opoffering sien in ander harte en lewens. Hulle is medewerkers van Christus, en die Vader sal hulle eer soos Hy Sy Seun eer.

Die versoek van die Grieke, wat 'n aanduiding was van die insameling van die heidene, het Jesus laat dink aan Sy hele sending. Hy het die werk van verlossing voor Hom gesien, van die tyd toe die plan in die hemel gemaak is, tot Sy dood wat nou ophande was. Dit het geskyn of 'n geheimsinnige wolk die Seun van God bedek
[638] het. Die somberheid daarvan is gevoel deur diegene naby Hom. Hy het diep in gedagte gesit. Eindelik is die stilte verbreek deur Sy droefgeestige stem, "Nou is My siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur!" Reeds byvoorbaat was Christus besig om die bittere beker te drink. Sy mensheid het teruggedeins vir die uur van verlatenheid, wanneer Hy skynbaar ook selfs deur God verlate sou wees, en wanneer almal Hom sou sien, soos een geplaag, deur God geslaan en verdruk. Hy het teruggedeins vir die openbare skouspel, vir die behandeling as die grootste misdadiger, en vir die skanddood. 'n Voorbode van Sy stryd met die magte van die duisternis, 'n besef van die vreeslike skuld van die mens se oortreding, en die Vader se wraak weens die sonde, het die gees van Jesus laat verflou, en Sy gelaat was doodsbleek.

Toe het die goddelike onderwerping aan die Vader se wil gekom. "Hierom het Ek in hierdie uur gekom," het Hy gesê, "Vader, verheer- lik U Naam!" Alleen deur die dood van Christus kon die

Satan se koninkryk omver gewerp word. Op hierdie manier alleen kon die mens verlos, en God verheerlik word. Jesus het die lyde aanvaar; Hy was gewillig om die offer te gee. Die Majesteit van die hemel het in- gestem om te ly as die Sondoffer. Hy het gesê, "Vader, verheerlik U Naam!" Toe Christus hierdie woorde spreek, het daar 'n antwoord gekom uit die wolk wat oor Sy hoof gesweef het: "Ek het dit verheerlik en Ek sal dit weer verheerlik." Christus se hele lewe, van die krip tot die tyd dat hierdie woorde gespreek is, het God verheerlik; en in die aanstaande beproewing sou Sy godlik-menslike lyde inderwaarheid die Naam van Sy Vader verheerlik.

Toe die stem gehoor is, het daar 'n lig uit die wolk geskiet en Christus omring, asof die arms van die Almagtige om Hom geslaan is soos 'n muur van vuur. Die mense het hierdie toneel met vrees en verbasing aanskou. Nie een het dit gewaag om te praat nie. Stil, en met gespanne aandag het die mense gestaan met hulle oë op Jesus gevestig. Nadat die getuienis van die Vader gekom het, het die wolk opgestyg en in die lug verdwyn. Vir die tyd was die sigbare kommunikasie tussen die Vader en die Seun beëindig.

"En die skare wat daar staan en dit hoor, het gesê dat daar 'n donderslag gewees het. Ander het gesê: 'n Engel het met Hom gespreek." Maar die Grieke wat gekom het om Jesus te sien, het die wolk gesien, die stem gehoor, verstaan wat daar gesê is, en Christus inderwaarheid gesien; aan hulle is Hy geopenbaar as die Een van God gestuur. [639]

Die stem van God is- gehoor by die doop van Jesus aan die begin van Sy bediening, en weer by die verheerliking op die berg. Nou, aan die einde van Sy bediening, is dit vir die derde maal gehoor, deur 'n groter aantal mense, en onder Sonderlinge omstandighede. Jesus het toe so pas die plegtigste waarheid geuiter betreffende die toestand van die Jode. Hy het Sy laaste oproep gedoen, en die vonnis oor hulle uitgespreek. Nou het God weer Sy seël gedruk op die werk van Sy Seun. Hy het die Een erken wat deur Israel verwerp is. "Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie," het Jesus gesê, "maar om julle ontwil." Dit was die beslissende bewys van Sy Messiasskap, die teken van die Vader dat Jesus die waarheid gespreek het, en dat Hy die Seun van God is.

"Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld," het Christus voortgegaan; "nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf

word. En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek. En dit het Hy gesê om aan te dui hoedanige dood Hy sou sterwe.” Dit is die krisis van die wêreld. As Ek die versoening word vir die sondes van die mense, sal die wêeld verlig word. Die Satan se houvas op die siele van die mense sal verbreek wees. Die geskonde beeid van God sal herstel word in die mensdom, en ’n gesin van gelowige heiliges sal eindelik die hemelse tuiste beërf. Dit is die resultaat van Christus se dood. Die Heiland is verdiep in die toneel van oorwinning voor Hom. Hy sien die kruis, die wrede, skandelike kruis, met al sy meegaande verskrikking, skitterende in heerlikheid.

Maar die verlossingswerk vir die mens is nie al wat deur die kruis teweeggebring word nie. Die liefde van God word aan die heelal geopenbaar. Die owerste van hierdie wêreld word uitgewerp. Die beskuldigings wat die Satan teen God ingebring het, is geloënstraf. Die verwyt wat hy teen die hemel gewerp het, is vir ewig verwyder. Engele sowel as mense is tot die Verlosser getrek. “En Ek, as Ek van die aarde verhoog word,” het Hy gesê, “sal almal na My toe trek.”

Daar was baie mense rondom Christus toe Hy hierdie woorde ge-spreek het, en een het gesê, “Ons het uit die wet gehoor dat die Christus tot in ewigheid bly; en hoe sê U dat die Seun van die mens moet verhoog word? Wie is hierdie Seun van die mens?” En Jesus sê vir hulle: “Nog ’n klein tydjie is die lig by julle. Wandel solank
[640] as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie. En wie in die duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie. Solank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees.”

“En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie.” Eenmaal het hulle aan die Heiland gevra, “Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo?” Joh. 6: 30. ’n Menigte tekens is gegee, maar hulle het hulle oë daarvoor gesluit en hulle harte verhard. Noudat die Vader self gespreek het, en hulle om geen verdere teken kon vra nie, het hulle nog geweier om te glo.

“Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo. Maar ter- wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sina- goge geban te word nie.” Hulle het die lof van mense meer liefgehad as die goedkeuring van God. Om hulleself te red van verwyt en skande, het hulle Christus verloën en die aanbod van die ewige lewe verwerp. En hoeveel is daar wat deur die eeue sedert daardie tyd dieselfde gedoen het! Al die Heiland se woorde van

waarskuwing is op hulle van toepassing: "Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor." "Wie My verwerp en My woorde nie aanneem nie," het Jesus gesê, "het een wat hom oordeel; die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag." Joh. 12: 48.

Wee diegene wat nie die gunstige tyd weet toe God hulle besoek het nie! Langsaam, en met droefheid het Christus vir ewig die tempel verlaat. [641]

## Op die O ly ƒ berg

CHRISTUS se woorde aan die priesters en owerstes, "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat" Matt. 23: 38, het hulle harte met vrees vervul. Hulle het gemaak of hulle nie omgee nie, maar die vraag wat daardie woorde tog kon beteken, was gedurig in hulle gedagte. Dit het geskyn of 'n onsigbare gevaar hulle bedreig het. Kon dit wees dat die pragtige tempel, die roem van die volk, eerlank in puin sou lê? Die dissipels het ook die voorgevoel van onheil gehad, en in spanning het hulle gewag op 'n meer bepaalde ver- duideliking van Jesus. Toe hulle daar saam met Hom die tempel verlaat het, het hulle Sy aandag gevestig op die prag en sterkte daarvan. Die tempel was gebou van spierwit marmerstene, waarvan sommige byna ongelooflik groot was. 'n Gedeelte van die muur het bly- staan tydens Nebukadnesar se beleëring. Die klippe is so goed saam- gevoeg dat dit soos 'n groot, soliede klip uit die steengroef gelyk het. Hoe daardie massiewe mure omvergewerp kon word, was iets wat die dissipels nie kon begryp nie.

Wat moes die onuitgesproke gedagtes van die verworpe Een ge-wees het toe Sy aandag gevestig is op die pragtige tempelgebou! [642] Wat Hy voor Hom gesien het, was onteenseglik mooi, maar Hy het met droefheid gesê, Ek sien dit alles. Die geboue is inderdaad wonderbaar. Julle wys na daardie mure en dink dat hulle nie vernietig kan word nie, maar luister na My: "Die dag sal kom wanneer daar nie een klip op die ander sal gelaat word wat nie heeltemal afgebreek sal word nie."

Christus se woorde is gespreek ten aanhore van 'n groot aantal mense; maar toe Hy alleen was, het Petrus, Johannes, Jakobus, en Andreas na Hom toe gekom waar Hy daar op die Olyfberg gesit het. "Vertel ons," het hulle gesê, "wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?" Jesus het nie Sy dissipels geantwoord deur die verwoesting van Jerusalem en die groot dag van Sy koms afsonderlik te behandel nie. Hy het die beskrywing van hierdie twee gebeurtenisse deurmekaar gevleg.

As Hy aan Sy dissipels die toekomstige gebeurtenisse sou beskryf het soos Hy hulle gesien het, sou hulle dit nie kon verduur nie. In genade het Hy van die twee groot krisisse tegelyk gepraat, en dit aan die dissipels oorgelaat om die saak vir hulleself verder uit te redeneer. Toe Hy gepraat het van die verwoesting van Jerusalem, het Sy profetiese woorde verder gestrek tot daardie laaste dag van vuur en vlam wanneer die Here uit Sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek en die aarde die bloed sal openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom dood- gemaak is, nie langer sal toedek nie. Hierdie hele gesprek het plaas- gevind, nie alleen vir die dissipels nie, maar vir diegene wat sou lewe in die laaste tonele van die aarde se geskiedenis.

Christus het Hom tot Sy dissipels gewend en gesê, "Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder My Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei." Baie valse messiasse sal kom, voorgee dat hulle wonderwerke kan doen, en verklaar dat die tyd vir die verlossing van die Joodse volk aangebreek het. Dit sou baie mislei. Christus se woorde is vervul. Ná Sy dood tot by die beleëring van Jerusalem, het daar baie valse messiasse verskyn. Maar hierdie waarskuwing is ook gegee aan diegene wat in hierdie eeue van die wêreld se geskiedenis lewe. Dieselfde soort bedrog wat daar ge- pleeg is vóór die verwoesting van Jerusalem, is deur die eeue gepleeg, en dit sal weer gepleeg word. [643]

"En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie." Vóór die verwoesting van Jerusalem, het mense gestreef om die opperheerskappy. Keisers is vermoor. Vermeende troonopvolgers is om die lewe gebring. Daar was oorloë en gerugte van oorloë. "Alles moet plaasvind," het Christus gesê, "maar dit is nog nie die einde van die Joodse volk nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte." Christus het [644]
gesê dat die rabbi's, wanneer hulle hierdie tekens sien, sal verklaar dat dit Gods vergelding is van die volke omdat hulle Sy uitverkore volk so lank in ballingskap gehou het. Hulle sal sê dat hierdie dinge die tekens is van die koms van die Messias. Moenie bedrieg word nie; hulle is die begin van Sy oordele. Die volk het op hulleself

vertrou. Hulle het hulle nie bekeer sodat Ek hulle kon genees nie. Die gebeurtenisse wat hulle voorhou as tekens van hulle verlossing uit slawerny is die tekens van hulle vernietiging.

"Dan sal hulle julle aan verdrukking oorgee en doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word terwille van My Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat." Dit alles het die Christene gely. Vaders en moeders het hulle kinders verraai. Kinders het hulle ouers verraai. Vriende het mekaar oor- gelewer aan die Sanhedrin. Die vervolgers het hulle doel bereik deur Stefanus en Jakobus en ander Christene om die lewe te bring.

Deur Sy dienaars het God aan die Joodse volk 'n laaste kans gegee om hulle te bekeer. Hy het Homself geopenbaar deur Sy getuies in hulle gevangeneming, hulle verhoor, en hulle tronkstraf. Maar tog het hulle regters die doodvonnis oor hulle uitgespreek. Hulle was manne wat die wêreld nie werd was nie, en deur hulle te dood, het die Jode die Seun van God weer gekruisig. So sal dit weer gaan. Die owerhede sal wette maak wat geloofsvryheid aan bande lê. Hulle sal gesag aanneem wat alleen aan God behoort. Hulle sal dink dat hulle die gewete kan dwing, iets wat God alleen behoort te kontroleer. Hulle het reeds daarmee begin, en hierdie werk sal hulle voortsit totdat hulle perke bereik wat hulle nie mag oorskrei nie. God sal tussenbei tree ten behoewe van Sy lojale, gebooie-bewarende kinders.

In elke geval wanneer daar vervolging is, neem diegene wat dit aanskou besluite, óf teen, óf vir Christus. Diegene wat medelyde betoon met die wat ten onregte veroordeel word, toon daardeur hulle liefde vir Christus. Ander neem aanstoot omdat die beginsels van die waarheid hulle handelwyse veroordeel. Baie struikel en val en word afvallig van die waarheid wat hulle eenmaal verkondig het. Diegene wat afvallig word in tye van beproewing, sal, om hulle eie veiligheid te verseker, vals getuig en hulle broeders verraai. Christus het ons hieromtrent gewaarsku, sodat ons nie verbaas moet wees
[645] oor die onnatuurlike en wrede handelwyse van diegene wat die lig verwerp nie.

Christus het aan Sy dissipels 'n teken gegee van die verwoesting wat oor Jerusalem sou kom, en Hy het hulle vertel hoe om te ontvlug: "En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet die wat in Judea is, na die

berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie. Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word." Hierdie waarskuwing is gegee om veertig jaar later gehoorsaam te word, tydens die verwoesting van Jerusalem. Die Christene het die waarskuwing gehoorsaam, en nie een Christen het omgekom toe die stad verwoes is nie.

"En bid dat julle vlug nie in die winter of op die Sabbat mag plaasvind nie," het Christus gesê. Hy wat die Sabbat gemaak het, het dit nie afgeskaf deur dit aan Sy kruis te nael nie. Die Sabbat het nie verval by Sy dood nie. Veertig jaar ná Sy kruisiging sou dit nog as heilig beskou word. Vir veertig jaar moes die dissipels bid dat hulle vlug nie op die Sabbat mag plaasvind nie.

Van die verwoesting van Jerusalem het Christus vinnig oorgegaan na die groot gebeurtenis, die laaste skakel in die ketting van hierdie aarde se geskiedenis — die koms van die Seun van God in majesteit en heerlikheid. Tussen daardie twee gebeurtenisse het Christus die lang eeue van duisternis gesien, eeue waarin Sy kerk bloed en trane en lyding sou ondervind. Sy dissipels sou dit nie toe kon verduur het om op hierdie tonele te kyk nie, en Jesus het hulle verbygegaan deur slegs kortliks na hulle te verwys. "Dan sal daar groot verdrukking wees," het Hy gesê, "soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." Vir meer as duisend jaar sou die navolgers van Christus vervolging verduur soos die wêreld voorheen nooit geken het nie. Sy getroue getuies sou by die miljoene gedood word. As Gods hand nie Sy volk onder be- skerming geneem het nie, sou nie een behoue gebly het nie. "Maar terwille van die uitverkorenes," het Hy gesê, "sal daardie dae verkort word." [646]

Toe het die Here in ondubbelsinnige taal van Sy tweede koms gespreek, en Hy het gewaarsku van gevare wat Sy koms na hierdie wêreld sou voorafgaan. "As iemand dan vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! —moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om,-as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle

sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moet nie uitgaan nie. Kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens.” As een van die tekens van die verwoesting van Jerusalem, het Christus gesê, “En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.” Daar het valse profete opgestaan wat die mense mislei en n menigte in die woestyn gelei het. Goëlaars en towenaars wat aan spraak gemaak het op bonatuurlike mag, het mense agter hulle aange- trek in die berge. Maar hierdie profesie is ook gegee vir die laaste dae. Hierdie teken is gegee as ’n teken van die wederkoms. Selfs vandag is daar valse christusse en valse profete wat tekens en wonders doen om Sy dissipels te verlei. Hoor ons nie die roepstem: “Kyk, Hy is in die woestyn” nie? Het duisende nie na die woestyn gegaan in die hoop om Christus te vind nie? En het ons nie die roepstem gehoor uit duisende vergaderings waar mense voorgee dat hulle gemeenskap met die geeste van afgestorwenes het nie: “Kyk, Hy is in die binne-kamer”? Dit is juis wat Spiritiste vandag sê. Maar wat sê Christus?

“Moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens.”

Die Heiland gee die tekens van Sy koms, en nog meer, stel die datum vas wanneer die eerste van hierdie tekens gesien sal word: “En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son duister word , en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met grote krag en heerlikheid. En Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal Sy uitverkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een
[647] end van die hemele af tot by die ander end daarvan.”

Aan die einde van die groot pouslike vervolging, het Christus gesê, sou die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie. Daarna sou die sterre van die hemel val. Verder het Hy gesê: “En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet

julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur." Matt. 24: 32, 33.

Christus het die tekens van Sy koms gegee. Hy het dit gesê dat ons kan weet wanneer Hy naby is, voor die deur. Hy sê van diegene wat hierdie tekens sien, "Hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan totdat al hierdie dinge gebeur het nie." Hierdie tekens het gekom. Nou weet ons sekerlik dat die Here se koms op hande is. "Die hemel en die aarde sal verbygaan," het Hy gesê, "maar My woorde sal nooit verbygaan nie."

Christus sal op die wolke kom met grote heerlikheid. 'n Menigte van skitterende engele sal Hom begelei. Hy sal kom om die dode op te wck, en die lewende heiliges te verheerlik. Hy sal kom om diegene te eer wat Hom liefgehad en Sy gebooie onderhou het, en hulle neem om by Hom te wees. Hy het hulle en die belofte wat Hy gegee het, nie vergeet nie. Die familiekring sal weer herstel word. Wanneer ons ons dode aanskou, moet ons dink aan die opstandingsmore wanneer die basuin van God sal weerklink, en die "dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word." 1 Kor. 15: 52. Ons moet nog net so n klein rukkie wag en dan sal ons die Koning in Sy heerlikheid sien. Nog net 'n klein rukkie om te wag en dan sal Hy alle trane van ons oë afvee. Oor nog net 'n klein rukkie sal Hy ons "sonder gebrek voor Sy heerlikheid stel met gejuig." Judas 24. Daarom het Hy gesê, toe Hy die tekens van Sy koms gegee het, "As hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is."

Maar die dag en die uur van Sy wederkoms het Christus nie geopenbaar nie. Hy het duidelik aan Sy dissipels gesê dat Hy self nie die dag en die uur van Sy tweede koms kon openbaar nie. As Hy vry was om die dag te openbaar, waarom was dit dan nodig vir Hom om hulle te vermaan om gedurig te waak? Daar is diegene wat voorgee dat hulle die juiste dag en uur van ons Heiland se verskyning weet. Hulle is baie ywerig om die toekoms te skets. Maar die Here het hulle gewaarsku om afstand te doen van daardie stelling. Die [648]
juiste tyd van die tweede koms van die Seun van die mens, is Gods geheim.

Christus het voortgegaan en gewys op die toestande wat in die wêreld sou heers ten tyde van Sy wederkoms: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens.

Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens." Christus het hier nie 'n aardse millennium voorgestel nie —'n duisend jaar waarin almal hulle moet voor- berei vir die hiernamaals nie. Hy het gesê dat toestande soos in die dae van Noag sal heers wanneer die Seun van die mens weer kom.

Hoe was dit in die dae van Noag? "Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was, en al die versinsels wat hy bedink in sy hart altyddeur net sleg was." Gen. 6: 5. Die bewoners van die wêreld vóór die sondvloed, het afvallig geword van Jehova, en het geweier om Sy heilige wil te doen. Hulle het hulle eie onheilige versinsels en verdraaide begrippe gevolg. Hulle is vernietig oor hulle boosheid; en vandag bewandel die wêreld dieselfde pad. Ons sien geen tekens van die heerlikheid van 'n millennium nie. Die oortreders van Gods wet vervul die aarde met ongeregtigheid. Hulle weddery, hulle perdewedrenne, hulle dobbelary, hulle losbandigheid, hulle ontug, hulle onbeteuelde hartstogte, vervul vinnig die aarde met geweld.

In die profesie van die verwoesting van Jerusalem, het Christus gesê: "En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom." Hierdie profesie sal weer vervul word. Die algemene boosheid van daardie tyd beleef ons ook in hierdie geslag. En so ook met die verkondiging van die evangelie. Voor die val van Jerusalem, het Paulus, onder ingewing van die Heilige Gees geskryf dat die evangelie "aan die ganse mensdom onder die hemel" verkondig is. Kol. 1: 23. En ook nou, vóór die koms van die Seun van die mens, sal
[649] die ewige evangelie verkondig word "aan alle nasies en stamme en tale en volke." Openb. 14: 6, 14. God het "'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel." Hand. 17: 30, 31. Christus vertel ons wanneer daardie dag sal kom. Hy sê nie dat die wêreld tot bekering sal kom nie, maar dat "hierdie evangelie van die koninkryk verkondig sal word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die

nasies; en dan sal die einde kom." Deur die evangelie aan die wêreld te verkondig, is dit in ons mag om die wederkoms van die Here te verhaas. Ons moet nie net die koms van die dag van God verwag nie, maar dit ook verhaas. 2 Pet. 3:12. As die kerk van Christus sy aangewese werk volgens die opdrag van die Here sou uitgevoer het, sou die hele wêreld lankal gewaarsku gewees het, en die Here Jesus sou na ons aarde teruggekom het in grote krag en heerlikheid.

Nadat Hy die tekens van Sy koms gegee het, het Christus gesê: "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." "Pas op, waak en bid." God het nog altyd die mens gewaarsku van komende oordele. Diegene wat Sy boodskap vir hulle tyd aangeneem het, en wat hulle geloof uitgelewe het, in gehoorsaamheid aan Sy gebooie, het die oordele vrygespring wat gekom het oor die wat ongehoorsaam en ongelowig was. Die woord het tot Noag gekom, "Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind." Noag het gehoorsaam en hy is gered. Die boodskap het tot Lot gekom, "Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit, want die Here gaan die stad verwoes." Gen. 7: 1; 19: 14. Lot het homself geplaas onder die beskerming van die hemelse boodskappers, en hy is gered. So is ook Christus se dissipels gewaarsku van die verwoesting van Jerusalem. Diegene wat op hulle hoede was vir die teken van die komende ramp, en uit die stad gevlug het, het nie in die verwoesting omgekom nie. So word ons ook nou gewaarsku van Christus se tweede koms en die verwoesting van hierdie wêreld. Diegene wat ag slaan op die waarskuwing sal gered word.

Omdat ons nie die juiste tyd van Sy koms weet nie, word ons beveel om te waak. "Gelukkig is daardie slawe vir wie die heer wakker sal vind as hy kom." Lukas 12: 37. Diegene wat waghou vir die Here se koms, moet nie in ledigheid wag nie. Die verwagting van Christus se koms behoort mense godvresend en bang vir Sy straf op oortreding te maak. Dit moet hulle onder 'n diep besef bring van die [650]
groot sonde om Sy aanbod van genade te verwerp. Diegene wat wag vir die Here, sal hulle siele reinig deur gehoorsaamheid aan die waarheid. Hulle sal getrou waghou en ywerig werk. Omdat hulle weet dat die Here voor die deur is, sal hulle baie ywerig wees om saam te werk met die hemelse werktuie vir die redding van siele. Hulle is die getroue en verstandige bestuurders wat aan die diensvolk van

hulle heer hulle rantsoen op tyd gee. Lukas 12:42. Hulle verkondig die waarheid wat nou veral van toepassing is. Soos Henog, Noag, Abraham, en Moses die waarheid, eenkeer vir hulle tyd, verkondig het, so sal Christus se dienaars nou die spesiale waarskuwing aan hulle geslag gee.

Maar Christus openbaar nou 'n ander klas: "Maar as daardie slaaf in sy hart sê: My heer talm om te kom, en hy die slawe en slavinne begin slaan, en begin eet en drink en dronk word, dan sal die heer van daardie slaaf kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie." Die bose slaaf sê in sy hart, "My heer talm om te kom.' Hy sê nie dat Christus nie sal kom nie. Hy spot nie met die idee van Sy tweede koms nie. Maar in sy hart en deur sy dade en woorde verklaar hy dat die koms van die Here vertraag is. Hy neem uit die harte van ander die oortuiging weg dat die Here spoedig sal kom. Sy invloed beweeg mense tot vermetele, onverskillige uitstel. Hulle word bevestig in hulle wêreldsgesindheid en ongevoeligheid. Aardse drifte en vuil gedagtes neem besit van die hart. Die bose slaaf eet en drink saam met die dronkaards, en gee homself oor aan singenot. Hy slaan sy medeslawe, en beskuldig en veroordeel diegene wat getrou is aan hulle Meester. Hy gaan met wêreldlinge om. Hy word soos diegene met wie hy omgaan. Dit is 'n vreeslike assimilasie. Saam met die wêreld word hy in die strik gevang. "Die heer van daardie slaaf sal kom . . . op 'n uur dat hy dit nie weet nie, en sal hom middeldeur sny en hom 'n deelgenoot maak van die ontroues."

"As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." Openb. 3: 3. Die koms van Christus sal die valse leraars verras. Hulle sê, "Vrede en veiligheid." Net soos die priesters en leraars vóór die verwoesting van Jerusalem, verwag hulle dat die kerk aardse voorspoed en heerlikheid sal geniet. Hulle vertolk die tekens van die tye as voorbodes daarvan. Maar wat sê die ingegewe woord? "Dan oorval
[651] 'n skielike verderf hulle." 1 Thess. 5: 3. Op almal wat op die aarde woon, op almal wat hierdie wêreld hulle tuiste maak, sal die dag van God kom soos 'n strik. Dit sal tot hulle kom soos 'n sluipende dief.

Die wêreld, vol geweld, vol goddelose plesier, is aan die slaap; hy slaap in vleeslike gerustheid. Mense stel die koms van die Here ver in die toekoms. Hulle bespot die waarskuwings. Hulle praat groot en sê, Alles bly "soos dit was van die begin van die skepping

af.” “Die dag van more sal wees soos vandag, buitengewoon groot.” 2 Pet. 3: 4; Jes. 56: 12. Hulle sal die plesier met nog groter ywer najaag. Maar Christus sê, “Kyk, Ek kom soos ’n dief.” Openb. 16: 15. Juis wanneer die wêreld spottend vra, “Waar is die belofte van Sy weder- koms?” sal die tekens vervul word. Terwyl hulle sê, “Vrede en veiligheid,” sal ’n skielike verderf hulle oorval. Wanneer die spotter, die verwerper van die waarheid, vermetel word; wanneer die mense sake sal doen en geld maak sonder in agneming van enige beginsel; wanneer mense kennis soek oor alle dinge en die Bybel verwaarloos, sal Christus kom soos ’n dief.

Alles in hierdie wêreld is in beroering. Die tekens van die tye is onheilspellend. Ons sien reeds die skaduwees van die dinge wat kom. Die Gees van God word onttrek van die aarde, en ramp volg ramp op see en op land. Daar is storms, aardbewings, brande, oorstromings, en moord in alle grade. Wie kan die toekoms voorspel? Waar is veiligheid? Daar is veiligheid in niks wat menslik of aards is nie. Die mense begin hulle vinnig te skaar onder die banier wat hulle gekies het. Rusteloos wag hulle en hou hulle die bewegings van hulle leiers dop. Daar is diegene wat wag en werk vir die koms van onse Here. ’n Ander klas word aangemonster onder die leier- skap van die eerste groot rebel. Daar is min wat in hart en siel glo dat daar ’n hel te vermy en ’n hemel te win is.

Die krisis kruip langsaam nader. Die son skyn daarbo en volg sy vasgestelde baan, en die hemele verkondig steeds die heerlikheid van God. Die mense eet en drink nog, hulle plant en bou en trou en word in die huwelik uitgegee. Handelaars koop en verkoop nog. Mense worstel met mekaar vir die hoogste plek. Genotsoekers vul nog die teaters, gaan na die wedrenne en na die dobbelhelle. Daar heers die grootste opgewondenheid, en dit alles terwyl die proeftyd vinnig ten einde loop, en elke persoon se lot vir ewig beslis word. Die Satan sien dat sy tyd kort is. Hy het al sy werktuie aan die werk gesit om [652]
die mense te bedrieg, te mislei, besig te hou, en te begogel; totdat die dag van genade beëindig en die genadedeur vir ewig gesluit word.

Op die vlerke van die eeue kom tot ons die woorde van waarskuwing wat onse Here op die Olyfberg gespreek het: “Pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en die dag julle nie skielik oorval nie. . . . Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig mag

geag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en te staan voor
[653] die Seun van die mens.”

## “Die Geringstes van Hierdie Broeders van My”

WANNEER die Seun van die mens kom in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies bymekaargebring word, en Hy sal hulle van mekaar afskei.” So het Christus op die Olyfberg vir Sy dissipels die toneel van die groot oordeelsdag geskilder. Die uitspraak was afhanklik van een feit: Wanneer die nasies voor Hom vergader is, sal daar net twee klasse wees, en hulle ewige lot sal beslis word deur wat hulle vir Hom gedoen het, of nagelaat het om te doen, in die persoon van die armes en lydendes.

In daardie dag sal Christus nie aan die mense die groot werk voorstel wat Hy vir hulle gedoen het deur Sy lewe te gee vir hulle verlossing nie. Hy praat van die getroue werk wat hulle vir Hom gedoen het. Aan diegene wat Hy aan Sy regterhand gestel het, sê Hy, “Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My iets gegee om te eet; Ek het dors gehad, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was nakend, en julle het My geklee;” [654] Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.” Maar diegene wat Christus hier prys weet nie van hierdie dinge wat hulle vir Hom gedoen het nie. Op hulle vrae van verbasing antwoord Hy, “Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.”

Jesus het aan Sy dissipels gesê dat hulle deur alle mense gehaat sou wees, dat hulle vervolg sou word en sou ly. Baie sou uit hulle huise verjaag en in armoede gedompel word. Baie sou in eilende verkeer ten gevolge van siekte en ontbering. Baie sou in die gevangenis gewerp word. Aan almal wat hulle vriende en huise sou verlaat vir Sy ontwil, het Hy in hierdie lewe ’n honderdvoud belowe. Nou het Hy ’n spesiale seën verseker aan almal wat hulle broeders gedien het. In almal wat vir My Naam ontwil ly, het Jesus gesê, moet julle

My sien. Net soos julle My sou dien, so moet julle hulle dien. Dit is die bewys dat julle My dissipels is.

Almal wat gebore is in die hemelse gesin is in ’n spesiale sin die broeders van onse Here. Die liefde van Christus is die band wat die lede van Sy gesin saambind, en waar daardie liefde geopenbaar word, daar ook word die goddelike verwantskap geopenbaar. “Elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.” 1 Joh. 4: 7.

Diegene wat Christus sal prys in die oordeel mag maar min teologie geken het, maar hulle het Sy beginsels liefgehad. Onder die invloed van die goddelike Gees was hulle ’n seën vir diegene rondom hulle. Selfs onder die heidene is daar diegene wat die gees van vriendelikheid gekoester het; nog voordat hulle die woorde van die lewe gehoor het, het hulle sendelinge bevriend en hulle gedien in lewensgevaar vir hulleself. Onder die heidene is daar diegene wat God onwetend dien, diegene aan wie die lig nie deur mense gebring is nie, maar hulle sal nie verlore gaan nie. Alhoewel hulle onbekend is met Gods geskrewe wet, het hulle Sy stem in die natuur tot hulle hoor spreek, en hulle het die dinge gedoen wat deur die wet vereis word. Hulle werke getuig dat die Heilige Gees hulle harte aangeraak het, en hulle word erken as kinders van God.

Hoe verras en bly sal die nederiges onder die volke wees, en onder die heidene, om van die lippe van die Verlosser te hoor, “Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie
[655] broeders van My, het julle dit aan My gedoen”! Hoe bly sal die harte van ewige liefde wees wanneer Sy kinders so verras en bly opkyk as hulle Sy woorde van goedkeuring aanhoor!

Maar Christus se liefde is nie net tot sekere klasse beperk nie. Hy vereenselwig Hom met elke mensekind. Sodat ons lede van die hemelse gesin kan word, het Hy ’n lid van die aardse gesin geword. Hy is die Seun van die mens, en dus ’n broer van elke seun en dogter van Adam. Sy navolgers moet nie voel dat hulle los staan van die verloregaande wêreld rondom hulle nie. Hulle is deel van die groot weefsel van die mensdom; en die Hemel beskou hulle as broers van sowel sondaars as heiliges. Die gevallenes, die dwalendes, en die sondiges, almal word omhels deur Christus se liefde; en elke vriende- like daad vir die opheffing van ’n gevalle siel, elke daad van ontfer- ming, word aangeneem asof dit aan Hom gedoen is.

Die engele van die hemel word uitgestuur as dienaars van diegene wat die saligheid sal beërf. Ons weet nie nou wie hulle is nie; dit is nog nie geopenbaar wie sal oorwin en wie deelgenote sal word van die erfdeel van die heiliges in die lig nie; maar engele van die hemel deurkruis die lengte en breedte van die aarde, soekende om die treu- rendes te vertroos, die wat in gevaar is, te beskerm, en die harte van mense tot Christus te win. Nie een word verwaarloos of verbygegaan nie. God is nie 'n aannemer van die persoon nie; Hy sorg vir al die siele wat Hy geskape het.

Waar u u deur oopmaak vir Christus se behoeftige en lydende kinders, verwelkom u ook onsigbare engele. U nooi die geselskap uit van hemelse wesens. Hulle bring 'n heilige atmosfeer van vreugde en vrede. Hulle kom met lof op hulle lippe, en daarop word in die hemel antwoord gegee. Elke daad van ontferming maak musiek daar. Daar op Sy troon reken die Vader die onselfsugtige werkers onder Sy kosbaarste skatte.

Diegene aan die linkerhand van Christus, diegene wat Hom verwaarloos het in die persoon van die armes en die lydendes, was nie bewus van hulle skuld nie. Die Satan het hulle verblind; hulle het nie besef wat hulle aan hulle broeders verskuldig is nie. Hulle was selfgtig en het hulle nie gesteur aan die behoeftes van ander nie.

Aan die rykes het God rykdom gegee sodat hulle Sy lydende kinders kon help en vertroos; maar so dikwels staan hulle gevoelloos teenoor die behoeftes van ander. Hulle voel dat hulle beter is as [656]
hulle arm broeders. Hulle stel hulle nie in die arm man se plek nie. Hulle verstaan nie die versoekings en stryd van die armes nie, en barmhartigheid sterf uit hulle harte uit. In duur woonhuise en in pragtige kerke sluit die rykes hulle af van die armes; die middels wat God aan hulle gegee het om die behoeftiges te seën, bestee hulle aan hulle eie hoogmoed en selfsug. Die armes word daeliks beroof van die onderrig wat hulle moet kry aangaande die barmhartigheid van God; want Hy het genoegsame voorsiening gemaak sodat hulle die vertroosting van die nodige lewensmiddels kan hê. Hulle word gedwing om die armoede te verduur wat die lewe vereng, en dikwels kom hulle in die versoeking om nydig te wees, en jaloers, en vol bose bedenkinge. Diegene wat self nie die druk van armoede gevoel het nie, bejeën die armes baie dikwels met veragting, en laat hulle voel dat hulle beskou word as bedelaars.

Maar Christus sien alles, en Hy sê, Dit is Ek wat honger en dors was. Dit is Ek wat 'n vreemdeling was. Dit is Ek wat siek was. Dit is Ek wat in die gevangenis was. Terwyl julle lekker geëet het van julle vol tafels, het Ek honger gely, in 'n krot, of dakloos op straat. Terwyl julle in gemak in julle mooi huise gesit het, het Ek geen plekkie gehad om My hoof neer te lê nie. Terwyl julle julle klerekaste vol duur klere gestop het, was Ek nakend. Terwyl julle julle plesier nage- jaag het, het Ek gesit en kwyn in die gevangenis.

Het julle besef, toe julle die stukkie brood aan die hongerlydende armes gegee het, en die klere om iemand teen die koue te beskut, dat julle dit aan die Here van heerlikheid gegee het ? Julie hele lewe lank was Ek onder julle in die persoon van daardie beproef des, maar julle het My nie gesoek nie. Julle wou nie in gemeenskap met My kom nie. Ek ken julle nie.

Daar is baie wat voel dat dit 'n groot voorreg sal wees om die tonele van Christus se aardse lewe te besoek, om te loop waar Hy geloop het, om die meer te aanskou waar Hy so graag geleer het, en om te kyk na die berge en dale wat Sy oë so baiemaal aanskou het. Maar ons hoef nie na Nasaret, na Kapernaum, of Betanië te gaan om in die voetspore van Jesus te loop nie. Ons sal Sy voetspore vind by die siek- bed, in die krotte van armoede, in die woelige strate van 'n groot stad, en in elke plek waar daar menslike harte is wat
[657] behoefte het aan troosting. As ons sou doen wat Jesus gedoen het op die aarde, dan sal ons in Sy voetstappe wandel.

Daar is werk te doen vir almal. "Die armes het julle altyd by julle" Joh. 12: 8, het Jesus gesê, en niemand hoef te voel dat daar geen plekkie is waar hulle vir Hom kan werk nie. Daar is miljoene en miljoene siele wat op die punt staan om te beswyk, gebonde in die kettings van onkunde en sonde, en wat nog nooit gehoor het van Christus se liefde vir hulle nie. As ons met hulle plekke kon omruil, wat sou ons verlang dat hulle vir ons moet doen? Dit alles, sover ons by magte is om dit te doen, is ons onder verpligting om vir hulle te doen. Christus se lewensreël, waarby ons sal staan of val in die oordeel, is, "Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen —net so moet julle aan hulle ook doen." Matt. 7: 12.

Die Heiland het Sy kosbare lewe gegee om 'n kerk te stig wat in Staat sal wees om te sorg vir treurende, versoekte siele, 'n Groep gelowiges mag arm wees, ongeleerd, en onbekend; maar in Christus

kan hulle 'n werk in die huis, in die buurt, en in die kerk doen, en selfs ook in "plekke anderkant hulle," die gevolge waarvan so verreikend kan wees soos die ewigheid.

Dit is omdat hierdie werk verwaarloos word dat so baie jong dissipels nooit verder kom as die alfabet van die Christelike lewe nie. Die lig wat in hulle eie harte gebrand het toe Jesus aan hulle gesê het, "Jou sondes is jou vergewe," kon hulle brandend gehou het deur die behoeftiges te help. Daardie rustelose energie wat so dikwels 'n bron van gevaar is vir jongmense, kan in kanale gestuur word wat in strome van seën sal vloei. Die eie-ek sal vergeet word in ernstige werk om goed te doen aan ander.

Diegene wat ander dien, sal bedien word deur die Opperherder. Hulle sal self drink van die lewegewende water en versadig word. Hulle sal nie hunker na opwindende plesier of vir 'n verandering in hulle lewe nie. Die onderwerp van die grootste belang sal wees hoe om die siele te red wat op die punt staan om te vergaan. Sosiale omgang sal voordelig wees. Liefde vir die Verlosser sal harte saamsnoer.

Wanneer ons besef dat ons medewerkers van God is, sal ons nie Sy beloftes in onverskilligheid verkondig nie. Hulle sal in ons harte brand en as vurige kole oor ons lippe kom. Aan Moses, wat geroep [658] was om 'n onkundige, ongedissiplineerde, en opstandige volk te dien, het God die vraag gestel, "Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf?" En Hy het gesê, "Ek sal met jou wees." Exod. 33: 14; 3: 12. Hierdie belofte geld vir almal wat in die plek van Christus werk vir Sy beproefde, lydende kinders.

Liefde vir die mens is die aardse openbaring van die liefde van God. Dit was om hierdie liefde in ons harte te bring, om ons kinders van een gesin te maak, dat die Koning van heerlikheid een met ons geword het. Wanneer Sy afskeidswoorde gehoorsaam word, "dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het" Joh. 15: 12; wanneer ons die wêreld liefgehad het soos Hy dit liefgehad het, dan is Sy sending vir ons volbring. Ons is geskik vir die hemel, want ons het die hemel in ons harte.

"Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel — hou hulle tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! — sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat jou lewe behoed, sal Hy dit nie weet nie? Want Hy vergeld die

mens na sy werk.” Spreuke 24: 11, 12. In die groot oordeelsdag sal diegene wat nie vir Christus gewerk het nie, diegene wat deur die lewe gegaan en net aan hulleself gedink en vir hulleself gesorg het, deur die Regter van die hele aarde gestel word saam met die wat ongeregtigheid gedoen het. Dieselfde vonnis word oor hulle uitgespreek.

Aan elke siel is ’n pand toevertrou. Van elkeen sal die Opperherder verantwoording eis, “Waar is die kudde wat aan jou gegee is, jou pragtige trop kleinvee?” En: “Wat sal jy sê wanneer Hy as hoof oor jou aanstel diegene wat jy self geleer het om jou vertroude vriende
[659] te wees?” Jer. 13: 20, 21.

[660]

## ’n Kneg van Knegte

IN die bovertrek van n huis in Jerusalem, het Christus aan tafel gesit met Sy dissipels. Hulle het saamgekom om die pasga te vier. Die Heiland wou graag hierdie fees alleen vier met die twaalf. Hy het geweet dat Sy uur gekom het; Hy slef was die ware paaslam, en op die dag wanneer die Pasga geeet word, sou Hy geoffer word. Hy het op die punt gestaan. Maar daar was nog n paar stille ure oor vir Hom, en Hy sou hulle deurbring vir die voordeel van Sy geliefe dissipels.

Christus se hele lewe was n lewe van onselfsugtige diens. In elkeen van Sy dade was die les, nie “om gedien te word nie, maar om te dien.” Maar die dissipels het nog nie daardie les geleer nie. Op hierdie laaste Pasga het Jesus Sy lering herhaal deur n illustrasie wat dit vir ewig op hulle harte ingebrand het.

Die gesprekke tussen Jesus en Sy sissipels was gewoonlik tye van kalme vreugde, hoog op prys gestel deur hulle almal. Die paasfeeste [661] was tye van spesiale belang; maar by hierdie een was Jesus ontstel. Daar het n las op Sy hart gedruk, en Sy gelaat was droewig. Toe Hy Sy dissipels daar in die boyertrek ontmoet het, het hulle gemerk dat Hy ’n gewigtige saak op die hart gehad het, en alhoewel hulle nie geweet het wat die oorsaak daarvan was nie, het hulle met Hom gesim- patiseer in Sy droefheid.

Terwyl hulle daar om die tafel gesit het, het Hy in groot droefheid gesê, “Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet totdat dit in die koninkryk van God vervul is nie. En toe Hy ’n beker aangeneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok totdat die koninkryk van God gekom het nie.”

Christus het geweet dat die tyd vir Hom gekom het om die wêreld te verlaat en na Sy Vader te gaan. “Omdat Hy Sy eie mense in die wêreld liefgehad het, [het Hy] hulle liefgehad tot die einde toe.” Hy het nou in die skaduwee van die kruis gestaan, en angs het Sy hart

deurboor. Hy het geweet dat Hy verlaat sou word in die uur van Sy verraaiing. Hy het geweet dat Hy deur die mees vernederende proses waaraan misdadigers onderworpe kan word, om die lewe gebring sou word. Hy was bewus van die ondankbaarheid en wreedheid van diegene vir wie se verlossing Hy gekom het. Hy het geweet watter groot offer Hy moes gee, en vir hoeveel dit vergeefs sou wees. Omdat Hy van alles geweet wat Hom gewag het, sou dit heeltemal natuurlik vir Hom gewees het as die gedagte aan Sy vernedering en lyde Hom oorweldig het. Maar Hy het gedink aan die twaalf wat by Hom was as Sy eie, en dat hulle, ná Sy vernedering en foltering, alleen in die wêreld sou moes worstel. Die gedagte aan wat Hy self sou ly, was altyd in verband met Sy dissipels. Hy het nie aan Homself gedink nie. Besorgdheid oor hulle was maar altyd in Sy gedagte.

Op hierdie laaste aand saam met Sy dissipels, het Jesus veel gehad om aan hulle mee te deel. As hulle maar in staat was om te ontvang wat Hy so graag wou meedeel, sou hulle gered gewees het van daardie hartverskeurende angs, en van die teleurstelling en ongeloof. Maar Jesus het gesien dat hulle nie sou kon verdra wat Hy aan hulle wou sê nie. Toe Hy so in hulle gesigte kyk, het Hy die woorde van waarskuwing en vertroosting nie geuiter nie. Die
[662] oomblikke het in

Daar het "twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees." Hierdie stryd, in die teenwoordigheid van Christus, het Hom gegrief en seergemaak. Die dissipels het vasgehou aan hulle geliefkoosde idee dat Christus Sy mag sou openbaar en die troon van Dawid sou bestyg. En in hulle harte het elkeen die hoogste plek begeer in die koninkryk. Elkeen het sy eie waarde, en die van die ander, bereken; en pleks dat hulle hulle broeders van meer waarde geag het, het elkeen homself eerste geplaas. Die versoek van Jakobus en Johannes om aan die regter- en linkerhand van Christus se troon te sit, het verontwaardiging by die ander laat ontstaan. Dat hierdie twee broers die vermetelheid gehad het om die hoogste plekke te vra, het die ander tien so verontwaardig dat vervreemding tussen hulle gedreig het. Hulle het gevoel dat hulle verontreg is, en dat hulle getrouheid en talente nie gewaardeer is nie. Judas het Jakobus en Johannes die hardste aangespreek.

Toe die dissipels die eetvertrek binnekom, was hulle harte vo onvriendelike gevoelens. Judas het dig teen Christus aan Sy linkerhand

gaan sit; Johannes het aan Sy regterhand plaasgeneem. As daar ’n hoogste plek was, dan sou Judas sorg dat hy dit kry, en daardie plek was langs Christus. En Judas was n verraaier.

Daar was nog ’n ander oorsaak vir tweedrag. By ’n feesmaal was dit gebruiklik dat ’n slaaf die voete van die gaste was, en by hierdie ge- leentheid is daar ook voorsiening gemaak vir die diens. Die waterkruik, die skottel, en die handdoek was daar, in gereedheid vir die voetewas; maar daar was geen slaaf nie, en een van die dissipels sou hierdie werk moes doen. Maar elkeen van hulle, het uit hoogmoed, besluit dat hy nie die rol van ’n slaaf sou speel nie. Almal van hulle het daar ewe sedig blysit, asof hulle heeltemal onbewus was dat daar iets was vir hulle om te doen. Deur hulle stilswye het hulle geweier om hulle te verneder. [663]

Wat sou Christus doen om hierdie arme siele te bring tot die plek waar die Satan nie ’n besliste oorwinning oor hulle kon behaal nie? Hoe sou Hy hulle wys dat ’n blote belydenis van dissipelskap hulle nie werklik dissipels gemaak, of ’n plek in Sy koninkryk vir hulle verseker het nie? Hoe sou Hy hulle wys dat dit liefdesdiens is, ware nederigheid, wat werklike grootheid uitmaak? Hoe sou Hy liefde in hulle harte kan aansteek, en hulle help om te verstaan wat Hy so graag aan hulle wou sê?

Die dissipels het geen beweging gemaak om mekaar te dien nie. Jesus het vir n ruk gewag om te sien wat hulle sou doen. Toe het Hy, die goddelike Leraar, van die tafel af opgestaan. Hy het Sy bo- klere uitgetrek sodat dit Hom nie kon hinder nie, en toe het Hy ’n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Met verbaasde belangstelling het die dissipels gesit en toekyk, en in stilte gewag om te sien wat sou volg. “Daarna het Hy water in n bak gegooi en het begin om die voete van die dissipels te was en af te droog met die doek wat Hy om gehad het.” Hierdie optrede het die oë van die dissipels oopgemaak. Bittere skaamte en vernedering het hulle harte gevul. Hulle het die onuitge- sproke bestraffing verstaan, en hulle het hulleself in ’n heeltemal nuwe lig gesien.

So het Christus uiting gegee aan Sy liefde vir Sy dissipels. Hulle selfsugtige gees het Hom met droefheid vervul, maar Hy het hulle nie hard aangespreek oor hulle moeilikheid nie. In stede daarvan het Hy hulle n voorbeeld gestel wat hulle nooit sou vergeet nie. Sy liefde vir hulle kon nie maklik verflou of uitgeblus word nie. Hy het geweet

dat die Vader alle dinge in Sy hande gegee het, en dat Hy van God gekom het en tot God sou teruggaan. Hy was ten volle bewus van Sy Godheid; maar Hy het Sy koninklike kroon en kleed afgelê, en die gestalte van n dienskneg aangeneem. Een van die laaste handelinge van Sy lewe op aarde was om Hom soos 'n dienskneg te omgord en die werk van 'n slaaf te doen.

Voor die Pasga het Judas vir n tweede keer die priesters en skrifgeleerdes ontmoet en die plan met hulle beklink om Jesus in hulle hande oor te lewer. Maar nogtans het hy daarna dood onskuldig onder die dissipels beweeg, en gehelp met die voorbereidings vir die fees. Die dissipels het niks geweet van Judas se planne nie. Alleen Jesus kon die geheim van sy hart lees. Maar Hy het hom nie aan die
[664] kaak gestel nie. Jesus het verlang om sy siel te red. Ten behoewe van Judas het daar net so 'n swaar las op Sy hart gedruk as toe Hy oor die gedoemde stad geween het. Sy hart het uitgeroep, Hoe kan ek jou opgee? Judas het die drang van daardie liefde gevoel. Toe die Heiland se hande daardie besoedelde voete gewas en hulle met die doek afgedroog het, is die hart van Judas so aangeraak dat Hy 'n sterk drang gevoel het om sy sonde te bely. Maar hy wou homself nie verneder nie. Hy het sy hart teen bekering verhard, en die ou gevoelens wat hy vir 'n oomblik onderdruk het, het weer die oorhand gekry. Judas het hom nou vererg dat Christus die voete van die dissipels gewas het. As Jesus Homself so kon verneder, het hy gedink, dan was Hy seker nie Israel se koning nie. Alle hoop op wêreldse eer in 'n aardse koninkryk was nou vernietig. Judas was nou oortuig dat daar niks te win was deur Christus te volg nie. Nadat hy gesien het hoe Christus Homself verneder, soos hy gedink het, was hy vasbeslote om Hom nie meer te ken nie, en om te erken dat hy bedrieg was. n Duiwel het van hom besit geneem, en hy het besluit om die werk wat hy onderneem het, af te handel, naamlik die verraaiing van sy Here.

In die keuse van sy plek aan tafel het Judas probeer om homself eerste te plaas, en Christus, as kneg, het hom eerste bedien. Johannes, teen wie Judas so bitter gevoel het, is laaste bedien. Maar Johannes het dit nie as 'n bestraffing of affront beskou nie. Terwyl die dissipels Christus gadegeslaan het, is hulle diep ontroer. Toe Petrus aan die beurt kom, het hy in verbasing gevra, "Here gaan U my voete was?" Christus se neerbuigende liefde het sy hart gebreek. Hy is met

skaamte vervul om te dink dat een van die dissipels nie hierdie werk onderneem het nie. "Wat Ek doen," het Christus gesê, "begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan." Petrus kon dit nie oor sy hart kry om sy Here, wie hy aangeneem het as die Seun van God, in die rol van 'n kneg te sien nie.' Sy hele siel het in opstand gekom teen hierdie vernedering. Hy het nie besef dat Christus vir hierdie doel in die wêreld gekom het nie. Beslis het hy uitgeroep, "U sal my voete in der ewig- heid nie was nie."

Plegtig het Christus aan Petrus gesê, "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel met My nie." Die diens wat Petrus geweier het, was 'n beeld van 'n dieper reiniging. Christus het gekom om die hart rein te was van die besoedeling van die sonde. Deur te weier om Christus [665]
sy voete te laat was, het Petrus daardie dieper reiniging geweier. In werklikheid het hy sy Here verwerp. Dit is nie vernederend vir die Meester wanneer ons Hom toelaat om ons te reinig nie. Ware nederigheid is die aanname met 'n dankbare hart van enige voorsiening wat vir ons gemaak is, en om in erns vir Christus te werk.

Op die woorde, "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel met My nie," het Petrus sy hoogmoed en eiesinnigheid opgegee. Hy kon nie dink om van Christus geskei te wees nie; dit sou vir hom die dood beteken het. Toe het hy gesê, "Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof. Jesus sê vir hom: Hy wat klaar gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein."

Hierdie woorde het gedoel op meer as liggaamlike reinheid. Christus het nog gespreek van daardie dieper reiniging, gesimboliseer deur die wassing van die voete. Die een wat uit die bad kom, is rein, maar die voete met sandale aan, word gou weer met stof bedek, en het nodig om gewas te word. So is Petrus en sy broeders gewas in die Groot Fontein wat vir die sonde en onreinheid geopen is. Christus het hulle as syne erken. Maar versoeking het hulle tot die sonde verlei, en hulle het nog Sy reinigende genade nodig gehad. Toe Jesus Hom met die doek omgord het om die stof van hulle voete af te was, wou Hy deur daardie daad die vervreemding, jaloesie en hoogmoed van hulle harte afwas. Dit was van groter waarde as afwassing van die stof aan hulle voete. Met die gees wat hulle toe gehad het, was nie een van hulle in 'n toestand vir gemeenskap met Christus nie. Voordat hulle nie in 'n toestand van nederigheid en

liefde gebring is nie, was nie een van hulle gereed vir deelname aan die Pasga, en kon hulle nie deelneem aan die gedenkdiens wat Christus wou instel nie. Hulle harte moet gereinig word. Hoogmoed en selfsug veroorsaak tweedrag en haat, maar dit alles het Jesus afgewas toe Hy hulle voete gewas het. 'n Verandering van gevoelens is teweeggebring. Toe Jesus na hulle kyk, kon Hy sê, "Julie is rein." Nou was daar eensgesindheid en liefde vir mekaar. Nou was hulle nederig en geseglik. Elkeen, behalwe Judas, was nou gereed om aan die ander die hoogste plek te gee. Met stil en dankbare harte kon hulle nou Christus se woorde aanneem.

Net soos Petrus en sy broeders, is ons ook gewas in die bloed van Christus, maar dikwels word ons harte deur aanraking met die sonde [666] besoedel. Ons moet na Christus kom vir Sy reinigende genade, Petrus het daarvoor teruggedeins om sy besoedelde voete in aanraking te bring met die hande van sy Here en Meester; maar hoe dikwels bring ons ons sondige besoedelde harte in kontak met die hart van Christus! Hoe grief ons opvlieëndheid, ons ydelheid, en ons hoogmoed Hom! Maar nogtans moet ons al ons krankhede en besoedeling na Hom toe bring. Hy alleen kan ons rein was. Ons is nie gereed vir gemeenskap met Hom tensy ons deur Hom gereinig is nie.

Jesus het aan Sy dissipels gesê, "Julle is rein, maar nie almal nie." Hy het Judas se voete gewas, maar sy hart was nie oorgegee aan Hom nie. Dit was nie gereinig nie. Judas het hom nie aan Christus oorgegee nie.

Nadat Christus die dissipels se voete gewas het, en weer Sy klere aangetrek en gaan sit het, het Hy aan hulle gevra, "Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg; want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n slaaf is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie."

Christus wou Sy dissipels laat verstaan dat hoewel Hy hulle voete gewas het, dit niks van Sy waardigheid afgeneem het nie. "Julle noem My Meester en Here, en julle is reg; want Ek is dit." En omdat Hy so oneindig hoër as hulle was, kon Hy waardigheid en betekenis aan daardie diens gee. Niemand is so verhewe as Christus

nie, en nogtans het Hy Hom neergebuig tot die nederigste diens. Sodat Sy kinders nie verlei kon word deur die hoogmoed van die natuurlike hart wat selfsug in die hand werk nie, het Christus self aan hulle die voorbeeld van nederigheid gestel. Hy sou nie hierdie groot onderwerp in mense- hande laat nie. Hy het dit van soveel betekenis geag, dat Hy self, die Een wat aan God gelyk is, as slaaf opgetree het vir Sy dissipels. Terwyl hulle gestry het oor die hoogste plek, het Hy, voor wie alle knieë sal buig, en wie die engele dit as ’n eer beskou om te dien, neergebuig om die voete te was van diegene wat Hom Here genoem het. Hy het die voete van Sy verraaier gewas.

In Sy lewe en lesse het Christus die volmaakte voorbeeld gestel van daardie onselfsugtige diens wat sy oorsprong in God het. God lewe nie vir Homself nie. Deur die skepping van die wêreld, en [667] deur die instandhouding van alle dinge, werk Hy gedurig vir ander. “Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges.” Matt. 5: 45. Hierdie ideaal van diens het God aan Sy Seun toevertrou. Jesus sou staan aan die hoof van die mensdom sodat Hy deur Sy voorbeeld hulle kon leer wat diens beteken. Sy hele lewe was onder ’n wet van diens. Hy het almal bedien en gedien. So het Hy die wet van God uitgelewe en deur Sy voorbeeld gewys hoe ons dit moet gehoorsaam.

Keer op keer het Jesus probeer om hierdie beginsel onder Sy dissipels te bevestig. Toe Jakobus en Johannes met hulle versoek om die hoogste plek gekom het, het Hy gesê, “Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees.” Matt. 20: 26. In My koninkryk het die begeerte om voorgetrek te word en die grootste te wees geen plek nie. Die enigste grootheid is die grootheid van nederigheid. Die enigste onderskeiding sal gevind word in diens vir ander.

Nadat Hy die dissipels se voete gewas het, het Hy gesê, “Ek het julle ’n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.” In hierdie woorde het Christus nie net die gewoonte van gasvryheid beveel nie. Daar is meer bedoel as slegs die afwassing van die stof van die voete van gaste na ’n reis. Christus het hier ’n godsdienstige instelling bevestig. Deur die handeling van die Here is hierdie vernederende seremonie ’n heilige verordening gemaak. Die dissipels moes dit nakom om altyd te dink aan Sy lesse van nederigheid en diens.

Hierdie verordening is Christus se instelling as voorbereiding vir die heilige Sakrament van die Avondmaal. Terwyl hoogmoed, tweedrag en stryd om die hoogste plek gekoester word, kan die hart nie in gemeenskap met Christus kom nie. Ons is nie gereed om gemeenskap aan Sy liggaam en Sy bloed te hê nie. Dit is daarom dat Jesus die verordening van Sy vernedering ingestel het om eers gehou te word.

Waar hulle hierdie instelling hou, moet die kinders van God dink aan die woorde van die Here van lewe en heerlikheid: "Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julie noem My Meester en Here, en julle is reg; want Ek is dit. As Ek dan, die Here en Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle
[668] gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, n slaaf is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen." Daar is in die mens 'n neiging om te dink dat hy hoër is as sy medemens, om vir homself te werk, en om na die hoogste plek te streef; dikwels laat dit bose bedenkinge en bitterheid van gees ontstaan. Die seremonie wat die Avondmaal voorafgaan, moet al hierdie misverstande uit die weg ruim, die mens van selfsug bevry, hom terug bring uit die hoogtes van selfverheffing na die nederigheid van hart wat hom sal lei om sy broeder te dien.

Die heilige Waarnemer uit die hemel is teenwoordig by die viering van hierdie instelling om dit 'n tyd van selfondersoek en oortuiging van sonde te maak, en die salige versekering van die vergifnis van die sonde te gee. Christus is daar in die volheid van Sy genade om die gedagtes wat in selfsugtige kanale geloop het, te verander. Die Heilige Gees verkwik die sinne van diegene wat die voorbeeld van hulle Here volg. Waar die Heiland se vernedering deur ons gedenk word, word gedagte met gedagte verbind; 'n ketting van herinneringe word gesmee — herinneringe aan Gods groot goedheid, en die gunste en tederheid van aardse vriende. Seëninge wat vergeet is, genade wat misbruik is, en vriendelikhede wat versmaai is, kom in herinnering. Wortels van bitterheid wat die kosbare plante van liefde verdruk het, word geopenbaar. Karaktergebreke, verwaarlosing van pligte, ondankbaarheid aan God en kilheid teenoor broeders word in herinnering gebring. Die sonde word gesien in die lig waarin

God dit sien. Ons gedagtes is nie gedagtes van selftevredenheid nie, maar van harde self- bestraffing, en van vernedering. Die gemoed word verkwik om alle versperrings wat verwydering veroorsaak, af te breek. Bose gedagtes en kwaadsprekery word gestaak. Sondes word bely en vergewe. Die vrede van Christus se genade kom in die siel, en die liefde van Christus verbind harte in salige eenheid.

Waar die les van hierdie voorbereidingsdiens so geleer word, ont-staan daar ’n begeerte vir ’n hoër geestelike lewe. Die goddelike Getuie sal gehoor gee aan hierdie begeerte. Die siel sal verhef word. Ons neem deel aan die Avondmaal met die versekering dat ons sondes vergewe is. Die sonskyn van Christus se geregtigheid sal die kamers van die tempel van die siel vervul. Ons sien die “Lam van God wat die sonde van die wéreld wegneem.” Joh. 1: 29. Vir [669]
diegene wat die gees van hierdie diens ontvang, sal dit nooit n blote seremonie wees nie. Die gedurige les sal wees, “Dien mekaar deur die liefde.” Gal. 5: 13. Deur die voete van die dissipels te was, het Christus die bewys gegee dat Hy enige diens sal doen, hoe nederig ook, wat hulle erfgename sal maak saam met Hom van die ewige rykdom van die hemelse skatte. Waar Sy dissipels dieselfde seremonie nakom, beloof hulle om hulle broeders op dieselfde wyse te dien. Waar hierdie instelling reg gevier word, word die kinders van God in ’n heilige verwantskap gebring om mekaar te help en te seën. Hulle belowe dat hulle hulle lewens sal gee in onselfsugtige diens. En dit nie net vir mekaar nie. Hulle arbeidsveld is net so wyd as die van die Meester. Die wêreld is vol van diegene wat ons diens nodig het. Die armes, hulpbehoewendes en die onkundiges is orals. Diegene wat in die bovertrek met Christus gemeenskap gehad het, sal uitgaan om te dien soos Hy gedien het.

Jesus, wat deur almal gedien word, het gekom om die dienskneg van almal te wees. En omdat Hy almal gedien het, sal Hy weer deur almal gedien en geëer word. En diegene wat deelgenote wil word van Sy goddelike eienskappe, en wil deel in Sy vreugde oor verloste siele, moet Sy voorbeeld van onselfsugtige diens volg.

Dit alles was inbegrepe in die woorde van Jesus, “Ek het julle ’n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.” Dit was die doel van die diens wat Hy ingestel het. “As julle hierdie dinge weet,” as julle die doel van Sy lesse weet, “salig is julle as julle dit doen.” [670]

## “Tot My Gedagtenis”

DAT die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.” 1 Kor. 11: 23-26.

Christus het gestaan by die oorgangspunt van twee bedelings en hulle twee groot feesdae. Hy, die vlekkelose Lam van God, sou Homself oorgee as die sondoffer, en so sou Hy die stelsel van tipes en seremonies wat vir vierduisend jaar vooruitgewys het na Sy dood, tot ’n einde bring. Terwyl Hy die Pasga saam met Sy dissipels geëet het, het Hy in die plek daarvan die diens ingestel wat die gedenkteken sou wees van Sy groot offer. Die nasionale fees van die Jode sou vir ewig verbygaan. Die diens wat Christus ingestel het, moes deur Sy navolgers gehou word in alle lande en in alle
[671] eeue. Die Paasfees is ingestel as gedenkfees van die verlossing van Israel uit die Egiptiese slawerny. God het verorden dat hulle jaar na jaar, wanneer die kinders die betekenis vra van die instelling, die geskie- denis aan hulle moes verfel. So sou die wonderbare verlossing deur almal in gedagtenis gehou word. Die instelling van die Avondmaal is gegee ter gedagtenis aan die groot verlossing wat bewerk is deur die dood van Christus. Totdat Hy vir die tweede maal kom in krag en heerlikheid moet hierdie instelling gehou word. Dit is die middel waardeur Sy groot werk vir ons gedurig in gedagte gehou moet word.

Tydens hulle verlossing uit Egipte het die kinders van Israel die Pasga staande geëet, met hulle lende omgord, staf in die hand, gereed vir die uittog. Die manier waarop hulle die fees gevier het, was in ooreenstemming met hulle toestand; want hulle sou uit die land van Egipte gewerp word, en ’n moeilike reis deur die woestyn moes afle.

Maar toestande was anders in Christus se tyd. Hulle sou nie nou uit 'n vreemde land uitgedryf word nie; hulle het in hulle eie land gewoon. In ooreenstemming met die rus wat aan hulle gegee is, het hulle die Pasga leunende geëet. Rusbanke is om die tafel geplaas waarop die gaste op hulle linker hand geleun en met die regter hand geëet het. In so 'n posisie kon 'n gas sy hoof op die bors lê van die een wat bokant hom gesit het. En die voete wat van die rusbank afge- hang het, kon gewas word deur iemand wat aan die buitekant van die kring gestaan het.

Christus was nog by die tafel waarop die Pasga bedien is. Die on- gesuurde koeke wat by die Pasga gebruik is, het voor Hom gelê. Die Pasga-wyn, wat ongegis was, was ook op die tafel. Christus het hierdie simbole gebruik om Sy eie vlekkelose offer voor te stel. Niks wat deur gisting bederf is — die simbool van die sonde en die dood — kon die "Lam sonder gebrek en vlekkeloos" 1 Pet. 1: 19 voorstel nie.

"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is My liggaam. Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes. Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader." [672]

Judas, die verraaier, was teenwoordig by die bediening van hier- die Sakrament. Hy het van Jesus die simbole geneem van Sy gebroke liggaam en vergote bloed. Hy het die woorde gehoor, "Doen dit . . . tot My gedagtenis." Waar hy daar gesit het in die teenwoordigheid van die Lam van God, was die verraaier besig met sy eie bose planne, en met sy wraaklustige gedagtes.

By die wassing van die voete het Christus oortuigende bewys gegee dat Hy die karakter van Judas verstaan het. "Julie is nie almal rein nie" Joh. 13: 11, het Hy gesê. Hierdie woorde het die valse dissipel oortuig dat Christus die geheime van sy hart gelees het. Nou het Christus dit baie duideliker gestel. Terwyl hulle aan tafel gesit het, het Hy, kykende na die dissipels, gesê, "Ek spreek nie van julle almal nie — Ek weet wie Ek uitverkies het — maar dat die Skrif

kan vervul word: Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig."

Selfs nou nog het die dissipels nie vir Judas verdink nie. Maar hulle het gesien dat Christus skynbaar baie ontstel was. Daar het n wolk oor almal gehang, 'n voorgevoel van 'n vreeslike onheil, die aard waarvan hulle nie verstaan het nie. Terwyl hulle in stilte geëet het, het Jesus gesê, "Voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai." Hierdie woorde het verbasing en ontsteltenis by hulle laat ontstaan. Hulle kon nie verstaan hoedat enigeen van hulle so verraderlik teen hulle goddelike Meester kon optree nie. Om watter rede sou hulle Hom verraai? En aan wie? Wie se hart kon sulke bose planne koester? Sekerlik nie een van die begunstigde twaalf nie — hulle wat bo alle ander bevoorreg was om Sy leer te hoor, wat gedeel het in Sy wonderbare liefde, en vir wie Hy sulke groot agting getoon het deur hulle so dig aan Hom te bring!

Namate hulle die betekenis van Sy woorde begryp, en hulle onthou het hoe waar Sy woorde altyd was, het vrees en wantroue hulle oor- weldig. Hulle het hulle eie harte begin ondersoek om te sien of selfs een gedagte teen hulle Meester miskien daar geskuil het. Met pynlike aandoening het die een na die ander gevra, "Is dit miskien ek, Here?" Maar Judas was stil. Baie ontstel het Johannes eindelik reguit gevra, "Here, wie is dit?" En Jesus het geantwoord, "Hy wat saam met My sy hand in die skottel steek, hy sal My verraai. Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe
[673] is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verraai
[674] word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie." Die dissipels het mekaar se aangesigte goed dopgehou toe hulle gevra het, "Is dit ek, Here?" En nou het die stilswye van Judas almal se oë op hom ge- vestig. In die verwarring van die baie vrae en die uitroepe van ver- basing, het Judas nie Jesus se woorde gehoor in antwoord op die vraag van Johannes nie. En nou, om die blik van die dissipels te ontwyk, het hy ook gevra soos hulle, "Is dit ek, Here?" Plegtig het Jesus geantwoord, "Jy het dit gesê."

In die verrassing en verwarring toe sy planne aan die kaak gestel is, het Judas vinnig opgestaan om die kamer te verlaat. "En Jesus sê vir hom: Wat jy doen, doen dit haastig.". . . Toe hy dan die stukkie geneem het, gaan hy dadelik uit. En dit was nag. Dit was nag vir

die verraaier toe hy sy rug op Christus gekeer en in die buitenste duisternis uitgegaan het.

Voordat hy hierdie stap gedoen het, was dit nog moontlik vir Judas om hom te bekeer. Maar toe hy die teenwoordigheid van sy Here en van sy mede-dissipels verlaat het, het hy die finale stap gedoen. Hy was oor die grens.

Die lankmoedigheid van Jesus teenoor hierdie versoekte siel was wonderbaarlik. Niks wat gedoen kon word om Judas te red, is nagelaat nie. Nadat hy tweemaal onderneem het om sy Here te verraai, het Jesus hom nog kans gegee om hom te bekeer. Deur die geheime van die verraaier se hart te lees, het Christus aan Judas die finale, oortuigende bewys gegee van Sy Godheid. Vir die vals dissipel was dit die laaste oproep tot bekering. Geen oproep wat daardie god-menslike hart van Christus kon maak, is agterweë gehou nie. Die golwe van genade, teruggeslinger deur hardnekkige hoogmoed, het teruggekom in 'n sterker vloedgolf van versagtende liefde. Maar 1 alhoewel Judas verras en ontstel was oor die ontdekking van sy planne, het dit hom net meer vasberade gemaak. Van die Avondmaalstafel het hy opgestaan om sy werk van verraad te beklink.

Toe Christus die wee oor Judas uitgespreek het, het Hy dit gedoen ook in genade teenoor Sy dissipels. Daardeur het Hy hulle die kronende bewys gegee van Sy Messiasskap. Ek sê dit vir julle "voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat dit EK IS." As Jesus stilgebly het, in skynbare onkunde van wat met Hom sou gebeur, kon die dissipels moontlik gedink het dat hulle [675]
Meester geen goddelike voorkennis gehad het nie, en dat Hy verras en verraai is in die hande van die moorddadige gepeupel. 'n Jaar tevore het Jesus aan Sy dissipels gesê dat Hy twaalf gekies het en dat een van hulle 'n duiwel is. Nou sou Sy woorde aan Judas, wat geopenbaar het dat sy verraad volkome bekend was aan sy Meester, die geloof van Christus se ware volgelinge tydens Sy vernedering versterk. En wanneer hy aan sy treurige einde kom, sou hulle dink aan die wee wat Jesus oor die verraaier uitgespreek het.

En die Heiland het nog 'n doel gehad. Hy het nie geweier om die een te bedien wat Hy geweet het wat Hom sou verraai nie. Die dissipels het nie Sy woorde verstaan toe Hy tydens die voetewassing gesê het, "Julie is nie almal rein nie," en ook nie toe Hy aan tafel

gesê het, “Hy wat saam met My brood eet, het sy hakskeen teen My opgelig.” Joh. 13: 11, 18. Maar later, toe Sy bedoeling duidelik geword het, het hulle iets gehad om oor te peins aangaande die lankmoedigheid van God teenoor snode sondaars.

Hoewel Jesus Judas van die begin af geken het, het Hy nogtans sy voete gewas. En die verraaier is toegelaat om saam met Christus deel te neem aan die Sakrament. ’n Lankmoedige Heiland het alles gedoen om die sondaar te beweeg om Hom aan te neem, hom te bekeer en gereinig te word van die besoedeling van die sonde. Daardie voorbeeld is vir ons. Wanneer ons meen dat iemand verkeerd handel en sondig, moet ons ons nie van hom afskei nie. Ons moet hom nie deur onverskillige afskeiding verlaat om ’n prooi van die versoeking te word, of hom na die gevegsterrein van die Satan dryf nie. Dit is nie Christus se metode nie. Dit was omdat die dissipels feilbaar en vol foute was dat Hy hulle voete gewas het, en almal van hulle, behalwe een, is daardeur tot bekering gebring.

Christus se voorbeeld belet uitsluiting by die Avondmaal. Dit is waar dat openlike sonde die skuldiges uitsluit. Dit leer die Heilige Gees duidelik. 1 Kor. 5: 11. Maar verder as dit moet niemand ’n oordeel vel nie. God het dit nie aan mense oorgelaat om te sê wie by sulke geleenthede mag aansit nie. Want wie kan die hart lees? Wie kan die onkruid van die koring onderskei ? “Die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink.” Want “wie
[676] dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die

Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.” “Wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink n oordeel oor homself terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.” 1 Kor.11: 28, 27, 29.

Wanneer gelowiges bymekaarkom om die Avondmaal te vier, is daar boodskappers teenwoordig wat onsigbaar is vir menslike oë. Daar I mag ’n Judas onder die groep wees, en in daardie geval sal daar ook boodskappers van die vors van die duisternis wees, want hulle vergesel almal wat weier om beheers te word deur die Heilige Gees. Hemelse engele is ook teenwoordig. Hierdie onsigbare besoekers is I by al hierdie geleenthede teenwoordig. In die geselskap mag daar persone wees wat nie inderwaarheid dienaars is van die waarheid en heiligheid nie, maar wat graag wil deelneem aan die diens. Hulle moet nie belet word nie. Daar is getuies teenwoordig

wat daar was toe Jesus die voete van die dissipels gewas het en die van Judas. Meer as menslike oë aanskou die toneel.

Christus is daar deur die Heilige Gees om Sy seël te druk op Sy eie instelling. Hy is daar om die hart te oortuig en te versag. Nie een blik, nie een gedagte van boetvaardigheid ontwyk Sy oog nie. Hy wag vir die boetvaardige, gebroke hart. Alle dinge is gereed vir die ontvangs van daardie siel. Hy wat die voete van Judas gewas het, verlang om elke hart te was van die vlekke van die sonde.

Niemand moet van die Avondmaal wegbly nie omdat daar sommige teenwoordig is wat onwaardig is nie. Van elke dissipel word verwag om in die openbaar deel te neem, en daardeur te getuig dat hy Christus aanneem as sy persoonlike Saligmaker. Dit is by hierdie, Sy eie instelling, dat Christus Sy kinders ontmoet, en hulle verkwik deur Sy teenwoordigheid. Harte en hande wat onwaardig is, mag selfs die Avondmaal bedien, maar nogtans is Christus daar om Sy kinders te dien. Almal wat kom met hulle geloof op Hom gevestig, sal ryklik geseen word. Almal wat hierdie tye van goddelike voorreg verwaarloos, sal verlies ly. Van hulle kan tereg gesê word, "Julle is nie almal rein nie." Toe Christus die brood en die wyn saam met Sy dissipels geniet het, het Hy Homself gegee as hulle Verlosser. Hy het aan hulle die nuwe verbond gegee, waardeur almal wat Hom aanneem, kinders van God word en mede-erfgename met Christus. Deur hierdie verbond het elke seën wat die hemel kan gee in hierdie lewe en in die hiernamaals hulle s'n geword. Hierdie verbond is [677]
bekragtig deur die bloed van Christus. En die bediening van die Sakrament sou die ewige soenoffer voor die dissipels hou, gegee vir elkeen persoonlik as deel van die groot geheel van die gevalle mensdom.

Die Avondmaal moet nie 'n treurdiens wees nie. Dit is nie die doel daarvan nie. Waar die Here se dissipels rondom Sy tafel vergader, moet hulle nie aan hulle tekortkomings dink en daaroor treur nie. Hulle moet nie dink aan hulle geestelike lewe van die verlede, of dit verheffend of terneerdrukkend is nie. Hulle moet nie die verskille tussen hulle en hulle broeders uitgrawe nie. Dit moet alles by die voorbereidingsdiens geskied. Die selfondersoek, die belydenis van sonde, die versoening met mekaar, dit het alles reeds geskied. Nou kom hulle om Christus te ontmoet. Hulle moenie in die skaduwee van die kruis staan nie, maar in sy reddende lig. Hulle moet die siel

oop- maak vir die helder strale van die Son van Geregtigheid. Met harte gereimg deur Christus se kosbare bloed, en ten volle bewus van Sy teenwoordigheid, alhoewel onsigbaar, moet hulle Sy woorde hoor. “Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek vir julle nie.” Joh. 14: 27.

Onder die oortuiging van sonde sê onse Here aan ons, Onthou Ek het vir julle gesterf. Wanneer julle verdruk en vervolg en beproef word om My ontwil en die van die evangelie, onthou My liefde vir julle, wat so groot was dat Ek My lewe vir julle gegee het. Wanneer julle pligte moeilik en swaar lyk, en wanneer julle laste swaar is om te dra, onthou dat Ek om julle ontwil aan die kruis gely en die skande verdra het. Wanneer julle harte terugdeins vir die swaar beproewing, onthou dat julle Verlosser leef om vir julle in te tree.

Die Avondmaal verwys na Christus se tweede koms. Dit was inge- stel met die doel om hierdie hoop gedurig lewendig te hou in die harte van die dissipels. Waar hulle bymekaargekom het om Sy dood te gedenk, het hulle die woorde herhaal, “Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe testament wat vir baie uitge- stort word tot vergifnis van sondes. Maar Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader. In hulle verdrukking het hulle troos
[678] gevind in die hoop van hulle Here se wederkoms. Onuitspreeklik kosbaar was die gedagte vir hulle, “So dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.” 1 Kor. 11: 26.

Dit is die dinge wat ons nooit moet vergeet nie. Die liefde van Jesus, en die drang daarvan, moet ons gedurig in gedagte hou. Christus het hierdie diens ingestel sodat dit tot ons sinne kan spreek van die liefde van God vir ons. Daar kan sonder Christus geen verbintenis van ons siele met God wees nie. Die band van liefde tussen broeder en broeder moet bestendig en verewig word deur die liefde van Jesus. En niks minder as die dood van Christus kon Sy liefde vir ons doeltreffend maak nie. Dit is alleen omdat Hy gesterf het dat ons met vreugde kan uitsien na Sy wederkoms. Sy soendood is die middelpunt van ons hoop. Daarop moet ons ons geloof vestig.

Die instellings wat verwys na onse Here se vernedering en dood word te dikwels as 'n vorm beskou. Hulle is met 'n doel ingestel. Ons sinne moet verkwik word om die verborgenheid van die godsaligheid te verstaan. Dit is die voorreg van almal om baie beter as wat hulle wel doen, die soendood van Christus te verstaan. "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 14, 15. Ons moet kyk na die kruis van Golgota met die sterwende Heiland daaraan. Dit is in ons ewige belang dat ons geloof in Christus moet openbaar.

Onse Here het gesê, "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

. . . Want My vlees is waarlik spys, en My bloed is waarlik drank." Joh. 6: 53-55. Dit is waar van ons fisiese natuur. Selfs ons aardse lewe is ons aan die dood van Christus verskuldig. Die brood wat ons eet, is deur Sy gebroke liggaam gekoop. Die water wat ons drink, is deur Sy vergote bloed gekoop. Niemand nie, of hy 'n heilige of sondaar is, eet sy daelikse voedsel of hy word gevoed deur die liggaam en bloed van Christus. Elke brood dra die stempel van die kruis van Golgota. In elke fontein word dit weerkaats. Dit alles het Christus geleer met die instelling van die simbole van Sy groot offerande. Die lig wat skyn van daardie Avondmaal in die bovertrek, heilig die voedsel van ons daelikse lewe. Die familietafel word soos die tafel van die Here, en elke maaltyd word 'n sakrament. [679]

En hoeveel te meer geld Christus se woorde vir ons geestelike natuur. Hy het gesê, "Hy wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe." Dit is deur die lewe aan te neem wat vir ons uitgegiet is aan die kruis van Golgota, dat ons 'n heilige lewe kan lei. Hierdie lewe ontvang ons deur Sy Woord aan te neem, en die dinge te doen wat Hy beveel het. Op hierdie wyse word ons een met Hom. "Wie My vlees eet en My bloed drink," het Hy gesê, "bly in My, en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe." Joh. 6: 54, 56, 57. Hierdie skriftuur is in 'n spesiale sin van toepassing op die heilige Avondmaal. Namate geloof die groot offerande van die Here oor- peins, assimileer die siel die geestelike lewe van Christus. Daardie siel sal geestelike krag ontvang by elke Avondmaal. Dit is 'n lewende skakel wat die gelowige verbind met Christus en dus ook

met die Vader. In ’n spesiale sin is dit die band tussen afhanklike menslike wesens en God.

Waar ons die brood en wyn, die simbole van Christus se ge- broke liggaam en vergote bloed, aanneem, neem ons in die verbeelding deel aan daardie Avondmaal in die bovertrek. Dit skyn asof ons gaan deur die tuin wat geheilig is deur die lyde van Hom wat die sondes van die wêreld gedra het. Ons sien die stryd waardeur ons versoening met God verkry is. Christus word geskilder as onder ons gekruisig.

Sienende op die gekruisigde Verlosser, kry ons ’n vollediger begrip van die grootheid en betekenis van die soenoffer vir ons gegee deur die Majesteit van die hemel. Die verlossingsplan word vir ons verheerlik, en die gedagte aan Golgota maak lewende en heilige emosies wakker in ons harte. In ons harte en op ons lippe sal daar lof aan God en die Lam wees; want hoogmoed en selfaanbidding kan nie bestaan in die siel wat die tonele van Golgota vars in die geheue het nie.

Hy wat die Heiland se weergalose liefde sien, se gedagtes sal verhewe, sy hart gereinig, en sy karakter verander word. Hy sal uit- gaan om n lig vir die wêreld te wees, en om in ’n mate daardie misterieuse liefde te weerkaats. Hoe meer ons peins oor die kruis van Christus, hoe meer sal ons praat soos die apostel toe hy gesê het, “Mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die
[680] wêreld.” Gal.6: 14.

## “Laat Julle Hart nie Ontsteld Word nie”

TERWYL Hy Sy dissipels met goddelike liefde en tere medelyde gadegeslaan het, het Christus gesê, “Nou is die Seun van die mens verheerlik, en God is in Hom verheerlik.” Judas het die bovertrek verlaat, en Christus was alleen met die elf. Hy wou praat van Sy aanstaande skeiding van hulle; maar voordat Hy dit gedoen het, het Hy verwys na die groot doel van Sy sending. Dit was hieraan wat Hy altyd gedink het. Dit was Sy vreugde dat al Sy vernedering en lyding die Vader se Naam sou verheerlik. Dit was hierop dat Hy eerste van alles die gedagtes van Sy dissipels gevestig het.

Toe het Hy hulle liefderyk aangespreek, “My kinders, nog ’n klein tydjie is Ek by julle. Julle sal My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het: Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie — so sê Ek nou ook vir julle.”

Die dissipels was nie bly toe hulle dit hoor nie. Hulle het bang
geword. Hulle het nader aan die Heiland gekom. Hulle Meester en
Here, hulle geliefde Leraar en Vriend, Hy was vir hulle dierbaarder
as die lewe self. Na Hom het hulle opgesien om hulp in al hulle [681]
moeilikhede, vir troos in al hulle droefheid en teleurstelling. Nou [682]
sou Hy hulle verlaat, ’n eensame, afhanklike groep. Vrees het hulle
harte vervul.

Maar die Heiland se woorde aan hulle was vol hoop. Hy het geweet dat hulle deur die vyand aangeval sou word, en dat die Satan se lis die suksesvolste is teen diegene wat deur moeilikhede terneergedruk is. Daarom wou Hy hulle aandag aftrek van die “sigbare dinge,” en vestig op die “onsigbare” dinge. 2 Kor. 4: 18. Van hulle aardse ballingskap het Hy hulle gedagtes gevestig op die hemelse tuiste.

“Laat julle hart nie ontsteld word nie,” het Hy gesê; “glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek

is. En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle.” Vir julle ontwil het Ek in die wêreld gekom. Ek werk ten behoewe van julle. Wanneer Ek weggaan, sal Ek nog ywerig vir julle werk. Ek het in die wêreld gekom om Myself aan julle te openbaar sodat julle kan glo. Ek gaan na die Vader om saam met Hom te werk ten behoewe van julle. Die doel van Christus se weggaan was die teenoorgestelde van wat hulle gevrees het. Dit het nie finale skeiding beteken nie. Hy sou weggaan om vir hulle plek te berei, sodat Hy weer kon kom om hulle na Hom toe te neem. Terwyl Hy vir hulle die wonings berei, moet hulle karakters vorm volgens die goddelike voorbeeld.

Nog het die dissipels nie verstaan nie. Thomas wat maar altyd getwyfel het, het gesê, “Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? Jesus sê vir hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.”

Daar is nie baie paaie na die hemel nie. Elkeen kan nie sy eie weg kies nie. Christus het gesê, “Ek is die weg . . . ; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” Vandat die eerste evangeliepreek gelewer is, toe daar in Eden gesê is dat die saad van die vrou die kop van die slang sou verbrysel, is Christus verhef as die weg, die waarheid, en die lewe. Hy was die weg toe Adam gelewe het, toe Abel die bloed van die geslagte lam, wat ’n voorstelling was van die
[683] bloed van die Verlosser, tot God gebring het. Christus is die weg waardeur die patriarge en profete verlos is. En Hy is die enigste weg waardeur ons tot God kan gaan.

“As julle My geken het,” het Christus gesê, “sou julle My Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien.” Maar nog het die dissipels nie verstaan nie. “Here, toon ons die Vader,” het Filippus gesê, “en dit is vir ons genoeg.”

Verbaas oor hulle stompsinnigheid, het Christus gesê, “Ek is al so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus?” Is dit moontlik dat jy nie die Vader sien in die werke wat Hy deur My doen nie? Glo jy nie dat Ek gekom het om van die Vader te getuig nie? “Hoe sê jy: Toon ons die Vader?” “Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.” Christus het nie opgehou om God te wees toe Hy mens geword het nie. Alhoewel Hy Hom verneder het om mens te word, was Hy nog God. Christus alleen kon die Vader aan die mensdom voorstel, en dit

was die voorreg van die dissipels om hierdie voorstelling vir meer as drie jaar te aanskou.

"Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My terwille van die werke self." Hulle kon hulle geloof veilig gevestig het op die bewys van Christus se werke, werke wat geen mens op sigself ooit gedoen het of kon doen nie. Christus se werk het getuig van Sy Godheid. Deur Hom is die Vader geopenbaar.

As die dissipels hierdie lewensband tussen die Vader en die Seun geglo het, sou hulle geloof nie faal wanneer hulle Christus se lyde en dood sien om 'n verloregaande wêreld te red nie. Christus wou hulle uit die toestand van swak geloof lei tot die sterk geloof wat hulle sou hê as hulle ten volle sou besef wat Hy was — God in die menslike vlees. Hy wou hê dat hulle moes sien dat hulle geloof hulle tot God moes lei en in Hom geanker moes wees. Hoe ywerig en volhardend het ons ontfermende Heiland getrag om Sy dissipels voor te berei vir die storm van versoeking wat hulle eerlank sou teister! Hy wou hulle met Hom verberg in God.

Terwyl Christus hierdie woorde gespreek het, het die heerlikheid van God in Sy aangesig gestraal, en almal teenwoordig is vervul met 'n heilige ontsag waar hulle aandagtig na Sy woorde geluister het. Hulle het sterker tot Hom aangetrokke gevoel; en namate hulle met sterker liefde tot Christus getrek is, is hulle nader aan mekaar gebring. Hulle het gevoel dat die hemel baie naby was, en dat die [684] woorde waarna hulle geluister het 'n boodskap van hulle hemelse Vader was.

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle," het Christus voortgegaan, "wie in My glo — die werke wat Ek doen, sal Hy ook doen." Die Heiland wou baie graag hê dat Sy dissipels moes verstaan vir watter doel Sy Godheid met die mensheid verbind was. Hy het na die wêreld gekom om die heerlikheid van God te openbaar, sodat die mens op- gehef kon word deur die herstellende krag daarvan. God is in Hom geopenbaar sodat Hy in hulle geopenbaar kon word. Jesus het geen eienskappe geopenbaar, geen kragte beoefen, wat die mens ook nie deur geloof in Hom kan hê nie. Sy volmaakte mensheid is iets wat al Sy navolgers kan hê as hulle aan God onderworpe is soos Hy was.

"En hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan." Hiermee het Christus nie bedoel dat die dissipels se werk

van n meer verhewe aard sou wees as syne nie, maar dat dit van groter omvang sou wees. Hy het nie slegs die doen van wonderwerke bedoel nie, maar alles wat sou plaasvind onder die leiding van die Heilige Gees.

Ná die Here se hemelvaart, het die dissipels die vervulling van Sy belofte ondervind. Die tonele van die kruisiging, die opstanding, en die hemelvaart van Christus was ’n lewende werklikheid vir hulle. Hulle het gesien dat die profesieë letterlik vervul is. Hulle het die Skrifte ondersoek en die leer daarvan aangeneem met ’n geloof en versekering nie voorheen geken nie. Hulle het geweet dat die goddelike Leraar alles was wat Hy gesê het dat Hy is. Waar hulle hulle ervarings vertel, en die liefde van God verhef het, is die harte van mense versag, en menigtes het in Jesus geglo.

Die Heiland se belofte aan Sy dissipels is ’n belofte aan Sy kerk tot die einde van tyd. Dit was nie Gods oogmerk dat Sy wonderbare plan om mense te verlos maar net geringe resultate sou hê nie. Almal wat sal werk, vertrouende nie op wat hulle kan doen nie, maar op wat God vir hulle en deur hulle kan doen, sal sekerlik die vervulling van Sy belofte sien. “Hy sal groter werke doen as dit,” het Hy verklaar, “omdat Ek na My Vader gaan.”

En tog was die dissipels onbekend met die Heiland se onuitputlike bronne van krag. Hy het aan hulle gesê, “Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie.” Joh. 16: 24. Hy het verduidelik dat die geheim van sukses sou wees om krag en genade in Sy Naam
[685] te vra. Hy sou teenwoordig wees voor die Vader om namens hulle te vra Die bede van die nederigste bidder sou Hy voorstel as Sy eie ten behoewe van daardie siel. Elke opregte gebed word in die hemel verhoor. Dit mag miskien me vlot uitgedruk wees nie, maar as die hart daarin is, sal dit opstyg na die heiligdom waar Jesus dien, en Hy sal dit aan die Vader voorstel sonder ’n enkele stamelende woord, aangenaam in die soete geur van die wierook van Sy eie volmaaktheid.

Die pad van opregtheid en eerlikheid is nie een wat vry is van moeilikhede nie, maar in elke moeilikheid moet ’n oproep tot gebed gesien word. Daar is niemand wat leef wat enige krag het wat hy nie van God ontvang het nie, en die bron waar dit vandaan kom is oop vir die swakste mensekind. “Wat julle ook al in My Naam mag vra,

dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen.”

Christus het Sy dissipels beveel om te bid “in My Naam.” In Christus se Naam moet Sy navolgers voor God staan. Kragtens die waarde van die offer wat vir hulle gegee is, is hulle van waarde in die oë van die Here. Ten gevolge van die toegerekende geregtigheid van Christus word hulle as kosbaar gereken. Om Christus ontwil vergewe die Here diegene wat Hom vrees. Hy sien nie in hulle die verwerp- likheid van die sondaar nie. Hy sien in hulle die beeid van Sy Seun, in wie hulle glo.

Die Here is teleurgestel wanneer Sy kinders hulleself gering skat. Hy wil hê dat Sy uitverkore erfdeel hulleself moet waardeer volgens die prys wat Hy op hulle geplaas het. God wou hulle hê, anders sou Hy nie Sy Seun op so n duur sending gestuur het om hulle te verlos nie. Hulle is nie vir Hom waardeloos nie, en dit behaag Hom wanneer hulle baie van Hom vra, sodat hulle Sy Naam kan verheerlik. Hulle mag groot dinge verwag as hulle geloof het in Sy beloftes.

Maar om in Christus se Naam te bid, beteken baie. Dit beteken dat ons Sy karakter sal aanneem, Sy Gees sal openbaar, en Sy werke sal doen. Die Heiland se belofte is op een voorwaarde gegee. “As julle My liefhet,” het Hy gesê, “bewaar My gebooie.” Hy red mense, nie in hulle sondes nie, maar van die sonde; en diegene wat Hom liefhet, sal hulle liefde toon deur gehoorsaamheid.

Alle ware gehoorsaamheid kom uit die hart. Christus se werk het uit Sy hart gekom. As ons Hom wil toelaat, sal Hy Hom vereenselwig [686] met ons gedagtes en oogmerke, en Hy sal ons harte en gedagtes so in ooreenstemming bring met Sy wil, dat ons, wanneer ons Hom gehoor- saam, ons eie planne sal uitvoer. Die wil, verfyn en geheilig, sal sy grootste vreugde vind in Sy diens. Wanneer ons God ken soos dit ons voorreg is om Hom te ken, sal ons lewe ’n lewe van gedurige gehoorsaamheid wees. Deur die waardering van die karakter van Christus, deur gemeenskap met God, sal die sonde vir ons haatlik wees.

Net soos Christus die wet in Sy mensheid uitgeleef het, so kan ons dit ook doen as ons die Almagtige sou vra om krag. Maar ons moenie die verantwoordelikheid van ons pligte op ander lê nie, en op hulle wag om ons te sê wat om te doen nie. Ons kan nie vir

raad op mense vertrou nie. Die Here sal ons ons pligte leer net so gewilliglik as wat Hy ander sal leer. As ons in geloof tot Hom kom, sal Hy Sy verborgenhede aan ons persoonlik meedeel. Dikwels sal ons harte in ons binneste brand as Hy tot ons genaak om net met ons gemeenskap te hou soos Hy met Henog gedoen het. Diegene wat besluit om in geen opsig iets te doen wat God sal mishaag nie, sal weet, nadat hulle hulle saak voor Hom gelê het, watter koers om in te slaan. En hulle sal nie alleen wysheid ontvang nie, maar ook krag. Krag vir gehoorsaamheid en diens sal aan hulle meegedeel word, soos Christus belowe het. Wat aan Christus gegee is — daardie "alle dinge" om te vöorsien in die behoeftes van gevalle mense — is aan Hom gegee as die hoof en verteenwoordiger van die mensheid. En "wat ons ook bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom." 1 Joh. 3: 22.

Voordat Hy Homself gegee het as soenoffer, het Christus gesoek na die nodigste en beste gawe om aan Sy navolgers te gee, 'n gawe wat die eindelose bronne van genade binne hulle bereik sou bring. "Ek sal die Vader bid," het Hy gesê, "en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid — die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien nie en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." Joh. 14: 16-18.

Voor hierdie tyd was die Gees in die wêreld; van die begin van die verlossingswerk af het Hy reeds in die harte van mense gewerk.
[687] Maar terwyl Christus op die aarde was, het die dissipels nie 'n ander helper begeer nie. Eers nadat Hy nie meer by hulle teenwoordig kon wees nie, sou hulle hulle behoefte aan die Gees voel, en dan ook sou Hy kom.

Die Heilige Gees is Christus se verteenwoordiger, maar sonder die persoonlikheid van die mensheid en onafhanklik daarvan. Belemmer deur die mensheid kon Christus nie orals persoonlik teenwoordig wees nie. Dit was dus in hulle belang dat Hy na die Vader sou gaan, en die Gees stuur om Sy plaasvervanger op die aarde te wees. Die een persoon sou dan nie bokant die ander bevoordeel wees weens sy woonplek of sy persoonlike kontak met Christus nie. Deur die Gees sou die Heiland toeganklik wees vir almal. In hierdie sin sou Hy nader aan hulle wees as Hy was voor Sy hemelvaart.

"Wïe My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar." Jesus het die toekoms van Sy dissipels gelees. Hy het gesien hoedat een na die skavot gebring word, een na die kruis, een verban op die eensame rotse van die see, en ander vervolg en gedood. Hy het hulle bemoedig met die belofte dat Hy in elke beproewing met hulle sou wees. Daardie belofte is vandag eweseer van krag. Die Here weet alles omtrent Sy getroue dienaars wat vir Sy ontwil in die gevangenisse is, of na eensame eilande verban is. Hy vertroos hulle met Sy eie teenwoordigheid. Wanneer die gelowige vir die ontwil van die waarheid voor ongeregtige regbanke moet verskyn, staan Christus aan hulle sy. Al die skande wat hy verduur raak ook Christus. Christus word oor en oor veroordeel in die persoon van Sy dissipel. Wanneer iemand in die tronk opgesluit is, vertroos Christus daardie hart met Sy liefde. Wanneer iemand om die lewe gebring word om Sy ontwil, dan sê Christus, "Ek was dood en kyk, Ek leef tot in ewigheid. . . . Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." Openb. 1: 18. Die lewe wat vir My ingeboet word, word bewaar vir die ewige heerlikheid.

Ten alle tye en op alle plekke, in alle droefhede en beproewings, wanneer alles donker en die toekoms moeilik lyk, en ons hulpeloos en alleen voel, sal die Trooster gestuur word in antwoord op die gebed van geloof. Omstandighede mag ons skei van elke aardse vriend; maar geen omstandigheid, geen afstand, kan ons skei van die hemelse Trooster nie. Waar ons ook is, en waar ons mag heengaan, is Hy altyd aan ons regterhand om ons te ondersteun, te onderhou, te bewaar, en op te beur. [688]

Die dissipels het nog nie Christus se woorde in hulle geestelike sin verstaan nie, en weer het Hy verduidelik wat Hy bedoel het. Deur die Gees, het Hy gesê, sou Hy Homself aan hulle openbaar. "Die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer." Julle sal nie meer sê, Ek kan nie verstaan nie. Julle sal nie langer soos deur 'n spieël in 'n raaisel sien nie. Julle sal in staat "wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref." Efe. 3: 18, 19.

Die dissipels moes getuig van die lewe en werk van Christus. Deur hulle woord sou Hy tot alle mense op die hele aardbodem spreek. Maar in die vernedering en dood van Christus sou hulle

groot beproe- wing en teleurstelling ondervind. Sodat hulle woorde na daardie ondervinding juis kon wees, het Jesus die Trooster belowe wat hulle sou “herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

Hy het voortgegaan, “Nog baie dinge het Ek om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit homself spreek nie, maar wat Hy hoor, sal Hy spreek, en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.” Jesus het voor Sy dissipels ’n groot veld van waarheid geopen. Maar dit was baie moeilik vir hulle om Sy lesse apart te hou van die tradisies en gesegdes van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle is geleer om die leer van die rabbi’s aan te neem as die stem van God, en dit het nog mag oor hulle gehad wat hulle gedagtes beïnvloed het. Aardse idees, stoflike dinge, het nog ’n groot plek in hulle gedagtes ingeneem. Hulle het nie die geestelike aard van Christus se koninkryk verstaan nie, alhoewel Hy dit so dikwels aan hulle verduidelik het. Hulle was verward. Hulle het nie die waarde van die Skrifte besef wat Jesus aan hulle voorgestel het nie. Baie van Sy lesse het skynbaar geen indruk gemaak op hulle nie. Jesus het gesien dat hulle nie die ware betekenis van Sy woorde begryp het nie. In barmhartigheid het Hy belowe dat die Heilige Gees hulle sou herinner aan Sy woorde. En Hy het ge- swyg oor baie dinge wat Sy dissipels nie sou kon verstaan nie. Ook dit sou die Heilige Gees aan hulle openbaar. Die Gees sou hulle verstand verlig,
[689] sodat hulle die hemelse dinge kon verstaan. “Wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid,” het Jesus gesê, sal Hy julle in die hele waarheid lei.

Die Trooster is ook genoem “die Gees van die waarheid.” Sy werk is om waarheid te definieer en te handhaaf. Eerste van alles woon Hy in die hart as die Gees van die waarheid, en so word Hy die Trooster. Daar is troos en vrede in die waarheid, maar daar is geen ware vrede of troos in valsheid nie. Dit is deur valse teorieë en tradisies dat die Satan mag kry oor die verstand. Deur die mense te lei tot valse standaarde, vorm hy hulle karakters verkeerd. Die Heilige Gees spreek tot die verstand deur die Skrifte en bring die waarheid in die hart. Op hierdie wyse openbaar Hy die dwaalleer en verdryf dit uit die siel. Dit is deur die Gees van die waarheid,

werkende deur die Woord van God, dat Christus Sy uitverkorenes in onderwerping tot Hom bring.

Waar Jesus die werk van die Heilige Gees aan Sy dissipels verduidelik het, wou Hy hulle inspireer met die vreugde en hoop wat Sy eie siel geïnspireer het. Hy het Hom verbly in die genoegsame hulp wat Hy vir Sy werk voorsien het. Die Heilige Gees was die hoogste van al die gawes wat Hy van Sy Vader kon vra vir die verheffing van Sy volk. Die Gees sou gegee word as 'n wederbarende krag, en daarsonder sou die offer van Christus niks gebaat het nie. Die mag van die boosheid het deur die eeue sterker geword, en die onderwerping van die mens as gevangenes van die Satan was verbasend. Die sonde kon weerstaan of oorwin word alleen deur die magtige werking van die Derde Persoon van die Godheid, wat nie met beperkte mag sou kom nie, maar in die volheid van goddelike krag. Dit is die Gees wat die werk van die wêreld se Verlosser doeltreffend maak. Dit is deur die Gees dat die hart gereinig word. Deur die Gees word die gelowige 'n deelgenoot van die goddelike natuur. Christus het Sy Gees as 'n goddelike krag gegee om alle aangebore en aangeleerde neigings tot die kwaad te oorwin, en om Sy eie karakter op Sy kerk af te druk.

Van die Gees het Jesus gesê, "Hy sal My verheerlik." Die Heiland het gekom om die Vader te verheerlik deur die demonstrasie van Sy liefde; so sou die Gees Christus verheerlik deur Sy genade aan die wêreld te openbaar. Die beeid van God word herskep in die mensheid. Die eer van God, die eer van Christus is op die spel by die vervolmaking van die karakter van Sy kinders. [690]

"En as Hy [die Gees van die waarheid] kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel." Die prediking van die Woord sal niks baat sonder die gedurige teenwoordigheid en hulp van die Heilige Gees nie. Hy is die enigste doeltreffende leraar van goddelike waarheid. Alleen wanneer die waarheid tot die hart gebring word deur die Gees, sal dit die gewete verkwik en die lewe hervorm. 'n Mens mag in staat wees om die letter van Gods Woord voor te dra; jy mag bekend wees met al die gebooie en beloftes; maar tensy die Heilige Gees die waarheid tuisbring, sal geen siele op die Rots val en verbreek word nie. Geen opvoeding, geen voordele, hoe groot ook al, kan van 'n persoon 'n kanaal van lig maak sonder die medewerking van die Gees van God nie. Die

saai van die evangeliesaad sal nie 'n sukses wees as daardie saad nie lewendig gemaak word deur die dou van die hemel nie. Voordat een boek van die Nuwe Testament geskryf is, voordat een evangeliepreek gelewer is ná Christus se hemelvaart, het die Heilige Gees neergedaal op die biddende apostels. Toe was die getuienis van hulle vyande, "Julle het Jerusalem met julle leer vervul." Hand. 5: 28.

Christus het die Heilige Gees belowe aan Sy kerk, en die belofte is net soseer aan ons as aan die eerste dissipels. Maar net soos enige ander belofte, is dit belowe op voorwaardes. Daar is vele wat die Here se belofte glo en voorgee dat hulle daarop aanspraak maak; hulle praat van Christus en van die Heilige Gees, maar ontvang niks.

Hulle gee nie die siel oor om gelei en beheer te word deur goddelike kragte nie. Ons kan die Heilige Gees nie gebruik nie. Die Gees moet ons gebruik. Deur die Gees werk God in Sy kinders "om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae." Filip. 2: 13. Maar vele wil hulle nie oorgee nie. Hulle wil hulleself bestuur. Dit is om hierdie rede dat hulle nie die hemelse gawe ontvang nie. Alleen aan diegene wat ootmoedig wag op die Here, wat wag op Sy leiding en genade, word die Gees gegee. Die krag van God wag op hulle aansoek en aanname. Hierdie beloofde seën, aangeneem in die geloof, bring alle ander seëninge met hom saam. Dit word gegee volgens die maat van die rykdom van die genade van Christus, en Hy is gereed om aan
[691] elke siel te gee volgens die maat waarop hy kan ontvang.

In Sy gesprek met Sy dissipels, het Jesus nie droefgeestig verwys na Sy eie lyde en dood nie. Sy laaste erfenis aan hulle was 'n erfdeel van vrede. "Vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek vir julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie."

Voordat hulle die bovertrek verlaat het, het die Heiland en Sy dissipels 'n loflied gesing. Sy stem is gehoor nie in 'n treurlied nie, maar in die juigende Paaslied:

Loof die Here, alle nasies!
Prys Hom, alle volke!
Want Sy goedertierenheid is geweldig oor ons,

En die trou van die Here is tot in ewigheid!
Halleluja!”

Psalm 117.

Na die lied het hulle uitgegaan. Deur die woelige strate het hulle hulle weg gebaan, deur die stadspoort, in die rigting van die Olyfberg. Hulle het stadig geloop, elkeen besig met sy eie gedagtes. Toe hulle begin afdaal het na die berg, het Jesus in die grootste droefheid gesê, “Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word.” Matt. 26: 31. Die dissipels het met droefheid en ver- basing geluister. Hulle het onthou hoe daar in die sinagoge te Kaper- naum, toe Christus van Homself gespreek het as die brood van die lewe, vele aanstoot geneem het, en van Hom af weggegaan het. Maar die twaalf het hulleself getrou bewys. Petrus wat namens sy broeders gespreek het, het destyds sy trou aan Christus betuig. Toe het die Heiland gese, “Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is ’n duiwel!” Joh. 6: 70. In die bovertrek het Jesus gesê dat een van die twaalf Hom sou verraai, en dat Petrus Hom sou verloën. Maar nou het Sy woorde hulle almal ingesluit.

Petrus het nou heftig geprotesteer, “Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie.” In die bovertrek het hy gesê dat hy gereed was om saam met Jesus te sterf. Jesus het hom ge- waarsku dat hy nog daardie nag sy Heiland sou verloën. Christus het nou weer die waarskuwing herhaal: “Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, in hierdie nag, voordat die haan tweemaal kraai, sal jy My driemaal verloën.”
Maar Petrus “het nog baie meer aangehou en gesê: Al moet ek saam [692]
met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! En net so het almal ook gesê.” Markus 14: 29-31. In hulle selfvertroue het hulle die woorde ontken van Hom wat geweet het. Hulle was nie voorberei op die toets nie; wanneer die versoeking kom, sou hulle hulle eie swakheid besef.

Toe Petrus verklaar het dat hy saam met sy Here in die gevangenis en die dood sou gaan, het hy dit baie opreg gemeen; maar hy het homself nie geken nie. Diep in sy hart het elemente van boosheid geskuil wat omstandighede sou laat uitkom. Tensy hy gewaarsku word teen die gevaar, sou hierdie dinge sy ewige ondergang bewerk-

stellig. Die Heiland het hom gesien in sy eieliefde en selfvertroue wat sterker was as selfs sy liefde vir Christus. In sy lewe is daar swakhede, sondes, on- verskilligheid, siegte humeur, en koppigheid geopenbaar. Christus se ernstige waarskuwing was bedoel om hom sy hart te laat ondersoek. Petrus moes homself wantrou, en meer op Christus vertrou het. As hy in nederigheid die waarskuwing aangeneem het, sou hy die Herder van die skape gesmeek het om Sy skape te bewaar. Toe hy op die meer van Galilea wou wegsink, het hy uitgeroep, "Here, red my!" Matt. 14: 30. Toe het Christus Sy hand uitgesteek en sy hand gegryp. En so ook nou, as hy maar net tot Jesus geroep het, Red my van myself, sou hy bewaar gebly het. Maar Petrus het gevoel dat hy nie vertrou word nie, en dit was vir hom 'n wrede gedagte. Hy het reeds aanstoot geneem, en hy het koppiger geword in sy selfvertroue.

Jesus het Sy dissipels met liefde gadegeslaan. Hy kan hulle nie verlos van die beproewing nie, maar Hy laat hulle nie troosteloos nie. Hy verseker hulle dat Hy die boeie van die graf sal breek, en dat Sy liefde vir hulle nie sal faal nie. "Nadat Ek opgestaan het," het Hy gesê, "sal Ek voor julle uit na Galilea gaan." Matt. 26: 32. Voor die verloëning het hulle die versekering van vergifnis gehad. Na Sy dood en opstanding, het hulle geweet dat hulle vergewe is, en dierbaar vir Christus was.

Jesus en die dissipels was op weg na Getsemane, aan die voet van die Olyfberg, 'n stil plekkie waarheen Hy dikwels gegaan het vir gebed en oorpeinsing. Die Heiland het aan Sy dissipels Sy sending na die wêreld verduidelik, en die geestelike verhouding wat daar tussen Hom en hulle moet wees. Nou het Hy die les geïllustreer. Die maan het helder geskyn en Hy het 'n vrugbare wingerdstok gesien. Hy het die aandag van Sy dissipels daarop gevestig, en dit as simbool
[693] gebruik.

"Ek is die ware wynstok," het Hy gesê. Pleks van die grasieuse palm, die hoë seder, of die sterk eik, het Jesus die wynstok gekies met sy ranke om Homself voor te stel. Die palmboom en seder en eik staan alleen. Hulle het nie ondersteuning nodig nie. Maar die wynstok het 'n traliewerk nodig waarteen dit opklim. So was Christus in Sy mensheid afhanklik van goddelike krag. Hy het gesê, "Ek kan uit Myself niks doen nie." Joh. 5: 30.

"Ek is die ware wynstok." Die Jode het altyd die wynstok beskou as die edelste onder die plante, en as tipe van alles wat sterk, voortreflik, vrugbaar was. Israel is voorgestel as 'n wingerd wat God ge-

plant het in die Beloofde Land. Die Jode het hulle hoop op die verlossing gegrond op die feit van hulle verbintenis met Israel. Maar Jesus sê, Ek is die ware wynstok. Moenie dink dat julle deur julle verbintenis met Israel deelgenote van die lewe van God kan word, en erfgename van Sy belofte nie. Geestelike lewe kan alleen deur My ontvang word.

"Ek is die ware wynstok, en My Vader is die landbouer." Op die berge van Palestina het ons hemelse Vader 'n pragtige Wynstok geplant, en Hy self is die landbouer. Baie het aangetrokke gevoel tot hierdie Wynstok, en het gesê dat dit uit die hemel was. Maar vir die leiers in Israel was dit soos 'n wortel uit die droë grond. Hulle het die Plant geneem en dit verbrysel en onder onheilige voete [694] vertrap. Hulle het gemeen om dit vir ewig te vernietig. Maar die hemelse Landbouer het Sy oog oor Sy Plant gehou. Nadat die mense gedink het dat hulle dit vernietig het, het Hy dit geneem en aan die anderkant van die muur geplant. Die Wynstok sou nie langer sigbaar wees nie. Dit was verberg vir die wrede aanvalle van mense. Maar die ranke van die Wynstok het oor die muur gehang. Hulle moes die Wynstok verteen- woordig. Deur hulle kon ranke nog ingeënt word op die Wynstok. Van hulle is vrugte verkry. Daar was n oes wat die verbygangers gepluk het.

"Ek is die wynstok, julle die lote," het Christus aan Sy dissipels gesê. Alhoewel Hy eerlank van hulle sou verwyder word, sou hulle geestelike verbintenis met Hom onveranderd bly. Die verbintenis van die loot met die wynstok, het Hy gesê, is n voorstelling van julle verhouding tot My. Die loot word op die lewende wynstok ingeënt, en vesel vir vesel, en aar vir aar, groei dit vas aan die wynstok. Die lewe van die wynstok word die lewe van die lote. So ontvang die siel wat dood is in sondes en oortreding lewe deur verbintenis met Christus. Deur geloof in Hom, as persoonlike Saligmaker, word die verbintenis bewerkstellig. Die sondaar verbind sy swakheid met die krag van Christus, sy leegheid met Christus se volheid, sy nietigheid met Christus se ewigheid. Dan kry hy die gesindheid van Christus. Die mensheid van Christus het ons mensheid geraak, en ons mensheid het Sy Godheid geraak. So word die mens, deur die werking

van die Heilige Gees, ’n deelgenoot van die goddelike natuur. Hy word aangeneem in die Geliefde.

Hierdie verbintenis met Christus, as dit eenmaal daar is, moet ge- handhaaf word. Christus het gesê, “Bly in My, en Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie.” Hier word gesin-speel op ’n blywende verbintenis. Die loot word deel van die lewende wynstok. Die mededeling van die lewe, die krag, en die vrugbaarheid van die wortels na die lote, vind ongehinderd en gedurig plaas. Afgesny van die wynstok, kan die loot nie lewe nie. Net so min, het Jesus gesê, kan julle sonder My lewe. Die lewe wat julle van My ontvang het, kan bewaar word alleen deur gedurige gemeenskap. Sonder My kan julle nie een sonde oorwin, of een
[695] versoeking weerstaan nie.

“Bly in My, en Ek in julle.” Om in Christus te bly, beteken ’n onafgebroke ontvangs van Sy Gees, ’n lewe van volkome toewyding aan Sy diens. Die kanaal van gemeenskap tussen die mens en sy God moet gedurig oop wees. Net soos die loot gedurig sap trek uit die lewende wynstok, so moet ons aan Jesus vasklem en deur geloof van Hom die krag en volmaaktheid van Sy eie karakter ontvang.

Die wortel stuur voeding deur die loot na die kleinste rankie. So gee Christus die stroom van geestelike krag aan elke gelowige. Solank as die siel met Christus verbind is, is daar geen gevaar dat die loot sal verdor en doodgaan nie.

Die lewe van die wynstok sal gesien word in die heerlike trosse aan die lote. “Wie in My bly,” het Jesus gesê, “en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.” Wanneer ons deur geloof in die Seun van God lewe, sal die vrug van die Gees in ons lewens gesien word; nie een sal vermis word nie.

“As iemand in My nie bly nie,” het Christus gesê, “word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.”

“Elke loot wat vrug dra, die maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.” Van die gekose twaalf wat Hom gevolg het, sou een, as ’n verdorde loot, weggeneem word terwyl die ander onder die snoeimes van bittere beproewing sou deurloop. Jesus het teer, dog ernstig, die doel van die Landbouer verduidelik. Die snoei sal pyn veroorsaak, maar dit is die Vader wat die mens hanteer. Hy werk nie onverskillig

en gevoelloos nie. Daar is lote wat op die grond sleep; hulle moet Hy los sny van die dinge op die grond waaraan hulle vas is. Hulle moet na bo rank en hulle in God anker. Die oortollige blare trek die lewenssap van die vrugte af weg, en alles moet weggesnoei word. [696] Die groeisel bo-oor moet verwyder word sodat die genesende strale van die Son van Geregtigheid kan indring. Die landbouer sny alles wat nadelig is weg, sodat daar mooier en meer vrugte kan wees.

"Hierin is My Vader verheerlik," het Jesus gesê, "dat julle veel vrug dra." God verlang om deur julle die heiligheid, die barmhartigheid, en ontferming van Sy eie karakter te openbaar. Die Heiland het nie aan die dissipels gesê dat hulle moes werk om meer vrugte te dra nie. Hy het aan hulle gesê om in Hom te bly. "As julle in My bly, sê Hy," "en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." Dit is deur die Woord dat Christus in Sy navolgers; bly. Hierdeur ontstaan dieselfde lewende verbintenis as wat voorgestel is deur Sy vlees te eet en Sy bloed te drink. Die woorde van Christus is gees en lewe. Deur hulle aan te neem, ontvang ons die lewe van die Wynstok. Ons lewe van "elke woord wat deur die mond van God uitgaan." Matt. 4: 4. Die lewe van Christus in julle bring dieselfde soort vrugte voort as Hy. Lewende in Christus, verbind met Christus, ondersteun deur Christus, gevoed deur Christus, sal julle vrugte dra soos die van Christus.

In hierdie laaste onderhoud met Sy dissipels, het Christus Sy groot begeerte uitgespreek dat hulle mekaar moet liefhê soos Hy hulle liefgehad het. Herhaaldelik het Hy hiervan gespreek. "Dit gebied Ek julle," het Hy telkens gesê, "dat julle mekaar moet liefhê." Sy eerste woorde aan hulle daar alleen in die bovertrek was, "'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." Vir die dissipels was dit 'n nuwe gebod; want hulle het mekaar nie liefgehad soos Christus hulle liefgehad het nie. Hy het gesien dat 'n nuwe gesindheid in hulle harte moet kom; dat hulle nuwe beginsels in die praktyk moet bring; deur Sy lewe en dood sou hulle 'n nuwe besef van liefde kry. Die gebod om mekaar lief te hê, het 'n nuwe betekenis gekry in die lig van die opoffering van Homself. Die hele werk van die genade is 'n onafgebroke diens van liefde, van selfverloëning, en van selfopoffering. Gedurende elke uur van Christus se verblyf op die aarde het die liefde van God uit Hom gevloei in strome wat nie

gekeer kon word nie. Almal wat besiel is met Sy Gees sal liefhê soos Hy liefgehad het. Die beginsel wat Christus besiel het, sal ook hulle besiel in hulle omgang met mekaar.

[697] Hierdie liefde is die bewys van hulle dissipelskap. "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is," het Jesus gesê, "as julle liefde onder mekaar het." Wanneer mense verbind is, nie deur dwang of eiebelang nie, maar deur liefde, is dit bewys van die werking van 'n invloed wat bokant menslike invloede is. Waar hierdie eenheid bestaan, is dit bewys dat die beeld van God herstel word in die mensheid, dat 'n nuwe lewensbeginsel ingeplant is. Dit toon dat daar krag is in die goddelike natuur om die bonatuurlike magte van ongeregtigheid te weerstaan, en dat die genade van God die selfsug van die natuurlike hart kan onderdruk.

Hierdie liefde, in die kerk geopenbaar, sal sekerlik die woede van die Satan opwek. Christus het nie vir Sy dissipels 'n maklike pad aan- gewys nie. "As die wêreld julle haat," het Hy gesê, "moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het. As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie, As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar. Maar al hierdie dinge sal hulle aan julle doen om My Naam ontwil, omdat hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie." Die evangelie moet verkondig word deur 'n aggressiewe stryd te midde van op- posisie, gevaar, verlies, en lyding. Maar diegene wat hierdie werk doen, volg maar net in die voetstappe van hulle Meester.

As Verlosser van die wêreld, het Christus telkens voor skynbare mislukking gestaan. Hy, die boodskapper van genade aan die wêreld, het oënskynlik min van die reddings- en opheffingswerk gedoen wat Hy so graag wou doen. Sataniese invloede het gedurig Sy werk teengestaan. Maar Hy wou nie toegee aan moedeloosheid nie. Deur die profesie van Jesaja het Hy verklaar, "Tevergeefs het Ek My vermoei, My krag vir niks en vrugteloos verteer! Nogtans is My reg by die Here, en My loon is by My God. ..." Dit is aan Christus wat die belofte gegee is, "So sê die Here, die Verlosser van Israel, Sy heilige, vir die diep veragte, vir Hom wat 'n afsku is by die volk. . . . So

sê die Here: . . . Ek behoed U en gee U as ’n verbond van die volk om die land weer op te rig, om verwoeste erfenisse te laat beërwe; om te sê vir die gevangene: Gaan uit! vir hulle wat in duisternis is: Kom te voorskyn. . . . Hulle sal geen honger en geen dors hê nie, en die woes- tyngloed en die son sal hulle nie steek nie; want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies aanbring na die fonteine van [698] water.” Jes. 49: 4, 5, 7-10.

Jesus het Hom in hierdie woord berus, en Hy het die Satan geen kans gegee nie. Toe Christus die laaste endjie van die weg van vernedering sou bewandel; toe die grootste angs Sy siel beklem het, het Hy aan Sy dissipels gesê, “Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie.” “Die owerste van hierdie wêreld geoordeel.” Nou sal hy uitgewerp word. Joh. 14: 30; 16: 11; 12: 31. Met ’n pro- fetiese oog het Christus die tonele gesien van Sy laaste groot stryd. Hy het geweet dat die ganse hemel ’n triomfkreet sou aanhef wanneer Hy uitroep, “Dit is volbring.” Sy oor het die musiek en oorwinnings- kreet in die hemelse howe gehoor. Hy het geweet dat die doodsklok van die Satan se ryk sou lui, en dat die Naam van Christus van wêreld tot wêreld in die groot heelal uitgeroep sou word.

Christus het Hom daarin verbly dat Hy meer vir Sy navolgers kon doen as wat. hulle ooit kon dink of vra. Hy het met versekering gespreek, wetende dat ’n almagtige dekreet gegee is voordat die wêreld gemaak is. Hy het geweet dat die waarheid, gewapen met die almag van die Heilige Gees, sou oorwin in die stryd teen die sonde; en dat die met bloedbevlekte banier oorwinnend sou wapper oor Sy navolgers. Hy het geweet dat die lewens van Sy vertrouende dissipels soos Syne sou wees, naamlik ’n reeks oorwinnings, wat nie so hier gesien word nie, maar wel in die hiernamaals.

“Dit het Ek aan julle gesê,” het Hy verklaar, “dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.” Christus het nie gefaal nie, ook was Hy nie moedeloos nie, en Sy navolgers moet dieselfde volhardende geloof openbaar. Hulle moet lewe soos Hy gelewe het, en werk soos Hy gewerk het, omdat hulle op Hom vertrou as die groot Meesterwerker. Moed, energie, en volharding is die dinge wat hulle moet hê. Al sou skynbaar onoorkomelike moeilikhede hulle weg versper, moet hulle deur Sy genade voorwaarts gaan. Pleks van

te kla oor moeilikhede moet hulle dit te bowe kom. Hulle moet niks hulle laat moedeloos maak nie, en hulle moet vir die beste hoop. Met die goue ketting van Sy weergalose liefde het Christus hulle gebind aan die troon van God. Dit is Sy doel dat die sterkste invloed in die heelal, wat vloei uit die Bron van alle krag, hulle s'n sal wees. Hulle sou krag hê om die Bose te weerstaan, krag wat nóg die aarde,
[699] nóg die dood, en nóg die hel kan oorwin; krag wat hulle in staat sal stel om te oorwin soos Christus oorwin het.

Dit is Christus se plan dat die orde van die hemel, die hemel se regeringsplan, die hemel se goddelike eenheid ook in Sy kerk op die aarde gesien moet word. So sal Hy in Sy kinders verheerlik word. Deur hulle sal die Son van Geregtigheid helder skyn op die wêreld. Christus het aan Sy kerk voldoende fasiliteite gegee, sodat Hy 'n groot inkomste van heerlikheid mag ontvang van Sy verloste, vrygekoopte eiendom. Hy het aan Sy kinders vermoëns en seëninge geskenk sodat hulle Sy eie volmaaktheid kan verteenwoordig. Die kerk, beklee met die geregtigheid van Christus, is die plek waar die rykdom van Sy genade, barmhartigheid en liefde ten volle geopenbaar moet word. Christus sien die reinheid en volmaaktheid van Sy kinders as die loon van Sy vernedering, en die aanvulling van Sy heerlikheid — Christus die middelpunt uit wie al die heerlikheid straal.

Met kragtige, hoop-inboesemende woorde het die Heiland Sy lering beëindig. Toe het Hy Sy siel uitgestort in smeking vir Sy dissipels. Hy het Sy oë na die hemel gerig en gebid: "Vader, die uur het gekom; verheerlik U Seun, sodat U Seun U ook kan verheerlik — soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het."

Christus het die werk volbring wat aan Hom gegee is. Hy het God op die aarde verheerlik. Hy het die Vader se Naam geopenbaar. Hy het diegene uitverkies wat Sy werk onder die mense moes voortsit. En Hy het gesê, "Ek is in hulle verheerlik. En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in U Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons." "Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo — dat almal een mag

wees; . . . net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.”

So het Christus in die taal van een wat goddelike gesag het, Sy uit- verkore kerk in die Vader se arms gegee. As ’n geheiligde hoë-priester het Hy voorbidding vir Sy kinders gedoen. Soos ’n getroue herder het Hy Sy kudde vergader in die skaduwee van die Almagtige, die sterkste veiligheidsoord. Vir Hom het die stryd teen die Satan gewag, en Hy het dit tegemoetgegaan. [700]

# Getsemane

VERGESEL van Sy dissipels het die Heiland stadig gestap na die tuin van Getsemane. Die paasmaan het vol geskyn in 'n wolke- lose nag. Die stad van pelgrimstente was in stilte gesus.

Jesus het ernstig met Sy dissipels gesels en hulle onderrig; maar toe hulle Getsemane nader, het Hy 'n vreemde stilswye bewaar. Hy het dikwels daardie plek besoek om te peins en te bid; maar nog nooit met 'n hart so vol droefheid as in daardie nag van Sy lyde nie. Deur Sy hele lewe op aarde het Hy in die lig van Gods teenwoordigheid gewandel. In Sy botsings met mense wat besiel was met die gees van die Satan, kon Hy altyd sê, "Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is." Joh. 8: 29. Maar nou het dit geskyn asof Hy uitge- gesluit was van die lig van Gods behoudende teenwoordigheid. Nou word Hy saamgetel met die oortreders. Hy moes die straf op die sondes van die gevalle mensdom dra. Op Hom, wat geen sonde geken het nie, moet die sondes van ons almal gelaai word. So vreeslik lyk die sonde vir Hom, so verskriklik was die gewig van die sondelas wat Hy moes dra. dat Hy in versoeking gekom het om te vrees dat dit Hom vir ewig van Sy Vader se liefde
[701] sou skei. Toe Hy voel hoe vreeslik Gods toorn teen die sonde is, het
[702] Hy uitgeroep, "My siel is diep bedroef tot die dood toe."

Terwyl hulle die tuin nader, het die dissipels die merkbare verandering gesien wat oor hulle Meester gekom het. Nog nooit tevore het hulle Hom so hartseer en stil gesien nie. Namate hulle voortbeweeg het, het hierdie vreemde droefheid toegeneem; maar hulle het dit nie gewaag om Hom te vra wat die oorsaak was nie. Hy het gewaggel asof Hy wou val. By die tuin gekom, het die dissipels dadelik na die gewone plek van stilte gesoek sodat hulle Meester kon rus. Elke tree wat Hy nou geloop het, het met die grootste inspanning geskied. Hy het hoorbaar gekreun, asof Hy gedruk is deur 'n verskriklike las. Tweemaal moes Sy metgeselle Hom ondersteun anders sou Hy geval het.

Naby die ingang van die tuin het Jesus almal behalwe drie van Sy dissipels agtergelaat, en hulle beveel om vir hulleself en vir Hom te bid. Vergesel van Petrus, Jakobus, en Johannes het Hy na die afgesonderde skuilplek gegaan. Hierdie drie dissipels was Christus se mees vertroude metgeselle. Hulle het Sy heerlikheid op die berg gesien; hulle het gesien hoedat Moses en Elia met Hom praat; hulle het die stem uit die hemel gehoor; en nou, in Sy groot stryd, het Christus hulle teenwoordigheid naby Hom verlang. Dikwels voorheen het hulle die nag saam met Hom op hierdie plek deurgebring. By hierdie geleenthede, het hulle ná 'n tyd van gebed, rustig n endjie van hulle Meester geslaap, totdat Hy hulle in die oggend wakkerge- maak het vir 'n nuwe dag se werk. Hy wou hê dat hulle die nag in gebed saam met Hom moes deurbring. Maar Hy kon dit darem nie verdra dat hulle getuies moes wees van die angs wat Hy sou deurmaak nie.

"Bly hier en waak saam met My," het Hy gesê.

Hy het 'n endjie van hulle af weggegaan—nie so ver dat hulle Hom nie kon sien of hoor nie — en op Sy aangesig geval. Hy het gevoel dat Hy deur die sonde geskei word van Sy Vader. Die kloof was so wyd en swart en diep dat Sy gees gesidder het daarvoor. Hy sou nie Sy goddelike mag gebruik om hierdie lyde te ontwyk nie. As mens moes Hy die gevolge van die mens se sonde dra. As mens moes Hy die toorn van God teen die sonde verdra.

Christus se houding was nou heeltemal anders as voorheen. Sy lyde kan beste beskryf word in die woorde van die profeet, "Ontwaak, o swaard, teen My herder, en teen die man wat My metgesel [703] is! spreek die Here van die leërskare." Sag. 13: 7. As plaasvervanger en borg van die sondige mensdom, het Christus gely onder die goddelike gereg- tigheid. Hy het gesien wat geregtigheid beteken. Tot nou toe het Hy gestaan as voorspraak vir ander; nou het Hy na 'n voorspraak vir Homself verlang.

Toe Christus voel dat Sy eenheid met die Vader verbreek word, het Hy gevrees dat Hy in Sy menslike natuur nie in staat sou wees om die aanstaande stryd met die magte van die duisternis te verduur nie. In die woestyn van versoeking was die lot van die mensdom op die spel. Toe was Christus die oorwinnaar. Nou het die versoeker gekom vir die laaste groot worsteling. Hiervoor het hy homself in gereedheid gebring gedurende die drie jaar van Christus se bediening. Wat hom betref het, was alles op die spel. As hy die neerlaag hier ly, sou

sy hoop op die oorwinning heeltemal vergaan; die koninkryke van hierdie wêreld sou dan op Christus oorgaan, en hy self sou verslaan en uitgewerp word. Maar as Christus oorwin sou word, sou die aarde die Satan se koninkryk word, en sou die mensdom vir altyd onder sy mag wees. Met die oog op alles wat op die spel was in die stryd, was Christus se siel vervul met die vrees van verwydering van God. Die Satan het aan Hom vertel dat as Hy borg vir 'n sondige wêreld word, sou die verwydering ewig wees. Hy sou geïdentifiseer word met die koninkryk van die Satan, en Hy sou nooit meer een met God wees nie.

En wat sou gewin word deur hierdie opoffering? Hoe hopeloos het die skuld en ondankbaarheid van die mense gelyk! Die Satan het die saak op sy ergste aan die Verlosser voorgestel: Die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle op stoflike en geestelike gebied bo alle ander bevoorreg is, het Jou verwerp. Hulle maak planne om Jou om die lewe te bring — Jy wat die grondslag, middelpunt, en seël is van die beloftes wat aan hulle gegee is as die eiendomsvolk. Een van Jou eie dissipels wat geluister het na Jou leer en aan die voorpunt was in die werk van die kerk, sal Jou verraai. Een van Jou ywerigste volgelinge sal Jou verloën. Almal sal Jou verlaat. Die gedagte was afskuwelik vir Christus. Dat diegene wat Hy gekom het om te red, diegene wat Hy so liefgehad het, saam sou werk om die Satan se planne uit te voer, dit het Sy siel deurboor. Die stryd was
[704] verskriklik. Dit was so heftig soos die maat van die skuld van Sy volk, van Sy beskuldigers en verraaier, en die skuld van 'n wêreld wat in die sonde lê. Die sondes van die mense het swaar gedruk op Christus, en die besef van Gods toorn teen die sonde het Sy lewe uit Hom gepers.

Sien Hom daar waar Hy peins oor die losprys vir die menslike siel. In Sy angs klem Hy vas aan die koue grond, asof Hy wou belet dat Hy verder van God verwyder word. Die koue dou van die nag val op Hom waar Hy daar lê, maar Hy voel dit nie. Van Sy bleek lippe kom die woorde van die bitter smeekbede, "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; maar Hy voeg daaraan toe," "nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

Die menslike hart smag na simpatie in lyding. Hierdie verlange het Christus ook in die diepte van Sy wese gevoel. In die groot a g van Sy siel het Hy na Sy dissipels gekom met 'n brandende

begeerte om ’n paar woordjies van troos te hoor van diegene wat Hy so dikwels geseën en vertroos en beskerm het in droefheid en eilende. Die Een wat altyd woorde van medelyde vir hulle gehad het, het nou in bomens- like foltering verkeer, en Hy wou graag weet dat hulle besig was om vir Hom en vir hulleself te bid. Hoe donker het die kwaadaardigheid van die sonde gelyk! Verskriklik was die versoeking om die mensdom aan hulle lot oor te laat om die gevolge van hulle eie skuld te dra, terwyl Hy sonder skuld voor God staan. As Hy maar net kon weet dat Sy dissipels dit verstaan en waardeer, sou dit Hom versterk het.

Sukkelende het Hy van die grond af opgestaan en na die plek gewaggel waar Hy Sy metgeselle laat staan het. Maar Hy “kry hu e aan die slaap.” As Hy hulle biddend gevind het, sou dit Hom ver- ligting gegee het. As hulle skuiling in God gesoek het, sodat satamese werktuie nie die oorhand oor hulle mag kry nie, sou Hy vertroos ge- wees het deur hulle onwrikbare geloof. Maar hulle het nie agges aan op die herhaalde vermaning “waak en bid” nie. Aanvanklik was hulle baie ontstel om hulle Meester, wat gewoonlik so kalm en waar lg was, te sien worstel met ’n droefheid wat onbegryplik was. Hulle het gebid toe hulle die gesmeek van die lyer gehoor het. Dit was nie hulle plan om hulle Here in die steek te laat nie, maar dit was asof hulle verlam was deur ’n bedwelming wat hulle sou kon afgeskud het as hulle aangehou bid het tot God. Hulle het nie die nodigheid om te waak en ernstig te bid om versoeking te weerstaan, besef nie. [705]

Net vóór hulle na die tuin is, het Jesus aan Sy dissipels gesê, “Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My.” Hulle het Hom beslis verseker dat hulle in die gevangenis en in die dood met Hom sou gaan. En arme selfvoldane Petrus het bygevoeg, “Al sal almal ook aanstoot neem, dan tog nie ek nie.” Markus 14: 27, 29. Maar die dissipels het op hulleself vertrou. Hulle het nie op die magtige Helper vertrou soos Christus hulle vermaan het om te doen nie. En daarom, toe die Heiland hulle simpatie en gebede die meeste nodig gehad het, het Hy hulle aan die slaap gevind. Ook Petrus het geslaap.

En Johannes, die geliefde dissipel wat met sy hoof op Jesus se bors gelê het, was aan die slaap. Die liefde van Johannes vir sy Meester moes hom tog seker wakker gehou het. Hy moes saam gebid het met sy geliefde Heiland in die tyd van Sy groot droefheid.

Die Verlosser het hele nagte in gebed deurgebring vir Sy dissipels, sodat hulle geloof nie mag ophou nie. As Jesus nou aan Jakobus en Johannes die vraag gestel het, "Kan julle die beker drink wat Ek aanstonds gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?" sou hulle sekerlik nie geantwoord het nie, "Ons kan." Matt. 20: 22.

Jesus se stem het die dissipels wakker gemaak, maar hulle het Hom skaars geken, want Sy gelaat was so deur die angs verander. Jesus het Petrus aangespreek en gesê: "Simon slaap jy? Was jy nie in Staat om een uur te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak." Die swak- heid van die dissipels het die simpatie van Jesus opgewek. Hy het gevrees dat hulle nie in staat sou wees om die toets te deurstaan wat sou kom ten gevolge van Sy verraad en dood nie. Maar Hy het hulle nie bestraf nie, en net gesê, "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Selfs in Sy lyde, het Hy verskoning gemaak vir hulle swak- heid. "Die gees is wel gewillig," het Hy gesê, "maar die vlees is swak."

Weer is die Seun van God oorweldig deur 'n bomenslike foltering, en flou en uitgeput het Hy terug gewaggel na die plek van Sy vorige worsteling. Sy lyde was nou groter as ooit. Toe die sielsangs Hom oorval het, het Sy sweet geword "soos bloeddruppels wat op die grond val." Die sipres- en palmbome was stille getuies van Sy angs. Van hulle takke het die dou gedrup op Sy liggaam, asof die natuur geween het omdat die Skepper daarvan alleen met die magte
[706] van die duisternis worstel.

'n Kort rukkie tevore het Jesus soos 'n magtige seder gestaan, wat die stormwinde van opposisie wat teen Hom aangewaai, getrotseer het. Halsstarrige wille, en harte vol lis en kwaadwilligheid, het tever- , geefs probeer om Hom in verwarring te bring en te oorweldig. Hy het in Sy goddelike majesteit gestaan as die Seun van God. Maar nou was Hy soos 'n riet, krom gebuig deur die wrede storm. Hy het aan die einde van Sy oorwinningswerk gekom, waar Hy op elke stap die oorwinning oor die magte van die duisternis behaal het. Soos een

wat reeds verheerlik was, het Hy aanspraak gemaak op eenheid met God. Sonder om te stamel het Hy Sy lofliedere gesing. Hy het met Sy dissipels gepraat in woorde van bemoediging en teerheid.

Nou het Hy gekom tot die uur van die mag van die duisternis. Nou is Sy stem in die stille naglug gehoor, nie oorwinnend nie, maar vol van menslike angs. Die woorde van die Heiland is gedra tot die ore van die lomerige dissipels, "Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied."

Die eerste drang by die dissipels was om na Hom toe te gaan, maar Hy het hulle beveel om daar te wag, en te waak en te bid. Toe Jesus by hulle kom, kry Hy hulle nog almal aan die slaap. Weer het Hy verlang na geselskap, en na woorde van Sy dissipels wat verligting sou bring en die duisternis sou verdryf wat Hom so beklem het. Maar hulle oë was swaar van die vaak; "hulle het nie geweet wat om Hom te antwoord nie." Sy teenwoordigheid het hulle wakker gemaak. Hulle het gesien dat Sy gesig die merke gehad het van die bloedsweet en die angs; en hulle was bang. Die angs wat Hy verduur het, kon hulle nie verstaan nie. "So misvormd was Sy voorkomste, geen mens meer nie, en Sy gestalte was nie soos die van 'n mensekind nie." Jes. 52. 14.

Jesus het weggedraai, weer na Sy skuilplek gegaan, en neergeval, oorweldig deur die vrees van die groot duisternis. Die mensheid van die Seun van God het gesidder in daardie vreesfike uur. Nou het Hy nie meer vir Sy dissipels gebid dat hulle geloof nie moes ophou nie, maar vir Sy eie beproefde en angstige siel. Die vreeslike oomblik het gekom — die oomblik wat die lot van die wêreld sou beslis. Die lot van die mensdom was in die weegskaal. Selfs nou nog kon Christus weier om die beker te drink wat ingeskink was vir die skuldige mensdom. Dit was nog nie te laat nie. Hy kon nog die bloedsweet van Sy voorhoof afvee, en die mens maar laat vergaan in sy sonde. Hy kon sê, Laat die oortreder die straf van sy sonde [707] kry, en Ek sal teruggaan na My Vader. Sal die Seun van God die bitter beker van vernedering en loltering drink? Sal die onskuldige die gevolge dra van die vloek op die sonde ten einde die skuldiges te red? Bewend kom die woorde oor die bleek lippe van Jesus, "My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied."

Driemaal het Jesus hierdie bede gebid. Driemaal het Sy mensheid teruggedeins vir die laaste groot opoffering. Maar nou was dit of die geskiedenis van die mensdom opgedoem het voor die Verlosser van die wêreld. Hy het gesien dat die oortreders van die wet, as hulle aan

hulleself oorgelaat word, moet vergaan. Hy sien die hulpeloosheid van die mens. Hy sien die mag van die sonde. Die wee en geween van ’n gedoemde wêreld kom voor Hom op. Hy sien watter lot hulle wag, en Hy neem die besluit. Hy sal die mens red, al kos dit Hom ook wat. Hy aanvaar die bloeddoop sodat verloregaande miljoene deur Hom die ewige lewe mag verkry. Hy het die hemelhowe verlaat, waar alles reinheid en geluk en heerlikheid was, om die een verlore skaap te red, die een wêreld wat in die sonde geval het. En Hy sal nie Sy sending opgee nie. Hy sal die soenoffer word vir ’n geslag wat moeds- willig gesondig het. Sy smeekbede getuig nou van onderwerping: “As hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.”

Toe Hy hierdie besluit geneem het, het Hy sterwende op die grond neergeval vanwaar Hy gedeeltelik orent gekom het. Waar was Sy dissipels nou om hulle hande tederlik onder die hoof van hulle Meester te plaas, en Sy voorhoof te baai? Die Heiland het die wynpers alleen getrap, en van die volk was niemand daar om Hom te help nie.

Maar God het saam met Sy Seun gely. Die engele het die Heiland se lyding gesien. Hulle het hulle Here gesien, omring van legioene van die sataniese magte, Sy liggaam bewende van ’n misterieuse vrees. Daar was stilte in die hemel. Geen harp is aangeraak nie. As ster- welinge maar die verbasing van die engelskare kon sien waar hulle in stille droefheid aanskou het hoedat die Vader Sy strale van lig, liefde, en heerlikheid afgesluit het van Sy geliefde Seun, sou hulle ’n beter besef hê van die afskuwelikheid van die sonde in Sy oë.

Die wêrelde wat nie geval het nie, en die hemelse engele het met die grootste belangstelling toegekyk terwyl die stryd sy einde gena-
[708] der het. Die Satan met al sy bose magte, die legioene van afvalliges,
[709] het hierdie groot krisis in die verlossing met die grootste aandag
dopgehou. Die magte van goed en kwaad het gewag om te sien watter antwoord daar sou kom op Christus se driemaal herhaalde smeekbede. Engele wou baie graag verlossing bring aan die godde- like Lyer, maar dit kon hulle nie doen nie. Daar was geen uitweg vir die Seun van God nie. In hierdie vreeslike krisis, waarin alles op die spel was, en toe die misterieuse beker gebewe het in die hand van die Lyer, het die hemele oopgegaan, ’n lig het geskyn in die

stormagtige duisternis van die krisis-uur, en die magtige engel wat in die teenwoordigheid van God staan, en die plek beklee waaruit die Satan geval het, het na die sy van Christus gekom. Die engel het nie gekom om die beker uit Christus se hand te neem nie, maar om Hom krag te gee om dit te drink, en met die versekering van die Vader se liefde. Hy het gekom om die god-menslike Smekeling te versterk. Hy het Hom gewys na die geopende hemele, en Hom vertel van die siele wat sou gered word ten gevolge van Sy lyde. Hy het Hom verseker dat Sy Vader groter en magtiger is as die Satan; dat Sy dood die Satan heeltemal sou verslaan, en dat die koninkryke van hierdie wêreld gegee sal word aan die heiliges van die Allerhoogste. Hy het Hom vertel dat Hy die moeitevolle arbeid van Sy siel sou sien en versadig sou wees, omdat Hy ’n groot menigte van die mensekinders sou red — vir ewig red.

Christus se lyde het nie opgehou nie, maar die neerslagtigheid en moedeloosheid het Hom verlaat. Die woede van die storm het geen- sins afgeneem nie, maar Hy wat die doelwit daarvan was, is versterk om die woede daarvan te trotseer. Hy het kalm en bedaard te voor- skyn gekom. Op Sy bebloede gesig het daar ’n hemelse vrede gerus. Hy het verduur wat geen mensekind ooit kon dra nie, omdat Hy die angste van die dood vir elke mens gesmaak het.

Die slapende dissipels het skielik wakker geword van die lig wat om die Heiland geskyn het. Hulle het die engel gesien wat oor die uitgeputte liggaam van hulle Meester gebuig het. Hulle het gesien hoe hy die Heiland se hoof oplig op sy skoot, en hoe hy na die hemel wys. Hulle het sy stem gehoor, soos die soetste musiek, sprekende woorde van hoop en vertroosting. Die dissipels het die toneel op die berg van verheerliking in herinnering geroep. Hulle het die heerlikheid onthou wat om Jesus geskyn het in die tempel, en die stem van God wat uit die wolk gespreek het. Nou het hulle weer [710]
daardie heerlikheid gesien, en hulle het niks meer gevrees vir hulle Meester nie. Hy was in die sorg van God; ’n magtige engel is gestuur om Hom te beskerm. Weer het die dissipels toegegee aan daardie vreemde lomerigheid wat hulle oorweldig het. Weer het Jesus hulle aan die slaap gevind.

Jesus het hulle in droefheid aanskou en gesê, “Slaap maar langer en rus. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars.”

Terwyl Hy nog besig was om hierdie woorde te spreek, het Hy die voetstappe van die gepeupel gehoor wat Hom gesoek het, en Hy het gesê, “Staan op, laat ons gaan; hier is hy naby wat My verraai.”

Geen teken van Sy lyding was meer sigbaar toe Jesus Sy verraaier tegemoet gestap het nie. Hy was Sy dissipels n entjie vooruit, en het gevra, “Wie soek julle?” Hulle het geantwoord, “Jesus, die Nasarener.” Toe sê Jesus, “Dit is Ek.” Toe Hy hierdie woorde sê, het
[711] die engel wat Hom ’n rukkie tevore bedien het, tussen Hom en die skare gekom. n Goddelike lig het die Heiland se gelaat verlig, en die vorm van n duif het Hom oorskadu. In die teenwoordigheid van die goddelike heerlikheid, kon die moorddadige gepeupel nie vir een oomblik staande bly nie. Hulle het teruggesteier. Priesters, ouderlinge, soldate, en selfs Judas het op die grond neergeval soos dooie mense.

Die engel het hom onttrek, en die lig het verdwyn. Jesus het kans gehad om te ontsnap, maar Hy het kalm en vol vertroue gebly. Soos iemand wat verheerlik was, het Hy daar in die midde van daardie geharde groep gestaan, wat nou hulpeloos aan Sy voete gelê het. Die dissipels het toegekyk, stil van verwondering en vrees.

Maar die toneel het vinnig verander. Die bende het opgestaan. Die Romeinse soldate, die priesters en Judas, het Christus omsingel. Dit het geskyn asof hulle skaam was oor hulle swakheid, en bang dat Hy nog sou ontvlug. Weer het die Verlosser die vraag gestel, “Wie soek julle?” Hulle het bewys gehad dat Hy wat voor hulle gestaan het, die Seun van God was, maar hulle wou nie oortuig wees nie. Op die vraag, Wie soek julle? het hulle weer geantwoord, “Jesus, die Nasarener. Toe het die Heiland gesê, “Ek het vir julle gesê dat dit Ek is. As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan”—Hy het gewys na die dissipels. Hy het geweet hoe swak hulle geloof was, en Hy wou hulle beskerm van versoeking en beproewing. Vir hulle was Hy gereed om Homself op te offer.

Judas die verraaier het nie die rol vergeet wat hy moes speel nie. Toe die bende die tuin binnegegaan het, was hy aan die voorpunt, onmiddellik gevolg deur die hoëpriester. Aan diegene wat Jesus moes vang, het hy ’n teken gegee, en gesê, “Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom.” Matt. 26: 48. Nou het hy geveins asof hy geen deel met hulle gehad het nie. Hy het Jesus genader en Sy hand geneem soos ’n ou vriend. Met die woorde, “Gegroet, Rabbi,” het

hy Hom verskeie maal gesoen, en hy het gemaak asof hy ween in medelyde met Hom in Sy gevaar.

Jesus het aan hom gesê, "Vriend, waarvoor is jy hier?" Sy stem was gebroke van droefheid toe Hy verder vra, "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?" Hierdie woorde moes die gewete van die verraaier wakker gemaak, en sy harde hart aangeraak het; maar eer, trou, en menslike tederheid het van hom gewyk. Hy het uitdagend daar gestaan, en geen teken van vriendelikheid getoon nie. [712] Hy het homself aan die Satan oorgegee, en hy het geen krag gehad om hom te weerstaan nie. Jesus het nie die verraaier se kus geweier nie.

Die bende het vrypostig geword toe hulle sien dat Judas die lig- gaam aanraak van Hom wat net 'n rukkie tevore voor hulle oë verheer- lik was. Hulle het Jesus nou gepak en daardie dierbare hande wat gedurig gebruik is om goed te doen, vasgebind.

Die dissipels het gemeen dat hulle Meester nie sou toelaat dat hulle Hom gevangeneem nie. Want dieselfde mag wat die bende teen die grond geslinger het as dooie mense, kon hulle hulpeloos hou sodat Jesus en Sy metgeselle kon ontsnap. Hulle was teleurgestel en verontwaardig toe hulle sien dat daar toue tevoorskyn gebring word om die hande van Hom wat hulle liefhet, vas te bind. In sy woede het Petrus sy swaard uitgetrek en geprobeer om sy Meester te verdedig, maar al wat hy uitgerig het, was om die oor van die hoëpriester se kneg af te kap. Toe Jesus sien wat hy gedoen het, het Hy Sy hande losgemaak, alhoewel hulle styf in die greep van die Romeinse soldate was, en Hy het gesê, "Hou op, dit is genoeg!" Hy het die verwonde oor aangeraak, en dit is' dadelik genees. Toe het Hy vir Petrus gesê, "Steek jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou My Vader kan bid, en Hy sal vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie?"—'n legioen in die plek van elkeen van die dissipels. Waarom tog, het die dissipels gedink, red Hy Homself en ons nie? Jesus het hulle onuitge- sproke gedagte geantwoord deur by te voeg, "Hoe sou die Skrifte dan vervul word, dat dit so moet gebeur?" "Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit dan nie drink nie?"

Die offisiële waardigheid van die Joodse leiers het hulle nie belet om aan te sluit by die bende wat Jesus gevange geneem het nie. Sy

gevangeneming was ’n te belangrike saak om aan ondergeskiktes oor- gelaat te word; die listige priesters en ouderlinge het aangesluit by die tempelpolisie, en die gepeupel en Judas na Getsemane gevolg. Wat ’n bende vir daardie waardigheidsbekleërs om by aan te sluit —’n bende wat begerig was om ’n oproer te sien, en gewapen met allerhande soorte wapens, asof hulle jag gemaak het op ’n wilde dier!

Christus het Sy deurdringende blik gevestig op die priesters en
[713] ouderlinge. Die woorde wat Hy tot hulle gerig het, sou hulle nooit vergeet solank hulle leef nie. Dit was soos die skerp pyle van die Almagtige. Met waardigheid het Hy gesê: Julle het teen My uitgetrek soos teen ’n rower met swaarde en stokke. Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel. Julle het alle geleentheid gehad om My ge- vange te neem, maar julle het niks gedoen nie. Die nag is beter geskik vir julle werk. “Maar dit is julle uur en die mag van die duisternis.” Die dissipels was vreesbevange toe hulle sien dat Jesus toelaat dat hulle Hom vang en vasbind. Hulle was verontwaardig dat Hy hierdie vernedering van Homself en hulle toelaat. Hulle kon Sy gedrag nie begryp nie, en hulle het Hom dit kwalik geneem dat Hy Hom aan die bende oorgegee het. In hulle verontwaardiging en vrees, het Petrus voorgestel dat hulle hulleself moes red. Hulle het gehandel op sy voorstel, en toe “het al die dissipels Hom verlaat en gevlug.” Maar Christus het hierdie verlating voorspel, “Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar sal gejaag word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat staan; tog is Ek nie alleen nie,
[714] omdat My Vader met My is.” Joh. 16: 32.

## Voor Annas en die Hof van Kajafas

OOR die spruit Kedron, verby die tuine en olyfboorde, en deur die stil strate van die slapende stad, het hulle Jesus vinnig geneem. Dit was al ná middernag, en die lawaai van die skreeuende gepeupel I het die stilte van die nag versteur. Die Heiland was gebind en streng f bewaak, en Hy het in pyn geloop. Haastig is Sy bewaarders met Hom na die paleis van Annas, die gewese hoëpriester.

Annas was die hoof van die dienende priestergesin, en uit eerbied vir sy ouderdom is hy deur die volk beskou as hoëpriester. Sy raad is gevra en aangeneem as die stem van God. Hy moes die eerste wees wat Jesus as gevangene van die priesterlike mag sien. Hy moes teenwoordig wees by die ondervraging van die gevangene, uit vrees dat die minder ervare Kajafas nie daarin mag slaag om die doel te bereik waarna hulle gestreef het nie. Sy bedrewenheid, lis, en slinksheid moes vir hierdie okkasie gebruik word, want die veroordeling van Christus moes in elk geval verkry word. Christus sou formeel deur [715]
die Sanhedrin verhoor word, maar Hy moes voorlopig voor Annas [716]
verskyn. Onder die Romeinse wet kon die Sanhedrin nie die doodvonnis voltrek nie. Al wat hulle kon doen, was om die gevangene te ondersoek en vonnis uit te spreek, wat dan deur die Romeinse gesag sou bekragtig word. Dit was dus noodsaaklik dat daar teen Christus aanklagte gemaak moes word wat as krimineel deur die Romeine beskou sou word. Daar moes 'n aanklag wees wat Hom sou veroordeel in die oë van die Jode, 'n Hele paar van die priesters en owerstes is oortuig deur Christus se leer, en dit was blote vrees dat hulle in die ban gedoen sou word, wat hulle belet het om Hom te bely. Die priesters het die vraag van Nikodemus nog nie vergeet nie: "Oordeel ons wet die mens sonder om hom eers te hoor en te weet wat hy doen?" Joh. 7: 51. Hierdie vraag het die raad vir 'n tyd opgebreek, en hulle planne in die wiele gery. Josef van Arimathea en Nikodemus was nie nou geroep nie, maar daar was ander wat dit miskien kon waag om te spreek vir die handhawing van die reg. Die verhoor moes so gereël word dat dit die lede van die Sanhedrin

sou verenig teen Christus. Daar was twee aanklagte wat die Jode graag wou bewys. As hulle kon bewys dat Jesus 'n godslasteraar is, sou die Jode Hom veroordeel het. As Hy kon veroordeel word vir sedisie, sou dit Sy veroordeling deur die Romeine verseker. Annas het geprobeer om die tweede aanklag eerste te bewys. Hy het Jesus ondervra aangaande Sy dissipels, en Sy leer, hopende dat die gevangene iets sou sê waarop hulle Hom kon vastrek. Hy het geprobeer om n verklaring te verkry wat sou bewys dat Hy besig was om 'n geheime vereniging te stig met die doel om 'n nuwe koninkryk op te rig. Dan sou die priesters Hom aan die Romeine kon uitlewer as iemand wat die vrede verstoor, en 'n opstand wou verwek.

Christus het die doel van die priesters gelees soos 'n ope boek. Asof Hy in die siel van Sy ondervraer gekyk het, het Hy ontken dat daar 'n geheime ooreenkoms of vereniging tussen Hom en Sy volgelinge was, of dat Hy hulle in die geheim en in die duisternis gewerf het om Sy planne te bedek. Hy het geen geheime gehad in verband met Sy planne en leer nie. "Ek het ronduit met die wêreld gespreek", het Hy gesê. "Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante bymekaarkom; en in die
[717] geheim het Ek niks gespreek nie."

Die Heiland het Sy eie metode van werk vergelyk met die metodes van Sy aanklaers. Vir maande het hulle Hom agtervolg, hopende om Hom in 'n strik te lei, en Hom voor 'n geheime hof te bring, waardeur hulle valse getuienis kon verkry wat hulle nie op regverdige wyse kon verkry nie. Nou was hulle besig om hulle plan ten uitvoer te bring. Die middernagtelike gevangeneming deur die bende, die bespotting en mishandeling vóór Sy veroordeling, of selfs vóór Sy beskuldiging, dit was hulle metode, nie Syne nie. Hulle handelwyse was teen die wet. Hulle eie wet het gelui dat 'n persoon as onskuldig beskou moes word totdat hy skuldig bewys is. Die priesters het deur hulle eie wette veroordeel gestaan.

Jesus het Hom tot Sy ondervraer gewend en gevra, "Wat ondervra u My?" Het die priesters en owerstes dan nie spioene gestuur om Sy bewegings dop te hou, en verslag te doen van elke woord wat Hy gespreek het nie? Was daardie spioene dan nie teenwoordig op elke byeenkoms van die volk om aan die priesters verslag te doen van al Sy woorde en dade nie? "Ondervra hulle wat gehoor het wat Ek met

hulle gespreek het," het Jesus geantwoord; "hulle weet tog wat Ek gesê het."

Hierdie besliste antwoord het Annas die swye opgelê. Omdat hy gevrees het dat Christus iets mag sê oor sy handelwyse wat hy graag bedek wou hou, het hy Hom niks meer gevra nie. Een van die be- amptes, woedend omdat hy gesien het hoe Annas stilgemaak is, het Jesus in die gesig geslaan, en gesê, "Antwoord U die hoëpriester so?"

Kalm het Christus hom geantwoord, "As Ek verkeerd gespreek het, getuig van die verkeerdheid; maar as Ek reg gespreek het, waarom slaan jy My?" Hy het nie bitsige woorde gespreek nie. Sy kalm antwoord bet uit 'n hart gekom wat sondeloos, lankmoedig, en sagmoedig was, en wat nie uitgetart kon word nie.

Hierdie mishandeling en belediging het Christus baie seergemaak. Van mense wat Hy self geskape het, en vir wie Hy hierdie verskriklike opoffering maak, moes Christus allerhande beledigings verdra. En Hy het gely volgens die maat van Sy heiligheid en verafskuwing van die sonde. Sy verhoor deur mense wat hulle soos duiwels gedra het, was vir Hom 'n gedurige opoffering. Om omring te wees van mense onder die beheer van die Satan was weersinwekkend vir Hom. En Hy het geweet dat Hy deur net vir een oomblik Sy goddelike krag te ge- bruik, Sy wrede kwellers kon doodmaak. [718]
Dit het Sy verhoor nog swaarder gemaak om te verduur.

Die Jode het 'n Messias verwag wat met groot uiterlike vertoon geopenbaar sou word. Hulle het verwag dat Hy, deur middel van Sy magtige wilskrag, die hele gedagtegang van die mense sou verander hulle gemeen, sou Hy Sy eie verheffing verkry en hulle ambisies ver- wesenlik. Toe Christus dus so met veragting behandel is, het Hy sterk en hulle sou dwing om Sy opperheerskappy te aanvaar. Aldus, het in versoeking gekom om Sy goddelike krag te openbaar. Deur 'n [719]
woord, deur 'n blik, kon Hy Sy vervolgers dwing om te erken dat Hy 'n opperheer was bokant konings en heersers, priesters en tempel. Maar dit was Sy moeilike taak om die posisie van eenwording met die mensheid te handhaaf.

Die engele van die hemel het elke beweging gadegeslaan wat ge- maak is teen hulle geliefde aanvoerder. Hulle wou Christus baie graag verlos. Onder God is die engele almagtig. By een geleentheid, in gehoorsaamheid aan die bevel van Christus, het hulle in een nag

die Assiriese leër van honderd vyf-en-tagtigduisend man gedood. Hoe maklik kon die engele, by die aanskouing van die skandelike verhoor van Christus, bewys gegee het van hulle afkeur deur die vyande van God te verteer! Maar hulle het geen opdrag gehad om dit te doen nie. Hy wat Sy vyande oombliklik kon dood, het hulle wreedheid verdra. Sy liefde vir Sy Vader, en Sy belofte, gemaak by die grond- legging van die wêreld, om die draer van die sonde te word, het Hom die wrede behandeling van die kant van diegene wat Hy kom red het, geduldig laat verdra. Dit was deel van Sy sending om in Sy mensheid al die smaad en mishandeling te verdra wat mense Hom kon aandoen. Die enigste hoop vir die mensdom was dat Christus Hom sou onderwerp aan alles wat Hy moes verduur van mense.

Christus het niks gesê wat Sy aanklaers enige kans teen Hom kon gee nie; nogtans het Hy vasgebind gestaan, om te toon dat Hy veroordeel was. Maar daar moes darem 'n skyn van regverdigheid wees. Dit was nodig dat daar 'n vorm van 'n geregtelike verhoor moes wees, en dit wou die Joodse owerheid verhaas. Hulle het geweet watter hoë agting die mense vir Jesus gehad het, en hulle het gevrees dat as die gevangeneming rugbaar word, die mense sou probeer om Hom vry te stel. En dan weer, as die verhoor en teregstelling nie dadelik geskied nie, sou die saak vir 'n week uitgestel moes word van weë die viering van die Pasga. Dit kon hulle planne verydel. Om die veroordeling van Jesus te verkry, het hulle grotendeels gereken op die geskreeu van die gepeupel, wat uit die skuim van Jerusalem bestaan het. As daar 'n week se uitstel sou wees, sou die opgewondenheid bedaar, en daar mag 'n reaksie kom. Die beter gedeelte van die volk sou reageer ten gunste van Christus; vele sou getuienis aflê in Sy guns, en getuig van die magtige werke wat Hy gedoen
[720] het. Dit sou die verontwaardiging van die mense opwek teen die Sanhedrin. Hulle handelwyse sou veroordeel word, en Jesus sou vrygestel word om op nuut die hulde van die skare te ontvang. Die priesters en owerstes het derhalwe besluit dat Jesus in die hande van die Romeine oorgelewer moes word voordat hulle planne bekend word.

Maar eerste van alles moes hulle 'n aanklag vind. Tot dusver het hulle nog niks uitgerig nie. Annas het beveel dat Jesus voor Kajafas gebring moes word. Kajafas was n Sadduseër, onder wie

sommige nou geswore vyande van Jesus was. Hy self, alhoewel hy nie n sterk karakter gehad het nie, was net so hardvogtig, gevoelloos en gewetenloos soos Annas. Hy sou alles in sy vermoë doen om Jesus uit die weg te ruim. Dit was nou vroeg in die oggend en nog baie donker;met die lig van fakkels en lanterns het die gewapende bende met hulle gevangene na die hoëpriester se paleis gegaan. Daar, terwyl die Sanhedrin besig was om te vergader, het Annas en Kajafas Jesus weer ondervra, maar sonder sukses.

Toe die raad in die geregsaal vergader het, het Kajafas die voorsitterstoel ingeneem, en aan beide kante van hom het die regters gesit, en diegene wat belanggestel het in die verhoor. Die Romeinse soldate het Stelling ingeneem op die platform onder die troon. Jesus het aan die voet van die troon gestaan. Die blik van die hele skare daar was op Hom gevestig. Die opgewondenheid was groot. Onder daardie hele skare was Hy die enigste een wat kalm en bedaard was. In die atmosfeer rondom Hom was daar 'n heilige invloed.

Kajafas het Jesus beskou as sy mededinger. Die gretigheid van die mense om na die Heiland te luister, en hulle skynbare bereidwilligheid om Sy leer aan te neem, het die hoëpriester bitter jaloers gemaak. Maar toe Kajafas nou die gevangene betrag het, is hy getref deur Sy edele en waardige houding. Die oortuiging het by hom posgevat dat hierdie man soos God was. Maar die volgende oomblik het hy hierdie gedagte met veragting verwerp. Onmiddellik daarna het hy minag- tend beveel dat Jesus een van Sy magtige wonders voor hulle moes doen. Maar wat die Heiland betref, het sy woorde op dowe ore geval. Die mense het die opgewondenheid en kwaadwillige gedrag van Annas en Kajafas vergelyk met die kalm, majestueuse houding van Jesus. Selfs by daardie geharde skare het die vraag opgekom, Moet hierdie man met so 'n goddelike voorkomste veroordeel word as 'n misdadiger? [721]

Kajafas wat die gevoelens gesien het wat daar geheers het, het die verhoor bespoedig. Die vyande van Jesus was in 'n groot moeilikheid. Hulle was vasberade om Sy veroordeling te verkry, maar hoe, het hulle nie geweet nie. Die raadslede was verdeel in Fariseërs en Sadduseërs. Hulle het vyandig en strydlustig teenoor mekaar gestaan; sekere geskil- punte kon hulle nie waag om aan te roer nie uit vrees vir 'n twis. Met 'n paar woorde kon Jesus 'n saak aangeroer het wat die twee groepe in 'n twis sou wikkel om dus hulle

woede van Hom af te wend. Kajafas het dit geweet, en hy wou so ’n stryd vermy. Daar was baie getuies om te bewys dat Christus die priesters en skrifgeleerdes veroordeel het, dat Hy hulle geveinsdes en moordenaars genoem het; maar dit was nie raadsaam om hierdie getuienis voor te lê nie, want die Sadduseërs het, in hulle twiste met die Fariseërs, dieselfde taal gebruik. En sulke getuienis sou van geen waarde wees vir die Romeine wat self die geveinsdheid van die Fariseërs verfoei het nie. Daar was baie getuienis dat Jesus die tradisies van die Jode veronagsaam, en oneerbiedig gespreek het van hulle insettinge; maar wat tradisies betref, het die Fariseërs en Sadduseërs uiters vyandig teenoor mekaar gestaan; en ook daardie getuienis sou geen invloed by die Romeine hê nie. Christus se vyande kon dit nie waag om Hom van Sabbatskending te beskuldig nie, want getuienis in daardie verband kon miskien die aard van Sy werk openbaar. As Sy wonderwerke van genesing aan die lig sou kom, sou die priesters hulle hele doel verydel.

Valse getuies is omgekoop om Jesus te beskuldig van aanhitsing tot rebellie en die strewe na ’n onafhanklike regering. Maar hulle getuienis was vaag en weersprekend. Onder kruisverhoor het hulle hulle eie verklarings weerspreek.

Vroeg in Sy bediening het Christus gesê, “Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.” In die figuurlike taal van profesie het Hy Sy eie dood en opstanding voorspel. “Maar Hy het oor die tempel van Sy liggaam gespreek.” Joh. 2: 19, 21. Die Jode het hierdie woorde letterlik opgeneem en verstaan dat dit betrekking het op die tempel in Jerusalem. Van alles wat Christus gesê het, kon die priesters niks vind om teen Hom te gebruik behalwe dit nie. Deur ’n verkeerde vertolking van hierdie woorde het hulle gehoop om voordeel te trek. Die Romeine was behulpsaam met die herbou en versiering van die tempel, en hulle was baie trots
[722] daarop; enige minagting daarvoor sou hulle gewis verontwaardig het. Daar kon Romeine en Jode, Fariseërs en Sadduseërs op gelyke voet verkeer, want almal het groot eerbied vir die tempel gehad. Op hierdie punt is daar twee getuies gevind wie se getuienis mekaar nie so erg weerspreek het soos in die geval van die ander nie. Een van hulle wat omgekoop was om teen Jesus te getuig, het verklaar, “Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God af-

breek en dit in drie dae opbou.” So is Christus se woorde verdraai. As hulle weergegee sou gewees het presies soos Hy hulle gespreek het, sou selfs die Sanhedrin Hom nie daarop kon veroordeel het nie. As Jesus maar ’n blote mens was soos die Jode beweer het, kon Sy woorde op die ergste maar grootpratery gewees het; hulle sou nie as godslastering kon beskou word nie. Maar selfs so verdraai soos dit was deur die valse getuies, het Sy woorde niks bevat wat deur die Romeine sou beskou word as ’n misdaad wat die doodstraf verdien nie. [723]

Geduldig het Jesus na die weersprekende getuienis geluister. Hy het geen woord in selfverdediging geuiter nie. Eindelik was Sy beskuldigers deurmekaar, verward, en kwaad. Die verhoor het geen vordering gemaak nie; dit het gelyk of hulle planne sou misluk. Kajafas I was desperaat. Daar was nog net een ding waarop hulle kon terugval; Christus moet gedwing word om Homself te veroordeel. Die hoëpriester het van die regterstoel af opgestaan; sy gelaat was verwronge van woede, en sy stem en houding het duidelik getoon dat indien dit in sy mag was, sou hy die gevangene voor hom platslaan. “Antwoord U niks nie?” het hy uitgeroep. “Wat getuig hierdie manne teen U?” Maar Jesus het stilgebly. “Hy is mishandel hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagplek gelei word en soos ’n skaap wat stom is voor sy skeerders —-ja, Hy het Sy mond nie oopgemaak nie.” Jes. 53: 7.

Eindelik het Kajafas, met sy regterhand na die hemel uitgestrek, Jesus aangespreek in die vorm van ’n plegtige eed: “Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?”

Op hierdie versoek kon Christus nie stilbly nie. Daar was ’n tyd om te swyg, en n tyd om te spreek. Hy het nie gespreek tensy daar regstreeks ’n vraag aan Hom gestel is nie. Hy het geweet dat Sy antwoord nou Sy dood sou verseker. Maar die vraag is gestel deur die hoogste erkende gesag van die volk, en in die Naam van die Allerhoogste. Christus kon nie in gebreke bly om behoorlike respek vir die wet te toon nie. En wat meer is, Sy eie verhouding tot die Vader is be- twyfel. Hy moes die aard van Sy sending duidelik verklaar. Jesus het aan Sy dissipels gesê, “Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is.” Matt. 10:

32. Nou het Hy hierdie les deur Sy eie voorbeeld herhaal.

Elke oor is gespits, en elke oog op Sy aangesig gevestig, toe Hy antwoord, "U het dit gesê." Dit het geskyn of 'n hemelse lig Sy bleek gelaat verlig toe Hy verder sê, "Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal U die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel."

Vir n oomblik het die Godheid van Christus deur Sy mensheid geflits. Die hoëpriester het gesidder voor die deurdringende oë van
[724] die Heiland. Dit het geskyn of daardie blik sy geheime gedagtes gelees het, en dit het in sy hart ingebrand. Nooit daarna kon hy daardie deurdringende blik van die vervolgde Seun van God vergeet nie.

"Van nou af," het Jesus gesê, "sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel." In hierdie woorde het Christus die teenoorgestelde van die toneel voorgestel wat nou daar afgespeel het. Hy, die Here van lewe en heerlikheid, sou aan die regterhand van God sit. Hy sal die regter van die hele aarde wees, en teen Sy uitsprake kan daar geen appél aan- geteken word nie. Dan sal elke geheime daad geopenbaar word in die lig van Gods aanskyn, en die mens sal geoordeel word volgens sy dade.

Die woorde van Christus het die hoëpriester laat skrik. Die gedagte aan 'n opstanding van die dode, wanneer almal voor die regter- stoel van God sal staan om beloon te word volgens hulle werke, was 'n vreeslike gedagte vir Kajafas. Hy wou nie graag glo dat hy in die toekoms geoordeel sal word volgens sy werke nie. In sy verbeelding het hy die tonele van die laaste oordeel gesien. Vir 'n oomblik het hy gesien hoe die grafte oopgaan en die dode uitlewer met die geheime wat, soos hy gehoop het, vir ewig verborge sou wees. Vir 'n oomblik het dit gevoel asof hy voor die ewige Regter staan, wie se oog alle dinge sien, en dat sy siel gelees word, en al die geheime wat met die dood begrawe is, aan die lig gebring word.

Die toneel het voor die priester vervaag. Christus se woorde het hom, die Sadduseër, baie diep geraak. Kajafas het die leer van die opstanding, die oordeel, en die toekomstige lewe, geloën. Nou is hy aangegryp deur 'n sataniese woede. Was hierdie man, die gevangene, voor hom om sy geliefkoosde teorieë aan te val? Hy het sy kleed geskeur om die mense onder die indruk te bring van sy geveinsde verontwaardiging, en geëis dat die gevangene sonder enige verdere

verhoor veroordeel moet word vir godslastering. "Wat het ons nog getuie nodig!" het hy gevra, "julle het die godslastering gehoor; wat dink julle?" Toe het hulle almal Hom veroordeel.

Oortuiging gemeng met woede het Kajafas beweeg om te doen wat hy gedoen het. Hy het homself verfoei omdat hy na Christus se woorde geluister het, en pleks dat hy sy hart geskeur het onder die diep indruk van die waarheid, en bely het dat Jesus die Messias is, het hy sy priesterlike kleed geskeur in vasberade weerstand. Hierdie daad het baie groot betekenis gehad. Min het Kajafas die betekenis besef. In hierdie daad, gedoen om die regters te beïnvloed en Christus [725]
se veroordeling te verkry, het die hoëpriester homself veroordeel. Deur die wet van God het hy homself ongeskik gemaak vir die priesterskap. Hy het die doodvonnis oor homself uitgespreek.

Dit was nie vir 'n hoëpriester geoorloof om sy klere te skeur nie. Deur die Levitiese wet was dit strafbaar met die dood. Onder geen omstandighede, en by geen geleentheid, moes die hoëpriester sy kleed skeur nie. Dit was die gebruik onder die Jode om hulle klere te skeur by die dood van vriende, maar die priesters moes dit nie doen nie. Deur die uitdruklike gebod van Christus deur Moses is dit belet. Lev. 10: 6.

Alles wat deur die hoëpriester gedra is, moes heel geweef wees, en sonder gebrek. Deur daardie mooi klere is die karakter voorgestel van die groot teenbeeid, Jesus Christus. Niks behalwe volmaaktheid in klere en gedrag, en in woord en gees, sou vir God aanneemlik wees nie. Hy is heilig, en Sy heerlikheid en volmaaktheid moes voorgestel word in die aardse diens. Niks behalwe volmaaktheid kan die heiligheid van die hemelse diens reg voorstel nie. Die sondige mens mag sy eie hart skeur deur 'n nederige en boetvaardige gees te openbaar. Dit sal God raak sien. Maar die priesterlike kleed moes nie geskeur word nie want dit sou die voorstelling van hemelse dinge bederf. Die hoëpriester wat dit sou waag om sy heilige amp te beoefen in die diens van die heiligdom, met 'n geskeurde kleed, is beskou as iemand wat homself van God afgesny het. Deur sy kleed te skeur, het hy homself afgesny as n verteenwoordigende karakter. Hy was vir God nie langer aanneemlik as dienende priester nie. Die gedrag wat deur Kajafas geopenbaar is, het menslike drifte en menslike onvolmaakt-heid getoon.

Deur sy klere te skeur en die tradisies van mense te volg, het Kajafas die wet van God kragteloos gemaak. Volgens ’n menslike wet kon ’n priester sy klere skeur om sy verfoeiing te toon vir godslastering, en hy sou onskuldig wees. So is die wet van God kragteloos gemaak deur die wette van mense.

Elke daad van die hoëpriester is met belangstelling gadegeslaan deur die mense; en om ’n indruk te maak, het Kajafas hierdie openbaring van sy vroomheid gegee. Maar in hierdie daad, bedoel as ’n
[726] beskuldiging teen Christus, het hy die Een beledig van wie God gesê het, “My Naam is in Hom.” Exod. 23:21. Hyself het godslastering gepleeg. Terwyl hy onder die veroordeling van God gestaan het,het hy Christus veroordeel as ’n godslasteraar.

Toe Kajafas sy klere geskeur het, was sy daad n aanduiding van die verhouding waarin die Jode as volk daarna sou staan teenoor God. Die eertydse uitverkore volk van God was besig om hulleself af te j skei van Hom, en Jehova sou hulle nie meer erken nie. Toe Christus aan die kruis uitgeroep het, “Dit is volbring” Joh. 19.30, en toe die voorhangsel van die tempel in twee geskeur is, het die Heilige Wagter verklaar dat die Joodse volk Hom verwerp het wat die teenbeeld van al hulle tipes was, die liggaam van al hulle skaduwees. Israel was geskei van God. Kajafas kon wel sy offisiële kleed skeur, wat die bewys was dat hy voorgegee het om ’n verteenwoordiger van i die groot Hoëpriester te wees; want daardie kleed het vir hom en vir die volk nou nie meer betekenis gehad nie. Wel mag die hoëpriester sy klere skeur in afsku aan homself en aan die hele volk.

Die Sanhedrin het die doodvonnis oor Jesus uitgespreek; maar dit was teen die Joodse wet om ’n gevangene in die nag te verhoor. Geen vonnis kon uitgespreek word behalwe in die dag nie, en dit na n voltallige raadsitting. Maar nieteenstaande dit, is die Heiland nou behandel as ’n veroordeelde misdadiger, en Hy is oorgegee om mishandel te word deur die laagste en vuilste onder die mense. Die paleis van die hoëpriester het ’n binneplaas gehad waarin die soldate en die skare vergader het. Deur hierdie binneplaas is Jesus geneem na die sel, en aan alle kante is Hy gehoon met Sy aanspraak dat Hy die Seun van God was. Sy eie woorde dat Hy sal “sit aan die regterhan van God,” en dat Hy “sal kom op die wolke van die hemel” is spottend herhaal. Terwyl Hy in die sel gewag het op Sy geregtelike verhoor, is Hy nie beskerm nie. Die gepeupel het gesien hoe wreed

Hy behandel is voor die raad, en dit het hulle vrypostig gemaak om uiting te gee aan al die sataniese elemente van hulle natuur. Juis die edele en goddelike houding van Christus het hulle waansinnig gemaak. Sy sagmoedigheid, Sy onskuld en Sy geduld het hulle met 'n haat, gebore uit die Satan, vervul. Genade en regverdigheid is vertrap. Nog nooit is 'n misdadiger op meer onmenslike wyse mishandel as wat hulle die Seun van God mishandel het nie. [727]

Maar nog 'n groter angs het Jesus se hart verskeur; die slag wat die meeste pyn veroorsaak het, kon geen vyand se hand toedien nie. Ter- wyl Hy voor Kajafas verhoor is, is Christus deur een van Sy eie dissipels verloën.

Na hulle hulle Meester in die tuin verlaat het, het twee van Sy dissipels dit gewaag om op n afstand die bende te volg wat Jesus gevangegeneem het. Hulle was Petrus en Johannes. Die priesters het Johannes herken as een van Jesus se welbekende dissipels; hulle het hom in die saal toegelaat, hopende dat hy, waar hy die vernedering van sy Leier sien, die idee sou verwerp dat so iemand die Seun van God kon wees. Op voorspraak van Johannes is Petrus ook in die saal toegelaat. [728]

In die binneplaas het daar 'n vuur gebrand, want dit was die koudste uur van die nag, net vóór dagbreek. Daar was n aantal mense rondom die vuur en Petrus het vermetel ook daar onder hulle gaan staan. Hy wou nie uitgeken wees as 'n dissipel van Jesus nie. Deur ongeërg met die skare te meng, het hy gehoop dat hulle hom sou aan- sien vir een van die wat Jesus na die saai gebring het.

Maar toe die lig in Petrus se gesig skyn, het 'n vrou wat deur- wagter was, hom stip aangekyk. Sy het opgemerk dat hy saam met Johannes ingekom het, sy het gesien hoe neerslagtig hy lyk, en het gedink dat hy moontlik 'n dissipel van Jesus kon wees. Sy was een van die diens- meisies in Kajafas se huis, en sy was nuuskierig om te weet. Sy het aan Petrus gevra, "Is jy tog nie een van Sy dissipels nie?" Petrus was verskrik en verward; skielik was die oë van die hele groep op hom gevestig. Hy het gemaak of hy haar nie verstaan nie; maar sy het aan- gehou, en aan diegene rondom haar gesê dat hierdie man ook by Jesus was. Petrus was verplig om te antwoord, en hy het bitsig gesê, "Vrou, ek ken Hom nie." Dit was die eerste verloëning, en dadelik het die haan gekraai. O Petrus, hoe gou is jy skaam vir jou Meester! Hoe gou verloën jy jou Here!

Die dissipel Johannes, toe hy die geregsaal binnegegaan het, het nie geprobeer om die feit te verberg dat hy 'n volgeling van Jesus was nie. Hy het nie aangesluit by die ongemanierde groep wat sy Meester beledig het nie. Hy is nie ondervra nie, want hy het nie geprobeer om homself vals voor te doen en dus agterdog te wek nie. Hy het 'n stil hoekie gesoek, waar die gepeupel hom nie sou sien nie, maar so naby moontlik aan Jesus. Hier kon hy alles hoor en sien wat by die verhoor van sy Here plaasgevind het.

Petrus wou nie die mense laat agterkom wie hy was nie. Deur die onverskillige houding wat hy aangeneem het, het hy hom op die vyand se grond geplaas, en hy het 'n maklike prooi van versoeking geword. As hy geroep was om vir Sy Meester te veg, sou hy 'n dapper soldaat gewees het; maar toe die vinger van veragting na hom gewys is, het hy bewys dat hy 'n lafaard is. Baie wat nie sal terugdeins vir aktiewe stryd vir hulle Here nie, sal onder bespotting hulle geloof verloën. Deur omgang met diegene wat hulle behoort te vermy, stel hulle hulleself in die weg van versoeking. Hulle versoek die vyand om hulle te versoek, en hulle word gelei om dinge te sê en [729] te doen waaraan hulle onder ander omstandighede nooit skuldig sou gewees het nie. Die dissipel van Christus wat in ons tyd sy geloof verberg uit vrees vir lyding of bespotting, verloën sy Here net so gewis soos Petrus daar in die geregsaal.

Petrus het geprobeer om geen belang te stel in die verhoor van sy Meester nie, maar dit het sy hart baie seergemaak om die wrede bespotting aan te hoor, en die mishandeling te aanskou wat Hy moes verduur. Maar dit was nie al nie, hy was verbaas en gebelg dat Jesus Homself en Sy volgelinge so verneder het deur Hom te onderwerp aan daardie behandeling. Ten einde sy ware gevoelens te bedek, het hy probeer aansluit by die vervolgers van Jesus in hulle beledigende skertsery. Maar hy het onnatuurlik gelyk. Sy gedrag was teenstrydig met sy oortuiging en terwyl hy geprobeer het om onverskillig te gesels, kon hy nie help om verontwaardiging te toon oor die belediging van sy Meester nie.

Die aandag is vir die tweede maal op hom gevestig, en weer is hy daarvan beskuldig dat hy 'n volgeling van Jesus was. Hy het nou met n eed gesê, "Ek ken die man nie." Maar daar is nog 'n kans aan hom gegee. 'n Uur het verbygegaan toe een van die knegte van die hoëpriester, wat 'n bloedverwant van die man was wie se oor deur

Petrus afgekap is, aan hom gevra het, "Het ek jou nie in die tuin by Hom gesien nie?" "Waarlik, jy behoort by hulle, want jy is ook 'n Galileër en jou spraak is net so." Dit het Petrus woedend gemaak. Die dissipels van Jesus was bekend vir die kiesheid van hulle taal, en om sy ondervraers heeltemal te mislei en om sy aangenome karakter te regverdig, het Petrus nou sy Meester met verwensings en vloeke verloën. Weer het die haan gekraai. Hierdie keer het Petrus dit gehoor en hy het die woorde van Jesus onthou, "Voordat die haan tweemaal kraai, sal jy My driemaal verloën." Markus 14: 30.

Toe die verlagende vloeke nog skaars van Petrus se lippe weggesterf het, en toe die gekraai van die haan nog in sy ore weerklink, het die Heiland Sy hoof weggedraai van Sy fronsende regters, en Sy arme dissipel vol in die aangesig gekyk. Terselfdertyd het Petrus se oë die van sy Meester ontmoet. In daardie sagmoedige gelaat het hy groot ontferming en droefheid gelees, maar daar was nie verontwaardiging nie. [730]

Die aanskoue van daardie bleek, lydende gelaat, daardie bewende lippe, daardie blik van ontferming en vergifnis, het sy hart deurboor soos 'n vlym. Sy gewete is wakker gemaak. Sy geheue het aktief geword. Petrus het die belofte onthou wat hy n paar uur tevore gemaak het, dat hy in die gevangenis of in die dood met sy Here sou gaan. Hy het onthou hoe sleg hy gevoel het toe die Heiland hom daar in die bovertrek meegedeel het dat hy Hom nog daardie nag driemaal sou verloën. Petrus het so pas verklaar dat hy Jesus glad nie geken het nie, maar nou het hy met bittere droefheid besef hoe goed sy Here hom geken het, en hoe reg Hy sy hart gelees het, waarvan hy die valsheid self nie geken het nie.

Skielik het hy aan baie dinge gedink. Die Heiland se ontferming, Sy vriendelikheid en lankmoedigheid, Sy sagmoedigheid en geduld teenoor Sy swakke dissipels — al hierdie dinge het hy onthou. Hy het die waarskuwing onthou, "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie." Lukas 22: 31, 32. Hy het met afsku gedink aan sy eie ondankbaarheid, sy valsheid, sy leuens. Weer eens het hy na sy Meester gekyk, en toe sien hy hoedat n onheilige hand Hom in die gesig slaan. Nie in staat om die toneel langer te verduur nie, het hy hom met 'n gebroke hart uit die saal gehaas.

Eensaam en in die duisternis het hy voortgestrompel; hy het nie geweet waarheen nie en het ook nie omgegee nie. Eindelik het hy homself weer in Getsemane bevind. Die tonele van n paar uur tevore het helder voor sy gees gekom. Die lydende aangesig van sy Here, verwronge en bevlek met die bloedsweet, het voor hom opgedoem. Met bittere selfverwyt het hy onthou dat Jesus alleen geween en gesmeek het, terwyl hulle wie Hy gevra het om saam met Hom te waak in daardie beproewingsuur geslaap het. Hy het Sy opdrag onthou, "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie." Matt. 26: 41. Die toneel in die geregsaal het weer helder voor hom gelewe. Dit was 'n marteling vir sy gebroke hart om te weet dat hy die Heiland se lyde en droefheid nog swaarder gemaak het. Op dieselfde plek waar Jesus Sy smeekgebede tot Sy Vader gebid het, het Petrus op sy aangesig geval, en gewens dat hy kon sterf.

Dit was deur te slaap, nadat Jesus hom vermaan het om te waak en te bid, dat Petrus die weg oopgemaak het vir sy groot sonde.
[731] Deur op daardie kritieke uur te slaap, het al die dissipels 'n groot verlies gely. Christus het geweet van die groot beproewing wat hulle sou moes deurmaak. Hy het geweet hoe die Satan sou werk om hulle gevoelens te verstomp sodat hulle nie gereed sou wees vir die beproewing nie. Dit is daarom dat Hy hulle gewaarsku het. As Petrus daardie ure in die tuin sou gewaak en gebid het, sou hy nie later op sy eie swakke krag moes steun nie. Hy sou sy Here nie verloën het nie. As die dissipels saam met Christus sou gewaak het in Sy lyde, sou hulle voorbereid gewees het om Hom te sien sterf aan die kruis. In 'n sekere mate sou hulle Sy oorweldigende angs verstaan het. Hulle sou herinner gewees het aan Sy voorspelling van Sy lyde, Sy dood, en Sy opstanding. In die duisternis van daardie vreeslike uur, sou ligstrale die duisternis verlig en hulle geloof versterk het.

Sodra dit dag geword het, het die Sanhedrin weer vergader, en weer is Jesus in die raadsaal gebring. Hy het verklaar dat Hy die Seun van God is, en hulle het daardie verklaring die aanklag teen Hom gemaak. Maar hulle kon Hom nie op hierdie aanklag veroordeel nie, want baie van hulle was nie op daardie nagsitting teenwoordig nie, en hulle het nie Sy woorde gehoor nie. Ook het hulle geweet dat die Romeinse geregshof Hom nie op daardie aanklag tot die dood sou veroordeel nie. As hulle egter weer daardie woorde uit Sy eie mond kon hoor, mag hulle hulle doel bereik. Sy aanspraak op die

Messiasskap sou hulle miskien kon voorstel as 'n oproerige politieke aanspraak.

"As u die Christus is, sê vir ons," het hulle gesê. Maar Christus het geswyg. Hulle het aangehou om Hom te bestook met vrae. Eindelik het Hy droewig gesê: "As Ek vir u sê, sal u tog nie glo nie. En as Ek vra, sal u My tog nie antwoord of loslaat nie." Maar sodat hulle sonder verskoning kon wees, het Hy die plegtige waarskuwing gegee, "Van nou af sal die Seun van die mens sit aan die regterhand van die krag van God."

"Is U dan die Seun van God?" het hulle tegelyk gevra. En Hy het hulle geantwoord, "U sê dat Ek is." Toe het hulle uitgeroep, "Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit Sy mond gehoor."

En so sou Jesus op hierdie derde veroordeling van die Joodse gesag sterf. Al wat nou nog nodig was, het hulle gemeen, was dat [732]

Toe het die derde toneel van mishandeling en bespotting afgespeel, baie erger as die wat Hy ontvang het van die gepeupel. In die teenwoordigheid van die priesters en owerstes, en met hulle goedkeuring het dit plaasgevind. Alle gevoel van medelyde en van menslikheid het uit hulle harte gewyk. As hulle argumente swak was en nie daarin geslaag het om Hom stil te maak nie, het hulle ander wapens gehad —- daardie wapens wat deur die eeue gebruik is om ketters die swye op te lê, naamlik die wapens van foltering, geweld en die dood.

Toe die regters hulle uitspraak teen Jesus gegee het, het 'n sataniese woede die mense beetgepak. Die gebulder van stemme was soos die van wilde diere. Die skare het op Jesus afgestorm en geskreeu: Hy is skuldig, maak Hom dood! As dit nie vir die Romeinse soldate was nie, sou Jesus nie geleef het om aan die kruis van Golgota genael te word nie. Hy sou verskeur gewees het voor Sy regters, as die Romeinse gesag nie tussenbei getree en deur wapengeweld die skare teëgehou het nie.

Die heidense manne was verontwaardig oor die brutale behandeling van iemand teen wie niks bewys is nie. Die Romeinse offisiere het verklaar dat die Jode in hulle veroordeling van Jesus inbreuk gemaak het op die gesag van die Romeinse owerheid, en dat dit selfs teen die Joodse wet was om iemand tot die dood te veroordeel op sy eie getuienis. Hierdie optrede het die verrigtings onderbreek; maar die Joodse leiers was dood vir jammerte of skaamtegevoel.

Die priesters en owerstes het die waardigheid van hulle posisie vergeet, en hulle het geskel op die Seun van God. Hulle het Hom beledig in verband met Sy geboorte. Hulle het verklaar dat Sy aanmatiging deur te sê dat Hy die Messias is, 'n skanddood verdien. Selfs die laagste manne daar het deelgeneem aan die mishandeling. Daar is 'n ou kleed oor Sy hoof gegooi, en Sy vervolgers het Hom in die gesig geslaan en gesê: "Profeteer vir ons, Christus! Wie is dit wat U geslaan het?" Toe hulle die kleed weer aftrek, het een van hulle in Sy gesig gespuug.

Die engele van God het getrou elke woord en daad en blik van minagting teen hulle geliefde Aanvoerder opgeskryf. Eendag sal diegene wat die bleek gelaat van Christus verag en daarop gespuug
[733] het, Hom aanskou in 'n heerlikheid wat die van die son oortref.

# Judas

IN die geskiedenis van Judas het ons die treurige einde van ’n lewe wat wel deur God kon geëer gewees het. As Judas sou gesterf het vóór daardie laaste reis na Jerusalem, sou hy beskou gewees het as ’n man wat sy plek onder die twaalf waardig was, en sy heengaan sou as ’n verlies beskou gewees het. Die afsku waarmee daar aan hom gedink is deur die eeue, sou uitgebly het as dit nie was vir die karaktereien- skappe wat aan die einde van sy geskiedenis geopenbaar is nie. Maar sy karakter is met ’n doel aan die wêreld geopenbaar. Dit moes as waarskuwing dien vir almal, wat soos hy, verraad sou pleeg.

’n Rukkie voor die Pasga, het Judas weer in verbinding getree met die priesters om Jesus in hulle hande oor te lewer. Toe is daar ooreengekom dat Hy gevangegeneem moes word by een van die plekke wat Hy gewoonlik besoek het vir gebed en oorpeinsing. Sedert die eetmaal aan die huis van Simon, het Judas tyd gehad om na te dink oor die daad wat hy onderneem het, maar hy het nie van doel verander nie. Vir dertig silwerstukke — die prys van ’n slaaf — het hy die Here van heerlikheid verkoop om die skanddood te sterf.

Judas was van nature baie lief vir geld; maar hy was nie altyd so verlaag om so ’n daad soos hierdie te doen nie. Hy het die bose gees van hebsug vertroetel totdat dit sy een lewensdoel geword het. Die liefde vir mammon het swaarder geweeg as sy liefde vir Christus. Deur die slaaf van een euwel te word het hy hom oorgegee aan die [734]
Satan om tot die uiterste van die sonde gedryf te word.

Judas het by die dissipels aangesluit toe die skares Christus gevolg het. Die Heiland se leer het hulle harte aangeraak terwyl hulle na Sy boeiende woorde in die sinagoge, by die meer, en op die berg geluister het. Judas het gesien hoe die siekes, die kreupeles en die blindes na Jesus gestroom het van die dorpe en die stede. Hy het gesien hoe die sterwendes aan Sy voete gelê word. Hy het die Heiland se magtige wonderwerke gesien waar Hy die siekes genees, duiwels uitgewerp, en die dode opgewek het. In sy eie hart het hy

die bewys van Christus se krag gevoel. Hy het erken dat die leer van Christus alles oortref het wat hy nog ooit gehoor het. Hy het die groot Leraar liefgehad, en hy wou graag by Hom wees. Daar was 'n begeerte by hom vir 'n verandering van sy karakter en lewe, en hy het gehoop dat dit sou plaasvind; as hy hom by Jesus voeg. Die Heiland het Judas nie afgewys nie. Hy het hom 'n plek onder die twaalf gegee. Hy het hom vertrou om die werk van 'n evangelis te doen. Hy het aan hom mag gegee om die j siekes te genees en duiwels uit te werp. Maar Judas het homself nooit volkome aan Christus oorgegee nie. Hy het sy wêreldse eer- sugtigheid en sy liefde vir geld nooit versaak nie. Toe hy die pos as dienaar van Christus aanvaar het, het hy hom nie deur die goddelike krag laat vorm nie. Hy het gevoel dat hy sy eie oordeel en opinies kon behou, en hy het toegegee aan die neiging om te kritiseer en te beskuldig.

Die dissipels het baie van Judas gedink, en hy het groot invloed oor hulle gehad. Hy self het 'n hoë dunk van sy eie bevoegdhede gehad, en hy het gemeen dat sy broeders nie so oordeelkundig en bekwaam as hy was nie. Hy het gemeen dat hulle nie besef het watter kanse hulle gehad het, of gebruik gemaak het van die omstandighede nie. Die kerk sou nooit vooruitgaan met sulke kortsigtige manne as leiers nie. Petrus was voortvarend; hy sou handel sonder om te dink. Johannes, wat die waarhede wat Christus gespreek het, as skatte bewaar het, is deur Judas as 'n swak finansier beskou. Mattheus, wie se opleiding hom geleer het dat hy in alles akkuraat moes wees, was baie eerlik; hy het gedurig gepeins oor die woorde van Christus, en is so in beslag geneem daardeur, dat hy, soos Judas gedink het, nie met insig en wysheid besigheid sou kon doen nie. So het Judas al
[735] die dissipels opgesom, en hy het homself met die gedagte gevlei dat die kerk dikwels in moeilikheid en verleentheid sou verkeer het as dit nie vir sy bekwaamheid as bestuurder was nie. Judas het homself beskou as die een wat wakker is en nie om die bos gelei kon word nie. Volgens sy eie berekening was Hy 'n eer vir die saak, en so het hy hom ook altyd voorgedoen.

Judas was blind vir die gebreke in sy eie karakter, en Christus het hom geplaas waar hy geleentheid sou kry om dit te besef en hom te verbeter. As tesourier vir die dissipels was dit sy werk om voorsiening te maak vir die behoeftes van die groep, en om die armes te help. Toe Jesus daar in die oppersaal aan hom gesê het, "Wat jy

doen, doen dit haastig" Joh. 13: 27, het die dissipels gedink dat Jesus hom beveel het om die benodighede vir die fees te koop, of om iets vir die armes te gee. Deur in die behoeftes van ander te voorsien, kon Judas 'n onselfsugtige gees ontwikkel het. Maar terwyl hy daeliks na die onderrig van Christus geluister, en Sy onselfsugtige lewe gesien het, het Judas hom oorgegee aan hebsug. Die klein bedraggies wat in sy hande gekom het, was 'n gedurige bron van versoeking vir hom. Dikwels wanneer hy 'n diensie vir Christus verrig het, of godsdienstige werk gedoen het, het hy homself betaal uit die skraal fondse. Hy het gemeen dat dit hom geoorloof was, maar in Gods oë was hy 'n dief.

Die verklaring wat Christus so dikwels herhaal het dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld was nie, het Judas aanstoot gegee. Hy het die program opgestel waarvolgens Christus, soos hy gemeen het, moes werk. Volgens hom moes Johannes die Doper uit die gevangenis verlos word. Maar nee, Johannes is verlaat om onthoof te word. En Jesus, pleks dat Hy Sy koninklike gesag gebruik het om die dood van Johannes te wreek, het met Sy dissipels na die platteland gegaan. Judas het daadwerklike optrede verlang. Hy het gemeen dat as Jesus nie die dissipels sou verhinder om hulle planne uit te voer nie, sou hulle meer sukses gehad het. Hy het gesien hoedat die vyandigheid van die Joodse leiers toeneem, en hy het gemerk dat Christus nie hulle uitdaging aanvaar het toe hulle van Hom 'n teken uit die hemel begeer het nie. Sy hart was oop vir ongeloof, en die vyand het in sy hart twyfel en rebellie laat ontstaan. Waarom het Jesus so dikwels oor ontmoedigende sake gepraat? Waarom het Hy beproewing en vervolging voorspel vir Homself en Sy dissipels ? Die vooruitsig van
'n hoë plek in die nuwe koninkryk het Judas beïnvloed om die saak [736]
van Christus aan te neem. Sou sy hoop teleurgestel word? Judas het nie tot die besluit, gekom dat Jesus nie die Seun van God was nie; maar hy het getwyfel, en het geprobeer om 'n verklaring te vind vir Sy magtige werke.

Nieteenstaande die Heiland se eie leer, het Judas gedurig die idee. voorgehou dat Christus as koning in Jerusalem sou regeer. Toe die vyfduisend gevoed is, het hy geprobeer om hierdie idee te verwesenlik.By daardie geleentheid was Judas behulpsaam met die uitdeling van die voedsel aan die hongerige skare. Hy het toe geleentheid gehad om die voordele te sien wat hy aan ander kon

meedeel. Hy het die tevredenheid gevoel wat altyd kom ten gevolge van diens vir God. Hy het gehelp om die siekes en lydendes onder die skare na Christus te bring. Hy het gesien watter verlossing, watter vreugde en blydskap in menslike harte kan kom deur die genesende krag van die Hersteller. Hy het kans gehad om die metodes van Christus te verstaan. Maar hy was verblind deur sy eie selfsugtige begeertes. Judas was die eerste om, geesdrif uit te buit wat ontstaan het ná die vermeerdering van die brode. Dit was hy wat die plan aan die hand gedoen het om Christus met geweld koning te maak. Sy hoop het hoog gestyg. Sy teleurstel ling was bitter.

Christus se preek in die sinagoge aangaande die brood van die lewe, het die keerpunt gebring in die geskiedenis van Judas. Hy het die woorde gehoor, "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself me." Joh. 6: 53 Hy het besef dat Christus geestelike, liewer as wêreldse voordeel aanbied. Hy het homself as 'n versiende man beskou, en hy het gemeen dat hy kon sien dat Jesus geen eer sou hê nie, en dat Hy geen hoe I betrekkings aan Sy volgelinge kon gee nie. Hy het besluit om homself nie so heg aan Christus te verbind dat hy nie kon wegbreek nie. Hy sou wakker wees, en hy was ook.

Van tyd tot tyd het hy twyfel uitgespreek wat die dissipels verbyster het. Hy het twispunte en misleidende dinge ingebring, en die argu-mente herhaal wat die skrifgeleerdes en Fariseërs teen Christus se aan-sprake ingebring het. Al die klein en groot moeilikhede en kruise, die skynbare hindernisse in die weg van die evangelie, het Judas vertolk as bewyse teen die waarheid daarvan. Hy het tekste ingebring wat geen verband gehad het met die waarhede wat Christus
[737] verkondig het nie. Hierdie tekste, uit hulle verband geneem, het die dissipels in verwarring gebring, en die moedeloosheid wat gedurig hulle harte beswaar het, vermeerder. En dit alles het Judas op so 'n manier gedoen dat hy as baie opreg voorgekom het. En terwyl die dissipels na bewyse gesoek het om die woorde van die groot Leraar te bevestig, het Judas hulle byna ongemerk op 'n ander pad gelei. So het hy, op 'n skynbaar baie godsdienstige en slim manier sake voorgestel in 'n heeltemal ander lig as die wat Jesus hulle gegee het, en hy het aan Sy woorde 'n betekenis gegee wat Hy nie geleer het nie. Sy voorstelle het gedurig n eersugtige begeerte opgewek vir stoflike voordeel, en so het hy die aandag van die dissipels afgelei

van die belangrike dinge wat hulle moes bepeins het. Die twis oor wie van hulle die grootste sou wees, is hoofsaaklik deur Judas aan die gang gesit.

Toe Jesus aan die ryk jongman die voorwaardes vir dissipelskap ver- duidelik het, was Judas ontevrede. Hy het gemeen dat Jesus 'n fout begaan het. As manne soos hierdie owerste by die gelowiges kon aansluit, sou hulle help om die saak van Christus te ondersteun. As hulle hom maar net om raad wou vra, het Judas gedink, sou hy baie planne kon voorstel vir die vooruitgang van die kerk. Sy beginsels en metodes sou miskien 'n bietjie afwyk van die van Christus, maar in daardie dinge, het hy gemeen, was hy wyser as Christus.

In alles wat Christus aan Sy dissipels gesê het, was daar iets waarmee Judas in sy hart nie saamgestem het nie. Onder sy invloed het die suurdeeg van ontevredenheid vinnig gerys. Die dissipels het nie die ware werktuig in dit alles gesien nie; maar Jesus het gesien dat die Satan Judas besiel het met sy eie karaktereienskappe om 'n kanaal oop te stel om die ander dissipels te beïnvloed. Christus het dit reeds gesê n jaar vóór Hy verraai is. "Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel!" Joh. 6: 70.

En tog het Judas nie openlike teenstand gebied of die Heiland se lesse in twyfel getrek nie. Vóór die geval by die eetmaal aan Simon se huis, het hy nooit openlik gekla nie. Toe Maria die voete van Jesus gesalf het, het Judas sy inhaligheid geopenbaar. Nadat Jesus hom bestraf het, was dit of sy hele gees verbitterd geraak het. Gekweste trots en n begeerte vir weerwraak het al die verskansings afgebreek, en die hebsug waaraan hy so lank toegegee het, het nou die oorhand gekry. So sal dit ook gaan met almal wat aanhou om die sonde te [738]
koester. Die elemente van verlaging wat nie weerstaan en oorwin word nie, sal toegee aan die Satan se versoeking, en hy sal die siel na willekeur gevangeneem.

Maar Judas was nie heeltemal verhard nie. Selfs nadat hy twee-

maal onderneem het om die Heiland te verraai, was daar nog geleent- heid vir bekering. By die Pasga het Jesus Sy Godheid geopenbaar deur die verraaier ann die kaak te stel. Hy het Judas net so liefdevol bedien soos die ander dissipels. Maar hy het nie gereageer op die laaste bewys van liefde nie. Dit is toe dat Judas se lot verseël is, en die voete wat Jesus gewas het, het uitgestap om die verraad te gaan pleeg

Judas het geargumenteer dat as Jesus gekruisig moes word, dan sal Hy gekruisig word. Die feit dat hy die Heiland sou verraai, sou die saak tog nie verander nie. As Jesus dan moet sterf, sou dit Hom slegs I dwing om Hom oor te gee. En in elk geval sou Judas baat by sy verraad. Hy het gemeen dat hy 'n baie winsgewende transaksie beklin het deur Sy Here te verraai.

Judas het nie geglo dat Jesus sou toelaat dat hulle Hom gevangeneem nie Deur Hom te verraai was dit sy doel om Hom n les te leer.Sy plan was om 'n rol te speel wat die Heiland in die toekoms baie versigtig sou maak om hom met respek te behandel. Maar Judas het nie geweet dat hy Christus in die dood oorgelewer het nie. Hoe dikwels was die skrifgeleerdes en Fariseërs weggevoer deur die treffende beeide van Jesus se gelykenisse! Hoe dikwels het hulle hulle eie vonnis uitgespreek! Dikwels wanneer die waarheid hulle harte getret het, was hulle woedend, en wou hulle Hom stenig; maar elke keer het Hy ontvlug. Aangesien Hy so baiemaal ontsnap het, het Judas gedink, sou Hy tog seker nie nou toelaat dat hulle Hom vang nie.

Judas het besluit om die saak op die proef te stel. As Jesus werklik die Messias was, sou die mense vir wie Hy soveel gedoen het, hulle om Hom skaar en Hom koning maak. Dit sou eens en vir altyd alle twyfel wegneem uit baie harte wat nog onseker was. Judas sou dan die eer hê as die een wat die koning op Dawid se troon geplaas het. En hierdie daad sou aan hom die eerste plek gee, naas Christus, in die nuwe koninkryk.

Die valse dissipel het sy rol gespeel met die verraad van Jesus. In die tuin, toe hy aan die leiers van die bende gesê het, "Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom" Matt. 26: 48, was hy absoluut
[739] oortuig daarvan dat Christus uit hulle hande sou ontsnap. As hulle hom dan sou blameer, sou hy vra: Het ek nie gesê dat julle Hom moet vashou nie?

Judas het gesien hoedat hulle, op sy bevele, Christus vasbind Verbaas het hy gesien dat die Heiland toelaat dat hulle Hom weglei. Vo1 angs het hy Hom gevolg van die tuin na die verhoor voor die Joodse owerstes. By elke beweging het hy verwag dat Hy Sy vyande sou verras deur voor hulle te verskyn soos die Seun van God om hulle planne te verydel. Maar namate die ure verbygegaan, en Jesus toegelaat het dat hulle Hom so mishandel, het 'n verskriklike vrees

die hart van die verraaier beklem dat hy sy Meester in die dood verkoop het.

Toe die verhoor sy einde nader, kon Judas nie langer die wroeging van sy skuldige gewete uithou nie. Skielik is 'n skor stem in die saal gehoor wat almal laat skrik het: Hy is onskuldig; laat Hom los, o Kajafas!

Toe is die lang gestalte van Judas gesien waar hy sy weg baan deur die verskrikte skare. Hy was baie bleek, en groot druppels sweet het op sy voorhoof gestaan. Hy het op die regterstoel afgestorm, en die silwerstukke, die prys van sy Here se verraad, voor die hoëpriester neergegooi. Hy het Kajafas aan sy kleed gegryp en hom gesmeek om Jesus los te laat, en verklaar dat Hy niks gedoen het wat die doodstraf ver- ien nie. Kajafas het hom kwaai afgeskud, maar hy was so verward dat hy nie geweet het wat om te sê nie. Die valsheid van die priesters is toe geopenbaar. Dit was duidelik dat hulle hierdie dissipel omgekoop het om sy Meester te verraai.

"Ek het gesondig," het Judas weer uitgeroep, "deur onskuldige bloed te verraai." Maar die hoëpriester wat weer sy selfvertroue herwin het, het met veragting geantwoord, "Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien!" Matt. 27: 4. Die priesters was gewillig om Judas as werktuig te gebruik, maar hulle het sy laagheid verag. Toe hy sy sonde bely het, het hulle hom verag.

Judas het homself nou aan die voete van Jesus neergewerp, Hom erken as die Seun van God, en Hom gesmeek om Homself te verlos.Die Heiland het nie Sy verraaier verwyt nie. Hy het geweet dat Judas nie berou gehad het nie, en dat sy skuldige siel, oorweldig deur die vreeslike besef van die komende oordeel, hom gedwing het om die belydenis te doen, maar dat hy geen ware, hartverbryselende berou ge- had het omdat hy die vlekkelose Seun van God verraai, [740]
en die Heilige van Israel verag het nie. Maar Jesus het geen veroordelende woorde tot hom gespreek nie. Hy het Judas met jammerte aanskou, en gese, Vir hierdie uur het Ek in die wêreld gekom.

Daar is 'n gemompel van verbaasdheid onder die skare gehoor. Met verbasing het hulle die verdraagsaamheid van Christus teen Sy verraaier aanskou. Weer het die oortuiging hulle beetgepak dat hierdie man nie 'n gewone sterweling was nie. Maar toe het die vraag weer by hulle ontstaan: As Hy wel die Seun van God is, waarom verbreek Hy dan nie die bande in oorwinning oor Sy aanklaers nie ?

Judas het besef dat hy tevergeefs gesmeek het, en hy het uit die saal gehaas met die woorde, Dit is te laat! Dit is te laat! Hy het gevoel dat hy nie kon lewe om te sien dat hulle Jesus kruisig nie, en in wanhoop het hy homself gaan ophang.

Later daardie selfde dag, op weg van Pilatus se geregsaal na Golgota, is die geskreeu en gespot van die bose menigte wat Jesus na die plek van kruisiging gelei het, onderbreek. Langs die weg, aan die voet van 'n droë boom, het hulle die liggaam van Judas gesien. Dit was 'n weersinwekkende gesig. Sy gewig het die tou gebreek waarmee hy homself opgehang het. Die val het sy liggaam laat bars, en honde was nou besig om daaraan te vreet. Sy oorskot is dadelik verwyder en begrawe en nou het die spottery van die skare bedaar, en menige bleek gelaat het die gedagtes verraai wat in sy binneste omgegaan het. Dit het geskyn of vergeldig alreeds diegene getref
[741] het wat skuldig was aan die bloed van Jesus.

## In Pilatus se Geregsaal

IN die geregsaal van Pilatus, die Romeinse goewerneur, het Christus gestaan, gebind as gevangene. Om Hom was die soldatewag, en toeskouers het vinnig die saal begin vul. By die ingang het die regters van die Sanhedrin gestaan, priesters, owerstes, ouderlinge, en die gepeupel.

Nadat hulle Jesus veroordeel het, het die raad van die Sanhedrin na Pilatus gekom om die vonnis te bekragtig en te laat voltrek. Maar hierdie Joodse beamptes wou nie die Romeinse geregsaal binnegaan nie. Volgens hulle seremoniële wette sou hulle daardeur verontreinig word, en dus nie aan die Pasga kan deelneem nie. In hulle blindheid was hulle onbewus van die moordlustigheid wat hulle harte besoedel het. Hulle het nie besef dat Christus die ware Paaslam was, en dat daardie groot fees, aangesien hulle Hom nou verwerp het, alle betekenis vir hulle verloor het nie.

Toe die Heiland in die geregsaal gebring is, het Pilatus Hom nie met vriendelike oë aangekyk nie. Die Romeinse goewerneur is haastig uit sy slaapkamer ontbied, en hy het besluit om die saak so [742]
spoedig moontlik af te handel. Hy sou die gevangene met geregtelike hardheid behandel. Met 'n fronsende gelaat het hy gekyk watter soort man dit was wat hy moes ondersoek, en wat genoodsaak het dat hy so vroeg uit die bed geroep is. Hy het besef dat dit iemand moes wees wat die Joodse gesag baie graag verhoor, en gestraf wou sien.

Pilatus het na die manne gekyk wat Jesus in bewaring gehad het, en toe het sy oë deurdringend op Jesus gerus. Hy het al met baie misdadigers te doen gehad, maar nog nooit tevore is iemand voor hom gebring in wie die tekens van goedheid en edelmoedigheid so duidelik geopenbaar is nie. In Sy gelaat het hy geen tekens van skuld gesien nie, geen uitdrukking van vrees en geen tekens van vermetelheid of uitdaging nie. Hy het 'n man gesien met 'n kalm, waardige hou- ding, wie se gelaat nie die tekens van 'n misdadiger getoon het nie maar die seël van die hemel.

Christus se voorkoms het ’n goeie indruk op Pilatus gemaak.Sy beter self is getref. Hy het gehoor van Jesus en Sy werke. Sy vrou het hom iets vertel van die wonderwerke van die Galilese profeet, wat die siekes gesondgemaak en die dode opgewek het. Dit het nou soos ’n droom in Pilatus se geheue teruggekom. Hy het gedink aan gerugte wat hy uit verskillende oorde gehoor het. Hy het besluit dat hy die Jode sou vra watter aanklagte hulle teen die gevangene gehad het

Wie is hierdie man, en waarvoor het julle Hom hier gebring? het hy gevra. Wat is julle aanklag teen Hom? Dit het die Jode van stryk gebring. Wetende dat hulle die aanklagte teen Christus nie kon bewys nie, wou hulle nie graag ’n openbare verhoor hê nie. Hulle het geantwoord dat Hy ’n bedrieër genaamd Jesus van Nasaret was.

Weer het Pilatus gevra, “Watter beskuldiging bring julle teen hierdie man in?” Die priesters het nie sy vraag beantwoord nie, maar in woorde wat hulle gebelgdheid getoon het, het hulle gesê, “As Hy geen kwaaddoener was nie, sou ons Hom nie aan u oorgelewer het nie.” Wanneer diegene van die Sanhedrin, die vernaamste manne van die volk ’n man na u bring wat die doodstraf verdien, is dit dan nodig om te vra wat die aanklag teen hom is? Hulle het gemeen om Pilatus onder die indruk van hulle belangrikheid te bring, en hom dus te beweeg om hulle versoek toe te staan, sonder om op
[743] al die besonderhede in te gaan. Hulle was gretig om hulle vonnis bekragtig te sien, want hulle het geweet dat die mense wat Christus se wonderwerke gesien het, n baie ander storie sou vertel as die valse getuienis wat hulle teen Hom sou inbring.

Die priesters het gemeen dat hulle met die swakke en weifelende Pilatus, hulle planne sou kon deurvoer sonder veel moeite. Voorheen het hy reeds doodvonnisse haastig bekragtig, van manne waarvan hulle geweet het dat hulle nie die doodstraf verdien het nie. Vir hom was die lewe van ’n gevangene van min waarde, of hulle skuldig of onskul- dig was, het nie eintlik saak gemaak nie. Die priesters het nou gehoop dat Pilatus die doodvonnis teen Jesus sou bekragtig sonder om Hom te verhoor. Hulle het dit as ’n guns gevra met die oog op hulle groot nasionale fees wat ophande was.

Maar daar was iets omtrent die gevangene wat Pilatus teruggehou het om dit nie te doen nie. Hy het dit nie gedurf doen nie. Hy het die doel van die priesters gelees. Hy het onthou hoedat Jesus, ’n rukkie

tevore, vir Lasarus opgewek het —'n man wat reeds vier dae dood was, en nou, vóór hy die doodvonnis bekragtig, wou hy weet wat die aanklag teen Jesus was, en of dit bewys kon word.

As julle uitspraak genoeg is, het hy gesê, waarom bring julle dan die gevangene na my toe? "Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet." Die priesters was nou in die knyp, en het geantwoord dat hulle Hom alreeds gevonnis het, maar dat hulle ook Pilatus se vonnis moet hê om dit wettig te maak. Wat is julle vonnis? het Pilatus gevra. Die doodvonnis, het hulle gesê; maar dit is nie wettig vir ons om enige mens dood te maak nie. Hulle het Pilatus gevra om hulle woord te te neem dat Christus skuldig was, en om hulle vonnis te bekragtig. Hulle sou die verantwoordelikheid neem.

Pilatus was nie n regverdige of pligsgetroue regter nie, maar sedelik swak, soos hy was, het hy geweier om hulle versoek toe te staan. Hy wou Jesus nie veroordeel alvorens daar 'n aanklag teen Hom ingebring is nie.

Die priesters was in groot verleentheid. Hulle het besef dat hulle hulle huigelary met 'n baie dik mantel moes bedek. Hulle moes dit nie laat blyk dat Christus op godsdienstige aanklagte gearresteer is nie. As hulle dit as rede sou gee, sou hulle verhoor geen invloed by Pilatus gehad het nie. Hulle moes dit so stel asof Jesus die landswette ver onagsaam het; dan sou Hy kon gestraf word as n [744]
politieke misdadiger. Onder die Jode was daar gedurig opstande teen die Romeinse gesag. Die Romeine het sulke opstande gewoonlik meedoënloos onderdruk, en hulle was gedurig op hulle hoede om alles te onderdruk wat enig- sins tot 'n opstand kon lei.

Net 'n paar dae vóór Sy gevangeneming het die Fariseërs geprobeer om Jesus te verstrik met die vraag, "Is dit ons geoorloof om aan die keiser belasting te betaal, of nie?" Maar Christus het hulle huigelary aan die kaak gestel. Daar was Romeine teenwoordig en hulle het gesien hoe die samesweerders se stel misluk, en in watter verleentheid Christus se antwoord hulle gebring het: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom." Lukas 20: 22-25.

Die priesters wou dit nou laat voorkom dat Christus by hierdie geleentheid geleer het wat hulle gehoop het dat Hy sou leer. Om hulleself uit die knyp te help, het hulle die hulp van valse getuies ingeroep, "En hulle begin Hom beskuldig en sê: Ons het gevind dat hierdie man die volk verlei en verbied om aan die keiser belasting

te betaal, terwyl Hy sê dat Hy self Christus, die Koning, is." Dit is drie beskuldigings, maar elkeen sonder grond. Die priesters het dit geweet, maar hulle was gewillig om vals te sweer as hulle maar hulle doel kon bereik.

Pilatus het deur hulle planne gesien. Hy het nie geglo dat die gevangene sameswerings teen die staat gesmee het nie. Sy sagmoedige en nederige voorkoms het glad nie gestryk met die beskuldigings nie. Pilatus was oortuig dat 'n gemene komplot gesmee is om n onskuldige man uit die weg te ruim wat in die pad gestaan het van die Joodse waardigheidsbekleërs. Hy het hom tot Jesus gewend en gevra, "Is U die Koning van die Jode?" Die Heiland het geantwoord, "U sê dit." En terwyl Hy gepraat het, is Sy aangesig verlig asof 'n sonstraal daarop geskyn het.

Toe hulle Sy antwoord hoor, het Kajafas en diegene wat by hom was, Pilatus daarop attent gemaak dat Jesus die aanklag erken het wat teen Hom ingebring is. Met groot lawaai het die priesters, skrifgeleerdes, en owerstes geëis dat die doodvonnis oor Hom uitgespreek moes word. Die gepeupel het hulle agterna geskreeu, en die rumoer was oorverdowend. Pilatus was in die war. Toe hy sien dat Jesus niks
[745] antwoord op die aanklagte nie, het hy aan Hom gesê, "Antwoord U niks nie? Kyk hoe baie getuienisse hulle teen U inbring. Maar Jesus het niks meer geantwoord nie."

Waar Hy daar agter Pilatus gestaan het, sodat almal in die hof Hom kon sien, het Christus die geskel gehoor, maar op al die valse aanklagte teen Hom het Hy nie 'n enkele woord geantwoord nie. Sy hele hou- ding het die indruk geskep dat Hy onskuldig was. Die woede van die golwe wat teen Hom geslaan het, het geen indruk op Hom gemaak nie. Dit was asof die branders van woede wat steeds hoër en hoër gestyg het soos die van die onstuimige oseaan, rondom Hom breek, maar Hom nie kon aanraak nie. Hy het geswyg, maar Sy stilswye was die welsprekendheid self. Dit was soos 'n lig wat geskyn het van die innerlike na die uiterlike mens.

Pilatus was verbaas oor Sy houding. Sou hierdie man die verrigtings veronagsaam omdat Hy nie omgee of Hy Sy lewe red nie? het hy homself afgevra. Waar hy gesien het hoedat Jesus die beledigings en bespottings verdra het sonder om terug te antwoord, het hy gevoel dat Hy nie so ongeregtig en onregverdig kon wees soos die priesters wat so geraas het nie. Hopende om die waarheid van Hom te kry en

om van die rumoer van die skare weg te kom, het Pilatus Hom opsy geneem en Hom weer gevra, “Is U die Koning van die Jode?”

Jesus het nie die vraag regstreeks beantwoord nie. Hy het geweet dat die Heilige Gees met Pilatus geworstel het, en Hy het hom geleent- | heid gegee om sy oortuiging uit te spreek. “Sê u dit uit uself,” het Hy gevra, “of het ander dit u van My gesê?” Die vraag was of dit die beskuldigings van die priesters was wat aanleiding gegee het tot Pilatus se vraag, of het hy self begeer om lig van Christus te ontvang ? Pilatus het verstaan wat Christus bedoel het, maar hoogmoed het in sy hart opgewel. Hy wou nie die oortuiging erken wat by hom ontstaan het nie. “Is ek dan ’n Jood?” het hy gevra. “U volk en die owerpriesters het U aan my oorgelewer. Wat het U gedoen?”

Pilatus se gulde geleentheid het verbygegaan, en tog het Jesus hom nie sonder verdere lig gelaat nie. Alhoewel Hy nie Pilatus se vraag regstreeks beantwoord het nie, het Hy Sy eie sending duidelik verklaar. Hy het Pilatus laat verstaan dat Hy nie ’n aardse troon gesoek het nie.

Jesus het hom geantwoord: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie; as My koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer sou word nie. [746]
Maar nou is My koninkryk nie van hier nie. Pilatus sê toe vir Hom: U is dan tog ’n koning. Jesus antwoord: U sê dat Ek ’n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem.”

Christus het bevestig dat Sy woord self die sleutel is wat die verborgenheid sou ontsluit vir diegene wat bereid is om dit aan te neem. Dit besit ’n selfaanbevelende krag, en dit was die geheim van die uitbreiding van Sy koninkryk van waarheid. Hy wou Pilatus laat verstaan dat sy verdorwe natuur herstel kon word alleen deur die aanname van die waarheid.

Daar was by Pilatus ’n begeerte om die waarheid te ken. Sy verstand was verwar. Gretig het hy die woorde van die Heiland aange- neem, en daar was in sy hart ’n sterk verlange om te weet wat dit werklik was, en hoe hy dit kon verkry. “Wat is waarheid?” het hy gevra. Maar hy het nie gewag vir die antwoord nie. Die rumoer daar buite het hom weer attent gemaak op die werk ophande, want die

priesters het geskreeu vir onmiddellike optrede. Hy het na die Jode uitgegaan en met nadruk verklaar, "Ek vind geen skuld in Hom nie."

Hierdie uitspraak van 'n heidense regter was 'n harde bestraffing van die huigelary en valsheid van die owerstes van Israel wat die aanklagte teen die Heiland ingebring het. Toe die priesters en ouderlinge dit van Pilatus hoor, het hulle teleurstelling en woede geen perke geken nie. Hulle het lank planne gemaak en gewag vir hierdie kans. Toe hulle die moontlikheid besef dat Jesus miskien losgelaat kon word, het dit geskyn of hulle gereed was om Hom in stukke te skeur. Hulle het luidrugtig begin uitvaar teen Pilatus, en gedreig om hom by die Romeinse owerheid aan te kla. Hulle het hom daarvan beskuldig dat hy geweier het om Jesus te veroordeel, wat, soos hulle beweer het, Homself teen die keiser gestel het.

Kwaai stemme is nou gehoor wat gesê het dat die opruiende invloed van Jesus deur die hele land bekend was. Die priesters het gesê, "Hy maak die volk oproerig met Sy leer die hele Judea deur, vandat Hy in Galilea begin het tot hier toe."

Pilatus het in hierdie tyd nog glad geen plan gehad om Jesus te veroordeel nie. Hy het geweet dat die Jode Hom beskuldig het uit haat en vooroordeel. Hy het geweet wat sy plig was. Die reg het
[747] vereis dat Jesus dadelik losgelaat moes word. Maar Pilatus het die misnoeë van die volk gevrees. As hy sou weier om Jesus in hulle hande oor te lewer, sou daar groot oproerigheid wees, en daarvoor was hy bang. Toe hy hoor dat Christus van Galilea was, het hy besluit om Hom na Herodes te stuur, die goewerneur van die provinsie, wat juis toe in Jerusalem was. Deur hierdie gedragslyn het Pilatus gemeen dat hy die verantwoordelikheid van die verhoor van homself sou afskuif op Herodes. Verder het hy ook gemeen dat dit 'n goeie kans was om met Herodes versoen te raak na 'n ou rusie tussen hulle. En so was dit ook. Die twee magistrate het weer vriende geword oor die verhoor van die Heiland.

Pilatus het Jesus weer aan die soldate oorgegee, en onder die geskel en beledigings van die gepeupel is Hy haastig geneem na die geregsaal van Herodes. "Toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly." Hy het die Heiland nog nie tevore ontmoet nie, maar "hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy veel van Hom gehoor het; en hy het gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word." Dit is hierdie selfde Herodes wie se hande

bevlek was met die bloed van Johannes die Doper. Toe Herodes die eerste keer van Jesus gehoor het, was hy vreeslik bang, en hy het gesê, "Johannes wat ek onthoof het, dit is hy; hy het uit die dode opgestaan;" "daarom werk die kragte in hom." Markus 6: 16; Matt. 14: 2. Maar nogtans wou Herodes Jesus graag sien. Nou sou hy die geleentheid hê om die lewe van hierdie profeet te red, en so het [748] die koning gehoop sou hy daardie bloedige hoof wat na hom op 'n skottel gebring is, vir ewig uit sy ge- heue veeg. Hy het ook gehoop om sy nuuskierigheid te bevredig, en hy het gedink dat as Christus maar enige hoop op loslating gegee word, Hy enigiets sou doen wat van Hom gevra word.

'n Hele aantal van die priesters en ouderlinge is saam met Christus na Herodes. En toe die Heiland ingebring is, het hierdie waardigheidsbekleërs luidrugtig hulle beskuldigings teen Hom ingebring. Maar Herodes het hom min gesteur aan hulle aanklagte. Hy het hulle stilgemaak omdat hy Christus graag wou ondervra. Hy het beveel dat hulle Christus se hande moes losmaak, en het terselfdertyd Sy vyande daarvan beskuldig dat hulle Hom wreed mishandel het. Hy het mede- lydend gekyk op die vreedsame gelaat van die wêreld se Verlosser, en daar het hy loutere reinheid en wysheid gelees. Hy, sowel as Pilatus, was tevrede dat Christus beskuldig is uit nyd en kwaadwilligheid.

Herodes het Christus omslagtig ondervra, maar die Heiland het doodstil gebly. Op bevel van die koning is die siekes en verminktes ingeroep, en Christus is beveel om Sy aansprake te bewys deur n won derwerk te doen. Die mense sê dat U die siekes kan gesondmaak, het Herodes gesê. Ek wil baie graag die bewys hê dat U groot roem nie op leuens gebaseer is nie. Jesus het nie gereageer nie, en Herodes het nog aangehou: As U wonderwerke vir ander kon doen, doen hulle nou vir U eie verlossing, en U sal nie spyt wees nie. Weer het hy beveel, Gee ons 'n teken dat U die krag het wat die mense sê dat U het. Maar Christus was soos iemand wat nie gehoor of gesien het nie. Die Seun van God het die menslike natuur aangeneem. Hy moes handel soos 'n mens sou doen onder die omstandighede. Hy sou dus nie 'n wonderwerk doen om Homself te verlos van die pyn en vernedering wat 'n mens moet verduur wat in 'n dergelike posisie geplaas is nie.

Herodes het belowe dat as Christus 'n wonderwerk sou doen in sy teenwoordigheid, sou hy Hom loslaat. Christus se aanklaers het met hulle eie oë die magtige werke gesien wat deur Sy krag verrig is. Hulle het gehoor toe Hy die graf beveel het om sy dode op te gee. Hulle het gesien hoedat die dode voortkom op Sy bevel. Met vrees het hulle gedink aan die moontlikheid dat Hy nou 'n wonderwerk sou doen. Wat hulle die meeste gevrees het, was 'n openbaring van Sy mag. So 'n openbaring sou die doodsteek wees van hulle planne,
[749] en sou miskien ook hulle eie lewens kos. Nog eens het die priesters en owerstes in die grootste angs, hulle beskuldigings teen Hom geslinger. Met luide stemme het hulle verklaar, Hy is 'n verraaier en 'n godslasteraar. Hy doen Sy wonderwerke deur die krag wat Beëlsebul, die owerste van die duiwels, aan Hom gee. Daar het groot verwarring in die saal geheers; sommige het een ding geskreeu, en 'n ander gedeelte iets anders.

Herodes se gewete was nou nie meer so teer as toe hy met afsku gesidder het toe Herodias hom die hoof van Johannes die Doper gevra het nie. Vir 'n tyd het hy die skerp prikkels van berou gevoel oor sy vreeslike daad; maar sedelik het hy steeds laer en laer gesak ten gevolge van sy losbandige lewe. Nou was sy hart so verhard dat hy selfs ge- spog het oor wat hy aan Johannes gedoen het omdat hy dit gewaag het om hom te bestraf. Nou het hy ook vir Jesus gedreig, en her- haaldelik gesê dat hy die mag het om Hom los te laat of te veroordeel. Maar Jesus het uiterlik geen teken getoon dat Hy selfs een woord gehoor het nie.

Hierdie stilswye het Herodes vererg. Vir hom was dit 'n bewys van volslae onverskilligheid teenoor sy gesag. Vir hierdie trotse, spog- gerige koning, sou openlike bestraffing minder aanstootlik gewees het as om so geïgnoreer te word. Weer het hy Jesus kwaai gedreig, maar Hy het doodstil gebly.

Dit was nie die sending van Christus in hierdie wêreld om ydele nuuskierigheid te bevredig nie. Hy het gekom om die gebrokenes van hart te genees. As Hy maar 'n woord kon gespreek het om die kneusplekke van sonde-sieke harte te genees, sou Hy nie geswyg het nie. Maar Hy het geen woorde gehad vir diegene wat die waarheid onder onheilige voete sou vertrap nie.

Christus kon miskien woorde tot Herodes gespreek het wat die ore van daardie verharde koning sou deurdring het. Hy kon hom laat

vrees en bewe het deur sy sondige lewe en sy naderende verdoemenis aan hom te openbaar. Maar Christus se stilswye was die hardste bestraffing wat Hy hom kon oplê. Herodes het die waarheid verwerp wat aan hom gebring is deur die grootste van alle profete, en hy sou j geen ander boodskap ontvang nie. Die Majesteit van die hemel het geen woord vir hom gehad nie. Die oor wat altyd oop was vir menslike eilende, was gesluit vir Herodes se bevele. Die oë wat die boetvaardige sondaar altyd met ontfermende, vergewende liefde aanskou het, sou nie eens na Herodes kyk nie. Daardie lippe wat [750] die grootste waarhede geuiter het, en wat op die teerste wyse met die grootste sondaars gepleit het, het niks te sê gehad vir die trotse koning wat geen behoefte aan 'n Verlosser gevoel het nie.

Herodes het woedend geword. Hy het hom tot die skare gewend en Jesus boosaardig uitgeskel as 'n bedrieër. Toe het hy aan Christus gesê, As jy jou aansprake nie kan staaf nie, sal ek jou oorlewer aan die soldate en die mense. Hulle mag dit regkry om jou te laat praat. As jy 'n bedrieër is, dan verdien jy die dood; as jy die Seun van God is,verlos jouself dan deur 'n wonderwerk.

Hierdie woorde was nog skaars koud of daar is op Christus afgestorm. Soos wilde diere het die skare op hulle prooi afgestorm. Jesus is rondgepluk, en Herodes het by die skare aangesluit en meegedoen om die Seun van God te verneder. As die Romeinse soldate nie gekeer en die skare teruggedruk het nie, sou die Heiland in stukke geskeur gewees het..

"Nadat Herodes saam met sy soldate Hom met veragting behandel en bespot het, werp hy Hom 'n blink kleed om." Die Romeinse soldate het ook aan hierdie mishandeling meegedoen. Alles wat hierdie bose, verdorwe soldate kon uitdink, en aangehelp deur Herodes en die Joodse waardigheidsbekleërs, is op die Heiland opgehoop. Maar Sy goddelike geduld het nie opgeraak nie.

Christus se vervolgers het geprobeer om Sy karakter met hulle eie te vergelyk; hulle het Hom voorgestel as net so afskuwelik as hulleself. Maar agter die toneel wat hulle aanskou het, was daar n ander toneel-- -een wat hulle eendag sal sien in al sy heerlikheid. Daar was sommige wat gesidder het in Christus se teenwoordigheid. Onderwyl die gepeupel spottend voor Hom neergebuig het, het sommige wat \ir daardie doel na vore gekom het, teruggedeins, bang en stilgemaak. Herodes is oortuig. Die laaste strale van die

lig van genade het in sy sondige hart geskyn. Hy het gevoel dat hy nie met n gewone mens te doen het nie; want die Godheid het deur Sy mensheid geflits. Juis toe Christus omring was van die spotters, hoereerders, en moordenaars, was dit vir Herodes asof hy God op Sy troon aanskou het.

Verhard, soos hy was, het Herodes die veroordeling van Christus nie durf bekragtig nie. Hy wou die vreeslike verantwoordelikheid van hom afskuif, en hy het Jesus teruggestuur na die Romeinse
[751] geregsaal.

Pilatus was teleurgestel en baie ontevrede. Toe die Jode terugkom met hulle gevangene, het hy ongeduldig gevra wat hulle wou hê dat hy moes doen. Hy het hulle daaraan herinner dat Hy Jesus reeds ’ ondersoek en onskuldig bevind het; hy het hulle meegedeel dat hulle aanklagte teen Hom ingebring het, en dat hulle nie ’n enkele aanklag teen Hom bewys het nie. Hy het Jesus na Herodes gestuur, die viervors van Galilea, en een uit hulle eie volk, en ook hy het niks in Hom gevind wat die dood verdien het nie. “Nadat ek Hom gekasty het,” het Pilatus gesê, “sal ek Hom loslaat.”

Hier het Pilatus sy swakheid geopenbaar. Hy het verklaar dat Jesus onskuldig was, maar nogtans was hy gewillig om Hom te laat gésel om Sy beskuldigers tevrede te stel. Hy sou geregtigheid en beginsel opoffer ten einde ’n kompromis aan te gaan met die gepeupel. Dit het hom in ’n siegte posisie geplaas. Die skare het sy besluiteloosheid uitgebuit, en hulle het harder geskreeu dat die gevangene moes sterf. As Pilatus van die begin af pal gestaan het, en geweier het om iemand te veroordeel wat hy onskuldig bevind het, sou hy daardie noodlottige ketting verbreek het wat hom in selfverwyt sou bind solank hy geleef het. As hy volgens sy oortuiging van reg gehandel het, sou j die Jode dit nie gewaag het om vir hom voor te skryf wat om te doen nie. Hulle sou Christus tog doodgemaak het, maar Pilatus sou nie die skuld gedra het nie. Pilatus het stap vir stap sy gewete verkrag. Hy het versuim om met reg en geregtigheid te oordeel, en nou het hy homself byna hulpeloos gevind in die hande van die priesters en owerstes. Sy weifeling en besluiteloosheid was sy ondergang.

Selfs nou nog was Pilatus nie alleen gelaat om blindelings te handel nie. n Boodskap van God het hom gewaarsku om nie te doen wat hy wou doen nie. In antwoord op Christus se gebed is Pilatus

se vrou deur n engel uit die hemel besoek, en in ’n droom het sy die Heiland gesien en met Hom gepraat. Pilatus se vrou was nie ’n Jodin nie, maar waar sy Jesus in haar droom gesien het, het sy geen twyfel gehad aan Sy karakter en sending nie. Sy het geweet dat Hy die Vors van God was. Sy het Hom gesien waar Hy teregstaan in die geregsaal. Sy het gesien hoe Sy hande vasgebind was soos die van ’n misdadiger.

Sy het gesien hoe Herodes en sy soldate hulle vreeslike werk doen.

Sy het gehoor hoe die priesters en owerstes, vol haat en nyd, be-skul- digings teen Hom inbring. Sy het die woorde gehoor, “Ons het ’n wet en volgens ons wet moet Hy sterf.” Sy het gesien hoe Pilatus [752] Jesus oorlewer om gegésel te word nadat hy verklaar het, “Ek vind geen skuld in Hom nie.” Sy het Pilatus se uitspraak gehoor en gesien dat hy Christus aan Sy moordenaars oorlewer. Sy het die kruis op Golgota gesien. Sy het gesien hoe die aarde in duisternis gehul word, en sy het die misterieuse woorde gehoor, “Dit is volbring.” Maar sy het nog ’n ander toneel gesien. Sy het Christus sien sit op die groot wit wolk, terwyl die aarde gewaggel het, en Sy moordenaars vir Sy heerlikheid weggevlug het. Met ’n angskreet het sy wakkergeskrik, en dadelik aan Pilatus ’n waarskuwing geskryf.

Terwyl Pilatus nog geaarsel het wat om te doen, het ’n boodskapper deur die skare gedring en die brief van sy vrou aan hom oorhandig,wat as volg gelui het:

“Moet tog niks te doen hê met die regverdige man nie, want ek het vannag in ’n droom baie gely om Sy ontwil.”

Pilatus het bleek geword. Die teenstrydige emosies in sy binneste het hom heeltemal van stryk gebring. Maar terwyl hy nog geaarsel I het, het die priesters en owerstes nog verder die mense opgesweep.Pilatus is gedwing om te handel. Hy het skielik gedink aan n gewoonte waardeur hy Christus se loslating mag bewerkstellig. Tydens die Paasfees was dit die gebruik om die een of ander gevangene los te laat volgens die keuse van die volk. Hierdie gebruik was van heidense oorsprong; daar was nie ’n greintjie regverdigheid in nie, maar die Jode het dit baie gewaardeer. Die Romeinse owerheid het in hierdie tyd ’n gevangene aangehou, genaamd Barabbas, wat tot die dood veroordeel was. Hierdie man het gesê dat hy die Messias was. Hy het aanspraak gemaak op die reg om ’n ander orde in

te stel wat die wêreld dan sou regmaak. Onder die begogeling van die Satan het hy alles wat hy deur diefstal en geweld in hande kon kry, beskou as sy regmatige eiendom. Onder sataniese invloed het hy wonderlike dinge gedoen,en hy het 'n gevolg onder die mense gehad; ook het hy opstand verkondig teen die Romeinse regering. Hy was 'n geharde, waaghalsige misdadiger onder die dekmantel van godsdiensywer, daarop uit om opstand te veroorsaak en wrede dade te pleeg. Deur die mense die keuse te gee tussen hierdie man en die onskuldige Heiland, het Pilatus ge- hoop om die mense tot regsinnigheid te dwing. Hy het gehoop dat hy hulle medelyde vir
[753] Jesus sou opwek teen die priesters en owerstes.

Daarom het hy hom tot die skare gewend, en met groot erns gevra, "Wie wil julle hê, moet ek vir julle loslaat: Barabbas, of Jesus wat genoem word Christus?"

Die gepeupel het soos wilde diere geskreeu, "Nie Hom nie, maar Barabbas!" Luider en luider het hulle geskreeu, Barabbas! Barabbas! Menende dat die mense nie sy vraag verstaan het nie, het Pilatus gevra, "Wil julle hê dat ek vir julle die Koning van die Jode moet loslaat?" Maar hulle het weer geskreeu, "Weg met Hom, en laat vir ons Barabbas los!" Toe het Pilatus gevra, "Wat moet ek dan maak met Jesus wat genoem word Christus?" Weer het die malende skare soos wilde diere gebrul. Duiwels in menslike gedaantes was onder daardie skare, en watter ander antwoord as, "Laat Hom gekruisig word!" kon daar verwag word?

Pilatus was ontstel. Hy het nie geweet dat die saak daardie wending sou neem nie. Hy het teruggedeins om 'n onskuldige man oor te lewer om die skandelikste en wreedste dood te sterf waaraan 'n mens oorgegee kan word. Ná die geskreeu bedaar het, het hy die skare weer toegespreek en gevra, "Watter kwaad het Hy dan gedoen?" Maar praat sou nie meer help nie. Dit was nie bewys van Christus se onskuld wat hulle wou hê nie, maar Sy veroordeling.

Maar nog het Pilatus geprobeer om Hom te red. "Vir die derde maal sê hy vir hulle: Watter kwaad het Hy dan gedoen? Ek het in Hom niks gevind wat die dood verdien nie. Ek sal Hom dan kasty en loslaat." Maar net die gedagte dat Hy losgelaat mag word, het die mense nog waansinniger gemaak. Kruisig Hom! Kruisig Hom! het hulle geskreeu. Feiler en feiler het die storm gewoed wat losgelaat is deur Pilatus se besluiteloosheid.

Swak en moeg en vol wonde soos Hy was, is Jesus geneem en voor die skare gegésel. “Toe lei die soldate Hom weg in die binneplaas, dit is die goewerneur se paleis, en hulle roep die hele leërafdeling by- mekaar en trek Hom ’n purperkleed aan en vleg ’n kroon van dorings en sit dit vir Hom op; en hulle begin Hom begroet: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle . . . spuug op Hom en val op die knieë en bring Hom hulde.” Verskeie keer het een die riet wat in Sy hand was, gegryp en Hom oor Sy hoof geslaan, sodat die dorings van die kroon in Sy slape gesteek het, en die bloed langs Sy gesig en baard afgedrup het. [754]

Wees verwonderd, o hemele! en staan verbaas, o aarde! Sien die verdrukker en die verdrukte. ’n Waansinnige skare omsingel die Verlosser van die wêreld. Spottaal en hoontaal word afgewissel met vloeke van godslastering. Die gevoellose skare verwyt Hom Sy nederige geboorte en armoedige lewe. Sy aanspraak dat Hy die Seun van God is, word uitgelag, en vuil grappe en beledigings word gemaak.

Die Satan het die wrede gepeupel gelei in hulle mishandeling van die Heiland. Dit was sy doel om Hom tot weerwraak te beweeg indien moontlik, of om Hom daartoe te dryf om ’n wonderwerk te doen om Homself te verlos, om sodoende die verlossingsplan te laat misluk. Net een vlek op Sy menslike lewe, een beswyking van Sy menslike natuur om die vreeslike lyde te verduur, en die Lam van God sou ’n onvolmaakte offer gewees, en die verlossing van die mens misluk het Maar Hy wat deur net een woord die ganse leerskare van die hemel tot Sy hulp kon ontbied; Hy wat daardie gepeupel vreesbevange van Hom kon verjaag het deur net een flits van Sy goddelike majesteit, het Hom met volkome kalmte onderwerp aan die grofste beledigings.

Christus se vyande het aangedring op ’n wonderwerk as bewys van Sy Godheid. Hulle het bewys gehad baie sterker as wat hulle verlang het. Soos hulle wreedheid diegene wat Hom gemartel, verlaag het ver benede die menslikheid tot die ewebeeld van die Satan, so het Sy sagmoedigheid en lankmoedigheid Jesus verhef bokant die menslikheid, en Sy verwantskap met God bewys. Sy vernedering was die pan van Sy verheffing. Die bloeddruppels van foltering wat uit Sy verwonde slape langs Sy gesig en baard afgevloei het, was

die pand van Sy salwing met "vreugde-olie" Heb. 1: 9 as ons groot Hoëpriester

Die Satan se woede was groot toe hy sien dat al die mishandeling van die Heiland Hom nie gedwing het om eens eenmaal te kla nie. Alhoewel Hy die menslike natuur aangeneem het, is Hy bewaar deur 'n goddelike moedigheid, en Hy het nooit afgewyk van Sy Vader se wil nie.

Toe Pilatus Jesus oorgelewer het om gegésel en bespot te word, het hy gemeen dat hy daardeur die simpatie van die skare sou opwek. Hy het gehoop dat hulle sou besluit dat Hy genoeg gestraf is. die kwaadaardigheid van die priesters, het hy gehoop, sou bevredig word. Maar met hulle skerpsinnigheid het die Jode die swakheid gesien wat toelaat dat 'n man gemartel word wat onskuldig verklaar
[755] is. Hulle het geweet dat Pilatus geprobeer het om die lewe van die gevangene te red, en hulle sou toesien dat Jesus nie vrygelaat word nie. Om ons te behaag en te bevredig, het Pilatus Hom laat gésel, het hulle gedink; en as ons die saak na 'n punt toe dryf, sal ons sekerlik ons doel bereik.

Pilatus het Barabbas nou laat haal en hom in die hof laat inbring. Hy het toe die twee gevangenes langs mekaar laat staan, en wysende na die Heiland het hy smekend gesê, "Daar is die mens!" "Kyk, ek bring Hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie."

Daar het die Seun van God gestaan, met die spotkleed aan en die doringkroon op Sy hoof. Sy bo-lyf was kaal en die bloed het uit die Strieme op Sy rug gevloei. Sy gesig was met bloed bevlek, en het die tekens getoon van uitputting en pyn; maar nog nooit het dit mooier gelyk as nou nie. Sy voorkomste was nie misvormd voor Sy vyande nie. Elke gelaatstrek het gespreek van sagmoedigheid en onderworpenheid, en van die teerste ontferming vir Sy wrede vyande. Sy gedrag het geen swakheid verraai nie, maar krag, waardigheid, en lankmoedigheid getoon. In groot teenstelling met die voorkomste van die Heiland, was die van die gevangene langs Hom. Die lyne in die gesig van Barabbas het hom verraai as die geharde misdadiger wat hy was. Die kontras was vir almal opvallend. Sommige van die toeskouers het geween. Waar hulle Jesus aanskou het, was hulle harte vol medelyde. Selfs die priesters en owerstes was oortuig dat Hy alles was waarop Hy aanspraak gemaak het.

Die Romeinse soldate wat rondom Christus gestaan het, was nie almal verhard nie; sommige het Hom goed beskou om te sien of hulle enige teken in Sy gesig kon sien dat Hy 'n misdadiger of gevaarlike persoon was. Telkens het hulle omgedraai en met veragting gekyk na Barabbas. Dit het nie groot insig geverg om dwarsdeur hom te sien nie. Dan weer het hulle na die Een gekyk wat tereggestaan het. Hulle het na die goddelike Lyer gekyk met gevoelens van die diepste medelyde. Die stille onderworpenheid van Christus het 'n toneel op hulle ingebrand wat nooit uit hulle geheues uitgewis sou word nie, totdat hulle Hom, òf aanneem as die Christus, óf heeltemal verwerp en dus hulle eie lot beslis. [756]

Die stille verdraagsaamheid van die Heiland het Pilatus met verbasing vervul. Hy het nie daaraan getwyfel dat die aanskouing van hierdie man, in teenstelling met Barabbas, die Jode tot medelyde sou beweeg nie. Maar hy het nie besef met watter fanatieke haat die priesters Hom gehaat het wat as die Lig van die wêreld, hulle duisternis en dwalings geopenbaar het nie. Hulle het die gepeupel tot waansinnig- heid opgesweep, en weer het priesters, owerstes, en die mense geskreeu, "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" Eindelik toe Pilatus nie langer hulle gevoellose wreedheid kon uithou nie, het hy wanhopig gesê, "Neem julle Hom en kruisig Hom, want ek vind geen skuld in Hom nie."

Die Romeinse goewerneur, wat al baie wrede tonele aanskou het, het baie jammer gevoel vir die lydende gevangene wat met bebloede gesig en gestriemde rug, nog die waardigheid van n koning op sy troon gehad het. Die priesters het verklaar, "Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het."

Pilatus was ontstel. Hy het nie die regte idee van Christus en Sy sending gehad nie; maar hy het darem 'n vae geloof in God gehad en in wesens wat hoër as die mens staan, 'n Gedagte wat voorheen by hom opgekom het, het nou 'n meer bepaalde vorm aangeneem. Hy het homself afgevra of dit nie miskien 'n goddelike wese was wat voor hom gestaan het nie, geklee in die purper spotmantel, en gekroon met 'n doringkroon.

Hy het teruggegaan na die geregsaal en aan Jesus gevra, "Waar is U vandaan?" Maar Jesus het hom geen antwoord gegee nie. Die Heiland het vry met Pilatus gepraat, en Sy sending as getuie vir die

waarheid verduidelik. Pilatus het die lig veronagsaam. Hy het die hoë amp van regter misbruik deur sy beginsels en gesag prys te gee op aandrang van die gepeupel. Jesus het geen verdere lig vir hom gehad nie. Vererg oor Sy stilswye, het Pilatus driftig gesê:

"Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?"

Jesus het geantwoord, "U sou geen mag teen My he as dit nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde."

So het die ontfermende Heiland, in Sy verskriklike lyding en droefheid, soveel moontlik die handelwyse van die Romeinse goe-
[757] werneur verskoon wat Hom oorgelewer het om gekruisig te word. Wat 'n toneel vir die wêreld vir alle tyd! Wat 'n lig werp dit op die karakter van Hom wat die regter van die hele aarde is!

"Hy wat My aan u oorlewer," het Jesus gesê, het "groter sonde." Hier het Christus Kajafas bedoel, wat, as hoëpriester, die verteenwoor- diger van die Joodse volk was. Hulle het geweet watter beginsels die Romeinse owerheid beheers het. Hulle het die lig van die profesieë gehad wat van Christus getuig het, en deur Hom het hulle Sy leer en Sy wonderwerke gehad. Die Jode het onmiskenbare getuienis gehad van die Godheid van Hom wat hulle tot die dood veroordeel het. Hulle sal geoordeel word volgens hulle lig.

Die grootste skuld en swaarste verantwoordelikheid sal rus op diegene wat die hoogste plekke onder die volk beklee het, diegene wat die heilige pand in bewaring gehad het wat hulle so snood verraai het. Pilatus, Herodes en die Romeinse soldate was vergelykenderwys onkun- dig aangaande Jesus. Hulle het gemeen dat hulle die priesters en owerstes behaag het deur Hom te mishandel. Hulle het nie die lig gehad wat die Joodse volk in so 'n groot mate ontvang het nie. As daardie lig aan die soldate gegee was, sou hulle Christus nie so wreed behandel het as wat hulle wel gedoen het nie.

Weer het Pilatus voorgestel dat hulle die Heiland moet loslaat. "Maar die Jode het geskreeu en gesê: As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie." So het hierdie huigelaars dan geveins dat hulle ywerig was vir die gesag van die keiser. Van al die teenstanders van die Romeinse owerheid, was die Jode die mees verbete. Wanneer dit veilig was vir hulle om dit te doen, het hulle op tiranniese wyse hulle eie nasionale en godsdienswette gehandhaaf; maar as hulle hulle

wou wreek op iemand, het hulle die mag van die keiser geloof. Om Christus dood te maak, sou hulle lojaliteit betuig aan die vreemde mag wat hulle gehaat het.

"Elkeen wat homself koning maak," het hulle gesê, "kom in verset teen die keiser. Dit het Pilatus op 'n baie teer plekkie geraak. Die Romeinse regering het hom reeds verdink, en hy het geweet dat so 'n gerug sy ondergang sou beteken. Hy het geweet dat indien die Jode se planne verydel word, hulle hulle op hom sou wreek. Hulle sou alles in hulle vermoë doen om weerwraak te neem. Voor hom het hy 'n voorbeeld gesien van hulle vasberadenheid om Een uit die weg te ruim wat hulle sonder oorsaak gehaat het. [758]

Pilatus het toe weer op die regterstoel gaan sit, Jesus weer voor die mense gebring, en gese, "Daar is julle Koning!" Weer is die waan sinnige geskreeu gehoor, "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!" Met'n stem wat vir almal hoorbaar was, het Pilatus gevra, "Moet ek julle Koning kruisig?" Maar uit onheilige, godslasterende monde het die woorde gekom, "Ons het geen koning nie behalwe die keiser."

Dus, deur hulle keuse van 'n heidense regeerder, het die Joodse volk hulle onttrek aan die teokrasie. Hulle het God verwerp as hulle koning. Voortaan sou hulle geen verlosser he nie. Hulle het geen koning behalwe die keiser nie. Hiertoe het die priesters en leraars die volk gelei. Daarvoor, en vir die vreeslike gevolge daarvan, was hulle verantwoordelik. Die volk se sonde en die volk se ondergang,was te wyte aan die geestelike leiers.

"Toe Pilatus sien dat niks help nie, maar dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water geneem en sy hande voor die skare gewas en gese: Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien!" Met vrees en selfveroordeling het Pilatus die Heiland aanskou. In daardie see van gesigte, was Syne die enigste wat vreedsaam was. Dit was of daar om Sy hoof 'n sagte lig geskyn het. In sy hart het Pilatus gese, Hy is 'n God. Hy het hom tot die skare gewend en gese, Ek is onskuldig aan Sy bloed. Neem julle Hom en kruisig Hom. Maar onthou, julle priesters en owerstes, ek se dat Hy 'n regverdige man is. Mag Hy op wie Hy aanspraak maak as Sy Vader, julle vir hierdie dag se werk oordeel, en nie vir my nie. Toe het hy aan Jesus gese, Vergewe my vir hierdie daad; ek kan U nie red nie. En nadat Hy Jesus weer laat gesel het, het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word.

Pilatus wou Jesus baie graag loslaat. Maar hy het besef dat hy dit nie kon doen en nog sy posisie van eer kon behou nie. Liewer as om sy wereldse mag te verloor, het hy verkies om ’n onskuldige lewe op te offer. Hoeveel is daar nie wat hulle beginsels opoffer om verlies en lyding te ontduik nie. Plig en die gewete wys een pad, terwyl eiebelang na ’n ander wys. Die stroom vloei sterk in die teenoorgestelde rigting, en die een wat ’n kompromis met die kwaad aangaan, word weggevoer in die groot duisternis van die sonde.

Pilatus het toegegee aan die eise van die gepeupel. Liewer as om
[759] sy posisie in gevaar te stel, het hy Jesus oorgelewer om gekruisig te word. Maar ten spyte van sy versigtigheid, het juis wat hy gevrees het, later oor hom gekom. Sy eer is hom ontneem, hy het sy hoë pos verloor, en gefolter deur gewetenswroeging en gekweste hoogmoed, het hy kort ná die kruisiging selfmoord gepleeg. So sal almal wat ’n kompromis met die sonde aangaan net verdriet en ondergang oes. “Daar is n weg wat vir n mens reg lyk, maar die end daarvan is weë van die dood.” Spreuke 14: 12.

Toe Pilatus verklaar het dat hy onskuldig was aan die bloed van Christus, het Kajafas uitdagend gesê, “Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom.” Hierdie woorde is nageskreeu deur die priesters en owerstes, en ook deur die skare met ’n onmenslike gedreun van stemme. Die hele skare het geantwoord en gesê, “Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom.”

Die volk van Israel het sy keuse gemaak. Wysende na. Jesus, het J hulle gesê, “Nie hierdie man nie, maar Barabbas.” Barabbas, die rower en moordenaar, was die verteenwoordiger van die Satan. Christus is verwerp, en Barabbas is aangeneem. Barabbas sou hulle kry. Deur hierdie keuse te doen het hulle hom aangeneem wat van die begin af ’n leuenaar en moordenaar was. Die Satan was hulle leier. As volk sou hulle sy bevele uitvoer. Sy werke sou hulle doen. Sy regering sou hulle moet verduur. Die mense wat Barabbas gekies het in stede van Christus, sou die wreedheid van Barabbas voel solank as tyd sal duur.

Die Jode het die geslaande Lam van God aanskou, en uitgeroep, “Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom.” Hierdie vreeslike woorde het tot die troon van God opgestyg. Die vonnis wat hulle op hulleself uitgespreek het, is in die hemel aangeteken. Daardie gebed

is verhoor. Die bloed van die Seun van God was op hulle kinders, en hulle kindskinders, tot 'n ewige vloek.

Hulle het dit ondervind in die vreeslike verwoesting van Jerusalem, en ook in die vreeslike lyding van die Joodse volk vir agtienhonderd jaar soos n loot, afgesny van die wynstok, dood, vrugteloos, om versamel en verbrand te word. Van land tot land deur die hele wêreld, van eeu tot eeu sou hulle dood wees, dood in oortreding en sondes!

Op vreeslike wyse sal daardie gebed vervul word in die groot oor-deelsdag. Wanneer Christus weer na die aarde toe terugkom, sal dit nie wees soos n gevangene omring deur die gepeupel nie. Hulle sal Hom sien as die Koning van die hemel. Christus sal kom in Sy [760]
eie heerlikheid, en in die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele. Tienduisendmaal tienduisend, en duisende en duisende van engele, die heerlike en oorwinnende seuns van God, wat alles oortreffende lieflikheid en heerlikheid besit, sal Hom begelei. Dan sal Hy op Sy heerlike troon sit, en voor Hom sal al die volke vergader wees. Dan sal elke oog Hom sien, ook die wat Hom deurboor het. Pleks van 'n doringkroon, sal Hy 'n kroon van heerlikheid dra —'n kroon binne-in 'n kroon. Pleks van die ou purpur mantel, sal Hy gekleed wees in die reinste wit —"wit soos geen bleiker op aarde dit kan maak nie." Markus 9:3. Op Sy kleed en op Sy heup sal die Naam geskryf staan, "Die Koning van die konings en die Here van die here." Openb. 19: 16. Diegene wat Hom bespot en geslaan het, sal daar wees. Die priesters en die owerstes, sal weer die toneel in die geregsaal sien. Al die besonderhede sal hulle weer sien asof dit in letters van vuur geskryf is. Diegene wat gebid het, "Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom," sal die antwoord op hulle gebed kry. Dan sal die hele wêreld weet en verstaan. Dan sal hulle besef teen wie hulle arme, swak, nietige mense oorlog gemaak het. In vreeslike angs en vrees sal hulle tot die berge en rotse roep, "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam: want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Openb. 6: 16, 17. [761]

[762]

# Golgota

EN toe hulle kom op die plek wat hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig."

"Daarom het Jesus ook, om die volk deur Sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely." Heb. 13: 12. Vir die oortreding van die wet van God, is Adam en Eva verban uit die tuin van Eden. Christus, ons plaasvervanger, moes buitekant Jerusalem ly. Hy het buitekant die poort gesterf, waar misdadigers en moordenaars tereggestel is. Die volgende woorde het baie groot betekenis: "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word." Gal. 3:13.

'n Groot skare het Jesus gevolg van die geregsaal na Golgota. Die nuus van Sy veroordeling het deur Jerusalem versprei, en mense van alle klasse en Stande het na die plek van kruisiging gestroom. Die priesters en owerstes was deur 'n belofte gebind om nie die volgelinge van Christus te molesteer nie as Hy self aan hulle oorgelewer sou word, en die dissipels en gelowiges van die stad en omstreke het
[763] aangesluit by die skare wat die Heiland gevolg het.

Toe Jesus by die poort van Pilatus se hof verbygaan, is die kruis wat vir Barabbas berei is, op Sy bloeiende skouers gelê. Twee metgeselle van Barabbas sou saam met Jesus gekruisig word, en ook op hulle is kruise geplaas. In Sy verswakte toestand was die las te swaar vir Hom. Sedert die Avondmaal by die Paasfees saam met Sy dissipels, het Hy geen voedsel of drank gehad nie. Hy het gely in die tuin van. Getsemane in Sy worsteling met sataniese magte. Hy het die angs " van die verraad verduur, en moes aanskou hoedat Sy dissipels Hom verlaat en vlug. Hy is na Annas, toe na Kajafas, en toe weer na Pilatus geneem. Van Pilatus is Hy na Herodes gestuur, en toe weer terug na Pilatus. Belediging is op belediging gehoop; Hy is deurgaans bespot, en tweemaal gegésel — daardie hele nag was daar die een toneel na die ander van 'n aard om die mense-siel tot die uiterste toe op die proef te stel. Christus het pal gestaan. Hy het geen woord gespreek be- halwe alleen om God te verheerlik

nie. Deur daardie hele onreg- verdige verhoor het Hy homself met standvastigheid en waardigheid gedra. Maar toe die kruis na die tweede kastyding op Hom gelê is, kon Sy menslike natuur dit nie meer uithou nie. Hy het flou neerge-val onder die las.

Die skare wat Jesus gevolg het, het gesien hoe uitgeput Hy was en hoe Hy gewaggel het, maar hulle het hulle nie oor Hom ontferm nie. Hulle het Hom verwyt en sleggemaak omdat Hy nie die swaar kruis kon dra nie. Weer is die kruis op Hom gelê, en weer het Hy onder die las beswyk. Sy vervolgers het gesien dat Hy onmoontlik nie Sy las verder kon dra nie. Hulle het nie geweet waar om iemand te kry om die vernederende drag te dra nie. Die Jode self kon dit nie doen nie, want dit sou hulle verontreinig sodat hulle nie die Pasga sal kan eet nie. Selfs onder die gepeupel was daar niemand wat homself wou verneder om die kruis te dra nie.

Net toevallig het Simon van Cirene, wat van die veld af gekom het, die skare teëgekom. Hy hoor die lawaai en verwyte van die skare; hy hoor hoe hulle spottend die woorde herhaal, Maak pad vir die Koning van die Jode! Hy staan die toneel verbaas en aankyk, en terwyl hy uiting gee aan sy medelyde, gryp hulle hom en plaas die kruis op sy skouers.

Simon het van Jesus gehoor. Sy seuns was gelowiges in die Here, maar hy self was nie ’n dissipel nie. Dit was ’n seën vir Simon om
die kruis na Golgota te dra, en vir altyd daarna was hy bly oor die [764]
voorreg. Dit het hom beweeg om die kruis van Christus vrywillig op te neem en dit blymoedig te dra.

Daar was ’n aantal vroue onder die skare wat die Onskuldige na Sy wrede dood gevolg het. Hulle oë was op Jesus gevestig. Sommige van hulle het Hom voorheen gesien. Sommige het hulle siekes en lydendes na Hom toe gebring. Ander is self genees. Hulle vertel van die tonele wat afgespeel is. Hulle is verbaas oor die haat van die skare teenoor Hom oor wie hulle eie harte gebroke is. En nieteenstaande die handelwyse van die waansinnige skare, en die bitsige woorde van die priesters en owerstes, het hierdie vroue uiting gegee aan hulle medelyde. Toe Jesus daar onder die kruis neersak, het hulle geween.

Dit was die enigste ding wat Christus raakgesien het. Alhoewel Hy self in die grootste pyn verkeer het, en terwyl Hy die sondes van die wêreld gedra het, het Hy nie hulle droefheid onverskillig laat

verbygaan nie. Hy het die vroue met ontferming aanskou. Hulle was nie gelowiges in Hom nie; Hy het geweet dat hulle nie oor Hom geween het as die Een van God gestuur nie, maar dat dit uit blote jammerte was. Hy het nie hulle medelyde verag nie, maar dit het in Sy hart 'n groter medelyde teenoor hulle laat ontstaan. "Dogters van Jerusalem," het Hy gesê, "moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders." Van die toneel voor Hom, het Christus vooruitgesien na die tyd van Jerusalem se verwoesting. In daardie vreeslike ramp sou baie van diegene wat nou oor Hom ween, vergaan saam met hulle kinders.

Van die verwoesting van Jerusalem het die gedagtes van Jesus gegaan na die groot oordeelsdag. In die verwoesting van Jerusalem het Hy die finale verwoesting van die wêreld gesien. Hy het gesê: "Dan sal hulle begin om vir die berge te sê: Val op ons! en vir die heuwels: Bedek ons! Want as hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur!" Met die groen boom het Jesus Homself bedoel, die onskuldige Verlosser. God het Sy toorn teen die sonde laat kom op Sy geliefde Seun. Jesus sou gekruisig word vir die mensdom. Watter straf sal die sondaar dan moet verduur wat in sy sonde voortlewe? Al die onboetvaardiges en ongelowiges sal 'n
[765] droefheid en ellende ken wat geen pen kan beskryf nie.

Onder diegene wat.die Heiland na Golgota gevolg het, was daar baie wat Hosanna geskreeu en palmtakke geswaai het tydens Sy segetog in Jerusalem. Maar baie wat Hom destyds toegejuig het omdat dit populêr was, het nou saamgeskreeu, "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" Toe Christus Jerusalem binnegery het, het die hoop van die dissipels baie hoog gestyg. Hulle het baie na aan hulle Meester gebly, en gevoel dat dit 'n groot eer was om aan Hom verbonde te wees. Maar nou, in Sy vernedering, het hulle Hom op 'n afstand gevolg. Hulle was in groot droefheid en bitter teleurgestel. Hoe treffend is die woorde van Jesus bewaarheid: "Julie sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan, en die skape van die kudde sal verstrooi word." Matt. 26: 31. Toe hulle by die plek van teregstelling kom, is die gevangenes vasgebind aan die kruise. Die twee diewe het hulleself teëgesit teen diegene wat hulle op die kruise moes plaas; maar Jesus het Hom nie teëgesit nie. Die moeder van Jesus, ondersteun deur die apostel Johannes, het haar seun gevolg na Golgota. Sy het gesien

hoedat Hy flou val onder die gewig van die kruis, en sy wou so graag Sy verwonde hoof met haar hand ondersteun, en die gesig wat eenmaal teen haar boesem gerus het, baai. Maar hierdie voorreg is haar geweier. Saam met die dissipels het sy nog die hoop gekoester dat Jesus Sy mag sou openbaar en Homself sou bevry van Sy vyande. Dan het haar hoop weer heel- temal verdwyn namate sy haar herinner het hoe Hy die tonele wat nou plaasvind, voorspel het. Terwyl hulle die diewe aan die kruise vasgebind het, het sy dit in folterende spanning gadegeslaan. Sou Hy wat die dode lewendig gemaak het, toelaat dat hulle Hom kruisig? Sou die Seun van God toelaat dat hulle Hom so wreed om die lewe bring? Moet sy haar geloof versaak dat Jesus die Messias is? Moet sy getuie wees van Sy skande en lyde sonder eens die voorreg te hê om Hom by te staan in Sy eilende? Sy het gesien hoedat hulle Sy arms uitstrek aan die kruis; die hamer en spykers is gebring, en toe hulle die spykers deur Sy vlees slaan, het die hartseer dissipels die moeder van Jesus, wat beswyk het, weggedra van daardie wrede toneel.

Die Heiland het nie gemurmureer of gekla nie. Sy gelaat was kalm en vredevol, maar daar het groot druppels sweet op Sy voorhoof gestaan. Daar was geen ontfermende hand om die doodsweet van Sy gesig af te vee, of woorde van medelyde en trou te spreek om Sy [766]
menslike hart te versterk nie. Terwyl die soldate besig was met hulle vreeslike werk, het Jesus vir Sy vyande gebid, "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Sy gedagtes is afgetrek van Sy eie lyde, en Hy het gedink aan Sy vervolgers, en die vreeslike vergelding wat hulle gewag het. Hy het nie die soldate wat Hom so mishandel het, vervloek nie. Ook het Hy nie om wraak geroep op die priesters en owerstes wat so tevrede was omdat hulle hulle doel bereik het nie. Christus was vir hulle jammer in hulle onkunde en skuldigheid.

As hulle geweet het dat hulle iemand daar gemartel het wat die sondige mensdom kom verlos het van ewige ondergang, sou hulle met vrees en afsku vervul gewees het. Maar hulle onkunde het nie hulle skuld weggeneem nie, want hulle het die geleentheid en voorreg gehad om Jesus te ken en aan te neem as hulle Verlosser. Sommige van hulle sou nog hulle sonde besef, berou hê, en tot bekering kom. Ander sou, deur hulle onboetvaardigheid, dit onmoontlik maak dat die gebed van Christus vir hulle verhoor word. Maar nieteenstaande

dit alles is Gods planne volvoer. Jesus het daar die reg verdien om by Sy Vader die Voorspraak van die mensdom te word.

Die gebed van Christus vir Sy vyande het die hele wêreld ingesluit. Dit het elke sondaar ingesluit wat gelewe het of nog sal lewe, van die begin van die wêreld af tot by die einde van tyd. Almal is skuldig aan die kruisiging van die Seun van God. Aan almal word vergifnis vry aangebied. “Almal wat wil” mag vrede by God hê en die ewige lewe beërf.

Sodra hulle Jesus klaar aan die kruis genael het, het sterk manne dit opgelig en met geweld laat afsak in die gat wat daarvoor gegrawe is. Dit het die Seun van God ondraaglike pyn veroorsaak. Pilatus het toe ’n opskrif geskryf in Hebreeus, Grieks, en Latyn, en dit aan die kruis vasgeheg, bokant die hoof van Jesus. Dit het gelui: “Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode.” Hierdie opskrif het die Jode kwaad gemaak. In die hof van Pilatus het hulle geskreeu, “Kruisig Hom!” “Ons het geen koning behalwe die keiser nie.” Joh. 19: 15. Hulle het verklaar dat almal wat enige ander koning erken het, ’n verraaier was. Pilatus het die gesindheid wat hulle uitgedruk het, in skrif opgestel. Geen misdaad is genoem behalwe dat Jesus die Koning van die Jode was nie. Die opskrif was feitlik ’n betuiging van die Joodse trou aan die Romeinse owerheid. Dit het daarop
[767] neergekom dat enig- een wat sê dat hy koning van Israel is, deur hulle veroordeel is as iemand wat die dood verdien. Wat die priesters betref, hulle het te ver gegaan. Toe hulle die dood van Jesus beplan het, het Kajafas gesê dat dit beter sou wees as een man sterf om die volk te red. Nou is hulle huigelagtigheid aan die kaak gestel. Om Christus te vernietig, was hulle bereid om hulle bestaan as volk prys te gee.

Die priesters het besef wat hulle gedoen het, en hulle het Pilatus gevra om die opskrif te verander. Hulle het gesê, “Moenie skrywe: Die Koning van die Jode nie; maar dat Hy gesê het: Ek is die Koning van die Jode.” Maar Pilatus was kwaad vir homself oor sy vorige swak optrede, en nou het hy die nydige en slinkse priesters en owerstes heeltemal verag. Kil het hy geantwoord, “Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe.”

n Hoër gesag as die van Pilatus of die Jode het daardie opskrif bo- kant die hoof van Jesus laat plaas. In die voorsienigheid van God sou dit mense laat dink en hulle die Skrifte laat ondersoek. Die plek

waar Christus gekruisig is, was naby die stad. Duisende mense uit alle lande was in Jerusalem, en die opskrif wat verklaar het dat Jesus van Nasaret die Messias was, sou onder hulle aandag kom. Dit was ’n lewende waarheid, geskryf met ’n hand deur God gerig.

In die lyde van Christus aan die kruis, is profesieë vervul. Eeue vóór die kruisiging het die Heiland die behandeling voorspel wat Hy sou ontvang. Hy het gesê, “Honde het My omsingel; ’n bende kwaaddoeners het My omring; hulle het My hande en My voete deurgrawe.

Al My bene kan Ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op My neer! Hulle verdeel My klere onder mekaar en werp die lot oor My gewaad.” Ps. 22: 17-19. Die profesie aangaande Sy gewaad is vervul sonder raadgewing of inmenging deur die vriende, of vyande, van die Gekruisigde. Sy kleding is gegee aan die soldate wat Hom aan die kruis genael het. Christus het gehoor hoe die manne stry toe hulle Sy klere onder mekaar uitgedeel het. Sy onderkleed is aaneen geweef, sonder naat, en hulle het gesê, “Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons daaroor die lot werp, wie syne dit sal wees.”

In n ander profesie het die Heiland verklaar, “Die smaad breek My hart en Ek moet bewe; ja Ek het gewag op medelyde, maar verniet; en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie. En hulle het aan My gal gegee as My spyse, en vir My dors het hulle My asyn laat drink.” Ps. 69: 21, 22. Dit was geoorloof om aan diegene [768]
wat aan die kruis moes sterf, ’n verdowingsmiddel te gee om die pyn te versag. Dit is Jesus aangebied, maar toe Hy dit proe, het Hy dit geweier. Hy wou niks drink wat Sy sinne kon benewel nie. Sy geloof moes vas- kleef aan God. Dit was Sy enigste sterkte. As Hy Sy sinne laat benewel het, sou Hy die Satan ’n kans gegee het.

Die vyande van Jesus het uiting gegee aan hulle woede waar Hy daar aan die kruis gehang het. Priesters, owerstes, en skrifgeleerdes het saam met die gepeupel die spot gedryf met die sterwende Heiland. By Sy doop, en tydens die verheerliking op die berg, is die stem van God gehoor wat Christus Sy Seun verklaar het. En weer, net vóór Christus verraai is, het die Vader gespreek en getuig van Sy Godheid. Maar nou is daar geen stem uit die hemel gehoor nie. Daar was geen getuienis ten gunste van Christus nie. Alleen moes Hy die mishandeling en die gespot van bose mense verduur.

"As U die Seun van God is," het hulle gesê, "kom af van die kruis af." "Laat Hy Homself verlos as Hy die Christus, die Uitverkorene van God is." In die woestyn van versoeking het die Satan gesê, "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word." "As U die Seun van God is, werp Uself af" van die dak van die tempel. Matt. 4: 3, 6. En die Satan met sy engele, in menslike gedaantes, was teen- woordig by die kruis. Die aartsrebel en sy leërskare het saamgewerk met die priesters en owerstes. Die leraars van die volk het die onkundige gepeupel aangehits om Iemand te veroordeel wat baie van hulle nie eens tevore gesien het voordat hulle gevra is om teen Hom te getuig nie. Priesters, owerstes, Fariseërs en die verharde gepeupel het saamgestaan in hulle sataniese ywer. Geestelike leiers het saamgestaan met die Satan en sy engele. Hulle het sy bevele uitgevoer.

Jesus, lydende en sterwende, het elke woord gehoor toe die priesters gesê het, "Ander het Hy gercd, Homself kan Hy nie red nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. Christus kon van die kruis afgekom het. Maar dit is omdat Hy Homself nie wou red nie dat die sondaar hoop op ver- gifnis het en op die guns van God."

In hulle bespotting van die Heiland het die mense wat voorgegee het dat hulle die verklaarders van profesieë is, juis die einste woorde herhaal wat die profesieë voorspel het wat hulle sou sê by
[769] hierdie ge- leentheid. Maar in hulle blindheid het hulle nie gesien dat hulle die profesieë vervul het nie. Diegene wat spottend die woorde geuiter het, "Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou red as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God," het nooit gedink dat hulle woorde deur die eeue sou weerklink nie. Maar alhoewel hulle dit spottend gesê het, het daardie woorde mense beweeg om die Skrifte te ondersoek soos nooit tevore nie. Wyse manne het gehoor, ondersoek, oorpeins en gebid. Daar was diegene wat nie gerus het voordat hulle deur skriftuur met skriftuur te vergelyk, die betekenis van Christus se sending verstaan het nie. Nog nooit tevore was daar so 'n algemene kennis van Jesus as toe Hy aan die kruis gehang het nie. In die harte van baie wat die kruisiging gesien en Christus se woorde gehoor het, het die lig van die waarheid geskyn.

Tot Jesus in Sy lyde daar aan die kruis, het daar een straaltjie van vertroosting gekom. Dit was die gebed van die boetvaardige

dief. Albei die manne wat saam met Jesus gekruisig is, het Hom in die begin ook verwyt; en een van hulle het deur sy eie lyding net meer desperaat en uitdagend geword. Maar dit was nie die geval met sy maat nie. Hierdie man was nie ’n geharde misdadiger nie; hy is in die verkeerde weg gelei deur bose maats, maar hy was minder skuldig as baie van diegene wat daar by die kruis gestaan en teen Jesus uitgevaar het. Hy het Jesus gesien en gehoor, en is oortuig deur Sy leer, maar hy is deur die priesters en owerstes beïnvloed om Hom nie aan te neem nie. Om die stem van sy gewete te smoor, het hy al dieper en dieper in die sonde verval, totdat Hy eindelik as misdadiger ge- arresteer, verhoor en veroordeel is om aan die kruis te sterf. In die geregsaal, en op weg na Golgota, was hy saam met Jesus. Hy het Pilatus hoor verklaar dat hy “in Hom geen skuld vind nie.” Joh. 19: 4. Hy het Sy goddelike gedrag gesien, en die ontferming waarmee Hy diegene vergeef het wat Hom gemartel het. Nou, daar aan die kruis, sien hy hoedat baie van die groot geestelike leiers hulle tonge in veragting uitsteek en met die Here Jesus spot. Hy sien hoedat die mense hulle hoofde skud. Hy hoor hoedat sy maat ook die verwyte opneem: “As U die Christus is, verlos Uself en ons.” Onder diegene wat daar verbyloop, hoor hy baie Christus verdedig. Hy hoor hulle Sy woorde herhaal, en van Sy werke vertel. Die oortuiging kom weer tot hom dat dit die Christus is. Hy het hom na sy medegekruisigde ge- draai en gesê, “Vrees jy nie ook God [770] nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is?” Die sterwende diewe het niks meer te vrees van mense nie. Maar by een ontstaan die oortuiging dat daar ’n God te vrees is, en n toe- koms wat hom laat sidder. En nou, vol sonde soos dit is, sal sy lewens- geskiedenis haas afgesluit word. “Ons tog regverdiglik,” sê hy droe- wig, “want ons kry die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie.”

By hom is daar nou geen vraag meer nie. Daar is geen twyfel, en geen verwyte nie. Toe hy veroordeel is vir sy misdaad, het die dief hopeloos en wanhopig geword; maar nou het daar vreemde, teer gedagtes in hom opgekom. Hy dink terug aan alles wat hy van Jesus gehoor het, hoe Hy siekes genees, en sondes vergewe het. Hy het die woorde gehoor van diegene wat in Jesus geglo, en Hom wenende gevolg het. Hy het die opskrif gesien en gelees wat bokant die Heiland se hoof geplaas is. Hy het gehoor hoedat die verbygangers

dit lees, sommige met bewende lippe, en ander spottend. Die Heilige Gees verlig sy verstand, en trapsgewys word die skakel van getuienis gesmee. In Jesus, verwond, bespot, en hangende aan die kruis, sien hy die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem. Daar is hoop en angs in sy stem waar 'n hulpelose, sterwende siel hom op die genade van 'n sterwende Heiland beroep. "Dink aan my, Here," roep hy, "wanneer U in U koninkryk kom."

Dadelik het die antwoord gekom. Die woorde was sag, wel-lui-dend, vol liefde, ontferming, en krag: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy met My in die Paradys wees."

In die ure van foltering het Jesus net skel- en spotwoorde gehoor. Waar Hy daar aan die kruis gehang het, het Hy steeds vloeke en gespot gehoor. Met 'n verlangende hart het Hy geluister vir die betuiging van geloof deur Sy dissipels. Al wat Hy gehoor het, was, "Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos." Hoe aangenaam was dit vir die Heiland om die woorde van geloof en liefde te hoor van die sterwende dief! Terwyl die vooraanstaande Jode Hom verloën, en selfs Sy dissipels aan Sy Godheid twyfel, noem die arme dief op die randjie van die dood, Jesus Here. Baie was gewillig om Hom Here te noem toe Hy wonderwerke gedoen het, en ná Hy uit die graf opgestaan het; maar niemand het Hom erken waar Hy daar aan die kruis gehang het nie, behalwe die sterwende dief wat
[771] terelfderure gered is.

Diegene wat daar gestaan het, het gehoor hoe die dief Jesus Here noem. Die stem van die berouvolle man het hulle aandag getrek. Diegene wat daar aan die voet van die kruis rusie gemaak het oor Christus se klere, en die lot gewerp het oor Sy onderkleed, het stilgebly en geluister. Hulle harde stemme het stil geword. In spanning het hulle na Christus gekyk, en gewag op die antwoord van Sy sterwende lippe.

Toe Hy hierdie belofte gegee het, is die donker wolk wat, soos dit gelyk het, die kruis oorskadu het, deurdring met 'n helder, lewende lig. Die boetvaardige dief het die volle vrede ondervind wat kom ten gevolge van aanname deur God. In Sy vernedering is Christus ver- heerlik. Hy wat vir almal gelyk het soos 'n oorwonnene, was Oor- winnaar. Hy is erken as die draer van die sonde. Mense kon mag hê oor Sy vleeslike liggaam; hulle kon daardie heilige slape verwond met n doringkroon; hulle kon Sy klere van Hom afskeur

en rusie maak daaroor; maar hulle kan Hom nie beroof van Sy mag om sondes te ver- gewe nie. Sterwende het Hy getuienis gegee van Sy eie Godheid tot verheerliking van die Vader. Sy oor is nie swaar sodat dit nie kan hoor nie, en Sy arm verkort sodat dit nie kan red nie. Dit is Sy koninklike reg om volkome te red, almal wat deur Hom na God kom.

Ek sê vir jou vandag, jy sal met My in die Paradys wees. Christus het nie die dief belowe dat hy daardie dag met Hom in die Paradys sou wees nie. Hy het in die graf geslaap, en op die opstandingsmore het Hy gesê, "Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie." Joh. 20: 17. Maar op die dag van die kruisiging, die dag van skynbare neerlaag en duisternis, is die belofte gegee. "Vandag" terwyl Hy sterwende was aan die kruis as 'n misdadiger, verseker Christus die arme sondaar, sal jy met My in die Paradys wees.

Die diewe wat saam met Jesus gekruisig is, is geplaas "een aan elke kant, en Jesus in die middel." Dit is gedoen op aandrang van die priesters en owerstes. Christus se posisie daar tussen die twee diewe moes aantoon dat Hy die grootste misdadiger van die drie was. So is die Skrif vervul dat Hy "saam met die oortreders getel was." Jes. 53: 12. Maar die priesters het nie die volle betekenis van hulle daad gesien nie. Soos Jesus, gekruisig saam met die diewe, in die middel geplaas is, so is Sy kruis geplant in die middel van 'n wêreld in sonde. En die woorde van vergifnis aan die boetvaardige dief, het 'n lig aan- gesteek wat sou skyn tot die uithoeke van die aarde. [772]

Met verbasing het die engele die ewige liefde van Jesus aanskou, wat, in die grootste foltering van gemoed en liggaam verkeer het, net aan ander gedink het, en 'n boetvaardige siel aangemoedig het om te glo. In Sy vernedering het Hy as profeet die dogters van Jerusalem toegespreek; as priester en voorspraak het Hy by die Vader gepleit om Sy moordenaars te vergewe; as liefdevolle Heiland het Hy die sondes vergewe van die boetvaardige dief.

Terwyl Jesus die skare rondom Hom aanskou het, het een figuur Sy aandag getrek. Aan die v.oet van die kruis het Sy moeder gestaan, ondersteun deur die dissipel Johannes. Sy kon nie van haar Seun af wegbly nie, en Johannes, wetende dat die einde naby was, het haar weer na die kruis gebring. In Sy sterwensuur het Christus aan Sy moeder gedink. Hy het na haar droewige gelaat gekyk, en

toe na Johannes, en Hy het aan haar gesê, “Vrou, daar is u seun!” en aan Johannes, “Daar is jou moeder!” Johannes het Christus se woorde verstaan, en die verantwoordelikheid aanvaar. Hy het Maria dadelik na sy huis geneem, en van daardie uur af het hy teer vir haar gesorg. O, jammer- hartige, liefdevolle Heiland, in al Sy liggaamlike en verstandelike foltering, het Hy met besorgdheid gedink aan Sy moeder! Hy het geen geld gehad om in haar behoeftes te voorsien nie, maar Johannes het Hom liefgehad, en Hy het Sy moeder aan sy sorg toevertrou. So het Hy aan haar gegee wat sy die meeste nodig gehad het — die tere sorg van iemand wat haar liefhet omdat sy Jesus liefhet. En deur haar onder sy sorg te neem, het Johannes ’n groot seën ontvang. Sy het hom gedurig herinner aan sy geliefde Meester.

Die volmaakte voorbeeld van Christus se liefde as seun, skyn met onafgebroke helderheid uit die newels van die eeue. Vir byna dertig jaar het Jesus deur Sy daelikse arbeid gehelp om die laste van die huis te dra. En nou, selfs in Sy laaste lyde, het Hy onthou om voorsorg te maak vir Sy hartseer weduwee-moeder. Elke dissipel van die Here sal dieselfde gees openbaar. Diegene wat Christus volg, sal voel dat dit deel van hulle godsdiens is om hulle ouers te eer en vir hulle te sorg. Uit die hart waar Sy liefde gekoester word, sal vader en moeder altyd troue sorg ontvang.

En nou was die Here van die heerlikheid sterwende, ’n losprys vir die volk. Toe Hy Sy kosbare lewe opgeoffer het, is Christus nie versterk deur oorwinningsvreugde nie. Alles was terneerdrukkende
[773] duis- ternis. Dit was nie die vrees vir die dood wat so swaar op Hom ge- druk het nie. Dit was nie die pyn en skande van die kruis wat sulke onbeskryflike foltering veroorsaak het nie. Christus was die Vors van lyers, maar Sy lyde is veroorsaak deur die besef van die sondigheid van die sonde, die wete dat die mens, deur sy gewoondheid aan die sonde, verblind is vir die sondigheid daarvan. Christus het gesien hoe vas die sonde die menslike hart gegryp het, en hoe min daar was wat gewillig sou wees om los te breek uit die mag daarvan. Hy het geweet dat die mensdom sonder die hulp van God, sou vergaan, en Hy het menigtes sien vergaan binne bereik van oorvloedige hulp.

Op Christus, ons plaasvervanger en borg, is al ons sondes geplaas. Hy is as oortreder getel, sodat Hy ons kon verlos van die veroordeling

van die wet. Die skuld van elke Adamskind het op Sy hart gedruk. Die toorn van God teen die sonde, die vreeslike openbaring van Sy ontevredenheid oor die ongeregtigheid, het die siel van Sy Seun met ontsteltenis vervul. Sy hele lewe lank het Christus aan 'n gevalle wêreld die blye nuus van die Vader se genade en vergewende liefde verkondig. Die saligheid vir die grootste sondaar was Sy tema. Maar nou, met die verskriklike gewig van die skuld wat Hy dra, kan Hy nie die Vader se versoenende gelaat sien nie. Die onttrekking van die goddelike aanskyn van die Heiland in hierdie uur van die grootste angs het Sy hart deurboor met 'n droefheid wat nooit deur die mens ten volle sal verstaan word nie. So groot was hierdie angs dat Sy lig- gaamlike lyding byna nie gevoel is nie.

Die Satan met sy feile versoekings het die hart van Jesus gepers. Die Heiland kon nie deur die poorte van die graf sien nie. Hoop het Hom nie voorgestel as oorwinnaar uit die graf nie, of Hom verwittig van die Vader se aanname van Sy offer nie. Hy het gevrees dat die sonde so afskuwelik vir God was dat hulle skeiding van mekaar ewig- durend sou wees. Christus het die angs gevoel wat die sondaar sal voel wanneer genade nie langer sal pleit vir die sondige geslag nie. Dit was die besef van die sonde, die koms van die Vader se toorn op Hom as die mens se plaasvervanger, wat die beker wat Hy gedrink, so bitter gemaak het, en wat die hart van die Seun van God gebreek het.

Met verbasing het die engele die Heiland se wanhoopsangs aan- skou. Die leërskare van die hemel het hulle aangesigte verberg vir [774] die vreeslike skouspel. Die lewenlose natuur het medelyde betoon met sy beledigde, sterwende Skepper. Die son het geweier om die vreeslike toneel te aanskou. Sy vol, helder strale het die aarde op die middag verlig, toe dit skielik gelyk het of dit uitgedoof is. Volkome duisternis, soos 'n doodskleed, het die kruis omhul. "Daar het duis- ternis oor die hele aarde gekom tot drie-uur toe." Daar was nie 'n sonsverduistering of 'n natuurlike oorsaak vir hierdie duisternis nie; dit was soos die middernagtelike duisternis, sonder maan of sterre. Dit was wonderbaarlike getuienis deur God gegee sodat die geloof van geslagte daarna bevestig mag word.

In daardie stikdonkere duisternis was Gods teenwoordigheid ver- berg. Hy maak die duisternis Sy skuilplek, en bedek Sy heerlikheid vir die oë van mense. God en Sy heilige engele was daar by die

kruis. Die Vader was by Sy Seun. Maar Sy teenwoordigheid is nie geopen- baar nie. As Sy heerlikheid uit daardie wolk geskyn het, sou elke menslike toeskouer verslind gewees het. En in daardie vreeslike uur sou Christus nie vertroos word met die Vader se teenwoordigheid nie. Hy het die parskuip alleen getrap, en van die volk was daar niemand om Hom te help nie.

In daardie stikdonkere duisternis het God die laaste lyde van Sy Seun bedek. Almal wat Christus in Sy lyde gesien het, was oortuig van Sy Godheid. Daardie gesig, eenmaal deur 'n mens gesien, sou nooit weer vergeet word nie. Net soos die gesig van Kain getoon het dat hy 'n moordenaar was, so het die gesig van Christus Sy onskuld, vreedsaamheid, en goedheid geopenbaar — die beeld van God. Maar Sy beskuldigers wou nie let op die seël van die hemel nie. Deur die lang lydensure is Christus aanskou deur die spottende skare. Nou is Hy genadiglik verberg deur die mantel van God.

Dit het geskyn of die stilte van die graf neergesak het op Golgota. Die skare wat rondom die kruis vergader het, was met 'n naamlose vrees bevange. Die gespot en gevloek het opgehou in die middel van halfuitgesproke sinne. Manne, vroue en kinders het plat op die grond neergeval. Helder blitse het by tye uit die wolk geskiet, en die kruis en die gekruisigde Heiland sigbaar gemaak. Priesters, owerstes, skrifgeleerdes, laksmanne, en die gepeupel — almal het gedink dat hulle uur van vergelding aangebreek het. Ná 'n tydjie het sommige
[775] gefluister dat Jesus nou van die kruis sal afkom. Sommige het gepro beer om voel-voel hulle pad terug te vind na die stad; hulle het op hulle bors geslaan en gekreun van vrees.

Teen drie-uur het die duisternis begin afneem, maar dit het nog die Heiland omring. Dit was n simbool van die angs en verskrikking wat so swaar op Sy hart gedruk het. Geen oog kon die duisternis deurdring wat die kruis omhul het, en niemand kon deur die groter duisternis sien wat die lydende siel van Christus omring het nie. Dit het geskyn asof die vreeslike blitse teen Hom gemik is waar Hy daar aan die kruis gehang het. Toe het "Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtani?" Dit beteken, "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Toe die buitenste duisternis om die Heiland begin toesak, het baie stemme uitgeroep, Die toorn van die hemel het Hom getref. Die blitse van Gods toorn is teen Hom gestuur, omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God is. Baie wat in

Hom geglo het, het Sy wan- hoopsgeroep gehoor. Die hoop het hulle verlaat. As God Jesus dan verlaat het, waarop kon Sy volgelinge vertrou?

Toe die duisternis verdwyn het van die verdrukte gees van Christus, het Hy Sy liggaamlike lyding gewaar geword, en gesê, "Ek het dors!" Een van die Romeinse soldate het baie jammer vir Hom gekry toe hy Sy droë lippe sien, en hy het 'n spons vol asyn gemaak en op 'n hisopstingel gesit en aan Sy mond gebring. Maar die priesters het gespot met Sy lyde. Toe die duisternis oor die aarde gekom het, het hulle baie bang geword; namate hulle vrees verdwyn het, was hulle weer baie bang dat Jesus hulle nog sou ontsnap. Sy woorde, "Eli, Eli, lama sabagtani?" het hulle verkeerd vertolk. Met bittere veragting en hoon het hulle gesê, "Hy roep Elia." Die laaste kans om Sy lyde te versag, het hulle geweier. "Wag, laat ons sien," het hulle gesê, "of Elia kom om Hom af te haal."

Die vlekkelose Seun van God het aan die kruis gehang, Sy vlees stukkend geslaan; daardie hande wat so dikwels in seën uitgestrek was, is aan die kruishout vasgenael; daardie voete wat so onvermoeid geloop het om liefdesdiens te verrig, is vasgespyker aan die hout; daardie koninklike hoof is verwond deur die doringkroon; daardie bewende lippe het nou in angs uitgeroep. En alles wat Hy verduur het — die bloed wat getap het van Sy hoof, van Sy hande en voete, die foltering van Sy liggaam, en die onbeskryflike angs wat Sy siel vervul het toe die Vader Sy aangesig verberg het — spreek tot elke mensekind, en sê: Dit was vir jou dat die Seun van God die [776]
sondeskuld gedra het; vir jou het Hy die heerskappy van die dood verbreek, en die poorte van die Paradys oopgemaak. Hy wat die woeste bare stilgemaak en op die onstuimige meer geloop het, wat duiwels laat sidder en siekte laat vlug het, wat die oë van die blindes geopen en die dode opgewek het — Hy gee Homself aan die kruis as slagoffer, en dit doen Hy uit liefde vir jou. Hy, die draer van die sonde, verduur die toorn van goddelike geregtigheid, en om jou ontwil, word Hy die sonde self.

In stilte het die toeskouers die einde van die vreeslike toneel afgewag. Die son het weer geskyn, maar die kruis was nog in duisternis gehul. Priesters en owerstes het in die rigting van Jerusalem gekyk, en hulle het gesien dat 'n digte wolk oor die stad en oor die vlaktes van Judea hang. Die Son van Geregtigheid, die Lig van die wêreld,

was besig om Sy strale te onttrek aan die eens begunstigde stad, Jerusalem. Die vreeslike blitse van Gods toorn was gemik op daardie gedoemde stad.

Skielik is die duisternis weg van die kruis, en met 'n helder stem, wat, soos dit geskyn het, deur die ganse skepping weerklink, het Jesus uitgeroep, "Dit is volbring!" "Vader, in U hande gee Ek My gees oor!" 'n Lig het om die kruis geskyn, en die gelaat van die Heiland het geglinster soos die heerlikheid van die son. Toe het Hy Sy hoof laat sak op Sy bors, en gesterf.

Te midde van die vreeslike duisternis, en oënskynlik deur God verlate, het Christus die laaste druppels gedrink uit die beker van menslike lyding. In daardie vreeslike ure het Hy vertrou op die getuienis van Sy Vader se aanname wat voorheen aan Hom gegee is. Hy was bekend met die karakter van Sy Vader; Hy het Sy geregtigheid en genade en Sy groot liefde verstaan. Deur die geloof het Hy in Hom berus wat Hy altyd met vreugde gehoorsaam het. En waar Hy Homself in oorgawe aan God toevertrou het, is die besef van die verlies van die Vader se guns weggeneem. Deur die geloof was Christus die Oorwinnaar.

Nog nooit tevore het die aarde so 'n toneel aanskou nie. Die skare het magteloos gestaan, en in gespanne afwagting het hulle die Heiland aangestaar. Weer het duisternis op die aarde toegesak, en 'n gedreun, soos van donderweer, is gehoor. Daar was 'n geweldige aardbewing. Die mense is in klompies saamgeskud. Die grootste
[777] vrees en verwarring het geheers. In die omliggende berge is die rotse losgeskeur en het met geweld na die vlaktes neergestort. Grafte is oopgeskeur, en die dode is uitgewerp. Dit het geskyn asof die skepping stukkend geskud word. Priesters, owerstes, soldate, laksmanne, en die mense was stom van vrees, en hulle het plat op die grond gelê.

Toe die luide geroep, "Dit is volbring!" van die lippe van Christus gekom het, was die priesters besig met hulle werk in die tempel. Dit was die uur van die aandoffer. Die lam wat Christus voorgestel het, is gebring om geslag te word. Gekleed in sy simboliese, en pragtige kleed, het die priester gestaan met die mes in sy opgehefte hand, net soos Abraham toe hy sy seun wou offer. Met die grootste belangstelling het die mense gestaan en kyk. Toe het die aarde geskud en ge- bewe; want die Here self het naby gekom. Met 'n skeurgeluid is die binneste voorhangsel van die tempel van bo tot

onder geskeur, en aan die oë van die mense is die plek oopgestel wat voorheen vervul was met die teenwoordigheid van God. In daardie plek het die goddelike heerlikheid gewoon. Daar het God Sy heerlikheid geopenbaar, bokant die versoendeksel. Niemand behalwe die hoëpriester het ooit die voorhangsel gelig wat daardie afdeling geskei het van die res van die tempel nie. Hy het dit eenmaal per jaar binnegegaan om versoening te doen vir die sondes van die volk. Maar nou is hierdie voorhangsel in twee geskeur. Die allerheiligste plek van die aardse heiligdom was nie langer heilig nie.

Almal verkeer in vrees en verwarring. Die priester wou net die lam slag, maar die mes val uit sy verlamde hand, en die lam ontsnap. In die dood van die Seun van God het die beeid sy teenbeeid ontmoet. Die groot soenoffer is gegee. Die weg tot die allerheiligste is oopgemaak. 'n Nuwe en lewende weg is vir almal berei. Nie langer hoef sondige en ellendige mense te wag op die koms van die hoëpriester nie. Voortaan sou die Heiland die hoëpriester en voorspraak wees in die hemel van die hemele. Dit was asof 'n lewende stem gespreek het tot die aanbidders: Daar is nou 'n einde aan al die offers vir die sonde. Die Seun van God het gekom in ooreenstemming met Sy Woord, "Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe — om U wil, o God, te doen." "Deur Sy eie bloed," het Hy "eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeggebring." Heb. 10: 7; 9: 12. [778]

## “Dit is Volbring”

CHRISTUS het nie gesterf voordat Hy al die werk klaargemaak het wat Hy gehad het nie, en met Sy laaste asem het Hy uitgeroep, “Dit is volbring.” Joh. 19: 30. Die stryd was gewonne. Sy regterhand en Sy heilige arm het Hom die oorwinning besorg. As Oor- winnaar het Hy Sy banier op die ewige hoogtes geplant. Was daar nie vreugde onder die engele nie? Die ganse hemel het oorwin in die Heiland se oorwinning. Die Satan was verslaan, en hy het geweet dat sy koninkryk verlore was.

Vir die engele en die wêrelde wat nie geval het nie, het die woorde, “Dit is volbring,” groot betekenis gehad. Dit was vir hulle sowel as vir ons dat die groot verlossingswerk volbring is. Hulle, saam met ons, deel in die vrugte van Christus se oorwinning.

Eers by die dood van Christus is die karakter van die Satan duidelik geopenbaar aan die engele en die wêrelde wat nie geval het nie. Die aartssondaar het homself so met bedrog beklee, dat selfs heilige wesens nie sy beginsels verstaan het nie. Hulle het nie duidelik die aard van sy opstand gesien nie.

Dit was ’n wese van wonderbare krag en heerlikheid wat homself teen God gestel het. Van Lucifer sê die Here, ” Jy was die seëlring
[779] van eweredigheid, vol van wysheid en volmaak in skoonheid.” Eseg. 28: 12. Lucifer was een van die skut-engele. Hy het gestaan in die lig van Gods teenwoordigheid. Hy het hoogste gestaan onder al die geskape wesens, en hy het die vernaamste aandeel gehad in die openbaring van Gods raadsbesluite aan die heelal. Na hy gesondig het, was sy mag van bedrog nog bedriegliker, en die openbaring van sy karakter des te moeiliker weens die hoë posisie wat hy by die Vader beklee het.

God kon die Satan en sy aanhangers baie maklik vernietig het, maar Hy het dit nie gedoen nie. Die opstand sou nie met geweld onderdruk word nie. Geweld is iets wat alleen in die regering van die Satan gevind word. Die Here se beginsels is nie van daardie aard nie. Sy gesag berus op goedheid, genade, en liefde; en dit is deur die

handhawing van hierdie beginsels wat God werk. Gods regering is sedelik, en waarheid en liefde vier daarin die botoon.

Dit was Gods doel om alle dinge op 'n ewige basis van veiligheid te vestig, en in die raadsbesluite van die hemel is daar besluit dat tyd gegee moes word aan die Satan om die beginsels ten grondslag van sy regeringstelsel te ontwikkel. Hy het gesê dat hulle beter was as Gods beginsels. Tyd is gegee vir die uitwerking van die Satan se beginsels, sodat hulle gesien kon word deur die hemelse heelal.

Die Satan het die mens tot die sonde verlei, en toe is die verlossingsplan in werking gestel. Vir vierduisend jaar het Christus gewerk vir die opheffing van die mens, en die Satan vir sy verlaging en ondergang. En die hemelse heelal was die toeskouers.

Toe Jesus na hierdie wêreld gekom het, het die Satan sy mag teen Hom aangewend. Van die tyd dat Hy as kindjie in Betlehem gebore is, het die indringer gewerk om Hom te vernietig. Op elke moontlike manier het Hy geprobeer om te belet dat Jesus 'n volmaakte jongeling en foutlose man word, en om Sy heilige bediening en vlekke- lose offer te bederf. Maar hy is verslaan. Hy kon Jesus nie tot die sonde verlei nie. Hy kon Hom nie ontmoedig, of Hom beweeg om die werk waarvoor Hy na die aarde gekom het, te laat vaar nie. Van die woestyn tot by Golgota, het die storm van die Satan se toorn teen Hom gewoed, maar hoe meedoënloser dit gewoed het, hoe vaster het die Seun van God aan Sy Vader se hand geklem en volgehou op die met bloed bevlekte lydensweg. Al die pogings van die Satan om Hom te verdruk en te oorwin, het slegs die reiner lig van Sy vlekkelose karakter helderder laat skyn. [780]

Die ganse hemel, en al die werelde wat nie in die sonde geval het nie, was getuies van die stryd. Met watter spannende belangstelling het hulle die slottonele van die stryd gevolg! Hulle het die Heiland die tuin van Getsemane sien binnegaan, Sy siel terneergedruk met die vrees van die groot duisternis. Hulle het Sy gesmeek gehoor, "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan." Matt.

26: 39. Namate die Vader se teenwoordigheid onttrek is, het hulle gesien hoe beangs Hy was, 'n angs groter as die van die laaste worsteling met die dood. Bloedsweet het uit Sy sweetgaatjies gekom en in druppels op die grond geval. Driemaal het Hy gesmeek om

verlossing. Die hemel kon nie langer die gesig verduur nie, en n boodskapper is gestuur om die Seun van God te vertroos.

Die Hemel het gesien hoedat die slagoffer verraai word in die hande van die moorddadige gepeupel, en hoe hulle Hom haastig van die een geregsaal na die ander neem. Hulle het gesien hoe Sy vervolgers Hom verag omrede Sy nederige geboorte. Hulle het gehoor hoe een van Sy mees geliefde dissipels Hom verloën met vloeke. Hulle het die bose werk van die Satan gesien, en sy mag oor die harte van mense. O, verskriklike toneel! Die Heiland word te middernag in Getsemane gevangegeneem, en van paleis na geregsaal gesleep, om tweemaal voor die priesters te verskyn, tweemaal voor die Sanhedrin, tweemaal voor Pilatus, en eenmaal voor Herodes, gesmaad, gegésel, veroordeel, en uitgelei na Golgota, met die swaar kruis op Sy skouers, onder die geween van die dogters van Jerusalem, en die gehoon van die gepeupel.

Die Hemel het met droefheid en verbasing Christus aan die kruis sien hang, die bloed druppende van Sy verwonde slape, en die bloedsweet op Sy voorhoof. Van Sy hande en voete het die bloed druppel vir druppel geval op die klippe wat gehaal is uit die gat waarin die kruis geplant is. Die spykers het gapende wonde gemaak toe die gewig van Sy liggaam feitlik aan Sy hande gehang het. Hy het gejaagd gehyg na asem onder die las van die sondes van die wêreld. Die hele Hemel is met verbasing vervul toe Christus, te midde van die vreeslike foltering, gebid het, "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Lukas 23: 34. Nogtans het daar mense gestaan, geskape in die beeld van God, besig om die lewe te pers uit
[781] Sy enig- gebore Seun. Wat 'n skouspel vir die hemelse heelal!

Die owerhede en magte van die duisternis het rondom die kruis gestaan, en die harte van die mense beïnvloed met 'n helse ongeloof. Toe die Here hierdie wesens geskape het om voor Sy troon te staan, was hulle mooi en heerlik. Hulle heerlikheid en heiligheid het gepas by hulle verhewe stand. Hulle was begaaf met die wysheid van God, en omgord met die wapenrusting van die hemel. Hulle was Jehova se dienaars. Maar wie sou nou in hierdie gevalle engele die serafs herken wat eenmaal in die hemelse howe gedien het?

Sataniese werktuie het saamgewerk met bose manne om die mense te beïnvloed om te glo dat Christus die grootste sondaar was, en om Hom die voorwerp van haat te maak. Diegene wat Christus

bespot het toe Hy daar aan die kruis gehang het, was besiel met die gees van die eerste groot rebel. Hy het vuil en afskuwelike woorde in hulle mond gelê. Hy het die hoontaal geïnspireer. Maar deur al hierdie dinge het hy niks gewin nie.

As hulle maar een sonde in Christus kon vind, as Hy maar in een opsig toegegee het aan die Satan om die vreeslike marteling te vermy, sou die vyand van God en mens die oorwinning behaal het. Christus het Sy hoof gebuig en gesterf, maar Hy het Sy geloof in, en Sy onderworpenheid aan God nie versaak nie. "Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die saligheid en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword en die mag van Sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag." Openb. 12: 10.

Die Satan het besef dat sy masker afgeruk is. Sy administrasie is blootgelê voor die engele wat nie gesondig het nie, en voor die hemelse heelal. Hy het homself geopenbaar as 'n moordenaar. Deur die bloed te vergiet van die Seun van God, het hy die simpatie van die hemelse wesens vir hom heeltemal vernietig. Voortaan sou sy bedrywighede beperk wees. Wat hy nou ook al mag doen, sou hy nie langer die engele kon inwag wanneer hulle die hemelse howe verlaat, en Christus se broeders voor hulle beskuldig dat hulle beklee is met die kleed van duisternis en die besoedeling van die sonde nie. Die laaste skakel van medelyde tussen die Satan en die hemelse wêreld was verbreek.

Maar tog is die Satan nie vernietig nie. Die engele het selfs toe nog nie alles verstaan wat op die spel is in die groot stryd nie. Die beginsels op die spel sou nog duideliker geopenbaar word. En vir die [782]
ontwil van die mens moes die Satan toegelaat word om nog te lewe. Die mens, sowel as die engele moes die teenstelling sien tussen die Vors van die lig en die vors van die duisternis. Hy moet kies wie hy wil dien.

In die begin van die groot stryd het die Satan verklaar dat die wet van God nie gehoorsaam kon word nie; dat geregtigheid onversoenlik is met genade, en dat, as die wet oortree word, dit onmoontlik sou wees vir die sondaar om vergifnis te verkry. Elke sonde moet gestraf word, het die Satan betoog; en as God die oortreder sy straf sou kwyt- skeld, dan is Hy nie 'n God van waarheid en geregtigheid nie. Toe die mens die wet van God oortree, en Sy wil veronagsaam het,

het die Satan se vreugde geen perke geken nie. Dit is nou bewys, het hy gesê, dat die wet nie gehoorsaam kan word nie; die mens kan nie vergewe word nie. Omdat hy, het die Satan gesê, na sy opstand uit die hemel verban is, moet die mens ook vir ewig die guns van God verbeur. God kan nie regverdig wees, het hy gesê, en terselfdertyd aan die sondaar genade betoon nie.

Maar selfs as sondaar was die mens nie in dieselfde posisie as die Satan nie. Lucifer in die hemel het gesondig in die lig van Gods heerlikheid. Aan hom, soos aan geen ander wese nie, is daar n openbaring van Gods liefde gegee. Ondanks die feit dat die Satan Gods karakter verstaan, en Sy goedheid geken het, het hy verkies om sy eie selfsugtige en onafhanklike wil te volg. Hierdie keuse was finaal. Daar was niks meer wat God kon doen om hom te red nie. Maar die mens is bedrieg; sy verstand is verduister deur die Satan se drogredes. Hy het nie die hoogte en diepte van Gods liefde geken nie. Vir hom was daar hoop in 'n kennis van die liefde van God. Deur Sy karakter te aanskou, kon hy teruggebring word na God.

Deur Jesus is Gods genade geopenbaar aan die mens; maar die genade stel nie geregtigheid ter syde nie. Die wet openbaar die eien- skappe van Gods karakter, en nie 'n jota of tittel daarvan kon verander word om die mens tegemoet te kom in sy gevalle toestand nie. God het nie Sy wet verander nie, maar Hy het Homself opgeoffer, in Christus vir die verlossing van die mens. God het "in Christus die wêreld met Homself versoen." 2 Kor. 5: 19.

Die wet eis geregtigheid —'n lewe van geregtigheid, n volmaakte karakter; en dit kon die mens nie gee nie. Hy kan nie voldoen aan [783] die eise van Gods heilige wet nie. Maar Christus, deur na die wêreld te kom as mens, het 'n heilige lewe gelei, en 'n volmaakte karakter gevorm. Dit bied Hy aan as 'n vrye gawe aan almal wat dit graag wil hê. Sy lewe staan vir die lewe van die mens. Aldus verkry hulle ver- gifnis van die sonde deur die verdraagsaamheid van God. En nog meer, Christus besiel hulle met die eienskappe van God. Hy bou die menslike karakter op in die ewebeeld van die goddelike karakter, 'n goeie weefsel van geestelike krag en skoonheid. So word die gereg-tigheid van die wet vervul in die gelowige in Christus. God kan self regverdig wees "en kan regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is." Rom. 3: 26.

God het Sy liefde in Sy geregtigheid geopenbaar net soseer as in Sy genade. Geregtigheid is die grondslag van Sy troon, en die vrug van Sy liefde. Dit was die Satan se besliste doel om genade te skei van waarheid en geregtigheid. Hy het geprobeer om te bewys dat die geregtigheid van Gods wet 'n vyand van die vrede was. Maar Christus het gewys dat hulle in Gods plan onskeidbaar saamgevoeg is; die een kan nie bestaan sonder die ander nie. "Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar." Ps. 85: 11.

Deur Sy lewe en dood het Christus bewys dat Gods geregtigheid nie Sy genade vernietig het nie, maar dat die sonde kan vergewe word, en dat die wet regverdig is en volkome gehoorsaam kan word. Die Satan se beskuldigings is weerlê. God het aan die mens onmiskenbare bewys gegee van Sy liefde.

Nog 'n ander bedrog is nou verkondig. Die Satan het verklaar dat genade geregtigheid vernietig het, en dat die dood van Christus die Vader se wet opgehef het. As dit moontlik was om die wet te verander of op te hef, dan sou dit nie nodig gewees het vir Christus om te sterf nie. Maar om die wet op te hef, sou die sonde verewig, en die wêreld onder die heerskappy van die Satan geplaas het. Dit was omdat die wet onveranderlik is, en omdat die mens gered kon word alleen deur gehoorsaamheid daaraan, dat Jesus aan die kruis genael is. Juis die middel waardeur Christus die wet bevestig het, is volgens die Satan die een wat dit vernietig. Die laaste groot stryd tussen Christus en die Satan sal oor hierdie punt gaan.

Wat die Satan nou aanvoer, is dat die wet wat deur God self gespreek is, foutief is, en dat sekere bepalings ter syde gestel is. Dit sal sy laaste groot bedrog wees. Hy hoef nie die hele wet aan te val [784] nie; as hy die mense kan beweeg om net een gebod te veronagsaam, sal hy sy doel bereik. "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword." Jakobus 2: 10. Deur hom skuldig te maak aan die oortreding van een gebod, bring die mens homself onder die mag van die Satan. Deur die wet van 'n mens te stel in die plek van die wet van God, probeer die Satan om die wêreld onder sy heerskappy te kry. Dit word in profesie voorspel. Van die groot afvallige mag, die verteenwoordiger van die Satan, word daar gesê: "Hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye

en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word.” Dan. 7: 25.

Mense sal sekerlik hulle wette stel teenoor die wette van God. Hulle sal probeer om die gewete van ander te dwing, en in hulle ywer om hierdie wette te handhaaf, sal hulle hulle medemens verdruk.

Die oorlog teen Gods wet, wat in die hemel begin het, sal voortgesit word tot die einde van tyd. Elke mens sal getoets word. Gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid, dit is die keuse waarvoor die hele wêreld staan. Almal sal geroep word om te kies tussen die wet van God en die wette van mense. Dit is daar waar die skeidslyn getrek sal word. Daar sal slegs twee klasse wees. Elke karakter sal ten volle ontwikkel; en almal sal toon of hulle die kant van getrouheid, of die kant van rebellie gekies het.

Dan sal die einde kom. God sal Sy wet regverdig en Sy kinders verlos. Die Satan, en almal wat by hom aangesluit het in sy opstand, sal vernietig word. Sonde en sondaars sal wortel en tak vergaan Mal. 4: 1—Satan, die wortel, en sy volgelinge, die takke. Die woord sal vervul word aan die vors van die boosheid, “Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van ’n god . . . daarom het Ek jou . . . tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut. . . . Jy het ’n ver- skrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.” Dan sal die goddelose “daar nie wees nie; ja jy sal ag gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie;” hulle sal word “asof hulle nooit bestaan het nie.” Eseg. 28: 6-19; Ps. 37: 10; Obadja 16.

Dit is nie die arbitrêre gebruik van mag aan die kant van God nie. Die verwerpers van Sy genade oes wat hulle gesaai het. God is die bron van die lewe, en wanneer ’n persoon die sonde kies, skei
[785] hy homself van God af, en so sny hy homself af van die lewe. Hy is “vervreemd van die lewe van God.” Christus sê, “Almal wat My haat, het die dood lief.” Efe. 4: 18; Spreuke 8: 36. God laat hulle vir ’n tyd lewe, sodat hulle hulle karakter kan ontwikkel en hulle beginsels kan openbaar. Daarna oes hulle die gevolge van hulle eie keuse. Deur ’n lewe van rebellie, sny die Satan, en almal wat met hom saamstaan, hulle so volkome van God af dat Sy teenwoordigheid vir hulle soos ’n verterende vuur is. Die heerlikheid van Hom wat liefde is, sal hulle vernietig.

In die begin van die groot stryd, het die engele dit nie verstaan nie. As die Satan en sy leërskare toe die gevolge van hulle sonde sou

geoes het, sou hulle vergaan het; maar dan sou dit nie vir die hemelse wesens duidelik gewees het dat dit die onvermydelike gevolge van die sonde was nie. Daar sou in hulle harte twyfel bestaan het oor die goedheid van God, soos bose saad wat sy dodelike vrugte van sonde en eilende sou voortbring.

Maar dit sal nie so wees aan die einde van die stryd nie. Dan sal die verlossingsplan volbring wees, en die karakter van God geopenbaar word aan al die geskape wesens. Die gebooie van Sy wet sal as volmaak gesien word, en onveranderlik. Die sonde sal dan sy aard geopenbaar het, en die Satan sy karakter. Dan sal die uitroeiing van die sonde Gods liefde bewys, en Sy eer bevestig voor 'n heelal van wesens wat 'n behae het om Sy wil te doen, en in wie se harte Sy volmaakte wet is.

Die engele kon hulle wel verbly toe hulle die Heiland se kruis aanskou het; want alhoewel hulle toe nie alles verstaan het nie, het hulle geweet dat die vernietiging van die sonde en die Satan vir ewig verseker is, en dat die heelal vir altyd bevestig is. Christus self het die resultate van Sy soendood aan die kruis ten volle besef. Dit is daarna wat Hy vooruitgesien het toe Hy aan die kruis uitgeroep het, "Dit is volbring." [786]

## In Josef se Graf

EINDELIK het Jesus gerus. Die lang dag van skande en marteling het ten einde geloop. Die laaste strale van die ondergaande son het die Sabbat ingelei, en die Seun van God het stil gelê in Josef se graf. Sy werk gedaan, en met Sy hande in vrede gevou, het Hy gerus gedurende die heilige ure van die Sabbat.

In die begin het die Vader en die Seun op die Sabbat gerus ná Hulle skeppingswerk. Ná die "hemel en die aarde met hulle ganse leërmag" voltooi was Gen. 2:1, het die Skepper en al die hemelse wesens hulle verbly in die betragting van die heerlike toneel. "Die moresterre . . . en al die seuns van God" het saam gejubel en gejuig. Job 38: 7. Nou het Jesus gerus van Sy verlossingswerk; en alhoewel diegene wat Hom op die aarde liefgehad het, bedroef was, was daar blydskap in die hemel. Heerlik in die oë van die hemelse wesens was die belofte van die toekoms. 'n Herstelde skepping, 'n verloste geslag wat, omdat die sonde oorwin is, nooit kan val nie — dit, die gevolge van Christus se voltooide werk, het God en die engele gesien. Die dag waarop Christus gerus het, is vir altyd verbind met hierdie toneel. Want Sy werk is volkome; en daar is gesien "dat
[787] alles wat God doen, vir ewig sal bestaan." Deut. 32: 4; Pred. 3: 14.
[788] Wanneer die tyd kom vir die "wederoprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete Hand." 3: 21, sal die skepping-Sabbat, die dag waarop Jesus gelê en rus het in Josef se graf, nog die dag van rus en blydskap wees. Die hemel en die aarde sal saam juig wanneer alle vlees "elke week op die Sabbat" Jes. 66: 23, met blydskap in aanbidding neerbuig voor God en die Lam.

In die slottonele van die kruisiging, is daar nuwe bewys gegee van die vervulling van profesie, en daar is opnuut getuig van die Godheid van Christus. Toe die duisternis om die kruis opgehef, en die Heiland se sterwenswoorde geuiter is, is daar onmiddellik weer 'n ander stem gehoor wat sê, "Waarlik, Hy was die Seun van God." Matt. 27: 54.

Hierdie woorde is nie met 'n fluisterstem gespreek nie. Alle oe is gedraai in die rigting waarvandaan hulle gekom het. Wie het gepraat? Dit was die kaptein, die Romeinse soldaat. Die goddelike 1yd- saamheid van die Heiland, en Sy skielike dood, met die woorde van oorwinning op Sy lippe, het 'n indruk gemaak op hierdie heiden. In die verbryselde, gebroke liggaam wat daar aan die kruis gehang het, het die kaptein die gestalte van die Seun van God herken. Hy kon nie nalaat om sy geloof te bely nie. So is daar weer bewys gegee dat ons Verlosser die moeitevolle arbeid van Sy siel sou sien. Op die dag toe Hy gesterf het, het drie manne, wat grootliks van mekaar verskil het, hulle geloof betuig, naamlik die kaptein van die Romeinse wag, die een wat die kruis van die Heiland gedra het, en die een wat gesterf het aan die kruis langs Hom.

Dit het aand geword, en 'n bonatuurlike stilte het geheers op Golgota. Die skare is uiteen, en baie is terug na Jerusalem, met 'n heeltemal ander gees as wat hulle daardie more gehad het. Baie het uit nuuskierigheid gaan kyk na die kruisiging, en nie omdat hulle Christus gehaat het nie. Maar hulle het tog die beskuldigings van die priesters geglo, en Christus beskou as 'n misdadiger. Onder 'n onna- tuurlike opwinding het hulle saam met die gepeupel teen Hom geskreeu. Maar toe die aarde in duisternis gehul is, en hulle aangekla deur hulle eie gewete daar gestaan het, het hulle skuldig gevoel aan 'n groot onreg. Daar is geen geskerts of spotlag gehoor in daardie vreeslike duisternis nie; en toe die duisternis opgehef is, is hulle in stilte na hulle huise terug. Hulle was oortuig dat die aanklagte van [789]
die priesters vals was, en dat Jesus geen bedrieër was nie; 'n paar weke later toe Petrus op Pinksterdag gepreek het, was hulle onder die duisende wat hulle tot Christus bekeer het.

Maar die Joodse leiers is nie verander deur die dinge wat hulle gesien het nie. Hulle haat vir Jesus het nie afgekoel nie. Die duisternis wat die aarde bedek het by die kruisiging, was nie digter as dié wat die harte van die priesters en owerstes nog bedek het nie. By Sy geboorte het die ster Christus geken en die wyse manne na die krip gelei waar Hy gelê het. Die hemelse leërskare het Hom geken en het Sy lof gesing oor die vlaktes van Betlehem. Die see het Sy stem geken en Sy bevel gehoorsaam. Siekte en die dood het Sy gesag erken, en hulle slagoffers tot Hom vrygelaat. Die son het Hom geken, en het by die aanskouing van Sy doodsangs sy gesig

van lig verberg. Die rotse het Hom geken, en in stukke geskeur op Sy geroep. Die lewenlose natuur het Christus geken, en getuig van Sy Godheid. Maar die priesters en owerstes van Israel het die Seun van God nie geken nie.

Die priesters en owerstes het nie gerus nie. Hulle het hulle plan volvoer om Christus om die lewe te bring; maar die tevredenheid van oorwinning wat hulle verwag het, het ontbreek. Selfs in die uur van hulle skynbare sege, was hulle baie onrustig oor wat daarna mag gebeur. Hulle het die uitroepe gehoor, "Dit is volbring." "Vader, in U hande gee Ek My gees oor." Joh. 19: 30; Lukas 23: 46. Hulle het die rotse sien skeur, en die geweldige aardbewing gevoel, en hulle was onrustig en ongemaklik.

Hulle was jaloers op Christus se invloed by die mense toe Hy nog gelewe het; hulle was jaloers op Hom selfs in Sy dood. Hulle het die gestorwe Christus meer gevrees, baie meer gevrees, as die lewende Christus. Hulle wou nie hê dat die aandag van die mense verder gevestig moes word op die gebeurtenisse by Sy kruisiging nie. Hulle het die resultate van die dag se werk gevrees. Onder geen omstan- dighede sou hulle toelaat dat Sy liggaam op die Sabbat aan die kruis hang nie. Die Sabbat was nou aan kom, en dit sou die Sabbat ontheilig as die liggame daar aan die kruis gebly het. Met daardie ekskuus het van die vooraanstaande Jode Pilatus genader met die versoek dat die dood van die gekruisigdes verhaas moes word,
[790] sodat hulle liggame verwyder kon word vóór die son ondergaan.

Pilatus wou net so min hê dat die liggaam van Jesus aan die kruis moes bly. Ná sy toestemming verkry is, is die bene van die twee diewe gebreek om hulle dood te verhaas; maar daar is gevind dat Jesus alreeds dood was. Die ongevoelige soldate se harte is versag deur wat hulle van Christus gehoor en gesien het, en hulle wou nie Sy bene breek nie. So is daar, in die offer van die Lam van God, voldoen aan die voorskrifte van die wet van die Paasfees, wat gelui het: "Hulle moet daarvan niks laat oorbly tot die more toe of 'n been daaraan breek nie; volgens die hele insetting van die pasga moet hulle dit hou." Numeri 9: 12.

Die priesters en die owerstes was verbaas om te vind dat Christus reeds dood was. Die dood aan die kruis was 'n langdurige proses; en dit was moeilik om vas te stel wanneer die dood ingetree het. Dit was iets ongehoords vir 'n persoon om binne ses uur ná die kruisiging

te sterf. Die priesters wou seker maak dat Jesus werklik dood was, en op hulle voorstel het 'n soldaat sy spies in die Heiland se sy gesteek. Uit die wond wat gemaak is, het daar twee verskillende strome gevloei, die een bloed en die ander water. Dit is opgemerk deur almal wat daar gestaan het, en Johannes het dit duidelik beskryf. Hy sê: "Een van die soldate het met 'n spies in Sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom. En hy wat dit gesien het, het dit getuig, en sy getuienis is waaragtig; en hy weet dat hy die waarheid spreek, sodat julle kan glo. Want hierdie dinge het gebeur, dat die Skrif vervul sou word: Geen been van Hom sal gebreek word nie. En weer sê 'n ander skrif: Hulle sal sien in wie hulle gesteek het." Joh. 19: 34-37.

Ná die opstanding het die priesters en owerstes die gerug versprei dat Christus nie aan die kruis gesterf het nie, maar dat Hy net flou geword, en later weer bygekom het. 'n Ander gerug het gelui dat dit nie 'n werklike liggaam van vlees en been was wat in die graf gelê is nie, maar iets soos 'n liggaam. Die handelwyse van die Romeinse soldate bewys dat dit pure leuens was. Hulle het nie Sy bene gebreek nie, omdat Hy reeds dood was. Om die priesters tevrede te stel, het hulle in Sy sy gesteek; as Hy toe nie reeds dood was nie, sou hierdie wond dadelik Sy dood veroorsaak het.

Maar dit was nie die spies, of die foltering aan die kruis wat die dood van Jesus veroorsaak het nie. Daardie geroep "met 'n groot stem" Matt. 27: 50; Lukas 23: 46 op die oomblik van die dood, die [791]
stroom van water en bloed uit Sy sy, is bewys dat Hy aan 'n gebroke hart gesterf het. Sy hart is gebreek ten gevolge van Sy gemoedsangs. Hy is gedood deur die sonde van die wêreld.

Met die dood van Christus het die hoop van Sy dissipels vergaan. Hulle het Sy toe oë, Sy hangende hoof, Sy met bloed-gekoekte hare, Sy deurboorde hande en voete aanskou, en hulle neerslagtigheid was on- beskryflik. Tot op die laaste dag het hulle nie geglo dat Hy sou sterf nie; hulle kon nie glo dat Hy regtig dood was nie. Oorweldig deur droefheid, het hulle nie gedink aan Sy woorde wat juis hierdie toneel beskryf het nie. Niks wat Hy gesê het, het hulle nou vertroos nie. Al wat hulle gesien het, was die kruis met sy bebloede slagoffer. Die toekoms het donker en hopeloos geskyn. Hulle geloof in Jesus het vergaan, maar nooit het hulle hulle Here liefgehad soos nou nie.

Nog nooit het hulle Sy waarde so besef, en hulle behoefte aan Sy teen- woordigheid so erg gevoel nie.

Selfs in die dood was Christus se liggaam baie dierbaar. Hulle het verlang om Hom 'n waardige begrafnis te gee, maar hulle het nie ge- weet hoe om dit te doen nie. Hoogverraad teen die Romeinse regering was die misdaad waarvoor Christus tereggestel is, en persone wat vir hierdie misdaad om die lewe gebring is, is begrawe in 'n begraafplaas spesiaal afgesonder vir sulke misdadigers. Die dissipel Johannes, met die vroue van Galilea, het by die kruis gebly. Hulle wou nie die liggaam van hulle Here agterlaat om gehanteer te word deur die gevoellose soldate, en in 'n skandgraf begrawe te word nie. Maar hulle kon dit nie verhoed nie. Hulle sou geen guns ontvang van die Joodse owerheid nie, en by Pilatus het hulle geen invloed gehad nie.

In hierdie nood het Josef van Arimethea en Nikodemus die dissipels te hulp gekom. Albei hierdie manne was lede van die Sanhedrin, en hulle was bekend aan Pilatus. Altwee was welgestelde en invloedryke manne. Hulle sou toesien dat die liggaam van Jesus op eerbare wyse begrawe word.

Josef het onbevrees na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Toe het Pilatus vir die eerste maal verneem dat Jesus reeds dood was. Teenstrydige berigte het hom bereik aangaande die gebeurtenisse in verband met die kruisiging, maar die feit dat Christus reeds dood was, is met opset van hom weerhou. Pilatus is gewaarsku
[792] deur die priesters en owerstes dat Christus se dissipels bedrog mag pleeg in verband met Sy liggaam. Nadat hy Josef se versoek gehoor het, het hy die kaptein laat roep wat in bevel by die kruis was, om met sekerheid te hoor of Jesus dood was. Van hom het hy ook n beskry- wing gekry van die tonele op Golgota, en dit het bevestig wat Josef gesê het.

Die versoek van Josef is toegestaan. Terwyl Johannes hom bekommer het oor die begrafnis van sy Meester, het Josef teruggekom met Pilatus se bevel dat die liggaam van Jesus oorhandig moes word, en Nikodemus het gekom met die kosbare mengsel van mirre en alewee van omtrent honderd pond gewig, om Sy liggaam te balsem. Aan die mees geëerdes in die hele Jerusalem kon nie groter eer bewys gewees het in hulle dood nie. Die dissipels was verbaas om

hierdie welgestelde owerstes te sien, wie se belangstelling in die begrafnis van hulle Here net so groot soos hulle eie was.

Nòg Josef, nòg Nikodemus het die Heiland openlik aangeneem terwyl Hy nog gelewe het. Hulle het geweet dat so n stap hulle sou ban uit die Sanhedrin, en hulle het gehoop om Hom te beskerm deur hulle invloed en hulle raadgewing. Vir 'n tyd het dit geskyn of hulle daarin geslaag het; maar die listige priesters wat gesien het dat hulle Christus goedgesind was, het hulle planne gedwarsboom. Jesus is in hulle afwesigheid veroordeel en oorgelewer om gekruisig te word. Nou dat Hy dood was, het hulle nie langer hulle liefde vir Hom verberg nie. Terwyl die dissipels gevrees het om openlik te toon dat hulle Sy volgelinge was, het Josef en Nikodemus onverskrokke tot hulle hulp gekom. Die hulp van hierdie ryk en geëerde manne was baie nodig in hierdie tyd. Wat die arm dissipels nie vir hulle gestorwe Meester kon doen nie, het hierdie manne wel gedoen; en hulle rykdom en invloed het hulle in 'n groot mate beskerm teen die kwaadwilligheid van die priesters en owerstes.

Saggies en met eerbied het hulle met hulle eie hande die liggaam van Jesus van die kruis afgehaal. Hulle het trane van medelyde gestort by die aanskouing van Sy verbryselde en geskeurde liggaam. Josef het 'n nuwe graf gehad, uit 'n rots gekap. Dit het hy vir homself reserveer; maar dit was naby Golgota, en hy het dit nou reggemaak vir Jesus. Die liggaam, saam met die speserye van Nikodemus, is sorg- vuldig in 'n linnelaken gewikkel, en na die graf gedra. Daar het die drie dissipels die liggaam uitgelê, en die deurboorde hande op die bors gevou. Die Galilese vroue het kom kyk of alles gedoen [793]
is wat gedoen kon word vir die lewenlose liggaam van hulle geliefde Leraar. Toe het hulle gesien hoe die swaar klip in die ingang van die graf gerol is, en die Heiland is daar gelaat om te rus. Die vroue was laaste by die kruis, en laaste by die graf van Christus. Terwyl dit begin donker word het, het Maria Magdalena en die ander Maria by die rusplek van hulle Here getalm, en trane van droefheid gestort oor Hom wat hulle liefgehad het. "Daarop het hulle teruggegaan . . . en op die sabbat gerus volgens die gebod." Lukas 23: 56.

Dit was n onvergeetlike Sabbat vir die droewige dissipels, en ook vir die priesters, die owerstes, die skrifgeleerdes, en die volk. Met sonsondergang op die voorbereidingsdag, is die basuine geblaas as teken dat die Sabbat begin het. Die Pasga is gehou soos dit vir eeue

reeds gehou is, terwyl die Een na wie dit vooruitgewys het, deur bose hande om die lewe gebring is, en in Josef se graf gelê het. Op die Sabbat was die voorhowe van die tempel vol aanbidders. Die hoëpriester van Golgota was daar, pragtig gekleed in sy heilige gewaad. Priesters met hulle wit tulbande, het met groot bedrywigheid hulle werk gedoen. Maar sommige van die aanwesiges het nie gemoedsrus gevind toe die bloed van stiere en bokke vir die sonde geoffer is nie. Hulle het nie geweet dat die beeld vervul is deur die teenbeeid nie, en dat 'n ewige Offer gegee is vir die sondes van die wêreld nie. Hulle het nie geweet dat die uitvoering van die rituaal geen waarde meer gehad het nie. Nog nooit tevore is daardie diens gadegeslaan met so baie botsende gevoelens nie. Die basuine en musiekinstrumente en die stemme van die sangers was so luid en helder as gewoonlik, maar 'n vreemdheid het oor alles gekom. Baie het navraag gedoen oor die vreemde dinge wat plaasgevind het. Tot op daardie dag was die allerheiligste plek beskerm teen indringing, maar nou was dit oop vir alle oë. Die swaar voorhangsel van suiwer linne en pragtig uitgewerk met goud en skarlaken en purper, was geskeur van bo tot onder. Die plek waar Jehova die hoëpriester ontmoet het, waar Sy heerlikheid geopenbaar is, die heilige troonkamer van God, was nou sigbaar vir elke oog — n plek wat die Here nie langer erken het nie. Met onrustige voorgevoelens het die priesters voor die altaar gedien. Die blootstelling van die heilige misterie van die allerheiligste plek,
[794] het hulle vervul met vrees van 'n aanstaande ramp.

Baie was besig met gedagtes, aan die gang gesit deur die tonele van Golgota. Van die kruisiging tot by die opstanding, het baie slapelose oë onafgebroke die profesieë ondersoek om die volle betekenis te verstaan van die fees wat hulle besig was om te vier; ander het na bewyse gesoek dat Jesus nie was wat Hy gesê het nie; en nog ander het met harte vol droefheid gesoek na bewyse dat Hy die ware Messias was. Alhoewel hulle met afsonderlike doelwitte gesoek het, was almal oor- tuig van dieselfde waarheid, naamlik dat profesie vervul is met die gebeurtenisse van die afgelope paar dae, en dat die Gekruisigde die Verlosser van die wêreld was. Baie van diegene wat daardie dag die Pasga gevier het, het nooit weer daarna daaraan deelgeneem nie. Selfs onder die priesters was daar baie wat oortuig was van die ware karakter van Jesus. Hulle ondersoeking van die

profesieë was nie tevergeefs nie, en ná Sy opstanding het hulle Hom aangeneem as die Seun van God.

Toe Nikodemus sien hoe hulle Jesus aan die kruis verhoog het, het hy hom die woorde herinner wat Hy tot hom gespreek het daardie aand op die Olyfberg: "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Joh. 3: 14, 15. Op die Sabbat, toe Christus in die graf gelê het, het Nikodemus geleentheid vir oorpeinsing gehad, 'n Helderder lig het nou sy verstand verlig, en die woorde wat Jesus tot hom gespreek het, was nie langer vir hom 'n verborgenheid nie. Hy het gevoel dat hy baie verloor het omdat hy nie by die Heiland aangesluit het in Sy lewe nie. Nou het hy gedink oor die gebeurtenisse van Golgota. Die gebed van Christus vir Sy moordenaars, en Sy verhoring van die smeekbede van die sterwende dief, het gespreek tot die hart van hierdie geleerde raadslid. Voor sy gees het hy weer die Heiland in Sy lyde gesien; weer het hy die laaste geroep gehoor: "Dit is volbring", gespreek soos die woorde van 'n oorwinnaar. Weer het hy die bewende aarde gesien, die verduistering van die hemele, die geskeurde voorhangsel, die skud- dende rotse, en sy geloof is vir ewig bevestig. Juis daardie gebeur-tenisse wat die hoop van die dissipels vernietig het, het Josef en Nikodemus oortuig van die Godheid van Jesus. Hulle vrees is oorwin deur die moedigheid van 'n sterk en onwrikbare geloof. [795]

Nog nooit het Christus die aandag van die skare so getrek as toe Hy daar in die graf weggelê is nie. Soos hulle gewoond was, het die mense hulle siekes na die tempelhowe gebring, en gevra, Wie kan ons vertel van Jesus van Nasaret? Baie het van ver gekom om Hom te soek wat die siekes gesondgemaak, en die dode opgewek het. Aan alle kante is die geroep gehoor, Ons wil Christus, die Geneesheer hê! By hierdie geleentheid is diegene wat gemeen het dat hulle tekens van melaatsheid toon, deur die priesters ondersoek. Baie moes die uitspraak hoor dat hulle mans, vroue, of kinders melaats is, en gedoem is om die skuiling van hulle huise en die sorg van vriende te verlaat, en die naderende vreemde te waarsku met die geroep, "Onrein, onrein!" Die vriendelike hande van Jesus van Nasaret, wat nooit ge- weier het om met geneeskrag die afskuwelike melaatse aan te raak nie, het nou gevou op Sy bors gelê. Die lippe wat die

smeekbede verhoor het met die vertroostende woorde, "Ek wil; word gereinig!" Matt. 8:3, was nou stil. Baie het hulle beroep op die priesters en owerstes vir simpatie en verligting, maar tevergeefs. Hulle was skynbaar vas- beslote om die lewende Christus weer onder hulle te hê. Met dringende erns het hulle na Hom gevra. Hulle wou nie nee, as antwoord neem nie. Maar hulle is verdryf uit die tempelhowe, en soldate is by die poorte geplaas om die skares te keer wat met hulle siekes en sterwendes wou inkom.

Die lyers wat gekom het om deur die Heiland genees te word, het neergesak van teleurstelling. Daar is geweeklaag op die strate. Die siekes het gesterf omdat Jesus nie daar was om hulle met geneeskrag aan te raak nie. Die geneeshere is tevergeefs geraadpleeg; niemand het die bekwaamheid gehad van Hom wat in Josef se graf gelê het nie.

Die gekerm van die lydendes het duisende weer laat besef dat 'n groot Lig uit die wêreld verdwyn het. Sonder Christus was die aarde in duisternis en donkerheid. Baie van hulle wat saamgeskreeu het, "Kruisig Hom! kruisig Hom!" het nou die ramp besef wat oor hulle gekom het, en hulle sou gretig geskreeu het, Gee ons Jesus! as Hy nog gelewe het.

Toe die mense hoor dat Jesus om die lewe gebring is deur die priesters, is daar navraag gedoen in verband met Sy dood. Die be- son- derhede van Sy verhoor is so geheim moontlik gehou, maar terwyl Hy in die graf was, was Sy Naam op duisende lippe, en be-
[796] rigte oor Sy skynverhoor, en die onmenslikheid van die priesters en owerstes, is orals versprei. Intellektuele manne het die priesters en owerstes gevra om die profesieë van die Ou Testament aangaanae die Messias te verduidelik, en terwyl hulle geprobeer het om die een of ander antwoord op te stel, het hulle soos waansinniges geword. Die profesieë wat verwys het na Christus se lyde en dood, kon hulle nie verklaar nie, en baie van die wat navraag gedoen het, was oortuig dat die Skrifte vervul is.

Die wraak wat soos die priesters gemeen het, baie soet sou wees, het alreeds baie bitter vir hulle geword. Hulle het geweet dat hulle nou deur die mense bestraf word; hulle het geweet dat juis daardie mense wat hulle teen Jesus beïnvloed het, nou met afsku vervul was oor hulle eie skandelike werk. Die priesters het geprobeer om te glo dat Jesus 'n bedrieër was, maar dit was tevergeefs. Sommige van

hulle was teenwoordig by die graf van Lasarus, en het gesien hoe die dode opgewek is. Die gedagte dat Christus self uit die dode sou opstaan en weer voor hulle sou verskyn, het hulle laat sidder. Hulle het Hom hoor sê dat Hy mag gehad het om Sy lewe neer te lê en dit weer op te neem. Hulle het onthou dat Hy gesê het, “Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig.” Joh. 2:19. Judas het hulle vertel wat Jesus aan Sy dissipels gesê het op hulle laaste reis na Jerusalem: “Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die owerpriesters en skrifgeleerdes; en hulle sal Hom tot die dood veroordeel, en Hom oorlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gésel en te kruisig; en op die derde dag sal Hy opstaan.” Matt. 20:18, 19. Toe hulle hierdie woorde gehoor het, het hulle gespot en gesê dis belaglik. Maar nou het hulle onthou dat Christus se voorspellings tot dusver vervul is. Hy het gesê dat Hy op die derde dag weer sou opstaan, en wie kon sê of dit nie ook sou gebeur nie? Hulle wou baie graag hierdie gedagtes verban, maar hulle kon nie. Soos hulle vader, die duiwel, het hulle geglo en gesidder.

Noudat die waansinnigheid en opgewondenheid n bietjie bedaar het, het die beeid van Christus weer voor hulle opgedoem. Hulle het Hom gesien waar Hy daar so kalm voor Sy vyande gestaan het sonder om te kla, en hoe Hy hulle geskimp en mishandeling verdra het sonder om Sy mond oop te maak. Al die tonele in verband met Sy verhoor en kruisiging het weer voor hulle gekom met n kragtige oor- tuiging dat Hy die Seun van God was. Hulle het gevoel dat [797]
Hy enige oomblik voor hulle mag verskyn in die veranderde rol, waar aangeklaagde die aanklaer is, waar die veroordeelde veroordeel, en waar die vermoorde geregtigheid eis deur die dood van Sy moordenaars.

Hulle het maar min gerus op die Sabbat. Hoewel hulle kastig nie hulle voet oor die drumpel van ’n heiden sou sit uit vrees vir besoe- deling nie, het hulle tog raad gehou oor die liggaam van Christus.

Die dood en die graf moet die Een bewaar wat hulle gekruisig het. “Die volgende dag . . . kom die owerpriesters en die Fariseërs by Pilatus saam en sê: Meneer, ons herinner ons dat die Verleier, toe Hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan Ek op. Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat Sy

dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste. Daarop sê Pilatus vir hulle: Julie sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan." Matt. 27: 62-65.

Die priesters het opdrag gegee vir die versekering van die graf. Daar was 'n groot klip geplaas in die opening. Oor hierdie klip het hulle toue gespan en die ente aan die soliede rots vasgeheg en dit ver- seël met die Romeinse seël. Die klip kon nie verwyder word sonder om die seël te breek nie. Toe is daar 'n wag van honderd soldate rondom die graf opgestel om te verhoed dat iemand daaraan kom peuter. Die priesters het alles gedoen wat hulle kon om die liggaam van Christus te laat bly waar dit gelê is. Hy is so deeglik daar in Sy graf verseël asof Hy tot in ewigheid daar moes bly.

So het nietige mense planne gemaak en beraadslaag. Min het daardie moordenaars besef hoe tevergeefs hulle planne was. Maar God is verheerlik deur wat hulle gedoen het. Juis die pogings wat aangewend is om Christus se opstanding te verhoed, het die sterkste bewys daarvan geword. Hoe groter die getal van die soldate rondom die graf opgestel, hoe meer getuienis sou daar wees dat Hy opgestaan het. Hon- derde jare vóór die dood van Christus, het die Heilige Gees deur die psalmis verklaar: "Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die Here en teen Sy Gesalfde. . . . Hy wat in die hemel woon, sal lag; die Here sal met hulle spot." Ps. 2: 1-4. Die Romeinse wagte en die Romeinse wapens was magteloos om die Here van die lewe in die graf te hou. Die uur van Sy vrylating
[798] was naby.

## Die Here het Opgestaan

DIE nag van die eerste dag van die week was amper verby. Die donkerste uur, net voor die dageraad, het aangebreek. Christus was nog 'n gevangene in Sy nou graf. Die groot klip was nog op sy plek en die Romeinse seël ongeskonde; die Romeinse wagte was op hulle poste. En daar was ook onsigbare wagte. 'n Leërskare van bose engele het rondom die plek gestaan. As dit moontlik was, sou die vors van die duisternis met sy bose leërmagte die graf waarin die Seun van God was, vir ewig verseël gehou het. Maar 'n hemelse leërskare het die graf omring. Engele wat baie magtig is, het waggehou by die graf om die Vors van die Lewe te verwelkom.

"En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal." In die wapenrusting van God het hierdie engel die hemelse howe verlaat; die strale van Gods heerlikheid het voor hom uitgegaan en sy pad verlig. "Sy gedaante was soos weer- lig en sy kleding wit soos sneeu. En uit vrees vir hom het die wagters gebewe en soos dooies geword."

En nou, priesters en owerstes, waar is nou julle wagte? Dapper soldate wat nooit gevrees het vir menslike mag nie, was nou soos [799]
gevangenes, geneem sonder swaard of spies. Die aangesig wat hulle aanskou, is nie die gelaat van 'n sterflike soldaat nie; dit is die gelaat van die magtigste engel van die Here se leërskare. Hierdie boodskap- per het die plek gevul waaruit die Satan geval het. Dit was hy wat op die vlaktes van Betlehem Christus se geboorte aangekondig het. Die aarde het gebewe toe hy naderkom; die leërskare van duisternis het gevlug, en toe hy die klip wegrol, was dit asof die hemel neergedaal het na die aarde toe. Die soldate sien hoedat hy die klip wegneem asof dit sommer 'n klippie was, en hulle hoor hom roep: Seun van God, kom uit; U Vader roep U! Hulle sien Jesus uit die graf uitkom, en hulle hoor Hom uitroep oor die geskeurde graf, "Ek is die opstanding en die lewe." Toe Hy daar verskyn in majesteit en heerlikheid, het die engeleskaar laag neergebuig in aanbidding voor die Verlosser, en Hom verwelkom met lofliedere.

Daar was ’n aardbewing toe Christus Sy lewe afgelê het, en daar was weer ’n aardbewing op die oomblik toe Hy dit in oorwinning opgeneem het. Hy wat die dood en die graf verslind het, het uit die graf voortgekom as oorwinnaar terwyl die aarde gebewe het, en dit gedonder en geblits het. Wanneer Hy weer na hierdie aarde terugkom, sal “nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.” “Die aarde sal waggel geheel en al soos ’n dronkaard en swaai heen en weer soos ’n hangmat.” “Die hemel sal inmekaar gerol word soos ’n boek;” “die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.” “Maar die Here sal ’n toevlug wees vir Sy volk en ’n skuilplek vir die kinders van Israel.” Heb. 12: 26; Jes. 24: 20; 34: 4; 2 Pet. 3: 10; Joël 3: 16.

By die dood van Jesus het die soldate die aarde gesien, gehul in duisternis op die middag; maar by die opstanding het hulle gesien hoe die lig van die engele die nag verlig, en hulle het die hemelbewoners hoor sing in groot blydskap en oorwinning: U het die Satan en die magte van die duisternis verslaan; U het die dood verslind in oorwinning!

Christus het verheerlik uit die graf verskyn, en die Romeinse wagte het Hom gesien. Hulle oë was gevestig op die gesig van Hom wat hulle so ’n klein rukkie tevore beskimp en bespot het. In hierdie ver- heerlikte Wese het hulle die gevangene aanskou wat hulle in die
[800] gereg- saal gesien het, die een vir wie hulle die doringkroon gevleg het. Dit is Hy wat gedwee voor Pilatus gestaan het, Sy liggaam stukkend gesny soos Hy gestriem is. Dit is Hy wat aan die kruis genael is, en oor wie die priesters en owerstes, vol selftevredenheid, hulle hoofde geskud en gesê het, “Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie.” Matt. 27: 42. Dit is Hy wat in Josef se nuwe graf gelê is. Die dekreet van die hemel het die gevangene vrygestel. Al sou berge op berge op Sy graf gestapel gewees het, sou hulle Hom nie kon belet het om uit te kom nie.

By die aanskouing van die engele en die verheerlikte Heiland, het die Romeinse wagte teen die grond geval en soos dooies geword. Toe hulle die hemelse stoet nie langer kon sien nie, het hulle opgestaan, en so gou as wat hulle bene hulle kon dra, na die poort van die tuin ge- hardloop. Waggelende soos dronk manne het hulle na die stad gehaas, en aan almal wat hulle teëgekom het, die wonderbaarlike nuus vertel. Hulle was op weg na Pilatus, maar hulle berig is na

die Joodse ge- saghebbendes geneem, en die owerpriesters en die owerstes het hulle laat roep om eers voor hulle te verskyn. Daardie soldate het ’n baie vreemde voorkoms gehad. Bewende van vrees, en bleek, het hulle getuig van die opstanding van Christus. Die soldate het alles vertel, net soos hulle dit gesien het; hulle het nie tyd gehad om iets te versin nie, maar het net die waarheid gepraat. Met beswaarde tonge het hulle gesê, Dit was die Seun van God wat gekruisig is; ons het die engel Hom hoor aankondig as die Majesteit van die hemel, die Koning van heerlikheid.

Die gesigte van die priesters was soos die van dooie mense. Kajafas het geprobeer om te praat. Sy lippe het beweeg, maar daar het geen klank uitgekom nie. Die soldate wou net die raadsaal verlaat, toe ’n stem hulle beveel het om te bly. Kajafas se stem het weer teruggekom. Wag, wag, het hy gesê. Vertel aan niemand die dinge wat julle gesien het nie.

Toe is daar ’n valse berig in die monde van die soldate gelê. “Julie moet sê,” het die priesters gesê, “Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was.” Hier het die priesters ’n bietjie te ver gegaan. Hoe kon die soldate sê dat die dissipels die liggaam gesteel het terwyl hulle geslaap het? As hulle geslaap het, hoe kon hulle dit weet? En as die dissipels werklik die liggaam van Christus gesteel het, sou die priesters nie die eerste gewees het om hulle te veroordeel nie? Of, as die wagte by die graf [801]
geslaap het, sou die priesters hulle nie dadelik by Pilatus gaan verkla [802]
het nie?

Dit was ’n vreeslike gedagte vir die soldate om vir hulleself die beskuldiging op die hals te haal dat hulle op hulle poste geslaap het. Dit was iets wat met die dood strafbaar was. Behoort hulle dan valse getuienis te gee, die mense te bedrieg, en ook hulle eie lewens in gevaar te stel? Het hulle dan nie getrou waggestaan nie? As hulle dan vir geld gaan lieg, hoe sou hulle daarna in hulle verhoor vaar?

Om die getuienis wat hulle gevrees het stil te maak, het die priesters belowe om toe te sien dat die wagte niks oorkom nie, en hulle het gesê, dat Pilatus net so min soos hulleself so ’n gerug versprei wou hê. Die Romeinse soldate het hulle eerlikheid aan die Jode verkoop vir geld. Hulle het voor die priesters verskyn met ’n ontstellende boodskap van waarheid; hulle is daar weg met geld, en

'n leuenagtige verslag in hul monde wat vir hulle opgestel is deur die priesters.

In die tussentyd het die berig van Christus se opstanding Pilatus bereik. Alhoewel Pilatus verantwoordelik was vir die oorlewering van Christus om te sterf, het hy hom nie baie daaroor gekwel nie. Terwyl hy die Heiland onwillig veroordeel het, en met 'n gevoel van jammerte, het sy gewete hom nou eers regtig begin kwel. Vreesbevange het hy hom in sy huis toegesluit, en besluit om niemand te spreek nie. Maar die priesters het daar ingedring, die storie vcrtel wat hulle opgemaak het, en by hom aangedring om die pligsversuim van die wagte oor die hoof te sien. Vóór hy sy toestemming gegee het, het hy eers die wagte privaat ondervra. Hulle, wat vir hulle eie veiligheid gevrees het, het met die hele waarheid voor die dag gekom, en Pilatus het van hulle gehoor wat gebeur het. Hy het geen verdere stappe in die saak gedoen nie, maar van daardie tyd af het hy geen vrede in sy gemoed gehad nie.

Toe Jesus in die graf gelê is, het die Satan getriomfeer. Hy het hom verstout om te hoop dat die Here nie weer Sy lewe sou opneem nie. Hy het aanspraak gemaak op die Here se liggaam, en hy het sy wag rondom die graf opgestel in 'n poging om Christus daarin gevange te hou. Hy was woedend toe sy engele gevlug het by die aankoms van die hemelse boodskapper. Toe hy Christus seëvierend sien uitkom, het hy geweet dat sy koninkryk tot 'n einde sou kom,
[803] en dat hy uiteindelik sal moet sterf.

Toe die priesters Christus om die lewe gebring het, het hulle hulle- self die werktuie van die Satan gemaak. Nou was hulle heeltemal in sy mag. Hulle was gevang in 'n strik waaruit hulle nie kon loskom nie, en hulle moes maar hulle stryd teen Christus voortsit. Toe hulle die gerug van Sy opstanding hoor, het hulle die woede van die mense gevrees. Hulle het gevoel dat hulle eie lewens in gevaar was. Die enigste hoop vir hulle was om te bewys dat Christus 'n bedrieër was deur Sy opstanding te loën. Hulle het die soldate omgekoop, en Pilatus oorgehaal om stil te bly. Hulle het die leuenagtige gerugte wyd en syd versprei. Maar daar was getuies wat hulle nie kon stilmaak nie. Baie het gehoor wat die soldate oor Christus se opstanding gesê het. En van die dode wat saam met Christus opgestaan het, het aan baie ver- skyn en verklaar dat Hy opgestaan het. Die priesters het verslae ontvang van persone wat die verrese dode

gesien en hulle getuienis gehoor het. Die priesters en owerstes het gedurig in vrees verkeer dat hulle miskien, terwyl hulle op straat is, of in hulle eie private wonings, Christus van aangesig tot aangesig mag ontmoet. Hulle het gevoel dat daar geen veiligheid vir hulle was nie. Slotte en versperrings sou maar skrale beskerming wees teen die Seun van God. Dag en nag het daardie vreeslike toneel in die geregsaal hulle voor die gees gebly, toe hulle uitgeroep het, "Laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom!" Matt. 27: 25. Die gedagte aan daardie toneel sou nooit uit hulle ge- heues uitgewis kan word nie. Nooit meer sou hulle rustig op hulle kussings kon slaap nie.

Toe die stem van die magtige engel wat gesê het, U Vader roep U, by Christus se graf gehoor is, het die Heiland voortgekom uit die graf deur die lewe wat in Homself was. Nou is die waarheid van Sy woorde bewys, "Daarom het die Vader My lief, omdat Ek My lewe aflê om dit weer op te neem. . . . Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem." Nou is die profesie wat Hy tot die priesters en owerstes gespreek het, vervul: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit oprig." Joh. 10: 17, 18; 2: 19.

Oor die geskeurde graf van Josef het Jesus seëvierend uitgeroep, "Ek is die opstanding en die lewe." Hierdie woorde kon alleen deur die Godheid gespreek word. Alle geskape wesens lewe deur die wil en krag van God. Hulle is afhanklike ontvangers van die lewe van God. Van die hoogste seraf tot die nederigste lewende skepsel, [804]
ontvang almal lewe van die Bron van die Lewe. Alleen een wat gelyk is aan God kon sê, Ek het mag om My lewe af te lê, en Ek het mag om dit weer op te neem. In Sy Godheid het Christus die mag gehad om die bande van die dood te verbreek.

Christus het uit die dode opgestaan as die eersteling van diegene wat ontslaap het. Hy was die teenbeeid van die eerstelingsgerf, en Sy opstanding het plaasgevind op die juiste dag toe die gerf voor die Here gehef is. Vir meer as duisend jaar is hierdie seremonie elke jaar nagekom. Van die graanlande is die eerste ryp are versamel, en wanneer die mense opgegaan het na Jerusalem vir die Paasfees, is die eerstelingsgerf voor die Here gehef as dankoffer. Eers ná hierdie seremonie kon hulle die sekel insteek, en die graan in gerwe bind. Die gerf wat aan die Here gewy is, het die oes voorgestel. So ook was Christus, die eersteling, die verteenwoordiger van die groot geestelike oes wat ingesamel sal word vir die koninkryk van God.

Sy opstanding was die tipe en die pand van die opstanding van al die regverdige dode. “Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.” 1 Thess. 4: 14.

Toe Christus opgestaan het, het Hy ’n menigte gevangenes uit die graf gebring. Die aardbewing tydens Sy dood het hulle grafte oop- geskeur, en toe Hy opgestaan het, het hulle saam met Hom uitgekom. Hulle was diegene wat medewerkers van God was, en wat ten koste van hulle eie lewens vir die waarheid getuig het. Nou sou hulle getuies wees vir Hom wat hulle uit die dode opgewek het.

Tydens Sy bediening het Christus die dode opgewek. Hy het die seun van die weduwee van Nain, die dogtertjie van die owerste, en vir Lasarus opgewek. Maar hulle is nie met die onsterflikheid beklee nie. Na hulle opwekking, was hulle nog aan die dood onderworpe. Maar diegene wat uit die graf voortgekom het by Christus se opstanding, is opgewek tot die ewige lewe. Hulle het saam met Hom opgevaar as trofeë van Sy oorwinning oor die graf en die dood. Hulle, het Christus gesê, is nie langer die gevangenes van die Satan nie; Ek het hulle losgekoop. Ek het hulle uit die graf gebring as die eerstelinge van My krag, om saam met My te wees waar Ek is, en om nooit meer die dood of droefheid te smaak nie.

Hulle het in die stad gegaan, aan baie verskyn, en gesê, Christus het uit die dode opgestaan, en ons het saam met Hom opgestaan.
[805] So is die heilige waarheid van die opstanding onsterflik gemaak. Die verrese heiliges het getüig van die waarheid van die woorde, “U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan.” Hulle opstanding was ’n illustrasie van die vervulling van die profesie, “Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is ’n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.” Jes. 26: 19.

Vir die gelowige is Christus die opstanding en die lewe. In ons Heiland is die lewe wat verlore is deur die sonde, herstel; want Hy het lewe in Homself om lewendig te maak wie Hy wil. Hy is beklee met die reg om die onsterflikheid te gee. Die lewe wat Hy in Sy mensheid afgelê het, neem Hy weer op en gee dit aan die mensheid. “Ek het gekom”, het Hy gesê, “dat hulle lewe en oorvloed kan hê.” “Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word ’n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.” ” Hy

wat My vlees eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” Joh. 10: 10; 4: 14; 6: 54.

Vir die gelowige is die dood maar ’n geringe saak. Christus spreek daarvan asof dit nie van veel betekenis is nie. “As iemand My woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie,” hy sal “die dood in die ewigheid nie smaak nie.” Vir die Christen is die dood maar n slaap, n oomblik van stilte en duisternis. Die lewe is verborge met Christus in God, en “wanneer Christus wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word.” Joh. 8: 51, 52; Kol. 3: 4.

Die stem wat aan die kruis uitgeroep het, “Dit is volbring,” is deur die dode gehoor. Dit het die mure van die grafte deurdring, en die slapendes geroep om op te staan. So sal dit ook wees wanneer die stem van Christus van die hemel gehoor sal word. Daardie stem sal die grafte binnedring en hulle oopsluit, en die dode in Christus sal opstaan. Tydens die opstanding van die Heiland is ’n paar grafte geopen, maar by Sy tweede koms sal al die dierbare dode Sy stem hoor, en hulle sal uitkom tot ’n heerlike, onsterflike lewe. Dieselfde mag wat Christus uit die dode opgewek het, sal ook Sy kerk opwek en dit saam met Hom verheerlik bo alle owerheid en mag en krag en heer- skappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. [806]

# “Waarom Ween Jy?”

DIE vroue wat by die kruis van Christus gestaan het, het gewag vir die ure van die Sabbat om verby te gaan. Op die eerste dag van die week, baie vroeg, is hulle weer na die graf met die speserye en salf wat hulle vir die Heiland se liggaam berei het. Hulle het nie daaraan gedink dat Hy miskien uit die dode sou opstaan nie. Die son van hulle hoop het ondergegaan, en die nag het in hulle harte toegesak. Terwyl hulle geloop het, het hulle gepraat van Christus se werke van barmhartigheid en Sy woorde van vertroosting. Maar Sy woorde, “Ek sal julle weer sien” Joh. 16: 22, het hulle nie onthou nie.

Onbewus van wat juis toe plaasgevind het, het hulle naby die tuin gekom, en gevra, terwyl hulle geloop het, “Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?” Hulle het geweet dat hulle nie die klip sou kon verwyder nie, maar nogtans het hulle voortgegaan. Skielik is die hemele verlig met ’n heerlikheid wat nie gekom het van die opkomende son nie. Die aarde het gebewe. Hulle het gesien dat die groot klip weg was. Die graf was leeg.

Die vroue het nie almal uit dieselfde rigting na die graf gekom nie. Maria Magdalena was die eerste om die plek te bereik; en toe sy
[807] sien dat die klip weggerol was, het sy gehaas om die dissipels te gaan
[808] verwittig. In die tussentyd het die ander vroue ook daar aangekom. Daar het ’n lig rondom die graf geskyn, maar die liggaam van Jesus was nie daar nie. Terwyl hulle daar getalm het, het hulle skielik besef dat hulle nie alleen was nie. Daar het ’n jongman in glinsterende klere by die graf gesit. Dit was die engel wat die klip weggerol het. Hy het die gedaante van ’n mens aangeneem sodat hy nie miskien die vriende van Jesus sou verskrik nie. Maar die lig van die hemelse heerlikheid het nog rondom hom geskyn, en die vroue was bang. Hulle het om- gedraai om te vlug, maar die engel se woorde het hulle weer laat stilstaan. “Moenie vrees nie,” het hy gesê, “want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die

Here gelê het; en gaan haastig, sê vir Sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode." Weer het hulle in die graf gekyk, en weer het hulle die wonderbaarlike nuus gehoor. Daar was nog 'n ander engel in menslike gedaante, en hy vra, "Waarom soek julle die Lewende by die dode? Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan."

Hy het opgestaan, Hy het opgestaan! Die vroue herhaal die woorde oor en oor. Nou is die speserye nie meer nodig nie. Die Heiland lewe, Hy is nie dood nie. Hulle het nou onthou dat toe Hy van Sy dood gepraat het, Hy ook gesê het dat Hy weer sou opstaan. Wat 'n dag was dit vir die wêreld! Haastig is die vroue daar van die graf af weg "met vrees en groot blydskap en gehardloop om dit vir Sy dissipels te vertel."

Maria het nie die goeie nuus gehoor nie. Sy het na Petrus en Johannes gegaan met die droewige tyding, "Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie. Die dissipels het na die graf gehardloop en dit gevind soos Maria gesê het. Hulle het die grafdoeke sien lê, maar het nie hulle Here gevind nie. Selfs hier was ook 'n bewys dat Hy opgestaan het. Die grafdoeke was nie sommer daar neergegooi nie, maar elkeen was sorg- vuldig opgevou en afsonderlik neergesit. Johannes het "gesien en geglo." Hy het toe nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die [809]
dode moes opstaan nie; maar hy het nou Jesus se woorde onthou wat Sy opstanding voorspel het.

Dit was Christus self wat die grafdoeke so sorgvuldig opgevou het. Toe die magtige engel na die graf neergedaal het, het daar nog een by hom aangesluit wat met sy groep waggehou het oor die Here se liggaam. Toe die engel uit die hemel die klip weggerol het, het die ander een die graf binnegegaan en die doeke van die liggaam van Jesus losgemaak. Maar dit was die Heiland self wat elkeen opgevou en op sy plek gesit het. In die oë van Hom wat sowel ster as atoom beheers, is daar niks wat onbelangrik is nie. Ordelikheid en volmaaktheid word in al Sy werk gesien.

Maria het Petrus en Johannes na die graf gevolg; toe hulle terug is na Jerusalem, het sy agtergebly. Toe sy weer in die leë graf kyk, is haar hart met droefheid vervul. Toe sy kyk, het sy die twee engele

gesien, een by die hoof en een by die voete van die plek waar Jesus gelê het. "Vrou, waarom ween jy?" het hulle haar gevra. Sy het geantwoord, "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

Toe het sy weggedraai, selfs van die engele, omdat sy gemeen het dat sy iemand moes vind wat haar kon sê wat hulle gedoen het met die liggaam van Jesus. Nou het n ander stem haar aangespreek, "Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy?" Deur haar trane het Maria die gedaante van 'n man gesien, en menende dat dit die tuinier was, het sy gesê, "Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem." As daar miskien gereken is dat hierdie ryk man se graf 'n te geëerde graf was vir Jesus, sou sy self 'n plek vir Hom soek. Daar was 'n graf wat Christus se eie stem leeggemaak het, die graf waar Lasarus gelê het. Sou dit dan nie as graf vir haar Here kan dien nie? Sy het gevoel dat dit vir haar in haar droefheid, 'n baie groot troos sou wees as sy Sy gekruisigde liggaam kon versorg.

Maar nou het Jesus in Sy eie welbekende stem aan haar gesê, "Maria!" Nou het sy geweet dat dit nie 'n vreemdeling was wat haar aangespreek het nie, en toe sy omdraai het sy voor haar die lewende Christus gesien. In haar blydskap het sy vergeet dat Hy gekruisig was. Sy het vorentoe gespring asof sy Sy voete wou omhels, en sy
[810] het uitgeroep, "Rabboeni!" Maar Christus het Sy hand opgehef en gesê, Moet My nie ophou nie, "want Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie; maar gaan na My broers en sê vir hulle: Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My God en julle God." Maria is toe weg na die dissipels met die blye boodskap.

Jesus het geweier om die hulde van Sy mense te ontvang voordat Hy die versekering gehad het dat Sy offer deur die Vader aangeneem is. Hy het na die hemel opgevaar, en van God self het Hy die versekering verkry dat Sy versoening vir die sondes van die mense voldoende was, en dat almal deur Sy bloed die ewige lewe mag deelagtig word. Die Vader het Sy verbond met Christus bekragtig, naamlik dat Hy boetvaardige en gehoorsame mense sou aanneem, en sou liefhê net soos Hy Sy Seun liefhet. Christus moes Sy werk klaarmaak, en Sy belofte vervul om "sterwelinge skaarser [te] maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir." Jes. 13: 12. Alle mag in hemel en op aarde is aan die Vors van die Lewe gegee, en Hy het

teruggekom na Sy volgelinge in ’n wêreld van sonde, sodat Hy aan hulle Sy krag en heerlikheid kon meedeel.

Terwyl die Heiland in Gods teenwoordigheid was, en gawes vir Sy kerk ontvang het, het die dissipels gedink aan die leë graf, en getreur en geween. Die dag wat n dag van blydskap was vir die ganse hemel, was vir die dissipels ’n dag van onsekerheid, verwarring en verbystering. Hulle ongeloof in wat die vroue vertel het, was bewys van hoe laag hulle geloof wel gedaal het. Die nuus van Christus se opstanding was so anders as wat hulle verwag het, dat hulle dit nie kon glo nie. Dit kan nie waar wees nie, het hulle gedink. Hulle het soveel gehoor van die leerstellings en die sogenaamde wetenskaplike teorieë van die Sadduseërs, dat die indruk wat hulle gehad het van die opstanding uit die dode, baie vaag was. Hulle het feitlik nie geweet wat die opstanding uit die dode beteken nie. Hulle was nie in staat om hierdie groot onderwerp te begryp nie.

“Maar gaan,” het die engele aan die vroue gesê, “sê vir Sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.” Die engele was by Christus as Sy skutengele gedurende Sy aardse lewe. Hulle was getuies van Sy verhoor en kruisiging. Hulle het Sy woorde aan Sy dissipels gehoor. Dit is bewys deur hulle boodskap aan die dissipels, en dit moes hulle oortuig het. Sulke woorde kon alleen gekom het van die bood- skappers van hulle verrese Here. [811]

“Sê vir Sy dissipels en vir Petrus,” het die engele gesê. Sedert die dood van Christus was Petrus baie hartseer. Sy skandelike verloëning van die Here, en die Here se blik van liefde en angs, het hom maar gedurig voor die gees gebly. Van al die dissipels het hy die bitterste gely. Aan hom word die versekering gegee dat Sy boetvaardigheid aangeneem, en sy sonde vergewe is. Hy word by name genoem.

“Sê vir Sy dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uit gaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien.” Al die dissipels het Jesus verlaat, en die boodskap om Hom weer te ontmoet het almal ingesluit. Hy het hulle nie verwerp nie. Toe Maria Magdalena hulle meegedeel het dat sy die Here gesien het, het sy hulle ook die boodskap gegee om Hom in Galilea te ontmoet. En die boodskap is vir die derde maal aan hulle gegee. Nadat Hy opgevaar het na die Vader, het Jesus aan die ander vroue verskyn, en gesê, “Wees gegroet! Toe kom hulle nader en gryp Sy voete en aanbid Hom; En Jesus sê vir hulle: Moenie

vrees nie. Gaan heen en vertel My broeders dat hulle na Galilea moet gaan; en daar sal hulle My sien."

Christus se eerste werk op aarde, ná Sy opstanding, was om Sy dissipels te oortuig van Sy onverminderde liefde en agting vir hulle. Om aan hulle bewys te gee dat Hy hulle lewende Heiland was, dat Hy die bande van die graf verbreek het, en dat die vyand, die dood, Hom nie langer kon hou nie; en om aan hulle te openbaar dat Hy nog dieselfde hart van liefde het as toe Hy met hulle was as hulle geliefde Leraar, het Hy keer op keer aan hulle verskyn. Hy het die bande van liefde nog nouer getrek. Gaan sê aan My broers, het Hy gesê, dat hulle My in Galilea moet ontmoet.

Nadat hulle hierdie bepaalde boodskap gehoor het, het die dissipels begin dink aan Christus se woorde aan hulle, wat Sy opstanding voorspel het. Maar selfs toe nog was hulle nie bly nie. Hulle kon nie ont- slae raak van hulle twyfel nie. Selfs nadat die vroue verklaar het dat hulle die Here gesien het, wou die dissipels nie glo nie. Hulle het gemeen dat dit maar 'n illusie was.

Dit het geskyn of moeilikheid op moeilikheid gekom het. Op die sesde dag van die week het hulle hulle Meester sien sterf; op die eerste dag van die volgende week is hulle beroof van Sy liggaam, en hulle word daarvan beskuldig dat hulle dit gesteel het om die mense te bedrieg. Hulle het gevrees dat hulle nooit die valse beskuldigings
[812] sou kon verwyder wat teen hulle opgehoop is nie. Hulle het die vyandigheid van die priesters en die woede van die mense gevrees. Hulle het verlang na die teenwoordigheid van Jesus wat hulle altyd uit elke moeilik- heid gehelp het.

Dikwels het hulle die woorde herhaal, "Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos." Eensaam, en neerslagtig, het hulle gedink aan Sy woorde, "As hulle dit doen aan die groen hout, wat sal met die droë gebeur?" Lukas 24: 21; 23: 31. Hulle het saamgekom in die bo-vertrek, en die deur op grendel gesit, wetende dat die lot wat hulle geliefde Leraar getref het, hulle ook enige tyd mag tref.

En al die tyd kon hulle hulle verbly het in die wete dat hulle Heiland opgestaan het. In die tuin het Maria gestaan en ween terwyl Jesus feitlik aan haar sy gestaan het. Haar oë was so verblind deur trane dat sy Hom nie gesien het nie. En die harte van die dissipels was so vol droefheid dat hulle nie die engele se boodskap, of die woorde van Christus self, geglo het nie.

Hoeveel is daar nie wat vandag nog doen wat daardie dissipels ge- doen het nie! Hoeveel sê wanhopig soos Maria, "Hulle het die Here" . . . weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie! Tot hoeveel kan die Heiland se woorde gespreek word, "Waarom ween jy? Wie soek jy?" Hy is dig aan hulle sy, maar hulle oë is so deur die trane verblind dat hulle Hom nie kan sien nie. Hy spreek tot hulle,maar hulle verstaan nie.

O dat die geboë hoof weer opgehef mag word, dat die oë weer mag oopgaan om Hom te sien, en dat die ore weer mag luister na Sy stem! "Gaan haastig, sê vir Sy dissipels: Hy het opgestaan. Sê vir hulle om nie na Josef se nuwe graf te kyk wat met 'n groot klip toegemaak, en met die Romeinse seël verseël is nie. Christus is nie daar nie. Moenie na die leë graf kyk nie." Moenie treur soos diegene wat hopeloos en hulpeloos is nie. Jesus lewe, en omdat Hy lewe, sal ons ook lewe. Laat uit dankbare harte, en met lippe, aangeraak deur heilige vuur, die blye lied weergalm, Christus het opgestaan! Hy lewe om vir ons in te tree. Gryp hierdie hoop aan; dit sal die siel vashou soos n hegte, beproefde anker. Glo, en u sal die heerlikheid van God sien [813]

[814]

## Die Emmausgangers

LAAT in die middag van die opstandingsdag, was twee van die dissipels op weg na Emmaus, 'n dorpie sowat agt myl van Jerusalem. Hierdie dissipels het nie 'n vername plek in die werk van Christus gehad nie, maar hulle was ernstige gelowiges in Hom. Hulle het na die stad gekom vir die Paasfees, en hulle gedagtes is gaande gemaak deur die gebeurtenisse van die afgelope paar dae. Hulle het die oggend die nuus gehoor van die verwydering van Christus se liggaam uit die graf, en ook die verslag van die vroue wat die engele gesien het en later ook Jesus. Hulle was nou op weg na hulle huis om te peins en te bid. Droefgeestig het hulle die aand gestap en praat oor die tonele van die verhoor en die kruisiging. Nog nooit tevore was hulle so moedeloos nie. Hopeloos en sonder geloof het hulle gestap in die skaduwee van die kruis.

Hulle het nie te ver geloop nie, of 'n vreemdeling het hom by hulle gevoeg, maar hulle was so in beslag geneem deur hulle eie swaar- moedigheid en teleurstelling dat hulle nie eintlik aandag aan hom ge- skenk het nie. Hulle het voortgegaan met hulle gesprek, en gesê wat hulle gedink het. Hulle het gepraat oor die dinge wat Christus geleer en wat hulle nie mooi verstaan het nie. Terwyl hulle
[815] so gesels het oor die dinge wat plaasgevind het, het Jesus verlang om hulle te vertroos. Hy het hulle droefheid gesien; Hy het die botsende gedagtes erstaan wat hulle laat vra het, Kon hierdie Man wat toegelaat het dat hulle Hom so verneder, wel die Christus gewees het? Hulle droefheid was so groot dat hulle gehuil het. Jesus het geweet dat hulle Hom baie liefgehad het, en Hy het verlang om die trane af te vee en hulle harte met blydskap te vervul. Maar Hy moes hulle eers lesse leer wat hulle nooit sou vergeet nie.

"Hy sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef? En die een wie se naam Kleopas was, antwoord en sê vir Hom: Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het nie?" Hulle het Hom vertel van hulle teleurstelling in

verband met hulle Meester, "wat n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk; maar," het hulle gesê, "ons owerpriesters en owerstes [het] Hom oorgelewer vir die doodstraf en Hom gekruisig." Met harte vol teleurstelling, en met bewende lippe het hulle bygevoeg, "Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit van- dag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het."

Dit is vreemd dat die dissipels Christus se woorde nie onthou het, en geweet het dat Hy die dinge voorspel het wat sou plaasvind nie! Hulle het nie besef dat die laaste gedeelte van Sy voorspelling net so gewis sou vervul word as die eerste gedeelte en dat Hy op die derde dag sou opstaan nie. Dit is die deel wat hulle wel moes onthou het. Die priesters en owerstes het dit nie vergeet nie. "Die volgende dag — dit is die dag ná die voorbereiding — kom die owerstes en die Fariseërs by Pilatus saam en sê: Meneer, ons herinner ons dat die Verleier, toe Hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan Ek op." Matt. 27: 62, 63. Maar die dissipels het hierdie woorde nie onthou nie.

Toe het Hy aan hulle gesê: "O onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie?" Die dissipels het gewonder wie hierdie vreemdeling kon wees, wat tot hulle siele kon deurdring, en praat met sulke erns en gevoel en simpatie, en so hoopvol. Vir die eerste maal na Christus se verraad, het hulle weer moed geskep. Telkens het hulle hulle reisgenoot ernstig betrag, en gedink dat Sy woorde juis die woorde was wat Christus sou gespreek het. Hulle was met verbasing vervul, en hulle harte het in heerlike [816]
ver- wagting begin klop.

Beginnende by Moses, die Alfa van Bybelse geskiedenis, het Christus die Skrifte aangaande Homself verduidelik. As Hy Homself uit die staanspoor aan hulle geopenbaar het, sou hulle harte tevrede gewees het. In die oorvloed van hulle vreugde sou hulle na niks meer verlang het nie. Maar dit was nodig vir hulle om te verstaan hoe die tipes en profesieë van die Ou Testament van Hom getuig het. Hulle geloof moes daarop gebou word. Christus het geen wonderwerk verrig om hulle te oortuig nie, maar Hy het die Skrifte aan hulle verduidelik. Hulle het Sy dood beskou as die verplettering van al hul

hoop. Nou het Hy hulle uit die profete bewys dat dit juis die sterkste bewys was vir hulle geloof.

Waar Hy hierdie dissipels onderrig het, het Jesus gewys op die belangrikheid van die Ou Testament as bewys van Sy sending. Baie belydende Christene verwerp vandag die Ou Testament, en hulle sê dat hulle dit nie langer nodig het nie. Maar dit is nie wat Christus geleer het nie. Hy het soveel waarde daaraan geheg dat Hy eenkeer gesê het, "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand ook uit die dode opstaan." Lukas 16: 31.

Dit is die stem van Christus wat deur die patriarge en profete spreek van die dae van Adam af tot by die einde van tyd. Die Verlosser word in die Ou Testament geopenbaar net so duidelik as in die Nuwe. Dit is die lig van die profetiese verlede wat die lewe van Christus en die leer van die Nuwe Testament so helder laat uitstaan. Die wonderwerke van Christus is bewys van Sy Godheid; maar nog sterker bewys dat Hy die wêreld se Verlosser is, blyk uit die vergelyking van die profesieë van die Ou Testament met die geskiedenis van die Nuwe Testament.

Uit die profesieë het Christus Sy dissipels die regte idee gegee van wat Hy sou wees as mens. Hulle verwagting van 'n Messias wat die troon sou bestyg en koninklike mag sou aanneem volgens die idees van mense, was verkeerd. Dit sou bots met 'n regte begrip van Sy vernedering uit die hoogste tot die laagste posisie. Christus wou hê dat die idees van Sy dissipels reg en waar moes wees in elke opsig. So vêr moontlik moes hulle begryp dat Hy die lydensbeker moes drink wat aan Sy lippe gesit is. Hy het hulle daarop gewys
[817] dat die vreeslike stryd wat hulle toe nog nie kon verstaan nie, 'n vervulling was van die verbond wat gemaak is vóór die grondlegging van die wêreld. Christus moes sterf net soos enige oortreder van die wet moet sterf as hy volhard in die sonde. Dit alles moes gebeur, maar dit sou nie in 'n neerlaag eindig nie, maar in 'n heerlike, ewige oorwinning. Jesus het aan hulle gesê dat alles gedoen moes word om die wêreld van die sonde te red. Sy navolgers moet lewe soos Hy gelewe het, werk soos Hy gewerk het, met erns en volharding.

So het Christus met die twee dissipels gesels, en hulle verstand ge- open sodat hulle die Skrifte kon verstaan. Daardie dissipels was moeg, maar hulle belangstelling was groot. Woorde van lewe en

versekering het van die Heiland se lippe gevloei. Maar nog was hulle oë gesluit. Toe Hy hulle vertel het van die aanstaande verwoesting van Jerusalem, het hulle die gedoemde stad wenend aanskou. Maar hulle het nog glad nie besef wie hulle reisgenoot was nie. Min het hulle gedink dat die Persoon oor wie hulle gesels het, langs hulle stap, want Christus het na Homself verwys asof Hy 'n ander persoon was. Hulle het gedink dat Hy een van die was wat die groot fees bygewoon het, en wat nou op weg huis toe was. Hy het net so versigtig soos hulle gestap oor die klippe, en af en toe saam met hulle gesit om 'n bietjie te rus. So het hulle voortgestap met die bergpad, terwyl die Een wat eerlank Sy plek sou gaan inneem aan Gods regterhand, en wat kon sê, "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" Matt. 28: 18, saam met hulle gestap het.

Terwyl hulle voortgereis het, het die son ondergegaan, en voordat die reisigers hulle woning bereik het, het die werkers op die lande hulle werk gestaak. Toe die dissipels hulle huis wou binnegaan, het dit gelyk of die vreemdeling Sy reis verder wou voortsit. Maar die dissipels het tot Hom aangetrokke gevoel. Hulle siele was hongerig om meer van Hom te hoor. "Bly by ons," het hulle gesê. Dit het gelyk of Hy die uitnodiging nie wou aanneem nie, en hulle het by Hom aangedring en gesê, "Dit is amper aand en die dag het gedaal." Christus het toe hulle uitnodiging aangeneem, "en Hy het ingegaan om by hulle te bly."

As die dissipels nie by Hom aangedring het om by hulle te vertoef nie, sou hulle nie geweet het dat hulle reisgenoot die verrese Heiland was nie. Christus dwing Homself nooit op mense af nie. Hy stel belang in diegene wat Hom nodig het. Hy sal die nederigste woning blymoedig binnegaan, en die eenvoudigste hart aanmoedig. [818]
Maar as mense te onverskillig is om aan die hemelse Gas te dink, of Hom te vra om in te kom, sal Hy hulle verbygaan. Op hierdie wyse ly baie mense groot skade. Hulle ken Christus net so min as daardie dissipels met wie Hy saamgestap het.

Die eenvoudige aandete van brood is gou berei. Dit is voor die Gas geplaas, wat plek ingeneem het aan die hoof van die tafel. Toe het Hy Sy hande opgehef om die voedsel te seën. Verbaas het die dissipels geskrik. Hulle Gas strek Sy hande uit presies net soos hulle Meester gewoonlik gedoen het. Hulle kyk weer, en skielik sien hulle

die merke van die spykers in Sy hande. Albei roep tegelyk uit, Dit is die Here Jesus! Hy het opgestaan uit die dode!

Hulle staan op om hulleself aan Sy voete neer te werp en Hom te aanbid, maar Hy het voor hulle oë verdwyn. Hulle kyk na die plek waar die Een gesit het wat 'n rukkie tevore nog in die graf gelê het, en hulle sê vir mekaar, "Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Maar met hierdie belangrike nuus om te gaan vertel, kon hulle nie daar sit en praat nie. Hulle moegheid en honger is weg. Hulle laat staan hulle kos net so, en blymoedig is hulle dadelik met dieselfde pad terug waarmee hulle gekom het, om die goeie nuus te gaan vertel aan die dissipels in die stad. In sommige dele is die pad nie veilig nie, maar hulle klim oor die steil plekke, en gly oor die gladde rotse. Hulle sien nie, en hulle weet nie, dat Hy wat saam met hulle op die pad gereis het, hulle beskerm nie. Met pelgrimstaf in die hand, stryk hulle voort, en probeer hulle om vinniger te beweeg as wat vir hulle veilig is. Hulle raak die pad byster, maar vind dit weer. Soms hardloop hulle, soms struikel hulle, maar hulle haas voort, met die onsigbare Reisgenoot die hele pad dig by hulle.

Die nag is donker, maar die Son van Geregtigheid skyn op hulle. Hulle harte bons van vreugde. Dit is asof hulle in 'n nuwe wêreld is. Christus is 'n lewende Verlosser. Hulle treur nie langer oor Hom as een wat dood is nie. Christus het opgestaan — dit herhaal hulle oor en oor. Dit is die boodskap wat hulle neem na die treurendes. Hulle moet hulle die wonderlike storie van die reis na Emmaus vertel. Hulle moet vertel wie by hulle op die pad aangesluit het. Hulle is die draers van die grootste boodskap wat nog ooit aan die wêreld gegee is —'n blye boodskap waarin die mensdom hulle hoop vir tyd
[819] en ewig- heid kan vestig.

# “Vrede vir Julle”

BY Jerusalem aangekom, het die twee dissipels die stad deur die oos- poort binnegegaan, wat met feestye snags altyd oop was. Die huise was donker en stil, maar die reisigers baan hulle weg deur die nou strate in die lig van die opkomende maan. Hulle gaan na die bovertrek waar Jesus die tyd die laaste aand vóór Sy dood deurgebring het. Daar, het hulle geweet, sou hulle hulle broeders kry. Laat soos dit reeds is, weet hulle dat die dissipels nie sou gaan slaap voordat hulle met sekerheid geweet het wat van die liggaam van hulle Here geword het nie. Die deur tot die vertrek was gesluit. Hulle klop om binne- gelaat te word, maar hulle hoor niks. Alles is Stil. Hulle roep hulle name uit; die deur word oopgemaak, hulle gaan binne, maar nog Iemand, onsigbaar, gaan saam met hulle in. Weer is die deur gesluit om spioene buite te hou.

Die reisigers vind almal in n toestand van opgewondenheid. Die stemme van diegene in die saal word gehoor in lof en danksegging, en hulle sê, “Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon ver-
skyn.” En toe het die twee reisigers, nog half uitasem weens die haas [820]
waarmee hulle die terugreis afgelê het, die wonderbaarlike verhaal vertel van hoe Jesus aan hulle verskyn het. Hulle was net klaar, en sommige het openlik verklaar dat hulle dit nie kan glo nie, want dit het ongelooflik geklink, toe daar skielik ’n ander Persoon voor hulle staan. Alle oë is gevestig op die Vreemdeling. Niemand het geklop om binnegelaat te word nie. Geen voetstappe is gehoor nie. Die dissipels is ontstel, en hulle wonder wat dit kan beteken. Toe hoor hulle ’n stem wat niemand anders s n was as die van hulle Meester nie. Duidelik en helder kom die woorde van Sy lippe, “Vrede vir julle.”

“Toe het hulle geskrik en baie bang geword en gemeen dat hulle ’n gees sien. En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle harte op? Kyk na My hande en My voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want ’n gees het nie vlees

en bene soos julle sien dat Ek het nie. En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle Sy hande en voete."

Hulle het Sy hande en voete gesien met die merke van die wrede spykers daarin. Hulle het Sy stem herken, wat anders was as enige
[821] ander stem wat hulle nog ooit gehoor het. "En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet? Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet." "En die dissipels was bly toe hulle die Here sien." Geloof en vreugde het die plek ingeneem van ongeloof, en met gevoelens wat nie in woorde kon uitgedruk word nie, het hulle hulle verrese Heiland herken.

By die geboorte van Jesus het die engel aangekondig, Vrede op aarde, in die mense n welbehae. En nou, by Sy eerste verskyning aan die dissipels, ná Sy opstanding, het die Heiland hulle toegespreek met die woorde, "Vrede vir julle." Jesus is altyd gereed om vrede te spreek tot siele wat gebuk gaan onder die las van vrees en twyfel. Hy wag op ons om die deur van ons hart vir Hom oop te maak en te sê, Bly by ons. Hy sê: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na Hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." Openb. 3: 20.

Die opstanding van Jesus was 'n tipe van die laaste opstanding van almal wat in Hom ontslaap het. Die gelaat van die verrese Heiland, Sy gedrag, en Sy spraak was alles welbekend aan Sy dissipels.
[822] Soos Jesus uit die dode opgestaan het, so sal ook diegene wat in Hom ontslaap het, weer opstaan. Ons sal ons vriende weer ken, net soos die dissipels Jesus geken het. Hulle mag misvorm gewees het, of siek, of mismaak in hierdie aardse lewe, maar hulle sal opstaan in volmaakte gesondheid en welgeskapenheid; hulle identiteit sal in hulle verheerlikte liggaam volkome bewaar bly. Dan sal ons ten volle ken, net soos ons ten volle geken is. 1 Kor. 13: 12. In gesigte wat glinster van die lig wat skyn van die aangesig van Jesus, sal ons die gelaatstrekke herken van diegene wat ons liefhet.

Toe Jesus Sy dissipels ontmoet het, het Hy hulle herinner aan die woorde wat Hy tot hulle gespreek het vóór Sy dood, naamlik, dat alles vervul moet word wat aangaande Hom geskryf is in die wet van Moses, die profete en in die Psalms. "Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan." En Hy sê vir hulle: "So is dit geskrywe,

en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan; en bekering en vergewing van sondes in Sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuie van hierdie dinge."

Die dissipels het die aard en omvang van hulle werk begin verstaan. Hulle moes aan die wêreld die wonderbare waarhede verkondig wat Christus aan hulle toevertrou het. Die gebeurtenisse van Sy lewe, Sy dood, en Sy opstanding, die profesieë wat na daardie gebeurtenisse ver- wys het, die heiligheid van die wet van God, die verborgenhede van die verlossingsplan, die mag van Jesus om sondes te vergewe — hulle was getuies van al hierdie dinge, en hulle moes dit aan die wêreld bekendmaak. Hulle moes die evangelie van vrede en verlossing deur bekering en die krag van die Heiland verkondig.

"En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. En as julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; en as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou." Die Heilige Gees was toe nog nie ten volle uitgestort nie, want Christus was nog nie verheerlik nie. Die voller uitstorting van die Heilige Gees het plaasgevind eers ná die hemelvaart van Christus. Nie alvorens dit ontvang was, kon die dissipels hulle opdrag vervul om die evangelie aan die wêreld te verkondig nie. Maar die Gees is toe gegee vir 'n spesiale doel. Voordat die dissipels hulle offisiële pligte kon vervul in verband met die kerk, het Christus die Heilige Gees op hulle geplaas. Hy het 'n baie heilige [823]
pand aan hulle toevertrou, en Hy wou hulle onder die indruk bring van die feit dat hierdie werk nie gedoen kon word sonder die Heilige Gees nie.

Die Heilige Gees is die asem van geestelike lewe in die siel. Die gawe van die Heilige Gees is die meedeling van die lewe van Christus. Dit besiel die ontvanger met die eienskappe van Christus. Alleen diegene wat so deur God geleer is, diegene wat die werking van die Gees in die binneste het, en in wie se lewe die lewe van Christus geopenbaar is, moet arbei as verteenwoordigende manne om te dien namens die kerk.

"As julle die mense hulle sondes vergewe," het Christus gesê, "dan word dit hulle vergewe; . . . as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou." Christus gee hier aan niemand die reg om

die oordeel oor ander te vel nie. In die Bergpredikasie word dit ten sterkste afgekeur. Dit is God se alleenreg. Maar op die georganiseerde kerk berus die verantwoordelikheid vir sy indiwiduele lede. Teenoor diegene wat in die sonde val, het die kerk 'n plig, om hulle te waarsku, te onderrig, en waar moontlik, te herstel. "Weerlê, bestraf, vermaan," sê die Here, "in alle lankmoedigheid en lering." 2 Tim. 4: 2. Bestraf verkeerde dinge getrou. Waarsku elke siel wat in gevaar verkeer. Laat niemand toe om homself te bedrieg nie. Noem die sonde op sy regte naam. Verklaar duidelik wat God gesê het oor leuentaal, Sabbatsont- heiliging, diefstal, afgodediens, en alle ander sondes. "Die wat sulke dinge doen [sal] die koninkryk van God nie beërwe nie." Gal. 5: 21. As hulle volhard in die sonde, sal die oordeel wat u uit Gods Woord aangehaal het, in die hemel op hulle uitgespreek word. Deur die sonde te verkies, verwerp hulle Christus; die kerk moet wys dat hy nie hulle dade goedkeur nie, of hy sal self sy Here onteer. Die kerk moet van die sonde sê wat Christus daarvan sê. Hy moet met die sonde handel soos God voorgeskryf het, en sy optrede sal in die hemel bekragtig word. Hy wat die gesag van die kerk verag, verag die gesag van Christus self.

Maar hierdie prentjie het ook sy blink kant. "As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe." Laat ons dit nie vergeet nie. In die vermaning van sondaars, moet hulle op Christus gewys word. Die herders moet sagmoedig sorg vir die kudde van die Here. Hulle moet diegene wat sondig, vertel van die vergewende
[824] ge- nade van die Heiland. Hulle moet die sondaar aanmoedig om hom te bekeer, en te glo in die Een wat hom kan vergewe. Laat hulle sê, op gesag van Gods Woord, "As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." 1 Joh. 1: 9. Almal wat hulle bekeer, het die versekering, "Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede met die voete vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp." Miga 7: 19.

Die kerk moet die bekering van die sondaar met dankbaarheid aanneem. Die boetvaardige moet uit die duisternis van ongeloof gelei word tot die lig van geloof en geregtigheid. Die bewende hand moet geplaas word in die liefdevolle hand van Jesus. So n vergifnis sal in die hemel bekragtig word.

Alleen in hierdie sin het die kerk die mag om die sondaar vry te spreek. Die vergifnis van sondes kan alleen verkry word deur die Verdienstes van Christus. Aan geen mens, of groep mense, is die mag gegee om die siel van skuld te bevry nie. Christus het aan Sy dissipels opdrag gegee om vergifnis van sondes in Sy Naam te preek onder alle nasies; maar hulleself het nie die mag gekry om die vlek van die sonde uit te wis nie. Die Naam van Jesus is die enigste Naam "onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word." Hand. 4: 12.

Toe Jesus die eerste maal aan die dissipels daar in die bo-vertrek verskyn het, was Thomas nie by hulle nie. Hy het die berigte van die ander gehoor, en voldoende bewys ontvang dat Jesus opgestaan het; maar duisternis en ongeloof het sy hart vervul. Terwyl hy gehoor het hoe die dissipels vertel van die verskynings van die verrese Heiland, het dit hom slegs in groter wanhoop gedompel. As Jesus werklik uit die dode opgestaan het, kon daar geen hoop op 'n letterlike aardse koninkryk meer wees nie. Dit het sy hoogmoed gekwes om te dink dat sy Meester Hom sou openbaar aan al die ander dissipels in sy afwesigheid. Hy het hom voorgeneem om nie te glo nie, en vir 'n hele week was hy swartgallig, en die teenstellende hoop en geloof van sy broeders het dit vererger.

In daardie tyd het hy herhaaldelik gesê, "As ek nie in Sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in Sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie." Hy wou nie deur die oë van sy broeders sien of glo op gesag van [825]
hulle getuienis nie. Hy het sy Here vuriglik liefgehad, maar hy het toegelaat dat jaloesie en ongeloof van sy hart besit neem.

n Aantal van die dissipels het nou daardie bo-vertrek hulle tydelike tuiste gemaak, en in die aand het almal, behalwe Thomas, daar vergader. Een aand het Thomas besluit om saam met die ander te vergader. Ondanks sy ongeloof, het hy 'n floue hoop gekoester dat die goeie nuus tog waar mag wees. Terwyl die dissipels besig was met hulle aandete, het hulle die bewyse bespreek wat Christus hulle gegee het in die profesieë. "En Jesus het gekom terwyl die deur gesluit was en het onder hulle gestaan en gesê: Vrede vir julle!"

Hy het Thomas aangespreek en gesê, "Bring jou vinger hier, en kyk na My hande; en bring jou hand en steek dit in My sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig." Hierdie woorde het bewys dat

Hy bekend was met die gedagtes en woorde van Thomas. Hierdie onge- lowige dissipel het geweet dat elkeen van sy mededissipels [826] Jesus vir 'n week nie gesien het nie. Hulle kon die Meester dus nie van sy ongeloof vertel het nie. Hy het die Een voor Hom herken as sy Here. Hy wou nie verdere bewys hê nie. Sy hart het gebons van vreugde, en hy het aan Jesus se voete neergeval en uitgeroep. "My Here en my God."

Jesus het sy belydenis aangeneem, maar hom saggies bestraf vir sy ongeloof: "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het." Die geloof van Thomas sou Christus meer behaag het as hy gewillig was om te glo op die getuienis van sy broeders. As die wêreld vandag die voorbeeld van Thomas moes volg, sou niemand geglo het tot verlossing nie; want almal wat Christus aanneem, moet dit doen op die getuienis van ander.

Baie wat die neiging het om te twyfel, maak die verskoning dat hulle sou geglo het as hulle die getuienis gehad het wat Thomas van sy mededissipels ontvang het. Hulle besef nie dat hulle nie slegs daardie getuienis het nie, maar nog baie meer. Mense wat soos Thomas wag totdat alle rede vir twyfel eers uit die weg geruim is, sal nooit hulle begeerte verwesenlik sien nie. Geleidelik word hulle volslae onge- lowiges. Diegene wat hulleself gewoond maak om altyd op die donker kant te kyk, en murmureer en kla, weet nie wat hulle doen nie. Hulle saai die saad van twyfel, en daar sal vir hulle 'n oes van twyfel wees. In 'n tyd wanneer geloof en vertroue so nodig is, sal baie ontdek dat hulle magteloos is om te hoop en te glo.

In Sy handelwyse met Thomas het Jesus 'n les aan al Sy navolgers gegee. Sy voorbeeld toon hoe ons moet handel met diegene wie se geloof swak is, en wat hulle twyfel op die voorgrond stoot. Jesus het Thomas nie verwyt nie, ook het Hy nie met hom gestry nie. Hy het Homself geopenbaar aan die een wat getwyfel het. Thomas was baie onredelik toe hy die voorwaardes gestel het waarop Hy sou glo, maar Jesus, deur Sy liefde en sagmoedigheid, het al die struikelblokke uit die weg geruim. Deur te stry, sal mens nooit ongeloof oorwin nie, want die persoon sal sy stelling verdedig en steeds met nuwe ekskuse kom. Maar laat Jesus, in Sy liefde en genade geopenbaar word as die gekruisigde Heiland, en dan sal die belydenis

gehoor word van baie lippe wat eers onwillig was, "My Here en my
God." [827]

[828]

## W eer Eens by die Meer

JESUS se afspraak was om Sy dissipels in Galilea te ontmoet; en kort ná die paasweek verstreke was, het hulle daarheen gegaan. Hulle afwesigheid van Jerusalem tydens die fees sou vertolk word as afvalligheid en kettery, daarom het hulle gebly tot die einde; maar nadat dit verby was, het hulle hulle skrede tuiswaarts gewend om hulle Heiland volgens afspraak te ontmoet.

Daar was sewe van die dissipels in die groep. Hulle was geklee in die eenvoudige drag van vissers; hulle was arm aan wêreldse besit- tings, maar ryk in die kennis en beoefening van die waarheid, wat hulle in die oë van die hemel tot die hoogste rang verhef het as leraars. Hulle het nie in die skole van die profete geleer nie, maar vir drie jaar is hulle onderrig deur die grootste Leermeester wat die wêreld ooit geken het. Onder Sy leiding is hulle opgehef, verlig, verfyn — werk- tuie wat mense tot 'n kennis van die waarheid kon bring.

Tydens Sy bediening het Christus baie van Sy tyd deurgebring naby die meer van Galilea. Die dissipels het saamgekom by 'n plek waar hulle nie gesteur sou word nie, en die omgewing daar het hulle herinner aan Jesus en Sy magtige werke. Op hierdie meer, toe hulle met vrees bevange was, en hulle wou vergaan in die verskriklike storm, het Jesus op die bare gewandel en hulle gered. Daar het Hy
[829] die storm bestraf. Ook kon hulle die kus sien waar sowat tienduisend mense gevoed is met n paar brode en visse. Nie ver daarvandaan nie was Kapernaum, die toneel van so baie wonderwerke. Waar die dissipels die omgewing aanskou het, was hulle gedagtes vol van die woorde en dade van hulle Heiland.

Dit was 'n aangename aand, en Petrus, wat maar nog baie lief was vir die skuite en visvang, het voorgestel dat hulle moes gaan visvang. Almal het hulle die plan laat welgeval; hulle het voedsel en klere nodig gehad, en 'n suksesvolle aand se visvangs sou in daardie behoefte voorsien het. Hulle het toe met hulle skuit uitgegaan, maar hulle het niks gevang nie. Hulle het die hele nag geprobeer, maar

sonder sukses. In die lang ure het hulle gesels oor hulle Here, en gedink aan die wonderbaarlike gebeurtenisse wat daar langs die oewers van die meer plaasgevind het. Hulle was besorg oor hulle eie toekoms, en die voor- uitsigte het hulle nie eintlik met hoop vervul nie.

Maar al die tyd het n eensame Wagter hulle ongesien dopgehou. Eindelik het die dag gebreek. Die skuit was nie ver van die strand af nie, en die dissipels het n vreemdeling daar op die strand sien staan, wat hulle aangespreek en gevra het, "My kinders, het julle nie 'n stuk- kie om te eet nie?" Toe hulle antwoord, "Nee," het Hy aan hulle gesê, "Gooi die net aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry. Hulle het toe gegooi en deur die menigte van visse was hulle nie meer in Staat om dit te trek nie."

Johannes het die vreemdeling herken, en hy het aan Petrus gesê, "Dit is die Here!" Petrus was so bly dat hy sommer in die water gespring het, en baie gou het hy langs sy Meester gestaan. Die ander dissipels het met die skuit aangekom, en die net met die visse aan wal gesleep. "Toe hulle geland het, sien hulle 'n koolvuur en vis daarop lê, en brood."

Hulle was te verbaas om nog te vra waar die vuur en die kos vandaan gekom het. "Jesus sê vir hulle: Bring van die visse wat julle nou gevang het." Petrus het weggespring na die net wat hy gelos het, en hy het sy broeders gehelp om dit aan wal te sleep. Na dit klaar was, en die voedsel berei was, het Jesus aan die dissipels gesê, Kom eet! Hy het van die brood en die visse geneem en aan hulle gegee; al sewe die dissipels het Hom herken. Hulle het nou gedink aan die wonderwerk toe vyfduisend mense teen die berghelling gevoed is; maar daar het 'n heilige ontsag oor hulle gekom, en in stilte het hulle [830]
die verrese Heiland aanskou.

Helder het hulle die toneei voor die gees geroep daar by die see toe Jesus hulle geroep het om Hom te volg. Hulle het onthou hoe hulle, op Sy bevel, uitgevaar het na die diep water, hulle net laat sak het, en so baie vis gevang het dat die net wou breek. Daarna het Jesus hulle geroep om hulle skuite te verlaat, en Hy het belowe om hulle vissers van mense te maak. Dit was om hierdie toneel weer vars in hulle geheues te bring dat Hy nou weer 'n dergelike wonderwerk verrig het. Sy daad was 'n herhaling van die opdrag aan die dissipels. Dit het aan hulle getoon dat die dood van hulle Meester hulle nie

onthef het van die verantwoordelikheid om die werk te doen wat Hy hulle gegee het nie. Alhoewel Hy nie meer persoonlik by hulle sou wees nie, en hulle die bron van hulle vorige inkomste sou moes verlaat, sou die verrese Heiland nog vir hulle sorg. Terwyl hulle Sy werk doen, sou Hy voorsien in hulle behoeftes. En Jesus het 'n doel gehad met die bevel dat hulle die net moes laat sak aan die regterkant van die skuit. Hy het aan daardie kant gestaan op die strand. Dit was die kant van geloof. As hulle saam met Hom sou werk, sodat Sy goddelike krag met hulle menslike pogings sou verbind wees, sou sukses verseker wees.

Christus het nog 'n les gehad om te gee, veral aan Petrus. Petrus se verloëning van Sy Here het skerp afgesteek by sy vorige betuigings van getrouheid. Hy het Christus onteer, en sy broeders het hom ge- wantrou. Hulle het gemeen dat hy nie toegelaat sou word om sy vorige posisie onder hulle te behou nie, en hyself het gevoel dat hy nie meer vertrou sou word nie. Voordat hy geroep kon word om sy apostoliese werk op te neem, sal hy bewys moet lewer van sy bekering. Daar- sonder sou sy sonde, ten spyte van sy berou daaroor, sy invloed as dienaar van Christus kon vernietig. Die Heiland het aan hom die kans gegee om weer die vertroue van sy broeders te win, en om sover moontlik die skande wat hy op die evangelie gebring het, uit te wis.

Hier is 'n les gegee vir al die navolgers van Christus. Die evangelie maak geen kompromis met die sonde nie. Dit kan nie die sonde verskoon nie. Geheime sondes moet in die geheim aan God bely word; maar vir openlike sonde is daar openbare belydenis nodig. Die skande van die dissipel se sonde kom op Christus. Dit laat die
[831] Satan juig, en laat diegene wat swak is, struikel. Om bewys te lewer van sy bekering, moet die dissipel, sover as hy dit kan doen, daardie skande uitwis.

Terwyl Christus en die dissipels besig was met hulle maaltyd daar langs die meer, het die Heiland aan Petrus gevra, "Simon, seun van Jona, het jy My liewer as hulle hier?" Die Here het sy broeders bedoel Petrus het eenmaal gesê, "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie." Matt. 26: 33. Maar hy het homself nou nie meer oorskat nie. "Ja, Here," het hy geantwoord, "U weet dat ek U liefhet." Nou is hy glad nie meer so dood seker dat sy liefde groter is as die van sy broeders nie. Nou praat hy nie meer van

sy getroue toewyding nie. Om oor sy opregtheid te oordeel, beroep hy hom nou op die Een wat die hart kan lees, en sê hy, "U weet dat ek U liefhet." En Jesus gee hom die opdrag, "Laat My lammers wei."

Weer het Jesus vir Petrus getoets, en Sy vorige vraag herhaal: "Simon, seun van Jona, het jy My lief?" Hierdie keer het Hy Petrus nie gevra of hy Hom liewer het as sy broeders nie. Petrus se tweede antwoord was soos sy eerste, sonder daardie besliste selfvertroue: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet." Jesus het aan hom gesê, "Pas My skape op." Nog eens het die Heiland die toetsvraag gestel: "Simon, seun van Jona, het jy My lief?" Petrus het bedroef geword;"hy het gemeen dat Jesus aan sy liefde getwyfel het. Hy het geweet dat sy Here rede gehad het om hom te wantrou, en hartseer het hy geantwoord, "Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet." Toe het Jesus weer aan hom gesê, "Laat My skape wei."

Driemaal het Petrus sy Here openlik verloën, en driemaal het Jesus van hom die versekering van sy lojaliteit verkry, met die vraag wat soos n dolksteek in sy hart was. In die teenwoordigheid van die dissipels wat daar bymekaar was, het Jesus die opregtheid van Petrus se bekering geopenbaar, en Hy het getoon hoe nederig hierdie dissipel nou was wat eentyd so grootgepraat het.

Petrus was van nature voortvarend, en die Satan het gebruik gemaak van daardie karaktertrekke om hom tot 'n val te bring. Net vóór Petrus se val, het Jesus aan hom gesê, "Die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie; en as jy eenmaal bekeerd is, moet jy jou broeders versterk." Lukas 22: 31, 32. Daardie tyd het nou gekom, en die veran- dering in Petrus was klaarblyklik. Die [832] deurdringende toetsvrae van die Here het nie een voortvarende, selfvoldane antwoord uitgelok nie; en ten gevolge van sy vernedering en bekering was Petrus nou beter toe- gerus as ooit tevore, om as herder van die skape op te tree.

Die eerste werk wat Christus aan Petrus opgedra het toe Hy hom weer in die bediening herstel het, was om die lammers te voed. Dit was werk waarvan Petrus min ondervinding gehad het. Hy sou baie versigtig, sagmoedig, geduldig, en volhardend moet werk. Hy sou werk vir diegene wat jonk in die geloof is, die onkundiges moet onder- rig, die Skrifte aan hulle moet openbaar, en hulle leer om bruikbaar te wees in die diens van Christus. Voor sy val was Petrus

nie geskik vir hierdie werk nie, en hy het ook nie die belangrikheid daarvan besef nie; maar dit was die werk waartoe Christus hom nou geroep het. Die ervaring wat hy gehad het, en sy lyding en boetvaardigheid het hom daarvoor geskik gemaak.

Vóór sy val het Petrus onbesonne dinge gesê in die drif van die oomblik. Hy was altyd klaar om ander reg te help en om sy mening te lug sonder dat hy homself verstaan en geweet het wat hy wou sê. Maar die bekeerde Petrus was nou ’n ander mens. Hy het sy vorige ywer behou, maar die genade van Christus het dit getemper. Hy was nie langer voortvarend, selfvoldaan, en hoofvaardig nie, maar kalm, verstandig, en geseglik. Hy kon nou die lammers sowel as die skape van Christus se kudde voed.

In die Heiland se handelwyse met Petrus was daar ’n les vir hom en vir sy broeders. Dit het hulle geleer om met die oortreder te handel met geduld, medelyde, en vergewende liefde. Alhoewel Petrus sy Here verloën het, het die liefde van Jesus vir hom nooit gewankel nie. Sulke liefde moet die medeherder vir die skape en lammers hê wat aan sy sorg toevertrou is. Bewus van sy eie swakheid en mislukking, moes Petrus net so sagmoedig met die kudde handel as wat Christus met hom gehandel het.

Die vraag wat Christus aan Petrus gestel het, was baie betekenisvol. Hy het net een voorwaarde van dissipelskap en diens genoem, naamlik, “Het jy My lief?” Dit is die allerbelangrikste kwalifikasie. Al sou Petrus alle bekwaamheid gehad het, sou hy sonder liefde vir Christus nie n getroue medeherder van die Here se kudde kon wees nie. Kennis, goedhartigheid, welsprekendheid, dankbaarheid,
[833] en ywer is almal hulpmiddels in die goeie werk; maar sonder die liefde van Jesus in die hart, sal die werk van die Christen-predikant ’n mislukking wees.

Jesus het alleen saam met Petrus gestap, want daar was iets wat Hy alleen aan hom wou sê. Voor Sy dood het Jesus aan hom gesê, “Waar Ek heengaan, kan jy My nou nie volg nie, maar later sal jy my volg.” Daarop het Petrus geantwoord, “Here, waarom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U gee.” Joh. 13: 36, 37. Toe hy dit gesê het, het hy min geweet langs watter weë Christus se voetstappe sou gaan. Petrus het gefaal toe die toets gekom het, maar hy sou weer ’n geleentheid kry om sy liefde vir Christus te bewys. Om hom te versterk vir die finale toets van sy geloof, het die

Heiland sy toekomstige loopbaan aan hom geopenbaar. Hy het hom meegedeel dat hy, ná n lewe van bruikbaarheid, wanneer sy kragte sou afneem weens ouderdom, wel sy Here sou volg. Jesus het gesê, “Toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ’n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie. En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik.”

Jesus het aan Petrus geopenbaar hoe ’n dood hy sou sterf; Hy het selfs voorspel hoe sy hande aan die kruis uitgestrek sou word. Weer het Hy aan Sy dissipel gesê, “Volg My.” Die openbaring het Petrus nie mismoedig gemaak nie. Hy was gewillig om watter dood ookal vir sy Here te sterf.

Tot op hierdie punt het Petrus Christus slegs na die vlees geken, net soos baie Hom van dag ook ken; maar nou sou hy nie meer so beperk word nie. Hy het Hom nie meer geken soos hy Hom geken het in Sy mensheid nie. Hy het Hom eers liefgehad as ’n mens, ’n leraar van die hemel gestuur; maar nou het hy Hom liefgehad as God. Hy het die les geleer dat Christus vir Hom alles en in alles was. Nou was hy gereed om n aandeel te hê in Christus se sending van selfopoffering. Toe hy eindelik na die kruis gebring is, is hy op sy eie versoek gekruisig met sy hoof na benede. Hy het gemeen dat dit ’n te groot eer sou wees om op dieselfde wyse gekruisig te word as sy Meester.

Die woorde, “Volg My,” was vir Petrus van groot betekenis. Nie alleen vir sy dood nie, maar vir elke stap van die lewe is die les gegee. Voorheen was Petrus geneig om onafhanklik op te tree. Hy het ge- probeer om Gods werk te beplan, maar hy sou niks daarby win om voor die Here uit te loop nie. Jesus het aan hom gesê, “Volg [834]
My.“ Moenie voor My uit loop nie. Dan sal jy nie alleen teen die magte van die Satan hoef te staan nie. Laat My voor jou loop, en dan sal die vyand jou nie oorwin nie.

Terwyl Petrus daar saam met die Here gestap het, het hy Johannes sien aankom agter hulle. Petrus wou baie graag weet wat Johannes se toekoms sou wees, en hy het aan Jesus gevra, “Here, maar wat van hom? Jesus sê vir hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My.” Petrus moes daaraan gedink het dat sy Here alles aan hom sou openbaar wat nodig was vir hom om te weet. Dit is die plig van almal om Christus te volg, sonder

om besorg te wees oor die werk wat aan ander gegee is. Deur van Johannes te sê, “As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom,” het Jesus hom geen ver- sekering gegee dat daardie dissipel sou aanhou lewe tot die Here se wederkoms nie. Hy wou maar net Sy oppergesag handhaaf, en Petrus laat verstaan dat al sou Hy Johannes laat lewe totdat Hy kom, dit geen- sins die opdrag aan Petrus sou affekteer nie. Die toekoms van beide Johannes en Petrus was in die hande van die Here. Gehoorsaamheid in die navolging van Hom was die plig van albei.

Hoeveel is daar nie vandag wat soos Petrus is nie! Hulle stel belang in die sake van ander, en is besorg oor hulle pügte, terwyl hulle hulle eie verwaarloos. Dit is ons werk om op Christus te sien en Hom te volg. Ons sal foute sien in die lewe van ander, en gebreke in hulle karakter. Die menslike vlees is swak. Maar in Christus sal ons volmaaktheid vind. Deur Hom te aanskou, sal ons verander word.

Johannes het baie oud geword. Hy het die verwoesting van Jerusalem gesien en van die pragtige tempel —’n simbool van die verwoesting van die wereld. Tot die laaste toe het hy die Here getrou gevolg. Die kern van sy getuienis was, “Geliefdes, laat ons mekaar liefhê;” “hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.” 1 Joh. 4: 7, 16.

Petrus is herstel in sy apostelskap, maar die eer en gesag wat hy van Christus ontvang het, was nie ’n aanstelling oor sy broeders nie. Dit het Christus baie duidelik gestel in antwoord op Petrus se vraag, “Here, wat van hom?” Hy het geantwoord, “Wat gaan dit jou aan? Volg jy My.” Petrus is nie aangestel as hoof van die kerk nie. Die
[835] genade wat Christus hom betoon het deur sy afvalligheid te vergewe, en die voeding van Sy kudde aan hom op te dra. en ook Petrus se eie getrouheid in die navolging van Christus, het vir hom die vertroue van sy broeders gewin. Hy het groot invloed gehad in die kerk. Maar die les wat Christus hom geleer het by die meer van Galilea, het Petrus sy hele lewe lank onthou. Onder die ingewing van die Heilige Gees het hy aan die kerke geskryf:

“Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat ’n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook ’n deelgenoot is aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word: Hou as herders opsig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewillig; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; en ook

nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang.” 1 Pet. 5: 4 . [836]

## "Gaan Leer Alle Nasies"

ONMIDDELLIK vóór Sy hemelvaart, het Christus die volgende opdrag aan Sy dissipels gegee: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies." "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom." Markus 16: 15. Hierdie woorde is dikwels herhaal, sodat die dissipels die volle betekenis daarvan kon begryp. Op al die aardbewoners, wat hulle sosiale stand mag wees, op rykes en armes, moes die lig van die hemel in helder, sterk strale skyn. Die dissipels moes medewerkers van die Verlosser wees in die redding van die wêreld.

Hierdie opdrag was die eerste keer aan die twaalf gegee toe Christus hulle daar in die bovertrek ontmoet het; maar nou het Hy dit aan 'n groter getal gegee. Daar op die berg in Galilea, het al die dissipels wat bymekaar geroep kon word, vergader. Christus self het vóór Sy dood die tyd en plek van hierdie byeenkoms aangewys. By die graf het die engel die dissipels herinner aan Sy belofte om hulle in Galilea te ontmoet. Die belofte is herhaal aan die gelowiges wat in Jerusalem vergader het gedurende die paasweek, en deur hulle het dit baie van die afgeleë gelowiges bereik wat getreur het oor hulle Here. Met die grootste belangstelling het hulle vooruitgesien na hierdie ontmoeting. Hulle het met ompaaie na die vergaderplek gegaan, en het uit verskillende rigtings aangekom om nie die agterdog van die afgunstige Jode op te wek nie. Met nuuskierige harte het hulle
[837] gekom; omtrent vyfhonderd gelowiges het daar in klompies teen die berghelling saam- gekom, gretig om alles- te hoor van diegene wat Christus gesien het sedert Sy opstanding. Die dissipels het van groep tot groep gegaan | en vertel wat hulle van Jesus gesien en gehoor het, en bewyse uit die Skrifte aangevoer soos Hy vir hulle gedoen het. Thomas het vertel van sy ongeloof, en hoe sy twyfel uit die weg geruim is. Skielik het Jesus onder hulle verskyn. Niemand kon sê hoe, of waarvandaan, Hy gekom het nie. Baie van die wat aanwesig was, het Hom nog nooit tevore gesien nie; maar aan Sy hande en

voete het hulle die merke van die kruisiging gesien; Sy gelaat was die gelaat van God, en toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid.

Maar sommige het nog getwyfel. So sal dit altyd wees. Daar is diegene wat dit moeilik vind om geloof te beoefen, en hulle plaas hulleself aan die kant van twyfel. Sulke mense verloor baie weens hulle ongeloof.

Dit was die enigste ontmoeting van Jesus met baie van die gelowiges ná Sy opstanding. Hy het die volgende woorde aan hulle gesê: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde." Die dissipels het Hom aanbid voor Hy gepraat het, maar Sy woorde, komende van lippe wat gesluit was in die dood, het hulle diep ontroer. Hy was nou die verrese Heiland. Baie van hulle het Sy krag gesien toe Hy die siekes genees, en die werktuie van die Satan bestraf het. Hulle het geglo dat Hy die mag gehad het om Sy koninkryk in Jerusalem op te rig, om alle teenstand te oorwin, en die natuurkragte te beheers. Hy het die onstuimige meer tot bedaring gebring; Hy het op die woeste bare geloop; Hy het die dode lewendig gemaak. Nou het Hy gesê dat "alle mag aan Hom gegee is." Sy woorde het die gedagtes van die toehoorders gevoer bokant die aardse en stoflike dinge, na die hemelse en die ewige. Hulle is gevoer tot die hoogste begrip van Sy waardigheid en heerlikheid.

Christus se woorde teen die berghelling het aangekondig dat Sy opoffering ten behoewe van die mens volkome en volledig was. Die voorwaardes van die verlossing is vervul; die werk wat Hy op die aarde kom doen het, was volbring. Hy was op weg na die troon van God, om geëer te word deur die engele, die owerhede, en die magte. Hy het Sy middelaarswerk begin. Beklee met onbeperkte gesag, het Hy Sy opdrag aan die dissipels gegee, "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader [838]
en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 28: 19, 20.

Die Joodse volk was aangestel as die bewaarders van die heilige waarhede; maar fariseïsme het hulle die mees eksklusiewe, en die mees bekrompe van al die nasies gemaak. Alles omtrent die priesters en owerstes -— hulle kleredrag, gewoontes, seremonies, tradisies — het hulle ongeskik gemaak om die lig van die wêreld te wees. Hulle het hulleself, die Joodse volk, as die wêreld beskou. Maar Christus

het aan Sy dissipels opdrag gegee om 'n geloof en godsdiens te verkondig wat nie beperk sou wees deur kaste of lande nie, 'n geloof aangepas by alle volke, nasies, en klasse van mense.

Voordat Hy Sy dissipels verlaat het, het Christus duidelik die aard van Sy koninkryk verklaar. Hy het hulle herinner aan wat Hy tevore aan hulle gesê het daaromtrent. Hy het gesê dat dit nie Sy doel was om 'n stoflike koninkryk in hierdie wêreld op te rig nie, maar 'n gees- telike koninkryk. Hy sou nie regeer as 'n aardse koning op die troon van Dawid nie. Weer het Hy die Skrifte aan hulle verduidelik en aangetoon dat alles wat Hy deurgemaak het in die hemel so beskik was in die raadsbesluite tussen die Vader en Homself. Alles is voorspel deur manne geïnspireer deur die Heilige Gees. Hy het gesê: Julle sien dat alles wat Ek aan julle geopenbaar het aangaande My verwerping as die Messias, vervul is. Alles wat Ek gesê het aangaande die vernedering wat Ek sou ondergaan, en die dood wat Ek sou sterf, het gebeur. Op die derde dag het Ek weer opgestaan. Ondersoek die Skrifte meer ywerig, en julle sal sien dat die voorspellings van die profesieë in al hierdie dinge aangaande My vervul is.

Christus het Sy dissipels beveel om die werk te doen wat Hy aan hulle gegee het, beginnende in Jerusalem. Jerusalem was die plek waar Sy neerbuigende liefde vir die mensdom geopenbaar is. Daar het Hy gely, en is Hy verwerp en veroordeel. Judea was Sy geboorteland. Daar het Hy, in die menslike vlees, onder die mense gewoon, en baie min het besef hoe naby die aarde aan die hemel gekom het toe Jesus onder hulle gewandel het. In Jerusalem moes [839] die werk van die dissipels begin.

Met die oog op alles wat Christus daar gely het, en Sy ongewaar- deerde diens, kon die dissipels moontlik gevra het om 'n meer belowende arbeidsveld; maar hulle het nie met so 'n versoek voor die dag gekom nie. Juis die grond waar Hy die saad gesaai het, moes bewerk word deur die dissipels, en die saad sou opkom en 'n groot oes lewer, n hulle werk sou die dissipels vervolg word deur die jaloesie en haat- draendheid van die Jode; maar so is hulle Meester reeds vervolg en hulle moes nie daarvoor vlug nie. Die genade moes die eerste aangebied word aan diegene wat die Heiland vermoor het.

En in Jerusalem was daar baie wat in die geheim in Jesus geglo het, en ook baie wat deur die priesters en owerstes bedrieg is. Aan

hulle moes die evangelie verkondig word. Hulle moes tot bekering geroep word. Die wonderbare waarheid dat daar vergifnis van sondes is deur Christus alleen, moes verduidelik word. Terwyl Jerusalem in beroering was ten gevolge van die gebeurtenisse van die afgelope paar weke, sou die prediking van die evangelie die grootste indruk maak.

Maar die werk moes nie daar ophou nie. Dit moes tot die verste uithoeke van die aarde geneem word. Aan Sy dissipels het Christus gese, Julie was getuies van My lewe van selfopoffering ten behoewe van die wêreld. Julle het My werk vir Israel gesien. Al wou hulle nie na My toe kom sodat hulle die lewe kon hê nie, al het die priesters aan My gedoen net wat hulle wou, en al het hulle My verwerp soos die Skrifte voorspel het, sal hulle nog 'n kans kry om die Seun van God aan te neem. Julie het gesien dat Ek almal wat na My toe gekom het en hulle sondes bely, vryelik vergewe het. Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Almal wat wil, kan met God versoen word, en die ewige lewe ontvang. Aan julle, My dissipels, vertrou Ek hierdie genadeboodskap toe. Dit moet eerste aan Israel gegee word en dan aan alle nasies en tale en volke. Dit moet verkondig word aan Jode en heidene. Almal wat glo moet tot een kerk versamel word.

Deur die gawe van die Heilige Gees sou die dissipels wonderbaarlike krag ontvang. Hulle getuienis sou bevestig word deur tekens en wonders. Wonderwerke sou geskied, nie net deur die apostels nie, maar ook deur diegene wat hulle boodskap aanneem. Jesus het gesê, "In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Markus 16: 17, 18. [840]

Destyds is mense dikwels vergiftig. Gewetenlose mense het nie geskroom om ander wat in hulle pad gestaan het, op hierdie wyse uit die weg te ruim nie. Jesus het geweet dat Sy dissipels in daardie gevaar sou kom. Baie sal meen dat hulle God 'n diens bewys as hulle Sy getuies om die lewe bring. Hy het dus belowe om hulle te beskerm teen hierdie gevaar.

Die dissipels sou dieselfde krag hê as Jesus om "elke siekte en elke kwaal onder die volk" te genees. Deur in Sy Naam die siektes van die liggaam te genees, sou hulle getuig van Sy krag om die siel te genees. Matt. 4: 23; 9:6. En daar is ook 'n nuwe gawe

beloof. Die dissipels moes vir ander nasies gaan preek, en hulle sou die gawe ontvang om in ander tale te spreek. Die apostels en hulle medewerkers was nie eintlik geleerde mense nie, maar deur die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster, het hulle taal, of dit hulle eie of 'n vreemde was, suiwer en eenvoudig geword; die woorde en uitspraak was reg.

So het Christus dan aan Sy dissipels hulle opdrag gegee. Hy het alle voorsiening gemaak vir die voortsetting van die werk, en self die verantwoordelikheid vir die sukses daarvan aanvaar. Solank hulle Sy woord gehoorsaam, en saam met Hom werk, sou hulle nie faal nie. Gaan na alle volke, het Hy hulle beveel. Gaan na die verste uithoeke van die aarde, en weet dat My teenwoordigheid by julle sal wees. Werk in geloof en vertroue, want die tyd sal nooit kom dat Ek julle sal verlaat nie.

Die Heiland se opdrag aan die dissipels het alle gelowiges ingesluit. Dit sluit alle gelowiges in Christus in tot die einde van tyd. Dit is n baie groot fout om te meen dat die werk om siele te red net deur geordende predikante gedoen moet word. Aan almal wat die hemelse inspirasie ontvang het, is die verkondiging van die evangelie toevertrou. Almal wat die lewe van Christus ontvang, is georden om te werk vir die redding van hulle medemens. Dit is vir hierdie werk dat die kerk georganiseer is, en almal wat by die kerk aansluit, word daardeur medewerkers van Christus.

"Die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! Openb." 22: 17. Almal wat dit hoor, moet die uitnodiging aan ander gee. Wat 'n mens se roeping in hierdie lewe ook mag wees, jou eerste plig is om siele vir Christus te wen. 'n Persoon mag nie vir gemeentes kan preek nie, maar hy kan wel vir indiwidue werk,
[841] en hy kan aan hulle die dinge meedeel wat hy van sy Here geleer het. Die bediening bestaan nie uit preek-alleen nie. Ook diegene dien wat die siekes verpleeg, die armes help, en die neerslagtiges en swakkes in die geloof vertroos. Orals rondom ons is daar siele wat gebuk gaan onder die las van die sonde. Dit is nie swaarkry, werk, of armoede wat mense verlaag nie. Dit is die sondeskuld en sonde-doen. Dit bring onrustigheid en ontevredenheid. Christus wil hê dat Sy dienaars sonde-sieke siele moet help.

Die dissipels moes hulle werk begin waar hulle was. Die moeilikste arbeidsveld moes hulle nie verbygaan nie. So moet elkeen

van Christus se werkers begin net waar hy is. In ons eie gesinne is daar siele wat miskien honger is vir medelyde, en smag na die brood van die lewe. Daar mag kinders wees om op te lei vir Christus. Daar is hei- dene voor ons eie deure. Laat ons getrou die werk doen wat naaste aan ons is. Daarna kan ons ons arbeidskring uitbrei sover as wat Gods hand ons mag lei. Die werk van vele mag deur omstandighede beperk wees; maar waar dit ook mag wees, as dit met geloof en ywer gedoen word, sal die invloed daarvan tot die uiteindes van die aarde gevoel word. Toe Christus op aarde was, het dit geskyn of Sy arbeidsveld beperk was, maar talle uit ander lande het Sy boodskap gehoor. God gebruik dikwels die eenvoudigste middels om die grootste resultate te behaal. Dit is Sy plan dat elke deel van Sy werk afhanklik sal wees van elke ander deel, en dat dit soos ratte in 'n wiel in harmonie sal werk. Die nederigste werker, besiel met die Heilige Gees, sal onsigbare snare aanraak, die trillings waarvan tot die uithoeke van die aarde sal strek in 'n melodie wat deur die ewigheid gehoor sal word.

Maar die opdrag, "Gaan die hele wêreld in," moet nie uit die oog verloor word nie. Ons word geroep om te kyk "na die plekke anderkant julle." Christus breek die skeidsmuur van nasionale vooroordeel af, en leer liefde vir die hele mensdom. Hy verhef mense uit die enge kring van eiebelang; Hy verban alle landsgrense, en kunsmatige sosiale Stande. Hy maak geen verskil tussen bure en vreemdelinge, vriende en vyande nie. Hy leer ons om elke behoeftige siel te beskou as ons broeder, en die wêreld as ons arbeidsveld.

Toe die Heiland gesê het, "Gaan . . . maak dissipels van al die nasies," het Hy ook gesê, "En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle [842] spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Hierdie belofte is net so verreikend as die opdrag. Dit is nie dat elke werker al die gawes sal hê nie. Dit is gawes wat die Heilige Gees "aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil." 1 Kor. 12: 11. Maar die gawes van die Gees is belowe aan elke gelowige volgens sy behoefte in die Here se werk. Die belofte is vandag nog net soseer van krag, en net so betroubaar as in die dae van die apostels. "Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg."

Dit is die voorreg van Gods kinders; en in geloof moet hulle alles aanneem wat moontlik is om te verkry deur geloof.

"Op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word." Hierdie wêreld is vol melaatses, maar Christus het gekom om die siekes te genees, en om die gevangenes van die Satan vry te laat. In Homself was Hy gesondheid en krag. Hy het Sy lewe aan die siekes, aan die lydendes en aan die duiwelbesetenes meegedeel. Hy het niemand weggestuur wat gekom het om Sy lewegewende krag te ontvang nie. Hy het geweet dat diegene wat Hom om hulp kom smeek het, self die siekte op hulle gebring het, maar Hy het nie geweier om hulle te genees nie. En wanneer krag van Christus uitgegaan het na hierdie arme siele, is hulle oortuig van die sonde, en baie van hulle is genees van hulle geestelike sowel as hulle liggaamlike kwale. Die evangelie het nog dieselfde krag, en waarom sou ons vandag nie dieselfde resultate sien nie?

Christus voel die ellende van elke lydende. Wanneer bose geeste die menslike liggaam teister, voel Christus die vloek. Wanneer koors die lewe uit 'n liggaam blus, voel Christus die foltering. Hy is vandag net so gewillig om die siekes te genees as Hy was toe Hy persoonlik op die aarde was. Christus se dienaars is Sy verteenwoordigers, die kanale deur wie Hy werk. Deur hulle wil Hy Sy genesende krag beoefen.

In die Heiland se metode van genesing was daar lesse vir Sy dissipels. By een geleentheid het Hy klei aan die oë van 'n blinde man gesmeer, en hom beveel, "Gaan was jou in die bad van Siloam. . . . En hy het gegaan en hom gewas; en toe hy kom, sien hy." Joh. 9:7. Alleen die Groot Geneesheer kon die genesing gee, en tog het
[843] Christus eenvoudige natuurmiddels aangewend. Hoewel Hy nie die gebruik van medisynes voorgestaan het nie, het Hy tog die gebruik van eenvoudige natuurmiddels goedgekeur.

Aan baie van die siekes wat Christus genees het, het Hy gesê, "Moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." Joh. 5: 14. So het Hy geleer dat siekte veroorsaak word deur die oortreding van Gods wette, beide die natuurwette en die geestelike wette. Die vreeslike eilende wat in die wêreld is, sou nie daar gewees het as die mense meer volgens die Skepper se plan geleef het nie. Christus was die gids en leraar van Israel van ouds, en Hy het hulle geleer dat gesondheid die loon is van gehoorsaamheid aan die wette

van God. Die Groot Geneesheer wat die siekes in Palestina genees het, het tot Sy volk gespreek uit die wolkkolom, en aan hulle gesê wat hulle moes doen, en wat God vir hulle sou doen. “As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in Sy oë, en luister na Sy gebooie en al Sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die Here wat jou gesondmaak.” Exod. 15: 26. Christus het aan Israel bepaalde instruksies gegee aangaande hulle lewensgewoontes, en Hy het hulle verseker, “Die Here sal elke krankheid van jou wegneem.” Deut. 7: 15. Toe hulle die voorwaardes nagekom het, is die belofte aan hulle vervul. “Onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie ” Ps. 105: 37.

Hierdie lesse is vir ons bedoel. Vir almal wat gesond wil wees is daar voorwaardes om na te kom. Almal moet leer wat die voorwaardes is. Onkunde omtrent Sy wette behaag die Here nie, of dit die natuurwette of die geestelike wette is. Ons moet saam met God werk om die gesondheid van sowel liggaam as siel te herstel.

En ons moet ander leer hoe om hulle gesondheid te bewaar en te herstel. Vir die siekes moet ons die rate gebruik wat God in die natuur voorsien het, en ons moet hulle wys op die Een wat hulle kan genees. Dit is ons werk om die siekes en lydendes in die arms van geloof aan Christus op te dra. Ons moet hulle leer om in die Groot Geneesheer te glo. Ons moet Sy belofte aanneem, en bid vir die openbaring van Sy krag. Die kern van die evangelie is genesing, en die Heiland wil hê dat ons die siekes, die hopelose, en lydendes moet help om Sy krae beet te neem. [844]

Die krag van liefde was in al Christus se genesing, en slegs deur deelgenote te word van daardie liefde, in geloof, kan ons as werktuie in Sy werk gebruik word. As ons nalaat om ons deur die goddelike band met Christus te verbind, sal die lewegewende krag nie in sterk strome van ons tot die mense kan vloei nie. Daar was plekke waar die Heiland self nie baie magtige werke kon doen nie weens die ongeloof van die mense. En so skei ongeloof vandag ook die kerk van sy goddelike Helper. Die kerk se hoüvas op die ewige werklikhede is swak. Deur die gebrek aan geloof word God teleurgestel, en beroof van Sy heerlikheid.

Dit is wanneer hy Christus se werk doen dat die kerk die belofte van Sy teenwoordigheid het. Gaan maak dissipels van al die

nasies, het Hy gesê, “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” Om Sy juk op te neem, is een van die eerste voor- waardes vir die ontvangs van Sy krag. Die lewe van die kerk is afhanklik van sy getrouheid in die vervulling van die Here se opdrag. Om hierdie werk te verwaarloos, is om geestelike swakheid en verwording te verwelkom. Waar daar geen aktiewe werk vir ander is nie, verflou die liefde en verdof die geloof.

Christus verwag dat Sy dienaars die kerk moet leer om evangeliewerk te doen. Hulle moet die mense leer hoe om die verlorenes op te soek en te red. Maar is dit die werk wat hulle doen? Helaas, hoe baie is daar nie wat met groot inspanning probeer om te verhoed dat die vonkie van lewe wat daar nog in die kerk is, heeltemal doodgaan nie! Hoeveel kerke moet versorg word soos siek lammers deur diegene wat na verlore skape behoort te soek! En dit terwyl miljoene en miljoene sonder Christus sterf.

Die goddelike liefde is tot onpeilbare dieptes ontroer vir die ontwil van mense, en die engele staan verbaas waar hulle sien dat diegene aan wie soveel liefde betoon is, so min dankbaarheid toon. Die engele is verwonder oor die swak waardering van die liefde van God deur die mense. Die Hemel is verontwaardig oor die verwaarlosing van die siele van mense. Wil ons weet hoe Christus dit alles beskou? Hoe sou ’n vader en moeder voel as hulle weet dat hulle kind, verdwaal in die sneeu, aan sy lot oorgelaat is deur diegene wat hom kon gered het? Sou hulle nie baie gegrief en baie verontwaardig wees nie? Sou hulle nie daardie moordenaars bestraf met ’n woede
[845] so warm as hulle trane

en so intens as hulle liefde nie? Die lyding van elke mens is die lyding van Gods kind, en diegene wat nie die hand uitsteek om hulle beswykende medemens te help nie, verwek Gods regverdige toorn Dit is die toorn van die Lam. Aan diegene wat aanspraak gemaak het op gemeenskap met Hom, maar wat onverskillig gestaan het teenoor die behoeftes van hulle medemens, sal Hy in die groot oordeel sê, “Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie. Gaan weg van My, al julle werkers van die ongeregtigheid!” Lukas 13: 27.

In die opdrag aan Sy dissipels, het Christus nie alleen hulle werk omskryf nie, maar Hy het hulle ook die boodskap gegee. Leer die mense, het Hy gesê, “om alles te onderhou wat Ek julle beveel het ” Die dissipels moes die mense leer wat Christus geleer het. Alles

wat Hy gesê het, nie alleen persoonlik nie, maar deur die profete en leraars van die Ou Testament, moes ingesluit word. Menslike leer moes uitgesluit word. Daar is geen plek vir tradisie, vir mense se teorieë en besluite, of vir kerkwette nie. Geen wette gemaak deur die geestelikes is in die opdrag opgeneem nie. Nie een van daardie dinge moet Christus se dienaars leer nie. "Die wet en die profete," met die verslag van Sy eie woorde en dade, is die skat wat aan die dissipels toevertrou is om aan die wéreld gegee te word. Die Naam van Christus moes hulle slagspreuk wees, die teken van hulle onderskeiding, die band van hulle eenheid, die gesag vir hulle optrede, die bron van hulle sukses. Niks wat nie Sy Naam dra, moes in Sy koninkryk erken word nie.

Die evangelie moet verkondig word, nie as 'n lewenlose storie nie, maar as 'n lewende krag tot verandering van die lewe. God wil hê dat die ontvangers van Sy genade moet getuig van die krag daarvan. Selfs die snoodste sondaars sal Hy aanneem; wanneer hulle tot bekering kom, gee Hy aan hulle Sy goddelike Gees, stel hulle in verantwoordelike betrekkings aan, en stuur hulle uit in die kamp van die ontroues om Sy grenslose genade te verkondig. Hy wil hê dat Sy dienaars moet getuig van die feit dat mense deur Sy genade 'n Christelike karakter kan vorm, en hulle kan verbly in die versekering van Sy groot liefde. Hy wil hê dat ons moet getuig van die feit dat Hy nie tevrede kan wees totdat die mensdom gered en herstel is in hulle heilige voorregte as Sy seuns en dogters nie.

In Christus is die sagmoedigheid van 'n herder, die liefde van 'n ouer, en die weergalose genade van 'n ontfermende Heiland. Hy stel [846]

Sy seëninge op die aantreklikste wyse voor. Hy is nie tevrede om slegs die seëninge aan te kondig nie; Hy stel hulle op die aantreklikste manier voor om die mense gretig te maak om hulle aan te neem. So ook moet Sy dienaars die voortreflikheid van die heerlikheid van die onuitspreeklike Gawe voorstel. Die wonderbare liefde van Christus sal harte versag wanneer die herhaling van leerstellings niks sal uitrig nie. "Troos, troos My volk, sê julle God. . . . o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê vir die stede van Juda: Hier is julle God! ... Hy sal Sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arm bymekaarmaak en aan Sy bors dra." Jes. 40: 1, 9-11. Vertel die

mense van Hom, "uitnemender as tienduisend," die Een "geheel en al die lieflikheid self." Hoogl. 5: 10, 16. Woorde alleen kan dit nie vertel nie. Laat dit in die karakter weerkaats, en in die lewe geopenbaar word. Elkeen van ons is "verordineer om gelykvormig te wees aan die beeid van Sy Seun." Rom. 8:29. Christus se lankmoedige liefde, Sy heiligheid, sagmoedigheid, genade, en waarheid moet deur ons aan die wêreld geopenbaar word.

Die eerste dissipels het uitgegaan en die Woord verkondig. Hulle het Christus in hulle lewe geopenbaar. En die Here het saam met hulle gewerk "en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het." Markus 16: 20. Hierdie dissipels het hulleself voorberei vir hulle werk. Vóór Pinkster het hulle saamgekom en alle geskille uit die weg geruim. Hulle was eensgesind. Hulle het Christus se belofte geglo dat die seën gegee sou word, en hulle het in geloof gebid. Hulle het nie om 'n seën net vir hulleself gevra nie; hulle het n las vir die redding van siele gedra. Die evangelie moes verkondig word tot die uiterstes van die aarde, en hulle het aanspraak gemaak op die krag wat Christus belowe het. Toe was dit dat die Heilige Gees uitgestort is, en duisende het op een dag tot bekering gekom.

So kan dit vandag ook wees. Laat die Woord van God verkondig word pleks van mense se gissings. Laat Christene hulle geskille uit die weg ruim, en hulle aan God oorgee om verlorenes te red. Laat hulle in geloof vra om die seën, en hulle sal dit ontvang. Die uitstorting van die Gees in die dae van die apostels was die "vroeë reën, en heerlik was die gevolge. Maar die "laat reën" sal oorvloediger wees.
[847] Joël 2: 23.

Almal wat siel, liggaam, en gees aan God toewy, sal gedurig nuwe liggaamlike en verstandelike krag ontvang. Die onuitputlike bronne van die hemel is tot hulle beskikking. Christus gee aan hulle Sy eie Gees en Sy eie lewe. Die Heilige Gees werk met al Sy krag in hulle harte en verstand. Die genade van God vergroot en vermenigvuldig hulle fakulteite, en al die volmaaktheid van die goddelike natuur help hulle in hulle werk om siele te red. Deur samewerking met Christus is hulle volmaak m Hom, en in hulle menslike swakheid is hulle in Staat om die werke van die Almagtige te doen.

Die Heiland verlang om Sy genade te openbaar, en Sy karakter op die hele wêreld af te druk. Dit is Sy losgekoopte eiendom. Hy

begeer om mense vry, rem, en heilig te maak. Alhoewel die Satan werk om Sy p anne te verhinder, is daar nogtans deur Sy vergote bloed vir die wêreld oorwinnings om te behaal wat God en die Lam sal verheerlik Christus sal nie tevrede wees alvorens die oorwinning volkome is me, en "weens die moeitevolle arbeid van Sy siel sal Hy dit sien en ver- sadig word." Jes. 53: 11. Al die volke van die aarde sal die evangelie van Sy genade hoor. Nie almal sal Sy genade aanneem nie; maar " n nageslag sal Hom dien; dit sal vertel word van die Here aan die volgende geslag." Ps. 22: 31. "Dan word die koningskap en die eerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste," en die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die see- bodem oordek. "En hulle sal die Naam van die Here vrees van die wes ekant af, en Sy heerlikheid van die opgang van die son af." Dan 7: 27; Jes. 11: 9; 59: 19.

"Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring; wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat vir Sion sê: Jou God is Koning! . . . Breek uit, jubel almal saam puinhope van Jerusalem! Want die Here het Sy volk getroos. ... Die Here het Sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies en al die eindes van die aarde sal sien die heil van onse God." Jes. 52: 7-10. [848]

## “Na My V ader en Julle V ader”

DIE tyd het gekom vir Christus om op te vaar na Sy Vader se troon. Soos ’n goddelike oorwinnaar het Hy op die punt gestaan om terug te keer na die hemelhowe met die trofeë van die oorwinning. Vóór Sy dood het Hy aan Sy Vader gesê, “Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.” Joh. 17:4. Ná Sy opstanding het Hy vir ’n tydjie op die aarde vertoef sodat Sy dissipels met Hom bekend kon raak in Sy verrese, verheerlikte liggaam. Nou was Hy gereed om hulle te verlaat. Hy het die feit bevestig dat Hy ’n lewende Verlosser was. Sy dissipels hoef Hom nie langer met die graf te assosieer nie. Hulle kon nou aan Hom dink as die verheerlikte in die hemelse heelal.

Vir die plek van Sy hemelvaart het Jesus die plek gekies wat so dikwels geheilig is deur Sy teenwoordigheid toe Hy onder die mense gewandel het. Nie die berg Sion, die plek van Dawid se stad nie, en ook nie die berg Moria, die staanplek van die tempel, sou so vereer word nie. Dáár is Christus bespot en verwerp. Dáár is die strome van genade, wat gevloei het in ’n vloedgolf van liefde, teruggedryf deur
[849] harte so hard soos rotse. Daarvandaan het Jesus, moeg en met ’n beswaarde hart gegaan om te gaan rus op die Olyfberg. Die heilige glans, toe dit gewyk het uit die tempel, het daar op die oostelike berg gerus asof dit teësinnig was om die uitverkore stad te verlaat; so het Christus op die Olyfberg gestaan, en met ’n verlangende hart Jerusalem betrag. Die boorde en klofies teen die berg was geheilig deur Sy gebede en trane. Teen sy hellings is die gejuig gehoor van die skare wat Hom as koning uitgeroep het. Daar ook het Hy ’n tuiste gevind in die huis van Lasarus te Betanië. In die tuin van Getsemane, aan die voet van die berg, het Hy alleen in gebed geworstel. Vanaf hierdie berg sou Hy opvaar na die hemel. Op die kruin van daardie berg sal Sy voete rus wanneer Hy weer kom. Nie as man van smarte nie, maar as ’n heerlike, triomfantlike Koning sal Hy op die Olyfberg staan, onderwyl Hebreeuse hallelujas

sal weergalm saam met heidense hosannas, en die stemme van die verloste leërskare sal uitroep, Kroon Hom, Here van aller here!

Met die elf dissipels is Jesus nou na die berg. Toe hulle deur die poort van Jerusalem gaan, het nuuskierige oë die groepie aanskou, gelei deur die Een wat n paar weke tevore voor die owerstes veroordeel is om gekruisig te word. Die dissipels het nie geweet dat dit hulle laaste onderhoud met hulle Meester sou wees nie. Jesus het die tyd bestee om met hulle te praat, en het Sy vorige bevele herhaal. Toe hulle Getsemane nader, het Hy gaan staan, sodat hulle kon dink aan die lesse wat Hy hulle gegee het die aand van Sy lyde. Weer het Hy na die wynstok gekyk wat Hy as beeld gebruik het van die eenheid van Sy kerk met Hom en Sy Vader; weer het Hy die waarhede herhaal wat Hy toe verkondig het. Orals rondom hulle was daar herinneringe aan Sy versmaaide liefde. Selfs Sy dissipels wat Hy so liefgehad het, het Hom in die uur van Sy vernedering verlaat.

Christus was vir drie-en-dertig jaar op die aarde; Hy het veragting, beledigings en bespotting verduur; Hy is verwerp en gekruisig. Nou, waar Hy op die punt staan om na Sy troon van heerlikheid op te vaar; waar Hy dink aan die ondankbaarheid van die mense wat Hy kom red het, sal Hy Sy medelyde en liefde aan hulle onttrek? Sal Hy nie Sy liefde gee daar waar dit waardeer sal word, en waar sondelose engele wag om Sy bevele uit te voer nie? Nee; Sy belofte aan Sy geliefdes wat Hy op die aarde agterlaat, is, "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 28: 20. [850]

Op die Olyfberg aangekom, het Jesus vooruitgegaan tot op die kruin, in die omgewing van Betanië. Daar het Hy gaan staan, en die dissipels het by Hom gaan staan. Dit het geskyn of lig uit Sy aangesig straal terwyl Hy hulle met liefde betrag. Hy het hulle nie bestraf vir hulle foute en mislukkings nie; die laaste woorde wat van Sy lippe gekom het, was die allerteerste woorde. Met Sy hande uitgestrek in seën, asof Hy hulle wou verseker van Sy beskerming, het Hy stadig opgevaar onder hulle uit, hemelwaarts getrek deur 'n krag sterker as die aardse aantrekkingskrag. Namate Hy opwaarts gegaan het, het die vreesbevange dissipels stip gekyk om die laaste blik van die opstygende Here te kry. 'n Wolk van heerlikheid het Hom vir hulle oë bedek; en [851]

toe daardie wolke-wa van engele Hom wegneem, het hulle weer die woorde gehoor, "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die

voleinding van die wêreld." Terselfdertyd het hulle die heerlikste sang van die engelekoor gehoor.

Terwyl die dissipels so na bo staan en kyk, het stemme soos die soetste musiek hulle aangespreek. Hulle het omgedraai, en twee engele, in die gedaante van manne, het aan hulle gesê, "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Hierdie engele was deel van die engeleskaar wat in die wolk gewag het om Jesus na Sy hemelse tuiste te begelei. Hulle was die hoogste onder die engeleskaar, en hulle was dieselfde twee wat na die graf gekom het tydens Christus se opstanding, en hulle was altyd saam met Hom gedurende Sy aardse lewe. Die ganse hemel het gretig gewag vir die einde van Sy verblyf op aarde, so geskend en ontsier deur die vloek van die sonde. Die tyd het nou gekom vir die hemelse heelal om hulle Koning te ontvang. Het hierdie twee engele ook nie verlang om onder die skare te wees wat Jesus sou verwelkom nie? Maar uit medelyde en liefde vir diegene wat Hy agtergelaat het, het hulle agtergebly die dissipels te vertroos. "Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe nie?" Heb. 1: 14.

Christus het na die hemel opgevaar in 'n menslike gedaante. Die dissipels het gesien hoedat die wolk Hom ontvang. Dieselfde Jesus wat met hulle gewandel en gepraat en gebid het; wat saam met hulle geëet het, wat saam met hulle in hulle skuite op die meer was, en wat nog daardie dag saam met hulle die berg bestyg het — hierdie selfde Jesus het nou opgevaar om saam met Sy Vader op Sy troon te sit. En die engele het hulle verseker dat dieselfde Een wat hulle sien wegvaar het na die hemel, sou terugkom net soos hulle Hom sien gaan het. Hy sal "kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien." "Die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aarts-engel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan." Die Seun van die mens sal kom "in Sy heerlikheid en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit." Openb. 1: 7; 1 Thess. 4:
[852] 16; Matt. 25: 31. So sal die Here se belofte aan Sy dissipels vervul word: "En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." Joh.

14: 3. Wel kon die dissipels hulle verbly in die hoop op hulle Here se wederkoms.

Toe die dissipels terug is na Jerusalem, het die mense hulle met verbasing aanskou. Ná die verhoor en kruisiging van Jesus, is daar gemeen dat hulle neerslagtig en skaam sou wees. Hulle vyande het verwag dat hulle die tekens sou toon van droefheid en neerlaag. Maar pleks daarvan het hulle slegs blydskap en die oorwinning gesien. Hulle gesigte het gestraal van 'n lig nie van hierdie aarde nie. Hulle het nie getreur oor verydelde hoop nie, maar hulle was vol lof en danksegging aan God. Met blydskap het hulle die wonderbare verhaal van Christus se opstanding en Sy hemelvaart vertel, en hulle getuienis is deur vele aangeneem.

Die dissipels was nie langer bang vir die toekoms nie. Hulle het geweet dat Jesus in die hemel was, en dat Hy altyd met hulle sou simpatiseer. Hulle het geweet dat hulle n Vriend op die troon van God het, en hulle het met gretigheid hulle versoeke aan die Vader gerig in Jesus se Naam. Met groot eerbied het hulle gebid, en aanspraak gemaak op die belofte, "Alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." Joh. 16: 23, 24. Hulle het die hand van geloof al hoër en hoër uit- gestrek, met die magtige pleidooi, "Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." Rom. 8: 34. En Pinkster het aan hulle die volheid van vreugde gebring in die ga we van die Trooster, net soos Christus belowe het.

Die ganse hemel het gewag om die Heiland in daardie heerlike howe te verwelkom. Soos Hy opgevaar het, was Hy aan die voorpunt, en die skare gevangenes wat Hy vrygestel het tydens Sy opstanding, het gevolg. Die hemelse leërskare het met gejuig en engelesang agterna gekom.

Toe hulle naby die Godstad kom, het die begeleidende engele die bevel gegee:

"Hef op julle hoofde, o poorte,
    Ja verhef julle, ewige deure,
Dat die Erekoning kan ingaan!"
    Dat die Erekoning kan ingaan!"

[853] Met vreugde het die engelwagters geantwoord: "Wie is dan die Erekoning?" Dit sê hulle, nie omdat hulle nie weet wie Hy is nie, maar omdat hulle die antwoord van groot lof wou hoor:

"Die Here, sterk en geweldig,
Die Here geweldig in die stryd.
Hef op julle hoofde, o poorte,
Ja hef op, ewige deure,
dat die Erekoning kan ingaan!"

Weer word die aanroep gehoor, "Wie is dan die Erekoning?" want die engele word nooit moeg om daardie Naam te loof nie. Die begeleidende engele antwoord nogmaals:

Die Here van die leërskare
Hy is die Erekoning."

Ps. 24: 7-10.

Dan word die poorte van die Godstad wyd oopgemaak, en die engeleskare gaan in op die maat van die verruklikste musiek.

Daar is die troon, en daarom die reënboog van belofte. Daar is gerubs en serafs. Die aanvoerders van die leërskare van engele, die seuns van God, die verteenwoordigers van die sondelose wêrelde, is daar vergader. Die hemelse raad voor wie Lucifer God en Sy Seun beskuldig het, die verteenwoordigers van daardie sondelose ryke waaroor die Satan gehoop het om te regeer — almal is daar om die Verlosser te verwelkom. Hulle is gretig om Sy oorwinning te vier en om hulle Koning te verheerlik.

Maar Hy belet hulle. Dis nog nie tyd nie; Hy kan nie nou al die kroon van heerlikheid en die komnkhke gewaad aanneem nie. Hy gaan voor Sy Vader staan. Hy wys na Sy verwonde hoof, sy deurstoke sy, Sy deurboorde voete; en Hy hou Sy hande op met die merke van die spykers daarin. Hy wys na die bewyse van Sy oorwinning; Hy het die hefoffer-gerf aangebied vir Sy Vader — diegene wat saam met Hom opgestaan het as verteenwoordigers van die groot skare wat uit die graf sal voortkom by Sy wederkoms. Hy gaan na die Vader toe, wat Hom verbly oor elke sondaar wat tot

bekering kom; Hy sing oor hom met gejubel. Vóór die grondlegging van die wêreld, het die Vader en die Seun n verbond aangegaan om die mens te red as hy deur die Satan oorwin sou word. Hulle [854] het mekaar se hand geneem en hulle plegtig verbind dat Christus borg sou staan vir die mens. Christus het Sy belofte gehou. Toe Hy aan die kruis uitgeroep het, "Dit is volbring," het Hy die Vader aangespreek. Hierdie ooreenkoms is ten volle nage- kom. Nou sê Hy: Vader, dit is volbring. Ek het U wil gedoen, o My God. Ek het die verlossingswerk voltooi. As U geregtigheid bevredig is, "Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." Joh. 19: 30; 17: 24.

Die stem van God word gehoor wat verklaar dat daar voldoen is aan die reg. Die Satan is verslaan. Christus se swoegende en worstelende navolgers op die aarde is begenadig in die Geliefde. Efe. 1:6. Voor die hemelse engele en die verteenwoordigers van die sondelose wêrelde, word hulle regverdig verklaar. Waar Hy is, daar sal Sy kerk ook wees. "Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar." Ps. 85: 11. Die Vader omhels Sy Seun, en die bevel word gegee, "Al die engele van God moet Hom aanbid." Heb. 1: 6.

Met onuitspreeklike vreugde erken regeerders en owerhede en die magte die opperheerskappy van die Vors van die lewe. Die leërskare van engele val voor Hom neer, terwyl die hemelhowe weergalm met die woorde, "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." Openb. 5: 12.

Oorwinningsliedere en die musiek van engeleharpe vervul die ganse hemel met vreugde en lof. Liefde het oorwin. Die wat verlore was, is gevind. Die hemel weergalm van stemme wat sê, "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid." Openb. 5:13.

Van daardie oord van hemelse vreugde kom Christus se eie woorde tot ons hier op die aarde, "Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My God en julle God." Joh. 20: 17. Die gesin van die hemel en die aarde is verenig. Vir ons het onse Here opgevaar, en vir ons lewe Hy. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." Heb. 7: 25.